# PROTESTANTS

## VRY OM TE PROTESTEER

DS. PJ KRIEL

Hierdie e-boek mag gratis aan enige persoon of instansie versend of gegee word op enige wyse. Dit mag ook in sy geheel of gedeeltes daarvan gedruk word vir die persoonlike lees daarvan of vir gebruik in openbare byeenkomste. Dit mag egter op geen wyse verhandel word nie. Die kopiereg bly steeds dié van die skrywer, ds. PJ Kriel. Indien u wil deel in die proefskrywes van die opvolgboek wat handel oor die verskil tussen die geloofsgehoorsaamheid van die Christelike Kerk en sonde as die nuwe gehoorsaamheid van die moderne Christelikheid, kan u die versoek rig aan: krielpj@mweb.co.za Indien u die geloofsaak in hierdie boek wil ondersteun deur dit in gedrukte boekvorm te laat verskyn, dit in ander tale te laat vertaal en dit te bemark, kan u ’n bydrae maak aan, Die NG Kerk Levubu, ABSA Louis Trichardt, rekening nommer 1000000198, bankkode 334-149 en die bydrae duidelik te spesifiseer aan “Protestants”. Die kerkraad van Levubu NG Kerk sal hierdie fonds as trustfonds bestuur en laat oudit.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

# PROTESTANTS

## VRY OM TE PROTESTEER

## ’N PROTES TEEN MODERNE CHRISTELIKHEID

## ’N PLEIDOOI VIR VRYE IDENTITEITSVORMING IN GELOOF EN LIEFDE.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

# INHOUDSOPGAWE

bl.

DANKWOORD 14

VOORWOORD GERIG AAN DIE AFRIKAANSE LESER 17

INLEIDING DIE CHRISTELIKE KERK IS VASGEVANG IN ’N BIPOLÊRE GEMOEDSVERSTEURING: TUSSEN AFGODSDIENS EN GODDELOOSHEID 38

HOOFSTUK 1 DIE INHOUD VAN GODSDIENS IS LIEFDE: GOD SE LIEFDE VIR ONS EN ONS LIEFDE VIR GOD 44

1.Die woord “wet” in die Bybel 44
2. Die woord “wetsonderhouding” in die Bybel. 45
3.Die onderskeid tussen wet en wetsonderhouding 46
4. Die woord “Liefde” in die Bybel 47
5. Die woord “evangelie” in die Bybel 49
6.Die verskil tussen wet en die evangelie 54
7. Twee soorte liefde: God se liefde vir ons en ons liefde vir God 57

HOOFSTUK 2 VERLOSSING: REGVERDIGMAKING NET DEUR DIE EVANGELIE SONDER DIE WET 58

1.Vergifnis in die Bybel: die evangelie is die manier waarop God red 59
2.Vryspreek is regverdigmaak: dit sluit alles in wat God vir ons doen 59
3.Regverdigmaak beteken nie korrek maak nie 60
4.Enkel en alleen glo, beteken nét glo, níks anders nie. 61
5.Ons kry regverdigmaking sonder wetsonderhouding 61
6.Die evangelie maak ’n einde aan die wet as die manier om reg te wees 63
7. Hoekom doen God dit so? 64
8. Hoe moet ons vergifnis verkry deur iets wat ons doen, as ons dit nie kan doen nie? 65
9. Die geloof van moderne Christelikheid: hul geloof én bekering is ongeloof. 66
10.God red ons van ’n ongeloof wat nie werk nie en waardeur ons verlore is 68

HOOFSTUK 3 AFGODSDIENS IS GODSDIENSTIGE GODDELOOSHEID 72

1.Afgodsdiens is presies die teenoorgestelde manier van redding as God se manier van redding 72
2.Die omdraai van godsdiens is ’n bekende saak in die Bybel 73
3.Predikante is ook deel van hierdie omdraaiing van alles wat God sê en doen 74
4. Hierdie verdraaiing van reg na verkeerd is ’n eenvoudige saak 75

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

5.Vol ywer vir God op mense se eie manier 76
6.’n Spesiale manier van goddeloosheid: afgodsdiens 77
7. Ywer maak nie afgodsdiens godsdiens nie 79
8.Afgodsdiens is bedoel om goddeloosheid te wees 81
9. Die moderne Christelikheid is afgodsdiens 83
10. Die innerlike spanning en gemotiveerdheid binne-in moderne Christelikheid 84
11.’n Bybelleesmetode. 87

HOOFSTUK 4. GOD GEE VIR ONS ’N NUWE LEWENSWYSE WAT VIR HOM REG IS, NET DEUR DIE EVANGELIE SONDER DIE WET 88

1. Christus regeer ons lewe 88
2. Regering deur die wet of die evangelie? 88
   2.1 Christus heers deur geregtigheid as gawe te géé 89
   2.2 Christus regeer deur ’n nuwe bedeling: die evangelie 90
   2.3 Christus bepaal ons gedrag deur die evangelie 90
3. Ons nuwe lewenswyse: om uit ons geloof in die evangelie te leef 91
4. God lááť sy kinders se lewe vir Hom reg wees 93
5. Regverdigmaking deur die evangelie sluit in reg wees en reg leef 94
6. Die manier waarop mense self vir God reg wil leef, is om die Here se manier om te draai 95
7. Mense se sondige geaardheid maak dat hulle volgens die wet vir God reg wil leef. 97
8. In die moderne Christelikheid glo mense dat hulle vir God meer reg kan leef deur die wet as wat God ons deur die evangelie kan laat reg leef 99
9. Moderne Christelikheid: Twee soorte Christene: gelowiges en Geesvervuldes 100
10. Die gawe van die Heilige Gees is om ingesluit te wees in die evangelie, nie om deel te wees van God se krag in jou lewe nie 100
   10.1 Alle gelowiges is Geesvervuld, ook díe wat nie volgens die wet reg leef nie 101
   10.2 Die krag van God wat mense volgens die wet vir God reg sou laat leef 101
11. Die geestelikheid van die sondige geaardheid is die “nuwe” geestelikheid van die moderne Christelikheid 103
12. Die nuwe beheersing deur die gees van die moderne Christelikheid, is die beheersing van die mens deur sy sonde 105
13. Die moderne Christelikheid se herkonstituering van die kerk deur beheersing deur die Heilige Gees te omvorm tot ’n Godservaring. 106

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

HOOFSTUK 5 DIE EVANGELIE MAAK DIE TIEN GEBOOIE NUUT EN SKEP VIR ONS 'N NUWE MANIER VAN GEHOORSAAMHEID AAN DIE WET 111

1.Christus gee aan die wet sy volle betekenis 111
2.Christus maak dat daar twee tipes van die Tien Gebooie is 112
3. Die nuwe wet is die wet wat vir sondaars werk 114
4.Die evangelie verbind ons aan die bedoeling van die wet: volle liefde vir God volgens die wet 116
5. Wenspan-godsdiens, nie wynspan-godsdiens nie 119
6.Die evangelie verbind ons weer aan die volle bedoeling van die wet: naasteliefde 121
7. Dit nuwe wet gaan oor 'n nuwe tipe gehoorsaamheid: geloofsgehoorsaamheid 123

HOOFSTUK 6 IN AFGODSDIENS IS DIE EVANGELIE DIE NUWE WET: EVANGELIESE ONGEHOORSAAMHEID 126

1.Gebind aan geestelike mense 126
2.Net gebind aan Christus 127
2.1 Net Christus is ons leier 127
2.2 Net Christus is ons leermeester 127
2.3 Net deur Christus is sy Vader ons Vader 128
2.4 Die gesag van Christus teenoor die gesag van geestelikes 128
3.Die innige band van afgodsdiens 130
4.Die nuwe wet in ons verbintenis met geestelike mense 130
4.1 Die nuwe soort wet van geestelikes in die plek van God se ou wet 130
4.2 Geestelikes kry hierdie reëls deur van die evangelie 'n nuwe wet te maak 131
5.Die nuwe geestelike gehoorsaamheid aan God:ongehoorsaamheid aan sy wet 133
6.Evangeliese ongehoorsaamheid aan God: 'n dieper liefde vir God en mense as gehoorsaamheid aan die wet van God 134
7. Selfgemaakte godsdiens: die gebooie en leerstellings van mense`` 136
8.Vryheid om God en ons naaste volgens sy wet lief te hê 138
9. Geestelikes se nuwe wette vir 'n goddelose wêreld 139

HOOFSTUK 7. DIE OU TIEN GEBOOIE IS DIE KRAG VAN SONDE 142

1.Die mag en krag om sonde te doen 142
2.Die wet van God is die krag van sonde 143
3.Die wet maak ons sondige geaardheid kragtig werksaam 143
4.Die mens se sondige geaardheid maak God se wet 'n simbool van die 144

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

mens se magstryd teen God
5. Die mens in sy sondige geaardheid maak van die vryheid wat God die mens skenk om mens te wees, God se onderdrukking van die mens in sy reg om goddelik te wees 146
6.Deur die wet ontbloot God die mens se sug na goddelikheid as onmenslikheid 148
7. Die evangelie verlos ons van die werking van die Ou Tien Gebooie 150
8. Die moderne Christelikheid maak die sondige geaardheid van die mens die krag van sy geestelikheid 154

HOOFSTUK 8. DIE OU TIEN GEBOOIE IS DIE MAG VAN DIE BOSE. 157

1. Satan en duiwels is gewone engele 157
2.Duiwels bly God se dienende geeste 158
3.Die Duiwel se werklike mag: die mag om sondaars aan te kla 158
4.Die Duiwel se werklik mag: die leuen 159
5. Christus het die Duiwel se enigste effektiewe mag verbreek 160
6. Satan se evangeliese leuen: om die evangelie te verdraai om 'n nuwe wet te wees! 161
7.Die kerk van Satan: geestelike gemeenskappe wat wetsonderhouding preek as die wyse om vir God reg te wees en reg te leef 162
8.Die pseudo-boosheid wat Satan skep: Satanisme 164
9.Die valse kerk is die gemeenskap waarin en waardeur Satan gelowiges se aanklaer en misleier bly 169
10. Die prediking van die evangelie is werklike duiweluitdrywing 171
11.Die moderne Christelikheid is Satan se kerk 172
12.Afgodsdiens as godsdienstige goddeloosheid: Christene se duiwelsbindinge in die magiese wêreld en hul boosheid in 'n duiwel- en godlose wêreld 174

HOOFSTUK 9 BEELD VAN GOD: DIE BEDOELING VAN DIE WET EN DIE EVANGELIE 178

1.Die uitdrukking,"beeld van God",wys wat God se bedoeling vir die mens is 178
2.Een uitdrukking wat twee teenstrydige bedoelings aandui 179
3.In die Bybel word ons "God se beeld" genoem omdat ons aan Hom behoort 181
4."Beeld van God" kan die inhoud van, óf die bedoeling van afgodsdiens óf van godsdiens wees 181
5. Die kernverskil tussen godsdiens en afgodsdiens 186
6. Die omkeer van die bedoeling van godsdiens vind binne-in die mens plaas 186
7. Die mens verdraai die beeld van God om homself teenoor God te bemagtig 187
8. Die werking van afgodsdiens: God word vermenslik sodat mense vergoddelik kan word 189
9.Die definisie van afgodsdiens: identifikasie met God 191

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

10. Afgodsdiens maak God en mens niks 193
11. Die vernietiging van die bedoeling van die wet 195
12. Die bedoeling van die wet en die evangelie: ons is regverdig en heilig 119
13. Heiligheid en regverdigheid as identifikasie met God: die nuwe alternatiewe bekering 201
14. Die nuwe godsdienstige bekering in afgodsdiens: God se bekering van Goddelikheid na menslikheid 203
15. Die moderne Christelikheid se bekering: God se bekering in die mens in 204
15.1 Mense moet hul harte en lewens vir Jesus gee (God moet die eise van sy wet en sy Seun aflê) 204
15.2 Mense moet God in hul harte en lewens innooi (God moet sy toeganklikheid as God aflê en Hom in mense se toeganklikheid inkeer) 205
15.3 Mense moet God in die middelpunt van hul lewe sit. Hulle moet Jesus op die troon van hulle harte en lewens sit. (God moet Homself as God van die heelal onttroon en mense as die middelpunt van alles aanvaar) 206
15.4 Mense moet Jesus met hulle saamneem waar hulle ook al gaan. (God moet Hom uit sy raadsplan tot die mens se selfbestemming keer) 207
15.5 Mense moet so leef dat God in hul lewens vir ander sigbaar is (God moet Homself openbaar in mense se lewenswyse) 208
15.6 Mense moet Jesus hul eie maak. (God moet Hom uit sy algenoegsaamheid bekeer tot afhanklikheid van mense.) 208
15.7 Mense moet die beheer van hul lewe, sport, besigheid, kinders en die land aan Jesus oorgegee. (God moet sy soewereiniteit aflê en Homself aan mense verantwoord.) 209
15.8 Mense moet niks wees soos Jesus sodat God weer alles in hulle kan wees 210
16. Sonde is bedoelde verdraaiing, nie verdraaiing uit onkunde nie 211
17.Verlore beteken om niks te wees nie: vasgevang binne verdraaide bedoelings 213
18. Die evangelie is die krag van God tot redding van sondaars: God draai die beeld weer terug 216
19. ’n Verwarde en oorheersde kerk wat nie verlore is nie 217

HOOFSTUK 10 VERDRAAIDE OPVATTINGS IS WAARDELOSE WAARDES. 218

1.Verdraaide bedoelings gaan oor goddeloosheid én ongeregtigheid 218
2.Verdraaide bedoelings regverdig verdraaide opvattings 218
3.Verdraaide opvattings is verdraaide waardes en norme 220
4.Verdraaide opvattings is die menslike vernuftigheid om alle onreg en ongeregtigheid te glo en uit te leef as reg en geregtigheid 221
5.Verdraaide bedoelings maak onreg en ongeregtigheid tot reg en geregtigheid 223
6. Verdraaide waardes verdraai die karakter van die liefde vir God en mens 225
7. Mense glo goddelike liefde is die beter alternatief vir menslike liefde 227

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

8. Mense glo mag en vrees is liefde 228
9.In afgodsdiens moet Christus die persoon wees wat menslike liefde met goddelike liefde vervang 229
10. Goddelike liefde is die kuns om sondige begeertes as die ware liefde uit te leef 231
11.Goddelike liefde is onverdraagsame liefde 232
12. Goddelike liefde is blinde liefde 234
13. Verdraaide waardes is waardelose magsbelange 236
14. Die menslike liefde wat God in ons herskep is reg en geregtigheid 237
15.Christus verlos mense om hul vyande te kan liefhê 238
16. Moderne Christelikheid maak goddelose mag totalitêre liefde 240
17. Die blinde liefde en waardelose waardes van die moderne Christelikheid 242
17.1 Ons moet soos Jesus niks wees, sodat God alles in ons kan wees 242
17.2 Jy moet Jesus op die troon van jou hart en in die middelpunt van jou lewe sit 245
17.3 Ons moet God in ons hart en lewe innooi en ons hart en lewe vir Jesus gee 246
17.4 Ons moet God ons eie maak en die beheer van ons lewe aan Jesus gee 248

HOOFSTUK 11 DIE EVANGELIE MAAK DIE BELOFTES VAN GOD WAAR 250

1.God se besondere verhouding met sy kinders: “Ek sal” 250
2.God onderneem óns verantwoordelikheid teenoor God 250
3.God bind ons aan Hom met ’n verbondsverhouding 251
4.God het met sy kinders ’n verbondsverhouding en met ongelowiges ’n persoonlike verhouding 252
5.Mense wil altyd met God ’n persoonlike verhouding hê om hul begeertes te vervul, nooit ’n verbondsverhouding wat hulle weer aan God se wet verbind nie 254
6.Die verbond van die Here bestaan uit twee soorte beloftes: die Dawidsbeloftes en die Abrahamsbeloftes 254
7.Die Dawids- en Abrahamsbeloftes is die inhoud van die evangelie 257
8.Christus maak die verbondsbeloftes waar: die Dawidsbeloftes vir Homself en die Abrahamsbeloftes vir ons 258
9. Die nuwe regering van die Christus:Hy regeer deur beloftes waar te maak nie deur wette te laat geld nie 259
10.Christus se waarmaak van die Dawids- en Abrahamsbeloftes is die inhoud van die Nuwe Testamentiese geskrifte. 260
11.In ’n persoonlike verhouding met God kan mense nie tot bekering kom nie 262
12.God skep ’n verbondsverhouding waar mense tot bekering kan kom 264
13.Geloof in Christus is die wegbreek uit die persoonlike verhouding met God en die opneem van die nuwe verbondsverhouding met God 266
14.Die inhoud van Paulus se bekering is geloof in Christus 267

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

15.Afgodsdiens verdraai die Dawidsbeloftes: mense maak Christus koning en verkry God se mag oor ander mense 269
16.Afgodsdiens verdraai die Abrahamsbeloftes: mense stel God tevrede sodat God hul begeertes bevredig 272
17.God word die onvervulde God vir die onvervulde begeertes van mense 273
18.Jesus word die grondlegger en rolmodel van 'n persoonlike verhouding met God 274
19.Jesus word die Here wat mense bemagtig wat Hom bemagtig 275
20.Jesus word die Here van geestelike leiers en mentors 276
21.Jesus word die Here wat mense wegkeer van die verbondsverhouding 276
22.Die sensuele verhouding met God 278
23.In afgodsdiens is identifikasie met God die nuwe inhoud van die beloftes van God: afgodsdiens bedryf sonde as "bekering" tot God 279

HOOFSTUK 12: JESUS CHRISTUS IS VANDAG MENS SOOS ONS IN DIE HEMEL EN SELF DIE SKEPPER MET ONS 281

1. Die Bybel verkondig wie Christus nóú, vandág is! 281
2. Dít is die evangeliese ontdekking: Hy wat gesterf het, is vandág nog steeds mens van vlees en bloed in die hemel 282
3. Christus wat vir altyd mens is en as mens leef, is die vervulling van die Dawidsbelofte 286
4. Jesus Christus is meer as net mens van vlees en bloed 288
5. Jesus Christus doen wat net die Skepper kan doen 288
6. Jesus Christus is vandág die Skepper van hemel en aarde 290
7. Christus vervul die Dawidsbelofte dat een Persoon Dawid se eie seun en ook Seun van God die Vader sal wees: Hy is mens van vlees en bloed, én die Skepper self 291
8. Christus is vandág Middelaar 295
9. God is self sonder tussengangers die Middelaar 297
10. Christus is ons Here en ons God 297
11. Geloof is om Jesus Christus as Here en God te ken en te vertrou 299
12. Geloof is om Christus te ken en te vertrou as Persoon wat vandag mens en God is 303
13. Die verskil tussen God as Middelaar en mense as tussengangers gaan oor die verskil tussen diens en mag 304
14. Christus skep in sy kerk 'n diensposisie en gee middele waardeur die evangelie bedien word 307
15. Die geloof in tussengangers tussen God en mens is die ongeloof van alle afgodsdienste 312
16. 'n Definisie van afgodsdiens: afgodsdiens is identifikasie met God 314
17. Die inhoud van "godservarings": Goddelike mense en die menslike God 317
18. Bekering as die magsmiddel om tussenganger en verteenwoordiger 318

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

van God te word
19. Die "eerste bekering" maak Christus die eerste tussenganger tussen God en mens 324
20. In die wonderlike Naam van Jesus: om God se menswording in jouself te beleef 324
21. Die "eerste bekering" maak van elke mens dadelik 'n gestuurde prediker 327
22. Die "eerste bekering" is God se bekering in die mens in - om die mens in God se natuur te laat deel 330
23. Middelaar of tussengangers:Innige godsmanne en goddelike staatsmanne 331
24. Deur geloof in Christus as Middelaar te vervang met godservarings omvorm die moderne Christelikheid die kerk in elke deel van sy bestaan, inhoud en bediening 333
25. Een Middelaar of die diversiteit van Godservarings 339

HOOFSTUK 13 DIE GAWE VAN DIE HEILIGE GEES: ONS WORD MET CHRISTUS AS MENS IN DIE HEMEL VERENIG EN MET CHRISTUS AS GOD TEENWOORDIG VERSOEN 341

1. In Christus ingesluit deur die Heilige Gees 341
2. Die lewe in gemeenskap met Christus 342
3. Sondaars se gemeenskap met die lewende Christus is die vervulling van die verbondsverhouding met God 343
4.Christus is saam met sondaars sondaar 345
5. Sondaars is saam met Christus regverdig 346
6. Die plaasbekledende eenheid met Christus: Syne is myne en myne is Syne; sondaars is verenig met Christus in sy menswees 347
7. Die plaasbekledende eenheid met Christus: Syne is myne en myne is Syne; sondaars is met Christus as God versoen 349
8. Die Heilige Gees is die Gees wat ons in Christus insluit: verenig én versoen 352
9. Die werke van Christus is die seëninge van die Heilige Gees 354
10. Die Heilige Gees maak ons nuwe mense in en deur ons eenheid met Christus 356
11. Die werke van Christus is vir ons die vrugte van die Heilige Gees 358
12. Nuwe mense: in Christus is ons weer God se beeld 359
13. Ons eenheid met Christus is die vervulling van die verbondsverhouding met God 369
14. Die Kerk is die liggaam van Christus 370

HOOFSTUK 14 DIE KRAG VAN DIE HEILIGE GEES: DIE TOERUSTING VAN DIE KERK OM TE GETUIG 376

1.Christus se diens aan en versorging van sy liggaam en die krag van die Heilige Gees 376
2. Die tweede Godservaring in die moderne Christelike spiritualiteit: 386

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

die krag van God
3. Die inhoud en betekenis van die "volle oorgawe aan God" in die moderne Christelikheid 391
4. Die mens se liggaam is God se nuwe liggaam: God se krag is die mens se krag 393
5. God se nuwe liggaam word toegerus met 'n nuwe magsposisie met nuwe magsmiddele 395
6. Die nuwe magsmiddel: die mens se innigheid as genademiddel 398
7. Die werklike inhoud van die innigheid van Godvervuldes: innigheid as magsmiddel 402
8. Die werklike inhoud van die aanbidding van Godvervuldes: aanbidding as magsmiddel 409
8.1 Christus is God met ons 416
8.2 Christus is God wat homself aan sondaars openbaar 417
8.3 Christus is God wat vir ons toeganklik is 419
8.4 Christus is God wat homself deur sondaars laat verheerlik 420
9. Die werklike inhoud van die aanbidding van die Gees: Godsverduistering wat as godsdiens gevier word 424
10. Bemagtigde Godvervuldes: mense wie se innigheid en aanbidding Christus vervang 427
11. Die nuwe magsmiddel: Lewensbediening as alternatief op evangelieverkondiging 428
12. Die nuwe magsmiddele:rituele as alternatiewe op sakramente –die doop 438
13.Die nuwe magsmiddele:rituele as alternatiewe vir sakramente –die nagmaal 471
14. Die nuwe magsmiddele: selfontwerpte rituele 482
15. Die nuwe magsmiddele: innigheid en aanbidding as magsmiddele wat mense insluit in, of uitsluit uit die Goddelikheid van Jesus 486
16. Die oorwinningslewe 497
17. Die oorwinningslewe van Christene is om as sondaars God en mense te kan liefhê 507
18. Die nuwe geestelike kerk: sending en sigbaarheid 519
19. Die nuwe sigbare kerk van God: die krag van God in die wêreld gedemonstreer 525
20. Die nuwe kerkeenheid: sigbare eendrag maak mag! 533

HOOFSTUK 15 DIE VOLHEID VAN DIE BELOFTES VAN GOD: DIE VADER, DIE SEUN EN HEILIGE GEES 542

1. Die openbaring van God Drie-enig in die Ou Testament: die verbond 542
2.Christus openbaar Homself as die Persoon wat al die verbondsbeloftes vervul: die Seun van die Vader wat die Heilige Gees as gawe gee 546
3. Die volledigheid waarmee God vir sondaars God is en sondaars sy kinders laat wees 547
4. Identifikasie met God is die ontheiliging van God 550

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

5. Die volledige verbondsvervulling is die krag van God om afgodsdiens en goddeloosheid te vernietig 558
6. Die liefde van die Vader, Seun en Heilige Gees is die heiliging van God 560
7. Volle geloofsekerheid: die volledigheid waarin God sy verbond vervul 564
8. Die selfgenoegsaamheid van die wettelose mens 566
9. Die geheime krag van die wettelose – afgodsdiens 570
10. Die moderne Christelikheid is die geheime krag van die wettelose 571
11. Die ontheiliging van God in sy verbondsvolheid deur die moderne Christelikheid 575
12. Die nuwe absolute sekerheid: volkome selfgenoegsaamheid 577
13. Die koms van die wettelose mens deur die moderne Christelikheid 579

HOOFSTUK 16: DIE EVANGELIE EN DIE WET: TWEE SOORTE CHRISTELIKE BEKERINGS 588

1.Die geestelike aanval op kerk en gemeenskap – bekering! 588
2.Die inhoud van die woord "bekering" in die Bybel word bepaal deur die wet en die evangelie. 589
3.Bekering as antwoord op die evangelie. 591
4.Bekering as antwoord op die nuwe wet 592
5. Die Bybel leer twee soorte bekerings 592
6.Die karakter van die twee Christelike bekerings 595
7.Twee bekerings as 'n vaste lewensritme 599
8. Die twee lewensveranderings van moderne Christelikheid is nie bekerings nie 602

HOOFSTUK 17: SPIRITUELE GEVOELSAANDOENINGS EN SPIRITUELE DENKE: DIE VERHEFFING VAN IDENTIFIKASIE MET GOD TOT DIE EINTLIKE GELOOF IN EN LIEFDE VIR GOD. 607

1.Spirituele logika en gevoelsaandoenings 607
2.Godsdiens en afgodsdiens is en voel maar alles dieselfde 607
3.Godsdiens en afgodsdiens is twee kante van dieselfde saak 608
4.Die twee kante van een saak is hoe die moderne Christelikheid godsdiens tot niks maak en sy afgodsdiens alles binne die godsdiens maak. 610
5.God se kant en mens se kant: die evangelie en identifikasie met God 611
6. Die objektiewe kant en die subjektiewe kant: God se verbond en die mens se persoonlike verhouding met God 612
7. Die onpersoonlike kant en die persoonlike kant: Christus as Middelaar en geestelikes as tussengangers 613
8. Die leerkant en lewekant: glo en doen 615
9. Die tradisiekant en die vernuwingskant: die bediening van die Woord, sakramente en tug en die bediening van geestelike aanbidding en innigheid 617

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

10. Die teoretiese verstandelike kant en die praktiese gevoelskant: liefde vir God en mense volgens die wet en liefde volgens die aanbidding en innigheid in die Gees 619
11. Die regterlobkant en die linkerlobkant: Woord en simbole 621
12. Die strukturele kant en die persoonlike kant: politieke en kerklike mag 622
13.Die viering van die diversiteit van spiritualiteit as die wyse waarop die verskeurde kerk van Christus nog net in naam behou word 623
14.Godsdiensvryheid 624

HOOFSTUK 18: DIE INHOUD EN OMVANG VAN DIE PROBLEEM BINNE DIE CHRISTELIKE KERK EN DIE WEG DAARUIT 626

1.Die inhoud van die probleem: Christene glo afgodsdiens is godsdiens 626
2.Die antwoord op die probleem: om die verskil tussen afgodsdiens en godsdiens in die Skrif te ontdek 627
3.Die omvang en aard van die probleem 630
4.Christene wil van identifikasie met God verlos wees 637
5.Christene vind verlossing tot godsdiensvryheid in die Woord van God. 638

HOOFSTUK 19 KERLIKE PROTESGESKRIFTE TEEN DIE VENNOOTSKAP VAN DIE MODERNE CHRISTELIKHEID EN AFRIKANISERING. 641

1.Twee geloofskeuses in die noorde 641
2.Verskille in die hantering en aanpreek van gemeenskapsake 643
3.Regstellende aksie 645
4. Gereformeerde verset 651
5. Plaasmoorde en strukturele geweld 670
6. Grondeise. 675
7 . Die kerk in 'n staat wat in die proses van mislukking is 683
8. Nasionale versoening en teologiese opleiding 689
9. Anargisme en die nasionale demokratiese rewolusie 693
10. My eie verklaring insake die Belharbelydenis as verset teen moderne Christelikheid en Afrikanisering van die geloof in Jesus Christus. 695
11.'n Nuwe geloofsuitdaging 703

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

## DANKWOORD

Graag wil ek hiermee my dank uitspreek aan die volgende persone en instansies wat my gehelp het om hierdie geloofstaak te kon uitvoer.

Aan Aurelius Augustinus vir sy helder beskrywing van afgodsdiens. Aan Martin Luther, Johannes Calvyn en Zagarius Ursinus wat in hul werke die verskil tussen afgodsdiens en die geloof in en liefde vir God soos dit in die Woord van God aangetref word, blootgelê het en wat met hul lewe vir die geloof en liefde teenoor goddeloosheid en afgodsdiens ingestaan het.

Aan die gemeenskap van gelowiges wat deur al die eeue heen, totdat die Here weer kom, die draer en beskermer van die waarheid was en sal bly.

Aan die Randse Afrikaanse Universiteit 1975 – 1978 vir die dinamiese en uitdagende akademiese fokus waarmee dié universiteit studente gevorm het. In besonder aan die dosente van die departement filosofie vir die uitdaging en vryheid om deurgrondend en krities te dink.

Aan proff. Mias de Klerk en Frikkie Botha van die teologiese fakulteit van die Universiteit Pretoria. (1978 - 1981)

Aan prof. De Klerk vir die verbondsgeloof waarin hy ons begelei het en vir die wyse waarop hy vir ons die belydenisskrifte ontsluit het. Aan prof. Botha vir sy heilshistoriese, Christusgesentreerde Skrifuitleg en afwys van eksemplariese Skrifinleg. Vir hul geloofsdurf om die tipe geestelikheid wat die Skrif só misbruik as godsdienstig vals uit te wys in ’n tyd waarin dit die heersende mag in die NG Kerk en in my was.

Aan my vriend Danie O’ Reilly wat saam met my die geloofsdeurbraak in 1979 gemaak het om weer die inhoud van geloof in Christus los van die identifikasie met God te vind. Vir die gesprekke, debatte en strydvoeringe met mekaar waarin ons onsself uit hierdie identifikasie met God tot die geloof in Christus kon ontworstel.

Aan my vriende Danie O’ Reilly, Hennie van Schalkwyk en Johan Haasbroek wat eers as medestudente en later as leraars van die NG Kerk saam die taak opgeneem het om die evangelie teenoor afgodsdiens en goddeloosheid vir onsself te vind, te verwoord en in die kerk te verkondig. Vir die voorreg van hul jare lange samewerking en ondersteuning onder die druk wat in die NG Kerk op ons geplaas is om nie hierdie evangelie openbaar te verkondig as iets anders as identifikasie met God nie, maar om dit as net nog een van die “diverse spiritualiteite” van die NG Kerk te moes voorgehou het.

Aan die kerkraad en lidmate van die NG gemeente Silverton 1982 vir die geleentheid en ondersteuning om as proponent in die prediking en jeugwerk deur die bediening van die evangelie met die spiritualiteit van die kerk te kon breek. Veral die dagbestuurslede, dr. Joost Hattingh, dr. Len Scott, prof. Piet Nel en Boet Schoeman wat gekies het vir die vryheid van

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

die evangeliebediening. Aan die kameraadskap van en gesprekke met Johan van Rensburg om ideologie en godsdiens te kon onderskei.

Aan Bertus Kinnear vir sy vriendskap waarin ons identifikasie met God vanuit die gemoed van ’n jongmens en later vanuit die sielkundeberoep in die godsdiens kon deurworstel.

Aan die kerkraad en lidmate van die NG gemeente Levubu wat my in 1984 tot 1985 drie keer as leraar beroep het, ten spyte daarvan dat my beroep elke keer deur die geestelikes in die kerk teengestaan was, en ten spyte daarvan dat hulle as kerkraad gedreig was oor wat die gevolge vir hulle in die NG Kerk sou wees as die inhoud van die evangelie wat ek geglo en bedien het, in die kerk toegelaat sou word.

Aan die kerkraad van die NG gemeente Levubu wat vanaf 1984 tot op hede my altyd ondersteun, beskerm en aangemoedig het in die verkondiging van die evangelie en wat ook elke keer ingestaan het teenoor die teenstanders van hierdie evangelieverkondiging.

Aan die lidmate van die NG Kerk Levubu wat my die geleentheid gegee het om hierdie evangelie vrymoedig en onbevange te mag preek en hul kinders daarin te mag onderrig het. Vir die kritiek, vermanings, teregwysings, wysheid en bystand van kerkraadslede en geduldige, wyse lidmate waar ek in hierdie stryd binne die kerk opstandig, woedend en terneergedruk was.

Aan dr. Jurgens Weidemann, ambassadeur van Suid Afrika in die destydse Vendaland en ds. Bertie Burger, kapelaan van Kommandement Verre-Noord, wat in 1984 as my beskermhere opgetree het toe deur die weermag pogings aangewend was om my uit die gemeente verplaas te kry. Ook vir die Sibasa- en Levubu-gemeenskappe wat gekies het vir die bediening van die evangelie in die wete van die verskille wat dit binne hul eie vriende-, familie- en werkskringe aan die orde gestel het. In besonder aan Johan en Amanda Nothnagel.

Aan my persoonlike vriende en vriendinne wat in hierdie maalstroom help swem en saam geswem het. Ook aan my familie vir hul volgehoue ondersteuning.

Aan al die NG predikantevriende wat in weermags-, rings- en sinodale verband my ondersteun het om predikant van die NG Kerk te kon bly en wat in die vergaderings en werksaamhede van die NG Kerk vir my ruimte gegee het om die afgodsdiens in die NG Kerk te kon aanspreek.

Aan my vriende en kollegas dss. Matodzi Davhana van die NG Kerk in Afrika en Khorommbi van die VGK vir ons Bybelstudies, geloofsgesprekke en wedersydse ondersteuning in die bediening van die evangelie waarin ons die mite dat dit Afrika se kultuur is om met God te identifiseer, deurbreek het en waarin ons ook die misbruik van Afrikagemeenskappe deur selfgedrewe visioenêre geestelikes om hul geestelike mag in hul eie Westerse gemeenskappe deur Afrikasendinge te regverdig, kon ontbloot het.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Aan die kerkraad en lidmate vir die vryheid om 'n nuwe kategetiese weg in die NG Kerk te kon inslaan.

Aan die jongmense wat ek in hierdie evangelie kon katkiseer terwyl hulle aangevoel en geweet het dat dit hulle vreemdelinge vir die grootste deel van die NG Kerk sou maak - swerwers op soek na die bediening van die evangelie. Ons kategese-gesprekke was die grondslag van hierdie werk.

Ds. PJ Kriel
Levubu
Suid Afrika
2012

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

## VOORWOORD GERIG AAN DIE AFRIKAANSE LESER

Hierdie boek stel die Bybelse openbarings- en geloofsinhoude teenoor die afgodsdiens van die moderne Christelikheid. Moderne Christelikheid omvorm die Bybelse liefde tot ’n geestelike mag. Hierdie geestelike mag is die krag waardeur geestelikes mense en gemeenskappe se identiteit oorneem en beheer. Die wyse waarop hulle liefde tot mag omvorm, is deur in die plek van *(1) God se liefde vir sondaars* en (2) *sondaars se liefde vir God,* twee alternatiewe geestelike ervarings te stel: *(1)identifikasie met God se persoon* en *(2) identifikasie met God se krag*. Om hierdie mag na die Christelike liefde te laat lyk, noem die moderne Christelikheid hierdie twee godservarings *(1) bekering* en *(2) vervulling met die Heilige Gees*. Behalwe vir die terminologie is daar egter geen ooreenkoms met die Bybelse inhoud van bekering en vervulling met die Heilige Gees nie.

Moderne Christelikheid is ’n geestelikheid wat wêreldwyd feitlik elke Christelike kerk beïnvloed en in ’n diepe geloofsworsteling vasvang. Dit is nie net die NG Kerk se dringendste geloofsprobleem nie, maar dié van elke Christelike kerk in Suid-Afrika. Hierdie boek fokus egter primêr op hoe hierdie geestelikheid in die NG Kerk funksioneer en hoe dit die Afrikaanse gemeenskap beïnvloed; doodeenvoudig net omdat ek self deel van die NG Kerk en die Afrikaanse gemeenskap is.

Die wyse waarop hierdie geestelikheid die Afrikaanse gemeenskap van die begin af telkens bemagtig en ontmagtig het, is ’n goeie voorbeeld van hoe die geestelike mag van die moderne Christelikheid in gemeenskappe oor die wêreld heen werk.

Die moderne Christelikheid het eers, toe hy politieke mag gehad het, die Afrikaanse gemeenskap as God se eie volk verheerlik. Noudat die Afrikaanse gemeenskap sy politieke mag verloor het, onderwerp die moderne Christelikheid die Afrikaanse gemeenskap aan die vernedering om identiteitsloos in geestelikes se nuwe godstaat op te gaan. Hierdie vernedering om as gemeenskap gesig- en karakterloos te word, is volgens die geestelikes van die moderne Christelikheid nou die enigste manier waarop Afrikaanses hulself met God en hul naaste in die geestelikes se nuwe godstaat kan versoen.

Hierdie boek is ’n Protestantse geskrif. Dit is ’n geloofsprotes teen die mag van die moderne Christelikheid. Hierdie geestelike mag word gebruik om mense op so ’n wyse te onderwerp dat hulle moet glo dat hierdie onderwerping dieselfde is as bekering tot God en vervulling met die krag van God. Hierdie boek is ’n geloofsprotes teen die geestelike mag waarmee ek en my gemeenskap gemanipuleer word. Hierdie geestelike mag wil ons laat glo dat wanneer ons mag het, ons God se uitverkorenes is, en wanneer ons onmagtig is, word ons verguis as mense wie se identiteit in die pad van God se droom vir ’n nuwe godstaat staan. Hierdie boek is ’n geloofsprotes wat nie goddeloosheid as mag wil omhels om aan die mag van geestelikes te ontsnap nie. Dit is ’n protes uit die geborgenheid van liefde,’n geborgenheid in die vaste sekerheid dat God se liefde vir sondaars en sondaars se liefde vir God totaal iets anders is as

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

die mag van hul twee godservarings, identifikasie met die persoon ("bekering") en krag van God ("vervulling met die Heilige Gees").

Hierdie boek, *Protestants, vry om te protesteer*, is 'n Protestantse geskrif. Die vertrekpunt is vanuit die vryheid om in God te glo en lief te hê. Dit verwerp die gedienstige onderwerping aan geestelike mag. Die verwerping van mag wat as liefde geglo word, is die protes van Protestante. Hierdie protes is nie die opstand van rewolusionêre of anargiste nie. Dit is 'n protes teen gedienstige onderwerping aan mag, onderwerping van watter aard ook al, enige soort mag. Dit is nie opstand teen gesag en diens nie. Dit is juis protes om in jou roeping om God te verheerlik, vry en diensbaar in liefde te kan bly.

Gelowiges vind dat die evangelie hierdie innerlike vryheid in hulle skep: gedagtes, aanvoeling en 'n gerigtheid wat besig is met die werklikheid van God se bedoeling om mens in hierdie skepping te wees. Die evangelie maak mense vry van die selfgenoegsaamheid van magsdenke, magsaandoeninge en selfingekeerdheid. Die evangelie skep in Christene 'n geloofsvryheid om God volgens sy wet te dien. Hierdie vryheid tot diens maak Christene Protestante. Die rede vir Christene se protes is altyd omdat hulle diensbaar in die gemeenskap wil bly, nie omdat hulle die gemeenskap deur hul eie magswil wil onderwerp, ondermyn of vervang nie.

Identifikasie met die persoon en krag van God is afgodsdiens. Die effek van afgodsdiens is 'n innerlike verlamming in die mens se denke, siel en gees. Die Here stel die effek van hierdie mag met 'n aanhaling uit Jesaja só:

> 'Julle sal hoor en hoor en tog niks verstaan nie,
> en kyk en kyk en tog niks sien nie. 15Hierdie volk se verstand is afgestomp: hulle het hulle ore toegedruk en hulle oë toegemaak sodat hulle nie met hulle oë kan sien en met hulle ore kan hoor en met hulle verstand kan verstaan en hulle bekeer, en Ek hulle gesond maak nie.' (Matt.13:14,15)

Om vry te leef van enige vorm van magsoorheersing, moet 'n mens die innerlike helderheid van verstand hê om onbevange anders te kan dink as mense wat mag vergeestelik of idealiseer. Om vry van die onderdrukking van mag te kan leef, moet 'n mens die gevoelvolheid van tussenmenslikheid kan behou teenoor die verontmensliking vervat in die selfvertroeteling van geestelike of ideologiese magsug. Om die hoop te kan behou waarmee jy in jou taak toekomsgerig kan volhard, moet jy die vastheid van geloof in God se voorsienigheid vir jou in sy raadsplan behou. Hierdie sekerheid dat jy meer en veel anders is as die miskenning waarin geestelike of ideologiese magtiges jou vir hul eie begeertes misbruik, gee jou hoop om met jou lewenstaak te volhard. Om nie verlore te raak in die relatiwiteit waarmee magtiges alles en almal gelykstel aan hul magsdoelwitte nie, moet 'n mens jouself in die kosbaarheid van God se liefde vir sondaars kan vind.

Hierdie vryheid in denke, gevoel en gees teenoor die bevangenheid in absolute menslike mag, vind Christene in Jesus Christus. Die nuwe menswees wat Christene as sondaars in God se liefde vind, herskep hul denkwyse, aanvoeling en gerigtheid op God. Paulus roep in Efesiërs

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

4 die Christene in die stad Efese op tot hierdie vryheid in denke, gemoed en gees teenoor die mag van goddeloses:

> [17]In die Naam van die Here doen ek 'n ernstige beroep op julle: Moenie langer soos heidene lewe nie. Hulle gedagtes lei tot niks, [18]hulle verstand is verduister, en hulle het geen deel aan die lewe wat God skenk nie, omdat hulle hardnekkig in hulle onkunde volhard. [19]Hulle het heeltemal afgestomp geraak en hulle met 'n onversadigbare drang aan losbandigheid oorgegee om al wat vuil is, te doen.[20]Maar dit is nie hoe julle Christus leer ken het nie. [21]Julle het tog van Hom gehoor, en omdat julle sy volgelinge is, is julle onderrig volgens die waarheid wat in Jesus is. [22]Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. [23]Julle gees en gedagtes moet nuut word; [24]lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.
> (Ef. 4:17-24)

In hierdie boek vind u die geloofsinhoud van die evangelie waardeur gelowiges Protestante in hierdie wêreld is. In die Afrikaanse gemeenskap het hierdie Protestantse karakter van die geloof en liefde al grootliks verlore geraak. Die rede hiervoor is dat die evangelie se inhoud al grotendeels in die meeste Christelike kerke wêreldwyd met die geestelikheid van die moderne Christelikheid vervang is. Dit het ook in die Afrikaanse kerke gebeur.

| |
|---|
| Daarom stel ons in hierdie boek die onderskeid tussen die geloofsinhoud van die evangelie en die geestelikheid van die moderne Christelikheid aan die orde. |

Die waarheid van die evangelie maak vry. Die leuen van mag verkneg. Die moderne Christelikheid is 'n gedienstige onderworpenheid aan mag. In die Afrikaanse gemeenskap word hierdie onderworpenheid deur geestelikes gepreek asof dit geloof in en liefde vir God is. Predikante en pastore verkondig hierdie geestelike onderwerping aan magsoorheersing as wedergeboorte, bekering en versoening. Predikante en pastore leef as rolmodelle hierdie gedienstige gedagteloosheid, gevoelloosheid en geestelike oorgawe aan die Afrikaanse gemeenskap voor asof dit innigheid met God self is.

Binne hierdie gedienstige onderworpenheid aan mag verloor almal die vryheid van denke, gevoel en gees. Binne hierdie onderworpenheid tree daar 'n innerlike verlamming by die mens in waardeur hy die vryheid van sy redelike, gevoels- en geesteskreatiwiteit verloor, want in hierdie onderworpenheid verval die onderskeid tussen diens aan God en gedienstigheid aan mag, tussen liefde vir God en beangste innigheid met magtiges, tussen gehoorsaamheid aan die wet van God en onderworpenheid aan die begeertes van die magtiges. Waar hierdie verduistering in die mens se gees intree, word die status quo van magtiges gesien as die wêreld wat God self maak en handhaaf.

Onderworpenheid verlam die innerlike wese van die mens op so 'n manier dat mense onderworpenheid nie meer as onderdrukking kan herken en hanteer nie, veral omdat die moderne Christelikheid oorgawe aan absolute mag nog altyd aan die Afrikaanse gemeenskap

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

in Bybelse taal, en vandag al meer in rituele, voorhou asof dit God se eis is vir ’n nuwe bekering, wedergeboorte, versoening, liefde, roeping, diens en toewyding. In hierdie godservarings wat die moderne Christelikheid voorhou, is geen intellektuele, emosionele of geestelike protes en weerstand teen die onderdrukking deur magsoorheersing innerlik meer moontlik nie.

Dit is hierdie innige geestelikheid wat die Afrikaanse gemeenskap vandag weer innerlik verlam teenoor die nuwe oorheersing waaraan hy geestelik en ideologies op elke vlak van die samelewing onderwerp word.

Die evangelie van God is die vrymakende en vernuwende krag waardeur God sondaars insluit in sy liefde en sondaars se gebroke liefde heilig. In hierdie liefde ontdek Christene die vryheid om weer tussen mag en liefde te kan onderskei. In hierdie vryheid word Christene Protestants; kom hulle in protes en bied weerstand en verset teen die onderdrukking van absolute menslike mag wat as goddelike liefde gepreek en geglo word. Dit is ’n protes uit geloof tot geloof, uit liefde tot liefde en uit diens tot diens.

Dit is ’n protes pro Deo, ter wille van God. Dit is ’n protes wat net moontlik is binne die vryheid om God te mag liefhê. Dit is nie die relatiewe vryheid van ’n relatiewe god wat magtige mense “goedgunstiglik” aan onmagtige, naïewe, dom goedgelowiges sou vergun nie. Dit is nie die vryheid dat elke mens maar sy eie idee en gevoel oor God mag hê, net solank hy binne die onbetwiste absolute mag van mense moet leef nie. Dit is die werklike vryheid om die lewende en ware God te mag liefhê en dien in die sekerheid dat niemand anders in hierdie skepping hierdie liefde en diens toekom nie, (1 Tess. 1:9) want voor jy teen magsoorheersing kan protesteer, moet jy die innerlike geloof in God se liefde en genade vind waardeur jy jouself binne sy liefde en buite die mag van mense geborge vind. Dit was die krag van Protestantisme. Die Protestante het ’n innerlike geloofsvryheid teenoor die magte wat hulle wou onderwerp, gehad.

Christelike vryheid gaan oor ’n openlike bediening van die Woord van God. Die verkondiging van die evangelie is vry van geestelike dwang of ideologiese geweld. God se liefde word net in geloof ontvang. Niemand kan aan God se liefde onderwerp word nie. Diensbaarheid aan God kom uit geloof in sy liefde; nie uit bedreigdheid deur sy goddelikheid nie. Daarom soek geloof en liefde altyd die vryheid om in oop gesprek volgens God se Woord te kan vra, te kan kritiseer en te kan onderskei. Geloof en liefde kan nooit die stille aanvaarding van oorheersing wees onder al die gewaande bedreigings waarmee geestelikes mense beangs maak nie.

Hierdie boek bring weer aan die Afrikaanse leser hierdie evangeliese vryheid: om tussen geloof in en liefde vir God volgens die evangelie aan die een kant, en gedienstige onderworpenheid aan geestelike en ideologiese mag aan die ander kant, te kan onderskei. Hierdie onderskeiding kan die leser weer innerlik toerus om Protestants te wees en om uit ’n innerlik verlamde onderhorigheid in gedagte, gevoel en daad te kan opstaan om God, vry van

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

die magte van die tyd, weer te kan dien. Dit is 'n protes wat nie soseer teen alles is wat in die wêreld verkeerd is nie, maar 'n protes om in hierdie sondige wêreld steeds in geloof en liefde te kan dien.

Godsdiensvryheid! Protes teen absolute menslike mag en oorheersing! Vryheid van die mag van 'n owerheid en van geestelikes oor Christene se geloof in en liefde vir God! Hierdie vryheid is deel van die Protestantse geskiedenis van die Afrikaanse gemeenskap. Op 21 April 1521 eis die Ryksvergadering in die teenwoordigheid van keiser Karel die Vyfde, en deur hulle die Rooms-Katolieke Kerk, dat Martin Luther sy geloofsgeskrifte berouvol moet terugtrek. Sonder enige bespreking. Sonder enige verduideliking. Net in gedienstige onderworpenheid.

Martin Luther stel egter teenoor die keiser, die ryksvergadering, en die Rooms-Katolieke Kerk, wat deel van hierdie vergadering was, dat indien hulle hom nie uit die Skrif kan oortuig dat hy verkeerd is nie, hy dít nie kan doen nie:

> Indien u majesteit en u vorste dan 'n eenvoudige antwoord vereis, sal ek dit sonder verdere verduidelikings en argumente gee: Indien ek nie deur Skrifgetuienis of met duidelike gronde weerlê word nie, want ek glo nie meer net omdat die Pous of kerklike vergaderings iets sê nie, dit is bewese dat die Pous en kerklike vergaderings herhaaldelik in hul uitsprake gefouteer het en hulself ook weerspreek het, dan bly ek deur die Skrifgedeeltes, wat ek aangevoer het, oortuig. En omdat my gewete in die Woord van God vasgebind is, kan en wil ek niks herroep nie, omdat dit gevaarlik en onmoontlik is om iets teen die gewete te doen. Mag God my help. Amen. [Vrye vertaling deur outeur van aanhaling uit Rede *auf Reichstag zu Worms 51 Martin Luther Ausgewählte Schriften* uitgegee deur Karin Bornmkamm en Gerhard Ebeling]

Hiermee het Martin Luther vir 'n nuwe vryheid in Europa en die wêreld ingestaan: die gewetensvryheid van elke mens volgens die Woord van God. Hiermee het Martin Luther geprotesteer teen die magsoorheersing van die keiser én geestelikes.

Keiser Karel V was keiser van die Heilige Romeinse Ryk. Hierdie Ryk was eintlik bedoel om die godstaat van die hele Europa te wees, alhoewel dit in werklikheid altyd net 'n gedeelte van Europa omsluit het. Die grootte en omvang van hierdie godstaat is deur alliansies van konings, prinse, kardinale en pouse bepaal. In hierdie godstaat was die keiser met sy wêreldse magte die beskermheer van die Christendom. Daarom moes elke Christen aan die een kant op grond van sy Christenwees hom aan die keiser se absolute mag onderwerp het. Aan die ander kant, was die Roomse spiritualiteit deur die absolute mag van hierdie godstaat die amptelike kultus van hierdie ryk.

Dít was nie net hoe die Heilige Romeinse Ryk gekonstitueer was nie, die heerskappy van al die Europese koningshuise was ook op hierdie wyse gekonstitueer. Wie nie deel van die

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Roomse spiritualiteit was nie, het geen plek in die Europese gemeenskap gehad nie. Hulle is óf verban, óf doodgemaak deur die owerheid en geestelikes.

Martin Luther het nie vir teologiese geskrifte of idees ingestaan nie. Hy het ingestaan vir sy geloof dat God hom as sondaar begenadig en lief het. Hy het ingestaan vir sy geloof dat God se liefde alleen hom en sy eie toewyding aan God reg en goed laat wees, al is dit nie volgens God se Wet volkome nie.

In die godstaat van keiser Karel V was daar nie vir hierdie tipe geloof en liefde ruimte nie. Elke mens was deur die mag van die staat aan die mag van Roomse geestelikes onderwerp: boetedoening en godservarings in en deur geestelikes. Want die onderworpenheid aan boetedoening en godservarings deur bemiddeling van geestelikes was die geestelike skepping van Rome wat die keiserryk se absoluutheid moontlik gemaak het. Wie nie hul spirituele godservarings gedeel het, of ten minste hulle net gedienstig daaraan onderwerp het nie, is deur die Roomse geestelikes in God se naam vervloek. Wie dit gedeel het, was aan die absolute mag van die keiser onderwerp.

Martin Luther se innerlike geloofsekerheid dat God deur Christus hom en sy toewyding aan God regverdig maak, was die vryheid wat hy in Christus gevind het teenoor die mag van die Heilige Romeinse Ryk - ’n woordelose, gedagtelose, gevoellose oorgawe en onderworpenheid aan mag.

Hierdie geloofsvryheid was ook die begin van ’n nuwe soort vryheid: die vorming van vrye gemeenskappe. Mense kon nou deur die Skrif Christene wees sonder die spiritualiteit van die Roomse geestelikes. Dit het egter meteens ook beteken dat hulle, los van die innerlike verlamming van mag, vir hulself ’n eie persoons- en gemeenskapsidentiteit kon vind en skep, sonder die spirituele mag van die Heilige Romeinse Ryk.

In Duitsland was dit ’n Duitse identiteit. Dit was hierdie geloofsvryheid wat die Duitse vorste teenoor keiser Karel V laat opstaan het en daarmee beslag gegee het aan ’n nuwe gemeenskapsvryheid: godsdiensvryheid in vorstegebiede volgens elke vors se keuse.

In Nederland was dit die opkoms van ’n vrye Nederlandse gemeenskap teenoor die Roomse geestelikheid. Koning Filip II van Spanje het hierdie vrye Nederlandse gemeenskap deur sy weermag probeer onderdruk en Roomse identiteit probeer afdwing. Hierdie vryheidsoeke uit die geloof in en liefde vir God was ’n groot deel van die innerlike motivering vir die Tagtigerjarige Oorlog van 1558 - 1648. Die keiser wou die nuwe vrye Nederlandse gemeenskap vernietig en sy absolute mag as keiser deur die Roomse geestelikheid met geweld afdwing.

Die Nederlandse gemeenskap aan die Kaap was deel van die Gereformeerde godsdiens van hierdie vrye Nederland. Die voormalige naam van die provinsie, die Oranje Vrystaat, het

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

hierdie herkoms herdenk, want dit was onder die Prins van Oranje wat hierdie stryd teen keiserlike absolutisme gestry is.

Dit was ook die gemeenskapsvryheid waarin stede deur stadsraadbesluite in Switserland, en in ander Europese lande, hulle as stede self los gemaak het van die Roomse spiritualiteit. In ons tyd is dit moeilik begrypbaar. Stadsrade, en nie kerkrade nie, het besluit dat hul stede deel van die Protestante geloof sou wees. Hulle het met die vryheid om in God se genade en liefde te glo, hulself as stede in effek ook van godstate, soos die Heilige Romeinse Ryk, losgemaak. Die aanvanklike verbod op die Rooms-Katolieke Kerk aan die Kaap was om hierdie gemeenskapsvryheid te kon behou teenoor ’n geestelikheid wat met die ywer van die Jesuïete-orde deur militêre geweld afgedwing is

Dit was hierdie onderdrukkende staatsgeweld van die Roomse geestelikheid waarmee Duitsland tydens die Dertigjarige Oorlog van 1618-1648 feitlik in sy geheel afgebreek en geplunder is. Die Roomse geestelikheid was die staatsmag en keiserlike absolutisme was Roomse geestelikheid. Talle Protestante wat deur hierdie oorlog verarm is, het na Suid-Afrika gekom om hier ’n nuwe lewe te begin. Dit was ook hierdie tipe geestelike geweld in die Bartholomeusnag van 23 en 24 Augustus 1572 wat die Franse Hugenote na die Kaap as vrye Protestantse gemeenskap laat vlug het.

Die geloof en liefde gaan oor die vryheid om as mens nét aan God te behoort. Só word dit as opsomming van die kerk se geloof in die Heidelbergse Kategismus bely: Jou enigste troos in lewe en dood is dat jy met liggaam en siel aan Christus behoort. Nie eers aan jouself nie. Wat nog aan ander mense of instellings! Daarom is alles wat jy in Christus is en doen, aan God diensbaar.

In hierdie geloof en liefde is Christene vry van enige vorm van absolute menslike mag - ook jou eie en dié van ander. Christene kan nie die besit van owerhede, kultusse, besighede, partye, mense of besittings wees nie. Hul geloof en liefde maak van mense vrye mense. In hul menswees is hulle onbevange vry om nét mens, en daarom, ten vólle mens te wees. In hierdie vryheid herken Christene die sonde van goddelikheid in die absolute aanspraak wat enige mens ten opsigte van ander mense mag hê.

In hierdie selfde tyd waartydens ’n nuwe vryheid in die geloof en lewe in Europa posgevat het, het ’n nuwe absolute geestelike mag egter ook posgevat: die moderne Christelikheid. Hierdie Christelikheid is, nes die Roomse Katolieke spiritualiteit, ook net ’n spiritualiteit, nie godsdiens nie. Godsdiens is geloof in en liefde vir God. Spiritualiteit is ’n selfervaring asof dit ’n ervaring van eenheid met God in sy goddelikheid is. Dit is nie liefde vir God as God nie. Hierdie Christelikheid wou ook nie sy vryheid in die geloof in en liefde vir God vind nie. Die aanhangers hiervan wou hulself in en deur God bemagtig. Hulle het ook geloof in en liefde vir God vervang met die innerlike mag om met God te identifiseer.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hulle het ’n ander soort vryheid as die Lutherse en Gereformeerde gemeentes gesoek. Hulle wou, nes die Roomse geestelikes, nog steeds die vryheid hê om absolute geestelike en wêreldse mag te verkry, maar nie meer op die ou Roomse manier nie. Hulle wou dit met die nuwe lewenshouding van die Humanisme in die opkomende moderne wêreld van die Renaissance verkry. Vir hulle het dit dáárom gegaan om absolute geestelike mag in die opkomende moderne wêreld te verkry. Absolute mag volgens die denk- en leefstyl van die moderne mens. Nie meer absolute mag volgens die ou denk- en leefstyl van die Middeleeue nie. Dit was absolute mag binne die nuwe Europese identiteit - nie meer absolute mag volgens die ou Europese identiteit nie.  Daarom wou hulle bloot van die Middeleeuse absolute mag, wat in die Roomse geestelikheid gesetel was, vry kom. Hulle wou nie van absolute mag vry kom nie. Hulle wou net vry kom van die ou manier van absolute mag!

Ons kan dit met ’n voorbeeld uit die besigheidswêreld toelig. Die ou manier van besigheid doen, was om met een handelsnaam vir produkte soos seep, tandepasta, klere en kos ’n monopolie op te bou. Maar die nadeel van hierdie manier van besigheid-doen was dat mededingers altyd die voordeel gehad het met dié dat hulle hul produkte as nuut kon bemark. Die aanspraak op nuutheid is sterker as die aanspraak op gevestigde betroubaarheid. Daarom het dit vandag ’n algemene bemarkingstrategie geword dat een en dieselfde maatskappy presies dieselfde produk onder verskillende handelsname bemark. Die nuwe handelsnaam se trefkrag word gebruik vir presies dieselfde ou produk.

Dit het nog verder ontwikkel sodat in plaas daarvan dat ’n monopolie deur een gesentraliseerde instelling tot stand gebring word, verskeie monopolieë deur verskillende maatskappye gestig word wat dan met dieselfde produk, net onder verskillende name, met mekaar meeding. Deur met hulself te kompeteer, skakel hulle kompetisie met mededingers uit en vestig hulle ’n absolute monopolie.

Dit is presies wat in die moderne Christelikheid gebeur het. Dit is presies dieselfde geestelikheid as die Roomse geestelikheid, naamlik identifikasie met God, maar dit het nou die vryheid dat identifikasie met God onder nuwe name in verskillende instellings bedryf kan word. Die moderne Christelikheid het van die begin af die godsbedryf gediversifiseer. Hiermee kon dié Christelikheid onder verskillende name en met verskillende instellings presies dieselfde geestelikheid as nuut en anders bemark. Hiermee kon hulle nou in enige gemeenskap hul geestelikheid as uniek en eie aan spesifieke gemeenskappe voorhou. Hulle kon ook nou dieselfde geestelikheid aan botsende, teenstrydige en opponerende gemeenskappe bemark met name en instellings wat mense laat glo hulle het ’n eie en unieke geestelikheid teenoor ander instellings, terwyl dit eintlik alles een en dieselfde geestelike monopolie is - identifikasie met God net soos wat die voorbeeld uit die besigheidswêreld dit geïllustreer het.

Dít was die moderne Christelikheid se breuk met die Middeleeue en die Roomse geestelikheid: hulle het met die Roomse wyse van gesentraliseerde geestelikheid in een instelling gebreek. Hulle het met die appèl op tradisie en instelling gebreek, maar hulle het

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

nie met die inhoud van die geestelikheid van die Roomse kultus, naamlik identifikasie met God, gebreek nie.

Die absoluutheid van hierdie geestelikheid het weldra sy kleur getoon in die rewolusie wat Thomas Münster vanaf 1520 in Duitsland gelei het. Hy het gemeenskappe oortuig dat hulle God se nuwe verbondsvolk is: die volk wat in ’n verbond die ware en opregte wedergeborenes is. Wedergebore, so het hulle geglo, omdat hulle met God in sy Gees een is. As sogenaamde ware wedergeborenes het Münster se volgelinge die eerste nuwe godsryk van die moderne Christelikheid uitgeroep en, net soos met die Heilige Romeinse Ryk, dit weer met die mag van die owerheid gewelddadig afgedwing.

Die moderne Christelikheid het hiermee sy karakter getoon. Nou kan moderne geestelikes enige gemeenskap as ’n nuwe godsryk uitroep sonder enige verbintenis met die godstaat van die Roomse geestelikes. Maar, hulle kan hul eie godstaat ook net so uitlos en ’n ander een uitroep asof dit ’n heel nuwe geestelikheid is wat niks met die vorige godstaat se geestelikheid te doen het nie. Hiermee was die moderne wêreld van die begin af deel van die skep van nuwe godsryke, godstate en goddelike gemeenskappe waarin die goddelikes van die moderne geestelikheid aan mense toon hoe om met God te identifiseer.

Die name waaronder die moderne Christelikheid in Europa na vore getree het, was eers die Anabaptiste, toe die Puriteine in Engeland, die Nadere Reformasie in Nederland en die Piëtisme in Duitsland. Onder al hierdie name het die moderne Christelikheid presies dieselfde twee soorte geestelike ervarings in die plek van geloof en liefde verkondig, die ervaring van identiteit met God se persoon en God se krag.

> Die ervaring van identiteit met die persoon en krag van God word as alternatief gestel vir Christene se geloof in en liefde vir God. Dit is wat moderne Christelikheid is: die voorleef van twee nuwe godservarings waarmee die geloof in die evangelie en die nuwe geloofsgehoorsaamheid aan die wet van God verdring en vervang word.

Die moderne Christelikheid is in sy aard altyd ’n geestelike innigheid van en met mag. Hierdie geestelikes wil God se mag as hul eie mag ervaar. Die wyse waarop hulle hierdie goddelike magservaring verkry, is om hulself een met die mag van God te beleef, dit is, om met God te identifiseer. In hierdie absolute mag waarmee hulle hulself bemagtig, onderwerp hulle ander mense aan hulself op so ’n wyse dat daardie mense glo hulle onderworpenheid aan geestelikes is die ervaring van God se innige teenwoordigheid. Geestelikes glo dat wanneer hulle mense aan hul geestelike mag onderwerp, daardie mense God se eie innigheid ervaar.

Hierdie romantiek van goddelike liefde is egter net ’n illusie van liefde. In werklikheid is dit niks anders nie as brutale mag: menslike mag wat as goddelike liefde geïdealiseer word. Hierdie illusie van goddelike liefde is die verlamming in rede, gevoel en gees waarmee

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

geestelikes mense oorweldig. Dit is hierdie mag wat maak dat mense na God luister, maar Hom nie kan hoor nie, dat mense na die waarheid oor God kyk, maar God nie kan herken nie.

Met die koms van Jan van Riebeeck in 1652 na Suid-Afrika, was hierdie spanning van die begin af reeds deel van die nuwe gemeenskap wat aan die Kaap ontwikkel het: ’n kerk wat die evangelie glo en bedien, én wat terselfdertyd die spiritualiteit van die moderne Christelikheid wil beleef.

Die eerste Nederlandse sieketroosters wat die Kaap besoek het en die eerste voltydse predikante uit Nederland het al die gees van die moderne Christelikheid in die naam van die Nadere Reformasie geadem. Die boeke en liedere van verteenwoordigers van hierdie geestelikheid, soos Abraham Hellenbroek, W.Á. Brakel, B. Smytegeld en J. van Lodenstein, was deel van die kategese, leesstof en liedere aan die Kaap.

Die Skotse leraars, wat vanaf 1818 deur goewerneur Charles Somerset die land ingebring is om die Afrikaanse gemeenskap te verengels, was reeds deel van die moderne Christelikheid. Hulle het in aansluiting by die invloed wat die Nadere Reformasie op die Kaap gehad het, en met die herlewings van 1861, die moderne Christelikheid die amptelike godsdiens van die NG Kerk gemaak. Hierdie herlewings het die geloof in die evangelie en die geloofsgehoorsaamheid van die gereformeerde godsdiens vervang met die twee godservarings van eenheid met God in sy persoon en krag. Hulle het die ervaring van identiteit met die persoon van God die “wedergeboorte-bekering” genoem en hulle het die ervaring van eenheid met God in sy goddelike krag, die “vervulling” of “die doop met die Gees” genoem.

Na hierdie herlewings was die gereformeerde geloof en liefde nog net die “leer van die kerk” gewees (sien Hoofstuk 17.4). Die moderne Christelikheid was vanaf die 1861-herlewings tot nou toe die geleefde geestelikheid van die NG Kerk (en vandag deel van elke Afrikaanse kerk in Suid-Afrika). Dit blyk duidelik uit die eie geestelike skepping van die NG Kerk, naamlik Pinksterdienste. Pinksterdienste was die wyse waarop die moderne Christelikheid in die NG Kerk as die amptelike geestelikheid ingestel was en in stand gehou word.

Die moderne Christelikheid moet homself altyd as die heersende staats- of gemeenskapskultus regverdig. Omdat dit nie geloof in, of liefde vir God is nie, maar identifikasie met die mag van God is, moet dit altyd in die mag van die staat of die getalle van die gemeenskap veranker wees. Moderne Christelikheid het geen eie krag nie, want God deel nie sy krag met mense nie. Die ervaring van eenheid met God se krag is dus ’n illusie. Daarom vergeestelik die moderne Christelikheid altyd die heersende of opkomende staats- of gemeenskapmag as hul eie goddelike mag. Dit is die enigste effektiewe mag waardeur hulle hul identifikasie met God kan laat geld.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dat die staat of gemeenskap die bron van mag vir die moderne Christelikheid is, wys in die Afrikaanse geskiedenis op sy duidelikste in die groot magsverskuiwings tussen die verskillende gemeenskappe in Suid-Afrika.

Na die magsverskuiwings van 1795 en 1806 in die Kaap van Nederland na Engeland, was die Britse Imperialisme die heersende mag aan die Kaap. Die geestelikes het hierdie nuwe wêreldmag hul eie mag gemaak en dit gebruik om die moderne Christelikheid as die nuwe geestelikheid te vestig. Daarom het die geestelikes van die NG Kerk die Afrikaanse gemeenskappe, wat in 1834 met die passiewe verset van die Groot Trek teen die Engelse bewind in opstand gekom het, onder sensuur geplaas of met sensuur gedreig. Hulle het die Britse Bewind as God se wil geregverdig. Daarom was die geestelikheid van die moderne Christelikheid in die NG Kerk die ware onderliggende oorsaak van die afskeiding van die Gereformeerde en Nederduits Hervormde Kerke van die NG Kerk. Die Voortrekkers wou nie deur die geestelikes van die moderne Christelikheid aan Britse mag onderworpe wees nie.

In die 1930's het die mag van die Engelse na die Afrikaanse gemeenskap verskuif. Die verskil waarmee die geestelikes van die moderne Christelikheid die Afrikaners in die Groot Trek van 1834 teenoor die Afrikaners van die Simboliese Ossewatrek van 1938 hanteer het, is tekenend van die karakter van hierdie tipe geestelikheid. Hulle het hierdie magsverskuiwing in 1938 as 'n geestelike herlewing voorgehou in die trant van die Kaapse herlewings in 1861 toe die Voortrekkers nie meer in die Kaap was nie!

Dieselfde moderne Christelikheid wat Afrikaners onder sensuur gestel het omdat hulle in 1836 uit die Kaap getrek het, het in 1938 die "Afrikaner op die ossewa met die State-bybel in die wakis" die simbool van sy herlewings gemaak. Maar die werklike Voortrekker moes met sy wa en Statebybel onder die moderne Christelikheid se dreigement van sensuur, vryheid van die oorheersing van die Britse Ryk in Afrika gaan soek.

Nasionalisme is 'n legitieme kultuurverskynsel. Nasionalisme word gebou en gedra deur nasionale simbole. Die geestelikes het egter in 1938 van die nasionale simbole geestelike simbole gemaak. Met hierdie "Afrikanerherlewing" van die 1930's is die moderne Christelikheid tot die staatsgodsdiens van die nuwe magsgroep in Suid-Afrika, naamlik die Afrikaanse gemeenskap, verhef. Die werklikheid van Afrikanermag in die werklike wêreldgemeenskap is hiermee vir 'n groot deel van die Afrikaanse gemeenskap in die nuwe geestelikheid van 'n "Afrikanerherlewing", wat deur die NG Kerk by name bedryf was, verduister maar wat nooit die werklike beweegrede en vormende kragte van die Afrikaner se werklike nuwe magsposisie was nie. Werklike mag en die werklike vorming van volke, nasies, state en ryke is deel van die voorsienige beskikking van God. Dit word nie deur die spiritualiteit van geestelikes beskik of bestuur nie.

Die magsgreep van die moderne Christelikheid op die Afrikaanse gemeenskap was hiermee weer gevestig. "Wedergebore-bekeerdes" was nou die ware verbondsvolk en God se

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

verbondsvolk was die Afrikaner. Wie nie bekeer het nie, is as volksvreemde Kommunis en Liberalis verdag gemaak en uit die Afrikaanse gemeenskap vervreem.

Die moderne Christelikheid is ’n wettelose geestelikheid: mag is reg en onmag is verkeerd. In en deur hierdie wettelose geestelikheid is die Afrikaner kerklik grotendeels van die evangelie en die wet van God ontneem. In die plek van die evangelie en die wet van God het die visioene, missies en visies van geestelikes en magtiges gekom.

Die volgende magsverskuiwing van die Afrikaner- na die Afrika-gemeenskap, wat van die 1970’s dateer, wys op die brutaliteit en gewetenloosheid van die magsug van die moderne Christelikheid. Met die geestelikes uit die moderne Christelikheid se intuïtiewe aanvoeling vir mag, is die Afrikaner skielik deur húlle voor sy foute van die verlede gestel. Dit word nou deur presies dieselfde geestelikes, wat die Afrikaanse gemeenskap eers kritiekloos in hul wettelose geestelikheid as rolmodelle vir Afrika en die wêreld voorgehou het, gedoen.
En hoe word die moderne Christelikheid die nuwe geestelikheid vir die nuwe Afrika-mag? Deur een bekering! Deur een magsuitspraak word die vorige magsbedeling as sonde verklaar. Maar die identifikasie met God in sy persoon en krag as werkende krag van hierdie vorige “sondige staat” word verswyg. Met hierdie magsuitspraak oor hul eie verlede het die geestelikes ’n nuwe herlewing in die plek van hul vorige Afrikanerherlewing gemunt: die Afrika-herlewing.

Die Afrika-herlewing is die nuwe geestelikheid wat ontwerp is vir die magsvisie van die Afrika-renaissance. Die Afrika-herlewing is die geestelike viering van die krag van Pan-Afrikanisme. Met hierdie Afrika-visie in die Afrika-herlewing is die geestelikes nou weer Suid-Afrika se nuwe moraliteitsleiers. Lidmate moes nou die visie van die Afrika-renaissance uitvoer.

In hierdie nuwe visie en herlewing is elke geestelike weer die leier, nou om Afrikaners van hul nuwe Afrika-identiteit en Afrika-roeping te oortuig. Toe Afrikaners mag gehad het, het die geestelikes Afrikaners oortuig dat hul geestelike krag in hul identiteit as Afrikaners lê. Nou is hierdie geestelikes besig om Afrikaners te oortuig om deur ’n bekering hul Afrikaner-identiteit af te lê vir hul nuut geskepte Afrika-identiteit. Om die ou identiteit van die geestelikes af te lê en hul nuut ontwerpte identiteit te omhels, word voorgehou dat dit die ware versoening sou wees wat die land een, nuwe, geestelike nasie sal maak. God se nasie! ’n Nuwe godsryk vir ’n nuwe nasie en een nuwe spirituele kerk vir een nuwe nasie!

Een wyse waarop lidmate van die NG Kerk voor die keuse van die ou Afrikaner-identiteit teenoor ’n nuwe Afrika-identiteit as ’n bekering gestel word, is die eis om die Belhar-belydenis te aanvaar. Die Belhar-belydenis funksioneer as die nuwe godservaring van die nuwe spirituele kerk vir die nuwe nasie. Volgens geestelikes kan kerklike eenheid nie gevind en georganiseer word in die gemeenskaplike geloof in Jesus Christus soos bely in die kerke se geloofsbelydenisse nie. Daarom moet almal nou eers in die Belhar-ervaring kan deel voor God se kerk een kan wees en voor God se nuwe spirituele kerk kan uitreik na die nuwe nasie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die Belhar-ervaring is die nuwe spirituele bekering waarin Afrikaners hul ou geestelike volksidentiteit moet aflê en hulself in 'n nuwe spirituele eenheidskerk vir 'n nuwe nasie moet vind. Sonder die Belhar-ervaring hoort hulle nou buite die spirituele eenheidskerk vir die een nuwe nasie, en eintlik, as rassiste, buite God se genaderyk en is hulle, weens hul "onbekeerdheid", vyande van die nuwe godstaat.

Die Belhar-belydenis was van die begin af nie 'n geloofsbelydenis nie, maar 'n geloofsverklaring van 'n godservaring - die godservaring van die nuwe spirituele kerk vir die nuwe godstaat. Die geleefde geestelikheid in hierdie godservaring van Belhar, is die identifikasie met God se persoon en krag, die God van die onderdruktes en verontregtes teen die onderdrukkers en magtiges. Daarom word sigbaarheid en sending vir die nuwe godstaat die nuwe eienskappe van die ware spirituele kerk. (Sien Hoofstukke 13.14 en 14.18, 19 en 20.)

Daarom moet die aanvaarding van die Belhar-verklaring dien as die bekering van die ou volksidentiteit van die Afrikaner na die nuwe spirituele identiteit van die nuwe eenheidskerk: die nuwe spirituele kerk vir die nuwe nasie. Dit is die werklike beweeg- en dryfkragte van die geestelikheid van Belhar , naamlik die moderne Christelikheid. Dit is ook die innerlike spanning van die Belhar-verklaring wat net geloof in Christus verklaar as enigste rede vir lidmaatskap, maar die aanvaarding van die Belhar-ervaring as voorwaarde stel om lidmaat van die nuwe spirituele kerk vir die nuwe nasie te wees. Die belydenisskrifte wat net geloof in Christus bely om 'n Christen te wees, is nie meer genoeg om die nuwe spirituele kerk sigbaar en een te maak nie.

Die werklike eis vir lidmaatskap van die nuwe spirituele kerk is geloof in Christus én die Belhar-ervaring, geloof én bekering. Bekering beteken vir hulle bekering van die ou volksongeloof. In die Belhar-belydenis moet Afrikaners hulle nou weer aan die nuwe verpakking van moderne Christelikheid onderwerp voor hulle werklik ware gelowiges kan wees. Afrikaners moet hulle onderwerp aan die moderne Christelikheid se nuwe herontwerpte godservaring van die spirituele kerk vir die nuwe nasie. Hul geloof in Christus is nie genoeg om deel van die nuwe godstaat en nuwe spirituele gemeenskap te wees nie. En ironies genoeg, hul "wedergeboorte-bekering" en hul "vervulling met die gees" in die vorige bedeling maak hulle ook nie deel van die nuwe spirituele kerk vir die nuwe godstaat nie. Hulle moet weer tot die nuwe bekering kom - die Belhar-bekering. Die onderworpenheid aan die Belhar-ervaring is die moderne Christelikheid se bekering van die ou godstaat na die nuwe godstaat.

Die druk om deel van die Afrika-herlewing te word, is vir NG lidmate nie net 'n uitwendige druk nie. Binne die NG Kerk is die Afrika-herlewing in 1998 in die bestuursvergaderings van die kerk opgeneem as die bestuursvisie vir die hele kerk. In hierdie nuwe magsvorming tussen Afrikaner geestelikes en Afrika-mag het die moderne Christelikheid die NG Kerk in al sy werksaamhede en byeenkomste tot hierdie nuwe Afrika-visie verbind. Die gemeentes, gemeentelike aksies, gemeentelike fondse en gemeentelike byeenkomste was en is nou gerig

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

op Afrika-gemeenskappe en hul behoeftes. In hierdie nuwe sosiale kontrak het geestelikes deur hul "Afrika-herlewing" die moderne Christelikheid die spiritualiteit vir die nuwe Suid-Afrikaanse gemeenskap gemaak.

Die blindheid van hierdie geestelike magsug van die moderne Christelikheid is al reeds effektief sigbaar in die Afrikaanse gemeenskap. Die NG Kerk het in die 1930's volledig in die Afrikaner-armoedevraagstuk opgegaan en die byeenkomste en dienste van die kerk was hierop gefokus. Dit was hierdie vennootskap met die Afrikaner wat die geestelike herlewings geregverdig het. Maar aan die einde van 2009 was die NG Kerk se vergaderings en bestuur onbewus daarvan dat daar reeds 77 plakkerskampe vir arm Afrikaners in en om Pretoria en Johannesburg was, want in die geestelikes se nuwe Afrika-visie met hul nuwe Afrika-herlewing was hierdie Afrikanerlidmate uitgesluit. Afrikaners sonder mag beteken vir herlewings niks nie. Die Afrika-herlewing is 'n herlewing vir ryk en magtige Afrikaners. Daarom het dit hoofsaaklik in ryk gemeenskappe aanklank gevind. Dit is 'n geestelike en sosiale kontrak van magtiges om deel van die nuwe absolute mag te wees.

Afrikaanses wat nie deel in hierdie nuwe absolute magsvorming van 'n nuwe magselite nie, voel hulself ontmagtig. Hierdie uitsluiting van onmagtige Afrikaanses uit die Afrika-herlewing is die gronde vir die opkoms van die kultus van magtige mans en vroue in Suid-Afrika. Dit is 'n "eie" herlewing as 'n nuwe magsvorming van onmagtiges, uit reaksie teen die Afrika-herlewing binne die NG Kerk wat hulle as gemeenskap ontmagtig.

Met die Afrika-herlewing binne die NG Kerk, en al die ander Christelike kerke wat opgeneem is in die moderne Christelikheid, staan die owerheid weer ongekritiseerd in die uitoefening van sy mag. Die evangelie en die wet van God word nie só verkondig dat die absolute mag waarmee die hele Suid-Afrikaanse gemeenskap selfs deur die owerheid gekriminaliseer word, aangespreek word nie. Terwyl die owerheid met absolute mag die land deur hebsug en grypsug verteer, bedryf die geestelikes onaangeraak weer hul nuwe herlewing: versoening met die krag en mag van Afrika. Wie nie tot bekering kom en met God se goddelikheid vervul word nie, word nou weer uitgewys as die werklike groot bedreiging en oorsaak van die onversoendheid, die immoraliteit, kriminaliteit, sosiale verval en armoede in die land. Wie nie deel van hul geestelikheid is nie, is nou rassiste, nie meer die volksvreemde Kommuniste soos wat voor 1994 die geval was nie.

Die bedreiging van 'n anargistiese owerheid, wat met die magte van die staat, die staat op die pad van 'n mislukte staat stuur, word kerklik nie eers genoem nie. Met hierdie herlewing word die werklike magsluiting tussen die materialistiese Afrikaner- en Afrika-elite verduister as Christelike versoening. En die onderwerping aan hierdie absolute mag, wat nie net besig is om alle gemeenskappe te verteer nie, maar besig is om die staat as instelling te vernietig, is die nuwe magsbasis waarmee Afrikaner geestelikes nou hul Afrika-herlewing bedryf.

Voor watter uitdaging staan die Afrikaanse gemeenskap vandag?

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

| |
|---|
| Die Afrikaanse gemeenskap staan voor die uitdaging om met innerlike vryheid ’n vrye gemeenskap te wees. Vry van al die absolute aansprake wat op hulle as gemeenskap gemaak word. Vry om self ’n eie gemeenskapsidentiteit te vorm waarin hulle as gemeenskap hulself kan wees en self kan handhaaf. Vry om nie hul bestaansreg in ander identiteite en gemeenskappe te moet vind of te moet regverdig nie. |

Dit beteken dat die Afrikaanse gemeenskap ’n kultuur van protes, weerstand, en waar nodig, van verset sal moet ontwikkel. Nie net protes en verset teen ideologiese mag nie, maar ook protes, weerstand en verset teen die regering. Die huidige regering het die onderskeid tussen staat en party, amptenaar en persoon laat verval en só die staat en al die middele van die staat die magsbasis van sy onderdrukking gemaak.

Daarom is dit deel van hierdie nuwe uitdaging om die wetlike onderdrukking en verontregting van die Afrikaanse gemeenskap deur die owerheid in sy vrye gemeenskapslewe te kan deurdink, aan te voel en met ’n geloofsekerheid oor sy roeping en diens, te kan aanspreek. Die onderwerping van die Afrikaanse gemeenskap deur die regering aan ’n nuwe Afrika-identiteit, wat met die magte van die staat op die Afrikaanse gemeenskap afgedwing word, is ’n werklike bedreiging (“real and present danger”) vir die Afrikaanse gemeenskap.

Om ’n kultuur van protes, weerstand en verset vir sy voortbestaan teen onderdrukking te kan vorm, staan die Afrikaanse gemeenskap egter in konfrontasie met die moderne Christelikheid, want die moderne Christelikheid skep ’n geloof en lewenshouding van oorgawe, gedienstige onderworpenheid aan “bemagtigde”, dit is, goddelike leiers. In hierdie geestelikheid ervaar mense oorheersing as innigheid met God self. Geestelikes leer die Afrikaanse gemeenskap dat onderhorige gedienstigheid die wyse is waarop hulle God se liefde aan hul onderdrukkers moet uitstraal. In hierdie innigheid met mag verloor mense die vryheid om teen oorheersing te protesteer, want hulle sien die bewaring van die vrede onder oorheersing as dieselfde as die vredemaak van die Christelike geloof volgens die eise van die Woord van God.

Die Afrikaanse gemeenskap se eerste protes en weerstand sal teen die moderne Christelikheid moet wees. Die moderne Christelikheid moet tot verantwoording geroep word. Die Afrikaanse gemeenskap sal homself vir sy voortbestaan as gemeenskap van die moderne Christelikheid moet kan losmaak.

Eerstens het niemand uit die moderne Christelikheid nog vir die Afrikaanse gemeenskap verduidelik hoe dieselfde geestelikes, wat hulle eers omhels het as die ware godsvolk deur wie God sy planne in Afrika sou uitgevoer het, nou deur een bekering die geestelikes is wat Afrika as God se nasie voorhou nie. Hoe God sommer oornag die Afrikaanse gemeenskap as sy volk, soos hulle dit gepreek het, kan los vir Afrika as sy nuwe nasie, is nog nie deur die

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

moderne Christelikheid verantwoord nie. Hierdie aanspreeklikheid word deur hulle met rasseverwyte en rassevooroordele, wat hulle nou teen die Afrikaanse gemeenskap slinger, vermy.

Tweedens sou God sommer oornag ’n nuwe offer vir versoening ingestel het, want volgens die geestelikes moet die Afrikaanse gemeenskap nou sy vrye identiteitsvorming aflê as offer vir die nuwe geestelike identiteit van die moderne Christelikheid, naamlik die Afrika-herlewing.

Derdens het die moderne Christelikheid eiemagtig die Afrika-visie die nuwe godsryk vir Afrikaanses gemaak. Dít is gedoen sonder dat een ope gesprek hieroor gevoer is, en sonder dat lidmate wat hierdie Afrika-visie nou skielik moet voorleef en herleef daarvoor kon kies. Afrikaanses kan en mag egter nie self daaroor besluit nie. Volgens geestelikes is dit Gód se visie en missie. Enige kritiek en bespreking hieroor sou nou weens Afrikaanses se rassisme en uit ongeloof in Jesus Christus wees.

Vierdens is die moderne Christelikheid besig om die aanspreeklikheid daarvoor dat die Afrikaanse gemeenskap nie tussen Afrikanervolk en kerk kon onderskei nie, toe te skryf aan die Afrikaanse gemeenskap se inherente rassisme. Hiermee maak hulle Afrikaners tot karikature en verskuil hulle die werklike geestelike oorsaak van hierdie gelykstelling tussen kerk en staat. Die werklike ervaring van identiteit tussen volk en kerk was die herlewing van die geestelikes: identiteit met God. Die werklike mag wat hierdie gelykstelling daargestel het, is die twee geestelike ervarings van die moderne Christelikheid: wedergeboorte-bekering en vervulling met God se krag. Dit is die moderne Christelikheid se twee geestelike ervarings wat aanspreeklik gehou moet word vir hierdie gelykstelling tussen kerk en staat. Dit is nie een of ander inherente natuurlike boosheid in die Afrikaner nie.

Vyfdens sal die hele Christelike gemeenskap homself ten opsigte van hierdie twee geestelike ervarings moet verantwoord. In hierdie ervarings word mag absoluut. Dit is absurd dat die kerke in Suid Afrika die Afrikaanse kerke wil gevange hou in die skuld van die vorige magsbedeling, maar terselfdertyd presies dieselfde soort mag wat die vorige bedeling bewerk het, weer met die nuwe Afrika-visie bewerk. Die mag wat hulle in die vorige bedeling verguis, is dieselfde mag waarmee hulle hul nuwe kerklike en gemeenskapsposisies opbou. Om die geestelike magsbasis van die moderne Christelikheid te wil verskuil deur elke keer die gemeenskap wat in hierdie geestelikheid verlei was en word, as boos te wil verwerp, maak die moderne Christelikheid die Christendom self al meer verfoeilik in die wêreld.

Sesdens sal Christene hierdie geestelikes aanspreeklik moet hou vir hul verdraaiing van die geloof in en liefde vir God. Christene moenie val vir hierdie geestelikes se skelmstreek om elke keer as die vernietiging en ellende van die geestelikes se magsvisie tasbaar word, die geestelikes self skielik as ateïste te wil voorhou nie. Met hierdie skielike swaai na ateïsme toe, wil die geestelikes hulself vir die skade wat hulle met hul “volksending” en “versoening”

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

met God veroorsaak het, verskoon, terwyl hulle Christus self as oorsaak wil voorhou van die ellende wat hulle met húl goddelikheid en magsvisies veroorsaak het.

Hierdie nuutgevonde ateïsme is so ironies as wat kan kom: godsdienstige leiers se manier om God as die verleier uit te maak. Met hul ateïsme wil hulle in hul magsug hulself aan die gemeenskappe wat hulle verlei het, voorhou as medeslagoffers van die illusie dat God bestaan. Met hul sogenaamde nuutgevonde "tot-insig-kom" verskoon hulle hulself van die vernieling wat hulle in hul goddelikheid veroorsaak het en hou hulle God voor as die groot onderdrukker en vernieler van ware menslikheid. (Mal.2:17)

As geestelikes dan vir die Afrikaanse kerke 'n waarheid-en-versoeningskommissie wil hê, dan is dit die geestelikes wat voor hierdie kommissie moet verskyn en aanspreeklikheid vir hierdie twee magservarings, en die ellende van hierdie magservarings, sal moet aanvaar, in die ou godstaat én in die nuwe godstaat. Die nuwe godstaat van die Afrika-herlewing se vernieling roep reeds om rekenskap. Wie gaan die geestelikes vir hierdie nuwe magspel in hul eie leeftyd verantwoordelik hou? Of gaan hulle in die gemak en welvaart van die nuwe kerklike en gemeenskapsposisies leef en 'n nuwe geslag geestelikes die ou geestelikes eers weer na hul dood gaan aanspreeklik hou wanneer hulle weer op hul beurt húl nuwe godstaat gaan uitroep en die vorige Afrika-visie weer met een bekering as 'n sondige staat gaan verklaar?

In hierdie nuwe Afrika-magsvisie van die moderne Christelikheid word gepoog om die Afrikaanse gemeenskap alle innerlike, intellektuele, emosionele en geestelike vryheid te ontneem. Hierdie nuutgevonde Afrika-mag moet nou weer met 'n innerlike oorgawe van denke, gevoel en geloof net doodeenvoudig as God se nuwe mag omhels word.

Die dwang van hierdie geestelikheid wys duidelik uit die pogings waarin Afrikaanses al meer hul soeke na vrye gemeenskapsvorming tot ateïsme wend. Die Afrikaanse gemeenskap in al die Afrikaanse kerke kan nie die moderne Christelikheid van die Christelike geloof onderskei nie. Dit is hulle nooit gewys nie. Dit was juis van hulle weerhou om hulle so binne die geestelike mag van die moderne Christelikheid gevange te hou. Om uit die mag van hierdie geestelikheid uit te kom, lyk dit tans vir baie mense in die Afrikaanse gemeenskap asof hulle uit die Christendom sélf sal moet loskom.

Die Afrika-herlewing van geestelikes beteken vir die Afrikaanse gemeenskap selfmoord. Die Afrika-herlewing ís gemeenskapsmoord. Die Afrika-herlewing is niks anders as die geestelike binnekant van etniese suiwering nie. Hierdie oorgawe aan die nuwe magsvisie van en vir Afrika, is nie net vir die Afrikaanse gemeenskap selfmoord nie. Dit is selfmoord vir élke individu en élke gemeenskap wat in hierdie herlewing sal opgaan! Ook elke Afrika-gemeenskap! Elke gemeenskap wat hierdie Afrika-mag verheerlik, sal deur hierdie mag verteer word.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Waarom?  Want die “Afrika” van die Afrika-visie is nie ’n geografiese gebied nie. Dit is ook nie die mense in Afrika nie. Dit is ook nie ’n kulturele identiteit vir Afrika nie. Dit is ’n kultiese magsidentiteit. Daarom kan hierdie leiers hulself so maklik as God of goddelik, en hul magsgroep as God se ware gunsgenote, voorhou. Om hierdie mag te verchristelik, sal hulle hierdie mag absoluut maak. En dit het die moderne Christelikheid al reeds grotendeels gedoen.

Daarom is daar al meer ’n soeke na selfoorlewing in ateïsme, weg van die oorgawe van geestelikes aan selfvernietiging. Die gevoel van party Afrikaanses dat ateïsme hulle uit die mag van hierdie geestelikheid kan bevry, is egter ’n illusie. Ateïsme is nie bevryding uit die absoluutheid van mag nie. Dit is juis die verseëling van absolute mag. Want as God nie bestaan nie, kan mense net aan hulself of aan ander mense behoort - nie meer aan God nie. Mense wat nie aan God kan behoort nie, het nie die vryheid om tussen geloof in en liefde vir God, en geestelikheid en ideologie te kan onderskei nie.

Hierdie boek, *Protestants - Vry om te protesteer*, wys die weg wat die Reformasie teenoor absolute mag gekies het. Die Reformasie het nie vir ongeloof gekies om uit die mag van die Roomse geestelikes te kom, nie. Dít was die keuse van die Verligting ná die Reformasie. ’n Keuse wat homself deur die nuwe absoluutheid van die verligte en vrydenkende mens in die vernietiging van drie wêreldoorloë afgespeel het. Die Reformasie se keuse was vir geloof in en liefde vir God. Want in die vryheid dat die mens as begenadigde sondaar net aan Christus die Here behoort, staan die mens vry van die absolute magsaansprake van die magte van hierdie wêreld!

En dit is nie sommer net ’n demonstratiewe vryheid met plakkate en slagspreuke nie. Dit is die vryheid om onbevange anders te kan dink, voel en glo as wat die heersende magte dink, voel en glo. Want hierdie denke, gevoel en geloof word gevorm deur die evangelie en wet van God. Nie die magsug van mense nie.

Ateïsme sal die Afrikaanse gemeenskap vasvang in ’n bipolêre geestelikheid waarin die volgende geslagte van ateïste gedoem is tot die spiritualiteit van die moderne Christelikheid. As hierdie saak nie deurgesien word vir wat dit regtig is nie, sal toekomstige geslagte weer uit die absoluutheid van hul ateïstiese voorouers moet probeer kom deur in die geestelike absoluutheid van die moderne Christelikheid te gaan skuil! Ateïsme is nie die teenoorgestelde mag as die mag van die moderne Christelikheid nie. Ateïsme ís die magsbasis van die moderne Christelikheid. Vandag se ateïs is môre se fundamentalis. En vandag se fundamentalis is môre se ateïs.

Dit is die narrespel waarmee “verligte” en “vervulde” geestelikes tans in die openbaar in Suid-Afrika besig is. Terwyl die land gekriminaliseer word deur die mag wat hulle óf in hul verligtheid óf in hul geestelikheid verheerlik, is hulle besig om mekaar as “ongereddes” en “fundamentaliste” te beveg.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Verligtes wil die mag van die “fundamentaliste” ontbloot en breek. Vervuldes wil die “ongeredheid” van verligtes ontbloot en breek. Dít doen hulle terwyl hulle albei in hierdie skyngeveg eintlik besig is om hulself te legitimeer as die eintlike nuwe vryheidsvegter van die nuwe magsorde. Die nuwe spirituele kerk vir die nuwe godstaat! Hierdie geveg is ’n sinlose binnegeveg van presies dieselfde soort mense. Magtiges! Verligte magtiges! Vervulde magtiges!

Mag word nie met mag gebreek nie. Mag wat met mag gebreek word, is net ’n nuwe mag wat gebreek moet word. Mag word deur liefde en diensbaarheid ter syde gestel. Nie gedienstigheid aan die heersende of opkomende magte nie. Maar diensbaarheid aan elke naaste uit die geloof in God se liefde vir sondaars. Diensbaarheid uit geloof in ’n vaste verbintenis aan God se wet. Vir almal. Teenoor almal.

Die moderne Christelikheid se innigheid is eintlik niks anders as pasifisme nie. Maar dit bly net pasifisme solank dit kan deel in die magsvorming van die magtiges. Wanneer die moderne Christelikhied uitgesluit word uit hierdie magsvorming is dit juis hierdie geestelike pasifiste wat reaksionêr en rewolusionêr word. Die profeet Amos het dit in Amos 3:5 só verwoord:

> *So sê die Here oor die profete wat my volk verlei, die profete wat van vrede praat so lank hulle kos kry, en as iemand hulle nie bly instop nie, oorlog teen hom verklaar.*

Die ontnugtering en woede van geestelikes as hulle gaan agterkom dat hul “Afrika-herlewing” hulle nie in die magte van Afrika-nasionalisme laat deel het nie, sal maak dat hulle hul aanvanklike pasifisme weer vir rewolusie sal verruil.

Dit is die woede en ontnugtering wat al die geestelikes teen die Afrikanermag in opstand laat kom het en Afrikanermag as vyand verklaar het: nie die onregte wat deur hierdie mag gepleeg was nie, maar die geestelikes se verlies aan die mag wat die Afrikanergemeenskap eers aan hulle verleen het. Hulle was beangs en ontnugter oor hulle verlies aan mag in hulle vorige Afrikanervisie en hulle is nou nog woedend vir daardie Afrikaners wat hul magsvisie laat versplinter het.

Die drama van reg en geregtigheid, was net dít, ’n dramatisering van die nuwe god van die armes en verontregtes. Hul woede was nooit woede oor onreg nie, maar woede oor verlore mag. Profete wat die volk verlei, vind of veg nie vir reg en geregtigheid as hulle mag kan verkry of verloor nie. Hulle dramatiseer hul mag as reg en geregtigheid. Hoe kan ’n geestelike, wat mense in hul geloof in God mislei om met die persoon en krag van God te identifiseer, ’n profeet van reg en geregtigheid in die gemeenskap wees?

Die Afrikaanse gemeenskap kan nie hierdie geestelikheid wat rondval tussen innigheid en opstand, tussen pasifisme en rewolusie, bekostig nie. ’n Kultus van ontmagtigde of bemagtigde mense sal die Afrikaanse gemeenskap die intellektuele, emosionele en

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

geloofsbevoegdheid ontneem om hulself in hul roeping en diensbaarheid teenoor God as kulturele gemeenskap wetlik en wettig te laat geld.

In geloof en liefde staan die Christene in die Afrikaanse gemeenskap voor God vry. Daar is geen "Christelike" kulturele identiteit waarvoor Christene in die Afrikaanse gemeenskap op grond van hul geloof in God moet kies nie. Geloof in God en liefde vir God maak kulturele identiteit 'n vrye menslike skepping. Geen identiteit moet voor God afgesweer of opgeoffer word nie. Geen menslike identiteit word deur God vergoddelik nie. Geen eie ek, eie taal, eie bestaan, eie toekoms of eie gemeenskap moet in die naam van Christus gekruisig of gedood word nie. As dit gevra word, is dit magsoffers. Nie geloofsoffers nie. God vra dit nie.

Hierdie Christelike vryheid sal die Afrikaanse gemeenskap ontwyk as die gemeenskap nie vry raak van die twee magsgrepe van die moderne Christelikheid nie: die "wedergeboorte-bekering" en die "godsvervulling". Met hierdie magsgrepe op hul innerlike menswees, kan niemand meer tussen mag en liefde, geloof en eiewaan onderskei nie. In hierdie twee magsgrepe raak tussenmenslikheid verlore ter wille van goddelike selfgenoegsaamheid. In hierdie twee magsgrepe verdwyn die mens se vermoë tot denke, gevoel en geloof vir ondeurdagte, innige, gemoedelike oorgawe aan mag.

Vir 'n vrye gemeenskapslewe in Suid-Afrika is hierdie onderskeid tussen mag en liefde, geloof en selfwaan, wesenlik van belang.

Hierdie boek gee elkeen 'n geleentheid om te kan onderskei tussen geloof in die evangelie en geloofsgehoorsaamheid aan God se wet, aan die een kant, en die geestelike identifikasie met die persoon en krag van God, aan die ander kant. Dit gee nie net die Afrikaanse gemeenskap die geleentheid om hierdie mensvernietigende magte te herken nie. Die moderne Christelikheid is nie 'n Afrikaner-uitvindsel nie. Die Afrikaanse gemeenskap se verbintenis tot die moderne Christelikheid maak hulle ook nie die oorsprong van alle ellende nie. Elke Christelike gemeenskap in Suid-Afrika is deel van hierdie geestelike mag. Die evangelie en God se wet is ook nie die Afrikaanse gemeenskap se evangelie en wet nie. Dit is God se evangelie en wet vir alle mense.

Hierdie boek wys op die wyse waarop die moderne Christelikheid die geloof in en liefde vir God in elke deel van die Bybel met geestelike mag vervang het. Elke hoofstuk is só geskryf dat die inhoud van die Bybel eers gestel word en dit dan teenoor die moderne Christelikheid se alternatiewe inhoude gestel word. Met die uitwys van hierdie geloofsinhoude teenoor die inhoude van afgodsdiens, kan mense die onderskeid tussen wêreldse mag en Christelike liefde weer terugvind.

Dit is in hierdie vryheid dat ek as predikant in die Soutpansberg en Limpopo-provinsie bydraes kon lewer en leiding kon gee om teen die oorheersing van die Afrikaanse geloofsgemeenskap te kon protesteer. Hierdie protes het in verskeie kerklike protesgeskrifte in verskeie vergaderings neerslag gevind. Hoofstuk 19 van hierdie boek bied van hierdie

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

kerklike protesskrifte aan as voorbeelde van hoe Christene uit die vryheid van geloof en liefde, vry anders kan dink en voel as wat aan hulle voorgeskryf word deur heersende ideologiese en geestelike magte.

Dit gee ook iets van die kerklike protes- en vryheidstryd van die Soutpansberggebied en die Limpopo-provinsie in Suid-Afrika weer. Vryheid in geloof en liefde moet ons innerlik in ons gedagtes, gevoelens en gerigtheid op God en die wêreld vry laat wees, nie aggressief demonstratief in ons eie-magtigheid nie. Anders het ons net nog een van die absolute magte tussen ander absolute magte geword - een van die klein absolute magte tussen groot absolute magte!

Die protesgeskrifte in hoofstuk 19 is egter net voorbeelde van die innerlike geloofsvryheid wat in elke hoofstuk van hierdie boek teenoor die geestelike mag van die moderne Christelikheid uitgewys word. Dit is my oortuiging dat sonder hierdie geloofsvryheid van die mag van die moderne Christelikheid, soos dit in hierdie boek uitgewys word, die Afrikaanse gemeenskap in ’n selfingekeerde geestelikheid homself net keer op keer weer aan ’n nuwe ideologiese mag sal moet onderwerp.

Die moderne Christelikheid is die geestelikheid wat feitlik die meeste Christelike kerke wêreldwyd in afgodsdiens en Christelike gemeenskappe in goddeloosheid gevange hou asof dit Christelike geloof en liefde is. Hoe dit die Afrikaanse gemeenskap beset en beheer, is hoe dit wêreldwyd elke gemeenskap, volk en nasie probeer beset en beheer.

Mag ons as Afrikaanse geloofsgemeenskap weer hierdie vryheid in ons geloof in God se liefde vir sondaars vind, ’n liefde wat ons nie vir ons foute en gebreke wil uitdelg of wil transformeer nie, maar as sondaars heilig en regverdig. Mag ons weer ’n liefde vir God in sy wet vind wat iets anders is as om net onsself in ander, of ander in onsself, te wil beleef.

Mag ons hierdeur weer ’n vryheid vind waarin elke mens en elke gemeenskap deel van ’n vrye identiteitsvorming mag wees, vry volgens élkeen se gawes en élkeen se talente. Vry in elke deel en tussen elke gemeenskap van hierdie land. Vry in enige ander land en ander gemeenskap. Vry van die waan dat daar iewers één verligte of vervulde geestelike is wat ons eers weer moet bemagtig voor ons onsself kan wees. Vry om die onsekerheid van die toekoms as ’n roeping van God binne te gaan. Vry van die absolute selfgenoegsaamheid van ’n goddelike of godlose identiteit. Vry van ’n ewige magstryd in die naam of teen die naam van God. Vry van godstate en godlose state!

Mag hierdie vryheid ons weer innerlik krag gee om Protestante te kan wees. In protes om uit liefde en in geloof diensbaar te wees in ons gawes en arbeid aan God en elke naaste. In protes, weerstand en verset teen alle magte wat ons diensbaarheid teenoor God en ons naaste wil vernietig. In protes teen pasifisme én anargie. Vry mens vir God in hiérdie wêreld! In hiérdie land! In énige land!

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

## INLEIDING
## DIE CHRISTELIKE KERK IS VASGEVANG IN ’N BIPOLÊRE GEMOEDSVERSTEURING: TUSSEN AFGODSDIENS EN GODDELOOSHEID

Bipolêre gemoedsversteuring! Twee teenoorstaande gemoedstemmings wat wisselvorme van dieselfde siekte is: die afbrekende, verlammende, remmende, moeë, moedelose gemoed en die opgewonde, gemotiveerde, kragtige, onstuitbare, entoesiastiese gemoed, wat net twee wisselvorme van dieselfde selfvernietigende siekte is. Dít is die werklikheid van die persoon wat aan bipolêre gemoedsversteuring ly.

Die persoon wat aan bipolêr gemoedsversteuring ly, ervaar homself egter nie as siek nie. Wanneer so ’n persoon ’n maniese gemoedstemming beleef, ervaar so ’n persoon homself/haarself as skeppend, ondernemend, vindingryk en selfgeldend. In die depressiewe fase van die toestand ervaar so ’n persoon homself as realisties, eerlik, selfopofferend en inskiklik ten opsigte van die werklikheid oor hoe mense en die wêreld regtig daar uitsien..

In hierdie gemoedsversteuring is nie een van hierdie gemoedstemmings egter werklikheidsgetrou nie. In beide die selfgeldende gemotiveerdheid en die afbrekende selfoorgawe gebeur daar niks wat realisties is nie. In elk van die gemoedstemmings geld een en dieselfde vernietigende selfvervreemding: ’n mens wat nooit deel van die werklikheid van sy eie lewe is of kan wees nie.

Die tragiese van hierdie siekte is dat lyers hul wisselende gemoedstemmings nie as verwarrend of teenstrydig ervaar nie. Hulle ervaar die wisselende gemoedstemmings elke keer as ’n nuwe soort verlossing of verligting. Hulle ervaar hul maniese gemoedstemming as die verligting van hul depressiewe gemoedstemming. Hul onstuitbare entoesiasme weer, is vir hulle die verlossing uit hul gevoel van totale nutteloosheid. Maar dan ervaar hulle weer hul depressiewe gemoedstemming as verligting van hul maniese gemoed. Hulle voel hulle vind weer “realisme” in die verlies van die lewensdrif in hul ooreiste maniese lewe. Daarom voel hulle altyd óf verlos óf verlig in hul nuwe ellende.

Hulle wil en kan nooit insien dat beide hul “verlossing” én “verligting” hul siekte is nie. Die suksesse van hul maniese opgewondenheid is vir hulle die bewys dat dít wat ander mense ’n siekte noem, hul eintlike lewenskrag is. Die stilte in hul depressie teenoor die selfuitbranding van hul hiperaktiwiteit, is vir hulle die bewys dat hul siekte eintlik realisme met die “werklike” lewe is.

Die werklikheid van die siektetoestand is egter dat hul maniese opgewondenheid niks anders as depressie is nie. Dit is nie die uitkoms uit depressie nie. Dit is die kragtige werking van depressie wat hulle so opgewonde entoesiasties maak. Terwyl hulle voel dat hulle nuut oorbegin, val hulle maar net heen-en-weer binne-in dieselfde ellende.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Net so is die Christelike Kerk vasgevang in sy eie bipolêre gemoedsversteuring: ’n siektetoestand wat deur twee uiters teenstrydig en teenoorstaande houdings, waarvan beide teenstrydige houdings wisselvorme van een en dieselfde ongeloof is, werk.

Die depressiewe houding in die kerk waarvolgens mense glo dat hulle nóú realisties, eerlik en net inskiklik met God en die wêreld is, klink in die kerk van vandag só: Christus het nie werklik fisies as mens uit die dood opgestaan nie; Christus het nie met sy lewe betaal vir sondes nie. Dit is te bloederig vir die liefdevolle God waarin hulle wil glo; Christus is nie uit ’n maagd gebore nie. Dit is maar net ’n vertelling om te wys hoe spesiaal Jesus vir God is; Christus is nie self die Skepper van hemel en aarde nie. Hy is net ’n besondere mens deur wie God gewerk het; God kies nie sy kinders tussen sondaars uit vir sy liefde nie. Dit is te liefdeloos diskriminerend vir die Skepper; die Skepper is tevrede met enige manier waarop mense bereid is om Hom te eer. Hy is te ongeërg oor mense om iets spesifiek van hulle te verwag; Die Bybel is nie die enigste openbaring van God nie - dit is maar net die besondere ervaringe en idees van God van mense wat ’n visie en passie vir God gehad het; daar het nie werklik wonders gebeur soos die Bybel dit vertel nie - dit is alles maar net ’n premoderne verstaan van die wêreld waarvolgens vir ons vertel word hoe groot en liefdevol God is; die duiwel of engele bestaan nie regtig nie -dit is net simboliese vertellings uit die na-Persiese tyd van die Bybel wat vir ons moet aantoon hoe sondig die mens is; God se sendingopdrag in die wêreld is dat ons mense in liefde moet aanvaar soos hulle is. God se beloftes is nie ’n werklikheid wat geloofsekerheid kan gee nie. Twyfel in God is eerlikheid met God.

In hierdie depressiewe houding van die kerk is homoseksualiteit nie ’n perversie van wat God bedoel het die mens moes wees nie. Dit is net ’n ander manier waarop mense mekaar liefhet en hulle moet oor dieselfde regte beskik as ander mense. Daarom is ongetroud saambly ook nie ’n perversie van God se bedoeling van die eenheid van man en vrou nie; die eenheid van man en vrou is ’n Romeinse kultuuruitvindsel. Dit is nie ’n daad van God nie; die mens is nie God se beeld by konsepsie nie. Die mens word eers mens na ’n paar weke of maande ná konsepsie. Voor dan is aborsie nie ’n vergryp teen menslike lewe nie; kinders moet nie vir wangedrag gestraf word nie want dit is nie wangedrag nie. Dit is net swak kommunikasie waarvoor ouers begrip moet hê; Jesus het ’n nuwe bedeling gebring waarvolgens ons almal net moet liefhê en aanvaar soos hulle is. Moordenaars se reg op die lewe mag nie aangetas word nie. Hul menswaardigheid moet gerespekteer word en daarom mag moord nie met die dood gestraf word nie.

Die maniese houding in die kerk waarin mense onbeperkte, onstuitbare, entoesiastiese opgewondenheid vir God ervaar, sien só daaruit: Jesus het deur God se krag geleef en opgestaan uit die dood sodat ons, nes Jesus, uit die krag van God kan leef; God doen vandag deur ons nog net sulke wonders as wat Hy deur Jesus op aarde gedoen het; Jesus het aan die kruis vir ons sondes gesterf sodat ons ons saak met God kan regmaak; soos God in Jesus se lewe ingekom het, kom God in elke mens se lewe in en bewerkstellig sy wedergeboorte; God herleef in mense wat hul lewe aan Hom oorgee, net soos wat Hy in Jesus geleef het; Jesus is die enigste manier waarop ’n mens deel kan kry aan die goddelike lewe; die duiwel het

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

magiese kragte wat mense in die Naam van Jesus kan breek; engele is geestelike gespreksgenote. Jy kan jou eie engele ken en ’n verhouding met hulle hê; die Bybel is ’n goddelike boek waardeur ons aan die belewenis van God kan deelagtig wees; God se sendingopdrag in die wêreld is dat ons mense moet laat deel in die ervaring van God in ons: bekering en wedergeboorte.

Deur hierdie ervaring van God in hulle sal homoseksuele mense nie meer homoseksueel wees nie; sal mense vir mekaar net in hierdie geestelike ervaring met God werklik man en vrou kan wees; moet elke kind gestraf word om te leer om hulself aan God oor te gee. Diegene wat moord gepleeg het, val onder die vloek van God en daarom moet hulle verdelg word.

Hierdie twee state is wisselvorme van dieselfde ongeloof.

Die “maniese Christen-wees”is nie die Christelike verlossing uit liberalisme soos wat die aanhangers daarvan dit graag voorhou nie. Net so min is die “depressiewe Christen-wees” die Christelike vryheid van fundamentalisme, soos wat hulle dit graag weer wil voorhou. Hierdie verligting uit fundamentalisme en hierdie soort verlossing uit liberalisme is een en dieselfde ongeloof. Die realistiese lewe waartoe “liberales” verlig word, is nie die Christelike vryheid nie, net so min as wat die verlossing, wat die “fundamentaliste” voorhou, die Christelike verlossing van die mag van sonde is.

In wese kom al twee hierdie teenstrydige en teenoorstaande pole op dieselfde neer: die selfgenoegsame mens.

Hierdie teenstrydige houdings gaan net oor twee verskillende wyses waarop die selfgenoegsame mens homself laat geld. Die “depressiewe Christendom” laat homself deur middel van die moderne wetenskap en tegnologiese vaardighede geld. Die “maniese Christendom” laat homself deur die naam, krag en persoon van God,wat hulle hul eie gemaak het, geld.

Maar die kernongeloof is dieselfde: óf jy jouself bemagtig teenóór God met die wetenskap van en tegniek oor die skepping, en óf jy jouself ín God bemagtig met sy eie krag en mag, dit bly selfbemagtiging. Selfbemagtiging teenoor God of in God bly selfbemagtiging. Nie een van hierdie wisselvorme is geloof in God se liefde óf diensbare liefde vir God volgens sy wet nie.

Daarom is al twee hierdie houdings ’n selfbemagtigde lewe van eiemagtige mense in die afwesigheid van God. In die een word God afwesig geleef deur die mens se kennis en beheer van die werking van natuurkragte. In die ander word God afwesig geleef in die goddelikheid van mense wat deel geword het van die krag, persoon en wil van God self.

Die middelpunt van hierdie twee teenstrydige, en dikwels opponerende houdings, is en kom uit dieselfde hart, siel en verstand van dieselfde tipe mens: die mens wat teenoor God

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

selfgenoegsaam en mondig is. Nie een van hierdie twee uiterstes is deel van die Christelike geloof in, of diensbaarheid aan God nie.

Hierdie twee uiterstes is wisselvorme van natuurlike godsdiens: mensgemaakte godsdiens. Of mens nou jou eie god is en of mens vir jou 'n eie god maak om in te glo, al twee is mensgemaak. Of mens nou vir jou jou eie godsdiensloosheid skep uit jou kennis van die wetenskap en tegniek en of mens nou jou eie godsdiens skep uit goddelike belewenisse wat jy in die Bybel probeer terugvind, dit bly natuurlike godsdiens. Dit bly mensgemaak.

In nie een van hierdie twee tipes ongeloof kan Christus geken of gedien word nie. Selfs al hou al twee hierdie vorms van ongeloof hul selfervarings of godservarings as die eintlike bedoeling van Christus voor.

Jesus Christus is die alternatief op al twee hierdie wisselvorme van mensgemaakte godsdiens. Net soos wat bipolêre gemoedsversteuring nie maar net twee verskillende mooi ervarings van menswees is nie, maar een selfvernietigende gemoedstoestand is, wat jou van jou eie lewe vervreem, net so is hierdie twee wisselvorme van dieselfde ongeloof waarin Christus afwesig geleef word.

Hierdie bipolêre geestesversteuring in die Christelike kerk is nie 'n nuwe gods- of selfontwerp nie. Die Bybel wys hierdie wisselvallige versteuring nog altyd uit as afgodsdiens. Hierdie bipolariteit is die kern van afgodsdiens soos wat die Bybel dit deurlopend ontbloot. Want afgodsdiens is nooit die aanbidding van die Here nie. Dit is die alternatief op die aanbidding van die Here: onbeperkte, absolute mag.

Die kern van afgodsdiens is goddeloosheid, nie liefde en geloof nie. Want afgodsdiens is niks anders as godsdienstige goddeloosheid nie. Afgodsdiens is die godsdiens van die selfvergoddelikte mens.

Daarom is hierdie twee teenoorstaande pole, goddeloosheid en afgodsdiens, die twee wisselvorme van die vergoddelikte mens. Dit wys Asaf uit in Psalm 50 (vers 7-23):

> "Luister, my volk,Ek wil my saak stel, Ek wil teen jou getuig, Israel. Ek is God, Ek is jou God! Dit is nie omdat jy nie offer dat Ek rekenskap van jou eis nie; jou brandoffers is immers gedurig voor My. Ek wil geen jong bul uit jou stal hê of bokke uit jou krale nie, want al die diere in die bos is Myne,die wild op duisende berge.Ek ken al die voëls van die berge;al wat roer op die veld, is Myne. Ek sou jou nie vra as Ek honger sou kry nie, want die aarde en alles wat daarop is,behoort aan My. Eet Ek miskien die vleis van die bulle wat julle offer, of drink Ek die bloed van bokke? Lof is die offer wat jy aan God moet bring. Betaal jou geloftes aan die Allerhoogste. Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp en jy sal My eer." Maar vir die goddelose sê God: "Waarom sê jy my voorskrifte een vir een op en beroep jy jou op my verbond, jy wat 'n afkeer het van wat Ek jou leer en jou nie steur aan wat Ek sê nie? As jy 'n dief raakloop, breek jy saam met hom in, en as jy die kans kry, pleeg jy egbreuk. As jy jou mond oopmaak, praat jy kwaad; jou tong ryg bedrog aanmekaar. Jy sit en praat teen jou broer, jou eie broer beswadder jy."Moet Ek stil bly as jy sulke dinge doen? Dan sal jy dink Ek het soos jy geword! Nee, Ek eis rekenskap van jou, Ek kla jou aan! Julle moet luister na hierdie

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> waarskuwing, julle wat nie met God rekening hou nie, anders verskeur Ek julle sonder dat iemand kan red. "Die mens wat My eer, is die een wat lof as 'n offer bring. Hy wat reg lewe, vir hom sal Ek red."

Asaf beskryf nie hier twee soorte mense, die een soort wat tempel toe gaan en die goddelose soort buite die tempeldiens nie. Die mens wat in die tempel godsdiens verdraai tot magsimbole waardeur hy God binne-in die tempel beheer en bestuur, is presies dieselfde mens wat buite die tempel magsmiddele van die skeppingsgawes van God maak waarvolgens hy die wêreld wil beheer en bestuur. Afgodsdiens is die godsdiens van die goddeloses.

Hierdie geestesversteuring van godsdienstige goddeloosheid binne die Christelike kerk vandag, raak nie maar net een deel van die kerk se geloof of diens aan die Here nie. Elke deel van die Christelike geloof en gehoorsaamheid aan God is in die moderne Christelike kerk in hierdie versteuring vasgevang: verligtes wat van die fundamentalisme bevry wil word en verlostes wat die liberalisme wil oorwin. Elke Christen wat vandag as mens God in vryheid wil dien, word vasgevang in die eiemagtigheid van goddeloses en goddelikes.

Daarom moet die geloof in God en liefde vir God teenoor hierdie bipolêre geestelikheid gestel word. Die inhoud van die Christelike geloof in en liefde vir God moet weer uit die Skrif ontdek word buite en as iets anders as hierdie versteurde, wisselvallige houdings.

In Christus moet ons die godsdiensvryheid vind om in God se liefde vir sondaars te kan glo en God weer volgens sy wet te kan liefhê, buite hierdie bipolêre versteurde geestelikheid. Dít is die fokus van hierdie boek.

Hierdie boek is 'n Bybelstudie. Dit wil nie filosofie of belewenisse aanbied aan mense wat net nog 'n goddelike idee of goddelike ervaring soek om hulleself in hul eie selfgenoegsaamheid te versterk nie. Dit wil in die openbaring van die Woord van God die vryheid vind om in God te glo en God lief te hê.

Vry van afgodsdiens! Vry van goddeloosheid! Vry in liefde en geloof soos Paulus dit stel in Galasiërs 5 (vers 1,13-15):

> 1 Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder 'n slawejuk laat indwing nie. ...
> 13 Julle, broers, julle is tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik as 'n verskoning om sonde te doen nie, maar dien mekaar in liefde. Die hele wet word in hierdie een gebod saamgevat: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

Christene staan in die vryheid dat hulle God se liefde ontvang, nie verdien, bewerk, manipuleer, verbeel, idealiseer of skep nie. Christene staan in die vryheid dat hulle hul naaste kan liefhê buite die magsgreep van selfgenoegsaamheid.

Afgodsdiens is die kuns om Christene hierdie vryheid te ontneem vir die krag en mag om jouself te laat geld in die Naam van God. Daarom roep Paulus gelowiges op om vas te staan

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

in hierdie vryheid om in God se liefde te glo en om God en mense te kan liefhê buite die mag van goddeloosheid.

Hierdie boek is ’n Bybelstudie om in hierdie geloofsvryheid vas te staan. Dit wil die Bybelse inhoud aandui om die vryheid wat ons het om nie God se liefde vir ons te verloor in die magsug van goddelikes en geestelikes nie; die vryheid om die liefde wat ons kan uitleef nie te verloor in ons eie verlange na krag en mag nie!

Liefde word in eenvoud ontvang en uitgeleef. Mag vervals liefde tot ’n ingewikkelde en duistere ervaring. Mag verduister omdat dit haat is wat uitgeleef word asof dit liefde is. Ingewikkeld omdat die mens se gees die fynste kunsgrepe kan ontwerp om mag die voorkoms van liefde te gee.

Daarom wil ons uit die ingewikkeldheid van geestelikheid en goddeloosheid weer die eenvoud van liefde terugvind. Ons wil die eenvoud van God se liefde vir ons in die evangelie terugvind. Ons wil die eenvoud van ons liefde vir God volgens die Tien Gebooie terugvind.

Hierdie Bybelstudie wil die leser help om stuk vir stuk die inhoud van die Woord van God te kan ontdek deur dit te ontworstel uit die uitleg en verstaan van die Bybel volgens afgodsdiens en goddeloosheid waarin die moderne Christelikheid die Woord van God verstrengel het.

Afgodsdiens en goddeloosheid is nie moderne uitvindsels nie. Dit is presies net dit wat die Bybel nog altyd as sonde ontbloot. Goddeloosheid en afgodsdiens is dít wat die Bybel sonde noem. Elke deel van die Bybel - vanaf Genesis een tot en met die geskrifte van die apostels - is deel van die spanning tussen godsdiens en afgodsdiens. Daarom wil ons die inhoud van die Woord van God ook vind teenoor die afgodsdiens en goddeloosheid wat die Bybel self aangespreek het in die tyd waarin die Woord van God openbaar is.

Op hierdie wyse kan ons uit die Woord van God die lig vind om vandag uit die duisternis van ons eietydse afgodsdiens en goddeloosheid vry te word.

Hoofstuk 18 bied ’n geheeloorsig oor die huidige inhoud en omvang van die identifikasie met God binne die moderne Christelikheid. U as leser kan dit as verwysing gebruik soos wat u die inhoud van die boek deurwerk.

Die ingewikkeldheid van die geheeloorsig sal al helderder word soos wat u die inhoud van die geloof in elke hoofstuk kan onderskei van die inhoud van bygeloof. U kan hoofstuk 18 gebruik as verwysing waaraan u elke hoofstuk, wat u deurgewerk het, weer kan toets.

Die eenvoud van ons geloof in God se liefde vir sondaars en ons onbevange onderhouding van die wet van God as ons liefde vir God, is en bly egter die fokus van hierdie Bybelstudie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

## HOOFSTUK 1 DIE INHOUD VAN GODSDIENS IS LIEFDE: GOD SE LIEFDE VIR ONS EN ONS LIEFDE VIR GOD

Die Bybel gaan oor liefde: God se liefde vir ons en ons liefde vir God. In hierdie hoofstuk kyk ons na die woorde waarmee die Bybel hierdie twee vorms van liefde te beskryf.

Die Bybel gaan oor die openbaring van God se liefde vir sondaars en hoe God sondaars Hom weer laat lief hê. Om die Bybel só te kan lees dat ons hierdie twee vorms van die liefde kan herken, moet 'n mens weet met watter woorde hierdie liefde in die Bybel beskryf word. Ons opvatting van woorde soos "liefde", "wet", "wetsonderhouding" en "evangelie" is nie noodwendig dít wat die Bybel met hierdie woorde bedoel nie. Daarom moet ons eers kyk wat die Bybel met hierdie woorde bedoel voordat ons kan begin om die Bybel verder te lees.

### 1.Die woord "wet" in die Bybel

Wat is die inhoud van die woord, "wet", in die Bybel? Waarna verwys en wat is die betekenis van hierdie woord "wet"?

Paulus stel dit só in Romeine 2: 17-23

> 17 Jy, jy sê jy is 'n Jood, jy verlaat jou op **die Wet** van Moses, jy beroem jou daarop dat God jou God is,
> 18 jy ken sy wil en jy onderskei die dinge waar dit werklik op aankom, omdat jy deur **die Wet** onderrig word.
> 19 Jy is daarvan oortuig dat jy 'n gids vir die blindes is, 'n lig vir dié wat in die duisternis is,
> 20 'n leermeester van dié wat onkundig is, 'n onderwyser van dié wat niks weet nie, omdat **die Wet** vir jou die samevatting is van kennis en waarheid-
> 21 jy dan, wat 'n ander leer, leer jy jouself? Jy wat preek dat 'n mens nie mag steel nie, steel jy nie?
> 22 Jy wat sê 'n mens mag nie egbreuk pleeg nie, pleeg jy nie egbreuk nie? Jy wat 'n afsku het van afgode, beroof jy nie hulle tempels nie?
> 23 Jy wat jou op die Wet beroem, doen jy God nie oneer aan deur **sy wet** te oortree nie?

(Beklemtoning deur vetdruk in bogenoemde aanhaling, asook in die hieropvolgende aanhalings, is dié van die outeur).

Waar kry Paulus hierdie voorskrifte, "Jy mag nie afgode aanbid nie, jy moet hulle verafsku","Jy mag nie steel nie", "Jy mag nie egbreuk pleeg nie", vandaan? Hy kry dit uit Eksodus 20 en Deuteronomium 5! Dit is uit die deel van die Bybel wat ons die Tien Gebooie noem:

> Toe het God al hierdie gebooie aangekondig: 2 "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek
> van slawerny, bevry het. 3 **Jy mag naas My geen ander gode hê nie**. 4 "Jy mag nie vir jou 'n beeld of
> enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die
> aarde is nie. 5 **Jy mag hulle nie vereer of dien nie**, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou
> aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van
> dié wat My haat, 6 maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en
> my gebooie gehoorsaam. 7 "Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie. [8] "Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou. [9] Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, [10] maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie. [11] Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag geheilig. [12] "Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee. [13] "Jy mag nie moord pleeg nie. [14] "**Jy mag nie egbreuk pleeg nie**. [15] "**Jy mag nie steel nie**. [16] "Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie. [17] "Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie 'n slaaf of slavin, 'n bees of 'n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie. (Eksodus 20)

Elke keer wat ons die woord "wet" in die Bybel lees, gaan dit oor die inhoud van Eksodus 20 en Deuteronomium 5. Dit sal telkens die inhoud en betekenis van die woord "wet" wees. Die Tien Gebooie is die inhoud en betekenis van die woord "wet".

Ons kan dit aan die hand van nog 'n Skrifgedeelte toets. Romeine 13:8-10:

> " [8] Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, voer die hele **wet van God** uit. [9] Al die **gebooie**: "Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie," of watter ander **gebod** daar ook al is, word immers in hierdie **een gebod** saamgevat: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." [10] Die liefde doen die naaste geen kwaad aan nie. Daarom is die liefde die volle uitvoering van **die Wet**"

Hierdie gebooie, wat Paulus die Wet noem, is die voorskrifte van die Tien Gebooie. Woorde soos "gebooie", "verordeninge", "voorskrifte", "bevele", "bepalings" en "onderwysing" wat in die Bybel voorkom, handel meestal oor die inhoud van die Tien Gebooie. Ook uitdrukkings soos die "wet van Moses", die "wil van God" en die "Woord van die Here" gaan oor die inhoud van die Tien Gebooie. (Vergelyk Psalm 119).

**Die Tien Gebooie is die inhoud en betekenis van die woord, "wet"**

Dit bied aan ons 'n manier om die inhoud van die Bybel te ontdek. Elke keer wat ons die woord "wet" of soortgelyke woorde in die Bybel teëkom, kan ons na Eksodus 20 of Deuteronomium 5 blaai en die Skrifgedeelte wat ons lees hiermee vergelyk. Eksodus 20 of Deuteronomium sal die inhoud en saak wees waaroor die woord "wet" gaan.

**2. Die woord "wetsonderhouding" in die Bybel.**

Wat beteken die woord, "wetonderhouding", in die Bybel?

> Daarom sal geen mens op grond van **wetsonderhouding** deur God vrygespreek word nie; inteendeel, deur die Wet leer 'n mens wat sonde is. (Rom. 3:20)

Paulus verduidelik self wat dit beteken in Galasiërs 3: 12:

> By die Wet gaan dit egter nie om die geloof nie, maar om die daad, want daar staan: "Hy wat dóén wat die Wet sê, sal daardeur lewe."

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Wetsonderhouding is om te doen wat die Wet van die Here sê ons moet doen. Paulus haal Levitikus 18:5 hier aan:

> [4] Julle moet my bepalings nakom en my voorskrifte gehoorsaam deur daarvolgens te lewe. Ek is die Here julle God. [5] Wees gehoorsaam aan my voorskrifte en bepalings. Wie dit doen, sal lewe. Ek is die Here."

Wetsonderhouding is gehoorsaamheid aan die Wet van die Here. Wanneer ons die voorskrifte van die Here se wil nakom deur die manier waarop ons dink, voel, optree en lewe, is ons besig met wetsonderhouding.

Die Griekse woorde vir "wetsonderhouding" is dan ook letterlik vertaal: "werke van die Wet" of "dade van die Wet". Dit is die optredes en handelinge waardeur mense doen wat die Wet vir hulle sê hulle moet doen.

Om te doen wat die Wet van die Here sê, word in die Bybel ook beskryf as: "wandel volgens die woord van die Here", "om jou by die voorskrifte van die Here te hou", "om gehoorsaam te wees met jou hele hart", "om volgens die verordeninge van die Here te lewe", "om die bevele van die Here uit te voer", "om die Wet van die Here te onderhou", "om die Here te dien", "om te doen wat reg is" en "om op die regte pad te bly". Dit is alles maniere waarop gesê word dat ons doen wat die Wet sê ons moet doen.

**Wetsonderhouding gaan oor die doen van wat die wet sê**

Hier het ons nog 'n manier om die inhoud van die Bybel te kan ontdek: alle dade waardeur ons doen wat die Wet sê ons moet doen, is volgens die Bybel "wetsonderhouding" of dan "werke" of "dade" van die Wet.

**3.Die onderskeid tussen wet en wetsonderhouding**

Die Wet is God se wil oor hoe ons moet leef.

In sy wet het die Here helder en duidelik aan ons bekend gemaak hoe Hy wil hê ons moet leef. Daarom hoef ons geen visioene te beleef, met engele te praat, drome te droom, spesiale goddelike stemme te hoor, nuwe verligte idees te hê, nuwe wetenskaplike feite te hê of eers met God 'n spesiale verhouding te hê om te weet wat die wil van God is oor hoe ons moet leef nie.

Sy wil is in gewone mensetaal hoorbaar en verstaanbaar aan ons gegee sodat ons presies weet wat godsdiens is: om te leef volgens die wil van God soos wat Hy dit vir ons in die Tien Gebooie bekend gemaak het.

Die helder, duidelike en verstaanbare wyse waarop die Here sy wil aan ons bekend gemaak het in die Tien Gebooie, word in Deuteronomium 30:11-14 só beskryf:

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> Die gebod wat ek jou vandag beveel, is nie te moeilik vir jou nie. Dit is ook nie buite jou bereik nie. Dit is nie in die hemel nie, sodat jy nie hoef te sê: 'Wie sal vir ons opklim hemel toe om die gebod vir ons te gaan haal en ons dit mee te deel sodat ons daarvolgens kan lewe' nie. [13] Dit is ook nie oorkant die see nie, sodat jy nie hoef te sê: 'Wie sal vir ons oorvaar na die oorkant toe om die gebod vir ons te gaan haal en ons dit mee te deel sodat ons daarvolgens kan lewe' nie. [14] Die gebod is baie naby aan jou, jy kan daaroor praat, jy ken dit, jy kan daarvolgens lewe.

Die Wet is die Here se wil in sy Woord, die Bybel. Wetsonderhouding is iets anders. Wetsonderhouding is ons aanvaarding en uitvoering van die wil van God. Dit is ons wat doen wat die Here wil. Wetsonderhouding is nie iets wat in die Bybel gebeur nie, dit is iets wat in ons gebeur: dit is iets wat ons met ons hart, siel en verstand en met dade doen.

**Die wet is God se wil oor hoe ons moet leef. Wetsonderhouding is die manier waarop ons leef soos wat God dit wil hê**

### 4. Die woord "Liefde" in die Bybel

Is liefde en wetsonderhouding in die Bybel twee verskillende sake?

Paulus stel dit só in Romeine 13: 8-9:

> Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, voer die hele **wet van God** uit. [9] Al die **gebooie**: "Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie," of watter ander **gebod** daar ook al is, word immers in hierdie **een gebod** saamgevat: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." [10] Die liefde doen die naaste geen kwaad aan nie. Daarom is die liefde die volle uitvoering van **die Wet**.
> [Beklemtoning deur vetdruk dié van die outeur]

Liefde is die samevatting van die Wet. Die een gebod, om jou naaste lief te hê, is 'n samevatting van die inhoud van al die ander gebooie."Samevatting" beteken dit is die kern waaroor die inhoud van elke gebod gaan. Die verskillende gebooie is verskillende maniere wat oor dieselfde inhoud gaan – die verskillende maniere waarop ons ons naaste moet liefhê.

Liefde is die volle uitvoering van die Wet. Om lief te hê beteken dat ons alles doen wat die Wet vir ons sê om te doen. Liefde beteken nie om iets anders te doen as wat die Wet vir ons sê om te doen nie.

Dit is hoekom Johannes die verhouding tussen liefde en die Wet só stel in 1 Joh.5: 2-3:

> Hiéraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie onderhou. [3] Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam.

In 2 Joh.1:5-6 stel hy dit so:

> ... Dit is nie iets nuuts wat ek vir julle voorskrywe nie, maar 'n gebod wat ons van die begin af gehad het: Ons moet mekaar liefhê. [6] En liefde beteken dat ons volgens die gebooie van God lewe. Soos julle van die begin af gehoor het, is dit sy gebod dat julle in die liefde moet lewe.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Liefde en wetsonderhouding is volgens die Bybel presies dieselfde saak. Liefde vir God bestaan daarin dat ons God se gebooie gehoorsaam. Hoekom? Want dit is presies wat die Here in sy gebooie van ons wil hê: sy gebooie is die wyse waarop ons Hom en ons naaste moet liefhê. Die Tien Gebooie is die uiteensetting van die verskillende maniere waarop ons God en ons naaste moet liefhê.

Wanneer Jesus Christus vir ons in Matteus 22: 34-39 die samevatting van die Wet gee, bevestig Hy dat die inhoud van die Wet oor liefde gaan en oor niks anders nie:

> Toe die Fariseërs hoor dat Jesus die Sadduseërs die mond gesnoer het, het hulle bymekaargekom, [35] en een van hulle, 'n wetgeleerde, het Hom met 'n vraag probeer vastrek. [36] "Meneer," vra hy, "wat is die grootste gebod in die Wet?" [37] Jesus antwoord hom: "'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. [38] Dit is die grootste en die eerste gebod. [39] En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' [40] In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat."

Elke gebod gaan oor 'n spesifieke wyse waarop ons moet liefhê. Liefde is die grootste gebod binne-ín die Wet. Dit beteken dit is die groot saak binne elke gebod. Liefde is volgens die Here nooit 'n ander saak buite of teenoor die Wet van God nie. Want God is liefde en God eis in elke gebod van sy wet liefde. (1 Joh. 4:16 en 5:3).

Jesus se antwoord oor wat die grootste gebod in die Wet is, is nie iets nuuts nie. Liefde is nie iets wat die Here Jesus Christus vir die eerste keer aan ons kom bekend maak het nie. In sy antwoord op die Fariseër se vraag maak die Here nie vir die eerste keer bekend dat die Wet oor liefde gaan nie. Nog minder gee Hy 'n nuwe betekenis aan die Wet van God asof die Wet nooit voorheen oor liefde sou gegaan het nie. Dit leer ook nie iets anders as die Fariseërs oor die Wet nie. Die Here gee bloot 'n samevatting van Deuteronomium 6:5,6:"Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag. [6] "Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly." en van Levitikus 19:18: "Jy mag nie wraak neem of 'n grief koester teenoor jou volksgenoot nie, jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die Here." Jesus gee net 'n samevatting van die waarheid dat God nog altyd gewys het dat liefde die kerninhoud van elke wet en die hele wet is. Hy gee nie nuwe inhoud aan die Wet van God nie. Hy wys dat die Wet van God nog altyd oor liefde gehandel het. En daarmee sê Jesus ook nie iets anders as wat die Fariseërs gesê en geleer het nie. Dit is hoe die Fariseërs dit ook geleer het: die Wet gaan oor liefde vir God en mens.

**Liefde is wetsonderhouding en wetsonderhouding is liefde**

Hier het ons nog 'n manier om die inhoud van die Bybel te kan ontdek: elke gebod van die Here in die Bybel gaan oor liefde. As 'n mens wil weet hoe jy God en jou naaste moet liefhê, dan moet jy die Tien Gebooie lees. Dit is werklike Bybelse liefde. Dit is die ware liefde in godsdiens – gehoorsaamheid aan die wil van God.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Skei 'n mens die gebooie en die liefde van mekaar, dan gaan die inhoud van godsdiens soos dit in die Bybel geopenbaar word vir die leser verlore. Daarom mag ons nie die Bybel met sulke negatiewe vooroordele lees asof die Wet van God net iets uiterliks, outyds of rigied is nie. Hierdie tipe wetsopvatting bestaan nie binne die Bybel nie. Dit is 'n buite-Bybelse wetsopvatting. Nog minder mag ons aan liefde dink as iets groters, anders en meer volmaak as die Wet van God. Werklike Bybelse liefde is wetsonderhouding. Want die Wet van God is die werklike inhoud van liefde. Daarom kan daar nie iets wees soos liefde wat die Wette van God misken of oortree nie. Oortreding van die Wette van God is liefdeloosheid. Onderhouding van die Wette van God is volmaakte liefde.

**5. Die woord "evangelie" in die Bybel**

Wat beteken die woord "evangelie" in die Bybel? Wat is die inhoud van die saak wat die Bybel die "evangelie" noem?

Gewoonlik dink mense sommer die hele Bybel is die evangelie. Soms dink hulle die evangelie is die Here se Woord of die boodskap van die Bybel. Maar oor die algemeen weet mense nie wat die inhoud van die woord "evangelie" in die Bybel beteken nie. Die probleem is dat "evangelie" 'n Griekse en nie 'n Afrikaanse woord is nie. Daarom is hierdie Griekse woord so vreemd vir Afrikaanse lesers. Gewoonlik word dit dan deur Afrikaanse lesers gebruik om te verwys na alles wat in die Bybel staan. Daarom is sommer alles wat in die Bybel staan vir mense maar die evangelie.

Dit is nie waar nie. Die hele Bybel is nie die evangelie nie. Die evangelie is 'n baie spesifieke saak met 'n baie spesifieke inhoud in die Bybel.

**Paulus se opsomming van die inhoud van die evangelie**

In Romeine 1:1-7 bied Paulus 'n kort beskrywing van die inhoud van die evangelie:

> "[1] Van Paulus, 'n dienaar van Christus Jesus, geroep om apostel te wees, afgesonder vir **die evangelie** van God. [2] **Hierdie evangelie** het Hy vooruit deur sy profete in die Heilige Skrif aangekondig, [3] en **dit** handel oor sy Seun. As mens is Hy uit die geslag van Dawid gebore; [4] op grond van sy opstanding uit die dood is Hy deur die Heilige Gees aangewys as die Seun van God wat met mag beklee is, Jesus Christus ons Here. [5] Deur Hom het ek die genade ontvang om apostel te wees onder al die heidennasies, om tot eer van sy Naam mense tot geloof en so tot gehoorsaamheid te bring. [6] Julle is hierby inbegrepe; ook julle is geroep om aan Jesus Christus te behoort. [7] Aan almal in Rome vir wie God liefhet en wat Hy geroep het om aan Hom te behoort. Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus!"

Paulus is afgesonder vir die evangelie. Dit beteken die Here het dit sy werk gemaak om die evangelie te verkondig en om mense daaromtrent te leer. Die predikers in die Ou Testament het al hierdie evangelie bekend gemaak.

Die opsomming van Paulus wys dat die evangelie oor die volgende sake gaan:

dit gaan oor "sy Seun". Dit is die Seun van die Vader;

Dit gaan oor Jesus wat uit die geslag van Dawid gebore is;

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit gaan oor Jesus wat uit die dood opgestaan het;
Dit gaan oor Jesus wat met mag beklee is;
Dit gaan oor die Heilige Gees;
Dit gaan oor geloof;
Dit gaan oor mense wat aan Jesus Christus behoort;
Dit gaan oor genade en vrede met God ons Vader en Jesus Christus ons Here.

**Die inhoud van die evangelie en die apostoliese geloofsbelydenis**
Kom ons vergelyk hierdie opsomming van die evangelie deur Paulus met die geloofsbelydenis wat as die Apostoliese Geloofsbelydenis of die Twaalf Artikels bekend staan.

**Die Apostoliese Geloofsbelydenis**

| | |
|---|---|
| Artikel 1: | Ek **glo** in **God die Vader**, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde; |
| Artikel 2: | en in Jesus Christus, **sy** eniggebore **Seun**, **ons Here**; |
| Artikel 3: | wat ontvang is van die Heilige Gees, **gebore uit die maagd Maria**; |
| Artikel 4: | wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en neergedaal het na die hel; |
| Artikel 5: | wat op **die derde dag opgestaan het uit die dood**; |
| Artikel 6: | opgevaar het na die hemel en sit **aan die regterhand van God, die almagtige Vader**, |
| Artikel 7: | vanwaar Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel. |
| Artikel 8: | Ek **glo** in **die Heilige Gees**; |
| Artikel 9: | ek **glo** aan ’n **heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges**; |
| Artikel 10: | die **vergewing van sondes**; |
| Artikel 11: | die opstanding van die liggaam |
| Artikel 12: | en ’n ewige lewe. |

[Beklemtoning deur vetdruk dié van die outeur]

Waar kry ons die woorde “sy Seun” (Paulus se opsomming) in die geloofsbelydenis? Dit is die woorde “sy (eniggebore) Seun” in Artikel 2.
Wat in die Artikels stem ooreen met Paulus se opsomming wat verwys na “uit die geslag van Dawid gebore”? Dit word gevind in Artikel 3: “gebore uit die maagd Maria”, want Maria is ’n agter-agter kleinkind van Dawid, dus uit die geslag van Dawid.
Waar verskyn die woorde “op grond van sy opstanding uit die dood” in die Twaalf Artikels? Dit is Artikel 5:“wat op die derde dag opgestaan het uit die dood”.
Waar kom die woorde “deur die Heilige Gees aangewys”in die Twaalf Artikels voor? Dit kom voor in Artikel 8: “Ek glo in die Heilige Gees”.
Waar verskyn die woorde: “die Seun wat met mag beklee is”? Dit is verwoord in Artikel 6: “sit aan die regterhand van God.”
Hoe word die beskrywing, “Jesus Christus ons Here” in die Twaalf Artikels verwoord? Dit gebeur deur “en in Jesus Christus sy eniggebore Seun ons Here” (Artikel 2).
Waar tref ons die verwysing na “mense tot geloof” aan? Dit kom voor in die frases “Ek glo in” en “Ek glo aan” (Artikels 8 en 9).
Hoe word die begrippe “Julle is hierby inbegrepe; ook julle is geroep om aan Jesus Christus te behoort” in die Twaalf Artikels aangedui? Dit is vervat in Artikel 9:“’n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges”, Waar in die Twaalf Artikels word die

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

woorde "genade en vrede" aangetref? Dit is "die vergewing van sondes,(Artikel 10) die opstanding van die liggaam (Artikel 11) en die ewige lewe" (Artikel 12).
Waar kom die woorde "van God ons Vader en die Here Jesus Christus"in die Twaalf Artikels voor? Dit is "Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde; (Artikel 1)
en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here" (Artikel 2).

**Die apostoliese geloofsbelydenis is 'n kort opsomming van die inhoud van die evangelie in die Bybel**

Die vroeë Christelike kerk het so om en by die jaar 100 n.C. al die kort opsommings van die evangelie in die Nuwe Testament in een kort opsomming saamgevat. Dit is die bedoeling van die apostoliese geloofsbelydenis: om 'n kort opsomming van die hele inhoud van die evangelie te gee.

**Jesus Christus se opsomming van die inhoud van die evangelie**
Christus het nooit uitdruklik by openbare byeenkomste aan mense vertel dat Hy gekom het om gekruisig te word, te sterf en uit die dood uit op te staan nie. Dit het Hy net uitdruklik aan sy dissipels vertel.

Hy het dit ook nie aan die begin van sy werk aan sy dissipels vertel nie. Hy het dit eers aan die einde van die drie jaar wat hulle met Hom saam was aan hulle meegedeel. Dit was toe Hy gereed gemaak het om na Jerusalem toe te gaan vir sy kruisiging en opstanding.

Nadat Hy dit aan hulle bekend gemaak het, het Hy hulle verbied om dít wat Hy aan hulle vertel het oor wat die evangelie is, aan ander mense te vertel. Volgens die inligting wat ons het, het Jesus dit spesifiek drie keer aan hulle vertel en vir hulle verduidelik. Ons kan kyk na Lukas se weergawe van Jesus se opsomming van die evangelie in hoofstuk nege:

Die eerste keer (Luk.9:18-22):
18 Op 'n keer terwyl Jesus eenkant besig was om te bid, het sy dissipels by Hom saamgekom. Toe vra Hy hulle: "Wie, sê die mense, is Ek?" 19 Hulle antwoord: "Johannes die Doper; party sê weer: Elia, en party: 'n profeet van die ou tyd het opgestaan." 20 "Maar julle," het Hy gevra, "wie, sê julle, is Ek?" Toe antwoord Petrus: "Die Gesalfde van God." 21 Jesus het hulle uitdruklik belet om dit vir ander mense te vertel, 22 "want," het Hy gesê, "die Seun van die mens moet baie **ly**, deur die familiehoofde, priesterhoofde en skrifgeleerdes **verwerp word**, en Hy moet **doodgemaak word**, en **op die derde dag opgewek** word."

Die tweede keer (Luk.9:44): 44 Terwyl almal verbaas was oor alles wat Jesus gedoen het, sê Hy vir sy dissipels: "Wat julle betref, hou hierdie woorde goed in gedagte: Die Seun van die mens gaan in die hande van mense **oorgelewer word**."

Die derde keer: (Luk 18:31-34)
31 Jesus het die twaalf opsy geneem en vir hulle gesê: "Kyk, ons gaan nou Jerusalem toe, en alles wat die profete oor die Seun van die mens geskryf het, sal daar bewaarheid word. 32 Hy sal **uitgelewer** word aan die heidene;

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hy **sal bespot en beledig word; hulle sal op Hom spoeg**, [33] Hom **gesel** en **Hom daarna doodmaak**. En op **die derde dag sal Hy uit die dood opstaan**." [34] Maar van hierdie dinge het hulle niks begryp nie. Die woorde was vir hulle duister, en hulle het nie verstaan waaroor Hy praat nie."

Die evangelie is nie iets wat die apostels ná Jesus se dood self uitgedink het nie. Jesus het self vir sy dissipels die evangelie geleer. Die evangelie is Jesus se eie woorde oor homself. Dit is die Here se eie uitleg van sy eie optrede. Hierdie uitsprake "ly", "verwerp", "oorgelewer word", "bespot en beledig word" en "spoeg en gesel" word in die apostoliese belydenis saamgevat as "gely onder Pontius Pilatus."

Voor Jesus uit die dood opgestaan het, het die dissipels van die Here nie die evangelie verstaan of begryp nie. Hulle het die evangelie glad nie geglo nie! Inteendeel, hulle het dit openlik verwerp! Dit sien ons duidelik in die insident waar Petrus namens die dissipels Jesus probeer oortuig om af te sien van die idee om te wil ly, gekruisig te word en om uit die dood uit te wil opstaan. Net nadat die Here die eerste keer aangekondig het dat hy moet ly, gekruisig word, moet sterf en uit die dood opstaan, reageer Petrus en al die ander dissipels saam met hom met hierdie houding: " Petrus het Hom toe opsy geneem en Hom begin berispe: "Mag God dit verhoed, Here! Dit sal beslis nie met U gebeur nie" (Matteus 16:22). Die dissipels het die Here daarop gewys dat Hy van die dwase idee - soos hulle dit gesien het - om te wil sterf en uit die dood op te staan, moet afsien. Dit is iets wat God volgens hulle nie met die Christus sal laat gebeur nie. In hierdie verwerping van die evangelie het hulle volhard tot die opstanding van die Here uit die dood.

**Die evangelie is die inhoud wat die kerk moet preek en leer**

Nadat Jesus uit die dood opgestaan het en aan sy dissipels verskyn het, het hulle vir die eerste keer in die evangelie geglo. Lukas stel dit in hoofstuk 24:45-49 só:

> [45] Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan. [46] Verder sê Hy vir hulle: "So staan daar geskrywe: '**Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan**, [47] en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder.' [48] Julle is getuies van hierdie dinge. [49] En Ek sal die gawe wat my Vader beloof het, vir julle stuur. Maar julle moet in die stad bly totdat julle met krag van bo toegerus is."

Petrus is die eerste dissipel wat op Pinksterdag openlik die evangelie preek. In Handelinge 2: 22-36 kry ons die eerste preek van 'n apostel wat oor die evangelie gaan. Kom ons kyk na die inhoud van hierdie preek en vergelyk die inhoud van hierdie preek weer met die inhoud van apostoliese geloofsbelydenis.

> "Israeliete, luister na hierdie woorde! God het Jesus van Nasaret aan julle bekend gestel deur die kragtige dade, die wonders en die tekens wat God Hom by julle laat doen het. Daarvan weet julle self. [23] God het besluit en dit vooruit bepaal **om Hom aan julle uit te lewer**, en julle het Hom deur heidene aan **die kruis laat spyker** en **Hom doodgemaak**. [24] Maar God het Hom van die smarte van die dood verlos en Hom **uit die dood laat opstaan**. Dit was immers vir die dood onmoontlik om Hom gevange te hou. [25] Van Hom sê Dawid: Ek het die Here altyd voor oë. Hy is aan my regterhand; ek sal nie wankel nie. [26] Daarom is my hart bly en my tong jubel, ja meer, ek het die verwagting dat my liggaam sal lewe, [27] want U sal my nie aan die doderyk oorlaat nie; U sal nie toelaat dat u troue dienaar vergaan

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> nie. [28] U het my die paaie van die lewe geleer; u teenwoordigheid sal my met vreugde vul. [29] "Broers, wat ons voorvader Dawid betref, moet ek dit vir julle duidelik stel: Hy het gesterwe en is begrawe, en sy graf is nou nog hier by ons. [30] Maar hy was 'n profeet en hy het geweet dat God met 'n eed aan hom belowe het **dat een van sy nakomelinge op sy troon sou sit.** [31] Daarom het hy **die opstanding van die Christus vooruit** gesien en gesê: **Hy is nie aan die doderyk oorgelaat nie, en sy liggaam het nie vergaan nie**. [32] God het hierdie **Jesus uit die dood laat opstaan**; daarvan is ons almal getuies. [33] **Hy is verhoog aan die regterhand van God** en Hy het die **Heilige Gees wat belowe** is, van die Vader ontvang en uitgestort. Dit is wat julle nou sien en hoor. [34] Dawid het nie na die hemel toe opgevaar nie, en tog sê hy: Die Here het vir my Here gesê: Sit aan my regterhand [35] totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het. [36] Die hele Israel moet nou vas en seker weet: God het hierdie **Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak**!"

Hierdie preek is niks anders nie as 'n kort opsomming van die inhoud van die evangelie. Die inhoud van die bekendstelling van Christus, soos in Petrus se preek verwoord, behels die volgende:
1. Jesus is uitgelewer (aan Pontius Pilatus).
2. Jesus is gekruisig.
3. Jesus het gesterf.
4. Jesus was in die smarte van die dood (ter helle neergedaal).
5. God het Jesus uit die dood laat opstaan.
6. Jesus is verhoog aan die regterhand van God.
7. Jesus het die Heilige Gees aan die kerk gegee.
8. Jesus het na die Hemel opgevaar, nie Dawid nie.
9. Jesus sit aan die regterhand van God, nie Dawid nie.
10. Jesus is Here en Christus.

Daar is geen verskil tussen wat die Here voor sy dood oor Homself aan sy dissipels geleer het en wat hulle ná sy opstanding begin preek en leer het nie. Hy het aan hulle en hulle het aan die wêreld die evangelie gepreek. Evangelieverkondiging is die prediking van wie Christus is, wat Hy gedoen het en wat die betekenis is van wat Hy gedoen het.

Die groot verskil tussen die dissipels se geloof vóór en ná die opstanding van die Here uit die dood is dat hulle voor sy dood geglo het Hy is die Christus, maar glad nie die evangelie geglo het voordat Jesus nie uit die dood uit opgestaan het nie.

Hier het ons nou nog 'n manier om die inhoud van die Bybel te ontdek: enige sin of woord wat gaan oor dít wat ons opgesom kry in die apostoliese geloofsbelydenis gaan oor die evangelie.

Die Bybel is so geskryf dat waar 'n mens dikwels net een sin of woord teëkom, daardie sin of woord die inhoud van die hele evangelie saamvat. 'n Sin soos, "Jesus is die Here", is 'n samevatting van die hele evangelie: Hy is gebore, het gely, is gekruisig, het gesterf en uit die dood opgestaan, het opgevaar na die hemel en gee aan ons die Heilige Gees, vergifnis van sonde, maak ons deel van sy kerk en gee ons die ewige lewe.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Net so word die hele evangelie ingesluit in woorde en uitdrukkings soos "die Heilige Gees", "geregverdig" en die "vergifnis van sonde". Wanneer ons enige woord uit die evangelie in die Bybel lees, hetsy dit Jesus, ons Vader, geloof, glo of die ewige lewe is, dan is dit woorde waarmee die hele evangelie aangedui word.

**6.Die verskil tussen wet en die evangelie**
Is die Wet en die evangelie in die Bybel dieselfde saak of is dit twee heeltemal verskillende sake?

**Die evangelie**

Ek glo in God die Vader, die Almagtige,
die Skepper van hemel en aarde;
en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here,
wat ontvang is van die Heilige Gees,
gebore uit die maagd Maria;
wat gely het onder Pontius Pilatus,
gekruisig is,
gesterf het
en begrawe is,
en neergedaal het na die hel,
wat op die derde dag opgestaan het uit die dood;
opgevaar het na die hemel en
sit aan die regterhand van God,
die almagtige Vader,
vanwaar Hy sal kom om die lewendes
en die dooies te oordeel.
Ek glo in die Heilige Gees;
ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, ,
die gemeenskap van die heiliges;
die vergewing van sondes;
die opstanding van die liggaam
en 'n ewige lewe.

**Die wet**

Toe het God al hierdie gebooie aangekondig: 2 "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het.
3 Jy mag naas My geen ander gode hê nie.
4 "Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo ...
5 Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My ...
7 "Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie
8 "Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou ...
Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk ...
12 "Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee.
13 "Jy mag nie moord pleeg nie.
14 "Jy mag nie egbreuk pleeg nie.
15 "Jy mag nie steel nie.
16 "Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie.
17 "Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie 'n slaaf of slavin, 'n bees of 'n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie."

Die gemiddelde leser van die Bybel is gewoonlik van mening dat die Wet en die evangelie in die Bybel maar een en dieselfde saak is. Ons kan dit toets deur die Wet en die evangelie langs mekaar te sit en dit met mekaar te vergelyk.

**Die Wet en evangelie is nooit twee kante van dieselfde saak nie**
Is twee kante van dieselfde saak twee verskillende sake of een saak? Twee kante van een saak, is een saak! Twee verskillende kante van een hand is net een hand, nie twee hande nie! Die Wet en evangelie is nie twee kante van een saak nie. Dit is twee heeltemal verskillende sake.

Kom ons toets dit!

Kan iemand sê:
Om jou ouers te gehoorsaam is maar dieselfde as om te glo dat Jesus is gebore uit die maagd Maria;
Om nie dood te maak nie is maar dieselfde as om te glo Jesus het vir ons sondes gely onder Pontius Pilatus;

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Om nie egbreuk te pleeg nie, is maar dieselfde as om te glo dat Jesus vir ons sondes gekruisig is;
Om nie te steel nie, is maar dieselfde as om te glo dat Jesus vir ons sondes gesterf het; Om nie vals getuienis te gee nie, is maar dieselfde as om te glo dat Jesus vir ons sondes begrawe is;
Om nie te begeer nie is maar dieselfde as om te glo dat Jesus vir ons sondes uit die dood opgestaan het?

Dit kan nie! Sommer so op die oog af gaan dit in die Wet oor iets heeltemal anders as die evangelie.

Die Bybelse verskille tussen wet en evangelie:

| **DIE WET.** | **DIE EVANGELIE.** |
|---|---|
| 1.Die wet gaan oor eise wat God verwag ons moet nakom.<br>2.Die wet gaan oor gebooie wat ons moet gehoorsaam<br>3.Die wet gaan oor wat ons vir God doen | 1. Die evangelie gaan oor eise wat Jesus nakom.<br>2.Die evangelie gaan oor Jesus in wie ons moet glo.<br>3.Die evangelie gaan oor wat God vir ons doen |

**Twee partye waaraan verskillende eise gestel word**
Van wie verwag God om die Tien Gebooie te gehoorsaam? God verwag dit van ons. Ons moet God se gebooie gehoorsaam:

> "Dit is die Wet, die voorskrifte en die bepalings, wat die Here julle God my beveel het om vir julle te leer, sodat julle daarvolgens kan lewe in die land wat julle in besit gaan neem. [2] "So sal jy die Here jou God jou lewe lank kan dien en gehoorsaam wees aan sy voorskrifte en gebooie wat ek jou gegee het, jy en jou hele nageslag, en dan sal jy 'n lang lewe hê. [3] As jy luister, Israel, en as jy gehoorsaam is en lewe volgens my gebooie, sal jy voorspoedig wees en uitermate baie word in die land wat oorloop van melk en heuning. Dit is wat die Here die God van jou voorvaders jou beloof het." (Deut. 6:1-3)

Die eise wat God aan ons stel is om sy voorskrifte, bepalings en gebooie te gehoorsaam. En watter eise is dit? Díé wat ons leer ken in die Tien Gebooie.

Wat verwag God die Vader van sy Seun Jesus Christus?

> [17] "Die Vader het My lief omdat Ek my lewe aflê om dit weer op te neem. [18] Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit my eie af. Ek het die volmag om dit af te lê, en Ek het die volmag om dit weer op te neem. Dit is die opdrag wat Ek van my Vader ontvang het." (Joh.10:17-18)

Die een deel van die opdrag wat Jesus van die Vader ontvang, is om sy lewe te gee deur te ly, gekruisig te word en ter helle neer te daal vir die sondes van sondaars. Die ander deel van hierdie opdrag is dat Hy weer uit die dood moet opstaan en vir sondaars moet intree by die Vader.

Hierdie opdrag word nie aan ons gegee nie. Dit is 'n heel ander soort opdrag as om God en jou naaste lief te hê! Om God se gebooie te gehoorsaam, is iets anders as die opdrag om vir sondaars te sterf en weer uit die dood op te staan.

**Twee maniere van doen: om gehoorsaam te wees en te glo**
©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**Om die wet te gehoorsaam en om in Jesus Christus te glo, is twee heeltemal verskillende dade**

Paulus stel hierdie verskil só in Galasiërs 3:11:

> [1] En dat niemand op grond van die Wet deur God vrygespreek word nie, is duidelik, want "hy wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe." [12] By die Wet gaan dit egter nie om die geloof nie, maar om die daad, want daar staan: "Hy wat dóén wat die Wet sê, sal daardeur lewe.

Om in Jesus Christus te glo is 'n geestelike daad. Om te glo is totaal iets anders as om niks te doen nie. Om niks te doen nie, kan nooit geloof wees nie. Geloof in Christus is 'n baie spesifieke geestelike aksie. Maar dit is iets anders as om na die Wette van die Here te luister. Paulus sê by die Wet gaan dit om die daad van gehoorsaamheid wat volgens die Wet van God uitgevoer moet word. Ons glo nie jy mag nie steel nie. Ons steel nie! Ons glo nie ons mag nie moord pleeg nie. Ons pleeg nie moord nie!

As 'n ouer vir 'n kind sê hy moet sy huiswerk doen, moet hy nie antwoord deur te sê hy glo hy moet sy huiswerk doen nie. Hy moet luister. Hy moet sy huiswerk gaan doen. Om te glo hy moet huiswerk gaan doen, is nie gehoorsaamheid aan die opdrag nie. Om huiswerk te dóén, is gehoorsaamheid aan die opdrag. Só werk die Wet ook.

Om te glo dat Jesus vir jou sonde ly en sterf, is weer net glo in wat Jesus doen. Ons moet nie ly en sterf vir sondes nie. Hý doen dit. Ons glo in wat Hy vir ons is en wat Hy vir ons doen. Daarom is dit ook 'n opdrag in die Bybel: ons moet die evangelie glo. Ons moet glo, maar glo beteken nie ons moet ook doen wat die Here vir ons doen nie. Dit beteken ons moet ons vertroue stel in dít wat die Here vir ons doen en dit nie self probeer doen of ons vertroue in iets anders stel nie.

**Twee verskillende rigtings**

**Ons gehoorsaamheid is óns wat vir God iets doen en die evangelie is dít wat God vir ons doen**

Wie gehoorsaam die Wet van God en vir wie word dit gedoen? Gehoorsaam óns die Wet van God of gehoorsaam Gód die Wet van God?

As ons iemand anders se goed vat, is dit steel. En God? As God ons rykdom, ons besittings afneem, steel Hy? As ons 'n mens doodmaak, dan pleeg ons moord. Ons oortree die Wet van God. En God? As God 'n mens laat doodgaan, pleeg Hy 'n moord?

God kan nie die Wet onderhou of oortree nie, want die Wet is nie op Hom van toepassing nie. Dit is sy wet oor hoe ons Hom moet gehoorsaam. Dit is nie ons wette oor hoe God ons moet gehoorsaam nie.

Gehoorsaamheid aan God is iets wat ons vir God doen.

Die evangelie werk presies in die teenoorgestelde rigting. Jesus is self God. Hy is God wat in ons plek mens word:

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. [2] Hy was reeds in die begin by God. [3] Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie. [4] In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense. ... [14] Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid. (Johannes 1:1-4; 14)

Wat Jesus doen, is wat God vir ons doen.

**7. Twee soorte liefde: God se liefde vir ons en ons liefde vir God**
Waaroor gaan hierdie onderskeid en verskille tussen wet en evangelie en hoe pas hierdie twee dele van die Bybel by mekaar?

**Dit gaan oor liefde. Die evangelie is God se liefde vir sondaars en die wet is die wyse waarop mense God lief het. Dit is hoe wet en evangelie van mekaar verskil en in mekaar inpas!**

Dit is waaroor godsdiens in die hele Bybel gaan: God se liefde vir sondaars en sondaars se liefde vir God. God se liefde vir sondaars is heeltemal iets anders as die liefde wat mense vir God moet hê. Johannes stel hierdie verskil in 1 Joh.4:10:

> Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.

Die liefde wat God aan ons bewys, is dat Jesus vir ons sonde gesterf het. Jesus wat vir ons sonde sterf, is evangelie. Dit is wat ons in die Twaalf Artikels bely. Die evangelie is God se liefde vir sondaars. In die evangelie sien ons wie God vir sondaars is en wat God se liefde vir sondaars inhou. Daarom is God se liefde vir sondaars nie sommer net 'n goeie, jammerhartige gevoel of gesindheid nie. God se liefde vir sondaars is ook nie dat Hy hulle maar aanvaar net soos hulle is nie. God se liefde vir sondaars is die evangelie. Daar is geen ander soort liefde van God vir sondaars as die evangelie nie. Die evangelie is ook nie maar net een van die baie maniere waarop God sy liefde vir sondaars demonstreer nie. Die evangelie is die enigste liefde wat God vir sondaars het:

> God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. (Joh.3:16)

Ons liefde vir God is om sy gebooie te gehoorsaam. Dit is om sy wet te onderhou. Ons het God nie lief deur vir ander se sondes te sterf, te ly en uit die dood uit op te staan nie. Ons kan God ook nie lief hê deur onsself te laat ly, onsself te dood of onsself te kruisig nie. Ons liefde vir God bestaan daarin dat ons doen wat God vir ons in sy gebooie sê.

Hier het ons nog 'n manier om die inhoud van die Bybel te ontdek! Die hele Bybel, van Genesis 1 tot Openbaring 22, gaan oor liefde: God se liefde vir sondaars en hul liefde vir God. Teksverse wat oor die Wet en wetsonderhouding gaan, gaan oor ons liefde vir God en teksverse wat oor God se liefde vir sondaars gaan, is die evangelie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

# HOOFSTUK 2 VERLOSSING: REGVERDIGMAKING NET DEUR DIE EVANGELIE SONDER DIE WET

God maak sondaars en hul lewenswyse reg, net deur die evangelie sonder die wet. Dit is God se manier van vergifnis. Daarom is sondaars vir God reg, net deur geloof in die evangelie, sonder al die dade wat die wet eis. Dit is ongeloof in Christus om vir God reg te probeer wees of reg te leef deur dade soos bekering, oorgawe, gebede, jou sondes te bely, jou hart vir God te gee of God in jou lewe in te nooi.

**Hoe word ons verlos?**
Wat moet ons doen sódat God ons sondes vergewe? Wat moet ons doen sódat God ons as sy kinders aanneem? Wat moet ons doen sódat ons hemel toe en nie hel toe gaan nie? Wat moet óns doen om seker te wees ons is gered? Dit is die tipe vrae waarmee mense die hele tyd in Christelike kerke mee gekonfronteer word.

Hoe beantwoord mense hierdie vrae? Hoe word mense deur predikers en geestelikes geleer om hierdie vrae te beantwoord?

Die antwoorde wat gewoonlik gepreek en voorgehou word, klink só:

Jy moet om vergifnis vra.
Jy moet sê dat jy jammer is.
Jy moet berou hê oor jou sonde.
Jy moet glo dat jy vergewe word.
Jy moet beloof om dit nie weer te doen nie.
Jy moet probeer om dit nie weer te doen nie.
Jy moet volgens die Here se wil leef.
Jy moet volgens die Tien Gebooie leef.
Jy moet probeer om die Here lief te hê.
Jy moet die Here lief hê.
Jy moet Jesus in jou lewe innooi.
Jy moet tot bekering kom.
Jy moet God in jou lewe innooi.
Jy moet jou hart vir die Here gee.
Jy moet God aanneem.
Jy moet Jesus aanneem.
Jy moet die beheer van jou lewe aan Jesus gee.
Jy moet die Here op die troon van jou hart sit.
Jy moet gereeld bid.
Jy moet anders lewe.
Jy moet glo Jesus het vir jou sondes gesterf.
Jy moet groot gedoop word.
Jy moet ’n persoonlike verhouding met die Here hê

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**1.Vergifnis in die Bybel: die evangelie is die manier waarop God red**
Dít wat mense dink vergifnis is, is heeltemal iets anders as die vergifnis van God wat die Bybel aan ons bekend maak. In sy brief aan die gelowiges in die stad Rome wys Paulus ons hoe God ons vergewe:

> 16 Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood, maar ook die nie-Jood. 17 In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo. Dit is soos daar geskrywe staan: "Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe". (Rom. 1:16,17)

In Romeine 1 verse 1 tot 6 gee Paulus vir ons 'n kort opsomming van die evangelie. Nou weet ons wat hy bedoel as hy praat van "die evangelie". Dit is die inhoud wat die vroeë kerk vir ons in die apostoliese geloofsbelydenis saamgevat het. Paulus sê hy is nie skaam vir die evangelie nie, want die evangelie is die krag waardeur God mense red. Dit is die manier waarop God mense red. God red mense deur die evangelie. Die evangelie is nie maar net 'n idee oor God nie. Dit is ook nie maar net 'n mooi belewenis van God nie. Die evangelie is God wat optree en werklik iets met ons doen. Hy red sondaars deur die evangelie.

In Romeine 1:17 sê Paulus dat God in die evangelie mense iets oor God laat ontdek. Dit is wat die frase "kom juis tot openbaring" beteken. God laat mense 'n ontdekking oor God maak. "Openbaring" is 'n ontdekking van wie God is en wat God doen. Die ontdekking is dat "God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo."

**2.Vryspreek is regverdigmaak: dit sluit alles in wat God vir ons doen**
Die woord "vryspreek" is nie 'n goeie vertaling van wat Paulus hier sê nie. Die 1979-vertaling was: "dat die geregtigheid wat God skenk, van begin tot einde 'n saak van geloof is", terwyl die 1933-vertaling gelees het : "Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe."

In die Bybel is die vergifnis deur God geregtigheid wat God aan sondaars skenk. Vergifnis in die Bybel gaan oor God wat sondaars regverdig maak. Dit is iets heeltemal anders as God wat sommer sê wat ons gedoen het, maak nie saak nie;
of, Hy sal sommer maar vergeet wat ons gedoen het;
of, dit wat ons gedoen het, is nie so erg nie, dit maak nie regtig so baie saak nie;
of, Hy weet ons is sondaars en sukkel, maar Hy aanvaar ons net soos ons is.

God aanvaar ons nooit sommer maar net soos ons is, net omdat ons nie anders kan as om sonde te doen nie. God gee sy liefde net aan mense wat sy liefde waardig is en aan hulle wie se liefde Hom as God eer. Vergifnis in die Bybel gaan oor liefde. Vergifnis in die Bybel beteken God mááк ons waardig om sy liefde te kan ontvang en mááк dat ons liefde weer vir Hom ontvanklik is.

Hierdie wyse waarop God ons reg**maak** om sy liefde te kan ontvang en ons liefde weer reg te mááк om deur Hom ontvang te kan word, is die godsdienstige inhoud wat in die Bybel "regverdigmaking" genoem word.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**Die manier waarop God ons volgens die Bybel vergewe, is om ons en ons lewe vir sy liefde reg te maak**

Vergifnis beteken God maak ons regverdig. Hy maak ons as sondaars reg om te mag en te kan deel in sy liefde vir ons en Hy maak dat ons liefde as sondaars vir Hom reg is. Die manier waarop God vergewe, is om ons en dit wat ons doen vir Hom reg te laat wees, soos Hy dit wil hê. Daarom beteken die Griekse woord wat Paulus hier vir vergifnis gebruik: God maak ons en ons lewenswyse vir God reg.

.

As God regmaak, dan maak hy alles reg. Daarom sluit hierdie woord "regverdigmaking" of "geregverdig" alles in wat God vir ons doen om ons te red: vergifnis, kindskap van God, sekerheid van sy genade, sy volle liefde, ons lidmaatskap van sy kerk en die ewige lewe.

**3.Regverdigmaak beteken nie korrek maak nie**

Daar is 'n verskil tussen om korrek te wees en om regverdig te wees. Korrektheid gaan oor foutloosheid. Om foutloos te wees beteken allermins nog om volkome lief te hê. Regverdigheid gaan oor die regte soort liefde. Daarom word die woord "regverdige" in die Bybel gebruik vir die persoon wat God en sy naaste op die regte wyse liefhet. Geregtigheid is om ten volle lief te hê volgens die wil van God soos Hy dit in sy gebooie eis:

> 'N PSALM van Dawid. HERE, wie mag vertoef in u tent? Wie mag woon op u heilige berg? [2] Hy wat opreg wandel en geregtigheid doen, en wat met sy hart die waarheid spreek; [3] wat nie rondgaan met laster op sy tong nie, sy vriend geen kwaad doen en geen smaadrede uitspreek teen sy naaste nie; [4] in wie se oë die verworpene veragtelik is, maar hy eer die wat die HERE vrees; al het hy gesweer tot sy skade, hy verander nie; [5] wat sy geld nie gee op woeker en geen omkoopgeskenk aanneem teen die onskuldige nie. Hy wat hierdie dinge doen, sal nie wankel in ewigheid nie." (Psalm 15; 1933-vertaling)

In Deuteronomium 6 word dit só gestel:

> "[25] En dit sal geregtigheid vir ons wees as ons sorgvuldig al hierdie gebooie hou voor die aangesig van die HERE onse God soos Hy ons beveel het." (1933-vertaling)

**Regverdig maak beteken God maak ons heeltemal reg om sy liefde te ontvang en Hy maak dat ons liefde vir Hom heeltemal reg is.**

God maak sondaars deur die evangelie weer regverdiges: mense wat God kan liefhê en wie se liefde vir God weer reg is. Dit is wat met ons gebeur as God ons regverdig maak. Die woord "geregverdig", in die passief, wys dat God alleen alles gedoen het om ons vir die liefde wat Hy gee en die liefde wat Hy van ons verwag, reg te maak. Daarom dui die woord "vryspraak" in Romeine 1 verse 16 en 17 op die manier waarop God ons red, vergewe, sy kinders maak en hemel toe vat.

Dit is hoe ons die Bybel moet lees! Elke keer as ons die woord "vryspraak" in die Afrikaanse vertalings lees, beteken dit: "Alles is volgens God se liefde reg gemaak: ons is reg gemaak en ons lewenswyse vir die Here is reg gemaak." Die Nuwe Afrikaanse vertaling het die woord "geregverdig" heeltemal weg vertaal en daarmee gepaardgaande het woorde soos

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

"regverdige" en "geregtigheid" ook feitlik verdwyn. Daarom is dit goed om gebruik te maak van vertalings in ander tale waarin hierdie woorde behou is, want dit is die woorde waarmee die evangelie in die Bybel verduidelik word. In hierdie boek maak ons wel gebruik van die Nuwe Afrikaanse Vertaling, maar waar die woord "geregverdig" of "regverdigmaking" ter sprake kom, sal dit telkens bygevoeg word.

**4.Enkel en alleen glo, beteken nét glo, níks anders nie**

Wanneer ons sê die lug is nét blou, watter ander kleur is dit nog? Of as ons sê die wolke is nét wit, watter ander kleur is dit nog? Dit is juis nie 'n ander kleur nie. "Net", beteken net hierdie een en niks anders nie.

Die manier waarop God ons regverdig maak en regverdig laat wees, is nét deur geloof in die evangelie:

1. Deur niks anders as nét die evangelie nie; en
2. deur niks anders te doen as net om deur die evangelie te gló nie.

Moet ons die wet ook onderhou om God se vergifnis te ontvang, kinders van God te word of hemel toe te gaan?

Kom ons herhaal die lys wat aan die begin van die hoofstuk ter sprake was:
Moet ons ook om vergifnis vra, jammer sê, berou oor ons sonde hê, beloof om nie weer sonde te doen, probeer om nie weer sonde te doen nie? Moet ons volgens die Here se wil leef, volgens die Tien Gebooie leef, probeer om die Here lief te hê, die Here lief hê, Jesus in ons lewe innooi, tot bekering kom, God in ons lewe innooi, ons hart vir die Here gee, God aanneem, Jesus aanneem, die beheer van ons lewe vir Jesus gee, die Here op die troon van ons hart sit, gereeld bid, anders lewe, groot gedoop word en 'n persoonlike verhouding met God hê om vir God reg te wees, met ander woorde, om vergewe te word?

Toets dit weer aan die wyse waarop God vergewe:

> [17] In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek (regverdig maak) enkel en alleen omdat hulle glo. Dit is soos daar geskrywe staan: "Elkeen wat deur God vrygespreek is (regverdig gemaak is) omdat hy glo, sal lewe." (Romeine 1)
> [Invoegings tussen hakies deur outeur]

**5.Ons kry regverdigmaking sonder wetsonderhouding**

Om regverdigmaking net deur geloof te ontvang, beteken ons ontvang dit sonder enige vorm van wetsonderhouding. Paulus stel dit só in Romeine 3:21,22,27,28:

> " [21] Maar nou het die vryspraak (*regverdigmaking)* deur God waarvan die wet en die profete getuig, in werking getree. Dit is die vryspraak (*regverdigmaking*) wat nie verkry word deur die wet te onderhou nie, [22] maar deur in Jesus Christus te glo. God gee dit sonder onderskeid aan almal wat glo ... [27] Het ons nou iets uit onsself om op te roem? Nee, dit is uitgesluit. Deur watter wet? Dié van die werke? Nee, deur dié van die geloof. [28] Ons betoog is tog dat 'n mens (*geregverdig word deur God*) vrygespreek word omdat hy glo, nie omdat hy die wet onderhou nie."[Invoegings deur outeur]

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Ons word nie vir God reg deur die wet te onderhou nie. Ons is vir God regverdig deur in Christus te glo! Die Bybel is duidelik. God gee regverdigmaking sonder dat ons die wet onderhou.

Dit beteken ons kan en mag nie probeer om vir God reg te wees deur te glo én deur die wet te onderhou nie. "Nie deur die wet te onderhou nie", kan nooit beteken om óók die wet te onderhoud nie. Nét glo en níe die wet onderhou nie, kan nooit beteken dat ons moet glo én die wet onderhou om geregverdig te word te word nie. "Nie" is nooit maar dieselfde as "en" nie.

Daarom kan regverdigmaking of vergifnis nooit ontvang word deur te glo én jammer te sê nie, deur te glo én berou oor ons sonde te hê nie, deur te glo én te beloof om nie weer sonde te doen nie, deur te glo én te probeer om nie weer sonde te doen nie, deur te glo én volgens die Here se wil te leef nie, deur te glo én volgens die Tien Gebooie te leef nie, deur te glo én te probeer om die Here lief te hê nie, deur te glo én die Here lief te hê nie, deur te glo én Jesus in jou lewe in te nooi nie, deur te glo én tot bekering te kom nie, deur te glo én God in ons lewe in te nooi nie, deur te glo én ons hart vir die Here te gee nie, deur te glo én God aan te neem nie of Jesus aan te neem nie, die beheer van ons lewe vir Jesus te gee nie, die Here op die troon van ons hart te sit nie, deur te glo én gereeld te bid nie, deur te glo én anders te lewe nie, deur te glo én groot gedoop te word nie en deur te glo én 'n persoonlike verhouding met God te kry nie.

Al hierdie dade noem die Bybel werke van die wet. Dit is tog duidelik: om die Tien Gebooie te gehoorsaam, om volgens God se wil te leef, is wetsonderhouding. Net so is ons liefde en wetsonderhouding nie verskillende sake in die Bybel nie, maar presies dieselfde saak. Daarom is "om die Here lief te hê" wetsonderhouding.

Sinne soos "om God in jou lewe in te nooi", "'n persoonlike verhouding met God te hê", "God aan te neem en jou hart vir die Here te gee", is maar net verskillende maniere om te sê jy het God lief. Daarom is hierdie dade volgens die Bybel wetsonderhouding of werke van die wet.

Dit is die Tien Gebooie wat jou wys wat jy verkeerd doen en dat jy daaroor moet berou hê, jammer wees, dit moet uitlos, anders moet optree, beloof om anders te leef en jou van die verkeerde na die regte lewenswyse moet bekeer. Daarom is al hierdie dade volgens die Bybel wetsonderhouding en werke van die wet.

Regverdigmaking sonder wetsonderhouding beteken dat ons net glo, sonder om enige een van hierdie dade ook te doen. Ons mag nie ook een van hierdie dade doen om vergewe te word nie. Die Here se manier van vergewe is nét deur geloof in die evangelie sónder wetsonderhouding.

Alle maniere wat sê "jy moet glo én nog iets anders doen", is verkeerd.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die Here se manier is net glo, sonder ’n “en”. Dit is nét glo, sonder wetsonderhouding. Glo sonder ’n “en” kan nooit dieselfde wees as glo én wetsonderhouding nie. Dit is net glo sonder dade van die wet.

**6.Die evangelie maak ’n einde aan die wet as die manier om reg te wees**

Wat maak die evangelie met die wet as ’n manier om vir God regverdig te word?

Paulus antwoord só in Romeine 10:1-4:

> [1]Broers, my hartewens en my gebed tot God vir my volk is dat hulle gered word, [2] want ek kan van hulle getuig dat hulle vol ywer vir God is, maar sonder die regte insig. [3] Hulle het hulle nie gesteur aan die manier waarop God mense vryspreek *(regverdig maak*) nie. Hulle wil niks van God se manier van vryspraak (*regverdigmaking*) weet nie; hulle probeer dit op hulle eie manier kry. [4] Christus is tog die einde van die wet, sodat elkeen wat glo, vrygespreek (*deur God geregverdig*) kan word.[Invoegings deur outeur ter wille van verduideliking]

**Christus is die einde van die wet.**

Dit beteken dat Christus self, en deur dít wat Hy vir ons doen, ’n einde maak aan die wet as ’n manier om regverdig te word. Wie se manier is dit om, as ’n manier om gered te word, ’n einde aan die wet te maak? Dit is God se manier van regmaak.

Wanneer God aan die wet ’n einde maak, dan beteken dit God laat dit nie meer tel of werk as ’n manier om ons reg te laat wees nie. God het dit afgeskaf as ’n manier om vir Hom reg te wees. God trek ’n streep deur die wet as die wyse waarop Hy mense regverdig maak. Dit beteken dat God self die volgende doen met die wyse waarop mense regverdigmaking deur God aanvaar:

**Die evangelie**

Ek glo in God die Vader, die Almagtige,
die Skepper van hemel en aarde;
en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here,
wat ontvang is van die Heilige Gees,
gebore uit die maagd Maria;
wat gely het onder Pontius Pilatus,
gekruisig is,
gesterf het
en begrawe is,
en neergedaal het na die hel,
wat op die derde dag opgestaan het uit die dood;
opgevaar het na die hemel en
sit aan die regterhand van God,
die almagtige Vader,
vanwaar Hy sal kom om die lewendes
en die dooies te oordeel.
Ek glo in die Heilige Gees;
ek glo aan ’n heilige, algemene, Christelike kerk, ,
die gemeenskap van die heiliges;
die vergewing van sondes;
die opstanding van die liggaam
en ’n ewige lewe.

**Die Wet**

Toe het God al hierdie gebooie aangekondig: [2] “Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het.
[3] Jy mag naas My geen ander gode hê nie.
[4] “Jy mag nie vir jou ’n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo ...
[5] Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My ...
[7] “Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie
[8] “Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou ...
Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk ...
[12] “Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee.
[13] “Jy mag nie moord pleeg nie.
[14] “Jy mag nie egbreuk pleeg nie.
[15] “Jy mag nie steel nie.
[16] “Jy mag nie vals getuienis teen ’n ander gee nie.
[17] “Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie ’n slaaf of slavin, ’n bees of ’n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie.”

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Jy moet om vergifnis vra. Jy moet sê dat jy jammer is.
Jy moet berou hê oor jou sonde. Jy moet glo dat jy vergewe word.
Jy moet beloof om dit nie weer te doen nie. Jy moet probeer
om dit nie weer te doen nie .Jy moet volgens die Here se wil leef.
Jy moet volgens die Tien Gebooie leef. Jy moet probeer om
die Here lief te hê. Jy moet die Here lief hê. Jy moet Jesus
in jou lewe innooi.Jy moet tot bekering kom.Jy moet God.
in jou lewe innooi. Jy moet jou hart vir die Here gee.
Jy moet God aanneem. Jy moet Jesus aanneem.Jy moet die beheer.
van jou lewe vir Jesus gee. Jy moet die Here op die troon.
van jou hart sit. Jy moet gereeld bid Jy moet anders lewe.
Jy moet glo Jesus het vir jou sondes gesterf.
Jy moet groot gedoop word. Jy moet ’n persoonlike verhouding
met die Here hê.

Net glo in die evangelie

Wie doen dit? God doen dit. Dit is God se manier!

**7. Hoekom doen God dit so?**

Omdat ons magteloos is! Ons het nie die vermoë om God en ons naaste reg lief te hê nie. Dit is wat ons volgens die Bybel erken as ons erken dat ons sondaars is. Ons is nie mense wat God en ons naaste liefhet en maar net sukkel om ons liefde te bewys, uit te druk of soms foute maak in ons poging om lief te hê nie. In onsself wil ons sonder God leef en niks met God te doen hê nie. Ons wil nie regverdiges wees nie. Ons wil nie deur God voorgesê word hoe liefde is en hoe ons moet liefhê nie. Ons sal en wil self besluit wat liefde is en hoe ons wil lief hê. Hierdie houding om sonder God self te besluit wat en hoe ons sal liefhê, noem die Bybel goddeloosheid. Daarom stel Paulus die Here se vergifnis in Romeine 5:6-8 só:

> [6] Toe ons nog magteloos was, het Christus immers reeds op die bestemde tyd vir goddeloses gesterwe. [7] ’n Mens gee tog nie sommer jou lewe prys nie, selfs nie vir ’n regverdige nie. Ja tog, vir ’n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe. [8] Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.

God maak ons regverdig, reg vir sy liefde en ons liefde reg vir Hom, net deur die evangelie. Dit doen Hy met ons terwyl ons in onsself goddeloos is. Dit wil sê, terwyl ons nie die wil of die lus of die vermoë het om Hom en ons naaste lief te hê nie.

God doen dit só omdat dit nie anders kan werk nie. Ons kan nie self reg wees vir God nie. Ons kan nie self regverdig wees vir God nie. Ons kan nie Hom, onsself of ons naaste liefhê soos Hy wil hê dit moet geskied nie. Dit is tog wat dit beteken as ons sê ons doen sonde en ons is sondaars. Paulus stel dit só in Romeine 3:9-12:

> Waarop kom dit neer? Is ons as Jode dan beter as ander? Glad nie, want ons het al bewys dat Jode en nie-Jode almal in die mag van sonde is.[10] Daar staan immers geskrywe: “Daar is nie een wat regverdig

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> is nie, selfs nie een nie. [11] daar is nie een wat verstandig is nie; daar is nie een wat na die wil van God vra nie. [12] Almal het afgedwaal, almal het ontaard. Daar is nie een wat goed doen nie, selfs nie een nie.

Ons magteloosheid beteken dat ons niks wat die wet sê ons moet doen, reg kan doen nie. Daarom kan ons dit nie vermag om daardeur vergewe te word nie. Ons kan nie deur iets wat ons tog verkeerd doen deur God vergeef word nie! Wat ons doen vir vergifnis, werk net nie, want ook dít doen ons verkeerd.

**8. Hoe moet ons vergifnis verkry deur iets wat ons doen, as ons dit nie kan doen nie?**

**A. Om vergifnis verkry deur te vra, werk nie**.
As ons sê ons moet vergifnis kry deur vir vergifnis te vra, dan beteken dit mos as ek nie vra nie, kry ek nie! Vra ons om vergifnis vir elke sonde wat ons doen? Wat word van díe sondes waarvan ek vergeet het om voor vergifnis te vra, of van die sondes wat ek gewoon net nie glo dit was verkeerd gewees nie, of dié wat ek onwetend begaan het en nie eers aan dink nie? Hierdie manier van vergifnis verwerf, kan nie werk nie! Ons is magteloos om op hierdie manier God se vergifnis te laat werk.

**B.Om vergifnis te verkry deur gehoorsaamheid werk nie**
As ons sê ons manier om vergifnis te kry, is om die Tien Gebooie te gehoorsaam, om te doen wat die Here sê, dan beteken dit mos ons moet dit doen presies sóós die Here sê. As ons dit nie só doen nie, dan werk dit nie. Wie gehoorsaam God so dat hulle kan sê hulle doen alles wat Hy sê presies soos Hy dit sê? Ons luister nie só na Hom nie. Boonop kan jy nie dit wat verkeerd gedoen is, regstel deur iets anders te doen wat goed is nie. Jy moet in elk geval goed doen, goeddoen is nooit 'n manier om verkeerdheid reg te stel nie. Straf vir wat verkeerd is, kan nie met goeie dade uitgekanselleer word nie. Vra maar vir enige iemand wat 'n misdaad erken en beloof om goed te doen in die toekoms! Dit vat nie die straf weg nie. Ook nie in godsdiens die. Ons is magteloos om op hierdie manier God se vergifnis te laat werk.

**C.Om vergifnis te verkry deur liefde werk nie**
Sonde beteken dat ons die Here nie liefhet nie. Om sondaars te wees, beteken ons kan Hom nie liefhê soos Hy dit vra nie. Nou hoe kan ons nog vergifnis kry deur iets te moet doen wat ons nie kan doen nie? Daarom moet ons deeglik besef wat ons bedoel as ons sê ons het ons hart vir die Here gegee, of ons het ons lewe vir die Here gegee, of ons het Hom aangeneem. Dit is gewoonlik alles maar woorde wat sê dat ons God liefhet. Hoe? Soos óns wil en kan? Of soos Hý sê dit moet wees? Hoe kan ons vergewe word deur vir God te sê Hy moet ons liefde aanvaar soos dit is en Hy moet nie vir ons sê hoe dit moet wees nie? As ons Hom nie werklik liefhet soos Hy van ons verwag nie, hoe kan ons dit as 'n manier voorhou waarop Hy ons moet aanvaar? Dit kan nie so werk nie. Ons is magteloos om op hierdie manier God se vergifnis te laat werk.

**D.Om vergifnis te verkry deur bekering werk nie.**
Kan ons vir God sê ons is reg, want ons het ons bekeer? In omgangstaal beteken "bekeer" ek het 'n slegte lewe gestaak, of 'n verkeerde gewoonte afgelê en met die regte lewe of 'n goeie

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

gewoonte begin. Hoe bekeerd is ons? Het ons alles gelos wat verkeerd is en doen ons nou net alles wat reg is? Dit sou volledige bekering beteken! Kan ons vir God sê dat ons vir Hom reg is al los ons net party verkeerde dinge en doen ons net party goed reg? Dit maak ons nie reg nie. Ons bly nog altyd verkeerd, maak nie saak hoeveel keer ek tot bekering kom nie. Daar sal altyd meer goed wees wat ek verkeerd doen as wat ek reg doen terwyl ek my bekeer. Maar selfs my beste bekering kan nooit 'n bekering wees waarin ek my van alles wat verkeerd is bekeer en my wend tot alles wat reg is nie. Ons kan nie só bekeer dat ons bekering volgens die wil van God reg is nie. God kan nie my bekering as reg aanvaar net omdat ek party goed reg probeer doen nie. Bekering as 'n manier om vergifnis te ontvang, werk nie. Ons is magteloos om bekering as 'n manier om vergewe te word, te laat werk.

**E.Om vergifnis te verkry deur te probéér reg doen werk nie**

Waarmee is iemand besig wat probeer om op te hou rook? Hy is nog besig om te rook! Iemand wat opgehou het, probeer nie meer nie. Waarmee is iemand besig wat probeer om eerlik te wees? Hy is nog oneerlik! Waarmee is iemand besig wat probeer om nie sonde te doen nie en reg te leef? Hy is nog met sonde besig en hy is nog besig om nie reg te leef nie! Hoe kan ons vir God sê Hy moet ons aanvaar as reg, terwyl ons nog verkeerd is en steeds aan die probeer is? Dit beteken ons sê God moet ons as reg aanvaar al is ons verkeerd – net omdat ons probeer. Hierdie manier om vergewe te word, werk nie. Ons is magteloos om hierdie manier van vergifnis te laat werk.

**Gevolgtrekking:** Dit is hoekom God ons sonder die wet, net deur die evangelie regverdig. Ons kan nie op 'n ander manier vir God reg wees nie. Ons is magteloos om op enige ander manier self vir God reg te wees en reg te leef. Ons het geen ander manier om ons en ons liefde vir Hom reg te laat wees nie.

Dít is wat redding beteken. Ons kan nie. Hy kan. Hy laat iets vir ons gebeur wat ons nie kan laat gebeur nie. Hy laat ons en ons lewenswyse vir Hom reg wees deur die evangelie.

**9. Die geloof van moderne Christelikheid: hul geloof én bekering is ongeloof.**

Wat noem die Bybel dit as mense deur geloof én bekering, geloof én sondebelydenis, geloof én om hulle hart vir God te gee, gered wil word, vergewe wil word of kinders van God wil wees?

Paulus spreek hierdie houding aan in Galasiërs 2:16-21

> Ook ons het tot die geloof in Christus Jesus gekom, en dit is hoe ons vrygespreek is: deur in Christus te glo en nie deur die wet te onderhou nie, want geen mens word vrygespreek (*geregverdig*) op grond daarvan dat hy die wet onderhou nie. ... 18Maar as ek die bepalings van die wet wat ek nietig verklaar het, weer laat geld, dan maak ek myself daarmee tot 'n oortreder.... 21Ek verwerp nie die genade van God nie. As 'n mens vrygespreek kon word op grond daarvan dat hy die wet onderhou, sou dit immers beteken dat Christus verniet gesterwe het..

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Paulus stel dit eers weer uitdruklik dat die apostels, wat almal Jode is en daarom met die wet grootgeword het en die wet van God ken, weet dat hulle nie vergewe word, nie vir God reg is en nie kinders van God deur die wet is nie. Hulle wat Jode is, en hulle lewenswyse, is net soos die nie-Jode, wat sonder God se wet grootgeword het, vir God reg nét deur die evangelie.

Dan maak hy drie stellings oor wat gebeur as jy dade wat met onderhouding van die wet verband hou, weer laat tel as die manier om deur God vergewe te word en reg te wees:
1) Jy maak jouself dáármee tot oortreder en
2) deur hierdie dade verwerp jy die genade van God
3) deur hierdie dade maak jy Christus se sterwe tot niet.

Om te glo én te bekeer, te glo én sonde te bely, te glo én God in jou lewe in te nooi, te glo én jou hart vir God te gee, is om die bepalings van die wet weer te laat geld as die wyse om vir God reg te wees en reg te leef. Want al hierdie dade is dade van die wet. Daarom beteken al hierdie sinne: “ons aanvaar God se genade deur die evangelie én die wet”.

Volgens Paulus maak hierdie “én”-wyse om God se regverdigmaking te aanvaar, mense weer tot oortreders. Dit is tog duidelik. As God ons net deur die evangelie reg maak, dan maak God alles reg. Dan is ek glad nie meer voor God ’n oortreder nie. Maar as ek, om vir God reg te wees, ook bekeer, sondes bely, my lewe, hart vir God gee, of God in my lewe innooi, dan maak ek myself deur hierdie dade weer ’n oortreder. Geen mens kan hierdie dade só reg doen dat dit vir God goed is nie. Die dade wat ek doen om God se genade te aanvaar, maak my net nog verder skuldig.

As ek hierdie dade wil doen om God se genade te ontvang, dan moet ek dit volmaak doen en dit op so manier doen dat dit kan vergoed vir al die ander dade wat verkeerd was. En dit is nie moontlik om enige sonde só te kan bely, enige nuwe belofte vir God só te kan maak of enige iets van jouself só vir God te kan gee nie. Daarom sê Paulus dat as jy deur hierdie dade, saam met geloof God se genade wil ontvang, verbeur jy dit en maak jy jouself met die dade waarmee jy God se genade aanvaar net nog ’n groter oortreder.

Ten derde het Christus gesterwe sodat sondaars en hul lewens net deur sy dood vir God reg is. Christus het nie gesterwe om ons te help om die wet te onderhou nie. Christus het gesterwe sodat ons nie meer die wet hoef te onderhou om vir God reg te wees nie. Indien ons onsself vir God wil laat reg wees deur geloof én bekering, dan was die wyse waarop Christus Homself aan die dood oorgegee het om ons sonder die wet vir God reg te maak, tevergeefs.

Paulus noem geloof én bekering as wyse om God se genade te aanvaar die verwerping van God se genade, die nutteloos-maak-van-Christus en om jouself ’n oortreder by God te maak. Iemand wat homself by God ’n oortreder maak, Christus nutteloos maak en God se genade verwerp, maak homself verlore vir God.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Moderne Christelikheid is nie godsdiens nie. Dit is ’n geestelikheid. Godsdiens is die diens aan en van God. Geestelikheid is net die mens se selfervaring van sy eie gees.

Moderne Christelikheid is die heersende geestelikheid in die wêreld vandag. Ons gaan hoofstuk vir hoofstuk hierdie Christelike geestelikheid aan die orde stel en aan die hand van die inhoud van die Bybel beskryf. Die belangrikste kenmerk van moderne Christelikheid is dat dit die wyse is, wat die Bybel só uitwys, as die manier waarop mense hulleself vir God verlore laat gaan. Maar moderne Christelikheid glo en verkondig hierdie manier waarop mense regtig vir God verlore gaan, as die wyse waarop mense God se genade moet aanvaar en ontvang. Hierdie geestelikheid verkondig verlorenheid vir God as vergifnis, redding en kindskap van God!

Dit is heel duidelik as ’n mens Paulus se stellings vergelyk met dít wat dié geestelikheid die “sondaarsgebed” noem. Die sondaarsgebed is die gebed waardeur al die moderne Christelike geestelikes mense lei om God se genade te aanvaar. Aan die einde van elke groot herlewing, kruistog, opwekking of persoonlike konfrontasie stel hulle dat mense hierdie gebed moet bid om God se genade te kan ontvang:

> Here, ek erken dat ek ’n verlore sondaar is. Ek aanvaar dat Christus vir my sondes aan die kruis gesterf het. (en) Ek bely al my sondes vir U. Ek lê voor U al my sondes af en beloof om in U weë te wandel. Ek gee my hart en lewe vir U en nooi U om persoonlik in my lewe in te kom. Ek gee aan U die troon van my hart. Kom in, Here!

Op watter manier wys hierdie gebed aan mense hoe om God se genade te aanvaar? Dit is geloof én dade van die wet. Dit is geloof en mý belydenisse, oorgawes, verklarings, ondernemings, beloftes en uitnodigings. Dit is die evangelie én die wet. Hierdie is die wyse waarop Christus as enigste weg tot regverdigmaking nutteloos gemaak word en God se genade nét deur die evangelie verwerp word. Hierdie gebed is hoe mense hulle- self oortreders vir God maak.

Die moderne Christelikheid preek ongeloof in Christus as die wyse waarop God se genade ontvang moet word. Dit is die kern en wese van die moderne Christelikheid teenoor die geloof in Christus: hulle verkondig dat God deur die evangelie én die wet mense reg- maak. Die moderne Christelikheid vervang die regverdigmaking deur Christus met ’n regverdigmaking wat Christus nutteloos maak: ongeloof in nét Christus alleen.

**10.God red ons van ’n ongeloof wat nie werk nie en waardeur ons verlore is**

Kom ons toets onsself. Hoe kon ons ons lewe vir die Here gegee het, ons hart vir die Here gegee het, tot bekering gekom het, die Here in ons lewe ingenooi het en geglo het dat dít ook ons saak met God reggemaak het?

Hoe kon ons geglo het ons het kinders van God geword en dat ons die ewige lewe het omdat ons ook ons sondes bely het, ons sonde berou het en beloof het om vir die Here leef?

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Watter tipe geloof is dit wat glo dat jy ook al hierdie dinge moet doen om vergewe te word?

Want dit wat ons só glo, is gewoon net nie waar! Maak nie saak hoe opreg ek só glo nie! Maak nie saak hoe ernstig ek só glo nie! Die Bybel wys dat dit ongeloof is. Om opreg en ernstig te glo wat volgens die Bybel verkeerd is, maak my geloof in wat ek doen nie reg nie. Ons kan nooit deur God vergewe word soos wat die geestelikes dit aan ons voorhou nie, want hulle leer ons moet ook ons lewe vir God gee, ons moet ook berou hê oor ons sonde, ons moet ook ons hart vir die Here gee, ons moet ook God in ons lewe innooi. Ons kan nooit op al hierdie maniere wat hulle aan ons voorhou kinders van God word nie. Ons kan die ewige lewe nie só ontvang nie. Al glo ons dit kán so werk en al glo ons dit het regtig gebeur omdat ons glo dat dit werk. Dit werk nie so nie. God laat dit nie só werk nie.

Daar is ’n paar redes hoekom mense bly glo dat hulle vergewe is juis omdat hulle al hierdie geestelike dade gedoen het.

Een van die redes is dat predikante, professore, pastore of geestelike ooms of tannies gesê het dat dit is hoe dit volgens die Bybel werk. Dit is gewoon nie waar nie. Dit is glad nie wat die Bybel leer nie. Die Bybel sê uitdruklik dit kan nooit só werk nie. Mense het dus in ’n leuen geglo omdat daar vir hulle vertel is dat hierdie leuen God se waarheid is. Vergifnis kan nie vir mense werk soos wat vir hulle gesê word dit werk nie, terwyl dít wat vir hulle gesê is, ’n versinsel is. Om ’n versinsel te glo, maak nie dat ’n versinsel werk nie.

Hoe kan mense op so ’n manier so maklik oor God mislei word? Oor sake wat gaan oor kindskap van God, redding, vergifnis en die ewige lewe? As ons nou eerlik met onsself wil wees, kan ’n mens ooit seker wees dat jy vir God reg is omdat jy jou bekeer het en jou sondes bely het? Kan ’n mens ooit seker wees dat jy ’n kind van God is omdat jy die Here in jou lewe ingenooi het, jou hart vir Hom gegee het of jou lewe aan Hom oorgegee het? Dít terwyl jy weet dat wat jy doen, nooit regtig is soos wat dit moet wees nie!

Nou hoekom probeer soveel mense dan sekerheid oor hul vergifnis, hul kindskap van God en die ewige lewe vind op ’n wyse wat nooit sekerheid kan bied nie? En hoe hou hulle dit voor as sekerheid, terwyl die manier waarop hulle dit probeer kry net onsekerheid waarborg?

Paulus stel dit só in Romeine 10:14,15:

> 14 Maar hoe kan ’n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? 15 En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie? Daar staan ook geskrywe: “Hoe wonderlik klink die voetstappe van dié wat die goeie boodskap (*evangelie*) bring.

Omdat die evangelie nooit aan hulle verkondig word as iets anders as wetsgehoorsaamheid nie! Omdat die wet as evangelie verkondig word! Omdat wetsgehoorsaamheid verkondig word as dade waardeur die evangelie aanvaar moet word!

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

As predikers die wet en wetsonderhouding preek, maar hulle sê dit is die Bybelse evangelie, hoe moet en kan lidmate weet God het 'n ander manier om sondaars te red? Hulle kan nie! Wanneer die wet gepreek en voorgehou word asof dit die evangelie is, wanneer al die geestelike dade, van sondebelydenis tot die innooi van God in jou lewe, gepreek en voorgehou word asof dit dieselfde as geloof in die evangelie is, dan kán lidmate niks anders doen as om deur hul liefde, bekerings, en oorgawes te probeer om God se vergifnis te verwerf nie.

As dit die enigste wyse van vergifnis is waarvan mense weet, dan móét hulle dit doodeenvoudig net máák werk. Want dit is al wat hulle het. Hulle weet van niks anders nie. Hulle glo hierdie verkeerde manier is God se manier omdat dit vir hulle so voorgesê word. Daarom móét hulle dit maar op 'n manier vir hulle laat werk. Anders is hulle verlore!

Dit is waarom die meeste mense naarstigtelik vashou aan hul bekeringsdatum, die dag toe hulle hul hart vir die Here gegee het, die ervaring toe hulle God in hul lewe ingenooi het, die belewenis toe hulle vir die eerste keer self verantwoordelikheid vir hul lewe teenoor God opgeneem het, die oomblik toe hulle vir die eerste keer besef het dat God 'n werklikheid is of aan die oomblik van verligting wat hulle oor God beleef het, al is dit waaraan hulle vashou tevergeefs. Al maak alles waaraan hulle vashou Christus en God se genade te vergeefs. As hulle dit los, is daar in hul gemoed niks anders om aan vas te hou nie.

Wat kan ons bevry om te ontdek dat ons manier waarop ons ons saak met die Here wou regmaak, 'n leuen is? Dit is die ontdekking van die evangelie!

Eers as ons die onderskeid wat God tussen sy wet en sy evangelie in die Bybel tref, ontdek – kan ons die manier waarop God ons regmaak, ontdek. Eers dan ontdek ons waarvoor ons die Here kan vertrou. Voor ons nie hierdie ontdekking oor die verskil tussen God se wet en God se evangelie maak nie, kan ons nie in Hom glo nie.

Wanneer ons nie die evangelie as 'n ander manier van redding ontdek as God se wet en ons liefdesdade nie, het ons niks anders as om ook in ons eie ervarings, oorgawes, insigte, wysheid, visioene, beredenerings, verligtings en bekerings te glo nie.

Dit is soos iemand wat besig is om in vloedwater weg te spoel en te verdrink en wat aan 'n stomp in die vloedwater vasklou. Solank daar niks anders is om aan vas te hou nie, sal so 'n persoon aan die stomp bly vashou. Al beteken dit dat hy met stomp en al gaan verdrink. Dit is tog beter om te verdrink terwyl jy glo jy doen alles wat jy kan om dit te keer, as wat jy verdrink terwyl jy weet alles wat jy doen is hopeloos.

Solank as wat so 'n drenkeling nie 'n reddingsboei kry om aan vas te gryp nie, is die stomp al waaraan hy kan vashou. Dit help nie om op so 'n persoon te skree dat dit nie werk nie. Net

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

die vastigheid en veiligheid van 'n reddingsboei kan hom van die stomp, waarmee hy besig is om te verdrink, laat afsien.

Die ontdekking van die evangelie as 'n ander manier waarop God vergewe as deur God se wet, is die enigste wyse waarop 'n mens jou kan losmaak en waarop jy kan begin sien dat jou bekering, jou oorgawe van jou hart, jou beredenerings, jou idee van God, jou berou, jou innooi van die Here, jou gehoorsaamheid en jou liefde, net 'n stomp is waarmee jy binne-in jou sonde gaan verdrink.

God se manier om jou en jou lewe vir Hom reg te maak is – die evangelie. Net Christus, net die evangelie, is God se reddingsboei. Dit is die werklike redding waaraan jy kan vashou! Nie jou manier nie. Nie die wet van God nie. Ook nie die evangelie én die wet nie.

Voor jy nie aan die evangelie alleen vasgryp met 'n ware geloof dat slegs dít God se manier is nie, sal jy nooit kan hoor of verstaan dat jou manier om vir God reg te wees, die manier is waarop jy besig is om vir God verlore te gaan nie. Om aan 'n reddingsboei én aan stompe in stormwater vas te kou, werk nie. Dit maak die boei, net Christus, nutteloos.

Redding in die Bybel gaan oor hoe God ons losmaak van die manier waarop ons vir God reg wil wees en daardeur vir God verlore is: Christus is die einde van die wet sodat dié wat in Christus glo, gered word sonder húl manier van redding: hul eie liefde vir God.

Moderne Christelikheid is die geestelikheid wat mense aan die stomp waarmee hulle in die vloed gaan verdrink laat vashou omdat die moderne Christelikheid aan mense voorhou dit is hul enigste ware redding! Moderne Christelikheid laat mense aan die boei én stompe vasklou, aan Christus én hulle geestelike dade volgens die wet. Hierdie ongeloof om aan Christus én die wet vas te hou, noem hulle in hulle ongeloof geloofsekerheid. Só laat hulle mense in geloofsekerheid oor hulle geestelike dade vir God se redding, nét deur Christus en nét deur geloof in die evangelie, verlore gaan. Hulle wil nie hulle stompe los nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

# HOOFSTUK 3 AFGODSDIENS IS GODSDIENSTIGE GODDELOOSHEID

Goddeloses haat dít wat volgens God se wet reg is en het dít wat volgens God se wet verkeerd is, lief. Daarom draai goddeloosheid altyd alles oor God en godsdiens om. Afgodsdiens is godsdienstige goddeloosheid. Alles wat God vir die kerk sê word omgedraai met alles waarmee God aanbid moet word: gebede, lof, dank, aanbidding en toewyding. Alles wat God vir die gemeenskap sê word omgedraai met die middele waarmee God in die gemeenskap gedien moet word: besittings, kennis, gemeenskap, arbeid, gemeenskap, tegniek en gesag.

Wat is afgodsdiens volgens die Woord van God? Afgodsdiens volgens die Bybel is baie meer as om net beeldjies van God te maak en te aanbid. As dit maar al is wat afgodsdiens sou wees, dan beteken dit dat as jy net al die beeldjies en prentjies van God wegvat en dit nie aanbid nie, dan is daar nie meer so iets soos afgodsdiens binne-in die mens se hart nie.

Dit is nie waar nie. Afgodsdiens gaan nie in die eerste instansie oor beeldjies en prentjies van God nie. Dit gaan oor die omkeer van die bedoeling van godsdiens binne-in die mens se hart, siel en verstand. Afgodsdiens is altyd iets binne-in die mens. Dit is nie iets wat buite die mens in beeldjies en prentjies bestaan nie.

Afgodsdiens is altyd die omkeer van godsdiens. Afgodsdiens is presies die teenoorgestelde van wat godsdiens is.

1.**Afgodsdiens is presies die teenoorgestelde manier van redding as God se manier van redding**

**Afgodsdiens draai alles om wat God doen en sê**

Dit is wat die Jode gedoen het met die manier waarop God mense regverdig maak. Hulle wou op presies die teenoorgestelde manier as wat God mense regverdig maak hulself reg laat wees vir God. Dit word só beskryf in Romeine 9:30 -10:4

> [30] Wat is nou ons gevolgtrekking? Dít: heidene het nie God se vryspraak gesoek nie, maar dit wel gekry- die vryspraak (regverdigmaking) deur die geloof. [31] Israel, daarenteen, het 'n wet gesoek waardeur hulle God se vryspraak (regverdigmaking) sou kon kry, maar by so 'n wet het hulle nie uitgekom nie. [32] Waarom kon hulle nie die vryspraak (regverdigmaking) kry nie? Omdat hulle nie op die geloof wou bou nie, maar op hulle eie prestasies. Hulle het oor die struikelblok gestruikel [33] waarvan daar geskrywe staan: "Kyk, Ek sit in Sion 'n klip neer waaroor 'n mens struikel, 'n rots waarteen jy jou stamp, maar wie in Hom glo, sal nie teleurgestel word nie." **10** Broers, my hartewens en my gebed tot God vir my volk is dat hulle gered word, [2] want ek kan van hulle getuig dat hulle vol ywer vir God is, maar sonder die regte insig. [3] Hulle het hulle nie gesteur aan die manier waarop God mense vryspreek (regverdig maak) nie. Hulle wil niks van God se manier van vryspraak

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> (regverdigmaking) weet nie; hulle probeer dit op hulle eie manier kry. [4] Christus is tog die einde van die wet, sodat elkeen wat glo, vrygespreek (geregverdig) kan word." [Invoeging tussen hakies deur die outeur]

Wie sê dat Christus die einde van die wet is? Dit is God wat dit vir ons sê! God sê vir ons dat ons nie die wet kan onderhou nie. God sê Hy gee 'n ander manier as die wet omdat die wet nie vir sondaars werk nie. God sê dat Hy 'n einde aan die wet maak as die manier waarop sondaars vir Hom reg is en reg leef.

In die teks hierbo verwys Israel na die Jode. Wat sê hulle? Hulle sê hulle sal volgens die wet van God vir God reg leef. Volgens die wet sal hulle vir God geregverdig wees. Hulle regverdig hulself vir God. Hulle bou op hul eie prestasies. Hierdie eie prestasies is hul bekerings, gebede, oorgawes, liefde, toewyding, aanbidding, lofprysing, sendingwerk en diens aan God volgens sy wet.

Wat doen hulle met God se manier? Paulus sê hulle steur hulle nie aan God se manier nie. Hulle steur hulle nie daaraan dat God sê hulle sal nooit die wet so kan onderhou dat hulle en hul lewe vir God reg is nie. Hulle steur hulle nie daaraan dat God 'n ander manier gegee het om sondaars vir Hom reg te laat wees en leef nie.

Wat maak hulle met die manier waarop God sondaars red? God sê Hy red sondaars sonder die wet net deur Christus. Hy maak sondaars regverdig net deur hul geloof in Christus, sonder dat hulle enige vorm van liefde vir God het. Maar hulle sê vir God hulle ís vir God regverdig deur die wet. Hulle sê vir God hul liefde ís vir God reg.

Elke keer as die Here sê dit is sy manier om hulle sonder die wet net met Christus reg te maak, sê hulle vir God dat hulle hulself met die wet sonder Christus reg sal laat wees vir God.

Hulle draai God se manier om sondaars reg te maak en reg te laat wees, om. Dit is wat ons nou saam wil ondersoek: wat noem die Bybel hierdie houding waarvolgens mense vir God presies die teenoorgestelde sê en doen as wat God vir mense sê en doen?

## 2.Die omdraai van godsdiens is 'n bekende saak in die Bybel

Hierdie omdraai van godsdiens is 'n bekende saak in die Bybel. Die profeet Miga beskryf dit reeds in Miga 7:2-3:

> Daar is nie meer 'n gelowige in die land nie, onder die mense kry jy nie 'n opregte nie, almal stel strikke om moord te pleeg, hulle maak met vangnette jag op hulle broers. [3] Al wat die regeerder vra, is dat hulle goed moet sondig; die regter vra omkoopgeld, die vername praat net oor wat hy begeer**. Hulle verdraai alles**. [Beklemtoning in vetdruk deur outeur]

Wie moet sorg dat mense veilig leef in 'n land? Dit is die regering se plig om deur die polisie en weermag vir veiligheid te sorg. Kyk wat gebeur hier in die teks! Miga klink soos 'n nuusberig uit Suid-Afrika! Dit is die regering wat die mense onveilig maak. Dit is die regering wat wil hê dat mense hulle nie aan wet en orde moet steur nie. Want dan kan hierdie

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

selfde mense nie die regering vir wet en orde aanspreeklik hou nie. Dan hoef die regeringsamptenare hulle nie oor wet en orde te bekommer nie. Dan kan hulle hul magsposisie gebruik om hulself te verryk in plaas daarvan om vir veiligheid te sorg.

Net so! Wie moet sorg dat reg en geregtigheid in ’n land gehandhaaf word? Die regters! Ook dit klink amper soos ’n koerantberig uit Suid-Afrika. Regters wat omkoopbaar is en wat vir geld en mag uitsprake lewer ten gunste van díe wat hulle daarvoor betaal. Die predikant Miga beskryf hier wat in sy tyd in sy land besig was om regtig te gebeur.

Die mense wat moet sorg vir veiligheid en reg verdraai alles: hulle sorg nou vir onveiligheid en onreg. Maar hulle doen dit op só ’n manier dat almal nog moet glo dat hulle wel sorg vir veiligheid en reg. Hulle gebruik hul posisies as regeerders en regters sodat mense moet glo onveiligheid is veiligheid en onreg is reg.

Wat noem die Bybel hierdie houding en gesindheid wat alles van reg na verkeerd verdraai, maar hierdie verdraaiing op so ’n wyse doen dat jy moet glo dat wat verkeerd is, eintlik reg is? Dit word baie goed beskryf in Psalm 10:2-11:

> 2 Die goddeloses is vol van hulleself, hulle vervolg ’n hulpelose man. Laat hulle gevang word deur die sluwe planne wat hulle self uitgedink het. 3 Die goddelose verlustig hom nou al in wat hy hoop om in die hande te kry. Die een wat hom wil verryk ten koste van ’n ander, wens homself by voorbaat geluk. Hy verag die Here. 4 Neus in die lug sê hy: “God vra tog geen rekenskap nie!” In al sy planne is daar geen plek vir God nie. 5 Dit gaan mos altyd goed met wat hy aanpak. U oordele is vir hom te ver weg, buite sy gesigsveld. Hy snork met veragting oor al sy vyande. 6 Hy dink: ek sal nie wankel nie en die ongeluk sal my nooit tref nie. 7 Hy lê ’n vloek op almal, hy onderdruk en bedrieg, hy bedink onheil en onreg. 8 Hy lê onskuldiges voor agter die heinings en vermoor hulle in die geheim. Hy loer rond in die donker. 9 Hy lê op die loer in ’n wegkruipplek soos ’n leeu agter ’n bos, hy lê op die loer om die hulpelose te vang. Hy vang hom en trek hom vas in sy net, 10 hy slaan hom dat hy inmekaar sak. So kry hy die arme mens in die hande. 11 Hy sê vir homself: “God steur Hom nie daaraan nie, Hy kyk weg, Hy sal dit nooit raaksien nie.

Psalm 10 wys dat dit goddeloosheid is wat reg en verkeerd omkeer. Goddeloses glo God kan niks goed of niks kwaad doen nie. God is niks. God doen niks. Daarom glo goddeloses ook dat God nie in die minste omgee of mense goed of kwaad doen nie. Sou God wel daar wees, stel Hy in elk geval net belang in mag. Daarom kan almal ook maar doen net wat hulle wil. God het nie ’n wil of ’n wet wat mense bind aan dit wat goed is en verbied om dit wat kwaad is te doen nie. Hierdie geloof en lewenshouding noem die Bybel goddeloosheid.

**3.Predikante is ook deel van hierdie omdraaiing van alles wat God sê en doen**

Miga tree as profeet van die Here op, dit wil sê, as predikant. Hy wys wat God se wet eis en hoe goddeloos mense optree. Maar daar is ook ander tipe predikers. Kyk wat sê hulle vir Miga in Miga 2:6:

> Dié wat maak of hulle profete is, sê: “Moenie jy ’n profeet probeer wees nie, moenie oor dié dinge praat nie. Daar sal nie ellende oor ons kom nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hulle sê hy mag nie só preek nie. Hy mag nie wys dat sonde verkeerd is nie. Hy mag nie sê dat as mense maak asof sonde reg is, die land vernietig sal word nie.

Wat sê die predikers vir die mense? Miga spot hulle oor hul preke en sê in Miga 2:11:

> Wanneer 'n rondloper, 'n bedrieër lieg en sê: "As profeet beloof ek aan julle wyn en bier," sal hy vir hierdie volk dié profeet wees.

Hulle beloof mense wyn en bier. Hulle beloof mense net wat hulle in hul wetteloosheid begeer. Dan maak hulle asof die Here beloof dat Hy hul begeertes sal vervul. Net soos die leiers en die regters is hierdie predikers besig om vir geld vir mense te sê wat hulle graag wil hoor.

> So sê die Here oor die profete wat my volk verlei, die profete wat van vrede praat so lank hulle kos kry, en as iemand hulle nie bly instop nie, oorlog teen hom verklaar:"(Miga 3:5)

Die predikante keer godsdiens om in goddeloosheid. Hoe doen hulle dit? Hoe kan predikante godsdiens omkeer om goddeloosheid te wees sonder dat mense dit dadelik herken en verwerp? Regeerders keer dit wat reg is met hul landswette om. Regters keer dit wat reg deur hul regspraak om. Predikante keer dit wat reg is met hul offerdienste en aanbidding van God om. Hulle gebruik godsdiens, offerdienste en aanbidding om goddeloosheid te bedryf.

Dít is die verskil tussen Miga en die ander predikers. Hy verdraai nie die godsdiens nie. Hy noem sonde sonde. Hy noem onreg onreg. Soos wat die Bybel, die Woord van die Here, dit bekend maak. Die ander predikers verdraai die Woord van God net soos wat die res van die gemeenskap dit doen.

> 8 Ek, daarenteen, het baie krag, ek het die Gees van die Here, 'n sin vir reg en die moed om aan Jakob sy sonde bekend te maak, aan Israel sy oortreding. 9 Luister hierna, leiers van Jakob, regeerders van Israel, julle wat die regspraak minag en **alles verdraai,** 10 julle wat vir Sion met moord gebou het en Jerusalem met onreg (Miga 3: 8 - 10)

### 4. Hierdie verdraaiing van reg na verkeerd is 'n eenvoudige saak

Hoe moeilik of hoe maklik is dit om reg en verkeerd om te draai? Is dit so dat leiers sukkel om die verskil te kan raaksien tussen wat goed is vir landsveiligheid en wat sleg is vir die veiligheid van die land? Is hofsake so moeilik vir die regters dat hulle nie regtig weet wat reg en wat verkeerd is nie? Is God se woord só onduidelik dat predikers nie seker is wat God se wil is nie?

Nee, dit is nie die probleem nie. Die probleem is eenvoudig. Miga stel dit só in Miga 3:1-2:

> "Ek het gesê: Luister, leiers van Jakob, regeerders van Israel! Weet julle nie wat reg is nie? 2 Julle wat die goeie haat en die verkeerde liefhet

Leiers, regters, predikante en die mensdom haat die goeie en het die verkeerde lief. Dit is hoe eenvoudig dit is.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Goddeloosheid is nie ’n ingewikkelde of moeilike saak nie. Dit gaan oor mense wat in hul hart haat dít wat God sê goed is en liefhet dit wat God sê verkeerd is.

Dit is soos ’n pa wat vir sy tienerseun sê dat hy nie moet laat inkom en te veel drink nie. Die tiener se ongelukkigheid met sy pa gaan nie oor onbillikheid, onregverdigheid, strengheid of die pa se gebrek aan begrip nie. Dit gaan nie oor ’n pa wat nie ’n goeie verhouding met sy seun het of sy kind niks gun nie. Die saak is glad nie so ingewikkeld nie. Dit is eenvoudig: Die tiener haat dít wat goed is, en dít wat verkeerd is, het die tiener lief. Dit is hoe eenvoudig dit.

Net so is dit met goddeloosheid. Dit gaan nie oor God se onkenbaarheid, sy moeilike verhouding met mense, sy onbegrip vir die menslikheid van mense of oor God se eiemagtigheid nie. Goddeloosheid gaan oor mense wat haat dit wat God sê hulle moet wees en doen, en liefhet dit wat God sê hulle nie mag wees en doen nie.

**Goddeloosheid is om die liefde vir God en ons naaste te haat en sonde teen God en ons naaste lief te hê**

**5.Vol ywer vir God op mense se eie manier**

Paulus maak in Romeine 10:1-2 hierdie belangrike stelling:

> Broers, my hartewens en my gebed tot God vir my volk is dat hulle gered word, want ek kan van hulle getuig dat hulle vol ywer vir God is, maar sonder die regte insig.

Die Joodse gemeenskap is vol ywer vir God, maar die regte insig ontbreek. Paulus is hier nie sarkasties nie. Hulle is regtig vol ywer! Om te bid is vir hulle nie ’n las nie. Hulle bid ywerig en gereeld tot God. Bid is vir hulle ’n vreugde. Vol ywer sing hulle in die tempel en in hul huise psalms tot God. Ook ontsien hulle geen moeite om erns te maak met die wet van die Here nie. Hulle is elke dag ywerig besig om nog nuwe wette te formuleer oor hoe die wet van God gehoorsaam kan word. Dit word die Midrash genoem. Hierdie ywerige dissipelskapwette beslaan volumes. Joodse rabbi’s is gemotiveerd met sendingwerk onder die heidene vir die Joodse geloof besig. In Paulus se tyd het hulle sendingwerk gedoen sodat daar van Iran tot in Spanje sinagoges was. Hierdie beskrywing geld natuurlik ook vir die moderne Christelikheid.

“Vol ywer vir God sonder die regte insig” beteken nie dat hulle net ’n bietjie inligting kortgekom het of alles net nie mooi verstaan het nie. Dit beteken ook nie dat hierdie ywer van hulle goed was nie. Hul ywerigheid beteken dat hulle vir God reg wil wees en reg wil leef volgens sy wet. Al sê God vir hulle dat dit nie só werk nie. Al sê God vir hulle dat hulle hierdie ywerige toewyding van hulle moet staak, hou hulle daarmee aan.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Wat noem die Bybel hierdie verdraaiing deur sondaars om ywerig besig te wees om vir God alles te doen wat Hy sê hulle moet uitlos? Die Bybel noem dit goddeloosheid! Hul gebede, hul gesing, hul gehoorsaamheid en sendingwerk, alles op hul eie manier teenoor God se manier, word goddeloosheid genoem.

**6.'n Spesiale manier van goddeloosheid: afgodsdiens**
Miga beskryf hierdie soort goddeloosheid in Miga 1:1-5 so:

> "Die woord van die Here wat gekom het tot Miga van Moreset tydens die regering van die Judese konings Jotam, Agas en Hiskia. Dit handel oor Samaria en Jerusalem. [2] Luister, alle volke! Gee aandag, aarde met al jou bewoners! Die Here my God wil teen julle getuig, die Here wil uit sy heilige tempel getuig. [3] Die Here kom uit sy woonplek uit, Hy kom af, Hy kom oor die hoë plekke van die aarde. [4] Berge smelt weg onder Hom, laagtes skeur oop. Soos was in vuur smelt, so smelt die berge, hulle loop teen die hellings af soos water. [5] Dit alles gebeur oor die sonde van Jakob, oor die oortredings van die volk Israel. Wat is die sonde van Jakob? Samaria! Wat is Juda se afgodshoogte? Jerusalem!"

Hierdie goddeloosheid stem God kwaad. In daardie tyd was daar was twee groot tempels waar die Jode aanbid het. Die een was in Samaria en die ander een in Jerusalem. Volgens God is hierdie twee tempels hul sonde en hul afgodshoogte. Die Here wys hulle dat hul tempel 'n afgodstempel is net soos wat die heuwels afgodstempels was waarop afgode buite Jerusalem aanbid is. Hoekom? Omdat dit wat hulle vol ywer vir God binne in die tempel doen, afgodsdiens is.

Hierdie afgodsdiens beskryf Miga in hoofstuk 6:6-8:

> Wat sal ek saamvat as ek na die Here toe gaan, as ek voor die hoë God gaan kniel? Moet ek met offers na Hom toe gaan, met jaaroud kalwers? [7] Sal die Here duisende ramme aanvaar saam met tien duisende offers van olie? Moet ek my eersgeborene offer vir my sonde, hom wat uit my liggaam kom, vir my oortreding? [8] Mens, die Here het jou bekend gemaak wat goed is: Hy vra van jou dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God.[9] Om die Here te dien, dit is wysheid. Die Here roep die stad; luister, leier en julle almal wat aanhou roof: [10] Goddelose plek, moet Ek die verkeerde maatlyn bly verdra, of die vals inhoudsmaat wat Ek so haat?"

Hoe red, vergewe, die Here ons? Deur self 'n ander offer in ons plek vir ons sondes te gee. Dit is wat die Israeliete moes sien wanneer hulle die offers wat die Here voorskryf tempel toe geneem het. Hulle moet sien dat die kalf, die bokram of olie 'n teken was waarmee die Here wys Hy sal self 'n ander offer in sondaars se plek gee. Hierdie offer is Jesus Christus wat nog moes kom. Die offers wat die Here in die Ou Testament voorgeskryf het, en wat in Ou-Testamentiese tye bedryf was, was nooit 'n manier om vir sondes te betaal nie. Hierdie offers is tekens van die evangelie. Dit is prentjies, oftewel simbole wat wys dat Israeliete moet glo in die offer wat God sal voorsien, nie in die offer wat hulle wil gee nie.

Hoe moet ons God en ons naaste liefhê? Deur reg te laat geskied, liefde en trou volgens die Here se wet te bewys en bedagsaam te wees. Dit is om te dink oor hoe ek moet optree volgens wat die Here in sy wet sê!

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Maar wat gebeur dan in die tempel? Die betekenis van wet en die evangelie word omgedraai. Die offers wat daar gebring word, is nie meer vir hulle tekens van die offer wat God in plaas van daardie offers sal gee nie. Hulle glo God vra bokke, olie en beeste as offers vir sonde. As jy dít vir God gee, tel jou sondes nie meer nie. Maar hulle voer dit selfs verder! Hulle slag hul kinders vir hul sondes op altare vir God. 'n Oortreding van God se gebod dat jy nie mag doodslaan nie, omvorm hulle tot ware liefde vir God: hulle glo dat hierdie sonde om kinders te vermoor 'n beter, kosbaarder en liefdevoller offer vir God is as die beesoffer wat God voorgeskryf het! Hul manier is nie om te glo in die offer wat God gee nie. Hul manier is om self vir God 'n offer te gee. En hulle offer is om sy wet te oortree.

Binne die tempel tree hulle op hul eie manier op. Buite die tempel ook. Hulle is geldgierig en skelm, maar glo dis maar net goeie besigheid. Skelms word in sakekamers geëer as vooraanstaande leiers.

.

**Afgodsdiens is goddeloosheid**

Is daar 'n verskil in dít wat jy doen as jy búíte die tempel, met byvoorbeeld die manier waarop jy geld maak, vir God sê jy steur jou nie aan sy manier nie, jy het jou eie manier, en dit wat jy ín die tempel doen as jy vir God in sy tempel sê jy steur jou nie aan die manier waarop Hy mense vergewe en reg laat wees nie, jy sal op jou eie manier vir Hom reg wees?

Daar is geen inhoudelike verskil nie. As jou manier om iets te doen, presies die teenoorgestelde is van wat God sê jy moet doen, is jy goddeloos. Hierdie twee maniere van goddeloosheid lyk net anders omdat verskillende middele ter sprake is. Maar dit mag ons nie die spoor byster laat raak nie.

As jy vir God met gebede, godsdienstige liedere, getuienisse en belydenisse wys jy doen net die teenoorgestelde van wat Hy sê – dan is dit goddeloosheid. Die houding waarin jy vir God wys jy doen presies die teenoorgestelde as wat jy weet God eis, dít is goddeloosheid. Jy wys vir God jy sal sonder Hom en teenoor Hom self besluit wat jy wil doen. In die tempel wys jy vir God met alles wat mense in tempels doen dat jy sonder Hom self sal doen wat jy wil.

Dit is presies dieselfde goddeloosheid waarmee mense elke dag ook buite die tempel leef. Al verskil is dat hulle dit buite die tempel met ander middele doen. Hier wys hulle met geld, seks, mag, vriende, kennis, arbeid en tegniek vir God hulle sal doen wat hulle wil sonder om te dink oor of te luister na wat Hy sê. As hierdie goddeloses die tempel ingaan, word hulle nie skielik godsdienstig nie. Hulle bly goddeloos. Hulle wys net hul goddeloosheid binne die tempel met gebede, lofliedere, belydenisse en getuienisse.

Buite die tempel is hulle sonder godsdiens goddeloos. Binne die tempel is hulle met godsdiens goddeloos. Daar is geen verskil in hul goddeloosheid nie. Hul houding bly om vir God te sê dat hulle presies die teenoorgestelde sal doen as wat Hy sê hulle moet doen. Dit is net die middels waarmee hulle hul goddeloosheid bedryf wat verskil.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die woord wat die Here gebruik vir hierdie manier waarop mense met godsdiens goddeloos is, is die woord "afgodsdiens". Afgodsdiens is wanneer jy met gebede, lofliedere en getuienisse vir God in eredienste wys jy sal Hom op jou eie manier dien, nie op sý manier nie. Dit is presies wat goddeloses vir God buite die eredienste wys met geld, kennis, seks, mag en arbeid: hulle sal op hul eie manier leef, nie op die manier waarop Hy vir hulle sê hulle moet leef nie.

Afgodsdiens is om as 'n lid van die kerklike gemeenskap presies dieselfde te doen as wat mense buite die kerklike gemeenskap doen, of om vir God te wys jy doen wat jy wil op jou eie manier, dit wil sê, op die teenoorgestelde manier as wat God sê en God doen.

**Afgodsdiens is godsdienstige goddeloosheid**

Afgodsdiens is godsdienstige goddeloosheid. Dit is mense wat met alles waardeur 'n mens God moet eer en dank, God onteer en ontheilig. Afgodsdiens is om binne-in die kerk goddeloos te wees.

Die verskil tussen afgodsdiens en goddeloosheid gaan oor die twee dele van die Tien Gebooie: die eerste vier gebooie gaan oor God en die volgende ses gebooie gaan oor die mens.

Afgodsdiens is die wyse waarop mense hul goddeloosheid teenoor God uitleef. Goddeloosheid gaan oor hoe mense tussen ander mense en teenoor ander mense godloos leef. Afgodsdiens is goddeloosheid wat teenoor God uitgeleef word, terwyl goddeloosheid sonder afgodsdiens teenoor mense uitgeleef word. Goddeloosheid is om God tussen mense afwesig te leef. Afgodsdiens is om God teenoor God self afwesig te leef. Afgodsdiens gaan oor die onderwerping van God aan goddeloosheid. Goddeloosheid gaan oor die onderwerping van mense aan goddeloosheid. Goddeloosheid en afgodsdiens is twee kante van dieselfde saak. Dit is die onderwerping van God en mense aan goddeloosheid. Dit is egter maar net die verskil teenoor wie hulle goddeloos is. Die verskil tussen goddeloosheid en afgodsdiens kom in teenoor wie goddeloosheid betoon word. Al wat verskil, is die middele waarmee God en mense aan goddeloosheid onderwerp word.

### 7. Ywer maak nie afgodsdiens godsdiens nie

Moet God afgodsdiens as godsdiens aanvaar net omdat mense so ywerig besig is om te bid, te sing en te getuig? Wat doen God met afgodsdiens as jy dit met jou hele hart, siel en verstand doen en dit vir jou 'n lus en vreugde is?

Kyk wat sê God wat Hy daarmee doen in Jesaja 1: 11-15:

> [11] Wat het Ek aan julle baie offers? vra die Here. Ek is sat van die brandoffers van ramme en die vet van voerbeeste; die bloed van bulle en lammers en bokke staan My nie aan nie. [12] As julle kom om voor My te verskyn, wie het julle gevra om my voorhowe te kom vertrap? [13] Moenie langer julle nuttelose

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> offergawes bring nie: Ek het ’n afsku van julle wierookoffers. Nuwemaansfeeste, sabbatsvierings, die uitroep van feesdae: Ek verdra nie feesviering met onreg saam nie. [14] Julle nuwemaansfeeste en feesgetye haat Ek. Hulle is vir My ’n las, Ek is moeg daarvoor. [15] As julle julle hande in gebed uitstrek, sal Ek my oë vir julle toemaak. Selfs al bid julle hoe baie, sal Ek nie luister nie, want julle hande is met bloed bevlek

God verafsku geestelike byeenkomste waar afgodsdiens hoogty vier. God haat die manier waarop ons Hom aanbid as dit afgodsdiens is. God luister nie na gebede wat op ons eie manier gebid word nie. God jaag mense wat met afgodsdiens besig van Hom af weg is. God is afwesig waar mense met afgodsdiens besig is. Dit is nie vir Hom wat hulle aanbid nie. Hy is nie by hul geestelike byeenkomste aanwesig nie.

Want God laat nie toe dat iemand vir Hom sê dat Hy iets moet aanvaar wat presies die teenoorgestelde is van wat Hy sê nie, net omdat iemand baie opgewonde is om te doen wat hy doen nie. Godsdiens is om te luister en te doen wat God sê, nie om God te laat luister en doen wat mense vir Hom sê nie. Dít is afgodsdiens. God laat Hom nie deur mense voorsê nie.

Wat moet ons doen om vir God reg te wees en reg te leef? Ons moet in die evangelie glo! Net dit! Hy het ’n einde aan die wet gemaak om ons reg te laat wees. Dit is God se manier.

Kan ons vir God reg wees en Hy ons vergewe deur ons bekerings, oorgawes en liefde, net omdat ons dit baie ernstig en met oortuiging doen? Dit maak nie saak hoe ernstig of oortuig ons dit doen nie. Dit werk nie. God het ’n ander manier gegee wat werk! Ons eie manier is afgodsdiens. Ons kan nie bloot deur ons erns en oortuiging afgodsdiens vir God aanvaarbaar maak nie.

Kan ons deur ons bekering onsself vir God regmaak net omdat ons Hom loof met uitgelate musiek, terwyl ons God probeer dwing om ons manier van vergifnis te aanvaar? Ons eie manier is afgodsdiens. Ons kan nie afgodsdiens vir God aanvaarbaar maak met kitare, dromme en trompette nie. Ook nie met orrels, viole, dwarsfluite en klarinette nie. Ons kan hartlik, uit volle bors en met oorgawe sing. Dit maak nog nie dat God moet aanvaar dat ons gered is omdat ons ons hart en lewe vir Hom gegee het nie. Ons kan ons hande in die lug steek en die Here loof en prys. Dít maak nog nie dat om Jesus op die troon van jou hart te sit om so ’n kind van God te word, iets anders is as afgodsdiens nie. Ons kan in tale praat en in beswymings vol van opgewondenheid en verwondering oor God neerval. Dit maak nog nie ons manier om sondes te bely en ’n nuwe lewe te begin ’n manier om vir God reg te wees nie. Ons kan, net soos Jesus, ons laat groot doop. Dit maak nog nie dat daar ’n ander manier is as om net deur die evangelie gered te word sonder enige gebed, oorgawe of belofte wat ons maak nie.

Ons kan vol insig en slimheid praat oor die grootheid en andersheid van God. Dit maak nog nie dat ons nuwe idee oor God ’n nuwe weg na God is nie. Wetenskaplikes kan ou en oorspronklike tekste iewers in grotte en woestyne uitkrap. Dit maak nog nie dat my liefde vir

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

God my by Hom reg maak nie. God vergewe ons net deur die evangelie. Nie deur nuwe wetenskaplike uitvindings en nuwe opvattings oor God nie.

Kan jongmense God dwing om van sy manier af te sien? As dit die jongmense se manier is om self vergewe te word en vir God self reg te wees, maak dit dat God dit ook moet aanvaar? Moet God hul manier aanvaar net omdat hulle dreig om nie meer kerk toe gaan as hulle nie hul sin kry nie? As jongmense hul lewe vir God gee en hul harte vir God gee om gered te word, is hulle verlore jongmense. Hul manier kan nie God se manier verander net omdat hulle jonk en opgewonde oor God is nie. Hulle kan nie afgodsdiens vir God aanvaarbaar maak net omdat hulle jonk en ywerig is nie.

Kan klein kindertjies, wat liewe Jesus in hul harte innooi, God so week maak dat hul kinderlike opregtheid veroorsaak dat Hy dít ook aanvaar as 'n wyse waarop Hy vergewe? Klein "onskuldige kindertjies" kan nie 'n ander wyse van vergifnis by God vind as net deur geloof in sy liefde nie, ongeag hoe oulik die kleintjies ook al is en wat hulle ook al doen.

Kan mense, wat diep in bosse en oerwoude leef en wat hul voorvaderaanbidding laat vaar en hul harte en lewe aan God gegee het om gered te word, hul manier God se manier maak net omdat hulle opgehou het om hul voorvaders te aanbid? Kan 'n heidense volk van miljoene mense hul sondes laat vaar en goed begin lewe en só dit 'n manier maak om voor God reg te wees, net omdat hulle miljoene voor God is? Kan mense God in hul lewe innooi, en 'n persoonlike verhouding met God aanknoop om hulself te red en God moet dan hierdie nuwe eie manier van redding aanvaar omdat van die ouderlinge wat toesig oor die bediening van die evangelie hou, onvoorbeeldige gedrag openbaar? Kan ouderlinge, diakens en lidmate wat slegte lewens lei, veroorsaak dat God se manier van redding nie meer tel nie, maar wel mense se eie manier van redding?

Ywerige afgodsdiens beteken nie dat God se manier en mense se manier maar dieselfde is nie. Ywerige afgodsdiens is goddeloosheid. Ywer maak nie dat afgodsdiens godsdiens is nie. God se vergifnis deur die evangelie alleen kan nie goddeloos wees nie, want God kan nie goddeloos wees nie. Mense, wat teenoor God hul eie manier soek vir die manier waarop God vergewe, is goddeloos.

**8.Afgodsdiens is bedoel om goddeloosheid te wees**

Kan 'n mens jouself op jou eie manier vir God reg laat wees, terwyl jy eintlik bedoel dat Hy jou op sy manier sal laat reg wees? Kan 'n mens jouself vir God reg laat wees deur jou eie bekering, oorgawe, liefde, idees, slimhede en gebede, terwyl jy eintlik bedoel dat God jou sonder jou eie bekering en idees moet red? Dit is tog sinloos!

Afgodsdiens bedoel om alles wat God sê, om te keer. Mense maak maar net asof dit dieselfde is as wat God sê en doen. Hulle bedoel nooit dat dit dieselfde moet wees nie.

**Afgodsdiens is bedoel om afgodsdiens te wees**

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

As tieners laat uitbly en te veel drink, gee hulle maar net voor dat dit eintlik is wat hul pa bedoel het toe hy hulle toestemming gegee het om uit te gaan. Hulle weet baie goed hy het dit nie so bedoel nie, maar hulle verdraai doelbewus sy bedoeling om te mag kuier asof hy toestemming tot losbandigheid gegee het.

Lidmate kan dalk nog glo dat ’n mens deur jou eie bekering en liefde vir God reg kan wees omdat dit al is wat hulle hul hele lewe lank van predikante en geestelikes hoor. Predikante en geestelikes wéét tog immers wat hulle doen. Hulle ken die kerklike geloofsbelydenisse wat lui dat dit alleen deur geloof is wat ons vir God reg is, of dit hul eie of ander kerke se belydenisse is. Hulle het dit geleer en hulle weet daarvan, of dit hul eie of ander se teologie is. Hulle sien hierdie verse en getuienisse elke dag in die Bybel raak.

Kan afgodsdiens maar net ’n manier wees waarop predikante en geestelikes mense eers by die kerk wil kry sodat hulle later aan hulle kan wys wat godsdiens is? Kan hulle oggenddienste hou op die wyse waarop God sê, maar aanddienste op die wyse waarop mense sê, net sodat hulle so aan mense kan wys dat die oggenddienste eintlik die ware eredienste is? Kan hulle kinders eers oortuig dat hulle op hul eie manier tot bekering kan kom, want dit is makliker vir kinders om God op hul eie manier te verstaan as om dit op God se manier te doen? God se manier kan hulle later leer as hulle grootmense is? Kan ’n mens eers op jou eie manier ’n kind van God word en daarna in dissipelskapkursusse leer dat God eintlik ’n ander manier van vergewe het?

Afgodsdiens word bedoel om goddeloosheid te wees. Dit is makliker vir mense om goddeloos te wees as om God te dien. Daarom is dit makliker om mense te oortuig dat hul goddeloosheid net ’n ander manier is om God te dien, as om mense te laat hoor dat hulle goddeloos is, dat hul manier verkeerd is en dat God ’n ander manier het. Mense gaan met veel groter ywer tot bekering kom en kerk toe gaan as hulle hoor hulle kan dit op hul manier doen en hulle hoef nie na God se manier te luister nie. Predikante wat afgodsdiens preek, bedoel om goddeloosheid as godsdiens te verkondig. Hulle bedoel niks anders met afgodsdiens as goddeloosheid nie.

**Elkeen wat God op sy eie manier dien,**
**bedoel dat dit nie op God se manier moet wees nie**

Die voorwendsel dat elkeen maar net op sy eie manier die Here dien, maar dat ons almal eintlik sou bedoel om die Here op sy manier te dien, is die manier waarop predikers en geestelikes goddeloosheid verkondig.

Hulle bedoel nie dat dit dieselfde moet wees nie. Hulle bedoel dat ’n mens in die kerk met alles waarmee ’n mens God moet eer, goddeloos moet wees. Hulle regverdig afgodsdiens, en afgodsdiens is godsdienstige goddeloosheid. Dit is niks anders is nie. Dit wil niks anders wees as goddeloosheid nie: ons eie manier, nie God se manier nie!

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Om dit goed te praat dat mense hul lewens, harte en liefde vir God gee om gered te word, en dat mense deur hul bekering, gehoorsaamheid en toewyding vir God reg moet wees, is bedoel om aan goddeloosheid die skyn van godsdiens te gee.

**Afgodsdiens is godsdienstige goddeloosheid**

**9. Die moderne Christelikheid is afgodsdiens**

Die moderne Christelikheid verdraai die wyse waarop God ons reg maak en reg laat wees: net deur die evangelie, sonder die wet, na herstelling deur geloof én die wet. Hierdie verdraaiing van wat God doen, is nie uit onkunde of blote swak formulering of onbeholpe uitdrukkings van wat eintlik bedoel word nie. Dit is bedoel dat godsdiens in afgodsdiens verdraai sal word.

Die moderne Christelikheid is die geestelike ywer waarmee goddeloosheid as godsdiens in Christelike kerke bedryf word.

Die geestelikes wat hierdie ywerige geestelikheid verkondig en aandryf, stel self hul geestelikheid op teenoor godsdiens as die meer opgewonde, gevoelvolle, entoesiastiese, lewendige, vrolike en feestelike manier om God te ervaar.

Hulle val die verering van en diens aan God volgens sy Woord aan as koue, dooie, starre, gevoellose, ongemotiveerde en gewoonte- godsdiens. Daarom verwys hulle selfs na kerke wat nie in hul ywerige geestelikheid deel nie, as die “tradisionele kerke”.

Maar hierdie teenstelling is vals. Die eintlike teenstelling lê nie in die verskil in ywer en opgewondenheid nie. Die verskil lê in dít waaroor mense ywerig en opgewonde raak. Aanhangers van die moderne Christelikheid is ywerig en opgewonde besig om te verkondig en voor te leef dat hulle gered, vergewe, verlos, vir God reg is en kinders van God is, deurdat hulle God in hul lewe ingenooi het, hul van hul slegte lewe na ’n goeie lewe bekeer het, hul sondes bely het en berou het oor hul sondes, God op die troon van hul lewe geplaas het, God die middelpunt van hul lewe gemaak het, dat hulle hul lewe en hart vir God gegee het, hulle ’n nuwe insig in die godheid gekry het en hulle verligting in God ervaar het.

Dit is wat die moderne Christelikheid só opgewonde en ywerig vir God maak: dat hulle vir God alles doen wat Hy sê hulle moet uitlos en nie doen nie.

Met hierdie eiesinnige poging tot vergifnis maak die moderne Christelikheid gebede, lofprysing, aanbidding, verering en aanprysing van God, dit is, die middele waarmee God geprys, aangeroep en gedank moet word, vir moderne Christene middele vir hulle eie goddeloosheid. Hulle dank, loof en eer God sodat God moet aanvaar dat hulle eie manier waarop hulle hulself reg maak en reg laat wees vir God net so reg moet wees as wat God mense reg maak, naamlik net deur Christus en net deur geloof in Christus alleen. Aanbidding is hul manier om God aan hulle goddeloosheid te onderwerp.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Daarom is daar geen godsdienstige verskil tussen die moderne ywer om God te ervaar en die moderne goddeloosheid in die gemeenskap nie. In die moderne godlose gemeenskap gebruik mense kennis, tegniek, kuns, geld, seks en mag om alles wat God in sy Woord as sonde uitwys, reg te leef, en alles wat God as reg aanwys, as verkeerd en mensvreemd te verwerp. In die moderne godloosheid leef goddeloses - met die mag van hul selfgenoegsaamheid - God tussen mense afwesig.

Terwyl die moderne godloosheid die gemeenskapslewe só totaal godloos leef, is dit presies hierdie godloosheid wat homself al groter, dieper en kragdadiger as die ware, egte en oorspronklike Christendom binne-in Christelike kerke laat geld. Die ywer waarmee die moderne Christelikheid God in gebede, lofprysings en getuienisse vereer, is goddeloosheid. Daarom is die aanhangers van hierdie Christelikheid altyd só ywerig opgewonde besig met gebede, lofprysings en getuienisse. Omdat hulle God met godsdiens afwesig leef. Omdat hulle met godsdiens vir God sê en wys dat hulle alles presies die teenoorgestelde sal doen as wat Hy sê. Hulle is ywerig besig om vir God te wys dat hulle sal maak dat God hierdie ontering in gebed, lofprysing en getuienisse as godsdiens sál aanvaar.

Dit is presies dieselfde goddeloosheid wat binne-in moderne Christelike eredienste gevier word as die goddeloosheid wat buite die kerke in die gemeenskap bedryf word. Al wat verskil, is die middele waarmee hierdie goddeloosheid bedryf word. Binne eredienste word godloosheid met gebede, lofgesange en getuienisse gevier en God moet Homself deur hierdie ontering laat vereer. Buite eredienste word God in die lewe openlik godloos tussen mense geleef, en mense en God moet hierdie ontheiliging as ware menslikheid aanvaar.

Die geestelike feesvieringe van die moderne Christelikheid is die bedryf van godloosheid met alles waarmee God vereer moes word.

**10. Die innerlike spanning en gemotiveerdheid binne-in moderne Christelikheid**
Afgodsdiens en goddeloosheid is die onmoontlike tweeling. ’n Tweeling is twee verskillende mense uit een en dieselfde DNS-molekule. Daarom is die binne-spanning tussen tweelinge uniek. Die konflik wat hulle ervaar om as indiwidue anders te wil wees, laat hulle net al hoe nader aan mekaar beweeg. Hoe meer anders hulle wil wees, hoe meer eenders is hulle. Want hulle is nie anders nie. Hulle is uit een en dieselfde DNS. Dit is presies hoe afgodsdiens en goddeloosheid werk. Dit moet altyd homself self teenoor die ander motiveer, maar die ander kant is sy eie ander kant. Tweelinge moet altyd as tweeling bestaan. Hulle kan nooit net in eie reg bestaan nie.

Afgodsdiens is godsdienstige goddeloosheid. Goddeloosheid is altyd bipolêr. Goddeloosheid bestaan altyd in die polariteit van godloosheid en afgodsdiens. Daarom het afgodsdiens altyd ’n eie innerlike binne-spanning. Afgodsdiens kan nooit net as godsdiens bestaan nie, want dit is nie godsdiens nie. Dit is niks wat godsdiens is nie. Dit is nie geloof nie. Dit is nie liefde nie. Dit is net godsdienstige goddeloosheid. En goddeloosheid is nie godsdiens nie. Afgodsdiens kan nie iets in eie reg wees nie. Dit bestaan altyd net as die godsdienstige

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

vertoon van goddeloosheid. Daarom moet afgodsdiens altyd die nuwe goddelose gees van elke nuwe tydperk uitbeeld asof dit die nuwe godsdiens vir die nuwe tyd is. Dit is al wat afgodsdiens kan wees: die openbare geestelike vertoon van elke nuwe vorm van goddeloosheid asof dit godsdiens is.

Daarom kan dit net bínne of teenoor goddeloosheid as afgodsdiens bestaan. Dit het nooit enige bestaansreg op sigself nie. Maar goddeloosheid het presies dieselfde spanning nodig. Goddeloosheid kan net teenoor of binne afgodsdiens as goddeloosheid bestaan. Goddeloosheid word altyd gemotiveer in die valsheid en absurditeite van afgodsdiens en afgodsdiens word altyd geregverdig in die valsheid en absurditeit van goddeloosheid – want dit is altyd twee pole van die selfgenoegsame mens.

Die moderne Christelikheid is deel van hierdie innerlike spanning en gemotiveerdheid van afgodsdiens in die moderne goddeloosheid. Die moderne Christelikheid is altyd gelyktydig die opgewonde en neerslagtige pole van hierdie bipolêre goddeloosheid. Dit bestaan altyd as rasionele én fundamentalistiese Christelikheid binne die gemeenskap. Die navolgers daarvan kan altyd getipeer word as die verligte én verkrampte geestelikes binne die gemeenskap. Vir hulle is hierdie bipolariteit net ’n variasie in spiritualiteit waarvoor mense kan kies na willekeur. Maar met hierdie binne-spanning is hulle alles vir almal. Hulle is die ware geestelikes vir die geestelikes in die kerk en hulle is die ware menslikes vir die mense in die gemeenskap. Daarom skep hulle ook elke keer hul eie teenpool. Daarmee is die moontlikheid dat hulle eintlik niks is en daar naas hulle ’n alternatief is wat hulle gewoon net as niksseggend ter syde stel, nie meer moontlik nie. Hulle beset alles in hulle bipolariteit.

Hierdie bipolariteit van afgodsdiens en goddeloosheid wys duidelik in die besluit van die Algemene Sinode van die NG Kerk in 2011 oor duiweluitdrywing en die Duiwel. In een en dieselfde besluit het die AS-2011 besluit dat NG predikante nou kan duiwels uitdryf. Dit beteken dat die verkondiging van die evangelie nie meer die middel is waardeur God sondaars red nie. Predikante kan nou gesagspreuke soos “Duiwel gaan uit" gebruik om mense te verlos. Dit aan die een kant. Maar in presies dieselfde besluit stel die AS-2011 dat predikante nie meer in die persoonlike bestaan van die Duiwels en duiwels hoef te glo nie. In een besluit word afgodsdiens (duiweluitdrywing deur magspreuke) en goddeloosheid (daar is geen duiwels nie) goedgekeur. Wat oënskynlik onversoenbaar lyk, is binne afgodsdiens versoenbaar. Want die afgodsdiens van die moderne Christelikheid in die NG Kerk is niks anders as goddeloosheid nie.

Hierdie bipolariteit van goddeloosheid wys homself duidelik in die geskiedenis van die moderne Christelikheid in die Westerse kultuur. Die opkoms van die godlose gees van die absolutisme wás die moderne Christelikheid se gees van piëtisme. Die spanning van absolutisme en piëtisme is die innerlike spanning van goddeloosheid en afgodsdiens. Dit is nie die spanning van twee alternatiewe lewenshoudings nie. In die innerlike selfingekeerdheid van die piëtisme in hul selgroepe is die hele samelewing vrygemaak van godsdiens. Dit is presies die gees van absolutisme wat die piëtisme gemotiveer het. Want deur hul piëtistiese geestelikheid was die mag van absolute heersers verhewe bo enige verantwoording teenoor die Woord van God in die gemeenskap.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die opkoms van die godlose diëstiese gees wás die gees van metodisme. Die diësme in die gemeenskap en die metodisme in die Christelike kerk was die binne-spanning van afgodsdiens en goddeloosheid. Dit was nie alternatiewe op mekaar nie. In die diëstiese godloosheid is God net gesien as die Skepper van die wêreld soos iemand 'n horlosie skep wat op sy eie wetmatighede afloop sonder enige persoonlike teenwoordigheid of inwerking deur die Skepper. Hierdie diëstiese ongeloof is die krag en motivering van die moderne metodistiese Christelikheid. Deur " 'n sondaarsgebed" waarin die mens deur wat hy moet sê, op die regte manier opsê, word mense nou reg vir God, nie meer deur blote geloof in wat God self persoonlik in die evangelie doen nie.

Die opkoms van die godlose gees van verligting en rewolusie, wat neerslag gevind het in die Amerikaanse onafhanklikheidsoorlog en die Franse rewolusie ís die gees van reveil en herlewing. Verlig en reveil, rewolusie en herlewing is die binne-spanning van goddelooheid en afgodsdiens. Dit is twee maniere waarop dieselfde mensvernietigende gees uitgeleef word. Die mensvernietigende geloof dat alles nuut, oor en goed moet begin met die menslike verligting en die vernietiging van alle ou strukture, is die gees van die moderne Christelikheid se wedergeboorte waardeur mense hul eie-ek moet doodmaak om die verligting en nuutheid van God in hulle te kan beleef.

Die opkoms van die godlose gees van materialisme in Kommunisme ís die gees van mistieke eenwording met God. Mistiek en materialisme is nie teenoorstaande geestelikhede nie. Dit is weer die binne-spanning van goddeloosheid en afgodsdiens. Die godloosheid dat alles net materie, stof van die aarde is en deur die krag van die aarde beweeg word, en die goddeloosheid dat bevryding net deur arbeid kan kom, is dieselfde gees waarin moderne Christelikheid glo dat mense hul eie aardsheid deur hul gees moet oorkom om deel van die krag van God te word. Daarom is dit net mistieke geestelikheid wat in Kommunisme geduld word. Dit is die ander deel van dieselfde onmoontlike tweeling.

Die opkoms van die godlose gees van tegnokrasie in rasionalisme ís die gees van die mag van die moderne spiritualiteit. Rasionalisme en spiritualiteit is een en dieselfde selfgenoegsame geestelikheid. Selfgenoegsaamheid deur redelikheid of geestelikheid is dieselfde lewenshouding. Dit is goddeloosheid én afgodsdiens. Die godloosheid dat die mens se denke 'n magsmiddel is om die skepping aan die tegniese skeppings van die mens mee te onderwerp, is dieselfde magshouding waarin die mens se gees gesien word as 'n magsmiddel om God se krag en mag vry te stel deur die geesteservarings van die mens. Die Pinkster-ervaring van God is 'n magshouding waar die mens sy gees as goddelike krag ervaar op dieselfde wyse as wat goddeloses die krag van hul rede ervaar.

Die opkoms van die godlose gees van anargisme in die postmodernisme ís die gees van die charismatiese geestelikheid in die moderne Christelikheid. Anargisme en goddelike kragtigheid is nie twee teenoorstaande lewenshoudings nie. Dit is die twee pole van een en dieselfde lewenshouding: mense wat die gemeenskap en al sy instellings met hul

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

persoonlikheid vervang en verdring. Die godloosheid waarin verligtes hul persoonlikheid sien as die alternatief op die staat en gemeenskap is presies dieselfde gees waarmee geestelikes hulle panentëistiese goddelikheid wil ervaar as die alternatief op die Christelike Kerk en die kerklike bediening van Woord en sakrament.

Die geloof in die evangelie deurbreek en staan buite hierdie geestelike spanning van selfgenoegsame mense. Geloof in Christus is nie afgodsdiens nie. Dit gaan nie oor godsdienstige goddeloosheid nie. Dit gaan oor sondaars wat vir God weer reg is en wie se lewe vir God reg is, net omdat Hy hulle reg laat wees in hul goddeloosheid. Dit gaan nie oor mense wat hul goddeloosheid as godsdiens wil bedryf nie.

Daarom is geloof in Christus ook nie ’n geestelikheid wat met elke nuwe vorm van goddeloosheid herontwerp moet word om weer binne die nuwe goddelose gees oor gemaak en aangepas moet word nie. Geloof in Christus gaan oor die vryheid om as sondaar God weer te kan dien omdat God sondaars as goddeloses regmaak en reg laat wees in sy diens. En dit doen God in alle gelowige goddeloses regdeur elke nuwe goddelose tyd op presies dieselfde wyse – deur Christus alleen.

**11.’n Bybelleesmetode.**

Hier het ons het ons nog ’n Bybelleesmetode. Oral waar ons in die Bybel hierdie saak teëkom dat  God se wet en evangelie omgedraai word, weet ons wat dit is: dit is afgodsdiens. Dit is goddeloosheid wat net soos godsdiens wil lyk, maar dit is en bly goddeloosheid.

Ons kan dit ook in ons alledaagse lewe ontdek. Oral waar ons hierdie omdraai van God se Woord teëkom, het ons met afgodsdiens te doen. Dit is afgodsdiens se kenmerk: die omdraai van God se Woord.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

## HOOFSTUK 4. GOD GEE VIR ONS ’N NUWE LEWENSWYSE WAT VIR HOM REG IS, NET DEUR DIE EVANGELIE SONDER DIE WET

God maak ons dade en werke, goeie dade en werke, net deur die evangelie alleen, sonder die wet. Daardeur skep God ’n nuwe lewenswyse vir gelowiges waarvolgens hulle vir God reg leef, alleen uit geloof tot geloof. Dit is die nuwe regering van Christus en die beheersing deur die Heilige Gees. Afgodsdiens maak die mens se beheersing deur sy sondige geaardheid God se nuwe koninkryk en sondige begeertes die nuwe gehoorsaamheid aan God.

### 1. Christus regeer ons lewe

Die evangelie is:

> God het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak! (Hand.2:36)

Christus is die Here! Hy regeer ons lewe! Die regering van die Here gaan oor baie meer as net vergifnis van oortredings. ’n Goeie regering se doel is om mense reg te laat lewe. Daarom gaan goeie regering oor die goeie gedrag van mense, nie net oor die hantering van mense se oortredings nie. Dit is ook die doel van Jesus Christus se nuwe regering:

> Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het. (Ef. 2:10)

Christus stel ’n nuwe regeringswyse deur God in waardeur sondaars hulle weer aan die goeie dade, waarvoor hulle bestem is, aan God kan toewy.

Die evangelie gaan oor die nuwe wyse waarop God sondaars regeer:

> God het hierdie Jesus uit die dood laat opstaan; daarvan is ons almal getuies. 33 Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort” (Hand.2:32,33)

Die nuwe wyse waarop Jesus Christus sondaars regeer, is deur aan hulle die gawe van die Heilige Gees te skenk. Hierdie gawe maak dat sondaars se dade vir God weer reg en goed is.

God self sorg dat ons weer die dade wat vir God reg is, kan doen. Dit is nie ons wat moet sorg dat die lewe wat ons vir God leef, reg is nie. Die wyse waarop God ons lewe van goeie dade vir Hom as Here regmaak en reg laat wees, noem die Bybel regverdigmaking.

### 2. Regering deur die wet of die evangelie?

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Waardeur regeer die Here op hierdie nuwe manier ons lewe? Regeer Hy ons lewe deur die wet? Regeer Hy ons lewe deur die wet én die evangelie? Regeer Hy ons lewe nét deur die evangelie?

**2.1 Christus heers deur geregtigheid as gawe te géé**

Paulus het in sy brief aan die gemeente in Rome in hoofstukke 1 tot 5:11 klem gelê op hoe ons voor God reg is. Vanaf Rom 5:11 lê hy nou meer klem op hoe die Here ons lewe regeer en hoe Hy ons lewenswyse vir God reg laat wees. In Rom 5:20, 21 stel hy dit so:

> Die wet het bygekom om die oortredinge nog meer te maak; en hoe meer die sonde geword het, hoe oorvloediger het die genade geword.[21] Die doel was dat, soos die sonde deur die dood heerskappy gevoer het, die genade deur die vryspraak *(regverdigmaking*) ook heerskappy kan voer en tot die ewige lewe kan lei deur Jesus Christus ons Here.

Die 1933-vertaling lui só:

> Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword;[21] sodat, soos die sonde geheers het in die dood, so ook die genade kan heers deur die geregtigheid tot die ewige lewe deur Jesus Christus, onse Here." (Rom.5:20,21)

Die genade van God is nie nét iets waardeur ons vergewe word nie. Hierdie gedeelte wys dat God se genade 'n nuwe regeringswyse is. Wat maak van God se genade 'n regeringswyse? Dit is die regverdigmaking deur Jesus Christus. God se regverdigmaking is dus nie net 'n manier om vergewe te word nie. God se regverdigmaking is die nuwe wyse waarop God se genade 'n regeringswyse word.

Christene se lewe word nie meer beheers deur die feit dat hulle vir God dood is nie. "Vir God dood" beteken dat ons en alles wat ons vir God doen, vir Hom verwerplik en strafwaardig is. Buite Christus is dít wat mense se lewe beheers: dat hulle en niks wat hulle doen vir God ooit goed of ooit aanvaarbaar is nie. Daarom kan hulle maar net sowel in sonde leef en dit geniet, want om vir God iets te doen, bereik niks nie. In kontras hiermee word Christene beheers, dit wil sê, deur God regeer, en wel deur die geregtigheid wat God aan hulle gee. Hierdie geregtigheid word hulle toegereken. Dit beheers hul lewe.

Hoe verskil dit van God se vorige regeringswyse, voordat Jesus aan die regterhand van God gaan sit en aan ons die Heilige Gees gegee het? Konings eis dat mense reg moet leef. Onderdane moet self toesien dat hulle reg leef. As hulle nie self toesien dat hul dade reg is nie, dan straf die regeerder hulle. As hul dade reg is, dan beloon die heerser hulle. Jesus se nuwe regeringswyse is dat Hy nie van ons eis dat ons werke vir God reg moet wees nie, maar dat Hy self instaan daarvoor dat ons weer vir God kan eer en dien met goeie werke.

| **Christus regeer ons deur vir ons die regte lewe te gee, nie deur dit van ons te eis nie** |
|---|

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hy gee die regverdige lewe as ’n gawe aan ons. Hy regeer deur die regte lewe te gee, nie deur die regte lewe van ons te vra nie. Dit is die groot ommekeer van die nuwe regering - die Here gee aan ons die regte lewenswyse. Dit is nie iets wat ons aan Hom gee nie. Dit is baie anders! Hoe anders is dit?

**2.2 Christus regeer deur ’n nuwe bedeling: die evangelie**

In Romeine 7:6 tref Paulus weer hierdie onderskeid tussen die twee regeringswyses:

> Maar nou is ons vrygemaak van die wet, want ons het gesterf en staan nie meer onder die wet waardeur ons gebind was nie. Nou kan ons dien in die nuwe bedeling van die Gees, nie in die ou bedeling van wetsvoorskrifte nie.” (Nuwe Afrikaanse Vertaling)

> Maar nou is ons ontslae van die wet waardeur ons gebonde was, aangesien ons dit afgesterf het, sodat ons dien in die nuwigheid van die Gees en nie in die oudheid van die letter nie.” (Die 1933-Vertaling)

Hier gaan dit om twee maniere om God te dien. Diens aan God is om God te aanbid in gebede en om God gehoorsaam te wees in dade. Diens aan God is iets anders as vergifnis vir sonde. Vergifnis kan maklik gesien word as iets wat gaan oor alles wat in die verlede verkeerd gedoen is. Om die Here te dien, gaan daaroor om die regte en goeie dade vir God in die hede en toekoms te doen, nie om iets te doen aan die verkeerde dinge wat reeds gedoen is nie.

Hoe kan ons reg leef vir God en die regte goeie werke vir God doen? Ons kan dit nie volgens die ou bedeling se voorskrifte van die Tien Gebooie doen nie. Dit is die bedeling waartydens ons sou moes sorg dat ons volgens die gebooie vir God reg leef. Ons kan nie sorg dat ons lewenswyse op hierdie manier vir God goed en behaaglik is nie. Wie kan vir God reg leef en Hom behaag deur nooit sonde te doen nie? Wie kan vir God reg leef en behaag deur altyd alles vir God reg te doen?

Daarom kom Christus en skep vir ons ’n nuwe bedeling. In hierdie bedeling word ons nie meer deur die Tien Gebooie gebind as die manier waarop ons vir God reg moet leef en God moet behaag nie.

Ons is daarvan ontslae om deur die Tien Gebooie vir God die regte lewe te moet leef. In die plek van hierdie manier, wat nie kan werk nie, het die nuwe bedeling gekom: die bedeling van die Heilige Gees. Die bedeling van die Heilige Gees is die bedeling van die evangelie.

Hier tref Paulus dus ’n onderskeid tussen die bedeling van die Tien Gebooie en die bedeling van die evangelie. Om vir God reg te leef, goeie werke te doen, gebeur nét deur die evangelie. Dit gebeur nie deur die evangelie én wetsonderhouding nie.

**2.3 Christus bepaal ons gedrag deur die evangelie**

In Galasiërs 5 stel Paulus dit in drie verse só:

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> [16] Wat ek bedoel, is dít: Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie. ...
> [18] Maar as julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die wet nie. …
> [25] Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.

Ons word deur die Heilige Gees beheers. Beheers beteken regeer. Regering deur die Heilige Gees is heeltemal iets anders as om deur die wette van die Tien Gebooie geregeer te word. As die Heilige Gees ons lei, lei Hy ons deur die evangelie. Daarom staan ons nie meer onder die leiding van die Tien Gebooie as ons onder die leiding van die Heilige Gees deur die evangelie staan nie. Dit is twee verskillende maniere waarop God regeer en ons word nét deur die evangelie gelei.

Galasiërs 5 vers 25 wys dat God ons vir Hom deur die evangelie oftewel die Heilige Gees regmaak. Dit beteken dat Hy ons kinders van God maak, Hy ons sondeskuld wegneem, Hy maak dat ons vir Hom reg is en dat Hy aan ons die ewige lewe gee . Dit is hoe ons deur die Gees lewe. God gee dit vir ons.

Maar deur die evangelie bereik God ook iets anders met ons. Hy bepaal ons gedrag deur die evangelie. Hy bepaal die manier waarop ons goeie werke vir God doen. Hy láát ons vir Hom reg leef net deur die evangelie.

**Christus laat ons gedrag vir Hom reg wees net deur die evangelie, sonder die wet**

Die Bybel is baie duidelik: Christus regeer ons op ’n nuwe wyse. Hierdie nuwe wyse waarop Hy ons regeer, is deur die evangelie sonder die wet. Die Here verander ons lewenswyse en gedrag sodat dit vit Hom reg is – sonder die Tien Gebooie. Hy doen dit nét deur Christus.

**3. Ons nuwe lewenswyse: om uit ons geloof in die evangelie te leef**
Hoe leef ons op hierdie nuwe manier, dat dit deur die evangelie vir God reg is? Paulus beskryf dit in Galasiërs 2:

> [18] Maar as ek die bepalings van die wet wat ek nietig verklaar het, weer laat geld, dan maak ek myself daarmee tot ’n oortreder. [19] Maar wat my betref, deur die wet is ek vir die wet dood sodat ek vir God kan lewe: ek is saam met Christus gekruisig, [20] en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.”

Die nuwe lewenswyse is om uit die geloof in die evangelie te leef. Wat is dit en hoe is dit?

Eerstens beteken dit dat ek nooit weer die bepalings van die Tien Gebooie, dit wil sê die reëls van die Tien Gebooie, gebruik as die manier om reg vir God te leef nie. Ek aanvaar dat God hierdie wet as die wyse waarop ek vir Hom reg moet leef, tot niet verklaar het.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Tweedens beteken dit dat ek glo dat ek en Christus as mens in die hemel deur God met mekaar verenig is op so wyse dat ek ingesluit is en deel het aan die lewe wat Christus vir die Vader leef. Daarom maak ek nie staat op die goeie dade wat ek vir God doen om reg te leef vir God nie. Ek maak staat op die goeie lewe wat Christus leef!

Sy lewe wat Hy reg leef, is die lewe waarby ek deur God ingesluit is. Dit tel vir God as my lewe. Dit is wat Paulus bedoel met die woorde : “dit is nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe.”

In Romeine 6 stel Paulus dit só:

> 8 Ons het saam met Christus gesterwe; daarom glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe. ... 10 Hy het gesterwe en is eens en vir altyd vir die sonde dood. Nou lewe Hy, en Hy lewe vir God. 11 Julle moet dus altyd onthou dat ook júlle vir die sonde dood is, maar vir God lewe, omdat julle een is met Christus Jesus.

Ons lewe is vir God reg omdat ons ingesluit is in die lewe wat Christus vandag vir God leef. Christus leef as mens die lewe wat vir God die regte lewenswyse is. Hy is die Regverdige wat die Ou Testament voorspel het. Maar vir sy regverdige lewe is Hy gestraf. Dit beteken dat Hy nie gebaat het by sy regte lewe nie, maar wel ons, net soos wat ons verkeerde lewe nie vir ons tel nie, maar vir Hom.

Dit is hoe God my lewenswyse vir Hom reg laat wees – deur my te laat deel in die regte lewenswyse van Christus. God lááť my lewenswyse vir Hom reg wees. Dít is die nuwe manier van reg leef: om te glo dat dit God is wat my lewe vir Hom reg lááť wees. En Hy laat dit reg wees deur Christus se lewenswyse te laat geld vir my wat nie reg kan leef nie.

**Dit is hoe ons reg leef vir God: om te glo dat Hy ons lewe vir Hom reg lááť wees deur Christus se lewenswyse vir ons te laat geld**

Kan ons op hierdie manier reg leef vir God? Kan ons glo dat Christus reg leef vir God en ons by sy lewe ingesluit is? Sy lewe wat Hy vandag vir God lewe, geld vir ons as die regte lewenswyse wat ons vandag moet leef? Ons kan! Dit is die besondere van die evangelie! Dit behels nie net dat ons ten spyte van ons sonde vir God reg is nie. Dit gee ons ook die innerlike rus en sekerheid dat ons dade en werke vir God goeie dade en goeie werke is.

Daar is geen ander wyse waarop ons met die rus en sekerheid kan leef dat ons reg leef vir God nie. Dit is net op hierdie wyse dat ons lewenswyse vir God reg is: Hy lááť dit vir Hom reg wees deur Christus.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**4. God lááť sy kinders se lewe vir Hom reg wees**
Die verskil tussen die ou manier van reg leef volgens die wet en die nuwe manier van reg leef deur geloof in die evangelie, verduidelik Paulus in Galasiërs 4:3-7 aan die hand van die verskil tussen die leefwyse van kinders teenoor die leefwyse van arbeiders:

> "[3] En so is dit ook met ons. Toe ons nog geestelik onmondig was, was ons slawe van wettiese godsdienstige reëls. [4] Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe [5] om ons, wat aan die wet onderworpe was, los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem kon word. [6] En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: "Abba!" Dit beteken: Vader! [7] Jy is dus nie meer 'n slaaf nie; jy is nou 'n kind van God. En omdat jy sy kind is, het God jou ook sy erfgenaam gemaak.

God koop ons los van ons onderworpenheid aan die wet. Dit beteken God maak ons los van die wet as die wyse waarop ons vir Hom moet reg leef. Hy het hierdie las, om reg te leef volgens die wet, op Hom self geneem en doen dit elke dag in ons plek as mens in die hemel. Nou is ons kinders van God en nie slawe van die wet nie. Dit beteken dat God in Homself 'n innerlike vreugde in ons, sy kinders, se lewe het. Hy laat ons binne sy liefde en goedheid leef.

Hoe verskil die manier waarop 'n seun vir sy pa reg leef, teenoor die manier waarop arbeiders vir dieselfde persoon reg moet leef?

Wanneer 'n seun se pa vir arbeiders opdrag gee om in die tuin te spit en al die bossies uit te trek en hulle gaan spit baie van die blomme uit, wat gaan hy met hulle doen? Dit hang af van hoe kwaad hy oor die skade is. As hy baie kwaad sou wees, gaan hy hulle gewoon afdank. As hy minder kwaad sou wees, gaan hy van hulle geld aftrek om vir die skade te vergoed, of hy gaan met hulle raas. Hulle is arbeiders. Dit beteken dat as hulle vir die werkgewer reg wil leef en optree as arbeiders, dan moet hulle doen wat hy sê, presies soos wat hy dit gedoen wil hê. Om 'n arbeider te wees, beteken jy moet sorg dat jy reg optree, soos wat daar van jou verwag word. Dan ontvang jy guns en loon.

Wanneer 'n Graad 7-seun sien sy pa is te besig om aandag aan die tuin te gee en dit is besig om agteruit te gaan en hy gaan spit en werk die hele Saterdag in die tuin, maar spit ook in die proses van die blomme uit, en hy wys dit dan aan sy pa as hy die aand huis toe kom, hoe gaan die pa optree?

Die pa se eerste reaksie sal wees om vir sy seun dankie te sê en te sê dat hy trots is op hom.

Wat doen die pa as hy só teenoor sy seun optree? Hy sien wat verkeerd gedoen is, maar hy besluit dat hy sy seun se lewe en werk vir hom goed sal lááť wees. Dit is iets wat die pa in homself besluit en in homself doen met die werk wat sy seun vir hom gedoen het. Hy sien die geloof van sy seun. Hy sien dat die seun glo dat hy sy pa kan vereer. Hy sien dat die seun nie gewerk het vir geld of belonings nie. Hy sien dat die seun geglo het sy werk behaag sy pa. Die pa sien sy seun! Dit is sý seun wat glo dat sy pa homself sal laat eer deur sy seun se werk.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hy laat hierdie geloofsdaad van sy seun vir hom goed wees. Hy aanvaar die werk as iets waardeur sy seun geglo het dat hy hom as pa vereer.

Dit is wat dit beteken om uit die geloof in die evangelie te leef: ons glo dat God ons lewenswyse en dít wat ons vir God doen self vir Hom sal laat goed wees. Hy laat ons sy kinders wees wat Hom vereer. Hy laat ons nie sy arbeiders wees wat self moet sorg dat alles reg is soos Hy sê om sy guns en eer te verdien nie.

Goeie werke en goeie dae vir God is werke en dade wat ons doen in die geloof dat God ons werke en dade vir Hom goed en reg maak in en deur Christus. Goeie dade en goeie werke is uit geloof en tot geloof in Christus. Dit is die evangelie en ons geloof in die evangelie wat ons werke, dade en lewe vir God goed en reg laat wees.

**5. Regverdigmaking deur die evangelie sluit in reg wees en reg leef**

God maak ons reg deur ons sonde weg te neem én Hy laat ons lewenswyse vir Hom reg wees. Dit is wat net God uit en deur Homself in Christus doen. Dit doen Hy net deur Jesus Christus sonder enige iets wat ons volgens die wet doen.

Christus se straf tel vir ons sondes. Hy sluit ons in in die straf wat Christus vir ons gedra het. Dit maak ons reg vir God. Maar dit is nooit al nie. Die lewe wat Christus vandag vir God leef en wat reg is, tel ook vir ons. Die Heilige Gees sluit ons in hierdie lewe in op so 'n wyse dat die Here se lewe as mens vir ons tel. Daarom kan ons net glo dat ons vir God reg is en net glo dat ons lewe vir God reg is. Hy maak ons reg en laat ons lewe vir God reg wees.

Dit is wat Paulus bedoel met die volgende sin in Romeine 1:

> 17 Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe."

God maak ons regverdig. Dit is iets wat Hy doen en vir ons gee. Die wyse waarop Hy dit doen is nie net om ons reg te maak nie, maar ook ons lewenswyse vir Hom reg te laat wees. Dit doen Hy alles net deur die evangelie sonder die wet of ons onderhouding van die wet.

Hierdie twee dele van wat God doen, klink dan só: uit geloof word ons reg gemaak vir God tot geloof in 'n nuwe lewenswyse waarvolgens ons uit die geloof kan leef dat Hy ons lewenswyse vir Hom reg laat wees. Ons is regverdig vir God en leef reg vir God alleen deur ons geloof in die evangelie.

Elke daad wat ons vir God doen, is 'n geloofsdaad! Ons glo dat God ons werk vir Hom aanvaar deur dit self reg te laat wees vir Hom. God aanvaar elke werk wat ons vir Hom doen as reg deur die geloof waarin en waaruit ons dit gedoen het dat Hy Homself in hierdie geloofstoewyding sal verheerlik as ons Vader.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Kan ’n mens jou indink hoe verskriklik God se genade sou wees as Hy net ons skuld vergewe, maar dat ons nooit vir Hom reg kan lewe nie? Dit sou ons vir ewig in die posisie plaas dat ons nooit vir God wat ons vergeef het reg kan leef nie. Ek sal nooit in die sekerheid kan leef dat my lewenswyse God behaag nie. Ek sal altyd in die vernedering leef dat God, wat my vergewe, net nooit met my toewyding gelukkig kan wees nie. Ek sal altyd in die verwarring leef dat God my nader trek deur die liefde wat Hy in sy vergifnis aan my skenk, maar my altyd weer verdryf deur die onbehaaglikheid wat Hy in my lewe het. Dit is ’n onhoudbare posisie.

Daarom gee God ook ons ’n lewe wat vir Hom goed en reg is: die lewe van Christus wat vir ons lewe tel. So stel God ons in die posisie dat Hy altyd die werke, wat ons in geloof in sy liefde vir ons doen, uit hierdie geloof ontvang as ’n lewe waarop Hy trots is en waardeur Hy Hom as God laat vereer.

**6. Die manier waarop mense self vir God reg wil leef, is om die Here se manier om te draai**

Paulus was baie ontsteld oor wat die mense in die gemeentes in die provinsie van Galasië gedoen het. Dit is die gebied wat ons vandag as Turkye ken. Hulle het die nuwe manier waarop die Here hul lewens laat reg wees, nie aanvaar nie. Hulle het hul eie manier gehad waarop hulle hul lewe vir God laat reg wees.

> Julle Galasiërs, is julle dan so sonder begrip? Wie het julle verstand benewel? Jesus Christus is tog so duidelik aan julle verkondig dat julle Hom as ’t ware aan die kruis kon sien hang! 2 Net een ding wil ek van julle weet: Het julle die Heilige Gees ontvang deur die wet van Moses te onderhou of deur die evangelie te glo? 3 Is julle dan so sonder begrip? Julle het met die Gees begin; wil julle nou in eie krag eindig? 4 Was al julle swaarkry dan verniet? Dit kon tog nie verniet gewees het nie! 5 Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk, doen Hy dit omdat julle die wet onderhou of omdat julle die evangelie glo? 6 So was dit ook met Abraham: “Hy het in God geglo, en God het hom vrygespreek.(Gal 3:1-6; Nuwe Afrikaanse Vertaling)
>
> o, ONVERSTANDIGE Galásiërs, wie het julle betower om die waarheid nie gehoorsaam te wees nie, julle voor wie se oë Jesus Christus afgeskilder is as onder julle gekruisig? 2 Dit alleen wil ek van julle weet: het julle die Gees ontvang uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof? 3 Is julle so onverstandig? Nadat julle met die Gees begin het, eindig julle nou met die vlees? 4 Het julle verniet so baie gely? As dit maar verniet was! 5 Hy wat julle dan die Gees verleen en kragte onder julle werk, doen Hy dit uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof? 6 Net soos Abraham in God geglo het, en dit is hom tot geregtigheid gereken.” (Gal.3:1-6; 1933-AV)

Die wyse waarop Jesus as Here ons regeer, is deur ons met die Heilige Gees toe te rus en kragtig onder ons te werk. Hierdie kragtige werking en toerusting beteken Hy sluit ons in Christus in sodat sy lewe tel as die regte lewe wat ons moes leef.

Die Here doen dit net deur die evangelie sonder die wet. Ons kan net leef uit die geloof dat God deur Christus in ons werke ’n behae het, sonder dat dit ooit volgens sy wet reg kan wees.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hoekom doen God dit so? Want ons kan nie volgens die wet van God reg leef nie, al vergewe die Here ons. As God ons vergewe, beteken dit mos nie dat ons nou volgens die wet elke dag reg kan lewe nie!

Wat het die mense in die gemeentes van Galasië gedoen? Hulle draai dit om: hulle sorg self weer dat hulle vir God reg leef. Hul manier is om weer volgens die wette van die Tien Gebooie vir God reg te leef.

Die nuwe manier van reg leef is om in God se behae in ons werke net deur Christus te glo! Nie om God volgens die reëls van die Tien Gebooie te behaag omdat ons self alles wat God sê mense moet doen, reg wil doen nie. “Abraham se geloof is hom tot geregtigheid gereken”, beteken sy lewe uit sy geloof in die evangelie is vir hom deur God as die regte lewenswyse gegee.

Kyk wat veroorsaak dat mense hierdie twee maniere van reg leef omdraai! Dit is betowering. Betowering is afgodsdiens! Die omkeer van wat God doen, betower mense. Dit is die kenmerk van afgodsdiens. Elke keer as ons hierdie omkering van God en sy werk teëkom, dan kan ons weet dit is niks anders as afgodsdiens nie.

**God se manier om sondaars se lewens reg te laat wees, is om hulle in te sluit in Christus en sy lewe vir hulle te laat geld as hul regte lewe, sonder inagneming van hul werke wat reg is. Hul geloofsdade en geloofslewe is vir God reg**

**Afgodsdiens se manier om vir God reg te leef, is om te glo dat mense die krag en mag van God ontvang het om self goeie werke vir God te kan doen en self die regte lewe vir God te kan leef.**

Dit is presies die teenoorgestelde manier as God se manier. God laat ons lewe vir Hom reg wees sonder die wet, net deur die evangelie. Die Galasiërs se manier van reg leef vir God, is om alles reg te doen wat Hy volgens sy wet sê – omdat hulle glo God het hulle die krag gegee om die wet te kan onderhou.

Wat het hier gebeur? Paulus wys hulle daarop dat hulle met die Gees, dit wil sê die evangelie, begin het, maar dat hulle met die “vlees” geëindig het. Wat beteken dit? Dit beteken dat hulle aanvaar het dat God hul sonde vergewe, hulle reg maak, net deur Christus en net deur geloof in Christus. Dit is hoe hulle begin het. Maar toe hulle moes besluit hoe om vir God reg te leef, toe besluit hulle dat hulle vir God sal reg leef deur die wet en wetsonderhouding. Hulle glo God bemagtig hulle om self reg te doen en reg te leef.

Hierdie houding en geaardheid om self reg vir God te leef, noem Paulus “die vlees”. Die Galasiërs het weer ’n eie manier gekry as alternatief vir God se manier. God sê Hy sal ons

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

lewe reg laat wees deur Christus se lewe vir ons te laat geld. Die Galasiërs sê God se evangelie is net vir vergifnis, hulle sal self weer volgens die wet vir God die regte lewe leef!

Hulle maak so: om vergewe te word, is iets wat God vir die mens doen. Om vir God reg te leef, is iets wat mense vir God doen. Anders gestel, die verkeerde dinge wat ons doen, maak God reg, maar ons doen die goeie werke wat God van ons verwag nadat en omdat Hy ons vergewe het. Hier word "reg maak" en "reg leef" twee verskillende sake. Die Galasiërs onderskei dus tussen reg maak en reg leef vir God.

**Reg maak en reg leef word twee verskille sake in afgodsdiens**

Die Bybel ken nie hierdie onderskeid nie. In die Bybel is die wyse waarop God ons reg laat wees regverdigmaking: Hy maak ons en ons lewe vir God gelyktydig en heeltemal reg deur die evangelie sonder die wet. As God ons red, is regmaak en reg laat leef een saak: regverdigmaking. As ons dit self doen, word reg maak en reg leef twee verskillende sake.

**7. Mense se sondige geaardheid maak dat hulle volgens die wet vir God reg wil leef.**
Wat maak dat mense altyd besluit hulle sal vir God reg leef deur volgens sy wet te leef, al kan hulle dit nie vermag nie? Kom ons toets weer hierdie houding en gesindheid in mense:

> Kan mense 'n lewe sonder sondes leef? Want die regte lewe is 'n lewe sonder sonde! Die regte lewe vir God kan nie 'n lewe met sonde wees nie.
>
> Kan mense onderneem om God te dien en goeie dade vir God te doen, en hierdie diens en werke vir God só goed te doen, dat dit volgens die wet van God reg is? Mense kan nie. Die goeie werke wat mense vir God doen en die diens wat mense aan God bewys omdat Hy hulle vergewe, is só verkeerd dat God mense net vir hul beste diens en liefdevolste toewyding moet verwerp, nie net vir hul weiering om Hom te dien nie.
>
> Kan mense teenoor God onderneem dat hulle 'n lewe van liefde en oorgawe aan God gaan leef? Die liefde wat God vra, is gehoorsaamheid aan sy wet! Oorgawe is oorgawe aan sy wil. Dit is sy wet.
>
> Kan mense so 'n lewe van oorgawe en liefde vir God leef?
>
> Kan mense teenoor God onderneem dat hulle 'n lewe van diens aan Hom en hul naaste sal lewe? Diens aan God en ons naaste is diens volgens sy wil. Dit is sy wet.
>
> Kan mense so 'n lewe vir God leef?
>
> Kan mense teenoor God onderneem om 'n lewe te leef waarin hulle al minder en minder sonde gaan doen? Minder en minder beteken nie weer dieselfde sonde oor en

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

oor doen nie. Minder en minder beteken nie net minder “groot sondes” doen nie. Dit beteken glad nie sondes doen nie.

Kan mense God beloof dat hulle sondes in hul lewe só sal oorwin dat hulle dit nie meer sal begeer en aan sonde sal dink terwyl hulle God dien en hulle daarop toelê om vir Hom goeie werke te doen nie? Mense kan nie!

Nou wat maak dan dat mense voel hulle kán vir God reg leef volgens sy wet?

Paulus beantwoord dit in Romeine 8:5-9;14-15.

> [5] Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die sondige natuur, maar dié wat hulle deur die Gees laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die Gees. [6] Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, loop uit op die dood, maar die dinge waarmee die Gees Hom besig hou, bring lewe en vrede. [7] Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, is immers vyandskap teen God. Die sondige natuur onderwerp hom nie aan die wet van God nie, dit kan trouens ook nie. [8] Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, kan nie die wil van God doen nie. [9] Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in julle. ... [14] Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God. [15] Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: “Abba!” Dit beteken Vader. (Nuwe Afrikaanse Vertaling)
>
> [12] Daarom dan, broeders, is ons skuldenaars, nie aan die vlees om na die vlees te lewe nie;
> [13] want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe, maar as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe.[14] Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.
> [15] Want julle het nie ontvang ’n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader!” (1933-Vertaling)

In Galasiërs 3:3 het Paulus gesê:

> Nadat julle met die Gees begin het, eindig julle nou met die vlees?

Wat doen die vlees? Dit wil deur die wet vir God reg leef! Dit is die mens se sondige geaardheid wat maak dat die mens voel hy kan teenoor God onderneem om God reg te dien en die regte dade te doen, en wel deur die wet en wetsonderhouding.

Want dit is net uit die mens se sondige geaardheid dat die mens vir God kan sê dat hy vir God self reg sál leef volgens sy wet. Al sê God vir die mens dat God vir hom (die mens) ’n ander manier van diens geskep het omdat die mens Hom nie volgens sy wet reg kan dien nie.

Die teenstelling tussen die beheersing van die Gees en die beheersing van die sondige aard van die mens moet goed verstaan word. Die sondige aard van die mens gaan nie oor mense wat openlik verklaar dat hulle sleg wil wees en ongehinderd hul sondige drifte wil uitleef nie. Dit is nie hoe die sondige aard van die mens werk nie. Die sondige geaardheid van die mens werk anders. Die sondige mens sê vir God dat hy God reg sal dien en vir God reg sal leef volgens sy wet – al sê God Hy laat nou dat mense Hom volgens die evangelie dien en eer. Dit

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

is hoe die sondige geaardheid van die mens werk! Om vir God te sê:”Ek sal”, wanneer God sê: “Jy kan nie”!

Die mens word beheers deur sy eie manier om vir God reg te wil wees. Hy wil vir God sê hy sál en kán vir God lief hê. Hy wíl en sál vir God dien soos God dit volgens sy gebooie verwag. Hy sál vir God gehoorsaam leef volgens sy wet. Hy sál sonde uitlos. Hy sál vir God volgens sy eise goed leef.

Dit is hoe die mens deur sy sondige geaardheid beheers word. Die mens weier om uit die geloof in die evangelie te leef. Om te leef uit die geloof dat nie ons nie, maar God ons diens, werke, dade en lewe vir Hom reg sal laat wees. Die sondige geaardheid van die mens wil nie uit die nuwe geloofsgehoorsaamheid leef waarin ons dade vir God goed is uit en deur ons geloof dat Hy dit goed laat wees nie. Die sondige geaardheid van die mens glo in die krag van sy eie liefde om vir God reg te kan dien.

Volgens Paulus se voorbeeld van slawe en seuns beteken dit dat die seun vir sy pa gaan werk vir geld omdat hy voel dat hy net so goed en hard soos die arbeiders kan werk. Die seun wil ook net soos die arbeiders vergoed word vir die goeie manier waarop hy vir sy pa werk. ’n Seun wat só vir sy pa werk, het die eer en liefde van sy pa, wat wou hê dat hy uit die geloof in sy kindskap sou werk, verloor. ’n Seun wat homself as sy pa se arbeider wil bewys, het die eer van sy pa verloor.

Dit is ons sondige aard wat God se manier waarop ons diens en dade vir Hom deur die evangelie reg is, omdraai na diens en dade wat vir God reg is deur die wet. Dit is afgodsdiens om vir God volgens die wet reg te wil leef in die geloof dat ons kan. Dit verdraai God se manier. Daarom wys Paulus dat hierdie beheersing deur die wet niks anders as sonde kan wees nie. Dit is ’n leuen dat mense vir God reg kan leef deur hul gehoorsaamheid aan die wet. Deur al die maniere waarin mense glo dat hulle vir God reg leef volgens sy wet, is hulle in opstand teen God en is daar geen werklike gehoorsaamheid nie, al dink hulle dat daar is.

**8. In die moderne Christelikheid glo mense dat hulle vir God meer reg kan leef deur die wet as wat God ons deur die evangelie kan laat reg leef**

In die meeste Christelike kerke het die volgende geloof van die moderne Christelikheid deel van die prediking en geestelike leiding geword: Jy kan deur die krag van God vir God reg leef volgens sy wet.

Die metode van hoe dit gedoen moet word, is ook wêreldwyd in die moderne Christelikheid dieselfde!

1. Eers moet jy ’n kind van God word deur jou hart en lewe vir God te gee. As jy dit doen, is jy gered en gaan jy hemel toe.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

2. Maar dan is jy volgens die moderne Christelikheid nog net ’n gelowige sonder dat jy God werklik gehoorsaam kan wees: jy bid nog nie met oorgawe nie; jy leef nog nie ’n lewe van oorwinning oor die sonde nie; jy is nog nie vir God regtig ’n getuie nie; jy leef nog ’n lewe van val en opstaan - van sonde doen en weer probeer; jy leef nog nie die volheidslewe wat God vir jou bedoel het nie; jy leef nog nie die regte lewe wat God wil hê jy moet leef nie.

3. Die rede hoekom jy nog hierdie gebreklike en sukkelende geestelike lewe leef, is omdat jy nog nie die krag van God ontvang het om die volle oorwinningslewe oor sonde en die volle lewe van liefde te kan leef nie. Al glo jy in Jesus Christus, is jy nog nie vervul met die krag wat die Heilige Gees aan mense gee nie. Die vervulling met die krag van Heilige Gees sal jou dan die volle vreugdevolle oorvloedige liefdes- en gehoorsaamheidslewe vir God laat leef.

4. Hoe word jy dan met die Heilige Gees vervul? Die antwoord is wêreldwyd in gemeenskappe van die moderne Christelikheid dieselfde: God het nog nie volle beheer van jou lewe nie, al het jy tot bekering gekom, moet jy God nog eers die volle beheer gee. Dit gee jy vir God deur tot ’n volle oorgawe aan God te kom. Deur jou geloof in Christus het jy nog nie die volle beheer van jou lewe vir God gegee nie. Die volle beheer gee jy net aan God as jy onderneem om nie meer in jou eie krag te leef nie, maar te glo dat God se krag jou lewe sal vul en dan sal jy uit God se krag die volle lewe van liefde en oorgawe wat God van jou verwag, leef.

5. Jy sal vir God reg leef – as jy vir God die volle beheer van jou lewe gee. Hierdie volle oorgawe aan God, gee Hom beheer en vir jou gee dit die krag van God in jou lewe. Hierdie krag van God maak dat jy dan vir God ten volle reg kan leef soos Hy dit van jou in sy wet verwag.

**9. Moderne Christelikheid: Twee soorte Christene: gelowiges en Geesvervuldes**

Op hierdie wyse is daar dan in die moderne Christelikheid, net soos met die Christene in Galasië in Paulus se tyd, twee soorte Christene in die kerk: dié wat net gered is deur hul bekering en oorgawe, en díe wat ten volle reg vir God leef deur die krag van God in hul lewe.

Hulle sien en glo dat daar twee groepe Christene is binne in die kerk: die gewone bekeerdes en dan die Geesvervuldes wat vir God reg leef deur God se krag. Dit is presies die betowering van die Galasiërs gewees wat Paulus aanspreek.

Wat is die kern van hierdie afgodsdiens? Dit is die geloof dat mense vir God reg kan leef deur ’n volle oorgawe en dat mense vir God beheer gee oor hulle lewe deur belydenisse, berou, en ondernemings teenoor God. Dit is die geloof dat God hulle deur sy wet regeer.

**10. Die gawe van die Heilige Gees is om ingesluit te wees in die evangelie, nie om deel te wees van God se krag in jou lewe nie**

Alle gelowiges is vir God reg en Hy laat hul diens en werke met al die gebreke wat hulle het en met al die sondes wat hulle nog voortdurend doen, vir Hom reg wees. Dit is wat die

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

vervulling met die Heilige Gees beteken. Jesus Christus gee ons die Heilige Gees sodat Hy ons insluit in die lewe en sterwe van die Here. Omdat sy sterwe vir ons geld, is ons vir God reg. Omdat sy lewe vir ons geld, is ons diens en werke vir God reg. Hy laat ons diens en werke reg wees en ons kan Hom daarvoor net vertrou. Ons kan in die geloof leef dat Hy ons diens en werke vir Hom goed en reg laat wees, met al die sonde wat daarin opgesluit is.

**10.1 Alle gelowiges is Geesvervuld, ook díe wat nie volgens die wet reg leef nie**

Alle Christene wat met die Heilige Gees vervul is - dit wil sê wat ingesluit is in Christus se lewe as mens vir hulle - kan nog steeds nie volgens die wet van God vir God reg leef nie. Hulle kan nog steeds nie bid soos God aanbid moet word nie; hulle kan nog steeds nie 'n lewe sonder sonde leef nie; hulle kan nog steeds nie minder en minder sonde doen nie.

Maar daar is een ding wat hulle wel kan doen. Hulle weet dat die gebede wat hulle bid, hoe oneerbiedig en gebrekkig dit ook al mag wees, die gehoorsaamheid wat hulle aan die Here bewys, hoe vol sonde dit ook al mag wees en die liefde wat hulle aan die Here toewy, hoe halfhartig dit ook al mag wees –vir God volkome reg is. Want hulle glo God. Hulle glo God dat hul diens en dade vir God reg is net deur die evangelie. Dit is hoe die Heilige Gees ons nuut regeer: God laat ons dade en diens in al die sondigheid wat dit insluit reg wees, deurdat Hy Christus se diens en goeie werke vir ons laat geld. Ons lewe is vir God reg en goed omdat Christus se lewe vir ons toegereken is. Só laat God ons lewe vir Hom self reg wees. Ons leef die nuwe regte lewe: die lewe uit die geloof, die evangelie.

Daar kan nie 'n onderskeid of verskil binne die Christelike Kerk getref word tussen gelowige en Geesvervulde Christene nie. Wie die evangelie glo – is vervul met die lewe van Christus. God laat dit vir hulle geld.

**10.2 Die krag van God wat mense volgens die wet vir God reg sou laat leef**

Wat is hierdie "krag van God" waaraan mense sou deel kry as hulle die Here deur hul liefde en oorgawe beheer oor hul lewe gee?

Hierdie krag kan ons net volgens die Bybel en wel uit Genesis 3:2-7 verstaan. Hierdie krag wat mense vervul, is die krag wat mense kry om met God te identifiseer.

> "[2] Die vrou het die slang geantwoord: "Ons mag eet van die vrugte van die bome in die tuin. [3] God het net gesê ons mag nie eet van die vrugte van die boom in die middel van die tuin nie en ons mag dit nie aanraak nie, want dan sterf ons." [4] Toe sê die slang vir die vrou: "Julle sal beslis nie sterf nie, [5] maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken."[6] Toe besef die vrou dat die boom se vrugte goed is om te eet en mooi om na te kyk en begeerlik omdat dit kennis kan gee. En sy het van sy vrugte gepluk en geëet. Sy het ook vir haar man by haar gegee, en hy het geëet. [7] Hulle altwee se oë gaan toe oop, en hulle besef dat hulle kaal is."

Hier word die wese van alle sonde op 'n baie besondere manier beskryf. Die Here het aan die mens die vermoë en opdrag gegee om die hele skepping te kan ondersoek en te kan ken.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Daarom is dit deel van die mense se taak om alles in die skepping te ondersoek en name aan alles te gee. Maar die mens wil nie menslike kennis hê nie. Die mens wil God se kennis hê. Die mens wil nie weet wat hy kan en moet weet om God te dien nie. Hy wil alles weet soos God alles weet.

Dit is die wese van alle sonde: om deel van God se kennis, God se krag, God se persoon en God se besluite te wees. Die mens wil nie God as mens gehoorsaam wees nie. Die mens wil homself met God identifiseer: hy wil homself inleef en een wees met alles wat God in Homself is.

Die Bybel noem identifisering met God sonde. Maar mense sien hierdie sonde, om met God te identifiseer, as die manier waarop hulle beter mense kan wees as om net gehoorsame mense vir God te wees.

Dit is soos 'n pa wat vir sy seun vra om die erf skoon te maak en al die vuilgoed bymekaar te maak en met die kruiwa na die asblik toe te vat. Die seun besluit dit is 'n geleentheid om meer te doen as wat sy pa vra. Hy sal sommer alles self met die bakkie na die stortingsterrein toe vat, al het hy nie 'n lisensie nie en al mag hy nie met die bakkie ry nie.

Wat doen hy? Hy wil nie 'n seun wees wat met 'n kruiwa die erf skoonmaak nie. Hy wil met sy pa se bakkie in die strate gaan ry asof die bakkie syne is. Hy maak van gehoorsaamheid net 'n verskoning om sy pa se bakkie vir hom self toe te eien en te misbruik. Dit is nie beter gehoorsaamheid as hy al die vuilgoed stortingsterrein toe ry nie. Dit is ongehoorsaamheid. Hy mag nie homself met sy pa se bakkie bemagtig nie. Hy moet die kruiwa stoot.

Dit is die sonde geleë in die houding dat mense self vir God sal reg leef volgens God se wet. Gehoorsaamheid aan God word net as 'n verskoning gebruik om hulself met God se krag te bemagtig. Om jouself te verhef en te meen jy kan God in beheer stel van jou lewe en dat Hy jou dan moet laat deel in sy goddelike krag sodat jy gehoorsaam kan lewe, is sonde. God stel jou nie aan om met sy goddelik krag self gehoorsaam te wees aan sy wet nie. God laat jou kruiwadiens, met al die gebreke en verkeerde gesindhede daaraan verbonde, vir Hom reg en goed wees.

Die nuwe soort gehoorsaamheid deur God se krag is die bedeling wat mense instel om vir God te leef. Dit is nie die bedeling wat die Here ingestel het nie. Die Here se bedeling is die evangelie sonder die wet. Die Here sluit sondaars in Christus se lewe as mens in, nie in Christus se krag as God nie. Hy laat sy menslike lewe volgens die wet vir ons geld om sodoende te kan reg wees. Hy laat ons nooit in sy krag en mag as God deel om so meer gehoorsaam te wees aan God as wat sondaars aan God kan gehoorsaam wees nie.

Om in sy krag en mag as God te deel, sal sondaars nie meer gehoorsaam maak as om ingesluit te wees in die gehoorsame lewe van Christus as mens nie. Dit is sonde om God se krag te begeer en te glo dat jy jouself met God se krag kan bemagtig.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

In afgodsdiens is dit die wyse waarop mense God in ’n nuwe en beter bedeling as die evangelie wil dien: húlle wil God beheer gee. Hulle glo nie in die evangelie as die nuwe manier waarop God nuut regeer nie. In afgodsdiens wil mense nie deel hê aan Christus se gehoorsame lewe as mens nie. Hulle wil deel hê aan die krag en mag van God self. Dit is net ’n voorwendsel dat dit om gehoorsaamheid gaan. Dit gaan om mag: om God se mag met Hom te deel.

Die geestelikheid van mense wat hulle as “Geesvervulde Christene” binne die Christelike kerke bokant “gewone Christene” verhef, is nie meer gehoorsaam as ander Christene nie of kan nie van wetsonderhouding die regte wyse maak om vir God te leef nie. Hulle maak van sonde ’n beter Christelike lewe as die regte lewe wat God ons in Christus skenk.

**11. Die geestelikheid van die sondige geaardheid is die “nuwe” geestelikheid van die moderne Christelikheid**

Paulus stel dit in Romeine 8 dat hierdie houding van mense om volgens die wet vir God beter en meer gehoorsaam te kan leef, as wat Christene uit hul geloof in die evangelie leef, neerkom op beheersing deur die sondige geaardheid van die mens. Onder die voorwendsel van gehoorsaamheid wil mense een wees met God. Hulle wil hulself in God bemagtig, nie aan Hom gehoorsaam wees nie.

**Die geloof in die regte lewe vir God volgens die wet gaan oor selfbemagtiging deur God se krag , nie oor gehoorsaamheid nie**

In die moderne Christelikheid het hierdie geestelikheid van die vlees, die geestelikheid van die sondige geaardheid van die mens, die lewe in die Gees vervang. Om jouself met God te bemagtig, is die geestelikheid van die “vlees”. Die lewe wat Paulus aandui as die lewe deur die beheersing van die vlees of die sondige geaardheid van die mens, is in die moderne Christelikheid die lewe van “Geesvervulde Christene”. Dit is die verdraaiing en ommekeer binne die moderne Christelikheid: die moderne Christelikheid maak asof die lewe in die geloof in God se regverdigmaking ’n lewe “in die vlees” is, terwyl die lewe onder die beheersing van die vlees volgens die Bybel vir die moderne Christen nou die lewe “in die gees” is.

Vir hulle is hierdie lewe “ in die gees” ’n lewe in selfbemagtiging met God se krag, mag, naam en besluite. Volgens die Bybel is dit ’n lewe in sonde. Deur die beheersing van hulle sondige geaarheid leef die moderne Christelikheid hierdie lewe in sonde as die meer gehoorsame, meer liefdevolle, meer toegewyde en meer diensbare lewe as die lewe in die geloof en uit die geloof in die evangelie.

Dít wat die Bybel uitwys as sonde, om jouself met God te identifiseer, is in die moderne Christelikheid die nuwe wyse om met God se Gees vervul te word en om met God se Gees

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

beheers te word. In die moderne Christelikheid is identifikasie met God die nuwe wyse waarop jy die krag kry om aan God beter gehoorsaam te wees, eerder as om net te glo dat God jou lewe vir Hom net deur Christus se lewe reg laat wees. En dit is sonde.

Wat gebeur met Christene as die geestelikes van die moderne Christelikheid hulle soos volg konfronteer?
Omdat Christene nog sonde doen, omdat Christene nie altyd God ten volle gehoorsaam nie, omdat hulle sukkel om te doen wat God vra, omdat dit nie vir hulle altyd 'n vreugde is om vir God te doen wat Hy eis nie, omdat hulle nie altyd bly, vrolik en opgewonde is om gehoorsaam aan God te wees nie, leef Christene nie vir God nie, is Christene nog nie vervul met die Gees van God nie, is hulle net bekeer en wedergebore, maar nog nie toegerus om vir God te leef nie -is hulle vleeslike Christene! Is hulle dus halwe Christene! Is hulle Christene met wie God nooit tevrede kan wees nie!

Preek hulle die beheersing van die Gees, die nuwe heerskappy van Christus net deur die evangelie as hulle so preek?

Dit is maklik om hulle te toets. Kyk na hul oplossings vir hierdie slegte lewe waarvoor hulle Christene so verkleineer en verneder. Hulle antwoorde klink só:

jy moet met oorgawe en opregtheid bid;
jy moet self eers niks word sodat God alles in jou word;
jy moet God se Gees toelaat om jou lewe te vervul;
jy moet jouself heeltemal oorgee aan God;
jy moet die totale beheer van jou lewe aan God oorgee;
jy moet jouself geheel en al aan die wil van God oorgee;
jy moet niks meer in eie krag doen nie;
jy moet God toelaat om jou met sy krag te vervul;
jy moet God ten volle koning maak in jou lewe;
jy moet God op die troon van jou hart laat sit en
jy moet nie meer self in beheer van jou eie lewe wees nie.

Is dit dieselfde as om net te glo dat God jou insluit in Christus se gehoorsame lewe? Of is dit totaal iets anders? Dit is totaal iets anders! Dit is nie die verkondiging van die nuwe heerskappy van Christus deur die evangelie nie. Dit is die prediking van afgodsdiens.

Dit preek die heerskappy van sonde, identifikasie met God, as beter kennis en 'n voller ervaring van God as die kennis van God in en deur sy regverdigmaking.

Wat is die doel van hierdie nuwe lewe volgens hierdie predikers? Dit is dat God se krag in jou lewe sal inkom en jy deel sal hê aan die mag van God.

Toets dit maar self aan die bedoeling van die antwoorde wat mense gee. Hulle wil hê jy moet jou só inleef in God sodat jy uit sy krag jou lewe kan leef en nie uit die menslike krag wat

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

God jou gegee het nie. Om hierdie sonde te regverdig, misbruik hulle ’n lewe van diens en goeie werke vir God as verskoning om God se krag en mag te mag toe-eien.

**12. Die nuwe beheersing deur die gees van die moderne Christelikheid, is die beheersing van die mens deur sy sonde**

Die moderne Christelikheid hou die kern van sonde, naamlik om met God te identifiseer, voor as die krag waarmee mense God beter sal ken, liefhê en beleef as deur die geloof dat God die mens se lewe vir Hom volgens sy wet sal laat reg wees in Christus. Die tweede, voller ervaring van God is bedoel om afgodsdiens te wees! Sonde as die krag om God beter te ken en te ervaar as diens en gehoorsaamheid! Dit is hoe dit gepreek word, voorgehou en voorgeleef word. Jy moet daarvan afsien om te glo in die evangelie, ter wille van ’n lewe in die sonde om met God te identifiseer – as jy God ten volle wil ervaar!

Die nuwe geestelike heerskappy van die moderne Christelikheid is dít wat die Bybel die heerskappy van sonde noem:

> Julle was dood as gevolg van julle oortredings en sondes [2]wat voorheen julle lewenswyse gekenmerk het. Julle het gelewe soos hierdie sondige wêreld en julle laat lei deur die vors van die onsigbare magte, die gees wat daar nou aan die werk is in die mense wat aan God ongehoorsaam is. [3]So het ons trouens vroeër ook almal gelewe. Ons is deur ons sondige begeertes oorheers en het gedoen net waartoe ons luste ons gelei het en wat in ons gedagtes opgekom het. Vanweë ons sondige natuur sou ons net soos die ander mense deur God gestraf moes word. [4]Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. [5]Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered! [6]Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom ’n plek in die hemel gegee, [7]sodat God ook in die tye wat kom, sou laat sien hoe geweldig groot sy genade is deur die goedheid wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het. [8]Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is ’n gawe van God. [9]Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. [10]Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het. (Ef.2:1-10)

In die moderne Christelikheid is die vervulling met God se gees die vervulling met die persoon, krag, mag en wil van God. Hierdie vervulling noem die Bybel die leiding en werk van die gees van die vors van onsigbare magte. Paulus verwys hier na die afgodsdienste waaruit die Christene in die gemeentes van Galasië gekom het. In hul afgode het hulle die krag gekry om elke sondige drif as ’n diens en goeie werk vir God te doen: as hulle moordlustig was, het hulle geglo die krag van Apollo het hulle vervul om vir hom oorlog te voer; as hulle heerssugtig was, het hulle geglo die krag van Zeus vervul hulle om wet en orde te handhaaf; as hulle wellustig was, het hulle geglo die krag van Venus vervul hulle om vir haar ’n liefdesdiens te verrig en as hulle dranksugtig was, het hulle geglo die krag van Bacchus vervul hulle om in sy teenwoordigheid met hom fees te vier.

Dit is waartoe die krag van God mense toerus: om deur hul sondige begeertes oorheers te word. Hierdie vervulling met God se krag, maak dat mense dit doen waartoe hul luste hulle lei en sommer alles wat in hul gedagtes opkom en waarvoor hulle lus is, doen. Die

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

oorheersing deur sondige begeertes maak dat hulle glo hul luste en gedagtes is die krag, die wil, die leiding en die stem van God.

Hierdie tipe lewenswyse, om uit die vervulling van die krag van God te leef, maak mense dood vir God. Dit staan totaal vreemd van 'n lewe waarin Christene glo dat God hulle regverdig maak en dat God hul dade en werke volgens sy wet reg en goed laat wees.

Die moderne Christelikheid het die vervulling met die krag van God, wat die Bybel die heerskappy van sonde en die Satan noem, weer soos met die afgodsdienste in die tyd van Paulus, die nuwe regeringswyse van Christus gemaak.

Dit is die krag en werking van die moderne Christelikheid se sogenaamde "second blessing". Daarvolgens sou die eerste seëning van Christus vergifnis wees. Christus maak ons oortredings by God reg. Maar Christus se vergifnis gee nie vir ons 'n nuwe manier om vir God reg te kan leef nie. Daarom leef gelowiges, volgens hierdie siening altans, "ongehoorsaam" aan God. Die bewys vir hierdie "ongehoorsame lewenswyse" lê in hoe gebroke en onvoldoende die werke en dade van gelowiges is volgens die volle eis van die wet: liefde! Om die volle liefdeseis van God se wet te kan uitleef, moet gelowiges volgens die siening, die tweede seëning van God ontvang. Hierdie tweede seëning van God maak dat jy die volle gehoorsame lewe vir God kan leef en nie die gebrekkige en onvolkome lewe van geloof nie. Die inhoud van hierdie tweede seëning is die vervulling met die krag van God. Deur jouself volkome aan God oor te gee, ontvang jy en word jy deel van die krag, lewe, wil en persoon van God self, wat jy nie deur geloof in Christus se vergifnis kon ontvang nie.

Die tweede seëning, om deel van die krag, lewe en persoon van God te word, is vir die aanhangers van die sienswyse die nuwe regering deur die Gees van God. Die vervulling met hierdie krag van God maak hulle nie geestelik beter en kragtiger vir God as wat gelowiges is nie. Dit is deur hierdie vervulling met God se krag wat hulle glo God se seëning is dat hulle onder die heerskappy van hul eie sondige aard leef. Hulle hoër, inniger, dieper en voller geestelikheid met God, is die geestelikheid van hul sondige geaardheid.

Baie geestelikes in die moderne Christelikheid sal ontken dat hulle aan 'n "second blessing" glo of dit preek, maar alhoewel hulle dit ontken, sal hulle tog presies dieselfde geestelikheid voorhou: dat Christene net vir God ten volle kan gehoorsaam wees deur die ervaring van die vervulling met die krag van God.

### 13. Die moderne Christelikheid se herkonstituering van die kerk deur beheersing deur die Heilige Gees te omvorm tot 'n Godservaring.

Beheersing deur die Gees is die nuwe regeringswyse van Christus aan die regterhand van die Vader. Hierdie nuwe regeringswyse van Christus maak ons dade en werke vir God goeie dade en goeie werke vir Hom.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die vervulling met die Gees is nie die vervulling van mense met die krag, lewe, wil en persoon van God self nie. Die vervulling met die Gees is die vervulling van ons lewe met die regte lewe wat Christus vir ons as mens leef. Die vervulling van die Gees is dat God ons met sy volle liefde en behae vervul vir die werke en dade wat ons vir Hom doen – net uit en deur ons geloof in die evangelie, al is hierdie dade - soos die moderne Christelikheid dit aan ons uitwys - volgens die wet só onvolkome en gebrekkig. God laat hierdie onvolkome en gebrekkige werke en dade vir Hom die volkome liefdesdiens wees, wat Hom ten volle behaag – omdat dit uit en tot geloof in sy genade in Christus gedoen word.

Die moderne Christelikheid wil alle goeie werke en dade van die kerk van die Here herkonstitueer. Volgens hulle moet die hele geloof en nuwe lewenswyse van Christene met die nuwe beheersing van die gees hersaamgestel word. Die konstitusie waarvolgens Christene se geloof en lewe herbegin en oorgemaak moet word, is hulle nuwe koninkryk: beheersing deur die krag van God.

Die kern van hierdie herkonstituering van die Christelike kerk is om die evangelie en die geloofsgehoorsaamheid van die kerk tot 'n godservaring te omvorm. 'n Godservaring is iets anders as menslike liefde vir God volgens sy wet en menslike geloof in God volgens die evangelie. 'n Godservaring is om God self in sy eie krag, lewe, wil en persoon as jou eie krag, wil, lewe en persoon te ervaar. Godsdiens, geloof en liefde, moet in hierdie identifikasie met God ervarings van mag word.

Dít is die herkonstituering van geloof en die inhoud van geloof in die moderne Christelikheid: geloof moet geloof in godservarings wees, nie meer geloof in die evangelie nie. Geloof het in die moderne Christelikheid 'n totaal nuwe betekenis. In die moderne Christelikheid beteken geloof nie meer geloof in die evangelie nie. Dit is glad nie so dat net die bekering, oorgawe, aanbidding, lofprysing en liefde in die moderne Christelikheid tot geloof toegevoeg word nie. Die geloof van die moderne Christelikheid se geloof én bekering, is 'n totaal nuwe geloof: dit is die geloof dat jy deel kry aan God se persoon en krag as jy met God identifiseer. Dit is wat as alternatief gestel word op die kerk se geloof in die evangelie. Dit is wat die moderne Christelikheid glo:

> dat God in jou hart inkom, gevolg deur Jesus wat in jou lewe inkom,
> dat die Gees se krag die beheer van jou lewe oorneem,
> dat jy vervul word met God,
> dat God in jou begin lewe,
> dat God die beheer van jou lewe oorneem.

Dit het alles te make met identifikasie met God. Hierdie geestelike inhoude het niks met die evangelie te doen. Daarom vind die moderne Christelikheid in die geloof in die evangelie net die woord en voorwendsel om te glo in sy identifikasie met God. Die moderne Christelikheid se geloof in identifikasie met God is die alternatiewe geloof op die geloof in die evangelie. Dit is geloof in afgodsdiens: geloof in die eie godservarings.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Volgens die moderne Christelikheid is geen gebed, geen dank, geen eer, geen lof, geen getuienis, geen liefdesdiens uit geloof en tot geloof vir God meer goed genoeg nie. Die nuwe diens moet volgens hulle in God se krag plaasvind. Die nuwe lewe moet geleef word uit die eenheid van mense met die krag, lewe, wil en persoon van God self. Sonder hierdie goddelike kragtigheid is die geloofslewe van Christene volgens die moderne Christelikheid "vleeslik": onvoldoende en ongenoegsaam vir God.

Hierdie herkonstituering van godsdiens in die geheel gaan nie net oor die diens wat aan God gelewer word nie. Ook die Bybel moet "oorgemaak" word. Elke deel van die Bybel moet herbedink en oorgelees word om van elke openbaring van God 'n godservaring te maak. God se Self-openbaring waarvolgens Hy mense herskep om in Hom te glo en Hom lief te hê, is nie vir hierdie moderne Christelikheid meer genoeg nie. Die Bybel moet in elke openbaring van God wys dat mense kan deelkry aan die krag, lewe, wil en persoon van God self. Daarom word 'n totaal nuwe tradisie van Bybelverstaan en Bybeluitleg, waarvolgens elke deel van die Bybel 'n godservaring is, geskep.

Ook die bediening van die kerk moet geherkonstitueer word. Elke deel van die kerklike bediening moet Godservarings bemiddel. Daarom word die sakramente van verseëlings van die evangelie as Godservarings geherdefinieer. Mense wil nie meer hê dat God die evangelie aan hulle verseël nie. Hulle wil self hul eie Godservarings met hul eie simbole vir God herbevestig. Die bediening van die Woord word ook oorbedink en oorgeleef om 'n voorgeleefde godservaring te wees. Die bedienaars van die evangelie moet ook oorgemaak word: hulle moenie meer bedienaars van die Woord en sakramente wees nie, hulle moet rolmodelle van godservarings wees. Hulle moet God uitleef en voorleef vir mense wat op soek is na godservarings. Kerkrade bestaan ook nie meer uit gewone lidmate wat in die amp dien nie. Die ampte moet omvorm word tot 'n nuwe stelsel van geestelike mentors wat onderlê is in Godservarings, waarvolgens Godservarings vir mense, wat nog nie hierdie belewenisse met God het nie, bemiddel, gekontroleer en beheer kan word.

Hierteenoor leef Christene uit geloof tot geloof: hulle glo dat hul oortredings net deur die evangelie reggestel is. Hulle glo ook dat dieselfde evangelie hul werke en dade vir God volkome goed en reg laat wees. Daarom is hul gehoorsaamheid – geloofsgehoorsaamheid. (Rom. 1:5) Hulle glo dat hul werke en dade, wat volgens God se wet onvolkome, gebrekkig, onvoldoende en sondig is, vir God volmaak reg en goed is!

Dit is die vryheid van gelowiges in en deur die evangelie. Ons wil nie in ons eie kerke hoor dat om met God te identifiseer, 'n beter manier is om God te ervaar as om deur God geregverdig te word nie. Ons wil nie hoor dat gehoorsaamheid 'n verskoning is om onsself met God te bemagtig nie. Ons wil nie volgens ons sondige geaardheid onsself inleef in God en glo dat ons daardeur vir God reg sal leef nie. Ons weet dit is sonde om ons in God in te leef en hierdie bemagtiging sal ons nooit vir God beter laat leef nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Ons weet dat die voller geestelikheid waartoe die moderne Christelikheid ons veroordeel, die beheersing deur die vlees, nie die beheersing deur die Heilige Gees is nie.

Ons wil ook nie meer in ons eie kerk hoor dat ons minderwaardige en slegte Christene vir God is omdat ons nie self vir God reg kan leef nie, maar net glo dat Hy ons lewe vir Hom regmaak deur ons in Christus in te sluit nie. Ons weet dat geestelikes se vervulling met God niks anders as hulle vleeslike versugting is om hulself in ons as goddelik uit te leef nie.

Ons wil vry wees van hul versugting om ons met hul geestelikheid te vervul. Ons wil leef uit geloof tot geloof in die evangelie en in die sekerheid dit is die volheid van die gawe van God: God self laat ons en ons lewe vir Hom reg wees net deur Christus se sterwe en lewe, al is ons in onsself nog sondaars en al doen ons nog sonde. Ons glo die evangelie! God lááť ons en ons lewenswyse vir Hom reg wees.

Godsdiensvryheid van die moderne Christelikheid se afgodsdiens is om die voorhou van die twee tipes Godservarings en twee soorte Christene in die kerk te verwerp. Volgens ons voorbeeld van vroeër is die boetie, wat sy pa gehoorsaam en die vuilgoed in die tuin met die kruiwa wegry, nie minder gehoorsaam omdat hy nie so baie vuilgoed weggery het soos sy ander boetie, wat besluit het hy gebruik sy pa se opdrag om met dié se bakkie die vuilgoed weg te ry nie. Die voller en kragtiger gehoorsaamheid van die boetie wat my die bakkie die vuilgoed wegry, is sonde. Dit is 'n boetie wat deur sy pa se opdrag tot gehoorsaamheid bemagtig voel om sy pa se bakkie sy eie te maak.

Die Christelike kerk kan nie dat sy eie lidmate onderwerp word aan ander mense se sug om met God te identifiseer, terwyl hulle hulself teenoor gelowiges voorhou as meer gehoorsaam aan God as gelowiges nie. Hierdie heerskappy is nie die beheersing deur die Gees van God nie. Dit is die beheersing deur die sondige geaardheid van die geestelikes van die moderne Christelikheid.

Gelowiges laat hulle deur die Gees regeer: hulle weet dat hulle nooit só volgens God se wil kan leef dat hul lewens vir God reg sal wees nie; hulle weet dat die sug om self vir God reg te leef, die versugting van die vlees is; hulle weet dat die beter en voller gehoorsaamheid waardeur mense self die krag kry om vir God reg te leef, net gehoorsaamheid is wat as verskoning voorgehou word vir 'n lewe in sonde: die lewe waarin mense een wil wees met God in sy krag, lewe, wil en persoon.

Gelowiges leef in die gewetensvryheid dat God hul gebroke liefde en diens vol sonde vir homself 'n lewe van volkome gehoorsaamheid en volmaakte liefde lááť wees. God regverdig ook ons lewenswyse vir Hom net deur die evangelie.

Daarom moet gelowiges ook in die vryheid leef dat die kerk die evangelie in Woord en sakrament bedien. Die kerk moet vry wees van die sug van geestelikes om die hele kerklike bediening en bedieningsmiddels te omvorm tot middele vir hul kragtige geestelikheid: om

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

God self as hul eie krag, lewe, wil en persoon te wil ervaar. Hierdie geestelike bediening moet uit die kerk geweer word. Want dit is die sondeheerskappy oor die kerk wat voorgehou word asof dit God se genadeheerskappy oor sy kerk is. Dit is die heerskappy van die sondige geaardheid van die mens in die kerk, oor die kerk, wat net voorgehou word as die beheersing van die Heilige Gees. Dit is wat die moderne Christelikheid na inhoud is: die valse kerk binne die Christelike kerk.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

# HOOFSTUK 5 DIE EVANGELIE MAAK DIE TIEN GEBOOIE NUUT EN SKEP VIR ONS 'N NUWE MANIER VAN GEHOORSAAMHEID AAN DIE WET

Christus verander die wyse waarop die Tien Gebooie vir gelowiges werk: Hy neem die straf vir ongehoorsaamheid en die beloning van gehoorsaamheid weg. Daardeur is daar nou twee stelle van die Tien Gebooie: die oue buite Christus en die nuwe in Christus. Deur geloofsgehoorsaamheid kan gelowiges hulle weer aan die eis van hierdie nuwe wet verbind om God met hul hele hart, siel, verstand en krag en hul naaste soos hulleself lief te hê.

**1.Christus gee aan die wet sy volle betekenis**
Wat doen Jesus Christus met die Tien Gebooie as die wyse waarop ons God gehoorsaam? Wat doen die evangelie met die wet as die eis vir hoe Christene moet leef? Dit is die vrae waarby ons nou wil stilstaan. Nie hoe ons gered word, vergewe word of hoe ons kinders van God word nie. Maar, wat Christus doen met die wet van God as die eis hoe om vir God te leef.

In Matteus 5:17-20 sê Christus wat Hy met die wet doen:

> Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry. Dit verseker Ek julle: Die hemel en die aarde sal eerder vergaan as dat een letter of letterstrepie van die wet sal wegval voordat alles voleindig is. "Wie dan ook een van die geringste van hierdie gebooie ongeldig maak en die mense so leer, sal die minste geag word in die koninkryk van die hemel. Maar wie die wet gehoorsaam en ander so leer, sal hoog geag word in die koninkryk van die hemel. Ek sê vir julle: As julle getrouheid aan die wet nie meer inhou as dié van die skrifgeleerdes en die Fariseërs nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemel ingaan nie."

Die manier waarop die Here na ons toe kom, is deur te kom om vir ons gebore te word, vir ons te ly, gekruisig te word, te sterf, ter helle neer te daal, op te staan uit die dood, op te vaar na die hemel en aan die regterhand van God te gaan sit. Dít is die evangelie. Hy kom deur die evangelie na ons toe.

Hierdie manier waarop Christus na ons toe kom, beteken nie dat die wet nie meer vir ons as die inhoud en wyse waarop ons vir God moet leef, geld nie. Die evangelie maak dat die wet weer vir ons die volle betekenis wat dit in ons lewe moet hê, kry. Die volle betekenis van die wet is nie geheime of misterieuse ervarings nie. Dit is liefde. Die volle betekenis van die wet is dat ons God en ons naaste liefhet. Dit is hoe kinders van God moet leef.

**Christus maak deur sy lyding en opstanding dat ons God en ons naaste weer volgens die wet kan liefhê**

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die evangelie verander niks aan die inhoud van die wet nie. Elke reël van die wet bly presies dieselfde. Ons mag nie een van die geringste letters van een van die woorde van die wet verander nie. Ook nie van die vokale, soos ’n “e” na ’n “a”, verander nie. Christus bring nie nuwe reëls in die plek van die reëls van die Tien Gebooie nie. Hy verander ook nie die inhoud van een van die woorde in een van die reëls nie.

Die reëls van die wet bly dieselfde. Christus maak dat sondaars deur hierdie reëls God en hul naaste weer kan liefhê.

**Liefdelose wetsonderhouding**

Hoe verskil die tipe gehoorsaamheid wat Christus vir ons moontlik maak met die tipe gehoorsaamheid waartoe die Jode mense verbind? Dit verskil tot so ’n mate dat Christus sê dat hul manier van gehoorsaamheid nooit deel van sy regering is nie. Daar ontbreek iets in hul manier van gehoorsaamheid aan die wet van God. Hulle kan nooit God en hul naaste met hul tipe gehoorsaamheid liefhê nie. Dit is die “meer” wat Christene se gehoorsaamheid inhou as dié van die Jode: liefde vir God en hul naaste.

Hier het ons ’n nuwe verskil! Hier gaan dit nou oor die verskil tussen twee tipes maniere om aan God te gehoorsaam te wees. Dit is nie meer die verskil tussen die wet en die evangelie nie.

**2.Christus maak dat daar twee tipes van die Tien Gebooie is**

Kom ons lees uit Romeine 8 en 1 Johannes 2 saam.

> Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie. Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood.
> (Rom. 8:1,2)
>
> Geliefdes, dit is nie ’n nuwe gebod wat ek aan julle voorskrywe nie, maar ’n ou gebod wat julle van die begin af gehad het. Die ou gebod is die boodskap wat julle gehoor het. Tog is dit ook ’n nuwe gebod wat ek aan julle voorskrywe. Dat dit werklik so is, is te sien in Jesus en ook in julle,... (1 Joh.2:7,8)

Hoe moet ons Rom.8:2 verstaan? “Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood.” Die woord “wet” beteken Tien Gebooie. Die sin kan makliker lees as ons dan die woord “wet” met die woord “Tien Gebooie” vervang. Dan lees dit só: “Die Tien Gebooie van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die Tien Gebooie van sonde en dood.”

’n Mens kan maklik dink dat dit hier weer oor die verskil tussen die wet en die evangelie gaan. Maar dit is nie waaroor die verskil hier gaan nie. Die evangelie kan nooit ’n wet wees nie. Die sin klink snaaks, maar dit is tog duidelik. Hier gaan dit nou oor twee *tipes* van die Tien Gebooie. Die een tipe is die Tien Gebooie van die Heilige Gees. Die ander tipe is die Tien Gebooie van sonde en dood.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

In 1 Johannes kom ons dieselfde saak teë. ’n “Gebod” is een van die reëls van die Tien Gebooie. Daarom is die woord “gebod” ook ’n ander woord waarmee die Tien Gebooie as geheel in die Bybel aangedui word. Ons kan die woord “gebod” weer vervang met “Tien Gebooie” en dan lees die sin só: “Geliefdes, dit is nie ’n nuwe Tien Gebooie wat ek aan julle voorskrywe nie, maar ’n ou Tien Gebooie wat julle van die begin af gehad het. Die ou Tien Gebooie is die boodskap wat julle gehoor het. Tog is dit ook ’n nuwe Tien Gebooie wat ek aan julle voorskrywe.”

Johannes skryf aan mense wat heidene was, nie Jode nie. Hy wys hulle op die verskil tussen Christene se wet en die Jode se wet. Met watter stel van die Tien Gebooie werk Christene? Johannes sê hy skryf nie nuwe gebooie aan hulle voor nie. Die gebooie waaraan Christene gebind is, is die Ou Tien Gebooie wat al vanaf die tyd van Moses gegeld het. Maar net nadat hy dit gesê het, sê hy dan dat die ou Tien Gebooie nou die nuwe Tien Gebooie is. Die ou Tien gebooie is nou die nuwe Tien Gebooie! Hoe is die ou gebooie die nuwe gebooie? Die nuwe Tien Gebooie is nie ander reëls nie. Dit bly dieselfde reëls. Die ou reëls, sonder enige verandering, is die nuwe Tien Gebooie.

Dit is presies wat Paulus in Romeine 8 gesê het. Hy sê dat daar twee verskillende soorte van die Tien Gebooie is. Dit noem hy die Tien Gebooie van die Heilige Gees en die Tien Gebooie van sonde en dood. Johannes sê ook daar is twee soorte, maar noem hulle die ou Tien Gebooie en die nuwe Tien Gebooie.

Wat maak die een stel anders as die ander?

Wat maak dat die een soort Tien Gebooie anders as die ander is? Johannes sê dat ’n mens die verskil sien “in Jesus en ook in julle”. Kom ons neem eers die eerste deel onder beskouing. Ons kan die naam, “Christus”, vervang met “die evangelie”, want Christus is die evangelie. Die verskil tussen hierdie twee soorte wette kan nooit binne-in die wette gesien word nie, want dit is en bly net een wet met presies dieselfde reëls. Die evangelie maak dat hierdie twee stelle wette van mekaar verskil.

Kom ons kyk weer na Romeine 8 vers 1: “Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie.” Om in Christus Jesus te wees, beteken om ingesluit te wees in Christus. Ons is ingesluit in die straf wat Hy vir ons gedra het en ons is ingesluit in die regte lewe wat Hy in ons plek vir ons leef.

Omdat ons ingesluit is in die evangelie, word ons nie veroordeel nie. Hierdie is hoftaal. Om nie veroordeel te word nie, beteken dat jy nooit volgens jou oortreding met ’n naam gebrandmerk word nie. As ons steel, word ons nooit God se dief nie. As ons onrein is, word ons nooit God se pervert nie. As ons opstandig is, word ons nooit God se rebel nie. Ons is en bly altyd nét God se kinders. Dit is wat Johannes bedoel met die sin: “Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook.” (1 Joh. 3:1)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Daarom is daar ook nie vir ons 'n skuldigbevinding wanneer ons sonde doen nie. Wanneer ons sonde doen, is ons nie skuldig voor God nie. Christus was vir ons skuldig. Wanneer ons sonde doen, dan word ons ook nie gestraf nie. Christus is vir ons gestraf. Dit is wat dit beteken dat ons nie veroordeel word nie. Christus se straf en lewe tel vir ons. Wanneer ons oortree en verkeerd leef, tel sy straf en regte lewe vir ons.

Hoe verander hierdie manier waarop die evangelie te werk gaan, die manier waarop die Tien Gebooie werk? Dit is presies wat Johannes bedoel met die sin, "Dat dit werklik so is, is te sien in Jesus en in julle…" Hierdie "in julle" beteken nie die nuwe Tien Gebooie is duidelik in ons lewenswyse volgens die wet nie. Ons doen immers nog baie sondes. Dit beteken die Tien Gebooie is sigbaar in ons verbintenis met Christus, die evangelie. Die posisie waarin die evangelie ons voor die wet stel, is heeltemal anders as ons posisie voor die wet buite die evangelie.

| DIE OU TIEN GEBOOIE | DIE NUWE TIEN GEBOOIE |
|---|---|
| **Die ou Tien Gebooie werk só: as jy die gebooie oortree, word jy gestraf en as jy die gebooie onderhou, leef jy reg en word jy beloon.** | **Die nuwe Tien Gebooie werk so: jy word in Christus ingesluit en daarom word jy nooit gestraf as jy een van die gebooie oortree nie, en jou lewe is vir God reg, al kan jy nooit heeltemal volgens die gebooie reg leef nie. Jy ontvang die loon van 'n regte lewe as gawe.** |

**Hoe werk die "wet van sonde en dood"?**
Hierdie wet werk só: dit is die wet wat jou wys op die sondes wat jy doen en jou dan wys dat jy deur God veroordeel word. God wys jou jy oortree sy gebooie en daarom laat Hy jou voor Hom skuldig staan. Hy laat jou volgens jou dade voor Hom staan: jy is voor God 'n rebel, 'n pervert, 'n geweldenaar, 'n gierigaard en 'n leuenaar. Hiervoor straf en verwerp Hy jou omdat jy sy wet oortree.

**Hoe werk die wet van die Heilige Gees?**
Dieselfde wet werk op 'n gans ander manier! God wys jou dat Christus vir jou sondes, wat jy in die wet raaksien, veroordeel is. God wys jou dat jy nooit skuldig voor Hom staan vir die sondes wat Hy aan jou deur die wet uitwys nie Vir hierdie sondes het Christus skuldig gestaan. God wys jou dat Hy jou nooit iets anders as sy kind noem vir die sondes waaroor die wet jou uitwys as 'n rebel, 'n pervert, 'n geweldenaar, 'n gierigaard en 'n leuenaar voor God nie. God wys jou dat jy en jou lewenswyse vir Hom reg bly, al wys die wet dat dit nie so is nie. God wys jou dat jy jouself weer aan hierdie wet kan verbind om verantwoordelik teenoor God te leef. God wys jou hoe jy Hom en jou naaste weer volgens hierdie wet kan liefhê: skuldloos en heilig.

**3. Die nuwe wet is die wet wat vir sondaars werk**

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Aan watter wet kan ons ons verbind? Kan ons ons aan die “ou wet” of die “wet van sonde en dood” verbind? Sal jy ooit met God só ’n kontrak kan aangaan: “Ek verbind my aan hierdie wet wat my skuldig en veroordeel voor God gaan stel”? Dit is tog dwaasheid! Wie sal hom ooit aan ’n kontrak verbind wat hy nooit kan nakom nie? Dit is hoekom baie mense nooit hulself aan die Tien Gebooie kan verbind nie. Hulle ken net die ou Tien Gebooie! Hulle weet as hulle hulself aan hierdie reëls verbind, gaan hul verhouding met God altyd problematies wees. Daarom is dit dan vir hulle beter om nie aan die wet gebind te wees nie. As jy net God se liefde aanvaar het, maar jouself nie tot sy wet verbind het nie, en God wil jou dan volgens sy wet aanspreek, dan kan jy mos vir God sê dat jy nog nooit so ’n kontrak of verhouding met God gehad het nie.

Kan ons onsself as sondaars aan die nuwe Tien Gebooie verbind? Kan jy jouself aan die wet verbind as jy nooit gestraf gaan word as jy die wet oortree nie? As jy nooit veroordeel sal word as jy nie alles volgens die wet reg kan doen nie? As jou gehoorsaamheid met al die foute en tekortkomings vir God heilig, reg en goed is? Aan só ’n nuwe manier waarop die Tien Gebooie werk, kan ons ons mos verbind!

Dit is wat Paulus in Romeine 8 vers 4 aankondig: “Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen, óns wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees”. Ons aanvaar die nuwe regeringswyse van die Here. Ons aanvaar dat Hy deur die evangelie ’n nuwe stel Tien Gebooie gemaak het. Ons verbind ons nooit weer aan die ou manier waarop die Tien Gebooie werk nie. Ons verbind ons aan die nuwe manier waarop Christus die Tien gebooie laat werk: gehoorsaamheid sonder straf of beloning.

**Hoe werk hierdie nuwe tipe Tien Gebooie?** Johannes beskryf dit baie mooi in 1 Johannes 2:1-4:

> Dit skrywe ek aan julle, my liewe kinders, dat julle nie moet sondig nie. En as een van ons sondig-ons het Jesus Christus, die regverdige, as ons voorspraak by die Vader. Hy is die versoening vir ons sondes; en nie net vir óns sondes nie, maar ook vir dié van die hele wêreld. As ons die gebooie van God gehoorsaam, weet ons daaraan dat ons Hom ken. Iemand wat sê: “Ek ken Hom,” maar nie sy gebooie gehoorsaam nie, is ’n leuenaar, en die waarheid is nie in hom nie.

**Hierdie nuwe wet werk vir sondaars as reëls waaraan hulle hulself weer openlik kan verbind.**

Ons moenie sondig nie! Ons moet die wet gehoorsaam! Dit is wat die nuwe Tien gebooie vir ons sê. Die nuwe Tien Gebooie sê nie: “ doen maar sonde, sonde is reg nie”. Die nuwe Tien Gebooie sê nie: “moenie gehoorsaam wees, gehoorsaamheid is verkeerd nie”. Ons is as Christene aan die reëls van die wet gebind. Ons láát ons deur hierdie wet bind. Ons wíl deur hierdie wet gebind wees. Ons kies nie maar net dié reëls waarmee ons gemaklik voel of wat by ons persoonlikheid en omstandighede pas nie. Ons wil nie maar net doen, voel, dink en

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

beleef soos ons wil nie. Ons hou onsself by al die wette van die Here: ons moet gehoorsaam wees en nie sonde doen nie!

Hoe kan ons só 'n houding teenoor die wet hê as ons weet ons kan dit nie regtig nakom nie? Want ons weet die wet werk op 'n nuwe manier! As ek sondig, staan ek nie skuldig voor God nie. As ek die Here dien, is my dade en werke vir God goeie dade en werke. Ek hoef nie eers my sonde vir God te verduidelik nie. Ek hoef nie self my dade reg te laat wees nie. Christus met sy straf en goeie lewe staan vir my in. Dit is wat dit beteken dat Hy my Voorspraak is.

Deur hierdie nuwe manier waarop die wet werk, kan ek nou dinge doen wat ek nooit onder die ou bedeling sou kon doen nie. Volgens die ou wet moet mense gestraf en veroordeel word wanneer hulle sonde doen. En wat bepaal die nuwe wet? In die nuwe wet word ek nie gestraf nie. Wat gebeur dan as ek erken dat ek sonde gedoen het?

> As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie. Maar as ons ons sondes bely - Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid. (1 Joh.1:8,9)

Ons sonde word nie gestraf nie. Dit is hoe die nuwe wet werk. As ons deur die nuwe wet daarop gewys word dat ons sonde gedoen het, kan ons nou hierdie sonde teenoor God eerlik erken, sonder enige verduideliking, belofte of nuwe onderneming om te vergoed vir wat ons verkeerd gedoen het. Ons kan ons sondes eerlik bely sonder vrees of verduideliking. Hoekom? Omdat ek Christus só ken: Hy staan vir my in. Daarom verbind ek my nou weer openlik daartoe om God se gebooie te aanvaar en te onderhou en dit beteken dat ek eerlik met God is wanneer ek dit oortree.

**4.Die evangelie verbind ons aan die bedoeling van die wet: volle liefde vir God volgens die wet**

Hoe verander Christus, deur ons nie te veroordeel of te straf nie, die bedoeling van die wet? Johannes verduidelik dit só:

> Hiérin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. [10] Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes. [17] Hiérin het die liefde sy doel volkome met ons bereik: ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld lewe ons reeds deur die liefde net soos Jesus. [18] Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie. [19] Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het.
> (1 Joh 4:9-10;17-19)

God se liefde vir ons is werklike liefde. Dit kom uit God self sonder enige ander motief as net om ons lief te hê. Dit is net hoe God is. God ís liefde! God het ons lief. Hierdie werklike liefde maak dat ons niks te vrees het vir die oordeelsdag nie. Alle oordeel oor sondes wat ons doen, is vir altyd weggeneem. Christus is in my plek veroordeel sodat ek in sy heerlikheid kan leef: ek is kind van God.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hoe voel ons as ons weet God kan ons krenk en verneder deur al ons begeertes en skandes oop te maak en ons daarvoor te straf en te verwerp? Ons vrees Hom. Ons vrees God nie omdat Hy onbillik, streng of onbereikbaar is nie. Ons vrees Hom omdat Hy liefde is. God is liefde en kan nooit iets anders as liefde wees nie. Ons vrees Hom vir wat ons is. Ons vrees Hom vir sy liefde – dat sy liefde ons sal ontbloot vir al die korruptheid en haatdraendheid wat ons in onsself is.

Daarom neem God alle oordeel oor en neem Hy alle eise vir volmaakte liefde van ons af weg en neem dit op Homself deur Christus. Volmaakte liefde is nie die liefde wat ons vir God gee nie. Dit is die liefde wat Hy in Christus aan ons gee: Hy sal ons nooit vir ons sondes en leefwyse veroordeel nie.

Deur hierdie geloof word ons vervul met die wete dat ons van God niks anders as liefde ontvang nie, ten spyte van ons sondes en leefwyse vol sonde. Alle vrees vir God is ongegrond. Ons kan nie in God se liefde glo terwyl ons nog een of ander vorm van vernedering vir ons oortredings of leefwyse verwag nie. Omdat die evangelie ons reg maak en ons lewe vir God reg laat wees – kan ons God liefhê sonder vrees.

Dit is wat God se liefde in die evangelie sonder die wet doen: dit skep in ons weer die vryheid om ons met ons hele hart, ons hele siel, ons hele verstand en al ons kragte aan die wet van God te verbind, al is dit nie werklik hoe ons is en gaan leef nie.

Dit is hoekom die beskrywing, werklike liefde is nie die liefde wat ons vir God het, so belangrik is. Dit beteken dat ons nie hierdie verbintenis, om God met ons hele hart en siel lief te hê, uit ons eie maak nie. Dit is net die reaksie wat God deur sy volmaakte liefde wat Hy aan ons gee, binne in ons skep. Ons liefde werk ook nie werklik soos wat ons ons aan God verbind voel nie: ons verbintenis om God met ons hele hart, siel, verstand en al ons krag lief te hê, werk nie regtig so nie. Dit hoef ook nie so te wees nie. God laat hierdie innerlike verbintenis, wat Hy in ons skep, vir Hom volmaak wees deur Christus, nie deur ons volle nakoming van die wet nie.

**God aanvaar ons liefde, wat nie werklik is nie, as volmaakte liefde.**

Daarom hoef ons God nooit te vrees vir hierdie verbintenis wat Hy innerlik in ons met Hom maak nie, naamlik om ons aan sy wet te verbind en om Hom met ons hele hart, siel verstand en al ons krag lief te hê. Hy aanvaar hierdie onwerklike liefde as ware volmaakte liefde deur Christus.

Dit is die volle bedoeling van die evangelie: ons kan ons weer aan die wet verbind om God en ons naaste lief te hê, want die wet van God is vir ons maklik om te onderhou:

> 3 Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam. Sy gebooie is ook nie moeilik om te gehoorsaam nie, 4 want enigeen wat ’n kind van God is, kan die sondige wêreld oorwin. En die

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het, is deur ons geloof. 5 Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is? (Joh.5: 3-5)

Om God se gebooie te onderhou is maklik! Dit is maklik om God en ons naaste weer lief te hê volgens God se wet! Hoe kan dit maklik wees as ons nie regtig dit kan regkry om te leef soos wat hierdie wette sê ons God en ons naaste moet lief hê nie? Want dit is die nuwe Tien Gebooie. Om die ou wet te onderhou is moeilik. Daarvolgens moes jy God en jy naaste werklik liefhê: daardie liefde moes uit jouself kom en dit moes volgens die wet volkome wees.

Kyk hoe oorwin ons hierdie moeilike wet! Deur die evangelie te glo! Hier ontvang ek God se volmaakte liefde al is ek 'n sondaar. Hier skep Hy deur sy volmaakte liefde wat Hy vir my het, 'n vreesloosheid vir sy liefde en my onvolkome liefde. Hier skep Hy 'n innerlike verbintenis om Hom lief te wil hê. En hierdie toewyding volgens sy wet sal altyd vir Hom volmaak wees. Al slaag ek nie daarin om die wet reg te gehoorsaam nie. Omdat die wet op hierdie nuwe manier werk – is dit vir my moontlik om God en my naaste weer volgens sy wet te wil liefhê.

**Die evangelie laat die wet weer sy volle betekenis in sondaars se lewe kry: ons aanvaar die wet as die wyse waarop ons God en ons naaste wil liefhê.**

Dit is wat dit beteken om volmaak te wees en heilig vir God te leef: "Wees julle dan volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is." (Matteus 5:48) en 1 Petrus 1:14-16 stel dit so:

> As gehoorsame kinders moet julle nie julle lewe inrig volgens die begeertes wat julle vroeër gehad het toe julle God nie geken het nie. 15 Nee, soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees. 16 Daar staan immers geskrywe: "Wees heilig, want Ek is heilig."

Volmaaktheid of heiligheid is weereens nie 'n geheimsinnige, misterieuse ervaring of belewenis nie. Dit is die lewensingesteldheid om God met jou hele hart, siel, verstand en al jou krag lief te hê, en jou naaste soos jouself. Dit is die ingesteldheid om al die gebooie van God heeltemal te onderhou.

**Volmaaktheid en heiligheid is die ingesteldheid om al die gebooie van God heeltemal te onderhou.**

Dit is die oorwinning wat 'n Christen oor sonde behaal:

> 13 ...Ek skrywe vir julle, jongmense, omdat julle die Bose oorwin het. 14 ... Ek het vir julle geskrywe, jongmense, omdat julle sterk is en die woord van God in julle bly en julle die Bose oorwin het. (1 Joh. 2:13,14)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit is die besondere van die Christelike godsdiens. Hier kan jongmense, dit wil sê, tieners, die Bose oorwin. Hoe? Nie deur die ou wet nie! Nie deur nie sonde te doen nie! Nie deur 'n lewe, waar 'n mens nie in sondes val nie, te lei nie! Hulle oorwin die Bose deur die nuwe wet waaraan hulle uit hul geloof in die evangelie gebind is. Hulle ontvang die gawe dat hulle uit God se volmaakte liefde hulself weer volledig aan al die gebooie van God verbind.

Die feit dat hulle dit amper nooit regkry nie, tel nie. God laat dit deur Christus vir hulle as volmaakte heiligheid volledig geld.

Deur ons geloof in Christus, kan ons ons volledig aan die wet verbind, al leef ons 'n lewe van val en opstaan. Al struikel ons elke dag in elke gebod, bly hierdie verbintenis, om God en ons naaste volledig volgens die wet lief te hê, vir God volmaak.

Dit is wat Johannes bedoel met die stelling:

> "Sy gebooie is ook nie moeilik om te gehoorsaam nie, 4 want enigeen wat 'n kind van God is, kan die sondige wêreld oorwin. En die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het, is deur ons geloof. 5 Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?"
> (1 Joh. 5:3-5)

**5. Wenspan-godsdiens, nie wynspan-godsdiens nie**

Hierdie oorwinning dat ons onsself met ons hele hart aan liefde tot God en ons naaste kan verbind, kan ons met 'n voorbeeld toelig.

Met watter houding gaan 'n rugbyspeler, wat vir sy skool of universiteit se eerstespan speel, op die veld? Hy hardloop op die veld met die gesindheid en houding dat hy 'n volmaakte spel gaan speel. Hy gaan nie een fout maak nie. Hy gaan nooit op die veld met 'n houding van "ek sal seker maar vandag weer al die foute maak wat ek gewoonlik maak" nie.

Die ironie is dat 'n rugbyspeler al van kleins af swak gewoontes en foute aanleer. As hy nog klein is, dan leer hy homself al om nie die bal uit te gee nie, maar dit te skop. Wanneer hy dan eendag vir die eerste span speel, het hy nog steeds hierdie verkeerde gewoonte en doen hy dit nog in elke wedstryd. Hy moes mos al lankal geleer het dat hy maar elke keer weer dieselfde foute gaan maak! Maar dit werk nie so nie. Hy hardloop elke keer op die veld met die oortuiging, gesindheid en houding van "vandag speel ek foutloos". Uit hierdie geloof werp hy hom met sy hele hart, siel, verstand en krag in die spel.

In die geval van univerisiteits- en kollege-rugby is daar ook so iets soos 'n wynspan. Dit is studente wat nooit regtig gaan oefen vir 'n wedstryd nie, maar hulle speel ook wedstryde. Hulle speel vir die snaaksigheid en die vermaaklikheid daarvan. Soms gebeur dit dat hulle 'n speler kort en dan gaan speel 'n eerstespanspeler sommer gou-gou vir die wynspan.

Dan gebeur daar 'n vreemde, maar eg menslike ding. Hierdie selfde speler, wat vir die eerste span met die houding van foutloosheid en volle oorgawe opdraf en voluit speel – speel

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

ongeërg, maak opsetlik foute, steur hom nie aan die reëls nie en gee nie om oor wat uiteindelik in die wedstryd gebeur nie. Sy hele houding het verander van een waarin hy voluit alles gee om foutloos volgens die reëls te speel, na ’n houding van ongeërgheid oor reëls en ’n moedswilligheid om openlik foute te maak vir die snaaksigheid daarvan.

Wat het hom verander? Die span vir wie hy speel, het hom verander. Dit is die houding waarmee ’n mens in die wynspan speel! Jy kan nie die wedstryd of die reëls ernstig opneem nie, want dit is geen eer om vir die wynspan te speel nie. Dit is juis die span vir mense wat weet hulle sal nooit die eerstespan kan haal nie. Dit is die houding van mense wat uitval vir die eerstespan.

Danksy die evangelie is ek as sondaar in God se eerste span. Hy het my daarvoor gekies en laat my in díe span wees ten spyte van die foute wat ek herhaaldelik gaan maak. Geloof in die evangelie beteken dat ek die posisie waarin ek is - God se eerste span - aanvaar. Ek is met God se volle liefde beklee. Dit is die spankleure waarin ek speel. Meer as dit! Ek kan nie my plek in hierdie span verloor deur die foute wat ek maak of die slegte gewoontes wat ek het nie. Hy laat my en my spelwyse vir Hom goed wees.

Hoe neem ’n mens hierdie eerstespanposisie op? Deur op te draf met ’n geloofshouding dat jy ’n foutlose spel gaan speel met jou hele hart, siel, verstand en al jou krag.

Jy neem dit op deur in geloof jou plek in die span te aanvaar! Omdat jy vir die eerste span gekies is, het jy die houding van ’n wynspanspeler oorwin: om te speel met die wete dat jy net nooit goed genoeg gaan wees om vir eerste span te speel nie. Die foute wat jy maak, neem nooit hierdie houding weg nie. Want jy speel met die vaste wete dat jy met die eer en die trots van ’n eerstespanspeler speel.

Dit is wat Johannes aan die jongmense van die gemeente stel. Hulle glo nie meer dat hul liefde ooit goed genoeg vir God gaan wees nie, omdat hulle altyd sonde doen en elke keer weer dieselfde sonde doen nie. Al doen hulle sonde en al doen hulle party sondes oor en oor, glo hulle dat hul liefde vir God volmaak is: Hy laat hul liefde vir Hom volmaak wees deurdat Hy hulle volmaak liefhet.

Uit hierdie geloof kan sondaars hulle weer openlik daartoe verbind om die Here lief te hê met hul hele hart, siel, verstand en alles wat hulle doen, en hul naaste soos hulleself – volgens die wet van God. Deur ons geloof in die evangelie kan ons onsself weer só voluit aan God wy. Dít is hoe jongmense volgens die apostel Johannes, en nie net jongmense nie, alle gelowiges die Bose oorwin: hierdie voluit-lewe-vir-God is ’n lewe van val in sonde, opstaan uit sonde, weer probeer, weer val en weer voluit probeer. Gelowiges wat só leef, leef heilig en volmaak vir God. Dit is die enigste wyse waarop ons voluit aan God se wet toegewy kan wees: as ons lewe van val, opstaan en weer probeer, vir God volmaakte liefde is.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Volgens die ou wet sou dit 'n onheilig en onvolmaakte lewe gewees het. Met die geloof dat ons vir God onheilig en onvolmaak is, sou die Bose ons oorwin het. Niemand kan homself met volle liefde aan God se wet oorgee as jy weet dit sal vir God 'n onheilige lewe wees nie. Dan leef ons net so ligsinnig en kamma-kamma soos 'n wynspanspeler. Deur die evangelie het ons die mag van sonde oorwin: ons lewe is vir God volmaak heilig, al is dit 'n val-en-opstaan-lewe. Daarom wy ons ons met ons hele hart aan God se wet.

**Ons kan onsself met ons hele hart, siel,verstand en al ons krag daaraan wy om God lief te hê volgens die nuwe wet.**

Só het die Here dit weer moontlik gemaak vir sondaars om die volle betekenis van die wet te kan vind: sondaars is deur hul geloof in die evangelie seker dat hulle vir God heilig en volmaak is, en leef hul lewens met al hul sondes voluit vir God volgens sy nuwe wet, met dieselfde ou reëls.

**6.Die evangelie verbind ons weer aan die volle bedoeling van die wet: naasteliefde**

**Volgens die ou wet kan mense mekaar nie lief hê nie**

Naasteliefde en die ou wet kan nie werk nie. In die ou wet straf God sonde en eis Hy dat jy reg leef. As God dit doen, dan moet mense dit aanvaar en dit met mekaar ook doen: as jy mense reg liefhet, ontvang jy ook liefde, maar as jy hulle haat, word jy veroordeel en gestraf.

Liefde, volgens die Bybel, is om te doen wat God in sy wet vir ons sê. Haat is presies die teenoorgestelde. As jy die teenoorgestelde doen as wat die wet van God vir jou sê, dan haat jy. Waarmee is ons dus besig as ons sê ons onderhou nie die wet van God nie? Kan 'n mens sê ek onderhou nie die Here se wet nie, maar ek het mense lief? Kan jy iemand so liefhê dat jy sy goed steel, sy naam beswadder, sy gesag ondermyn, sy lewe in gevaar stel, sy intimiteit misbruik of jaloers is op wat hy is? As jy nie iemand só kan lief hê nie, wat maak dan dat jy so optree? Die Bybel ken net een antwoord daarvoor en dit is haat: "

> [10] Daar staan immers geskrywe: "Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie,[11] daar is nie een wat verstandig is nie;daar is nie een wat na die wil van God vra nie.[12] "Almal het afgedwaal, almal het ontaard.Daar is nie een wat goed doen nie, selfs nie een nie.[13] "Hulle keel is 'n oop graf, met hulle tonge bedrieg hulle.Oor hulle lippe kom woorde so giftig soos slange, [14] hulle mond is vol vervloeking en bitterheid. [15] "Hulle voete is vinnig om bloed te vergiet. [16] Hulle laat 'n spoor van verwoesting en ellende agter. [17] Die pad van vrede het hulle nie leer ken nie,[18] ontsag vir God het hulle nie."
> (Rom.3:10-18)

Daarom kan naasteliefde volgens die Here se ou wet nie werk nie. Meet 'n mens liefde volgens die wet van God, dan stel dit mense in verhoudings waarvolgens hulle moet erken dat hulle mekaar haat, want hulle doen presies die teenoorgestelde van wat God se wet sê liefde is. Dit maak dat mense nie meer in mekaar se liefde kan glo nie. Meet 'n mens mekaar se optrede volgens die ou wet, stel dit mense ook in verhoudings van skuld en straf teenoor

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

mekaar. Waar daar skuld en straf is, is daar vrees vir mekaar. Waar daar vrees is, kan daar nie liefde wees nie.

Dit is die rede hoekom mense dan 'n ander tipe liefde as liefde volgens God se wet soek. Hulle soek 'n liefde waarvolgens hulle mekaar aanvaar sonder enige verpligting om mekaar volgens die Here se wet lief te hê. In die afwesigheid van die Here se wet, kan daar nie meer sprake van haat en skuld wees nie. Dan kan almal maar in mekaar se liefde glo! Alles wat verkeerd is, is dan maar net iets wat gebeur maar wat niemand bedoel het nie. Dan kan liefde gemeet word aan dinge wat mense kán gee en lááť werk: geld, seks, sekuriteit, gemeensaamheid, pret en kos.

**Volgens God se wet met die nuwe Tien Gebooie kan mense mekaar weer liefhê**

Wat gebeur met naasteliefde volgens die nuwe Tien Gebooie? Paulus stel dit só in Romeine 13:8-10:

> "Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit. [9] Al die gebooie: "Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie,"of watter ander gebod daar ook al is, word immers in hierdie een gebod saamgevat: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."[10] Die liefde doen die naaste geen kwaad aan nie. Daarom is die liefde die volle uitvoering van die wet."

**Ons kan uit ons geloof in die evangelie mekaar weer volgens die nuwe wet liefhê.**

Hoe kan ons met mekaar in 'n verhouding staan waar ons mekaar niks skuld nie, al maak ons mekaar seer met die sondes wat ons teenoor mekaar doen? Ons kan nie maak asof dit nie saak maak nie. Dit maak saak! Ons kan nie maak asof dit nie regtig gebeur het nie. Dit het regtig gebeur! Ons kan nie maak asof dit anders bedoel was nie. Dit is bedoel as haat! Hoe kan ons ooit weer glo dat ons reg is teenoor en vir mekaar? Hoe kan ons ooit weer in die geloof leef sodat ons lewe vir mekaar reg is?

Dit gebeur deur ons geloof in die evangelie! In die evangelie ontdek ons God laat ons en ons lewe vir Hom reg wees – al doen ons sonde. Hierdie sonde is klaar deur God gestraf. Binne die nuwe wet kan ons nooit weer voor mekaar skuldig en veroordeel staan nie. Dít glo ons nie net vir onsself nie. Dít glo ons ook vir mekaar.

Waar mense vir mekaar as medegelowiges die evangelie glo, kan hulle niks aan mekaar verskuldig wees vir sondes wat hulle aan mekaar gedoen het nie. Hulle kan mekaar ook nie veroordeel vir die haat en nydigheid teenoor mekaar nie. Hoe kan ons mekaar veroordeel vir ons hatigheid en kleinlikheid as God ons nie daarvoor veroordeel nie?

Dit plaas ons in 'n posisie om mekaar weer volgens die wet van God te kan liefhê, sonder die vrees dat dit ons in 'n ewigdurende skuld teenoor mekaar sal plaas. Uit ons geloof in wat die

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

evangelie met die wet doen, om dit op 'n nuwe wyse te laat werk, kan ons teenoor mekaar weer onsself verbind om mekaar volgens die wet lief te hê. Sal dit moeilik wees om jou naaste lief te hê volgens die wet, as julle vir en met mekaar glo dat vir alles waarin julle die wet oortree, julle mekaar niks sal skuld en mekaar nie name sal gee wat by julle bedoelings pas nie?

Dit is die werklike bedoeling van die wet – as die wyse om mekaar lief te hê. Dit was nooit die bedoeling van die wet om ons in skuldverhoudings, waarvolgens ons veroordeeld voor mekaar staan, te plaas nie. Johannes stel dit só in 1 Joh.5:1

> Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is 'n kind van God; en elkeen wat vir die Vader liefhet, het ook die ander lief wat kinders van die Vader is.

**7.Dit nuwe wet gaan oor 'n nuwe tipe gehoorsaamheid: geloofsgehoorsaamheid**

Die Here het 'n nuwe soort Tien Gebooie geskep. Ons kan nie hierdie gehoorsaamheid aan die nuwe tipe Tien Gebooie met die ou tipe gehoorsaamheid aan die ou wet gelykstel nie. In Romeine hoofstukke 1 en 16 gee Paulus 'n naam aan hierdie nuwe tipe gehoorsaamheid:

> Paulus, 'n dienskneg van Jesus Christus, 'n geroepe apostel, afgesonder tot die evangelie van God - ... [5] deur wie ons genade en die apostelskap ontvang het om geloofsgehoorsaamheid te verkry onder al die heidene ter wille van sy Naam, [6] onder wie julle ook is, geroepenes van Jesus Christus " (Romeine 8)
> en in
>
> "[25] Aan Hom dan wat magtig is om julle te versterk volgens my evangelie en die prediking van Jesus Christus, ooreenkomstig die openbaring van die verborgenheid wat eeue lank verswyg is, [26] maar nou geopenbaar is en deur die profetiese Skrifte bekend gemaak is onder al die heidene, volgens die bevel van die ewige God, tot gehoorsaamheid van die geloof"(Romeine 16)

Hierdie nuwe tipe gehoorsaamheid aan die nuwe wet van God word "geloofsgehoorsaamheid" en "gehoorsaamheid van die geloof" genoem. Dit staan teenoor die ou tipe gehoorsaamheid aan die wet wat "werke van die wet" (1933-AV 3:21, 27, 28 en 9:31) of "wetsonderhouding" (NAV) genoem word.

Hier twee maniere om die wet te gehoorsaam, is net so onversoenbaar soos wat die ou wet en nuwe wet met mekaar versoenbaar is. Dit is wat die Here aandui met die spreuk in Matt.9: 16,17:

> Niemand lap tog ou klere met ongekrimpte materiaal nie, want die nuwe lap skeur die klere nog verder, en die gat word net groter. "[17] "'n Mens gooi ook nie nuwe wyn in ou velsakke nie. As jy dit doen, bars die sakke, die wyn loop uit en die sakke is daarmee heen. Nee, 'n mens gooi nuwe wyn in nuwe sakke en so behou jy altwee

Die nuwe wet van die Here kan ons net met nuwe gehoorsaamheid vervul. Hierdie nuwe tipe gehoorsaamheid is geloofsgehoorsaamheid.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

| DIE OU TIEN GEBOOIE: WETSONDERHOUDING | DIE NUWE TIEN GEBOOIE: GELOOFSGEHOORSAAMHEID |
|---|---|

Johannes beskryf hierdie geloofsgehoorsaamheid só in 1 Joh. 4:16; 19: "En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin ... [19] Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het."

**Hoe werk hierdie geloofsgehoorsaamheid teenoor wetsonderhouding?**
Dit werk só! Ons doen wat die nuwe wet vir ons sê om te doen, omdat God ons liefhet en ons in hierdie liefde glo.

Volgens die ou wet moes ons die wet gehoorsaam om onsself vir God reg te laat wees: ons moet ons self vir God regverdig maak. Volgens die nuwe wet glo ons God maak ons regverdig en daarom gehoorsaam ons God omdat ons glo in hierdie liefde waarmee Hy ons regverdig maak.

Volgens die ou wet moet ons ons sondes bely en berou hê oor ons sonde om te vergoed vir die sonde wat ons gedoen het. In die nuwe wet glo ons God het ons sondes vergoed deur Christus. Nou bely ons ons sonde omdat ons glo in hierdie liefde waarvolgens God geen vergoeding van ons eis nie. Ons het berou oor wat ons met God gedoen het omdat ons glo in sy liefde vir ons wat teen Hom sondig.

Volgens die ou wet moet jy jou van sonde bekeer en jou toekeer tot die goeie lewe volgens die wet om jou lewe vir God reg te maak. Volgens die nuwe wet glo ons God het ons lewens vir Hom reggemaak deur ons in Christus se lewe in te sluit. Nou bekeer ons ons van sonde en verbind ons onsself aan sy wet tot 'n nuwe lewenswyse omdat ons binne-in sy liefde leef.

Volgens die ou wet gee ons ons lewe en hart vir God, het ons God lief sodat Hy ons sal aanneem en ons sy kinders sal maak. Volgens die nuwe wet glo ons Hy neem ons aan en maak ons sy kinders, al haat ons Hom. Hy gee ons in onsself liefde vir Hom deurdat Hy ons altyd in sy volmaakte liefde laat deel. Ons liefde wat ons vir Hom het en aan Hom wy is nooit werklik iets uit onsself nie. Dit is uit Hom. Ons het hom lief omdat Hy ons altyd weer en weer eerste liefhet.

Volgens die ou wet onderwerp ons onsself aan die wet van God om sy houding teenoor ons te verander: ons wil Hom teenoor ons barmhartig en genadig maak. Volgens die nuwe wet glo ons Hy is ons barmhartig en genadig. Hy het self sy eie houding teenoor ons verander. Dít is versoening. Daarom wy ons onsself aan God toe wat ons altyd barmhartig en genadig sal bly, al kan ons nie alles doen soos Hy sê ons dit moet doen nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

| | |
|---|---|
| **Geloofsgehoorsaamheid is gehoorsaamheid uit liefde vir wat God klaar vir ons gedoen en deur die evangelie gegee het – sy liefde.** | **Wetsonderhouding is gehoorsaamheid uit vrees vir wat God nog nie gedoen het en nog nie gegee het nie – sy liefde.** |

Dit is wat die Here vir sy dissipels gesê het oor die nuwe manier waarop Hy hulle aan die wet gaan bind. Deur 'n nuwe soort Tien Gebooie te skep, maak Hy dat ons weer net uit liefde die wet gehoorsaam, sonder enige ander rede. Ons het God lief omdat Hy God is: Hy is liefde. Die Fariseërs se gehoorsaamheid is uit vrees. Daarom moet ons gehoorsaamheid meer inhou as hulle s'n. Gehoorsaamheid uit vrees verneder God. Gehoorsaamheid uit liefde vereer God.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

## HOOFSTUK 6 IN AFGODSDIENS IS DIE EVANGELIE DIE NUWE WET: EVANGELIESE ONGEHOORSAAMHEID

In afgodsdiens wil mense nie aan God se wet gebind wees nie. Daarom vervang hulle Christene se insluiting in die evangelie met die insluiting in die lewe van geestelike mense. Hierdeur skep geestelikes ’n alternatiewe wet in die plek van die nuwe wet van Christus: geestelike wette waardeur die verbreking van God se wet as ’n inniger liefde en dieper gehoorsaamheid aan God uitgeleef word. Die moderne Christelikheid skep hierdie geestelike wette deur die evangelie te verdraai tot ’n nuwe alternatiewe wet in die plek van die Tien Gebooie.

Die ou wet word die nuwe wet omdat ons ingesluit word by en verenig word met Christus. Hierdie band met Christus verander die ou wet na die nuwe wet. Christus red ons sonder die wet. Christus regeer ons sonder die wet. Op hierdie wyse verbind Christus ons weer aan die volle betekenis van die wet: sondaars kan God liefhê met hul hele hart, siel, verstand en al hul krag en hul naaste soos hulself – volgens die Tien Gebooie.

In afgodsdiens word daar ook van twee tipes wette gepraat. Ook daar word gepraat van die ou wet en die nuwe wet, maar die ou wet en nuwe wet wat hier ter sprake is, is heeltemal iets anders as die ou en nuwe wet in die Bybel. Die wette in afgodsdiens werk met ’n ander band waarmee die mens verenig word as ons vereniging in en met Christus. Die afgodsdiens glo nie in vereniging met Christus nie, maar verbind homself aan geestelike mense.

### 1.Gebind aan geestelike mense

In Matteus 23:8-12 wys die Here ons wat die verskil is tussen ons verbintenis met Hom en die verbintenis met geestelike mense:

> Maar julle moet julle nie ‘rabbi’ laat noem nie; net Een is julle Leermeester en julle is almal broers. Moet niemand hier op aarde as ‘vader’ aanspreek nie, want Een is julle Vader: die Vader in die hemel. Julle moet julle nie ‘leiers’ laat noem nie, want Een is julle Leier: die Christus. “Maar die grootste onder julle moet bereid wees om die ander te dien. Wie hoogmoedig is, sal verneder word, en wie nederig is, sal verhoog word.”

Wie is die mense wat wil hê ons moet hulle só noem: “my geestelike leier”, “my geestelike vader” en “my geestelike leermeester”? Dit is gewoonlik pastore, priesters, predikante of mense wat hulself sien as persone met geestelike mag.

Klink dit reg as ons ’n predikant “my leier” noem? Veral as hulle wil hê ons moet dit met so ’n spesiale, sagte en eerbiedige stemtoon sê as ons met hulle praat? Dit klink nie reg nie! Maar dit is hoe predikante al oor hulself dink. Dit is hoe hulle hulself al noem as hulle vergaderings hou: “die geestelike leiers.” Klink dit reg as jy ’n predikant “vader” moet noem as jy met hom praat, veral as hy van jou verwag om dit met ’n sekere afhanklike bewondering

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

te sê? Dit klink nog erger as “my leier”. Net so erg klink dit as jy met hoopvolle afwagting van jou predikant as “my geestelike leermeester” moet praat.

Hierdie houding waarmee jy met en oor hulle moet praat, gebeur nie net as ons hulle met die tipe titels moet aanspreek nie. Baie van hulle wil hulle egter in die rol aanvaarbaar maak sonder om van titels gebruik te maak. Diesulkes verskyn dan met gewone slenterdrag en lang hare op die kansel, maak grappies en wys só dat hulle mense is met wie ’n mens maklik kan gesels. Jy moet vir hulle sommer “oom”, “tannie”, “Jan”of “Hans” sê. Jy moet net onthou om dit nog steeds met hierdie sagte, eerbiedige, afhanklike bewondering en hoopvolle afwagtende innigheid te sê, want hierdie spesiale manier waarop jy met hulle praat, wys op die spesiale band waarmee jy aan hulle gebind is. Dit wys op die spesiale ervaring wat jy in hulle beleef.

Wat is hierdie spesiale innigheid wat jy in hulle moet beleef? Dit is die liefdevolheid van God wat jy in en met hulle moet beleef. Hierdie liefdevolheid van God wat jy in hulle moet beleef, maak dat jou leraar jou geestelike mentor, jou geestelike voog en jou geestelike rolmodel word.

**2.Net gebind aan Christus**

Christus sê jy mag nie só met hulle praat nie. Jy mag nie hierdie spesiale band met hulle hê nie. Die Here stel dit duidelik en uitdruklik dat ons nooit hierdie tipe spesiale band of verhouding met mense, wat godsdienstige gesag het, mag hê nie. Hoekom nie? Want in godsdiens is daar net een spesiale gesagspersoon in ons lewens: Christus alleen.

**2.1 Net Christus is ons leier**

Wat maak Christus so anders dat ons net met Hom geestelik verbind kan wees? Kom ons toets dit aan elke titel. Hoe is Christus ons leier? Hoe regeer Hy ons lewe? Christus is nie ons leier deur die wet nie, maar deur die evangelie. Hy is nie in sy lyding en opstanding vir ons sonde vir ons tot voorbeeld oor hoe ons moet ly en sterf nie. Hy is nie vir ons tot voorbeeld oor hoe ons uit die dood moet opstaan en aan die regterhand van God moet gaan sit nie. Die manier waarop Christus leier is, is dat Hy dit alleen vir ons, in ons plek doen. Hy doen dit nie sodat ons Hom moet volg en dieselfde moet doen nie. Hy doen dit omdat ons dit nie kan, en selfs nie mág doen nie.

Hy regeer ons lewe deur ons in te sluit in dít wat Hy vir ons in ons plek gedoen het. Hy sluit ons in die straf in wat Hy vir ons gedra het en Hy sluit ons in in die lewe wat Hy vir ons leef. Dit kan net Hy met en vir ons doen. Niemand anders nie. Hierdie band kan niemand anders met ons deel nie. Niemand anders kan ons insluit in Christus en in Christus laat deel nie. Net Hy doen dit. Hy doen dit alleen. Hy doen dit deur die Heilige Gees en nooit deur ’n mens nie, ongeag hoe “geestelik” hulle ook al mag meen hulle is.

**2.2 Net Christus is ons leermeester**

Hoe is Christus ons leermeester? Hy is ons leermeester deur die evangelie:

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> Die genade van God wat verlossing bring, het immers aan alle mense verskyn. [12]Dit voed ons op om die goddelose leefwyse en wêreldse begeerlikhede te laat vaar en met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug in die teenswoordige wêreld te lewe, ... (Tit.2:12)

Deur ons in te sluit in sy straf en sy regverdige lewe, leer Hy ons om volgens die nuwe wet van die Here te leef. Hy leer ons om te aanvaar dat ons onskuldig is en dat ons daarom eerlik met God oor ons lewe kan wees. Hy leer ons om te glo dat ons liefde as kinders van God vir Hom volmaak is met al die sonde wat ons nog doen. Hy leer ons dat Hy ons nie veroordeel nie en dat ons daarom sonder vrees onsself aan sy nuwe wet kan bind. Dit is net deur ons band met Christus dat Hy ons in hierdie nuwe tipe gehoorsaamheid lei – geloofsgehoorsaamheid.

Ons kan met niemand anders hierdie band, waarin ons onskuldig en volmaak gehoorsaam aan God leef, hê nie. Christus self leer ons om in hierdie verbintenis met Hom te leef. Niemand anders kan ons leermeester in hierdie verbintenis met Christus wees nie. Niemand anders is die evangelie nie. Net Christus is die evangelie.

**2.3 Net deur Christus is sy Vader ons Vader**

Net Jesus Christus is die Seun van God. Niemand anders nie. Net Christus deel in dieselfde lewe as God die Vader. Johannes 5:26 stel dit so:"Soos die Vader die lewe in Homself het, het Hy die lewe ook aan die Seun gegee om dit in Homself te hê." Net Christus kan ons insluit in die liefde van God die Vader omdat Hy self God is en een is met die Vader. In Johannes 14:6-7 staan daar:

> Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie. As julle My ken, sal julle my Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom."

Net Christus kan met ons hierdie spesiale verbintenis hê dat ons in Hom deel het aan die volle liefde, goedheid, genade en barmhartigheid van God die Vader.

> Die heerlikheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is: [23] Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet (Johannes 17:22,23)

Daarom is dit net deur ons vereniging met Christus dat God, die Vader van Christus, ons Vader is. Net in ons band met Christus beleef ons die liefde en goedheid van God in ons lewe. Ons kan in niemand anders hierdie nabyheid van God ervaar nie. Net in die evangelie en deur die evangelie is God ons Vader. Net deur geloof leef ons in sy liefde. Daarom kan ons net in Christus die liefdevolle, innige en teenwoordige Vader beleef. In niks en niemand anders kan ons hierdie belewenis kry nie.

**2.4 Die gesag van Christus teenoor die gesag van geestelikes**

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Jesus se gesag om vir ons die Christus te wees, lê nie in die Tien Gebooie nie. Sy gesag om Christus te wees, lê in sy liefde vir ons: die evangelie. Dit lê nie in ons liefde vir Hom nie, met ander woorde volgens die wet nie. Johannes stel dit só:

> Uit sy oorvloed het ons almal genade op genade ontvang. [17] God het die wet deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom. (Johannes 1:16,17)

Jesus se gesag is om ons te laat deel in God se genade, nie om die wet vir ons te kom verduidelik nie. Die wet was nog nooit onduidelik nie. In Johannes 3 bevestig Jesus dit aan Nikodemus dat Hy gekom het deur sy geboorte, lyding en sterwe. Hierdeur het Hy die gesag om sondaars te red. Jesus se koms as Messias is nie om die wet van God deur oordeel en straf te kom handhaaf nie.

> God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word. (Johannes 3:17)

Waarin lê die gesag van geestelike leiers? Hulle gesag kry hulle uit die Tien Gebooie. Jesus wys dit in Matteus 23:1-5 uit:

> Toe het Jesus die menigte en sy dissipels toegespreek [2] en gesê: "Die skrifgeleerdes en die Fariseërs het die gesag om die wet van Moses te vertolk. [3] Julle moet alles doen en onderhou wat hulle vir julle sê, maar hulle voorbeeld moet julle nie navolg nie, want hulle doen self nie wat hulle sê nie. [4] Hulle bind swaar en ondraaglike laste saam en sit dit op die mense se skouers, maar self wil hulle nie 'n vinger verroer om dit te dra nie. [5] Alles wat hulle doen, doen hulle net om deur mense gesien te word.

Geestelikes se gesag is daarin gesetel dat hulle mense wil leer hoe om die wet te gehoorsaam. Hoekom? Om raakgesien te word! Hoe sien 'n mens hulle raak? Die wyse waarop hulle raakgesien wil word, is dat ons in hulle moet raaksien dat hulle die wet van God reg onderhou en reg leef volgens die wet. Hulle wil dat mense sal raaksien dat hulle doen wat die wet vereis net soos wat die wet dit vereis. Hulle wil dat ons in hulle sal raaksien dat hulle regverdig is omdat hulle die wet nakom. Raaksien beteken dat hulle met hul leefwyse ons wil laat glo dat hulle daarin slaag om waarlik reg vir God reg te leef.

Dit is die gesag wat hulle hulself toeëien: mense moet glo dat hulle dit reggekry het om God so lief te hê soos wat God dit wil hê. Dit is hoekom hulle dan as leier, leermeester en vader aangespreek moet word. Ons moet hulle eer vir wat hulle geestelik reggekry het. Hulle kan ons leer wat hulle reggekry het en wat hulle reg doen. Hulle het God volgens sy wet reg lief. Hulle kan ons leer om ook in die liefdevolheid van God te leef, net soos wat hulle dit deur hul vroom, bekeerde en toegewyde lewe doen. Hulle het só 'n goeie verhouding met God dat hulle ander ook naby aan God kan bring.

As Christus sê ons moenie hul voorbeeld volg nie, dan beteken dit hulle is nie 'n voorbeeld van mense wat vir God reg leef en reg doen nie. Daar is nie sulke mense nie! Ons mag ons nie aan sulke mense verbind in die geloof dat ons iets van God in hulle kan beleef, of iets van God se liefde by hulle kan leer nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**3.Die innige band van afgodsdiens**
Daarom mag ons nie glo dat ons in mense wat oor godsdienstige gesag beskik hierdie liefdevolheid van God beleef nie. Al wat ons in en deur mense belewe, is wat hulle is. Ons kan niks van wat God is in of deur mense beleef nie. Die geloof dat ons in ons verhouding met hulle as geestelike leiers, die liefde en goedheid van God beleef, is afgodsdiens.

Hulle bedoel dit dat ons God in hulle moet beleef, dat hulle ons in die besluite van God sal lei en dat hulle ons aan God gehoorsaam sal laat wees. Dit is wat hulle wil wees en wat hulle vir ons wil doen. Hulle glo dat hul innige teenwoordigheid by mense 'n manier is waardeur God mense aan Homself vasbind.

Geen predikant, pastoor, priester of geestelike oom, tannie of vriend kan ons laat deel in Christus nie. Net Hy verenig ons met Homself deur die Heilige Gees, sonder innige verhoudings met ander mense. Net Hy sluit ons in sy straf en lewe in. Net Hy sluit ons in sy Vader se liefde en goedheid in. Net Hy regeer ons deur die evangelie sonder die wet. Dit doen Christus, nie die lewe, liefde, teenwoordigheid of innigheid van mense nie. Hy doen dit net deur die evangelie.

Daarom mag ons nie mense in die geloof vereer met die verwagting dat ons iets van God in hulle, of in verhouding met hulle kan beleef nie. Ons mag nie mense in die geloof vereer dat ons in verhouding met hulle gehoorsaam aan God sal leef, of in hulle die besluite van God sal ontdek nie.

Dit is ongeloof, afgodsdiens. Die kenmerk van afgodsdiens is dat dit wat God doen, omgedraai word. As die band met Christus verdraai word en dit die band word wat ons ook met ander mense het – dan weet ons dis afgodsdiens. Afgodsdiens verdraai die band wat ons net met Christus het om 'n band te word met geestelike mense.

Hulle wil ons met hul gesag aan die wet bind, terwyl Christus met sy gesag ons aan die evangelie bind. In die Christelike godsdiens kan mense nie ons geestelike mentors, voogde of rolmodelle wees nie. In Christus het ons die vryheid dat net Hy ons leier en leermeester is, en net in Hom is God ons Vader.

**4.Die nuwe wet in ons verbintenis met geestelike mense**
Christus verander die ou wet na die nuwe wet. Christus skep vir ons geloofsgehoorsaamheid in die plek van wetsonderhouding. Wat gebeur met die wet van God in hierdie geestelike band waarmee ons in mense God se liefdevolle teenwoordigheid wil beleef? Watter soort wette en reëls gaan hierdie mense aan jou voorskryf as jy deur die geloof aan hulle gebind is sodat jy in hulle God se liefde beleef?

**4.1 Die nuwe soort wet van geestelikes in die plek van God se ou wet**

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**Geestelikes se nuwe wette is godsdientige reëls waardeur hulle God se wet verbreek**

Christus wys ons hierdie nuwe soort wet waaraan geestelike mense ons wil bind wanneer Hy die Fariseërs in Matteus 15:1-9 konfronteer:

> In dié tyd het daar Fariseërs en skrifgeleerdes van Jerusalem af by Jesus gekom en Hom gevra: [2] "Hoekom verontagsaam u dissipels die oorgelewerde gebruike van die voorgeslagte? As hulle gaan eet, was hulle nie hulle hande nie." [3] "Waarom verontagsaam julle self die gebod van God ter wille van julle oorgelewerde gebruike?" het Jesus geantwoord. [4] "God het tog gesê: 'Eer jou vader en jou moeder' en: 'Wie sy vader of sy moeder vloek, moet sekerlik doodgemaak word.' [5] Maar julle bepaal: 'As iemand vir sy pa of sy ma sê: Die hulp wat u van my sou kon kry, maak ek 'n offergawe vir God, [6] dan hoef hy nie meer sy plig teenoor sy pa na te kom nie.' So ontneem julle die woord van God sy gesag ter wille van julle oorgelewerde gebruike. [7] Huigelaars! Die profeet Jesaja het julle mooi opgesom toe hy gesê het: [8] Hierdie volk eer My met hulle mond, maar hulle hart is ver van My af. [9] Dit help niks dat hulle My probeer dien deur leerstellings van mense as gebooie van God voor te hou nie."

Kyk na die nuwe soort wet wat hier gemaak word! Die Tien Gebooie leer ons dat ons ons ouers moet eer. Deel van hierdie "eer  van die ouers" is om ouers te versorg as hulle bejaard is. Dit beteken dat as jy beeste het, jy vir hulle melk sal gee en ook 'n bees vir vleis sal slag.

Maar die Fariseërs maak nuwe wette wat só werk: as jy die bees waarmee jy jou ouers moes versorg het vir die Here as 'n offer gee, dan hoef jy nie meer die bees vir hulle as kos te slag nie. "Wie is die belangrikste", sal hulle vra: "die Here of jou ouers?" Daarom is dit vir hulle belangriker om vir die Here 'n offer te gee as om vir hul ouers kos te gee! Kan jy jou die volgende gesprek indink: "Pa, ek wou baie graag help, maar ek sit met 'n probleem: ek het die bees vir die Here beloof." Hoe moet die ouers reageer? Kan hulle sê: "Nee! Ons is honger! Ons gaan die Here se bees opeet!"  Hulle moet gedienstig en gelowig aanvaar dat die Here belangriker is as hulle en daarom moet hulle maar sê: "Dis goed so, seun, ons verstaan, jy hoef ons nie te versorg nie."

Hulle maak nuwe wette om God só te gehoorsaam dat hulle nie meer die Tien Gebooie hoef te gehoorsaam nie. Daarom sê die Here dit is wat Jesaja al uitgewys het: hulle eer God met die mond maar hulle hart is ver van God af. Hulle onderhou wette vir God maar met hierdie godsdienstige wette verbreek hulle die gebooie van God.

### 4.2 Geestelikes kry hierdie reëls deur van die evangelie 'n nuwe wet te maak

Waar kry hierdie geestelikes hierdie soort wet, as jy vir God 'n bees gee, hoef jy nie meer jou ouers te onderhou nie, vandaan? Dit is nie die wet van God nie. Hulle maak self hierdie reëls. Maar hoe kan hulle hierdie nuwe soort reëls op so 'n manier maak dat mense kan glo dit is God se nuwe reëls?

In die Ou Testament kom  twee tipes wette voor: lewenswette en seremoniële wette. Ons sal later weer hierna verwys. Die Tien Gebooie is lewenswette. Dit sê hoe God wil hê ons vir Hom moet leef. Seremoniële wette is nie lewenswette nie. Dit is voorskrifte wat oor offers vir die Here, die tempel van die Here en die priesters handel.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hierdie wette is prentjiewette. Dit laat ons dít wat God vir ons doen, uitbeeld. God gee opdrag vir hierdie uitbeeldings sodat ons in hierdie seremoniële prentjies kan sien wat Christus vir ons doen. Die offers wys God gaan Christus as offer vir ons sondes gee. Die tempel wys God gaan die Heilige Gees aan ons gee en die priesters wys die Here self gaan ons priester in die hemel by die Vader wees. Hierdie seremoniële wette wys vir ons die evangelie. In hierdie soort wette sien jy die evangelie in die Ou Testament.

Watter wet lui dat jy'n bees vir die Here moet offer? Dit is 'n seremoniële wet! Jy moet dit doen om die evangelie te sien en te glo! Watter tipe wet is die wet dat jy jou ouers moet eer? Dit is 'n lewenswet!

Hoe maak hulle dat hul eie wette soos God se nuwe wet lyk?

Hulle maak van die seremoniële wette nuwe wette waarvolgens 'n mens moet leef! Dit beteken hulle maak van die evangelie 'n nuwe wet oor hoe 'n mens moet leef. Hulle verdraai die evangelie van iets wat God vir ons doen na iets wat ons vir God moet doen.

Wat noem die Bybel hierdie verdraaiing? Dit is afgodsdiens. In afgodsdiens is die nuwe wet van God die evangelie. Wat is die ou wet in afgodsdiens? Dit is die Tien Gebooie! In afgodsdiens gebeur hierdie geweldige verdraaiing: die Tien Gebooie word vervang as die wette waarvolgens ons moet leef deur wette wat geestelikes self opgestel/uitgedink het. Hulle vorm hierdie nuwe wette deur die evangelie tot 'n wet te verdraai.

**In afgodsdiens is die Here se wet die ou wet en die evangelie God se nuwe wet.**

Kyk weer na die voorbeeld van die bees wat vroeër aangehaal is. Watter wet is vir hierdie seun, wat sy ouers moet versorg, die nuwe wet? Dit is die evangelie. Hy glo dat deur 'n offer vir God te gee dit 'n nuwe wet is waardeur hy God beter kan gehoorsaam. Beter as wat? Beter as die Tien Gebooie! Die Tien Gebooie sê jy moet jou ouers eer. Maar hy gehoorsaam die nuwe geestelike wet wat aan God toon dat hy die Here liewer het as ander en nader aan God leef as ander – Hy gee vir God die bees wat God nodig het!

Dit is hoe hulle dit regkry. Hulle vat iets wat God vir ons doen en maak dit 'n wet van wat ons vir God moet doen. Hulle vat alles wat Christus in die evangelie vir ons doen en maak sy werke en gawes vir ons nuwe wette wat ons in die plek van die Tien Gebooie moet gehoorsaam. Vir geestelikes is hierdie nuwe soort wette, die wette waardeur hulle God beter, inniger, dieper en met voller liefde kan gehoorsaam as die Tien Gebooie.

Maar dit is nooit waar nie. Die nuwe geestelike wette wat hulle uit die evangelie opmaak, is nie wette waardeur hulle God beter liefhet nie. Dit is wette waardeur hulle die wet van God verbreek.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**5.Die nuwe geestelike gehoorsaamheid aan God: ongehoorsaamheid aan sy wet**

Wat noem die Bybel hierdie nuwe gehoorsaamheid aan God wat beter is as die ou manier om aan God gehoorsaam te wees? Wat noem die Bybel hierdie nuwe gehoorsaamheid wat sy evangelie as nuwe wette vir ’n nuwe lewenswyse aanvaar? Die Here sê dit help nie om hierdie nuwe tipe gehoorsaamheid as gehoorsaamheid aan God se gebooie voor te hou nie. Hierdie nuwe tipe gehoorsaamheid kan nie as gehoorsaamheid voorgehou word nie. Dit is ongehoorsaamheid aan God se gebooie. Die seun se gehoorsaamheid om die bees as ’n offer vir die Here uit te hou, is ongehoorsaamheid aan die gebod om jou ouers te eer.

Dit is ’n baie slim vorm van ongehoorsaamheid. Dit is ongehoorsaamheid wat vir God beter as gehoorsaamheid sou wees. As iemand God se wet openlik verbreek, is dit baie duidelik wat hy doen. Hy onderhou nie God se gebooie nie. Hy minag dit. Hy steur hom nie aan God nie. Maar as ’n mens God se gebooie verbreek met gebooie wat lyk soos God se nuwe en beter gebooie – dan het mense hul ongehoorsaamheid aan God ’n beter en ’n hoër vorm van gehoorsaamheid aan God gemaak as die gehoorsaamheid wat God eis.

Dit is wat met die nuwe wette van geestelikes gebeur. Hulle en almal om hulle glo dat hul ongehoorsaamheid ’n nuwe, beter manier is om God lief te hê as die ou manier om God volgens sy wet lief te hê.

Kyk hoe beskryf Paulus in Kolossense 2: 16-23 hierdie nuwe en beter manier om God lief te hê as gehoorsaamheid volgens die wet:

> Daarom moet julle nie dat iemand vir julle voorskrywe wat julle moet eet en drink nie, of dat julle die jaarlikse feeste of die nuwemaansfees of die sabbatdag moet vier nie. 17 Dit is alles maar net die skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus. 18 Moenie dat iemand wat behae skep in danige nederigheid en in die aanbidding van engele en wat voorgee dat hy allerhande visioene gesien het, julle daarmee mislei nie. So iemand verhef hom oor wat hy in eiewaan van homself dink, 19 en hy hou nie aan die hoof, aan Christus, vas nie. Uit Christus groei die hele liggaam, ondersteun deur die gewrigte en saamgebind deur die spiere, soos God dit laat groei. 20 Julle het saam met Christus gesterwe en is dus dood vir die wettiese godsdienstige reëls van hierdie wêreld. Waarom lewe julle dan nog asof julle aan hierdie wêreld behoort? Waarom gehoorsaam julle allerhande voorskrifte 21 soos: “Hieraan mag jy nie vat nie!” “Daaraan mag jy jou mond nie sit nie!” “Daaraan mag jy nie raak nie!”? 22 Dit gaan alles oor dinge wat bedoel is om gebruik te word en te vergaan, en dit is maar net gebooie en leerstellings van mense. 23 Hierdie leerstellings het wel ’n skyn van wysheid met hulle selfgemaakte godsdiens, danige nederigheid en streng beheersing van die liggaam, maar dit het geen waarde vir die beteueling van die sondige drifte nie.

Al die wette wat Paulus hierbo noem, is seremoniële wette: prentjiewette. Wette oor die sabbat, spesiale feeste soos Paasfees en Pinkstersfees, kos- en drankwette, was alles prentjies van die evangelie. Dit het gewys dat God hulle heilig sou maak. Dit was die skaduwee. Christus het dit regtig vir ons kom doen.

Wat doen hierdie mense? Hulle maak van die evangelie die nuwe wyse waarop Christene aan God gehoorsaam moet wees in die plek van gehoorsaamheid volgens die Tien Gebooie. Die evangelie word die nuwe reëls van die nuwe wet.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit is selfgemaakte godsdiens. Dit is nie godsdiens wat God maak nie. Dit is godsdiens wat mense maak. Godsdiens wat mense maak en nie God nie, is afgodsdiens. Hierdie nuwe gehoorsaamheid is danige nederigheid. Dit lyk soos die nederige aanvaarding van God se wil. Maar dit is nie. Dit is die hoogmoedige wil van mense wat nie God se wet as lewenswyse wil aanvaar nie. Dit is streng beheersing. Dit is ernstige uitoefening van beheer, maar hierdie beheer is nie beheersing van ons sondige wil en ons sondige begeertes nie. Dit is ’n streng beheersing van gawes wat God vir ons gee om te gebruik en wat nooit beheers moes word nie. Maar dit is terselfdertyd die wyse waarop hulle geen beheer deur God se wet van hul sondige begeertes aanvaar nie.

Selfgemaakte godsdiens, afgodsdiens, is om die lewe deur sonde op so ’n manier te beheers dat ongehoorsaamheid vir God ’n nuwe en beter gehoorsaamheid moet wees.

**6.Evangeliese ongehoorsaamheid aan God: ’n dieper liefde vir God en mense as gehoorsaamheid aan die wet van God**

Evangeliese ongehoorsaamheid! Dit is die nuwe gehoorsaamheid wat geestelikes in die moderne Christelikheid glo en verkondig. Evangeliese ongehoorsaamheid is om deur die evangelie aan God ongehoorsaam te wees.

Die evangelie is God se liefde vir sondaars. Die moderne Christelikheid verdraai die evangelie om nuwe geestelike reëls te wees wat ons in die plek van die Tien Gebooie moet gehoorsaam. As die evangelie nuwe geestelike wette is wat die mens moet gehoorsaam, dan is die evangelie nie meer God se liefde vir ons nie. Dan het die moderne Christelikheid God se liefde vir sondaars omgekeer en dit geestelikes se liefde vir God gemaak. Dit is die kern van evangeliese ongehoorsaamheid: dit verdraai God se liefde asof dit die nuwe liefde van mense vir God is, in die plek van dít wat hulle as die ou wet sien en wat nie meer tel nie: die liefde vir God en mens volgens die Tien Gebooie.

Evangeliese ongehoorsaamheid is om op ’n godsdienstige wyse liefdeloos teenoor God en mense te wees. Dit is om dit wat die wet van God uitwys as die mens se haat vir God en mense, uit te leef as ’n beter en hoër liefde as die liefde volgens God se wet. Dit is om die wet van God te verbreek deur van die evangelie ’n nuwe wet te maak. Hulle maak hul eie, nuwe verdraaide wette in die plek van God se wet: wat God vir ons doen is, is iets wat ons God moet nadoen. In hierdie verdraaide geestelike wette gaan dit nie meer oor liefde vir God en mense nie. In hierdie geestelike wette is Christus die nuwe rolmodel van sonde: om mense te laat deel in die krag, lewe, wil en persoon van God as hul eie.

Kom ons kyk hoe die nuwe Christelikheid die hele evangelie verdraai om nie meer die liefde te wees wat God vir ons het nie, maar die liefde te wees wat ons vir God moet hê.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**Evangelie**: Ek glo in God die Vader, die almagtige Skepper van die hemel en die aarde …en in Jesus Christus sy eniggebore Seun.
**Evangeliese ongehoorsaamheid**: Jy moet soos Jesus God as jou eie Vader aanneem en God innig en intiem jou pappa noem! Hierdie nuwe, inniger liefde vir God is die sonde om jou een te voel met God deur Jesus.

**Evangelie**: Ek glo … in Jesus Christus ons Here.
**Evangeliese ongehoorsaamheid**: Ons moet Jesus Here van ons lewe, huis, gesin, land en besigheid maak. In hierdie inniger liefde gee ons Christus die mag wat ons wil hê Hy moet uitoefen en hiermee bemagtig sondaars hul begeertes as Christus se opdragte.

**Evangelie**: Christus is gebore uit die maagd Maria.
**Evangeliese ongehoorsaamheid**: Jy moet wedergebore word! Jy moet God toelaat om in jou lewe in te kom en ook in jou gebore te word net soos met Jesus. In hierdie ervaring word die sonde van identifikasie met God die inniger liefde vir God.

**Evangelie**: Christus het gely onder Pontius Pilatus.
**Evangeliese ongehoorsaamheid**: Jy moet aanvaar dat jy 'n verlore sondaar is en onder God se toorn verkeer. Jy moet aanvaar dat jy 'n vleeslike Christen is al glo jy in Jesus Christus. In hierdie ervaring word die verwerping van God se genadeheerskappy en selfveroordeling 'n inniger liefde vir God as die liefde uit die vreesloosheid vir God se oordeel.

**Evangelie**: Christus is gekruisig.
**Evangeliese ongehoorsaamheid**: Jy moet jou eie ek en jou eie lewe kruisig. In hierdie ervaring moet jy die selfvervloeking van jou eie identiteit as 'n liefdesdaad teenoor God ervaar.

**Evangelie**: Christus het gesterf.
**Evangeliese ongehoorsaamheid**: Jy moet jou eie ek en jou eie lewe vir God doodmaak. Jy moet jou eie ek en eie lewe vir God dood reken. In hierdie ervaring moet jy jou eie identiteit as 'n skuldoffer vir God vernietig.

**Evangelie**: Christus het ter helle neergedaal.
**Evangeliese ongehoorsaamheid:** Jy moet niks wees nie. Jy moet glo dat God wil hê jy dat nie 'n eie wil, lewe, persoon en krag mag hê nie. In hierdie ervaring moet jy alle aanspreeklikheid en verantwoordelikheid teenoor God as liefdesoffer vir God aflê.

**Evangelie:** Christus het uit die dood opgestaan.
**Evangeliese ongehoorsaamheid**: Jy moet toelaat dat God se persoon en lewe jou eie persoon en lewe word. Jy moet God toelaat om Homself in jou te laat herlewe. In hierdie ervaring word die sonde om God se persoon en lewe as jou eie te sien, inniger liefde vir God as onderhouding van sy wet.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**Evangelie**: Christus het opgevaar na die hemel.
**Evangeliese ongehoorsaamheid**: Jy moet vervul word met God se eie Gees. Jy moet die lewe van die geesdimensie leef. In hierdie ervaring word die sonde om God se krag en wil as jou eie krag en wil te glo, die vervulling van ware liefde tussen jou en God.

**Evangelie**: Christus sit aan die regterhand van God.
**Evangeliese ongehoorsaamheid**: Jy moet God vir ander sigbaar maak. Jy moet dat ander mense God in jou lewe raaksien. Jy moet God toelaat om sy liefde deur jou aan ander mee te deel. In hierdie ervaring word die sonde om ander mense te oorheers die inniger liefde vir mense.

**7. Selfgemaakte godsdiens: die gebooie en leerstellings van mense``**
Paulus noem hierdie nuwe wette in Kolossense 2 “selfgemaakte godsdiens” (2:23) en gebooie en leerstellings van mense.(2:23). Wat is hierdie nuwe evangeliese wette? Dit is regtig net selfgemaakte godsdiens. Dit is nie die wette van God nie. Wette soos wat hulle voorhou kom in die ganse Bybel nie voor nie. In die moderne Christelikheid word hierdie wette egter voorgehou as Christus se nuwe wette in die plek van die Tien Gebooie.

Dié wette is die wette waaraan die innigheid van geestelikes jou vasbind. In en deur hierdie wette word hulle jou leier, leermeester en vader. Want Christus kan nie deur hierdie wette jou leier of leermeester wees nie en nog minder kan God deur hierdie wette jou Vader wees. In die geval van hierdie geestelike wette is dit net die geestelike wat vir jou kan verduidelik en wys hoe om hierdie soort wette te gehoorsaam – want hierdie wette is niks anders as die sondige wil en begeertes van die geestelike in wie se innigheid jy verstrik is nie.

In hul uitleg en verduideliking van hierdie wette sal hulle jou altyd ontneem van God se gawes en roeping en sal hulle jou altyd weerhou van jou skeppingsopdrag en jou in diens stel van jou eie en hulle sondige begeertes en drifte, terwyl jy glo dat jy besig is om God se nuwe liefdeswette te onderhou.

Kom ons kyk na ’n paar voorbeelde van hoe geestelikes deur hierdie nuwe geestelike wette mense God se wet laat verbreek en mense van hul gawes en roeping vervreem.

**Jesus se kruisiging**
Jesus het Homself aan die kruis niks gemaak nie. Ons moet net soos Jesus onsself ook heeltemal niks maak nie. Dit doen ons deur net soos wat Jesus sy lewe weggegee het, ook ons lewe weg te gee. Ons moet ons eie behoeftes, drome en ideale oor onsself kruisig net soos Jesus syne gekruisig het. Ons mag nie dinge soos sport, ontspanning en werk gebruik om van onsself iets te maak nie. Dit is sonde. Ons moet bereid wees om net soos Jesus alles op te offer. Dan sal God se krag ook in ons lewe opstaan soos God se krag binne in Jesus opgestaan het. Dan sal ons nie meer in ons eie krag lewe nie, maar God se krag sal deur ons leef. Ons moet net glo God se krag sal in ons leef, net soos met Jesus.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**Jesus se lyding**
Jesus is verneder deurdat Hy toegelaat het dat mense op Hom spoeg, trap, Hom slaan en mishandel. Net so moet ons ook nie daarop ingestel wees om gerespekteer en met waardigheid behandel te word nie. Ons kan Jesus net navolg as ons ook op ons laat trap, ons laat vloek en mishandel sonder om onsself te laat geld. As ons dit doen, dan sal God ook ons verhoog en in sy heerlikheid laat deel. Hy sal God in ons wees!

**Jesus is God wat mens geword het**
Wie was Christus? Hy was die hoë en belangrike God. Wat het hy vir ons gewys? Het Hy Hom soos die groot en magtige God gedra, of het Hy 'n nederige en brose mens geword? Hy het Homself klein vir ons gehou! Ons moet Jesus navolg. Ons moenie probeer om invloedryk en belangrik te wees nie. God is nie aan die belangrike mense se kant nie. God is aan die kant van die klein, nietige en hulpelose mense. As jy jouself so klein maak, sal God se krag en lewe deur jou werk. Jy moet jou gesag los sodat God se gesag deur jou kan werk.

Hierdie evangeliese ongehoorsaamheid word altyd deur geestelikes voorgehou as beter, dieper en hoër liefde as net gehoorsaamheid aan God se wet. Wat is hierdie nuwe beter en dieper liefde vir God en jou naaste? Dit is om self niks te wees nie, maar om deel van God se krag en lewe te wees. Dit is soos Jesus self was. Dit is om jouself met die krag en lewe van God te identifiseer, terwyl jy die menslike lewe en krag wat God jou gegee het minag en as niks reken nie. Dit is weer die sonde van Genesis 3: om jou menslike lewe te minag en die lewe van God te wil leef. Hierdie begeerte na dieper en meer goddelike liefde is niks anders as die begeerte om een met God in sy godheid te wees nie.

Kan dit gehoorsaamheid aan God wees om jou belange, talente, ideale, drome en behoeftes as mens op te offer? Dit is gawes van God aan mense! Gehoorsaamheid volgens die wet is om jou belange, talente, ideale, drome en behoeftes as gawes van God op te neem en om dit volgens Sy wil dit na te streef en uit te leef. Om dit op te gee, is sonde. Dit is om God se gawes te minag. Om jou talente, belange en ideale te minag, laat jou nie in 'n dieper liefde met God en jou naaste verkeer nie. Dit maak jou waardeloos vir God en jou naaste. Evangeliese ongehoorsaamheid maak van Jesus 'n rolmodel om hierdie gawes op te gee en te minag as 'n inniger liefde as gehoorsaamheid aan God se wet.

Kan dit gehoorsaamheid aan God wees om jouself te minag en geen respek by ander mense te wil afdwing nie? Dit is 'n oortreding van die gebod dat jy nie mag doodslaan om jouself as niks en niks werd te beskou nie. Om respek vir jou eie persoon te hê, beteken om jou eie menswaardigheid voor God en mens te glo. Om jou eie menswaardigheid te minag, kan nooit wees hoe jy jou naaste soos jouself kan liefhê nie. Dit verneder hulle ook in hul menswaardigheid. Om jou eie menswaardigheid voor God te minag, maak jou nie goddelik een met God nie. Dit maak jou onmenslik vir God. Evangeliese ongehoorsaamheid maak van Jesus 'n rolmodel van selfminagting om vir jouself 'n superego te skep.

Kan dit gehoorsaamheid aan God wees om jou onvolwasse en onverantwoordelik te hou?

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit is ontduiking van jou plig en ontkenning van jou gesag om jouself as klein en hulpeloos voor te hou wanneer jy ’n volwasse en aanspreeklike mens voor God en die gemeenskap moet wees. Dit is nie ’n inniger vorm van liefde vir God en mense nie. Om jouself as naïef en kinderlik voor te hou, is om die uitdagings en eise van die lewe te vermy en om ander altyd vir jou eie onverantwoordelikheid aanspreeklik te hou. Evangeliese ongehoorsaamheid maak van Jesus ’n rolmodel om altyd sonder enige aanspreeklikheid op alles reg te kan hê nes kinders.

**8.Vryheid om God en ons naaste volgens sy wet lief te hê**
Ons is vry van hierdie tipe geestelike reëls en wette. Dit is wat Paulus in Kolossense 2:20 en 22 aankondig:

> Julle het saam met Christus gesterf en is dus dood vir die wettiese godsdienstige reëls van hierdie wêreld … Dit gaan alles oor dinge wat bedoel is om gebruik te word en te vergaan, en dit is maar net gebooie en leerstellings van mense.

Godsdiensvryheid is die vryheid van verbintenisse aan geestelike rolmodelle, mentors en voogde. Ons is met Christus as persoon verenig, nie met geestelike mense nie. Vir hulle en hul geestelike innigheid is ons dood. Ons glo nie dat hulle is wat hulle voorgee om te wil wees nie. Ons glo nie dat hulle regtig vir God reg leef en reg is deur hul mooi, goeie, bekeerde, geesvervulde en toegewyde lewe nie. Ons glo nie dat ons in hulle enige iets van God se teenwoordigheid of nabyheid kan beleef nie. Hulle kan nie God aan ons meedeel nie. Ons ervaar net God as Vader in ons geloof in sy Seun – sonder enige ander rolmodel of voog in ons lewe.

Godsdiensvryheid beteken dat ons nie na ’n beter en dieper liefde soek as die gewone menslike liefde vir God en ons naaste nie. Ons kan sien dat hul reëls wette is waardeur hulle sonde as gehoorsaamheid aan God probeer voorleef. Ons laat ons nie deur sulke wette lei of rig nie. Ons is ook nie beïndruk met mense wat volgens hierdie wette leef nie. Ons weet hulle soek beheer oor ons lewe, ons drome, ons ideale, ons behoeftes en ons persoon. Hulle soek nie ’n beter manier om sonde te beheer nie.

Godsdiensvryheid is die vryheid dat God se wet duidelik, eenvoudig en helder is. Ons het nie mense nodig om dit aan ons te verduidelik nie. Ons is vry van hierdie geestelike reëls wat so diep, misterieus en innig is dat ons dit nooit self kan verstaan of uitleef nie, maar altyd na iemand as ons leier, ons leermeester en ons vader moet opsien om hierdie beter liefde te kan verstaan en te kan uitleef.

Godsdiensvryheid is die geloof dat my gehoorsaamheid aan God se wet, met al my gebreke, foute en sondes, vir God volmaakte gehoorsaamheid is. Daar is nie ander mense wat op ’n ander manier beter en dieper aan God gehoorsaam kan wees as Christene deur hul geloofsgehoorsaamheid nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Toets maar self: wie het jy nodig om te weet dat steel steel is en dat egbreuk egbreuk is? Niemand nie. God se wet is duidelik in elke mens se gemoed. God sorg self daarvoor. Maar wie kan nou ooit regtig weet wat dit beteken om jou eie ek en belange niks te laat wees nie sodat God alles in jou kan wees?

Ons is vry van hierdie wette en ook vry van die mentors en vaders van hierdie wette: ons glo die evangelie en gehoorsaam God se wet. Evangeliese wette is maar net die evangelie wat verdraai is – om godsdienstig ongehoorsaam aan God te wees. Dit is afgodsdiens.

**9. Geestelikes se nuwe wette vir 'n goddelose wêreld**

Afgodsdiens is godsdienstige goddeloosheid. Geestelike wette en wetteloosheid is presies dieselfde goddeloosheid. Die nuwe geestelike wette in afgodsdiens wat die wet van God vervang, is die een kant van bipolêre goddeloosheid. Hierdie nuwe geestelike wette is godsdienstige wetteloosheid.

Dit sien ons duidelik in die Here se woorde oor goeie werke in die Bergrede van Matteus:

> [1]Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik. (Matt.5:16)

Die goeie werke wat Christene moet doen, is dat hulle geregtigheid baie meer moet wees as dié van die Fariseërs (Matt. 5:20; '53-AV) Geregtigheid is altyd om te doen wat die Tien Gebooie sê. Christene se geregtigheid is baie meer as dié van die Fariseërs omdat hulle ingesluit is in die geregtigheid van Christus. Christene se geregtigheid is meer omdat hulle uit hul eenheid met Christus se geregtigheid hulle verbind tot die volle liefdeseis van die wet. Christene soek nie 'n nuwe geregtigheid in hul eie, nuwe alternatiewe wette nie. Die alternatiewe geregtigheid wat Fariseërs nastrewe, is die ongeregtigheid van die geestelike wette waarmee hulle die wette van God verbreek:

> Dit help niks dat hulle My probeer dien deur leerstellings van mense as gebooie van God voor te hou nie. (Matt.15:9)

Dit is Christene se verbintenis tot die liefde van die wet van God wat maak dat hulle goeie werke doen wat mense kan sien. Die Here se opdrag dat Christene hul lig moet laat skyn, is nie 'n oproep tot vertonerige godsdiens nie. Christus verbied net 'n paar verse verder in die Bergrede die demonstrasie van goeie werke. Christus verbied ook in die bergrede enige openbare demonstrasie van die verhouding tussen God en gelowiges:

> Maar jy, as jy liefdadigheid bewys, laat jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie, [4] sodat jou liefdadigheid in die verborgene kan wees; ... [5] En wanneer jy bid, moet jy nie wees soos die geveinsdes nie; want hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die hoeke van die strate te staan en bid, om deur die mense gesien te word. Voorwaar Ek sê vir julle dat hulle hul loon weg het.[6] Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is;" (Matt.6:3-6; '53-AV)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit is Christene se verbintenis tot liefde volgens God se wet wat hulle sout van die aarde maak. Hierdie liefde is nie anders as die liefde waaraan elke ander mens in die ganse skepping verbind is nie. Dit is die liefde wat elke mens soek: ’n liefde waarin elke mens se gesag, se lewe, se gemeenskap, se eiendom, se plek in die raad van God aanvaar, gerespekteer, bevorder en gegun word. Daarom is Christene se goeie werke vir almal goed. En die lig wat Christene laat skyn, is net hul gewone menslike liefde volgens die wet van God. Die wet van God vir alle mense. Dit is die openbare karakter van die wet van God wat Christene se liefde volgens die wet openbare goeie werke laat wees. Die wet maak Christene se werke lig: openlike, goeie werke.

Die nuwe geestelike wette van die Fariseërs, die moderne Christelikheid en alle ander afgodsdienste is sout wat verslaan geword het. Dit is wat die openbare gemeenskap betref, totaal nuttelose en waardelose werke. Van watter waarde is dit vir die gesagsinstellings van die gemeenskap, die lewenskwaliteit van mense, die waarde van menslike eiendom, die gemeenskapslewe, die roeping en arbeid van die gemeenskap dat geestelikes God ervaar, hulself en ander veroordeel, hul eie ek en lewe minag, hulle self en hul lewe vir hulself en ander dood reken, God se krag in hul lewe demonstreer deur niks te wees en niks te wil wees nie. Dit is hoe die Here dit uitwys:

> Maar as sout verslaan het, hoe kry ’n mens dit weer sout? Dit is niks meer werd nie. Dit word buitekant weggegooi, en die mense vertrap dit. (Matt. 5:13)

Dit is hoe goddeloses godsdiens wil sien en hê: nutteloos en waardeloos vir die gemeenskap. Die wette wat die openbare lewe bepaal, moet niks te doen hê met die kerk nie. Vir goddeloses is dit mense se eie wette en het dit niks met God te doen nie. Geestelikes kan volgens goddeloses hul eie wette vir hul geestelike wêreld maak wat net mooi niks met die skepping en gewone gemeenskaplewe te doen mag hê nie. Deur hul nuwe geestelike wette, maak geestelikes die gewone gemeenskapslewe die godlose gemeenskap wat goddeloses wil hê dit moet wees.

Dit is die simbiose van goddeloses en geestelikes: geestelikes word die vryheid gegun om op straathoeke te bid, net solank hierdie straathoekaanbidding, demonstratiewe geestelikheid, niks te doen het met die wette waardeur die goddeloses die gemeenskap as ’n godlose vryruimte opeis nie. Met hul geestelike wette lewer afgodsdiens die gewone gemeenskapslewe uit aan godloosheid.

Die goeie werke van Christene is die goeie lewe wat die gewone gemeenskap opbou, produktief maak, ordelik maak, laat gedy en sinvol maak. Hierdie goeie werke kan nie weggesteek word nie, want die wet van God is die openbare wet wat alles vorm en lei. Die wet van God maak goeie werke die stad op die berg. Die wet van God is die lig wat alle menslike werk rig om goeie werke te wees, ook dié van die goddeloses:

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> Julle is die lig vir die wêreld. ’n Stad wat op ’n berg lê, kan nie weggesteek word nie; [15]ook steek ’n mens nie ’n lamp op en sit dit onder ’n emmer nie maar op ’n lampstaander, en dit gee lig vir almal in die huis. (Matt.5:14).

Moderne Christelikheid skep die vryheid van moderne godlose gemeenskappe met hul filosofie van: “in die wêreld, maar nie van die wêreld nie.” Hulle wil net die vryheid hê om hul geestelikheid openlik te mag vier en openlik te mag demonstreer in die gemeenskap. Dit is vir hulle godsdiensvryheid: vryheid om geestelik te mag demonstreer. Die moderne Christelikheid wil net die vryheid hê om sy eie geestelike gemeenskappe, skole, inrigtings en instellings te mag oprig en te mag bedryf. Want vir dié Christelikheid is die gewone gemeenskap godloos. Daarom is dit die geestelikheid wat elke godlose gemeenskap en staat regverdig in hul nuwe alternatiewe wette, wette wat niks te doen het met die geskape lewe nie.

Die moderne Christelikheid se geestelike wette vernietig nie net die liefdesdiens van gelowiges in die kerk aan God met hul meerderwaardige hoër, inniger en dieper liefde - wat niks anders as sonde is nie - die wette vernietig ook die gemeenskapslewe as die lewe wat God deur sy wet vorm en rig. Daarom is die volgelinge van die moderne Christelikheid altyd deel van anargie en rewolusie, of die rewolusie nou demokraties of sosialisties is, en of die rewolusie deur die stembus of die loop van ’n geweer kom, is onbelangrik in hierdie geestelikheid. Hierdie geestelikheid wil altyd die gewone gemeenskapslewe van gemeenskappe, volke en nasies ontwrig vir hul alternatiewe geestelike orde: wette waarin hul beter moraliteit, hul hoër geestelikheid, hul inniger liefde en hul kragtiger waardes die gewone menslike liefde in menslike waardes, norme en diensbaarheid vervang - wette wat in terme van die gebod van God totaal niksseggend is.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

# HOOFSTUK 7. DIE OU TIEN GEBOOIE IS DIE KRAG VAN SONDE

Die mag van sonde is die mens se sondige geaardheid. Die krag van sonde is die ou Tien Gebooie: dit maak dat die mens sy magstryd met God om nie menslik nie, maar goddelik te wees, as sy ware geestelike natuur ag. Christus verbreek die mag en krag van ons sondige natuur en maak dat Christene teen hul sondenatuur stry, nie meer teen God nie. Die moderne Christelikheid maak die mens se sondige natuur die krag van sy geestelikheid.

## 1.Die mag en krag om sonde te doen

Waar kry mense die krag vandaan om sonde te doen?

Mag en krag is twee verskillende sake. Die krag om sonde te doen, is iets anders as die vermoë om sonde te doen. 'n Motor se mag om te beweeg, is sy enjin. Brandstof is die krag waarmee hy beweeg. Dit is wat die vraag beteken: waar kry mense die krag vandaan om sonde te doen? Wat is dit wat die mens brandstof gee om sonde te doen?

**Mag en krag is twee verskillende sake**

Mense se mag om sonde te doen, is hul sondige geaardheid:

> [9] Waarop kom dit neer? Is ons as Jode dan beter as die ander? Glad nie, want ons het al bewys dat Jode en nie-Jode almal **in die mag van die s**onde is.[10] Daar staan immers geskrywe: "Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie, [11] daar is nie een wat verstandig is nie; daar is nie een wat na die wil van God vra nie. [12] "Almal het afgedwaal, almal het ontaard. Daar is nie een wat goed doen nie, selfs nie een nie. ... [18] ontsag vir God het hulle nie. (Rom.3) [Beklemtoning deur vetdruk dié van die outeur]

Die Woord van die Here sê mense het ontaard. Die geaardheid waarmee God mense geskep het, het verander. Mense het nou van geaardheid uit geen ontsag of liefde vir God nie. Hierdie verwronge geaardheid is die mag waardeur mense sonde doen.

Die krag van sonde is iets anders as mense se sondige geaardheid. As kinders nukke en grille het, vra die ouers gewoonlik "Was jy weer by daardie vriende van jou gewees?" Ouers glo hul eie kinders kry die krag by hul vriende om teen die ouers opstandig te wees. Of anders vra hulle: "Het jy weer gedrink?" Want dis mos drank wat 'n kind so oneerbiedig en neerhalend teenoor ouers maak! Ouers soek oral na slegte invloede wat die krag sou wees vir hul kinders se wangedrag. Hulle glo dat dit in slegte invloede soos onderwysers, boeke, flieks, selfoonboodskappe en rekenaarspeletjies lê. Wanneer mense na redes soek vir ánder ouers se kinders se wangedrag, dan sien hulle die krag van hierdie wangedrag in die swakhede van hierdie kinders se ouers: die ouers se opvoeding, pynlike ervarings wat die ouers hul kinders aangedoen het, die ouers se streng dissipline of verwaarlosing van die kinders. Slegte gedrag se krag lê in slegte invloed! Só glo mense!

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Deesdae is daar al meer mense wat glo dat die duiwel mense die krag gee om sonde te doen. Hulle glo byvoorbeeld dat die duiwel deur een of ander Oosterse voorwerp in jou huis of een of ander uitsonderlike tipe sonde wat jy sou gedoen het, 'n houvas op jou lewe het. Sonde en vreemde voorwerpe maak dat die duiwel jou die krag gee om sonde te doen. Veral as jy een sonde herhaaldelik doen. Dan is jou gesukkel met sonde omdat hý vir jou die krag gee. Ook die duiwel is dan 'n slegte invloed van buite af.

**2.Die wet van God is die krag van sonde**
Die Woord van die Here wys dat die krag van sonde heeltemal iets anders is as slegte invloede: slegte vriende, slegte ouers, slegte dissipline, slegte voorbeelde, slegte omgewing of die slegte duiwel. Paulus stel dit só in 1 Korintiërs 15:56: Die angel van die dood is die sonde, en die sonde kry sy krag uit die wet van God." 'n By se angel is sy mag. Dit is die vermoë waarmee hy homself as by laat geld. Dat mense vir God dood is, is die mag van hul sondige geaardheid. Mense is nie lus vir God nie. Mense hou nie van God nie. Mense wil nie na God luister nie. Mense wil nie aan God dink nie.

Die wet van God is die krag van sonde! 'n Ander woord vir wet is die Tien Gebooie. Die Here wys dat dit sy goeie gebooie is wat sondaars die krag gee om sonde te doen. Mense, weer, glo dis slegte vriende of 'n slegte opvoeding. God wys 'n totaal ander kragbron vir sonde aan. Sy goeie wet is die middel wat sondaars die krag gee om sonde te doen.

**Die Tien Gebooie is die krag vir sonde**

**3.Die wet maak ons sondige geaardheid kragtig werksaam**
Hoe werk dit? Hoe kan die goeie wet van God die krag wees wat sonde aandryf? Dit verduidelik Paulus in Romeine 7:5-8:

> Toe ons nog 'n sondige lewensbestaan gevoer het, was die sondige hartstogte wat deur die wet wakker gemaak is, in elke deel van ons liggame werksaam en het ons vrugte gedra in diens van die dood ... 8 Maar deur hierdie gebod het die sonde 'n vastrapplek gekry en elke soort begeerte in my aan die gang gesit, want sonder die wet is die sonde dood.

Die Tien Gebooie maak sonde wakker! Die wet van God sit mense se sondige begeertes aan die gang! Die Tien Gebooie veroorsaak nie die begeertes nie. Hierdie begeertes lê so stil, sluimerend in die geaardheid van mense. Die goeie wet van God maak die sondige wil, gevoel en gedagtes in mense wakker en kry dit aan die gang.

Dit is nie slegte maats nie. Dit is nie drank of slegte ouers nie. Al wat 'n mens volgens die Bybel nodig het om ontvanklik en lus vir sonde te wees, is die Bybel en 'n dominee wat vir jou die Tien Gebooie in die kerk voorlees. Watter een van die twee stelle van die Tien Gebooie werk so? Wat is die dryfkrag, die brandstof vir sonde? Dit is die Ou Tien Gebooie!

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Kom ons ontgin ’n voorbeeld om hierdie waarheid te verhelder! Die koekie- en koeldrankvoorbeeld! Die voorbeeld gaan oor Pa, Grootboet, Kleinboet, koekies en koeldrank.

Kleinboet sit in sy kamer en rekenaarspeletjies speel. Nadat Grootboet koeldrank en koekies vir sy partytjie gaan koop het, pak hy dit weg in die kombuiskas. Hy stap na Kleinboet se kamer. Kleinboet sit versteen agter die rekenaar. Waaraan dink hy? Hy dink aan die speletjie wat hy speel: aan hoe vinnig hy dit speel, hoe hy die hindernisse gaan uitoorlê, hoe vinnig hy na ’n moeiliker graad gaan beweeg en hoe vinnig hy die volgende verbeterde uitgawe gaan koop. Wat sien hy? Hy sien net die prentjie van vyande, gewere en hindernisse voor hom. Waarvoor is hy lus? Hy is net lus vir die speletjie en as iemand met hom praat, laat hy net ’n “uh” hoor, maar hoor self niks nie.

Grootboet sê vir Kleinboet: “Jy los die koekies en koeldrank in die koskas uit! Dit is vir my partytjie!” Kleinboet staar nog na die skerm met oorlogsprentjies op. Maar wat sien hy voor hom? Al wat hy nou raaksien, is koekies en koeldrank! Op die skerm sien hy niks meer raak nie. Waarvoor is hy nou lus? Sy vingers beweeg nog op die sleutelbord maar dit is al. Hy is nie meer lus vir rekenaarspeletjies nie. Hy is nou lus vir koekies en koeldrank!

Dit was nie die duiwel of ’n demoon nie. Dit was nie sy slegte vriende of drank nie. Dit was ook nie sy swak verhouding met sy ouers nie. Dit is net hy en Grootboet met sy wet! Net hierdie Grootboet-houding met hierdie Grootboet-reël: “Jy mag nie my koekies vat nie!”, was al wat Kleinboet nodig gehad het om wakker te word en self lus te raak vir Grootboet se koekies en koeldrank. Hy sál die koekies vat. Hy gáán die koeldrank drink.

Dit is al wat ons nodig het om die sonde in ons wakker te maak en ons lus te maak vir sonde: God met die Ou Tien Gebooie! Die goeie ou Tien Gebooie.

Die voorbeeld het ’n ander kant ook. Grootboet is op universiteit. Oor die naweek kuier hy en Pa ’n bietjie saam. Hulle braai vleis en drink ’n biertjie. Kleinboet kom verbygestap met sakke vol koeldrank en koekies en sê vir hulle: “Ek sit die koeldrank en koekies in die kas. Dis vir my partytjie. Julle los dit uit!” Sy reël kan geen koekie- of koeldranklus by Pa of Grootboet wakker maak nie. Hulle lag vir hom.

### 4.Die mens se sondige geaardheid maak God se wet ’n simbool van die mens se magstryd teen God

Wat is die punt? Die punt is: dit gaan nie oor koekies, koeldrank, bier of brandwyn nie. Dit gaan oor groot of klein: Grootboet vs. Kleinboet; Kleinboet, Grootboet en Groot Pa. Dit gaan oor mag en onmag. Al hierdie middels is en word net simbole van bemagtiging of ontmagtiging in die stryd om wie groot en wie klein is. Dit gaan oor die geloof dat as ek die middels gebruik wat iemand wat groter as ekself is my verbied, ek groot en magtig word. Die gebruik van dít wat diegene wat groter as ek is my verbied, is ’n manier om die grens tussen groot en klein te deurbreek.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**Dit gaan oor ontmagtiging en bemagtiging**

Om sigarette te rook, is nie lekker nie. Dit brand jou longe. Dit laat jou stink. Dit maak jou dood. Maar dit is nie die punt nie. Elke kind en tiener wat aan ’n sigaret suig, word met elke suig net magtiger en groter teenoor almal wat hom klein maak en klein wil hou. Dit is ’n simbool van selfbemagtiging in onmag.

Ons sondige geaardheid maak van God se wet simbole van ’n stryd oor wie groot en wie klein is. Dit doen ons sondige geaardheid met die goeie wet van God. Daar is niks slegs in God se gebod nie. God se gebod wys mense hoe om lief te hê. Omdat God liefde is, wys Hy mense wat liefde is. God se wet is nooit ’n magsmiddel waarmee Hy die mens aan sy grootheid onderwerp nie. God se wet is nie bedoel om God groot te maak en die mens klein te maak nie. Die bedoeling van die wet is liefde. Dit is nie mag nie.

Hoe het dit wat die Here vir mense gegee het om in liefde te kan leef, ’n simbool van ’n magstryd tussen ’n groot God en klein mensies, of ’n klein God en groot mense geword? Paulus stel dit só in Romeine 7: 7-13:

> 7 Wat is dan ons gevolgtrekking? Dat die wet van Moses sonde is? Beslis nie. Inteendeel, ek sou nie geweet het wat sonde is nie, as dit nie deur die wet was nie. ... 12 Die wet is dus heilig, en sy voorskrifte is heilig en reg en goed. 13 Beteken dit dat iets wat goed is, vir my die dood gebring het? Beslis nie. Inteendeel, die sonde het vir my die dood gebring. Dit het die sonde gedoen deur iets wat goed is, sodat die sonde in sy ware aard as sonde bekend sou word en dit deur die gebod sou blyk hoe skrikwekkend die sonde werklik is.

Die inhoud en bedoeling van die wet is heilig, reg en goed. Want dit gaan oor hoe om lief te hê. En liefde is heilig, goed en reg. Die mens se sondige aard is die bron van die magstryd tussen mens en God. Nie iets wat slegs buite die mens is nie! Dit is die mens se sondige geaardheid wat van die goeie gawes, wat God vir die mens uit liefde gee, strydpunte maak oor wie groot en wie klein is. Dit is die sondige geaardheid van die mens wat God se wette simbole van onderdrukking in die magstryd van groot en klein maak.

Dit is mense se sondige geaardheid wat God se liefde verwring en maak asof God se liefde niks anders is nie as God se magsug oor ons. Die mens se geaardheid is om hom van God se liefde los te maak met die houding dat God hom nie liefhet nie, maar hom net wil inperk en onderdruk om ten volle mens te wees. Die mens maak asof sy eie magsug teenoor God, waarin hy klein voel omdat hy nie soos God is nie, God se magsug oor mense is.

Dit is die skrikwekkende wyse waarop die mens se geaardheid werk: dit glo dat God se liefde vir mense God se magslus oor mense is;
dit glo dat die mens se magslus oor God ware liefde is.

Daarom omvorm die mens die wet van God tot simbole van groot en klein: simbole van die mens se magslus en magstryd teen God. God moet die klein God wees wat magtige mense goddelik laat wees.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Op hierdie wyse regverdig die mens sy eie haat en liefdeloosheid as ’n geregverdigde vryheidstryd teen die liefde wat God in en deur sy wet voorhou. In die mens se geloof van eiemagtigheid glo hy God is in sy wette ’n onderdrukkende en kleingeestige God, ’n God wat in sy goddelikheid bedreig word as mense ten volle mens wil wees, ’n God wat mense deur sy wette inperk en hul volle potensiaal as mense onderdruk.

In die wet van God ervaar die mens in sy sondige geaardheid die krag om ’n magstryd teen God te voer oor wie regtig groot en wie regtig klein is. Só is die wet die krag van sonde.

Hier het ons weer te make met die sonde van Genesis 3: 1-7:

> Die vrou het die slang geantwoord: “Ons mag eet van die vrugte van die bome in die tuin. 3 God het net gesê ons mag nie eet van die vrugte van die boom in die middel van die tuin nie en ons mag dit nie aanraak nie, want dan sterf ons.” 4 Toe sê die slang vir die vrou: “Julle sal beslis nie sterf nie, 5 maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken.” 6 Toe besef die vrou dat die boom se vrugte goed is om te eet en mooi om na te kyk en begeerlik omdat dit kennis kan gee. En sy het van sy vrugte gepluk en geëet. Sy het ook vir haar man by haar gegee, en hy het geëet. 7 Hulle altwee se oë gaan toe oop, en hulle besef dat hulle kaal is.

## 5. Die mens in sy sondige geaardheid maak van die vryheid wat God die mens skenk om mens te wees, God se onderdrukking van die mens in sy reg om goddelik te wees

**God is die Skepper van ons vrye menswees in sy skepping**

God het die mens toegang tot sy hele skepping gegee: hy mag eet van al die vrugte van die bome in die tuin. Daar is geen beperking op die gebruik van die skepping as gawe van God aan die mens nie. Daar is niks in die skepping waaraan die mens nie sy hand en verstand mag waag nie. Hy kan beweeg waar hy wil. Hy kan bly waar hy wil. Hy kan enige mag en krag in die skepping in diens van sy menswees uitoefen.

God is nie ’n bedreiging vir die mens se vryheid om mens in sy skepping te wees nie. Hy is die Skepper van ons onbeperkte menswees in sy skepping. Die beperking wat God op die mens gestel het, is om nie God te wil wees nie. Dit is geen beperking op sy menswees nie. Dit is God se beskerming van menslike vryheid. ’n Mens wat God wil wees, verloor sy menslikheid en vernietig ander mense se menswees. Die mens kan nie God wees nie. Deur nie in sy eie goddelikheid te glo nie, word die mens gekeer om homself te misvorm en sy menslikheid te verloor. Om God te wil wees, maak jou nie ’n goddelike mens nie. Dit maak van jou ’n mens wat kaal is, ’n mens wat van sy menslikheid gestroop is en ander mense van hul menslikheid stroop; ’n mens wat hom vir sy eie en vir ander mense se menslikheid skaam.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die mens in sy sondige aard maak asof sy menswees ’n beperking op sy vryheid is. Die mens glo God het ons menslik gemaak om hom klein te hou teenoor sy eie grootheid. Daarom wil hy alle gawes van God opneem as magsmiddele om homself van hierdie inperking teenoor God te bevry. Die gawes wat God die mens bied om ’n vry mens te wees, word in die mens se magsug teenoor God die middele waarmee die mens homself groot maak en God mee klein maak.

Met die gawes van God om vry en onbeperk mens te wees, voer die mens nou teen God ’n vryheidstryd wat teen sy eie menslikheid ook gerig is. Die mens probeer om met die gawes wat God hom gee, ’n vry mens te wees en om homself teenoor God te bemagtig om meer as net mens te wees. Dit doen die mens omdat sy menslikheid vir hom kleinlikheid is.

**Die mens ontdek in die gawes van God die mag om God te verklein en homself te vergroot**

Daarom is elke nuwe ontdekking in die skepping vir die mens ’n teken van vryheid van sy kleinlikheid teenoor die magtigheid van God. As die mens sy eie vrees vir die see oorwin deur houtskepe te bou en nog ’n land of kontinent te ontdek, dan glo hy dat hy die vrye wêreld ontdek het waar hy God in die ou wêreld kan agterlaat. Die vryheid om hierdie nuwe land of kontinent as gawe van God te bewoon, word ’n magsmiddel om meer as net nog ’n mens op nog ’n stuk van die aarde te wees.

As die mens die gawe ontdek om swaartekrag te oorkom met wring-, stu- en bewegingskrag, dan glo hy hy kan God verkleineer: op die aarde los en ’n hemelruim binnevaar waar hy vry van die magtigheid van die Skepper kan wees. Die gawe van God om as mens vry in die heelal te beweeg, word ’n magsmiddel van vryheid van die kleinlikheid van menswees vir God!

As die mens die wonder van God se skepping ontdek in die atome waaruit God die heelal opgebou het, dan glo die mens dat hy die magsmiddel gevind het waarmee hy die skepping en mense kan vernietig. Die verlies aan menslikheid in hierdie magsdroom ervaar die mens as vervulling van sy sug om ’n middel in sy hand te hê waarmee hy God kan wees.

As die mens vrye toegang ontdek tot die insig en verstaan van die samestelling van lewe in sy kleinste boueenhede, DNS, dan neem hy hierdie vryheid op as ’n magsmiddel teenoor God. Hy voel dat hy nou self skepper van lewe geword het, dat hy God verklein het tot ’n buitestander van die lewe sonder mag oor lewe.

As die mens sy eie seksualiteit ontdek, dan voel hy dat hy in sy eie erotiese beelde en voortplantingskrag die kinderlike en naïewe God oorwin het. In sy seksuele drif het hy ’n grootheid gevind wat God die klein God van voorseksuele kennis maak: verspot en belaglik teenoor die mens se volwasse kennis van seksualiteit.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

So maak die mens in sy sondige aard van elke gawe van God ’n magsmiddel om meer as mens vir God te wees. Alle gawes van God - lewe, geslagtelikheid, gesag, waarheid, besittings, wetenskap en tegniek - word deur die mens se sondige geaardheid magsmiddele om selfgenoegsaam mens teenoor God te wees.

Die mens kan nie God se gawes iets anders as God se gawes maak nie: lewe, gesag, eiendom, gemeenskap en betekenis bly altyd gawes van God. Maar die mens glo dit is magsmiddele waardeur Hy God kan klein maak. Die krag om te glo God se gawes word en is die mens se eie magsmiddele teenoor God, is God se wet. Omdat die mens van God se gawes magsmiddele maak, word die wet van God simbole van hierdie magstryd.

Hoe kry mense krag uit God se wet vir hul eie magsgeloof? Deur die verbreking van God se wet. Die verbreking van die wette waardeur God die mens uit liefde in liefde lei, “wandel in dit tuin”, word in die mens se gemoed die simbole wat mense groot maak en God klein maak. Om liefde met mag te verbreek, versterk die mens in sy geloof dat hy God klein maak en homself groot maak.

Dit is hoe mense in hul sondige aard God in sy wet hoor. Hulle hoor nooit die vryheid om in liefde mens te wees nie. Hulle hoor net ’n God wat hulle wil verneder en verkleineer om sy eie grootheid te bewys. Hierin kry mense die krag vir hul uitdagende houding teenoor God:
“Wie sê?”,
“Wie sê ek is klein?”,
“Wie is Hy om my te verkleineer?”,
“Wie is Hy om Homself so groot te hou terwyl ek dit ook kan doen?”,
“Wie is Hy om van my altyd sy ondergeskikte te maak?” Maleagi 1:2; 1:6; 2:17; 3:7 b; 3:8 b; 3:13 b. Die mens hoor die ou wet altyd as God se manier om van die mens sy ondergeskikte te maak.

**6.Deur die wet ontbloot God die mens se sug na goddelikheid as onmenslikheid**

.

**Die wet van sonde én dood**

Paulus noem die Ou Tien gebooie die wet van sonde én dood. (Rom.8:2) Ons het nou gesien hoe hierdie ou wet die sonde in die mens wakker maak en sondaars lus maak vir sonde.

Maar hierdie ou wet is ook die wet wat sondaars doodmaak.

Wie se wet is die Tien Gebooie? Is dit sondaars se wet waarmee hulle hulself vir sonde kan lus maak? Is dit sondaars se wet waardeur hulle hulself magtiger as God kan bewys in hul minagting en verbreking van die wet? Is dit sondaars se wet waardeur hulle God kan klein maak terwyl hulle hulself groot maak? Of is dit God se wet?

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit is God se wet! Sy wet is bedoel om mense in liefde te lei, in liefde te bewaar en in liefde te beskerm. God staan nooit in 'n magstryd met mense nie. God kan nie deur mense in 'n geveg betrek word waarin God Homself as groot moet bewys teenoor mense wat besig is om Hom klein te maak nie. God is soewerein en verhewe bo die magsug en magswil van mense. Die magstryd van mense teen God is gewoon net iets in hul gees en gemoed. Dit is nie iets wat tussen God en mens bestaan nie:

> Waarom is daar onrus onder die volke, waarom smee die nasies planne - en dit tevergeefs? [2] Die konings van die aarde is in opstand, die leiers span saam teen die Here en teen sy gesalfde en sê: [3] "Kom ons maak ons vry en gooi hulle juk af!" [4] Hy wat in die hemel woon, lag hulle uit, die Here spot met hulle. [5] Hy spreek hulle aan in sy toorn, in sy gramskap jaag Hy hulle op loop. (Psalm 2:1-5)

Die woede, toorn, haat en grimmigheid van God teen sonde en sondaars gaan oor die liefde van sy wet. Lees Ps. 78:48-53:

> Hy het hulle vee aan die hael oorgegee, hulle kuddes aan die weerligstrale; [49] Hy het sy gloeiende toorn op hulle losgelaat: gramskap, woede en rampe, 'n hele vrag onheil; [50] Hy het sy toorn vrye loop gegee, hulle lewens nie gespaar nie en hulle aan die pes uitgelewer; [51] Hy het al die eersgeborenes van die Egiptenaars getref, die eerstelinge in die wonings van Gam. [52] Maar sy eie volk het Hy uitgelei en hulle soos 'n kudde skape deur die woestyn laat trek. [53] Vir hulle het Hy veilig gelei, en hulle was nie bang nie, maar hulle vyande, dié is deur die see oorweldig

God se woede waarin Hy straf en oordeel, gaan oor handhawing van die liefde volgens die wet as ware menslikheid: om mense buite die goddelikheid van magtiges 'n vrye mens te laat wees in die menslikheid van sy wet.

Hoe beskerm God menslike liefde teen die sug na goddelikheid? Hy straf menslike goddelikheid volgens sy wet. Deur hierdie goddelikheid volgens die wet te straf, handhaaf God liefde as die bedoeling van menswees. Deur die mens volgens die wet te straf, handhaaf God die vryheid waarin die mens menslik kan wees: liefdevol volgens die wet.

God se wet word vir sondaars in hul sug na goddelikheid die wet van die dood.
Dit is hierdie wet wat hul magsug as liefdeloosheid ontbloot.
Dit is hierdie wet wat maak dat hulle nie hul haat as liefde kan bly glo nie.
Dit is deur hierdie wet dat hulle weet dat God hulle gaan straf vir hul magswil.
Dit is deur hierdie wet wat mense weet dat hulle onder die toorn en grimmigheid van God self staan.
Deur die straf volgens die wet van God weet mense dat hul magswil niks anders is as verwronge menswees nie, weet hulle dat God reg is in sy liefde en straf oor sonde.

> Dit staan vas dat God betroubaar is en elke mens 'n leuenaar, soos daar geskrywe staan: "U is regverdig wanneer U uitspraak doen en U wen u saak wanneer U aangekla word." [5] Ons verkeerde dade laat dus blyk dat God regverdig is. Wat sal ons daarvan sê? Ek redeneer soos mense gewoonlik redeneer. Is God dan nie onregverdig as Hy ons straf nie? [6] Beslis nie. Hoe sou God anders oor die wêreld kan oordeel? (Romeine 3:4-6)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**Sondaars is deur die Tien Gebooie in sonde gevange en bevange**
Paulus beskryf hierdie ellende in Romeine 7:14-16; 21-23 só:

> Ons weet tog die wet is geestelik, maar ek is aards en soos ’n slaaf aan die sonde verkoop. [15] Ek begryp self nie wat ek doen nie, want wat ek wil doen, dit doen ek nie, maar wat ek haat, juis dit doen ek. [16] Dat ek nie wil doen wat ek doen nie, beteken dat ek toegee dat die wet goed is. ... [21] So vind ek dan hierdie wet in my: ek wil die goeie doen, maar al wat ek doen, is die slegte. [22] Diep in my wese vind ek vreugde in die wet van God, [23] maar ek vind in my doen en late ’n ander wet, wat stryd voer teen die wet van my gees. Dit maak my ’n gevangene van die wet van die sonde wat in my doen en late aan die werk is.

Verbreking van God se wet maak mense nie vry van God nie. Sonde maak mense gevangenes van die ou Tien Gebooie. Dit werk só! Hulle word vasgevang in hul eie geloof van ’n magstryd tussen hulle en God. Al weet alle mense liefde teenoor God en ons naaste is die volle bedoeling van menswees, is dit nie wat hulle wil hê nie. Hulle soek mag. Hulle soek nie liefde nie. Mense weet die wet van God gaan oor liefde. Maar dit is nie wat hulle hoor as hulle na die wet luister nie. Al wat hulle hoor, is die verkleinering deur ’n magsugtige God. Hulle hoor ’n God wat jou wil inperk en onderdruk om ten volle mens te kan wees wanneer hulle luister hoe Hy wys dat hulle moet liefhê. Uit hierdie manier waarop die wet binne in hul gees as sondige mense werk, kan mense nie loskom nie. Hierdie wet gee hulle die krag vir hul sonde: om in hul gemoed in ’n magstryd met God te tree.

Daarom maak die wet van God mense bevange in hul magstryd teen God. Hulle weet God is hul Skepper. Hulle weet God is liefde en sy wil is goed. Maar hulle weet ook dat hierdie goeie en liefdevolle God hulle moet straf en veroordeel om die liefde te beskerm en te bewaar. Die ellende van die mens is dat hy deur sy eie wil tot mag homself uitsluit en vervreem van die liefde van God.

**7. Die evangelie verlos ons van die werking van die Ou Tien Gebooie**

Christus verlos ons uit hierdie innerlike bevangenheid waarin ons in ons eie magswil deur die Tien Gebooie verstrengel is:

> “24 Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? 25 Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here. So is dit dus met my gesteld: met my gees dien ek die wet van God, maar in my doen en late die wet van die sonde. (Rom. 7:24,25)

Hoe doen die Here dit?

Kom ons kyk weer na Romeine 8:14-16:

> Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God. [15] Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: “Abba!” Dit beteken Vader. [16] Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is.”

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Deur die evangelie maak God ons sy kinders. Die Here sluit ons in Christus in wat mens in ons plek is:

> Wat die wet nie by magte was om te doen nie, omdat dit weens ons sondige natuur te swak was, dit het God gedoen. Hy het die sonde binne die sondige bestaan van die mens veroordeel deur sy eie Seun in dieselfde gestalte as die sondige mens te stuur as 'n offer vir die sonde (Rom.8:3)

Dit is die hart van die evangelie! God word mens! Ons bedoeling is om ten volle mens vir God te wees. Ons is nie bedoel om goddelik te wees deur iets van God in onsself te wees nie. Daarom kom God en Hy word die mens wat mense bedoel is om te wees en laat sondaars deel in die mens soos wat hulle bedoel is om te wees: Jesus Christus.

Wat maak God van ons deur die evangelie? Hy maak ons nie klein nie. Hy maak ons nie groot nie. Hy maak ons kosbaar. Dit is die ontdekking in die wete dat ek God se kind is – ek is onvervangbaar kosbaar vir God.

God laat die ou wet vir my as sy kind nooit weer tel nie. Die ou Tien Gebooie waardeur God my straf en veroordeel, tel net vir Christus. Die ou Tien Gebooie, waarvolgens ek binne God se liefde moes leef deur self reg lief te hê, geld ook nie meer vir my nie. Dit geld nou net vir Christus. Ons verbintenis met Christus verbreek ons band met die ou Tien Gebooie. Paulus verduidelik hierdie breuk in Rom 7:2-4 só:

> Die getroude vrou, byvoorbeeld, is deur die wet aan haar man gebind so lank as hy lewe. As haar man te sterwe kom, is sy onthef van die wet wat haar aan haar man gebind het ...[4] Dit is ook die geval met julle, my broers. Deur julle verbondenheid met die liggaam van Christus het julle gesterwe en staan julle nie meer onder die wet nie. Julle behoort nou aan iemand anders, aan Hom wat uit die dood opgewek is.

Daarom verbreek God ook die krag van ons sondige geaardheid deur die evangelie. Ons sondige geaardheid het net groot en klein in die wet gehoor. Maar nou hoor ons deur die evangelie kosbaarheid, nie meer groot of klein nie.

## In die nuwe wet hoor ons die evangelie

Dít is wat ons in die nuwe wet hoor. Die nuwe wet is die wet van die Heilige Gees wat ons verseker God self staan in vir ons straf sodat ons kosbaar kan bly vir sy liefde. Ons kan nie in die evangelie enige iets van 'n groot God wat ons klein maak, hoor nie. Daarom kan ons nie hierdie stryd tussen groot en klein meer in die wet van God hoor nie, want in die evangelie is dit hierdie God wat in my plek instaan! In sy wette hoor ek die stem van Hom wat in my plek vir my straf en oordeel instaan.

Om dit te illustreer, gebruik Paulus die voorbeeld van die onderskeid tussen kinders en slawe. Wanneer jou pa by jou kom staan en sy regterarm om jou skouer sit en jou teen hom vasdruk, wat voel jy? Jy voel jou kosbaarheid aan! Jy voel die geborgenheid van jou kindskap en die sekuriteit van sy vaderskap. As jou pa, terwyl hy jou so vashou, met jou praat oor wat jy vir

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

hom moet doen, hoe hoor jy dit? Jy hoor dit deur die arm waarmee hy jou vashou! Jy hoor dit in jou kosbaarheid as seun of dogter. Jy hoor dit deur die geborgenheid van jou kindskap en die sekuriteit van sy vaderskap.

Hoe hoor slawe die opdragte van hul eienaar? Hulle hoor dit sonder enige omarming! Vir hulle bestaan so iets nie. Hy, die meester, staan vóór en téénoor hulle. Hulle hoor in sy stem die dreigende eis en oordeel. Deur hierdie stem kry hulle as slawe die krag om hom te ondermyn, hom voor groter eise vir vergoeding te stel, hom te vlei en te beïndruk, of kry hulle die krag om weg te loop.

**Die evanglie verbreek die krag van ons sondige geaardheid**

Deur ons in te sluit in Christus en só ons Vader te wees, verbreek God die wet as die krag van sonde. Dit neem nie ons sondige geaardheid heeltemal weg nie. Dit verbreek die krag van hierdie geaardheid. Dit is soos met 'n motor – die enjin is nog daar, maar dit het geen krag meer nie. Dit kry nie meer brandstof nie. Deur die evangelie neem God die krag van sonde uit die wet.

In die praktyk van ons daaglikse lewe wys Paulus op die effek van die evangelie op ons sondige aard:

> [17] Maar nou is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde wat in my woon. [18] Ek weet immers dat die goeie nie in my woon nie, nie in my sondige aard nie. Daar is by my wel die wil om die goeie te doen, maar ek doen dit nie. ...[25] Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here. So is dit dus met my gesteld: met my gees dien ek die wet van God, maar in my doen en late die wet van die sonde. (Romeine 7)

Deur ons geloof in ons kosbaarheid in Christus ontdek ons dat ons wil en lus tot mag nie liefde is nie. Dit is nie wie ons vir Christus is nie. Daarom is dit ook vir onsself nie wie ons regtig is nie. Al het ons die neiging daartoe om ons magswil as liefde te wil sien en glo, sien ons onsself nou in ons verbintenis met Christus anders: dit is net 'n neiging in ons. Dit is nie ons nie.

Buite Christus vind hierdie ontdekking nie plaas nie. Buite Christus ís mense hul sondige aard. Buite Christus glo hulle nie hul kosbaarheid vir God in sy liefde nie, maar glo hulle in hul selfbemagtiging teenoor 'n magsugtige klein God. Daarom is hulle sondige neigings nie vir hulle sonde nie, maar ware menswees. Dit is hul manier om uit hierdie kleinlike God se mag te breek.

Al bly ons dus mense wie se doen en late dit elke dag wys dat ook ons hierdie neiging in ons het om sonde te doen, kan ons nie meer ons ware menswees in sonde vind nie. Ons weet ons is vir God kosbaar en dat sy wil vir ons goed en reg en heilig is. Daarom bly sonde vir ons iets wat ons vervreem laat voel van wat ons vir God bedoel is. Ons kan nie in 'n

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

geregverdigde stryd teenoor God opstaan om onsself te bewys nie. Ons ken en glo ons kosbaarheid vir Hom en die kosbaarheid van sy liefde in Christus vir ons.

**Christus verander die stryd om oorheersing van God na 'n stryd om oorheersing van my eie sondige neiging**

Christus verander sondaars se magstryd van 'n stryd teen God na 'n stryd in mense tussen hul sondige neiging en hul liefde vir God. Dit is die effek van die verbreking van die krag van sonde:

> 4 Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen, óns wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees. 5 Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die sondige natuur, maar dié wat hulle deur die Gees laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die Gees. 6 Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, loop uit op die dood, maar die dinge waarmee die Gees Hom besig hou, bring lewe en vrede. 7 Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, is immers vyandskap teen God. Die sondige natuur onderwerp hom nie aan die wet van God nie, dit kan trouens ook nie. 8 Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, kan nie die wil van God doen nie. 9 Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in julle. As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie. (Romeine 8)

Dit is soos die verskil tussen 'n mens wat te veel wil drink vóór en ná hy ontdek het dat sy dranksug sy eie probleem is.

Voor hy sy eie begeerte as 'n misvormde behoefte ontdek, is sy stryd een om God en mens aan sy begeerte te onderwerp. Dit is die bedoeling van sy wil tot mag. God en mens moet inpas by sy lewenstyl waarin hy sy begeerte as 'n normale behoefte uitleef.

Binne sy magsgreep op hulle maak hy asof hul skaamte, woede en opstand teen die uitleef van sy begeerte, opstand en miskenning is teen die gesag wat God aan hom gegee het. Hy maak van die wet van God sy krag. Terselfdertyd misken hy God en vermy sy bestaan deur gebed en eredienste te vermy om so 'n posisie van skuld te vermy. Die wet van God wat hom beskuldig, word sy motivering en krag om sy eie goddeloosheid te regverdig.

Binne hierdie gewaande grootsheid is God en mens aan sy begeerte onderwerp. Hulle moet daarby inpas: die familie moet liefdevol wees en God moet van Homself die afwesige God maak. Dit is hoekom hy met geweld homself groot laat wees en God en mense klein laat wees.

Daarom sê Paulus dat hierdie geaardheid om jouself in jou eie begeertes met die wet van God te bemagtig, vyandskap teen God is. Dit gaan nie oor die aanvaarding van God se wil as lewenswyse nie. Dit gaan nie oor onderwerping aan die wet nie. Dit gaan oor die onderwerping van God en mens aan jou begeerte.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Christus bevry ons van hierdie stryd deur die krag van die ou wet te breek. Hierdie verandering is soos ’n persoon wat erken dat sy begeerte ’n misvormde behoefte is. Die hele stryd om God en mens aan hierdie begeerte te onderwerp, verval. Dit verander nou in ’n stryd om hierdie begeerte as misvormde behoefte te herken en teen te gaan. In hierdie stryd is God en my familie nie meer my vyande wat ek moet onderwerp nie. Hul liefde is my krag.

Dít is volgens die Woord van God die verandering van die beheersing deur ons sondige aard na die beheersing deur die Heilige Gees.
Dit is die verandering van die beheersing deur die ou wet na die beheersing deur die evangelie.

Deur ons met Christus te verenig wat ons met die evangelie regeer, verbreek God die krag wat sonde uit sy wet kry.
Deur ons met Christus te verenig, verander Hy ons van mense wat ’n magstryd teen God en mense voer, om hulle aan ons begeertes te onderwerp, na mense wat ’n stryd teen sonde voer. Hy verander ons na mense wat in die liefde van God leef, die liefde waarin Hy ons met al ons sondige neigings insluit.

**8. Die moderne Christelikheid maak die sondige geaardheid van die mens die krag van sy geestelikheid**

Die moderne Christelikheid maak dít wat die Bybel as die sondige geaardheid van die mens uitwys, die krag van sy geestelikheid. Hiervoor is daar ’n nuwe woord ontwerp: die mens se goddelike potensiaal. (godpotensiaal) Volgens geestelikes van die moderne Christelikheid moet die mens hierdie potensiaal in homself vind en ontsluit: die potensiaal om God se krag, lewe, wil en persoon as sy eie binne-in homself te beleef.

Die wyse waarvolgens die mens hierdie potensiaal in homself moet vind en ontsluit, is om op te hou om menslik te wees: die mens moet ophou om ’n eie menslike “ek” te hê, om ’n eie menslike wil te hê, om in eie menslike krag te leef, om as mens jou eie menslike lewe te beheer, te bestuur en te beplan, om jouself as mens te wees en jouself as mens te handhaaf. Volgens die moderne Christelikheid is dit hierdie menslikheid wat jou goddelike potensiaal onderdruk. As jy dit sou opoffer, aflê, ontken en doodmaak, dan sal God dit alles in jou oorneem. Dan sal God dit alles in jou wees.

Volgens die denkrigting moet jy jouself as mens niks maak, sodat jy daardeur God in staat kan stel om God in jou te word. Daarom is die werklike daad waardeur jy verlos word, die daad waardeur jy jouself vir God oopstel sodat Hy as God in jou lewe kan inkom. “Inkom” beteken dat God as God binne-in-jou God kan word en God se lewe jou lewe in jou kan word. Deur hierdie daad maak jy God se krag, lewe, wil en persoon jou eie krag, lewe, wil en persoon. As dit sou gebeur, is jy waarlik wedergebore en geesvervuld! Dan het jy jou goddelike potensiaal ontsluit.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die geestelike stryd wat mense dan moet voer,word “geestelike asemhaling” genoem: jy moet jouself as mens in jou menswees altyd weer oor en oor tot niks maak, sodat jy God daardeur al meer en meer God-in-jou kan laat wees.

Hierdie geestelike stryd moet jy deur gebed, oorgawes, bekerings, belydenisse, berou, toewydings, liefdesverklarings, besluite, ondernemings en geloof voer. Maar die betekenis van al hierdie woorde word nou bepaal deur die karakter van die geestelike stryd: om jouself minder mens te laat wees sodat God meer God-in-jou kan wees.
Gebed word die middel waardeur jy niks vir God word en God alles in jou word;
Oorgawe aan God beteken om in ’n staat van hopeloosheid in jou jouself as mens op te gee en in selfminagting jouself te onderwerp sodat God alles in jou kan wees;
Bekering beteken om op te hou om jouself as mens te handhaaf en God toe te laat om God-in-jou lewe te word;
Toewyding en liefde beteken om jouself in jou menswees prys te gee en op te offer;
Besluite en ondernemings beteken dat jy God meer God-in-jou laat wees deur sy krag, lewe, wil en persoon al meer as jou eie te glo en te leef.

Wat is hierdie stryd van die moderne Christelikheid om al meer en meer geestelik te wil wees en al minder en minder “vleeslik” te wil wees? Die Bybel noem dit die stryd van die sondige geaardheid teen God!

Die moderne Christelikheid maak hierdie omkering: wat die Bybel “vlees” noem, die geaardheid om goddelik en nie menslik nie te wil wees, word as “geestelik”bestempel. En wat die Bybel “gees” noem, die nuwe wil om mens te wees en menslik te wees volgens die wil van God, dit word as “vlees” bestempel.

Die moderne Christelikheid se geestelikheid is die stryd met God oor wie groot en wie klein is! Volgens dié Christelikheid is God buite die mens die klein, magtelose God wat niks vir of met hulle kan doen nie. God buite hulle is die onmagtige God wat wag dat die mens Hom sal bemagtig.

Die mens maak God Here en Koning deur God in sy lewe as mens toe te laat. Die mens bemagtig God om God in die wêreld te word deurdat God nou God kan wees deur die krag, lewe, wil en persoon van mense wat aan Hom as sy eie gegee word. Die mens maak God magtig in die wêreld deur sy menslikheid aan God oor te gee. Mense word die medium waardeur God sy godheid as krag in die wêreld kan laat geld: hulle word God se oë, ore, hande en voete.

Dit doen die moderne Christelikheid in sy diepe minagting vir die onbeduidendheid en kleinlikheid van die mens in sy menslikheid. Dit glo dat mense se menslikheid niks anders kan wees as iets wat hulle vir God se goddelikheid moet opoffer nie. Om net mens in menslikheid te wees, is volgens die moderne Christelikheid vir God klein, dit is nikswerd nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Daarom vind die moderne Christelikheid die grootheid dat God God-in-hulle is en sy Godheid deur hulle lewe in die vernietiging van hulle menslikheid.

Hierdie "geestelikheid" is die sondige geaardheid van die mens! Dit maak van die sondige geaardheid van die mens die mens se geestelike krag. Dit maak die mens se stryd om God klein te maak en die mens groot te maak, die ware geloofstryd van Christene. Dit maak die middele waardeur die mens God moet liefhê, naamlik geloof, gebed, toewyding, berou, belydenisse en gehoorsaamheid, magsmiddele om God klein te maak en die mens goddelik te maak: een in God se krag, lewe, wil en persoon.

Die moderne Christelikheid kry in die ou wet van God die krag om geestelik te wees. In die oordeel en straf van die ou wet kry dit die krag om menslikheid op te gee as offer vir God en God se Godheid op te eis as die mens se eie geaardheid. Daarom bly die moderne Christelikheid altyd besig met die ou wet! Dit is die wet waarin die aanhangers hiervan glo en wat hulle onderrig om hul sondige geaardheid as die nuwe geestelike geaardheid, wat God sou wou hê, te leef. In hierdie wet kry die moderne Christelikheid die krag om te glo dat God mense se menslikheid as sy eie wil hê sodat hulle sy Goddelikheid as hul eie mag kan kry.

Die wet van God bly in hierdie geestelikheid die simbool van die mens se magstryd met God: In elke wet sal hulle die krag vind om hul menslikheid af te lê om deel van God se goddelikheid in hulle te word.
In enige straf of veroordeling van die wet sal hulle geregverdig en bemagtig voel om hul menslikheid as kleinlikheid af te lê.
Geen wet sal van hulle gehoorsame mense in hul menslikheid teenoor God in sy goddelikheid maak nie. Van elke vorm van gehoorsaamheid sal hulle middele maak om God se wet te verbreek: gebed, bekering, toewyding en aanbidding sal alles middele word om die liefdesgebod te deurbreek met die sug na mag in en deur God. Van die moderne Christelikheid se geestelikheid sê Paulus in Rom 8:7: "Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, is immers vyandskap teen God. Die sondige natuur onderwerp hom nie aan die wet van God nie, dit kan trouens ook nie." Om God in jou lewe in te nooi, jou eie-ek te kruisig en dood te maak, sodat God deur jou kan leef, is die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou. In hierdie dinge kan die mens homself nooit onderwerp aan die wet van God nie: om net gewoon menslik God te gehoorsaam in die menslikheid wat die wet eis.

Die moderne Christelikheid se ervaring van "God-in-hulle" is die goddeloosheid van die mens se sondige geaardheid. Om in God se wet die krag te kry om jou menslikheid op te offer sodat God God-in-en-deur-jou kan wees, is net die "maniese kant" van goddeloosheid. Die "depressiewe" anderkant van dieselfde sondige geaardheid kry in die ou wet die krag om godlose, eiemagtige mense te wees: om God te minag in elke gawe wat God gee en om elke wet van God te verbreek om die magtigheid van hul menswees teenoor God te bewys.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

## HOOFSTUK 8. DIE OU TIEN GEBOOIE IS DIE MAG VAN DIE BOSE.

> Die mag van Satan is die ou Tien Gebooie. Dit is die mag waardeur hy mense by God aankla en mislei. Christus het hierdie mag vernietig. Satan gebruik die ou Tien Gebooie om ’n pseudo-boosheid te skep waardeur hy sy werklike boosheid as Christus se verlossing voorhou. Só maak hy sy valse geestelike gemeenskappe die eintlike ware kerk teenoor Christus se kerk. Met hierdie pseudo-boosheid maak hy Christus se kerk as die valse kerk verdag. Deur die ou wet bly Satan in sy valse geestelike gemeenskappe gelowiges se aanklaer en misleier

### 1. Satan en duiwels is gewone engele

Wat is die mag van die Satan?
Om die vraag te beantwoord, moet ons eers vra wie en wat die Duiwel volgens die Woord van God is. Engele is dienende geeste wat God geskep het : “In sy hemelse dienaars stel Hy geen vertroue nie, voor Hom is selfs sy engele vol gebreke,” (Job 4:18).

Hulle is nie God nie. Hulle is ook nie goddelik in die sin dat hulle soos God oor kragte en magte beskik nie. Hulle is geestelike wesens. Nie mense nie. Hulle het nie soos mense ’n liggaam nie. Hulle is geskape as dienaars van God. God gebruik hulle volgens sy wil in sy diens.

Wat is duiwels? Duiwels is bloot gewone engele sonder enige goddelike kragte en magte. Al verskil tussen engele en die engele wat duiwels genoem word, is dat hulle teen God in opstand gekom het. Judas vers 6 stel dit:

> Dink ook aan wat gebeur het met die engele wat hulle nie binne hulle eie magsgebied gehou het nie, maar hulle aangewese woonplek verlaat het. God het hulle met onbreekbare kettings gebind en hou hulle in duister dieptes vir die oordeel van die groot dag.

Duiwels is engele wat die magsgebied wat God aan hulle gegee het, verlaat het. Hulle wou meer en groter as engele wees. Hulle is engele wat gesondig het.

> God het selfs die engele wat gesondig het, nie gespaar nie. Hy het hulle in die hel gestort en hulle laat boei om in die duisternis gevange gehou te word vir die oordeel.” (2 Petrus 2:4)

Hulle is engele wat God ’n magstryd aangesê het oor wie is groot en wie is klein.

Die persoon wat die Woord van God as die Satan, die Duiwel of as Beëlsebul aandui, is een van hierdie engele. Daarom is die wesens wat die Bybel as duiwels, bose geeste en die Satan aanwys, altyd net engele. Satan en duiwels is engele wat teen God gesondig het.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Daarom moet ons nooit aan duiwels of Satan as drog-, geweld- of skrikfigure dink soos wat hulle in strokiesprente, films of rekenaarspeletjies uitgebeeld word nie. As ons 'n beeld van duiwels wil vorm, dan kan en mag ons hulle nooit anders as gewone engele sien of indink nie. Soos wat al die engele vir ons in die Bybel beskryf word wat die Here stuur en gebruik – net so lyk duiwels en die Satan. Hulle lyk glad nie anders as die ander gewone engele wat God geskep het nie.

**2.Duiwels bly God se dienende geeste**

Wat word 'n engel wat sy magsgebied om 'n dienende gees vir God te wees, verlaat? Hy word net 'n sondige engel. Niks meer nie. Niks minder nie. Hy word 'n dienende gees onder die oordeel van God.

Wat word 'n arbeider wat teen sy werkgewer in opstand kom? Hy word nie die werkgewer nie! Hy word nie 'n magtige arbeider nie. Hy word nie 'n arbeider wat in beheer van die onderneming raak nie. Hy word 'n afgedankte arbeider. 'n Afgedankte arbeider het homself nie teenoor sy werkgewer bemagtig nie. Hy het homself as arbeider ontmagtig.

Die Satan en alle engele is niks anders as God se arbeiders nie. Hulle is niks anders as afgedankte arbeiders nie. Hulle is nie teenoor God bemagtigde engele wat God moet beveg en bestry nie. Hulle is rondlopers wat niks kan doen sonder hulle vorige Werkgewer se opdrag en toestemming nie. Duiwels is ontmagtigde engele. Duiwels is God se gevangenes.

**3.Die Duiwel se werklike mag: die mag om sondaars aan te kla**

Die Duiwel se werklike mag word in Openbaring 12:10 soos volg beskryf:

> Toe het ek 'n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep het: "Nou het ons God die redding gebring, nou is sy mag en koningskap hier, en die gesag van sy Gesalfde! Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het."

Die Satan is mense se aanklaer by God. Dag en nag! Sy werklike mag is die mag om mense by God aan te kla. Wat gee hom die mag as aanklaer? Dit is nie soseer sonde nie. Sonde plaas die mens in die posisie dat hy aangekla kan word. Die werklike mag waardeur mense by God aangekla kan word, is God se wet: "Die sonde was al in die wêreld nog voordat die wet van Moses gegee is, maar sonde word nie toegereken as daar nie 'n wet is nie. (Romeine 5:13)

Die mag van Satan is die Tien Gebooie.

Die situasie kan vergelyk word met die verhouding tussen Grootboet en Kleinsus. Watter mag en krag het 'n klein sussie op haar ouer broer? Niks nie! Hy is in alles haar meerdere: groter, sterker, slimmer en vaardiger. Maar dit kan verander. Wanneer Pa vir Grootboet sê hy gaan dorp toe en dat hy (Grootboet) vir Sussie moet oppas en nie met die bakkie mag rondry terwyl hy wat die pa is weg is nie, verloop sake gewoonlik so: Pa is skaars weg of Grootboet ry lustig met die bakkie rond, maar hy sorg dat hy betyds terug is om nie uitgevang te word nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Sussie wat hom gesien en dopgehou het, is nou bemagtig. Sy het nie skielik groter, slimmer of sterker geword omdat Grootboet gesondig het nie. Haar mag lê nie in haarself nie. Haar mag is haar pa se wet wat verbreek is. Sy kan nou deur hierdie wet Grootboet se aanklaer word. Sy vrees is nie vrees vir haar nie. Dit is vrees vir pa. Sy word net as aanklaer gevrees. Die werklike mag wat gevrees word, is dié van die pa.

Net so is Satan nie die mens se meerdere nie. Die mens is engele se meerdere. Geen engel kan die Skepping soos mense bestuur en regeer nie. Hulle het nie die liggaamlike, emosionele en verstandelike verbintenis met die Skepping soos wat mense het om dit aan hulle te onderwerp nie. Die enigste magsposisie wat Satan as engel teenoor mense kan opneem, is om die wet van God teen hulle te gebruik. Dan is dit nog steeds nie hy wat as die magtige gevrees word nie. Dit is God. Deur ons aan te kla bevestig die Satan dat ons van God vervreem is en dat God ons vyand is.

**4.Die Duiwel se werklik mag: die leuen**

Die Here wys hierdie mag in Johannes 8:38-45 uit:

> " Ek praat oor wat Ek by my Vader gesien het; en julle doen wat julle by julle vader gehoor het." 39 Hulle het vir Hom gesê: "Ons vader is Abraham." Daarop sê Jesus vir hulle: "As julle kinders van Abraham was, sou julle doen wat Abraham gedoen het. 40 Maar nou wil julle My doodmaak, vir My wat die waarheid wat Ek by God gehoor het, aan julle verkondig. Dit is nie wat Abraham gedoen het nie. 41 Julle doen wat julle vader gedoen het." Hulle sê toe vir Hom: "Ons is nie uit owerspel gebore nie. Ons het net die een Vader, naamlik God." 42 Maar Jesus sê vir hulle: "As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het van God af gekom, en hier is Ek nou. Ek het immers ook nie uit my eie gekom nie, maar Hy het My gestuur. 43 Waarom begryp julle nie wat Ek sê nie? Omdat julle my boodskap nie kán verstaan nie! 44 Julle is kinders van die duiwel; hy is julle vader, en julle wil doen wat julle vader wil hê julle moet doen. Hy was van die begin af 'n moordenaar. En hy staan nie aan die kant van die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy leuentaal praat, is dit volgens sy aard, want hy is 'n leuenaar en die vader van die leuen. 45 En omdat Ek die waarheid praat, glo julle nie in My nie."

Die Here praat hier met die Fariseërs en die Sadduseërs. Dit is die geestelike leiers wat leer dat mense deur wetsonderhouding gered is en vir God deur die ou Tien Gebooie reg leef. Hy noem hulle kinders van die Duiwel! Dit is nie maar net die Here se manier om hulle te beledig nie. Hy wys dat hierdie geestelike leiers dít doen wat die Duiwel wil hê hulle moet doen. Omdat hulle doen wat die Duiwel wil hê, is die Duiwel hul geestelike vader.

Wat doen die Duiwel? Hy is teen die waarheid! Christus is die waarheid. Christus is die waarheid in sy geboorte, lyding sterwe en opstanding. Dit is waarvoor Christus gestuur is. Dit is wat Christus verkondig. Die evangelie is die waarheid.

Waarom wou die geestelike leiers die Here doodmaak? Omdat Hy vir mense se sondes sterf en uit die dood opstaan. Omdat Hy sondaars vir altyd vrymaak van wetsonderhouding as die manier om gered te word en van die ou Tien Gebooie as die lewenswyse waarop mense vir

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

God reg moet wees. Daarvoor het hulle Hom doodgemaak. Dit is die ironie van die evangelie. Daarom sê die Here dat as Abraham hul vader was, sou hulle gedoen het wat Abraham gedoen het: hy het in God se verbondsgenade geglo.

As die evangelie die waarheid is, wat is die leuen? Die leuen van Satan weer, is die Tien Gebooie. Dit is sy werklike effektiewe mag: die wet van God. Die mag van Satan se leuen is nie sommer net liegstories nie. Niemand glo liegstories so maklik nie. Almal kan tog deur 'n deur liegstorie kyk. Die leuen van Satan is die waarheid van die Tien Gebooie.

Wat is die waarheid van die Tien Gebooie? Die waarheid van die Tien Gebooie is dat God wil hê dat mense volgens sy wet reg sal leef. Dit is waarvoor God se wet gegee is - dat mense vir God reg kan leef deur reg te doen! Paulus bevestig dit deur sy aanhaling van Levitikus 18:4-5 in Gal 3:12: " By die wet gaan dit egter nie om die geloof nie, maar om die daad, want daar staan: "Hy wat dóén wat die wet sê, sal daardeur lewe."

Vergelyk dit met Levitikus 18:4-5: "[4] Julle moet my bepalings nakom en my voorskrifte gehoorsaam deur daarvolgens te lewe. Ek is die Here julle God. [5] Wees gehoorsaam aan my voorskrifte en bepalings. Wie dit doen, sal lewe. Ek is die Here."

Dit is die waarheid van God se wet: elkeen wat doen wat God in sy wet sê, sal vir God reg wees en reg leef. Elkeen behoort volgens God se wet te leef om vir God reg te wees. Wie sê só? Dit is nie die Satan wat só sê nie. God sê só!

Wat is Satan se leuen? Hy is die een wat maak asof dit al is wat God sê! Hy is die een wat die evangelie waarmee God kom en sê dat Hy ons deur die evangelie sal regmaak en reg sal laat leef, stilmaak. Deur wat maak hy die evangelie stil? Deur die waarheid van die ou wet: ons moet volgens God se wet reg leef om reg te wees!

Dit is hoekom die Jode se geestelike leiers nie die evangelie dat Jesus die Christus is wat vir hul sondes sal ly en in hul plek reg sal leef kan hoor of verstaan nie. Hulle glo in die waarheid van die Ou Tien Gebooie. En die ou Tien Gebooie is nog steeds God se waarheid. Maar die waarheid dat God sy kerk en gelowiges deur die evangelie regmaak en die Tien Gebooie vir hulle 'n nuwe Tien Gebooie maak – dit word stilgemaak!

Die Duiwel se leuen is om die waarheid van die evangelie met die waarheid van die ou Tien Gebooie stil te maak. Op hierdie wyse is daar net een waarheid: ons moet vir God reg wees en reg leef volgens sy wet. Volgens die ou wet kan sondaars nie hul sondige geaardheid erken nie, maar moet hulle hul sondige natuur as hul geestelike natuur glo. Hierdie waarheid van God, die ou wet, is die Duiwel se leuen. Want dit is 'n halwe waarheid. Dit is God se wet sonder God se evangelie.

**5. Christus het die Duiwel se enigste effektiewe mag verbreek**

Die Satan het geen mag meer by God nie. God het die enigste mag wat hy by God gehad het gebreek. Openbaring 12 beskryf dit in beeldende taal só:

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> "[10] Toe het ek 'n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep het: "Nou het ons God die redding gebring, nou is sy mag en koningskap hier, en die gesag van sy Gesalfde! Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het. [11] Hulle het self die oorwinning oor hom behaal danksy die bloed van die Lam en die boodskap waarvan hulle getuig het; en hulle het nie hulle lewens so lief gehad dat hulle onwillig was om vir Hom te sterwe nie."

Wat was Satan se enigste mag in die hemel? Dit was die ou Tien Gebooie. Die bloed van Christus is die betaling vir sonde: gelowiges is vir God sonder sonde. Daarom kan hulle nie meer deur die Tien Gebooie aangekla word nie. Satan is as aanklaer uit die hemel uitgegooi. Sy mag om aanklaer te wees, is vernietig.

Paulus beskryf dit so in Romeine 8:

> "[31] Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dít: God is vír ons, wie kan dan teen ons wees? "[32] Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie? [33] Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry. (regverdig maak AV 1933) [34] Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons. [35]"

Wie kan gelowiges by God aankla? Die antwoord moes gewees het: eintlik enige iemand, maar verseker die Satan. Dít is sy mag. Dit is wat hy doen. Maar hy kan nie. God maak ons regverdig. Hier kom die probleem met die swak Afrikaanse vertaling van die Griekse term vir 'regverdig maak' weer na vore. As God ons vryspreek, beteken dit tog ons was aangeklaagdes. Dan klink die sin só: jy word aangekla, maar God spreek jou vry. Dit is nie wat dit beteken om geregverdig te wees nie. Om 'n aangeklaagde voor God te wees is net so erg as om skuldig te wees. Die bedoeling van hierdie sin is dat daar geen aanklag teen gelowiges kan wees nie. 'n Regverdige mens wat niks verkeerd gedoen het nie, kan nie aangekla word nie. Hy word nie, nadat hy aangekla is, vrygespreek nie. Hy mag glad nie aangekla word nie. Klagtes teen hom is nie geldig nie. Omdat God ons deur die evangelie regmaak, is geen klagtes by God oor die sondes wat ons nog doen, geldig nie. Klagtes teen gelowiges word nie meer deur God toegelaat nie.

Hoekom nie? Nie sommer net omdat God dit so wil, of omdat God God is nie. Dit is omdat dit vir God reg is om dit te doen dat Christus vir ons pleit. Hierdie pleidooi beteken nooit dat Christus by God, wat kwaad is, staan en soebat nie. Dit beteken dat God self daarvoor instaan deur die straf wat Hy vir ons gedra het. As 'n klagte van diefstal teen ons ingebring word, dan word dit uitgegooi, want die straf is klaar uitgedien. 'n Mens kan nie iemand twee keer vir dieselfde sonde straf nie. En Christus het klaar ons straf gedra. Daar kan ook nie 'n klagte dat ons nie reg leef ingedien word nie. Christus leef reg en ons is ingesluit in Christus. Pleit beteken dat alles wat die Here vir ons gedoen het, vir ons tel en alles wat ons gedoen het, vir Hom tel.

### 6. Satan se evangeliese leuen: om die evangelie te verdraai om 'n nuwe wet te wees!

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die boek Openbaring wys dat Satan uit die hemel uitgegooi is. Die enigste plek waar hy nog sy mag kan uitoefen, is op aarde:

> "[12] Daarom, hemel en dié wat daarin bly, verheug julle. Maar vir julle, land en see, wag daar ellende omdat die duiwel na julle toe gekom het met groot woede en met die wete dat hy min tyd het."
> (Openbaring 12:12)

Op aarde bly sy enigste mag steeds die ou Tien Gebooie. Die wyse waarop hy die Tien Gebooie sy mag op aarde maak, is om die Tien Gebooie die evangelie te maak.

Dit doen hy deur die valse kerk: "[11] Toe het ek 'n ander dier gesien wat uit die aarde uit kom. Hy het twee horings gehad soos 'n lam s'n, maar hy het soos 'n draak gepraat."(Openbaring 13:11) Die valse kerk lyk soos die Lam se kerk. Dit lyk soos die kerk van Christus. Dit is mense wat byeen kom om hul godsdiens te beoefen. Dit is mense wat luister na die Woord van God. Dit is mense wat die doop en nagmaal bedien. Dit is mense wat sendingwerk doen. Dit lyk soos die gemeenskap van gelowiges. Maar dit is net hoe dit lyk. As hierdie kerk praat, dan praat dit soos die draak. Die boodskap van God in hierdie kerk is die stem van die draak. Dit praat soos wat die Duiwel wil hê daar in die kerk gepraat moet word.

Hoe werk dit? Dit gebeur waar die ou wet as deel van 'n godsdienstige byeenkoms aan mense verkondig word terwyl dit voorgehou en geglo word as die nuwe evangelie van Jesus Christus. Dit is waar die leuen van Satan gepreek en geleef word: dat die evangelie 'n nuwe wet is waarvolgens ons moet leef. Op hierdie wyse word die ou wet weer in ere herstel as die weg na God se genade en die weg na ware toewyding aan God.

Hoekom so? Want deur die ou wet word mense aangekla en is Satan weer in die magsposisie van die aanklaer. Deur die ou wet is hy die misleier. Want uit die krag van die ou wet maak hy dat mense glo hul sondige geaardheid is die ware geestelike geaardheid wat Christus ons gee. By God kan hy nie meer ons aanklaer wees nie en deur die nuwe wet kan hy ons nie meer mislei nie. Hy kan wel aanklaer en misleier deur die kansel van godsdienstige gemeenskappe wees. Hy kan dit nie meer self by God en deur God se nuwe wet doen nie, maar hy kan dit deur predikers en geestelikes op aarde doen.

## 7.Die kerk van Satan: geestelike gemeenskappe wat wetsonderhouding preek as die wyse om vir God reg te wees en reg te leef

Die apostel Johannes beskryf hierdie kerk as die kerk van Satan:

"[8] Ek weet alles wat julle doen. Kyk, Ek het 'n deur voor julle oopgesluit en niemand kan dit weer toesluit nie. Ek weet dat julle min krag het, en tog het julle aan my boodskap vasgehou en My nie verloën nie. [9] Kyk, Ek beskik dat van die lede van die sinagoge van die Satan, die mense wat daarop aanspraak maak dat hulle Jode is, en dit nie is nie, maar lieg ..." (Openbaring 3:8-9)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Wie is die sinagoge van Satan? Dit is mense wat daarop aanspraak maak dat hulle kinders van God is, maar dit nie is nie. Hoe kan iemand ’n aanspraak maak dat hy ’n kind van God is, maar dit nie is nie? Dit gebeur wanneer mense daarop aanspraak maak dat hul wetsonderhouding hulle kinders van God maak. Dit is wanneer hulle daarop aanspraak maak dat hulle deur hul eie liefde volgens die ou wet vir God reg is.

Die ou wet is nie maar net nog ’n manier waarop ’n mens ’n Christen of ’n Christelike gemeenskap kan wees nie. Johannes noem hierdie gemeenskap die kerk van Satan. Dit is nie sommer net beledigende taal nie. Dit is die werklikheid. Satan oefen sy mag uit deur kerke op te rig wat in naam Christelik is, maar wetsonderhouding as die wyse preek om reg te wees en reg te leef. Op hierdie wyse keer hy dat sy enigste mag op aarde ook finaal deur Christus gebreek word: die ou wet van God.

Hoe werk hierdie leuen wat maak dat mense eerder in hul eie sonde en eie sondige natuur sal glo as in Christus? Dit gaan só te werk: deur die kerk van Satan word die evangelie gediskrediteer as ’n valse boodskap van ’n valse kerk waarin mense nie regtig van die mag van die Bose verlos kan word nie.

As mense op die volgende wyse voor die keuse gestel word om tussen twee soorte kerke te kies, watter een sal hulle kies?

**DIE WARE KERK**.
Net Christus maak jou vir God reg en laat jou lewe vir God reg wees, nie jy nie. Hy doen dit deur sy lyding en opstanding, nie deur die wet nie. Jy hoef net in Hom te glo. So verbind Hy jou aan ’n nuwe Tien Gebooie waar jou liefde met al jou sonde en gebreke vir God volkome is.

**DIE VALSE KERK.**
Jy moet deur jou eie bekerings, liefde en oorgawes jouself vir God regmaak volgens sy wet. Jy moet deur ’n volle oorgawe aan God se wet Hom volmaak liefhê.

As jy tussen hierdie twee kerke moet kies, sál jy mos die ware kerk kies! Weet die predikante, professore, pastore priesters en geestelikes dat hierdie keuse bestaan? Hulle weet dit almal op die een of ander manier! Dit is nie geheime kennis wat eenkant in geslote perkamente weggebêre is nie. Dit is deel van die algemene kerkgeskiedenis. Dit is inhoud van kerklike belydenisse wat in die kuberruimte vir almal oop en toeganklik is.

Predikante en geestelikes weet dit is die keuse. Maar ten spyte hiervan wil hulle hê dat mense nog steeds sal glo dit is beter om die valse kerk as die ware kerk te kies. Hoe kan hulle dit regkry? Hoe laat geestelikes mense voel dat die valse kerk se boodskap maar net nog ’n manier is om by God uit te kom? En eintlik die beste manier is om by God uit te kom, terwyl die ware kerk se boodskap eintlik verkeerd is!

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**8.Die pseudo-boosheid wat Satan skep: Satanisme**

Die wyse waarop hulle dit bewerkstellig, is deur pseudo-boosheid te skep! Hulle skep ’n nuwe soort boosheid wat die werklike boosheid goed maak. Een van die bekendste wyses waarop hulle hierdie pseudo-boosheid skep, is deur Satanisme te preek! Hoe verkondig hulle Satanisme? Dit werk só: Die prediker klim op die kansel en stel die volgende aan die gemeente: “Ek weet julle dink die Duiwel is sommer net ’n storie. Mense dink mos dit is ’n grap. Maar die Woord van God leer ons anders. Satan is ’n werklikheid. Ek wil die tieners waarsku. Die Bybel wys ons daarop dat 666 die teken van Satan is. Dit staan in Openbaring! Lees maar self! As julle die teken van Satan dra, het julle kinders van Satan geword. Dan sal hy bose magte en kragte in jou instuur en jou die mag gee om bose dinge te doen! Ek waarsku julle: julle moet nooit die teken 666 op jul tasse, klere of liggaam dra nie!”

Wat is die krag van sonde? Die krag van sonde is die ou wet. Dit is Grootboet se koekies-en-koeldrankwet. Nou dreig en beloof die prediker dat tieners bose magte in die dorp sal loslaat as hulle die teken 666 dra. Waarvoor is Jannie, wat verveeld agter in die kerk gesit het en aan niks regtig gedink het nie, nou lus? So onder die dreigemente deur het hy al prentjies van verskrikte kinders vir sy bose mag begin sien. Wie gaan nou lus wees om klein Jannie te wees as jy beheer oor bose magte kan kry? Wat gaan hy doen? Die volgende oggend loop hy op die speelgrond en orals waar hy kom, flits hy die binnekant van sy tas waarop die teken 666 aangebring is aan die meisies. Hulle is histeries. Hy is blymoedig bemagtig. Hy is met ’n paar inksyfers op die binnekant van sy tas en deur ’n prediker, wat die ou wet gepreek het, bemagtig.

Wat gebeur volgende? Die meisies gaan na hul ma’s toe. Die ma’s gaan na die predikers toe. Dan volg die volgende Sondag se preek: “ Julle het mos gedink die Woord van God is sommer praatjies! Maar ons weet al van kinders wat die teken van Satan in hierdie dorp dra. Ek waarsku julle, dit is maar net die begin! Die kinders gaan na Satan se musiek luister” en dan gee hy die hele lys van watter liedjies Satansliedjies is, en sê verder: “en hulle gaan katte slag en voor mense se huise hang! Ons moet die mag van die bose beveg en teenstaan!”

Jannie sit agter in die kerk. Wat gaan hierdie volgende paar weke gebeur? Waar het Jannie aan al sy bose planne gekom? Dit is nie die Satanistiese kerk in Amerika nie. Dit is ook nie sy spesiale verhouding met die Duiwel nie. Die prediker het hom belustig. Tannie Sannie se kat se lot is al in die erediens beseël - net daar in die kerk. Dit is ’n sosiale kontrak tussen Jannie en sy pastoor.

Tannie Sannie se skok om haar onthoofde kat op die stoep te ontdek, ruk die ganse gemeenskap. Predikers, ouers en skoolhoofde vergader om hierdie bose mag onder die kinders te bespreek. Die oplossing waarmee hulle vorendag kom, is om ’n bekende spreker te nooi om met die kinders oor Satanisme te kom praat. Hy kom met boeke en wys hoe Sataniste vergader, watter klere hulle dra, watter tekens hulle op vloere tydens hul losbandige byeenkomste verf en hoe hulle kaal meisies op altare vir die Duiwel laat lê.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Na hierdie verduideliking oor die mag van losbandigheid en naaktheid is Jannie met hart en siel nou die amptelike hoof van die Satanistiese groepie kinders op die dorp. Hierdie kerklike gemeenskap het hom in sy begeertes deur die ou wet bemagtig.

Nou is daar regtig drie godsdienstige groeperings in die dorp: die ware kerk wat net die evangelie verkondig, die valse kerk wat die ou wet verkondig en Jannie se mense wat Sataniste is.

Wat gebeur nou? Jannie word bang. Hy begin drome kry met drogbeelde daarin. Hy voel hy het hulp nodig. Waarheen sal hy gaan? Die kerk wat niks van Satanisme af weet nie? Of die kerk wat Satanisme preek en beveg? Hy sál na die kerk toe gaan wat ’n kenner is op die terrein om die Duiwel te beveg en uit te dryf!

Met vrees gaan sien hy die prediker en erken aan hom al die tekens, musiek, sy perverte begeertes waarmee hy hom opgehou het en die katoffers wat hy gemaak het. Wat sê die prediker? Wat moet hy doen om van die Bose bevry te word? Hy moet sy hart vir die Here gee, hy moet sy sonde bely, hy moet sy lewe vir God oopmaak, hy moet Jesus in sy lewe nooi, hy moet hom oorgee aan die wil van die Here, hy moet …

Hy moet deur wetsonderhouding homself van die mag van die bose bevry! Hy moet homself aan die krag van sonde, die ou Tien Gebooie, verbind om van die mag van die bose bevry te word. Die prediker vang hom vas binne-in die krag van sonde, die ou wet, in die geloof dat hy nou bevry is van die mag van die bose. Hy is nou danksy die geestelike leier binne-in sy sonde en sondige natuur vasgevang.

As Jannie dit klaar gedoen het, oortuig die prediker hom dat hy vir die Here ’n getuie moet wees. Die volgende week staan hy voor in die kerk en die skool en vertel hoe hy ’n Satanis was, maar hom tot God bekeer het! Omdat hy sy hart en lewe vir God gegee het, is hy van die bose bevry en is sy lewe nou vir God reg. Hy is deur die prediker ’n getuie gemaak dat die ou wet verlos en bevry! Hy bedien nou die leuen van Satan met die geloofwaardigheid dat hy van die Satanskerk verlos is. Hy bedien nou die leuen van Satan met die geloofwaardigheid dat die valse kerk se boodskap mense van die mag van die Duiwel bevry.

Wie gaan nog glo dat dit die valse kerk is? Wie sal ooit weer glo dat hierdie valse kerk eintlik die ware Satanskerk is? Die kerk wat jongmense bevry van die mag van Satanisme? Watter ma of pa met ’n tiener in die huis wat só vir die Here getuig, gaan ooit weer ’n prediker glo wat sê jy kan nie só gered word nie? Watter skoolhoof en gemeenskap gaan glo dat die geestelike werkers wat op die skoolterrein werk, die kinders met hul bekerings en oorgawes tot ’n valse kerk en ’n valse godsdiens verlei? Wie sal ooit weer glo dat die kerk, wat die wet in die plek van die evangelie verkondig, die kerk wat bekering en liefde in die plek van geloof in Christus verkondig, die kerk van Satan op aarde is?

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die Satan doen hom altyd voor as 'n engel van die lig:

> "[13] Sulke mense is vals apostels; hulle gaan oneerlik te werk deur voor te gee dat hulle apostels van Christus is. [14] En geen wonder nie! Satan self doen hom voor as 'n engel van die lig. [15] Daarom is dit ook nie snaaks dat sy dienaars hulle voordoen as mense wat die wil van God doen nie." (Kor. 11:15)

Die Satan sal nooit sy werklike effektiewe mag as 'n bose mag vertoon nie. Hy sal altyd sy mag as die verlossing van God of die beter en ware toewyding aan God vertoon. As sy mag as boos herken word, sal mense dit verwerp.

Daarom word sy mag altyd op aarde voorgehou as die wyse waarop 'n mens van sonde verlos word en vir God reg kan leef. Die mag wat hy voorhou, is ook nie sy eie mag nie. Dit is die mag van God. Dit is God se wet en die wetsonderhouding wat God eis. Die misleiding van Satan vind plaas deur die ou wet van God. Kyk was sê Romeine 7:11: "Die sonde wat deur die gebod 'n vastrapplek gekry het, het my deur die gebod mislei en my doodgemaak."

Hierdie misleiding deur pseudo-boosheid om God se ou wet as die werklike mag van boosheid na die mag van verlossing te laat lyk, gebeur nie net deur die prediking van Satanisme nie. Dit gebeur ook in geestelike gemeenskappe wat hul nie met die praktyk van Satanisme-bestryding assosieer nie.

Dit was nog altyd so. In die Here se tyd op aarde en in Paulus se leeftyd het die Joodse raad van geestelikes uit twee groepe bestaan: die Fariseërs en die Sadduseërs. Lukas beskryf die verskille tussen hierdie twee groepe in Handelinge 23:8: " Die Sadduseërs ontken dat daar 'n opstanding uit die dood is en dat daar engele en geeste bestaan, maar die Fariseërs aanvaar wel albei hierdie dinge." Die Sadduseërs is die verligte geestelikes. Hulle glo net wat vir hul verstand aanvaarbaar is. Daarom glo hulle nie in engele en die opstanding uit die dood nie. Dit is vir hul verstand onaanvaarbaar dat God so iets kan of wil doen. Hulle aanvaar dat die wêreld en godsdiens werk soos wat hulle logies daaroor kan dink en redeneer. Daarom het hulle ook nie die bestaan van die Satan en Duiwels aanvaar nie.

Maar hulle het saam met die Fariseërs Jesus as die Christus en Messias verwerp. Wat het hulle, ten spyte van hul logiese godsdiens, met die Fariseërs, een godsdiens gemaak? Wat het gemaak dat hierdie twee oënskynlik teenstrydige groepe bereid was om nog in een godsdienstige raad saam te wees? Dit was die wyse waarop hulle vir God reg wou wees en reg wou leef. Hulle wou dit net soos die Fariseërs deur die ou Tien Gebooie doen. Dit het hulle een godsdiens gemaak. Al het hulle nie soos die ander aan engele, die Satan of duiwels geglo nie. Daarom was hulle ook verenig in hul verwerping van die evangelie: vir een groep was die evangelie nie logies genoeg nie, en vir die ander was die evangelie nie vroom genoeg nie. Dit was ook die verskil tussen die Griekse filosowe en die Fariseërs:

> "[21] Dit was die bedoeling van God in sy wysheid dat die wêreld nie deur geleerdheid tot kennis van God sou kom nie. Daarom het God in sy goedheid besluit om deur die prediking wat vir die wêreld onsin is, dié te red wat glo. [22] Die Jode vra wondertekens en die Grieke soek wysheid, [23] maar ons verkondig Christus wat gekruisig is. Vir die Jode is dit 'n aanstoot en vir die ander is dit onsin, [24] maar

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> vir dié wat deur God geroep is, Jode sowel as Grieke, is Christus die krag van God en die wysheid van God." (1 Korintiërs 1:21-24)

Tussen die Fariseërs se goeie bekerings volgens die Tien Gebooie en die Grieke se deugsame en goeie lewe, was daar geen verskil nie. Die Grieke het ook geleer dat regverdigheid die samevatting van alle goeie deugde was.

Dit is vandag nog so. Die mense wat die bestaan van engele, Satan en duiwels verwerp omdat dit nie logies en wetenskaplik genoeg vir hul godsdiens is nie, glo ook dat elkeen volgens sy eie liefde en toewyding aan God vir God reg is, en dat ons nie hierdie eie toewyding mag veroordeel nie. Dat ons liefde en toewyding aan God volgens die ou wet vir God reg is, is vir hulle baie logies. Daarom is Jesus vir hulle niks anders nie as net 'n rolmodel wat vir ons wys hoe ons God moet liefhê. Hulle skep weer hulle eie pseudo-booshede waarmee hulle die boosheid van die mag van die ou wet regverdig.

Satanisme én die verwerping van Satan se bestaan, is volgens die evangelie dieselfde mag: dit maak liefde en toewyding volgens die ou wet die manier waarop mense vir God goed en reg is. Al is die twee, logies gesien, absolute teenoorstaandes, is hulle aan dieselfde mag gebind: die ou wet van God.

Volgens die Woord van God is hierdie mag die werklike mag van Satan. Om hierdie mag te verskuil word enige vorm van pseudo-boosheid aan gelowiges voorgehou. Gewoonlik werk dit dan só! Jy kan in een en dieselfde kerk kies watter erediens jy wil bywoon of na watter prediker jy wil luister. Daar is die "tradisionele", die "vernuwings-, die "verligte" of die "herlewingseredienste". Daar is eredienste vir die ou intellektuele mens of eredienste vir jong gevoelsmense. Hierdie dienste word aangebied asof dit gaan oor die verskil in mense se persoonlikhede, verstandelike vermoëns, musieksmaak, wetenskaplike opleiding, houding oor geestelike danse, seremonies of styl van aanbieding.

Maar dit is nie waar nie. In al hierdie "ander" dienste gaan dit net oor een soort godsdiens: die godsdiens van die ou wet. Dit sien 'n mens in die variasie van getuienisse wat hulle as verskillende soorte "spiritualiteite" probeer aanbied. In al hul gevarieerde spiritualiteite is daar net een geestelike boodskap: die ou wet is die enigste wyse van redding en ware vernuwende lewe!

Kom ons kyk na hierdie stylverskille van dieselfde leuen en boosheid.

**Die dramatiese verandering**

"Ek was eers 'n gelowige nes al die ander gelowiges in die kerk. Maar ek het nie die Here regtig geken of 'n persoonlike verhouding met Hom gehad nie. Ek het gerook, gedrink, gevloek, rondgeslaap en sonder ware toewyding aan die Here gelewe. Toe het ek die Here waarlik ontmoet. Ek het God in my lewe ingenooi, my hart vir God gegee, tot bekering gekom, my sondes bely en laat vaar. Nou het ek 'n lewende verhouding met God wat nie net meer verstandskennis is nie" Dit is pseudo-boosheid dat mense glo, maar nie 'n persoonlike

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

verhouding met God het nie. Volgens hierdie opvatting beteken boosheid om onpersoonlik in God te glo. Teenoor hierdie pseudo-boosheid moet mense God in hul lewe innooi om gered te word.

**Die goeie opvoeding-bekering**
Hierdie misleiding deur die wet het net so veel vorms as wat mense van geaardheid en persoonlikheid verskil. Daarom word dit dan ook só bemark: "Jy hoef nie 'n dag en datum vir jou bekering te hê nie. Daar is mense wat van kleins af hulle harte en lewens vir die Here gegee het. Mense moet van kleins af keuse vir God maak en nie dink hulle ouers se geloof kan hulle red nie. Vir party mense is dit 'n lewenswyse om van kleins af keuses vir God te maak. Daarom hoef hulle nie so 'n drastiese bekering te hê nie. Al wat hulle moet weet is dat hulle van kleins af vir die Here reg is deur hul daaglikse bekerings, oorgawe, gebede, liefde en toewyding aan die Here." Hier is die pseudo-boosheid daarin geleë dat mense glo ouers se geloof red hul kinders. Teenoor hierdie pseudo-boosheid moet kinders van kleins af hul harte vir die Here gee om gered te word.

**Die verdiepingsverandering**
Hierdie vorm lyk so: "Ek is baie dankbaar vir die geloof waarin ek grootgeword het en vir alles wat die kerk vir my beteken het. Die kerk het my baie van die Here geleer. Maar dit was alles net uiterlik en tradisie, waarvoor ek wel innig dankbaar is. Ek het nou egter 'n werklike verdieping in my geestelike verhouding met God beleef. Ek het God net meer in my lewe toegelaat en aan God die volle beheer van my lewe gegee. Dit maak dat ek God nou op 'n manier beleef waarin ek innerlik nader aan en intiemer met God is as tevore." Hier is die pseudo-boosheid tradisie en uiterlike gedrag sonder innerlik betekenis. Teenoor hierdie pseudo-boosheid moet mense God die beheer van hulle lewe gee om gered en geesvervuld te wees.

**Die mistieke en kragtige verandering**
"Ek was 'n bekeerde Christen. Ek het geweet ek is verlos want ek het al toe ek jonk was my hart vir die Here gegee. Maar ek het 'n kragtelose gebedslewe gehad en was nie 'n getuie vir Jesus nie. Toe het ek die geheim van 'n geesvervulde lewe ontdek. Ek het tot 'n volle oorgawe aan God gekom en aan God die volle beheer van my lewe gegee sodat God my alles kon word. Nou is gebed vir my 'n vreugde en praat ek oral van Jesus met vrymoedigheid en met krag". Hier neem pseudo-boosheid sondaars se sondigheid as gelowiges aan. Teenoor hierdie pseudo-boosheid moet mense in 'n magstryd met God tree waarvolgens mense moet glo dat hul sondige aard hul eintlike geestelike natuur is.

**Die verligte bekering**
Ek kan nie meer sommer net so glo soos onwetenskaplike mense wat nie enige begronding van hul geloof nodig het nie. Ek het met hierdie fundamentalisme gebreek en ontdek God is groter as wat ons Hom met ons dogmatiek wil maak. Jesus is liefde en nie wette nie. Dit gaan vir my oor Jesus se spiritualiteit. Die ervaring van sy dissipels was dat die liefde wat die Here vir hulle gehad het, na sy dood in hulle opgestaan het sodat hulle God vry van die wette en

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

voorskrifte van gesagsfigure net spontaan lief kan hê. Jesus se liefde moet in ons opstaan, want God is in ons almal.” Die pseudo-boosheid hier lê in die onwetenskaplikheid. Teenoor hierdie pseudo-boosheid moet mense met God in Jesus identifiseer asof hierdie sonde die werklike spiritualiteit van Jesus self sou wees.

Hierdie boodskappe het een inhoud: die ou wet! Die sogenaamde verskille in geestelikheid gaan maar net oor al die verskillende maniere waarop die ou wet bemark, versprei en aangebied word. Dit is een en dieselfde geestelikheid. Die geestelikheid van die ou wet: jy kan vir God goed en reg wees deur jou liefde en gehoorsaamheid.

**9.Die valse kerk is die gemeenskap waarin en waardeur Satan gelowiges se aanklaer en misleier bly**

Hierdie kerk is die Satan en sy kinders se kerk. Dit is nie net ’n ander Christelike spiritualiteit in die Christelike Kerk nie. Die is die effektiewe mag waardeur die bose mense van die inhoud van die evangelie op aarde weghou en vervreem: deur ’n kerk wat volgens die ou wet God beter, inniger, liefdevoller, gevoelvoller, verligter en kragtiger aanbid en leef as die kerk waarin God mense net deur die evangelie red en regeer. Satan is die engel van die lig. Hy is ’n beter Christus as wat Christus self is. Hy kan mense met God se ou wet liefdevoller en geesteliker maak as wat Christus hulle net deur sy genade kan maak.

Hierdie liefdevolle wetsonderhouding maak van mense Satan se gevangenes en van gelowiges die aangeklaagdes. Hierdie innige, verligte en beter vroomheid is die rede waarom mense altyd voor hom ’n aangeklaagde by God sal bly! Die wet is en bly sy mag om mense in ’n gewetens- en magstryd met God gevange te hou.

Hoe so? Hoe gaan jy nou, ná hierdie getuienisse hierdie persone oortuig dat hulle nie deel is van die Christelike geloof nie? Hoe sal hierdie mense ooit glo dat dit is hoe die Satan hulle vasgevang het en keer dat hulle die vryheid van die evangelie ontdek? Daarom sê Christus in Matteus 23:15 oor hierdie valse geestelikheid: “Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle trek oor see en land rond om een bekeerling te maak, en as hy dit word, maak julle hom twee maal so ryp vir die hel as wat julle self is.” Mense wat volgens hierdie getuienisse se inhoud tot God bekeer het, is twee keer so ryp vir die hel as voorheen. Hoekom? Voor hierdie bekerings, geestelike oorgawes, verstandelike verligting, geestelike vervullings en verdiepings, kon hulle geweet het hulle is vir God se genade verlore. Kon hulle geweet het dat hulle nooit vir God volgens hul liefde en toewyding reg kan wees en reg kan leef nie. Ná hierdie geestelike ervarings glo hulle hul liefde en toewyding is vir God reg en leef hulle vir God reg deur die wet. Hulle sien hulself nie meer as mense wat die evangelie nodig het nie.

Dit is die dodelike spel van die valse kerk. Hulle skep hul eie anti-beeld deur die wet te preek, waarin boosheid as God se goedheid geregverdig word. Hulle skep deur die ou wet ’n pseudo-boosheid wetend en met die aanvoeling dat hierdie ou wet die krag van sonde in mense ontketen. Wetend dat hierdie opstand wat hulle skep, mense een of ander tyd sal dryf

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

om gebroke, bang, opgewonde, verlig, bly en innig in die ou wetsprediking van die valse kerk 'n heenkome te kom soek as die ware vernuwende en herleefde toewyding aan God.

Dít is die Satan se werklike effektiewe mag op aarde: geestelike gemeenskappe wat die liefdeswet regverdig as die wyse om vir God reg te wees en reg te leef. Geestelike gemeenskappe waarin mense getuig dat hul liefde, gehoorsaamheid, bekerings, verdiepings, verligting, vervullings en oorgawes aan God dieselfde waarde het as die evangelie.

Kyk net hoe effektief is hierdie mag! Satan kan nie Christene in die hemel aankla nie, maar hy skep vir hulle 'n kerk waarin hulle elke Sondag na die Woord van God op so 'n manier luister dat hulle in hul gewete en hart voor God aangekla staan:
Hulle is nog nie werklike Christene nie, al glo hulle in Christus;
Hulle is nog nie geesvervulde Christene nie, al glo hulle in Christus;
Hulle is nog nie kragtige getuies vir God nie, al glo hulle in Christus;
Hulle is nog nie bekeerde Christene nie, al glo hulle in Christus;
Hulle is nog nie daad-Christene nie, al glo hulle in Christus;
Hulle is nog nie nierassige Christene nie, al glo hulle in Christus;
Hulle is nog nie versoenende Christene nie, al glo hulle in Christus;
Hulle is nog nie ekumeniese Christene nie, al glo hulle in Christus;
Hulle is nog nie postmoderne Christene nie, al glo hulle in Christus;
Hulle is nog nie verligte, redelike Christene nie, al glo hulle in Christus.
Hulle is nog nie liefdevolle en innige Christene nie, al glo hulle in Christus.
Hulle is nog nie wetenskaplike Christene nie, al glo hulle in die waarheid van die evangelie;
Hulle is nog nie spiritueel nie, al glo hulle in Christus.

Elke Sondag moet Christene hulself aan hierdie mag van Satan onderwerp: die prediking en lering van die valse kerk! Elke Sondag moet Christene opstaan en na hierdie kerk toe gaan om die Here te aanbid. Elke Sondag moet Christene onder hierdie soort prediking hulself weer minag en verneder, en moet hulle self as aangeklaagdes voor God staan. Hulle moet dit uit oortuiging en gewillig doen, want hulle moet glo hierdie kerk lei hulle om die Here ten volle te dien.

Elke Sondag moet Christene hul kinders na hierdie dienste toe laat gaan, want dit is wat jongmense wil hê: om aangeklaagdes voor God te wees met getuienisse, danse, dromme en tromme is tog beter as om voor God reg te wees en reg te leef net deur die evangelie! Om jou voor God in jou eie idees en redenasies te regverdig, is beter as om deur Christus geregverdig te wees. Mense moet glo en aanvaar dat elkeen die Here op sy eie manier volgens die ou wet moet dien en hieroor mag niemand 'n oordeel oor uitspreek nie.

Dít alles gebeur omdat die evangeliebediening met die verkondiging van die ou wet stilgemaak is: asof Jesus die rolmodel van hierdie ou wet is.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**Godsdiensvryheid is om te weet dat die ou wet die krag van sonde is, nie die krag na ’n beter, inniger, liefdevoller, dieper, kragtiger meer verligte, redeliker en meer geestelike aanbidding van God nie.**

Godsdiensvryheid is die vryheid om nie in die Christelike kerk voor God op aarde as aangeklaagdes, aangeklaagdes van ’n minderwaardige diens aan God, te leef nie. Dit is die vryheid om op aarde nie aangeklaagdes te wees nie, omdat ons weet ons is ook nie in die hemel by God aangeklaagdes nie. Dit is die vryheid om met al ons neigings en sondige dade voor God reg te wees en reg te kan leef, uit die geloof in Christus. Dit is die vryheid uit ons geloof in Christus om God met ons verstand, gevoel, siel en dade te dien, sonder dat ons tussen ons gevoel, ons verstand, ons siel of dade as aanbiddingswyse moet kies.

Dit is die vryheid om die verskil tussen die ware en die valse kerk te ken: om te weet dat die prediking van die evangelie as ’n nuwe geestelike wet, maar net die ou wet is. Dit is nie die prediking van die evangelie nie. Dit is die vryheid om dié geestelike rolmodelle wat van hul liefde en oorgawes aan God getuig as die stem van die draak, as die dienaars van Satan, te herken

**10. Die prediking van die evangelie is werklike duiweluitdrywing**
Wat is ware duiweluitdrywing? Hoe en waar gebeur dit?

Die werklike mag van Satan is die ou Tien Gebooie. God se wet! Deur God se wet bind hy mense in hul gewete en lewe aan sonde vas as sou dit volgens sy wet ’n beter gehoorsaamheid aan God wees as liefde vir God.. Dit is nie ons sondes nie. Dit is nie ons sondige geaardheid nie. Dit is nie toorgoed of Oosterse voorwerpe nie. Dit is nie ons verstand of ons gevoelens nie.

Hierdie bindingskrag word gebreek deur die evangelie. Die evangelie verlos ons van die ou wet as die manier om reg te wees en reg te leef vir God. Daarom word ons alleen deur ons geloof in Christus van al die mag waaroor die Bose beskik, verlos. Want sy mag is net die ou wet. Dit is sy leuen. Dit is sy enigste mag om ons in ons sonde kragtig te maak. Dit is sy mag om mense aan te kla om beter Christene te wees as wat Christus sondaars Christene laat wees.

Oral waar die evangelie op hierdie wyse verkondig word, word sy effektiewe mag verbreek en verdwyn al die pseudo- en drogbeelde oor Satan en duiwels. Deur die prediking van die evangelie is al die krag van, en geloof in afgode, en daarmee saam ook die besweerders (“druids”) van afgode, vernietig. Want dit is net valse, pseudo-antibeelde van die werklike mag van Satan: die wet waardeur almal in hul gewete weet dat hulle as onregverdiges voor die Skepper staan.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Voor die Reformasie in Europa is duisende hekse elke jaar deur die Rooms-Katolieke Kerk verbrand. Waar het hulle so skielik heen verdwyn? Hulle het nie eers met die Eeu van die Rede of die Verligting verdwyn nie. Tydens die bloeityd van die rede en die Verligting keer hulle terug! Die bestaansgronde van hekse het in beginsel verdwyn toe die Reformasie na vore getree het en verklaar het die Rooms-Katolieke Kerk is vasgevang in die ou wet, vasgevang in sy boetedoenings en werkheiligheid! Toe staan die inhoud van die ware en valse kerk teenoor mekaar en verdwyn die hekseprobleem as ’n valse boosheid.

Toe die opwekkingsbewegings in Amerika ontstaan het en die geloof in die evangelie stilgemaak is met hul bekerings en oorgawes, toe is daar weer skielik weer hekse wat gehang moet word.

Dit is hoe dit orals werk: voor en tydens die opwekkings- en vernuwingsprediking van die ou wet, staan Satanisme saam met al die ander pseudobeelde van boosheid op as die valse beeld van die bose. Hierdie valse geestelike gemeenskap verkondig die ou wet as die krag waardeur hy hierdie pseudo-booshede skep. (Jannie word ’n Satanis in bekeringsprediking) Want deur hierdie valse beeld van die mag van die bose, Satanisme en al die ander antibeelde, word die werklike mag van die bose verskuil. In hierdie pseudo-beelde word die evangelie stil gemaak.

Waar die evangelie weer verkondig word, verdwyn Satanisme en al die ander pseudoprobleme as valse probleme en staan die werklike probleem helder en duidelik uit. Die Satanskerk is nie waar mense die Satan aanbid nie. Hy is die engel van die lig! Die werklike Satanskerk is waar die ou wet in geestelike gemeenskappe met ’n Christelike naam en al die uiterlike tekens van die Christelike Kerk (prediking uit die Bybel, kategese gegrond op die Bybel, Bybelskole, eredienste, Bybelstudie, eredienste met preke en sakramente) verkondig word as ’n beter manier om God te dien. Beter as net deur die geloof in Christus.

Christus breek die mag van Satan deur die evangelie. Deur die prediking van die evangelie is die kerk met ware duiweluitdrywing besig. Dit is hoe dit ook in die Bybel verkondig word. Christus verbreek nie die mag van die Bose met goddelike magspreuke nie. Christus verbreek die mag van die bose in sy lyding en opstanding. Christus se gesaghebbende aanspreek van die Bose, is omdat Hy hul mag, die ou wet, deur sy lyding en opstanding vernietig het.

Die kerk se gesag om die mag van die Bose te verbreek, is nie die opsê van magiese formules en die nadoen van die uiterlike tekens wat die Here laat gebeur het nie. Sy optredes teen die Bose was tekens: tekens van die verbreking van Satan se werklike mag – die ou wet van God. Die kerk se gesag om die mag van die Bose te breek, is nie om rolmodelle en nabootsers van Christus se gesagvolle spreuke te word nie. Dit is om die evangelie waardeur Christus self die ou wet se mag vernietig, te verkondig.

### 11.Die moderne Christelikheid is Satan se kerk

Die moderne Christelikheid is die valse kerk waarin en waardeur Satan op aarde sy werklike mag vestig en uitoefen. Dit is die moderne Christelikheid wat die mag van Satan en duiwels

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

predik. Hulle skryf aan hierdie gewone engele dieselfde soort krag en mag toe as wat God het. In hul geloof is hierdie engele nie meer God se dienende geeste nie. In hul geloof is hierdie engele magsfigure wat Christus se mag effektief teenstaan en vernietig.

Een van hierdie magte wat die moderne Christelikheid glo en leer is die sogenaamde"bindinge". Volgens hierdie geloof is gelowige Christene in boosheid vasgevang. Volgens hulle is "bindinge" 'n magsgreep wat duiwels op gelowiges kry as gelowiges sekere soorte sondes doen, of aan sekere magiese voorwerpe of kragte blootgestel word. Hierdie magsgreep maak van gelowiges instrumente waardeur duiwels hul magiese kragte uitoefen. Hulle glo dat die Duiwel hierdie magsgreep op gelowiges kry, ongeag hul geloof in Christus. Die gronde vir hierdie geloof kry hulle in die opvatting dat as mense regtig Christene sou gewees het, hulle nie hierdie spesiale soort sondes sou gedoen het nie. Christus wat vir sondaars instaan, kan volgens hulle nie hierdie magsgreep van die Bose op gelowiges vernietig nie.

Die "spesiale sondes" wat hulle voorhou waardeur duiwels hierdie magsgreep op mense sou verkry, is deels bloot die gewone oortredings van die eerste vier gebooie van die wet: om waarsêers te besoek, om jou toekoms in die sterre te lees, om toordokters en fortuinvertellers te besoek en om toormiddels te gebruik om jouself te beskerm. Maar hulle gaan verder en maak van die alledaagse magiese kragte en voorwerpe: kunsbeeldjies en kunsvoorwerpe van ander kulture, die beoefening van karate en joga. Hulle sal ook glo dat sekere musiek, kuns, kleredrag, boeke en flieks oor hekse, drake en towenaars, sekere grimeer- en haarstyle middele is waardeur duiwels magiese kragte op gelowige Christene uitoefen.

Vir hulle is die bewys dat 'n Christen in die magiese magsgreep van duiwels is, dat Christene sonde doen, en veral aanhou om sekere sondes te doen. Dit is die verdraaidheid van hul geloof : die sondige geaardheid van Christene is vir hulle die bewys van "bindinge".

In hierdie sondeprediking preek hulle die ou wet: dat God as straf en oordeel toelaat dat die Bose 'n magsgreep op gelowige Christene se lewe kry, omdat hulle hierdie spesiale "onchristelike" sondes gedoen het. Hierdie prediking van God se straf en oordeel word hul mag om die krag van gelowiges se sondige geaardheid wakker te maak: om met God se krag te wil identifiseer.

Deur hul prediking van die ou wet en Satan se goddelike kragte en magiese magte, skep die moderne Christelikheid die pseudowêreld van Satanisme waarin die Christene as bose mense onder bose magte voor God staan.

Die verlossing wat die moderne Christelikheid van die Duiwel en sy "bindinge" preek, is identifikasie met God - goddeloosheid. Volgens hulle is die krag wat duiwelse bindinge breek, om God in jou lewe in te nooi sodat God se krag, wil, lewe en persoon binne-in jou die magsgreep van die Bose kan verbreek.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

God in! Duiwel uit!

Maar wat hulle met hul beswerings regtig wil breek, is die mens se “eie-ek”. Dit is wat hulle wil uitdryf as die “Bose”. Wat hulle in die mens wil hê, is goddelikheid. Die verlossing wat die moderne Christelikheid preek, is die mag van die sondige geaardheid van die mens: identifikasie met God. Die weg tot verlossing wat hulle preek, is die krag van sonde: die ou wet. Die sondemag wat hulle preek, is die gawe van menswees van God: om as mens jou “eie-ek” te hê en te wees.

Geestelikes wat hierdie identifikasie met God bewerk, sien hulself in die magsposisie om met goddelike spreuke die “boosheid” dat mense nie God in hulle wil hê nie, te bestraf en om met goddelike spreuke te verklaar dat God in mense ingegaan het as mense hul menswees teenoor God opgegee het.

Die moderne Christelikheid gebruik hierdie pseudo-boosheid om die mens se menslikheid om homself te wees, sy “eie-ek” te wees, sy eie-lewe te leef, sy eie-lewe te beheer as boosheid aan die een kant te vervloek, sodat hulle aan die ander kant die mens se sondige geaardheid om met God in homself te identifiseer, kan seën as die eintlike geestelike lewe met God. Dit is die werklike woede waarmee hulle die mens se verbeelding, erotiese fantasie, kunssinnigheid en kreatiwiteit aanval in hul boosheidsverklarings oor musiek, klere, boeke, sport en vermaak: dat die mens mens is met sy eie menslike identiteit en nie ’n goddelike identiteit het nie.

**12.Afgodsdiens as godsdienstige goddeloosheid: Christene se duiwelsbindinge in die magiese wêreld en hul boosheid in ’n duiwel- en godlose wêreld**

Die geloof in goddelike duiwels en die geloof in ’n engellose skepping is een en dieselfde goddeloosheid. Dit is die twee teenoorstaande pole in die bipolêre spanning van goddeloosheid. Goddelike engele bevestig die goddelikheid van die gees van die mens aan die een kant en die god- en engelloosheid van die skepping bevestig aan die ander kant die krag van die redelikheid van die mens.

In beide hierdie pole gaan dit om die selfgenoegsame mens: selfgenoegsaam teenoor God in sy gees en selfgenoegsaam teenoor God in sy rede. Paulus wys hierdie bipolêre goddeloosheid aan die Korintiërs uit: die Jode soek krag en die Grieke soek wysheid! Dit is hierdie bipolêre spanning van goddeloosheid wat die Fariseërs as duiwelbesweerders en die Sadduseërs as ontkenners van die bestaan van die Duiwel en engele in een magsblok saamgesnoer het. Hierdie pseudomagte en geloof wat in hierdie magsblok saamgesnoer word is werklike magte, al is dit pseudomagte.

Die duiwelbesete wêreld van die geestelike goddelikes, is ’n pseudowêreld waar Christene in die werklike mag van die Duiwel vasgevang word: die ou wet. Deur hierdie pseudomagte word Christene werklik in die wêreld as duiwelsgebondenes aangekla. Goddeloses wil Christene werklik deur hierdie pseudomagte lei om hul sondige natuur as hul goddelike

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

natuur te ontdek. Hulle wil hê dat Christene die magstryd met God oor klein en groot as hul "geestelike asemhaling" sal ervaar wat van hulle liefdevoller en geesteliker Christene sal maak. Waar Christene nie voor hierdie afgodsdiens buig nie, word hulle werklik deur goddeloses aangekla as ongelowiges: mense wat nie in die mag van die Duiwel glo nie; mense wat nie vry van duiwels wil leef nie; mense wat vasgevang is in die mag van duiwels; mense wat vol boosheid is.

Die duiwelvrye wetenskaplike wêreld van die slimgoddelikes is ook 'n pseudowêreld waarin Christene vasgevang word in die werklike mag van die Bose, die ou wet van God! Deur hul redelikheid glo goddeloses in die krag van hul eie verstandelike sedelikheid. Die krag vir hul redelike sedelikheid is dít wat die Bybel die ou wet van God noem. In hul ontkenning van die Duiwel, ontken hulle ook die verleiding van hul sondige natuur en glo hulle hul sondige natuur is hul menslike reg. In die krag van hul sondige natuur as hul menslike reg en die krag van hul redelike sedelikheid skep hulle ook 'n pseudo-boosheid as oorsaak van al die menslike ellende: die gelowige Christen!

Volgens hulle is Christene se geloof in en toewyding aan God die rede vir al die ongelukkigheid en ellende in die wêreld. Volgens hulle onderdruk Christene se geloof in en toewyding aan God mense se reg om hul sondige natuur as hul egte, innige, liefdevolle menslike geaardheid uit te leef. Daarom is Christene en hul God vir die wetenskaplike wêreld die boosheid waarvan die wêreld bevry moet word, sodat mense in die gelukkige slimheid van hul eie redelike sedelikheid kan leef.

Die duiwelsvrye wetenskaplike wêreld, is die redelike sedelike gemeenskap waardeur die Satan Christene se aanklaer in die wêreld is: hulle sou die ware, egte sedelikheid van die mens met hul verwronge geloof in en gehoorsaamheid aan God onderdruk!

Tussen Nero, wat op sy lier speel terwyl die Christene vir die ellendes van die stad Rome gebrand word en 'n geestelike herlewingsprediker, wat die Bose uitdryf om so te wys Christene glo nie regtig in God nie, gelowige Christene is eintlik almal boos en met die Duiwel se magte gebind, is daar nie 'n godsdienstige verskil nie: by beide staan Christene aangekla as onegte, liefdelose mense wat eintlik met boosheid vervul is! In beide gevalle wil goddeloses krag put uit hul sonde-geaardheid: by die een om hul sondige natuur as God se krag in 'n duiwelbesete wêreld uit te leef, by die ander om hul sondige natuur as hul menslike reg in 'n godvrye wêreld uit te leef. Beide vind dit in die sedelikheid van die ou wet van God. Die werklike mag van die Bose!

In hierdie pseudokragte en pseudogelowigheid is die Satan vir gelowiges werklik'n brullende leeu op aarde:

> 8Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind. 9Bly standvastig in die geloof en staan hom teë. En moenie vergeet nie: dwarsdeur die wêreld moet julle medegelowiges dieselfde soort lyding verduur. (1 Petrus 5:8,9)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

In hierdie pseudokragte en pseudogelowigheid voer Christene werklik op aarde ’n stryd teen die Duiwel en sy magte: goddeloses wat die mens se sondige natuur as hul goddelike krag of menslike reg wil uitleef!

Hierdie bipolêre geestelikheid van die moderne Christelikheid, waar die geloof in Duiweluitdrywing  deur magiese formules en die geloof dat daar nie iets soos engele, en daarom ook nie ’n Satan en duiwels, dit is sondige engele, is nie, wys helder en onbetwisbaar in die besluit van die Algemene Sinode van die NG Kerk hieroor in 2011.

Hierdie sinode het vir die eerste keer die uitdryf van duiwels op die wyse van die sogenaamde “bevrydingsbediening” as ’n geloofspraktyk binne in die NG Kerk aanvaar. Daarmee het die Algemene Sinode in effek duiweluitdrywing deur die magiese formule: “Satan gaan uit!” as ’n geestelike bediening in die NG Kerk goedgekeur.

In een en dieselfde besluit word in presies dieselfde  sin wat duiweluitdrywing as geestelike bediening erken, terselfdertyd besluit dat geestelikes wat anders oor duiwels glo, ook reg is. Dit was die intellektuele en verligte geestelikes wat nie in die bestaan van engele glo, se druk in die vergadering wat tot hierdie kompromie in die besluit gelei het.

Effektief sit die NG Kerk nou met ’n beleid oor Satan en duiwels wat so klink: Geestelikes mag nou in die NG Kerk duiwels uit lidmate dryf, duiwels wat eintlik nie bestaan nie.

Vir enige buitestander sal dit na ’n onsinnige en teenstrydige besluit klink. Maar hierdie besluit weerspieël die bipolêre geestelikheid van die moderne Christelikheid in die NG Kerk. Die geestelike eenheid van hierdie opsigtelik teenstrydige besluit, is die geestelikes se geloof dat dit wat die Skrif as die sondige natuur van die mens openbaar, die ware geestelike natuur van die mens is: God-ín-ons.

Hierdie geloof dat die mens se sondige natuur sy ware geestelike aard is, het ook in die Algemene Sinode van die NG Kerk se besluit oor saambly neerslag gevind. In hierdie nuwe moderne Christelike siening van saambly voldoen saambly van Christene nou aan die meeste eise van die Christelike huwelik. Dit is nog net die “kerklike aspekte” wat by hierdie mooi Christelike liefde in saambly moet “bykom” volgens die moderne Christelikheid.

Hiermee het die Algemene Sinode van die NG Kerk die mens se sondige natuur, waar hy nie glo dat God ’n man en vrou wat hulle liefde, liggame, toekoms, woning en geld saam deel tot ’n eenheid verenig nie, verchristelik. Al wat die kerk nog met hierdie verchristelikte sonde kan doen, is om dit met seremonies te vergeestelik.

Die moderne Christelikheid is afgodsdiens, godsdienstige goddeloosheid. Daarom kan hulle in een en dieselfde saak en besluit godsdienstig én goddeloos wees. In die moderne Christelikheid word kerklike vergaderinge die “Sanhedrin” waarin godsdienstige geestelikes

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

en goddelose geestelikes saam in een saak en saam in een besluit kan werk, want albei pole van hierdie bipolêre geestelikheid maak die mens se sondige natuur sy ware geestelik natuur.

Hierdie tipe geestelikheid en hierdie tipe geestelike gemeenskappe wat hulself as Christelike kerk benoem, is die werklike effektiewe mag van Satan: die geestelikheid van die ou Wet van God wat as God se nuwe wet glo word.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

# HOOFSTUK 9 BEELD VAN GOD: DIE BEDOELING VAN DIE WET EN DIE EVANGELIE

Die uitdrukking, " beeld van God", het twee betekenisse. Die een betekenis is dat die mens kan wees soos God Hom gemaak het, en die ander betekenis is dat die mens van homself 'n afgod kan maak. Die betekenis van "beeld van God" dat ons aan God behoort, is die bedoeling van die wet en die evangelie. In afgodsdiens word die bedoeling van die wet en evangelie omgedraai: God moet aan mense behoort. Hierdie verdraaide bedoeling in afgodsdiens word aan die Christelike kerk voorgehou as 'n nuwe soort bekering. Hierdie nuwe soort bekering maak die mens se aanbidding en gehoorsaamheid magsdade waardeur die mens God bekeer. Die wyse waarop mense God bekeer, is om God uit sy goddelikheid uit te keer en binne-in die mens se menslikheid in te keer. Volgens die Bybel is hierdie bekering die ou inkeer van goddeloses in hul eie verharde harte in.

**1.Die uitdrukking, "beeld van God", wys wat God se bedoeling vir die mens is**

Die Woord van God beskryf die mens as "beeld van God". Hierdie besondere uitdrukking in die Bybel wys hoe God bedoel het dat mense "mens" moet wees. Die uitdrukking, "beeld van God", gaan oor God se bedoeling met die mens. God se bedoeling met mense is dat hulle aan God behoort en moet toebehoort. Om beeld van God te wees is die bedoeling van die wet én die evangelie. Die evangelie is die krag waardeur die Here ons Syne maak sodat ons aan Hom behoort. Die wet wys hoe mense aan God toebehoort.

Daar is 'n verskil tussen die reëls van die Here se wet en die Here se bedoeling met sy wet. Die reëls van die wet skryf verskillende maniere voor waarop ons moet en nie moet leef nie. Maar elke reël het een en dieselfde bedoeling – om aan die Here te behoort. Net so is daar 'n verskil tussen die dade wat die Here vir ons in die evangelie doen en die bedoeling van dié dade. Die dade wat Hy doen, is dat Hy gebore word, ly, sterwe en uit die dood opstaan. Elke daad van Christus het een en dieselfde bedoeling as die wet, dat ons daardeur aan Hom behoort.

Die verskil tussen die reëls en die bedoeling van die reëls kan geïllustreer word deur die voorbeeld van 'n ma wat vir haar kinders sê om nie buite in die reën te gaan speel nie. Die reël wat sy maak is: "Julle moenie in die reën speel nie." Haar bedoeling met hierdie reël is dat die kinders gesond moet bly en nie siek moet word nie. Daarom is dit belangrik dat die kinders haar bedoeling sal hoor. Anders gee hulle aan haar reël hul eie bedoeling: "Ma wil ons inperk en gun ons nie die geluk om lekker te speel nie". Die bedoeling wat hulle aan haar reël gee, is verkeerd. Hulle verdraai haar goeie bedoeling asof sy sleg daarmee bedoel.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Daarom is dit belangrik om te weet wat God se bedoeling met ons in sy wet en evangelie is. Anders kan ons nie onderskei tussen God se bedoeling en die verkeerde bedoeling wat ons aan sy wet en evangelie gee nie.

**2.Een uitdrukking wat twee teenstrydige bedoelings aandui**

Die eerste keer waar ons die uitdrukking, "na die beeld van God" in die Bybel kry, is in Genesis 1:

> "26 Toe het God gesê: "Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip." 27 God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep."

Hoekom word God se bedoeling met mense in die Bybel só aangedui, naamlik dat hulle "beeld van God" is? Hierdie uitdrukking, "beeld van God", word nie sonder rede gebruik nie. Dit word vir 'n baie spesifieke rede gebruik. Hierdie uitdrukking kan op twee uiteenlopende wyses verstaan word. Die uitdrukking is op sigself dubbelsinnig. Die dubbelsinnigheid is die krag van hierdie uitdrukking. Die dubbele betekenis wil juis elke keer God se bedoeling met mense in kontras stel met die bedoeling wat mense met God het.

Die uitdrukking, "beeld van God", kan só werk: 'n Mens kan 'n beeldjie van 'n meerkat, wat soos Timoun uit die fliek, *Lion King*, lyk, in jou hand hou en die volgende stelling oor die beeldjie in jou hand maak: "Hierdie is my beeld!"

Die eerste reaksie op só 'n stelling is gewoonlik: "Dis nie so nie." Al het die persoon wat so sê dalk ook so 'n spitsneus soos 'n meerkat, of al het die persoon wat so sê ook sulke weglê-ore soos 'n meerkat, of al het die persoon ook sulke leep-ogies soos 'n meerkat. Dit is nie 'n beeld van 'n mens nie. Die beeldjie is dié van 'n meerkat. Die beeld van 'n meerkat is iets anders as 'n beeld van 'n mens.

Maar die Bybel sê ons is God se beeld! Is ons dan regtig God se beeld? Wat beteken dit dat die mens God se beeld is? Die gewone inskiklike antwoord is dan: "Ja, die Bybel sê só en as die Bybel só sê, dan moet ons dit só aanvaar." Hierdie inskiklike aanvaarding beteken dan gewoonlik dat ons God se beeld is omdat God in ons uitgebeeld word. Mense stel dit dan dat God in mense se lewe sigbaar is. Mense moet só leef dat ander mense God in hul lewe kan raaksien. Dit beteken ons moet iets op só 'n spesifieke manier doen dat ons op een of ander manier soos God lyk of God soos ons lyk.

Mense het die uitdrukking, "beeld van God", dan ook al op hierdie manier probeer uitlê: Ons is geestelik net soos wat God geestelik is; Ons is redelik net soos wat God redelik is; Ons kan ken net soos wat God kan ken; Ons kan oor die skepping regeer net soos wat God oor die skepping regeer; Ons kan heilig wees net soos wat God heilig is. Op een of ander manier soek hulle na 'n ooreenkoms tussen God en mens. Hierdie ooreenkoms tussen God en mens is vir

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

hierdie mense dan die rede hoekom die mens God se beeld is: God word in ons uitgebeeld. Volgens hulle maak hierdie ooreenkoms dat God self in mense se lewe sigbaar is.

Maar dit is nie wat die Bybel bedoel nie! Wat doen ons as iemand vir ons sê hy lyk net soos ’n meerkat! Glo ons hom? Ons dink hy is verspot as hy glo hy lyk soos ’n meerkat. Hy moet laf wees om te dink dat ’n beeld van ’n meerkat eintlik ’n uitbeelding van hom is. Ons sal lag vir iemand wat dink ’n uitbeelding van ’n meerkat is ’n uitbeelding van homself. Hy kan dalk gló hy lyk soos ’n meerkat, maar dit is nie waar nie. ’n Beeld van ’n meerkat lyk nie soos die beeld van ’n mens nie! Maak nie saak of iemand glo hy lyk soos ’n meerkat nie. Dit is gewoon nie so nie!

Dit gaan egter oor wat hy bedoel as hy sê dat die beeld van die meerkat sý beeld is. Dit kan twee uiteenlopende dinge beteken. Dit kan beteken dat hy dink die uitbeelding van die meerkat is ’n uitbeelding van homself. Dan is hy verspot en lag ons vir hom. Maar hy kan bedoel dat die uitbeelding van die meerkat – sy eiendom is. Dit kan sy eiendom wees omdat hy die beeld gemaak het. Dan beteken dit nie dat hy soos die meerkat lyk nie. “Sy beeld” beteken hy het die uitbeelding van die meerkat gemaak. Daarom is dit sy eiendom.
Hy kan dit ook anders bedoel. Dit kan ook sy eiendom wees omdat hy dit gekoop het. As dit is wat hy bedoel, dan dink ons sy beeld is oulik! Die uitbeelding van ’n meerkat wat aan hom behoort, is oulik!

Wat bedoel die Woord van die Here as dit sê die mens is “God se beeld”?

Hierdie beeld het ’n dubbelsinnige betekenis en dit is juis daarom dat hierdie vreemde uitdrukking in die Bybel gebruik word. Dit het ’n dubbelsinnige betekenis. Dit kan twee teenstrydige dinge beteken. Dit hang net af van wat bedoel word. Die Hebreeuse term “beeld” wat in die uitdrukking “beeld van God” gebruik word, kan ook “afgodsbeeld” beteken. Dit is die dubbelsinnigheid: die mens kan óf God se beeld, sy eiendom wees, óf die mens kan van God ’n uitbeelding maak sodat God die mens se eiendom kan wees.

Dit is die twee betekenisse wat hierdie uitdrukking kan hê: Dit kan óf beteken dat die mens ’n uitbeelding van God is, dit is, die mens lyk soos God en die mens moet God se goddelikheid uitbeeld. Dan is hierdie uitbeelding van God die mens se eiendom, óf dit kan beteken dat God die mens maak om soos ’n mens te lyk en te wees. Dan lyk die mens soos God mense gemaak het om mens te wees en dan behoort die mens aan God.

Wanneer die uitdrukking, “beeld van God”, beteken die mens behoort aan God, dui hierdie uitdrukking die bedoeling van godsdiens aan. God het die mens geskep. Die mens moet die volle menslikheid waarmee God hom geskep het, uitbeeld. Wanneer die uitdrukking, “beeld van God”, beteken dat die mens soos God lyk, dan neem hierdie uitdrukking die bedoeling van afgodsdiens aan. Dan beteken dit die mens moet deur sy menswees ’n uitbeelding van die goddelikheid van God maak.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit is net soos met die beeldjie van die meerkat. As ’n persoon sê die meerkat is ’n uitbeelding van homself, dit is hoe hy lyk, dan is hy simpel! As hy die beeldjie maak as ’n uitbeelding van ’n meerkat, dit is sy ontwerp, dan is hy kunstig en kreatief.

Wanneer hierdie uitdrukking beteken dat God ons maak om soos mense te lyk, ons is sy skepping, dan is die bedoeling goed. Dan sien ons die kunstigheid en kreatiwiteit van God met sy beeld wat hy gemaak het - mense in hul volle menslikheid. Wanneer hierdie uitdrukking beteken mense is ’n uitbeelding van hoe God lyk – dan sien ons die simpel bedoeling van afgodsdiens. Die bedoeling van afgodsdiens maak God én die mense wat Hom in sy goddelikheid wil uitbeeld, verspot.

**3.In die Bybel word ons "God se beeld" genoem omdat ons aan Hom behoort**
Watter betekenis het hierdie uitdrukking in Genesis 1? Dit is maklik. Kyk net weer na vers 27: "as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep."

God is nie ’n man en ’n vrou nie. Die mens is man en vrou. Die mens, soos God hom gemaak het, kan nooit nét man of nét vrou wees nie. Die mens is man én vrou.

Hierdie uitdrukking beteken dat God die mens gemaak het om soos mense te lyk, man en vrou. En omdat Hy hulle gemaak het, behoort mense aan God. Mense is God se eiendom. Hulle is bedoel om mens te wees soos God mense gemaak het. Dit beteken nie dat die mens ’n uitbeelding van God is nie; dat die mens in en deur sy menslikheid ’n uitbeelding van God moet maak om iets van sy goddelikheid in homself te moet vertoon nie. Mense is nie bedoel om God te verbeeld nie. Hulle moet hul menslikheid "verbeeld". In die uitbeelding van hul menslikheid word God se wysheid en kreatiwiteit as Skepper gesien.

Ons kan dit met ’n skilder en sy skildery vergelyk. Wanneer ’n skilder ’n skildery van ’n landskap of ’n persoon maak, dan beeld hy die landskap en die persoon uit. Dit is tog verspot om te wil beweer dat jy die skilder se gelaatstrekke in sy uitbeelding van ’n landskap of persoon kan raaksien. Die beeld van die landskap verbeeld die landskap. Hoe beter die beeld sy voorwerp verbeeld, hoe kreatiewer en kunstiger is die skilder.

"Beeld van God" beteken dat God mense maak en God mense laat lyk soos Hy mense wil laat lyk: hulle is man en vrou. Só lyk die mens. Soos ’n mens! Die mens is bedoel om soos ’n mens te lyk: man en vrou! Die mens is nie bedoel om op een of ander manier soos God te lyk nie, maar om aan God te behoort. Dit is tog wat in die hele skeppingsverhaal van vers een af verduidelik word: God is die Skepper. Hy maak die mens wanneer, waar, hoe, soos en waarvoor Hy die mens wil hê.

**4."Beeld van God" kan die inhoud van, óf die bedoeling van afgodsdiens óf van godsdiens wees**
Hoekom word hierdie vreemde uitdrukking in die Bybel gebruik om God se bedoeling met die mens te wys? In die tyd wat hierdie openbaring van God as ’n preek geskryf is, het dit net

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

mooi andersom gewerk. Mense het uitbeeldings van enige iets gemaak waaraan hulle kon dink. Dan het hulle die uitbeeldings wat hulle gemaak het, hul gode laat wees. Hulle het gemaak asof hulle God maak en God aan hulle behoort.

Alles wat die Here in Genesis 1 gemaak het en wat aan Hom behoort, was vir mense gode gewees. Hulle het van die hemel en aarde, lig en donker, voëls, visse, diere en mense uitbeeldings gemaak wat dan hul selfgemaakte gode was. Die Woord van God wys God se bedoeling met mense is presies die teenoorgestelde as wat mense se bedoeling vir hulself en vir God is.

Die profete gebruik hierdie dubbelsinnige uitdrukking om te wys godsdiens werk op presies die teenoorgestelde manier as wat mense dit bedoel. Mense se bedoeling is om God te maak soos wat hulle Hom wil laat lyk: God behoort aan hulle. God is volgens mense ’n uitvinding en skepping van die mens. Die profete sê dit werk andersom: God is die Skepper! Hy maak mense soos Hy hulle wil hê: hulle behoort aan God. Die mens is die uitvinding en maaksel van God! Dit werk nie andersom nie.

Die uitdrukking, “beeld van God”, wys op hierdie twee bedoelings wat presies die teenoorgestelde betekenis het: “Mense lyk soos God: Hy is hul uitbeelding en Hy behoort aan hulle”; of “Mense behoort aan God: mense is God se eiendom”!

As “beeld van God” beteken mense is ’n uitbeelding van hoe God lyk, dan is dit afgodsdiens. As die uitdrukking, “beeld van God”, beteken mense behoort aan God, dan is dit God se bedoeling met mense. Dít is die ware bedoeling van godsdiens.

Dit is hoe fyn die verskil tussen godsdiens en afgodsdiens is. Dit gaan net oor wat die bedoeling is - nie net oor wat die woord of sin is nie. Dit gaan oor wat die bedoeling is – nie net oor wat die reël of aksie is nie. Hierdie uitdrukking word gebruik omdat dit juis só dubbelsinnig is en verstaan kan word. Dit wil wys op die dubbelsinnigheid wat reëls en aksies kan hê wat dieselfde kan lyk, maar presies die teenoorgestelde bedoeling het.

**Die mens is God se beeld omdat die mens is soos wat God die mens bedoel het. God is nie God soos die mens bedoel het God moet wees nie.**

Die profeet Jesaja wys in Jesaja 44 op hierdie twee verskillende bedoelings van die uitdrukking, “beeld van God”. Verse 1 - 8 en 21 - 28 beskryf die bedoeling van godsdiens - “ons is God se beeld”. Dit vorm die raamwerk vir die middelste verse wat wys hoe die bedoeling van afgodsdiens werk - “God is ons beeld”.

Die inleiding en afsluiting beskryf hoe ons God se beeld is:

> Maar luister nou, my dienaar Jakob, Israel wat Ek uitverkies het: 2 So sê die Here wat jou gemaak het, Hy wat jou gevorm het in die moederskoot en jou nou nog help: Moenie bang wees nie, my dienaar Jakob, Jesurun wat Ek uitverkies het. 3 Ek sal volop water gee op die dorsland, strome op die droë

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

grond. Ek sal my Gees uitgiet op jou kinders, my seën op jou nakomelinge. [4] Hulle sal uitspruit soos
gras in die veld, soos wilgerbome langs waterlope. [5] Die een sal sê: "Ek behoort aan die Here," en
homself 'n nakomeling van Jakob noem; die ander sal op sy hand skryf: Die Here S'n en homself 'n lid
van die volk Israel noem. [6] So sê die Here, die Koning van Israel, sy Verlosser, die Here die Almagtige:
Ek is die eerste en Ek is die laaste, buiten My is daar geen God nie. [7] Wie soos Ek is, laat hom dit sê,
laat hom sy saak stel en dit aan My voorlê; laat hom 'n verklaring gee van wat gebeur het vandat Ek
my volk lank gelede gemaak het en ook van wat sal gebeur; laat hy vertel van die dinge wat kom. [8]
Moenie skrik nie, moenie bang wees nie! Het Ek dit nie van lankal af aan julle verkondig, dit vir julle
gesê nie? Julle is my getuies: is daar 'n God buiten My? Daar is geen ander Rots nie; Ek weet van
geeneen nie.

[21] Dink hieraan, Jakob, dink hieraan, Israel, want jy is my dienaar; Ek het jou gemaak, jy is my dienaar.
Ek sal jou nie verlaat nie, Israel. [22] Ek het jou oortredinge, jou sondes, uitgewis, hulle het verdwyn soos
wolke, soos miswolke. Kom terug na My toe, want Ek het jou verlos. [23] Juig, hemel, oor wat die Here
gedoen het, jubel, dieptes van die aarde, wees bly en juig, berge en bosse, want die Here het vir Jakob,
vir Israel, verlos, die Here het sy mag laat blyk. [24] So sê die Here jou Verlosser wat jou in die
moederskoot gevorm het: Ek is die Here, Ek het alles geskep, Ek alleen het die hemel oopgespan, Ek
het die aarde gevorm; daar was niemand by nie. [25] Ek stel die toekomsvoorspellers aan die kaak, Ek
maak die waarsêers belaglik. Ek weerlê dié geleerde mense, Ek ontmasker hulle kennis as dwaasheid.
[26] Ek bevestig die woorde van my dienaar, Ek bring wat my boodskappers aangekondig het, tot
vervulling. Ek sê van Jerusalem: Hy moet weer bewoon word, en van die stede van Juda: Hulle moet
weer opgebou word, en Ek self bou Jerusalem se ruïnes weer op. [27] Ek sê vir die diep waters van Babel:
Droog op! Ek sal jou riviere laat opdroog. [28] Ek sê vir Kores: Ek het jou as herder aangestel, jy moet
my wil uitvoer, jy moet van Jerusalem sê: "Hy moet weer opgebou word en die tempel moet herstel
word.

God maak mense. Hy is die Skepper wat die DNS tydens konsepsie in die moederskoot vorm. Niemand anders kan homself voorhou as medeskepper van die mens nie. God alleen is die mens se Skepper. Hy alleen onderhou die mens. Ook die onderhouding van die skepping as woonplek vir mense is van begin tot einde net God se werk. Hy beheer en beskik alle kosmiese wette en kragte om die aarde, en waarskynlik ook die heelal, die mens se woonplek te maak.

Hy alleen kies sy kerk om sonder sonde aan Hom te hoort. Hy alleen verlos en vergeef. Hy alleen maak mense sy dienaars. Hy alleen maak dat hul diens en toewyding vir Hom goed en reg is. Hy alleen beskik oor die toekoms van sy kinders. In sy beskikking gebruik Hy magtige konings wat afgode aanbid om sy kinders te versorg en behoue te laat bly. Net God weet wat Hy vir en met sy kinders doen. Niemand anders weet dit nie. Niemand anders beskik daaroor nie.

Só is God God en die mens mens vir God. Dit is hoe God dit bedoel dat mense vir Hom mens sal wees. Die geloofsaanvaarding dat God só God is en ons só mens is vir God, kom in een kragtige belydenis tot uiting: "Ek behoort aan die Here", "Ek is die Here s'n". Hierdie verklaring is die belydenis dat ek God se beeld is. Hy maak my soos Hy my wil laat lyk. Hy maak my waarvoor Hy my wil gebruik

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**ONS IS GOD SE BEELD: ONS IS SYNE**

Hy skep die wêreld as my woonplek.
Hy maak my.
Hy maak my soos Hy my wil hê.
Hy kies my as sy kind.
Hy sorg vir my.
Hy maak my sy dienaar.
Hy verlos en vergewe my.
Hy beskik wat met my gebeur.
Hy bly by my.

Tussen die twee teksgedeeltes waarin beskryf word dat ons God se beeld is, bevat Jesaja 44:9-20 'n sarkastiese en spottende beskrywing van hoe mense dink dat God hul beeld is:

> "[9] Dié wat afgodsbeelde maak, is self almal niks; die dierbare gode van hulle kan nie help nie. Dié wat vir hulle moet getuig, kan nie sien nie, kan nie verstaan nie; dié wat sulke gode het, word teleurgestel. [10] Wie maak nou 'n god, giet 'n beeld wat nie kan help nie! [11] Almal wat so 'n god aanhang, word teleurgestel: dit is gode wat deur mense gemaak is. Wanneer dié wat hulle aanhang, bymekaarkom vir 'n beslissing, staan hulle verbyster en verleë. [12] Die ystersmid vat 'n stuk gereedskap en werskaf in die gloeiende kole. Met hamers vorm hy die beeld, met sy gespierde arm maak hy die beeld: die smid eet nie en word swak, hy drink nie water nie en raak uitgeput. [13] Die ambagsman wat hout gebruik, meet met sy maatlyn en merk die beeld se buitelyne af. Hy bewerk hom met beitels en trek sy mate met 'n passer af. Hy maak hom in die vorm van 'n mens, 'n pragtige mens wat in 'n huis moet woon. [14] Die ambagsman kap vir hom seders af, of hy kies sipresse of eike en laat hulle groot word in die bos, of hy plant 'n lourierboom, en die reën laat dit groot word. [15] Dit dien as vuurmaakhout vir die mens; iemand vat daarvan en maak hom warm, of hy maak 'n vuur om brood te bak, of hy maak 'n god en aanbid dit, hy maak 'n beeld en buig daarvoor. [16] 'n Deel van die hout verbrand hy: hy maak kos daarmee gaar, hy braai vleis en eet tot hy genoeg het; hy maak hom ook warm en sê: "Dis lekker! Ek is warm, ek geniet die vuur!" [17] Van die hout wat oorbly, maak hy 'n god, 'n beeld, hy buig voor hom en aanbid hom, hy bid tot hom en sê: "Red my, want jy is my god!" [18] Sulke mense weet nie wat hulle doen nie, hulle het nie insig nie, hulle oë is toegepleister, hulle sien nie, niks dring tot hulle verstand deur nie. [19] Hulle kom nie tot besinning nie, hulle het te min kennis en verstand om te sê: "'n Gedeelte van die hout het ek verbrand, ek het op die kole kos gaar gemaak, ek het vleis gebraai en geëet, en moet ek nou van wat oor is 'n afskuwelike afgod maak, moet ek voor 'n stuk hout buig?" [20] Iemand wat hom met as besig hou, laat hom mislei deur sy eie verdraaide opvattings. Hy kan homself nie red nie, hy vra homself nie af: "Is dit nie 'n leuen waarmee ek my besig hou nie?

Mense maak God hul beeld. Hulle draai God se bedoeling met mense om en maak dit mense se bedoeling met God. Wie is nou wie se Skepper? Nou is dit God wat deur mense gemaak word. Die mens is nou God se skepper! Wie is nou een en enig? Nou is daar nie meer net een Skepper wat baie mense maak nie. Nou maak baie mense baie gode. Dit maak dat God nou net so is soos wat mense Hom wil hê. Wie besluit nou hoe hy wie wil hê? Nou is dit nie meer God wat die mens maak soos Hy die mens wil hê nie. Dit is die mens wat vir God met sy eie maatstawwe en materiaal laat lyk net soos Hy God wil hê. Wie beskik nou oor wie? Nou is

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

dit die mens wat oor God beskik: waaruit Hy gemaak gaan wees, hoe Hy gaan lyk, wat met Hom gaan gebeur, waar Hy gaan staan en waarvoor Hy aanbid gaan word:
as dit vir reën is, dan maak die mens ’n reëngod;
as dit vir oorlog is, dan maak die mens ’n oorlogsgod;
as dit vir vrede is, dan maak die mens ’n vredesgod;
as dit vir liefde is, dan maak die mens ’n liefdesgod;
as dit vir losbandige seks en ’n gedrink is, dan maak die mens ’n seks-en drankgod!

Wie dien nou vir wie?
Nou is die nie meer die mens wat God dien nie. Dit is God wat so gemaak word dat Hy aan al die begeertes van ’n mens gedienstig is: wellus, wraaksug, haat, oorlog, losbandige seks, dronkenskap, gierigheid, liefde, vrede, hoop, voorspoed, geluk, noem maar op!

Wie gee nou vir wie ’n woonplek?
Nou is dit nie meer God wat vir die mens die skepping as woonplek maak en gee nie. Dit is die mens wat God binne sy huis laat bly. Hy maak en gee vir God God se blyplek.

Wie versorg nou vir wie?
Nou is dit die mens wat God in sy huis moet versorg en kyk dat Hy gereeld weer mooigemaak word. Dit is nie meer God wat die mens versorg nie.

Wie kies nou vir wie?
Nou is dit nie meer God wat die mens as sy kind kies nie. Dit is die mens wat kies watter soort God hy wil hê en hoe hierdie God moet wees: ’n God van yster of hout.

God word mense se beeld wanneer mense die bedoeling wat God met mense het. omdraai: wanneer mense God se bedoeling met mense, mense se bedoeling met God maak.

**Die verskil tussen godsdiens en afgodsdiens**

**GOD IS ONS BEELD**
Ons skep ons eie leefwêreld as God se woonplek.
Ons maak God.
Ons maak God soos ons God wil hê.
Ons kies ons God uit.
Ons versorg ons God.
Ons maak God ons dienaar.
Ons verlos en verskoon God.
Ons beskik wat met God gebeur.
Ons bly by ons God.

**ONS IS GOD SE BEELD.**
Hy skep die wêreld as my woonplek.
Hy maak my.
Hy maak my soos Hy my wil hê.
Hy kies my as sy kind.
Hy sorg vir my.
Hy maak my sy dienaar.
Hy verlos en vergewe my.
Hy beskik wat met my gebeur.
Hy bly by my.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**5. Die kernverskil tussen godsdiens en afgodsdiens**
Hier in Jes 44:20 lê die kern van die verskil tussen godsdiens en afgodsdiens. Afgodsdiens verdraai die bedóéling van godsdiens: "Iemand wat hom met as besig hou, laat hom mislei deur sy eie verdraaide opvattings." Terwyl al die reëls en aksies van godsdiens behou word, word die bedoeling van hierdie reëls en aksies omgedraai. Mense buig nog steeds voor en aanbid nog steeds vir God. Mense neem nog steeds hul toevlug tot God vir redding, raad en wysheid. Hulle keer hulself nog steeds in aanbidding na die Here. Hulle loof, besing en aanbid God nog steeds. Maar die hele bedoeling van wat hulle doen, is omgekeer.

Godsdiens gaan nie meer oor wat mense vir God doen nie, maar oor wat mense met God kan doen.

Godsdiens gaan nie meer oor mense se geloof in wie God is nie, maar oor mense se geloof oor wie hulle God kan laat wees.

Dit is hoe ons afgodsdiens van godsdiens kan onderskei: die omkeer in bedoeling, die verdraaiing van die betekenis van godsdiens.

Wanneer die bedoeling van godsdiens verdraai word na afgodsdiens, dan draai alles in die godsdiens om. Alles word presies net die teenoorgestelde van wat dit moet wees. Dit is die kenmerk wat godsdiens en afgodsdiens van mekaar onderskei. As 'n mens nie hierdie omkering in bedoeling kan raaksien en herken as presies die teenoorgestelde van wat godsdiens beteken nie, dan word godsdiens net nog 'n variasie van alle ander afgodsdienste.

**6. Die omkeer van die bedoeling van godsdiens vind binne-in die mens plaas**
Waar en hoe vind die verdraaiing van die bedoeling van godsdiens plaas? Gebeur dit as mense uitbeeldings van God met hout, klei, yster, koper en goud maak? Is afgodsdiens die maak van voorwerpe wat soos God lyk?

Die plek waar die verdraaiing van bedoeling gebeur, is in die hart, verstand en gees van die mens. Dit is nie in die uiterlike voorwerpe wat die bedoeling van God verdraai word nie. Die uiterlike beelde kan net sowel kunswerke wees.

Elke god wat 'n mens as voorwerp maak, is en kan niks meer as kunsvoorwerp wees nie. Al die gode van die antieke tye op al die kontinente van die aarde staan vandag as kunsvoorwerpe in museums. Dit word vandag as deel van kuns bestudeer. Binne-in 'n voorwerp wat mense met hul hande maak, word niks verdraai nie. Die voorwerpe het ook nie die krag om iets te wees wat God se bedoeling verdraai nie. Dit is in die mens se hart, verstand en gees wat die verdraaiing plaasvind.

**Die voorwerpe waarmee die mens aan hierdie verwronge bedoeling uiting gee, is die uiterlike bevestiging van wat die mens in sy gees met God gedoen het**

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

En wat is die wyse waarop die verdraaiing gebeur? Dit gebeur deurdat mense God se bedoeling met die mens omkeer. Dit gaan nie oor die omkeer van God nie. Die mens kan God nie omkeer nie. Dit gaan nie oor die omkeer van die werke van God nie. Die mens kan nie die natuur- en skeppingskragte omkeer nie. Dit gaan ook nie oor die omkering van God se regering deur sy wet nie. Die mens kan dit nie omkeer nie. Dit mens kan ook nie wat Christus gedoen het, omkeer nie.

Die mens kan egter binne-in sy hart, verstand en gees God se bedoeling met 'n mens omkeer. Dit is weer soos die voorbeeld van kinders, ouers en reën. Kinders kan nie ouers keer om hulle in die huis in te dwing as dit reën nie. Maar hulle kan in hul harte glo, sien en voel dat hul ouers hulle nie plesier gun nie en hulle mishandel, terwyl die ouers se bedoeling is dat die kinders gesond moet wees.

**Met hierdie omkering glo die mens dat hy homself teenoor God bemagtig : godsdiens word die manier waarop mense glo hulle beheer God.**

Die Woord beskryf hierdie innerlike gees van die mens só: "Die Here het gesê: hierdie volk is naby My met die mond, hulle eer My met wat hulle sê maar hulle hart is ver van My af, hulle dien My soos mense dit wil hê, nie soos Ek wil nie." (Jesaja 29:13)

**7.Die mens verdraai die beeld van God om homself teenoor God te bemagtig**

Dit is afgodsdiens se karakter en inhoud: Mense verdraai God se bedoeling in hul harte terwyl hulle nog alles doen wat God sê hulle moet doen. Hierdie omkering van God se bedoeling maak dat mense godsdiens sien en gebruik as 'n manier om beheer oor God te kry. Afgodsdiens gaan oor mag en beheer. Dit is hoe mense dit wil hê. Dit gaan nie meer oor liefde en diens nie, dit is, oor hoe God dit wou gehad het nie.

Mag is die mens se bedoeling met die omdraai van God se bedoeling. Dit is waaroor die sarkasme in Jesaja 44 gaan. Dit dryf die spot met mense wat glo dat hulle mag en beheer oor God kan kry. God, wat in sy almag alles maak en onderhou, niemand se raad of mening benodig nie, word nou gemaak deur mense wat moeg word en moet rus terwyl hulle die Skepper maak! Die mens bemagtig homself om nie meer aan God diensbaar te wees nie, maar om 'n houvas op en mag oor God te kry. Habakuk stel dit só: " ... Vir hierdie sondige nasie is sy eie mag sy god." (Habakuk 1:11 ) Maar al spot die profete hulle, is dit wat hulle met God regkry nog steeds wat hulle voel, dink en beleef.

Waarmee bemagtig mense in afgodsdiens hulle teenoor God om beheer oor God te kry? Die woord van die Here sê: "... hulle eer My met wat hulle sê." (Jes. 29:13) In afgodsdiens word alles waarmee mense God moes geëer het, magsmiddele om beheer oor God te kry! Dit wat mense sê wat lof, dank, eer, aanbidding, liefde en toewyding aan God is, word niks anders as magsmiddele nie. Wat maak hulle van hierdie dinge wat hulle vir God sê? Hulle maak van dit wat hulle vir God sê, magsmiddele deur die bedoeling van dit wat hulle sê, om te draai.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Gebed word ’n magsmiddel. Gebed word ’n manier waarop die mens vir God sê wat God moet doen. Lof aan God word ’n magsmiddel. Lof word ’n manier waarop mense God groot en heerlik maak, of klein en onbeduidend los as hulle Hom nie loof nie. Aanbidding word ’n magsmiddel. Dit word ’n middel waardeur mense God teenwoordig maak by die mens of afwesig maak as hulle Hom nie aanbid nie. Verering word ’n magsmiddel. Verering word ’n middel waardeur die mens God invloedryk maak deur eer aan God te gee, of ’n middel waardeur God onbeduidend gemaak word deur eer te weerhou. Geloof word ’n magsmiddel. Geloof word ’n middel waardeur die mens God laat wees wat God is en God laat doen wat God kan doen, of geloof wat weerhou word, keer wat God sou gedoen het of wou gewees het. Toewyding word ’n magsmiddel. Dit word die middel waardeur die mens aan God gee wat God nodig het, of van God weerhou wat Hy nodig het. Liefde word ’n magsmiddel. Dit word ’n middel waardeur mense God afhanklik maak aan die mens, of verwerp as Hy nie ’n afhanklike van hul liefde wil wees nie - deur die liefde wat God sou nodig hê van Hom te weerhou. Gehoorsaamheid word ’n magsmiddel. Dit word ’n middel waarmee mense besluit wat met God gaan gebeur of nie. Diens word ’n magsmiddel. Dit word ’n middel waardeur mense aan God beheer gee of sy beheer van Hom wegneem. Hoop word ’n magsmiddel. Dit word ’n middel waardeur mense vir God ’n toekoms in die wêreld gee, of God uitsluit uit die toekoms deur nie te hoop nie. Dank aan God word ’n magsmiddel. Dit word ’n middel om God goed te stem of sleg te stem deur dank te weerhou.

So lyk die verharde hart van die mens in afgodsdiens. Die mens se verharding in sy hart, verstand, siel en gees is om die bedoeling met God in homself om te keer en dit as die werklikheid van wie en wat God is, te beleef. 2 Konings 17:12-16 (1933-vertaling) stel dit so:,

> En hulle het die drekgode gedien waarvan die HERE vir hulle gesê het: Julle mag dit nie doen nie.13 En die HERE het Israel en Juda gewaarsku deur die diens van elke profeet en elke siener en gesê: Bekeer julle van jul verkeerde weë en onderhou my gebooie, my insettinge, volgens die hele wet wat Ek julle vaders beveel het, en wat Ek deur die diens van my diensknegte, die profete, vir julle gestuur het. 14 Maar hulle het nie geluister nie en hul nek verhard soos die nek van hul vaders wat nie op die HERE hulle God vertrou het nie.15 En hulle het sy insettinge en sy verbond verwerp wat Hy met hulle vaders gesluit het, en sy getuienisse waarmee Hy hulle gewaarsku het, en agter nietige afgode aan geloop en self nietig geword, en agter die nasies aan wat rondom hulle was, van wie die HERE hulle beveel het om nie soos hulle te maak nie.16 En hulle het al die gebooie van die HERE hulle God verlaat en vir hulle gegote beelde, twee kalwers, gemaak, ja, ’n heilige boomstam gemaak en gebuig voor die hele leër van die hemel en Baäl gedien.

In 2 Kron. 36:11-14 lees ons:

> 11 Een-en-twintig jaar was Sedekía oud toe hy koning geword het, en elf jaar het hy in Jerusalem geregeer.12 En hy het gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE sy God; hy het hom nie verootmoedig nie voor Jeremía, die profeet, wat gespreek het uit die mond van die HERE.
> 13 En hy het ook gerebelleer teen koning Nebukadnésar wat hom by God laat sweer het; maar hy was hardnekkig en het sy hart verhard, sodat hy hom nie tot die HERE, die God van Israel, bekeer het nie.
> 14 Ook al die owerstes van die priesters en die volk het baie ontrou gehandel, volgens al die gruwels van die heidene, en die huis van die HERE wat Hy in Jerusalem geheilig het, verontreinig.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**In afgodsdiens glo mense hulle maak of breek God.**

Mag is die inhoud van geloof in afgodsdiens. Die mens glo dat jy jouself in en deur God kan bemagtig. Jy word 'n mens wat God met jou lof, eer, dank, aanbidding en gehoorsaamheid kan maak of breek. Dink maar aan die gode wat die Israeliete gemaak het: Baäl is die god van reën en vrugbaarheid solank as hy só aanbid en vereer word. Sonder hierdie aanbidding en verering is hy niks. Kemos gee oorwinning in oorlog solank as wat die mense wat hom aanbid, so sê en glo. As hulle ophou om so te sê en te glo, is hy niks. Astarte laat vee goed teel solank as wat mense hoop sy doen dit, as hulle ophou hoop, bestaan sy nie meer nie. Gad bepaal alles wat met jou gebeur solank as jy hom dank en tot hom bid. As jy ophou om dit te doen, laat hy niks meer gebeur nie.

**8. Die werking van afgodsdiens: God word vermenslik sodat mense vergoddelik kan word**

Hoekom wil die mens oor God mag en beheer kry? Wat wil die mens met God doen as hy mag oor God kry? Wat is die mens se doel om mag oor God te kry? Die doel is dat die mens een kan wees met die persoon, die wil, die krag en die lewe van God sodat hy deur God se persoon, sy eie persoon kan laat geld, deur God se wil sy eie wil kan laat geskied, deur God se krag sy eie aksies kan uitvoer en deur die volheid van God se lewe sy eie lewe kan vervul.

Die wyse waarop mense hierdie eenheid met God verkry, is deur God te vermenslik en hulself te vergoddelik. Die wyse waarop mense God vermenslik is om Hom te ontgoddelik. Dit doen hulle alles met God in hul hart, verstand en gees deur die middele waardeur God verheerlik moes word.

Dit gebeur in Eksodus 32. Tussen al die ander nasies wat afgode dien, kies God Israel as sy eiendom uit. God maak hulle sy eiendom. Hulle behoort aan God. Hy besluit dat Hy hulle na die land Kanaän gaan bring. Hy verbreek die mag wat die koning van Egipte het om hulle slawe te maak om sy piramides te bou, deur tien plae oor Egipte te bring. Hy laat hulle veilig deur die Rietsee trek, maar laat die weermag van Egipte wat hulle weer wil vang en verslaaf, verdrink. Hy versorg hulle in die woestyn met manna en kwartels. Hy is God en laat hulle sy volk wees.

Daar kon by hulle geen twyfel gewees het dat dit God is wat teenwoordig is en hierdie dinge met hulle in sy goedheid en liefde laat gebeur nie. Hulle het dit nie by iemand anders gehoor nie. Dit het voor hulle oë en met hulle sélf gebeur. Hulle is ooggetuies van alles wat God vir hulle gedoen het.

Die Here sê hulle moet wag terwyl Hy vir Moses sy wet gaan gee sodat hulle in sy liefde kan leef. Hulle het presies geweet wat Moses gaan doen het en wat God vir hulle gaan gee. Tog kom hulle na Aäron en maak die volgende geloofsverklaring: "Kom maak vir ons 'n god dat

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

hy ons kan lei. Hierdie man Moses het ons nou wel uit Egipte laat wegtrek, maar ons weet nie wat van hom geword het nie." (Eks 32:1) In hierdie geloofsverklaring vermenslik hulle God deur Hom te ontgoddelik en hulself te vergoddelik.

In een geloofsverklaring maak hulle asof alles wat God gedoen het, iets was wat Moses gedoen het. Hulle dra alles wat God doen oor op Moses. Hy ontvang die eer, dank, lof en verheerliking vir dit wat God laat gebeur het. Moses het hulle, volgens hul geloofsverklaring, uit Egipte laat wegtrek. Daarmee verklaar hulle dat dit sy wil was dat hulle moes trek. Daarmee verklaar hulle ook dat hy die krag en mag gehad het om die tien plae oor die Egiptenare te bring; dat hy die krag en mag gehad het om die Rietsee vir hulle droog te laat wees, maar dit vir die Egiptenare 'n meer gemaak het waarin hulle verdrink het; dat hy die krag en mag gehad het om die manna en kwartels vir hulle uit die hemel te gee. Hulle skryf alles wat God gedoen het aan Moses toe.

Hoekom bemagtig hulle Moses met hierdie krag en dade van God? Want solank as wat Moses dan nog by hulle was, was God dan by hulle teenwoordig. Moses se persoon het God se persoon by hulle teenwoordig gemaak. As Moses as persoon weg is, dan is God ook weg. Moses se lewe was God se lewe saam met hulle. As Moses nie meer saam met hulle lewe nie, dan leef God ook nie meer saam met hulle nie. Moses het geweet waarheen hy hulle wil neem As Moses weg is, dan het hulle geen rigting of koers meer nie.

Hulle bemagtig Moses as hul geestelike leier met goddelike eer sodat hulle God as God kan ontgoddelik. Wat God is en doen, word toegeskryf en oorgedra op Moses. Moses word só een met God en naby God gestel dat Moses alles wat God is, by mense verteenwoordig en God alles wat Hy doen, deur Moses vir hulle doen. So maak hulle God menslik: God gee sy mag en krag aan 'n mens sodat God deur hierdie mens by hulle teenwoordig is.

Dit is hoe die mens vergoddelik word en God vermensliking word: mense verhef mense om nader aan God as ander mense te wees en dan so een te wees met die persoon, wil, krag en lewe van God sodat hulle God se persoon, wil, krag en lewe by ander mense kan verteenwoordig en aan ander mense kan meedeel.

Hoekom het die Israeliete vir Moses vergoddelik?
Dit is om hulself van God los te kry. Hierdeur verklaar hulle hulself godloos. Dit is vrye godsdiens. Hulle wil nie erken dat God hulle uit Egipte verlos het nie, want dan is hulle gebind aan sy wet wat op hande was. As dit God is wat dit vir hulle gedoen het, moet hulle Hom erken en dien. Dan is Hy self by hulle teenwoordig. Hy self sorg vir hulle deur sy krag. Hy self lei hulle in sy wil en Hy self leef as God met hulle. Maar as God dit alles deur Moses gedoen het, dan is hulle nou godloos. Dan kan hulle voel en dink dat die krag en mag van God hulle nou verlaat het. Aäron weet presies wat hulle met hom en God doen. " ... dat dit die volk is wat op loop gesit het en dat dit Aäron is wat hulle op loop laat sit het ..."(Eks. 32:25) In plaas daarvan dat hy hierdie selfbemagtiging van die mense teengaan, regverdig hy dit as die eintlike bedoeling van godsdiens.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Wat is die tegniek waardeur die Israeliete hulself met God se krag bemagtig en God ontmagtig? Hulle maak vir hulself 'n beeld en hulle noem die beeld hul god. Wat doen hulle? Hulle verdraai die bedoeling van God! God het hulle gemaak en hulle uit Egipte verlos. Hulle keer dit om! As hulle God maak, dan het hulle hulself uit Egipte verlos. Deur God se bedoeling om te keer, bemagtig hulle hul leiers en hulself – hulle eien hulself die krag, mag, lewe en dade van God toe.

Wat maak Aäron? Hy maak van die dade waardeur die volk God moes eer en dien magsmiddele om God te beheer. Hy verklaar dat die eer, lof, dank en aanbidding wat die volk aan hul verdraaide beeld gee, 'n feesdag vir die Here is. Hulle maak met offers, lofliedere en aanbidding God tot niks en hulself en hul leiers tot goddelik.

Die bemagtigde leiers noem hierdie ontmagtiging van God God se feesdag!

Waaruit bestaan hierdie feesdag? Dit bestaan uit losbandige seks en plesier rondom die altaar. Met hul lofliedere, aanbidding en verering maak hulle God die God van hul begeertes. Met hul lofliedere, aanbidding en verering maak hulle hulself godloos en maak van Hom die vêr en afwesige God.

In afgodsdiens is godsdiens die wyse waarop God ontgoddelik word. Deur lof, eer, toewyding aan en aanbidding van God, word God van sy eer, sy mag, sy lof, sy diens, sy toewyding, sy liefde en verheerliking ontneem.

Godsdiens is in afgodsdiens die wyse waarop God vermenslik word. God word die afhanklike een wat uitgelewer en ondergeskik gestel word aan die mens se besluite en begeertes. Hy moet kyk en wag wat die mens met Hom gaan laat gebeur: hoe invloedryk, hoe magtig, hoe eervol, en tot hoe 'n mate Hy deel van die toekoms sal wees.

### 9.Die definisie van afgodsdiens: identifikasie met God

**In afgodsdiens identifiseer die mens homself in en met God: die mens leef homself so in God in dat hy homself deur God uitleef. God se persoon, krag, wil en lewe word die mens se persoon, krag, wil en lewe.**

Ons kan nou 'n definisie van afgodsdiens vasmaak. Afgodsdiens is om jouself só in God in te leef dat jy jouself uitleef in die persoon, die wil, die krag en die lewe van God self. Afgodsdiens is identifikasie met God. In afgodsdiens ervaar die mens homself een met die persoon, die krag en lewe van God omdat hy homself met God identifiseer.

Wat is die gevolge van hierdie identifikasie met God? Hierdie identifikasie met God maak dat die mens sy eie idees as God se idees ervaar. Hy glo elke idee wat hy kry, of enige iets wat hy uitdink, God se plan en wysheid is. In identifikasie met God ervaar mense dat hul eie

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

gevoelens die persoonlike teenwoordigheid en lewe van God is wat hulle beleef. In identifikasie ervaar mense dat hul eie begeertes God se behoeftes is wat hulle vir Hom moet vervul. In identifikasie met God beleef mense hul eie gees as die gees van God binne-in hulle. In identifikasie met God beleef mense hul eie optrede as die krag van God wat deur hulle werk.

Paulus beskryf die werking van hierdie identifikasie met God in Efesiërs 4:17-19 soos volg:

> In die Naam van die Here doen ek 'n ernstige beroep op julle: Moenie langer soos heidene leef nie. Hulle gedagtes lei tot niks, 18 hulle verstand is verduister, en hulle het geen deel aan die lewe wat God skenk nie, omdat hulle hardnekkig in hulle onkunde volhard. 19 Hulle het heeltemal afgestomp geraak en hulle met 'n onversadigbare drang aan losbandigheid oorgegee om al wat vuil is te doen.

Die God met wie mense identifiseer, is altyd die God wat mense vir hulself identifiseer. Dit is die God wat goddeloses graag wil hê! Hulle verbeel 'n menslike God vir hulself. Dit is die tipe God met wie die mens homself kan en wil identifiseer. In hierdie God kan die mens homself vind. Deur hierdie God kan mense hulleself met al hul begeertes uitleef as deel van die lewe en die krag van God.

Mense kan nie met God as God identifiseer nie. God is God. Die mens is mens. Daar is niks in God waarmee die mens homself as sy eie kan identifiseer nie. In alles wat God is, is Hy onvergelykbaar anders as mense.

Daarom is God in sy goddelikheid vir die goddeloses verwerplik. God gee vir hulle as mense aanstoot omdat net Hy in Homself die Skepper en Onderhouer van sy skepping is. God is vir hulle verwerplik omdat net Hy almagtig, alwys, goed, reg, alomteenwoordig en ewig is. Hulle voel dat as God só God is, Hy vreemd, onbereikbaar, liefdeloos, onregverdig, vêr en ongenaakbaar teenoor mense is. Goddeloses soek nie 'n God wat God is nie. Hulle soek 'n menslike God.

Wat is 'n menslike God? Dit is God wat ontmagtig is! Dit is die God teenoor wie mense hulself met godsdiens bemagtig het! Dit is 'n God wat Homself ontgoddelik en vermenslik sodat mense meer soos Hy kan wees en Hy meer soos mense kan wees. Dit is 'n God wat nie alleen in beheer van alles kan wees nie, maar mense beheer oor Homself gee. Dit is 'n God wat nie in alles en deur alles net sy wil laat geskied nie. Dit is 'n God wat sy wil moet inperk en verander volgens die wil van mense. Dit is 'n God wat mense naby aan Hom laat wees deur hulle soos Hy te laat wees.

Die mens verbéél Hom 'n God met wie en deur wie hy homself as een met en deel van kan identifiseer. Dit is die mens se beeld van God.

Hierdie vermenslikte en ontgoddelikte god is die god van afgodsdiens. Dit is die God waarin goddeloses glo. Daarom is identifikasie met God die wyse waarop afgodsdiens God die God

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

vir die goddeloses laat wees. Dit is die God met wie goddeloses hulself kan en wil identifiseer.

**10. Afgodsdiens maak God en mens niks**

**Die menslike God wat goddeloses vir hulleself self verbeel is niks nie.**

Wat noem die Bybel hierdie ontgoddelikte, vermenslikte god? Dit is gewoon net ’n afgod. Die Bybelse woord vir ’n afgod is ’n nietigheid. Dit is niks. Dit is nie ’n mens nie. Dit is ook nie God nie. Dit is nie ’n tussen-mens nie. Dit is nie ’n tussen-god nie. Daar is nie ’n God wat Homself vir mense vermenslik of ontgoddelik nie. ’n God wat Hom deur mense laat vermenslik of ontgoddelik, ’n menslike ontgoddelikte god is ’n skepping van die mens wat nie bestaan nie! Die god wat mense laat wees soos hulle god wil hê, is niks nie. Daar bestaan nie so ’n god nie.

Dit is die gode wat in die Bybel afgode genoem word. Afgode is nie maar net beeldjies van God nie. Afgode is ontgoddelikte, vermenslikte gode. Dit is nie iets wat in uitbeeldings van hout, klei, yster en goud bestaan nie. Dit is inbeeldings van God in die mens se hart, siel en verstand.

Kan die mens homself so bemagtig dat hy God niks kan laat wees en niks kan laat doen nie? Kyk weer na Jesaja 44! Gaan God anders God of minder God wees net omdat mense dink hulle is besig om met hul gebede, lof, dank en aanbidding God te maak soos hulle Hom wil hê? God bly God, al dink die mens God is nie God nie. Die mens kan homself nie in of teenoor God bemagtig om soos God te wees en God soos ’n mens te laat wees nie!

Nou wat doen mense dan as hulle glo hulle kan sy eer, lof, dank, aanbidding en liefde gebruik om Hom te ontgoddelik en te vermenslik? Wat gebeur as mense hulle teenoor God met godsdiens bemagtig? Want hulle verdraai die bedoeling van godsdiens werklik in hul afgodsdiens! Hulle bid regtig só. Hulle getuig regtig só. Hulle vereer God regtig só.

Wie is dit wat van wie niks maak nie? Is dit die mens wat van God niks maak as Hy die bedoeling van godsdiens omdraai? Die profeet Jeremia stel dit só: “Waarin het ek julle gefaal dat julle voorvaders van My af weggedraai het, dat hulle nikswerd afgode gedien het en so self niks geword het nie?” Maak die mens God niks as Hy God se bedoeling met die mens omdraai? Of maak die mens homself niks as Hy God se bedoeling met die mens omdraai? Die Woord van God is duidelik: mense wat God se bedoeling met die mens verdraai, *maak hulself niks*.

Mense word in hul menswees niks! Mense wat hulself in en deur God bemagtig, verontmenslik hulself. Hulle maak God nie meer menslik nie. Mense wat hulself teenoor God bemagtig, ontmagtig hulself in hul menswees vir God en vir hul medemens. ’n Mens wat

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

verontmenslik en ontmagtig is om mens te wees, is niks. Hy is nie ’n goddelike mens of ’n menslike God nie.

**Identifikasie met God verontmenslik en ontmagtig die mens om mens te wees volgens God se bedoeling**

Die Bybel beskryf hierdie verontmensliking en ontmagtiging van die mens onder meer in die volgende gedeelte van Psalm 115:

> Nie aan ons nie, Here, nie aan ons nie, maar aan u Naam kom die eer toe, want dit is U wat liefde en trou bewys. 2 Waarom sou die heidene kan sê: “Waar is hulle God nou?” 3 En dit terwyl ons God in die hemel is! Alles wat Hy wil, doen Hy. 4 Wat húlle het, is afgode, van silwer en goud, die werk van mensehande. 5 ’n Mond het hulle, maar praat kan hulle nie, oë het hulle, maar sien kan hulle nie; 6 ore het hulle, maar hoor kan hulle nie; ’n neus het hulle, maar ruik kan hulle nie. 7 Hulle hande, daarmee kan hulle nie voel nie, hulle voete, daarmee kan hulle nie loop nie. Daar kom geen geluid uit hulle keel nie. 8 Wie hulle maak en op hulle vertrou, sal net soos hulle word.

Mense word soos hul afgode. Afgode is gode soos mense bedoel dat God moet wees – hulle is niks. Mense wat God se bedoeling verdraai, is net soos hul eie verdraaide bedoelings: hulle is niks. Hulle het die doel en betekenis van hul menswees verloor. God het die mens menslik gemaak, met ’n mond, oë, ore, ’n neus, hande en voete sodat hulle vir mekaar voelbaar, hoorbaar, tasbaar, sigbaar, naby en diensbaar kan wees. Dit is ook hoe die mens vir God mens moet wees.

Mense wat in hulself bemagtig is om goddelik te wees met die kragte, magte en die lewe van God, verloor hul voelbare, tasbare, hoorbare, sigbare nabyheid en diensbaarheid as mense vir God en hul medemens. Hulle verloor hul bestemming en doel om mens te wees vir God en hul medemens.

Godsdiens gaan oor diens aan God: God maak ons wat ons is om Hom te dien. Afgodsdiens glo dat godsdiens gaan oor mag oor God. Dit is nie werklike mag oor God nie. Dít wat hulle glo en as mag in God ervaar, gaan werklik oor verontmensliking van die mens.

Die inhoud van godsdiens kan nooit verdraai word sonder dat die mens verontmenslik en ontmagtig word om menslik te wees nie.

> Iemand wat glo hy kan God sy persoonlike eiendom maak, glo ook dat hy mense sy persoonlike eiendom kan maak.
>
> Iemand wat glo dat hy sy eie begeertes deur God kan uitleef, glo ook dat hy sy eie begeertes deur mense kan uitleef.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Iemand wat glo dat hy God kan gebruik waarvoor hy wil, glo ook dat hy mense kan gebruik waarvoor hy wil.

Iemand wat glo dat hy God kan laat lyk soos wat Hy God wil laat lyk, kan mense ook laat lyk soos wat hy hulle wil laat lyk.

Iemand wat glo dat hy God kan plaas waar hy God wil hê, kan mense ook plaas net waar hy hulle wil hê.

Iemand wat homself een en eie met God kan ervaar, kan homself ook een en eie met die persoon, krag, lewe, besittings en gesag van ander mense ervaar.

Iemand wat beleef dat sy eie gedagtes God se wysheid is, sy eie gevoelens God se persoonlike teenwoordigheid is, sy eie gees die gees van God binne-in hom is en sy eie aksies God se krag in aksie is, sal dieselfde geweld wat hy gebruik om homself so teenoor God te bemagtig, ook gebruik sodat mense hom ook só moet beleef en erken.

’n Mens wat met God identifiseer, is ’n verwronge en misvormde mens. Hy het die betekenis en doel van sy menslikheid verloor. Hy is as mens vir mense en vir God verlore. Dit is ’n mens wat niks meer van sy eie of ander se menslikheid kan raaksien of daarvan deel kan wees nie. Dit is ’n mens wat, soos sy beeld van God, *niks* geword het, ’n betekenislose mens met ’n betekenislose lewe!

**11. Die vernietiging van die bedoeling van die wet**

Ons kan hierdie verlies in menslikheid toelig met die inhoud van die Tien Gebooie. Die Tien Gebooie gaan oor liefde en diens aan God en jou medemens. As jy die bedoeling van die mens se liefde vir God verdraai, dan het jy meteens die bedoeling van liefde van mense vir mense ook verdraai. Dit is tog onmoontlik dat ’n persoon God se bedoeling oor hoe jy Hom moet liefhê, kan verdraai sonder om ook God se bedoeling vir liefde tussen mense te verdraai.

**Die eerste gebod**:

“Jy mag naas My geen ander gode hê nie.”

Die bedoeling van die gebod is dat God ons geskep het om saam met Hom in sy skepping te wees. God is by ons teenwoordig. Ons leef in sy teenwoordigheid. In afgodsdiens maak mense asof dit hulle is wat God teenwoordig maak in hulle lewe terwyl hulle eintlik besig is om Hom afwesig te maak. Die Israeliete maak God by hulle teenwoordig met die beeld van ’n kalf sodat hulle eintlik vir God kan vermy.

**Die tweede gebod**

“Jy mag nie vir jou ’n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. [5] Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat, [6] maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam”

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hierdie gebod het twee dele met twee bedoelings. Die eerste godsdienstige bedoeling is dat God mense só geskep het dat hulle duidelik kan hoor wat God in sy Woord vir hulle sê. Deur God se Woord weet mense hoe om Hom te gehoorsaam. In afgodsdiens maak mense asof hulle God se stem self in hul eie gedagtes, eie gevoelens en eie ervarings kan hoor en verstaan, terwyl hulle eintlik besig is om God se Woord stil te maak. God het baie duidelik vir die Israeliete gesê wat hulle moet doen. Hulle moet wag vir sy wet. In hul eie gedagtes, gevoelens en ervarings het hulle God egter baie duideliker hoor sê dat hulle 'n beeld van God moet maak, om so te kan doen net wat hulle wil doen.

Die tweede godsdienstige bedoeling van hierdie gebod is dat ons op God aangewese is. God voorsien alles wat ons nodig het om Hom te dien. Hy beskik oor ons. Daarom is ons in alles van Hom afhanklik en op Hom aangewese. In afgodsdiens maak mense asof God op hulle aangewese is en asof hulle Hom moet versorg omdat Hy van hulle afhanklik is. Die Israeliete maak asof die beeld van die kalf besluit het dat hulle uit Egipte moet trek en dat hy hulle versorg het, terwyl dit eintlik hulle is wat besluit het hy sal hul beeld wees en hulle sal hom versorg.

**Die derde gebod**:

"Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie."

Die bedoeling van godsdiens is dat al is God heeltemal anders as mense, God 'n gemeenskap tussen Hom en mense skep waarin God en mense mekaar se liefde kan ontvang. Mense kan God se liefde ontvang. God kan mense se liefde ontvang. God is vir mense toeganklik om Hom as God aan te roep. In afgodsdiens voel mense dat die andersheid tussen God en mense hulle van God vervreem. Daarom voel God vir hulle meer bereikbaar wanneer hulle God meer menslik maak en hulself meer goddelik maak. Terwyl hulle dit doen, is hul bedoeling eintlik om die gemeenskap tussen God en mens te verbreek. Die Israeliete het gemaak asof God nie bereikbaar is en hulle Hom nie kan aanroep nie omdat Hy die onsigbare en alomteenwoordige God is. Deur van God 'n beeld te maak, het hulle gevoel dat hulle nou na God toe kan gaan, terwyl hulle eintlik die kalf gebruik het om die gemeenskap tussen God en hulle te verbreek.

**Die vierde gebod**:

"Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou. 9 Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, 10 maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie. 11 Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag geheilig."

Die bedoeling van godsdiens is dat God Homself openlik verheerlik as Skepper en Onderhouer van alles wat bestaan. Hy maak dat alle mense in sy diens staan en Hom moet vereer. Israel moet hiervan 'n teken wees. In afgodsdiens skep en onderhou mense 'n privaat god wat hulle privaat vereer, terwyl hulle die openbare lewe opneem as hul persoonlike besit en persoonlike ruimte, sonder enige openbare aanspreeklikheid teenoor God. Die Israeliete maak vir hulle hul eie beeld van God, wat hulle as hul eie nasionale god vereer, terwyl hulle

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

eintlik hulself op hierdie wyse verskoon van die diens wat Israel vir die hele wêreld aan God moes lewer, naamlik om draer van die beloftes van God se verlossing te wees.

Ons kan die bedoeling van die gebooie volgens die Woord van God op verskillende maniere verwoord. Die manier waarop ons dit nou hier gedoen het, is maar net een poging. Wat belangrik is, is dat hierdie bedoeling in afgodsdiens altyd, orals en elke keer weer op nuwe maniere verdraai sal word. Dit is wat Israel met die beeld van die kalf gedoen het.

Dit was egter net die begin. Toe Israel Kanaän binnegetrek het, het hulle wéér beelde gemaak en aanbid. In die nuwe land, waar hulle van nomades na landbouers moes verander, het hulle wéér besluit dat hulle nou die gode van vrugbaarheid moes aanbid en dat God die ou God van die woestynjare was. Eintlik was dit hul manier om sonder God nuut te begin. Elke keer wanneer hulle voor nuwe politieke veranderinge gestaan het, het hulle van gode verander. Elke keer was dit ’n nuwe begin met ’n nuwe godsdienstige herlewing wat God as die ou god agtergelaat het.

As jy die bedoeling van God met godsdiens verdraai, dan verdraai jy ook gelyktydig God se bedoeling met mede-menslike liefde. Volgens die profete verloor mense hul medemenslikheid vir mekaar, soos wat God dit bedoel het, as hulle die beeld van God verdraai. Ons verloor die vermoë om mekaar as mense te kan hoor en om mekaar as mense te kan raaksien. Ons verloor die vermoë om as mense vir mekaar naby te wees, mekaar te bereik en mekaar te kan ondersteun. Ons verloor die kuns om met mekaar as mense te kan saamwerk en saamleef soos wat God dit vir ons bedoel het.

Mense kan nie die beeld van God verdraai en die betekenis van medemenslikheid behou nie. Wie die beeld van God verdraai, verloor die sin van medemenslikheid.

Ons kan dit toets deur die effek van die verdraaiing van die bedoeling van diens aan God te vergelyk met die diens van mense teenoor mekaar.

**Die vyfde gebod**:
“Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee”
Die bedoeling van die gebod is dat God gesag aan mense gee as ’n middel waardeur Hy mense in sy diens bestuur. ’n Mens wat homself bemagtig het om God afwesig te maak, kan nooit gesag as verleende gesag ontvang nie, ’n gesag waarmee ’n mens altyd teenoor God aanspreeklik is nie. Dit word ’n magsmiddel. Vir ’n mens wat God afwesig maak, is sy eie gesag óf onbetwis, óf dit word net deur ander mense se mag begrens. Toe Israel God afwesig geglo het, het hulle Moses en Aäron goddelike mag gegee. Hulle kon met God maak soos hulle wil en hulle het God se krag en lewe verteenwoordig.

Die volk het Moses en Aäron van hul gesag ontdaan en met mag beklee om hul eie begeertes gedienstig te wees. ’n Mens wat van sy gesag ontdaan is en met mag beklee is, is ’n verontmenslikte mens. Sulke gesagsdraers skep ’n onmenslike samelewing.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**Die sesde gebod**:

"Jy mag nie moord pleeg nie."

Die bedoeling van die gebod is dat God alleen lewe gee en oor lewe beskik. Lewe is God se gawe aan die mens om 'n persoon in die eenheid van liggaam, siel en gees te wees.

'n Mens wat God sy eiendom gemaak het en glo hy moet God as 'n afhanklike versorg en onderhou, kan nie glo dat ons afhanklik is om lewe en die onderhouding van lewe as 'n gawe van te God ontvang nie. So 'n mens sal ook voel hy het besitreg op die lewe en hy, en nie net God nie, besit die persoon van mense. Die beeldediens wat Israel hier begin het, het uitgeloop op die kinderoffers aan die afgod Molek. Die mense het hul kinders as hul persoonlike eiendom gesien wat hulle kon doodmaak as 'n offer aan God, terwyl dit eintlik daaroor gaan dat hulle oor lewe en dood beskik.

Hierdie mag om mense te kan besit, en oor hulle in God se naam te kan beskik, verontmenslik die hele samelewing: dit maak mense onpersoonlike voorwerpe van mag of onmag deur die skeiding van liggaam, siel en gees.

**Die sewende gebod**:

"Jy mag nie egbreuk pleeg nie."

Die bedoeling van die gebod is dat God die mens as man en vrou verenig om een in liggaam en persoon te wees. Daarom is seksuele gemeenskap bedoel as die deurlewing en uitlewing van die eenheid van man en vrou.

'n Mens wat die gemeenskap tussen hom en God verbreek, kan ook nie die gemeenskap tussen God en ander mense aanvaar nie. Alle gemeenskap is vir hulle eintlik net gemeenskap tussen mense. Daarom kan hulle ook nie in 'n ander eenheid tussen mense glo as net dít waartoe mense ooreenkom nie. Hulle kan nie die eenheid tussen man en vrou as 'n unieke skepping van God erken nie. Daarom word die huwelik in afgodsdiens net een van die baie maniere waarop mense mag besluit om gemeenskap te hê. Seksuele verkeer word ook die deurlewing en uitlewing van enige gemeenskap waartoe die mens homself verbind. Seksuele gemeenskap tussen man en vrou word nou net as een van baie vorme van seksuele gemeenskap tussen mense aanvaar. Die gemeenskap word verontmenslik deur seks as 'n magsmiddel te gebruik wat enige vorm van gemeenskap eroties maak. Die Israeliete het met hul beeld die gemeenskap tussen hulle en God verbreek en losbandige seksuele verkeer met mekaar as deel van hul godsdienstige fees uitgelewe. Hulle het godsdiens 'n erotiese ervaring gemaak, terwyl hulle huwelike opbreek.

**Die agtste gebod:**

"Jy mag nie steel nie."

Die bedoeling van hierdie gebod is dat God ons versorg met besittings en ons toerus met gawes en geleenthede om Hom deur ons arbeid te dien. Hy laat ons arbeid 'n roeping teenoor Hom wees. Hy gee besittings as deel van sy versorging in sy diens.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

’n Mens wat God in sy eie belang privatiseer en die openbare lewe sien as sy persoonlike besit en ruimte, kan nie arbeid as roeping teenoor God aanvaar nie. So ’n mens kan ook nie besittings as deel van God se versorging erken nie. In afgodsdiens word arbeid en besit magsmiddele waardeur die magtiges hulle van hul diensbaarheid teenoor die swakkes bevry. Dit word magsmiddele om mense te onderwerp aan mense se eie belang. ’n Gemeenskap waarin mense se arbeid en besit magsmiddele tussen magtiges en swakkes is, is ’n verontmenslikte gemeenskap. ’n Diensbare gemeenskap teenoor God maak mense vry om hul gawes as roeping teenoor mekaar op te neem en mekaar se besittings as gawes van God te gun. Deur die beeld van die kalf het Israel hul roeping om Kanaän as diensbare volk te bewoon en te bewerk, verander na die mag om Kanaän te buit as ’n nuwe selfbemagtige volk wat hulleself uit die mag van Egipte bevry het en swakkes aan hulle sal onderwerp – Israel!

**Die negende gebod:**

“Jy mag nie vals getuienis teen ’n ander gee nie.”

Die bedoeling van die gebod is dat God aan ons ons plek en bestemming in sy raadsplan met sy skepping gee. Waarheid is om met jou lewe deel van God se bestemming te wees.’n Mens wat God se Woord kan stilmaak deur in sy eie gedagtes, gevoelens en ervarings die stem van God te hoor, kan van mense dink en oor hulle voel net soos en hoe hy wil. Sy eie opvattings en oortuigings sal vir hom die volle waarheid wees van wie en wat ander vir hom is. Hierdeur word mense verontmenslik omdat hulle nooit meer en anders is as dít wat mense van hulle dink, voel en ervaar nie. In so ’n gemeenskap kry mense die plek en bestemming wat hulle in hul eie of ander mense se idees, gevoelens en ervarings het. Dit is ’n leuen wat hulle leef, want God bepaal die bestemming en plek van mense in sy skepping. Deur die kalfbeeld het Israel die leuen geskep dat hulle hulself uit Egipte bevry het en dat die trek na Kanaän hul idee was. Daarmee was elke mens in ’n leuen vasgevang.

**Die tiende gebod**:

“Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie ’n slaaf of slavin, ’n bees of ’n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie.”

Die bedoeling van die gebod is dat God in sy voorsienigheid ons deur goed en kwaad volmaak versorg. Hierdie volkome versorging deur God, deur goed en kwaad, maak dat ons deur geloof in sy voorsienigheid vergenoeg kan wees. ’n Mens wat God afwesig gemaak het, afhanklik van die mens gemaak het, as God ontoeganklik gemaak het en God as sy eie besitting sien, kan nooit vergenoeg wees in God se voorsienigheid nie. In afgodsdiens maak mense ander mense en God volkome deur mekaar se wedersydse begeertes te vervul. Dit was wat die feesdiens van die kalf was! Mense bevredig mekaar se begeertes in die geloof dat dit God is wat hulle bevrediging gee.

**12. Die bedoeling van die wet en die evangelie: ons is regverdig en heilig**

Daar is twee woorde in die Bybel wat die bedoeling van die hele Tien Gebooie saamvat. Dit is die twee woorde: heilig en regverdig. Ons menslikheid en menswaardigheid lê daarin dat ons vir God heilig en regverdig is.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Om heilig te wees beteken om as mens volkome deel van die bedoeling van God vir die mens te wees. Die bedoeling van God met die mens is liefde. Volkome liefde is om God met jou hele hart, siel en verstand lief te hê en jou naaste soos jouself. Paulus wys dit in Efesiërs 1:3,4:

> Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus, [4] soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees," (1933-vertaling).

Dit beteken dat 'n mens nie net aan die voorskrifte van die Tien Gebooie voldoen nie, maar ook aan die bedoeling van die Tien Gebooie – volkome liefde - moet voldoen. Dit is soos kinders wat nie in die reën speel nie omdat hulle aanvaar dat hul ma wil voorkom dat hulle sal siek word. Hulle glo haar liefde en uit liefde aanvaar hulle haar bedoeling.

Regverdig beteken dat 'n mens net aan die bedoeling van die wet kan voldoen deur volkome op te tree soos wat God sê ons moet optree. Regverdigheid gaan oor regte liefde. Alleen liefde volgens God se wet is regte liefde. Liefde wat anders is as die liefde wat God in sy wet wil, is nie regte liefde nie. Dit gaan daarom oor opregtheid. Opregtheid is liefde volgens God se wet. Nie om liefde te bedoel soos jy dit regtig wil nie. Regverdig beteken dat die mens nooit anders optree as volgens die wet nie, want net volgens God se wet tree 'n mens binne die regte bedoeling van God vir mense op. Dit word só opgesom in Esegiël 18:5-9:

> Maar as iemand **regverdig is en reg en geregtigheid doen**; [6] nie eet op die berge en sy oë nie opslaan na die drekgode van die huis van Israel en die vrou van sy naaste nie verontreinig en nie naby 'n vrou kom as sy onrein is nie,[7] en niemand verdruk nie; wat hy vir skuld as pand geneem het, teruggee; geen roof pleeg nie; aan die wat honger het, sy brood gee en die wat naak is, met 'n kleed toedek;[8] nie leen op rente en geen woeker neem nie; sy hand terughou van onreg, eerlike regspraak oefen tussen man en man; [9] in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou om eerlik te handel - **hy is regverdig**, hy sal sekerlik lewe, spreek die Here HERE." (1933-vertaling) (Beklemtoning deur vetdruk dié van die outeur)

Die bedoeling van al die gebooie word in hierdie twee woorde saamgevat: heilig en regverdig. Volledige liefde en regte liefde. Dit is die manier waarop ons aan God toebehoort: ons is heilig en regverdig. Ons liefde is volkome en ons liefde is opreg volgens God se wet.

Wat is die bedoeling van die evangelie? Die bedoeling van die evangelie is presies dieselfde as die wet: ons behoort aan die Here; ons is heilig en regverdig vir die Here. Die verskil tussen die wet en die evangelie is dat ons wat die wet betref heilig en regverdig moet wees deur die manier waarop ons lewe. Dit beteken ons moet die regte bedoeling aan ons optrede koppel. Ons moet sorg dat ons bedoel wat God vir ons bedoel. Ons moet ons liefde volkome laat wees en ons moet ons liefde opreg volgens sy wet laat wees.

In die evangelie gee God aan ons die bedoeling wat ons nie aan die wet kan gee nie – as 'n gawe. Hy laat ons heilig en regverdig wees deur ons in te sluit en te laat deel in Jesus Christus. Hy laat ons nie heilig en regverdig wees deur ons dade en eie bedoelings nie:

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

“en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is …( Romeine 3:24; 1933-vertaling) en “... Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net een maal.” (Hebreërs 10:10; 1933-vertaling). God laat ons gebroke liefde volkome vir Hom wees en God laat ons liefde wat nie volgens die wet reg is nie, vir Hom reg wees – deur ons in te sluit in Christus se liefde wat volkome en opreg was.

## 13. Heiligheid en regverdigheid as identifikasie met God: die nuwe alternatiewe bekering

Heiligheid en regverdigheid kry binne afgodsdiens ’n ander betekenis. In afgodsdiens is die bedoeling van alle dade van die mens om minder menslik en meer goddelik te wees; om minder van hulleself te wees en meer van God in hulleself te wees. Mense wil hulle met God vereenselwig. Die mens wil homself só inleef in God dat hy homself kan uitleef deur God se persoon, wil, lewe en krag te beleef as sy eie persoon, sy eie wil, sy eie lewe en sy eie krag. Dit is hoekom die bedoeling van elke wet afsonderlik en die hele wet omgedraai word.

**Die nuwe godsdienstige bekering in afgodsdiens:**
**om van God af weg te bekeer.**

Hierdie nuwe heiligheid en regverdigheid is altyd heiligheid en regverdigheid deur bekering. Die bedoeling van heiligheid en regverdigheid word nie deur uiterlike beelde verdraai nie. Die bedoeling word deur ’n nuwe tipe bekering verdraai. Hierdie nuwe tipe bekering het al die uiterlike kenmerke van die bekering waarmee mense volgens die Woord van God hulle tot God moet bekeer. Maar dit is anders. Dit is ’n bekering met ’n nuwe bedoeling. Hierdie bekering se bedoeling is om van God weg te keer.

### Identifikasie met God as ommekeer

Hierdie nuwe bekering is ook soos die bekering tot God ’n ommekeer, ’n omdraai. Maar nou is dit ’n omkeer van die mens weg van God af. Die Woord van die Here beskryf hierdie omdraai van God af in Jesaja 1:4:“Ellende wag vir julle, … wat My die Here verlaat het, My die Heilige van Israel, verag. En vir my die rug gedraai het.” Hulle draai om, weg van God af. Hoe? Hulle draai hulle rug na God toe? Hoe draai die mens sy rug op God? Geen mens kan deur in die rondte te draai of deur homself onderstebo te draai van God af wegdraai nie. Dit gaan weer oor wat in die hart, gedagtes en gees van die mens gebeur. Hier gaan dit oor die wyse waarop hulle besig is met hul offers vir God, gebed tot God en aanbidding van God (Jes 1:5, 10-20.) Die wyse waarop hulle God aanbid, is om die rug op God te keer. Dit is presies wat in Eksodus 32 gebeur. Die volk draai met hul aanbidding, offers en feesdag hul rug op God en hul gesig na hul beeld van God.

Dit gaan weer eens nie net om die liggaamlike draai na ’n uiterlike beeld toe nie. Dit gaan om die omkeer van die bedoeling van godsdiens wat in die hart van die mens plaasvind. Deur hul offers en gebede maak hulle God hul eiendom, maak hulle God teenwoordig in hul lewe,

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

maak hulle God lofwaardig, en maak hulle Hom die Here. Dit doen hulle terwyl hulle hulself as sy eiendom moes erken het, sy liefde en sorg moes gelo het en sy heerlikheid moes erken het.

Jeremia stel dit só: "Dit is hulle wat vir 'n stuk hout sê "My Vader," en vir 'n klip: 'U het my in die wêreld gebring.' Na my toe het hulle die rug gedraai in plaas van hulle gesig." (Jer 2:27). Hulle sê alles wat hulle vir God moet sê maar op so 'n wyse dat hulle die beeld van God omdraai. Die Woord van die Here noem hierdie omkeer van die bedoeling van God om die rug op God te keer, die omkeer van God af. Dit is die nuwe bekering in afgodsdiens.

**Identifikasie met God as 'n wegkeer**

Hierdie nuwe bekering word ook 'n wegkeer van God genoem: "[5]So sê die Here: Waarin het Ek gefaal dat julle voorvaders van My af weggedraai het, dat hulle nikswerd afgode gedien het en so self niks geword het nie?" (Jeremia 2:5) Hierdie toekeer tot hul beeld van God is 'n wegdraai van God. Die wegdraai van God beteken dat hulle die bedoeling van God omdraai. Van God self kan niemand ooit wegdraai nie. Dit is net 'n omdraai van die bedoeling van God binne-in die hart van die mens.

**Identifikasie met God as inkeer**

Hierdie nuwe bekering is 'n inkeer in hul eiewilligheid in: "Die Here het gesê: Dit is omdat hulle my wet verlaat het wat Ek hulle gegee het; hulle het nie na My geluister nie en My wet nie nagekom nie. [14] hulle het agter hulle eie harde koppe aangegaan en agter die Baäls aan soos hulle voorvaders hulle geleer het." (Jer.9:13) en in Jeremia 16:11,12 vervolg Hy: Dan moet jy vir hulle sê: "Julle voorvaders het My al verlaat, sê die Here. Hulle het agter ander gode aangeloop en dié gedien en geeër. Julle voorvaders het My verlaat en My wet nie onderhou nie, [12] en julle het erger aangegaan as hulle, julle het elkeen sy eie harde kop gevolg en nie na My geluister nie". Na wie toe keer mense wat hulle na hul beeld van God draai? Dit kan nie na God toe wees nie. Jeremia wys dit is 'n verlating van God. Die draai na 'n beeld van God is die wyse waarop mense God verlaat. Dit is 'n inkeer van die mens binne-in homself in. Dit is 'n inkeer van die mens in die mens se eie idees, gevoelens en belewenisse in.

Dit is wat hardkoppigheid beteken. Die mens keer hom in homself in om sy eie gedagte-, gevoels- en ervaringswêreld te beleef as die enigste werklikheid wat bestaan. Deur in hulself in te keer, maak hulle hulself los van God en sy wêreld.

**Identifikasie met God as nuwe en beter bekering as die bekering tot God**

Wat noem 'n mens hierdie omkeer van God af binne in jou selfgemaakte lewe in? Wat noem 'n mens 'n wegkeer van God af na jouself toe? Wat noem 'n mens die ontkenning van God deur 'n inkeer in jouself in? As iemand sê hy het tot inkeer gekom, daar was 'n ommekeer in sy lewe, wat noem 'n mens dit? Die woord wat in afgodsdiens vir hierdie inkeer in jou eie goddeloosheid gebruik word, is *bekering*!

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit is wat gebeur as die mens die bedoeling van God omdraai! Dan word dít wat die Woord van God die wegkeer van God in sonde noem, die verlating van God vir sonde en die rugkeer op God in sonde, mense se manier om hulle tot God te bekeer.

Dit was die hart van die afgodsdiens van Israel gewees: hulle het 'n nuwe en beter bekering gehad as die geloofsgehoorsaamheid wat die wet van hulle gevra het. Deur die bedoeling van godsdiens om te keer, het hulle bekering tot God 'n inkeer in hul eie godloosheid gemaak.

**14. Die nuwe godsdienstige bekering in afgodsdiens: God se bekering van Goddelikheid na menslikheid**

Hierdie nuwe bekering is die wyse waarop God se beeld verdraai word. Dit gaan nie oor die maak van uiterlike beeldjies nie. Dit is net 'n tegniek. God se beeld word verdraai deur 'n nuwe soort bekering binne-in godsdiens te skep. Alle verdraaide beelde van God word bedryf as 'n nuwe en dieper bekering tot God, as geloof in Christus en gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie.

Dit was elke keer die vrye godsdiens van Israel – dit was 'n nuwe bekeringsgodsdiens. Hulle het hulle deur 'n nuwe godsdienstige bekeringservaring in hul eie godloosheid ingekeer en van God weggekeer.

Afgodsdiens gaan oor mag, nie oor liefde nie. Wat is die mag waarmee mense hulle in hierdie nuwe bekering bemagtig het?

Dit gaan oor wie vir wie bekeer. Bekeer beteken tog om te verander van wie en wat jy was, na iemand wat anders as voorheen is. Nou wie bekeer volgens hierdie nuwe tipe bekering waarin die mens met godsdienstige middele in sy goddeloosheid inkeer? 'n Mens wat inkeer in sy eie goddeloosheid het nie as mens tot bekering gekom nie. Dit is geen verandering van wie en wat die mens as sondaar is nie. Hierdie soort bekering is net die bevestig van die mens se eie goddeloosheid: sy verharde hart.

Nou wie word bekeer in hierdie goddelose selfinkeer? Dit is God. God word deur die mens bekeer van wie en wat Hy as God is om 'n ander God te wees. Die manier waarop die Israeliete van God weggekeer het, was om God tot bekering te bring.

Hoe bekeer goddeloses God as hulle met Hom identifiseer? Dit het ons in Eksodus 32 sien gebeur. Die Israeliete keer God uit sy goddelikheid uit na 'n meer menslike vorm van God. Hierdie uitkering van God deur mense word egter geglo as iets wat God doen. Hulle glo dit is nie hulle wat God in hul sonde ontgoddelik en vermenslik nie. Hulle glo dit is God wat Homself op hierdie wyse tot mense bekeer. Die God wat Israel uit Egipte gelei het, het na hulle op die rug van 'n bulkalf teruggedraai. Dit is volgens afgodsdiens God se manier om nader aan mense te kom.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit was altyd die bedoeling van die uiterlike beelde wat die volk gemaak het. Dit was nooit voorgehou dat hierdie beelde hout en ystergode in die plek van God is nie. Dit was altyd maniere waarop hulle God net meer persoonlik en meer teenwoordig gemaak het as wat Hy in sy onsigbaarheid, ewigheid, almag en alomteenwoordigheid teenwoordig is. Daarom het die bulkalf dié God, wat vir hulle weggeraak het, teruggebring en God weer persoonlik teenwoordig gemaak.

Volgens afgodsdiens is die probleem met godsdiens dus nie die mens se sonde nie. God is die probleem in godsdiens. Hy is as God ontoeganklik, onbereikbaar, onkenbaar en afwesig omdat Hy is wat Hy is - God. Om aanbid en geken te word en onder mense geliefd te wees, moet Hý ’n ommekeer ondergaan: Hy moet Homself ontgoddelik en meer vermenslik. Dit is wat mense met God doen as hulle God hul beeld maak. Hulle sien dit egter nie as iets wat hulle doen nie. Hulle glo dat God Hom op só ’n nuwe manier tot mense bekeer.

Dit is goddeloses se bekering. Hulle keer hulle weg van God deur God tot bekering te laat kom! Hulle identifiseer met God om God te verander van die onmenslike God wat Hy in Homself is, na die meer menslike God wat hulle Hom binne-in hulle laat wees.

**15. Die moderne Christelikheid se bekering: God se bekering in die mens in**

Die moderne Christelikheid verkondig nie die mens se bekering tot God nie. Dit verkondig God se bekering tot die mens. God se inkeer in die mens in is die werklike bekering wat die moderne Christelikheid verkondig. Alles wat geestelikes doen en wat hulle bekering noem, is dade waardeur hulle God bekeer; dade waardeur hulle God in die mens inkeer. Dit is die tipe bekering wat geestelikes vandag voorhou as die meer toegewyde, liefdevolle, innige en gehoorsame manier om God te dien: God moet deur mense van sy verhewe goddelikheid binne-in mense se menslikheid ingekeer word.

Met hierdie nuwe soort bekering - God se bekering - verander die moderne Christelikheid die bedoeling van die Christelike godsdiens na die bedoeling van afgodsdiens. Op hierdie wyse maak die moderne Christelikheid sy inkeer in goddeloosheid in, die nuwe bekering wat elke Christen eintlik moet ervaar. Die wet en die evangelie word in die moderne Christelikheid die middele waarmee mense God binne-in hulle inkeer. Op hierdie wyse word alles wat Christus en sy kerk is as afgodsdiens geherkonstitueer.

Kom ons kyk hoe het die moderne Christelikheid al die inhoude van die wet en die evangelie binne-in Christelike kerke verdraai om hierdie bekering in goddeloosheid in, God se bekering in mense in, die ware bekering van die Christelike Kerk te maak.

Ons kan dit toets aan die bedoelings van die volgende uitdrukkings. Dit is die uitdrukkings wat die beoefenaars van die moderne Christelikheid self gebruik om hul identifikasie met God te verwoord. Wat is hierdie volgende godsdienstige bekerings, die mens se bekering tot God in geloof tot geloofsgehoorsaamheid, of God se bekering van goddelikheid na menslikheid toe?

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

### 15.1 Mense moet hul harte en lewens vir Jesus gee (God moet die eise van sy wet en sy Seun aflê)

Bekering tot God word in moderne Christelike kerke voorgehou as ’n geestelike daad waarin mense hul lewe en hart aan God moet gee. Wie gee vir wie ’n nuwe hart en ’n nuwe lewe? Is dit God wat vir ons ’n nuwe hart en ’n nuwe lewe gee, of is dit ons wat vir God ’n nuwe hart en lewe gee? Om jou hart vir God te gee beteken dit is ’n hart wat Hy nie voorheen besit het nie. Dit is ’n nuwe hart waarmee Hy tevrede moet wees as Hy dit nou ontvang.

Hierdie opvatting draai die bedoeling van die wet om: ons moet God met ons hart, siel en verstand dien. Ons hart en lewe is gawes wat God skep waarmee ons Hom moet dien. Dit is nie iets waaraan God ’n behoefte het wat ons aan Hom moet afstaan nie. Hierdie opvatting draai ook die bedoeling van die evangelie om. Jesus het gekom om vir ons ’n nuwe hart en ’n nuwe lewe te skep waarmee ons God kan dien. Jesus het nie gekom omdat Hy die hart en lewe wat ons het, wil hê nie.

Wat se tipe bekering is dat as mense hul harte en lewe vir Jesus gee? Dit is ’n bekering in goddeloosheid in. Dit is die verharding van die goddelose hart. Iemand wat sy hart en lewe vir God gegee het as ’n offer vir sonde, offer homself op. Bekering, volgens die Bybel, is nie om jou hart en lewe vir God op te offer nie. Bekering is om in geloof ’n nuwe hart en ’n lewe van God as gawes op te neem om sy nuwe wet te onderhou.

Ons kan ook nie ons hart en lewe vir God gee om Hom mee tevrede te stel nie. Ons moet tot God keer in die geloof dat hy in ons ’n nuwe hart en ’n lewe skep om sy nuwe wet te kan onderhou. Om jou hart en lewe vir Jesus te gee, is ’n wegkeer van God wat mense ’n nuwe hart en lewe gee. Dit is ’n selfinkeer in jou sondige hart en lewe in.

Wie is dit wat hier tot bekering moet kom? Dit is God. God moet afstand doen van die eise wat sy wet en Hom bekeer na die hart en lewe wat die mens wil gee. Volgens hierdie nuwe soort bekering is dit onmenslik van God om die eise van sy wet aan die hart en lewe van die mens te stel. Dit is onmenslik van God om mense ’n hart en lewe te gee waarmee hulle in konflik met hul eie menslike begeertes kom. God moet hiervan afsien.

God moet ook wegkeer van Christus as offer vir mense se sonde en moet Hom toekeer tot die lewe en hart wat mense aan Hom gee. Hy moet die hart en lewe, wat die mens gee, aanvaar met die liefde waarin dit gegee word. Dit is onmenslik van God om meer liefde en gehoorsaamheid, of ’n ander soort liefde en gehoorsaamheid van mense te verwag as wat hulle vir God kan en wil gee.

### 15.2 Mense moet God in hul harte en lewens innooi (God moet sy toeganklikheid as God aflê en Hom in mense se toeganklikheid inkeer)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Bekering tot God word in moderne Christelikheid voorgehou as ’n geestelike daad waarvolgens mense God binne-in hul harte en lewe moet toelaat. Die sin word gewoonlik so gebruik: Jy moet God in jou lewe innooi. God moet in jou kom lewe.

Wie gee hier vir wie ’n woning? Is dit God wat vir ons ’n woning gee, of is dit ons wat vir God ’n blyplek gee? In die wet wys God dat Hy die hele skepping aan ons as woning gegee het om dit te bewoon en te versorg. Deur die evangelie maak God ons weer deel die nuwe skepping. Hy laat ons in sý wêreld, sý skepping, leef.

Om God in jou hart en lewe in te nooi, word ook bedoel as om jouself vir God toeganklik en bereikbaar te maak. Wie maak hier vir wie toeganklik en bereikbaar? Is dit God wat Homself vir mense toeganklik gemaak het, of is dit mense wat hulself vir God toeganklik maak? God is as God vir mense toeganklik. Dit is die bedoeling van sy wet. Ook die evangelie! Deur die evangelie maak God Homself weer vir sondaars met hul verharde harte toeganklik.

Watter tipe bekering is dit as jy God in jou eie hart en lewe innooi? Dit is bekering in goddeloosheid in. Dit verdraai die bedoeling van bekering. Dit is ’n inkeer in jou eie hart en lewe in.

Dit is opnuut die mens wat God tot bekering bring. Bekering tot God is nie om God na jou toe te draai en Hom in jou in te draai nie. Bekering is om met geloof in jou hart jou na God en sy genade te keer. Bekering is om jou na God en sy wet te keer met die geloof dat Hy in jou ’n nuwe hart en lewe sal gee om sy nuwe wet te kan gehoorsaam.

Met hierdie bekering (deur God in jou hart en lewe in te nooi) word Gód omgedraai. Hy moet die toeganklikheid en bereikbaarheid wat mense vir Hom gee, aanvaar. God wat God in Homself buite ons is, word in hierdie identifikasie met God gesien as ’n onmenslike God. Onbereikbaar en ontoeganklik vir mense!

Daarom moet Hy Homself in mense inkeer om sy menslikheid te vind. Mense maak God ’n inwoner van hul wêreld: húl innerlike leefwêreld! Mense keer hul rug op die skepping en kerk wat sy woning is. Hierdie bekering, waar jy God na jou toe inkeer, is ’n verlating van God en ’n inkeer in jou eie hardkoppigheid in. God moet Hom in hierdie eiesinnige innerlikheid kom aanmeld!

### 15.3 Mense moet God in die middelpunt van hul lewe sit. Hulle moet Jesus op die troon van hulle harte en lewens sit. (God moet Homself as God van die heelal onttroon en mense as die middelpunt van alles aanvaar)

Bekering tot God word in moderne Christelikheid voorgehou as ’n geestelike daad waarmee mense God sentraal in hul lewe moet stel. Wie sit vir wie waar? God is die middelpunt van sy skepping: alles is uit Hom, deur Hom en gaan oor Hom. Dit is die posisie waarin God Homself in sy skepping gestel het.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Bekering beteken dat ons in die geloof dat Hy sentraal in sy skepping is, tot Hom keer. Dit is die erkenning wat die wet van ons eis. Die evangelie herstel hierdie bedoeling. God die Vader sit Jesus aan sy regterhand in die hemel sodat sondaars weer hierdie eer aan God kan gee: uit Hom, deur Hom en tot Hom is alles – ook ons redding en ons lewe wat vir Hom reg is.

Wat is die bedoeling van die nuwe soort bekering waarvolgens ons Jesus op die troon van ons hart en lewe moet sit? Dit is om Christus weg te keer uit die posisie wat die Vader Hom gee, na die posisie wat mense Hom gee. Die mens wat God die middelpunt van sy lewe maak, het die Here, wat middelpunt van die skepping is, verlaat.

Dít is die nuwe soort bekering wat goddeloses van God verwag. Hy moet Homself uit sy posisie as God bekeer omdat 'n verhewe God van die heelal vir die mens te vêr en te wêreldvreemd is. God moet die posisie aanvaar wat mense vir Hom aanwys as Hy vir mense in hul selfgemaakte wêreld betekenis wil hê.

God moet Homself inkeer in die posisie waar alles uit die mens, deur die mens en tot die mens is. Hierdie is niks anders nie as die mens se bekering in goddeloosheid in. Dit vervang die bedoeling van die wet. Dit vervang ook die bedoeling van die evangelie. Jesus het nie gekom sodat ons Hom kan sit waar ons Hom wil hê nie. Hy het gekom sodat die Vader Hom kan sit waar die Vader Hom wil hê.

### 15.4 Mense moet Jesus met hulle saamneem waar hulle ook al gaan. (God moet Hom uit sy raadsplan tot die mens se selfbestemming keer)

Dit is hoe mense volgens die moderne Christelikheid tot bekering kom! Watter bekering is dit hierdie? Wie vat vir wie waarheen? In godsdiens is dit nie mense wat God vat waarheen hulle op pad is nie. Dit is God wat mense insluit in sy raadsplan waarmee Hy besig is. Dit is die bedoeling van die wet en die evangelie! God sluit mense in sy raadsplan met sy skepping in. Christus maak ons mense wat weer in geloof ons bestemming in God se raadsplan kan aanvaar. Hierteenoor staan mense wat met hul missies en visies, hul lewensbeplanning en lewensbestemmings met God identifiseer. Goddelose mense pas God in hul doelwitte en doelstellings in. As dit hul doelstelling is om 'n volk te wees, dan is God die God van die volk; as dit hul doelstelling is om 'n nasie te wees, dan is God die God van die nasie; as dit hul doelstelling is om 'n rewolusie te ontketen, dan is God die God van die rewolusie; as dit hul doelwit is om die jeug te onderwerp, dan is God die God van die jeug en as hulle vrede wil sluit, is God die God van vrede.

Bekering in godsdiens gaan nie oor God wat die rigting, waarin die mens beweeg, inneem nie. In godsdiens gaan bekering oor die mens wat in geloof aanvaar dat God hom in die rigting en na die bestemming neem wat God vir die mens het.

Mense wat met God identifiseer, bekeer God egter juis op hierdie wyse: God moet Hom uit sy raadsplan uit wegkeer na die visies en missies van mense as Hy as God 'n rol wil speel in die ontwikkeling van mense. Dat God mense opneem insluit en in sy raadsplan gebruik,

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

sonder en meestal teen die missies en visies van mense in, word in hierdie goddeloosheid as onmenslik ervaar.

Hier word van God verwag om die rolmodel vir al die mens se eie visies en missies te wees. Met hierdie inkeer van God in die missies en visies van mense in, verdraai die mens die raad en bestemming van God tot sy eie doelwitbestuur. Hierdie veronderstelde, nuwe soort bekering van God is eintlik die mens se bekering in goddeloosheid in.

### 15.5 Mense moet so leef dat God in hul lewens vir ander sigbaar is (God moet Homself openbaar in mense se lewenswyse)

Bekering word in die moderne Christelikheid voorgehou as 'n lewenswyse waarin mense nie meer hulself nie, maar God sigbaar moet maak. Hoe het God ons gemaak? Dat ons gehoorsaamheid en diens as mense volgens sy wet aan God sigbaar moet wees, of om die onsigbaarheid van God sigbaar te maak?

Om God in mense se lewens sigbaar te maak, beteken maar dieselfde as om God wat ewig is, tydelik te maak, soos mense tydelik is; om God wat alomteenwoordig is op een plek te laat wees, soos mense op een plek is; om God wat gans anders een en enig is, gewoon menslik te maak, soos alle mense gewoon menslik is.

Wie is dit wat in hierdie bekering verander? Is dit die mens wat verander soos God die mens wil verander, of is dit die mens wat God verander soos hy wil?

Hierdie bekering keer God binne-in mense se sonde in: mense maak God minder goddelik en meer menslik. 'n Bekering waarin mense God verander, is 'n bekering in goddeloosheid in. Dit is nie meer mense wat van ongehoorsaam na gehoorsaam verander nie.

Daarom het Jesus ook nie gekom om die onsigbaarheid van God meer sigbaar te maak, of die Godheid van God meer menslik te maak nie. So maak mense, wat met God wil identifiseer, Jesus se koms as mens is God se bekering! God bekeer van sy goddelikheid na mense se menslikheid toe. Jesus het nie gekom om God minder God en meer menslik te maak nie. Hy het gekom sodat ons weer sigbaar gehoorsaam aan die Here se nuwe wet kan wees. Bekering in godsdiens is om uit geloof nuut en sigbaar gehoorsaam aan God se nuwe wet te wees.

### 15.6 Mense moet Jesus hul eie maak. (God moet Hom uit sy algenoegsaamheid bekeer tot afhanklikheid van mense.)

Bekering word in moderne Christelikheid voorgehou as 'n geestelike daad waarvolgens mense Jesus hul eie moet maak. Watter tipe bekering is dit hierdie? Wie maak van wie wie se eiendom? Is dit God wat sondaars Syne maak, of is dit mense wat God hulle s'n maak? Behoort sondaars aan Hom, of behoort Hy aan hulle?

Jesus het gekom sodat ons weer aan die Here behoort, nie dat Hy aan ons behoort nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hierdie nuwe soort bekering waarvolgens God ons eiendom word, is ’n wegkeer van Christus wat ons aan God laat behoort. Hierdie nuwe soort bekering is ’n inkeer in die goddeloosheid dat mense God hul eiendom maak. Hierdie bekering is ’n wegkeer uit die bedoeling van die wet en die evangelie!

Dit kom daarop neer dat God, wat Homself aan mense laat behoort, wat Hom mense se eiendom laat maak, God is wat sy algenoegsaamheid aflê om afhanklik te wees van die mense aan wie Hy behoort. Hierdie aflê van God se algenoegsaamheid, is die wyse waarop goddeloses God uit sy goddelikheid bekeer om meer menslik te wees.

### 15.7 Mense moet die beheer van hul lewe, sport, besigheid, kinders en die land aan Jesus oorgegee. (God moet sy soewereiniteit aflê en Homself aan mense verantwoord.)

Bekering word in moderne Christelikheid verkondig as mense se oordrag van hul besluitneming en beskikking oor hul lewe aan God. Beheer beteken tog besluitneming en beskikking.

Wie gee aan wie die mag om te bestuur? Ons vir God of God vir ons? Kan bekering beteken dat ons God se posisie van ’n God wat nie oor ons lewe kan besluit of beskik nie, verander tot ’n God wat kan besluit en beskik oor ons lewe?

Bekering in godsdiens beteken dat God ons in ’n posisie plaas waar ons kan besluit om Hom te gehoorsaam en besluit om ons ongehoorsaamheid te staak. Dit doen Hy deur die wet en die evangelie. Bekering in godsdiens is om te glo in die posisie wat God jou in Christus gee – dat jy heilig en regverdig is. Bekering in godsdiens beteken dat God jou in ’n nuwe posisie onder ’n nuwe wet in Christus stel, sodat jy kan besluit om geloofsgehoorsaam aan God te wees.

Die nuwe soort bekering waardeur mense God se bestuursmag uitbrei, Hom beheer van hulle lewe gee, is ’n bekering in goddeloosheid in. God bestuur alles volgens sy wil deur goed en kwaad. ’n Bekering wat sy mag inperk tot die goeie besluite van mense en sy mag uitsluit uit die ongehoorsaamheid van mense, is ’n inkeer van die mens in homself in. Dit is ’n verlating en wegkeer van God wat alles volgens sy wil beskik.

Hierdie nuwe soort bekering beteken ook dat ons God die verantwoordelikheid vir ons lewe, sport, besigheid en kinders gee. Ons maak God aanspreeklik vir dit wat ons aan Hom toevertrou. ’n Bekering waarmee mense God vir hul lewe aanspreeklik maak, is ’n inkeer in goddeloosheid in; ’n wegkeer van God wat die mens aanspreeklik hou. God gee aan mense lewe. Mense moet daarvoor rekenskap aan God volgens sy wet gee. God neem mense se aanspreeklikheid nooit weer van hulle weg nie. Net so het Jesus nie gekom om God weer beheer te gee nie. Jesus het gekom sodat ons weer beheer oor ons sonde kan kry. Hy gee mense nie die mag om God te kan beheer nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hierdie nuwe soort bekering verdraai die bedoeling van die wet en die evangelie! God moet sy soewereine besluite en wil nou eers aan mense verantwoord of sy beheer van hulle ontvang. God se soewereine heerskappy maak Hom vir goddeloses ’n ongenaakbare God wat eers weer vir hulle goed en liefdevol is as Hy nie meer alles soewerein bestuur en beskik nie.

**15.8 Mense moet niks wees soos Jesus sodat God weer alles in hulle kan wees**

Bekering word in die moderne Christelikheid verkondig as ’n geestelike daad waarin mense hulself niks moet maak en God alles binne-in hulle moet maak. Wat is die twee woorde wat die bedoeling van die wet en die evangelie saamvat? Dit is heilig en regverdig! God het ons heilig en regverdig gemaak.

God het ons nie gemaak om niks te wees nie. God het ons gemaak om ten volle mens te wees in alles wat menswees behels. Elkeen van ons moet ten volle ’n denkende mens wees in alles, want ons moet God liefhê met ons hele verstand. Ons moet elkeen ten volle ’n gevoelsmens in alles wees, want ons moet God liefhê met ons hele hart. Ons moet ten volle geestelike mense wees, want ons moet elkeen God ten volle liefhê met ons hele siel. Ons moet ten volle mens wees in ons volle seksualiteit, arbeid, kuns en vermaak, want ons moet God liefhê met al ons kragte.

Heilig en regverdig gaan oor die manier waarop ons ten volle mens vir God is – daarom maak die evangelie ons weer heilig en regverdig vir God! Jesus het nie gekom omdat ons menswees God minder God laat wees nie. Ons sonde maak God ook nie minder God nie. Dit maak ons net minder menslik. Jesus het gekom omdat God ten volle God is en om ons weer vir Hom ten volle mens te laat wees.

’n Nuwe soort bekering, waarin ons minder mens moet wees vir God om vir God God te laat wees, is ’n inkeer in ons eie goddeloosheid in. Dit is ’n bekering waarin ons ons eie innerlike met God identifiseer.

Bekering volgens die bedoeling van God is om op te hou om goddelik te probeer wees en weer menslik te wees volgens God se bedoeling. Deur die nuwe bekering waarin mense met God identifiseer, wil mense God méér God laat wees deur mínder mens te wees. Hierdie bekering is ’n wegkeer en verlating van God, God wat aan mense weer die gawe gee om ten volle mens vir God te wees.

Hierdie bekering maak die hart van sonde – identifikasie met God – die volle bedoeling van die bekering tot God. Dit is ’n bekering in ons sonde en hardkoppigheid in. Hierdie bekering is sonde teen die bedoeling van die wet: dat ons mens vir God moet wees. Hierdie bekering is sonde teen die evangelie. Hierdie bekering maak Jesus ’n rolmodel ten opsigte van hoe om minder mens te wees sodat God meer God kan wees. Hierdie bekering maak asof ons menswees teen die wil van God is.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die bekering van die moderne Christelikheid is bekering in goddeloosheid in. Hierdie soort bekering is die bipolêre anderkant van goddeloosheid. Dit is nie iets anders as goddeloosheid nie. Goddeloosheid eis dat God tot bekering moet kom; dat God anders God moet wees as wat Hy is; dat God nie meer in en deur Homself God mag wees nie; dat God nou net God mag en kan wees as Hy dit deur en in mense is; dat God Homself in mense moet inkeer as Hy God vir mense wil wees; dat God wat in en uit Homself God is, vir mense 'n niksseggende God is. Binne goddeloses se identifikasie met God kan God net sy betekenis as God vind – deur in mense in te keer.

Deur hierdie goddelikheid in die mens te glo as God se ingekeerdheid in die mens in, of as die mens se mondigheid teenoor God, is net 'n variasie van dieselfde goddeloosheid: godsdienstige goddeloosheid.

Die moderne Christelikheid se bekering is 'n wegkeer uit die geloof in Christus, 'n omkeer van God af weg in goddeloosheid in. Dit is nie God se bekering in die mens in soos hulle dit glo en verkondig nie.

**16. Sonde is bedoelde verdraaiing, nie verdraaiing uit onkunde nie**

Kan enige prediker of geestelike sê dat met hierdie nuwe soort bekering nooit bedoel is om die wet en die evangelie se bedoeling om te draai nie? Kan enige prediker ooit beweer dat hy/sy met hierdie verdraaide bekering eintlik maar presies die teenoorgestelde bekering bedoel het?

Wie kan ooit só kommunikeer? 'n Bekering waarin jy niks moet wees en jou eie-ek dood moet maak, sodat God sy lewe deur jou kan lewe, is maar net 'n ander manier om te sê bekering gaan daaroor om ten volle mens vir God te wees en jou eie-ek ten volle vir God uit te leef! Of, dat die bekering van God wat in Homself kenbaar en teenwoordig God is, na 'n God wat deur mense sigbaar en teenwoordig geleef moet word, maar net 'n ander manier is om te sê dat die mens uit sy sonde tot die wet van God moet keer sodat mense se gehoorsaamheid aan God sigbaar uitgelewe kan word!

Kan enige prediker of geestelike ooit beweer dat hy/sy hierdie verdraaide bekering uit onkunde voorgehou het? Hulle het nie geweet hierdie bekering draai jou weg uit die bedoeling van God met jou lewe in die bedoeling van sonde in nie! Wie kan ooit beweer dat die bekering waardeur 'n mens God beheer kan gee maar dieselfde is as die bekering in en uit die geloof dat God altyd alles volgens sy wil beheer?

Vir hierdie beroep op onkunde in hierdie verdraaide bekering kan ons Romeine 1:18-28 saamlees:

> 18 God openbaar vanuit die hemel sy toorn oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat die waarheid deur hulle ongeregtigheid probeer onderdruk. 19 Wat 'n mens van God kan weet, was immers binne hulle bereik, want God het dit binne hulle bereik gebring. 20 Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is, hoewel dit dinge is wat 'n mens nie met die oog kan sien nie. Vir hierdie mense is daar dus

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> geen verontskuldiging nie, [21] omdat, al weet hulle van God, hulle Hom nie as God eer en dank nie. Met hulle redenasies bereik hulle niks nie, en deur hulle gebrek aan insig bly hulle in die duister. [22] Hulle gee voor dat hulle verstandig is, maar hulle is dwaas. [23] In die plek van die heerlikheid van die onverganklike God stel hulle beelde wat lyk soos 'n verganklike mens of soos voëls of diere of slange. ...[25] Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig. Amen. ... [28] En omdat hulle dit van geen belang ag om God te ken nie, gee Hy hulle oor aan hulle verdraaide opvattings, sodat hulle doen wat onbetaamlik is."

Daar is geen verontskuldiging vir hierdie verdraaiing nie. Niemand kan opstaan en sê: "Ek is jammer ek het nie die vaagste idee gehad dat dit nie ons is wat aan die Skepper beheer moet gee nie. Ek het glad nie kon dink dat die Skepper die middelpunt van die Skepping is en nie van my lewe nie. Ek het nie geweet ons menswees staan nie in God se pad om ten volle God te wees nie. Ek kon nie anders as om te dink dat ek God moet bekeer uit sy heerlikheid as die onverganklike God na 'n God wat net kenbaar, sigbaar en teenwoordig kan wees in slange, voëls, diere of mense nie". Want elke mens in die skepping kan sonder die evangelie sien hoe kragtig die natuurkragte is: swaartekrag, atoomkrag, windkrag, waterkrag, sonkrag en die lewenskrag van die DNS-molekule. Hierin kan elke mens duidelik sien dit is onmoontlik om die bedoeling van die Skepping om te keer.

Hierdie verdraaiing in die moderne Christelikheid gaan nie oor onkunde oor God nie, dit gaan oor die kennis van goddeloosheid: hoe om godsdienstig goddeloos te wees.

Dit gaan doelbewus daaroor dat die mens die diens en verering wat die Skepper toekom, vir homself opeis. Dit is 'n doelbewuste wilsdaad teenoor die magtige Skepper. Dit is wat goddeloosheid is: nie om sonder God te wees nie, maar om as mens te wil deel in die diens en eer wat God alleen toekom deur God uit sy godheid uit te keer.

**Godsdienstige goddeloosheid verskoon die verdraaide bedoeling met godsdiens**

Hoekom voel mense hulle het nie geweet dit werk so nie? Hoekom voel mense hulle het dit nie eintlik so verkeerd bedoel as wat dit is nie? Hoekom voel hulle dit was maar net 'n ander manier waarop hulle eintlik presies bedoel het wat hulle nie bedoel het nie?

Want afgodsdiens is godsdienstige goddeloosheid: dit beskryf Paulus hier in Romeine 1 duidelik! Hierdie mense was dan die hele tyd in gebed. Hierdie mense was dan die hele tyd besig om God 'n ereplek in hulle lewe te gee. Hierdie mense was die hele tyd besig om offers aan die Here te bring. Hierdie mense het God die hele tyd met lofliedere en geestelike ballades vereer. Hoe kan hulle nou van goddeloosheid beskuldig word? Dit was nie goddeloosheid nie! Dit was maar net onkunde!

Dit is die sirkelredenasie waarna Paulus verwys wanneer hy praat van redenasies wat niks bereik nie. Afgodsdiens is niks anders as goddeloosheid nie. Mense wil sonder God mens wees met die krag en lewe van God in hulle. Met afgodsdiens verdraai hulle die hele

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

bedoeling van godsdiens – met al die middele waarmee hulle godsdiens moes beoefen het. Dit is geen verskoning nie. Dit is maar net ’n manier om die waarheid oor God deur hul goddeloosheid te onderdruk.

Die moderne Christelikheid is doelbewus besig om God se bekering in die plek van die mens se bekering te stel. Dit wil doelbewus, deur God te bekeer, die ganse inhoud van die Christelike godsdiens verdraai om godsdienstige goddeloosheid te wees.

**17. Verlore beteken om niks te wees nie: vasgevang binne verdraaide bedoelings**

Om vir God verlore te wees is iets anders as die algemene opvatting dat ’n mens nie hemel toe nie, maar hel toe gaan. Hemel en hel is ook plekke, maar om verlore vir God te wees, is nie maar net om na die verkeerde plek toe te gaan nie.

Paulus beskryf in Romeine 1 wat dit beteken om verlore te wees. Wie nie mens vir God wil wees nie, maar een met die lewe en krag van God wil wees, is vir God verlore. Wie nie in God glo en Hom dien nie, maar met Hom as God identifiseer, is vir God en mense as mens verlore.

Verlore beteken dat ’n mens nie meer mens kan wees soos wat ’n mens deur God bedoel was om mens te wees nie. Verlore beteken om dwaas te wees en nie wys te wees nie. Die mens se dwaasheid is dat hy nie menslik wil wees nie, maar goddelik. In hierdie dwaasheid is die mens vir God en mens verlore.

Paulus is hier direk besig met die inhoud van Jesaja 44! Kyk waar kry hy sy uitdrukking “verdraaide opvattings” vandaan: “Iemand wat hom met as besig hou, laat hom mislei deur sy eie verdraaide opvattings. (Jes 44:20) Hy kan homself nie red nie, hy vra homself nie af: “Is dit nie ’n leuen waarmee ek my besig hou nie?” Om nie jouself te kan red nie, beteken om binne hierdie verdraaide bedoelings te leef asof dit die werklikheid is!

Mense is deur hul geloof vir God verlore. Hul geloof dat God hul beeld is, laat hulle hul menslikheid verloor. Verontmenslikte mense is vir God en mense as mense verlore. Hulle leef ’n goddelikheid wat hulle van God en mense as mens vervreem, terwyl hulle nie die goddelikheid is wat hulle glo hulle is nie.

Dit is die nuwe geloof waardeur mense in die moderne Christelikheid tot bekering kom. Bekering is in die moderne Christelikheid geestelike magsdade waardeur die mens God uit sy godheid in die mens in bekeer. Moderne Christene glo dat hulle deur hul bekering God dit maak en laat wees wat Hy is. Hulle gee hul lewe en harte vir Jesus; hulle nooi God in hul lewe in; hulle sit Jesus op die troon van hul hart en maak God die middelpunt van hul lewe; hulle maak God hul eie en gee die beheer van hul lewe vir God; hulle word niks soos Jesus om God alles te laat wees; hulle maak God sigbaar in hul lewe vir die wêreld.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die geloof dat hulle deur geestelike magsdade God dit maak wat God is, dat hulle God tot bekering bring, is in die moderne Christelikheid die nuwe en beter manier van bekering as bekering uit geloofsgehoorsaamheid.

Deur hierdie nuwe geloof dat God ons beeld is, is bekering om God tot bekering te bring: Hy moet Hom uit sy Goddelikheid in ons menslikheid in bekeer. In hierdie nuwe bekering van die moderne Christelikheid is mense vir God en hul medemens verlore.

Hoekom? Want hierdie nuwe geloof en nuwe bekering maak hulle niks en nutteloos. Hul godsdiens bestaan daaruit om hulself as mense niks en nutteloos te maak, maar te glo dat hulle in hul niksheid meer betekenis het as mense wat ten volle mens is. Die God wat in hulle is, is ook niks. Die goddelikheid wat hulle glo hulle is, bestaan nie. Die godsdiens waardeur hulle hul lewe betekenisvol en sinvol maak, is niks en nutteloos.

Hul bekering en die geloof waarin hulle tot bekering kom, is ook niks nie. ’n Bekering waarvolgens mense glo hulle verander God, laat God nie anders wees nie, ongeag van wat hulle ook al mag glo gaan gebeur. Hul bekering en die geloof waarin hulle tot bekering kom, is ook nie ’n godsdienstige verandering van die mens nie. Dit is niks nie. Dit is geloof in niks en bekering tot niks nie. ’n Inkeer van die mens in sy eie goddeloosheid is niks nie. Dit is geen bekering nie. ’n Mens wat só in hierdie geloof oor hoe Hy God verander tot bekering kom, vind God nie binne-in homself nie en vind ook nie sy eie menslikheid in homself nie. Hy vind niks in hierdie geloof en bekering nie.

Die moderne Christelikheid is die godsdiens van die verharde hart van die mens.’n Hart wat in nietigheid, nikswees vir God, die doel en sin van die lewe wil vind. In die moderne Christelikheid ervaar moderne Christene in dit wat God uitwys as niks en nietigheid, die volle betekenis van hul lewe. Hierdie nuttelose nikswees is vir hulle ’n meer sinvolle lewe met dieper betekenis as die diens wat God vir mense deur die evangelie skep. Mense wat so bekeer deur in hulle verharde harte in te keer en nog te glo dit is ’n bekering tot God en só leef, is verlore! Vir God en hul medemens is hulle betekenisloos. Hulle het die bedoeling van hul menswees omgekeer deur te maak asof hulle hulself deur en in God kan bemagtig om een te wees met die persoon, krag en lewe van God self.

Mense wat dit met die Here doen, of dit nou geestelike dade is soos om jou hart vir die Here te gee en of dit met die geestelike dade is waardeur mense niks wil wees sodat God alles kan wees, maak asof die hart van sonde – identifikasie met God - die ware bedoeling van godsdiens is.

Wie glo dat die bron van alle sonde – identifikasie met God - die ware bedoeling van God vir mense is, *is verlore*. Hulle is niks. Hul lewe is betekenisloos. Hul menswees is sinloos. Maar hulle glo hul betekenisloosheid as die ware sin van die lewe.

Die werking en karakter van verlorenheid word só deur Jesaja in Jesaja 9 beskryf:

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> [9]Toe het die Here gesê: “Gaan sê vir hierdie volk: Julle sal hoor en hoor en tog sal julle niks verstaan nie, en kyk en kyk en tog niks sien nie.” [10]Verder het Hy vir my gesê: “Maak hierdie volk traag van begrip, maak hulle ore doof en hulle oë blind sodat hulle nie met hulle oë sien en met hulle ore hoor en hulle verstand begryp en hulle hulle bekeer en genees word nie

Die Here gebruik hierdie gedeelte uit Jesaja om te wys dat verlorenheid beteken dat ’n mens na die evangelie luister maar nie kan hoor en sien waaroor die evangelie gaan nie: “ ... omdat hulle kyk maar nie sien nie, en hoor maar nie luister en verstaan nie.”( Matteus 13:13) Dit is ook hoe Paulus verwys na die Jode wat verlore is. (Handelinge 28:24-28). Verlorenheid beteken dat mense die Woord van God net op een manier kan hoor: as ’n rede om hulle in hulself in te keer weg van God af in hul eie verharde hart in, terwyl hulle glo hulle bekeer God uit sy goddelikheid uit in hul menslikheid in. Hulle kan nooit die Woord van God só hoor dat hulle uit hul sonde tot God kan bekeer nie.

Verlore wees beteken dat mense die evangelie dat God ons as sondaars in Christus weer as sy eiendom aanneem, net so kan hoor dat hulle Jesus as hul eiendom aanneem.
Verlore wees beteken dat mense die evangelie dat God ons in Christus nuutmaak en ons ’n nuwe hart en lewe gee, net so kan hoor dat hulle hul hart en lewe vir Jesus wil gee en hulle God so nuutmaak.
Verlore wees vir God beteken dat mense die evangelie dat God Hom in Christus tot ons gekeer het sodat ons weer in God se genade en goedheid kan glo, net so kan hoor dat hulle Jesus in hul hart en lewe wil innooi om God so van sy goddelikheid te ontneem.
Verlore vir God beteken dat mense die evangelie dat die Vader die Seun Here aan sy regterhand gemaak het, net so kan hoor dat hulle Jesus op die troon van hul harte wil sit en God so bemagtig in hul eie lewe.
Verlore wees vir God beteken dat mense die evangelie dat Christus ons op ’n nuwe wyse regeer, net deur sy genade, net so kan hoor dat hulle die beheer van hul lewe aan Jesus wil gee sodat God aanspreeklik is vir hul lewe.
Verlore wees beteken dat mense die evangelie dat God ons ’n nuwe bestemming en betekenis in Christus gegee het, net so kan hoor dat hulle God met hulle saam wil neem in hul lewe en dat hulle só aan God nuwe betekenis gee.
Verlore vir God beteken dat mense die evangelie, dat Christus ons volle betekenis as mense vir God herstel, net op een manier kan hoor en dit is dat hulle, net soos Jesus, hulself vir God niks wil maak sodat God alles in hulle kan wees – en hulle so aan God weer sy volle betekenis as God met hul menslikheid teruggee.
Verlore wees beteken om vir God niks te wees en ook niks van God te kan hoor, sien of verstaan nie. Daarom kan mense nie uit hul verdraaide bekering tot God bekeer nie.

Dit is die verlorenheid wat Jesaja, Paulus en die Here aandui: hulle kan hulle nie tot God bekeer in die geloof in die evangelie nie, want hulle sien en hoor nie die inhoud van die evangelie as iets anders as hul inkeer in hulself en hul wegkeer van God nie. Hul bekering in die geloof oor wat hulle met God kan doen, is en bly vir hulle die ware bekering, al is dit ’n inkeer in hul eiewaan. Die wegkeer van God en omdraai van God bly vir hulle ’n beter,

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

kragtiger, inniger en dieper ervaring met God as die toekeer in geloof tot God se liefde en genade in Christus. Want dit is ’n inkeer in ’n selfgewaande mag in en nie ’n bekering tot diens aan die Skepper van hemel en aarde nie.

### 18. Die evangelie is die krag van God tot redding van sondaars: God draai die beeld weer terug

Die mens kan homself nie red nie. Redding beteken dat die mens weer aan God behoort en nie leef asof God aan die mens behoort nie. Die mens kan nie sommer na God toe gaan en vir God sê dat hy nou weer aan God behoort nie. Dit is net God wat kan besluit om die mens weer sy eiendom te laat wees. Dit is ’n besluit in God wat God neem dat sondaars weer aan Hom behoort.

Daarom kan die mens nie self weer hierdie betekenis - “Ek behoort aan God”- aan sy menswees en lewe teruggee nie.

Dit is hoekom Paulus die evangelie die krag van God tot redding noem. Dit is wat God in en deur die evangelie doen: Hy maak die mens weer sy eiendom. Hy keer die verdraaiing van mense dat Hy hul beeld is om en maak die mens weer sy beeld. God draai die beeld wat die mens omgedraai het weer terug.

Paulus beskryf dit so in Efesiërs 2 en Efesiërs 4:

> “[8] Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julle self nie; dit is ‘n gawe van God. [9] Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. [10]Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.”.... “[23]Julle gees en gedagtes moet nuut word; [24]lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.”

Redding beteken dat ons weer ons lewe aan die Here kan toewy. God het ons herskep. Hy het ons ingesluit in Christus. Dit is hoe God besluit het dat Hy sondaars weer aan Hom sal laat behoort. Ons is weer God se beeld. Ons behoort weer aan Hom. Hy laat ons heilig en regverdig wees deur ons in Christus se heiligheid en regverdigheid in te sluit. Ons kan nooit self besluit dat ons aan die Here behoort nie. Ons kan Hom nie dwing om ons aan Hom te laat behoort nie. Dit is ’n daad en ’n besluit wat uit God kom. Hy verenig ons met Christus sodat ons weer aan Hom kan behoort. Dit is die regte betekenis van beeld van God – ons behoort aan God.

Daarom is geloof ook ’n gawe wat ons ontvang omdat Hy ons aan Hom laat behoort. Ons kan nie so glo dat ons onsself aan God kan laat behoort nie. Ons kan ook nie so leef nie. Baie mense hou voor dat ons net weer met die regte bedoeling moet leef. Maar dit kan nie bewerkstellig dat ons weer aan God behoort nie. ’n Man wat van sy vrou geskei is, is nie sommer weer haar man net omdat sy glo sy behoort aan hom nie. Hy moet haar eers weer aanneem as vrou voordat sy weer as vrou aan hom behoort. Net so maak God ons eers weer sy beeld voordat ons kan glo dat ons aan Hom behoort.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Omdat ons aan God behoort, kan ons gees en gedagtes weer nuut wees: ons kan leef uit die geloof dat ons lewe vir God volkome en heilig is deur Christus.

**19. ’n Verwarde en oorheersde kerk wat nie verlore is nie**

Kan die moderne Christelikheid die kerk van die Here verlore laat wees? Kan die moderne Christelikheid kinders van die Here verlore laat wees? Redding is nie ’n daad van ’n prediker of ’n geestelike met mense nie. Dit is ’n daad van God self. God sluit sy kinders in Christus in. God laat sondaars weer aan Hom behoort.

Hoe weet hierdie kinders van die Here dit? Hulle weet dit deur die evangelie! Paulus beskryf die werking van die prediking in Romeine 10:??

> Maar hoe kan ‘n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? ... Die geloof kom dus deur die prediking wat ‘n mens hoor, en die prediking wat ons hoor is die verkondiging van Christus.

Die geloof kom deur die prediking van die evangelie. Dít is wat kinders van God hoor in die prediking van die Woord van God. Hulle hoor en glo die evangelie. Hulle kan daarom deur hierdie verdraaide bedoeling van stryk gebring word. Hulle kan deur hierdie verdraaide bedoeling in onsekerheid leef. Hulle kan in hierdie verdraaide bedoeling vir ’n ruk lank probeer leef omdat dit so aan hulle gepreek word, maar hulle kan nie daarin volhard nie.

Hulle kan in hulself minderwaardig en ondergeskik voel aan die beter en dieper bekerings wat aan hulle voorgehou en voorgeleef word, maar hulle sal aanhou om soos kinders te glo in God se genade en daaraan vashou dat hulle aan die Here behoort. Hulle sal terugstaan teenoor al die mense wat voorleef en voorgaan asof hulle in die krag, die naam, die lewe en wil van God self leef, om maar net weer op ’n eenvoudige wyse hulle toe te wy aan die wet van die Here in die geloof dat dit vir God aanvaarbaar is.

Die kerk van die Here glo en dien die Here só, omdat Hy die een is wat hulle aan Hom laat behoort. Nie omdat hulle geestelik een is met die predikers of geesteliks nie. Maar hierdie kerk is ook die kerk wat die evangelie hoor as dit gepreek word en daarin die duisternis van afgodsdiens in die lig van die evangelie onderskei.

Dit is die kerk wat moet opstaan en die valse bediening van die Woord van God deur die moderne Christelikheid uit die kerk moet uitdryf sodat mense weer in die prediking met sekerheid die evangelie kan glo sonder die verwarring van afgodsdiens in die prediking. Dit is die kerk wat hulle self nie in hulle eie verharde hart kan inkeer en glo hulle het hulle tot God bekeer nie. Dit is die kerk wat leef in die gebed dat die Here haar ’n nuwe hart en verstand sal gee om haar uit mense se verdraaide opvattings tot Hom te kan bekeer. “Dan sal julle terugdink aan julle bose optrede en julle gedrag wat nie goed was nie, en julle sal ’n afsku hê aan julle self oor julle sonde en afskuwelike dade” (Esegiël 36:31)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

## HOOFSTUK 10 VERDRAAIDE OPVATTINGS IS WAARDELOSE WAARDES.

Verdraaide opvattings is waardelose waardes. Die verdraaide bedoelings van die moderne Christelikheid maak sonde die eintlike christelike waardes. Deur hierdie waardelose waardes glo mense mag is liefde en hul sondige begeertes is goddelike liefde wat 'n beter, dieper en hoër manier van liefde sou wees as die liefde volgens die wet van God. Moderne Christelikheid skep 'n totalitêre liefde deur waardelose waardes. Christus verlos ons deur ons weer te verbind tot liefde in reg en geregtigheid.

### 1.Verdraaide bedoelings gaan oor goddeloosheid én ongeregtigheid

Mense verdraai God se bedoeling met mense sodat hulle godsdienstig goddeloos kan wees. Met hierdie verdraaiing keer mense nie net hul verhouding tot God om nie. Hulle verwring ook hul verhouding met mense om godsdienstig losbandig met mense te kan wees.

Volgens die Woord van God gaan menseverhoudings oor reg en geregtigheid. Geregtigheid is die geloof en liefde waarin mense reg doen. Ongeregtigheid is die ongeloof en liefdeloosheid waarin mense onreg doen. Mense identifiseer met God om ongeregtigheid en onreg, geregtigheid en reg te laat wees: Romeine 1:18 stel dit so: "God openbaar vanuit die hemel sy toorn oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat die waarheid deur hulle ongeregtigheid probeer onderdruk."

Wat is die waarheid? Die waarheid is dat God reg en geregtigheid ingestel het as die inhoud van liefde. Mense moet mekaar liefhê in reg en geregtigheid. Wanneer mense die ingesteldheid en houding teenoor ander mense openbaar wat die wet van God wys en eis, dan het mense mekaar lief. Hierdie reg en geregtigheid gee betekenis aan mense. Mense tree binne God se bedoeling op wanneer hulle volgens sy wet teenoor mekaar optree. Mense kan net die volle betekenis en waarde wat mense vir mekaar moet hê, vind en uitleef, as hulle volgens die reg en geregtigheid, wat God tussen mense ingestel het, optree. Naasteliefde volgens God se bedoeling is die volle waarde en betekenis van mense vir mekaar.

Hoe kan mense dit wat volgens God die regte houding en optrede teenoor mense is, onderdruk? Kan mense sê liefde moet met haat onderdruk word? Wie sal ooit so iets openlik sê? Wie sal ooit iemand wat so iets sê, openlik ondersteun? Kan mense sê barmhartigheid moet met wreedheid onderdruk word? Vriendelikheid moet met kwaadwilligheid onderdruk word? Getrouheid moet deur ontrouheid onderdruk word? Nederigheid moet met hooghartigheid onderdruk word? Selfbeheersing moet met losbandigheid onderdruk word? Enige iemand wat openlik so 'n houding inneem, sal dadelik deur alle mense verwerp word - deur gelowiges en ongelowiges!

### 2.Verdraaide bedoelings regverdig verdraaide opvattings

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Nou hoe kan reg en geregtigheid dan deur ongeregtigheid onderdruk en oorheers word? Dit gebeur deur dít wat die Woord van God "verdraaide opvattings" noem.

> "[18] God openbaar vanuit die hemel sy toorn oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat die waarheid deur hulle ongeregtigheid probeer onderdruk. … [23] In die plek van die heerlikheid van die onverganklike God stel hulle beelde wat lyk soos 'n verganklike mens of soos voëls of diere of slange. [24] Daarom gee God hulle aan die drange van hulle hart oor en aan sedelike onreinheid, sodat hulle hulle liggame onder mekaar onteer. [25] Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig. Amen. [26] Daarom gee God hulle oor aan skandelike drifte. Hulle vroue verander die natuurlike omgang in 'n teen-natuurlike omgang. [27] Net so laat vaar die mans ook die natuurlike omgang met die vrou en brand van begeerte vir mekaar. Mans pleeg skandelikhede met mans en bring oor hulleself die verdiende straf vir hulle perversiteit. [28] En omdat hulle dit van geen belang ag om God te ken nie, gee Hy hulle oor aan hulle verdraaide opvattings, sodat hulle doen wat onbetaamlik is. [29] Hulle is een en al ongeregtigheid, slegtheid, hebsug en gemeenheid; hulle is vol jaloesie, moord, twis, bedrog en kwaadwilligheid. Hulle skinder en [30] praat kwaad; hulle haat God, hulle is hooghartig, aanmatigend, verwaand; hulle is mense wat kwaad uitdink, ongehoorsaam aan hulle ouers; [31] hulle is onverstandig, onbetroubaar, liefdeloos, hardvogtig. [32] Hulle is mense wat die verordening van God ken dat dié wat sulke dinge doen, die dood verdien, en tog doen hulle nie net self hierdie dinge nie, maar hulle vind dit ook goed as ander dit doen. (Romeine 1:18-31)

Verdraaide opvattings gaan oor skandelike drifte. Ongeregtigheid, slegtheid, hebsug, gemeenheid, hooghartigheid en verwaandheid is alles skandelike drifte.

Wie beskryf Paulus hier? Is dit die uitvaagsels en misdadigers in die gemeenskap? Dit is nie! Met hierdie woorde beskryf hy al die mense wat na tempels toe gaan en beelde, wat soos mense, voëls, diere en reptiele lyk, as God vereer. Wie was hierdie mense in die gemeenskap? Dit was nie die wetteloses en misdadigers nie. Dit was die beskaafde en opgevoede mense rondom die Middellandse See. Paulus verwys hier na al die Romeinse senatore, sakemanne, weermagoffisiere en filosowe. Dit is ook 'n beskrywing van al die opgevoede, geleerde, vakkundige en wetsgetroue onderdane uit al die lande om die Middellandse See. Hulle almal het na die tempels toe gegaan en hierdie beelde as gode vereer.

Dit is hierdie beskaafde, wetsgetroue en vooraanstaande mense wat Paulus aandui as mense wat leef in skandelike drifte - deur hul verdraaide opvattings!

Dit word duidelik uit die gemeenskap se houding oor homoseksualiteit. Paulus gebruik dit as 'n inleidende voorbeeld om te wys dat hierdie opgevoede, wetsgehoorsame en beskaafde mense almal in skadelike drifte begeef. Volgens die reg en geregtigheid wat God tussen mense ingestel het, is homoseksualiteit presies die teenoorgestelde ingesteldheid ten opsigte van seksualiteit as wat God bedoel. God het seksualiteit die natuurlike omgang tussen man en vrou gemaak. Hierdie gemeenskap maak die seksuele verkeer van mans met mans of vroue met vroue mense se natuurlike omgang. Hulle maak van dít wat volgens God se wil 'n skandelike drif is, die opregte en ware liefde van mans vir mekaar of van vroue vir mekaar. Dit doen hulle as gevolg van hul verdraaide opvattings.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Paulus is nie hier sommer net besig om die volkere van die Middellandse See sleg te sê of swart te smeer nie. Hy is besig om hul selferkende oortuigings aan die orde te stel. Waarna hy hier verwys, was waardes wat die Griekse filosowe geleer het. Ons kan dit met 'n voorbeeld toelig wat in Paulus se tyd bekend was. Die Griekse filosoof, Plato, skryf ongeveer 400 jaar voor Christus in sy boek, *Die Symposium*, die volgende:

> Nou, soos ek vertel het, het Phaedrus, volgens Arisdemos, begin met die bewering dat die Liefde 'n groot god is, wat deur mense en gode vereer word, veral omrede sy oorsprong. Die verering van hierdie god, het hy gesê, is die oudste, wat bewys word daardeur dat die Liefde geen ouers het nie, en dat daar nóg in vers nóg in prosa iets omtrent sy ouers vertel word ... Ek, altans sal beweer dat 'n seun geen groter voorreg kan geniet as om van jongs af 'n waardige minnaar te hê nie; en die seun sal 'n seën vir die minnaar wees. ... .As ons maar net 'n staat of 'n leër kon hê wat net uit minnaars en geliefdes bestaan, wat kon hulle meer vir hulle land verrig dan die vermyding van alles wat oneerlik is deur hulle wedersydse wedywer? 'n Klein getalletjie van sulke manne, wat bymekaar staan, sou die wêreld kon verower ... Inderdaad, waar Homeros van 'n god praat wat krag in een of ander held inblaas, kan ons aanneem dat dit die uitwerking van die liefde is in die harte van manne wat mekaar liefhet."[Aangehaal uit die vertaling van Marthinus Versfeld, Kaapstad, 1970]

Hierdie Griekse lewenswaarde klink so: Watter soldate sal die beste soldate wees? Soldate wat net wil veg vir hul eie eer, eie trots of eie gierigheid? Of sal soldate, wat mekaar se minnaars is, beter soldate wees? Soldate wat mekaar bemin, sal beter en meer gemotiveerde soldate wees as gierige en selfsugtige soldate! Daarom moet 'n mens in die weermag die nuwe jong seuns die voorreg gee om 'n seksuele verhouding met die ouer mans te hê. Dan sal hulle uit liefde vir hul minnaars 'n hegte groep vorm wat onoorwinlik sal wees. Hulle veg immers uit liefde en vir liefde! Wie gee hierdie wonderlike gawe van die liefde in die harte van die ouer mans vir die jonger seuns in die weermag? Wie gee hierdie gawe aan jong seuns om hulle aan die ouer mans oor te gee? Hierdie is nie sommer net gewone liefde nie. Dit is goddelike liefde. Goddelike liefde is 'n gawe van God! Uit God en deur God!

Volgens die reg en geregtigheid wat Paulus uit die wet van God voorhou, is dít wat die Griekse filosowe en gemeenskap verheerlik as goddelike liefde tussen jong- en ouer mans, 'n skandelik drif. Dit is nie die liefde en respek wat nuwe troepe en ouer offisiere vir mekaar moet hê nie. Dit is magsug waarmee hulle mekaar met perversiteit oorheers en verneder. Wat die Griekse filosofiese gemeenskap as 'n gemotiveerde liefdesbende voorhou wat uit liefde vir mekaar onoorwinlik sal wees, is niks anders nie as magsugtige gesagfigure wat hul ondergeskiktes verneder en onderwerp aan hul skandelike drifte. Dit gaan jongmans in skande bring. Hulle sal vernederd en gekrenk wees. Hulle sal die selfrespek, selfvertroue en trots waarmee hulle gemotiveerde soldate sou wees, verloor. Dit gaan 'n gedemoraliseerde en innerlik verdeelde weermag wees.

Met hierdie verdraaide opvatting oor liefde as goddelike liefde, regverdig hulle hul skandelike drifte in hul eie gemoed vir mekaar as ware liefde.

**3.Verdraaide opvattings is verdraaide waardes en norme**

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Wat is verdraaide opvattings? Dit is verdraaide waardes en norme. Dit is waardes en norme wat presies die teenoorgestelde inhoud het as die reg en geregtigheid wat God tussen mense gestel het, maar wat mense glo die regte en goeie waardes is.

Paulus gebruik homoseksuele verhoudings hier net as ’n voorbeeld van die verdraaide waardes en norme waarmee die gemeenskappe geleef het. Alle sondige drifte in die mens werk altyd in die gemeenskap as verdraaide opvattings. Dit is nie net waar vir die volkeregemeenskap in die tyd van Paulus nie. Hierdie saak van “verdraaide opvattings” tref Paulus self in Jesaja 44:20 aan. Dit is hoe die volkeregemeenskap se sonde in die tyd van Jesaja, en al die ander profete, daar uitgesien het. Dit is hoe sonde altyd in alle gemeenskappe werk - ook in die hedendaagse wêreldgemeenskap.

Verdraaide opvattings is egter veel meer as net die menslike vernuftigheid om seksuele waardes en norme so te verdraai om homoseksuele verhoudings te regverdig. Dit is die vernuftigheid van alle mense in alle verhoudings: om verwronge waardes en norme as die regte, goeie waardes en norme te glo en uit te leef. Dit is die vernuftigheid van mense om elke moontlike skandelike drif uit te leef in die geloof en oortuiging dat dit ware liefde is.

**4.Verdraaide opvattings is die menslike vernuftigheid om alle onreg en ongeregtigheid te glo en uit te leef as reg en geregtigheid**

Ons kan dit met ’n paar voorbeelde ontgin.’n Tienerpaartjie sit en kyk hoe die skool se eerstespan rugby speel. Skielik sê die meisie vir die seun: “Gee my ’n drukkie”. Die seun is besig om die spel te volg en alhoewel hy dit bietjie vreemd vind, gee hy haar ’n drukkie. Hy voel dit is vreemd, maar hy glo sy soek net ’n bietjie liefde! Wat hy nie gesien het nie, is dat ’n ander meisie verby geloop het wat besig was om haar flikkers te gooi. Dít het sy meisie raakgesien. Haar jaloesie het sy uitgeleef as ’n liefdevolle omhelsing. Dit was maar net haar vernuftigheid om sy aandag in jaloesie op te eis. Dit was nie liefde nie.

As jonges oproerig vir mekaar sê, “Ons gaan vanaand kuier!”, dan weet almal dat hulle losbandig gaan drink. Die laaste ding wat hulle saam gaan sit en doen is kuier. Kuier beteken om saam te sit en gesels. Kuier beteken om saam stories en ervarings te deel. As die jonges sê hulle gaan kuier, dan gaan hulle nie sit en gesels nie. Hulle gaan met vertonerigheid en vermakerigheid mekaar aanpor om dronk te word. Hul lustigheid om losbandigheid te vier, word vernuftig as ’n kuier gereël.

Wat irriteer jongmense so as ’n ouer verontwaardig sê: “Ek wou maar net help!” Is jongmense die tipe mense wat geïrriteer word deur die hulp wat hulle benodig? Die irritasie het gewoonlik te make met ouers wat hulle nog soos klein kindertjies, sonder ’n eie wil en mening, behandel. Dit is gewoonlik nie hulp nie, maar oorheersing. Ouers oorheers jongmense vernuftig op so ’n manier dat hulle die oorheersing as hulp en ondersteuning moet aanvaar.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dieselfde geld vir kinders. As ’n kind driftig sê: “Ek is al groot! Ek kan self besluit!”, dan is dit gewoonlik presies net wat hulle nie kan doen nie. Hulle kan nie self betaal vir wat hulle besluit nie. Hulle kan nie self wetlik aanspreeklik gehou word vir besluite wat hulle self neem nie. Die ouers moet betaal en die wetlike aanspreeklikheid dra, terwyl die kinders die besluite wil neem. Hierdie aanmatigende houding om onvolwasse ander vir jou besluite verantwoordelik te hou, hou kinders vernuftig voor as hul strewe na volwassenheid.

Dit is hoe mense karaktermoord as sosiale verkeer aanbied. As ’n persoon in ’n geselskap sê: “Ek het maar net ’n grappie gemaak!”, dan is dit gewoonlik die laaste ding wat die persoon bedoel het. Gewoonlik is die bedoeling van sarkasme, spot, sinisme en koggel om ander persone se karakter te misvorm. Die bedoeling is om die teikens van die spot in die geselskap voor almal te verneder. Hierdie karaktermoord word vernuftig gepleeg as sosiale vermaak en samehorigheid.

Dit is hoe verdraaide opvattings in die sosiale lewe werk. Mense hou hul verdraaide waardes en norme voor as maniere waarop hulle goed, gesellig, verantwoordelik en gemoedelik met mense is.

Dit werk nie net in die sosiale lewe so nie. Dit werk ook so in die openbare lewe. As ’n persoon selfversekerd sê: “Dit is net goeie besigheid”, dan gaan dit gewoonlik oor korrupte besigheid. Oorverhaling op dienslewering, omkopery, roofwins, bedrog en uitbuiting word in firmas, banke en ondernemings vernuftig as goeie besigheid bedryf. As hierdie winste in direksies beplan en uitgedink word, dan word nie gesê dat hulle op geldgierig manier mense wil uitbuit nie. Daar word gewoonlik aangevoer dat hulle goeie besigheidsplanne goedgekeur is.

Net so gee politici gewoonlik voor dat hulle hulself vir die vryheid en regte van die gemeenskap beywer. Baie min, indien enige, sal hulle voorhou as mense wat hulle daarvoor beywer dat mense meer verantwoordelikheid vir hul eie lewe moet aanvaar en meer van hul eie belang moet prysgee in openbare belang. Wat is die doel van owerhede? Is dit om elke mens die gevoel te gee dat hy geen openbare verantwoordelikheid het nie, maar wel regte het? Of is dit hul taak om mense in die openbare belang te orden? Hulle hou hul taak vernuftig presies voor vir dit wat dit nie is nie! Daarmee gee hulle baie keer hul kiesers die gevoel van vryheid, terwyl hulle daardeur die mag verkry vir persoonlike belange.

Wat is goeie nuus? Is dit die inligting wat die gemeenskap moet kry om nie deur skinderstories, bedrog, wanpersepsie, vooroordele en disinformasie mislei te word om sodoende verkeerde menings te vorm nie? Of is goeie nuus juis wanpersepsie en disinformasie? Dit is hoekom die openbare media deur regerings of superbesighede gekoop en opgerig word. Openbare koerante, tydskrifte en televisiekanale se goeie nuus is meestal wanpersepsie wat vernuftig aangebied word as blote verslaggewing. Mense wil eerder in hul eie wanpersepsie versterk word as om hul mening te verander. So maak mense disinformasie vir mekaar op vernuftige manier goeie nuus.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit is wat Paulus, net soos Jesaja en al die profete, en ook die Here aan sy dissipels uitwys – die gewone wyse waarop mense en gemeenskappe werk! Dit is die gewone wyse waarop die openbare figure in die openbare lewe werk. Dit is die gewone wyse waarop die openbare wil van die volk, nasie of gemeenskap werk! Dit is nie die eiesoortige wyse waarop die skuim en opdrifsels van die samelewing werk nie. Mense maak hul eie verdraaide waardes en norme iets wat deur mense as goeie en gerespekteerde waardes aanvaar word, al is dit volgens die Woord van God ongeregtigheid en onreg! Daarom noem Paulus homoseksualiteit net as voorbeeld van hoe alle mense reg en geregtigheid in onreg en ongeregtigheid verdraai: "Daarom is daar vir jou geen verontskuldiging nie, mens wat 'n ander veroordeel, wie jy ook al is. Deurdat jy oor 'n ander 'n oordeel uitspreek, veroordeel jy jouself, want jy wat veroordeel, doen dieselfde dinge." (Rom.2:1)

**5.Verdraaide bedoelings maak onreg en ongeregtigheid tot reg en geregtigheid**
Hoe gebeur dit? Hoe kan mense dit regkry om dít wat God as onreg en ongeregtigheid uitwys, die goeie en gerespekteerde waardes van mense te kan maak?

Maleagi stel dit só: "Julle het die Here moeg gemaak met wat julle gesê het, en dan vra julle nog: "Waarmee het ons Hom moeg gemaak?" Julle het dit gedoen toe julle gesê het: Vir die Here is almal wat verkeerd doen, goeie mense, Hy hou van hulle," of toe julle gevra het: "Waar is die God wat reg moet laat geskied?" (Mal 2:17)

Mense maak asof diegene wat onreg doen en ongeregtigheid pleeg, goeie mense is van wie God hou. Dit gaan weer oor bedoelings. Hoe kan mense diegene wat verkeerd doen as goeie mense voorhou? Die onreg en ongeregtigheid wat gebeur, kan nie goed of reg gepraat word nie! Dit is weer iets wat binne-in die hart, gedagtes en gees van die mens gebeur. Dit gaan oor goeie en slegte bedoelings. Mense maak asof alle kwaad en onreg, wat gepleeg word, uit 'n hart en gees kom wat dit met God en medemens goed bedoel.

Dit is hoe die Jode dit in Maleagi se tyd doen. Hulle regverdig alle mense as goeie mense omdat hulle mense wil glo en sien as mense met goeie bedoelings. Alle mense! Ook hulle wat sonde doen! Ook hulle wat verkeerd doen!

Dit is 'n geloofskeuse en daarom 'n godsdienstige saak. Daar word geglo dat mense goeie bedoelings het. Hierdie geloofskeuse word as God se keuse voorgehou. Dit word voorgehou dat God van alle mense hou, want alle mense sou nou goeie mense wees wat alles altyd goed bedoel. Hulle bedoel goed, al doen hulle kwaad. Dit is die verdraaide opvatting oor mense – mense bedoel goed, al is dít wat hulle doen nie reg nie.

Wat gebeur nou met die slegte bedoelings van mense? Wat doen hierdie geloofsoortuiging met die onreg en ongeregtigheid wat plaasvind? As alle mense net met goeie bedoelings leef, waar kom onreg en ongeregtigheid dan vandaan? Wie se bedoeling is hierdie onreg en ongeregtigheid wat plaasvind? Dit is wat Maleagi baie goed uitwys. Oor hierdie onreg en ongeregtigheid vra die mense wat hul drifte as goeie waardes glo: "Waar is die God wat reg

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

moet laat geskied?" Die kwaad en ellende wat mense tref, is God wat onregverdig is. God laat onreg gebeur! Dit is die selfregverdigende, verbitterde verwyt wat hierdie mense teen God hou.

Wat het hier gebeur? Die posisie van God en mens is omgekeer. Mense glo dat hulle altyd met alles goed bedoel. Mense het goeie bedoelings! God laat onreg en ongeregtigheid gebeur! God het slegte bedoelings met mense! Paulus stel dit só: " Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom." (Rom1:25)   Die mens kry die eer vir goeie bedoelings. God kry die oneer vir die onreg en ongeregtigheid wat deur mense se slegte bedoelings gebeur.

Hierdie is nie sommer maar weer net 'n kwaadwillige wanpersepsie van Paulus en Maleagi oor mense en hul gode nie. Dit is werklik hoe die volkere hul eie gode gesien het. Dit is hoe dit aan kinders in huise en skole geleer is. Hul legendes vertel van mense wat goed probeer doen, maar die gode wat hulle kwaad aandoen. Hulle gode verlei die helde, is kwaadwillig teenoor die helde, doen die helde onreg aan en is ongevoelig, liefdeloos, hardvogtig, gemeen, aanmatigend, verwaand en hooghartig teenoor die helde. Die gode se sekslus, wraaklus, moordlus en jaloesie is die oorsaak van al die swaarkry en ellende wat hul goed bedoelde helde tref.

Dit is die hart van alle vorme van humanisme: geloof in die goeie bedoelings van mense. Mense wil glo in mense se goeie bedoelings. As jy egter in die mens se goeie bedoelings wil glo, dan moet jy glo dat ellende en kwaad, wat deur die onreg en ongeregtigheid van die mens gebeur, die wil, die werk of die onvermoë van God is. Wie die slegte bedoelings van mense in goeie bedoelings verdraai, verdraai meteens ook die goeie bedoeling van God na slegte bedoelings.

Dit is hoekom mense die beeld van God verdraai. Dit is hoekom hulle God aan hulle laat behoort en nie hulself aan God laat behoort nie. As hulle aan God behoort, moet hulle sy goedheid glo en moet hulle hul eie onreg en ongeregtigheid erken as die oorsaak van hul eie ellende. As God aan hulle behoort, kan hulle hulself as goed glo en die ellende van hul eie onreg en ongeregtigheid glo as die wil, die werk of die onvermoë van God.

Afgodsdiens is godsdienstige goddeloosheid. Goddeloosheid is die openlike verwerping en ongeloof in God. Afgodsdiens is die mens se poging om hierdie verwerping van en ongeloof in God só voor te hou dat dit nie as goddeloosheid herken kan word nie, maar as ware godsdiens voorkom. Dit is die mens se vernuftigheid om alles wat die Woord van God as goddeloosheid uitwys, te verdraai en dit hul manier te maak om God te dien. Dit was nog altyd die mens se manier om godsdiens te ontduik en goddeloos te wees – met godsdiens. Jeremia stel dit só: " My volk tree dwaas op, hulle erken My nie, hulle is moedswillige kinders, sonder enige begrip van wat Ek doen. Hulle is net slim as dit kom by verkeerd-doen, van goed-doen wil hulle niks weet nie." (Jer 4:22) Hierdie slimmigheid is die kuns om

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

goddeloosheid te beoefen as aanbidding van God en ongeregtigheid uit te leef as naaste-liefde. In hierdie selfgeloof het die kuns om God en jou naaste te dien, verlore geraak.

Hoe kan iemand dit regkry? Hoe kan iemand alles wat God as sonde uitwys, waardelose waardes, die beter waardes aan God self maak? Hoe kan iemand dit regkry om alles wat die Woord van God as haat uitwys, as die ware liefde tussen God en mense uit te leef?

Dit gebeur deur die beeld van God om te draai. Deur die beeld van God om te draai, maak die mens alles wat volgens God se Woord godsdiens is verkeerd, en alles wat volgens God se Woord verkeerd is, tot godsdiens. Dit is die werklike dinamika van sonde. Dit maak godsdiens sy werkswyse: "Ellende wag vir dié wat hulle deur afgodsdiens vaswoel in die bande van ongeregtigheid, wat verstrik raak in die kettings van sonde. Hulle sê: "Hy moet gou maak, Hy moet sy werk gou doen dat ons dit kan sien! Wat die Heilige van Israel wil doen, moet gou gebeur dat ons dit kan weet." Ellende wag vir dié wat sleg goed noem en goed sleg, wat van duisternis lig maak en van lig duisternis, wat bitter soet noem en soet bitter. Ellende wag vir dié wat dink hulle het die wysheid in pag, wat dink hulle het baie verstand." (Jesaja 5:18-21)

Die dinamika van sonde maak dat mense wat volgens sy wet verbind is aan toewyding aan God en verbind is aan die reg en geregtigheid as naaste liefde – binne die kerk en deur die geestelikes gereken word as die sondiges: "[14] Die reg het van die toneel verdwyn, die geregtigheid is ver van ons af, want die waarheid struikel waar daar reg gespreek word, eerlikheid kan nie daar inkom nie. [15] **Die waarheid het verdwyn, wie ophou om kwaad te doen, word daaroor vervolg**. Die Here het dit gesien en dit is verkeerd in sy oë dat daar geen reg is nie." (Jesaja 59:14,15).[Beklemtoning in vetdruk deur skrywer)]

Hierdie kuns is nie sommer maar net gesindhede en houdings nie – dit werk met 'n inhoudelik program en struktuur: afgodsdiens is om jouself so in God in te leef dat jy jouself deur God uitleef. Om dit te kan doen, moet alles wat volgens die Woord van God God en godsdiens is, in naam behou word. God en godsdiens word die vorm en struktuur van afgodsdiens. Die inhoud van alles wat God is en van wat godsdiens moet wees, word egter vervang deur sonde. Hierdie inhoudelike vervanging van God en godsdiens met sonde gebeur deur 'n verdraaide beeld en verdraaide opvattings. Dit gebeur deur die beeld van God om te draai.

**6. Verdraaide waardes verdraai die karakter van die liefde vir God en mens**

Wat gebeur met liefde in hierdie verdraaide bedoeling? Paulus beantwoord dit in Romeine1:25 wanneer hy sê: "Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom." Die diens en verering wat God toekom, word verdraai om diens en verering te wees wat mense nou toekom. Dit werk dan ook andersom: wie God se diens en verering verdraai om diens en verering van mense te wees, verdraai die diens en respek wat mense moes kry, om diens en eer vir God te wees.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hoe moet liefde tussen God en mense volgens God se bedoeling wees? Die karakter van liefde tussen God en mens in godsdiens is volgens Matteus 22:37-39: “Jesus antwoord hom: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. [39] Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede wat hiermee gelyk staan, is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. [40]In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat.”

Goddeloosheid keer dit om. Die diens en verering om God met jou hele hart, siel, gees en al jou krag lief te hê, word nou die diens en verering van mense. Jy het mense lief met jou hele hart, siel, verstand en al jou krag. Daarom word die manier waarop jy jou naaste moet liefhê nou die manier waarop jy God moet liefhê. Mense het God soos hul naaste lief – hulle het God so lief soos hulle hulself liefhet.

Hierdie omgekeerde liefde is die tipe liefde wat in goddeloosheid en afgodsdiens voorgehou en ervaar word as die beter, sterker, inniger, dieper, groter, meer werklike en meer vervullende liefde as die tipe liefde waarvolgens jy God met jou hele hart, siel, verstand en al jou krag moet liefhê en jou naaste net soos jouself mag liefhê.

Dit is wat in identifikasie met God gebeur. Identifikasie met God word altyd ervaar as die soek en vind van liefde. Liefde wat beter en inniger is as die liefde in godsdiens: “Moenie jou skoene stukkend loop agter die afgode aan nie, jou keel laat droog word van die dors nie. Maar jy sê: “Ek sal nie daarmee ophou nie. Ek het die vreemde gode lief, ek wil hulle dien.” (Jeremia 2:24,25) Mense glo hulle ervaar God meer intiem en inniger as hulle God se gelyke is. Mense glo dat hulle hul medemens meer intiem en innig ervaar as hulle en hul medemens alles in hart, siel, verstand en krag vir mekaar is. Hierdie innigheid met God, waarin die mens sy eie liefde vir homself en sy naaste ervaar as die hoër liefde met God waarna mense moet strewe, word só in die profete beskryf:  “En dit jy, jy wat gedink het: ek klim op hemel toe, ek gaan my troon neersit bokant die hoogste sterre, ek gaan my plek inneem op die berg waar die gode mekaar ontmoet, ver in die noorde. Ek klim op tot bokant die wolke, ek word soos die Allerhoogste self.” (Jes.14:13,14)

Die inniger, dieper en kragtiger liefde waarmee die mens alles vir sy naaste is, beskryf Jesaja só: “Luister dan nou hierna, jy wat in wellus lewe, jy wat rustig woon, jy wat dink daar is niemand soos ek nie, ... Jy het op jou bose dade vertrou, jy het gedink daar is niemand wat jou sien nie. Jou wysheid en kennis het jou mislei, en jy het gedink daar is niemand soos jy nie.” (Jesaja 47: 8-10) Dít is die selfervaring van hierdie dieper menslike liefde: daar is niks en niemand soos ek vir myself, ek vir julle en ons vir mekaar nie. Mense glo hulle is alles vir mekaar. Hierdie goddelike liefde van mense vir mekaar word genoem die kennis en wysheid waarmee mense mekaar mislei. Dit is die kennis van die boom van kennis.(Genesis 2:17) Dit is die kennis waarvolgens mense hulself een met God ervaar.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die profete wys die hele tyd daarop dat God afwesig is in hierdie dieper en inniger liefde wat mense onderling met mekaar en tussen hulle en God ervaar. Dit is nie 'n liefde wat regtig tussen God en mens gebeur nie. God laat Hom nie as 'n gelyke liefhê deur mense nie. "Israel is 'n volk sonder begrip van wat Ek doen. Daarom sal sy Maker hom nie langer liefhê nie en sal sy Skepper hom nie genadig wees nie."(Jesaja 27:11) Hierdie ervaring van God as jou naaste is nie die dieper begrip van God se liefde nie. Dit is onbegrip van God se liefde. Wie God só liefhet, ervaar in sy dieper, inniger, hoër en werkliker liefde met God inderwaarheid niks nie. God is in hierdie liefde afwesig. God het sy liefde as Skepper van hierdie innige koestering met God onttrek. Die inniger en dieper liefde vir God word só bespot: "Dit is hulle wat vir 'n stuk hout sê: "My vader," en vir 'n klip: "U het my in die wêreld gebring. Na My toe het hulle hulle rug gedraai in plaas van hulle gesig." (Jeremia 2:27) Hierdie ervaring van God se liefde as nader en inniger met 'n god wat net soos mense is, is 'n niks anders as 'n leë selfbelewenis waarin God en sy liefde afwesig is nie.

Dit is soos teddiebeerliefde! Kinders wat van teddiebere hou, teddiebere omhels, met hulle speel en hulle vertroetel, wil dit nie met regte bere doen nie. Hulle is bang vir regte bere. Hulle sal nie aan bere die aandag en versorging gee wat hulle nodig het nie. Hulle wil met teddiebere speel. Hulle wil nie regte bere versorg nie. Teddiebeerliefde is selfliefde. Dit is selfvertroeteling en selfverinniging. Dit het niks met 'n regte beer te doen nie. Dit het alles net met die kind self te doen. Net so is hierdie inniger, dieper en hoër liefde, waarin mense een met God is, selfvertroeteling. Dit is ook nie dieper en voller liefde vir mense nie. Dit is ook net selfvertroeteling.

**7. Mense glo goddelike liefde is die beter alternatief vir menslike liefde**

Paulus wys daarop dat mense deur hul ongeregtigheid die waarheid probeer onderdruk. Om God met jou hele hart, siel, verstand en al jou krag lief te hê en jou naaste soos jouself is die waarheid.  Waarmee word hierdie liefde onderdruk? Dit word met goddelike liefde van mense vir mense onderdruk.

Dit is die kontras waarmee afgodsdiens werk. Hierdie gewone liefde soos God dit voorhou - totale liefde vir God en gedeelde liefde met mense - moet plek maak vir presies die teenoorgestelde soort liefde – totale liefde vir die mens en die dinge van mense en gedeelde liefde met God. Die liefde wat God van mense vra, is gewone menslike liefde. Menslike gedagtes oor God en medemense, menslike gevoelens oor God en mense, menslike ervarings van God en mense, en menslike diens aan God en mense.

Die omkering van die karakter van menslike liefde vir God en die medemens maak dat identifikasie met God 'n ander soort liefde is as gewone menslike liefde. Dit is goddelike menslike liefde. Die mens ervaar dat hy een met God is omdat God sy naaste is en hy God soos homself liefhet. Die mens ervaar sy eenheid met God as hy as mens alles vir ander mense is en ander mense alles vir hom is. Hierdie goddelike eenheid is die nuwe soort liefde in identifikasie met God wat die geheimsinnige dieper, groter, inniger en hoër liefde vir God en mense is as wat die gewone menslike liefde vir God en mense is.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**8. Mense glo mag en vrees is liefde**
Wat is die inhoud van hierdie geheimsinnige hoër, dieper, inniger, groter en meer vervullende liefde in afgodsdiens as die inhoud van liefde in godsdiens?

Die Woord van die Here verwys daarna in Habakuk: "Dan jaag hulle verder, hulle trek verby soos die wind. Vir hierdie nasie is sy eie mag sy god." (Habakuk 1:11) Dit is die inhoud van liefde in alle afgodsdiens – mag. Dit is hoekom die bedoeling van liefde tussen God en mens omgekeer word. 'n Mens wat God soos homself liefhet, het mag oor God verkry. Dit is 'n mens wat glo dat hy die mag gekry het om God tot sy naaste te maak. Dit is 'n mens wat glo dat hy God soos homself maak. Dit is 'n mens wat God van sy Godheid ontgoddelik en God vermenslik.

'n Mens wat sy medemens liefhet of verwag dat sy medemens hom sal liefhê met sy hele hart, sy hele verstand, sy hele siel en al sy krag, het mag oor mense verkry, of mag aan mense gegee. Hulle bemagtig mekaar met 'n liefde waarin hulle die diens en verering, wat net God toekom, aan mekaar gee. God word van die diens wat Hom toekom beroof en mense gee en ontvang hierdie vergryp teen God aan mekaar. Hulle bemagtig mekaar om alles vir mekaar te wees, terwyl God net kry wat mense sou kry – verdeelde aandag, verdeelde gevoelens en verdeelde diens.

In hierdie selfbemagtiging glo mense dat vrees liefde is. Jesaja stel dit só: "Vir wie was jy so bang en bevrees dat jy vals geword het? Jy dink nie meer aan My nie, jy steur jou nie meer aan My nie. Ek het lank geswyg toe jy My nie meer gedien het nie, maar nou sal Ek jou skynheiligheid aan die kaak stel, alles wat jy gedoen het, en jou gode sal jou nie kan help nie. (Jesaja 57:11)

Die liefde wat Israel aan baie gode betoon het – die gode van Egipte, die gode van die Kanaäniete, die gode van die Assiriërs, Babiloniërs, Perse, Grieke en Romeine was niks anders as die vrees van 'n onderwerpte nasie nie. Die gode van hierdie nasies was niks anders as hulle selfverheerlikte mag nie. Die liefde vir hierdie gode was niks anders as hierdie nasies se vrees vir die mag van die gode van die nasies wat hulle onderwerp het nie. Deur hierdie mag met liefde te omhels, wou hulle hulself teen die skade, pyn en vernietiging van hierdie mag beskerm.

Dit is hoe mense mag glo en ervaar: hulle glo en ervaar dit as liefde. Dit is nie net die magsuitoefening wat mense as liefde glo nie. Mense glo en ervaar ook dat dit liefde is wanneer hulle hulself aan mag onderwerp en gedienstig is aan ander se mag. Daarom glo en ervaar mense wat ander aan hulle onderwerp hulself as weldoeners, terwyl diegene wat hulself onderwerp, hul oorgawe aan mag as oorgawe aan weldoeners glo en ervaar. Die geloof in oorheersing en onderwerping is die twee kante van hierdie nuwe goddelike liefde vir mekaar.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die Here Jesus wys dit uit in die magsug van die dissipels: “Daar het onenigheid onder hulle ontstaan oor wie van hulle as die belangrikste beskou moes word. Maar Jesus sê vir hulle: “By die nasies is dit so: konings speel oor hulle baas, en dié wat gesag afdwing, laat hulleself weldoeners noem. Maar by julle moet dit nie so wees nie. Inteendeel, die belangrikste onder julle moet soos die geringste wees, en die een wat die leier is, soos die een wat dien.” (Lukas 22:24)

Die afdwing van mag word deur dié wat dit afdwing, ervaar as welwillendheid. Die mense wat hulle uit vrees gedienstig aan mag onderwerp, ervaar hul vrees en oorgawe as toewyding. Die inhoud van hierdie mag en vrees is net so wyd soos die gees van die mens self: dit kan die mag en vrees wees van aanvaarding en verwerping, eensaamheid en gemeensaamheid, rykdom en armoede, beheer en magteloosheid, guns en onguns, welwillendheid en kwaadwilligheid.

Daarom is die inhoud van dié tipe liefde, waarin mense alles wil wees vir hul naaste, die wil tot mag of onmag. Dit is die wil tot oorheersing of oorgawe. Die oorgawe van mense om alles vir ’n ander mense te wees is vrees. Die dinamika van hierdie vrees is dat dit beter is om naby jou oorheersers te wees as wat dit is om ver van hulle af te wees. Dit is beter om ’n goeie verhouding eerder as ’n slegte verhouding met jou oorheerser te hê. Daarom word mense vals en glo hulle dat hul eie oorgawe aan mag ’n oorgawe aan liefde is. Met hierdie tipe liefde en oorgawe aan mag, probeer hulle hul geld, aansien, waardigheid, invloed, sosiale posisie en aanvaarding verseker.

**9.In afgodsdiens moet Christus die persoon wees wat menslike liefde met goddelike liefde vervang**

Die inhoud van liefde volgens God se Woord is die gehoorsaamheid aan die nuwe wet van God: “.... Dit is nie iets nuuts wat ek aan julle voorskryf nie, maar ’n gebod wat ons van die begin af gehad het: Ons moet mekaar liefhê. [6] En liefde beteken dat ons volgens die gebooie van God lewe. Soos julle van die begin af gehoor het, is dit sy gebod dat julle in die liefde moet lewe.” (3 Johannes:5, 6) Hierdie nuwe wet is en bly altyd die Tien Gebooie. Soos Johannes dit stel: dit is die gebod wat van die begin af, dit wil sê vanaf Moses, daar was.

Johannes beklemtoon hierdie eenheid van wet en liefde baie sterk in sy drie briewe:
Iemand wat bely dat hy Christus as Here ken, gehoorsaam God se gebooie (1 Joh. 2:4);
Oortreding van die wet van God is sonde(1 Joh.3:4);
Iemand wat in Christus ingesluit is, kan nie aanhou om die wet van God te oortree nie (1 Joh. 3:6);
Iemand wat deur Christus geregverdig is, leef ook regverdig, dit wil sê volgens die wet (1 Joh.3:7);
Iemand wat nie volgens die wet regverdig leef nie, het nie lief nie (1 Joh.3:10);
Wie God se gebooie gehoorsaam, bly in Christus.(1 Joh.3:24);
Liefde vir mense is die onderhouding van die Tien Gebooie (1 Joh.5:2,3);
Liefde beteken om volgens die Tien Gebooie te leef (3 Joh.6).

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die rede vir hierdie sterk beklemtoning is dat daar begin is om 'n nuwe tipe liefde in die gemeentes te verkondig deur predikers wat Johannes die "antichris" (1 Joh.2:18;4:3), "mense wat hulle wil mislei" (1 Joh.2:26), "vals profete" (1 Joh.4:1), en die "gees van dwaalleer" en "misleiers" (2 Joh. 7) noem.

In hierdie nuwe tipe liefde ontken mense:
Dat hul sonde sonde is (1 Joh.1:8,10);
Erken hulle dat Christus die Here is, maar nie aan die Tien Gebooie gebind is nie (1 Joh.2:4);
Beskou hulle die oortreding van die wet nie regtig as sonde nie (1 Joh. 3:4);
Kan hulle voortgaan om die wet van God te oortree (1 Joh.3:6);
Leef hulle nie regverdig nie (1 Joh.3:10);
Het hulle geen meelewing met die gebrek van medegelowiges nie (1 Joh.3:17);
Gaan dit nie meer oor gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie nie (1 Joh.3: 22; 5:2,3).

Hierdie nuwe tipe liefde, wat hierdie mense verkondig het, was die ervaring dat mense een is met God. Hierdie eenheid met God het hulle "kennis" of "kennis van God" genoem (1 Joh.1:4).  Paulus verwys ook na hierdie saak in 1 Timoteus 6:20,21: "Timoteus, bewaar wat aan jou toevertrou is. Vermy die onheilige en sinlose praatjies en die redenasies van die "kennis", soos dit verkeerdelik genoem word. 21 Daar is mense wat daardie "kennis" aanhang en so van die geloof afgedwaal het."

In hierdie tipe liefde het die mense geglo hul gees en God se Gees is en word een gees. Daarom was Jesus vir hulle die rolmodel van hierdie tipe geestelikheid: Jesus was die persoon in wie hierdie geestelike eenheid tussen die Gees van God en die gees van die mens die eerste keer plaasgevind het. Daarom het hulle nie aanvaar dat Christus werklik 'n gewone mens van vleis en bloed was en is nie.

Dit is teen hierdie geestelike ervaring van God in en deur Jesus wat Johannes in 1 Joh. 4:1-6 die volgende stel:

> Geliefdes, moenie enigeen glo wat sê dat hy die Gees van God het nie, want daar is nou reeds baie vals profete in die wêreld, maar ondersoek elkeen, ondersoek of sy gees van God afkomstig is. 2 Hiéraan ken julle die Gees van God: elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van God afkomstig is. 3 en elkeen wat dit nie van Jesus bely nie, het nie die Gees wat van God afkomstig is nie. Hy het die gees van die antichris, die gees van wie julle gehoor het dat hy kom en wat nou reeds in die wêreld is. ... 6 ... Hieraan kan ons die Gees van die waarheid en die gees van dwaalleer onderskei.

In hierdie geestelike eenheid met God het hierdie mense die goddelike liefde gevind. In hierdie goddelike liefde was die Tien Gebooie die ou gebooie van die God van die Ou Testament. Jesus het hulle van hierdie ou God van die Tien Gebooie losgemaak. Hy het in die plek van die Tien Gebooie die nuwe goddelike liefde gebring, hierdie tipe liefde waarin die mens se gees en God se Gees een gees is. Dit is die gees waarin die mens God se goddelikheid as deel van en een met sy eie lewe ervaar. Johannes dui met die volgende sin

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

hierdie goddelike tipe liefde as afgodsdiens aan: "Liewe kinders, bly dus weg van die afgode af. (1 Joh.5:21)

Hier het ons die onderskeid tussen die nuwe wet en die ou wet in alle afgodsdienste. Volgens hierdie afgodsdiens is die ou wet, wat die Here Jesus kom afskaf het, die Tien gebooie. In die plek van die Tien Gebooie het die Here dan die nuwe wet gebring: goddelike liefde. Mense moet hierdie goddelike liefde, waarin hulle en God se gees een gees is, ervaar en uitleef.

**10. Goddelike liefde is die kuns om sondige begeertes as die ware liefde uit te leef**
Wat gebeur as die Tien Gebooie nie meer die inhoud van ons liefde vir God en ons naaste is nie? Wat gebeur in hierdie goddelike liefde waarvolgens God en mens een in gees is?

Dit is wat Paulus in Romeine 1 besig is om te probeer verduidelik. In alle afgodsdiens word liefde en God se wet teenoor mekaar gestel as alternatiewe wat mekaar uitsluit. In hierdie nuwe tipe goddelike liefde ervaar mense nie eenheid met God se gees nie. Hulle ervaar net hul eie sondige begeertes as liefde vir God en hul medemens.

Wat ervaar twee mense van dieselfde geslag wat geslagtelik met mekaar verkeer? Paulus wys daarop dat hulle perverte begeerte as liefde vir mekaar ervaar. Wat die Bybel sonde noem, is vir hulle liefde. Dit is die inhoud van alle goddelike liefde – die mens se sondige begeertes. Dit is die betekenis van verdraaide opvattings:

> En omdat hulle dit van geen belang ag om God te ken nie, gee Hy hulle oor aan hulle verdraaide opvattings, sodat hulle doen wat onbetaamlik is. [29] Hulle is een en al ongeregtigheid, slegtheid, hebsug en gemeenheid; hulle is vol jaloesie, moord, twis, bedrog en kwaadwilligheid. Hulle skinder en [30] praat kwaad; hulle haat God, hulle is hooghartig, aanmatigend, verwaand; hulle is mense wat kwaad uitdink, ongehoorsaam aan hulle ouers; [31] hulle is onverstandig, onbetroubaar, liefdeloos, hardvogtig. [32] Hulle is mense wat die verordening van God ken dat dié wat sulke dinge doen, die dood verdien, en tog doen hulle nie net self hierdie dinge nie, maar hulle vind dit ook goed as ander dit doen. (Romeine 1:28-31)

Dit is die kuns om die karakter van liefde om te keer: God word soos onsself liefgehê en ons naaste word met ons hele hart, siel verstand en al ons krag liefgehê. Terselfdertyd word liefde losgemaak van die inhoud van die Tien Gebooie. Waar dit gebeur, ervaar mense hul eie sondige begeertes as die inhoud van 'n nuwe tipe liefde – goddelike liefde. Wanneer sondige begeertes die Tien Gebooie as die inhoud van liefde vervang het, ervaar mense mag en vrees as die ware bedoeling van hul eiesinnige liefde. Dit is die diepste ervaring van hierdie goddelike liefde – mag en vrees.

Die hele Bybel ontbloot hierdie goddelike liefde in afgodsdiens as niks anders as die mens se sondige begeertes wat hulle hardkoppig as liefde ervaar nie. Dit is wat die Bybelskrywers uitwys in hul lyste van sonde of ondeugte teenoor die inhoud van die liefde in die evangelie. Wanneer Paulus die "praktyke van die sondige natuur" teenoor die "vrug van die Gees" in Galasiërs 5 stel, dan stel hy die mens se verdraaide opvattings teenoor die inhoud van liefde as reg en geregtigheid volgens die wet van God.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, [20] afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, [21] afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge. Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie. [22] Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, [23] nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie. [24] Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig
> (Gal 5:19-24)

Die praktyk van die sondige natuur is om hierdie ondeugde uit te leef in die geloof dat dit ware deugsaamheid is; vandaar die verwysing na "afgodsdiens". Alles wat Paulus hier as ondeug noem, word in afgodsdiens geleef as die dieper, inniger en hoër liefde as dít wat in die Christelike kerk geleef word as die vrug van die Gees.

Dit is ook die teenstelling wat in Efesiërs 4:17-25 aangetref word:

> In die Naam van die Here doen ek 'n ernstige beroep op julle: Moenie langer soos heidene lewe nie. Hulle gedagtes lei tot niks, [18] hulle verstand is verduister, en hulle het geen deel aan die lewe wat God skenk nie, omdat hulle hardnekkig in hulle onkunde volhard. [19] Hulle het heeltemal afgestomp geraak en hulle met 'n onversadigbare drang aan losbandigheid oorgegee om al wat vuil is, te doen. [20] Maar dit is nie hoe julle Christus leer ken het nie. [21] Julle het tog van Hom gehoor, en omdat julle sy volgelinge is, is julle onderrig volgens die waarheid wat in Jesus is. [22] Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. [23] Julle gees en gedagtes moet nuut word; [24] lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig. [25] Noudat julle die valsheid afgelê het, moet julle onder mekaar die waarheid praat, want ons is lede van dieselfde liggaam.

Die ou sondige mens is die mens wat alles wat die Bybel as ondeug beskryf, uitleef as ware liefde vir mekaar. Dit gebeur omdat die wet as inhoud van liefde vir mekaar met hulle sondige begeertes vervang is. Hulle glo hul sondige begeertes vir mekaar is hul ware liefde vir mekaar. Hierdie goddelike liefde is die blinde liefde waarin mense mekaar in afgodsdiens liefhet. Hulle glo hul selfsugtige begeertes is hul liefde vir mekaar. Daarom die hardnekkige volharding en afgestomptheid om mekaar deur sondige begeertes te vernietig, maar altyd te bly glo dat dit dieper en inniger liefde is as die liefde waar die wet die inhoud van liefde is. Daarom noem Paulus dit valsheid: dit is haat wat as liefde geglo en uitgeleef word.

**11.Goddelike liefde is onverdraagsame liefde**

Paulus stel dit duidelik dat hierdie verdraaide liefde en waardes nie 'n gesindheid van verdraagsame demokratiese diversiteit is nie. Die hele doel van verdraaide opvattings is "... die goddeloosheid en ongeregtigheid van mense wat die waarheid deur hulle ongeregtigheid probeer onderdruk." (Rom.1:18) As mense hul eie begeertes as liefde glo, wat glo hulle dan is liefde volgens die wet van God?

Dit spreek die apostel Petrus aan in sy eerste brief:

> [12] Gedra julle altyd goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening.(1 Pet.2:12)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> ... Omdat Christus dan liggaamlik gely het, moet julle julle ook met die gedagte wapen dat wie liggaamlik gely het, met die sonde afgereken het: [2] vir die res van sy aardse bestaan word sy lewe nie meer beheers deur menslike begeertes nie, maar deur die wil van God. [3] In die verlede toe julle nog heidene was, is julle lewe lank genoeg beheers deur julle heidense begeertes: losbandigheid, wellus, dronkenskap, swelg- en drinkpartye en afskuwelike afgodery.[4] Nou vind die heidene dit vreemd dat julle nie langer met hierdie stroom van losbandigheid saamgaan nie, en hulle beswadder julle.
> (1 Petrus 4:1-4)

Om jou begeertes te glo en uit te leef as liefde, is die lewenswyse van die heidendom. Die heidense begeertes waarin die Christene geleef het (losbandigheid, wellus, dronkenskap, swelg- en drinkpartye) word weer eens as afgodery uitgewys. Dit is presies wat in Exodus 32 met die aanbidding van die goue kalf gebeur het: die wellus en losbandigheid van die volk is as godsdiens gevier.

Wat gebeur as jy nie meer jou begeertes glo en uitleef as liefde nie, maar die inhoud van die Here se wet as die inhoud van liefde glo en uitleef? Dit kan nie so werk dat mense hul verdraaide opvattings as verdraaide opvattings kan erken, en terselfdertyd aanvaar dat ander mense die inhoud van die wet as ware liefde erken nie. Waar dit gebeur, staan mense in hul verdraaide opvattings ontbloot in hul begeertes wat hulle as “goddelike liefde” glo en leef as mense wat God en mekaar nie liefhet nie, maar haat soos wat Paulus dit aan die Romeine en Jode in hul afgodsdiens uitwys:

> Daar staan immers geskrywe: “Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie, [11] daar is nie een wat verstandig is nie; daar is nie een wat na die wil van God vra nie. [12] “Almal het afgedwaal, almal het ontaard. Daar is nie een wat goed doen nie, selfs nie een nie.[13] “Hulle keel is ’n oop graf, met hulle tonge bedrieg hulle. Oor hulle lippe kom woorde so giftig soos slange, [14] hulle mond is vol vervloeking en bitterheid.[15] “Hulle voete is vinnig om bloed te vergiet. [16] Hulle laat ’n spoor van verwoesting en ellende agter. [17] Die pad van vrede het hulle nie leer ken nie,[18] ontsag vir God het hulle nie.
> (Rom.3:10-18)

Die liefde vir God volgens sy wet word nou gesien as ’n misdaad teen die mensdom. Daarom word mense, wat tot liefde volgens die wet verbind is, beswadder en verdaggemaak as mense wat lewens- en wêreldvreemd is. Liefde as gehoorsaamheid aan die inhoud van God se wet, word gesien en geglo as haat teen die ware liefde waarin mense altyd alles goed bedoel.

Wat die Bybel verkondig as liefde word geglo as haat teen die mens se menslike aard;
vreugde in God se wet word gesien as die demp van gelukkigheid;
vrede volgens die wet word ervaar as onderdrukking;
geduld volgens die wet word gesien as foltering van die menslike gees;
vriendelikheid volgens die wet word geglo as onbarmhartigheid;
goedhartigheid volgens die wet word gesien as wreedheid;
getrouheid volgens die wet word ervaar as engheid;
nederigheid volgens die wet word geglo as skynheiligheid en
selfbeheersing volgens die wet word ervaar as die ontkenning van jou menslikheid.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Deur die kuns van verdraaide opvattings word die liefde waartoe God mens verbind gesien en geglo as skewe en verwronge waardes.

**12. Goddelike liefde is blinde liefde**

Die straf en oordeel van God oor goddeloosheid en afgodsdiens is dat Hy mense binne-in hul selfgemaakte goddelike liefde vir Hom en mense los en daarom ook binne hul eie waardelose waardes. Die toorn van God is dat Hy mense oorgee aan mekaar om mekaar met hierdie goddelike liefde en waardelose waardes te vernietig. Rom.1: 24-28 stel dit so: "Daarom gee God hulle aan die drange van hulle hart oor en aan sedelike onreinheid, sodat hulle hulle liggame onder mekaar onteer. ... [26]Daarom gee God hulle oor aan skandelike drifte ... [28]En omdat hulle dit van geen belang ag om God te ken nie, gee Hy hulle oor aan hulle verdraaide opvattings, sodat hulle doen wat onbetaamlik is."

Mense glo en ervaar hul goddelike liefde van mag en vrees is ware liefde. Dit is die wyse waarop hulle 'n liefde van reg en geregtigheid tussen mense probeer onderdruk. Hulle probeer die menslike liefde vir mekaar volgens reg en geregtigheid met 'n liefde van mag en vrees onderdruk.

Wat is die gevolge van hierdie soort liefde wat mense in mekaar beleef as geheimsinniger, dieper, inniger, groter en vervullender as die liefde volgens God se wet wat reg en geregtigheid is?

Hierdie skepping is God se skepping. God laat sy skepping werk soos Hy dit gemaak het. God het mense gemaak om mekaar in geregtigheid en reg lief te hê. Mense is bedoel om mekaar lief te hê met die gesindheid van reg en geregtigheid, wat beteken om volgens die wil van God teenoor mekaar op te tree. Op hierdie wyse vind mense God se bedoeling met ander mense en met hulle. Op hierdie wyse vind mense die betekenis van medemenslikheid. Die mens kan nie hierdie inhoud van medemenslikheid omkeer en 'n dieper en voller medemenslikheid in 'n mens buite God se wet vind nie. Binne mense se soeke na goddelike liefde in mekaar, verloor hulle die doel en betekenis van medemenslikheid.

Dit is die straf en oordeel van God oor hierdie verdraaide medemenslikheid. Die straf en oordeel van God is eerstens dat hy mense in hul eie liefde laat glo. Maar God se straf is ook dat mense in hierdie selfgemaakte medemenslikheid die betekenis van medemenslikheid verloor. Die profeet Jesaja stel dit só in Jes. 34:11,12: "Maar die pelikaan en die krimpvarkie neem dit in besit, en die uil en die kraai woon daarin. En Hy sal die riglyn van woestheid daaroor span en die skietlood van vormloosheid.[12] Sy edeles - daar sal hulle geen koninkryk meer uitroep nie, en met al sy vorste is dit gedaan.[13] En sy paleise word begroei met dorings, brandnekels en distels sal in sy vestings wees. En dit sal 'n lêplek van jakkalse, 'n verblyf vir die volstruise wees". Dit is presies die teenoorgestelde inhoud van die liefde wat God skep in Jesaja 28:17: "En Ek sal die reg tot 'n riglyn maak, en geregtigheid tot 'n skietlood." (1933-AV). Hierdie woestheid en vormloosheid is hoe die skepping was voor God alles deur sy krag gemaak het: "In die begin het God die hemel en die aarde geskape. En die aarde was woes en

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters." (Genesis 1:2).(1933-AV)

Hierdie sug na goddelike medemenslikheid is nie die weg na 'n dieper liefde nie. Dit vernietig die mens en sy medemenslikheid. Dit breek die mens af tot dit wat die mens was voor God Hom gevorm het. Dit maak die mens en medemenslikheid *niks*. Dit maak medemenslikheid sinloos, doelloos en betekenisloos, want waar die liefde in reg en geregtigheid na liefde in mag en vrees verdraai is, is geen liefde nie. Die liefde wat mense só vir mekaar maak en glo is *niks*. Die lewe wat mense só met mekaar saamleef, word 'n lewe van *niks*: sinloos, betekenisloos en doelloos. Dit is 'n vernietigende liefde. Hierdie tipe liefde vernietig alles wat moes gewees het. Dit maak die woonplek van mense, medemenslikheid, die woonplek van wilde diere.

Goddelike medemenslike liefde is blinde liefde. Die oordeel van God is dat Hy mense in hierdie blindheid los. Die oordeel van God is dat Hy mense in hierdie selfvernietigende liefde los. Dit is 'n tipe liefde waarvolgens mense mekaar doelloos en betekenisloos maak, terwyl hulle nooit raaksien dat dit húlle is wat dit met mekaar doen nie. Terwyl hulle mekaar afbreek, aftakel, stukkend maak en verniel totdat alles sinloos is, bly hulle glo in hierdie dieper, geheimsinniger en voller liefde vir mekaar – 'n goddelike liefde waarvolgens mense alles is vir mekaar en God maar net soos 'n mens geglo en behandel word: misbaar, tydelik, afhanklik, kwaadwillig, onbevoeg, sleg en afwesig. Terwyl mense mekaar vernietig in en deur hul waardelose eiebelang, glo hulle nog steeds dat hulle die morele hoë grond in die gemeenskap beklee. Hierdie oordeel van God maak dat mense mekaar in 'n gemeenskap vernietig met mag en vrees, terwyl hulle glo dat hulle in ware liefde vir en met mekaar leef:

> Toe het die Here gesê: "Gaan sê vir hierdie volk: Julle sal hoor en hoor en tog sal julle niks verstaan nie, en kyk en kyk en tog niks sien nie." 10 Verder het Hy vir my gesê: "Maak hierdie volk traag van begrip, maak hulle ore doof en hulle oë blind sodat hulle nie met hulle oë sien, met hulle ore hoor, en met hulle verstand begryp en hulle hulle bekeer en genees word nie." 11 Toe vra ek: "Tot wanneer, Here?" En Hy het geantwoord: "Totdat die stede verwoes en sonder inwoners is, totdat die huise verlate is en die land in 'n puinhoop omskep is, 12 totdat Ek, die Here, die mense ver weggevoer het, en die land heeltemal verlate is. 13 Selfs al is daar net 'n tiende oor, sal die land nog verder verwoes word. "Maar soos van 'n akkerboom of 'n terpentynboom 'n stomp bly staan wanneer dit afgekap word, so sal daar vir die land 'n stomp oorbly: die gewyde geslag.
> (Jesaja 6:9-12)

> Hulle ken nie so iets soos 'n pad van vrede nie, waar hulle loop, is daar geen reg nie; hulle loop krom paaie, wie hulle volg, sal nie vrede ken nie.[9] Daarom is daar geen sprake van reg en geregtigheid vir ons nie. Ons wag op lig, maar dit bly donker, ons wag op 'n straaltjie lig, maar ons pad bly pikdonker. [10] Ons tas teen die mure soos blindes, ons tas rond soos mense wat geen oë het nie. Ons struikel helder oordag soos in die skemer, ons is soos dooies onder gesonde mense. [11] Ons is almal soos grommende bere, soos duiwe wat kla en kla. Ons wag op reg, maar daar is geen reg nie, op redding, maar dit bly ver van ons af. [12] Ons oortredings teen U is baie, ons sondes kla ons aan. Ons oortredings bly ons by, ons bly bewus van ons sondes: [13] die oortreding en die geveinsdheid teenoor die Here, die ontrou teenoor ons God, die beplanning van onderdrukking, die verdraaiing van die reg, die uitdink en rondvertel van leuens. [14] Die reg het van die toneel verdwyn, die geregtigheid is ver van ons af, want die waarheid struikel waar daar reg gespreek word, eerlikheid kan nie daar inkom nie. [15] Die waarheid het verdwyn,

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> wie ophou om kwaad te doen, word daaroor vervolg. Die Here het dit gesien en dit is verkeerd in sy oë dat daar geen reg is nie.
> (Jesaja 59:8-15)

**13. Verdraaide waardes is waardelose magsbelange**

Liefde vorm waardes en norme. Menslike waardes en norme is die wyse waarop mense hul lewenswyse rig om met God en met mekaar in liefde te leef. Daarom gee menslike waardes uitdrukking aan die liefde wat mense van God ontvang en met mekaar deel. God se liefde en God se eis vir hoe menslike liefde moet wees, is die oorsprong en krag wat alle menslike waardes bepaal.

Maar in afgodsdiens vervang die mens se sondige begeertes God se liefde en God se wil oor hoe mense moet liefhê. Daarom is die oorsprong en krag wat menslike gedrag en optredes in afgodsdiens vorm en rig die sondige begeertes van die mens.

Die mens se sondige begeertes kan nie die krag wees om waardes en norme te skep waarin mense hul lewe inrig om mekaar lief te hê nie. Hierdie goddelike liefde wat hulle nastrewe, is mag en vrees. En waar daar vrees is, kan daar nie liefde wees nie: "[18]Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie." (1 Joh.4:18)

Die waardes en norme wat in en deur afgodsdiens gevorm word beskryf Paulus in Kolossense 2:20-23 op die volgende wyse:

> Julle het saam met Christus gesterwe en is dus dood vir die wettiese godsdienstige reëls van hierdie wêreld. Waarom lewe julle dan nog asof julle aan hierdie wêreld behoort? Waarom gehoorsaam julle allerhande voorskrifte [21]soos: "Hieraan mag jy nie vat nie!" "Daaraan mag jy jou mond nie sit nie!" "Daaraan mag jy nie raak nie!"?[22]Dit gaan alles oor dinge wat bedoel is om gebruik te word en te vergaan, en dit is maar net gebooie en leerstellings van mense. [23]Hierdie leerstellings het wel 'n skyn van wysheid met hulle selfgemaakte godsdiens, danige nederigheid en streng beheersing van die liggaam, maar dit het geen waarde vir die beteueling van die sondige drifte nie.

In die Afrikaanse vertaling van 1953 word dit só gestel:

> "[20] As julle dan saam met Christus die eerste beginsels van die wêreld afgesterf het, waarom is julle, asof julle *nog* in die wêreld lewe, onderworpe aan insettinge [21] soos: raak nie, smaak nie, roer nie aan nie? —[22] almal dinge wat deur die gebruik bestem is om te vergaan— volgens die gebooie en leringe van mense, [23] wat, alhoewel dit 'n skyn van wysheid het, in eiesinnige godsdiens en nederigheid en in gestrengheid teen die liggaam, geen waarde het nie, maar strek tot versadiging van die vlees."

Waardes wat geen waarde het nie. Waardes waarmee mense daarna smag om hul sondige begeertes te bevredig asof dit ware liefde is. Daarom gaan hierdie waardes oor eiesinnige godsdiens. Die woord wat hier in Grieks gebruik word, beteken willekeurig, nie soos God dit laat wees nie, selfgemaak en daarom eintlik geen godsdiens nie. Dit is die waardes van afgodsdiens wat glad nie godsdiens is nie. Hierdie waardes het die skyn van wysheid: dit lyk asof dit waardes en norme is. Maar dit is glad nie waardes en norme nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Wat is waardes wat geen waarde het, waardes wat glad nie waardes is nie, waardes wat glad nie godsdiens is nie, waardes wat net soos waardes lyk, maar dit nie is nie?

Dit is waardes waarvan die bedoeling verander is. Waardes moet uit liefde tot liefde gevorm word. Waardes moet uitdrukking gee aan ’n lewe in liefde met God en mense. Waardelose waardes is waardes wat deur mag en vrees gevorm word en ’n uitdrukking van mag is.

Waardelose waardes is waardes wat magsmiddele geword het. Magsmiddele in die mens se vervulling van sy sondige geaardheid. Dit is waardes waardeur die mens sy eie belange bevorder en nie meer waardes waardeur liefde gedien word nie.  Waardes wat magsmiddele geword het, waardes wat eie belange dien en nie liefde rig en vorm nie, is vernietigde waardes wat as goeie waardes voorgeleef word.

Dit is die kuns van die mens se sondige geaardheid: om waardes te vernietig deur die doel en aard daarvan te verdraai; om die middele, wat uit liefde en tot liefde die mens moet rig en vorm, te verdraai om middele uit mag en tot mag te wees. Dit is die verdraaiing van die bedoeling van waardes sodat die mens se eie belange kan uitleef en afdwing, terwyl hulle die morele hoë grond in die gemeenskap inneem. Dit is die kuns om jou eie belange te bevorder asof dit God se morele saak is.

**14. Die menslike liefde wat God in ons herskep is reg en geregtigheid**

Die inhoud van die liefde wat God tussen Hom en mense skep, was nog altyd reg en geregtigheid. Geregtigheid is die innerlike gesindheid en houding waarin God en mens vereer en geëer word. Dit is dank, aanbidding, lof, verheerliking, toewyding aan God en vriendelikheid, getrouheid, nederigheid, goedhartigheid en selfbeheersing teenoor mense. Reg gaan gewoonlik oor die optrede en dade waarin mense geregtigheid aan God en medemens uitlewe. (Gal.5). Dit is en was nog altyd die inhoud van die liefde wat God eis in sy wet: “ En Ek sal die reg tot ’n riglyn maak, en geregtigheid tot ’n skietlood.” (Jes.28:7 1933-AV)

Reg en geregtigheid is ook die inhoud van die Christelike verlossing. Dit is hoe dit in die Ou Testament aangekondig is. Dit is hoe Christus dit in die nuwe Testament waarmaak. Christus maak reg en geregtigheid vir gelowiges weer die inhoud van liefde.

> Vir ons is ’n Seun gebore, aan ons is ’n Seun gegee. Hy sal heers, en Hy sal genoem word: wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal dié koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here sorg. (Jesaja 9:5,6)

Dit is hoekom Jesus Christus ons regverdig maak. Dit is hoekom die Christelike verlossing nooit net as “vryspraak” voorgehou kan word nie. Christus laat ons vir God regverdig wees deur ons in sy geregtigheid, wat Hy in sy hart en lewe uitleef, in te sluit. Christus laat ons vir

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

God reg wees deur ons in te sluit in sy dade van reg aan God en sy naaste: die geregtigheid wat Hy reg gedoen het. “Na sy bitter lyding sal hy weer die lig sien en hy sal die Here ken. My dienaar die regverdige sal baie mense regverdig maak: Hy sal die straf vir hulle sonde dra.” (Jesaja 53:11)

Die verlossing van Christus raak mense se verhoudings met mekaar direk. Dit is nie ’n tipe verlossing wat net oor die ewigheid gaan nie. Verlossing beteken dat ons weer mense is wat deur God tot reg en geregtigheid verbind is. Verlossing beteken dat ons weer mense is wat verbind is tot ’n liefde van reg en geregtigheid, want God laat ons lewe vir Hom ’n lewe van reg en geregtigheid wees.

Verlossing gaan oor die terugdraai van verdraaide opvattings van en met mense. Verlossing gaan oor die herstel van waardes: waardes waardeur die liefde van God uitgeleef en die liefde vir mense gerig kan word. Christelike waardes gaan oor die reg en geregtigheid van die wet van God. Die verlossing wat Christus gee, is altyd die verwydering van ’n hart wat glo in verdraaide liefde en die skep van ’n hart wat ingestel is op die reg en geregtigheid van die wet in ons. “ ...Ek sal julle reinig van al julle onreinheid en van al julle afgodery. Ek sal julle ’n nuwe hart en ’n nuwe gees gee. Ek sal die kliphart uit julle liggaam haal en julle ’n hart van vleis gee. Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom.” (Eseg. 36:24-27)

God verlos ons deur ons te bevry van ons eie en ander mense se goddelike liefde, ’n liefde waarin mense een met God in sy Godheid wil wees. God verlos ons van die tipe liefde wat eintlik mag en vrees is ; die liefde waarvolgens mense glo hul mag oor ander is naasteliefde en mense glo hul vrees is vir ander mense is liefde. Dit is die kliphart wat God uit ons verwyder. God deurbreek hierdie verdraaide opvattings in gelowiges. Deur ons in te sluit in sy liefde vir ons, ontdek ons dat ons natuurlike liefde vir God die versugting na mag oor God en mens is; ontdek ons dat ons natuurlike liefde die versugting is om ander se vrees vir ons te ervaar as hul liefde vir ons. Die nuwe hart, wat die Here ons deur Christus gee, is ’n liefde vir die reg en geregtigheid van die wet. Dit is nuwe geloof in en ’n nuwe houding oor liefde van mense vir mekaar: dit is die skep van waardes wat uitdrukking gee aan die liefde wat God gee en eis.

**15.Christus verlos mense om hul vyande te kan liefhê**

Christus deurbreek mense se geloof in hul sondige begeertes as ware liefde en verbind mense weer aan die liefde volgens sy wet. Hierdeur skep Christus naasteliefde in mense vir vyande:

> “Julle het gehoor dat daar gesê is: ‘Jou naaste moet jy liefhê en jou vyand moet jy haat.’ 44 Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat vir julle vervolg, 45 sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel. Hy laat immers sy son opkom oor slegtes en goeies, en Hy laat reën oor dié wat reg doen en oor dié wat verkeerd doen. 46 As julle net dié liefhet wat vir julle liefhet, watter loon kan julle dan nog verwag? Maak die tollenaars nie ook maar net so nie? 47 En as julle net julle broers groet, wat doen julle meer as ander? Maak die heidene nie ook maar net so nie? 48 “Wees julle dan volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is. (Matt. 5:43-48)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Christus wys hier wat die wesenlike verskil tussen geestelikes se spirituele liefde is en wat die liefde is waartoe Christus gelowiges verbind. In alle spirituele liefde moet geestelikes hulle naaste liefhê en móét hulle hul vyande haat.

Die spirituele of goddelike liefde van geestelikes is die kuns om hul sondige begeertes as ware liefde uit te leef. Die wese van hierdie houding is mag: die mag om jou eie sondige begeertes as liefde te mag vervul. God en mense moet jou begeertes vervul as hulle jou wil liefhê.

Daarom moet geestelikes altyd mag hê, enige vorm van mag, om so mense aan hul begeertes te onderwerp:
die mag van die staat,
die mag van die ekonomie,
die mag van die wil van die meerderheid,
die mag van die morele hoë grond,
die mag van rassehaat,
die mag van opstand,
die mag van ouerskap,
die mag van die jeug,
die mag van die wetenskap,
die mag van seks,
die mag van eggenoot wees, en so kan ’n mens aangaan.
Sonder een of ander magsbasis kan hulle nie hul begeertes as liefde afdwing nie.

Spirituele liefde is vervulling van sondige begeertes. Daarom is liefde altyd magsvorming. Almal wat in die mag inkoop, kan hul begeertes deur hierdie mag vervul. Dit is hierdie magsvorming wat bepaal wie jou naaste is en wie nie jou naaste is nie. Almal wat inkoop en help bou aan hierdie mag, is jou naaste. Elkeen wat hierdie mag opponeer of hom van hierdie mag onttrek, is jou vyand.

Daarom kan geestelikes se vyande nooit hul naaste wees nie. Omdat hul liefde magsuitoefening is, is elkeen wat nie in hierdie magsvorming deel nie, uitgesluit. ’n Vreemdeling! As mag bepaal of jy naby is, is almal wat die mag ontken, opponeer of teenstaan, ver. Geestelikes kan nie iemand as naaste erken wat nie in hul magsvorming deel nie. Dit is nie ’n persoonlike onvermoë of swakheid nie. Die magsvorming in hierdie geestelikheid laat dit net ’n saak van onmoontlikheid wees.

Daarom kan geestelikes ook nie hul vyand liefhê nie. As liefde niks anders is as sondige begeertes en die afdwing van sondige begeertes nie, kan mens net diegene wat hulle aan jou onderwerp of inkoop in jou sondige begeertes, liefhê. Wie jou begeertes teengaan of nie inkoop in jou begeertes nie, is dan gewoon net uitgesluit van jou liefde. Omdat hul begeertes hul liefde is, kan geestelikes net mense liefhê wat hul begeertes as liefde glo en hulle daaraan

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

onderwerp. Wie hul begeertes teenstaan of dit nie glo nie, moet as vyande van ware liefde geïgnoreer, beveg en vernietig word, en dit noem hulle dan "ek of ons bid vir sus en so".

Omdat Christus gelowiges weer aan die wet as ware liefde verbind, kan gelowiges hul vyande liefhê. Want wie is gelowiges se naaste? Elkeen wat aan God se wet as liefdeseis verbind is, is 'n gelowige se naaste. En dit is elke mens in die skepping. God verbind elke mens aan sy wet as liefdeseis. Die naaste-wees word nie bepaal deur mense se nabyheid, persoon, gesindheid, houding, kultuur of geslag nie. Dit word ook nie bepaal deur mense se gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan God nie. Dit word deur God se wet bepaal. Elkeen wat deur God se wet tot naaste liefde gebind is, is gelowiges se naaste – en dit is elke mens. Omdat God elke mens tot die wet verbind, is elke mens elke gelowige se naaste. En daarom is elke daad van liefde volgens God se wet, liefde vir elke mens en alle mense. Elke mens en alle mense word gedien en geëer wanneer gelowiges mense volgens God se wet liefhet.

Dit geld ook vir mense wat gelowiges vyandiggesind is. Wie is gelowiges se vyande? Gelowiges se vyande is hul ouers, kinders, familie, vriende, kollegas, vennote, rasgenote en volksgenote. Want enige een wat 'n gelowige met blinde liefde wil omhels, of deur sy blinde liefde omhels wil word, is 'n gelowige se vyand. Enige een wat 'n gelowige aan 'n sondige begeerte wil onderwerp asof dit ware liefde is, of wil verhef asof 'n gelowige se eie sondige begeerte ware liefde is, is 'n gelowige se vyand, want vyandskap word deur die verbintenis tot God se wet bepaal, nie deur innighede of samehorighede nie.

Gelowiges het hul vyande lief. Hulle bly in hierdie onderwerping aan die mag van sondige begeertes asof dit goddelike liefde is, verbind aan die wet van God. En hierdie geloofsgehoorsaamheid aan God teenoor ieder en elk is die tipe liefde wat gelowiges ook vir hul vyande het.

Daarom geld Christelike waardes vir alle mense – dit is werklike waardes volgens die wil van God. Dit is nie skynwaardes nie. Dit is nie magsmiddele om die belange van magtiges af te dwing nie. Dit is nie die magsmiddele waarmee onmagtiges hulle kan bevry nie. Dit is hoe liefde vorm gegee word. Dit is liefde vir alle mense. Dit is nie hoe mag vir sekere mense gevorm word nie.

**16. Moderne Christelikheid maak goddelose mag totalitêre liefde**

Die moderne Christelikheid se liefde is altyd totalitêre mag. Dié Christelikheid se manier om God soos hulself lief te hê, maak hul eie liefde goddelik. Moderne Christene se manier om mense met hul hele wese te kan lief hê, of deur mense met hul hele wese liefgehê te kan word, maak hul naasteliefde absoluut. Hierdie absoluutheid is die mag wat hulle as dieper en inniger liefde begeer. Hierdie goddelike absoluutheid waarmee hulle liefhet, is egter net die goddelikheid en absoluutheid van hul eie sondige begeertes.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Daar is geen verskil tussen die absolute liefde van die moderne Christelikheid se geestelikes en die totalitêre mag van goddeloses nie. Dit is net die bipolêre wyse waarop goddeloses hul begeertes as ware liefde afdwing.

Die moderne Christelikheid is vandag besig om in die hele wêreldgemeenskap elke vorm van mag in die wêreld vir hulself op te eis en binne te dring. Aanhangers van dié Christelikheid is besig om in elke magsvorming in die wêreld hulself as geestelike vennoot aan te bied: as vennoot vir die magtiges met mag en as vennoot vir die onmagtiges in hul opbou van mag.

Die bipolariteit van hierdie goddeloosheid werk só: geestelikes kan hul begeertes net deur bestaande magte as liefde afdwing. Hulle het geen eie mag om hul begeertes af te dwing nie. Goddeloses weer het geestelikes nodig om die brutaliteit van hul geweld as ware liefde te kan voorhou. Dit is die simbiose van mag: begeertes as liefde deur die geweld van mag.

Dit is hoe geestelikes opstand en geweld as ’n ware vryheidstryd regverdig: hulle is deel van die magsvorming wat begeertes as God se liefde afdwing. Dit is hoe geestelikes die uitbuiting en geweld van ou en nuwe owerhede teen onderdane as reg en geregtigheid regverdig: hulle is deel van die magsvorming wat begeertes as absolute liefde vir God afdwing.

Daarom is die moderne Christelikheid ’n disfunksionele mag binne die wêreldgemeenskappe: dit is altyd besig om magsvorming as liefde te bevorder. Bestaande magte word met waardes bedien om mag af te dwing. Opkomende magte word met waardes bedien om bestaande magte te vernietig. Kwynende magte word van alle waardes gestroop asof hulle nooit enige morele waardes gehad het nie. Want hul waardes is nooit waardes nie. Dit is net magsbelange wat as waardes voorgehou word. En die geestelikes weet dit, want dit was hulle wat die vorige magte se magte as waardes bedryf het.

Die moderne Christelikheid is ook ’n rewolusionêre mag. Alle nuwe magsvorming word in die moderne Christelikheid as herlewings, ontwakings of verligtings bedryf. Hierdie nuwe magsvorming staan teenoor die vorige magte as dooie, liefdelose en onderdrukkende magte. Dit is wat so ontwrigtend is van hierdie moderne geestelikheid. Die magte wat nuut opgebou word, is herlewing. Maar die mag wat deur die vorige herlewing gevestig is, word as onderdrukkend en liefdeloos voorgehou om dit deur die nuwe magsherlewing te vervang.

Daarom is herlewing die bipolêre anderkant van goddeloses se rewolusies. Goddeloses se mag is altyd absolute mag. Magte anders as hulle s’n bestaan nie, mag nie bestaan nie en as dit bestaan het, moet dit as waardeloos vernietig word. Daarom word alle vorige magte in rewolusies vernietig en verdring.

Geestelike herlewings bedryf dieselfde absolute mag. Herlewings en verligtings ontwrig gemeenskappe deur bestaande gesag en gesagsinstellings te versterk of te verwerp asof dit altyd oor brutale magte teenoor egte waardegemeenskappe gaan. Herlewings en verligtings gaan altyd oor onderdrukking en bevryding. Daarom moet alles in herlewings en verligtings

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

altyd oorbegin en oorgemaak word. Gemeenskapslewe kan nie van een mag na 'n ander mag voortgaan of deur die goed en kwaad van een magsbedeling na die goed en kwaad van 'n volgende magsbedeling beweeg nie. Want die waardelose waardes van een mag moet altyd met die waardelose waardes van die volgende mag vervang word.

Gemeenskappe is altyd in die proses van magsvorming, magsdeling en magsverandering. Die moderne Christelikheid hou egter in hierdie gewone gemeenskapsprosesse sekere magte as onderdrukkende magte en ander magte as bevrydende waardegemeenskappe voor. Want herlewings en verligtings gaan nes rewolusies oor absolute mag: goddelike liefde.

In geestelike herlewings en verligtings kan daar nooit goed en kwaad in elke mag wees nie. Die moderne Christelikheid kan nie gemeenskappe bedien met waardes vir vriend en vyand nie. Want hulle glo en leef uit die teenstelling van menslike liefde teenoor goddelike liefde. Die gesag en diens van vyande volgens God se wet is vir hulle waardeloos. Die wetteloosheid en losbandigheid van vriende is vir hulle waardevol.

Dit is die krag van Christelike waardes: dit leef met waardes vir vriend en vyand: vandag se vriend is aan dieselfde waardes as môre se vyand gebind en vandag se vyand is aan dieselfde waardes as môre se vriend gebind – regte waardes vir regte gemeenskappe.

**17. Die blinde liefde en waardelose waardes van die moderne Christelikheid**
Die moderne Christelikheid hou vandag die liefde, wat die Bybel uitwys as blinde en mensvernietigende liefde, as die dieper en beter liefde voor as die liefde wat elke Christen moet nastreef. Só is die moderne Christelikheid die gemeenskap wat magsbelange as morele waardes voorhou en daardeur Christelike waardes met waardelose waardes vernietig.

Ons kan dit weer aan die algemene vroomheid van die moderne Christelikheid toets.

**17.1 Ons moet soos Jesus niks wees, sodat God alles in ons kan wees**
Blinde liefde gaan oor iemand wat glo hy is niks en God is alles in hom. In dié blinde liefde identifiseer 'n persoon homself met en deur God. Hy leef hom op só 'n wyse in die persoon, krag, wil en lewe van God in dat hy glo en ervaar dat mense in hom die teenwoordigheid van God aanvoel, die krag van God beleef, die wil van God leer ken en deel voel van die lewe waarvoor God hom bestem het. Sy eie gedagtes glo hy is God se planne en idees. Sy eie optredes glo hy is God se werk deur hom.

Omdat sy eie gedagtes en idees, God se planne is, glo hy dat sy eie morele opvattings en waardes God se waardes is. Daar is in sy gemoed geen onderskeid tussen God se wet en sy eie waardes nie.

Hy glo sy eie gevoel is die enigste werklikheid wat saak maak. Hy voel sy eie lewe is die doel van God se skepping. Daarom is sy eie belange volgens sy eie begeertes die doel van God in

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

sy lewe. Dit is hoe 'n persoon homself ervaar wanneer hy glo hy is niks soos Jesus en God alles in hom is net soos God alles in Jesus sou wees.

Hoe ervaar 'n persoon hierdie soort liefde vir en met sy medemens? Hy wil hê dat mense God se liefde in hom sal ervaar. Hy wil hê dat hy en sy naaste in mekaar hierdie goddelike naaste-liefde sal ervaar. Hulle moet ook soos hy nikswees sodat God ook in hulle alles kan wees. Dit is die magsgreep. In hom is God alles en hy niks. Ander moet dit in en deur hom beleef.

Hierdie selfbemagtiging word altyd in Bybelse- of godsdienstige taal aangebied as die wil om onopvallend, klein, onbeduidend en nietig te wees. Dit is die taal van pouse en geestelikes. Hulle is só klein, onopvallend en nietig voor God dat mense ook soos hulle niks moet wees nie.

Hierdie nikswees is verwronge liefde tussen mense. God verbind mense tot 'n liefde waarvolgens mense alles moet wees waarvoor Hy hulle as mens geskape het.
Hulle moet voluit kinders vir hul ouers wees.
Hulle moet voluit ouers vir hul kinders wees.
Hulle moet voluit mans vir hul vrouens wees en andersom.
Hulle moet voluit landsburgers vir hul owerheid wees en die owerheid moet voluit regering vir sy burgers wees.
Om niks vir mekaar te wees nie, is om vir mekaar afwesig te wees in dít waarvoor God jou gemaak het.
Om niks vir mekaar te wees nie, is om reg en geregtigheid vir mekaar te vermy.

Dit is hierdie afwesigheid waarmee geestelikes hulle in verhoudings oor ander bemagtig. Die vrees dat hy of sy vir jou 'n afwesige ouer of kind sal wees, maak dat jy aanvaar dat hy of sy niks is nie, maar dat God alles in hom of haar is. Hierdie oorgawe is gebore uit die vrees dat jy alleen en afgesonderd moet leef teenoor hulle aan wie jy verbind is om mee saam mens te wees.

Hierdie oorgawe beteken dat jy glo dat God vir jou alles is deur hierdie persoon. Dit is die fundamentalisme waarvolgens 'n mens nie jou eie idees mag vind en toets in God se skepping en wet nie; jy nie jou eie opvattings en waardes volgens die reg en geregtigheid van God se wet kan vorm nie; jy nie jou eie lewe los en sonder hierdie persone in jou lewe kan leef nie.

Hierdie bemagtiging stel mense in 'n vreesverhouding tot so 'n geestelike. Jy mag nie deur jou eie gevoel 'n ander werklikheid ontdek en ontgin as die gevoel van die geestelikes nie. Dit is die fundamentalisme waarin jy nie self die geestelikes se idees, gevoelens, planne, optredes en ervarings krities aan God se skepping en sy wet kan toets nie – want dan is jy teen God self.

Hierdie goddelike liefde "in Jesus" of buite "Jesus", is alles-of-niks-verhoudings.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Geliefdes is “in Jesus” alles vir mekaar en niks anders maak saak nie.
Ouers glo hulle en hul kinders is “in Jesus” alles vir mekaar en hulle het geen lewe buiten die lewe vir hul kinders nie.
Leiers en volgelinge glo hulle is “in Jesus” alles vir mekaar en eis die totale wêreld vir hulself op.

In hierdie geloof gaan mense volledig in mekaar op en glo dit is hoe hulle mekaar moet vervul. In hierdie volledige opgaan-in-mekaar glo hulle dat hulle die volle doel, sin en betekenis van die lewe in mekaar vind.

Daarom is die nuwe waardes nie waardes nie. Waardes wat jou rig om niks te wees nie, is tog waardelose waardes. Waardes wat jou vorm om niks te wees nie, verbreek die waardes waarmee jy in liefde moet leef. Dit is alles waardes waardeur die mens vernietig word.

Hierdie goddelike liefde is die liefde waarin mense mekaar vernietig. Wat vind en ervaar ’n mens in ’n persoon wat glo hy is niks en God is alles in hom? Die antwoord is dat jy niks vind nie. Daar is geen doel, geen sin en geen betekenis in só ’n persoon nie. Hy is ’n afwesige ouer, kind, geliefde, man, vrou, burger, leier, arbeider en werkgewer. En wie só afwesig is, is nie God wat teenwoordig is nie. Alle idees, waardes, werklikheidsbelewenisse, ervarings, aandoenings en opvattings wat in hierdie afwesigheid gevorm word is sinloos en betekenisloos.

Dit is die geloof en liefde waarmee ouers en kinders mekaar uitbrand, afbreek, verniel en verwoes met selfgemaakte innighede, terwyl hulle glo dit is alles uit liefde.
Dit is die geloof en liefde waarmee diktators met selfbehepte waan hele nasies in armoede en vlamme laat opgaan, terwyl die mense wat in armoede en vlamme opgaan, glo dat hul leier hulle bemagtig vir ’n spesiale roeping en lewenswyse in die wêreld.
Dit is die geloof en liefde waarmee geliefdes met eiesinnige begeertes mekaar van alle ander verhoudings en verbintenisse vervreem en steeds glo dat hulle vervuld in mekaar leef.

Hierdie mense glo die vernietiging en verlore sin van die lewe is die wil van God waarvoor hulle hulself opoffer. Dit is die werk van God waarin hulle hulself berus, of hulle glo dit is God se kwaadwilligheid en slegtheid om God te wees.

Hierdie liefde is alleen moontlik as mense aan mekaar en nie aan God behoort nie.

Daar is geen verskil tussen goddeloses en mense, wat soos Jesus niks is sodat God alles in hulle kan wees, se liefde vir mense nie. Afgodsdiens is die wyse waarop reg en geregtigheid tussen mense met ’n gewaande dieper en voller liefde vir God onderdruk word. Die eensaamheid en verlorenheid van ’n kind wat moet glo hy moet God in sy ouer ervaar anders is daar geen ouer vir hom oor nie, is niks anders as die eensaamheid en verlorenheid van ’n kind wat moet voel sy ouer kan met hom maak net soos hy dink, wil of goed vind nie.
Die eensaamheid en verlorenheid waarmee

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

’n man hom aan sy vrou,
’n burger hom aan sy leier,
’n arbeider hom aan sy werkgewer,
’n student hom aan sy professor,
’n lidmaat hom aan sy leraar
moet oorgee as iemand in wie God beleef moet word, anders is daar niks nie, is niks anders as dieselfde oorgawe aan persone wat glo, dink, voel en maak asof daar geen God is nie.

Dit is nie die Christelike liefde nie. Daarom is die waardes waarin mense hierdie lewe leef ook nie Christelike waardes nie. Dit is die goddelose liefde en waardes wat die waarheid van die Christelike liefde binne-in die kerk probeer onderdruk. Die evangelie verbind Christene tot geloof in reg en geregtigheid vir mekaar omdat hulle deur God geregverdig is.

**17.2 Jy moet Jesus op die troon van jou hart en in die middelpunt van jou lewe sit**
Iemand wat Jesus op die troon van sy hart kan sit, of Jesus in die middelpunt van sy lewe kan sit, is bemagtig om God op sy plek te sit. ’n Persoon wat God op sy plek kan sit, het homself bemagtig om mense ook te kan sit waar hy wil. As God so ’n persoon se plasing en aanstelling moet aanvaar, dan moet mense ook hul plasings en aanstellings van so ’n persoon aanvaar. As God net die middelpunt van so ’n persoon is, en solank so ’n persoon voel God bevorder sy belange, dan moet mense aanvaar dat hulle ook net hul plek in hierdie persoon se lewe kan hê as hulle hierdie persoon se wil en belange dien.

Dit is die selfbemagtiging waarmee geestelikes mense volgens hul eie geestelike belange skik. Hulle besluit
wie is “geestelike Christene” en wie is “vleeslike Christene”,
wie is “gewone Christene” en wie is “wedergebore Christene”,
wie is “Versoeningschristene” en wie is “Volkschristene”,
wie is “Eenheidschristene” en wie is “Kultuurchristene”,
wie is “net gelowiges en wie is” dissipels”,
wie is net “gemeentelede” en wie is “gemeentebouers”.

Mense onderwerp hulle uit vrees aan hierdie geestelikes se nuwe liefdeseise vir dissipelskap. Hulle vrees die posisionering waarin hulle elkeen weet dat hul liefde vir hul medegelowiges geringgeskat en minderwaardig sal wees teenoor die mense wat aan hierdie dissipelskapeise voldoen. So word die Christene wat hulle hou aan die reg en geregtigheid van die wet van die Here, en nie aan hierdie geestelikes se nuwe liefdeseise voldoen nie, die ondergeskikte gelowiges in die kerk. Hulle word deur ’n beter en voller naasteliefde gedegradeer.

Hierdie mag en vrees verskil niks van die sosiale mag en vrees wat mense in hul goddeloosheid elke dag teenoor mekaar speel nie. Iemand wat God kan plaas soos hy wil, plaas mense soos dit hom pas en kan van mense sê net wat hy wil.
As jy nie lag vir sy minagting nie, is jy kleinserig;
as jy jou nie dronk drink nie, is jy ongesellig;

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

as jy jou nie laat domineer nie, waardeer jy nie sy hulp nie;
as jy jou nie deur sy jaloesie laat bind nie, is jy losbandig;
as jy jou nie deur sy hebsug laat lei nie, is jy ’n slegte besigheidsmens;
as jy nie deel in hul slegtheid nie, is jy ’n hooghartige en verwaande mens;
as jy nie deel is van hul gemeenheid nie, is jy ’n naïewe en onkundige mens.

Wie glo in die mens se goeie bedoelings, sal hulself minag en deur die gemeenskap verag laat word omdat hulle die oordeel van ander vrees.

Daarom verskil hierdie voller liefde waarin jy jou laat plaas as ’n beter en voller Christen in die kerk ook nie van die voller liefde waarvolgens leiers besluit wie die beter partylede en die egte ondersteuners is nie. Dit is die mag waarin mense eendersgesindes in uitvoerende posisies aanstel en mense wat reg en geregtigheid dien uit posisies ontslaan.

Tussen die geestelike liefde van hulle wat God in die middelpunt van hul lewe stel en hulle wat uit goddeloosheid elkeen volgens sy eie begeertes skik, is daar geen verskil nie. Dit is onreg en ongeregtigheid wat voorgehou word as beter en dieper liefde tussen mense as reg en geregtigheid volgens God se wil.

Waardes wat God en mense volgens jou belange skik, is geen waardes nie. Dit is waardes wat as magsmiddele gebruik word. Waardes waarvolgens mense hulself moet skik volgens die begeertes en belange van mense, vernietig die waardes waarvolgens mense God se beskikking vir mense glo en uitleef.

**17.3 Ons moet God in ons hart en lewe innooi en ons hart en lewe vir Jesus gee**
Iemand wat besluit hoe hy homself vir God toeganklik maak, ontvanklik maak en deel van sy eie liefde maak, het homself bemagtig om hierdie besluit ook oor mense te neem. Iemand wat besluit hy kan vir God gee wat God nodig het, voel ook bemagtig om te kan besluit wat mense nodig het.

Dit is die besluit wat geneem word dat God toeganklik, ontvanklik en deel van die mens se persoonlike lewe, huislike lewe, nasionale of internasionale lewe is. Dit is mense wat God in hul konserwatiewe, moderne, postmoderne, Afrikaner- of Afrika-hart en lewe innooi. Dit is mense wat God in hul homoseksuele, materialistiese, vredevolle of liefdevolle hart innooi.

As God Homself in hierdie toeganklikheid en ontvanklikheid waarop die mens besluit moet inkeer, dan moet mense dit ook doen. Dan is die ware en dieper liefde, die liefde van die mens se hart waarin God ingenooi is.
So word nasionalisme of internasionalisme ware menseliefde;
So word moderne of postmoderne liefde die nuwe liefde waarin mense hul volle Christenskap kan uitleef;

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

So word armoedige of materialistiese liefde die egte en opregte liefde waarin mense met mekaar vervuld leef.  Dit is die tipe liefde waarvolgens die manier waarop mense Afrikaners of Afrikane is, die werklike liefde is wat hulle vir hul medegelowiges het.

Hierdie tipe liefde is ook 'n liefde van vrees. Die vrees om uitgesluit te word omdat jy nie werklike postmoderne, Afrikaner-, Afrika-, homoseksuele, armoedige liefde ken en verstaan nie omdat jy nog nie God werklik in jou lewe het nie.

Dit is dieselfde tipe liefde waarvolgens mense besluit dat kinders, ouers, geliefdes en familielede wat nie vir hul ervaring en opvatting van liefde toeganklik en ontvanklik is nie, nie die Here regtig ken en nog nie gered is nie.

Hierdie voorkeurliefde is kontekstuele liefde. God en mense moet deel van jou lewe en jou hart word voor dit werklik, waar, diep en innig is. Wie nie deel van jou hart en lewe is nie, moet hulle uitgesluit voel van God se spesiale liefde.

Dit is die liefde waarvolgens 'n mens glo dat ander mense nie vervuld kan wees as hulle nie deel is van jou lewe en jou behoeftes bevredig net soos God ook sy behoeftes bevredig nie. Hulle ervaar hul grensloosheid en grensoorskryding van ander mense se persoon en lewe, as God wat deel word van hul lewe. As mense hulle nie onderwerp en gedienstig maak aan hierdie persoonlike verdringing nie, dan word hulle ervaar as mense wat teen die Here baklei en teen die Here opstandig is.

Dit is die wêreld waarin alles
verafrikaniseer of verwesters moet word;
gemoderniseer of gepostmoderniseer moet word;
rewolusionêr of pasifisties moet wees;
armoedig of welvarend moet word;
ge-intelektualiseer of vergeestelik moet word;
Alles wat in die pad van hierdie vorme van selfliefde staan, moet verdring en onderdruk word, want dit word geglo as God se sending en aksie in die wêreld.

Al die opstandigheid, disfunksionaliteit en geweld wat hierdeur veroorsaak word, word geglo as die wil van God. Dit is die werking van God. Dit is God se onvermoë. Dit is God se kwaadwilligheid.

Die tipe liefde waarvolgens God mense aan alle mense verbind het om mekaar volgens God se wet lief te hê, word hier 'n mindere en ondergeskikte liefde. Die tipe liefde waarin God alle mense jou naaste laat wees, nie net armes, rykes, Afrikane, Afrikaners, rewolusionêre en pasifiste nie, en liefde vir almal volgens die reg en geregtigheid van God se wil nagestreef word, is hier gedegradeer as niewerklike liefde nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die waardes van hierdie tipe liefde is niks anders nie as net kontekstuele magsbelange waarvolgens die belange van ’n bepaalde magskonteks as waardes geglo word.
Dit is waardes in diens van magte:
Afrika-belange word Afrika-waardes;
Afrikanerbelange word Afrikanerwaardes;
volksbelange word volkswaardes;
stambelange word stamwaardes;
rewolusionêre belange word rewolusionêre waardes;
onverbonde individue se belange word die waardes van die vrye wêreld.
Hierdie kontekstuele waardes vernietig die waardes wat elke konteks volgens die wil van God moes rig en vorm.

**17.4 Ons moet God ons eie maak en die beheer van ons lewe aan Jesus gee**
Iemand wat glo dat Hy God kan aanneem as sy eie en aan God beheer kan gee, glo hy het God sy eiendom gemaak. Hy glo hy kan God beheer, God laat besluit wat hy wil hê en soos hy dit wil hê, want God behoort aan hom. Daarom glo hy ook dat mense sy persoonlike eiendom is. Hy besluit oor hulle wat hy wil en soos hy wil. Mense moet glo dat wanneer hulle so aan sy besluite onderworpe is, hulle goddelike liefde in hom ervaar. Ander mense moet glo dat wanneer hulle hulself oorgee om sy persoonlike besit te wees, hulle hom werklik liefhet.

Hulle kan hulself nie meer sien as mense wat aan God behoort nie. Omdat hulle aan mekaar behoort, sal hulle glo dat hulle altyd alles met mekaar goed bedoel. Die kwaad en ellende wat mense in hierdie totale greep op mekaar beleef, glo hulle is die wil, die besluite, die onvermoë of die kwaadwilligheid van God teenoor hulle. Hul ongeloof in God is al hoe hulle hul geloof in mekaar se goeie bedoelings kan behou.

Dit is hoe disfunksionele verhoudings en gemeenskappe werk: dit werk deur ’n baie meer spesiale liefde as liefde volgens reg en geregtigheid.
Verliefdes en getroudes glo hulle besit mekaar;
ouers glo kinders is hul eiendom en andersom;
regerings en onderdane glo hulle besit mekaar;
werkgewers en werknemers glo so,
want hulle behoort nie meer aan God nie. Hulle behoort aan mekaar.

Iemand wat Jesus sy eie gemaak het, glo Hy kan God in sy eie koers en besluite inpas. Hierdie mens kan God laat pas net waar hy hom wil hê. Dit is niks anders as die spesiale liefde tussen godlose mense nie. As mense dit vir mekaar glo, dan kan hulle alle mense laat inpas in alles wat mense wil hê. Hulle moet by jou grappie inval, by jou geselligheid inval, by jou hulp inval, by jou besigheid inval, by jou ideologie inval met die geloof in jou goeie bedoelings. Hulle moet dit glo want hulle pas by mekaar in. Die ellende en kwaad wat hulle hierdeur ervaar, moet hulle glo as die wil, die werk of onvermoë van God. Die onreg en ongeregtigheid moet hulle voel en ervaar as God wat onregverdig is. Dit is al hoe hulle by mekaar kan inpas buite God se raadsplan.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit is die tipe geloof waarvolgens mense jou lewe, jou tyd, jou besittings, jou persoon en jou gesag in besit neem en vir en oor jou besluit. Onderwerping en oorheersing aan en deur hierdie besluite moet jy aanvaar en glo as bevryding, en gewillig alles afstaan in die geloof dat dit die manier is waarop God in beheer van jou lewe kom. Dit is waar die owerheid jou grond en huis vat, en die kerk dan vir jou wys hoe jy dit volgens die wil van die Here aan hulle moet afstaan. Alles goed bedoeld!

Mense wat in alles aan mekaar behoort, moet bly glo in mekaar se goeie bedoelings.
Jy sal lag vir sy minagting, jy sal drink om dronk te word, jy sal terugstaan as hy alles oorneem, jy sal vervul voel in sy perversie met jou, jy sal veilig voel in sy jaloesie, jy sal gedissiplineer voel in sy heerssug en verwonderd voel in sy verwaandheid. Jy sal jou eiendom aan sy gierigheid oorgee. Die skade en vernedering van hierdie magspel sal mense glo is die wil van God in hul lewe.

Die verdraaide bedoeling en verdraaide waardes van mense is die krag van alle vorme van disfunksionele gemeenskap tussen mense. Hierdeur word die liefde, wat God tussen mense stel, onderdruk en oorheers. Hierdeur word gesag deur mag oorheers, lewe deur geweld, gemeenskap deur isolasie, besitreg deur onteiening en die waarheid deur die leuen.

Die belange wat mense wil bevorder deur God en mense hul persoonlike eiendom te maak, is nie waardes nie. Dit is magsmiddele. Mag verhef en onderdruk. Daar kan nie waardes vir verheffing en onderdrukking wees nie. Mag maak waardes middele om ’n morele hoëgrond te kan in neem teenoor hulle wat aan mag onderwerp moet word.

Waardes wat mense oor ander mense ’n morele hoë grond gee, is nie waardes nie. Waardes rig mense in diensbaarheid aan mekaar as gelykes voor God, nie as bemagtigdes teenoor ontmagtigdes nie.

Hierdie toetspoging kan op verskeie maniere verwoord en beskryf word. Die punt is dat die verdraaide bedoeling met God, God behoort aan ons, mense laat glo dat hul verdraaide opvattings, verwronge waardes, ’n beter manier is om mekaar lief te hê as om mekaar volgens die reg en geregtigheid van God se wil lief te hê. Hulle glo hul verlorenheid vir reg en geregtigheid tussen mense het meer betekenis as God se bedoeling vir hulle.

Hulle wat God hul eie maak deur Jesus aan te neem, glo in mag oor mense. Hulle glo mag en vrees is die vervulling van liefde. Hulle aanvaar dat magsbelange morele waardes is. Hulle wat deur Jesus die beheer van hul lewe oorgegee het, het so bang geword dat hulle vals geword het: “ 11Vir wie was jy so bang en bevrees dat jy vals geword het? Jy dink nie meer aan My nie, jy steur jou nie meer aan My nie. Ek het lank geswyg toe jy My nie meer gedien het nie, 12maar nou sal Ek jou skynheiligheid aan die kaak stel, alles wat jy gedoen het, en jou gode sal jou nie kan help nie.” (Jes.57:11,12)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

## HOOFSTUK 11 DIE EVANGELIE MAAK DIE BELOFTES VAN GOD WAAR

God skep 'n verbondsverhouding tussen Hom en sy kinders. Die verbond bestaan uit twee soorte beloftes: die Dawidsbelofte en die Abrahamsbelofte. Christus maak die Dawidsbeloftes vir Homself waar sodat hy alleen vir ons die Abrahamsbeloftes waarmaak. Geloof in Christus is die wegbreek uit 'n persoonlike verhouding met God tot die verbondsverhouding met God. Afgodsdiens verdraai God se verbondsverhouding om 'n persoonlike verhouding tussen mense en God te wees. Afgodsdiens verdraai die Dawids- en Abrahamsbeloftes sodat mense God koning van hul sondige begeertes maak.

### 1.God se besondere verhouding met sy kinders: "Ek sal"

In Esegiël 36: 23-31 word 'n baie besondere manier waarop die Here God vir sy volk is en God mense sy volk laat wees, bekend gemaak.

> Wanneer Ek my heiligheid laat blyk in wat Ek met julle doen voor die oë van die nasies, sal hulle besef dat Ek die Here is," sê die Here my God. 24 "Ek sal julle tussen die nasies uit wegvat, julle uit al die lande bymekaarmaak en julle na julle land toe bring." 25 **Ek sal** reinigingswater oor julle uitgooi sodat julle rein kan word. **Ek sal** julle reinig van al julle onreinheid en van al julle afgodery. 26 **Ek sal** julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee. 27 **Ek sal** my Gees in julle gee en **Ek sal** maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom. 28 Julle sal in die land woon wat Ek aan julle voorvaders gegee het, **julle sal** my volk wees en **Ek sal** julle God wees. 29 **Ek sal** julle bevry van alles waarmee julle julle verontreinig het, **Ek sal** die graan aanspreek en sorg dat dit baie is; **Ek sal** nie weer hongersnood oor julle bring nie. 30 **Ek sal** sorg dat daar baie vrugte aan die bome is en groot oeste op die lande sodat julle nie weer die vernedering onder die nasies beleef dat julle hongersnood het nie. 31 Dan sal julle terugdink aan julle bose optrede en julle gedrag wat nie goed was nie, en **julle sal** 'n afsku hê van julleself oor julle sonde en julle afskuwelike dade. [Beklemtoning deur vetdruk dié van die outeur].

Die besondere van God se verhouding met sy volk wys in die uitdrukking wat in die gedeelte aanhoudend herhaal: "Ek sal". God sê wat Hy sál doen. Hierdie "Ek sal"-sinne is nie dreigemente van God nie. Dit mag wel so klink as die Here sê: "Hy sal sórg dat ons sy wette onderhou", of "Julle sál my volk wees" en "Julle sál 'n afsku hê van julleself oor julle sonde." Mense lees baie keer hierdie sinne as dreigemente: die Here sê vir jou wat jy sál doen, anders gaan Hy jou straf. Maar hierdie sinne is nie dreigemente nie. Dit gaan nie oor wat ons moet doen sodat God ons nie straf nie.

Hierdie "sal"-sinne is ook nie toekomsvoorspellings nie. Dit gaan nie oor dinge wat God in die toekoms sal doen as mense die regte goed doen nie. Hierdie sinne is beloftes, maar nie beloftes soos in toekomsbeloftes nie.

### 2.God onderneem óns verantwoordelikheid teenoor God

Hierdie "sal-sinne" is beloftes, soos in ondernemings. God sê in hierdie sinne wat Hy onderneem om te doen. Hy verseker mense dat wat Hy hier sê regtig met hulle gaan gebeur. God se beloftes gaan regtig in mense se lewens waar wees omdat Hy gaan sorg dat dit werk soos Hy sê.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Wat hierdie sinne so spesiaal en anders maak, is die sake waaroor God sy ondernemings gee. Wie se verantwoordelikheid is dit om toe te sien dat jy nie skandes maak en dat jy nie 'n slegte naam verwerf nie? Dit is jou eie verantwoordelikheid teenoor die Here! Maar hier kom God en sê Hý sal sorg dat jy rein is. Hy maak dit sý verantwoordelikheid om daarvoor te sorg.

Wie se verantwoordelikheid is dit om te sorg dat jy die regte houding en gesindheid teenoor die Here het? Jý moet daarvoor sorg. Die Here kom egter en sê Hý sal daarvoor sorg: Hy sal jou 'n hart van vleis gee.

Wie moet sorg dat jy nie 'n verkeerde gesindheid en houding teenoor die Here het nie? Jy! Maar nou kom God en sê Hý sorg daarvoor!

Wie moet sorg dat jy nie deurmekaar raak met en vasgevang word deur verkeerde vriende nie? Jý moet daarna kyk! Maar nou kom God en sê Hý sorg daarvoor: Hy sal jou tussen heidenvriende wegvat en jou van hul afgodery losmaak.

Wie moet sorg dat jy die wette van God gehoorsaam? Dit is jóú verantwoordelikheid, maar nou kom God en sê Hý sal sorg dat jy Hom wíl gehoorsaam: Hy sal sy Gees in jou gee en maak dat jy sy wette wil gehoorsaam.

Daar is een belangrike sin in die Bybel wat hierdie eiesoortige onderneming van God saamvat: Ons sál God se volk wees en God sál ons God wees. Wie moet sorg dat God God is? Net God sorg dat Hy God is. Niemand anders nie. Wie moet sorg dat ons sy gelowige en gehoorsame kinders is? En hier kom die andersheid – nét God sorg daarvoor. Nie ons nie.

Dit is hoe hierdie beloftesinne in die Bybel werk. God sorg dat Hy God is. God sorg ook terselfdertyd dat ons sy kinders is en as sy kinders lewe. Net Hy sorg vir al twee kante – God se kant en die mens se kant.

**3.God bind ons aan Hom met 'n verbondsverhouding**

Die beloftesinne toon die besondere wyse waarop God mense aan Hom verbind. Hy verbind hulle aan Hom met 'n onderneming waarin Hy sorg dat Hy God is en terselfdertyd sorg dat hulle sy kinders is en as sy kinders lewe. Hierdie eiesoortige verhouding tussen God en sy volk word in die Bybel "die verbond" genoem. God skep 'n verbondsverhouding tussen Hom en mense wat Hy sy volk, sy kinders, laat wees.

Hierdie verbondsverhouding is heeltemal iets anders as 'n persoonlike verhouding met God. As 'n mens vir tieners vra met wie hulle 'n persoonlike verhouding het of met wie wil hulle graag 'n persoonlike verhouding wil hê, is hul ouers, ooms, tannies, oupas en oumas die laaste mense wat in hul gedagtes opkom. Seuns wil met meisies, of meisies wil met seuns 'n persoonlike verhouding hê. In die geval van kleiner kinders sal dit gewoonlik 'n maatjie wees. Ouers sal baie keer sê hulle wil 'n persoonlike verhouding met hul kinders hê.

Hoe werk 'n persoonlik verhouding? Wanneer is 'n verhouding 'n persoonlike verhouding? Het 'n seun met 'n meisie 'n persoonlik verhouding net omdat hy op haar verlief is? Verlief wees is nog geen persoonlike verhouding nie! Kan 'n seun sommer besluit nou het hy 'n 'n persoonlike verhouding met 'n meisie sonder dat sy daarvan weet? Of kan hy na 'n meisie toe gaan en vir haar sê: "Ek hou van jou. Ons het nou 'n persoonlike verhouding"? 'n

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Persoonlike verhouding gebeur as 'n seun vir 'n meisie sê: "Ek is lief vir jou", en sy sê: "Ek is ook vir jou lief." Dan eers is dit 'n persoonlike verhouding.

Eers as sy ook so sê! Dit geld ook vir alle menslike verhoudings. 'n Ouer sal nie sê hy het 'n goeie verhouding met sy kind as die kind nie ook goed en liefdevol teenoor die ouer is nie.

Persoonlike verhoudings is "as"-verhoudings. Dit is 'n persoonlike verhouding ás jy ook lief is, ás jy ook van hom hou, ás jy ook sê jy wil 'n verhouding hê, ás jy ook besluit jy wil so 'n verhouding hê.

Persoonlike verhoudings is kontrakte. Altwee moet saam besluit om 'n persoonlike verhouding te hê, anders is dit nie 'n persoonlike verhouding nie. Dit is hoekom ouers en kinders, ouers en kinders bly, al kom hulle nie goed met mekaar oor die weg nie. Hul verbintenis met mekaar is iets anders as 'n persoonlike verhouding. Ouers en kinders het nie albei besluit om goed vir en betrokke by mekaar te wees nie. Ouers het kinders verwek omdat hulle kinders wou hê.

Hoe sal 'n persoonlike verhouding met God lyk? Dit sal só lyk: "Ek sal jou God wees ás jy my volk is!" "God sal jou liefhê, ás jy Hom ook lief het." "God sal jou vergewe ás jy sê jy is jammer", en "God sal vir jou sorg ás jy Hom erken en dien."

**4.God het met sy kinders 'n verbondsverhouding en met ongelowiges 'n persoonlike verhouding**

Kyk weer na die "sal"- sinne in Esegiël 36! Is daar iewers 'n "as"-sin? Daar is nie "as"- sinne in God se verbondsverhouding met mense nie. God se verbondsverhouding met ons is nie iets wat gebeur as ons vir mekaar sê ons is lief vir mekaar nie. God se verhouding met ons is 'n verbond. Hy skep iets binne in ons wat ons nie uit ons eie vir Hom kan of wil sê nie. Hy maak dat ons Hom wil dien deur alles wat ons vir Hom moet wees, binne-in ons te skep.

Gelowiges het nooit 'n persoonlike verhouding met God nie. God skép 'n verbondsverhouding tussen ons en Hom. Hierdie verskil tussen 'n persoonlike verhouding en 'n verbondsverhouding met God stel die Bybel as die verskil tussen die "ou verbond" en die nuwe verbond":

> Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit. 32 Dit sal nie wees soos die verbond wat Ek met hulle voorvaders gesluit het toe Ek hulle aan die hand gevat en uit Egipte laat trek het nie. Hulle het daardie verbond wat Ek met hulle gesluit het, verbreek al was Ek getrou aan hulle, sê die Here. 33 Dit is die verbond wat **Ek** in die toekoms met Israel **sal** sluit, sê die Here: **Ek sal my** woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. **Ek sal** hulle God wees **en hulle sal** my volk wees. 34 'n Man sal nie meer vir sy buurman of vir sy broer voorhou: "Jy moet die Here dien" nie, want almal sal My dien, klein en groot, sê die Here. **Ek sal** hulle oortredings vergewe en nie meer aan hulle sondes dink nie. (Jeremia 31:31-34).

Jeremia wys dat God se onderneming sonder enige "as" is. Dit is God se nuwe verbondsverhouding. God se ou onderneming was 'n persoonlike verhouding. Dit word in vers 35 verduidelik. Volgens die ou onderneming moes mense vir jou sê: " Jy móét die Here dien". Dit beteken as jy Hom nie dien nie, dan het jy nie meer 'n verhouding met God nie. Jeremia verwys hier na gedeeltes soos Deuteronomium 28 in die Ou Testament. Hierdie gedeelte beskryf 'n persoonlike verhouding met God. Hierdie persoonlike verhouding tussen God en mense werk só:

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> "**As jy goed luister** na die Here jou God en jy gehoorsaam al sy gebooie wat ek jou vandag gee, en jy lewe daarvolgens, **sal die Here** jou God jou oor al die nasies van die aarde stel. [2] "**As jy luister** na die Here jou God, **sal** al hierdie seëninge oor jou kom en jou lewe verryk. [3] "Jy sal geseën wees in die stad, jy sal geseën wees in die oop veld. ... [8] "**Die Here sal** die seën beveel om oor jou te kom, oor jou graanskure en oor alles wat jy aanpak. **Die Here jou God sal** jou seën in die land wat Hy aan jou gee. [9] "**As jy d**ie gebooie van die Here jou God gehoorsaam en sy wil doen, **sal Hy** jou in stand hou as sy heilige volk soos Hy met 'n eed aan jou beloof het. ... [12] **Die Here sal** sy goeie voorraadskuur, die hemel, vir jou oopmaak om vir jou land reën te gee op die regte tyd, om alles wat jy doen, te seën. Dan sal jy aan baie nasies kan leen, maar self sal jy nie hoef te leen nie. [13-14] "**As jy luister** na die Here jou God se gebooie wat ek jou vandag gee, **as jy hulle gehoorsaam** en daarvolgens lewe en nie ander gode aanhang en dien en so afwyk van alles wat ek jou vandag beveel nie, **sal die Here** jou God jou die kop maak, nie die stert nie, en sal jy altyd bo wees, nie onder nie. (Deut.28:1-3; 8-14) [Beklemtoning deur vetdruk dié van die outeur].

Dit is hoe 'n persoonlike verhouding tussen God en mense werk: As jy God dien, dan sal God jou seën. As jy gehoorsaam is, sal God sorg dat dit met jou goed gaan. Dit werk ook andersom. Die anderkant van die persoonlike verhouding tussen God en mense klink só:

> [15] "**As jy nie** luister na die Here jou God nie en jy gehoorsaam nie al sy gebooie en voorskrifte wat ek jou vandag gee, en jy lewe nie daarvolgens nie, **sal al hierdie strawwe** oor jou kom en jou tref: [16] "Daar sal 'n vloek op jou rus in die stad, daar sal 'n vloek op jou rus in die oop veld. [17] "Daar sal 'n vloek rus op jou oesmandjie en op jou knieskottel. [18] "Daar sal 'n vloek rus op jou nageslag en op die opbrengs van jou lande, op jou kalweroes en jou lammeroes. [19] "Daar sal 'n vloek op jou rus waar jy ook gaan. [20] "**Die Here sal die vloek** oor jou stuur, verwarring en terugslae in alles wat jy aanpak en doen, totdat Hy jou uitgeroei het en jou skielike ondergang bewerk het oor al die verkeerde dinge wat jy gedoen het deurdat jy Hom verlaat het. [21] "**Die Here sal** peste en plae aan jou laat kleef totdat Hy jou uitgeroei het uit die land waarheen jy op pad is om dit in besit te neem. [22] "**Die Here sal jou tref** met tering, inflammasie en koorssiekte, met hitte, met oorlog en met brandkoring en roes. Dit sal by jou bly totdat jy uitgewis is .... [45] **Al hierdie strawwe sal oor jou kom.** Hulle sal jou tref en by jou bly totdat jy uitgeroei is, omdat jy nie na die opdrag van die Here jou God geluister het nie en nie sy gebooie en voorskrifte wat Hy jou gegee het, gehoorsaam het nie. **[46] Die gebooie en voorskrifte moet altyd vir** jou en jou kinders 'n waarskuwingsteken wees. [47] **"As jy die Here jou God** nie met vreugde en blydskap dien nie omdat jy baie besit, [48] **sal jy jou vyande wat deur die Here teen jou gestuur sal word**, moet dien. Jy sal dit doen terwyl jy honger en dors en sonder klere is en gebrek ly, en jou vyand sal 'n ysterjuk op jou nek sit totdat hy jou uitgeroei het ... " (Deut. 28: 15-22;45-48) [Beklemtoning deur vetdruk dié van die outeur]

Hierdie persoonlike verhouding tussen God en mense geld nie vir God se kinders nie. Dit tel net vir mense wat nie sy volk en sy kinders is nie. God het die persoonlike verhouding tussen Hom en sy kinders afgeskaf. Die persoonlike verhouding tussen God en mense is die "ou verbond" wat nie meer tussen God en sy kinders tel nie. In die plek van 'n persoonlike verhouding met God het God 'n nuwe verhouding tussen Hom en sy kinders geskep. Hierdie nuwe verhouding is die verbondsverhouding waarvolgens God sorg dat Hy God is, maar ook sorg dat ons sy kinders is. God het nooit 'n persoonlike verhouding met sy kinders nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**5. Mense wil altyd met God 'n persoonlike verhouding hê om hul begeertes te vervul, nooit 'n verbondsverhouding wat hulle weer aan God se wet verbind nie**

Hoekom kan daar nooit 'n persoonlike verhouding tussen God en sy kinders wees nie? Jeremia sê dit is eenvoudig: mense kan nie hul deel van 'n persoonlike verhouding met God nakom nie. Hy wys dat dit al is wat die Israeliete gedoen het: hulle het altyd, die hele tyd hierdie persoonlike verhouding met God verbreek. Hulle het pal van die persoonlike verhouding met God iets gemaak wat dit nie kan wees nie. Wanneer hulle met God 'n persoonlike verhouding gehad het, het hulle dit altyd verdraai om 'n verhouding te wees waarin God by hul begeertes moes inpas. Hulle kon en wou nooit 'n persoonlike verhouding met God gehad het waarvolgens Hy hulle seën as hulle die wet onderhou en Hy hulle straf as hulle die wet verbreek nie.

Jeremia wys dit in hoofstuk 32 uit:

Die mense van Israel en Juda het van jongs af net gedoen wat verkeerd is in my oë. Die Israeliete het My getart met goed wat hulle self gemaak het, sê die Here. 31 Van die dag af dat hierdie stad gebou is, tot nou toe het dit my gloeiende toorn so laat ontvlam dat Ek die stad wil wegvee voor My. 32 Die mense van Israel en Juda het My getart met al die verkeerde dinge wat hulle gedoen het, hulle, hulle konings, hulle amptenare, hulle priesters, hulle profete, elkeen in Juda, al die inwoners van Jerusalem. 33 Hulle het hulle rug na My toe gedraai, nie hulle gesigte nie. Ek het hulle vroeg en laat geleer om goed te luister, maar hulle wou nie hoor nie, hulle wou nie uit straf leer nie. 34 Hulle het hulle afskuwelike afgode in die huis gesit waaroor my Naam uitgeroep is en so het hulle my huis verontreinig." (Jer. 32:30-34)

Dit was die krag en betekenis van afgode. God het bedoel dat die mens se persoonlike verhouding met God moes gaan oor gehoorsaamheid aan sy wet. Mense wou nie 'n persoonlike verhouding met God volgens sy wet gehad het nie. Hulle wou 'n persoonlike verhouding met God volgens hul begeertes gehad het. Dit is vanaf Eksodus 32 die verskil tussen 'n persoonlike verhouding soos God dit bedoel het en 'n persoonlike verhouding soos mense dit met God bedoel het.

Mense se persoonlike verhouding klink só: "Ons sal vir God gee wat Hy nodig het en dan sal God vir ons weer gee wat ons nodig het." Dit is hoe mense godsdiens bedoel het: "sorg vir God se behoeftes en Hy sorg vir jou behoeftes". Hulle wou nie die persoonlike verhouding van die Here volgens sy wet aanvaar nie. Dit is teen hierdie soort geloof en mentaliteit dat die Here vir hulle sê:

> Ek wil geen jong bul uit jou stal hê of bokke uit jou krale nie, 10 want al die diere in die bos is Myne, die wild op duisende berge. 11 Ek ken al die voëls van die berge; al wat roer op die veld, is Myne. 12 Ek sou jou nie vra as Ek honger sou kry nie, want die aarde en alles wat daarop is, behoort aan My. 13 Eet Ek miskien die vleis van die bulle wat julle offer, of drink Ek die bloed van bokke? 14 Lof is die offer wat jy aan God moet bring. Betaal jou geloftes aan die Allerhoogste. (Psalm 50:9-14)

**6. Die verbond van die Here bestaan uit twee soorte beloftes: die Dawidsbeloftes en die Abrahamsbeloftes**

In 2 Samuel 7 kry ons weer 'n Skrifgedeelte wat verbondsinne bevat. Hierdie sinne verskil egter van dié in Esegiël 36 en Jeremia 31.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> ... **Ek sal** jou rus gee van al jou vyande. Ek maak aan jou bekend dat **Ek** vir jou 'n koningshuis **gaan** vestig. [12] Wanneer jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus, **sal Ek een** van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en aan hom 'n bestendige koningskap gee. [13] Hy sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koningskap vir altyd laat voortbestaan. [14] **Ek sal vir hom** 'n vader wees en **hy sal vir My** 'n seun wees. As hy ontrou is, **sal Ek** mense gebruik om hom te straf, hom te kasty. [15] Maar my trou **sal Ek nie** aan hom onttrek soos Ek dit aan Saul onttrek het om vir jou plek te maak nie. [16] Jou koningshuis en jou koningskap **sal vir altyd vas staan**; jou troon **sal altyd voortbestaan**." [17] Volgens hierdie openbaring het Natan die hele boodskap aan Dawid oorgedra.[18] Daarna het koning Dawid ingegaan en voor die Here gaan sit en gesê: "Wie is ek, Here my God, en wie is my nageslag dat U my só ver gebring het? [19] Selfs dít was vir U nog nie genoeg nie, Here: U het ook nog vir die nageslag van u dienaar tot in die verre toekoms beloftes gemaak. Wat 'n toesegging aan 'n mens, Here my God!" (2 Sam 7:11-19)
> [Beklemtoning deur vetdruk dié van die outeur]

Hier kry ons weer verbondsinne waarin God onderneem om te doen wat Hy sê hy sal doen. Hierdie sinne is weer eens nie toekomsvoorspellings of dreigemente nie. Dit is beloftes wat God waar maak. Dit is ondernemings deur God oor hoe Hy God is. Daar is egter groot verskille tussen hierdie belofte en die belofte in Esegiël 36 en Jeremia 31.

Die eerste verskil gaan oor wie hierdie beloftes kry. In Esegiël klink die verbond só: "Julle sal my volk wees en Ek sal julle God wees." Hier klink dit nou só: "Ek sal vir hom 'n Vader wees en hy sal vir My 'n seun wees." Hier maak God sy onderneming met net een persoon, nie met die hele volk nie. Hierdie een persoon sal net één seun van Dawid wees.

Die tweede verskil handel oor dit wat beloof word. In Esegiël word aan die volk beloof dat:
God hulle rein sal laat wees;
hulle ou ongehoorsame hart weggeneem sal word;
hulle 'n nuwe gehoorsame hart sal kry;
hulle God se wet sal wil gehoorsaam;
God hulle sal wegneem van ongehoorsame mense en
hulle God sal aanbid.
Al hierdie beloftes gaan oor die gehoorsaamheid van dienaars. Die beloftes aan hierdie een Seun van Dawid gaan oor 'n koningshuis en oor koningskap. Dit gaan oor beloftes waarin hierdie Seun die gesag en mag sal kry om te kan regeer.

Die derde verskil gaan oor die tipe verhouding wat God beloof. Teenoor die gelowiges onderneem God 'n God-volk verhouding, maar teenoor hierdie een Seun onderneem God 'n ander tipe verhouding: Hy sal vir hierdie een Seun 'n Vader wees en hierdie een Seun van Dawid sal God se eie Seun wees. Dit is 'n Vader-Seun-verhouding.

Die vierde verskil gaan oor hierdie Seun se gehoorsaamheid. Hierdie Seun sal nie in 'n verbondsverhouding met God leef nie. God gaan nie vir Hom gehoorsaamheid gee nie. Hierdie Seun sal self weer gehoorsaam moet wees. Hierdie Seun sal in 'n persoonlike verhouding met God staan: Hy moet self gehoorsaam aan God wees en as Hy ongehoorsaam is, sal God Hom straf.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hier het ons nou duidelik twee verskillende soorte beloftes, waarvan beide egter verbondsbeloftes is. Beide soorte gaan oor God wat ondernemings maak wat Hy waarmaak.

Die verbond van die Here in die Bybel bestaan uit twee stelle beloftes. Hierdie twee afsonderlike dele van die verbond kan maklik van mekaar onderskei word omdat die Bybel dit self aan twee persone verbind: die een stel beloftes is aan Abraham en die ander is aan Dawid gemaak. Die een deel van die verbond is die eerste keer aan Abram gemaak. Ons lees dit in Gen.12: 1-4: "Die Here het vir Abram gesê: "Trek uit jou land uit, weg van jou mense en jou familie af, na die land toe wat Ek vir jou sal aanwys. [2] Ek sal jou 'n groot nasie maak, Ek sal jou seën en jou 'n man van groot betekenis maak, en jy moet tot 'n seën wees. [3] Ek sal seën wie jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek. In jou sal al die volke van die aarde ge seën wees" [4] Abram het toe weggetrek, gehoorsaam aan die Here, en Lot het saam met om getrek. Abram was vyf en sewentig toe hy uit Haran weggetrek het."

Die verbond van die Here is hier maklik herkenbaar aan die gebruik van die uitdrukking: "Ek sál". Saam met elke "Ek sal" is daar 'n belofte waarmee God Abram aan Homself vasmaak:
1. God sal vir Abram 'n land wys waarin hy kan bly.
2. God sal Abram 'n groot nasie maak.
3. God sal Abram seën.
4. God sal almal seën vir wie Abram seën.
5. God sal almal vir wie Abram vervloek ook vervloek.

God maak Abraham en sy nageslag met hierdie baie spesifieke groep beloftes aan Hom vas. Hierdie beloftes aan Abraham word op baie wyses uiteengesit, maar die volledigste samevattings van hierdie beloftes is die beloftes wat ons in Jeremia 31 en Esegiël 36 kry.

Die Here het die beloftes aan Abraham so ongeveer 1770 jaar voor die geboorte van Jesus bekend gemaak. Om en by die jaar 1 000 voor Christus het die profeet Natan vir die eerste keer die Dawidsbeloftes aan Dawid bekend gemaak. Nadat Natan hierdie beloftes bekend gemaak het, kom dit dwarsdeur die Bybel as deel van die verbond voor. Maar dit word elke keer baie duidelik deur die Bybelskrywers self van die Abrahamsbeloftes onderskei. Die Bybelskrywers verbind self hierdie beloftes elke keer aan die persoon en naam van Dawid.


Die verbond van die Here met sondaars bestaan uit hierdie twee stelle beloftes. Hierdie twee verskillende stelle is nie twee verskillende verbonde nie. Dit is een verbond met twee verskillende soorte beloftes. Om God vir hierdie verbond te kan ken en vertrou, moet 'n mens, hierdie twee dele dadelik kan raaksien en van mekaar kan onderskei in die Skrifgedeelte wat 'n mens lees.

As 'n mens hierdie samevattings in Jeremia en Esegiël vir die Abrahamsbeloftes en 2 Samuel 7 vir die Dawidsbeloftes gebruik, is dit baie maklik om die Abrahams- en Dawidsbeloftes binne die verbond te kan eien.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**7. Die Dawids- en Abrahamsbeloftes is die inhoud van die evangelie**

Wat is die inhoud van die evangelie? Die inhoud van die evangelie is die Dawidsbeloftes en die Abrahamsbeloftes gesamentlik. Om die evangelie te glo, moet 'n mens weet dat dit die inhoud is waaroor die evangelie gaan. Ons kan dit uitwys as ons die inhoud van hierdie twee beloftes vergelyk met die inhoud van die evangelie.




Waar in die evangelie kry ons die belofte dat daar 'n Vader en Seun-verhouding tussen God en Dawid se Seun sal wees? Dit is die belydenis ons glo in die Vader ... en Sy eniggebore Seun.

Waar kry ons die belofte dat hierdie Seun koning sal wees? “Here” is 'n ander woord vir koning. Dit is die belydenis dat Jesus “ons Here” is.

Waar kry ons die belofte in die evangelie dat hierdie Seun Dawid se seun sal wees? Maria is uit die geslag van Dawid. Hierdie seun is die Seun van God die Vader en Hy is Dawid se Seun. Ons kry dit in die belydenis dat Jesus ontvang is van die Heilige Gees en uit die maagd Maria gebore is.

Waar kry ons die belofte dat hierdie Seun gehoorsaam sal wees? Ons kry dit in Jesus se geboorte, lyding en sterwe. Hy word as die gehoorsame gestraf. God beloof hierdie seun sal vir ewig 'n koning wees!

Hoe kan een van Dawid se seuns, wat 'n mens is, vir ewig 'n koning wees as mense oud word en doodgaan? Ons kry dit in die opstanding van Jesus. Omdat Hy opgestaan het uit die dood, kan Hy as seun van Dawid vir altyd Here wees.

Die troon wat God belowe het, is Jesus wat aan die regterhand van God sit en die rus wat belowe is aan hierdie koning dat Hy alle magte en vyande van sy volk sal verslaan, is Jesus wat kom om oor lewendes en dooies te oordeel.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die Dawidsbelofte is die inhoud van die eerste deel van die evangelie. Kom ons vergelyk die inhoud van die Abrahamsbelofte met die evangelie.

| DIE EVANGELIE | DIE ABRAHAMSBELOFTE |
|---|---|
| Ek glo in die Heilige Gees | Ek sal my Gees in julle gee |
| ek glo aan 'n heilige, | Ek sal julle reinig van julle onreinheid en afgodery |
| algemene, | Ek sal julle tussen nasies uit al die lande bymekaar maak |
| Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges; | Julle sal my volk wees |
| die vergewing van sondes; | Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee |
| die opstanding van die liggaam en 'n ewige lewe. | Julle sal in die land woon wat Ek aan julle voorvaders gegee het |

Waar kry ons in die evangelie die belofte dat God sy Gees in ons sal gee en sal maak dat ons sy gebooie en bepalings sal gehoorsaam en nakom? Dit is die inhoud van die belydenis "Ek glo in die Heilige Gees." Die belofte dat die Here ons sal reinig van onreinheid, beteken Hy maak ons heilig. Die belofte dat Hy ons van afgodery reinig, maak ons ook heilig. Hierdie beloftes kry ons in die evangelie in die belydenis van die heilige kerk, die gemeenskap van die heiliges. Die belofte dat ons die volk van God sal wees, beteken ons behoort aan God. Ons is Syne. Dit word bely in die woord "kerk". Kerk beteken "die Here s'n". Die belofte dat God ons ou hart sal wegneem en 'n nuwe hart sal gee, is die belydenis van vergifnis van sonde. Vergifnis in die Bybel gaan nooit net oor skuld wat weggevat word nie. Dit gaan daaroor om toegerus te word om God lief te hê en te dien. Die belofte van 'n land was altyd 'n teken van die lewe saam met God. Hierdie belofte is die inhoud van die belydenis dat ons glo in die opstanding van die liggaam en in die ewige lewe.

Die Abrahamsbelofte is die inhoud van die tweede deel van die evangelie.

**8. Christus maak die verbondsbeloftes waar: die Dawidsbeloftes vir Homself en die Abrahamsbeloftes vir ons**

Die verbond van die Here is die inhoud van die evangelie. Wat doen die evangelie met hierdie beloftes? Wat doen Christus met die verbondsbeloftes? Paulus verduidelik dit in Romeine 15: 8: "Ek bedoel dít: Christus het gekom om in belang van die Jode 'n dienaar te word; Hy moes vir hulle die waarheid van God bevestig deur die beloftes wat die voorvaders ontvang het, waar te maak."

Die waarheid van God is dat Hy alleen onderneem om al die beloftes van die verbond waar te laat wees. Dit is wat Christus doen. Deur alles wat Christus kom doen het, het Hy die beloftes van die verbond waar gemaak. Elke deel van die evangelie gaan oor 'n deel van die verbond wat God waar maak. Net God maak hierdie beloftes waar en Hy doen dit net deur Christus.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die manier waarop Christus die Dawidsbeloftes waar maak, verskil van die wyse waarop Hy die Abrahamsbeloftes waar maak. In Handelinge hoofstuk 2 gee Lukas aan ons die eerste preek wat deur die apostels gelewer is. Die apostel Petrus wys wat Christus met die Dawidsbeloftes doen:

> "Broers, wat ons voorvader Dawid betref, moet ek dit vir julle duidelik stel: Hy het gesterwe en is begrawe, en sy graf is nou nog hier by ons. 30 Maar hy was 'n profeet en hy het geweet dat God met 'n eed aan hom belowe het dat een van sy nakomelinge op sy troon sou sit. 31 Daarom het hy die opstanding van die Christus vooruit gesien en gesê: Hy is nie aan die doderyk oorgelaat nie, en sy liggaam het nie vergaan nie. 32 God het hierdie Jesus uit die dood laat opstaan; daarvan is ons almal getuies. 33 Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort. Dit is wat julle nou sien en hoor. 34 Dawid het nie na die hemel toe opgevaar nie, en tog sê hy: Die Here het vir my Here gesê: Sit aan my regterhand 35 totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het 36Die hele Israel moet nou vas en seker weet: God het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak!" (Hand 2:29-36)

Christus ontvang die Dawidsbeloftes. Alles wat God in die Dawidsbeloftes onderneem, word waar vir Christus. Christus maak die Dawidsbeloftes vir Homself waar. Hoekom? Hy doen dit sodat Hy die een is wat vir ons die Abrahamsbeloftes waarmaak. Paulus beskryf dit in Galasiërs 3:

> Daardeur kan ook hulle wat nie Jode is nie, deur Christus Jesus deel kry aan die seën wat God aan Abraham toegesê het. So het ons dan deur die geloof die Gees ontvang wat God beloof het. 15 Broers, ek gaan nou 'n voorbeeld uit die gewone lewe neem. As 'n testament, wat maar net mensewerk is, eers geldig is, kan niemand dit ongeldig maak of iets daaraan toevoeg nie. 16 God het sy beloftes aan Abraham en aan sy nakomeling gegee. Daar staan nie "aan nakomelinge", meer as een nie, maar: "en aan jou nakomeling", net een, en hierdie nakomeling is Christus. 17 Hiermee wil ek dít sê: God het 'n verbond met Abraham gesluit en dit tóé al geldig gemaak (Gal. 3:14-17)

God het sy verbondsbeloftes net aan een persoon gegee en dit is aan Christus. Die beloftes wat God aan Abraham gemaak het, maak Christus vir ons geldig. Dit is hoe die Christus die inhoud van die verbond waar maak: Hy maak Homself die Een vir wie die Dawidsbeloftes waar word sodat Hy die Een kan wees wat vir ons die Abrahamsbeloftes waar maak. Dit is die wyse waarop die hele Nuwe Testament geskryf is - dit is die getuienis oor die openbaring van God dat Christus die verbond waar maak.

### 9. Die nuwe regering van die Christus: Hy regeer deur beloftes waar te maak, nie deur wette te laat geld nie

Christus is die koning wat God beloof het wat sy kerk op 'n nuwe wyse sal regeer. Hierdie nuwe regeringwyse word in Hebreërs 8:1,2 en 6-10 beskryf:

> Die hoofsaak van wat gesê is, is dit: ons het 'n Hoëpriester, Een wat gaan sit het aan die regterkant van die troon van die Majesteit in die hemel. 2 Hy is bedienaar van die heiligdom, die ware verbondstent, wat deur die Here opgerig is en nie deur 'n mens nie ....“6 Maar nou het Jesus 'n voortrefliker priesterdiens gekry deurdat Hy Middelaar is van 'n beter verbond wat op uitnemender beloftes gegrond is. 7 As daar aan die eerste verbond niks kortgekom het nie, sou 'n tweede nie nodig gewees het nie. 8

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> Maar God bestraf die volk oor hulle tekortkoming deur te sê: "Kyk, daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit. [9] Die nuwe verbond sal nie wees soos dié wat Ek met hulle voorvaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand gevat het om hulle uit Egipte uit te lei nie, want hulle het nie my verbond gehou nie, en Ek het hulle verwerp, sê die Here. [10] Dít is nou die verbond wat Ek met Israel na daardie dae sal sluit, sê die Here: Ek sal hulle my wette in die verstand gee, op hulle harte sal Ek dit skrywe; Ek sal hulle God wees, en hulle sal my volk wees."

Christus maak die nuwe verbondsverhouding waar, nie die ou, persoonlike verhouding met God nie. In die ou, persoonlike verhouding regeer God mense met sy wet. Hy seën gehoorsaamheid en Hy straf ongehoorsaamheid. Op hierdie wyse dwing God sy wil deur die wet af. Die skrywer van Hebreërs stel dit ook dat hierdie ou verhouding met God nie gewerk het nie. Christus se priesterdiens is om die nuwe, uitnemender Abrahamsbeloftes waar te maak. Dit is die nuwe regeringswyse van God. God maak die nuwe Abrahamsbeloftes waar vir mense wat God nie in die ou, persoonlike verhouding kon dien nie.

Daarom word Christus as regeerder die Middelaar genoem. Hy bemiddel die Abrahamsbeloftes. Hy maak die beloftes van die verbond vir en in ons waar. Daarom regeer God nie meer deur te sê en ons moet doen nie. God regeer deur dít wat Hy sê in ons waar te maak vir ons. Hy sê nie meer ons moet Hom liefhê nie. Hy gee ons 'n hart wat Hom lief het. Hy sê nie meer ons moet sy kinders wees nie. Hy laat ons sy kinders wees.

**10. Christus se waarmaak van die Dawids- en Abrahamsbeloftes is die inhoud van die Nuwe Testamentiese geskrifte.**

Christus het die Dawids- en Abrahamsbeloftes waar gemaak. Dit is die evangelie. Dit is die boodskap van die kerk. Dit is die inhoud van die prediking van die apostels. Daarom is dit ook die hoofinhoud van al die Nuwe Testamentiese geskrifte wat ons in die Bybel het.

As 'n mens die boodskap van hierdie apostels wil raaksien en hoor, dan moet 'n mens vra hoe verkondig die Bybelgedeelte wat 'n mens lees dat Christus die Dawids- en Abrahamsbelofte waar maak. Met hierdie vraag ontsluit die Bybelse boodskap vir jou die inhoud van die getuienisse. As jy nie hierdie vraag vra nie, sal die inhoud van die Bybel se boodskap baie maklik by jou verbygaan.

Kom ons kyk na 'n paar voorbeelde. Matteus se Evangelie wys ons dat Christus hierdie twee beloftes waar maak. Kyk net na die inleiding van die Matteus-Evangelie:

> Die geslagsregister van Jesus Christus, die Seun van Dawid, die seun van Abraham: [2] Abraham was die vader van Isak, .... [6] Isai was die vader van koning Dawid. ....Dawid was die vader van Salomo by die vrou van Urija; [7] Salomo was die vader van Rehabeam, ... [16] Jakob was die vader van Josef, die man van Maria uit wie gebore is Jesus wat Christus genoem word. [17] Altesaam was daar dus veertien geslagte van Abraham af tot by Dawid, veertien van Dawid af tot by die Babiloniese ballingskap en veertien van die Babiloniese ballingskap af tot by Christus.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Christus is die seun van Dawid en die Seun van Abraham. Hoekom is dit so belangrik om dit die eerste vers van die Evangelie te maak? Want Christus is die Persoon wat hierdie twee beloftes ontvang en waarmaak. Dit is die tema en inhoud van die hele Matteus-Evangelie:

Josef moet nie van Maria skei nie - sodat Jesus uit die geslag van Dawid kan wees;
Jesus is in Betlehem gebore - want Hy is die Seun van Dawid wat hierdie belofte ontvang;
Jesus kom uit Egipte - want Hy is ook die Seun van God.

Dit is ook die afsluiting van die Matteus-Evangelie: Christus is die seun van Dawid. Hy het die Dawidsbelofte vir Homself waar gemaak – aan Hom is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Wat doen Hy met hierdie mag? Hy maak die Abrahamsbelofte vir sy kerk waar: "En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld." (Matteus 28:20) Christus wat met ons is, is die vervulling van die belofte: "Ek sal julle God wees en julle sal My volk wees." (Hebr. 8:10)

Daarom is ook die hele lyding, sterwe en opstanding van Christus die vervulling van die koningspsalm, Psalm 22.

Hoofstukke 1 tot 7 van Hebreërs handel oor hoe Christus die Dawidsbelofte waar maak en hoofstuk agt tot elf oor hoe Hy die Abrahamsbelofte waarmaak. Die waarmaak van hierdie belofte is die inhoud van die hele boek.

Paulus som sy verkondiging in sy briewe in Romeine 15:8 op: "Ek bedoel dít: Christus het gekom om in belang van die Jode 'n dienaar te word; Hy moes vir hulle die waarheid van God bevestig deur die beloftes wat die voorvaders ontvang het, waar te maak." Paulus se verduideliking dat ons net deur geloof geregverdig word, is niks ander as 'n verduideliking dat Christus die Abrahamsbeloftes waar maak nie:

> Want die belofte dat hy erfgenaam van die wêreld sou wees, het Abraham of sy nageslag nie deur die wet verkry nie, maar deur die geregtigheid van die geloof.14 Want as hulle wat uit die wet is, erfgename is, dan het die geloof waardeloos geword en die belofte tot niet geraak.15 Want die wet werk toorn; maar waar geen wet is nie, daar is ook geen oortreding nie.16 Daarom is dit uit die geloof, sodat dit volgens genade kan wees en die belofte kan vasstaan vir die hele nageslag; nie alleen vir die wat uit die wet is nie, maar ook vir die wat uit die geloof van Abraham is, die vader van ons almal " (Romeine 4:13-16)

Dit vind ook weerklank in Galasiërs:

> God het sy beloftes aan Abraham en aan sy nakomeling gegee. Daar staan nie "aan nakomelinge", meer as een nie, maar: "en aan jou nakomeling", net een, en hierdie nakomeling is Christus. 17 Hiermee wil ek dít sê: God het 'n verbond met Abraham gesluit en dit tóé al geldig gemaak. Die wet, wat eers vier honderd en dertig jaar later gekom het, kan nie hierdie verbond ongeldig maak, sodat God se belofte aan Abraham nie meer sou geld nie. 18 As 'n mens dit wat beloof is, kry op grond van die onderhouding van die wet van Moses, kry jy dit nie meer op grond van die belofte nie, en God het sy genade aan Abraham juis deur 'n belofte toegesê.
> (Galasiërs 3:13-18)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Lukas se Evangelie en boek van Handelinge handel oor Christus wat die Dawids- en Abrahamsbeloftes waarmaak. Sy geboorte word só aangekondig:

> Die engel sê toe vir haar: "Moenie bang wees nie, Maria, want God bewys genade aan jou. [31] Jy sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring, en jy moet Hom die naam Jesus gee. [32] Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee, [33] en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie. (Lukas 1:30-33)

Dit is die direkte aanhaling van die belofte in 2 Samuel. In die loflied van Sagaria word Jesus verkondig as die persoon wat die Dawids- en Abrahamsbeloftes gaan waarmaak:

"[69] 'n Sterk Verlosser het Hy vir ons laat opstaan uit die huis van sy dienaar Dawid. [70] So het die Here dit reeds van oudsher belowe deur die mond van sy heilige profete: [71] om ons te verlos van ons vyande en uit die hand van al ons haters; [72] om Hom te ontferm oor ons voorvaders en sy heilige verbond te onthou. [73] Met 'n eed het Hy dit bevestig aan ons voorvader Abraham dat Hy sou gee dat ons, [74] gered uit die hand van vyande, Hom onbevrees kan dien [75] in vroomheid en opregtheid al die dae van ons lewe."
(Luk. 1:69-75)

In die boek Handelinge is dit die hoofinhoud van die apostel se prediking aan die Jode in hoofstuk 2. Dit is ook die inhoud van die prediking van Paulus se eerste sendingpreek:

> Uit hierdie man se nageslag het God, volgens sy belofte, Jesus as Verlosser vir Israel laat voortkom. [24] Voor Jesus se koms het Johannes die hele Israel opgeroep om hulle te bekeer en te laat doop. [25] En toe hy aan die einde van sy loopbaan gekom het, het hy gesê: 'Wie dink julle is ek? Ek is nie Hy nie. Maar kyk, Hy kom ná my. Ek is selfs nie werd om sy skoene los te maak nie. [26] "Broers, nakomelinge van Abraham, en julle, godvresendes, aan ons het God hierdie boodskap van die verlossing gestuur. [27] Die inwoners van Jerusalem en hulle leiers het vir Jesus nie erken nie. Deur Hom te veroordeel het hulle die uitsprake van die profete, wat elke sabbatdag voorgelees word, in vervulling laat gaan. ... [32] "En nou verkondig ons aan julle die goeie boodskap dat God die belofte aan die voorvaders [33] vir ons, hulle nageslag, vervul het deur Jesus uit die dood te laat opstaan. So staan daar dan ook in die tweede psalm geskrywe: Jy is my Seun, vandag het Ek aan jou die lewe gegee. (Handelinge 13:23-27; 32,33)

Die wyse waarop ons die Bybel moet lees, is om hierdie twee beloftes te herken. 'n Mens kan hierdie twee Skrifgedeeltes oophou: die Dawidsbelofte in 2 Samuel 7:10 en die Abrahamsbelofte in Esegiël 36: 24 en dan kyk hoe die apostels hierdie boodskap in die Nuwe Testament verkondig.

## 11. In 'n persoonlike verhouding met God kan mense nie tot bekering kom nie

'n Mens kan nie in 'n persoonlike verhouding met God tot bekering kom nie. God sê dit vir Jesaja toe Hy hom roep om prediker in Israel te wees:

> Toe het die Here gesê: "Gaan sê vir hierdie volk: Julle sal hoor en hoor en tog sal julle niks verstaan nie, en kyk en kyk en tog niks sien nie." 10 Verder het Hy vir my gesê: "Maak hierdie volk traag van begrip, maak hulle ore doof en hulle oë blind sodat hulle nie met hulle oë sien, met hulle ore hoor, en met hulle verstand begryp en hulle hulle bekeer en genees word nie." 11 Toe vra ek: "Tot wanneer, Here?" En Hy het geantwoord: "Totdat die stede verwoes en sonder inwoners is, totdat die huise

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> verlate is en die land in ’n puinhoop omskep is, 12 totdat Ek, die Here, die mense ver weggevoer het, en die land heeltemal verlate is. 13 Selfs al is daar net ’n tiende oor, sal die land nog verder verwoes word. “Maar soos van ’n akkerboom of ’n terpentynboom ’n stomp bly staan wanneer dit afgekap word, so sal daar vir die land ’n stomp oorbly: die gewyde geslag.
> (Jes. 6:9-13)

Die Here wys dat Jesaja se prediking ’n baie vreemde reaksie by die volk Israel gaan uitlok. Hulle sal presies hoor wat hy sê, maar sal nie verstaan wat hy sê nie. Hulle sal kyk na wat hy sê, maar nie raaksien wat hy sê nie.

Hoekom reageer hulle só vreemd op sy prediking? Want hulle staan in die ou, persoonlike verhouding met God. Hulle staan in die ou verbond waar hulle met die “as”-sinne werk. In hierdie “as”- verhouding verdraai hulle die inhoud van God se Woord deur die inhoud van die Here se wet met hul begeertes te vervang. Hulle glo hulle sal God tevrede stel en Hy sal hul begeertes bevredig. Binne hierdie verdraaide verhouding is hul verkeerde waardes goeie waardes. Dit is die effek van die verdraaide beeld op die prediking van God se Woord. Hulle hoor die woorde, maar verdraai die bedoeling. Daarom kan hulle nie die bedoeling van die prediking, dat hul gedrag verkeerd is, verstaan nie omdat hul waardes en norme verkeerd is.

Daarom kry Jesaja die opdrag om te preek sodat hulle nie tot bekering kan kom nie. Hierdie opdrag is duidelik en ondubbelsinnig. Hy moet deur sy prediking van die Here se Woord dit vir hulle onmoontlik maak om tot bekering te kom. Hierdie onmoontlik maak is iets wat God doen. God maak dit vir hulle onmoontlik om tot bekering te kan kom.

Op watter manier moet ’n prediker in opdrag van God preek sodat God dit vir mense onmoontlik maak om tot bekering te kom? Dit is ’n baie maklike saak. Die Here gaan met hulle praat as mense binne die ou verbond. Hy gaan vir hulle sê dat dít wat hulle doen, sonde is. Hy gaan vir hulle sê dat hulle nie sonde moet doen nie. Hy gaan vir hulle sê dat hulle berou moet hê oor hul sonde. Hy gaan vir hulle sê dat hulle gehoorsaam moet wees aan die wet van die Here en reg en geregtigheid moet laat geskied in hul verhouding met mense. Dit was die inhoud van Jesaja se prediking. *Hierdie* prediking het dit vir hulle onmoontlik gemaak om tot bekering te kom.

Hoe werk dit? Want dit is die ou verbondsverhouding: as hulle nie luister nie, dan sal God hulle straf en as hulle luister sal God hulle seën! Wat doen mense as hulle in so ’n verhouding met God staan? Luister hulle of luister hulle nie? Mense luister nie! En dan hou God Hom by die kontrak wat hulle met God maak en straf hulle.

Hier kry ons weer die dinamika van die ou wet. En die Bybel leer ons die ou wet is die mag van sonde. Daarom vra Jesaja hoe lank hierdie persoonlike verhouding met God só werk? Die Here antwoord hom dat dit nooit ophou om só te werk nie. Dit hou aan tot alles vernietig is en dan bly dit nog só. Want mense kan nie binne hierdie ou, persoonlike verhouding met God, wat op die basis werk dat as jy gehoorsaam is God jou seën en as jy ongehoorsaam is

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

dan straf Hy jou, tot bekering kom nie. Die ou wet maak dat mense in hul begeertes inkeer. Hulle luister en doen nie wat God sê as God só met hulle praat nie.

Wat Jesaja egter hier uitwys, is dat mense nie oor God mag kry omdat die ou wet die mag van sonde is nie. God handel hier volgens sy eer. As mense hulle tot 'n persoonlike verhouding met Hom verbind, sal God dit laat werk soos Hý 'n persoonlike verhouding met Hom laat werk. Dit is volgens sy wet: Hy seën gehoorsaamheid en straf ongehoorsaamheid. Dit sal nie werk soos hulle glo dat hulle 'n persoonlike verhouding laat werk nie. Hierdeur maak God in effek dat 'n persoonlike verhouding met Hom nie kan werk nie. So word 'n persoonlike verhouding met God God se oordeel - God hou mense gebind aan 'n verhouding wat nie kan werk nie, maar wat hulle glo hulle kan laat werk. Binne hierdie ou, persoonlike verhouding wat nie werk nie, kan mense nie tot bekering kom nie.

Dit is presies dieselfde boodskap wat die profeet Esegiël aan die Israeliete gee:

> Daar het van Israel se leiers na my toe gekom en voor my gaan sit. [2] Die woord van die Here het toe tot my gekom: [3] "Mens, hierdie manne heg waarde aan afgode. Hulle is so in sonde verval dat hulle net ag gee op hulle afgode. Moet Ek My deur hulle laat raadpleeg? [4] Praat met hulle, sê vir hulle: So sê die Here my God: Wanneer 'n Israeliet waarde heg aan afgode en so in sonde verval is dat hy net ag gee op sy afgode, en hy kom na 'n profeet toe, sal Ek, die Here, met hom praat soos dit by sy afgodery pas. [5] Ek sal Israel wat My ter wille van al hulle afgode verlaat het, my harde hand laat voel. [6] "Sê vir Israel: So sê die Here my God: Bekeer julle! Laat staan julle afgode! Hou op met al julle afskuwelike dade! [7] "Wanneer 'n Israeliet of 'n vreemdeling wat onder Israel woon, van My afvallig word en aan afgode waarde heg en so in sonde verval is dat hy net ag gee op sy afgode, en hy kom na 'n profeet toe om My te raadpleeg, sal Ek, die Here, op my eie wyse met hom praat. [8] Ek sal so 'n man se teenstander wees en van hom 'n voorbeeld, 'n spot maak, hom van my volk afsny. Dan sal julle besef dat Ek die Here is. [9] En as 'n profeet hom dan laat verlei om iets te sê, is dit Ek die Here wat hom verlei het, maar tog sal Ek my hand teen hom uitsteek en hom tussen my volk Israel uit verdelg. [10] Hulle sal die straf op hulle sonde dra: die man wat My raadpleeg en die profeet het ewe veel skuld. [11] Dan sal Israel nie weer van My af wegdwaal en hulle nie weer verontreinig met al hulle opstandige dade nie. **Hulle sal my volk wees, en Ek sal hulle God wees**," sê die Here my God. (Esegiël 14:1-11) [Beklemtoning in vetdruk dié van die outeur]

God sal met mense praat soos dit by hul afgodery pas. Dit is God se oordeel oor afgodsdiens. Mense maak asof hulle in 'n persoonlike verhouding met God kan staan en dat hierdie verhouding op die basis werk dat as hulle gehoorsaam is God hulle seën. Dit hou hulle voor terwyl hulle die hele bedoeling van godsdiens verdraai om by hul verdraaide waardes te pas. Die oordeel van God is dat Hy dan mense in hierdie geloof los. Hulle glo hulle het 'n persoonlike verhouding met God, terwyl Hy die God is wat hulle straf volgens die reëls van 'n persoonlike verhouding. Dit is die verskriklike van hierdie oordeel: Hy laat hulle in die ellende van sy vloek leef, terwyl hulle glo hulle word geseën in 'n mooi en goeie persoonlike verhouding met God.

**12. God skep 'n verbondsverhouding waar mense tot bekering kan kom**

Esegiël wys dat daar 'n ander tipe verhouding is waar bekering moontlik is. Dit is die verbondsverhouding, wat in hoofstuk 14 vers 11 beskryf word. In Esegiël 36:31 beskryf hy

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

wat gebeur as God hierdie nuwe verbond vir sy volk waar maak– " **Dan sal** julle terugdink aan julle bose optrede en julle gedrag wat nie goed was nie, en **julle sal** 'n afsku hê van julleself oor julle sonde en julle afskuwelike dade." Eers wanneer ons binne in die verbondsverhouding is, kan ons oor sondes nadink, oor sondes skaam wees, oor sondes berou hê en ons wegkeer van ons sondes. (Beklemtoning in bogenoemde skrifgedeelte dié van die outeur).

Binne 'n persoonlike verhouding met God leef mense binne-in hul eie verdraaide opvattings. In hul verdraaide opvattings sien hulle hul eie verdraaide waardes en norme as goeie waardes en norme.

Dit is die blindheid wat intree.
Hoe kan 'n mens oor goeie waardes en norme berou hê?
Hoe kan 'n mens oor goeie waardes en norme skaam wees?
Hoe kan 'n mens jou van goeie waardes en goeie norme bekeer?
Hoe kan jy jou vir ander waardes en norme beywer en lus wees daarvoor as joune goeie waardes en norme is?

Mense moet eers in 'n verhouding staan waarin hulle ontdek dat hul waardes en norme verdraaide waardes en norme is; dat dit eintlik sonde is. Hierdie verhouding wat hierdie ontdekking moontlik maak is die verbondsverhouding met God. Daarom sê Esegiël eers as hierdie verbond waar is, sal sy volk binne hierdie verbond ontdek hulle moet hulle skaam en berou hê oor dit wat hulle eintlik gemeen het hul goeie waardes en norme was. Binne God se genadeverbond ontdek mense dat hul goeie waardes niks anders as verdraaide opvattings is nie.

Hoe kan mense dan van hul sondes bekeer? Hulle moet eers uit hul persoonlike verhouding met God binne-in 'n nuwe verbondsverhouding met God gedraai word. Dit is die oproep van Esegiël in Hoofstuk 14: 6. Hierdie oproep tot bekering beteken dat hulle uit die ou verbond moet breek en die nuwe lewe binne die nuwe verbond wat God waar maak, moet opneem. Die wyse waarop hulle dit moet doen, is om te glo in God se nuwe beloftes en te glo dat God 'n verbondsverhouding vir hulle waarmaak.

Geloof is die bekering waarmee 'n mens uit 'n persoonlike verhouding met God wegbreek en binne- in die verbondsverhouding wat God skep, nuut leef. Hierdie toekeer tot God is geloof in Hom en sy onderneming met ons. Hierdie toekeer tot God is 'n wegkeer van die ou verbond. Die wegkeer is ongeloof in die ou, persoonlike verhouding met God. Jesaja en Jeremia stel hierdie bekering uit 'n die ou verbond tot 'n lewe binne die nuwe verbond só:
"So het die Here my God, die Heilige van Israel, gesê: As julle julle bekeer en tot rus kom, sal julle gered word. Julle krag lê in stil wees en vertroue hê. (Jes 30:15) en Jeremia stel dit soos volg: "Ek het duidelik gehoor hoe Efraim kla: 'U het my gestraf, ek is ingebreek soos 'n kalf wat mak gemaak is. Bring my terug na U toe dat ek my kan bekeer, want U is die Here my God'". (Jeremia 31:15)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die wyse waarop ons aanvaar dat God ons na Hom toe terugbring, is geloof in sy verbondsbeloftes. Daarom klink die 1993-Afrikaanse vertaling van Jer 31:18 só: Sekerlik het Ek Efraim hoor weeklaag: U het my getugtig en ek het my laat tugtig soos ’n ongeleerde kalf. Bekeer my, dan sal ek my bekeer, want U is die HERE my God.” God bring ons in die nuwe verbondsverhouding in. Hy draai ons uit die ou persoonlike verhouding uit – daarom is die nuwe bekering die geloof waarin ’n mens stil is en vertroue het in wat God met jou doen. Net binne hierdie nuwe verbondsverhouding kan gelowiges dan weer volgens die wet hulle van hul sondes bekeer. Buite hierdie verbondsverhouding kan hulle nie volgens die wet hulle van hul sondes bekeer nie.

**13.Geloof in Christus is die wegbreek uit die persoonlike verhouding met God en die opneem van die nuwe verbondsverhouding met God**

Dit is die betekenis van die oproep tot bekering in Christus wat in die drie Evangelies Matteus, Markus en Lukas, en in Handelinge voorkom. Geloof in Christus is die wyse waarop ons wegbreek van die ou, persoonlike verhouding met God en ons posisie binne die nuwe verbondsverhouding met God opneem en uitleef.

Lukas gee die apostel Petrus se verduideliking van die inhoud van hierdie nuwe bekering in Handelinge 2:30-39 weer:

> Maar hy was ’n profeet en hy het geweet dat God met ’n eed aan hom belowe het dat een van sy nakomelinge op sy troon sou sit. [31] Daarom het hy die opstanding van die Christus vooruit gesien en gesê: Hy is nie aan die doderyk oorgelaat nie, en sy liggaam het nie vergaan nie. [32] God het hierdie Jesus uit die dood laat opstaan; daarvan is ons almal getuies. [33] Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort. Dit is wat julle nou sien en hoor. [34] Dawid het nie na die hemel toe opgevaar nie, en tog sê hy: Die Here het vir my Here gesê: Sit aan my regterhand [35] totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het. [36] Die hele Israel moet nou vas en seker weet: God het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak!”[37] By die aanhoor hiervan is die mense diep getref en het hulle vir Petrus en die ander apostels gevra: “Wat moet ons doen, broers?” [38] Toe antwoord Petrus hulle: “Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang. [39] Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep.

Petrus verklaar dat Jesus die Dawidsbelofte vir Homself waar gemaak het: Hy het die troon, wat God aan die Seun van Dawid beloof het, ontvang. Hy sit aan die regterhand van God. Hy is Here en Christus. Wat doen Christus aan die Vader se regterhand? Hy ontvang die Heilige Gees wat belowe is. Hierdie uitdrukking “ontvang die Heilige Gees” is direk die inhoud van die Abrahamsbelofte in Esegiël 36:27: “Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom.” Christus ontvang die beloftes van God aan Abraham. Wat doen Hy daarmee? Hy stort dit uit. Dit beteken Hy vervul hierdie beloftes. Hy maak dit vir en in mense waar. Christus maak die beloftes van die Heilige Gees in die Abrahamsbelofte ’n gawe wat Hy aan mense gee.

Die uitdrukkings, “Heilige Gees ontvang en uitgestort”, “Heilige Gees as gawe ontvang”

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

en “wat God belowe het”, verwys almal na die inhoud van die Abrahamsbeloftes. Christus stort dit uit. Hy maak die beloftes tot gawes en gee dit as gawe vir mense.

Ons kan die uitleg van hierdie preek toets aan die loflied van Sagaria waarin die werk van Christus aangekondig word:

> Sagaria, die kindjie se pa, is met die Heilige Gees vervul en het as profeet gesê: [68] “Lofwaardig is die Here, die God van Israel, want Hy het sy volk in genade opgesoek en vir hulle verlossing bewerk. [69] ’n Sterk Verlosser het Hy vir ons laat opstaan uit die huis van sy dienaar Dawid. [70] So het die Here dit reeds van oudsher belowe deur die mond van sy heilige profete: [71] om ons te verlos van ons vyande en uit die hand van al ons haters; [72] om Hom te ontferm oor ons voorvaders en sy heilige verbond te onthou. [73] Met ’n eed het Hy dit bevestig aan ons voorvader Abraham dat Hy sou gee dat ons, [74] gered uit die hand van vyande, Hom onbevrees kan dien [75] in vroomheid en opregtheid al die dae van ons lewe, in heiligheid en geregtigheid voor Hom, al die dae van ons lewe. (Luk 1:67-75;1933-AV).

God se verlossing gaan oor die belofte aan Dawid dat Hy ’n sterk Verlosser uit die huis van Dawid sal laat opstaan. God se verlossing gaan ook oor die waar maak van sy eed aan Abraham: die Verlosser sal mense heilig en regverdig maak. Dit is hoe God sy heilige verbond aan die voorvaders onthou. Hy maak die Dawids- en Abrahamsbeloftes waar. Dit is presies wat in Handelinge 2 gebeur. Christus maak die Dawidsbelofte vir Homself waar deur aan God se regterhand te gaan sit en die beloftes van Abraham (die belofte van die Heilige Gees en al die ander beloftes) te ontvang en waar te maak.

Die wyse waarop mense hierdie beloftes ontvang en daarin in leef is om hulle weg te keer van die ou verbond en hulle na Christus toe te keer. Hierdie wegkeer van die ou verbond en toekeer na Christus is geloof . Omdat geloof in Christus ’n wegkeer uit die ou, persoonlike verhouding met God is en die aanvaarding is van die nuwe verbondsverhouding as ’n gawe van God word geloof in Christus “bekering” genoem.

**14. Die inhoud van Paulus se bekering is geloof in Christus**

Paulus was ook ’n Jood wat net soos die Jode op Pinksterdag tot bekering gekom het. Wat is die inhoud van hierdie bekering? Paulus beskryf die inhoud van hierdie bekering in Filippense 3: 4-14:

> Tog sou ek ook op uiterlike dinge kon vertrou. As iemand meen dat hy op uiterlike dinge kan vertrou, ek nog meer: [5] ek is op die agste dag besny, van geboorte ’n Israeliet, uit die stam Benjamin, ’n egte Hebreër, in wetsopvatting was ek ’n Fariseër, [6] in my ywer ’n vervolger van die kerk, in onderhouding van die wet van Moses om vryspraak te kry, onberispelik. [7] Maar wat eers vir my ’n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, [8] ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry[9] en een met Hom kan wees: vrygespreek, nie omdat ek die wet onderhou nie, maar omdat ek in Christus glo. Dit is die vryspraak wat God gee omdat ’n mens in Hom glo. [10] Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, [11] in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood. [12] Ek sê nie dat ek dit alles al het of die doel al bereik het nie, maar ek span my in om dit alles myne te maak omdat Christus Jesus my reeds Syne gemaak het. [13] Broers, ek verbeel my nie dat ek dit alles al het nie. Maar een ding doen ek:

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is. [14] Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus.

Hy beskryf sy bekering as die wegbreek van een geloof na ’n nuwe geloof. Dit is ’n wegbreek uit ’n vertroue op “uiterlike dinge”(op die vlees aldus die 1933-AV) tot geloof in Christus. Die woord “vryspraak” gee nie die volle inhoud van die Griekse woord weer nie. Die 1933-AV vertaal dit met “wat die geregtigheid in die wet betref, onberispelik.” Paulus het geleef in die geloof in die ou verbond. Volgens die ou verbond moet jy sorg dat jy volgens die geregtigheid wat God se wet eis, dit is ware liefde en toewyding met jou hele hart, siel en verstand, leef. Paulus het gesorg dat hy God liefhet en God dien. Hy het gesorg dat hy reg leef, reg bid, reg getuig en sendingwerk vir God reg doen.

Volgens sy geloof het hy die volle liefde wat die wet tussen God en mens eis, uitgeleef. Hy het geglo dat God hom seën omdat hy God ten volle liefhet en dat God hom nie straf nie omdat hy vir God goed en reg leef. Hierdie geloofsoortuiging dat hy voor God onberispelik was volgens die geregtigheid van die Tien Gebooie is omdat hy “op die vlees kan vertrou”. Hierdie vertroue op die vlees beteken die geloof dat hy en God mekaar liefhet volgens die eise van die persoonlike verhouding met God. Paulus het geglo in sy persoonlike verhouding met God.

Sy bekering was dat hy hierdie persoonlike verhouding, wat hy met God gehad het, as waardeloos beskou, dit laat vaar het en as verwerplik beskou. Alles wat hy in hierdie persoonlike verhouding met God gedoen het - bid, loof, prys, getuig, aanbid en eer – is vir hom waardeloos, want hy glo nie meer in hierdie persoonlike verhouding met God en in alles wat hy in hierdie persoonlike verhouding met en vir God gedoen het nie. Hierdie soort verhouding met God lê agter hom. Hy staan nou in ’n verbondsverhouding met God wat Christus waar laat wees.

Hy glo nou in wie Christus is en wat Christus vir en met hom doen. Die wyse waarop hy God nou dien, is deur sy geloof dat hy ingesluit is in Christus se lewe en toewyding aan God. Hy steun nie meer op wat Hy vir God doen nie. Hy steun op wat Christus doen. Christus laat die verbondsverhouding tussen hom en God waar wees.

Geloof in Christus is geloof in die ondernemings wat God maak en wat God laat waar wees. Dit is presies die teenoorgestelde as ’n persoonlike verhouding met God. In hierdie nuwe verbond glo mense dat God hul ondernemings teenoor God sy ondernemings maak en as God se beloftes vir hulle waar maak. Daarom is geloof in Christus ’n wegbreek uit ’n persoonlike verhouding met God. Dit breek uit die geloof dat ons verhouding met God sy beloftes in ons lewe waar maak.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

| Persoonlike verhouding met God: Geloof dat ons verhouding met God sy beloftes waar maak. | Verbondsverhouding met God: Geloof in Christus dat Hy God se beloftes vir ons waar maak. |
| --- | --- |
| Ons onderneem om God lief te hê, met ons hele hart, siel en verstand.<br>Ons onderneem om rein te leef.<br>Ons onderneem om God te dien.<br>Ons onderneem om ons verkeerde gesindheid teenoor God te verander.<br>Ons onderneem om God se kinders te wees.<br>Ons onderneem om God se wil te doen.<br>Ons onderneem om deel van die gehoorsames te wees en nie met ongehoorsames om te gaan nie.<br>Ons onderneem om God se Gees in ons toe te laat. | God onderneem om ons 'n hart te gee wat Hom lief het.<br>God onderneem om ons te reinig.<br>God onderneem om ons verkeerde hart weg te neem.<br>God onderneem dat Hy ons 'n hart sal gee wat Hom eer en dien.<br>God onderneem dat Hy sy Gees in ons sal gee.<br>God onderneem dat Hy sal sorg dat ons sy wet wil gehoorsaam. |

## 15. Afgodsdiens verdraai die Dawidsbeloftes: mense maak Christus koning en verkry God se mag oor ander mense

Dit bring ons by die versoek van Johannes en Jakobus aan die Here soos dit in Markus 10: 32-45 opgeteken is:

> Toe het Hy weer die twaalf opsy geneem en hulle begin vertel wat met Hom gaan gebeur: 33 "Kyk, ons gaan nou Jerusalem toe. Daar sal die Seun van die mens aan die priesterhoofde en skrifgeleerdes oorgelewer word, en hulle sal Hom tot die dood veroordeel en Hom aan die heidene uitlewer. 34 Dié sal met Hom spot en op Hom spoeg en Hom slaan en Hom doodmaak. En drie dae later sal Hy uit die dood opstaan." 35 Jakobus en Johannes, die seuns van Sebedeus, kom toe na Jesus toe en sê vir Hom: "Here, ons wil graag hê U moet vir ons doen wat ons U gaan vra." 36 "Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?" het Hy hulle gevra. 37 Hulle het Hom geantwoord: "Wanneer U as koning heers, laat ons dan langs U sit, die een aan u regterhand en die ander een aan u linkerhand." 38 "Julle weet nie wat julle vra nie," sê Jesus vir hulle. "Kan julle die lydensbeker drink wat Ek drink, of met die doop gedoop word waarmee Ek gedoop word?" 39 "Ons kan," sê hulle vir Hom. Daarop sê Jesus vir hulle: "Die beker wat Ek drink, sal julle drink, ja, en met die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word. 40 Maar om aan my regter- of my linkerhand te sit, daaroor besluit Ek nie; dit is vir dié vir wie God dit gereed gemaak het." 41 Toe die tien ander dit hoor, was hulle verontwaardig oor Jakobus en Johannes. 42 Jesus roep hulle toe nader en sê vir hulle: "Julle weet dat dit by die nasies so is dat hulle sogenaamde regeerders oor hulle baasspeel en dat hulle groot manne die mag oor hulle misbruik. 43 Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; 44 en elkeen onder julle wat die eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees. 45 Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die vraag wat Johannes en Jakobus aan die Here rig, wys ons hoe al die dissipels in die Here geglo het voor Hy uit die dood uit opgestaan het. Hulle wil aan sy linker- en regterhand sit as Hy koning in Jerusalem word. Hoekom? Jesus het pas aangekondig dat Hy in Jerusalem doodgemaak gaan word. En dan? Wie gaan dan sy plek as koning inneem en sy werk voortsit? Dit is die tragiese. Jesus se aankondiging van sy dood motiveer onmiddellik 'n opvolgstryd onder die dissipels. Hulle wil Jesus se magsposisie oorneem as Hy nie meer daar is nie.

Wat het hulle geglo? Hulle het geglo dat Jesus God se wet die landswet gaan maak - eers van die regering in Jerusalem en daarna in die hele wêreld. Hy gaan aankondig dat Hy nou weer gaan toesien dat almal volgens die Tien Gebooie gaan lewe. Hoe gaan Hy daarvoor sorg? Hy gaan die goddeloses en sedeloses uit die stad uitdryf en sy ondersteuners aanstel om toe te sien dat almal volgens die Tien Gebooie leef. Hoe gaan die Here Jesus dit regkry? God gee aan hom die mag. God gaan sy mag deur Jesus op aarde uitoefen. God en sy engele gaan afkom en saam met Jesus die Romeine, die sedelose Jode en die Samaritane met sy goddelike mag onderwerp aan die wet van God. Dit is hoe hulle die Here se woorde in Markus 8:38 verstaan het: "vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom saam met die heilige engele, en beklee is met dieselfde heerlikheid as sy Vader." Jesus gaan die nuwe Godstaat uitroep waarin alle mense aan God se wet onderwerp gaan word met die mag wat God aan Jesus gaan gee. God gaan sy mag en krag deur Jesus uitoefen!

Dit is baie soos wat die Moslems vir Mohammed sien. Hy het die wet van God met swaard en nuwe landswette op mense afgedwing en God het hom die mag gegee om dit te doen. Maar wat gebeur as Mohammed doodgaan? Dan regeer God deur sy opvolgers. Dan kry hulle die mag van God.

Dit is wat die dissipels geglo het. God gaan aan Jesus die mag gee om die wet van God die landswet te maak. Jesus gaan God se wet deur mag op mense afdwing. Dié wat sy mag aanvaar, sal saam met Hom regeer. Dié wat nie sy mag aanvaar nie, sal onderwerp en weggedryf word uit die stad en land. Daarom sal God weer vir Johannes en Jakobus hierdie goddelike regeringsmag gee as Jesus nie meer daar is nie.

Wie maak Jesus nou die Seun van Dawid? God én Jesus se dissipels doen dit. God en sy dissipels staan in hierdie persoonlike verhouding met mekaar. Hulle gaan saam met Hom veg en stry sodat Hy die mag kan kry. Dit is hoekom hulle hulself bereid verklaar om vir Hom te sterf. Dit is egter ook hoekom hulle Hom verwerp, verlaat en verraai toe Hy volgens hulle dit nie reggekry het om hierdie mag te verkry nie, maar doodgemaak word. Dit was vir hulle 'n bewys dat Hy vals was. God het nie sy engele gestuur en die stad en land aan sy mag onderwerp nie.

Hulle het geglo dat hulle saam met God met hul gehoorsaamheid en eerbetoon Jesus die mag gegee het sodat God Hom die regeerder van die wêreld moet maak. Met hul eerbetoon bemagtig hulle Jesus om namens God op aarde te regeer. Hulle plaas Jesus in 'n posisie sodat

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

God deur Hom sy goddelike krag en mag op aarde moet uitoefen. Hy moes die regering van stede en lande volgens die wet van God en namens God kom regeer. Dan sal God sy mag deur Jesus op aarde uitoefen.

En Jesus sal sy mag weer deur hulle uitoefen. Jesus sal in Jerusalem regeer, maar hulle sal deur hom aangestel word om al die ander stede en later in al die lande van die wêreld te regeer. Dan sal God ook deur hulle oor die wêreld regeer want hulle is deur Jesus aangestel. Hy het sy mag aan hulle oorgedra.

Afgodsdiens gaan altyd oor Godstate en godsmanne op aarde.

In hul afgodsdiens keer die dissipels die hele doel en werking van die Dawidsbelofte om: hulle roep Jesus as koning uit sodat God aan hulle die mag gee om God se wet in ander mense se lewe af te dwing en God in ander mense se lewens te verteenwoordig.

Dit is hoe alle afgodsdienaars glo: hulle behou die Dawidsbelofte in naam, maar vervang die mag van die Vader en die Seun met hul eie mag. Hulle word God se verteenwoordigers op aarde waardeur God sy mag en teenwoordigheid laat geld. Hulle glo nooit dat net Jesus hierdie mag kry omdat Hy as mens uit die dood opgestaan het om alleen vir altyd hierdie mag te kry nie.

Dit is presies wat die Israeliete vanaf die aanstelling van hul eerste koning tot en met die dissipels se geloof in Jesus geglo en gedoen het: hulle stel 'n koning aan op aarde wat sal maak dat God deur hulle die wêreld met God se wet sal regeer.

> Al die leiers van Israel het bymekaargekom en na Samuel toe in Rama gegaan. 5 Hulle het vir hom gesê: "Kyk, u het oud geword. U kinders is nie soos u nie. Stel nou liewer 'n koning oor ons aan om oor ons te regeer, soos dit by al die nasies is." 6 Maar vir Samuel was dit verkeerd dat hulle gesê het: "Gee ons tog 'n koning om oor ons te regeer." Samuel het tot die Here gebid, 7 en die Here het vir hom gesê: "Gee toe aan die versoek van die volk in alles wat hulle van jou vra. Hulle het jóú nie verwerp nie; hulle het My verwerp as koning oor hulle. 8 Hulle het nou ook met jou gemaak wat hulle met My gedoen het sedert Ek hulle uit Egipte laat trek het tot nou toe: hulle het My verlaat en ander gode gedien. 9 Gee nou maar toe aan hulle versoek." (1 Samuel 8:4-9)

Waar in die Dawidsbelofte beloof God dat Hy aan sy kinders die volgende gaan gee:
"Julle sal die land regeer";
"Julle sal in beheer wees van jul lewe";
"Julle sal mag kry om te regeer";
"Ek sal deur jul leiers regeer";
"Ek sal deur jul leiers teenwoordig wees";
"Ek sal ongelowiges en wetteloses aan jul gesag onderwerp";
"Goddeloses en wetteloses sal nooit oor kinders van God regeer nie";
"Ek sal alle wetteloses uit jul lewe, stad en land verdryf";
"Ek sal julle deel van My raadsplan met die wêreld maak";
"Ek sal groot en sterk word as julle saam met My regeer".
©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hierdie sug na mag is die drif van goddeloosheid. Dit is nie ’n onderneming wat God aan ons maak nie.

### 16. Afgodsdiens verdraai die Abrahamsbeloftes: mense stel God tevrede sodat God hul begeertes bevredig

> “[4] Hulle moeder was ’n prostituut, sy het swanger geword omdat sy haar skandelik gedra het. Sy het bly sê: “Ek gaan na my minnaars toe. Dit is húlle wat sorg dat ek brood en water, wol en vlas, olie en drank het. ...
>
> ... [11] Ek gaan haar wingerde en haar vyebome verwoes, die dinge waarvan sy sê: “Dit is my beloning wat my minnaars my gee vir my dienste.” Ek gaan dit ’n boskasie maak en die wilde diere sal dit opvreet. [12] Ek gaan haar laat boet vir al die kere dat sy die Baäls gedien het en vir hulle geoffer het, vir al die kere dat sy haar uitgedos het met ringe en versiersels en agter haar minnaars aangeloop het en My vergeet het, sê die Here (Hos.2:4;11,12)

Wat ons van God kry, is beloning vir dienste gelewer! Dit is die geloof en houding binne hierdie liefdesverhouding tussen God en mense. Hierdie liefdesverhouding met God werk só: Hy sorg vir my begeertes en ek sorg vir sy begeertes. Hy het die begeerte om God te wees. Ons sal met ons offers, gebede, toewyding en liefde vir Hom sy begeerte om God te wees, vervul.

Dan moet Hy egter ons begeertes vervul. Ons begeer rykdom, gemak en vrede! Hy moet sorg dat ons dit kry. Dit is hoe Israel elke keer hul persoonlike verhouding met God gereël het. Hulle het God ’n mede-afhanklike gemaak. Hulle is van Hom as God afhanklik, maar Hy is as God afhanklik van die eer, lof, dank, liefde, gehoorsaamheid en toewyding van mense.

Hul persoonlike verhouding met God maak dat God hul begeertes vervul en dat hulle God se begeertes vervul. Hulle kon nooit ’n verbondsverhouding aanvaar waarvolgens God alles is, alles skep en Hy van niks en niemand afhanklik is nie. Hierdie God het hulle elke keer tot ’n afhanklike God verdraai.

God het Hom nooit so aan ons in die Abrahamsbeloftes verbind nie. Waar in die Abrahamsbelofte staan daar:
“Ek sal julle ryk maak?.”
“Ek sal julle gelukkig maak?”
“Ek sal sorg dat julle altyd gesond wees?”
“Ek sal vir julle vrede in die land gee?”
“Ek sal jul lewe sonder konflik vredevol maak?”
“ Ek sal jul verhoudings betekenisvol maak?”
“Ek sal julle net voorspoed gee?”
“Ek sal sorg dat julle nooit depressie ervaar of ongelukkig voel nie?”
“Ek sal sorg dat julle altyd oplossings vir jul probleme kry?”

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die beloftes wat God maak, is dat Hy ons gehoorsaam sal maak en vir ons sal sorg. Daar is geen onderneming van God om ons begeertes te vervul nie. Dit is die valse beloftes van afgodsdiens.

Ons kan die verdraaide beloftes só voorstel:

**DAWIDSBELOFTE**
**God sal deur ons teenwoordig wees en deur ons regeer as ons aan Jesus die posisie en mag gee om Koning te wees.**

**ABRAHAMSBELOFTE**
**God sal ons begeertes vervul as ons sy begeerte om God te wees, vervul**

**JESUS IS DIE ROLMODEL VAN 'N PERSOONLIKE VERHOUDING MET GOD**
**Ons maak die Dawidsbelofte vir Jesus en onsself waar deur 'n persoonlike verhouding met God te hê.**

**Ons maak die Abrahamsbelofte vir God en onsself waar deur 'n persoonlike verhouding met God.**

Hierdie valse inhoud van die beloftes van die Here het in die meeste Christelike kerke en gemeenskappe deel van die Christelike prediking en leefwyse geword.

**17. God word die onvervulde God vir die onvervulde begeertes van mense**
God word gepreek en geglo as die onvervulde God.
Hy is die God wat verlangend staan en wag dat mense besluit om Hom lief te hê.
Hy is die God wat graag 'n persoonlike verhouding met mense wil hê, maar dit nog nie het nie omdat mense nog nie met Hom 'n persoonlike verhouding aangeknoop het nie.
Hy is die pleitende God wat buite mense se lewens staan en wag dat mense Hom in hul lewe sal innooi.
Hy is die magtelose God wat moet wag dat mense Hom koning maak en aanstel om Here oor hul lewe, land en belange te wees. Hy kan nog nie die wêreld regeer nie, omdat mense nog nie hul lewe aan Hom oorgegee het nie.

In hierdie ongeloof is God nooit die Here wat besluit dat Hy onderneem dat mense Hom sal eer en dien nie; dit is nie Hy wat in hulle sal skep dit wat nie daar is en nooit uit hulleself daar kan wees nie. Volgens hul ongeloof kan Hy nie hierdie onderneming uitvoer sonder dat hulle besluit of hulle in God wil glo, Hom wil liefhê of wil eer nie.

God word gepreek en geglo as die God van mense se onvervulde begeertes. Dit vind só gestalte in prediking:
Is jy moeg vir lewe?
Voel jy dat jy nie meer raad het nie en nie weet wat om te doen nie?
Is jy siek?

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Wil jy graag ’n lewe van geluk en oorvloed lewe?
Weet jy dat God wil hê dat jy net moet vra sodat Hy vir jou kan gee?
Soek jy vrede in die land?
Wil jy vryheid hê?
Wil jy graag die sin en doel van jou lewe ontdek, ervaar en verstaan?
Wil jy graag hê dat jou kinders goeie, gehoorsame en liefdevolle kinders sal wees?
Verlang jy na ’n intiem persoonlike verhouding met die Here?
Wil jy graag nader aan God leef?
Soek jy ’n meer verstaanbare en wetenskaplike God?
Wil jy graag ’n meer rasionele verhouding met God ervaar?
Wil jy God graag postmodern beleef?

Hierdie versugtinge is so wyd soos die menslike gees self. God word voorgehou as die God wat al hierdie onvervulde begeertes van mense wil en sal bevredig.

God wat sorg dat mense gehoorsaam is aan sy wil en mense dienaars van sy wil maak, is nooit deel van hierdie aanbieding dat God alle begeertes vervul nie.

**18. Jesus word die grondlegger en rolmodel van ’n persoonlike verhouding met God**
In die moderne Christelikheid het Jesus gekom om ’n nuwe, alternatiewe verbond in die plek van die Dawids- en Abrahamsbelofte te bring. Hierdie nuwe verbond is dat God graag wil hê dat mense met Hom sal identifiseer sodat Hy sy krag en lewe deur hulle kan uitleef. Hul nuwe verbond is die intiem persoonlike verhouding met God. Hierdie intieme, geestelike verhouding met God is die verbond wat die Dawids- en Abrahamsverbond vervang. Vir die moderne Christelikheid is die verbond van God net ’n uiterlike saak wat die werklike innerlike saak uitgebeeld het: die intiem persoonlike verhouding met God.

Jesus word in hierdie afgodsdiens gepreek as die Een wat ’n persoonlike verhouding tussen God en mense kom moontlik maak het.
Jesus het gekom sodat mense hul lewe vir God kan gee.
Jesus het gekom sodat mense hul harte vir God kan gee.
Jesus het gekom sodat mense Jesus koning op die troon van hul harte kan maak.
Jesus het gekom sodat mense Jesus koning van hul besigheid en land kan maak.
Jesus het gekom sodat mense God in hul lewe kan innooi.
Jesus het gekom sodat mense hulle totaal aan God kan oorgee.
Jesus het gekom om God meer verlig te ervaar.

Die wyse waarop ’n mens Jesus koning maak, is om soos Jesus in sy lyding en sterwe niks te word nie:
Jy moet jou eie-ek kruisig;
Jy moet jou eie-ek doodmaak;
Jy moet soos Jesus niks wees nie, dan sal God ook in jou opstaan soos God in Jesus weer opgestaan het.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

En as mense dit doen, dan het hulle en God ’n persoonlike verhouding. As hulle dit nie doen nie, dan het hulle nog nie ’n persoonlike verhouding met God nie, al glo hulle in Jesus Christus se lyding en sterwe.

Jesus word hier nooit gepreek of geglo as die Here wat die verbondsverhouding waar maak nie. Hy alleen vervul nie meer die beloftes van God deur sy lyding en sterwe nie. Hy stel die voorbeeld van hoe ons, soos Hy, ’n persoonlike verhouding met God vir onsself moet waar maak.

Die nuwe verbond volgens hierdie spiritualiteit is die geestelikheid waarin Jesus die rolmodel is van hoe jy met God moet identifiseer. Volgens hulle het Hy hierdie identifikasie met God gevestig as die wyse waarop daar ’n persoonlike verhouding tussen God en mens tot stand kom. Daarom moet Jesus se voorbeeld van identifikasie met God nagevolg word as die wyse waarop hierdie geestelikheid deel van jou eie lewe word.

**19. Jesus word die Here wat mense bemagtig wat Hom bemagtig**

In hierdie prediking en ongeloof word Jesus die koning wat mense moet bemagtig. Mense moet Jesus Koning maak van hul lewe. Mense moet Jesus op die troon van hul harte sit. Dit doen hulle deur hul verering vir en oorgawe van die beheer van hul lewe aan Jesus. As hulle Jesus só koning maak, Hom sy troon laat bestyg en Hom beheer gee, dan maak Jesus dat God in mense se lewens inkom. Hy maak dat God en mense een lewe, een wil, een krag en een persoon het. Jesus maak dat God deur mense lewe. Jesus maak dat mense God in ander mense se lewe verteenwoordig.

Dit is die tipiese gemeentebou-godsdiens. Dit is waar sommige lidmate God verteenwoordig en Hy deur hulle sy krag uitleef, terwyl ander mense hierdie krag ontvang en in hierdie teenwoordigheid moet lewe. Dit maak dat party bouers is en ander diegene is wat deur God opgebou moet word. Dit is ook die tipiese “siele-wen”-godsdiens. Hiervolgens is die persone wat God se krag en lewe uitleef, die sielwenners en die persone wat deur hierdie sielwenners God se krag en teenwoordigheid ontvang, is die siele wat gewen word.

Jesus bemagtig hulle wat Hom bemagtig het om hul idees as God se idees uit te leef.
Jesus bemagtig hulle om hul wil as God se wil uit te leef.
Jesus bemagtig hul dade as die aksies van God in die wêreld.
Jesus bemagtig hul persoonlike ruimte as die plek waar ander mense die teenwoordigheid van God moet beleef.
Jesus bemagtig hul persoonlike invloed as God se krag in ander mense se lewe.

Hierdie is die mag van Godstate en Godsmanne, hulle wat deur die wetgewing van gemeenskappe en die strafreg van gemeenskappe God se koninkryk op aarde wil oprig en wil uitbrei.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hulle preek nie en glo nie dat Christus alleen heers en regeer sonder dat hy enige mag deel of aan mense oordra nie. Hulle glo nie dat die nuwe regering van Christus 'n regering is waar net Hy die beloftes van God waar maak sonder om die wet van God deur ander mense af te dwing nie.

**20. Jesus word die Here van geestelike leiers en mentors**

In hierdie afgodsdiens word predikers geestelike leiers van lidmate en mentors van mekaar. In die verbond maak net Christus die verbondsbeloftes van God waar. Hy doen dit sonder enige tussenkoms van mense. Hy doen dit nie deur mense nie, maar deur sy Gees.

Hierdie werk van Christus kan net deur die kerk gepreek word. Al wat predikers doen, is om aan te kondig wat Christus doen. Hulleself is nooit deel van die waar maak van die beloftes in mense se lewens nie. Daarom is en bly hulle net dienaars van die evangelie.

In afgodsdiens is dit anders. Hier kry mense deel aan die mag van God en vervul God hul begeertes deur 'n persoonlike verhouding met God. Hierdie persoonlike verhouding met God ervaar mense deur mense wat 'n persoonlike verhouding met God het. Hulle verteenwoordig God, en God se krag werk deur hulle.
Hoe nader jy is aan diegene wat 'n persoonlike verhouding met God het, hoe nader kom jy aan God self.
Hoe meer jy deel in die persoonlike invloed van hulle wat 'n persoonlike verhouding met God het, hoe meer ervaar jy die krag van God in jou lewe.

Daarom word predikers leiers. Hulle lei mense in die teenwoordigheid en krag van God in deur hul persoonlike verhouding met God.

Die geestelike leiers het egter ook nie almal dieselfde persoonlike verhouding met God nie. Party gee hul harte meer vir die Here, party maak Jesus meer koning as ander, party wy hul lewe aan God beter as wat ander dit doen. Hulle het 'n dieper en beter persoonlike verhouding met God as wat ander geestelike leiers het. Daarom moet hulle as mentors optree vir ander leiers. Hulle moet hulle lei tot 'n meer persoonlike verhouding met die Here. Dit is die hiërargie van mag in alle afgodsdienste; alle mag is altyd gesentraliseer!

Die kerk waar almal op dieselfde wyse in God se beloftes deel en die kerk wat maar net kan aankondig wat Christus doen, sonder om self sy God se beloftes waar of geldig te maak, is in hierdie kerklike bediening afwesig.

**21. Jesus word die Here wat mense wegkeer van die verbondsverhouding**

Hoe word bekering in hierdie kerke gepreek? Hulle verkondig dit wat hulle "die eerste bekering" noem. Dit word gepreek as die wyse waarop God se verbond geldig gemaak word. Hulle preek en glo dat God ons insluit in sy verbond, maar dat ons God se verbond eers persoonlik ons eie moet maak voordat dit werksaam en geldig is.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Voor ons nie God se verbond persoonlik maak nie -
is dit net in beginsel waar, nog nie in praktyk nie;
is God se verbond nog net kennis, dit is nog nie ervaring nie;
is God se verbond nog net in ons verstand, nie in ons hart en lewe nie;
is dit nog net objektiewe genade, maar nog nie subjektief deel van ons hart en lewe nie.
In God se verbond bied Hy jou sy genade aan, maar dit word eers 'n werklikheid as jy dit aanvaar;
In God se verbond bied hy jou regverdigmaking aan, maar jy moet dit nog met heiligmaking prakties maak.

Die wyse waarop hierdie kerke God se verbond geldig maak, is deur die "eerste bekering".
Wat is die inhoud van hierdie sogenaamde "eerste bekering?
Wat moet jy doen dat jy kan weet ek het die "eerste bekering" gehad?
Dit is die bekering waarin jy
Jesus persoonlik aanneem;
Jesus persoonlik in jou lewe innooi;
Jesus op die troon van jou hart sit;
Jesus koning van jou lewe maak;
jou eie-ek kruisig soos Jesus;
jou eie-ek doodmaak soos Jesus en
jouself aan die God oorgee sodat jy niks is nie maar God alles deur jou is.

Hierdie "eerste bekering" is nie die gewone geloof in Christus dat Hy die beloftes van die verbond waar maak nie. Diegene wat so bekeer is, aanvaar nie dat God se verbond ons in hart, siel en verstand vernuwe sonder dat ons eers onsself aan God moet oorgee en God in ons lewe moet innooi nie. Daarom verklaar hulle in die kerk en teenoor lidmate van die kerk dat jy nog nie hierdie eerste bekering gehad het as jy net in Christus glo nie.
'n Geloofslewe waarin 'n mens leef uit die geloof in jou reinheid vir God,
leef met die vertroue dat Hy jou die hart gee om Hom lief te hê,
leef met die vertroue dat Hy altyd jou neiging om nie sy wet te onderhou nie, sal verbreek en
leef met die vertroue dat Hy altyd weer deur Sy Gees toewyding in jou sal skep –
is 'n lewe sonder die "eerste bekering". Jy mag niks hiervan as deel van jou lewe glo as jy nog nie Jesus persoonlik jou eie gemaak het nie.

Diegene wat glo in die "eerste bekering" glo dat geloof in Christus geen ervaring is of ook nie prakties is nie voordat jy nie jouself deur Jesus met God geïdentifiseer het nie. Eers as jy ervaar dat God in en deur jou leef omdat jy jouself deur Jesus inleef in God, het jy die "eerste bekering" gehad. Voor hierdie identifikasie met God word alles wat Christus in die kerk waar maak as "dood" verklaar.

Eerstebekeringsaanhangers maak hierdie wegbreek uit geloof in God se verbond na persoonlike identifikasie met God die "eerste bekering" tot God. Hierdie identifikasie met God is sonde. Dit is die verdraaiing wat plaasvind. Die wegkeer van God in sonde, die inkeer

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

in God in om Hom deel van jou eie krag, lewe, wil en persoon te maak, is vir hulle die ware "eerste bekering". Voor jy nie tot hierdie identifikasie met God inkeer nie, verklaar hulle jou geloof in Christus en jou ervaring van God se verbondsgetrouheid in die geloof, liefde en toewyding wat Hy in jou skep, as ongeldig.

Die eerste keer wat jy met God geïdentifiseer het, is vir hulle die eerste bekering. Voor dit beteken alles wat Christus met God se verbond vir en in ons doen, niks nie. So sê hulle! Hulle verkláár die geloof in Christus dood as jy nie met God identifiseer nie.

Diegene wat só deur Jesus met God identifiseer ken nie die diepte en innigheid van vertroue in Christus nie, 'n vertroue wat op Christus as persoon staatmaak en nie op 'n persoonlike verhouding met God staatmaak nie. Christene wat in Christus glo, maak net staat op Christus om hulle die hart, verstand en gees te gee wat God liefhet en dien. Daarom ervaar hulle dat hierdie diens uit en in die vertroue in alles wat hulle vir Hom doen*, uit en deur Hom is*. Hy skep hulle liefde en toewyding vir Hom in hulle. Nooit kan hulle teenoor Christus gaan staan en Hom aanneem, liefhê, dien en eer asof dit die wyse is waarop hulle sy verbond geldig of persoonlik maak nie. Hulle liefde en eerbied vir God kan nooit maak dat hulle met Hom as God identifiseer nie. Hulle leef uit die geloof dat Hy in hulle 'n menslike liefde en toewyding geskep het waardeur hulle volgens sy wet Hom dien. Hy is God en hulle is mense! Hierdie erkenning van die persoon van God kan hulle wat met God identifiseer nooit ervaar of beleef in hulle eenheid met God nie. In hul persoonlike verhouding is die vertroue in en op God as God verlore. Hul "eerste bekering" is die wyse waarop hulle onder die oordeel van God kom: dat hulle sal glo in innighede met God terwyl hulle volgens die ou verbond in die vloek van God se afwesigheid leef. In mense se identifikasie met God is God as Persoon vir hulle verlore.

**22. Die sensuele verhouding met God**

Met watter mense wil mense graag 'n persoonlike verhouding hê? Dit het ons klaar uitgewys. Dit is gewoonlik met geliefdes. Met wie wil mense graag 'n intiem persoonlike verhouding hê? Daar is geen tiener of jongmens wat ooit so 'n verhouding met hul ouers of broers en susters wil hê nie. Hulle begeer 'n intiem en persoonlike verhouding met geliefdes waarin hulle liggaamlik een wil wees. 'n Intiem persoonlike verhouding is vir die meeste mense 'n sintuiglike en sensuele verhouding.

Daarom word die persoonlike verhouding met God ook partykeer deur predikers en geestelikes voorgehou as 'n intiem persoonlike verhouding met God. Deur hul persoonlike verhouding met God voor te hou as 'n "intiem" persoonlike verhouding, maak hulle sensualiteit deel van hul ervaring van innigheid met God.

Dit is nie toevallig dat vrugbaarheidsgode, tempelprostitute en vrugbaarheidsrituele deel was van die afgodsdienste van die Ou Testament en van die meeste afgodsdienste in die Ou Nabye Ooste nie. As God die God is van die mens se onvervulde begeertes, dan is God ook 'n sensuele God. As mense met God identifiseer en hulself in en deur God uitleef, dan is

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

sensualiteit deel van hierdie ervaring van God. In mense se sensualiteit word God ervaar as die intieme, persoonlik teenwoordige God. Dit was die hart van tempelprostitusie.

Dit is hoekom die "getuies vir God" altyd voorgehou word as glanspersoonlikhede en mense met die beeld van jeugdigheid. In hul sensualiteit ervaar mense die teenwoordigheid en krag van God meer prakties, werklik en intiemer as deur die geloof in Christus wat die verbondsverhouding vervul. Hierdie sensuele ervaring van God is hoekom God die God van kampe, kleingroepe en persoonlike verhoudings word, terwyl die geloofsgemeenskap van die kerk as koud, dood en gevoelloos ervaar word.

**23. In afgodsdiens is identifikasie met God die nuwe inhoud van die beloftes van God: afgodsdiens bedryf sonde as "bekering" tot God**

Wat is die inhoud van God se verbond in hierdie verdraaiing?
Dit is om een met God te wees.
Dit is om God se krag, lewe, persoon en wil as jou eie te beleef.
Dit is identifikasie met God. Hierdie identifikasie met God is sonde. In hierdie "nuwe verbond" verkry mense die mag om hul persoonlike begeertes uit te leef as God se liefde in hul lewe. Jesus is net die rolmodel van hoe jy met God moet identifiseer sodat jou begeertes vervul word.

Dit is die ongeloof waarvolgens Jesus
die rewolusionêr van die rewolusie,
die vryheidsvegter van die vryheidstryd,
die vader van die volk,
die leier van die nasie,
die koning van die koloniale ryk,
die vader van die stam,
die vredeliewende van vrede,
die pappa van die gesin,
die vriend van vriendelikheid,
die naïewe kind van die kinderlikes,
die vors van die adellikes,
die demokraat van die demokrasie en
die menslike van menslikheid is.

In hierdie verdraaiing is Jesus die Here van herlewings en vernuwings. Elke keer as die menslike gees hom in 'n nuwe lus of begeertes begeef, moet mense "weer tot bekering kom". Hulle moet met Jesus op 'n nuwe en ander wyse identifiseer om hul nuwe mag en nuwe lus te regverdig.
As Jesus die vader van die volk was, wat die volk bemagtig het en volksleiers bemagtig het, dan moet Jesus nuut herleef word as die leier van die nasie sodat die nuwe nasie en dié se leiers bemagtig kan word.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

As Jesus die rewolusionêr was en die rewolusionêre kom aan bewind, dan moet Jesus nuut herleef word as die Here van vrede en orde.
Elke keer moet mense geleer word om op ’n nuwe wyse met Jesus te identifiseer sodat die nuwe mag en nuwe begeertes voorgehou kan word as God se nuwe, persoonlike verhouding met mense.

Die Here wat ons in en deur alle menslike idees en geestelikhede laat deel in die verbondsverhouding met God, waarin ons uit geloof in en deur alles aan die wil van God verbind is, is in hierdie persoonlike innigheid met God verlore.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

# HOOFSTUK 12: JESUS CHRISTUS IS VANDAG MENS SOOS ONS IN DIE HEMEL EN SELF DIE SKEPPER MET ONS

> Jesus Christus is vandág werklik mens van vlees en bloed in die hemel en vandág werklik self God, die Skepper-met-ons. Só is Christus die Middelaar van die verbond: vervul Hy die Dawidsbelofte vir Homself en die Abrahamsbelofte vir ons. Só is Hy Here en God. In afgodsdiens word van Jesus as Middelaar 'n voorbeeld gemaak van hoe elke mens kan deel in die godservaring dat God in sy/haar menswees sy goddelikheid uitleef. Op hierdie wyse word elke godsvervulde vir ander mense 'n tussenganger tussen God en mense

**1. Die Bybel verkondig wie Christus nóú, vandág is!**
Wie is Jesus Christus vandag? Dit wil sê, wie is Christus vandag terwyl u hierdie boek lees? Dit is die vraag waarby ons in hierdie hoofstuk gaan stilstaan.

Op 'n sekere manier lyk dit maklik om te sê wie Jesus Christus in die verlede was toe Hy as mens in Palestina geleef het. Dit lyk op die oog af asof die Bybel ons wys wie Hy as mens wás en wat het Hy as mens in Palestina so ongeveer twee duisend jaar gelede gedoen het.

Wat 'n mens egter nie sommer dadelik in die Bybel raaksien nie, is dat die getuienisse oor Jesus Christus almal die vraag en antwoord oor wie die Here "vandág" is, hanteer.

Geen Evangelie of brief in die Nuwe Testament is 'n historiese biografie oor Jesus nie. Die Bybelskrywers wou nie vertellings oor die verlede van die Here skryf nie. Elke apostel of Bybelskrywer verkondig aan die mense van hul leeftyd, toe die Here nie meer mens op aarde was nie, wie die Here vir hulle "vandág" is.

Dit is die openbaring wat plaasvind in hul verkondiging: Christus is vandág die Here. Hierdie "vandág" is vir die Bybelskrywers enige tyd gedurende die jare 45 n.C. tot so om en by die jaar 100 n.C. Hulle verkondig die teenwoordige Christus. Hulle verkondig nie 'n afwesige persoon nie. Hulle verkondig Christus as Persoon wat by en met hulle is, al het Hy jare vantevore as mens na die hemel toe opgevaar. Elke vertelling oor Christus in die verlede verkondig wie Hy in die hede is.

Hul getuienis oor wie Christus vir hulle "vandág" in húl tyd was, wys ons ook wie Jesus Christus as persoon nóú in ons tyd is. Vandág! Vandág in hierdie tyd waarin ons nou hier leef en lees. Dit wys ook wie Christus elke dag van elke mens en in al die tye van alle mense sal wees.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**2. Dít is die evangeliese ontdekking: Hy wat gesterf het, is vandág nog steeds mens van vlees en bloed in die hemel**

In hoofstuk 24 van die Evangelie van Lukas, kry ons die volledigste beskrywing van wie Christus is ná Hy uit die dood uit opgestaan het:

> Terwyl hulle nog oor hierdie dinge praat, staan Jesus self meteens daar tussen hulle en sê vir hulle: "Vrede vir julle!" 37 Hulle het geweldig geskrik en bang geword en gedink hulle sien 'n gees. 38 Hy sê toe vir hulle: "Waarom is julle so verskrik, en waarom kom daar twyfel in julle harte? 39 Kyk na my hande en my voete: dit is tog Ek self. Voel aan My en kyk! 'n Gees het tog nie vleis en bene soos julle sien dat Ek het nie." 40 Terwyl Hy dit sê, wys Hy vir hulle sy hande en voete. 41 Toe hulle van blydskap en verwondering nog nie kon glo nie, sê Hy vir hulle: "Het julle hier iets om te eet?" 42 Hulle gee Hom toe 'n stuk gebakte vis. 43 Hy het dit gevat en voor hulle oë geëet. 44 Daarna sê Hy vir hulle: "Dit is die betekenis van die woorde wat Ek vir julle gesê het toe Ek nog by julle was, naamlik dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en in die profete en psalms oor My geskrywe is." 45 Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan. 46 Verder sê Hy vir hulle: "So staan daar geskrywe: 'Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, 47 en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder.' 48 Julle is getuies van hierdie dinge. 49 En Ek sal die gawe wat my Vader beloof het, vir julle stuur. Maar julle moet in die stad bly totdat julle met krag van bo toegerus is." 50 Daarna het Hy hulle uit die stad uitgelei tot by Betanië. Daar het Hy sy hande opgehef en hulle geseën. 51 Terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle af weggegaan en is Hy in die hemel opgeneem."(Luk. 24:36-51)

Die tydstip waarop hierdie gebeurtenis plaasvind, is baie belangrik. Dit is die Sondagaand ná die Paasnaweek, net soos ons as Christelike kerk Paasfees elke jaar vier. Die Donderdagaand voor hierdie Sondagaand het die Here die nagmaal tydens die Pasgamaal ingestel.

Na hierdie nagmaal het Hy en sy dissipels na die tuin van Getsemane gegaan. Dit was terwyl Judas besig was om hom te verraai. Die Vrydagoggend baie vroeg is die Here deur die Joodse Raad gearresteer. Vrydagoggend vroeg is Hy verhoor. Hy is deur die Joodse Raad aangekla as 'n godslasterlike mens. Deur Pontius Pilatus, die hoofregter, is Hy oorgelewer om gekruisig te word, al het hy Christus op alle moontlike kriminele oortredings onskuldig bevind. Die Here is voor drie-uur die Vrydagmiddag gekruisig. Teen drie-uur die middag het Hy gesterf. Hy was reeds begrawe toe die aandster verskyn het. Dit was 'n voorvereiste vir Joodse begrafnisse.

Toe die Here gesterf het, het alles met sy liggaam gebeur wat met alle liggame gebeur wanneer mense doodgaan. Sy liggaam het begin ontbind. Dit het tot die Sondagoggend aangehou. Op die Sondagoggend was sy liggaam nie meer in die graf nie. Sondagoggend was die derde dag, omdat Vrydag as die eerste dag ingetel word. Op die Vrydag, die eerste dag, is Hy gekruisig en het Hy gesterf. Op die Saterdag, die tweede dag, was sy liggaam in die graf. Op die Sondag, die derde dag, was sy liggaam nie meer in die graf nie.

Die verskyning van Christus aan sy dissipels op die Sondagaand vind plaas ná al hierdie dinge sedert die Donderdagaand tot die Sondagoggend met Christus gebeur het.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Wat sou ons reaksie wees as ons op ’n Vrydag by iemand se sterfbed gestaan het, op dieselfde dag nog by sy begrafnis was en op die Sondagaand staan hy by ons en sê vir ons “Vrede vir julle.”? Dit sal ’n verskriklike skok vir ons wees. Ons sal verseker weet dit is ’n gees of ’n spook wat ons sien. Dit is presies die reaksie van die dissipels: “Hulle het geweldig geskrik en bang geword en gedink hulle sien ’n gees.” (Luk 24:37)

Die Here vra hulle: “Waarom is julle so verskrik?”

Watter tipe vraag is dit? As die persoon by wie se begrafnis jy Vrydag was vir jou op Sondag vra: “Hoekom skrik jy vir my?”, moet jy om verskoning vra en sê jy is jammer dat jy geskrik het? Jy het hom net nie verwag nie, maar noudat jy sien dit is hy, is alles weer reg? Dit klink soos ’n eenvoudige vraag. Daar is mos geen normale mens op aarde wat twee aande ná ’n persoon se begrafnis sit en wag vir dié persoon se gees of spook nie. Wat anders verwag die Here van sy dissipels?

Hierdie vraag is nie sommer ’n moedswillige gekskeerdery van die Here met die dissipels nie. Dit gaan oor wat die Here vir hulle vóór die Paasnaweek gesê het wat met Hom gaan gebeur en wat hulle móét verwag gaan gebeur. Dit gaan oor die evangelie.

Op pad na die Paasfees in Jerusalem het die Here by drie geleenthede, waarvan ons weet, die volgende uitdruklik vir sy dissipels gesê: “

> 21 Jesus het hulle uitdruklik belet om dit vir ander mense te vertel, 22 “want,” het Hy gesê, “die Seun van die mens moet baie ly, deur die familiehoofde, priesterhoofde en skrifgeleerdes verwerp word, en Hy moet doodgemaak word, en op die derde dag opgewek word.” (Lukas 9:21,22) …
>
> 44 Terwyl almal verbaas was oor alles wat Jesus gedoen het, sê Hy vir sy dissipels: “Wat julle betref, hou hierdie woorde goed in gedagte: Die Seun van die mens gaan in die hande van mense oorgelewer word.” 45 Maar hulle het hierdie uitspraak nie verstaan nie. Die betekenis daarvan was vir hulle bedek sodat hulle dit nie kon begryp nie, maar hulle was te bang om Jesus daaroor uit te vra. ... (Lukas 9:44,45)
>
> ... 31 Jesus het die twaalf opsy geneem en vir hulle gesê: “Kyk, ons gaan nou Jerusalem toe, en alles wat die profete oor die Seun van die mens geskryf het, sal daar bewaarheid word. 32 Hy sal uitgelewer word aan die heidene; Hy sal bespot en beledig word; hulle sal op Hom spoeg, 33 Hom gesel en Hom daarna doodmaak. En op die derde dag sal Hy uit die dood opstaan.” 34 Maar van hierdie dinge het hulle niks begryp nie. Die woorde was vir hulle duister, en hulle het nie verstaan waaroor Hy praat nie. (Lukas 18:31-34)

Dit is hoekom die Here vir hulle vra hoekom hulle so verskrik is. Hy het dan aanhoudend vir hulle gesê dat dit is wat Hy gaan doen. Wat nou hier gebeur, is presies wat die Here vir hulle aanhoudend vooraf verduidelik het.

Bowenal, tydens die instelling van die nagmaal, dit wil sê op die Donderdagaand, het die Here vir hulle gesê dat hulle solank na Galilea toe moet gaan en daar vir Hom moet gaan

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

wag, want Hy gaan hulle weer daar ontmoet: “Maar nadat Ek uit die dood opgewek is, sal Ek julle vooruitgaan na Galilea toe.” (Matt. 26:32)

Wat sal jy doen as ’n persoon vir jou verduidelik dat hy nou eers moet doodgaan, maar dat jy twee aande na sy dood vir hom moet wag, want dan gaan hy uit die dood opstaan en terugkeer?

Dit is hoekom Lukas wys dat toe die Here dit vir hulle gesê en verduidelik het, hulle Hom gewoon net nie geglo het nie. Omdat dit so onmoontlik en teenstrydig met hul oortuigings was, het hulle gedink sy aankondiging oor sy opstanding is onsinnig. Geen dissipel het voor hierdie aand geglo dat die Here uit die dood gaan opstaan nie.

Hulle was nie bymekaar omdat hulle vir Hom gesit en wag het nie.
Hulle was bymekaar omdat hulle verslae was omdat hulle volgens hul eie geloof hul leier verloor het.
Hulle was bymekaar omdat hulle geweet het dat die Joodse Raad hulle nou gaan vervolg en uitmekaar gaan dryf.
Hulle was bymekaar omdat hulle gevoel het dat daar nou net mooi niks van hul geloof en navolging van Jesus gaan oorbly nie.

Die inhoud van die Here se optrede hier is in elke woord en gebaar baie spesifiek bedoel. Hy sê vir hulle: “Kyk na my hande en my voete: dit is tog Ek self. Voel aan My en kyk! ’n Gees het tog nie vleis en bene soos julle sien dat Ek het nie.” (Luk. 24:39). Hulle moet na Hom kyk en aan Hom voel. Hulle vat en voel aan Hom. Vleis en bene! Hy het gewone hande: van gewone vleis. Menslike vleis. Hy het gewone hande van been: gewone menslike bene. ’n Spook of ’n gees het immers nie vleis en bene nie!

Hulle is opgewonde en bly, maar hulle kon nog nie glo wat hulle sien en voel nie. Wat is dit wat hulle nog nie kon glo nie? Dit is eintlik voor die hand liggend! As jy ’n geliefde Vrydag begrawe het en Sondagaand voel jy aan hom en hy is ’n mens van vlees en bene, dan weet jy dit waaraan jy vat, is vleis en bene, maar dit kán nie waar wees nie. Dit moet maar net ’n uiterlike vorm wees waarin die gees verskyn! Van buite mag dit dalk vlees en bene wees, maar van binne moet hy mos ’n gees wees!

Dit is presies hoekom die Here vir hulle vra vir iets om te eet. Hy neem vis en eet dit op ’n baie spesifieke manier: “voor hulle oë”. Hy eet sodat hulle kan sien. Wat kan hulle sien? Wat moet jy aan die binnekant van jou mond hê om vis te kan kou? Tande, tong en speekselkliere! Só eet hy dit voor hulle. Wat moet jy inwendig hê om vis te kan eet? ’n Keel, slukderm, maag en ingewande. Die Here eet op so ’n manier dat hulle kan sien Hy is mens: Hy is nog steeds ’n gewone mens van vlees en bloed. ’n Gewone mens met ’n ingewande. Hy is nie ’n gees nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die Here is ná sy dood weer ’n gewone mens van vlees en bloed! Dit is waarvoor die Here sy dissipels se verstand oopmaak: die woord van God gaan oor Christus wat vandag nog steeds ’n gewone mens van vlees en bloed is.

Dít is geloof in Christus: die geloof in Hom wat vandág mens van vlees en bloed is. Dit is waarvoor die dissipels se oë oopgegaan het om die Skrif te verstaan. Dit is wie Hy volgens die Ou Testament moet wees: mens vandág!

Hierdie berig in Lukas 24 is ’n openbaring van wie Christus vandag in ons tyd en in ons eeu is. Dit word duidelik wanneer ons dieselfde berig in die Johannes-Evangelie lees:

> Daardie Sondagaand was die dissipels bymekaar. Alhoewel die deure gesluit was omdat hulle bang was
> vir die Jode, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en vir hulle gesê: “Vrede vir julle!” 20 Nadat
> Hy dit gesê het, wys Hy sy hande en sy sy vir hulle. Die dissipels was baie bly toe hulle die Here sien.
> 21 “Vrede vir julle!” sê Hy weer vir hulle. “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.” 22 Nadat
> Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en sê: “Ontvang die Heilige Gees! 23 As julle vir mense hulle sondes
> vergewe, word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe
> nie. (Joh. 20:19-23)

In vers 21 beskryf Johannes die uitstorting van die Heilige Gees as deel van die Here se verskyning die Sondagaand. In Lukas word die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag in Jerusalem beskryf. Dit is nie teenstrydig nie. Die gawe van die Heilige Gees is die gawe wat mense laat glo in die lyding en opstanding van die Here uit die dood. Die dissipels se verstand wat geopen word in Lukas 24, is die ontvang van die gawe van die Heilige Gees.

Wat hier belangrik is, is dat hierdie berig bevestig dat die Here direk uit die graf uit na die hemel toe opgevaar het. Hierdie verskyning in Lukas 24 is ’n verskyning direk uit die hemel. Elke optrede van die Here ná Hy die Sondagoggend uit die dood opgestaan het, tot en met die laaste verskyning aan Paulus op die Damaskus-pad, is verskynings vanuit die hemel.

Wat wys dit vir ons? Al die ander berigte oor die Here kan die indruk wek dat dit aantoon wie Hy voor sy dood was. Oor die berig in Lukas 24 kan daar geen onduidelikheid wees nie. Hierdie berig wys vir ons wie die Here ná sy dood is. Na sy dood het Hy opgevaar na die hemel. Die hemelvaart is presies net wat die woord sê: dit is ’n verandering van plek. Dit is nie ’n verandering van wie die Here is nie.

As ’n persoon jou op ’n treinstasie of ’n lughawe groet en hy of sy omhels jou, druk jou hand en soen jou, dan weet jy hierdie persoon is ’n mens van vlees en bloed. Dit is nie ’n gees of net ’n ervaring wat ek in myself van hierdie persoon beleef terwyl daar nie regtig so ’n persoon is wat my omhels, vashou, soen en ’n handdruk gee nie. Hierdie persoon is werklik ’n lewende mens met my!

Sou daardie persoon jou ’n paar dae later van ’n verafgeleë bestemming skakel, dan is jy tog seker dat dit dieselfde persoon is wat jy op die lughawe of stasie gegroet het. ’n Vaart van een
©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

plek na ’n ander plek verander nie mense in spoke, geeste, engele of goddelike wesens nie. Hulle is en bly die mense wat ons gegroet het en wat van ons af vertrek het. As hulle dan later terugkeer, dan ontvang ons hulle weer as die mense wat ons omhels, gedruk, gesoen en wie se blad ons geskud het. Dit is nie so dat mense geeste word as hulle van ons af weggaan en dan weer mense word as hulle terugkeer nie.

Dit is die verkondiging van wie Christus vandag is. Hy is na sy dood weer mens van vlees en bloed. Hy was dit nie net op aarde gewees nie. Hy is dit ná sy hemelvaart nog steeds, vandag in die hemel. Hy het dit bewys deur vanaf die hemel en vanuit die plek waarheen Hy opgevaar het, aan sy dissipels te verskyn. Die mens wat aan die dissipels verskyn het, is die mens wat uit die graf uit na die hemel toe opgevaar het. Soos wat Christus Homself wys en aan Hom laat voel en vat, soos wat Hy aan sy dissipels wys en laat weet wie Hy as mens is, só is Hy mens in die hemel – vandag!

**3. Christus wat vir altyd mens is en as mens leef, is die vervulling van die Dawidsbelofte**

Dit kan nie anders as dat Jesus vandág ’n mens van vlees en bloed in die hemel is nie.
Hy kan nie maar net ’n mens van sterk en hoë morele waardes in die verlede gewees het nie.
Hy kan nie maar net ’n mens gewees het wat in die verlede geleef het om vir ons te wys hoe ware liefde, vrede, hoop, verligting, vryheid, geluk en toewyding aan God lyk nie.
Hy kan ook nie maar net ’n ervaring van sy dissipels in hul eie gees, gemoed, geloof en gedagtes gewees het nie.

Hoekom kan dit nie anders wees nie? Lukas beskryf dit só in Handelinge 2:24-36:

> Maar God het Hom van die smarte van die dood verlos en Hom uit die dood laat opstaan. Dit was immers vir die dood onmoontlik om Hom gevange te hou. 25 Van Hom sê Dawid: Ek het die Here altyd voor oë. Hy is aan my regterhand; ek sal nie wankel nie. 26 Daarom is my hart bly en my tong jubel, ja meer, ek het die verwagting dat my liggaam sal lewe, 27 want U sal my nie aan die doderyk oorlaat nie; U sal nie toelaat dat u troue dienaar vergaan nie. 28 U het my die paaie van die lewe geleer; u teenwoordigheid sal my met vreugde vul. 29 “Broers, wat ons voorvader Dawid betref, moet ek dit vir julle duidelik stel: Hy het gesterwe en is begrawe, en sy graf is nou nog hier by ons. 30 Maar hy was ’n profeet en hy het geweet dat God met ’n eed aan hom belowe het dat een van sy nakomelinge op sy troon sou sit. 31 Daarom het hy die opstanding van die Christus vooruit gesien en gesê: Hy is nie aan die doderyk oorgelaat nie, en sy liggaam het nie vergaan nie. 32 God het hierdie Jesus uit die dood laat opstaan; daarvan is ons almal getuies. 33 Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort. Dit is wat julle nou sien en hoor. 34 Dawid het nie na die hemel toe opgevaar nie, en tog sê hy: Die Here het vir my Here gesê: Sit aan my regterhand 35 totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het. 36 Die hele Israel moet nou vas en seker weet: God het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak!

Dit gaan in die Bybel oor die Dawidsbelofte!

Die Here verduidelik sy opstanding volgens Lukas 24:44-46 só:

> Daarna sê Hy vir hulle: “Dit is die betekenis van die woorde wat Ek vir julle gesê het toe Ek nog by julle was, naamlik dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en in die profete en psalms oor

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> My geskrywe is."[45] Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan. [46] Verder sê Hy vir hulle: "So staan daar geskrywe: 'Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan ...' "

Die opstanding van die Here om weer mens van vlees en bloed te wees, vir altyd in die hemel, gaan oor die Dawidsbelofte: "Wanneer jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus, sal Ek een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en aan hom 'n bestendige koningskap gee. Hy sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koningskap vir altyd laat voortbestaan." (2 Samuel 7:12,13) Dit is hierdie Dawidsbelofte in 2 Samuel 7 wat die apostel Petrus in sy preek uitlê om Christus se opstanding te verduidelik.

Petrus stel dit dat dit onmoontlik was dat Christus kon doodgaan en dood bly: dit sou beteken om net 'n gees te wees na sy dood. Hoekom is dit onmoontlik? Die rede daarvoor is dat Jesus die beloofde seun van Dawid is. Dit is hoe Christus se geboorte aangekondig is:

> Die engel sê toe vir haar: Moenie bang wees nie, Maria, want God bewys genade aan jou. [31] Jy sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring, en jy moet Hom die naam Jesus gee. [32] Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee, [33] en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie."(Luk. 1:30-33)

Christus is Dawid se seun van wie God onderneem het dat hierdie seun van Dawid vir altyd oor die volk van die Here sal regeer. Om altyd oor die volk van die Here te regeer, beteken dat Hy vir altyd as Dawid se seun moet kan leef.

Daarom wys Petrus in Handelinge 2 dat om die seun van Dawid, wat altyd sal regeer en nooit as mens sal doodgaan nie te wees, Christus vir altyd mens van vlees en bloed moet wees, net soos Dawid mens van vlees en bloed was: "Daarom het hy die opstanding van die Christus vooruit gesien en gesê: Hy is nie aan die doderyk oorgelaat nie, en sy liggaam het nie vergaan nie."(Hand 2:31). Christus se liggaam het nie vergaan nie. Sy liggaam het nie tot bene en stof ontbind nie. Sy liggaam het nie verdwyn om 'n goddelike gees te word nie. Sy liggaam het nie verander in die geestelikheid van 'n engel nie. Hy het uit die dood opgestaan om vir altyd 'n mens van vlees en bloed in die hemel te wees, want dit is die enigste wyse waarop Hy Here kan wees: Hy moet volgens die belofte van God vir altyd Dawid se seun wees.

Dit is onmoontlik dat die Here vandag iemand anders as mens van vlees en bloed in die hemel is, want net Dawid se eie seun sal volgens die belofte van God vir altyd oor die volk van God regeer. Jesus is vandag mens van vlees en bloed om die belofte van Dawid waar te laat wees: Dawid se seun regeer vir altyd oor die volk van God. As Christus nie mens van vlees en bloed, Dawid se vlees en bloed is nie, kan Hy nie oor die kerk regeer nie en het God nog nooit sy belofte aan Dawid vervul nie.

God het! God het sy belofte in en deur Christus vervul deurdat Christus, Dawid se eie vlees en bloed, werklik uit die dood opgestaan het om vir altyd mens in die hemel te wees. Dit is die enigste wyse waarop Christus Here kan wees: om vandag mens van vlees en bloed te wees – die beloofde seun van Dawid. Koning vir altyd!

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**4. Jesus Christus is meer as net mens van vlees en bloed**
Lukas 24 se berig wys dat Christus meer is as net mens van vlees en bloed. Hoe só? Hy beskryf dit doelbewus só: "Terwyl hulle nog oor hierdie dinge praat, staan Jesus self meteens daar tussen hulle en sê vir hulle: 'Vrede vir julle!'" (Luk 24:36)
Hierdie uitdrukking, "meteens daar tussen hulle", stel die apostel Johannes só: "Daardie Sondagaand was die dissipels bymekaar. Alhoewel die deure gesluit was omdat hulle bang was vir die Jode, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en vir hulle gesê: 'Vrede vir julle'" (Johannes 20:19). Jesus staan meteens tussen hulle terwyl die deure gesluit was. En daar was nie vensters of skoorstene nie! En Hy is regtig 'n mens van vlees en bloed!

Hoe kan Hy deur mure kom en binne-in die huis 'n mens van vlees en bloed wees? Dit is nie 'n misgissing van die apostels of 'n inkonsekwentheid waaraan hulle nie gedink het toe hulle getuienis oor Christus gelewer het nie. Hulle stel dit juis as die werklikheid van die oomblik: binne-in die huis terwyl Hy 'n mens van vlees en bloed is!

Hoe kan dit gebeur?

Gewone mense van vlees en bloed kan nie só optree nie. Dit kan glad nie wees dat die Here 'n gees of 'n goddelike wese soos 'n engel is en dan net materialiseer, lyf kry, as Hy aan mense op die aarde verskyn nie. Dit is die fantasiewêreld van flieks en televisiereekse. Hier gebeur iets anders! Wat? Presies net wat dwarsdeur die Here se lewe op aarde gebeur het en wat deur die apostels aan ons berig word.

Jesus is op 'n bruilof in Kana. Die feesvieringe duur vir 'n paar dae aaneen. Voor die einde van die bruilofsvierings, raak die wyn op. In daardie tyd was die gebruik dat die goeie wyne altyd gedurende die eerste dae bedien is en later, as dit nie meer soveel saak maak nie, is die swakker wyne bedien. Die Here se ma sê vir Hom dat daar moeilikheid is. Die Here gaan en sê die bediendes moet die kanne waarin die drinkwater gehou word met water vul. Toe hulle dit uitskep, was dit die beste wyn op die bruilof. (Johannes 2)

Wat het hier gebeur?

**5. Jesus Christus doen wat net die Skepper kan doen**
Die Here het water in wyn verander net omdat Hy dit so wou hê. Dit beteken Hy het die chemiese formule van water, $H^2O$, na die ingewikkelde chemiese formule van wyn verander. Watter Persoon kan die chemiese formules waaruit die materie van die skepping opgebou is, verander net soos en wanneer Hy wil, sonder laboratoriums en die toevoeging van ander chemiese stowwe of die gebruik van energie? Die enigste Persoon wat oor hierdie krag en mag beskik, is die Skepper van die Skepping. Niemand anders nie.

Die dissipels is vasgevang op 'n bootjie in 'n hewige storm op die meer van Galilea. Die Here kom op die water na hulle toe aangeloop en maak die storm stil. (Matt. 8)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Wat gebeur hier?

Om op die water te kon loop, beteken die Here verander die werking van swaartekrag en die oppervlaktespanningskrag van water. Wie kan hierdie twee skeppingskragte laat werk of verander om anders te werk net omdat Hy wil? Daar is geen ander persoon wat hierdie kragte se werking kan verander as net die Skepper alleen nie.

Mense stroom na die Here en sit en luister na Hom tot laat. Hulle is honger en daar is nie handelaars of huise naby nie. Hy neem twee vissies en vyf brode en vermeerder dit sodat oor die 10 000 mense daarmee gevoed kan word. (Matteus 14)

Wat gebeur hier?

Die Here vermeerder energie. Energie kan nie binne-in die skepping vermeerder of verminder word nie. Dit kan net van een vorm van energie na ’n ander vorm van energie verander. Daar is net een Persoon wat energie deur sy wil en Persoon kan skep sonder enige ander vorm van energie. Dit is die Skepper!

Die Here maak nie mense se bene of arms langer, of neem die psigosomatiese reaksies van hul angs en druktespanning weg nie.
Hy laat mense wat blind gebore is, weer sien.
Hy laat mense wat melaats is en deur melaatsheid vermink is, weer gesond wees.
Hy laat mense wat dood is, en waarvan party al erg ontbind was, weer gesond en lewend wees. Daar is net een Persoon wat hierdie biologiese veranderinge in die mens se liggaam sonder enige eksterne hulpmiddel kan teweegbring. Dit is die Skepper en Here van die lewe. Daar is net een Persoon wat die proses van lewe en dood kan omkeer. Dit is die Skepper en Here van lewe en dood.
Niemand anders nie.

Hoe kan Jesus, wat ’n mens van vlees en bloed is, dinge laat gebeur wat net die Skepper van hemel en aarde kan laat gebeur?

Die Here self openbaar dit in Lukas 5:18-24:

> Onverwags kom daar mense met ’n verlamde man op ’n draagbaar aan, en hulle probeer om hom die huis in te bring en voor Jesus neer te sit. [19] Toe hulle vanweë die gedrang nie kans sien om hom in te bring nie, klim hulle op die dak en laat hom met draagbaar en al deur ’n opening tussen die dakteëls afsak tussen die mense in en vlak voor Jesus. [20] Toe Hy hulle geloof sien, sê Hy: “Mens, jou sondes is jou vergewe.” [21] Die skrifgeleerdes en die Fariseërs het hulle begin afvra: “Wie is hy dat hy so godslasterlik praat? Wie anders kan sondes vergewe as net God alleen?” [22] Maar Jesus het hulle redeneringe gemerk en vir hulle gesê: “Wat redeneer julle by julleself? [23] Wat is makliker? Om te sê: ‘Jou sondes is jou vergewe,’ of om te sê: ‘Staan op en loop’? [24] Maar Ek gaan nou vir julle die bewys lewer dat die Seun van die mens volmag het om op aarde sondes te vergewe.” Toe sê Hy vir die verlamde man: “Ek sê vir jou: Staan op, vat jou draagbaar en gaan huis toe.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Christus vergewe die verlamde man se sondes teen God. Dit is wat Hy sê. Dit is wat Hy doen. Die Fariseërs se beredenering is heeltemal reg: Net een Persoon kan sondes vergewe. Niemand anders nie. Sondes is vergrype van mense teen God, die Skepper van die heelal. Enige mens wat hom aanmatig dat Hy ander mense se sondes kan vergewe, is godslasterlik. Selfs al sou so 'n mens net beweer dat dit God is wat deur hom sondes vergewe, sal dit steeds godslasterlik bly.

Christus betwis nie die opmerking dat net God sondes kan vergewe nie. Christus bevestig dat die Fariseërs heeltemal reg is in hul opvatting: God alleen vergewe. Hy doen dit self. Hy doen dit nie deur geestelike mense of goddelike mense nie. Net Hy, God self, vergewe!

Christus wys dan dat Hy die mag het om te vergewe deur 'n verlamde man net deur 'n bevel te laat loop. Hy doen wat net die Skepper alleen kan doen. Al die wonderwerke wat die Here gedoen het, was tekens. Wat se tekens? Die apostel Johannes beskryf dit só:

> Jesus het nog baie ander wondertekens, wat nie in hierdie boek beskrywe is nie, voor sy dissipels gedoen. [31] Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê." (Joh. 20:30,31)

'n Teken is 'n daad waardeur die Here gewys het dat Hy self die Skepper van hemel en aarde is. Hy is nie nét 'n mens van vlees en bloed nie. Hy is nie 'n geestelike mens of 'n goddelike tipe mens waardeur God sy kragte en magte op aarde mee uitvoer nie. Dit is godslasterlik om so te wil wees. Hy, Christus self, doen wat net die Skepper van hemel en aarde kan doen. Dit is tekens waardeur Hy openlik gewys het wie Hy werklik is: Hy self, Christus, is die Skepper van die hemel en die aarde.

### 6. Jesus Christus is vandág die Skepper van hemel en aarde

Enige twyfel hieroor ruim die apostel Johannes in die inleidende sinne van sy Evangelie uit die weg:

> In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. [2] Hy was reeds in die begin by God. [3] Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie. [4] In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense. ... [14] Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid ... [18] Niemand het God ooit gesien nie. Sy enigste Seun, self God, wat die naaste aan die Vader is, dié het Hom bekend gemaak."
>
> (Joh. 1:1-4; 14,18)

"In die begin" is die begin van Genesis 1. Voor die Skepping en met die aanvang van die Skepping, was die Woord al daar. Wie is "die Woord"? Dit is Christus. Christus was miljoene jare voor sy geboorte al reeds by die begin van die skepping daar gewees.

Hy was nie net by God nie. Die Woord was self God. Christus was van altyd af self God gewees. Watter God? Die God waardeur alles tot stand gekom het. Alles wat geskep is, is

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

deur Christus self geskep. Hy is self die Skepper van die hemel en die aarde, die ganse geskape werklikheid.

Dit is wat aan ons geopenbaar word in al die optredes van die Here wat ons as wonderwerke sien - Hy, Christus self is die Skepper van hemel en aarde. Hy kan al die kragte van die skepping net deur sy Woord beheers, verander en omkeer soos Hy wil. Want al die skeppingskragte is deur Hom gemaak.

Dit is wie Christus vandag is: Hy is werklik die Skepper van die ganse kosmos wat aan ons bekend is. Hy is God met ons. Dit is hoe Christus by daardie kamer kon inkom terwyl die deure gesluit was. Dit is hoe Christus meteens tussen hulle kon staan, al is Hy ’n mens van vlees en bloed. Hierdie mens is nie net mens van vlees en bloed nie. Terwyl Hy mens van vlees en bloed is, is Hy ook terselfdertyd die Skepper van die hemel en die aarde.

Dit is wat Johannes met die volgende woorde in Johannes 1:14 bevestig: “Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het ...” Die Skepper van die kosmos het, terwyl Hy altyd die onsigbare God en Skepper bly, (“ Niemand het God ooit gesien nie” Joh. 1:18), mens van vlees en bloed geword. Dit is wat Christus openbaar: Hy is mens van vlees en bloed, nes ons, en terselfdertyd is Hy die Skepper van hemel en aarde.

### 7. Christus vervul die Dawidsbelofte dat een Persoon Dawid se eie seun en ook Seun van God die Vader sal wees: Hy is mens van vlees en bloed, én die Skepper self

Waaroor gaan dit dat God Skepper én mens is? Dit gaan oor die Dawidsbelofte!

Die Here het deur die profeet Natan aan Dawid belowe:

> Wanneer jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus, sal Ek een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en aan hom ’n bestendige koningskap gee. [13] Hy sal vir my Naam ’n huis bou, en Ek sal sy koningskap vir altyd laat voortbestaan. [14] Ek sal vir hom ’n vader wees en hy sal vir My ’n seun wees. (2 Sam.7:12-14)

Die koning wat Dawid se seun sal wees, sal terselfdertyd God die Vader se Seun wees. Hy sal self God wees, terwyl Hy ook Dawid se seun is. Die wyse waarop God hierdie belofte vervul oor wie en wat Hy as Koning oor sy volk sal wees, is deur self ’n mens van vlees en bloed te wees terwyl Hy God die Skepper is. Die Persoon in en deur wie dit gebeur, is Christus. Hy maak die Dawidsbelofte waar.

Dit is hoe Christus Homself van die begin af openbaar het en gewys het waaroor sy menswees en Godwees gaan. Dit gaan oor die vervulling van God se belofte aan Dawid:

> Toe die Fariseërs bymekaar was, vra Jesus vir hulle: [42] “Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is Hy?” “Dawid s’n,” antwoord hulle Hom. [43] Hy sê toe vir hulle: “Waarom het Dawid deur die ingewing van die Gees Hom dan ‘Here’ genoem? Hy sê tog: [44] ‘Die Here het vir my Here gesê: Sit aan my

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> regterhand totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het.'[45] As Dawid self Hom 'Here' noem, hoe kan Hy dan Dawid se seun wees?" [46] Niemand kon Hom daarop iets antwoord nie. Van dié dag af het niemand dit meer gewaag om Hom 'n vraag te stel nie." (Matt.22:41-46)

Hoe kan Dawid sy eie seun "Here" noem? "Here" is 'n wyse waarop God aangespreek word. Hoe kan Dawid sy eie seun as God aanspreek? Oor die bedoeling van die belofte kan daar nie twyfel wees nie: wie regeer as God aan die regterhand van God – God self! Die seun van Dawid is 'n mens van vlees en bloed en Hy is self die Skepper! Net God kan die Koning van sy kerk wees. Niemand anders is koning van die kerk van God nie. Niemand is koning namens God oor die kerk van God nie. Daarom noem Dawid sy eie seun: "Here". Sy eie seun is God, die Seun van God die Vader.

Dit is die openbaring en aankondiging in die Evangelies van wie Christus vandag is. Hy is vandag werklik mens en terselfdertyd werklik God, want dit is wie die seun van Dawid sal wees volgens die belofte aan Dawid deur die profeet Natan. Dawid se eie seun sal die koning wees wat vir ewig oor die volk van God sal regeer en terselfdertyd sal hierdie seun van Dawid die Seun van God die Vader wees: "... sal Ek een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en aan hom 'n bestendige koningskap gee, ... [14]Ek sal vir hom 'n vader wees en hy sal vir My 'n seun wees." (2 Sam.7:12)

Die Bybel openbaar die Here nie as een of ander goddelike mens soos in die heidense gelowe nie. Herkules is 'n voorbeeld van so 'n goddelike mens. Die Bybel openbaar die Here ook nie as 'n menslike God soos wat in die heidendom die geval was waar gode dikwels in die gedaante van mense verskyn het nie. Die openbaring van wie Christus vandag is, gaan oor die vervulling van die Dawids- en Abrahamsbeloftes. In die Dawidsbelofte word die persoon, wat ewig koning sal wees oor die volk van God, aangekondig as 'n persoon wat tegelykertyd seun van Dawid, mens soos ons, én Seun van die Vader, God self, sal wees.

Dit is die inhoud van die aankondiging in die Evangelies dat Jesus die Seun van God en die seun van die mens is. Dit gaan elke keer, en die hele tyd, oor die inhoud van die Dawidsbelofte. Die openbaring van Christus in die Evangelies kan net gelees en verstaan word as dit die hele tyd gelees word as die vervulling van hierdie belofte: een van Dawid se eie seuns, mens soos ons, is God die Vader se Seun – self God, daarom kan Hy alleen die Abrahamsbeloftes vervul.

Kom ons kyk hoe Matteus hierdie openbaring verkondig. Volgens Matteus 1 verse 1 en 17 is Jesus die seun van Dawid en die seun van Abraham: "Die geslagsregister van Jesus Christus, die Seun van Dawid, die seun van Abraham" ... Altesaam was daar dus veertien geslagte van Abraham af tot by Dawid, veertien van Dawid af tot by die Babiloniese ballingskap en veertien van die Babiloniese ballingskap af tot by Christus." Dit is waaroor die inhoud van die Evangelie volgens Matteus gaan. Die geboorte-aankondiging wys dat Jesus die seun van Dawid is: ""Josef seun van Dawid, moenie bang wees om met Maria te trou nie" (Matt. 1:20) en terselfdertyd die seun van God is: "want wat in haar verwek is, kom van die Heilige Gees." (1:20) Daarom word die seun van Dawid, "Immanuel" genoem: "Immanuel" is die

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

vervulling van die Dawid- en Abrahamsbelofte. “Hy is ons God met ons”(Matt. 1: 23). Christus is deur sy geboorte die persoon wat die Dawidsbelofte vervul: tegelykertyd seun van Dawid en Seun van God die Vader.

Dit is ook die openbaring van en verkondiging in Matteus 2 oor wie Christus is. Hy is terselfdertyd Dawid se seun, gebore in Betlehem, die stad van koning Dawid én Seun van God wat uit Egipte geroep is: (Matteus 2:15). Hoekom is dit só belangrik dat Hy terselfdertyd mens en God moet wees? Want Hy is die Here wat sal regeer deur herder te wees (Matt. 2:6) - Hy gaan die Abrahamsbelofes vervul: “[11]Ek doop julle wel met water omdat julle julle bekeer het, maar Hy wat ná my kom is my meerdere, en ek is nie eers werd om sy skoene uit te trek nie. Hy sal julle met die Heilige Gees en met vuur doop.”(Matt.3:11)

Net so word Jesus, die seun van Dawid, na sy doop deur God die Vader sy geliefde Seun genoem: “Daar was ook ’n stem uit die hemel wat gesê het: “Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek my.” (Matt. 3:17). Hierdie aankondiging is die vervulling van die Dawidsbelofte: God openbaar dat Jesus die persoon is wat terselfdertyd God en Dawid se seun is. Daarom kan Hy die Abrahamsbelofte (Heilige Gees) vervul deur in sondaars se plek gedoop te word.

Christus kondig aan dat Hy op die oordeelsdag die Here sal wees en dat God sy Vader is: “ “ Nie elkeen wat vir My sê: ‘Here, Here,’ sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is.”(Matt.7:21).
Dit is wat die Here in Matteus 22 uitwys: Dawid noem sy eie seun “Here”. Jesus noem God die Vader sý Vader omdat Hy die seun van Dawid asook die Seun van God is volgens die belofte: “Ek sal vir hom ’n vader wees en hy sal vir my ’n seun wees.”(2 Sam. 7:14) Daarom kan Hy deur sy koms (sy geboorte, lyding, sterwe en opstanding waardeur Hy die belofte van die Heilige Gees waar maak wat ons ’n nuwe hart sal gee om sy wet te gehoorsaam) die volle betekenis van die wet van die Here in ons lewe herstel: “Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry.” (Matt. 5:17)

Christus se wonderwerke wat in Matteus 8-9 beskryf word, wys dat Hy die persoon is wat Dawid en God se seun is. Na die genesing van die melaatse, die offisier se slaaf, Petrus se skoonma en die stilmaak van die storm op die see, vra die mense: “Watter soort mens is hy dat selfs die wind en die see hom gehoorsaam?”(Matt. 8:27) Die bose geeste sê watter soort mens Hy is – Hy is die seun van God (Matt. 8:29). Die betekenis van Christus se wonderwerke word geopenbaar in sy vergewing van sonde:

> ... Toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy vir die verlamde: “Vriend, wees gerus; jou sondes word vergewe.” [3] Party van die skrifgeleerdes het by hulleself gesê: “Hy praat godslasterlik.” [4]Maar Jesus het geweet wat hulle dink, en Hy sê vir hulle: “Waarom het julle sulke slegte gedagtes in julle harte?” [5]Wat is makliker? Om te sê: ‘Jou sondes word vergewe,’ of om te sê: ‘Staan op en loop?’ [6]Maar Ek gaan nou vir julle bewys lewer dat die Seun van die mens volmag het om op aarde sondes te vergewe.” Hy sê toe vir die verlamde man: “Staan op, vat jou draagbaar en gaan huis toe. (Matt. 9:2-6)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Watter soort mens is die seun van Dawid? Hy is die seun van God. Hy is self God wat sondes vergewe. Dit is wat Hy met al sy wonderwerke wys. Omdat Hy seun van die mens, self mens is, en terselfdertyd seun van God, self God is, is Hy die beloofde seun van Dawid. Daarom kan Hy die Abrahamsbelofte vervul deur sondaars se sondes te vergewe.

Die openbaring van die verhouding tussen Jesus Christus en God die Vader in Matteus 11 bevestig dat Jesus die persoon is wat in hierdie beloofde verhouding met God sal staan: "Ek sal vir hom 'n vader wees en hy al vir my 'n seun wees." (2 Sam.14) "Daardie tyd het Jesus gesê: 'Ek prys U, Vader, Here van hemel en aarde, dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het en dit aan eenvoudiges bekend gemaak het. Ja, Vader, so was dit u genadige bedoeling.' 'My Vader het alles aan My toevertrou, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; en ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun Hom wil bekend maak'" (Matt. 11:25-29). Omdat Christus hierdie persoon is, kan Hy die Abrahamsbelofte van die gawe van die Heilige Gees vervul, dit is dat die nuwe wet op hul harte geskryf is en dat alle oortredings van hierdie wet vergewe word:

> Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig (Matt. 11:28-30).

Die belydenis van die apostels van Christus as Here gaan oor die belydenis dat Hy tegelyk seun van Dawid en seun van God is:

> "Toe Jesus in die streke van Sesarea-Filippi kom, het Hy vir sy dissipels gevra: "Wie, sê die mense, is die Seun van die mens?" [14] Hulle antwoord: "Party sê Johannes die Doper, party Elia, party Jeremia of een van die profete." [15] "Maar julle," het Hy gevra, "wie, sê julle, is Ek?" [16] Simon Petrus het geantwoord: "U is die Christus, die Seun van die lewende God." [17] "Gelukkig is jy, Simon Barjona," het Jesus vir hom gesê, "want dit is nie 'n mens wat dit aan jou geopenbaar het nie, maar my Vader wat in die hemel is." (Matt. 16:13-17)

God die Vader openbaar Christus as die seun van die mens wat terselfdertyd seun van God is. Dit is wat die kerk omtrent Jesus Christus bely. Hy is vandag werklik mens en vandag werklik God – want só is die persoon van die beloofde Christus, die Messias.

Matteus begin sy Evangelie deur te wys dat Jesus die seun van Dawid en die seun van Abraham is. Dit is ook die afsluiting van die evangelie.

> Die elf dissipels het na Galilea toe gegaan na die berg waarheen Jesus hulle beveel het om te gaan. [17] Toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid, hoewel party getwyfel het. [18] Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. [19] Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en [20] leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.
> (Matt. 28:16-20)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Christus is die seun van Dawid: aan Hom is alle mag gegee om die kerk te regeer. Hy doen dit deur die belofte waar te maak: Hy is God met ons, Immanuel. Hy is die Seun van die Vader wat die gawe van die Heilige Gees (doop met Gees en vuur) aan die kerk gee.. Die doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees bevestig Jesus is die seun van Dawid en die Seun van die Vader. Christus is vandag mens van vlees en bloed in die hemel en terselfdertyd is Hy God, Skepper met ons, saam met die Vader en die Gees.
Hy vervul die Dawidsbelofte vir Homself, daarom vervul Hy die Abrahamsbelofte vir ons: die Seun en die Vader gee die Heilige Gees. Christus is vandag werklike God en mens om vir ons die beloftes van God te vervul.

**8. Christus is vandág Middelaar**
Wat maak dit van Christus as Persoon as Hy terselfdertyd só mens en Skepper is? Paulus stel dit só: "Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus wat Homself as 'n losprys vir almal gegee het. Dit was op die bestemde tyd die bewys van die bedoeling van God." (1 Tim. 2:5-6).

Die uniekheid van Christus is dat Hy vandag Middelaar is. Christus was nie net Middelaar toe Hy as mens op aarde geleef en gewerk het nie. Hy is elke dag, vir altyd Middelaar.

Wat is die aard van hierdie Middelaar as persoon? Paulus stel dit duidelik: die Middelaar tussen God en mens is die méns Christus Jesus. Hiermee is alle onduidelikheid uit die weg geruim. Die apostels verkondig die Here wat Middelaar ís, nie die Middelaar was nie. Paulus bevestig hierdie Middelaar ís mens. Indien Christus nie vandag mens is nie, kan Hy nie vandag die Middelaar tussen God en mens wees nie.

Wat doen die Middelaar tussen God en mens?

Die boek Hebreërs stel dit soos volg:

> Maar nou het Jesus 'n voortrefliker priesterdiens gekry deurdat Hy Middelaar is van 'n beter verbond wat op uitnemender beloftes gegrond is. [7] As daar aan die eerste verbond niks kortgekom het nie, sou 'n tweede nie nodig gewees het nie. [8] Maar God bestraf die volk oor hulle tekortkoming deur te sê: "Kyk, daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit. [9] Die nuwe verbond sal nie wees soos dié wat Ek met hulle voorvaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand gevat het om hulle uit Egipte uit te lei nie, want hulle het nie my verbond gehou nie, en Ek het hulle verwerp, sê die Here. [10] Dít is nou die verbond wat Ek met Israel na daardie dae sal sluit, sê die Here: Ek sal hulle my wette in die verstand gee, op hulle harte sal Ek dit skrywe; Ek sal hulle God wees, en hulle sal my volk wees. [11] Dan hoef niemand meer sy medeburger te leer en vir sy broer te sê: 'Jy moet die Here ken' nie. Hulle almal, klein en groot, sal My ken. [12] Oor hulle ongeregtighede sal Ek genadig wees en aan hulle sondes nooit meer dink nie." [13] Deur van 'n nuwe verbond te praat, het God die eerste oud verklaar, en wat oud word en uitgedien raak, sal gou verdwyn. (Hebreërs 8: 6-13)

Christus is die Middelaar van die nuwe verbondsverhouding tussen mens en God. Die Middelaar is die Persoon wat die beloftes waar maak. Om Middelaar te wees, beteken om die beloftes van God in die Dawids- en Abrahamsbelofte te bemiddel.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die wyse waarop Christus hierdie nuwe verbond, die Abrahamsbelofte, waar maak, is dat Hy die plek van sondaars in die persoonlike verhouding met God, wat nie gewerk het nie, inneem. Die posisie van sondaars in hierdie ou verbond, dit is die ou, persoonlike verhouding met God, is dat hulle volgens die kontrak van hierdie persoonlike verhouding, die wet, gestraf moet word:

> Maar Christus het gekom as Hoëpriester van die weldade wat nou verwesenlik is. Hy dien in die verbondstent wat groter en volmaakter is en nie deur mense gemaak is nie, dit wil sê wat nie tot hierdie wêreld behoort nie ... Hiervoor het Christus immers Homself as volkome offer deur die ewige Gees aan God geoffer.[15] Daarom is Hy ook die Middelaar van 'n nuwe verbond. Sy dood het plaasgevind om mense te verlos van die oortredinge wat onder die eerste verbond begaan is, sodat dié wat geroep is, die beloofde ewige erfenis kan ontvang. (Hebreërs 9:11-15)

Hier het ons te make met die unieke posisie wat die Middelaar inneem – Hy moet aan weerskante van die wet van God kan staan. Die Middelaar staan aan al twee kante van die Tien Gebooie. Hy staan aan die kant van God wat die wet eis en Hy staan aan die kant van die mens wat die wet moet gehoorsaam.

Hoekom is dit só belangrik? Want God kan nie volgens die wet gestraf word nie. God kan nooit die Tien Gebooie oortree nie. Wanneer God iemand laat sterf, pleeg Hy nooit moord nie, want die lewe wat Hy neem, is die lewe wat Hy gegee het. Daarom is dit nie 'n oortreding van die wet as God iemand laat sterf nie. Net so kan God nie steel nie. Alles wat bestaan, behoort aan God en alles wat mense besit, is net 'n leenreg van God af. God kan ook nie begeer nie. Alles is uit Hom, deur Hom en tot Hom. Daar is niks wat God wil hê wat Hy nie self kan skep nie. Wanneer God mense se gesag verbreek en wegneem, is Hy ook nie 'n anargis nie. Hy bevestig juis alle gesag deur gesag aan mense te verleen of weg te neem.

God kan daarom ook nie die Tien Gebooie gehoorsaam nie. Net so min as wat God kan steel, moet Hy werk vir wat Hy het. God verdien nie wat aan Hom behoort nie. Hy skep wat aan Hom behoort uit niks. Net so min as wat Hy kan moor, net so min hoef God lewe te respekteer. Hy respekteer nie lewe nie. Hy is die bron van lewe. God hoef ook nie gesag te respekteer nie. Hy is die bron van alle gesag.

Daarom kan God nie die mens se plek inneem onder die wet en die straf van die mens se sonde op Hom neem nie. Dit is die geheimenis en die verrassing van God se verlossing. God kan nie as God ons plek as mense inneem nie, maar Hy kan die plek van die mens inneem as Hy mens is.

Paulus stel dit só in Galasiërs 4: 4-6:

> Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe [5] om ons, wat aan die wet onderworpe was, los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem kon word. [6] En omdat ons sy

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: “Abba!” Dit beteken: Vader!

Christus is self God, die Seun van die Vader. Christus word uit Maria gebore sodat Hy terselfdertyd mens is. Hoekom? Sodat Hy as Here wat God is, ook aan die wet onderworpe kan wees. Omdat Hy mens is, kan Hy as mens gehoorsaam wees aan die wet en kan Hy as mens volgens die wet gestraf word.

Christus koop ons los van die ou persoonlike verhouding met God volgens die wet. Hy neem ons posisie onder die wet in: Hy is as mens in ons plek gehoorsaam en word as mens in ons plek gestraf.

Omdat Christus dit doen, maak Hy die Abrahamsbelofte waar dat Hy as God aan ons die gawe van God se liefde gee en ons weer ’n hart en verstand gee wat God kan liefhê: ons kan God weer as ons Vader aanroep!

### 9. God is self sonder tussengangers die Middelaar

Wie kan God se ondernemings waar maak? Is daar enige mens wat vir God sy ondernemings kan waar maak? Net God maak sy ondernemings waar. Net God maak die Dawids- en Abrahamsbeloftes waar. Geen mens kan hierdie beloftes waar maak nie.
Daarom mag ons nooit dink dat daar tussen God en die mens ’n tussenganger is nie. Dit kan nooit só wees dat God God is en dat Christus as mens die tussenganger tussen ons en God is nie. Geen mens kan tussen God en mens die ondernemings van God geldig maak nie. Paulus stel dit só:

> God het sy beloftes aan Abraham en aan sy nakomeling gegee. Daar staan nie “aan nakomelinge”, meer as een nie, maar: “en aan jou nakomeling”,net een, en hierdie nakomeling is Christus.[17] Hiermee wil ek dít sê: God het ’n verbond met Abraham gesluit en dit tóé al geldig gemaak. Die wet, wat eers vier honderd en dertig jaar later gekom het, kan nie hierdie verbond ongeldig maak, sodat God se belofte aan Abraham nie meer sou geld nie.[18] As ’n mens dit wat beloof is, kry op grond van die onderhouding van die wet van Moses, kry jy dit nie meer op grond van die belofte nie, en God het sy genade aan Abraham juis deur ’n belofte toegesê.[19] Watter doel dien die wet dan? Dit is later bygevoeg as gevolg van die sonde, en dit is bedoel vir die tyd totdat die nakomeling op wie die belofte betrekking het, sou kom. Engele het die wet deur middel van ’n tussenganger aan die volk gegee.[20] Maar as **daar net één is wat handel, is ’n tussenganger nie nodig nie, en God ís net een**.(Galasiërs 3:16-20) [Beklemtoning deur vetdruk dié van die outeur]

Daar is geen tussengangers tussen ons en God nie. Dit is die verskil tussen Christus as Middelaar en bemiddelaars. Bemiddelaars is tussengangers. Hulle bemiddel tussen twee verskillende partye. Tussen ons en God kan daar nie tussengangers wees nie. Niemand kan tussen God en ons as twee verskillende partye gaan staan en onderhandelinge oor en weer voer om skikkings te bereik nie.

### 10. Christus is ons Here en ons God

Wie is hierdie Jesus Christus as Hy vandag werklik mens in die hemel en God met ons is? Dit is die ontdekking wat die apostel Tomas met die Here se verskyning aan hom maak:

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> Tomas, wat ook Didimus genoem is, een van die twaalf, was nie by die dissipels toe Jesus gekom het nie. [25]Die ander dissipels sê toe vir hom: “Ons het die Here gesien!”Maar hy sê vir hulle: “As ek nie die merke van die spykers in sy hande sien en my vinger in die merke van die spykers steek en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie.”[26]Ag dae later was Jesus se dissipels weer bymekaar, en Tomas was by julle. Hoewel die deure gesluit was, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en gesê: “Vrede vir julle!” [27]Daarna sê Hy vir Tomas: “Bring jou vinger hier en kyk na my hande; en bring jou hand en steek hom in my sy; en moenie langer ongelowig wees nie, maar wees gelowig.”[28]En Tomas sê vir Hom: “My Here en my God!”[29]Toe sê Jesus vir hom: “Glo jy nou omdat jy My sien? Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo.”[30]Jesus het nog baie ander wondertekens, wat nie in hierdie boek beskrywe is nie, voor sy dissipels gedoen. [31]Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê. (Joh. 20:24-31)

Hierdie verse is die hoogtepunt van die Johannes-Evangelie en Tomas se geloofsbelydenis is die kern van hierdie klimaks.

Van die begin van die Here se openbare optrede af, met sy doop, tot en met sy kruisiging het niemand Hom ooit aangeroep soos Tomas dit hier doen nie. Mense het die Here aangespreek as “Leermeester”, “die Messias”, “die seun van God”, “die Profeet”, “Meneer” en “Here”, maar hulle het Hom nooit as God self aangeroep nie.

Dit is wat Tomas hier doen: hy roep Jesus Christus aan as God! Hy roep Christus aan as die Here God wat Homself in die Ou Testament geopenbaar het.

Die woord “Here” in Tomas se belydenis is die titel waarmee God Homself in Eksodus 3:13,14 aan Moses openbaar:

> Daarna sê Moses vir God: “Sê nou maar ek kom by die Israeliete en ek sê vir hulle: ‘Die God van julle voorvaders het my na julle toe gestuur,’ en hulle vra vir my: ‘Wat is sy Naam?’ wat moet ek dan vir hulle sê?” Toe sê God vir Moses: “Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê: ‘Ek is’ het my na julle toe gestuur.”

Dit is hoe God geken is in die Ou Testament, as “Jahweh”, wat beteken , “Ek is wat Ek is”. In die Afrikaanse vertaling word hierdie titel deurgans weergegee met die “die Here”.

In Johannes 8:52-59 het Jesus Homself bekend gemaak as “Jahweh”, die God wat Homself aan Moses bekend gemaak het:

> Die Jode sê toe vir Hom: “Nou is ons seker dat jy van die duiwel besete is. Abraham het gesterwe en die profete ook, en tog sê jy: ‘As iemand my woorde ter harte neem, sal hy in alle ewigheid nooit sterwe nie.’[53]Jy is tog nie groter as ons voorvader Abraham wat gesterf het nie? En die profete het gesterwe. Wie verbeel jy jou is jy?”[54]Maar Jesus antwoord: “As Ek Myself verheerlik, beteken my heerlikheid niks. Dit is my Vader wat My verheerlik. Julle sê: ‘Hy is ons God, ... [57]Die Jode sê toe vir Hom: “Jy is nog nie eens vyftig jaar oud nie, en het jy vir Abraham gesien?”[58]Jesus het hulle geantwoord: “Dít verseker Ek julle: Voordat Abraham gebore is, was Ek al wat Ek is.”[59]Hulle het toe klippe opgetel om Hom daarmee te gooi.”

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Wanneer Christus hier sê "... was Ek al wat Ek is " voor Abraham bestaan het, is dit duidelik dat Hy bekend maak dat Hy, Jesus Christus, die God is wat aan Moses gesê het "Ek is wat Ek is." Die Jode weet dat dit presies is wat Hy bedoel. Daarom sê hulle Hy is van duiwels besete en wil hulle Hom met klippe doodgooi. Dit is die doodstraf vir godslastering.

Wanneer Tomas Jesus aanroep as "My Here en my God", roep Hy Christus aan as "Jahweh", net soos die Jode Hom aangeroep het as "Hy is ons God" (vers 54).
Die dubbele vorm: Here God, waarmee Tomas Christus aanroep, laat geen twyfel nie. Dit is die dubbele titel waarmee God in die Ou Testament aangeroep is: "Jahweh, God" in Afrikaans "die Here God".

Tomas roep Jesus Christus aan as die Here God!

**11. Geloof is om Jesus Christus as Here en God te ken en te vertrou**
Dit is ook die eerste keer dat die onderskeid "gelowig" en "ongelowig" in Johannes 20:27 op hierdie wyse só in die Johannes-Evangelie gebruik word. Johannes stel dit in Johannes 20:31 so: "Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, ...". Dit is Johannes se definisie van geloof: geloof is om Jesus Christus aan te roep as die Here God. Ongeloof is om Jesus Christus nie as Here God aan te roep nie.

Wat bring Tomas tot die geloof dat Jesus die Here God is?

Tomas verwerp die apostels se opstandingsberig. Hy stel 'n vereiste aan hul berig. Hy stel dat hy hulle nie sal glo as hy nie die merke van die spykers in sy hande sien nie, as hy nie sy vingers in die merke van die spykers druk of sy hand in die spiesmerk in sy sy kan druk nie. Die woorde wat Tomas hier gebruik, is kras. Dit beteken iets soos "Ek wil eers my vinger en hand in die gate steek."

Ons mag nie van Tomas 'n karikatuur maak as die enigste ongelowige teenoor die ander dissipels nie. Nie één dissipel het voor die opstanding van Jesus en die ontvang van die gawe van die Heilige Gees geglo Hy is Here en God nie. Tomas se reaksie is presies dieselfde reaksie as dié van al die dissipels met die Here se verskyning, soos dit in Lukas 24 beskryf word.

Die vier Evangelies wys ons die hele tyd op hierdie spanning dat die Here Homself as God openbaar, terwyl die dissipels nie die openbaring dat Jesus Christus die Here God is, glo nie. Die Here noem hierdie ongeloof in die dissipels "kleingeloof": "Maar toe Petrus sien hoe sterk is die wind, het hy bang geword en begin sink en uitgeroep: "Here, red my!"Dadelik het Jesus sy hand uitgesteek, hom gegryp en vir hom gesê: "Kleingelowige, waarom het jy begin twyfel?" (Matt.14:30,31)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

“Kleingeloof” beteken dat die dissipels die Here erken as Christus, seun van Dawid en Seun van God soos wat die Christus in die Dawidsbelofte benoem word, maar dat hulle nie in sy kruisiging, sterwe en opstanding geglo het nie, ook nie dat Hy self die Here God is nie.

Met sy verwerping van die opstandingsberig van die Here stel Tomas die volgende duidelik: hy verwerp enige geestelike gemoedsaandoening of geestelike herinnering aan Jesus as sou dit ’n opstanding wees; hy verwerp enige vorm van visioen of droomervaring;
hy verwerp enige alternatiewe verskyning van die Here as ’n gees, ’n spook, ’n engel of goddelike gedaante.

Die eis wat hy stel, is ook duidelik: dit moet sigbaar en tasbaar dieselfde mens wees wat hy aan die kruis sien sterf het, anders sal hy hierdie persoon nooit erken en aanvaar as die Jesus wat hy geken het nie.

Met die Here se verskyning aan Tomas stel die Here dit dat Tomas tasbaar en sigbaar kan bevestig dat Hy dieselfde Christus is wat gekruisig is en gesterf het. Hierdie openbaring van die Here laat meer gebeur as waartoe Tomas homself bereid verklaar het. Hy aanvaar nie net dat Jesus dieselfde mens is na sy opstanding as voor sy dood nie. Hy aanbid Christus as God. Dit beteken dat die Here ook aan Hom die gawe van die Heilige Gees gee.

Dit is waarvoor die Here die Heilige Gees as gawe gee:

> Wat die gawes van die Gees betref, broers, wil ek hê dat julle ingelig moet wees. “[2]Julle weet dat, toe julle nog heidene was, julle blindelings na die stom afgode meegevoer is. [3]Daarom wil ek hê julle moet weet dat iemand wat sê: “Vervloek is Jesus”, nie deur die Gees van God praat nie; en niemand kan sê: “Jesus is die Here” nie, behalwe deur die Heilige Gees. (1 Kor. 12:1-3)

Die gawe van die Heilige Gees laat mense glo dat die Christus die Here God is. Die Christus is “Jahweh” God. Hierdie geloof het hulle bevry van hul geloof in hul afgode.

Dit is die geloof wat in Tomas deurbreek as hy voor die opgestane Christus staan. Die Messias wat hy as aangeklaagde mens voor Pontius Pilatus sien staan het, is God self. Die Christus wat hy as mens aan die kruis sien hang en sterf het, is die Skepper self. Die beloofde seun van Dawid wat na sy dood weer lewend as mens voor hom staan, is die Here God self. Jesus Christus is die Here God.

Johannes verkondig hierdie openbaring aan Tomas en die geloof in Christus in sy inleiding van die Evangelie in Johannes 1: 14:

> Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.

Christus is die Woord:

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. [2]Hy was reeds in die begin by God. [3] Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie. (Joh. 1:3) ...[1]Hy wás in die wêreld—die wêreld het deur Hom tot stand gekom—en tog het die wêreld Hom nie erken nie. [11]Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nie. [12]Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word. [13]Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van 'n mens of die besluit van 'n man nie, maar hulle is uit God gebore.
> (Joh. 1:10-13)

Die Christus is die Skepper van hemel en aarde. Die Christus is God self.
Die Christus is God die Here wat mens geword het en vandag steeds mens is. God het Homself betroubaar gemaak vir sondaars. Hy is God wat onder sondaars kom woon en hulle in sy genade insluit. God kan sondaars in sy genade insluit, want God is die gekruisigde Christus. Die Skepper is die mens wat onder Pontius Pilatus aangeklaagde mens was. Die Here God is die Christus.

God wat onder ons woon, is die vervulde belofte dat God vir sondaars genadig, lief, goed en barmhartig sal wees omdat Hy self die Christus is wat vir sondaars gely het, gekruisig is, gesterf het en uit die dood uit opgestaan het as mens in hul plek.

Daarom kan Tomas hierdie besondere geloofsbelydenis maak: die Here God is mý Here en mý God!

Dit is geloof. Geloof is om die gekruisigde en opgestane Christus as Here God te ken en te vertrou. Tomas stel hierdie vertroue in Christus met die woorde dat die Here God, is nou sý Here en sý God. God wat mens is, het sondaars se plek onder die wet ingeneem en staan nie meer teenoor sondaars nie. Nou woon Hy onder sondaars. Hy laat sondaars deel in sy genade en liefde as die Here God.

Hierdie geloof is die gawe wat die Heilige Gees gee as die Here oor die apostels blaas. Dit is waartoe God ons wederbaar: om te glo Christus is die Here God.

Tomas se geloof en -belydenis is die inhoud van die apostels se verkondiging: "En hierdie woord is die boodskap van die geloof, en dit is wat ons verkondig: As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. (Rom. 10:9) en ook"Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, [10]sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is,die knie sou buig, [11]en elke tong sou erken: "Jesus Christus is Here!" tot eer van God die Vader." (Fil. 2:9-11)

Die gekruisigde Christus is die Here God wat die tien plae in Egipte laat plaasvind het.
Die Christus wat aan die kruis gesterf het, is die Here God wat Israel uit Egipte gelei en die Tien Gebooie vir hulle gegee het. Die Christus wat uit die dood uit opgestaan het, is die Here God wat Dawid in die Psalms aanroep. Die Christus wat vandag mens in die hemel is, is die Here God van die profete.
©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit is die betekenis van die wonderwerke van die Here volgens die apostel Johannes: "Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê." (Joh. 20:31) Die Here se wonderwerke was nie 'n bedieningsvoorbeeld vir predikante, geestelikes en pastore nie. Sy wonderwerke wys ons wat net Hý kan doen omdat net Hý as gekruisigde en opgestane mens die Here God self is.

Dat die Christus self God sal wees, is nie 'n nuwe openbaring wat Jesus Christus kom bekend maak het nie. Dat Jésus die Christus is, is die nuwe openbaring. Dat God self die gesalfde Koning sal wees en nie iemand anders naas God nie, is die inhoud en bedoeling van die Dawidsbelofte.

Die Dawidsbelofte in 2 Samuel 7 sluit direk aan by 1 Samuel 8 waar die volk, Israel, vir Samuel vra om 'n koning oor hulle aan te stel: [4]

> Al die leiers van Israel het bymekaar gekom en na Samuel toe in Rama gegaan. [5]Hulle het vir hom gesê: "Kyk, u het oud geword. U kinders is nie soos u nie. Stel nou liewer 'n koning oor ons aan om oor ons te regeer, soos dit by al die nasies is."[6]Maar vir Samuel was dit verkeerd dat hulle gesê het: "Gee ons tog 'n koning om oor ons te regeer."Samuel het tot die Here gebid, [7]en die Here het vir hom gesê: "Gee toe aan die versoek van die volk in alles wat hulle van jou vra. Hulle het jóú nie verwerp nie; hulle het Mý verwerp as koning oor hulle. [8]Hulle het nou ook met jou gemaak wat hulle met My gedoen het sedert Ek hulle uit Egipte laat trek het tot nou toe: hulle het My verlaat en ander gode gedien. (1 Sam. 8:4-8)

God self is die Koning van sy volk. Geen mens kan koning wees oor die volk van God nie. Die behoefte aan 'n koning spruit uit die praktiese probleem om 'n goeie landsadministrasie te hê. Maar die versoek vir 'n koning was meer as net 'n bepaalde vorm van landsadministrasie. In hierdie organisatoriese probleem was daar die versugting om God se teenwoordigheid as Here by sy volk te vervang met 'n verteenwoordiger van God by die volk.

Dit is dieselfde houding waarmee Israel gemaak het asof God afwesig is toe Moses berg toe gegaan het. Skielik het hulle hulself godloos verklaar omdat die verteenwoordiger van God, deur wie God al sy wonderkragte laat gebeur het, volgens hulle nie meer by hulle was nie. Hierdie versugting om verteenwoordigers van God te hê, is die mens se versugting om God afwesig te leef en te verklaar. Alles wat die mens in God se verteenwoordigers beleef en ervaar, kan daaraan toegeskryf word dat hulle God self nie teenwoordig wil hê nie.

Die Dawidsbelofte oor wie en hoe die Christus sal wees, staan van die begin af tot en met die wederkoms binne in hierdie spanning van wie die volk van God regeer – God self, of 'n mens wat God verteenwoordig.

Die bedoeling van hierdie belofte verwoord die profeet Jesaja so:

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> Vir ons is ’n Seun gebore,aan ons is ’n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.[6]Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal dié koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here die Almagtige sorg. (Jes. 9:5,6)

Jesaja is nie hier besig om loftitels aan een van die konings van Israel, hetsy uit die verlede of in die toekoms, toe te dig nie. Dit sal godslasterlik wees. Jesaja maak ’n aankondiging oor die bedoeling van die belofte: “Ek sal vir hom ’n vader wees en Hy sal vir My ’n seun wees.” (2 Sam.7:14) Hierdie Seun wat volgens die Dawidsbelofte gebore sal word, is volgens die openbaring van Jesaja God self.

Dit is weer die aankondiging dat net God sy kerk regeer. Daar is nie iemand wat namens of verteenwoordigend van God sy volk regeer nie. God self is die Koning wat sy volk regeer en daarom is God self die Gesalfde, die Messias, die Christus.

**12. Geloof is om Christus te ken en te vertrou as Persoon wat vandag mens en God is**
Christus is God en mens vandag.

Dit is die geloof waartoe Christus mense deur die gawe van wedergeboorte bring. Geloof beteken om Christus, wat as mens gekruisig is en wat uit die dood opgestaan het om weer vandag mens te wees, te ken en te vertrou as die Here God. In hierdie geloof roep ons Christus aan en aanbid ons Hom, wat as mens gekruisig is en vandag mens in die hemel is, as ons Here en ons God. As Hy nie self mens en God is nie, kan ons Hom nie aanroep as ons Here en ons God nie.

Daarom verwerp die ware Christelike kerk alles wat Christus nie as mens en God vandag erken nie. As Christus enige iets anders is as mens en God vandag, kan ons Hom nie as die Here God aanroep en aanbid nie.

Hy is nie ’n goddelike mens nie. Christus as mens is ’n gewone mens van vlees en bloed, nes ons. As mens is Hy net so beperk in sy mag en vermoëns as ons. Na sy menswees is Hy net in die hemel aanwesig. Hy kan na sy mensheid nie alomteenwoordig wees nie. As mens is Hy nie onsigbaar en almagtig nie. Niks van sy menswees is goddelik nie. Niks van sy menswees mag goddelike eer en waardigheid ontvang nie. Ons aanbid nie die mensheid van Christus nie.

Christus is ook nie ’n menslike God nie. Niks van Christus se menswees vermenslik God nie. Sy alomteenwoordigheid as God word nie deur sy menswees by ons ingeperk of van ons af verwyder nie. Sy onsigbaarheid as God word ook nie deur Christus se menswees sigbaar gemaak nie. Christus se menswees bring God ook nie nader aan ons asof God se Godheid Hom van ons vervreem nie. Die onbegryplikheid van die wysheid, raad en werke van God word ook nie in die menswees van Christus nou skielik duideliker en verstaanbaarder nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die kerk bely sedert die sinode van Chalcedon in 381 n.C. die werklikheid dat die gekruisigde en opgestane Christus die Here God is. Christus is mens en God op die volgende wyse: “onvermengd en onveranderd; ongedeeld en ongeskei.”

Christus het nie Godwees en menswees kom vermeng in ’n spiritualiteit van goddelikheid waarin God ’n vermenslikte God word en mense vergoddelikte mense word nie. Hy is onveranderd mens soos ons en onveranderd God self. Daarom bly ons onveranderd mense en God bly onveranderd God. Ons word nie spirituele mense wat die spiritualiteit van God beleef nie. Ons word mense wat vergewe is en wat God as gewone mense in ons volle menslikheid aanbid.

Die Christus is egter self die Here God. Niemand mag maak asof daar in Christus ’n skeiding of verdeling is waarin Hy net ’n mens was waarin God verskyn het, en deur wie God vir ’n ruk lank gewerk het of in wie God vir ’n rukkie gelewe het en nie meer vandag mens is nie.

Daarom is Christus nie vir ons net maar ’n rolmodel van ’n goddelike idee, ’n besondere morele lewenswyse, ’n verligte ervaring of inspirerende krag wat verskyn het sodat ons in navolging van sy geestelike verteenwoordigers by ons, God ook in ons lewens kan beleef soos God in die lewe van Jesus beleef was nie. Ons aanbid Christus omdat Hy Here God is. Ons boots Hom nie na op grond van die voorbeeld van geestelike verteenwoordigers terwyl Hyself afwesig is nie.

Die enigste rede waarom ons vandag die gekruisigde en opgestane Christus as ons Here en ons God kan aanroep en aanbid, sonder tussengangers, bemiddelaars of verteenwoordigers tussen ons en God is omdat die gekruisigde en opgestane Christus self vandag werklik mens en God is: “onvermengd en onveranderd; ongedeeld en ongeskei.”

### 13. Die verskil tussen God as Middelaar en mense as tussengangers gaan oor die verskil tussen diens en mag

Die verskil tussen ’n Middelaar en tussengangers gaan oor die inhoudelike verskil tussen godsdiens en afgodsdiens.

In Christus neem God self die natuur van die mens aan. God word en is self ’n sondelose en regverdige mens. Daardeur is God self Middelaar sonder enige ander tussenganger tussen Hom as God en mense.

Afgodsdiens draai altyd die bedoeling van God om. Die bedoeling dat God in Christus self Middelaar is, word in afgodsdiens só verdraai dat mense vir en namens God as tussengangers tussen Hom en mense optree. Dit wat alleen God vir mense is en doen, sonder enige tussenganger tussen God en mense, wil mense vir en namens God tussen God en mense wees.

Christus is Middelaar om mense diensbaar aan God te laat wees. Tussengangers tussen God en mense soek mag in die naam van God.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

In afgodsdiens wil mense nie gehoorsaam aan God leef nie. In afgodsdiens is diensbaarheid aan God vernederend vir mense. In afgodsdiens wil mense naby aan God wees sodat hulle in sy mag en eer as God kan deel.

In afgodsdiens glo mense dat hierdie nabyheid by God hulle as mense só bemagtig dat God deur hulle sy Teenwoordigheid by mense moet uitleef, sy Wil deur hierdie mense moet laat geld en sy krag deur hierdie mense moet uitoefen.

Dit is wat dit beteken om ’n tussenganger tussen God en mense te wees: God is nie en kan nie deur Homself God wees nie. God is God deur spesiale mense op aarde deur wie Hy Homself as God laat geld. In afgodsdiens wil mense altyd van hulself tussengangers tussen God en ander mense maak.

Dit was die ongeloof van die Jode én die dissipels. Hulle het ’n Christus gesoek wat hulle bemagtig om tussengangers tussen God en mense te wees.

Dit kom duidelik na vore in die apostels Johannes en Jakobus se versoek dat die Here hulle aan sy linker- en regterhand sal laat sit as Hy Koning in Jerusalem word:

> Toe kom die vrou van Sebedeus met haar twee seuns by Jesus en kniel voor Hom om Hom ’n guns te vra.[21]“Wat kan Ek vir u doen?” vra Hy vir haar. Sy sê vir Hom: “Belowe my dat hierdie twee seuns van my in u koninkryk langs U mag sit, een aan u regterhand en die ander een aan u linkerhand.”[22]Toe antwoord Jesus: “Julle weet nie wat julle vra nie. Kan julle die lydensbeker drink wat Ek gaan drink?”“Ons kan,” antwoord hulle.[23]Jesus sê toe vir hulle: “Ja, my beker sal julle drink. Maar om aan my regter- en my linkerhand te sit, daaroor besluit Ek nie; dit is vir dié vir wie my Vader dit gereed gemaak het.”[24]Toe die tien ander dissipels dit hoor, was hulle kwaad vir die twee broers.[25]Jesus roep hulle toe nader en sê: “Julle weet dat dit by die nasies so is dat die regeerders oor hulle baasspeel, en dat die groot manne die mag oor hulle misbruik. [26]Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; [27]en elkeen wat onder julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees. [28]So is dit ook met die Seun van die mens: Hy het nie gekom om gedien te word nie maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense.” (Matt.20:20-28)

Die twee dissipels wil nader aan die Here wees as die ander dissipels. Hulle wil nie nader aan die Here wees om meer gehoorsaam aan God te wees nie. Hulle wil die Here opvolg as leiers as Hy eendag doodgaan. Hulle wil sy troonopvolgers wees. Hul nabyheid aan die Here sou volgens hul ongeloof aan hulle die mag gegee het om sy troonopvolgers te wees.

Die Here wys hulle op hul ongeloof in Hom as Here God deur te sê hulle weet nie wat hulle vra nie. Hy vra hulle of hulle net soos Hy as Christus sal kan ly. Voor hierdie versoek van hulle het Hy reeds vir hulle aangekondig en verduidelik: Hy moet Jerusalem toe gaan om verneder te word, gekruisig te word, te sterf en uit die dood uit op te staan. Dit is die wyse waarop Hy die nuwe Genaderyk van God gaan oprig.

Hulle antwoord selfversekerd dat hulle net soos die Here kan ly.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit lê hul totale ongeloof in Christus as Here en God bloot. Die Here vra hulle of hulle net soos Hy vir sondaars kan sterf en uit die dood kan opstaan om die nuwe genaderyk van God te vestig.

Hulle antwoord dat hulle dit kan doen. Dit is totale ongeloof. Hulle kan nie sondeloos en regverdig vir sondaars sterf en as God sondaars insluit in die sondeloosheid en regverdigheid wat God self as mens is nie.

Die Here beantwoord hul ongeloof met ironie. Hulle sál die beker van die Here drink. Die Here Jesus verwys hier na die nagmaalsbeker wat Hy gaan instel as teken dat Hy hulle sal laat deel in sy lyding. Hulle sal in sy lyding deel, maar dit gaan op ’n totaal ander wyse gebeur as wat hulle meen. Hy gaan alleen hul sonde in sy lyding dra, sodat Hy hulle deur die krag van sy Godheid in sy lyding en gehoorsaamheid as mens kan insluit, sonder dat hulle self ly of self gehoorsaam is.

Dit kwalifiseer die posisie wat hulle as dissipels sal ontvang binne die nuwe genaderyk van God. Hulle gaan dienaars wees. Hierdie diensbaarheid is presies die teenoorgestelde van die mag wat hulle soek.

Hierdie diensbaarheid is nie maar nét ’n mooi en allermins nie ’n onderdanige gesindheid nie. Hierdie diensbaarheid word geskep deur die posisie en diensmiddele wat Christus as Here en God vir sy dissipels instel.

As Here en God kon Hy met ’n magsvertoon van sy Godheid alle mense in vrees en verskrikking aan Hom onderwerp het. Dit is presies die verskil tussen mag en diens tydens die Here se gevangeneming:

> Een van dié wat saam met Jesus was, gryp toe sy swaard en trek dit uit. Hy slaan na die slaaf van die hoëpriester en kap sy oor af. [52]Toe sê Jesus vir hom: “Sit jou swaard terug in sy plek, want almal wat na die swaard gryp, sal deur die swaard omkom. [53]Of dink jy Ek kan nie my Vader om hulp vra nie? Hy sal dadelik vir My meer as twaalf legioene engele beskikbaar stel. [54]Maar hoe sal die Skrif dan vervul word wat sê hoe die dinge moet gebeur? (Matt. 26:51-54)

Maar wat doen die Almagtige Skepper van hemel en aarde? Hy self word in Christus mens. Hy word die mens wat diensbaar is in die plek van mense wat Hom nie dien nie. Dit is nie maar nét ’n voorbeeld van mooi gesindhede wat God demonstreer nie. Christus is die werklikheid van wie God is. God die Skepper, God die Here, word die diensbare mens:

> [5]Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was:[6]Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie,[7]maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van ’n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, [8]het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis. (Fil.2:5-8)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**14. Christus skep in sy kerk 'n diensposisie en gee middele waardeur die evangelie bedien word**

Christus skep nie 'n magsposisie in Jerusalem met magsmiddele waardeur almal wat God minag en sy wil verwerp, onderwerp kan word nie. Hy skep 'n heerskappy van genade binne-in God deur self die dienende mens te wees in die plek van mense wat met die mag van God teen hul sedelose naastes wil optree.

Daarmee maak Christus self 'n einde aan alle godsryke wat mense op aarde in die Naam van God wil oprig. Dit is in hierdie godsryke waarin godsmanne leiers is met goddelike mag en magsmiddele waaraan Johannes en Jakobus geglo het, net soos al die ander dissipels.

Johannes en Jakobus is nie die enigstes wat in hierdie magsug geleef het nie. Hulle het net eerste die geleentheid aangegryp om vir hulself hierdie mag te verseker. Dit is hoekom die ander dissipels met hulle stry. Hulle is kwaad omdat hulle nie self die eerste geleentheid kon aangryp nie.

Wat veroorsaak dat al die dissipels geglo het dat hulle net soos die Here kan ly? Dit was hul ongeloof. Hulle het geglo dat Hy die regverdige mens is wat beloof is. Hy gaan die magsposisie en magsmiddele van God ontvang om alle sedeloses en wetteloses op aarde aan die Wil van God te onderwerp. God gaan Christus met 'n magsposisie en magsmiddele bemagtig om oor goddeloses en wetteloses te regeer. Hy gaan hulle in hierdie wêreld altyd ondergeskik hou aan die regverdige en goeie mense soos die dissipels van die Here.

Hulle het geglo dat soos wat die Here bereid was om alle ontberings te ly en swaarkry te verduur om hierdie magsposisie by God te kan ontvang, net so sou hulle ook bereid wees om alle ontberings te ly en alle swaarkry te verduur om hierdie magsposisie met die Here te deel.

Om te keer dat hierdie magsposisie nie na die Here se dood verdeel word nie, moet die Here self die opvolgers vir hierdie magsposisie aanwys voor Hy dalk doodgaan. Op die manier sou dit 'n opvolgstryd vir sy magsposisie verhoed. Dit sou sorg dat die regverdige en goeie mense wat God dien oor al die wetteloses en sedeloses in die wêreld kan bly regeer.

Hul ongeloof is dat hulle geglo het Christus is net 'n goeie en regverdige mens deur wie God sy Mag op aarde gaan uitoefen en as die Here dan doodgaan, sal God hierdie mag wat God deur Christus ingestel het, weer deur hulle as sy opvolgers, wat Hom sal verteenwoordig, uitoefen.

Die Here wys dat hulle geen aandeel in sy werk as Here en God het nie. Hulle kan nie God wees wat mens geword het nie. Hulle kan nie as Here ly en sterf in die plek van sondaars nie. Hulle kan nie uit die dood opstaan en sondaars insluit in God se genade nie. Al wat hulle kan doen, is om die beker van die Here te drink. Nie sý lydensbeker nie, maar die nagmaalbeker

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

wat Hy as sy lydensbeker aan hulle sal gee. Hulle sal net die vrug van die Here se lyding ontvang en dit in die nagmaal vier.

Die nagmaal is geen magsmiddel waardeur God die dissipels/mense in ’n posisie plaas om te doen wat Hy as Here en God doen, of selfs net mense kan laat deel in wat God doen nie.

Dit geld ook vir die prediking van die evangelie. Die krag wat God sy dissipels gee, is die krag om getuies van sy lyding en opstanding te wees: “[8]Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.” (Hand.1:8) Die posisie waarin die Here se krag sy dissipels plaas, is om getuies te wees van sy lyding en opstanding. Om te getuig beteken om net te vertel wat Christus gedoen het. Dit beteken nie om dit saam met Christus te doen nie. Dit beteken ook nie dat Christus dit wat Hy doen, deur sy getuies doen nie. Hulle het geen aandeel in wat Christus doen nie. Hulle vertel net wat Hy alleen gedoen het en nog steeds besig is om te doen.

Daar is geen identiteit tussen hulle wat getuig en Christus wat red en regeer nie. Christus red en regeer mense deur wat Hy alleen doen sonder sy dissipels en deur niemand anders as net deur Homself alleen nie - deur sy lyding en opstanding waarin die dissipels geen aandeel gehad het nie. Dit is die diensposisie van die dissipels in die nuwe genaderyk: net Christus red en regeer slegs deur dit wat Hy alleen gedoen het. Hulle kan maar net vertel waarmee Christus besig is.

Die dissipels het ’n ander posisie en ander magte in Christus gesoek. Hierdie ongeloof kom duidelik na vore in die dissipels se onbegrip toe hulle nie duiwels soos die Here kon uitdryf nie:.

> [16]Ek het hom al na u dissipels toe gebring, en hulle kon hom nie gesond maak nie.”[17]“Ongelowige en ontaarde geslag,” het Jesus gesê, “hoe lank moet Ek nog saam met julle wees? Hoe lank moet Ek julle nog verdra? Bring hom hier vir My!”[18]Jesus het die bose gees skerp aangespreek, en die bose gees het van die seun af weggegaan. Van daardie oomblik af het die seun gesond geword.[19]Die dissipels het toe alleen na Jesus toe gekom en gevra: “Waarom kon ons hom nie uitdryf nie?”[20]“Omdat julle geloof te klein is,” sê Hy vir hulle. “Dit verseker Ek julle: As julle maar geloof het so groot soos ’n mosterdsaadjie, sal julle vir hierdie berg sê: ‘Gaan staan daar anderkant!’ en hy sal gaan. Niks sal vir julle onmoontlik wees nie.”(Matt. 17:16-20)

Die dissipels wil by die Here weet hoekom hulle nie net ook soos wat hulle Hom dit sien doen het, duiwels uit mense kan uitdryf nie. Dit is wat die mense van die dissipels verwag. Hul leermeester Christus moet hulle mos ook leer en bemagtig om net soos Hy duiwels te kan uitdryf! Die Here verwyt hulle vir hul “kleingeloof”. Dit kan maklik klink asof hulle net groter geloof moes gehad het om die duiwels te kon uitdryf.

Die gelykenis van die Here oor geloof wat soos ’n mosterdsaadjies is, maak so ’n afleiding onmoontlik. Die Here sê naamlik dat hul geloof soos ’n mosterdsaad moet hê, dan sal die onmoontlike vir hulle gebeur. In daardie tye was daar geen kleiner saadjie as ’n mosterdsaad

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

bekend nie. Hoe hou dit dan verband met hul kleingeloof? Hul kleingeloof kan nie kleiner wees as ’n mosterdsaad nie. Hul kleingeloof is groter as ’n mosterdsaad!

Die punt wat in hierdie gelykenis gemaak word, gaan nie oor groter geloof nie. Anders moes die gelykenis se strekking só geklink het: as jy die geloof van ’n mosterdsaad het, sal jy berge kan versit; as jy geloof soos ’n granaatpit het, sal jy die see kan laat opdroog en as jy die geloof van ’n kokosneut het, sal jy die gang van die sterre en planete kan beheer.

Die gelykenis wys iets anders. Dit wys dat daar geen identiteit tussen die geloof van die dissipels en die werke van Christus is nie. Hul kleingeloof is die verkeerde geloof. Daarom noem die Here hulle die “ongelowige en ontaarde geslag”. Hul ongeloof gaan oor ontaarding. Hulle verander die aard van hul menswees. Hulle wil nie vir God mens wees nie. Hulle wil goddelik wees.

Dit is die inhoud van hul ongeloof: hulle wil met die mag en krag wat Christus het, doen wat Christus doen. Hulle wil hê dat hul geloof ’n magsmiddel moet wees waarmee hulle God teenwoordig en werksaam kan maak.

Hierteenoor staan geloof in Christus. Dit is wat die Here met die gelykenis uitwys. In hierdie ander geloof wat geloof is, en nie die kleingeloof wat ongeloof is nie, sal die grootste en magtigste ding vir jou kan gebeur selfs as jy feitlik geen geloof het nie, al is dit so gering soos die kleinste en onsigbaarste saadjie wat toe aan die mensdom bekend was.

Hoekom werk hierdie geloof só? Want Christus, wat Here en God is, is die een wat berge versit. Hy sal berge versit vir hulle wat feitlik geen geloof in Hom het nie. Dit is wie Christus is - God wat berge versit.

Dit is presies wat in sy lyding, sterwe en opstanding gebeur – die onmoontlike! God word mens en verskuif alles vir ons. Hy doen in ons plek wat ons nie kan doen nie. Wie doen dit? God self!  Christus is self Here en God. Hy doen alles as Here en God – en dit is nie deur mense se geloof nie. Hy doen dit uit en deur Homself.

Selfs geloof is geen magsmiddel van mense om die krag en mag van God in hierdie wêreld te aktiveer nie. Daarom is daar geen identiteit tussen geloof en die groot en magtige dade van God wat berge verskuif nie. God se dade skep geloof. Dit word nie deur geloof geaktiveer of bedryf nie. Al is die geloof so klein soos ’n mosterdsaad sal die grootste daad van God nog steeds vir sy kinders gedoen word.

In Markus 9 stel die Here dit só: “28Nadat Jesus huis toe gegaan het, toe hulle alleen was, het sy dissipels Hom gevra: “Waarom kon ons die gees nie uitdrywe nie?”29Hy het vir hulle gesê: “Hierdie goed kan met niks anders as met gebed uitgedrywe word nie.”
Die mag waarmee die Here die duiwels uitdryf, is die mag van sy lyding en opstanding. Die dissipels kan nie in hierdie mag van die Here deel nie. Hulle kan alleen tot die Here bid.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Om tot Christus te bid om deur sy lyding en sterwe die mag van die Bose te breek, is totaal iets anders as om deur Christus met ’n krag of mag bemagtig te word waardeur jy self duiwels kan uitdryf. Gebed vra God om te handel. Dit is nie die uitspreek van magiese formules waardeur mense God se krag kan vrystel nie.

Wat is die ongeloof van die ontaarde bedoeling dat mense soos God wil wees? Dit is die geloof dat die Here ons bemagtig om te kan doen wat Hy doen: ons kan net soos Hy ly en ons kan net soos Hy wonderwerke doen. Dit is die ongeloof van die dissipels wat glo dat Christus sy magsposisie en die middele waarmee Hy sy mag uitoefen vir hulle gaan aanleer, hulle daarin gaan inoefen en dit aan hulle gaan oordra as Hy doodgaan.

Dit is ongeloof! Vir hulle is die Here nét ’n goeie en regverdige mens. Daarom is Hy die hooftussenganger as mens tussen God en mense. Hy kom skep en stel die posisie van tussengangers tussen God en mens in. Sy posisie as hul leermeester beteken dan dat Hy hulle aanstel en leer om ook soos Hy tussengangers tussen God en mense te kan wees.

Soos God dan sy krag en mag deur Jesus uitoefen, sal God dit deur hulle doen as die Here nie meer daar is nie. Soos God deur Jesus teenwoordig is, só sal God deur hulle by mense teenwoordig wees as die Here eendag dood is.

Dit is wie en wat hulle Jesus voor aangesien het en wat hulle deur Hom wou wees: verteenwoordigers van God by mense. God gaan aan hulle die magsposisie en magsmiddele gee sodat God deur hulle teenwoordig sal wees, sy Wil sal uitoefen en sy Krag sal uitlewe. Hierdie versugting om God te verteenwoordig is ongeloof. Dit is die ongeloof van die verdraaide bedoeling tussen God en mens - mense wat nie menslik wil wees nie, maar goddelik ontaard.

Die wonders wat die Here gedoen het, was nooit kragte waarin Hy sy dissipels laat deel het of deur hulle uitgeoefen het nie. Net so min as wat hulle saam met die Here kon ly, sterf en uit die dood uit opstaan, net so min kon hulle saam met die Here wonders doen. Dit was altyd sý wondertekens. “Jesus het nog baie ander wondertekens, wat nie in hierdie boek beskrywe is nie, voor sy dissipels gedoen. Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê.”(Joh. 20:30,31)

Hierdie tekens moes net een saak bevestig: Christus is Here en God. Daarom was dit nooit só dat die dissipels in die krag van die Here gedeel het om soos Hy mense gesond te maak of duiwels uit te dryf nie.

Die tekens en wonders wat gebeur waar die dissipels die evangelie verkondig ná sy hemelvaart is dade van die teenwoordige Christus. Dit was nooit dade wat God deur die dissipels bewerk het omdat Christus nie meer teenwoordig was nie. Christus gee na sy

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

hemelvaart as teenwoordige Here en God steeds wonders as tekens van wie Hy is wat deur die dissipels verkondig word.

Wonders was nooit ’n mag wat die Here aan dissipels oorgedra het as ’n werksaamheid wat hulle moet uitvoer in sy afwesigheid as mens nie. Dit was en bly altyd iets waarvoor enige gelowige net kan bid, maar net die teenwoordige Christus kan doen: “ En nou, Here, kyk hoe dreig hulle ons. Gee dat u dienaars met volle vrymoedigheid u woord sal verkondig. [30]Laat u hand genesing bring, en laat daar tekens en wonders plaasvind deur die Naam van u heilige Dienaar, Jesus.” (Hand. 4:29,30)

Die skrywer van Hebreërs stel dit só:

> ... Hierdie saligheid is immers deur die Here verkondig, deur wie dit sy oorsprong het, en is aan ons bevestig deur dié wat dit gehoor het. [4]Daarby het God ook saam getuig deur tekens en wonders en ook deur allerhande kragtige dade en gawes van die Heilige Gees, soos Hy dit toebedeel het volgens sy wil. (Heb.2:3,4).

Die Here het self sy lyding en opstanding as Christus verkondig. Hy is die oorsprong van die evangelieverkondiging. Hy is die inhoud van die evangelieverkondiging.

Terwyl die kerk die diens uitvoer om hieroor te getuig, is dit God wat besluit waar en hoe Hy wonders as tekens sal gee. Wonders word nooit die mag of bedieningsbevoegdheid van dissipels nie. Hulle kan net tot God bid, maar God besluit self hoe, waar en wanneer Hy wonders as tekens dat Hy die Here van die evangelie is, sal gee.

Wonders was voorts nog nooit die Here se manier om mense in sy lyding en sterwe te laat glo nie. Deur die wonders het Hy Homself openbaar as Here en God op presies dieselfde wyse waarop Hy Homself in sy lyding en opstanding as Here en God openbaar het. Dit is nie so dat mense, wat nie in die Here se lyding en opstanding deur die evangelieprediking glo nie, in Hom sal glo as wonderwerke gebeur nie. Wie nie deur die lyding en opstanding van die Here in Hom glo nie, sal ook nie deur wonders in Hom glo nie. Die Here stel dit duidelik aan die Joodse geestelikes:

> Party van die skrifgeleerdes en die Fariseërs sê toe vir Hom: ‘Meneer, ons wil ’n wonderteken van u sien.’[39]Maar Hy antwoord hulle: ‘’n Slegte en afvallige geslag vra ’n teken, en geen teken sal aan hulle gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona. [40]Soos Jona drie dae en drie nagte in die maag van ’n groot vis was, so sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte binne-in die aarde wees.’” (Matt. 12:38-40)

Wonders is nie net tekens van God nie. Christus wys dat die doen van wonders deel is van die misleiding van gelowiges: “Daar sal vals christusse en vals profete na vore kom, en hulle sal groot tekens en wonderwerke doen om, as dit moontlik was, selfs die uitverkorenes te mislei. (Matt. 24:24.) Die Here openbaar Homself reeds in Deuteronomium 13:1-3 op dieselfde wyse:

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> Wanneer 'n profeet of iemand wat drome uitlê by jou kom en vir jou vertel van 'n teken of 'n wonder, [2]en die teken kom uit of die wonder vind plaas soos hy gesê het, en hy dan op grond daarvan vir jou sê: 'Kom ons gaan dien ander gode al het jy hulle nie vroeër geken nie, al het ons hulle nie vroeër gedien nie,'[3]moet jy nie na hom luister nie. Die Here jou God stel jou net op die proef om vas te stel of jy Hom liefhet met hart en siel.

Daarom kan wonders nie 'n bewys wees van wat ons glo nie. Christus se lyding en sterwe is die "teken" wat ons wys wat ons moet glo, met of sonder wondertekens.

Wat is hierdie geloof van die dissipels waarvolgens hulle glo dat God, net soos wat Hy sy goddelike krag deur Christus as mens laat werk het, ook sy goddelike krag deur hulle sal bewerk? Dit is die geloof van vals christusse en die geloof van vals profete. Hulle glo nie in die teenwoordige Here en God, Christus nie, hulle glo dat hulle ook soos Hy bemagtig is om God se wonderkrag en mag te bewerkstellig. Hulle het geglo dat hulle na die Here se dood en in sy afwesigheid die persone sal wees deur wie God se wondermag en krag op aarde sal werk. Voor Christus se opstanding was die dissipels, Johannes en Jakobus, met hul versoek vir mag, die valse christusse. Hulle wou as God se tussengangers op aarde bemagtig word.

**15. Die geloof in tussengangers tussen God en mens is die ongeloof van alle afgodsdienste**

Hierdie ongeloof dat Christus 'n tussenganger tussen God en mens was en dat Hy mense bemagtig het om ook soos Hy tussengangers te wees, word konstant deur die Here en die apostels aan die hand van Jesaja se beskrywing van ongeloof uitgewys: [37]

> Alhoewel Jesus so baie wondertekens voor die mense gedoen het, het hulle tog nie in Hom geglo nie. [38]So moes die woorde van die profeet Jesaja vervul word:"Here, wie het geglo wat ons gehoor het? En aan wie is die mag van die Here geopenbaar?" [39]Waarom hulle nie kon glo nie, sê Jesaja ook elders:[40]"God het hulle oë blind gemaak en hulle verstand laat afstomp sodat hulle nie met hulle oë kan sien en met hulle verstand kan verstaan en hulle bekeer en Ek hulle gesond maak nie."[41]Jesaja het dit gesê omdat hy die heerlikheid van die Here gesien en oor Hom gepraat het. (Joh. 12:37-41)

Die blindheid wat hier aangespreek word, is die blindheid om in afgode te glo in plaas daarvan om in God te glo. Dit is presies die mag van alle afgodsdiens: om God deur goddelike tussengangers van mense te vervreem.

Paulus verwys daarna in Romeine 1:23-25 na aanleiding van die beskrywing wat Jesaja van afgodsdiens gegee het (Jes. 44:18-20):

> In die plek van die heerlikheid van die onverganklike God stel hulle beelde wat lyk soos 'n verganklike mens of soos voëls of diere of slange...[25]Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig."

Die predikant, Augustinus, het na aanleiding van Paulus se beskrywing van afgodsdiens in Romeine 1 die afgodsdiens van die volkere om die Middellandse see só beskryf: in afgodsdiens omring mense God met mense, diere en voorwerpe wat bemagtig is om nader aan God te sou wees as ander mense, diere en voorwerpe. Deur hierdie gewaande nabyheid by God glo hulle dat hulle deel in die eer, die mag en naam van God. Omdat hulle dit met

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

God sou deel, glo hulle dat hulle dan God se naam, wil en krag op aarde, by die mense verteenwoordig en bemiddel wat nie bemagtig is om naby God te wees nie. Op hierdie wyse word alles wat God is en doen oorgedra aan hierdie bemiddelaars van God. In hierdie oordra van God se teenwoordigheid, wil en krag op mense wat een met Hom is in sy Godheid, bly daar van God self niks meer as net 'n leë naam oor nie. Op hierdie wyse kry hierdie bemiddelaars deel aan die verering wat God toekom, terwyl daar vir God self altyd net 'n dooie gevoel oor is.

Dit is die wêreld van afgodsdiens. Sekere diere verteenwoordig God se krag en bemiddel God se krag. Sekere plante en bome is vervul met God se krag en stel dit vry. Sekere mense is deel van en só vervul met God dat mense God se teenwoordigheid in hulle beleef, God se Wil in hulle vind en God se Krag deur hulle belewe. In hierdie wêreld waar alles en almal bemagtig is om God te verteenwoordig en mee te deel, is God net 'n leë magsimbool. Sy werklike en effektiewe magte word deur sy verteenwoordigers uitgedra en uitgeleef.
Die Here stel dit aan die Jode dat hul geloof en aanbidding afgodsdiens is:

> Hulle sê toe vir Hom: "Ons is nie uit owerspel gebore nie. Ons het net die een Vader, naamlik God."[42]Maar Jesus sê vir hulle: "As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het van God af gekom, en hier is Ek nou. Ek het immers ook nie uit my eie gekom nie, maar Hý het My gestuur. "[43]Waarom begryp julle nie wat Ek sê nie? Omdat julle my boodskap nie kán verstaan nie! [44]Julle is kinders van die duiwel; hy is julle vader, en julle wil doen wat julle vader wil hê julle moet doen. Hy was van die begin af 'n moordenaar. En hy staan nie aan die kant van die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy leuentaal praat, is dit volgens sy aard, want hy is 'n leuenaar en die vader van die leuen. (Joh. 8:42-44).

Hierdie onbegrip om die Here se boodskap te kan verstaan, is dat die Jode nie die waarheid, dat God self mens word, en self die sondelose en regverdige mens is, wil aanvaar nie. Hulle kan en wil nie só 'n Christus erken nie. Die Christus wat hulle erken, is die een wat hulle as regverdige en goeie mense moet kom bemagtig met die krag en regering van God in Jerusalem.

Hoe kan die Jode, wat nie soos die Grieke, Romeine, Perse en Egiptenare beelde van God gemaak het nie en nie baie gode nie, maar net een God aanbid het, se godsdiens uitgewys word as afgodsdiens? Jakobus stel dit só: "[19]Glo jy dat daar net een God is? Dit is reg. Die bose geeste glo dit ook - en hulle sidder van angs. (Jak. 2:19)

Afgodsdiens gaan nie oor die maak van uiterlike voorwerpe wat God genoem word nie. Dit is net een van die werkwyses van afgodsdiens. Godsdiens gaan ook nie oor die geloof dat daar net één God en nie vele is nie. Die duiwels glo dit ook. Afgodsdiens gaan oor tussengangers en verteenwoordigers wat God se persoon, krag en wil as hul eie ervaar en hulself bemagtig sien om God aan ander mense mee te deel.

Hoe het die Jode dit gedoen? Hulle het die Tien Gebooie as die magsmiddel gebruik waarmee hulle hulself bemagtig het om nader aan God as ander mense te wees. Hulle het liefde vir

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

God, gehoorsaamheid aan God, toewyding aan God, aanbidding en verering van God volgens die Tien Gebooie as die magsmiddele gesien om hulle in die Persoon, Wil en Krag van God self te laat deel. Hierdie nabyheid, wat hulle as die ware toegewydes met God beleef het, moes hulle met die teenwoordigheid en krag van God teenoor wettelose en sedelose mense bemagtig het.

Om te glo dat ’n krokodil God se krag beliggaam, om te glo dat beelde van God, God teenwoordig stel, om te glo dat die krag van God deur velle en bene van dooie diere vrygestel word, of om te glo dat jy jouself deur die wet van God kan bemagtig om in die Krag, Lewe en Teenwoordigheid van God te deel, is alles wisselvorme van dieselfde saak - afgodsdiens.

Daarom was die Jode se wettiese godsdiens niks anders as die beeldediens van die Grieke, Romeine en Egiptenare nie. Dit is die diepte van die kritiek op die Joodse geestelikheid wat Paulus in die brief aan die Romeine lewer: hulle is in hul strewe na wetsgehoorsaamheid, die doen van die “werke” van die wet, net so besig met afgodsdiens soos al die ander variasies van afgodsdiens in die bekende wêreld van sy tyd.

Nadat Paulus die inhoud en werking van die afgodsdiens van die beeldediens van die nasies in Romeine 1:18-32 uitgewys het en in Romeine 2: 1- 8 gewys het dat die Jode ook nie die wet van God gehoorsaam as diens en toewyding teenoor God nie, maak hy die volgende verklaring:

> Waarop kom dit neer? Is ons as Jode dan beter as die ander? Glad nie, want ons het al bewys dat Jode en nie-Jode almal in die mag van die sonde is. [10]Daar staan immers geskrywe:“Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie. [11]Daar is nie een wat verstandig is nie; daar is nie een wat na die wil van God vra nie. [12]“Almal het afgedwaal, almal het ontaard. Daar is nie een wat goed doen nie, selfs nie een nie. (Rom. 3:9-11)

Die Jode het met die Tien Gebooie en gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie presies dieselfde gedoen as wat die ander nasies met beeldediens en towerformules gedoen het. Hulle het nie God gedien nie. Hulle het deur gehoorsaamheid aan die wet van God hulself bemagtig om een met God in sy persoon, wil en krag te wees, om God se tussengangers te wees.

Dit is die mag wat hulle uitgeoefen het deur op straathoeke te bid: hulle het nie God vereer nie, maar hul nabyheid aan God gedemonstreer. (Matt.6:5) Dit is die goddelose mag waarin die dissipels ook verstrik gespartel het terwyl die Here aan hulle geopenbaar het dat Hy die Middelaar - God en mens - is.

**16. ’n Definisie van afgodsdiens: afgodsdiens is identifikasie met God**

In moderne taal kan ons afgodsdiens soos volg beskryf: in afgodsdiens leef mense hulle so in God se persoon, wil en krag in, dat hulle hulself een ervaar met die persoon, wil en krag van God. Met hierdie belewenis bemagtig hulle hulself om hul eie persoon, wil en krag uit te leef as die persoon, wil en krag van God in hulle. In hierdie identiteit met God ervaar mense

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

hulself as bemiddelaars van die persoon, wil en krag van God vir ander mense, die gemeenskap en die natuur.

Dit is die verskil tussen Christus as Middelaar en tussengangers tussen God en mense. As Middelaar is Christus God wat mens geword het. Hy is self die Here en God teenwoordig. Tussengangers is nie gewone mense nie en hulle is self ook nie God nie. Hulle is spiritueel. Hulle glo hierdie geestelike eenheid met God bemagtig hulle om alles wat hulle van God in hulleself spiritueel een mee is, hulle aan ander mense, wat nie so spiritueel is nie, kan meedeel. Tussengangers is mense wat 'n brug tussen God en mense wil wees. Hulle ervaar 'n geestelike eenheid met God in hulleself waardeur hulle deel kry in dit wat God self is.

Hierdie gewaande ervaring van identiteit met God maak van hulle tussengangers: hulle wil hierdie identiteitservaring met God uitdra in die geloof dat dit vir ander mense dit moontlik maak om deur hul (die tussengangers se) godservaring een te word met God se persoon, wil en krag. Hulle glo hul godservaring maak 'n ver en ontoeganklike God ervaarbaar vir ander mense.

Hulle glo dat jy
in hul liefde God se eie liefde ervaar;
in hul barmhartigheid jy God se eie barmhartigheid ervaar;
in hul innigheid jy die teenwoordigheid van God ervaar, maar dat jy in hul afkeur en woede die veroordeling en verwerping van God self ervaar;
in hul visies en missies jy God se raadsplan vir jou lewe ontdek;
in hul oordeel oor wie en wat jy is, jy God se bedoeling met jou vind;
in hul besluite oor jou jy die beheer van God oor jou lewe ervaar en
in hul wil oor hoe jy moet optree, jy die wil van God ontdek.

Afgodsdiens gaan oor mense wat hulself so een met God beleef dat hulle ervaar dat God deur hulle as God teenwoordig is, sy goddelike wil laat geld en sy goddelike krag op aarde uitoefen vir en tussen ander mense.

Godsdiens gaan oor presies die teenoorgestelde as identifikasie met God, sy wil, sy persoon en krag.

Net Christus is God wat mens is om sy beloftes as God aan ons te bemiddel. Hierdie beloftes is om ons as mense onskuldig en regverdig in diens van God te stel. Hierdie beloftes van diensbaarheid gaan nie daaroor om God se natuur met Hom te deel nie. God se beloftes maak ons menslik: dit maak ons mense wat leef met 'n liefde om vir God en ons naaste mens te wees volgens sy wet. Dit maak ons nie goddelik nie.

Tussengangers is lynreg die teenoorgestelde van wat Christus as Middelaar is. Christus het nooit God se godheid vir mense bemiddel nie. Hy het nie God se godheid aan mense kom

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

meedeel nie. Christus het nie die ervaring om een te wees met God in sy Persoon, Wil en Krag vir ons kom ontsluit nie.

Christus het nooit ’n spiritualiteit ervaar waarin sy menswees en Godheid identies is nie: dit is en bly altyd onvermeng en onveranderd, binne die onverdeeldheid en ongeskeidenheid van sy menswees en Godwees. Christus het nie sy menswees as goddelik ervaar nie en het ook nie sy Godheid as menslik beleef nie.

Christus het die beloftes van God, dat ons sy dienaars sal wees, kom bemiddel. Hy is Middelaar van die beloftes van God. Nie die bemiddelaar van God se Goddelikheid nie. Christus as Persoon bemiddel die beloftes van God deur self mens te wees in sondaarmense se plek. Hy is en bly altyd hierdie Persoon. Daarom is en bly Hy altyd werklik God en werklik mens, vandag, elke dag.

Tussengangers bemiddel nie die beloftes van God om vir ons God te wees en om van ons dienende mense te maak nie. Tussengangers bemiddel God self. Hulle bemiddel sy Persoon, Wil en Krag as God. Hulle leef in die waan dat hulle God se Goddelikheid toeganklik maak vir mense om as hul eie goddelikheid te ervaar. Tussengangers is bemiddelaars van hul eie mag.

Daarom is Christus nie die persoon in wie God menslik geword het of die mens wat goddelik geword het nie. Christus het nie die godservaring om in jouself die identiteit van jou menslike gees met God se Godheid tot stand te bring nie. Christus was nie die eerste spirituele mens wat spiritualiteit vir ander kom ontsluit het nie.

Sy spiritualiteit kan nie voorgehou word asof dit die middel is waardeur God se beloftes waar gemaak word nie. Hy as Persoon vervul die beloftes van God omdat Hy as Persoon mens en God is. Dit is nie sy spiritualiteit wat die beloftes van God vervul nie.

Tussengangers wil godservarings beleef en uitleef. Die wyse waarop tussengangers God bemiddel, is deur hul eie spiritualiteit. Omdat hulle hulself een met God ervaar, glo hulle dat ander mense ook in en deur hul godservaring die eenheid met die Persoon, die Wil en met die Krag van God kan beleef. Hulle verwag dat ander mense hulle só moet beleef – mense wat hulle in die godservaring inlei en laat ervaar.

Daarom is afgodsdiens nie die bediening van die evangelie nie. Evangeliebediening is die getuienis oor Christus, oor wie Christus as Persoon is. Dit is nie die voorleef of inleef van ’n persoonlikheid nie.

In afgodsdiens word spiritualiteit voorgeleef. Dit is die bediening van spiritualiteite: mense deel hul godservaring, hul identiteit met God in hulle met ander mense. In hierdie spiritualiteite is God die God van afgodsdiens. In hierdie spiritualiteite maak mense God teenwoordig, werkend, aktief en geldend deur hul geestelikheid. Die persoon van God (sy

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Liefde, Goedheid, Barmhartigheid, Genade); sy wil as raadsplan, wysheid en leiding en sy krag as sorg en redding, word in hierdie identifikasie met God ervaar in die intimiteit van die eenheid van tussengangers se spiritualiteit. Hulle bemiddel God.

Die teenwoordigheid van God moet in hierdie geestelike mense ervaar en beleef word. Hulle het God in hulle en verteenwoordig God op aarde vir ander mense wat nie so geestelik of spiritueel soos hulle is nie.

Wat is die effek van hierdie identifikasie met God? Van God as God bly daar in hierdie identifikasie net ’n leë naam as magsimbool oor. Hy self word as ver, vreemd en verwyderd beleef, omdat Hy nie self sy eie liefde, barmhartigheid, genade en goedheid by mense is nie, nie self meer direk sy Wil as God laat geld nie, nie self meer in sy wysheid sy eie raad uitvoer nie, nie self as God meer deur sy eie krag sorgsaam en reddend werksaam is nie, maar alles wat Hy is, uitleef en uitvoer deur mense wat sy persoon beset en verteenwoordig.

**17. Die inhoud van “godservarings”: Goddelike mense en die menslike God**
Tussengangers, verteenwoordigers van God, beliggaam die tussenwêreld van goddelike mense en die menslike God. Dit is die inhoud van die woorde “ervaar”, “beleef” en “spiritualiteit” in die moderne Christelikheid.

Hierdie “ervaring” of “belewenis” van God is afgodsdiens. Afgodsdiens is godsdienstige goddeloosheid. Dit is die ongeloof van goddeloses dat God se Godwees Hom van mense vervreem. Sy alomteenwoordigheid, ewigheid, onsigbaarheid, alwetendheid, onveranderlikheid, oneindigheid, volkome wysheid, goedheid en Hy as oorsprong van alles wat goed is, bedreig en vervreem ongelowiges van God. Hulle soek ’n God wat minder God en meer menslik is.

Dit is dieselfde ongeloof waarin goddelose mense hul menslikheid as beperk, tydelik, veranderlik, afhanklik en op-God-in-alles-aangewese as onmenslikheid ervaar. Hierdie afhanklike menswees teenoor God is vir hulle vernederend en krenkend. Hulle leef in ’n versugting om bo hul afhanklike menslikheid uit te styg en meer as net mens te wees.

Tussengangers is die mense wat hierdie soeke van goddelose mense na ’n menslike God en goddelike mense vervul het. Hulle bereik hierdie vervulling om minder menslik te wees deur hulself een met God te ervaar op so ’n wyse dat hulle voel dat God sy Godheid met hulle deel. Hul geestelikheid is die vervulling van God wat menslik word en mense wat goddelik word.

Spiritualiteit of geestelikheid is presies die teendeel van wie Christus is. Christus is God wat mens is. Christus is nie God sodat God meer menslik moet wees nie. Christus is mens om die sondelose en regverdige mens te wees wat mense nie wil wees nie. Christus is mens om sondige mense wat goddelik wil wees, weer menslik te laat wees.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

In die ervaring van spiritualiteite of geestelikhede maak mense van Christus presies die teenoorgestelde van wat Hy is. In hierdie geestelikheid is Christus die eerste tussenganger sodat ander mense ook tussengangers soos Hy kan word en ook soos Christus God by mense kan verteenwoordig.

In hierdie moderne Christelikheid is Christus die een wat die ryk van tussengangers op aarde gevestig het sodat mense deur Hom bemagtig is om, soos Hy, God by mense te kan verteenwoordig.

Die woede en haat van die Fariseërs en Sadduseërs is die opstand van tussengangers teen die Middelaar van die beloftes wat God self is!

Vir mense wat God by ander mense wil verteenwoordig, mag God nie vandag mens wees nie. As God vandag self mens is, sal die hele wêreld van tussengangers vernietig word. Dit sal alle ander mense as tussengangers en verteenwoordigers van God, tussen God en mense uitskakel. In hul versugting om God te verteenwoordig, moet God Homself meedeel in en deur die ervarings van mense wat saam met Hom sy Godheid ervaar sodat hulle God sal verteenwoordig.

**18. Bekering as die magsmiddel om tussenganger en verteenwoordiger van God te word**

Die middel wat mense in die moderne Christelike kerk gebruik om die godheid van God saam met Hom te belewe, is die verkondiging van 'n nuwe soort bekering. Hierdie nuwe soort bekering staan gewoonlik bekend as die "eerste bekering".

Hierdie "eerste bekering" is in die moderne Christelikheid die maatstaf vir ware spiritualiteit. Die "eerste bekering" is die maatstaf of jy wedergebore sou wees of nie. Voor jy nie hierdie "eerste bekering" beleef het nie, is jy nie wedergebore nie. Hierdie "eerste bekering" kwalifiseer ook die egtheid van geloof in Christus. Al glo jy in Jesus Christus en al leef jy die Christelike lewe, word dit van geen waarde geag nie. Geloof kan eers werklike betekenis kry deur die ervaring van hierdie sogenaamde "eerste bekering".

Alle geloof, berou, ootmoed, wegkeer van sonde, gebed en liefde is volgens hierdie geestelikheid eintlik net oppervlakkige en waardelose godsdiens. In dit alles ontbreek dit wat wedergeboorte aan jou gee. Wedergeboorte is volgens die moderne Christelikheid die ervaring om deel te kry aan God se eie natuur en sy eie natuur as jou eie te beleef.

Die Bybelvers waarop hulle hulself beroep vir hierdie ervaring van God se godheid, is 2 Petrus 1:3,4:

> Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het deur sy heerlikheid en mag. 4Deur dit te doen, het Hy ons die kosbaarste en allergrootste gawes geskenk wat Hy belowe het. Daardeur kan julle die verderf ontvlug wat deur begeerlikheid in die wêreld werksaam is, en deel kry aan die Goddelike natuur.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Waar word hierdie bekerings, waardeur 'n mens deel kry aan die goddelike natuur, gevind? Diegene wat daaraan glo vind dit in die Bybel. Die manier waarop hulle dit in die Bybel vind, is deur van mense in die Bybel rolmodelle van hierdie sogenaamde "eerste bekering" te maak. Met hierdie rolmodelle van die "eerste bekering" verdring en vervang hulle die Bybel se getuienis oor wie Christus as Middelaar is.

Een van die bekendste voorbeelde in hierdie verband is die sogenaamde bekering van Petrus. Die totale teenstrydigheid van hierdie inlees van "eerste bekerings" in die Bybel in, kom na vore in hierdie voorbeeld waarin Petrus se verloëning van Christus as Middelaar voorgehou word asof dit Petrus se "eerste bekering" sou wees.

Die opbou van Petrus as 'n rolmodel van die "eerste bekering" verloop dan só: Petrus het in die Here geglo, net soos alle gelowiges in die Here glo. Petrus was 'n gelowige net soos al die gelowiges vandag. Maar Petrus was nog nie werklik bekeerd gewees nie.

Die groot probleem in Petrus se lewe was sy eie ek. Hy wou nog self in beheer wees van sy eie lewe. Hy het nog self op die troon van sy eie lewe gesit.

Dit is hoekom Petrus, aldus dié siening, altyd so voortvarend was. Hy was altyd eerste om te antwoord en om voor te loop om die Here te dien. Hy was die eerste dissipel wat sy geloof in die Here bely het. Hy was die een wat die voorstel gemaak het om vir die Here, Elia en Moses hutte te bou. Sy eie ek en beheer van sy eie lewe het hom ywerig gemaak vir God, maar dit was juis sy sonde – hy wou sélf. Hy wou homself belangrik laat wees, hy wou homself laat geld, hy wou sy eie wil uitleef en hy wou alles uit eie krag doen.

Dit is hoekom hy dan die Here sou verloën het. In plaas daarvan dat hy na die Here geluister het toe die Here sê dat hy Hom gaan verloën, dat hy sy sonde raakgesien het dat hy self in beheer van sy lewe wil wees en nog die lewe van die eie ek wil leef, het hy op sy eie ek vertrou. Daarom verloën hy die Here terwyl die Here verneder en beledig word – drie keer. Hy wou nog die lewe van die eie ek leef.

Maar toe kom daar, volgens hierdie siening, die groot ommekeer in Petrus se lewe. Die Here draai om en kyk vir hom terwyl die haan die derde keer kraai. In hierdie beskuldigende kyk van die Here ontdek Petrus die sonde van sy eie ek. En wat gebeur? Petrus kom tot bekering! Hy gaan uit en huil bitterlik oor die sonde van sy eie ek, die sonde om self in beheer van sy lewe te wees, die sonde om self op die troon van sy eie hart te sit.

Volgens hierdie siening is dit waar die wonder van wedergeboorte in Petrus se lewe gebeur. Hier waar hy huil en niks is voor die Here, hier waar hy in ware berou staan oor sy eie ek lewe, hier waar hy weet dat hy niks is nie, hier waar hy weet dat hy altyd self wou lewe en self wou doen, hier waar hy huil en opgee op die lewe van die eie ek en gebroke niks voor God word nie – hier vind die ware wedergeboorte plaas. Hier waar hy vernederd self niks is nie, kan God in sy lewe kom. Voor Petrus nie niks wou wees nie, nie sy eie lewe wou leef

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

nie, nie sy eie ek meer op die troon van sy lewe wou hê nie, kon God nie in sy lewe inkom en op die troon van sy lewe sit nie. Hy was te vol van homself. Daarom was daar nie vir God plek nie.

Volgens hierdie siening moes Petrus die ware geheim van bekering en wedergeboorte ontdek. Eers as jy jouself as niks werd ag, jouself niks laat wees nie, niks meer met jou eie lewe wil doen en niks meer vir jouself wil besluit nie, dan kan God in jou lewe inkom.

Voor God nie in jou lewe ingekom het en op die troon van jou lewe gaan sit het nie, voor God nie die plek van die eie ek in jou lewe ingeneem het nie, is jy nie wedergebore nie en het jy nog nie tot bekering gekom nie, al glo jy in die Here, net soos Petrus ook in die Here geglo het.

Eers toe Petrus tot hierdie eerste bekering gekom het, kon die Here hom as getuie gebruik. Eers toe kon hy die ware Christelike lewe leef.

Dit is hoe Petrus die groot rolmodel van die eerste bekering, waardeur 'n mens wedergebore sou word, gemaak word.

Volgens hierdie sienswyse is die inhoud van die eerste bekering dus die volgende: jy moet erken dat jou eie ek die sonde in jou lewe is; jy moet erken dat die behoefte om self in beheer van jou eie lewe te wees dít is wat skeiding tussen jou en God veroorsaak en jy moet erken dat jy nie God kan ervaar en beleef as God in jou lewe nie, omdat jy jou eie lewe wil leef. Na hierdie erkenning moet jy jou self, jou eie ek, jou eie lewe, haat, minag, veroordeel, verneder, verkleineer en verwerp. Dit is volgens hierdie siening ware berou. Hierdie proses van selfvernietiging is dan die Bybelse selfverloëning. Dit is die manier waarop jy vir God plek maak om in jou te kom leef.

Op jou bekering antwoord God met die wedergeboorte. Deur hierdie selfontkenning maak jy dit vir God moontlik om in jou lewe in te kom, die beheer van jou lewe oor te neem, sy lewe deur jou te leef en die plek van jou eie ek in jou lewe in te neem. Hierdie daad van God, om jou persoon, wil, krag en lewe oor te neem, is volgens hierdie siening die Bybelse ervaring van wedergeboorte.

Aanhangers van hierdie siening noem hierdie "eerste bekering" en wedergeboorte ook die "aanneem van God". Om dit te staaf, word net 'n gedeelte van Joh. 1:12 gebruik: "Maar aan almal wat Hom aangeneem het, ... het Hy die reg gegee om kinders van God te word." "Aanneem van God" beteken dat jy God se persoon, se Wil, se Krag en se Lewe aanvaar as jou eie omdat God in jou lewe ingekom het. Die inkoms van God in jou lewe, die wedergeboorte, maak dat jy God kan aanneem. Die aanneming van God is die positiewe stap wat jy moet neem terwyl jy jouself haat, ontken en verwerp.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hierdie twee prosesse, een van selfontkenning en die ander die aanneem van God, kom byeen in die beslissende oomblik waar jy as mens God in jou lewe innooi. Openbaring 3:19 en 20 word dan as gesag aangevoer "Ek bestraf en tug elkeen wat Ek liefhet. Laat dit dan vir julle erns wees en bekeer julle. [20]Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My."

Die innooi van God beteken dat jy jou selfontkenning vir God verklaar en jouself bereid verklaar om God aan te neem. Op hierdie uitnodiging: "Jesus kom in my lewe in, ek gee die beheer van my lewe aan U, ek wil nie meer my eie lewe self leef nie, ek wil nie meer 'n eie ek hê nie", reageer God en kom as God met sy lewe en beheer in jou in en neem jou persoon, wil, denke, krag en lewe oor. Omdat God dan in jou is en jy nie meer jouself is nie, leef God sy Persoon, Wil, Krag en Lewe deur jou uit en jy aanvaar dat jy moet glo dat dit God is wat dit in jou doen.

Jou verklaring van selfontkenning en jou verklaring van bereidheid om God aan te neem, is die verklaring wat God in jou laat inkom en jou oorneem. Daarom is bekering en wedergeboorte volgens hierdie siening die twee kante van dieselfde saak. Bekering is die nietigverklaring van jouself en wedergeboorte is die daad van God wat in jou inkom en jou oorneem.

Die inhoud van die openbaring van Christus as Middelaar in die Skrif is presies die teenoorgestelde van die inhoud van hierdie sogenaamde "eerste bekering" en wedergeboorte van Petrus. Die Skrif openbaar Christus as Persoon, nie die spiritualiteit van die dissipels nie.

In Matteus 26:31-34 verduidelik die Here die betekenis van Petrus se verloëning soos volg:

> Toe sê Jesus vir hulle: "Julle almal sal My vannag nog in die steek laat. Daar staan immers geskrywe:'Ek sal die herder doodmaak,en die skape van sy kudde sal uitmekaar gejaag word.' [32]Maar nadat Ek uit die dood opgewek is, sal Ek julle vooruitgaan na Galilea toe."[33]Daarop het Petrus vir Hom gesê: "Al sal hulle U ook almal in die steek laat, ék sal U nooit in die steek laat nie."[34]Toe sê Jesus vir hom: "Dit verseker Ek jou: Vannag nog, voordat die haan kraai, sal jy My drie maal verloën."[35]Petrus sê vir Hom: "Al moet ek saam met U sterwe, ek sal U beslis nie verloën nie!"Al die ander dissipels het ook so gesê."

Die Here kondig aan dat elke dissipel Hom in die steek gaan laat, nie net Petrus nie. Die wyse waarop hulle dit gaan doen, lê daarin dat hulle Hom as die beloofde Messias, die Christus gaan verwerp. Hulle gaan in Hom en deur dit wat Hy doen, teleurgesteld staan. Hulle sal nie meer in Hom as die Christus wíl glo nie. Die verloëning van Petrus is nie 'n erger manier om die Here in die steek te laat as die vrees en wanhoop waarin die ander dissipels van die Here af weggevlug het nie.

Die Here verwyt of beskuldig nie die dissipels vir die feit dat hulle Hom in die steek gaan laat nie. Hulle kon nie anders as om in hul ongeloof in die Here uitmekaar te spat nie. Christus

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

stel dit dat dit die raadsplan van God die Vader is wat maak dat sy dissipels Hom sal verlaat. Hulle sal nie anders kan as om Christus te verlaat nie. God die Vader gaan sy eie Seun doodmaak en almal wat Hom volg, gaan God die Vader self van Hom af verdryf.

Die raadsplan van die Vader gaan oor die wyse waarop Christus moet ly. Hy gaan die lyding en oordeel van die wêreld se sonde alleen dra. Niemand gaan dit saam met Christus dra of Christus ondersteun in sy lyding nie. Niemand sal in Hom glo nie. In hierdie lyding sal Hy alleen wees – van God en mens verlaat. (Matt. 27:48)

Christus het geen verwyt teenoor sy dissipels nie. Hy kondig net aan dat Hy weer na hulle sal kom na Hy uit die dood opgestaan het. Christus wil en kan nie sy dissipels verwyt nie. Dit was teen die bedoeling van die Here se lyding dat enige dissipel in Hom sal glo en Hom sal bystaan as Here. Dit was teen God se besluit, wil en raad dat hulle Christus sou bystaan in die geloof dat Hy vir hul sondes sterwe.

Petrus was ook nie die enigste dissipel wat verklaar het dat hy nie die Here sal verloën nie. Al die ander dissipels het presies dieselfde gedoen. Hul versaking van die Here in vrees en wanhoop, was ook verloëning van die Here. Al verskil is dat Petrus sy ongeloof in Christus drie keer in die openbaar sou verklaar.

Wat is die inhoud van die verloëning van die Here? Dit was niks nuuts nie. Dit was waarmee hulle nog die hele tyd besig was. Hulle kondig baie seker aan dat hulle vir Christus en saam met Hom sal sterf. Hul verloëning was nie dat hulle vreesagtig of te lafhartig was om saam met die Here te sterf nie. Toe die Here gevange geneem is, het Petrus die swaard getrek en almal sou saam met Hom geveg en gesterf het. Dit was wat hulle onderneem het om te doen om "sy beker" saam met hom te drink.

Hul probleem was Christus. Dit was nie hul tekort aan moed en dapperheid nie. Toe hulle vir Hom wou veg en sterf, het Hy hulle gekeer en Homself aan die mag van die vervolgers oorgegee:

> Een van dié wat saam met Jesus was, gryp toe sy swaard en trek dit uit. Hy slaan na die slaaf van die hoëpriester en kap sy oor af. 52Toe sê Jesus vir hom: "Sit jou swaard terug in sy plek, want almal wat na die swaard gryp, sal deur die swaard omkom. 53Of dink jy Ek kan nie my Vader om hulp vra nie? Hy sal dadelik vir My meer as twaalf legioene engele beskikbaar stel. 54Maar hoe sal die Skrif dan vervul word wat sê hoe die dinge moet gebeur?" (Matt.26: 51-54)

Wat Christus hier doen, breek hul geloof in Hom. Voor en terwyl hulle vir Hom en sy koningskap wil veg, gee Hy Homself oor aan die mag van die Sanhedrin. Verder verklaar Hy dat Hy nie sy posisie by God gaan gebruik om die mag van die Sanhedrin teen te gaan en sy nuwe koninkryk op te rig nie. Die dissipels was nie onbewus van wat die Here hier doen nie. Dit is presies waarteen Petrus Hom gewaarsku het:

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> Van toe af het Jesus dit vir sy dissipels duidelik begin stel dat Hy Jerusalem toe moet gaan en baie moet ly onder die familiehoofde, die priesterhoofde en die skrifgeleerdes, en dat Hy doodgemaak moet word, en die derde dag uit die dood opgewek moet word.[22]Petrus het Hom toe opsy geneem en Hom begin berispe: “Mag God dit verhoed, Here! Dit sal beslis nie met U gebeur nie.”[23]Maar Jesus het na Petrus toe gedraai en vir hom gesê: “Moenie in my pad staan nie, Satan! Jy is vir My ’n struikelblok, want jy dink nie aan wat God wil hê nie, maar aan wat die mense wil hê.”. (Matt.16:21-23)

Dit waarteen Petrus die Here gewaarsku het, en volgens hom die dwase idee van Christus om te wil ly, sterf en uit die dood uit op te staan, en wat die dissipels almal saam ongelukkig gemaak het (Matt.17:22,23), voer die Here nou teen alle geloof en verwagting van sy dissipels uit. Daarmee vernietig die Here al hul verwagtinge dat Hy as die groot tussenganger sy mag in Jerusalem gaan vestig en hulle sy opvolgers gaan maak.

Die dissipels het eers besluit om Hom in die steek te laat en weg te hardloop nadat die Here hulle gekeer het om vir Hom te veg en Hy Homself vrywillig aan die mag van die Sanhedrin oorgegee het met die verklaring dat dit is wat God laat gebeur: “Maar dit alles het gebeur sodat die geskrifte van die profete vervul kan word.” Toe het al sy dissipels Hom in die steek gelaat en weggehardloop.” (Matt.26:56)

Hoekom verloën Petrus vir Christus in die openbaar? Dit is nie maar ’n gebrek aan durf en waagmoed nie. Hy het sy geloof in Christus verloor. Alles wat hy geglo het Christus as die groot tussenganger moet wees, het Christus self vernietig deur sy oorgawe aan die Sanhedrin. Die Man wat die tempel gereinig het en die massa agter Hom gehad het, het al sy kanse om die mag in Jerusalem te vestig, self verspeel. Vir Christus as die groot tussenganger sou hy sy lewe afgelê het. Vir hierdie Christus wat Homself oorlewer, sal hy niks doen nie.

Hoekom huil Petrus? Dit is nie die rou van ’n bekeerde mens nie. Dit is die rou van ’n man wat sy geloof verloor het en van wie al sy verwagtinge in Christus vernietig is.

En die kyk van die Here? “[61]Die Here het omgedraai en Petrus aangekyk. Toe val dit Petrus by wat die Here vir hom gesê het: ‘Voordat die haan vannag kraai, sal jy My drie maal verloën.’ [62]En Petrus het buitentoe gegaan en bitterlik gehuil. (Luk.22:61) Hierdie is geen verwyt en beskuldiging nie. Dit is net die bevestiging dat Petrus nou deur God verdryf word terwyl Hy Christus alleen laat ly. Dit kan net die bevestiging wees dat Petrus vir Hom in Galilea moet wag soos wat Hy gesê het.

Hoekom? Want sou Petrus tot bekering gekom het, het Hy teen God se raad in geglo in die sterwe en opstanding van die Here. Dit sou van Petrus iemand gemaak het wat deur sy geloof die Here in sy lyding sou ondersteun en moed gegee het. Dit sou van Petrus ’n deelgenoot van die lyding en sterwe van die Here gemaak het. Daarom is Petrus deur God in gebrokenheid van sy Seun vervreem. Petrus se gebrokenheid wys op God se raad met Christus se lyding: Hy dra alleen, van God en mens verlate, die toorn van God.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit is soos met ’n seuntjie wat saam met sy pa werk toe wil gaan. Sy pa sê vir hom hy kan nie. Dit is te gevaarlik. Hy moet by die huis wag totdat hy van die werk af terugkom. As die pa dan wegry, huil die seuntjie omdat hy nie kan saamgaan nie. Hy wil nie by die huis bly en die seuntjie wees nie. Hy wil groot wees en ook saamgaan werk toe. Dit is geen gehuil om ’n gehoorsame kind te wil wees nie. As ’n pa só ’n seun agterna kyk, is dit die vertroosting: “Ek gaan alleen werk toe. Maar ek kom nou-nou weer. Wag tot ek klaar gewerk het”.

Om van Petrus se berou ’n “eerste bekering” te maak, verwring en verdring die hele inhoud en bedoeling van die verlossingswerk van die Here. Daar is nie só ’n bekering in die Bybel nie.

**19. Die “eerste bekering” maak Christus die eerste tussenganger tussen God en mens**
Wie is Christus in hierdie sogenaamde “eerste bekering” van Petrus? Hy is nou nie meer Middelaar nie, maar die eerste tussenganger. Hy is die eerste mens wat deel gekry het aan die goddelike natuur. Hy was die eerste mens in en deur wie God op aarde geleef het. Maar Hy is nie die enigste een in wie dit gebeur het nie. Hy het hierdie godservaring vir al die tussengangers ná Hom moontlik gemaak. Deur sy lyding en sterwe het Hy mense gewys hoe om deel te word van die goddelike natuur net soos Hy daaraan deel gekry het.

Christus se weg om as God mens te word, is nou die weg vir enige mens om ’n tussenganger te word. Christus word die eerste tussenganger deur Homself as God eers te verneder om ’n mens te word. Daarna verneder Hy Homself nog verder deur sy eie ek af te sterf, sy eie lewe af te lê en die beheer van sy lewe aan God tot in die dood toe prys te gee sodat Hy as mens niks is nie. Omdat Hy sy menswees só afgelê het, het God Hom dan verheerlik as die eerste tussenganger deur sy gees as mens te laat opstaan om een met God se Gees te word.

Dit is wie Christus as tussenganger vandag sou wees: ’n goddelike gees. In sy opstanding het sy gees as mens en God se Gees een Gees geword. Dit is die betekenis van die opstanding van Christus as die eerste tussenganger vir ander mense: om die nuwe lewe waarin God se Gees en die mens se gees een Gees word, ’n werklikheid te maak.

Op hierdie wyse is Christus as tussenganger se menswording as God, die nuwe geestelike rolmodel vir ander tussengangers. Mense kan deel word van hierdie nuwe eenheid met God as hulle net soos Christus ook hul eie ek deur selfhaat, selfminagting, selfverwerping en selfontkenning doodmaak. As hulle dit doen wat Christus eerste gedoen het om vir hulle te wys wat hulle self ook moet doen, kan hulle God in hul lewe innooi, dan sal God die plek van hul eie ek en eie beheer in hul lewe inneem. God sal in hulle opstaan net soos Hy in Christus opgestaan het.

Dit is die eintlike betekenis van die “eerste bekering”. Dit is die eerste bekering waarin mense deel kry aan die ervaring om ook tussenganger tussen God en mens te wees. Dit is ’n inkeer in God in waarvolgens die mens nie meer net mens in homself is nie en God nie meer net in Homself God is nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**20. “In die wonderlike Naam van Jesus”: om God se menswording in jouself te beleef**
In hierdie moderne Christelikheid word Christus as Middelaar net ’n leë naam. Hy is nie meer die teenwoordige Persoon wat vandag self mens en God is nie. In die moderne Christelikheid is die uitdrukking, “die wonderlike Naam van Jesus”, ’n vaste uitdrukking wat die nuwe betekenis van Christus as die grondlegger van afgodsdiens saamvat.

Wat gebeur deur hierdie “wonderlike Naam van Jesus”?

In Christus word mense nou deel van die spiritualiteit van Jesus. Sy spiritualiteit is dat God in Hom as mens was. Christus was die eerste mens waarin God en die mens in een goddelike natuur gedeel het, maar nie die enigste nie. Hy was net die eerste tussenganger vir almal wat ook soos Hy goddelikheid moet ervaar en beleef.

Christus was die eerste mens in wie dit ’n werklikheid geword het dat God se gees en die mens se gees een geword het. Hierdie eenwording van God en mens in gees is vir die sogenaamde wedergebore Christene die konstituering van die ervaring van die goddelike gees wat die Here nou vir elke mens moontlik gemaak het om aan deel te hê.

Dit is die nuwe betekenis wat aan wedergeboorte gegee word. Wedergeboorte is volgens hierdie siening dat dit wat in Christus gebeur het – dat God en mens een geword het en een Persoon is - nou ook in ander mense gebeur. Die menswording van God in Christus is die konstituering en die rolmodel van wat God nou in elke wedergebore mens laat gebeur – God word een in en met ons menswees as ons ons met die “eerste bekering” bekeer.
Dit is wat in “die wonderlike Naam van Jesus” gebeur: die herhaling van die menswording van God in mense. Hierdie herhaling van die menswording van God in Christus is die tussenwêreld van goddelike mense en die menslike God.

Wat is die inhoud van hierdie ervaring in “die wonderlike Naam van Jesus”?

Dit is niks anders as identifikasie met God geskoei op die model van Christus nie. Mense ontken hul eie aard en leef hulle in die natuur van God in. Hulle glo dat wanneer hulle hulself só in God se natuur inleef, hulle en God identies word. Hul eie ek is God in hulle. Hul eie beheer is God wat deur hulle werk. Hul eie lewe is God se lewe in hulle.

Hierdie ervaring is die kern van alle afgodsdiens: om jouself in God in te leef sodat jy jouself deur God kan laat geld. Die “eerste bekering” is die eerste keer waartydens mense van Christus se menswording ’n rolmodel vir hul eie self-identifikasie met God maak.

Dit is presies die teenoorgestelde van wat Christus gedoen het. Net Hy is God wat mens geword het. Net Hy is God en mens vandag sodat net Hy die Middelaar van die Abrahams- en Dawidsbeloftes van God kan wees. Christus se menswording is nie die wyse waarop elke mens kan deel kry aan die natuur van God self nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Wedergeboorte volgens die Bybel is iets heeltemal anders as om God se goddelikheid met Hom te deel. Dit stel die Here duidelik in Johannes 3:

> Daarop sê Jesus vir hom: "Dít verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie." ...
> [5]... "Dit verseker Ek jou: As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan hy nie in die koninkryk van God kom nie. [6]Wat uit die mens gebore is, is mens; en wat uit die Gees gebore is, is gees .....
> [12]Ek het julle van die aardse dinge vertel en julle glo dit nie, hoe sal julle glo as Ek vir julle van die hemelse vertel? [13]Niemand op die aarde was al in die hemel nie behalwe Hy wat uit die hemel gekom het, naamlik die Seun van die mens. [14]Moses het die slang in die woestyn hoog op 'n paal gesit; so moet die Seun van die mens verhoog word, [15]sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe kan hê.
> [16]"God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê." (Joh. 3:3; 5-6; 12-16)

Wedergeboorte is die gawe wat Christus gee om in die hemelse dinge te kan glo. Die hemelse dinge is dat Christus self God in die hemel is en mens op aarde geword het, dat Hy aan die kruis gesterf het en as gekruisigde verhoog is om weer mens in die hemel te wees. Die hemelse dinge is nie om een met God te wees in sy wese, aard en werke nie. Dit is die aardse dinge waarmee ontaarde mense besig is, naamlik sonde! Christus is die persoon wat deur die gawe van die Gees wat Hy gee, aan mense 'n nuwe natuur gee: die natuur om as mens in Hom as Here en God te glo.

Dit is die werklike gawe van wedergeboorte: dissipels wat hulle deur God as tussengangers wou bemagtig, breek met hul wil om met God te identifiseer en glo Hy is "Here en God". Hulle glo Hy is vandag mens in die hemel en God teenwoordig. Wedergeboorte is die gawe om 'n hart en verstand te hê wat in God glo en nie met God wil identifiseer nie.

Die evangeliese betekenis van "om in die Naam van die Here te bid" gaan ook oor geloof, nie oor identifikasie nie: "[13]Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word. [14]As julle My iets in my Naam vra, sal Ek dit doen." (Joh. 14:13). Om in Christus se Naam te vra, beteken om Hom soos Tomas as Here en God self aan te roep. Hy is Here en God en Hy doen wat die Here en God doen as Hy aangeroep word.

"In die wonderlike Naam van Jesus" beteken totaal iets anders. Dit is die uitdrukking waarin Christus die stigter van afgodsdiens in die kerk van die Here is. Dit is die uitdrukking wat wys dat Jesus se Naam mense laat deel kry aan die ervaring dat God in hulle inkom en in hulle leef. Dit is die uitdrukking wat wys dat Jesus die eerste ervaring van identiteit met God as mens beleef het en vir ander mense ontsluit het. Die "wonderlike Naam van Jesus" is die leë magsimbool wat gebruik word om identifikasie met God deur Jesus Christus te mag beleef.

Wat vandag as wedergeboorte en bekering in die moderne Christelike kerk gepreek word, is die kern van alle afgodsdienste: dit is identifikasie met God deur Christus as die eerste en groot tussenganger vir en van baie ander. Wat vandag as die ervaring met God in jou lewe gepreek word, is die sonde van Genesis 3: eenheid met die wese en natuur van God.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die ervarings wat mense voorleef as hul eenheid met God, hul wedergeboorte, is die wyse waarop die teenwoordige Christus vandag in die Christelike kerk verdring word tot die veraf God wat net in mense se lewens kan inkom as hulle met God identifiseer. Dit is die ervaring wat van die teenwoordige Here Jesus Christus net 'n wonderlike leë naam maak waarin God in ander mense ervaar word.

Hierdie ervaring van goddelikheid is hoe Christus in die kerk en vir die Christelike kerk verduister word. Deur die wolk van tussengangers tussen Christene en God wat hulle voorleef, inleef en uitleef in God, volgens hulle, "deur Jesus", is God self nie meer hul Middelaar nie. God leef nou sy goddelike natuur, wat Hy "in Jesus" sou geskep het, net uit deur die skare van ware wedergebore of verligte mense tussen ander mense.

Op hierdie wyse is God nie meer self as God teenwoordig te vind nie. Hy is net te vind in goddelike mense, hulle wat Christus se ware dissipels sou wees deur hul "eerste bekering".

Dit is wat tussengangers met Christus as enigste Middelaar doen – hulle leef hulle so in die menswording van God in Christus in, dat hulle deel in Christus se eenheid en persoon as God en mens. Omdat hulle dit met Christus deel, kan hulle dan Christus by mense verteenwoordig.

Die "wonderlike Naam van Jesus" is die leë naam wat in afgodsdiens van God oorbly. Christus se menswording as God is nie meer die eenmalige, onherhaalbare, unieke gebeurtenis in God nie. Dit is nou die wedergeboorte van elke "spirituele mens". Christus se persoon as mens en God is nie meer Hyself wat só teenwoordig is by en met ons nie. Al die wedergebore geestelikes verteenwoordig die persoon, die werk, die wil en krag van die Here by ander mense – "in die wonderlike Naam van Jesus". Van Christus as enigste Middelaar is daar net die leë naam en rolmodel oor.

Wedergebore tussengangers is Jesus vir ander mense "in die naam van Jesus". Hulle is nou God se oë, voete en hande by en vir mense.

**21. Die "eerste bekering" maak van elke mens dadelik 'n gestuurde prediker**

Die vaste patroon waarop hierdie identifikasie met God uitgeleef word, is om elke "eerste bekeerde" daarop te wys dat sy bekering van hom 'n "getuie" van God maak, net soos wat die Here die twaalf dissipels apostels sou gemaak het. Getuie beteken hier dat jy onmiddellik deur God geroep word om 'n prediker van jou godservaring te word. Die "eerste bekering" maak dadelik van jou 'n gestuurde prediker.

Hierdie patroon is so vas en noodsaaklik dat daar in die moderne Christelikheid gestel word dat jy hierdie ervaring van "God in jou" net lewend hou as jy dadelik vir ander mense van jou "eerste bekering" vertel. Doen jy dit nie dadelik nie, dan verloor jy die ervaring van goddelikheid, al is jy wedergebore.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hoekom is hierdie patroon so vas dat bekeerdes dadelik gestuurde predikers moet word?

Dit gaan oor die aard van die “eerste bekering”. Hierdie bekering is ’n tussenganger-bekering. Dit is nie geloof in Christus of ’n dankbaarheidsbekering volgens die wet van God nie. Die tussengangerbekering gaan daaroor om as mens niks te wees nie sodat God in jou lewe kan inkom en jou kan beheer.

Maar dít is nie wat God doen nie. God het nie mense gemaak om nie mens of minder mens te wees nie. God het nie mense ’n eie ek gegee om dit te ontken of te vernietig nie. God het mense nie beheer, besluit- en bestuursvermoëns gegee om hierdie vermoëns in die sand te begrawe of te misken nie.(Matt. 25:14-30) Mense se wil om hulself te wees, beperk nie God se vermoë om God te wees nie.

As God dit dan nie doen nie, wie doen dit? As God nie die beheer van jou lewe oorneem as jy die beheer weggee nie, as God nie sy lewe in jou kom uitleef as jy nie meer jou eie lewe leef nie, as God nie in jou lewe inkom as jy jou self minag, haat en ontken nie, wie doen dit dan, want jý doen dit regtig en dit gebeur regtig? Dit word gedoen deur die tussengangers tussen jou en God! Die persoon wat in jou lewe inkom as jy jouself ontken, is die persoon van die tussenganger. Die lewe wat in jou geleef word as jy nie meer self jou eie lewe leef nie, is die tussenganger wat sy lewe deur jou leef. Die beheer van jou lewe wat jy weggee, word deur die tussenganger oorgeneem.

Dit is die nuwe sendingvisie van tussengangers. Hulle wil hul lewe in en deur die lewe van ander mense uitleef in die geloof dat God hulle stuur om God in ander mense se lewe teenwoordig te maak. Hulle wil ander mense onderwerp aan ’n proses van selfhaat, selfminagting, selfontkenning oor en selfverwerping van hul eie menswees, soos wat God mense gemaak het om te wees en hulle elke dag mens laat wees, in die geloof dat die wil waarmee hulle ander mense só verneder in hul menswees, die wil van God is. Hulle wil ander mense ondergeskik stel aan hul oorheersing deur geen eie besluit of eie wil te mag hê nie, in die geloof dat die krag waarmee hulle hul beheer en besluite op ander mense afdwing die krag van die Heilige Gees is wat deur hulle werk.

Onderwerping aan mag is die sendingvisie van alle tussengangers. Paulus wys die Korintiërs op hierdie visie van die predikers wat hulle weer uit die geloof in Christus na die tussengangergodsdiens wil laat terugkeer: “Julle wat so verstandig is, verdra mos geredelik die dwaas. [20]Julle verdra dit as iemand julle soos slawe behandel, as iemand julle uitbuit, as iemand julle bedrieg, as iemand julle uit die hoogte behandel, as iemand julle in die gesig klap. [21]Laat my dan maar tot my skande erken dat ons vir sulke dinge te swak was!”
(2 Kor.11:19-21)

Paulus spreek die dwaasheid van afgodsdiens aan. Predikers wil gelowiges onderwerp aan die mag wat hulle as tussengangers het. Om hulle aan hierdie mag te onderwerp, word hulle in die Naam van Christus verneder, uitgebuit en mislei.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hulle moet glo dit is God wat hulle in hul menswees verneder. Hulle moet glo God wil en sal die beheer van hul lewe oorneem, terwyl dit maar net die tussengangers is wat dit doen. Hulle moet glo dat dit God is wat in hulle lewe, terwyl dit maar net die tussengangers is wat hulle onderdruk om hul eie lewe deur ander uit te leef.

Tussengangergodsdiens kom neer op geestelike piramideskemas. Die enigste manier hoe jy aan hierdie tussengangerbekering kan deel kry, is om self 'n tussenganger vir ander te word. Dit word openlik gepredik dat as jy nie self 'n tussenganger vir ander mense word deur jou ervaring van God in jou nie, dan verval die hele sin en betekenis van hierdie soort bekering. Dan verval die opbou van die grootste tussenganger na die ander tussengangers. In die ryk van tussengangers moet hierdie patroon altyd voortgesit word: as jy God in jou lewe ingenooi het en jy ervaar God in jou lewe, dan moet jy ander, wat ver van God is, ook deur jou godservaring God in hul lewe laat innooi.

Dit is niks anders as onderwerping aan mekaar se geestelike mag nie. Jy word onderwerp om niks te wees vir iemand wat alles in jou wil wees sodat jy weer ander aan jou kan onderwerp om niks te wees nie, sodat jy alles in en deur hulle kan wees.

Hierdie eerste bekering verander die hele inhoud en bedoeling van die verkondiging van Christus deur geroepe predikers. Tussengangers verkondig nie Christus nie. Hulle ervaar God in Christus. Hierdie selfervaring vervang die verkondiging van Christus. Paulus noem hierdie tipe prediking "grootpraat". Dit is die vertellings van jou eie godservarings in plaas van die verkondiging van Christus:

> Ek herhaal: Niemand moet dink dat ek 'n dwaas is nie. Of anders, beskou my maar as 'n dwaas en laat my ook 'n bietjie grootpraat. 17Wat ek nou sê, kom nie van die Here nie. Nee, in hierdie aangeleentheid praat ek werklik soos 'n dwaas, in die oortuiging dat ek grond het om te roem ...Nou praat ek soos 'n dwaas: enigiets waarop iemand aanspraak maak om te roem, daarop kan ek ook roem. [22]Is hulle Hebreërs? Ek ook. Is hulle Israeliete? Ek ook. Stam hulle van Abraham af? Ek ook. [23]Is hulle dienaars van Christus? En nou praat ek asof ek van my verstand af is: ek nog meer! Ek het harder gewerk, ek was meer in die tronk, ek is meer dikwels geslaan, ek was dikwels in doodsgevaar. [24]Vyf maal het ek van die Jode die gebruiklike straf van nege en dertig houe gekry, [25]drie maal het ek lyfstraf gekry, en een maal is ek met klippe gegooi. Drie maal het ek skipbreuk gely en een maal het ek 'n dag en 'n nag in die oop see deurgebring. (2 Kor.11:16,17; 22-25-25)

Paulus wys daarop dat hy ook 'n verteller van godservarings kan word, maar dit is nie waartoe hy geroep is nie. Dit is afgodsdiens en dwaasheid om godservarings te predik.

Christus roep nie predikers om Godservarings te kom meedeel nie. Hy roep predikers om te verkondig wie Hy is en wat Hy doen: "Ons verkondig nie onsself nie, maar Jesus Christus as die Here, en onsself as julle dienaars ter wille van Jesus." (2 Kor.5)

Die vertellings van godservarings skep onmiddellik 'n hiërargie van tussengangers, want die persone wat God eerste beleef het of voller beleef het, word die leiers wat ander inlei in die godservarings in. Dit gee hulle ook dadelik 'n mentorskap oor die mense wat hulle in hul

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

godservarings in lei. Hulle verduidelik hoe dit is, hoe dit in stand gehou word, hoe dit uitgebrei word en hoe dit oorgedra word.

In die bediening van die evangelie is daar geen geestelike leierskap van predikers oor lidmate of mentorskap van meerdere geestelikes oor mindere geestelikes nie. Daarom kan Paulus, wat glad nie deel van die dissipelkring was wat saam met die Here geleef en gewerk het voor sy opstanding, en eintlik nie volgens hierdie maatstaf as een van die apostels gereken kon word nie (1 Kor.15: 8), die apostel Petrus as huigelaar aanspreek. (Gal.2:13)

In die geloof in Christus as Here en God het bekering ’n ander doel. Dit is nie ’n magsmiddel om tussenganger tussen mense en God te wees nie. Dit is nie ’n magsmiddel waarin ek aan God se natuur deel kry en sy natuur nader aan ander mense kan bring nie. Dit is geen magsmiddel om mense aan my eie geestelikheid te kan onderwerp nie. Dit is net die wyse waarop ons God as God eer en God dank vir sy genade.

Daarom is daar geen vaste patroon waarvolgens elke gelowige dadelik ’n geroepe prediker is wat Christus moet verkondig nie. Geloof in Christus is nie die tipiese tussengangerbekering nie. Dit is geloof in Christus wat alleen Middelaar is.

**22. Die “eerste bekering” is God se bekering in die mens in - om die mens in God se natuur te laat deel**

Wie is dit wat nou eintlik in hierdie “eerste bekering” bekeer word? Dit is God! God moet Hom uit sy godheid uitkeer en Homself binne-in die mens inkeer. Dit is die krag en bedoeling van die Bybelvreemde geestelike eis: “God moet in jou lewe inkom”.

Die teenstrydigheid dat dit in hierdie handeling nie die mens is nie, maar dat dit God is wat Hom moet bekeer van wie en waar Hy is, en Homself in die mens moet inkeer, is binne hierdie goddelose gemoed so vanselfsprekend dat dit alles wat Christus as Here gedoen het, sien as die manier waarop God tot bekering gekom het.

Hoe sou God Hom bekeer het?

God se eerste bekering sou wees dat Hy Homself van sy godheid, waarin net Hy ewig, almagtig, alomteenwoordig, reg, goed en die bron van alle dinge is, bekeer het.
God se manier om God te wees, was verkeerd.
God se manier van God wees, het Hom van mense vervreem.
God se manier van God wees, het gemaak dat mense Hom nie kon liefhê nie.
God se manier van God wees, het gemaak dat mense nie met God ’n persoonlike verhouding kon hê nie.

Daarom sou God met Kersfees ’n oulike, fraai mensebaba kom word het vir wie ons nou sommer kan vashou en liefhê. Nou is God nie meer ’n ver en verhewe God nie. Hy is ’n

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

menslike God binne-in 'n goddelike mens. God het Homself met Christus se geboorte in 'n mens in gekeer. Christus se geboorte as mens is hoe God Hom tot mense sou bekeer het.

Hoekom het God Hom tot die mens ingekeer? Sodat mense nou kan deel wees van God se eie natuur, sy eie Gees, sy eie Wil en Beheer en sy eie Krag.

Jesus se lyding, kruisiging en sterwe is nou die magsgreep waarmee mense God tot bekering kan bring. Christus het hulle gewys om hul menslikheid, hul eie ek, hul eie wil, eie persoon, eie lewe en eie krag af te lê en dood te maak, soos God dit in Jesus afgelê en doodgemaak het.

Wie soos Christus maak, keer God uit Homself en maak God nou God in ons. God sal in mense wat hul eie ek, lewe, wil en persoon aflê, opstaan net soos God se Gees in Christus opgestaan het.

Dit is hoekom Christus mens geword het in afgodsdiens: sodat mense God binne-in hulself kan inkeer. Deur Christus na te volg en ook jou eie menslikheid af te lê, kry jy die mag om God in jou God te laat wees en kry jy die mag om God te verander van 'n God wat God is in en deur Homself na die God wat nou sy lewe, sy Persoon, sy Wil en sy Krag as God in jou inkeer en deur jou uitleef.

In afgodsdiens is bekering die magsdaad van geestelikes wat God weer in hulle gebore laat word, net soos dit in Jesus sou gebeur het. Dit is dan die wonder van die herlewing of die vernuwing van God!

Die magsdaad om God in hulle in te keer, maak dat hulle mense in die Naam van God kan oorheers en onderwerp:
hul wil om jou niks te laat wees teenoor hul eie begeertes en mag, is God se wil dat jy jou eie ek moet doodmaak;
hul wil dat jy nie jou eie lewe leef, jou eie besluite neem en self jou eie lewe bestuur nie, is nie hoe húlle jou nou onderwerp nie, dit is nou sommer Gód se manier om jou te verlos van jouself;
hul oorneem van jou lewe, wil, besluite en bestuur is nie húl oorheersing nie, dit is nou sommer Gód wat in jou leef.

**23. Middelaar of tussengangers: Innige godsmanne en goddelike staatsmanne**
God skep godsdiens deur self Middelaar vir sondaars te wees in en deur Christus wat God en mens is vandag. Mense skep afgodsdiens deur hulleself tussengangers te maak in en deur wie God sy goddelike natuur vir mense hul selfbelewenis sou maak.

Die moderne Christelikheid verduister die teenwoordige Christus deur God se goddelikheid in hul bediening 'n ervaring vir mense te laat wees. Die moderne Christelikheid se eerste

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

bekering is ’n wegkeer van Christus af en hul wedergeboorte is die oersonde om jouself een met die wese en natuur van God te wil ervaar.

In die moderne Christelikheid is Christus die grondlegger van die ware en beste afgodsdiens. Hy is die eerste tussenganger tussen God en mens in die nuwe ryk van tussengangers. Hy het die stelsel van oorheersing en onderwerping in die Naam van God ingestel.

Maar vir die Kerk van die Here is Hy altyd die Middelaar. Net in Hom het God die natuur van die mens aangeneem om in die mens se plek as sondaar onder die wet te staan. Net Christus is enig en onherhaalbaar God en mens vandag.

Afgodsdiens is godsdienstige goddeloosheid. Daarom is daar geen inhoudelike verskil ten opsigte van die goddelose mag wat godlose staatsmanne en godsdienstige tussengangers nastreef nie. Hulle strewe een en dieselfde soort mag na: goddelike mag waarin hulle alle ander mense aan hul oorheersing kan onderwerp.

Die profete Miga en Jesaja wys op hierdie gemeenskaplike magsbasis van goddeloosheid in die kerk en gemeenskap in Israel:

> Luister hierna, leiers van Jakob, regeerders van Israel, julle wat die regspraak minag en alles verdraai, [10]julle wat vir Sion met moord gebou het en Jerusalem met onreg:[11]Jou leiers lewer uitspraak vir omkoopgeld, jou priesters gee onderrig teen salaris, jou profete maak oorspellings teen betaling, en tog verwag hulle hulp van die Here!” (Miga 3:9-11)
> Die leiers en die koning se gunstelinge is die kop, die profete wat leuens verkondig, is die stert. [15]Dié wat die volk moes lei, het hulle mislei, en dié wat gelei moes word, is verwar. [16]Almal is godloos en sleg, elke mond laster teen die Here.” (Jesaja 9:14-16)

Die gemeenskap en leiers in Israel het goddelike staatsmag geskep. Hulle wou nie menslike mag hê met al die onsekerheid, risiko, tydelikheid, gedeeldheid, beperking, kontrole, beheer oor, aanspreeklikheid, verantwoordbaarheid, openheid en verskeidenheid wat menslike mag kenmerk nie. Hulle wou absolute mag vestig en uitoefen - oorheersing deur onderwerping.

Daarom het hulle hulself van God losgemaak. God met sy wet en liefde het hul magstrewe ingeperk. God eis diensbaarheid, nie oorheersing nie. Dit het hulle egter nie absoluut gemaak soos hulle dit vir hulle verbeel het nie. Dit het mense korrupte mense gemaak. Ontaarde mense wat die hele samelewing korrup maak. Dit het hulle nie goddelike mense in hul eie paradys gemaak nie.

Die profete en priesters het in godsdiens dieselfde absolute mag in die kerk nagestrewe, gevestig en uitgeoefen as wat die gemeenskappe en gemeenskapsleiers dit in die staat en samelewing gedoen het. Hulle wou nie maar net in Woord en seremonies wat na God heenwys ’n getuienis oor God gee nie. Hulle wou met seremonies God aktiveer, mobiliseer en teenwoordig stel. Hulle wou mense onderwerp aan hul eie mag op so ’n wyse dat mense sou glo dat hulle hulself aan God onderwerp.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Wat is die verskil tussen die magstrewe van konings en dié van priesters? Die konings het hul goddelose absoluutheid gevestig en uitgeoefen deur wetgewing en die magte van die staat. Die priesters en profete het presies dieselfde godlose mag gevestig en uitgeoefen deur die priester- en tempeldiens.

Die mag wat godlose regerings in die moderne wêreld skep en uitoefen, mag sonder God en teenoor die wil van God, is presies dieselfde soort mag wat innige geestelikes met hul wedergeboorte en "eerste bekerings" skep. Dit is die mag van tussengangers tussen God en mens: geestelike mense wat deel is van God se natuur.

"Eerste bekerings en "wedergeboorte" in moderne Christelikheid onderwerp mense, dit maak hulle nie gehoorsaam nie. Hierdie onderworpenheid is die oorgawe wat alle geestelikes vir ander nastrewe. Terwyl mense hulle aan die mag van tussengangers oorgee, moet hulle glo en beleef dat hul ondergeskiktheid en gedienstigheid aan geestelikes se spiritualiteit hul toewyding aan God is.

Die moderne Christelikheid is die medebewerker en medeskepper van die moderne, godlose gemeenskap. Die godloosheid wat die staat buite die kerk konstitueer, is presies dieselfde godloosheid wat die moderne Christelikheid in kerkgemeenskappe konstitueer: die ervaring van goddelikheid, dit wil sê , die belewenis om God se goddelikheid in jouself te ervaar. God in my! God in ons! Dit is niks anders as 'n geestelike stelsel van oorheersing en onderwerping aan mense se eie geestigheid nie.

**24. Deur geloof in Christus as Middelaar te vervang met godservarings omvorm die moderne Christelikheid die kerk in elke deel van sy bestaan, inhoud en bediening**

Die moderne Christelikheid stel die ervaring van goddelikheid in die plek van geloof in Christus. Deur godservarings verdring dit die Persoon van Christus uit die kerk en gemeenskap. In die aanhangers van die moderne Christelikheid se godservarings is Christus nie die teenwoordige Here, God en mens nie. Christus is net die leë magsimbool waarin en waardeur mense hulle een met die persoon, wil en mag van God beleef en só gemeenskappe vasvang in 'n innigheid van oorheersing en onderwerping. Christus is vir die moderne Christelikheid net 'n metode om met God te identifiseer.

Met hierdie godservarings omvorm hierdie innige godsmanne die hele inhoud en bediening van die evangelie as middele om hul godservarings in die kerk in en voor te leef. Dit is die drif waarmee hulle die kerk altyd wil laat herleef, vernuwe en verlig. Elke deel van kerk moet omvorm word om hierdie godservarings die wese van die kerk te maak.

Daarom word die prediking van Christus omvorm tot verhale van godservarings;
die kansels waar Christus verkondig word, word vervang met verhoë waarop die godservaring voorgeleef word;
die kategese in die geloof in Christus word omvorm tot die dissiplineskool van geestelike rolmodelle;

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

die doop as teken dat kinders in Christus ingesluit is, word omvorm tot ’n teken van die wedergeboortebekering of verligtheidservarings;
die nagmaal as versekering dat Christus ons in sy menswees insluit, word omvorm tot die ervaring van die goddelikheid wat kinders sonder geloof in Christus kan ervaar;
die tug as heenwysing na Christus word vervang met die oordeel dat lidmate nog nie wedergebore is, nog nie verlig is, nog nie vernuwe is, nog nie herleef is en tot bekering gekom het nie.
Christus se instelling van die ampte van predikant, ouderling en diaken as diensmiddele waardeur Christus Koning, Priester en Profeet deur die evangelie is, word omvorm tot geestelike magsposisies vir geestelike leiers en mentors in godservarings;
ouderlinge wat toesig hou oor lidmate, word van die kerkraad uitgesluit en word vervang met geestelike leiers wat nie oor lidmate toesig hou nie;
diakens word net seremoniële werkers en die leraar dra sy verkondigingstaak en bediening van die sakramente ander leiers oor, terwyl hy die geestelike bestuurder van die gemeente se godservaringe word.
Op hierdie wyse word lidmate in hul amp as Christene, waarin Christus elke lidmaat self koning, priester en profeet gemaak het, gedegradeer en omvorm tot die werkers van tussengangerrade.

Lidmate word omvorm tot ongeskoolde, ongeorganiseerde en onopgevoede werkers, wat deur geestelike bestuurders opgelei, georganiseer en opgevoed moet word; die kerkraad se toesig en bestuur van die bediening van die evangelie oor Christus word omvorm tot die raad van tussengangers wat die werkers oplei, bestuur en beheer; die raad van tussengangers omvorm die byeenkoms van die gemeente as aanbidding en verering van die teenwoordige Christus na ’n geleentheid om tussengangers se godservarings te beleef.

Die bediening van die Woord en sakrament word omvorm tot die vertoning van godservarings; die liturgie van die erediens word omvorm tot ’n programaanbieding van Godsbelewenisse; die leraar as liturg word die seremoniemeester van die ervaringsgeleentheid; die aanroep van Christus in gebed word omvorm tot die mistieke meditasie wat die eenheid met God deurleef; die aanbidding van God word omvorm tot transformasie van mense om goddelikheid te ervaar; die liggaamstaal en -beweging van lidmate waarin hulle hul eerbied, gehoorsaamheid en aanbidding aan God betoon, word omvorm tot rituele waarin godservarings voorgeleef word.

Hierdie verskuiwing van geloof in Christus as Persoon na godservarings vind in die eredienste sigbaar plaas in die nuwe liggaamshouding wat wedergebore en verligte Christene in eredienste inneem. Die liggaamshoudings waarmee Christus in geloof, eerbied en aanbidding as God genader is, word vervang met die houding van uitgestrekte arms en hande omhoog, kop agteroor getrek. Met hierdie liggaamshouding word die sensasie van die belewenis van God se goddelikheid uitgedruk. Dit is nie net tot hierdie liggaamshouding beperk nie, maar raak elke deel van die Christelike aanbidding: in die musiek, liedere, die liturgie en gebed moet die sensasie, die drif en die pols van godservarings beliggaam word

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

teenoor die gevoel van koudheid, doodsheid en verveligheid van Christus se teenwoordigheid as Here.

Die verskuiwing van geloof in Christus na godservarings omvorm die gemeenskap van die gelowiges na die sensasie van intimiteit in godservarings. In godservarings word die gemeenskap van gelowiges ervaar as koud, dood, vervreemdend, afsydig, onbetrokke en liefdeloos. Dit is omdat Christus vir hierdie gelowiges net ’n leë magsimbool van hul identifikasie met God is. Die bediening van die evangelie in Woord en sakrament is vir hulle ook betekenisloos, want dit voed en sterk nie hul identifikasie met God nie.

Vir hulle het die gemeenskap van gelowiges in die ontvang van die evangelie deur Woord en teken net waarde indien dit hul godservarings opwek, stimuleer en bekragtig.

Met hierdie drif verskeur hulle die eredienste in die polariteit van kleingroepbyeenkomste en masssabyeenkomste.

Om die nagmaal ’n intieme godservaring te maak, moet dit in huisgroepe, gesinsgroepe, vriendegroepe, predikante-broederkringe, stil-alleen sonder predikant of lidmaat in ’n leë kerkgebou met donkerte en sagte musiek, of in die intimiteit van die huweliksluiting gevier word.

Om die gemeenskap van gelowiges met Christus te ervaar, moet lidmate in selgroepe van intieme geesgenote, vriendegroepe of familiegroepe byeenkom. Die gemeenskap met Christus kan nie meer in gemeentes se eredienste sonder intieme, onderlinge sosiale verbande ervaar word nie. Daarom moet almal eers intieme, onderlinge bande smee voor hulle die gemeenskap met Christus ervaar: almal moet die leraar hardop groet wat hulle persoonlik groet, almal moet heen en weer draai om mekaar persoonlik te groet om die onpersoonlike gemeenskap met Christus persoonlik te maak; mense moet in groepies tydens die erediens opbreek om in die intimiteit van gonsgroepies te bid.

Hierdie terugtrek in klein intimiteitsgroepe loop egter uit op massabyeenkomste wat by sportstadions en openbare plekke gehou word. By hierdie massabyeenkomste ervaar hierdie intieme kleingroepe die teenwoordigheid en krag van God wat hulle nie in gewone eredienste ervaar nie. Die bipolêre spanning tussen kleingroepe buite die eredienste en massabyeenkomste buite die eredienste word gevorm deur een en dieselfde versugting – mag. Die mag van intimiteit en die mag van massas is identifikasie met God, nie geloof in Christus nie.

Daarom kan gemeentes ook nie meer gevorm word uit gelowiges nie. Hul amp as gelowiges en die Here se amp as die Christus konstitueer nie meer ’n gemeente nie. Godservarings konstitueer nou gemeentes. Daarom moet daar nou tussen bestaande gemeentes nuwe kategoriale gemeentes gestig word. Dit beteken dat vir elke soort identifikasie met Christus daar tussen bestaande “gewone” gemeentes, nuwe gemeentes gestig moet word waarin God

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

beleef word en nie maar net geglo en vereer word nie. Gemeentes word ook nie meer in groter en breër kerkverbande gekonstitueer nie. Gemeentes wat van dieselfde "kategorie" is, dit is op dieselfde wyse met God identifiseer, konstitueer as groter intieme identiteitsverbande binne die kerk.

Straks een van die absurdste omvormings is die hou van nuwe intieme kerklike vergaderings wat die tradisionele, gestruktureerde kerkvergaderings vervang. Die gewone saambestuur en saambesluit van kerklike belange in vergaderings het vir hierdie magsug na eenheid met God geen waarde nie. Die rede hiervoor is dat vergaderings werksbyeenkomste is waartydens die aanspreeklikheid, verantwoordelikheid en dienste van die kerk gereël word. Omdat hierdie gelowiges geen mag hierin ervaar nie, moet dit met gebed en ritueel omvorm word. In vergaderings word daar nou kersrituele, seremoniële optogte, intieme stil oomblikke, gonsgroepiebidgeleenthede en sakramentsvierings gehou om van gewone kerklike vergaderings godservarings te maak, terwyl die werklike besluitneming van die kerk verskuif na 'n gesentraliseerde magsgroep: die intiemste elite van die tussengangers.

Die verdringing van Christus as teenwoordige Here met godservarings verander ook die opleiding van predikante. Studente wat predikante wil word, kom nou hoofsaaklik uit die geledere van diegene wat sogenaamde godservarings beleef het. In die meeste kerke word 'n spesifieke godservaring 'n kerklik gereëlde voorwaarde om te mag kwalifiseer om as predikant te mag studeer. Om as gelowige net die Woord te wil verkondig, is nie meer genoegsame rede om predikant te mag word nie.

Hierdie verwagting om opgelei te word as tussengangers vir die voorleef en opbou van godservarings plaas druk op die opleiding. Studente het 'n innerlike drif dat die studie "prakties" moet wees. Hulle wil in hul eie godservarings en hul vermoë om godservarings ander mense te kan meedeel, bemagtig word.

Daarom is daar 'n innerlike onvergenoegdheid en woede teenoor die studie van Grieks, Hebreeus en Aramees om die Bybel in sy oorspronklike tale te kan lees. Ook is daar weerstand teen die bestudering van tale soos Duits en Latyn om so toegang tot die Reformasie en ander bronne waarin die geloof in Christus weer teenoor die bygeloof van die Rooms-Katolieke Kerk toeganklik geword het, te kan kry. Dit bied geen gevoel van bemagtiging aan hul godservarings nie.

Die diepste onvergenoegdheid leef gewoonlik teenoor dogmatiek. Dit is die vak waarin die geloof in Christus bestudeer moet word. Hierdie vak is vir hierdie studente die mees onverstaanbare en sinlose vak omdat dit nie hul godservarings versterk nie, maar ontwrig. Die vak wat feitlik totaal geïsoleer word is die geloofsleer, oftewel die dogmatiek. Hierdie isolasie spruit voort uit die drif van tussengangers wat ontmagtig voel in en deur die kerk se geloofsleer. Geloofsleer mag nog net "teoreties" wees. Dit mag nog net met teorieë, planne en ontwerpe van godservarings besig wees. Enige gelowige nadenke oor die persoon en werk

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

van Christus word met tegniese hofvaardigheid as “onprakties”, “onverstaanbaar” en “intellektueel” afgemaak.

Die vak waarin hierdie studente hulself verdiep, is praktiese teologie. Dit het alles te make met hul magsug om as tussengangers godservarings te kan opbou, te kan voorleef en mense daarin te kan begelei. In hierdie afgodsdiens moet hulle die leë Naam van Christus “prakties” met hul godservarings vul. Hulle wil die tegnieke ontvang en bemeester om Christus “prakties” te kan maak.

Daarom is Christus as Persoon net die dogma, die teorie van hul ervaring. Praktiese teologie is die vak waarin hulle hul mag kry om die “teorie” van Christus te kan ervaar, te kan opbou en te kan organiseer.

Die verskuiwing van geloof in Christus na godservarings het ingrypende veranderings in die vakke en vakinhoud wat aan hierdie studente doseer word, meegebring.

Praktiese teologie het die voorrang van die geloofsleer, dogmatiek, vervang. Dosente wat hulself sien en ook daarna voel om tussengangers te wees om nuwe ongeskoolde tussengangers op te lei, kan nie meer vanuit die geloofsbelydenis oor Christus die dienswerk van die kerk deurdink en doseer nie. Hulle gryp nou buite-om die geloofsleer na die bedryfsielkunde, bedryfsosiologie, die bestuurswetenskappe en ander menswetenskappe as die magsmiddele om Christus “prakties” mee te maak. Op hierdie wyse word die hele bediening van die Woord en sakramente nou binne die geestelike taal van godservarings omvorm, terwyl die “tegnieke” vir die opbou en organisering van hierdie godservarings gewoon maar net uit die bedryfsielkunde en -sosiologie kom. Die bediening van die kerk kom nie meer uit die gelowige nadink oor Christus nie.

Dit omvorm ook die vakke Ou Testamentkunde en Nuwe Testamentkunde. In hierdie vakke moet godservarings in die Bybel kontekstueel gemaak word. Bybellees en Bybeluitleg word ’n metode om Bybelse mense se godservarings in hul sosiale gewoontes, aardrykskunde, taal, kultuur, tyd en idees terug te vind sodat dit weer die basis vir vandag se nuwe godservarings in nuwe omstandighede kan wees.

Met hierdie uitgangspunt verval die openbaring van Christus as inhoud van die Bybel en word die Bybel net die versameling van godservarings en godsopvattinge van godsdiensskrywers. Binne hierdie benadering is die verkondiging van Christus nie meer die bedoeling van die Bybelskrywers nie. Elke skrywer het nou ’n “persoonlike boodskap” vir die “persoonlike omstandighede” van die lesers wat vir vandag se omstandighede hervertaal moet word. Die gevolg van hierdie verskuiwing is dat die teenwoordige Christus, wat elke dag God en mens is, nie meer die persoonlike boodskap van die skrywer aan die lesers is nie, maar nog net die teorie van die dogmatici sou wees.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit maak dat al die omvormings in die kerk bewerk word deur die praktiese teologie en die Ou en Nuwe Testamentiese wetenskappe se kontekstuele benadering. Die stem van die geloofsleer van die kerk vanuit die teologiese skole het stil geword. Teologiese skole mag hulself nog net verdiep en besig hou met die filosofie wanneer hulle nie besig is om die identifikasie met God in die teologieë van rewolusie, hoop, liefde, vrede en versoening te bedink of die praktiese teologie se godsdiensbedryf teoreties te regverdig nie.

Die geskiedenisvormende krag van mense wat met God wil identifiseer asof dit geloof in Christus is, en so die geloof in die kerk en gemeenskap verdring, kom feitlik glad nie in die historiese wetenskappe aan die orde nie. Hierdie wetenskappe het die verdedigers geword van identifikasie met God as die groot sendingontwaking, die groot herlewing, die verligting en vernuwing van die kerk. In hierdie valse geskiedenisvisie word die geskiedeniswetenskappe net vertellings van godservarings. Daarom word die dogmageskiedenis ook vir ’n groot deel as “afgesluit” beskou, sonder enige perspektief op die moderne afgodsdiens in die Christelike kerk.

Dit omvorm ook die sendingwetenskappe. Sending gaan oor die voortgang van die verkondiging van Christus. In die opkoms van afgodsdiens gaan dit nie oor die uitstuur deur Christus nie, maar oor die inkeer van God in die kerk en gemeenskap in. Dit maak dat die sendingwetenskappe al meer ingekeer word in die “inwendige sending”. In hierdie sendingvisie is dit die kerk en Christelike gemeenskap wat tot sendingveld vir die “opkomende” (emerging) kerke word.

Hierdie omvorming van die geloof in Christus na godservarings, is die werkende krag wat die teologiese fakulteite van die kerk aan universiteite verskeur in die polariteit van geloofslose staatskole vir teologiese wetenskap en kerklike kweekskole vir opleiding in godservarings.

Hoe vergelyk dit met die Reformasie? Die Reformasie was die ontdekking van die Persoon en heilswerk van die Here. Luther het in die boek Romeine ontdek Christus is anders as wat die tussengangers van die Roomse Kerk Christus voorgeleef het. Calvyn het uit die boek Hebreërs ontdek Christus is anders as die seremoniële tussengangers tussen God en mens.

Uit hul geloof in wie Christus is, is die hele Christelike geloof, erediens en samelewing hervorm. Die Reformasie het uit geloof in Christus die doop aan kinders bedien; die nagmaal van kinders weerhou tot hul geloofsbelydenis; kerkrade ingestel in die plek van priesterlike bestuursrade; die amp van lidmate herstel teenoor hul posisie as lekewerkers van die priesterlike tussengangers; die verkondiging van die Woord in die sentrum van die erediens geplaas en die vertoning van seremonies afgeskaf; gemeentes georganiseer in die plek van die bestuurswyke van die Roomse Kerk; die wêreldse mag van die kerk beëindig en gemeenskapsvorming vry van kerklike mag herstel.

Die Reformasie is gevorm en gedra deur die geloofsleer, nie “praktiese teologie” nie. Die Reformasie was en is die verandering van geloof, aanbidding en lewenswyse vanuit en

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

volgens die geloof in wie Jesus Christus vandag is, God en mens. In die moderne Christelikheid het die verdringing van Christus deur godservarings hervorming volgens die Woord van God verander in transformasieprosesse deur kontekstuele Bybeluitleg en die menswetenskappe as magsbasis, met die ideologiese perspektief van godservarings.

Die transformasie van die kerk en gemeenskap vandag, is nie Reformasie uit en deur die geloof in Christus nie. Transformasie gaan oor die omvorming van kerk en gemeenskap volgens die mag van moderne tussengangers, naamlik hul godservarings.

**25. Een Middelaar of die diversiteit van Godservarings**

Christus is een en enig as Persoon. Net Hy is God en mens vandag. Niemand anders nie. Geloof in Christus is een en enig. Geloof ken net Christus as Middelaar en vertrou net op Christus as Middelaar.

Die moderne Christelikheid se godservarings in Christus, maak die Christelikheid net nog een afgodsdiens tussen al die ander afgodsdienste. Dit is net nog ’n stelsel van oorheersing en onderwerping.

Tussen die Christelike tussengangers wat God verteenwoordig, die rabbi-stelsel van die Jode, die imam-stelsel van die Mohammedane en die stamstelsel in voorvaderverering is daar geen godsdienstige verskil nie. Daar is net kultus- en kultuurverskille, met ander woorde konteksverskille.

Tussen die selflose godservaring van God in jou van die moderne Christelikheid en die selflose eenwording met die alheid in Boeddhisme is daar geen godsdienstige verskil nie. Daar is gewoon net kultus- en kultuurverskille.

Net so is daar tussen die magiese formules waarin voorvadergeeste hul goddelike kragte vrystel en die formules waarmee genesings, wonders, duiweluitdrywing en oorgawes aan God in die moderne Christelikheid bewerk word geen godsdienste verskil nie.
Die moderne Christelikheid verteenwoordig deur sy Godservarings van Christus en geloof in Christus daarom ook net nog ’n vorm van goddeloosheid tussen al die ander ervarings van goddeloosheid. In hierdie godservarings is daar godsdienstig geen inhoudelike verskil tussen eersugtige leiers, gierige sakemanne, perverse kunstenaars, losbandige inniges, beterweterige intellektueles en gewetenlose massas se magsgevoel van oorheersing en onderwerping, en die magsgevoel van wedergebore, bekeerde en verligte geestelikes om te oorheers en te onderwerp nie.

Almal leef hul eie sug na oorheersing uit as die liefdevolle, innige teenwoordigheid van goddelikheid wat hulle vir ander mense uitstraal. Almal leef hul sug na onderwerping uit as die getuienis, die hulp en die leiding om jou van jóú menswees te verlos sodat húl goddelikheid alles in en deur jou kan wees. Almal leef hul magsgreep op ander mense uit as die krag van hul goddelike transformasieproses.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

In elkeen se selfervaring word ’n menslike God vir mense voorgeleef teenoor die afwesige, afsydige en mensvreemde God wat net God in Homself wil wees, enig in sy Godheid, goddelike mense se grootste onderdrukker is.

Om jouself een met die persoon, wil en krag van God te beleef, is nie ’n Christelike uitvinding of instelling nie. Dit is die heerssugtigheid van alle afgodsdienste wat alles en almal wil onderwerp in die geloof dat dit God of goddelikheid is wat deur hulle werk.

Die moderne Christelikheid het Christus net nog ’n variasie van hierdie godservaring van goddeloosheid gemaak, onderwerping en oorheersing deur die spiritualiteit van innige godsmanne.

Dit is die krag in die proses van die vorming van al die honderde duisende “kerkgroepies”, sowel as die krag van die vorming van eenheid in kerke en wêreldrade vir hierdie kerklike massa. Dit is die bipolêre proses van afgodsdiensvorming: elke mens, volk, nasie, ras, kultuur en party skep sy eie godservaring in die Naam van Jesus vir elke begeerte volgens eie tyd en eie omstandighede. Terwyl hulle egter in hierdie verdelingsproses is, moet hulle die eenheid van identifikasie met God deur Jesus se leë Naam in stand hou en bly regverdig.

Daarom is dit ’n eenheid buite die geloof in en geloofsbelydenis oor Christus. Christus as Here en God kan nie hierdie afgodsdiensmassa verenig nie. Geloof in en geloofsbelydenisse oor Christus staan in die pad van die verdeling en eenheid van hierdie driftige massa.

Soos die charismatiese beweging dit self populêr uitdruk: “*God is a God of needs, not of creeds*.” Tussen die belydenis van ’n wedergebore geestelike en ’n ateïs is daar teenoor die geloof in Christus geen inhoudsverskil nie. “*The God of needs, not creeds*” is die maniese afgodsdienskant van die bipolêre depressiewe goddelose kant: “*godsdiens is die opium vir of van die volk*”.

Vir ’n goddelose om ’n wedergebore geestelike te word, of vir ’n wedergebore geestelike om ’n goddelose te word, kom net neer op stylverskille van dieselfde magtigheid: eenheid met God in sy goddelikheid. Of jy déúr God of sónder God, goddelik is, word bepaal deur die magsvorming en magshouding van kultusse en kulture, nie deur geloof in God nie.

Of jy deur Christus, Boeddha, Allah, die voorvadergeeste, verligte idees of menslike innighede goddelikheid ervaar, is ook net ’n kwessie van stylverskille. Dit is alles variasies van afgodsdiens. Dit alles is die alternatief op geloof in Jesus Christus, die Here.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

# HOOFSTUK 13 DIE GAWE VAN DIE HEILIGE GEES: ONS WORD MET CHRISTUS AS MENS IN DIE HEMEL VERENIG EN MET CHRISTUS AS GOD TEENWOORDIG VERSOEN

> Die Heilige Gees is die gawe wat deur sy krag sondaars insluit in Christus. Die wyse waarop die Heilige Gees sondaars insluit in Christus is deur hulle te verenig met Christus in sy menswees in die hemel en met Christus as God te versoen. Ingesluit in Christus, laat die Heilige Gees sondaars deel in die wisselwerkende en plaasbekledende gemeenskap dat Christus sondaar in sondaars se plek is en sondaars volkome heilig en regverdig in Christus se plek is. In hierdie insluiting herskep die Heilige Gees sondaars deur die verbondsbeloftes innerlik vir hulle waar te laat wees. Die Kerk word die liggaam van Christus genoem omdat alles wat die Kerk is, sy deur die vereniging met die menswees van Christus in die hemel is.

## 1. In Christus ingesluit deur die Heilige Gees

Die Heilige Gees is die gawe waardeur Christus sondaars in Homself as Persoon insluit. Dit is hoekom Jesus die Christus is - sodat ons vandag in Hom ingesluit kan wees en kan deel in dit wat Hy vandag vir ons is.

Jesus openbaar hierdie doel van sy Messiasskap in sy Middelaarsgebed in Johannes 17:

> Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. [22]Die heerlikheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is: [23]Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet.... [26]Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak, en Ek sal dit verder bekend maak, sodat die liefde wat U aan My bewys het, in hulle kan wees en Ek ook in hulle."(Joh.17:21-26)

Christus sluit ons in Homself in sodat ons in Christus is en Christus in ons is. Dit is die verbintenis tussen Christus en die mense wat aan Hom behoort: "...Ek ook in hulle".

Die persoon deur wie Christus ons in Homself insluit, is die Heilige Gees: "[24]... Hiéraan weet ons dat Hy in ons bly: Hy het ons sy Gees gegee." (1 Joh.3); [13]Hiéraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons: Hy het ons sy Gees gegee." (1 Joh.4).

Die gawe van die Gees kan nooit iets anders wees as die Persoon wat ons in Christus insluit nie. Die Gees wat in ons bly, is die Gees wat Christus aan ons gee. Dit is die Gees wat ons insluit in en laat deel in wat Christus is. Die Gees kan ons nie in iets anders laat deel as wat Christus is en doen nie:

> [16]Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, [17]naamlik die Gees van die waarheid. ... Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.[18]"Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe. [19]Nog net 'n klein

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

rukkie, en dan sien die wêreld My nie meer nie, maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe. [20]Daardie dag sal julle weet dat ek in my Vader is en julle in My en Ek in julle.” (Teks?)

Die gawe van die Gees is Christus wat weer na ons toe kom nadat Hy uit die dood uit opgestaan en verheerlik is. Deur die Gees weet ons dat ons in Christus ingesluit is net soos Christus in die Vader ingesluit is.

**2. Die lewe in gemeenskap met Christus**

Die Heilige Gees is nie Christus se plaasvervanger omdat Christus afwesig sou wees nie. Christus het ons nie verlaat na sy opstanding uit die dood nie. Die wyse waarop Hy teenwoordig is, het verander. Die Here stel dit só: “[18]“Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.” (Joh.14:18) Die Heilige Gees is die wyse waarop Christus self weer na sy dissipels toe terugkom nadat Hy verheerlik is.

Ons insluiting in Christus is insluiting in die lewende Here. Dit is die betekenis van die uitdrukking “Ewige lewe”, naamlik dat ons die lewe wat Christus vandag leef, met Hom deel. Hy leef vandag met ons as die Verheerlikte wat uit die dood opgestaan het. Ons leef vandág met Hom wat vandág mens en God is: “maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe.” (Joh.14:19)

Dit is die betekenis van “geloof” in die Johannesevangelie: om te weet en te aanvaar dat die teenwoordige, lewende Christus jou in Homself insluit: “[19]Nog net ’n klein rukkie, en dan sien die wêreld My nie meer nie, maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe. [20]Daardie dag sal julle weet dat ek in my Vader is en julle in My en Ek in julle.(Joh. 14:19,20) Geloof is die gawe waardeur die lewende en teenwoordige Christus as Here, as Persoon wat God en Mens is, “gesien” word.

Die verbintenis met Christus is ’n geleefde verbintenis tussen lewende mense en die lewende Christus. Insluiting in Christus maak dat daar ’n verbondenheid is waar Christus en hulle wat in Hom ingesluit is, aan mekaar behoort: “[11]En die getuienis behels dít: God het ons die ewige lewe gegee, en dié lewe is deur sy Seun. [12]Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie.” (1 Joh.5:11)

Die gawe van die Heilige Gees deel dit wat Jesus as die lewende Christus is met sondaars mee. Die Heilige Gees is die Persoon wat alles wat Christus is, aan ons toe-eien. “[14]Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig. [15]Alles wat aan die Vader behoort, behoort ook aan My; daarom dat Ek gesê het: Wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig.” (Joh.16:14,15) “Verkondig” in hierdie vers beteken om mee te deel, aan of toe te eien. Alles wat die Here as Christus is, het Hy van die Vader ontvang. Alles wat Hy as Christus is, ontvang die Heilige Gees van Christus. Die Gees eien alles wat Christus is aan sondaars toe.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hierdie lewe waarin alles wat Christus is, elke dag ons eie is, is die ewige lewe: “[11]En die getuienis behels dít: God het ons die ewige lewe gegee, en dié lewe is deur sy Seun. [12]Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie.” (1 Joh.5:11,12)

Deur sondaars in te sluit in die lewende en teenwoordige Christus, maak God sondaars kinders van God: “[12]Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word. [13]Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van ’n mens of die besluit van ’n man nie, maar hulle is uit God gebore.” (Joh.1:12,13) Hierdie kindskap bestaan daarin dat mense ingesluit is in God se liefde en deur die krag van hierdie liefde God en hul naaste weer wil liefhet volgens sy wet: “[2]Hiéraan ken julle die Gees van God: elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van God afkomstig is.”... [16]En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin. ... [19]Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het. “(1 Joh. 4:2;16;19)

Die verandering van sondaars na kinders van God gebeur deur die insluiting in Christus wat die Heilige Gees bewerk:

> [5]Jesus het geantwoord: “Dit verseker Ek jou: As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan hy nie in die koninkryk van God kom nie. [6]Wat uit die mens gebore is, is mens; en wat uit die Gees gebore is, is gees. [7]Moenie verbaas wees dat Ek vir jou gesê het: Julle moet opnuut gebore word nie. [8]Die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie. So gebeur dit met elkeen wat uit die Gees gebore is.”... [14]Moses het die slang in die woestyn hoog op ’n paal gesit; so moet die Seun van die mens verhoog word, [15]sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe kan hê. (Joh.3:5-7;14-15)

Mense word nuut gebore deur die Heilige Gees. Wedergeboorte gebeur deur die Heilige Gees se insluiting van sondaars in Christus, die Seun van die mens, wat verhoog is. Verhoog beteken dat Christus verheerlik is.

Die insluiting in en gemeenskap met alles wat Christus vir ons is, is die krag wat sondaars kinders van God maak. Die Heilige Gees het geen eie veranderende krag buite Christus nie. Die gemeenskap met die lewende en teenwoordige Christus is die krag waardeur die Heilige Gees sondaars verander om te glo in die liefde van God en dit is terselfdertyd die krag wat maak dat sondaars God weer lief het. Dit is die geboorte uit die Gees - om te deel in alles wat Christus is en uit die krag van hierdie gemeenskap met Christus in God se liefde te glo en God lief te hê. Die Gees wat ons wederbaar, is die Gees wat Christus aan ons gee om ons by Hom in te sluit.

### 3. Sondaars se gemeenskap met die lewende Christus is die vervulling van die verbondsverhouding met God

Christus doop ons met die Heilige Gees. Dit is die aankondiging van Johannes die Doper. [32]Verder het Johannes getuig: “Ek het duidelik die Gees soos ’n duif uit die hemel sien kom, en Hy het op Hom gebly. [33]Ek het self ook nie geweet wie Hy is nie, maar God wat my

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

gestuur het om met water te doop, het vir my gesê: 'Die Een op wie jy die Gees sien kom en bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop.'" (Joh. 1:32,33)

Die doop met die Heilige Gees is die insluiting in en gemeenskap met die lewende en teenwoordige Christus. Die Gees wat Johannes aankondig met Christus se doop as die begin van sy heilswerk, is die gawe van die Gees wat Christus aankondig in Johannes 17:17. Die gawe van die Gees is die Gees wat ons laat deel in wat Christus deur sy lyding en opstanding uit die dood bewerkstellig. Daar is geen verskil tussen die doop met die Heilige Gees wat Johannes aankondig en die gawe van die Gees wat die Here volgens Johannes 14 - 17 gee nie.

Waaroor gaan hierdie belofte van die Gees? Dit gaan oor die Abrahamsbelofte in Esegiël 36: "[25]Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi sodat julle rein kan word. Ek sal julle reinig van al julle onreinheid en van al julle afgodery. [26]Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee. [27]Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom." (Eseg. 36:25-27)

Johannes die Doper tref 'n onderskeid tussen die waterdoop in Esegiël 36: 25 en die beloftes van die Gees wat 'n nuwe hart sal gee wat God se wette weer wil en kan gehoorsaam: "[26]Johannes het hulle geantwoord: "Ek doop met water, maar tussen julle staan daar Iemand vir wie julle nie ken nie." (Joh. 1:26). Die onderskeid tussen waterdoop en die doop met die Heilige Gees is die vervulling van Esegiël 36.

Die apostel Johannes verduidelik dieselfde onderskeid in 1 Johannes só: "[6]Die Een wat deur die water van sy doop en die bloed van sy dood na ons toe gekom het, is Jesus Christus; nie net deur die water nie, maar deur die water én die bloed. Die Gees is die getuie daarvan, en die Gees is die waarheid. [7]Daar is dus drie wat getuig die Gees en die water en die bloed, en die drie se getuienis stem ooreen." (1 Joh. 5:6,7) Christus het self die waterdoop van Esegiël 36 ondergaan sodat Hy die belofte van die Heilige Gees kan vervul. Daarom is die Gees wat Christus gee, die Gees volgens die Abrahamsbelofte. Dit is die Gees wat aan sondaars nuwe harte gee - harte wat deel in God se liefde en wat deur hierdie liefde in God glo en God liefhet volgens sy wet, en wat, in die woorde van Johannes, ons kinders van God laat wees.

Die Here se verwysing in Johannes 3 na "uit water en Gees gebore" is ook die onderskeid tussen die waterdoop en die doop met die Heilige Gees soos Esegiël hierdie onderskeid tref in Esegiël 36. Die doop met water deur Johannes die Doper en die waterdoop van die Christelike Kerk is dieselfde doop. Dit is die doop met water wat teken is van die doop met die Heilige Gees deur Christus.

Ons insluiting in Christus as persoon en ons gemeenskap met die lewende, teenwoordige Christus, is die vervulling van die verbondsverhouding tussen God en mense. Die verhouding waarin God onderneem om God in liefde en genade te wees, en mense deur sy liefde en genade te herskep tot mense wat in sy liefde glo en Hom as God liefhet, word waar gemaak

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

deur die insluiting in en gemeenskap met die lewende Christus - God wat mens geword het. "[15]Wie bely dat Jesus die Seun van God is - God bly in hom en hy in God. [16]En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin. God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom... [19]Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het." (1 Joh.4:15,16)

**4.Christus is saam met sondaars sondaar**

Hoe werk die gemeenskap met Christus in hierdie insluiting in Hom as Persoon, as Hy vandag werklik mens in die hemel en God met ons is? Paulus wys dit in 2 Korintiërs 5: "[20]Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen. Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het! [21]Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees.(1983 AV) Vers 21 in die 1953-AV lees só: "Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen. [21] Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom."

God het Christus, wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak.

Dit is wat God laat gebeur deur ons in Christus in te sluit. Hy verenig Christus as mens só met sondaars dat Christus deel in die sondes wat hulle is en doen. Hierdie insluiting in en deel wees van sondaars se sondes, maak dat Christus werklik hul sonde is. As God Christus sonde maak, dan is dit só. Dan ís Hy sonde.

God is Skepper. Wat God doen, gebeur! Wat God maak, is werklik! As God sê: "laat daar lig wees", dan lyk dit nie asof daar lig is nie. Hy skep energie en laat energie wees wat dit is. As God sê: "laat daar lewe wees", dan lyk dit nie asof daar lewe is nie. Hy skep al die lewe en die krag van lewe. Hy laat lewe in die verskeidenheid en diversiteit van lewe in al die prosesse van lewe gebeur.

As God Christus sonde maak, ís Hy sonde.

Dit is nie so dat Christus maar net vir ons sondes betaal, net soos wat skuldlose mense vir ander mense se skuld betaal nie. In en deur hierdie insluiting van sondaars in Christus gebeur daar iets baie meer ingrypend en wesenlik. Christus is en word sondaars se sonde. Dit is iets wat God self met Christus doen. Hy word sondaar omdat Hy werklik deel in die sonde wat sondaars doen.

Dit is die betekenis van die sin: "Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak." ( 2 Kor. 5:21) Hierdie handeling van God beteken nie dat God maak asof Jesus sondaar is nie. Jesus het geen sonde geken nie. Hy was nie sondig nie. Hy self het geen sonde gedoen nie. Om maar net te maak asof Christus dan sondaar is en Hom net te behandel asof Hy 'n sondaar is, is vals. Hy kan nie behandel word vir dit wat Hy nie is nie. As God op hierdie wyse met Christus gehandel het, het God vals opgetree deur iemand wat geen sondaar

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

was nie, te behandel asof Hy ’n sondaar is. God kan nie iemand wat nie sondaar is nie, as sondaar straf nie.

God maak Christus ’n medeskuldige sondaar. Die wyse waarop Christus ’n medesondaar van sondaars gemaak word, is ooreenkomstig die beginsel dat deler so goed soos die steler is! Daarom word Christus ook nie onskuldig gestraf nie. As God Christus onskuldig straf, dan is dit onregverdig van God. Christus verdien die straf wat Hy van God ontvang. Hy verdien dit nie omdat Hy self sonde gedoen het nie. Hy deel in die sonde wat gedoen is omdat Hy medesondaar is deur sondaars se sonde te deel. Daarom verdien Hy die straf van God.

Dit is wat gebeur deur die insluiting in en vereniging van sondaars met Christus - Christus as mens word werklik deel van die sonde van mense. Hy deel in elke sonde wat hulle is en doen as sy eie. Dit is nie ’n simpatieke, meerderwaardige assosiasie van Christus met “onderdruktes” en “swakkes” nie. Dit is werklik. Hy is ingesluit in sondaars. Hy deel die sondes van sondaars; al is en doen Hy self geen sonde nie.

Dit is die aankondiging van Johannes: “[14] En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon.”(Joh.1:14; 1953-AV) “Vlees word” is nie maar net “mens word” soos dit in die 1983-vertaling weergegee word nie. “Vlees word” dui op God wat self een van die sondaars word. Sondaar tussen sondaars! Dit is hoe God onder sondaars kom woon - nie net deur ’n mens te word so asof sy menswording sy goddelikheid nader aan mense bring nie, maar deur as God self een van die sondaars te word.

Paulus stel dit só in Romeine 8:3: “deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees, ...”(1953-AV) God het Christus gestuur in “die gelykheid” van die sonde van die mens. Dit is weer eens nie maar net om mens te wees nie. Om mens te wees, is nie dieselfde as om sondige mens te wees nie. Christus is gelyk met ons sonde omdat Hy ons sonde is. Hy deel ons sonde met ons as mens volkome. Daarom kan God dan ook die “sonde veroordeel in die vlees” – dit is in Christus se vlees. Omdat Christus ons sonde is, veroordeel God ons sonde as Hy Christus as mens veroordeel. Christus word gestraf vir die sonde wat Hy saam met sondaars is, al het Hy self geen sonde gedoen nie.

Christus is sondaar tussen sondaars! God het Christus sonde gemaak. God het Christus sondaar tussen sondaars gemaak. Die wyse waarop God dit doen, is om sondaars in te sluit in Christus en Christus werklik in al hul sondes te laat deel. Al is Hy self nie sondaar en doen Hy self geen sonde nie. Maar die deler is so goed soos die steler. Omdat Christus werklik as mens ingesluit is in ons sonde, deel Hy ons sonde met ons en deel Hy ons oordeel met ons. Hy is as deler saam met ons ons sonde en die straf op ons sonde.

**5. Sondaars is saam met Christus regverdig**

Dit is wie Christus is in ons gemeenskap met Hom. Wie ons in hierdie gemeenskap met Christus is, stel Paulus so: “ sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.” (2 Kor.5:21)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Ons is Christus se geregtigheid. Christus het as mens God met sy hele hart, siel en verstand en al sy krag lief gehad. Dit was nie net 'n liefdespoging nie. Hy het hierdie volledige liefde volgens God se wet uitgeleef. In hierdie liefde het Christus die volle eis van die wet van God onderhou. Christus se liefde as mens maak Christus 'n regverdige mens.

Dit is die geregtigheid wat God gee - Christus se geregtigheid as mens. God laat ons hierdie geregtigheid word. Dit is weer eens nie sommer net om voor te gee dat dit vir ons geld nie. Om voor te gee asof die geregtigheid wat Christus geleef het sommer net so uit die staanspoor vir ons geld, omdat God sorg dat dit vir ons geld, is weer valse geregtigheid.

Die geregtigheid wat God ons laat word, werk anders. Dit is weer geregtigheid "in Hom", in Christus. Dit is geregtigheid wat Christus self is. Deur ons in te sluit in Christus en te laat deel in dit wat Christus as mens is, word ons deel van wat Christus is. Dit is 'n werklike vereniging in dit wat Christus werklik as mens is - regverdig.

Dit wat God ons met Christus in laat deel, dit is ons werklik. Daarom is ons regverdig in Hom. Ons deel sy regverdigheid met Hom as mens. Ons is werklik saam met Hom sy regverdigheid.

Dit is die geregtigheid van God. Hy laat ons regverdig wees deur ons te verenig met die regverdigheid wat Christus is. Hierdie vereniging is werklik 'n magsdaad van God wat ons werklik regverdig laat wees.

**6. Die plaasbekledende eenheid met Christus: Syne is myne en myne is Syne; sondaars is verenig met Christus in sy menswees**

Sondaars se gemeenskap met Christus werk só: Christus is ons sonde en ons is Christus se geregtigheid is. Dit is wat die heilsposisie van Christus bewerkstellig. Paulus stel dit só:

> [14]Die liefde van Christus dring ons, omdat ons tot die insig gekom het dat een vir almal gesterwe het, en dit beteken dat almal gesterwe het. [15]En Hy het vir almal gesterwe sodat dié wat lewe, nie meer vir hulleself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en uit die dood opgewek is.[16]Ons beoordeel dus van nou af niemand meer volgens menslike maatstaf nie. Al het ons Christus vroeër volgens menslike maatstaf beoordeel, nou beoordeel ons Hom nie meer so nie. [17]Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. [18]Dit alles is die werk van God." (2 Kor.5:14-18)

"Een het vir almal gesterwe, en dit beteken dat almal gesterwe het." Omdat ons in Christus ingesluit is, ís Hy ons sonde. Die sterwe van die Here onder die toorn van God was die boete wat Hy betaal het vir die sonde wat Christus regtig is. Die sonde wat Hy is, is ons sonde wat Hy met ons deel. Dit beteken dat ons ingesluit is in die dood wat Hy sterf, al sterf ons nie saam met Hom nie. Ons deel sy dood met Hom omdat Hy met ons verenig is. Sy dood is my dood omdat ek ingesluit is in die dood wat Hy sterf. Sy dood is my dood omdat Hy ingesluit is in die sonde wat ek is en doen.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit is die plaasbekledende eenheid tussen ons en Christus: Syne is myne en myne is Syne! My sonde is Syne en sy dood is my dood, al is Hy nie self sondaar nie en al sterf ek nie self vir my eie sonde nie.

Dit is hierdie wisselwerkende gemeenskap in ons eenheid met Christus wat ons verlossing van die straf vir ons sonde is. God straf óns sonde. Daar is nie een van ons eie sondes wat ongestraf bly nie. Verlossing beteken nooit dat God nie ons sondes straf nie. Die verlossing is dat Christus ons sonde met ons deel en net Hy die straf vir ons sonde dra.

Hierdie plaasbekledende eenheid is ook die nuwe lewe waarin ons leef: "sodat dié wat lewe, nie meer vir hulleself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en uit die dood opgewek is."(2 Kor 5:15) Ons is ingesluit in die geregtigheid waarin Christus geleef het en steeds leef. Christus se geregtigheid beteken dat Hy onskuldig, sonder smet, onberispelik en heilig was en steeds is. (Kol.1:22)

Hy was nie sy eie regverdigheid nie. Hy was ons sonde. Hy was ons skuldigheid, smet, berispelikheid en onheiligheid. Nou is ons egter met Hom in sy menswees verenig en deel ons dit wat Hy self is met Hom.

Dit is die wyse waarop ons lewe – ons leef as regverdiges. Ons is God se regverdige, onskuldige, smetlose, onberispelike en heilige kinders. Ons is regverdig en die lewe wat ons lewe is vir God regverdig. Ons lewe is vir God regverdig omdat ons ingesluit is in Christus se geregtigheid. Ons deel sy regverdige lewe in ons lewe.

Daarom is die lewe wat ons leef, Christus se regverdige lewe. In ons lewe deel ons altyd in sy geregtigheid. Dit maak ons lewe 'n regverdige se lewe. Al is die lewe wat onsself leef nie volgens ons eie dade regverdig nie. Dit is die lewe wat ons met Christus wat uit die dood opgewek is, deel. Dit is ook die lewe wat Hy as mens met ons leef in ons eenheid met Hom. Hierdie lewe, wat ingesluit is in die regverdige lewe van die Here, kan ons vir God leef. God het 'n behae in hierdie lewe wat ons leef in ons eenheid met Christus.

Dit is weer die plaasbekledende eenheid tussen ons en die lewende Here: Syne is myne en myne is Syne. Sy regverdige lewe is myne en my lewe, met al my sonde en oortredings, is daarom vir God die regte lewe wat ek vir God leef. Paulus stel dit só in Romeine 6:8-11:
"[8]Ons het saam met Christus gesterwe; daarom glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe.
[9]Ons weet dat Christus wat uit die dood opgewek is, nie weer kan sterwe nie; die dood het nie meer mag oor Hom nie. [10]Hy het gesterwe en is eens en vir altyd vir die sonde dood. Nou lewe Hy, en Hy lewe vir God. [11]Julle moet dus altyd onthou dat ook júlle vir die sonde dood is, maar vir God lewe, omdat julle een is met Christus Jesus."

Hierdie lewe waarin ons in Christus ingesluit is, is die nuwe lewe binne die verbondsgemeenskap met God. Paulus som die karakter van hierdie lewenswyse op in Filippense 3:10-12: " [10]Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, [11]in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood.[12]Ek sê nie dat ek dit alles al het of die doel al bereik het nie, maar ek span my in om dit alles myne te maak omdat Christus Jesus my reeds Syne gemaak het."

Christus het ons gegryp en in Homself ingesluit. Hy het ons Syne gemaak. Ons behoort aan Hom. Ons is ingesluit in die lyding van die Here. Hy is ons sonde. Hy ly vir ons sonde omdat Hy ons sonde is. Daarom is ons onskuldig, sonder smet, heilig en onberispelik voor God. (Kol.1:22). Dit is wat dit beteken om gelyk te word in Christus se dood - ons ís die straf, oordeel, vloek en verwerping wat Hy gely het. Nie omdat ons dit passievol saam met Hom beleef of ons daarin inleef nie, maar omdat ons sonde sy sonde ís.

Ons leef egter ook in die krag van die Here se opstanding. Ons is ingesluit in die lewe wat Hy as mens vandag in die hemel leef. Daarom is ons in die lewe met sonde en gebreke wat ons vir God leef, onskuldig, regverdig, smetloos en heilig, want dit is die lewe wat ons met die lewende Christus as mens deel.

Daarom is ons nuut en leef ons nuut, want ons leef in die geloof dat Hy ons sonde is. Hy is ons oordeel, straf, vloek en verwerping. Ons is sy regverdigheid. Ons is heilig, smetloos, onberispelik en regverdig vir God.

Dit is die plaasbekledende gemeenskap wat ons deel in ons eenheid met Christus. Syne is myne en myne is Syne. Ons word deur God werklik verenig met alles wat Christus as mens voor God is.

### 7. Die plaasbekledende eenheid met Christus: Syne is myne en myne is Syne; sondaars is met Christus as God versoen

Ons eenheid met Christus verenig ons in die menswees van Christus, én dit sluit ons in die versoening met Christus as God in. Christus is vandag mens én God. Ons insluiting in Christus is die wyse waarop ons met God versoen word. Daarom vertaal die 1983-vertaling 2 Kor.5:21 só: "Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees." Ons deel nie net Christus se geregtigheid en Hy ons sonde met ons nie. Ons deel juis deur hierdie eenheid God se behandeling van Christus.

Christus is sonde vir ons gemaak, beteken daarom dat God Christus as sondaar behandel het. Dit beteken egter ook dat as ons Christus se geregtigheid deel, ons die wyse waarop God Christus as mens behandel, deel. Versoening werk net soos ons vereniging met Christus as mens: Syne is myne en myne is Syne. Die manier waarop God Hom as regverdige mens behandel is die manier waarop God my behandel en my behandeling as sondaar, is die wyse waarop God Christus behandel.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Paulus wys op hierdie plaasbekledende behandeling van ons in Christus deur God in Gal. 3:13,14: "[1]Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word. Daar staan naamlik geskrywe: 'Vervloek is elkeen wat aan 'n hout opgehang is'.[14]Daardeur kan ook hulle wat nie Jode is nie, deur Christus Jesus deel kry aan die seën wat God aan Abraham toegesê het. So het ons dan deur die geloof die Gees ontvang wat God beloof het."

Christus word in ons plek deur God vervloek - my vloek is Sy vloek. Dit is die betekenis van Christus se kruisiging. God vervloek sondaars. Hy laat hul sonde vir hulle sleg wees en as God is Hy ook vir hulle sleg. Dit is hoe Christus tot sonde gemaak word. Hy deel werklik in ons sonde en daarom behandel God Hom as sondaar. God vervloek Hom as die sondaar wat Hy tussen sondaars is. Christus dra in Homself as Persoon die vloek van God op sonde. Hy neem die vloek van God in en op Homself.

Christus neem die vloek van God op Homself en dra dit deurdat Hy self God is. Christus wat die vloek dra, is God wat die vloek van sondaars in Homself opneem.

Sondaars word in Christus se plek deur God geseën. Sy seën is my seën. God seën regverdiges. Christus is die enigste regverdige mens. Omdat ons deel in Christus se geregtigheid as mens, is God vir ons as God goed. Hierdie goedheid wat God aan ons bewys, is die goedheid wat Christus toekom omdat Hy regverdig is.

God vervloek Christus in ons plek en ons word in die plek van Christus geseën. Syne is myne en myne is Syne. Dit is hoe ons deel in die versoening wat Christus vir ons met God bewerk het. God behandel ons soos God Christus as regverdige mens sou behandel, en God behandel Christus soos God ons as sondaars sou behandel het.

Versoening met God gaan oor dit wat God in Homself as God vir sondaars is. Dit is 'n totale misgissing oor God dat God net sonde haat, maar nie die sondaar nie. Hierdie onderskeid ken die Skrif nie. In Psalm 5 noem Dawid pertinent: "U haat almal wat onreg doen, [7]U roei alle leuenaars uit. Die Here verafsku moordenaars en bedrieërs."

God tref 'n besliste onderskeid tussen goddeloses en regverdiges. God is nie vir goddeloses en regverdiges maar op dieselfde wyse God nie.

Goddeloosheid volgens die Skrif is niks anders as haat vir God nie. Dit is haat in die mens vir God as sy Skepper oor sy afhanklike menswees teenoor God wat soewerein God is. Dit wat God as God is, en dit wat God as God doen, maak goddeloses hatig teenoor God. Hulle wil in hulself wees wat God is. Daarom is Hy in alles wat Hy as God is die bron van hul haat, drif, opstand, wrewel en woede. Die goddelose haat enige vorm van diensbaarheid of gehoorsaamheid aan God. Dit is hoe Paulus goddeloosheid in Rom. 1:29,30 beskryf: " [29]Hulle is een en al ongeregtigheid, slegtheid, hebsug en gemeenheid; hulle is vol jaloesie, moord, twis, bedrog en kwaadwilligheid. Hulle skinder en [30]praat kwaad; hulle haat God, ..."

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dawid beskryf hierdie hatigheid in Psalm 36:2-4: "[2]In die hart van die goddelose het die opstand teen God die laaste woord. Die goddelose het geen vrees vir God nie [3]en praat net goed oor homself. Hy is altyd daarop uit om kwaad te doen en om te haat. [4]As hy praat, is dit kwaadwillig en vals; verstandig wees en goed doen bestaan nie vir hom nie."

God reageer as God teen goddeloses met haat: "U haat almal wat onreg doen,
[7]U roei alle leuenaars uit. Die Here verafsku moordenaars en bedrieërs." (Ps. 11:7) Hierdie haat van God vir sondaars en hul sonde gaan oor sy goedheid en liefde vir sy Skepping. God is goed en Hy het alles goed gemaak. (Gen.1)

Goddeloosheid is nie maar net 'n onskuldige soeke na jou eie menswaardigheid, deugsaamheid, mondigheid en vryheid buite God nie. Hierdie goddelose menswaardigheid, deugsaamheid, mondigheid en vryheid is die verdraaide opvattings van Jesaja 44 en Romeine 1. Dit is sonde wat as deugsaamheid uitgeleef word. Hierdie verdraaide opvattings, wat goedheid sou wees, is die wyse waarop goddeloses die skepping - mens en natuur - vernietig in die geloof van hul eie goedheid. "Die dwaas dink daar is geen God nie. Dwase mense vernietig alles wat hulle doen, is 'n gruwel vir die Here. Daar is nie een wat goed doen nie. [2]Van die hemel af kyk die Here die mense deur om te sien of daar één verstandige is, één wat na die wil van God vra. [3]Almal het afgedwaal, die laaste een het ontaard; daar is niemand wat goed doen nie, selfs nie één nie." (Ps.14:1-3)

Dit is deur God se haat vir sondaars en hul sonde dat Hy hulle in en oor hul sonde verneder (Jes. 13:11), oordeel (Eseg.18:30), straf (Jes.13:11), vervloek (Jer.11:3) en verwerp (Jer. 7:15). In hierdie dade laat geld God sy toorn (Jes.9:16), woede (Eseg.7:8), gramskap (Jer.44:6) en wraak (Eseg.24:8) teen sondaars.

Christus se versoeningsdood beteken dat Hy as Christus die haat van God teen sondaars, en daarmee gepaard alles wat God met sondaars doen en alles waardeur Hy Homself laat geld, op Homself neem. Die brief aan die Hebreërs stel dit só: "...Hiervoor het Christus immers Homself as volkome offer deur die ewige Gees aan God geoffer." (Heb.9:14 ) Christus gee Homself om die volle haat, woede, gramskap en toorn van God te dra deur die vernedering, oordeel, straf, vloek en verwerping van God vir goddeloses in Homself op te neem.

Dit is die wisselwerking van God se plaasbekledende versoening: myne is Syne. Versoening deur Christus beteken dat ons ingesluit is in Christus wat die haat en verwerping van God vir ons sondes dra.

Aan die ander kant beteken dit ook dat ons as goddeloses en sondaars deur God ingesluit word in die liefde wat God vir Christus het. Paulus beskryf hierdie wisselwerking in die versoening in Romeine 5:5-8 so:

> "[5]en die hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het. [6]Toe ons nog magteloos was, het Christus immers reeds op die bestemde tyd vir goddeloses gesterwe. [7]'n Mens gee tog nie sommer jou lewe prys nie, selfs nie vir 'n regverdige nie. Ja

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> tog, vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe. [8]Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was."

God stort sy liefde uit in die harte van sondaars en goddeloses. Dit is die magteloosheid waarin ons vasgevang is. Ons is goddeloos en ons eie godsdiens is niks anders as godsdienstige goddeloosheid nie. Terwyl ons in hierdie afgodsdiens bevange is en ons God misbruik en onteer, kom Hy en stort sy liefde in ons uit.

Watter liefde? God haat goddeloses en sondaars! Dit gaan oor die liefde wat Christus se deel sou wees as regverdige mens. Christus het egter hierdie lewe in God se liefde, goedheid, guns, getrouheid, genade en barmhartigheid prysgegee. Hy het die lewe op Hom geneem waarin Hy die haat, woede, toorn, gramskap, wraak en vyandskap van God op Homself geneem en in Homself gedra het sodat ons kan deel in sy lewe waarin God Hom liefhet.

Die liefde wat God in goddelose sondaars se harte uitstort, is die lewe met God wat Christus prysgegee het. Sy liefde is my liefde, sy guns is my guns, sy goedheid is my goedheid.

Dit is hoe die gemeenskap met Christus werk, Dit is plaasbekledende eenheid met Christus as God. Hy neem as God die haat wat Hy vir sondaars het op en in Homself. Hy gee as God die liefde wat God vir Christus as die Seun van God het vir sondaars. Syne is myne en myne is Syne!

**8. Die Heilige Gees is die Gees wat ons in Christus insluit: verenig én versoen**

Die gawe van die Heilige Gees is die gawe waardeur Christus sondaars in Homself insluit. Die wyse waarop die Gees ons in Christus insluit, is deur ons met Hom as mens te verenig en met Hom as God te versoen.

Vereniging en versoening is twee wyses waarop ons ingesluit word in Christus. Al hou albei wyses verband met insluiting in Christus is die twee wyses nie dieselfde nie. Ons word met Christus as mens verenig om te deel in dit wat Hy as mens is en sodat Hy kan deel in dit wat ons as mens is. In ons versoening met Christus deel ons egter nie met Christus in dit wat Hy as God is nie. Ons deel nie in sy krag, naam en wil as God nie. Ons deel in die liefde, goedheid, barmhartigheid en genade wat God as God aan mense gee. In hierdie medeling word ons nooit God se liefde, genade, goedheid en barmhartigheid nie, maar tot die mate wat ons met Christus as mens verenig is, word ons en is ons wat Hy as mens is.

In ons insluiting in Christus bly die eenheid en onderskeid wat Christus in Homself is, mens en God, op dieselfde wyse vir ons behoue as wat dit in Homself bestaan: nie gedeel en nie geskei nie, onvermengd en onveranderd.

Die wyse waarop dit in ons insluiting in Christus behoue bly, is deur twee verskillende maniere van insluiting: vereniging in sy menswees en versoening met Hom as God.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Omdat ons met Hom in sy menswees verenig word, bly ons in ons menswees en God in sy Godwees onvermengd en onveranderd, maar in ons versoening met God kan ons en God nie gedeel of geskei word nie: "[21]Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. [22]Die heerlikheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is: [23]Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees, (Johannes 17:21-23)

Hierdie insluiting is 'n magsdaad van Christus deur sy Heilige Gees.

Christus en die Heilige Gees kan nooit van mekaar geskei word nie. Christus gee die Heilige Gees aan ons. Die Heilige Gees sluit ons in Christus in. Hy verenig ons met Christus as mens in die hemel en Hy versoen ons met Christus as God.

Hierdie plaasbekledende eenheid met Christus en die wisselwerkende gemeenskap waarin Syne myne is en myne Syne is, is die werking van die Heilige Gees: "[5]Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk, doen Hy dit omdat julle die wet onderhou of omdat julle die evangelie glo? [6]So was dit ook met Abraham: "Hy het in God geglo, en God het hom vrygespreek." (Gal.3:5,6)

Christus rus ons toe en werk kragtig onder ons deur die Heilige Gees. Waarmee rus Christus ons toe en waardeur werk Hy kragtig deur die Heilige Gees? Dit word duidelik gestel in Galasiërs 2:19 en 20: "[19]Maar wat my betref, deur die wet is ek vir die wet dood sodat ek vir God kan lewe: ek is saam met Christus gekruisig, [20]en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê."

Christus rus ons toe met sy kruisiging, lyding, sterwe en opstanding. Die kragtige werking van Christus is om ons in te sluit en te laat deel in sy kruisiging, lyding, sterwe en opstanding.

Dit is hoe Paulus toegerus is en hoe Christus kragtig met Paulus gewerk het. Paulus is toegerus met Christus se kruisiging. Christus het hom ingesluit en laat hom deel in sy kruisiging op so 'n wyse dat Christus se kruisiging nou Paulus se kruisiging is. Dit beteken Paulus se sonde was Christus se sonde. Dit is waarvoor die Here gekruisig is. Aan die ander kant is Paulus verenig met Christus se geregtigheid, dit wil sê, sy onskuld, smetloosheid, onberispelikheid en heiligheid. Dit is wat Hy bedoel as hy sê: "Christus wat in my lewe"

Hierdie toerusting met alles wat Christus in ons plek is, is die krag waardeur Christus Paulus 'n nuwe lewe laat leef - 'n lewe waarvolgens hy altyd deel in die liefde, goedheid, guns en trou van God. Hy leef in die versoening met God.

Die Heilige Gees is die Gees wat ons insluit in Christus. Dit is die Gees wat ons laat deel in die plaasbekledende vereniging en plaasbekledende versoening met Christus.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**9. Die werke van Christus is die seëninge van die Heilige Gees**

Hierdie plaasbekledende vereniging en versoening word deur Paulus met die kort uitdrukkings "in Christus", "deur Christus", en "met Christus" aangedui. In hierdie wisselwerkende gemeenskap deel ons in alles wat Christus is en doen - sy lewenswerk en lewensverdienste.

Christus se lewe en verdienste is die gawes waarin die Heilige Gees ons laat deel. Alles wat Christus in sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe en opstanding gedoen en bereik het, ontvang ons as ons eie deur ons insluiting in Christus as Persoon. Dit is die gawes wat Christus aan ons meedeel – dit wat Hy is en dit wat Hy doen.

Christus se gawes is nooit "dinge" of "iets" wat ons kry nie. Christus sluit ons in in dit wat Hy is en doen. Wat Christus ons meedeel, is wat Hy is en doen as lewende Here. Dit deel ons altyd net met Hom as teenwoordige, opgestane Here. Alles wat ons van Christus kry, kry ons net in hierdie wisselwerkende eenheid met Christus as Persoon: Syne is myne en myne is Syne.

Die Here verduidelik hierdie wisselwerkende eenheid tussen Hom en ons soos volg in Johannes 6:51-57:

> Ek is die lewende brood wat uit die hemel gekom het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy ewig lewe. En die brood wat Ek sal gee, is my liggaam. Ek gee dit sodat die wêreld kan lewe."[52]Die Jode het toe onder mekaar begin stry en gesê: "Hoe kan hy sy liggaam vir ons gee om te eet?"[53]Maar Jesus sê vir hulle: "Dit verseker Ek julle: As julle nie die liggaam van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle nie die lewe in julle nie. [54]Wie my liggaam eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan. [55]My liggaam is die ware voedsel, en my bloed is die ware drank. [56]Wie my liggaam eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom. [57]Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur Hom lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe."

Die lewe wat die Here ons gee, is nie ons eie lewe nie. Dit is Christus se lewe wat Hy met ons deel. Dit is die lewe wat die Vader aan Hom gegee het om in ons plek te leef, en ons leef hierdie lewe deur dié Lewende Brood "in te neem" deur met Hom verenig te wees in sy menswees.

Dit is wat die ewige lewe is - om Christus se lewe met Hom as Here te deel, die lewe waarvolgens Hy sy liggaam en bloed in ons plek gegee het. Om sy bloed te drink en sy liggaam te eet, beteken dat ons verenig is en deel in dit wat Christus as lewende mens vandag is. "Bloed" en "liggaam" wat "gegee" is, beteken ons deel in sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding as mens, omdat dit is wie Hy is - die mens wat in ons plek gestraf is.

Ons kan net deel in hierdie lewe as ons deel in Christus wat ná sy opstanding mens is. Daarom moet ons ingesluit wees en deel in dit wat die lewende Here vandag as mens in ons plek is. Alles wat ons deur Christus ontvang, ontvang ons net deur te deel in dit wat Hy as persoon vandag is. Buite hierdie eenheid en wisselwerkende gemeenskap met Christus, is

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

daar geen geestelike gawes wat ons op ons eie buite Christus kan ontvang en besit nie. Hierdie gawes is en bly altyd net dit wat eie aan Christus is, en dit wat Hy van Homself met ons deel.

Die Heilige Gees laat ons deel in Christus en dit waarin Hy ons met Christus laat deel, maak ons lewend vir God. Die Heilige Gees laat ons in niks anders deel as die "bloed" en die liggaam" van Christus nie."[60]Toe hulle dit hoor, het baie van Jesus se dissipels gesê: 'Wat Hy nou sê, is darem te erg. Wie kan daaraan gehoor gee?' [61]Jesus het vanself geweet dat sy dissipels hieroor mor, en Hy sê vir hulle: 'Skrik dit julle af? [62]Wat dan nog as julle die Seun van die mens sien opvaar na waar Hy voorheen was? [63]Dit is die Gees wat iemand lewend maak; die mens self kan dit nie doen nie. Wat Ek vir julle gesê het, kom van die Gees en gee lewe.'" (Joh. 6:60-63)

Daarom noem Paulus dit wat ons met Christus deel, die "seëninge van die Gees". Christus gee aan ons die Gees om ons te laat deel in dit wat Hyself is. Die Gees seën ons met dit wat Christus vir ons is en doen. Paulus gee 'n samevatting van hierdie seëninge of gawes in Efesiërs 1: 3-14

> "[3]Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons **in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is.** [4]So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons **in Christus uitverkies om heilig en onberispelik** voor Hom te wees. [5]In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om **deur Jesus Christus sy kinders te wees**. [6]Daarom moet ons God prys vir sy wonderlike genade wat Hy in die Geliefde vrylik aan ons geskenk het. **[7]Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe** kragtens die ryke genade van God [8]wat Hy in al sy wysheid en insig so oorvloedig aan ons geskenk het. [9]Hy het kragtens sy besluit en voorneme die geheimenis van sy wil aan ons bekend gemaak [10]en **dit deur Christus tot uitvoering gebring** op die tyd wat Hy daarvoor bepaal het. Sy bedoeling was om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder **een hoof te verenig, naamlik onder Christus**. **[11]Deur Christus het ons deel geword van die volk van God** soos Hy dit vooruit al bestem het. So het Hy Hom dit voorgeneem. Hy wat alles laat gebeur volgens sy raadsbesluit. [12]Daarom moet ons, die eerstes wat ons hoop op Christus gestel het, die grootheid van God prys. [13]Deur Christus het ook julle deel geword van die volk van God toe julle die waarheid wat aan julle verkondig is, die evangelie van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het. **In Christus het die Heilige Gees** wat deur God belowe is, julle **as die eiendom van God beseël**. **[14]Die Heilige Gees is die waarborg** dat ons ook **verder sal ontvang wat God belowe het**, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos. Daarom moet ons sy grootheid prys."

[Beklemtoning in vetdruk dié van die outeur]

Die uitdrukkings "in Christus" en "deur Christus" wys op Christus as lewende en teenwoordige persoon. Alles wat die Heilige Gees met en vir ons doen, is deur ons in te sluit in Christus. Christus word nooit 'n middel tot 'n doel nie. Hy word nooit 'n metode of krag waardeur die Heilige Gees iets anders meedeel as Christus self nie.

Die gawes wat Christus aan ons deur die Heilige Gees gee, is insluiting in dit wat Hy is en doen. Die seëninge van die Gees wat in die hemel is, dui op Christus wat mens in die hemel is. Alles wat ons van en in sy menswees deel, is die seëninge van Christus. Die heiligheid en onberispelikheid wat ons voor God het, is die heiligheid en onberispelikheid wat ons met

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Christus as mens in die hemel deel. Die verlossing en vergifnis wat ons ontvang, is ons deelname aan die menswees van Christus wat sondaar vir ons in ons plek was onder die toorn van God. Ons behoort aan God omdat ons ingesluit is in Christus en Christus s'n is. Omdat ons ingesluit is in Christus, is ons deel van die volk van God.

Daarom is die geboorte, lyding, kruisiging, sterwe en opstanding Christus se werke, maar hierdie werke van Christus is ons seëninge. Ons word geseën met wat Christus in ons plek vir ons is en doen.

**10. Die Heilige Gees maak ons nuwe mense in en deur ons eenheid met Christus**

Ons insluiting in Christus is 'n magsdaad van God. Dit is nie 'n assosiasie wat God met ons maak nie. Hierdie insluiting in Christus as magsdaad wat alles die werk van God is, maak ons nuwe mense vir God: "[17]Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. [18]Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen." (2 Kor.5:17,18) Dit wat ons nuut is, is ons in ons eenheid met Christus. Wat ons was, wat oud en verby is en wat ons nie weer kan wees nie, is dit wat ons buite ons eenheid met Christus was.

Ons eenheid met Christus as Persoon, is eenheid met Hom wat in Homself magtig is en in Homself kragtig God is. In hierdie eenheid oefen Christus sy mag as God in ons uit:

> "[18]Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, [19]en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag [20]wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het: [21]hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom." (Ef.1:18-21).

Christus is God. Sy opstanding uit die dood as mens was nie uit menslike krag nie. As mens was Christus net so sterflik soos ons. As mens het Hy geen krag of mag gehad om weer lewendig te word nadat Hy dood was nie. Dit was deur die kragtige werking van sy Godheid dat Hy as mens weer lewend kon word, al was Hy eers dood.

Hy het uit die dood opgestaan deur dieselfde krag waarmee Hy nou self as God aan die regterhand van God die Vader regeer.

Deur ons in Homself in te sluit, werk Hy in ons deur dieselfde krag waarmee Hy uit die dood uit opgestaan het en dit is sy krag as God. Dit is hierdie kragtige werking van Christus as God wat ons nuut maak in en deur ons eenheid met Hom.

Deur ons te laat deel in sy versoening, skep Christus in ons liefde vir God. God se liefde is nie maar net meelewing, simpatie of gevoelvolle assosiasie met ons nie. God is die Skepper. Sy liefde is skeppende liefde. Deur ons in sy liefde vir ons in te sluit in Christus, skep Hy in ons 'n wederliefde vir Hom as God volgens sy wet.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die apostel Johannes beskryf dit só in 1 Joh. 4:9-19:

> “9Híerin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. 10Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes .... 16En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin. God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom. ... 19Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het. ... 3Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam.”

Werklike liefde is nie die liefde wat ons vir God het nie. Ons besin en leef ander liefdes vir God as die liefde wat God toekom. Die mens se liefde vir God kan volgens God net gehoorsaamheid en toewyding aan die wet van God wees. Liefdevolle gehoorsaamheid aan sy wet is werklike liefde vir God. Goddeloses het nie hierdie liefde vir God nie. Goddeloses besin en leef altyd vir God ’n ander liefde as die werklike liefde wat die Skepper toekom.

Werklike liefde is God se versoenende liefde vir ons. Dit is God se liefde vir sondaars in en deur Christus. In Christus ontvang sondaars God se liefde, terwyl Christus die haat gedra het wat sondaars toekom. Hierdie liefde van God is altyd “eerste liefde”. God sluit ons in hierdie liefde in en vervul ons met hierdie liefde, terwyl ons nie werklike liefde vir Hom het nie. Uit hierdie eerste liefde skep God in ons liefde vir Hom. Hierdie liefde, wat God in ons vir Hom skep, is die liefde wat Hom toekom, naamlik gehoorsaamheid en toewyding aan Hom volgens sý Wil.

Hierdie eerste liefde van God vir goddeloses stel Paulus só: “ ...God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het. 6Toe ons nog magteloos was, het Christus immers reeds op die bestemde tyd vir goddeloses gesterwe.” (Rom.5: 5-6) God bied ons nie sy liefde aan as iets waaroor ons moet besluit of ons dit wil hê, al dan nie. God bied ons sy liefde ook nie as ’n kontrak aan waarvolgens ons eers ’n wederliefde moet aanbied nie. God gee sy liefde ook nie as ’n uitnodiging waarop ons moet reageer nie. God gee sy liefde allermins nie op so ’n wyse asof Hy dit net aanbied en verklaar, maar dat ons dit self moet toe-eien voordat ons werklik daarin kan deel nie. God stort sy liefde in ons harte uit, daardie harte wat Hom minag en haat! God stort sy liefde in goddeloses se harte uit. Hy laat sy liefde sondaars vervul. Hy eien self sy liefde aan sondaars toe. Dit is die magsdaad van God deur sy Heilige Gees in Christus.

Dit is dieselfde magsdaad waardeur God alles uit niks geskep het. Dit is die magsdaad waardeur God gespreek het en alles gemaak het wat Hy gesê het. Net deur dit te sê! Deur hierdie magsdaad eien God Christus aan ons toe. Dit is ook die magsdaad wat ons innerlik verander. Deur ons te laat deel in Christus, skep God in ons wat ons nie in onsself het of kan wek nie en dit is liefde vir God: “4Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit ’n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe 5om ons, wat aan die wet onderworpe was, los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem kon word. 6En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit:‘Abba!’ Dit beteken: Vader!”(Gal. 4:4-6)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die Gees wat Christus aan ons gee, is die Skepper-Gees. Hierdie Gees skep deur die liefde van God,waarin sondaars deel, in sondaars se harte die liefde waardeur sondaars die Vader van Christus liefhet as "ons Vader". Die nuutheid van sondaars is dat God aan hulle 'n hart en verstand en gees gee wat God die Vader van die Seun, as hul eie Vader vertrou en liefhet.

**11. Die werke van Christus is vir ons die vrugte van die Heilige Gees**

Die volheid van hierdie liefde vir God wat in ons geskep word, stel Paulus so in Galasiërs 5: 22-25: "[22]Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, [23]nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie. [24]Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. [25]Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal. [26]Ons moenie verwaand wees, mekaar uittart of op mekaar afgunstig wees nie."

Hierdie nuwe ingesteldhede teenoor God en mens wat Paulus hier noem, is die gevolge van die kragtige werking en toerusting van Christus: "[5]Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk, doen Hy dit omdat julle die wet onderhou of omdat julle die evangelie glo?" (Gal.3:5) Die toerusting waardeur Christus kragtig werk is die regverdigmaking van sondaars: "[16...] selfs ons het in Christus Jesus geglo, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof in Christus en nie uit die werke van die wet nie; omdat uit die werke van die wet geen vlees geregverdig sal word nie." (Gal.2:16; 1953-AV)

Ons regverdigmaking is dat ons ingesluit is in die geboorte, lyding, kruisiging, sterwe, verwerping en opstanding van Christus. Daardeur deel ons in Christus se heiligheid, sy onberispelikheid, sy smetloosheid, sy onskuld en gehoorsaamheid. Daardeur is ons nie ons eie onheiligheid, smet, skuld en ongehoorsaamheid nie.

Die Heilige Gees laat ons in Christus deel. Die krag van hierdie eenheid skep in ons die nuwe ingesteldhede wat Paulus in Galasiërs 5 noem.

Die kragtige werking van sy geboorte, wat ons in sy heiligheid laat deel, maak ons innerlik goedhartig volgens sy wet;

die kragtige werking van sy lyding, wat ons in sy oordeel laat deel, maak ons vredeliewend volgens sy wet;

die kragtige werking van sy kruisiging, wat ons in sy seën laat deel, maak ons vreugdevol in die eise van sy wet;

die kragtige werking van sy dood, wat ons in sy onskuld laat deel, maak ons vriendelik in die uitvoering van sy wet;

die kragtige werking van sy begrafnis, wat ons in sy vriendskap laat deel, maak ons geduldig in ons volhardende gehoorsaamheid aan sy wet;

die kragtige werking van sy verwerping (ter helle neergedaal), wat ons in sy liefde laat deel, maak ons liefdevol in die gehoorsaamheid van die wet;

die kragtige werking van sy opstanding, wat ons in Homself insluit, maak ons getrou in ons verbintenis tot sy wet; en

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

die kragtige werking van sy hemelvaart, wat ons met Christus vervul, maak ons selfbeheersd in ons verbintenis aan sy wet.

Christus se werk is om in ons plek te ly en gehoorsaam te wees. Die Heilige Gees sluit ons in Christus in om in alles wat Christus is, te deel. Die kragtige werking van hierdie insluiting is dat Christus in ons nuwe lewenshoudings en ingesteldhede teenoor God en sy wet skep. Ons nuwe lewenshoudings en ingesteldhede is die gevolge van ons insluiting in Christus. Daarom word hierdie nuwe deugde in ons die vrugte van die Heilige Gees genoem. Dit is die gevolge van ons vereniging en versoening met Christus.

**12. Nuwe mense: in Christus is ons weer God se beeld**

Dit is hoe ons nuwe mense is: mense wat God weer liefhet en met 'n innerlike lewensingesteldheid leef waarin ons aan God en sy wil toegewy wil wees, want ons is in Christus ingesluit!

Ons insluiting in Christus maak dat ons weer aan God behoort en aan God wil behoort. Dit is ons nuutheid. Ons nuutheid is nooit iets in onsself nie. Ons is altyd net nuut in ons eenheid met Christus. Dit is hoe Paulus die nuutheid in 2 Korintiërs 5:17-21 aankondig: "[17]Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. [18]Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen ... [21]Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees."

Net sy gehoorsaamheid maak my heilig met die wil om goedhartig teenoor God en sy wil te wees, nooit my eie gehoorsaamheid nie;

Net sy oordeel verheerlik my as kind van God, wat my vredeliewend teenoor God en sy wil laat wees, nooit my eie lyding nie;

Net sy vloek aan die kruis maak my geseënd in God, wat my vreugdevol oor God en sy wil maak;

Net sy sterwe maak my onskuldig, wat my onskuldig laat wees en vriendelik teenoor God en sy wil maak.

Buite die eenheid met Christus deur die Heilige Gees, is mense altyd die ou mens en leef hulle altyd die oue. Hierdie oudheid is die krag van ondeugde waarna in Galasiërs 5:19-21 verwys word: "[19]Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, [20]afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, [21]afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge. Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie." Dit wat hier gelys word, is die praktyke van die sondige natuur.

Wat is hierdie sondige natuur? Dit is presies die teenoorgestelde van die Heilige Gees: "[17]Wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom kan

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

julle nie doen wat julle graag wil nie.” (Gal.5:17) Hierdie spanning tussen die Heilige Gees en die mens se sondige gees, gaan nie oor die innerlike spanning binne-in die mens oor sy eie driftigheid nie. Hierdie sondige natuur is nie driftigheid of seksdrange nie. Die sondige natuur is die geestelikheid van die mens, wat buite die eenheid met Christus reg en goed wil wees.

Daarom is die praktyke van die sondige natuur nie die lewenshouding en ingesteldhede van mense wat hulself immoreel en wetteloos verklaar nie. Dit is die ingesteldhede van mense wat buite die eenheid met Christus reg en goed vir God en mense wil wees. Die eiegeregtigheid van mense buite Christus bewerk hierdie lewenshoudings en ingesteldhede wat Paulus die praktyke van die sondige natuur noem.

Die praktyke van die sondige natuur is die gevolge van spiritualiteit. “Spiritualiteit” is die moderne woord vir dit wat die Bybel die sondige natuur van die mens noem. Spiritualiteit is die mens se geestelikheid buite die eenheid met Christus. Dit is wat Paulus die “sondige natuur”noem - hierdie geestelike verhouding met God buite Christus. Dit is nie drif of seks nie. Die sondige natuur van die mens soek en ervaar ’n spirituele verhouding met God buite die eenheid met Christus.

Dit is hoekom Paulus hierdie “spirituele” mense moet aanspreek oor hul misbruik van die liefde van God: “[13]Julle, broers, julle is tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik as ’n verskoning om sonde te doen nie, maar dien mekaar in liefde. [14]Die hele wet word in hierdie een gebod saamgevat: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.” [15]Maar julle byt en verskeur mekaar; pas op dat julle mekaar nie later heeltemal verslind nie.”(Gal.5:13-15)

Dit is die ingrypende – die geestelikheid van mense met ’n spirituele verhouding met God verskeur mekaar in hul innigheid met God. Dit is die diepgaande kritiek van Paulus: hul liefde, vredeliewendheid, goedhartigheid, geduld, blymoedigheid en selfbeheersing buite hul eenheid met Christus is nie wat hulle in hul vryheid wil voorhou dit is nie. Die liefde van hul spiritualiteit is volgens God se Woord die praktyke van die sondige natuur.

Hulle bedryf die vrug van hul spiritualiteit asof dit die vrugte van die Heilige Gees is, maar dit is nie. Hulle soek deugde buite Christus. Hulle soek hierdie deugde as iets wat hulle in hulself buite Christus kan wees. Dit is hoekom Paulus dit in Gal. 3:2-6 só aanspreek:

> [2]Net een ding wil ek van julle weet: Het julle die Heilige Gees ontvang deur die wet van Moses te onderhou of deur die evangelie te glo? [3]Is julle dan so sonder begrip? Julle het met die Gees begin; wil julle nou in eie krag eindig? [4]Was al julle swaarkry dan verniet? Dit kon tog nie verniet gewees het nie! [5]Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk, doen Hy dit omdat julle die wet onderhou of omdat julle die evangelie glo? [6]So was dit ook met Abraham: “Hy het in God geglo, en God het hom vrygespreek.

Hulle bedryf liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing buite Christus. Hulle wil ’n eie krag hê wat hulle só laat wees.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die krag wat hulle wil hê om so te wees, kry hulle in God se liefdeswet. Hulle kry dit nie in hul eenheid met Christus nie.

Dít is die spanning: is ons nuut in Christus, of vind ons ’n nuutheid buite ons eenheid met Christus? Hoe is ons súlke mense, mense met liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing? Net in Christus of kan ons dit ook buite Christus wees?

Dit is die kritiek van die Woord van God - die liefde wat mense glo hulle buite Christus is, is nie liefde nie. Dit is die praktyk van die sondige natuur wat hulle vir hulself maar net glo asof dit liefde is. Hul liefde buite Christus is niks anders as die gewone, verdraaide opvattings van mense in goddeloosheid en afgodsdiens nie. (Rom.1) Hoe so?

Buite Christus staan die mens skuldig, onheilig, besmet, onregverdig, veroordeel, aangekla en vervloek voor God. ’n Mens wat homself binne hierdie posisie teenoor God voorhou as ’n mens vol liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing, maak van hierdie deugde die diepste minagting vir God. Deur hierdie lewenshoudings wys hy dat God se optrede hom nie raak nie en dat hy die deugsame mens kan bly wat hy inherent en vanself is, ongeag hoe onaangenaam God teenoor hom is. Dit is die krag van goddeloosheid: om God met goeie deugde te minag en Hom in sy woede oor sonde belaglik te maak as ’n Persoon wat jou nie in jou goeie menslikheid kan steur of van koers kan bring nie.

Wat goddeloses in hul lewe doen, doen hulle met afgodsdiens ook in die kerk! Om in jou eie spiritualiteit ’n krag te vind wat jou buite die lyding en sterwe van Christus ’n mens vol liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing maak, maak Christus onnodig vir werklike, kragvolle, vernuwende deugde. Om in Christus te glo net om nie deur God gestraf te word nie, maar om buite die eenheid en versoening met Christus die krag te kry vir die nuwe, liefdevolle lewe, is afgodsdiens. Dit is nie geloof in die kragtige vernuwing deur die vereniging en versoening in Christus nie. Daarom spreek Paulus hierdie nuutheid as afgodsdiens aan: “Julle Galasiërs, is julle dan so sonder begrip? Wie het julle verstand benewel?” (Gal.3:1) Hierdie begriploosheid en beneweldheid is die dwaasheid van afgodsdiens.

Wat is hierdie nuutheid buite Christus? Wat is hierdie nuutheid wat volgens Paulus die oudheid van die ou sondige natuur is, maar gesien en geleef word as die nuutheid van die lewe in Christus? Dit is die verdraaide opvattings van die verdraaide beeld van God.

Wat word die vrugte van die Gees buite Christus? Buite Christus staan die mens onder die toorn, haat, oordeel, straf en woede van God. Buite Christus staan die mens skuldig, vervloek, veroordeel en verwerp voor God. Waarmee is iemand, wat buite Christus is, besig as hy liefdevol, vredeliewend, geduldig, goedhartig en selfbeheersd teenoor God optree?

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit gebeur baie tussen ouers en kinders.
Wat noem 'n mens dit as 'n kind vrede voel vir sy ouers se gesag en hom nie aan hul dissipline steur nie? Dit is nie vrede tussen ouer en kind nie. Dit is die hoogmoed van eiewilligheid!
Wat noem 'n mens die liefdevolheid van 'n kind teenoor die verontwaardiging van 'n ouer oor hul kind se eerloosheid teenoor hulle? Dit is die innigheid van minagting!
Wat noem 'n mens die vriendelikheid van ouers wat geen leiding oor reg en verkeerd aan hul kinders gee nie? Dit is die argeloosheid van onbetrokkenheid!
Wat noem 'n mens die nederigheid van kinders wat nie doen wat hul ouer sê nie? Dit is die afwesigheid van woede!
Wat noem 'n mens ouers se geduld wat toelaat dat hul kinders maar mag aanhou sonde doen? Dit is die uitbuiting van kinders om die front te wees vir die geweld van die ouers se rebelsheid teen gesag!

'n Mens wat onder die toorn en woede van God liefdevol en vredeliewend teenoor God staan, is 'n mens wat God minag, haat en totaal argeloos oor God is. Dit is 'n mens wat hom selfgenoegsaam voel sonder God of onder die toorn van God - want God maak eintlik glad nie saak nie. Dit is die selfgeloof en selfbemagtiging van goddeloses teenoor God deur hul eie liefdevolle, mensliewende en vredevolle geaardheid.

Goddeloosheid is die krag van afgodsdiens. Mense wat voel dat hulle God in sy toorn en woede kan verander om weer die liefdevolle en begripvolle God te word wat Hy behoort te wees as Hy nie so sonder selfbeheersing is nie, minag en haat God met al die liefde, getrouheid, goedheid, nederigheid en selfbeheersing wat hulle aan God bewys. Hulle leef in die selfgenoegsaamheid van die krag van hul innerlike om God te verander soos wat hulle Hom wil hê. Hierdie selfbemagtigde innerlikheid teenoor 'n onvergenoeglike God is afgodsdiens.

Paulus stel dat die praktyke van hierdie Christuslose spiritualiteit daarop wys dat die navolgers van die spiritualiteit nie met werklike liefde, vrede, geduld en vriendelikheid besig is nie. Die gevolge van die spiritualiteit is godsdienstige en sedelike verval. Dit wys dat die krag van die spiritualiteit die teenoorgestelde van die vrugte van die Heilige Gees is. Die krag van die spiritualiteit is haat, woede, minagting, oneer, liefdeloosheid en selfsug. Dit is die ou bekende krag van die afgodsdienste – Grieks en Joods - waaruit hulle kom.

Die mens buite Christus is die ou mens. Dit is die mens wat leef uit die krag van sy eie spiritualiteit. Dit is die mens wat in die krag van sy eie liefde, goedheid, vredeliewendheid, geduld en nederigheid homself losmaak van God en sy wil. Dit is die mens wat in sy eie goedheid glo om sy saak met God reg te maak deur God, met sy goeie gesindhede teenoor God, reg te kry. Dit is die mens wat in die morele verval en sedelike ellende van sy eie minagting en argeloosheid leef, terwyl hy die krag van sy eie liefdevolheid glo:

> Iemand wat hom met as besig hou, laat hom mislei deur sy eie verdraaide opvattings. Hy kan homself nie red nie, hy vra homself nie af: “Is dit nie 'n leuen waarmee ek my besig hou nie?” (Jes.44:20)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> “[3]En dit terwyl U waarheid eis, Here! U het hulle geslaan, maar hulle het hulle nie aan U gesteur nie; U het hulle hard geslaan, maar hulle het hulle nie laat leer nie, hulle koppe was harder as klip,hulle het geweier om hulle te bekeer. ... [12]Hulle het Hom geminag, hulle het gesê: “Hy sal dit nie doen nie,daar sal geen kwaad oor ons kom nie en ons sal nie oorlog of hongersnood beleef nie. [13]Wat die profete sê, is wind, dit is nie die woord van die Here nie. Mag wat hulle sê, oor hulleself kom! (Jer. 5:3;12,13)

Christene is nuwe mense: hulle is in Christus. Hulle is nie meer ou mense nie. Hulle is nie meer buite Christus nie. Wie in Christus is, is nie net ’n nuwe mens nie, maar leef ook ’n nuwe lewe. Hierdie nuwe lewenswyse van Christene stel Paulus só in Gal 5:24 (die 1953 en 1983-vertalings word hieronder aangehaal):

> [24] Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig. [25] As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel.” (1953-AV)

> [4]Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. [25]Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal. [26]Ons moenie verwaand wees, mekaar uittart of op mekaar afgunstig wees nie.” (1983-AV).

Wat is hierdie “vlees” of “sondige natuur”? Die “vlees met sy hartstogte en begeertes” gaan oor elke mens se lewenswyse om in die passie en krag van sy eie liefde, goedheid, vrede, nederigheid en selfbeheersing te leef. Gesterk in hierdie deugde leef die mens homself uit in die geloof dat Hy God en sy naaste óf sal laat deel in sy eie innerlike, óf as hulle nie in sy eie innerlike ingesluit wil wees nie, dan sal hy sonder hulle selfgenoegsaam in sy eie liefde, vrede en goedheid wees. “Vlees” is die mens se aard en ingesteldheid om sy eie hartstogte en begeertes te glo as die ware liefde, vrede, goedhartigheid, vriendelikheid, geduld, nederigheid en getrouheid wat hom en ander mense tot hul beswil moet vervul. Dit is die lewenswyse om God en mens in jou eie hartstogte en begeertes in te sluit omdat dit die wyse is waarop hulle ware liefde, vrede, geduld, vriendelikheid en goedhartigheid sal ervaar. Dit is die mens se geaardheid om sy verdraaide opvattings, sy verdraaide waardes en norme, uit te leef as die ware liefde vir God en sy medemens.

Hoe het kinders van God hul “vlees met sy hartstogte en begeertes gekruisig”? Paulus het dit as die kern van sy lering oor die evangelie in die Galasiërbrief in hoofstuk 2 gestel: “[19]Maar wat my betref, deur die wet is ek vir die wet dood sodat ek vir God kan lewe: ek is saam met Christus gekruisig, [20]en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.” Hoe kruisig Christene hierdie “vlees”? Dit doen hulle deur te glo, deur te glo dat jy ingesluit is in Christus. Geloof is die wyse waarop die eenheid met Christus aanvaar en deurleef word. Geloof in Christus wil nie God insluit in eie begeertes en hartstogte asof dit die liefde is wat God soek en benodig nie. Geloof aanvaar dat God ons in Christus insluit om werklike liefde met God te vind. Geloof aanvaar dat die Heilige Gees ons laat leef in die liefde van God in Christus. Geloof in sondaars se eenheid met Christus is ’n daad waarin ’n mens wegkeer uit die geloof in die krag van mense buite Christus se liefde en goedhartigheid.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Ongeloof in ons hartstogte en begeertes buite Christus as sou dit die ware liefde, vrede, goedhartigheid en selfbeheersing wees, is hoe kinders van God hul “vlees” kruisig. Dit is die nuwe lewenswyse waarin ons deur die Heilige Gees wandel. Hy sluit ons in Christus in en ons aanvaar en vertrou hierdie insluiting, en wil nie meer mense wees buite die eenheid wat die Heilige Gees tussen ons en Christus skep nie. Ons glo nie meer in die mens wat buite Christus sy eie begeertes en hartstogte as ware liefde en goedhartigheid ervaar het. Ons wil onsself, God en ander nooit weer só ervaar nie. Dit is wat Paulus bedoel met die uitdrukking “nou is dit nie meer ek wat lewe nie”. (Gal.2:20) Die lewe wat Paulus self wil leef, was altyd die lewe waarin hy hom in sy eie sonde geregverdig het en homself oortuig en geglo het dat sy woede teen God en mense ’n passie is om sendeling te wees en mense vir die Here te bekeer: “in my ywer ’n vervolger van die kerk, ...”. (Fil.3:6).

“Die wandel deur die Gees” gaan oor ’n nuwe lewenswyse waar, volgens Paulus, Christus in ons leef. Daarom word dit vertaal dat dit ’n lewenswyse is waar die Heilige Gees ons gedrag bepaal. Deur wat word ons gedrag bepaal? Die Heilige Gees bepaal ons gedrag en ons wandel deur ons insluiting in Christus. Ons word met Hom as mens verenig en met Hom as God versoen.

“Christus leef in ons” beteken ons is die heiligheid wat Christus as mens deur sy geboorte uit die maagd Maria is. Ons is heilig, want ons is sy heiligheid as mens. Hy leef vandag en Hy deel dit vandag met ons. Christus leef in ons beteken ons deel en leef in die barmhartigheid van God, want Christus was ons sonde en het die wraak van God gedra. Christus leef in ons beteken dat ons heiligheid en ervaring van God se barmhartigheid in ons ’n innerlike waardigheid skep om heilig te wil wees - ons wil God met ons hele hart, siel en verstand en al ons krag liefhê volgens sy wet. “Ons leef nie meer nie” beteken ons leef nie meer in die skaamte of trots van ons eie onheiligheid buite Christus nie. Dit beteken dat ons nie meer die onwaardigheid van ons eie hartstogte en begeertes glo en wil uitleef as liefde nie. Wandel deur die Gees beteken dat ons ons gedrag laat bepaal deur die heiligheid wat ons is en die barmhartigheid van God wat ons ervaar, nie deur ons onheiligheid en God se wraak nie.

“Christus leef in ons” beteken ons leef in die verheerliking as God se kinders wat ons deel met Christus in sy oordeel en lyding onder Pontius Pilatus. Ons is die heerlikheid van kinders van God, want ons is ingesluit in Christus as die aangeklaagde en veroordeelde mens in ons plek. “Christus leef in ons” beteken ons deel en leef in God se genade, want Christus het die toorn van God oor on sonde gedra. Hierdie heerlikheid en genade skep in ons die vryheid dat ons diensbaar wil leef teenoor God volgens sy wet. “Ons leef nie meer nie” beteken ons leef nie meer in die innerlike verdrukking of ongeërgdheid van ons veroordeling buite Christus nie. Dit beteken dat ons nie meer die losbandigheid van ons eie hartstogte en begeertes glo en wil uitleef as ons vryheid nie. Wandel deur die Gees beteken dat ons ons gedrag laat bepaal deur die heerlikheid wat ons as kinders is en die genade wat ons in God ervaar, nie deur ons veroordeling en God se toorn nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

“Christus leef in ons” beteken ons leef in die goeie gawes van die seën God wat ons deel met Christus is sy vervloeking aan die kruis. Hierdie seënende goedheid van God skep in ons ’n innerlike dankbaarheid wat maak dat ons volhard in ons aanspreeklikheid teenoor God om Hom en ons naaste volgens se wet lief te hê. “Ons leef nie meer nie” beteken ons leef nie meer in ons eie verslaenheid of gelatenheid onder die vervloeking van God buite Christus nie. Dit beteken dat ons nie meer die onverskilligheid van ons eie hartstogte en begeertes glo en wil uitleef as dapperheid en heldhaftigheid nie. Wandel deur die Gees beteken dat ons ons gedrag laat bepaal deur die seënende goedheid wat ons in God ervaar, nie deur ons vervloeking in die woede van God nie.

“Christus leef in ons” beteken ons leef in die onskuld wat Christus as mens is. Ons is sy onskuld voor God. “Christus leef in ons” beteken ons leef altyd in die guns van God omdat Christus die afkeur van God gedra het. Hierdie onskuld en guns skep in ons die roeping om ons plig teenoor God na te kom volgens sy wet. “Ons leef nie meer nie” beteken ons leef nie meer in die verbitterdheid of vergelding onder die straf van God buite Christus nie. Dit beteken dat ons nie meer die selfregverdiging van ons eie hartstogte en begeertes glo en wil uitleef as beginselvastheid en sin vir reg nie. Wandel deur die Gees beteken dat ons ons gedrag laat bepaal deur die guns van God wat ons in ons onskuldigheid ervaar, nie deur ons straf in die afkeur van God nie.

“Christus leef in ons” beteken ons leef altyd in die vriendelikheid van God wat ons deel in die begrafnis van Christus as vyand van God. Ons is altyd vir God behoue omdat God Christus vir Hom laat verlore gaan het in sy begrafnis. Hierdie vriendskap, waarin ons vir God behoue bly, skep in ons die toewyding aan God en sy wil. “Ons leef nie meer nie” beteken ons leef nie meer in ons opstand en verset teen God onder sy vyandskap nie. Dit beteken dat ons nie meer ons innerlike oorgawe en berusting in ons hartstogte en begeertes wil glo en uitleef as die sin en bedoeling van God vir ons lewe nie. Wandel deur die Gees beteken dat ons ons gedrag laat bepaal deur die vriendelikheid van God in Christus, nie deur die vyandskap van God buite Christus nie.

“Christus leef in ons” beteken ons leef altyd in die liefde van God wat ons deel in die Godsverlatenheid wat Jesus in die haat van God ervaar het. God het ons altyd vir Homself aanneemlik gemaak omdat God Christus as sondaar verwerp het. Hierdie aanneming en liefde skep in ons ’n liefde vir God waarin ons ons onsself aan Hom wil toevertrou volgens sy wet. “Ons leef nie meer nie” beteken ons leef nie meer uit haat vir God weens ons angs en verskrikking vir sy haat en verwerping nie. Dit beteken dat ons nie meer ons hartstogte en begeertes wil glo en uitleef as die vervulling van die behoeftes wat God sou hê nie. Wandel deur die Gees beteken dat ons ons gedrag deur die liefde van God laat bepaal, nie deur sy verwerping en haat nie.

“Christus leef in ons” beteken ons leef altyd in die troue liefde van God wat ons laat deel in die troue liefde waarmee Hy Christus uit die dood opgewek het. God het ons vir altyd uit die wanhoop van sy grimmigheid uitgesluit. Hierdie troue liefde skep in ons geloof in God

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

waaruit ons met God wil leef. “Ons leef nie meer nie” beteken dat ons nie meer selfaangewese teenoor God en ons naaste wil leef nie. Dit beteken dat ons nie meer ons hartstogte en begeertes wil glo en uitleef as diensbaarheid aan God nie. Wandel deur die Gees beteken dat ons ons gedrag laat bepaal deur God se troue liefde, nie deur sy grimmigheid nie.

“Christus leef in ons” beteken ons leef vir altyd in die gebondenheid van die toeëiening van die volheid van God se liefde wat Christus deel as mens wat opgevaar het en in die hemel is. God het ons vir altyd bevry uit die verwarring en verskeurdheid van sy terughoudendheid. Hierdie toeëiening skep in ons die wil om aan God toe te hoort. “Ons leef nie meer nie” beteken ons wil nie meer selfgenoegsaam teenoor God en ons naaste leef nie. Dit beteken dat ons nie meer die losbandigheid van ons hartstogte en begeertes glo en wil uitleef as God se verlossing van en sending na die wêreld toe nie. Wandel deur die Gees beteken dat ons ons gedrag laat bepaal deur toegeëiende liefde van God en nie meer deur ons soeke na sy teruggehoue liefde nie.

“Christus leef in ons” beteken Christus regeer ons vanaf die regterhand van God deur ons te laat leef in die vervuldheid van die volle liefde van God.  God het ons vir altyd bevry om uit die leegheid van sy afwesigheid te leef. Hierdie vervulde liefde skep in ons die rus om tuis te wees en te leef in die wet van God as die doel van ons lewe. “Ons leef nie meer nie” beteken dat ons nie meer selfvoldaan teenoor God en ons naaste wil leef nie. Dit beteken dat ons nie meer ons hartstogte en begeertes glo en wil uitleef as God se beheer oor en doel vir ons en ander mense se lewens nie. Wandel deur die Gees beteken dat ons ons gedrag laat bepaal deur die vervulde liefde van God vir ons, nie deur die leegheid van sy afwesige liefde nie.

Hierdie nuwe lewe wat God vir ons skep en ons laat leef, leef ons met die sonde, hartstogte en begeertes wat nog elke dag deel van ons lewe is. Die nuwe mens wat God ons laat wees, is nie ’n mens sonder sondige hartstogte en begeertes nie. Die nuwe lewe wat God ons laat lewe is ook nie ’n lewe sonder sondige hartstogte en begeertes nie. Paulus stel dit só: “[4] sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees. (Rom.8 1953-AV). Kinders van God leef nog met hartstogte en begeertes in hulle. Die verskil tussen kinders van God en goddeloses is nie dat goddeloses vol hartstogte en begeertes is en kinders van God dit nie is nie.

Die verskil gaan oor hoe jy leef, dit wil sê,uit jou eenheid met Christus of los van jou eenheid met Christus. Die wandel deur die Gees is ’n lewe uit die geloof in dit wat Christus ons laat wees in ons vereniging met Hom. Wie ingesluit is in Christus hou homself besig met die “dinge van die Gees”. Hierdie “dinge van die Gees” is die werke van Christus: sy geboorte, lyding, sterwe, kruisiging, sterwe en Godsverlatenheid. Hierdie “dinge” waarmee kinders van God hulle besig hou, is die gawes van Christus se lyding en opstanding. Dit is gawes waardeur die Heilige Gees die vrugte van die Gees in hulle skep deur hul insluiting in Christus: “  ... die dinge waarmee die Gees Hom besig hou, bring lewe en vrede.” (Rom.8:6).

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die wyse waarop kinders van God deur die Gees wandel, is uit "geloof tot geloof" "[17] Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe." (Rom1:17; 1953-AV) Dit is die volheid van die begrip "geregtigheid" in die Bybel. Geregtigheid gaan nooit net oor 'n posisie van onskuld voor God nie. Geregtigheid gaan daaroor om reg te wees voor God én om reg te leef vir God. 'n Regverdige is nie net vir God nie reg. 'n Regverdige leef reg vir God.

Geregtigheid is om heilig, onskuldig, smetloos, gehoorsaam, liefdevol en rein voor God te wees en te leef. Dit is hoe kinders voor God is en leef. Die wyse waarop die mens só voor God is en leef, is "uit geloof tot geloof". Ons is só deur ons geloof dat ons in Christus ingesluit is, en alles met Christus deel wat Hy as mens vir ons is. Ons leef uit hierdie geloof, naamlik ons eenheid met Christus. Dit is uit hierdie eenheid met Christus wat ons al die vrugte van die Gees uit die geloof ontvang. Dit is uit ons geloof in ons eenheid met Christus dat ons diens, toewyding, liefde, plig en gehoorsaamheid vir God in God se goedheid en liefde aanvaar word.

Die nuwe lewe waarvolgens ons deur die Gees in geregtigheid wandel, is 'n lewe in geloof in ons eenheid met Christus en uit geloof in ons eenheid met Christus: "... Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê." (Gal.2:20) In ons geloof in ons eenheid met Christus weet ons ons is vir God heilig, verheerlik, geseënd, onskuldig en geliefd. Uit ons geloof in sy barmhartigheid, genade, guns, goedheid en liefde leef ons uit die waardigheid, vryheid, dankbaarheid, goedheid en liefde wat Hy in ons skep as die vrugte van die Gees.

Ons laat ons deur die Gees beheers – uit geloof tot geloof. Dit is die lewe van iemand wat God self regverdig laat wees. Dit is 'n lewe uit geloof in ons eenheid met Christus.

Die lewe in of volgens, of die wandel volgens die "vlees", is om reg te wil wees en reg te wil leef deur jou eie innerlike ingesteldhede, wat goedheid, liefde, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing is. Dit is nie 'n geloofslewe nie. Dit is lewe van liefdevolle innigheid buite Christus. Deur liefdevolle bekerings wil mense hulself vir God goed en reg maak. Deur liefdevolle oorgawes wil mense hulself deel maak van die volle liefde, goedheid en guns van God. Die "vlees" is mense se geloof in hul eenheid met God buite en sonder Christus. Dit is mense se geloof met hul eie eenheid met God, nie met hul eenheid met Christus nie.

Dit is Paulus se evangeliese kritiek op die Galasiërs se beleefde eenheid met God buite Christus. Dit is die ou lewe van die "vlees". Hierdie ou mens hou homself besig met die "dinge van die vlees". Die dinge van die vlees is die mens se eie innerlike liefde en toewyding aan God. Paulus stel dat hierdie dinge wat die mens buite Christus glo sy liefde en toewyding aan God is, is niks anders as vyandskap teen God self nie. Enige liefde en toewyding aan God buite Christus, is verdraaide opvattings. Dit is sonde wat geglo en geleef word asof dit liefde vir God is. Dit is ou, wettelose liefde wat niks met die liefde wat onderhouding van God se wet is, te doen het nie: "[7]Die dinge waarmee die sondige natuur

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

van die mens hom besig hou, is immers vyandskap teen God. Die sondige natuur onderwerp hom nie aan die wet van God nie, dit kan trouens ook nie. [8]Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, kan nie die wil van God doen nie." (Rom.8:7,8) Die nuwe liefdes vir God wat mense in hul spiritualiteit met God beleef, is die ou vyandskap teen God se liefde: die mens se soeke na 'n spiritualiteit waarin hy self met God een is, nie in en deur Christus se eenheid nie.

Christus maak ons weer beeld van God. Die wyse waarop God dit doen, is om ons in te sluit in Christus. Paulus beskryf die doel van ons eenheid met Christus in Efesiërs:
"[8] Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; [9] nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. [10] Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel. (Ef. 2:8-10; 1953-AV) ...

> [22] dat julle, wat die vorige lewenswandel betref, die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan, [23] en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed [24] en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid." (Ef. 4:22-24;1953-AV)
>
> Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. [9]Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. [10]Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het. (Ef. 2:8-10; 1983-AV))
>
> ... [22]Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. [23]Julle gees en gedagtes moet nuut word; [24]lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig."(Ef. 4:22-24) (1983-AV)

Ons moet ons met die nuwe mens beklee. Hierdie nuwe mens is Jesus Christus. Jesus Christus is as mens werklik regverdig en heilig. Dit wat Hy as mens is, is Hy in ons plek. Ons word deur God herskep om weer God se beeld te wees. Dit doen Hy deur ons eenheid met Jesus Christus - deur ons vereniging met Hom as mens en ons versoening met Hom as God. Ons beklee onsself met Christus deur te glo: Syne is myne en myne is Syne.

Deur hierdie geloof in die wisselwerkende eenheid met die Here, Syne is myne en myne is Syne, is ek voor God heilig en regverdig. Deur hierdie geloof in Christus , Syne is myne en myne is Syne, is ek weer volledig God se beeld. Ek behoort aan God.

Beeld van God beteken dat ek in volle diens, plig en liefde aan God toebehoort. Beeld van God beteken ek deel die volle liefde, genade, goedheid en barmhartigheid van God. Dit is hoe God ons vernuwe om geheel en al in sy werk toegerus te wees - Syne is myne en myne is Syne. In ons vereniging en versoening met Christus ontbreek niks om ons ten volle te regverdig en te heilig in God se diens nie. Beeld van God beteken dat ons in status en innerlik toegerus is om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor God ons bestem het.

**13. Ons eenheid met Christus is die vervulling van die verbondsverhouding met God**

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

God skep ’n verbondsverhouding tussen Hom en sondaars waarin God hulle (sondaars) in die sy volle liefde laat deel en sondaars God ten volle kan liefhê. Esegiël beskryf hierdie verbondsverhouding soos volg:

> Ek sal julle tussen die nasies uit wegvat, julle uit al die lande bymekaarmaak en julle na julle land toe bring. [25]Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi sodat julle rein kan word. Ek sal julle reinig van al julle onreinheid en van al julle afgodery. [26]Ek sal julle ’n nuwe hart en ’n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle ’n hart van vleis gee. [27]Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom. [28]Julle sal in die land woon wat Ek aan julle voorvaders gegee het, julle sal my volk wees en Ek sal julle God wees.” (Eseg. 36:24-28)

Ons eenheid met Christus maak hierdie verbondsverhouding tussen ons en God waar. Paulus beskryf die vervulling van die verbondsverhouding deur ons eenheid met Christus in Galasiërs 3 en 4:

> [16]God het sy beloftes aan Abraham en aan sy nakomeling gegee. Daar staan nie “aan nakomelinge”, meer as een nie, maar: “en aan jou nakomeling” net een, en hierdie nakomeling is Christus. ...

Belofte word dus vir die gelowiges vervul alleen op grond van die geloof in Jesus Christus:

> [26]Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God, [27]want julle almal wat deur die doop met Christus verenig is, het nou deel van Christus geword. [28]Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één. [29]En as julle aan Christus behoort, is julle ook nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die belofte van God (Gal.3:26-28)

In Galasiërs 4:6 staan:

> . [6]En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: “Abba!” Dit beteken: Vader! [7]Jy is dus nie meer ’n slaaf nie; jy is nou ’n kind van God. En omdat jy sy kind is, het God jou ook sy erfgenaam gemaak.” (Gal. 4:6)

Die Heilige Gees is altyd die Gees van die Abrahamsbelofte. Hy is altyd die Gees van die verbondsverhouding tussen God en mense. Die Abrahamsbelofte dat God sy Gees in ons sal gee(soos wat dit in Esegiël 36 gestel word), word vervul deur die Heilige Gees wat Christus aan ons gee. Hierdie Gees sluit ons in Christus in en só is ons deel van die reinheid van die Abrahamsbelofte: ons is Christus se heiligheid en onskuld. Ons eenheid met Christus versoen ons met God en skep in ons die dankbaarheid, liefde, toewyding, waardigheid en goedheid wat die beloftes van ’n nuwe hart en gees, waardeur God sal maak dat ons sy gebooie wil gehoorsaam, vervul. Ons eenheid met Christus verbreek die wil om buite Christus ons eie haat, woede, onreinheid, afgodsdiens, losbandigheid en verskeurdheid te glo en te uit te leef as liefde en goedheid. Só vervul Christus die Abrahamsbelofte dat God ons van afgodsdiens sal reinig en ons hart van klip sal wegneem. Ons eenheid met Christus maak ons kinders van God wat die Vader van Christus “ons Vader” noem. Só vervul Christus die Abrahamsbelofte dat ons God se volk sal wees en Hy ons God sal wees wat ons uit al die afgodsdiensgemeenskappe sal bymekaarbring as kinders van God.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hierdie verbondsverhouding is waar en geldig deur ons eenheid met Christus. Ons deel in en leef uit hierdie verbondsverhouding alleen "uit geloof tot geloof". Paulus stel dat hierdie volle verbondsverhouding in al sy dele die beloftes van die Gees is, die gawe van 'n nuwe hart en 'n nuwe gehoorsaamheid, die gawe van die ou hart wat verwyder word, die gawe om deel van God se volk te wees, die gawes om rein en heilig te wees en die gawe dat God ons God is, dit alles "word dus vir die gelowiges vervul alleen op grond van die geloof in Jesus Christus."(Gal.5:16)

**14. Die Kerk is die liggaam van Christus**

Die gemeente van die Here is die "liggaam" van die Here: "[22] En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee,[23] wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul." (Ef. 2:22,23 1953-AV) Hierdie term "liggaam" beteken nie dat die gemeente die organisasie, instelling, instituut of vereniging van die Here is nie. Daarom beteken "Hoof" ook nie voorsitter, president, direkteur, stigter of uitvoerende bestuurder nie. Die term "Hoof" beskryf hier Christus se posisie aan die regterhand van God die Vader.

Hierdie magsposisie is nie vergelykbaar met enige magsposisie wat die mens beklee nie – dit is nie hoër, beter, sterker of belangriker as die posisies wat mense as hoofde van instellings en organisasies beklee nie. Dit is die magsposisie van God self. Die krag wat Hy vanuit hierdie posisie uitoefen, is die krag van God self. Dit is onvergelykbaar met enige menslike mag of gesag. Daarom is dit bo enige vorm van menslike organisasie van mag. Paulus bid dat die mense wat aan die gemeente behoort, dit sal insien en glo:

> dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlikheid, aan julle die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag gee,[18] verligte oë van julle verstand, sodat julle kan weet wat die hoop van sy roeping en wat die rykdom van die heerlikheid van sy erfdeel onder die heiliges is;[19] en wat die uitnemende grootheid van sy krag is vir ons wat glo, na die werking van die krag van sy sterkte [20] wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele, [21] bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige... (Ef. 2:17-21)

Die liggaam van die Here verwys na Hom as mens in die hemel. Hy is mens in die hemel, waarheen Hy opgevaar het, en sit aan die regterhand van God. Die term "liggaam" bevestig dat die Here steeds lewend mens na liggaam, siel en gees is, maar dit bevestig veral dat Christus vandag die mens is wat gely het, gekruisig is, gesterf het, begrawe is en Godverlate was. Hy is nie 'n nuwe, alternatiewe geestelike mens nie. Die Here is vandag die mens wat verneder was. Hierdie vernedering in sy lyding, kruisiging, sterwe, begrafnis en Godsverlatenheid word beklemtoon in die term liggaam.

Dit is presies die betekenis van hierdie woord in 1 Korintiërs 11, die nagmaalsteks:

> Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het;[24] en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is **my liggaam** wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis.[25] Net so ook die beker ná

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.[26] Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.[27] Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan **die liggaam** en bloed van die Here. [28] Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink.[29] Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy **die liggaam van die Here** nie onderskei nie." (1953-AV) [Beklemtoning in vetdruk dié van die outeur]

Christus is as mens na liggaam, siel en gees gebreek deur die toorn, woede, gramskap en haat van God. Dit is hoe sy liggaam vir ons gebreek is. Dit is wat die Here aan sy kerk meedeel in die nagmaal - die liggaam en bloed van die Here. Daarom is daar 'n baie spesifieke manier waarop die tekens van die nagmaal geëet en gedrink moet word. Dit moet gedoen word deur die liggaam van die Here te onderskei. Die onderskeiding van die liggaam van die Here beteken om die eenheid met Christus en ons vereniging met Christus as mens te aanvaar. Onderskeiding van die liggaam beteken om die wisselwerkende gemeenskap met Christus te aanvaar: Syne is myne en myne is Syne. Wie die vereniging met Christus na sy menswees in die hemel en die wisselwerkende gemeenskap van hierdie vereniging nie aanvaar nie, gebruik die nagmaaltekens onwaardig.

Daarom is dit sonde teen die eenheid met Christus en die wisselwerkende gemeenskap van hierdie eenheid met Christus om die nagmaal op enige ander manier te gebruik.

Hierdie nagmaalsteks wys ons wat dit beteken dat Christus se kerk sy liggaam genoem word. Die kerk is sy liggaam omdat dit die mense is wat in sy liggaam ingelyf is. Dit is die mense wat ingesluit is in dit wat Christus as mens vandag is. Dit is die mense wat met Christus as mens verenig is en met Christus as God versoen is.

Christus is Hoof van die kerk omdat Hy die Skepper en Here van sy kerk is. Deur mense in sy liggaam in te sluit, dit is in sy menswees vandag in te sluit, maak Hy hulle wat hulle is, sy liggaam. Hy skep die wisselwerkende gemeenskap met Homself waar Hy hul sonde is en hulle sy heiligheid, smetloosheid en onberispelikheid is.

Daarom is die kerk sy liggaam wat Hy met sy volheid vervul. Deur hul vereniging met Hom in sy menswees wat gely het, gekruisig is, gesterf het en deur God verlaat was, vervul Hy sondaars vandag met sy liefde, genade, goedheid en barmhartigheid. Deur hul versoening met Hom as God skep Hy in hulle die vrugte van die Gees: liefde, geduld, vriendelikheid, nederigheid, getrouheid en selfbeheersing. Hierdie volheid waarmee Christus die kerk vervul, is die volheid van dit wat Hy as mens en God is.

Die kerk van die Here word die liggaam van die Here genoem omdat alles wat die kerk vandag is, die kerk deur sy vereniging met Christus se menswees vandag is, die menswees wat Christus vandag nog steeds liggaamlik is.

Paulus stel dit só in Efesiërs 2:11-18:

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> Hou dan in gedagte wat julle vroeër was. Van geboorte was julle heidene, en julle is "onbesnedenes" genoem deur dié wat hulleself "die besnedenes" noem, al is die besnydenis net mensewerk aan die liggaam. [12]In dié tyd was julle sonder Christus, uitgesluit uit die burgerskap van Israel, ver van God af sonder deel aan die verbonde en die beloftes wat daarmee saamhang, sonder hoop en sonder God in die wêreld. [13]Maar nou is **julle een met Christus Jesus**. Julle wat vroeër ver van God gelewe het, het nou naby gekom deur die bloed van Christus. [14]Christus is ons vrede, Hy wat dié twee, Jode en nie-Jode, **een gemaak het**. **Deur sy liggaam te gee**, het Hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos 'n muur skeiding gemaak het. [15]Die wet van Moses met al sy gebooie en bepalings het Hy opgehef, en deur vrede te maak, het Hy in Homself dié twee, Jode, en nie-Jode, tot **een nuwe mensheid verenig.** [16]Deur sy dood aan die kruis het Hy 'n einde gemaak aan die vyandskap en dié twee **met God versoen en tot een liggaam verenig.** ... [18]Deur Hom het ons almal, Jode en nie-Jode, deur die een Gees vrye toegang tot die Vader. [Beklemtoning deur vetdruk dié van die outeur]

Christus is in ons plek die mens wat ons onder God se toorn moes wees. Dit is hoe Hy sy liggaam vir ons gegee het. Die term "liggaam" bevestig weer dat die Here vandag mens is wat vernederd was in sy lyding en sterwe. Die kerk is die mense wat een is met Christus Jesus. Dit is die mense wat in sy mensheid verenig is. Dit is die mense wat ingesluit is in Christus en daarom met God versoen is en met Christus in sy menswees vandag verenig is. Die eenheid en nuutheid van die kerk is hierdie wisselwerkende gemeenskap in sy vereniging met Christus: Syne is myne en myne is Syne.

Dit is hoe die verbondsverhouding met al die verbondsbeloftes van God vir alle mense waar word - deur ingesluit te word in Christus. Die gawe van die Heilige Gees is die gawe waardeur Christus die kerk skep deur mense in te sluit in Homself. In alle mense se eenheid met Christus - Syne is myne en myne is Syne - het hulle vrye toegang tot die Vader van Christus as hul Vader.

Ook die doop verseël die eenheid met Christus, dit is ons vereniging met Hom as mens en ons versoening met Hom as God. Paulus verduidelik hierdie betekenis van die doop in só in Kolossense 2:9-19:

> Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; [10] en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag;[11] in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus,[12] omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het.[13] En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het,[14] en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael,[15] nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het. [16] Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie,[17] wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus. ...[19] en nie vashou aan die Hoof nie, uit wie die hele liggaam deur die gewrigte en verbindinge ondersteuning en so met goddelike groei groot word. (1953-AV)

In Christus woon die volheid van God liggaamlik. Alles wat God vir mense as God is, is Hy in en deur Christus. God is mense genadig, barmhartig, goed, gunstig, lankmoedig en het mense lief in en deur Christus. Dit is die volheid van God wat in Christus woon. "Liggaamlik

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

woon" beteken dat Christus as mens deel is van hierdie volle liefde van God. Ons het die volheid van God se genade, barmhartigheid, goedheid en liefde in Christus. Omdat ons in Christus ingesluit is, deel ons in die volheid wat Hy besit.

Hierdie volheid van God se liefde en guns deel ons weer deur ons wisselwerkende vereniging met Christus. Dit is waarvan die doop teken is. Die doop is teken dat ons saam met Christus begrawe is en saam met Christus opgewek is uit die dood. Alles waaraan ons skuldig is, is saam met Christus gekruisig en begrawe. In ons eenheid met Hom is Hy ons skuld. Alles wat Christus as mens is - heilig, onskuldig, smetloos en onberispelik - is ons saam met Hom as mens wat uit die dood opgestaan het. Deur hierdie eenheid met Christus deel ons in die volle liefde van God en maak God ons lewend, dit wil sê Hy maak ons dankbaar, liefdevol, vriendelik, goedhartig, nederig, getrou en selfbeheersd.

Die doop is die teken dat ons verenig is en deel in hierdie wisselwerkende gemeenskap met Christus: Syne is myne en myne is Syne.

Daarom maak Paulus hierdie stelling oor die kerk in vers 17 "maar die liggaam behoort aan Christus." Die kerk is een en identies met Christus in sy menswees vir God. Dit is presies wat die doop verseël - ons is ingesluit in Christus en deel in hierdie wisselwerkende gemeenskap met Christus. Alles buite hierdie wisselwerkende gemeenskap met Christus is nie sy liggaam nie, is nie sy kerk nie. Paulus stel weer dat Christus se Hoofskap beteken Hy skep die kerk en maak die kerk wat dit is deur hierdie wisselwerkende eenheid van Syne is myne en myne is Syne. Dit is die goddelike groei van die kerk. Die kerk is wat die kerk is en die kerk groei as kerk in hierdie wisselwerkende eenheid waarin ons deel in die volheid van God wat in Christus woon. Ons deel in die volle liefde van God. Hoofskap vir Christus beteken altyd om te skep en om met Homself te vervul: "Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem. (Kol.1:18)

Ons eenheid en identiteit met Christus is altyd eenheid en identiteit met Hom in dit wat Hy as mens vir God is, nooit in dit wat Christus as God self is nie. Die doop verseël ons gelykvormigheid met Christus as mens in sy lyding, sterwe en opstanding. God het nooit as God gely, as God gesterf of as God uit die dood opgestaan nie:

> Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?[4] Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.[5] Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding;[6] aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.[7] Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde.[8] As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe, ... (Rom.6:3-8)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die doop verseël ons eenheid met die dood en opstanding van Christus as mens. Dit verseël nie ons eenheid en identiteit met Christus se goddelikheid nie. Daarom is die kerk die liggaam van Christus. Ons is die mense wat deel in dit wat Hy as mens in ons plek is.

Die kerk is liggaam van Christus: Syne is myne en myne is Syne. Net in Christus woon die volheid van God liggaamlik. Dit is die eenheid van die een kerk van Christus. Daar is net een Christus en ons almal is ingesluit in hierdie een Christus. Daar is net een lyding, kruisiging, sterwe, Godsverlatenheid en opstanding wat in ons plek plaasgevind het waarin ons almal deel en dit is die vernedering en opstanding van Christus. Daar is net een heiligheid, onskuld, reinheid en gehoorsaamheid waarin ons almal deel, en dit is Christus s'n. Daar is net een Gees wat ons insluit in Christus, en dit is die Heilige Gees. Daar is net die volheid van God in Een - in Christus. In ons eenheid met Christus deel ons in die volle liefde van God. Daar is net een vrug wat ons deel en dit is die vrug van die Gees in ons eenheid met Christus. Die kerk deurleef hierdie eenheid uit geloof tot geloof. Ons ervaar hierdie eenheid deur ons geloof in ons insluiting in Christus.

Die kerk is die liggaam van Christus: Syne is myne en myne is Syne. Dit is die Christelikheid van die kerk. Christus is die Christelikheid van die kerk, nie die mense wat Christus in Homself insluit nie. Die Christelikheid van die kerk is dat Christus ons sonde is en ons sy gehoorsaamheid aan God is. Die Christelikheid van die kerk is dat Hy ons straf, vloek, oordeel en verwerping is, terwyl ons sy beloning, seën, heerlikheid en aanneming is. Die Christelikheid van die kerk is dat Christus die woede, toorn, gramskap en haat van God vir ons sonde ontvang het, terwyl ons die barmhartigheid, genade, goedheid en liefde van God ontvang. Die kerk deurleef die Christelikheid van die kerk uit die geloof dat sy lede ingesluit is in Christus.

Die kerk is die liggaam van Christus: Syne is myne en myne is Syne. Dit is die algemeenheid van die kerk. Alle mense is ingesluit en deel in hierdie wisselwerkende eenheid met Christus. Dit is nie net grootmense wat ingesluit is in Christus nie, ook kleintjies is in Christus ingesluit. Mans en vrouens deel in die dieselfde eenheid en gemeenskap met Christus. Rykes en armes, jongmense en grootmense, werkgewers en werknemers, regeerders en onderdane, lewendes en hulle wat al dood is, almal is ingesluit in Christus en deel in presies dieselfde wyse aan die wisselwerkende gemeenskap met Christus. Alle mense uit alle taalgemeenskappe, kultuurgemeenskappe, nasies en rasse, ervaar presies dieselfde eenheid met Christus - almal is in een Christus ingesluit, verenig in sy menswees vandag en versoen met Hom as God. Die deurlewing van die algemeenheid van die kerk, is sy geloof in Christus en alles wat hy deur sy geloof met Christus deel.

Die kerk is die liggaam van Christus: Syne is myne en myne is Syne. Dit is die gemeenskap van die heiliges in die heilige kerk. Elke lid van die kerk is heilig, want elkeen wat in Christus ingesluit is, deel die heiligheid wat Christus as mens is. Die gemeenskap van die heiliges is hul gemeenskap met Christus - met sy lyding, sy kruisiging, sy sterwe en sy opstanding. Dit is lidmate van Christus se gemeenskap met die regverdigheid, onskuld,

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

smetloosheid en onberispelikheid van Christus en sy gemeenskap met hul skuld, oordeel, smet en ongeregtigheid. Dit is lidmate van Christus se gemeenskap met die liefde, goedheid, guns en trou van God sy Vader. Die wyse waarop die kerk sy heiligheid deurleef, is deur geloof in die wisselwerkende eenheid van alle lidmate met Christus.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

# HOOFSTUK 14 DIE KRAG VAN DIE HEILIGE GEES: DIE TOERUSTING VAN DIE KERK OM TE GETUIG

Christus as verhoogde Here skep in sy kerk diensposisies en voorsien hierdie posisies van diensmiddele: die verkondiging van die Woord van God, die bediening van die sakramente en die uitoefening van kerklike tug.
Deur die diens uit hierdie posisies en met *hierdie* diensmiddele, sluit Christus mense in Homself in: verenig Hy hulle in sy menswees en versoen Hy hulle met Hom as God. Die moderne Christelikheid vervang Christus se diensmiddele met sy aanbidding en innigheid in die gees. Met hierdie nuwe, alternatiewe diensmiddele laat aanhangers van die moderne Christelikheid mense in godservarings deel. Hierdie nuwe diensmiddele is die persoonlike magsmiddels van elke geestelike wat nou elkeen persoonlik in die magsposisie is dat hy God self kan bemiddel. Met die vervanging van die Woordbediening, sakramente en tug as Christus se heilsmiddele, deur dié geestelikes se aanbidding en innigheid in die gees, word die hele Christelike bediening getransformeer om eenheid met God in sy godheid te bedien asof dit die vereniging en versoening met Christus sou wees. Hiermee verskuif hulle ook die eienskappe van die Kerk van sy eenheid, heiligheid, algemeenheid en Christelikheid in Christus, na die twee eintlike eienskappe volgens die moderne Christelikheid: sending en sigbaarheid, dit is, die uitreik en vertoon van die spirituele mag van geestelikes.

**1. Christus se diens aan en versorging van sy liggaam en die krag van die Heilige Gees**
Christus regeer sy kerk nie met die mag van die wet nie. Hy regeer sy kerk deur diens en versorging. Dit is die nuwe betekenis van die belydenis dat Jesus die Here is. Hy is nie die Here van sy kerk deur die kerk te onderwerp aan of te intimideer met die mag van sy Godheid nie. Hy is Here van sy kerk deur diens aan en versorging van sy kerk.

Paulus stel hierdie diens en versorging wat Christus aan sy kerk gee in Filippense 2:5-11 só:

> "[5]Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was: [6]Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, [7]maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word.En toe Hy as mens verskyn het, [8]het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis. [9]Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, [10]sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is,die knie sou buig, [11]en elke tong sou erken: "Jesus Christus is Here!" tot eer van God die Vader."

Christus is God met al die mag en gesag wat eie aan God is. Hy het sy skepping deur 'n magswoord tot stand gebring. Hy hou sy skepping deur sy magswoord in stand. Dit is hoe Christus Godgelyk bestaan, een met God die Vader. Hy is die Here van die tweede gebod waarin net Hy en niks anders in die hemel, op aarde en in die water onder die aarde aanbid mag word nie.
©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Christus het mens geword om sy kerk te dien. Dit is wat ’n slaaf in Paulus se tyd was, ’n dienaar. Die diens wat Christus vervul het, was nie om ’n belangrike, invloedryke en mens van aansien te wees nie. Die diens wat Christus aan sy kerk lewer, is juis om die vernedering om sondaar te wees op Hom te neem en as sondaar onder die vloek van God aan die kruis te sterf.

Christus se menswording is ’n diens aan mense. Dit is nie God se manier om op ’n groter, beter en magtiger manier God te wees as wat Hy voor sy menswording was nie.

Die gesag en eer wat Christus het om Here te wees, mag nooit van hierdie diens aan sy kerk losgemaak word nie. Christus se posisie van diensbaarheid aan sy kerk het Hom in ’n posisie geplaas waar Hy sy liggaam versorg. Hy versorg sy kerk met alles wat Hy syne gemaak het in sy diensposisie as vernederde Christus. Christus se verheerliking staan nooit los van sy diensbaarheid aan sy kerk nie.

Ons kan dit met ’n voorbeeld toelig. ’n Jongmens wat homself wil bekwaam om ’n dokter te word omdat hy graag siek mense wil versorg, moet baie keer as student in moeilike omstandighede leef, in baie opsigte ’n armoedige bestaan voer en die posisie as ’n ondergeskikte van verpleegsters en staf aanvaar. Vir so ’n jongmens is hierdie vernedering nie iets waarvan hy homself as hy later ’n dokter is, wil losmaak nie. Dit is allermins ook nie iets waarvoor hy later sy pasiënte wil blameer nie. Hierdie nederige diensbaarheid deur ’n eenvoudige studentebestaan te voer, is juis die posisie wat hom die toerusting gee waardeur hy mense as dokter kan versorg. Die diens wat hy as ondergeskikte student gelewer het, is die toerusting wat hom in die gesagsposisie van versorging stel. Sy dienstyd is nie vernedering wat hy net tydelik verdra het omdat hy voel dat hy later met mag beklee sal wees om ander mense aan sy wil te onderwerp nie. Sy dienstyd is die verwerwing van sy bekwaamheid vir ’n lewe van onbaatsugtige sorgsaamheid.

Net so het Christus nie die vernedering om sondaar te wees en om die straf van ’n sondaar te dra, op Hom geneem om Homself in ’n posisie van mag téénoor sy kerk te stel nie. Christus het Homself nie verneder om sondaars vir sy vernedering te kan verwyt, aankla, blameer, veroordeel of te beskuldig nie. God het nie nodig om mens te wees om mense aan sy Wil met die krag en mag van sy Godheid te onderwerp nie. God het nie nodig om as mens te sterf om sondaars vir hul sonde te beskuldig nie: “Moenie dink dat Ek julle by die Vader sal aankla nie; dit is Moses, op wie julle julle hoop gevestig het, wat vir julle aankla.” (Joh. 5:45) Dit kan God doen deur dit bloot te wil en te sê.

Christus het in sy menswording die diens geskep waardeur God sondaars met sy liefde kan versorg. Dit is hierdie diens aan sy kerk in sy vernedering wat Christus in sy opstanding met die posisie beklee om sy kerk te versorg. Sy versorging is juis om hulle in die verdienste van sy diensbaarheid in te sluit. Dit is hierdie diensbare sorg wat Christus se gesag is om Here van sy kerk te wees.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die versorging deur die verdienste van die lydenswerk van Christus bely die kerk in die Skrif in een kort belydenis: "Jesus Christus is die Here." Met hierdie belydenis erken en vertrou die kerk Christus is Here deur ons met sy liefde te voed en te versorg "want niemand het nog ooit sy eie liggaam gehaat nie. Inteendeel, hy voed en versorg dit, soos Christus met sy kerk doen [30]omdat dit sy liggaam is, waarvan ons lede is. (Ef 5:29,30). Die belydenis "Jesus Christus is die Here" was nooit 'n verklaring van ondergeskiktheid en onderdanigheid aan die mag van God nie. Dokters skryf nie medisyne voor om mense aan hul persoonlike mag ondergeskik te maak of aan hul persoonlike wil te onderwerp nie. Hulle sorg uit diensbare bekwaamheid. Die belydenis dat Jesus Christus die Here is, is 'n belydenis van geborgenheid - die geborgenheid om te mag deel in die verdienste van Christus se dienende sorgsaamheid.

Die wyse waarop die Here ons voed en versorg in God se liefde is deur ons in te sluit in die verdienste van die diensposisie wat Hy ingeneem het: Syne is myne en myne is Syne. Hierdie eer, om só Here te wees, is Christus se eer. Hierdie posisie om sondaars met God se liefde te bedien, is die posisie wat Christus aan die regterhand van God die Vader beklee.

Die krag van die Heilige Gees is die krag wat Christus in sy kerk uitoefen. Dit is nooit 'n krag wat sondaars aan die mag van God onderwerp nie. Dit is altyd die krag om sy kerk te voed en te versorg in sy liefde deur die diens wat Hy aan sy kerk verrig het.

Hierdie krag, die krag van sy diensbaarheid, is ook die krag wat gelowiges diensbaar maak in sy kerk: "[46]Verder sê Hy vir hulle: "So staan daar geskrywe: 'Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, [47]en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder.'[48]Julle is getuies van hierdie dinge. [49]En Ek sal die gawe wat my Vader beloof het, vir julle stuur. Maar julle moet in die stad bly totdat julle met krag van bo toegerus is." (Luk. 24:46-49)

Christus skep dienste en dienaars in sy liggaam. Die karakter en inhoud van die dienste wat Christus skep, word getuienis genoem. Die persone wat Christus met hierdie dienste toevertrou, word getuies genoem. Dit is die krag waarmee die Heilige Gees Christus se liggaam toerus - die instelling van die getuienisdienste en die opneem van gelowiges om hierdie getuienisdiens uit te voer.

Die taak van getuienis is allereers 'n opdrag en werksaamheid wat Christus aan die Heilige Gees opdra: "Wanneer die Voorspraak kom wat Ek vir julle van die Vader af sal stuur, die Gees van die waarheid, wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig. [27]En julle moet getuig, want julle is van die begin af by My." (Joh 15: 26,27). Die wyse waarop die Heilige Gees getuig, is deur getuienisdienste in te stel en persone in hierdie diens op te neem.

Waarvoor moes die dissipels, wat hierdie getuienisdiens moes verrig, wag? Hulle moes wag vir Christus om hierdie getuienisdiens deur die Heilige Gees in te stel as die nuwe bedeling van sy genadeheerskappy in sy kerk:

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> Toe hulle 'n keer weer bymekaar was, het hulle vir Jesus gevra: "Here, is dit nou die tyd dat U die koninkryk vir Israel weer gaan oprig?"[7]Hy het hulle geantwoord: "Dit is nie vir julle om die tyd en omstandigheid te weet wat die Vader in sy eie mag bepaal het nie. [8]Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld." (Hand.1:6-8))

Ons kan dit vergelyk met die tewaterlating van 'n nuwe skip. Daar is 'n reuseverskil tussen die werk wat nodig is om die skip te water te laat en die werk wat die bemanning op die skip moet verrig. Voor die bemanning hul dienswerk kan begin, moet al die werk wat nodig is om die skip te water te laat, eers voltooi word. Die skip moet eers met al die kragtige enjins en toerusting wat dit kan beweeg en stuur, toegerus word. As hierdie toerusting van die skip klaar aangebring is, word die skip te water gelaat. Dán eers begin die bemanning se dienswerk.

Voor die dissipels hul getuienisdiens as apostels in die kerk kon begin, moes Christus eers die kerk "tewaterlaat" en moes Hy die kerk eers toerus met dit wat die kerk moet beweeg en stuur. Dit is waarvoor die dissipels moes wag voordat hulle met hul dienswerk as apostels in die kerk kon begin: Christus moes eers die werk voltooi en die kerk loods. Hy moes eers die kerk met al die nodige toerusting toerus om as kerk aangedryf en gestuur te kan word. Dit waardeur die Here sy liggaam toerus, is die getuienisdiens.

Waaruit bestaan hierdie nuwe getuienisdiens wat die "aandrywing" van die kerk is? Matteus stel dit só in sy berig oor die uitstorting van die Heilige Gees: "[18]Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. [19]Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en [20]leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld." (Matt 28:18-20) Die getuienisdiens van die kerk is om die doop (en nagmaal) te bedien en om die evangelie te leer. Die "alles" wat Christus hulle geleer het, is alles oor sy lyding, opstanding en die nuwe lewe in Christus.

Die getuienisdienste wat die Here eers in die kerk moes instel voordat die dissipels hul dienswerk in die kerk kon begin het, blyk duidelik uit die eerste optrede van Petrus nadat die Heilige Gees op Pinksterdag uitgestort is: dit is die verkondiging van die lyding en opstanding van Christus (Hand 2:22-36), die bediening van die sakramente (Hand. 2:38) en die Christelike tug, wat bestaan uit die oproep tot bekering en vermaning om nie deel van die ongereddes te bly nie. (Hand 2:38-40).

Voor die uitstorting van die Heilige Gees het nie een van hierdie drie dienste nog bestaan nie. Petrus se Pinksterpreek is die eerste keer wat die apostels Christus se lyding en opstanding verkondig. Voor Christus se opstanding het hulle net verkondig dat die koninkryk van God naby was, maar hulle het nooit die lyding en opstanding van die Here as die koninkryk van God verkondig nie. Die Here het hulle juis verbied om dit voor sy opstanding só te

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

verkondig. Hy het toe nog nie hierdie diens as werktuig van die Heilige Gees ingestel nie. (Matt16:20). Voor die uitstorting van die Heilige Gees was niemand in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees gedoop nie. Dit gebeur die eerste keer op Pinksterdag. Voor Pinksterdag het niemand verkondig dat daar net in Jesus Christus redding en vergifnis van sonde is en dat almal buite Jesus Christus verlore is nie. Hierdie tug tree vir die eerste keer op Pinksterdag in werking.

Deur hierdie nuwe getuienisdienste rig die Here sy nuwe koninkryk op. Hierdie getuienisdienste is genademiddele. Christus gebruik hierdie dienste om sondaars in Homself in te sluit. Die verkondiging van Christus, die sakramente en die Christelike tug is die krag van die Heilige Gees waarmee Christus eers die kerk moes toerus. Die krag van die Gees is die genademiddele waardeur Christus as die verhoogde Here sondaars met Homself sal verenig en versoen. Die dissipels moes eers gewag het dat Christus die verkondiging, sakramente en tug as genademiddele in die kerk instel voor hulle hul dienswerk as apostels in die kerk kon begin. (Hand. 1:6,7)

Ook volgens Johannes se berig oor die uitstorting van die Heilige Gees is die krag van die Gees die instel van die getuienisdiens: "[21]"Vrede vir julle!" sê Hy weer vir hulle. "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook."[22]Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en sê: "Ontvang die Heilige Gees! [23]As julle vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie." (Joh.20:21,22). Hierdie genademiddele is die toerusting vir die opdrag wat die Here vir hulle in Johannes 15 gegee het: "... die Gees van die waarheid, wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig. [27]En julle moet getuig, want julle is van die begin af by My." (Joh. 15:26,27).

Die vergifnis van sonde deur die dissipels is nie 'n persoonlike magsposisie om verklarings oor mense te maak nie. Dit is 'n getuienisdiens van die kerk: dit is die verkondiging van Christus. Die wyse waarop dissipels mense se sonde vergewe, is ook nie om namens God in sy afwesigheid as gevolmagtigdes met sy krag en mag mense se sondes self te vergewe nie. Die wyse waarop God hulle gebruik om mense te vergewe, is net deur getuienis te lewer oor Christus wat vergewe.

Dít is die karakter en inhoud van die dienswerk in die kerk: getuienis. Dit kan net getuienis wees oor wat Christus doen. Getuienis is nooit om self die mag te hê, of selfs net 'n aandeel in die mag van Christus, om vergifnis te bewerk en mee te deel, te hê nie. Die betekenis van die woord "getuienis" is om te vertel wat jy gesien en gehoor het wat 'n ander gedoen het en besig is om te doen: "Van die begin af was Hy daar. Ons het Hom self gehoor; ons het Hom met ons eie oë gesien; ja, ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak. Hy is die Woord, die Lewe. [2]Die Lewe het gekom; ons het Hom gesien en is getuie daarvan, en ons verkondig aan julle die Ewige Lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is. [3]Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan júlle, sodat julle aan ons gemeenskap deel kan hê. (1 Joh. 1-3) Die getuienis van die kerk gaan altyd net oor Christus. Dit is die verkondiging van wat Hy in sy vernedering gedoen het en vandag in sy verheerliking steeds

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

doen. Getuienis kan nooit wees om te vertel wat jý gedoen het of sélf besig is om te doen nie. Wie getuig, doen nie self nie. Wie getuig, praat oor die Een wat doen – Jesus Christus.

Die beskrywing van die evangelieverkondiging, bediening van die doop en nagmaal en uitoefening van die Christelike tug as "getuienis" bevestig dat daar geen identiteit is tussen hierdie dienste wat die kerk uitvoer en die daad waardeur Christus mense in Homself insluit, nie. Hierdie dienste bly net dienste wat die Here deur sy Gees gebruik, waar en wanneer Hy wil. Die verkondiging van Christus deur die kerk sluit nie mense in Christus in nie. Christus gebruik dit, maar die verkondiging self behels nie insluiting nie. Die bediening van die doop en nagmaal sluit mense ook nie in Christus in nie. Christus gebruik hierdie middele, maar insluiting is 'n soewereine daad wat Hy uitvoer. Dit is nie 'n daad wat die bedienaar van die doop en nagmaal uitvoer, of 'n krag wat die tekens self bewerk nie. Dieselfde geld vir Christelike tug.

Die bedieningsmiddele van die Here in die kerk is nie magte waarmee mense beklee word waarmee hulle die genade van God kan beheers nie. Die kerk bedien die genademiddels, maar Christus gebruik dit waar en wanneer Hy besluit as middele om mense met Homself te verenig.

Die dissipels moes nie wag om met mag beklee te word nie. Bemagtiging is nie die krag van die Heilige Gees waarop hulle moes wag nie. Matteus bevestig in sy berig oor die uitstorting van die Heilige Gees in Matteus 28 verse 19 en 20 dat die dissipels nie enige mag ontvang nie. Alle mag is aan Christus gegee. Hy het die mag om God se liefde en genade mee te deel. Die kerk ontvang nooit hierdie mag nie. Die kerk ontvang diensposisies en dienswerk. Die kerk bedien net die genademiddels, nie die genade self nie.

Die kerk moet Christus ook nie as afwesige Here in sy kerk verteenwoordig nie. Christus is self met sy kerk "al die dae tot die voleinding van die wêreld". (Matt. 28:20) Hierdie teenwoordigheid van Christus is nie net die teenwoordigheid van 'n simpatieke en begrypende metgesel nie. Hy is teenwoordig as die Here wat die verbondsverhouding met sy kerk laat waar wees. Christus "met ons" is die vervulling van die belofte "Ek sal julle God wees en julle sal my volk wees." (Hebr. 8:10)

Christus is altyd met sy kerk. Hy is altyd die een wat sy kerk voed en versorg deur sy liefde. Hy is altyd die teenwoordige Here wat sy kerk in Homself insluit. Daarom is die belofte van sy teenwoordigheid die belofte van die Heilige Gees wat vervul word. Hy vervul die verbondsbeloftes van die Heilige Gees in Esegiël 36.

Sy teenwoordigheid is nie 'n mag wat Hy aan persone in die kerk oordra nie. Dit is ook nie 'n mag wat Hy met persone in die kerk deel nie. Net Christus is Hoof van sy liggaam, Here aan die regterhand van God die Vader. Hy alleen versorg sy kerk uit die diens wat Hy alleen aan sy kerk gelewer het: om vir haar te ly en te sterf om die verbondsbeloftes te vervul.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die dissipels moes ook nie wag om persoonlike motivering vir hul dienswerk te kry nie. Die krag van die Heilige Gees waarna in Handelinge 2 verwys word, is nie persoonlike motivering nie. Dit is juis die teendeel. Die dissipels wás gemotiveerd. Hulle wou dadelik begin om apostels te wees. Hulle het nie vir motiveringskrag gewag nie. Dit is juis hul motivering om te begin wat die Here aanspreek toe Hy vir hulle sê om eers te wag tot Hy klaar is met die werk wat Hý moet doen - om die kerk toe te rus met die krag waardeur Hy sy kerk sal aandryf en stuur - die evangelieverkondiging, die sakramente en die Christelike tug.

Die dissipels het ook nie enige verdere onderrig, godsdienstige kursusse of geestelike oefeninge soos gebed benodig nie. Hulle moes nie wag omdat húlle nog nie gereed was om apostels te wees nie. Hulle moes wag vir Christus se werk om sy liggaam diensgereed te maak.

Dit is soos die skeepsbemanning wat klaar toegerus gretig is om op die skip te begin werk, maar die skip is nog nie te water gelaat nie. Hulle hoef nie op verdere opleiding en motivering te wag nie. Hulle moet wag dat die skip volledig toegerus is en deur die eienaar van die skip te water gelaat word. Hulle kan nie hul dienswerk op ’n skip, wat nog nie volledig toegerus en te water gelaat is, begin nie.

Die krag van die Heilige Gees in Handelinge 2 waarop die dissipels moes wag, was ook nie die krag waardeur die dissipels toegerus moes word om ’n toegewyde Christelike lewe te leef nie. Hulle het reeds die gawe van die Gees ontvang wat hulle in Christus ingesluit het. Hulle was daarom reeds deel van die vrugte van die Gees volgens Galasiërs 5. Hulle moes nie wag op die vrugte van die Gees in hul lewe nie. Hulle was klaar deel daarvan. Die krag waarmee die Heilige Gees die kerk toerus om diensbaar te wees, is totaal iets anders as die krag waardeur die Here sondaars toerus om in God se liefde te glo en God lief te hê.

Die insluiting in Christus se heiligheid en regverdigheid, en die vrugte van die Gees wat gelowiges hierdeur ontvang - vriendelikheid, geduld, nederigheid en selfbeheersing - is nie die krag waarmee Christus die kerk vir sy diens toerus nie. Die krag waarmee die kerk toegerus word is die genademiddele, naamlik Evangelieverkondiging, sakrament- en tugbediening. Ons regverdigheid en heiligheid, ons vriendelikheid en nederigheid is nooit genademiddele waardeur die Here sy kerk regeer nie. Dit is nooit middele waardeur die Here ander mense insluit in Homself en laat deel in wat Hy is nie. Ons regverdigheid, vriendelikheid of liefde is nooit genademiddele wat ander mense God se genade en liefde kan laat ervaar nie. Net so min as wat die passasiers op ’n skip se liefde vir en met mekaar die skip kan aandryf en koers gee.

Daarom moet ons onderskei tussen die gawes van geloof en liefde wat elke gelowige mee toegerus word en die gawes van dienste en dienaars waarmee die kerk toegerus word.

Die krag wat ’n skip aandryf en koers gee is sy enjin, skroef en roer. Die vriendelikheid, nederigheid en selfbeheersing van die bemanning kan nie die skip aandryf en koers gee nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Daarom is dit nie die goeie geaardheid en goeie verhoudings van die bemanning met die passasiers wat die skip aandryf en koers gee nie. Die toerusting van die skip is die krag wat die skip aandryf en koers gee. Die bemanning se taak is om hiérdie krag te bedien. Hul diens is nie mooi oomblikke en mooi verhoudings met die passasiers nie.

Die krag om die Christelike lewe te leef, is vereniging en versoening met Christus. Ons vereniging en versoening met Christus is die wyse waarop die Heilige Gees ons toerus om in God te glo en God lief te hê. (Gal.3:5). Ons vereniging en versoening met Christus is nie die wyse waarop die Here die kerk vir sy dienswerk toerus nie. Die kerk word vir sy dienswerk toegerus met dienste en dienaars.

Paulus wys op hierdie onderskeid in Efesiërs 3 en 4. In hoofstuk 3 wys hy waardeur God ons toerus met geloof en liefde:

> Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word, [17]dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. [18]Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. [19]Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God. (Ef. 3:16-19)

Deur ons insluiting in Christus word ons innerlik gesterk, glo ons in ons gemeenskap met Christus en is ons vervul met die volle liefde en genade van God wat in ons liefde vir God skep. Deur insluiting in Christus ontvang elke kind van God die gawes van geloof en liefde.

Maar die kerk as liggaam van Christus ontvang ander gawes:

> Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. [5]Daar is net één Here, één geloof, één doop, [6]één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.[7]Aan elkeen van ons is ’n genadegawe gegee volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het. [8]Daarom sê die Skrif:“Toe Hy na die hoogte opgevaar het, het Hy krygsgevangenes saamgeneem en gawes aan die mense gegee.” [9]Hierdie uitdrukking: “Hy het opgevaar”, veronderstel tog dat Hy eers neergedaal het na wat laer is, naamlik na die aarde toe. [10]Die Een wat neergedaal het, is ook die Een wat opgevaar het bo alle hemelruimtes uit om alles met sy teenwoordigheid te vul. [11]En dit is die “gawes” wat Hy “gegee het”: apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. [12]Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus. [13]So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. (Ef.4:4-13)

Dit is Paulus se beskrywing van wat tydens die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag gebeur het. Met Christus se hemelvaart het Hy aan sy kerk gawes gegee. Die gawes wat die Here aan sy kerk gee, is dienaars. Die diensposisies in die kerk waartoe die Here lidmate oproep, word met verskillende titels beskryf. Hierdie diens en dienaars moet onderskei word van die diens van die heiliges, naamlik om God en mekaar lief te hê. Die bediening van die dienaars bou die lidmate op in hul diens aan God. Hierdie diens van lidmate aan God is nie klerikale, welsyns-, organisatoriese, bestuurs- of administratiewe diens

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

in die kerk as organisasie nie. Nog minder is dit sosiale of persoonlike ondersteuning in omgeegroepe.

Lidmate se diens aan God is om God lief te hê en God te gehoorsaam.

Daar is net een manier waarop lidmate toegerus en opgebou word om God lief te hê en God te gehoorsaam en dit is deur hul eenheid met Jesus Christus. Deur hul vereniging en versoening met Christus word lidmate toegerus om God te dien. Die opbou van die liggaam van Christus gaan oor hul opbou in hul gemeenskap met Christus: Syne is myne en myne is Syne. Daarom vertaal die 1953-AV vers 10 van Efesiërs 4 só: " Hy wat neergedaal het, is dieselfde as Hy wat opgevaar het bokant al die hemele, sodat Hy alles tot volheid kan bring." Christus bring lidmate tot die volheid dat hulle heilig, smetloos, onberispelik en onskuldig is in hul liefde en toewyding aan God. Dit is hoe lidmate opgroei in Christus. Hulle glo en leef uit hul eenheid met Hom. Hulle leef as heilige, onskuldige, smetlose en onberispelike mense in die liefde van God en het God lief volgens sy wet: " ... in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus, ..." (Ef. 4:15)

Die "gawes", oftewel die dienaars wat God gee, bedien die genademiddele wat God in sy kerk ingestel het. God self neem hierdie dienste as genademiddele op om lidmate in Homself in te sluit en te laat leef uit hul eenheid met Hom om op te groei in hul eenheid met Christus.

Ons vereniging en versoening met Christus maak ons nie dienaars in die kerk wat die dienswerk van die kerk moet uitvoer nie. Om ingesluit te word as gas van die kaptein op sy skip, maak jou nie 'n lid van die bemanning nie. Dit maak ons kinders van God wat in Christus glo en God lief het.

Die verwysing na die "gawes" van Christus in Efesiërs 4:7 (die Grieks is net "gawe", enkelvoud, nie meervoud soos in die 1983-vertaling weergegee word nie) kom ook in Efesiërs 3 vers 7 voor en gaan oor die gawe om dienaar te wees, nie oor die genade om kind van God te mag wees nie: "deur die evangelie [7] waarvan ek 'n dienaar geword het, volgens die gawe van die genade van God wat aan my gegee is ooreenkomstig die werking van sy krag." (1953-AV) Hierdie genadegawe van God aan Paulus is om apostel te mag wees. Hy mag die bedieningsmiddele van die kerk bedien. Die "werking van sy krag" is die werking van die Heilige Gees in die kerk soos Hy op Pinksterdag begin werk het deur die kerk toe te rus met dienste en dienaars, waarvan Paulus een geword het.

Die dissipels moes nie wag om meer toegewyd, liefdevol of gelowig te word as wat hulle was tydens die Here se verskynings aan hulle nie. Hulle was volledig met die Here verenig en versoen. Hulle was volledig toegerus om in die Here te glo en Hom lief te hê. Dit is tog die volle inhoud van Tomas se belydenis: "My Here en my God".

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hulle moes wag dat die nuwe dienstydperk deur die Here ingestel word. En wag beteken net wat dit sê - hulle moes net wag vir wat die Here gaan doen. Wag is nie ’n kodewoord vir ’n nuwe vroomheid wat hulle moes beoefen voordat hulle hul dienstyd kon begin nie.

Op watter krag het die dissipels gewag? Die dissipels het gewag dat Christus die getuienisdienste, naamlik die Woordverkondiging, die bediening van die doop, nagmaal en tug, instel as die nuwe dienste waardeur Christus in sy kerk sondaars in Homself sal insluit.

Hierdie wag op die uitstorting van die Heilige Gees is dieselfde manier waarop die kerk gewag het op die geboorte, lyding, sterwe en opstanding van Christus. Daarom was die wag op en instelling van hierdie nuwe bedeling, waardeur die Here Woordverkondiging, sakramente en tug sal gebruik om sondaars in Homself in te sluit, ’n eenmalige daad van Christus. Net soos wat die kerk net een keer gewag het op Christus en Hy net eenmaal kom ly het, sterf het, uit die dood uit kom opstaan het, opgevaar het na die hemel toe en net eenkeer aan die regterhand van God gaan sit het, het Christus net een keer die kerk se nuwe bedeling met sy nuwe dienste en dienaars geloods.

Christus het net eenkeer die Heilige Gees uitgestort op die kerk. Dit is wat eenmalig op Pinksterdag gebeur. Die kerk se nuwe dienste en dienaars word geloods as die nuwe manier waarop God mense met Hom gaan verenig en versoen en dit deur die verkondiging van Christus, die bediening van die doop en nagmaal en die Christelike tug. Wat hierna gebeur, is die voortsetting van die werk van die Gees wat Christus gegee het. Dit is nooit weer die nuwe loodsing van die kerk deur die uitstorting van die Gees nie. Dit is soos ’n skip wat net een keer te water gelaat word en daarna uitvaar en op elke plek vir die eerste keer aankom. By elke eerste bestemming waar die skip aankom, word dit nie weer te water gelaat nie. Dit word net feestelik ontvang.

Hierdie loodsing van die nuwe dienste en dienaars in die kerk, het nie deur die gebed van die dissipels gebeur nie. Daar was nooit ’n opdrag om te bid vir die uitstorting van die Heilige Gees nie. Die opdrag was net om op Christus se werk te wag. Dit is nie so dat omdat die dissipels vir veertig dae aanmekaar gebid het, hul gebede die uitstorting van die Heilige Gees bewerkstellig het nie. Hulle het nie die Heilige Gees uitgestort deur te bid nie. Hulle moes net wag. Dit was al!

Daarom is die boek Handelinge die vertelling van hoe Christus deur hierdie nuwe dienste sondaars in Homself ingelyf en heiliges gemaak het, mense wat ingesluit is in sy heiligheid as mens in die hemel. Die nuwe Afrikaanse vertaling het orals die aankondiging, dat sondaars “heiliges” geword het (Hand. 9:13,32,41; 26:10), wegvertaal met “gelowiges”. Hierdie wegvertaling is teen die bedoeling van Lukas in. In Lukas 1:35 word Christus se besondere geboorte juis aangekondig as die geboorte van die nuwe heilige mens: “[35]Die engel antwoord haar: “Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God.” In Handelinge is dit die verhoogde Christus wat deur die nuwe dienste en dienaars sondaars in

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Homself insluit en laat deel in wat Hy is: Syne is myne en myne is Syne. Hy laat sondaars deel in die heiligheid wat Hy as mens is sodat sondaars die heiliges en gemeenskap van die heiliges kan wees. Dit is die liggaam waarin hulle ingesluit word en waarin hulle opgebou word, Christus se liggaam - verenig en versoen met Christus self.

Die boek Handelinge beskryf hoe Christus die Woordbediening, sakramentbediening en tug instel as bedieningsmiddele in sy kerk. Dit beskryf hoe Christus dissipels oproep tot die bediening van hierdie getuienisdienste. Dit beskryf hoe Christus hierdie genademiddele gebruik om sondaars in Homself in te lyf.

Die krag van die Heilige Gees aan die kerk is die evangelieverkondiging, die bediening van die doop en nagmaal en die uitoefening van die Christelike tug. Deur hierdie middele sluit Christus sondaars kragtig in Homself in sodat hulle kan deel in dit wat Hy as mens is: regverdig en heilig. Sondaars se vereniging en versoening met Christus is hul toerusting en krag om in God se liefde te glo en God lief te hê volgens sy wet.

**2. Die tweede Godservaring in die moderne Christelike spiritualiteit: die krag van God**

In die moderne Christelike spiritualiteit word daar onderskei tussen twee soorte geestelike ervarings wat nodig is om ten volle Christen te kan wees. Die eerste geestelike ervaring word gewoonlik "bekering en wedergeboorte" genoem. Die tweede geestelike ervaring word gewoonlik as die "doop met", "ontvang van", die "vervulling met" of die "beheer deur die Heilige Gees" genoem.

In die eerste ervaring stel mense hul lewe oop en nooi Jesus in hul lewe in. As jy dit doen, so word geglo, kom God binne-in jou lewe in. Dit is een ervaring waarin twee dinge gelyktydig gebeur: jy maak jou lewe oop vir God en God kom in. Hierdie oopstel vir en uitnooi van God word "bekering" genoem. God wat binne- in jou lewe inkom, word "wedergeboorte" genoem. Daarom word dit "bekering en wedergeboorte" genoem.

Deur hierdie ervaring van "bekering en wedergeboorte" word jy 'n kind van God, kry jy die sekerheid dat jy hemel toe gaan en dat jy gered is. Maar volgens die eie geloofsoortuiging van die moderne spiritualiteit laat die ervaring van "wedergeboorte en bekering" jou nie deel in die volheid, die oorvloed en die dinamika om die ware Christelike lewe te kan leef nie.

Volgens die moderne oortuiging is die tipe geestelike lewe wat jy leef nadat God in jou lewe ingekom het 'n lewe waarin jy min geestelike groei ervaar, 'n lewe waarin jy dikwels toegee aan die begeertes van die vlees soos onrein gedagtes, twis, moedeloosheid, selfkritiek, negatiwiteit, bekommernis en jaloesie. Dit is 'n lewe waar jou gebedslewe kragteloos is. Dit is 'n lewe waar jy nie besef hoe vleeslik jy is nie, jy nie 'n diep verlange na ander Christene het nie, jy nie God werklik in Bybelstudie ervaar nie, jy nie God Koning maak op elke terrein van jou lewe nie en God nie volle beheer oor jou lewe het nie. Dit is 'n lewe waar jy nie jou gawes ontdek en jou gawes as bedieninge in die gemeente beoefen nie. Dit is lewe van toegee

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

aan versoekings. Dit is ’n lewe van val in die sonde en opstaan uit die sonde. Dit is ’n lewe waarin jou woorde en dade nie ooreenstem nie.

Maar die grootste gebrek in hierdie ervaring van “bekering en wedergeboorte” sou dan wees dat gelowiges nog nie ander mense lei om ’n persoonlike verhouding met God te kan hê nie. Dit is hoe elke gelowige volgens hulle ’n getuie vir God is - om ander mense te lei om ’n persoonlike verhouding met God te kan hê.

Die rede wat in hierdie spiritualiteit vir die gebrek aan oorvloed, volheid en die dinamika om die Christelike lewe te kan leef, aangevoer word, is die kragteloosheid van die ervaring van “wedergeboorte en bekering”. Hierdie ervaring gee nie aan jou die krag om die Christelike lewe te kan leef nie.

Volgens die moderne spiritualiteit is die oorsaak van hierdie gebrek nooit dat jy God verkeerd ingenooi het, dat God nie in jou lewe ingekom het nie, dat God weer uit jou lewe uitgegaan het of dat jy dit weer moet oor doen nie.

Met die eerste ervaring bely mense hul sonde, het hulle berou oor hul sonde, gee hulle hul lewens en harte vir God, beloof hulle om die Here lief te hê, kies hulle vir en neem God aan. Die gebrek aan die krag om die Christelike lewe te leef, is volgens die moderne spiritualiteit ook nie omdat mense nie hul sondes genoeg bely, te min berou het, hul harte verkeerdelik aan God gegee het of nie meer vir God kies nie.

Die rede vir die gebrekkige Christelike lewe is totaal iets anders as “bekering en wedergeboorte”, wat verkeerd sou geloop het. Volgens die siening lê die gebrek nie by iets wat op verkeerde manier gebeur het of wat mense verkeerd gedoen het in die eerste geestelike ervaring van “bekering en wedergeboorte” nie.

Volgens hulle is die gebrek aan krag om die Christelike lewe te leef, dat hierdie dade as sodanig nie aan mense die krag kán gee om die Christelike lewe te kan leef nie. Die gebrek lê in die ervaring van “bekering en wedergeboorte” sélf. Jy het ’n ánder krag nodig as die krag wat jy met “bekering en “wedergeboorte” ontvang het om die Christelike lewe te kan leef.

Dit wys duidelik uit hul beskrywing van die tipe lewe wat jy leef nadat jy bekeer en wedergebore is. Hierdie tipe lewe waar jy nog net vir God in jou lewe ingenooi het, noem hulle ’n “ongehoorsame” lewe. Dit is die ironie! Die “bekering en wedergeboorte” laat jou ’n ongehoorsame lewe leef. Bekering en wedergeboorte het nie die krag om jou ’n gehoorsame lewe te laat leef nie.

Om uit hierdie ongehoorsame lewe te kom, het jy iets anders as “wedergeboorte en bekering” nodig. Om ’n gehoorsame lewe te kan lewe, word daar volgens hierdie spiritualiteit ’n ander tipe geestelike ervaring benodig as om God in jou lewe in te nooi en in jou lewe te ontvang.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die tweede soort geestelike belewenis bestaan uit die ontvang van die krag van God. Volgens hierdie spiritualiteit is dít die ervaring van Handelinge 1 vers 8: "[8]Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld." Die ervaring van Handelinge 1 gee aan mense dit wat bekering en wedergeboorte nie aan hulle kan gee nie: die krag om die nuwe Christelike lewe te kan leef! So glo hulle.

Hulle interpreteer hierdie teks só: Die dissipels was tot en met die hemelvaart van die Here gelowiges gewees. Toe die Here hulle geroep het om apostels te wees, het hulle Jesus persoonlik as hul Saligmaker aanvaar. Hulle het geglo dat Hy hul sondes vergewe. Volgens hulle beteken dit dat hulle in die lyding en opstanding van die Here geglo het. Hulle was volgens die moderne spiritualiteit dus gelowiges: mense wat die Here as hul persoonlike Saligmaker aangeneem het deur Jesus in hul lewe in te nooi.

Maar, so beweer hulle, al was die dissipels gelowiges, kon hulle nog nie vir die Here getuies wees nie. Die rede daarvoor is dat iets in hul geestelike lewe geskort het. Die rede vir hierdie tekort is 'n spesifieke soort sonde waarin hulle geleef het: hulle wou nog in eie krag hul eie lewe leef. Dit is sou die sonde wees wat keer dat gelowiges nie God se krag kan ontvang nie. Omdat die dissipels in hierdie sonde sou geleef het, het hulle nog nie die krag van die Heilige Gees ontvang het nie. Sonder hierdie krag van God in hulle lewe, wat in Handelinge 1:8 beloof sou word, sou hulle nog net vleeslike en ongehoorsame Christene gewees het.

Volgens die moderne spiritualiteit is hierdie krag van God wat in Handelinge 1 aan die kerk gegee word, 'n nuwe belofte wat elke gelowige persoonlik toekom. Hierdie belofte om God se krag in jou lewe te ontvang, sou volgens dié siening die belofte van die doop of vervulling met die Gees wees wat in Handelinge 2 nét vir die dissipels wat persoonlik daarvoor gewag het, vervul word.

Om die krag van God in die doop of vervulling met die Gees te ontvang, moet 'n mens volgens hierdie siening iets ander doen as om God in jou lewe in te nooi, oftewel, om te glo in die kruisiging van Christus. Wat hierdie nuwe geestelike aksie sou wees, word gevind in die Here se opdrag aan die dissipels om te "wag".

Die bevel om te wag, is volgens die moderne spiritualiteit nie om net te wag dat die Here eers sy kerk toerus met nuwe diensposisies en nuwe genademiddele nie. Volgens hierdie siening is hierdie "wag" 'n nuwe tipe gehoorsaamheid waardeur elke Christen 'n nuwe soort geestelike ervaring met God kan hê.

Dit skep die teenstrydige uitleg van die Skrif dat "wag" nie regtig "wag" is nie, maar dat "wag" beteken om met 'n nuwe soort gehoorsaamheid te begin optree. "Wag" is in hierdie spiritualiteit die nuwe tipe daad van gehoorsaamheid waartoe elke Christen verplig is. Hierdie opdrag van God om te "wag" word geïnterpreteer as die nuwe daad van "volle oorgawe".

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

“Volle oorgawe” beteken die gehoorsame optrede waardeur jy die volle beheer van jou lewe vir God gee. Hierdie nuwe uitleg van Handelinge 1 skep weer die teenstrydige uitleg dat dit dan eintlik nie die dissipels is wat moet wag nie, maar dat dit God is wat besig is om op die dissipels te wag.

Dit is volgens die moderne spiritualiteit die rede vir die gebrek aan krag wanneer God in jou lewe inkom: al kom God in jou lewe in, kan God jou nie die krag en oorvloed gee om die Christelike lewe te leef nie. Die rede hoekom God dit nie sou kan doen nie, sou wess omdat mense nog steeds besig is met die sonde om hul eie lewe te wil beheer. Wanneer God in jou lewe inkom, neem Hy nie die beheer van jou lewe oor nie. Hy bly in jou, maar is nie in beheer van jou lewe nie. God kan dan eers in beheer van jou lewe kom as jy kies en besluit dat jy nie meer self jou eie lewe gaan beheer nie, maar God gaan toelaat om jou lewe vir jou te beheer.

Hierdie opdrag om te “wag” in Handelinge 1 word dan ook onmiddellik aan Galasiërs 5 gekoppel. Die vertaling van Gal.5:16-25 in die 1983-AV is dan juis ook al, soos ook ander nuwe vertalings, vanuit hierdie moderne spiritualiteit se verstaan van die vervulling met die Gees vertaal:

> Wat ek bedoel, is dít: Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie. [17]Wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie. [18]Maar as julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die wet nie.[19]Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, [20]afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, [21]afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge. Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie. [22]Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, [23]nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie. [24]Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. [25]Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.

In die 1953-AV is die Grieks in Gal. 5:16 vertaal met “Wandel deur die Gees”. Dit is ook die betekenis van die Griekse woord in Rom 13:13: “welvoeglik wandel”, 2 Kor.12:18: “ Het ons nie in dieselfde gees, in dieselfde spore gewandel nie?”, Hand 21:12: “ “...en ook nie volgens die sedes moet wandel nie”, Ef.4:1: “Ek vermaan julle dan. om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is.”, Ef. 4: 17: “... dat julle nie meer moet wandel soos die ander heidene nie...” en Ef. 5: “Pas dan op dat julle nougeset wandel ...”

Die oproep, “wandel deur die Gees”, kan ook vertaal word as“Leef deur die Gees”. Die vertaling van Luther is nie beïnvloed deur hierdie moderne spiritualiteit nie. Hy vertaal Gal.5:16: “Voer julle lewe in Christus” en 5:25:” ...wanneer ons in die Gees lewe, sal ons onsself ook volgens die Gees rig.”

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die oproep van Paulus in Galasiërs is 'n oproep tot 'n aksie wat die gelowige moet uitvoer: die gelowige moet hierdie lewe in die Gees self leef! Die Nuwe Afrikaanse Vertaling verander die aksie waartoe God die mens oproep, na 'n aksie wat Gód nou moet uitvoer. Die mens moet God nou net in staat stel om hierdie aksie, wat nie meer die mens se aksie is nie, uit te voer: die mens moet die Gees laat beheer kry.

Hierdie omkeer van die aktiewe oproep om self te leef tot 'n oproep om deur passiwiteit God te laat optree, dit is, die mens moet beheers word, is teen die inhoud en bedoeling van die teks. Maar dit is die bedoeling van die moderne spiritualiteit: God wag dat die mens Hom beheer oor sy lewe gee!

Hierdie tweede soort geestelike gehoorsaamheid, "volle oorgawe", en nie die eerste ervaring, "bekering en wedergeboorte" nie, maak volgens die nuwe spiritualiteit die lewe in die krag van God moontlik!

Die tweede soort geestelike aksie wat jy moet onderneem voordat jy die volle krag kan ontvang om die Christelike lewe te leef, is volgens die spiritualiteit die algehele oorgawe aan God. Algehele oorgawe aan God is wanneer jy God nie meer bloot in jou lewe innooi en beleef nie, maar wanneer jy die beheer van jou lewe aan God oorgee en nie meer self jou eie lewe beheer nie.

Hierdie tweede soort geestelike aksie laat jou deel kry aan die krag van God. Dit is hierdie krag van God wat nodig is om die Christelike lewe te kan leef. Deur hierdie tweede aksie stel mense God in beheer van hul lewe. Eers as God in beheer van jou lewe is, gee Hy jou die krag om die volle Christelike lewe te kan leef. Voor mense God nie in beheer van hul lewe stel nie, weerhou God die krag van mense om Christelik te kan leef. Sonder hierdie krag, wat God net gee as jy die beheer van jou lewe opgee, is jy God se kind, maar kan jy God nie werklik dien en liefhê nie.

Dit is dan ook hoe die nuwe spiritualiteit Galasiërs 5 uitlê. Gelowiges wat Jesus net aangeneem het en God nog net in hul lewe ingenooi het nie, leef nog die lewe van die sondige natuur, of volgens die 1953-vertaling die "vleeslike" lewe. Die opmerklike van hierdie spiritualiteit is dat die passiewe deel van Gal. 5, die deugde van vriendelikheid, geduld, nederigheid ensovoorts, nie meer gesien word as die vrug wat die Gees bewerk waarin die mens nie die aktiewe bewerker is nie, maar dit verander na die vrugte wat Christene "móét dra".

Die vrug van die Gees, die skepping van God se genade, waarin die mens deel as gawe van God, is nie meer 'n gawe wat mense deur die evangelie ontvang nie. Dit word 'n nuwe bevel van God aan mense. Die aktiewe opdrag in hul vroomheid is dan dat jý die vrugte móét dra. Om die lewe te leef waarin jý die vrugte van die Gees móét dra, moet jy nog eers "beheers word" deur die Gees, dit wil sê die "beheersing" wat jy laat gebeur wanneer jy die volle beheer van jou lewe aan God oorgee.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

In dié interpretasie van Gal. 5 vind daar ’n ommekeer plaas van wie aktief is en wie passief is. Die opdrag om deur die Gees te wandel, wat volgens die Skrif ’n oproep tot ’n aktiewe lewe in aktiewe dade is, word ’n bevel om passief te word teenoor God en om beheer oor te gee.

Die gawe van God, wat gelowiges ontvang as die vrug van die Gees, word nuwe wette wat die mens moet uitvoer. Die getuienis dat God deugsaamheid as gawe gee, word ’n bevel waarvolgens die mens deugde moet uitvoer as nuwe “geestelike wette”. In hierdie spiritualiteit is die vrugte van die gees die nuwe wet van die gees wat as alternatief op die Tien Gebooie se reëls beskou word.

Die boek Handelinge is dan volgens hierdie spiritualiteit die getuienis van hoe die dissipels, nadat hulle tot geloof in die Here gekom het, nog steeds ongehoorsame Christene was, maar toe hulle vir veertig dae “gewag” het, dit wil sê, gebid het op so ’n manier dat hulle alle beheer van hul lewe aan God oorgegee het, vir die eerste keer met die Heilige Gees gedoop en vervul is om gehoorsame Christene te word.

Eers toe God hulle met sy krag sou vervul het, nadat hulle aan God die volle beheer van hul lewe sou gegee het, kon hulle met kragvolle gebede, ’n oorwinningslewe oor sonde en goddelike liefde wat uit hulle gestraal het, ander mense tot ’n persoonlike verhouding met God lei.

**3.Die inhoud en betekenis van die “volle oorgawe aan God” in die moderne Christelikheid**

Wat is die beheer van jou lewe wat jy volgens hierdie spiritualiteit moet opgee en oorgee aan God?

Nêrens word die lewe waarvolgens jy nog nie hierdie “volle oorgawe” aan God sou gemaak het ooit aangedui as oortredinge wat jy teen die wet van die Here of selfs teen die liefdesgebod begaan nie. Die weerstand teen die “volle oorgawe” gaan nie oor sondes wat jy doen en wat jy moet uitlos nie. Nêrens word dit ooit aangedui as ongeloof in Jesus Christus nie. Voor jy die beheer van jou lewe vir God kan gee, moes jy al reeds voorheen Jesus in jou lewe ingenooi het, wat aldus die moderne siening, dieselfde is as geloof in Christus. Dit gaan juis oor gelowiges wat reeds in Christus sou glo, maar wat nog nie ’n “volle oorgawe” sou gemaak het nie.

Dit wys ons op die werklike inhoud en karakter van die nuwe daad van gehoorsaamheid wat “volle oorgawe” genoem word.

In hierdie spiritualiteit beteken “beheer” besluit en bestuur. “Beheer van jou lewe” beteken die mag om vir jouself besluite oor jou eie lewe te kan neem. Besluitneming beteken dat jy die keuses maak oor wat jy in jou lewe moet wees en bereik: jy stel jou lewensdoel en

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

doelwitte. Besluitneming gaan oor verantwoordelikheid en aanspreeklikheid. Jy neem aanspreeklikheid vir jou eie lewensdoel en doelwitte. Besluitneming beteken dat jyself die verantwoordelikheid neem vir die keuses wat jy vir jou lewe maak en die uitkomste van jou eie keuses aanvaar as dit wat jy bewerk het.

"Bestuur" beteken dat jy jou vermoëns en inspanning organiseer om jou besluitneming uit te voer en te bereik. Vermoëns moet herken en ontwikkel word. Inspanning moet geaktiveer, gefokus en gekoördineer word. "Bestuur" beteken dat jy jouself aanvaar met jou eie vermoëns, maar ook jou beperkings herken en jou self aangewese maak op die vermoëns van ander mense. "Bestuur" beteken dat jy moet kan beplan oor wanneer en hoe jy jouself moet aktiveer, fokus en moet koördineer om jou doelwitte te bereik.

Die saak wat volgens die moderne Christelikheid tussen "ongehoorsame" Christene en 'n gehoorsame Christelike lewe staan, is nie dat mense sonde wil doen nie. Dit is dat mense hul eie lewens self wil beheer: hulle wil self besluite vir hul eie lewe neem en hul eie lewe self bestuur.

Wat moet jy volgens hierdie moderne Christelikheid opgee en oorgee aan God om God se krag te ontvang om gehoorsaam te kan leef? Jy moenie sonde opgee of jou onderwerp aan die wil van God nie. Hul antwoord is nooit dat jy volgens God se wet besluite moet neem vir jou eie lewe of jou lewe volgens God se wet moet bestuur nie. Jy ontvang nie God se krag in jou lewe as jy volgens sy wet besluite neem en jou lewe bestuur nie. Jy ontvang die krag van God in jou lewe wanneer jy die besluitneming oor en beheer van jou lewe laat vaar en aan God oorgee.

Wat laat jy vaar en wat gee jy aan God oor wanneer jy nie meer self oor jou lewe besluit en nie meer self in beheer van jou eie lewe is nie?
Jy gee jou lewensdoel en doelwitte prys;
jy los jou aanspreeklikheid vir jou eie lewe;
jy gee jou verantwoordelikheid vir jou eie lewe op;
jy maak nie meer keuses vir en oor jou eie lewe nie;
jy mag nie meer jou eie vermoëns herken en ontwikkel nie;
jy moet jou vermoëns ontken en aflê en
jy aktiveer, fokus en koördineer nie meer jouself om jou lewensdoel en doelwitte te bereik nie.

Oorgee aan God beteken dat jy al hierdie menslike aksies aan God oordra as dade wat Hy moet uitvoer. Wanneer jy al hierdie dade opgee en passief word, dan raak God aktief en voer Hy hierdie aksies deur sy krag in jou lewe uit:
God gee jou dan sy lewensdoel en doelwitte;
God neem aanspreeklikheid en verantwoordelikheid vir jou lewe;
God maak die keuses vir jou lewe;
God gee sy vermoëns in jou lewe en Hy ontwikkel sy vermoëns binne-in jou lewe;

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

God aktiveer jou;
God fokus jou en
God organiseer en koördineer jou.

Volgens hierdie denkwyse is dit hoekom God sy krag nie aan mense gee wat Hom aangeneem het en in wie se lewens Hy is nie: Hy wil eers die mag ontvang om namens mense besluite te neem en vir hul lewens aanspreeklik en verantwoordelik te wees. ’n Mens kan net op een manier hierdie mag aan God gee: jy moet die beheer en bestuur van jou lewe afstaan aan God.

Dit is hoe die nuwe gehoorsaamheid van ’n volle oorgawe van die volle beheer van jou lewe ingelees word in die opdrag van die Here aan sy dissipels om te wag terwyl Hy besig is om die kerk toe te rus met die nuwe genademiddele. Wag beteken om die beheer aan God oor te gee en dan te wag op wat gebeur as jy dit doen!

**4. Die mens se liggaam is God se nuwe liggaam: God se krag is die mens se krag**
Wat gebeur volgens die sogenaamde spiritueles as jy die volle beheer van jou lewe aan God oorgee? Vir hulle word dit in tekste soos 1 Korintiërs 6:19 verwoord: “Of besef julle nie dat julle liggaam ’n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, ... ” As jy die volle beheer van jou lewe aan God oorgee, dan word jou eie liggaam ’n tempel van God, só beweer hulle. Dan vervul God jou persoonlik met die krag van God soos Hy dit met sy dissipels op Pinksterdag sou gedoen het.

Wat is hierdie krag van die Heilige Gees wat jy ontvang as jy die beheer van jou lewe aan God oorgee? Dit is die krag van God self! Dit is sy goddelike krag waarin en waardeur Hy God is. Dit is die krag van God waardeur Hy doen wat God doen.

Vir hulle is God wat in jou lewe inkom iets anders as die inwoning van God in jou lewe. Wat is anders as die inwoning van God in jou liggaam as God wat reeds in jou lewe sou gewees het toe jy Hom reeds vantevore in jou lewe ingenooi en Hy ingekom het? Wat gebeur in hierdie nuwe ervaring dat jy nou God se tempel word en God deur die Heilige Gees in jou woon, wat anders sou wees as God wat net in jou was deur jou “bekering en wedergeboorte”?

Hier kry ons nou te make met die nuwe inhoud van die wisselwerkende gemeenskap tussen Christus en mense: Syne is myne en myne is Syne. Wanneer jy die beheer van jou lewe aan God gee, kry God jou beheer en kry jy God se krag. Jou liggaam word God se liggaam waarin God sy Goddelikheid kan uitleef en God se krag waardeur Hy God is, word jou krag waardeur jy ’n goddelike lewe kan leef.

Hierdie nuwe wisselwerking tussen God en mens in jou liggaam, gaan nie meer oor die heiligheid en geregtigheid van Christus as mens waarin sondaars ingesluit word en sondaars se onheiligheid en ongeregtigheid waarin Christus nie ingesluit word nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

In hierdie nuwe wisselwerkende gemeenskap, wat binne-in die mens gebeur wat God se krag ontvang, gebeur daar heeltemal iets anders as wanneer sondaars ingesluit word in Christus. In die moderne spiritualiteit is daar 'n nuwe en alternatiewe wisselwerking wat tussen God en mens gebeur wanneer die mens die nuwe lewe van krag ervaar.

Dit is die wisselwerking van die mens en God se krag: die mens moet sy krag om sy menslike lewe te beheer en te bestuur aan God oorgee. Die mens se beheer en bestuur moet God se beheer en bestuur word. Die mens se vermoëns moet God se vermoëns word. Die mens se aanspreeklikheid en verantwoordelikheid moet God se aanspreeklikheid en verantwoordelikheid word; die mens se fokus, beplanning en organisering moet God se fokus, beplanning en organisering word.

Dit kan egter net God s'n word as die mens dit aan God oorgee. As die mens nie homself passief maak in hierdie dade van selfoorgawe nie, kan God nie aktief word in mense se lewens nie. Daarom word hierdie passiwiteit gelykgestel aan die opdrag van "wag" soos dit in Handelinge 1 staan.

Gee die mens hierdie menslike beheer en bestuur van sy lewe aan God, dan gee God weer van sy kant af aan die mens sy Goddelike krag. God gee sy vermoëns binne-in die mens en ontwikkel sy vermoëns as God binne-in die mens. God gee sy fokus binne-in die mens en die mens word dan deel van God se visie. God gee sy beplanning as goddelike krag binne-in die mens en dan word die mens deel van die plan van God met jou lewe. God voer sy goddelike handeling uit in mense se lewe en dan word mense deel van die aksie van God – mense word God se hande, God se voete, God se oë en God se gedagtes. God leef sy Wil uit deur die lewe van mense en dan word mense se wil God se groot missie vir en sendinguitreik na die wêreld.

Dít is die nuwe geestelike kontrak wat tussen God en mens in die moderne Christelike spiritualiteit tot stand kom en wat die mens bemagtig om 'n kragtige lewe vir God te kan leef: die mens moet sy menslike krag om self sy eie lewe te leef aan God oorgee en dan sal God sy goddelike krag, waardeur Hy God is, aan die mens oorgee.

Dit is die nuwe geestelike inhoud van die "doop" of vervulling" met die Gees. Die mens word met die krag van God se goddelikheid vervul wanneer hy sy menslikheid aan God oorgee. "Gedoop" met die Gees of "vervul" met die Gees kry nou die betekenis van vervul met God se goddelikheid. Daarom word die inhoudelike betekenis van Godvervuld aan die term "geesvervuld" geheg.

Dit is die verskil tussen die eerste ervaring van "bekering en wedergeboorte" en die tweede ervaring van die "doop of vervulling" met God se krag: in die eerste ervaring word God en die mens se persoon identies, in die tweede word God en die mens se krag identies.

Deur hierdie nuwe geestelike gehoorsaamheid van "volle oorgawe", die volle oorgawe van jou eie menslikheid as 'n ruimte waarin God sy goddelikheid kan uitleef, word die nuwe

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

belofte van die doop of vervulling met die krag van God se goddelikheid vir elke gelowige persoonlik waar: [8]Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."(Hand.1:8) Elke mens ontvang die krag van God soos beloof in Handelinge. Elke mens word 'n tempel van God.

**5. God se nuwe liggaam word toegerus met 'n nuwe magsposisie met nuwe magsmiddele**

In hierdie nuwe ervaring van "die doop" of die " vervulling" met die krag van God ontvang elke persoon 'n nuwe magsposisie met nuwe magsmiddele. Dit is die hele bedoeling van die ontvang van die krag van God se goddelikheid: om in 'n nuwe magsposisie met nuwe magsmiddele by God en tussen mense gestel te word. Hierdie nuwe magsposisie word deur die moderne spiritualiteit genoem: "om 'n persoonlike getuie vir God te wees". Dit is vanuit hierdie nuwe magsposisie met sy nuwe magsmiddele wat mense nou toegerus sou wees om ander mense te kan lei tot 'n persoonlike verhouding met God.

Hiervolgens word elke Christen wat die krag van God beleef, 'n persoonlike getuie vir God. Die ervaring van die vervulling met God se krag maak dat élke Godsvervulde ander ongehoorsame Christene kan lei om 'n persoonlike verhouding met God te kan beleef.

Hoe werk dit? Volgens hierdie spiritualiteit ontvang elke mens volgens die belofte in Handelinge persoonlik die krag van God en deel dus in die krag van God self! Dit beteken dat elke mens die belofte van die toerusting van God se liggaam ontvang. Die bemagtiging met die krag van God gebeur deurdat elke persoon nou met al die diensposisies en diensmiddele van die liggaam van Christus, sy kerk, persoonlik toegerus word. Elke mens se liggaam is nou God se liggaam!

Die vervulling van die belofte dat Christus sy kerk met krag sal toerus, bestaan uit twee dele:

1) Die belofte van kerkbou: dit gaan oor Christus wat die nuwe heerskappy van die Gees ingestel het om sondaars in Homself in te sluit; met Hom in sy mensheid te verenig en om met Homself as God te versoen.

2) Die belofte van die toerusting van die kerk: die belofte oor die krag wat die Here aan sy kerk sal gee wat Hy sal gebruik om mense in Homself in te sluit: die prediking van die evangelie, die bediening van die sakramente en die uitoefening van Christelike tug.

Hier moet ons nog twee ander beloftes deeglik van mekaar onderskei:

1) die vervulling van die Abrahamsbelofte van die gawe van die Heilige Gees aan sondaars en

2) die belofte van die krag van die Heilige Gees aan die kerk, wat deel van die Dawidsbelofte is.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**DIE ABRAHAMSBELOFTE**

[25]Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi ... Ek sal julle reinig van al julle onreinheid en van al julle afgodery. [26]Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee. **[27]Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom.** [28]..... julle sal my volk wees en Ek sal julle God wees. (Eseg. 36)

**DIE DAWIDSBELOFTE**

[12]Wanneer jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus, sal Ek een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en aan hom 'n bestendige koningskap gee. **[13]Hy sal vir my Naam 'n huis bou,** en Ek sal sy koningskap vir altyd laat voortbestaan. [14]Ek sal vir hom 'n vader wees en hy sal vir My 'n seun wees. (2 Sam. 7)

[Beklemtoning deur vetdruk dié van die outeur]
Christus vervul al twee hierdie verbondsbeloftes. Die wyse waarop Christus egter hierdie twee verbondsbeloftes vervul, verskil: Hy vervul die Dawidsbelofte vir Homself sodat Hy die Abrahamsbelofte vir ons kan vervul. Dit beteken dat al twee die beloftes van kerkbou:
1) Christus wat die kerk opbou deur mense in Homself in te sluit en
2) Christus wat sy liggaam toerus met dienste en diensmiddels, net Christus toekom en net deur Christus vervul word.

In die Dawidsbelofte is dit Christus se onderneming om die huis van God, dit is die tempel, te bou. Hierdie onderneming kom net in die Dawidsbelofte voor wat net Christus toekom. Dit is nooit deel van die Abrahamsbeloftes wat alle gelowiges toekom nie. Christus wys in sy optrede in Johannes twee waar hy die geldwisselaars se tafels in die tempel omgooi dat Hy die Een is wat die huis van God kom bou én dat Hy self hierdie nuwe tempel is:

> Maar die Jode het Hom aangespreek en vir Hom gesê: "Met watter wonderteken kan u vir ons bewys dat u hierdie dinge mag doen?"[19]Jesus het hulle geantwoord: "Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek hom oprig."[20]Die Jode sê toe: "Ses en veertig jaar lank is daar aan hierdie tempel gebou, en u sal hom in drie dae oprig?"[21]Met "hierdie tempel" het Hy egter sy liggaam bedoel. [22]Later, nadat Hy uit die dood opgewek is, het sy dissipels daaraan gedink dat Hy dit gesê het, en hulle het die Skrif en die woorde van Jesus geglo." (Joh.2:18-22)

Christus se optrede in die tempel is 'n teken wat Hy gegee het dat Hy deur sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding die beloofde huis van God gaan bou. Hierdie huis sal die tempelgebou in Jerusalem vervang. Hierdie tempel in Jerusalem was net bedoel as teken van die woning wat die Christus sal kom oprig: Homself.

Christus stel sy liggaam as mens gelyk aan die tempelgebou in Jerusalem. Hoe so? Want deur mense in sy menswees te verenig, word die Abrahamsbelofte vir hulle waar: God is hul God en hulle is God se volk. Dit is die betekenis van die "inwoning" van God: mense deel in die goedheid, genade, liefde, barmhartigheid en getrouheid van God.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

In hierdie versoening met God gee God hulle ook 'n nuwe hart en verbrysel Hy hul hart vol afgodsdiens en haat. Al die Abrahamsbeloftes word vervul deur mense se vereniging met Christus. Daar kan nie iets wees soos 'n uitstaande Abrahamsbelofte wat nog nie vervul is vir hulle wat met Christus verenig is nie: "Hy is die "ja" van God, [20]die "ja" op al die beloftes van God. Daarom is dit ook deur Christus dat ons tot eer van God daarop "Amen" sê. [21]God self het ons saam met julle op hierdie vaste grond gevestig: op Christus. God het ons vir Hom afgesonder, [22]ons as sy eiendom beseël en die Heilige Gees in ons harte gegee as waarborg van wat ons nog sal ontvang." (2 Kor. 1:20-22)

Christus is die nuwe tempel van God: "[9]In Hom is die volle wese van God beliggaam, ..." (Kol 2:9). Hy bou die kerk deur Homself die Een te maak in wie mense deel kry aan die Abrahamsbelofte. Daarom word hulle wat in Hom ingesluit is ook "tempel" genoem: "...[10]en in verbondenheid met Hom deel julle in sy volheid: (Kol.2:10) en

> ... hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag [20]wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het: ...Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk. [23]Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul." (Ef 3:19-23)

Christus as Persoon bou die tempel deur sy eie liggaam, dit is, sy menswees, die krag te maak wat mense heilig en regverdig voor God maak. Daarom is die mense wat met Christus verenig en versoen is sý liggaam: hulle deel in sy volle lyding, sterwe en opstanding. Deur mense met sý menswees te verenig, maak net Hy die belofte van die Gees in die Abrahamsbelofte vir hulle waar.

Christus bou die tempel én Christus rus sy tempel toe met nuwe diensposisies en diensmiddele. Daarom is die belofte van die krag van die Gees in Handelinge 1:8 deel van die Dawidsbelofte. Hierdie krag van die Gees is die krag waarmee sy tempel, sý liggaam, toegerus word sodat die nuwe tempeldiens in sý liggaam verrig word: die verkondiging van sý lyding en opstanding, die bediening van die tekens wat wys op die vereniging en die gemeenskap met Hóm as Persoon en die tug as die heenwysing tot die betekenis van sý Persoon.

Die krag van God in Hand.1:8 is die toerusting van die kerk as Christus se liggaam, naamlik nuwe diensposisies en nuwe genademiddele. Die krag van die Gees in Hand. 1:8 is die vervulling van die Dawidsbelofte deur Christus as die verhoogde Here aan die regterhand van die Vader.

In die moderne spiritualiteit gebeur daar egter iets heel anders. Deur hulle te beroep op tekste soos 1 Kor. 6:19 "Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, ..." en dit dan te verbind met Hand 1:8: " ... Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom ..." maak hierdie spiritualiteit hierdie belofte van tempelbou, kerkbou, gemeentebou, 'n belofte wat aan elke gelowige persoonlik toekom en in elke gelowige se eie persoon vervul word.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Omdat die kerkboubelofte nou ook 'n belofte word wat elke gelowige toekom, word Christus se liggaam, en die eenheid van sy liggaam met sy Godheid, en die eenheid van mense wat Hy insluit in sy liggaam, net 'n rolmodel van wie en wat elke gelowige nou kan word. Christus as rolmodel bemagtig elke mens nou persoonlik om liggaam van God te wees.

Waar hierdie belofte aan Christus nou skielik elke gelowige toekom, word
1) die posisie wat Christus inneem om die kerk te bou deur mense in Homself in te sluit, nou die posisie van elke mens wat die krag van God ontvang het, en word
2) die genademiddele waarmee die Here sý liggaam, sy kerk, toerus, die magsmiddele van elke mens wat met die krag van God vervul word. Elke mens wat met die krag van God gedoop en vervul word, se liggaam sou nou 'n tempel van God wees, net soos Christus se liggaam God se tempel wás. Elke Godvervulde is nou 'n gemeentebouer. Elkeen ontvang nou die krag om God se tempel te bou en as tempel van God toegerus te wees.

Christus het nie meer alleen die mag om sy kerk te bou en sy kerk toe te rus met diensmiddele nie. Die posisie wat die Here het om mense met sy liggaam as mens te verenig, is nou elke Godsvervulde se posisie. Die diensmiddele waarmee Hy die kerk, sy liggaam, toerus, word nou die persoonlike toerusting van elke Godsvervulde. Godsvervuldes glo en ervaar hulself identies met die krag waarmee Christus sy kerk bou en toerus.

**6. Die nuwe magsmiddel: die mens se innigheid as genademiddel**
Hierdie krag verander volgens Godsvervuldes die werking van hul persoon. Die doop of vervulling met God se krag in die moderne spiritualiteit gee aan elke Godsvervulde persoon die krag om God se liefde, genade, goedheid, barmhartigheid en getrouheid sy/haar eie te maak. Daarmee neem Godvervuldes 'n nuwe posisie tussen mense in. In mense se vereniging met die persoon van Godsvervuldes sou God nou sy Goddelikheid aan ander mense meedeel.

Dit is die nuwe inhoud van die kragvolle lewe wat uit die Bybel voorgehou word as die "vrugte van die Gees". In die "vrugte van die Gees" ervaar elke Godsvervulde homself só intiem een met God se eie liefde as God, dat hulle glo dat hulle ander mense God se liefde kan laat ervaar as hulle hierdie mense insluit in die innigheid van hul eie persoon.

Wat is die "vrugte van die Gees" volgens die Skrif? Christus sluit ons in Homself in om in ons sonde te deel en om ons te laat deel in sy heiligheid en geregtigheid as mens. Christus sluit ons in Homself in sodat ons God se liefde, genade, goedheid, barmhartigheid en lankmoedigheid as versoening met God ontvang. God bewýs aan ons sy liefde, goedheid en genade. Deur hierdie vereniging en versoening met Christus, skep Hy in ons nuwe deugde, gewoon menslike deugde van liefde, vriendelikheid, goedheid, geduld, en so meer, wat ons innerlik weer tot die gewone menslike gehoorsaamheid aan God se wet verbind.

Die vrugte van die Gees in die Skrif is altyd gewoon menslike innerlike gesindhede waarmee die wet van God uitgevoer word:

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

die liefde wat die Gees as gawe gee, is altyd liefdevolle gehoorsaamheid aan die wet van God;
die vreugde wat die Gees gee, is altyd vreugde in God en sy wil: om met vreugde die wet van God te aanvaar en na te kom;
vrede as gawe van die Gees is die innerlike vrede met God en sy wil: om tevrede te wees om sý wil volgens sy verordeninge te doen;
geduld as gawe is geduld in die uitvoering en onderhouding van die wet ten spyte van ons eie onvermoë: dit is om geduldig te bly sukkel met die Tien Gebooie;
vriendelikheid gaan daaroor om onder die druk van die eise van die wet steeds vriendelik te wees in die verbintenis om die wet uit te voer;
getrouheid is die gawe om altyd verbind te bly tot die diens wat God in sy wet eis;
nederigheid is die gawe waardeur die mens altyd na God se wet luister
en selfbeheersing gaan oor die gawe om altyd jou wil volgens God se wil uit te leef.

Daarom sê Paulus oor die vrugte van die Gees: "...Teen sulke dinge het die wet niks nie." (Gal.5:22) Die vrugte van die Gees kan nooit van die wet van God losgemaak word nie. Dit is juis die gawes wat mense ontvang as vervulling van die belofte van die Gees in Esegiël 36:26,27: "[26]Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee. [27]Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom." God gee in die plek van die onmenslike hart, die kliphart, 'n hart van vleis, 'n menslike hart, nooit 'n goddelike hart nie. Die gawes wat die Here as vrugte van die Gees in ons skep deur ons vereniging en versoening met Christus, is die wyse waarop die Here ons weer deur egte menslikheid aan sy wet verbind.

Hierdie gesindhede of deugde is gewoon menslike gesindhede en deugde.
Die liefde wat God in ons skep, is die menslike liefde waartoe elke mens verbind is en wil wees; die vreugde is gewone menslike blydskap. Dit geld ook die vrede, vriendelikheid, geduld, goedhartigheid, getrouheid en nederigheid wat gewoon menslike hoedanighede is. God herstel ons gewone menslikheid deur hierdie deugde weer in ons te herskep deur ons eenheid met Christus. Wat besonder is, is nie die karakter van die menslikheid wat God gee nie. God herstel net ons gewone menslikheid. Die besondere is God se genade waardeur ons menslikheid herstel word.

In die moderne spirituele ervaring van eenheid met God gebeur egter iets totaal anders. Wanneer jy tot algehele oorgawe aan God kom, vervul God jou met die krag van sy Godheid op so 'n wyse dat jy nie meer jouself is nie, maar dat God deur jóú Homself is. Hy leef sý goddelikheid deur jou in jou lewe uit. Op hierdie wyse kry Godvervuldes 'n nuwe karakter. Hul liefde is nie meer gewone liefde nie. Hul deugde is nie meer net gewone menslike deugde nie. Dit is nou goddelike liefde en goddelike deugde.

Hierdie nuwe goddelike karakter van hul deugde probeer hulle terugvind in die onderskeid tussen twee Griekse woorde vir liefde: αγαπη (agapei) en φιλεώ (fielêou).

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

In hul geloof is dit hierdie nuwe goddelike karakter van hul liefde wat hulle getuies van God maak. In hul persoon vertoon God sy eie liefde, goedheid, barmhartigheid as God, maar dit is meer as om dit net te vertoon. In die innigheid en eenheid wat ander mense met die persoon van Godvervuldes het, deel God sy vriendelikheid, goedheid en liefde as God deur hierdie Godvervuldes aan onvervuldes mee.

Die krag van God maak hul persoon die persoon in en deur wie mense God se liefde as God ontvang. Dit is die nuwe sendingvisie van Godvervuldes. In hul spiritualiteit het hulle nie ander mense lief met gewone menslike liefde nie. Hul liefde vir hul medemens is nie meer die volle uitvoering van naasteliefde volgens die wet van God nie. Hulle glo dat waar hulle jou in die innigheid van hul persoon insluit, jy die liefde van God self ervaar.
Waar hulle jou in die innigheid van hul persoon laat deel, ontvang jy God se vrede.
Waar hulle met jou geduldig is, ervaar jy God se lankmoedigheid.
Waar hulle met jou sagmoedig is, ervaar jy die barmhartigheid van God.
Waar hulle vreugdevol saam met jou verkeer, ervaar jy die guns van God.
Waar hulle nederig teenoor jou is, ervaar jy die nabyheid van die Here in jou lewe.

Dit is die nuwe krag van naasteliefde! Dit is God se manier om deur jou, wat sy liggaam op aarde is, mense aan sy liefde bekend te stel en hulle in sy liefde te laat deel. Dit gebeur met al hierdie deugde wat in Gal. 5 genoem word: dit is die krag van God, sy eie vrede as God, sy eie goedheid as God, sy eie geduld as God sy eie vriendelikheid as God wat nou jóú krag word.

Sý liefde is nou jóú liefde wat jy aan ander mense betoon as jy met mense innig is.
Sy vrede is nou jóú vrede wat jy uitstraal sodat ander God kan vind as hulle in jou geselskap is.
Sy geduld is nou jóú geduld wat jy sigbaar maak vir ander mense wanneer jy van jouself aan hulle gee.
Sy goedheid is nou jóú goedheid wat jy aan ander mense bewys wanneer jy na hulle uitreik.
Sy vriendelikheid is nou jóú vriendelikheid waarby jy ander mense insluit wanneer jy hulle ontvang.

In hierdie "vrugte" voel mense hulle spiritueel een met God en deel hulle God wat in hulle sou leef aan ander mense mee! Dit is volgens die moderne Christelike spiritualiteit die vervulling met God wat gebeur wanneer jy die beheer en bestuur van jou lewe ten volle aan God oorgee: God maak jou deugde as mens die nuwe genademiddel waardeur Hy as God sy goddelikheid aan ander mense meedeel.

Dit is hoe elke Godvervulde 'n getuie vir God sou word: sy deugde van vriendelikheid, vrede, liefde ensovoorts word die wyse waarop ander mense God in jou kan beleef.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Wat gebeur met gelowiges se vereniging met Christus as persoon in hierdie innigheid waarin die Godvervuldes hulle wil laat deel? In ons vereniging met Christus deel ons in alles wat Hy as mens vir God was en is: ons deel in sy lyding en opstanding as mens. Ons leef in hierdie wisselwerkende gemeenskap met Christus deur die Heilige Gees: Syne is myne en myne is Syne. In ons vereniging met Christus is ons versoen met God. Die wisselwerking van God se liefde wat ek ontvang en die haat wat Christus ontvang, gebeur in ons vereniging met Christus as teenwoordige Here.

Dit is die nuwe posisie van krag wat Godvervuldes glo hulle ontvang: hul persoon word die persoon in wie 'n mens die wisselwerkende gemeenskap met God beleef. Maar, hul wisselwerkende gemeenskap is 'n alternatiewe wisselwerkende gemeenskap. Dit is nie die wisselwerkende gemeenskap tussen die menswees van sondaars en die menswees van Christus nie. Dit is nou die wisselwerkende gemeenskap tussen God en die mens se krag.

Godvervuldes verplaas en neem die posisie van Christus as verhoogde Middelaar in met 'n nuwe wisselwerkende gemeenskap tussen hulle en mense. Hulle is God se tussengangers deur wie mense God self ervaar.

Dit verander die hele karakter en bedoeling van die Christelike deugde. Waar naasteliefde nie meer nét naasteliefde is nie, maar 'n genademiddel word waardeur God sy eie liefde aan ander deur Geesvervuldes meedeel, word Christelike deugde nuwe geestelike aksies en geestelike bedieninge van God deur mense. Dit is die kern van hul sogenaamde "gawe-bediening": elke menslike deug word vir hulle 'n bedieningsmiddel om die nuwe genadegawe van God te kan meedeel: God se goddelikheid. Daarmee het hulle die inhoud van die kerk se bedieningsmiddele en die amp van bediening wesenlik verander. Dit is nie meer getuienisdienste nie. Dit is magsmiddele waardeur God self deur mense se "gawes"bewerk en bemiddel word. Die bedieningsmiddel en God het identies geword. Daarom is dit 'n magsmiddel.

Op hierdie wyse word elke menslike interaksie God se uitreik na die wêreld.
Kinders se kinderinteraksie word nou God se kindersending;
jongmense se interaksie as jongmense word God se jeug-tot-jeug-aksie;
vrouens se onderlinge verkeer word God se vrou-tot-vrou-sending;
mans se samehorigheid word God se manne-aksie;
ouers se liefde vir hul kinders word 'n bediening;
gesinne se onderlinge verkeer word "gesinsbediening" en
vriende se onderlinge verkeer word "vriendskapbediening".

Godvervuldes het nooit nét lief nie. Hul liefde is altyd God se uitreik en God se sending waardeur Hy ander sy liefde meedeel en laat ervaar. Daarom is hulle ook nooit net 'n ouer wat sy kind liefhet nie; net 'n man wat sy vrou liefhet nie; net 'n werkgewer wat sy werknemers liefhet nie; net een vriend wat 'n ander vriend liefhet nie; net 'n jongmens wat 'n ander jongmens of 'n kind wat 'n ander kind liefhet nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hulle ervaar hulself in elke medemenslike of tussenmenslike verhouding in 'n magsposisie wat anders is as die medemens met wie hulle in verhouding is. Hulle ervaar hulself as "getuies" van God: mense wat die besondere magsposisie het dat God in en deur hulle Homself aan ander meedeel.

**7. Die werklike inhoud van die innigheid van Godvervuldes: innigheid as magsmiddel**
Wat is die werklike inhoud van dit wat in die moderne Christelikheid ervaar word as "die vrugte van God se Gees"? Wat hier ervaar word, is nie die vrugte van die Gees nie. Dié Godvervuldes glo nie in die vereniging met Christus as mens nie. In hierdie ervaring van die krag van innigheid van hul eie persoon is die eenheid met die menswees van Christus afwesig. Die innigheid van hul persoon as mens het die eenheid met die menswees van die teenwoordige Here vervang. Hul goddelike liefde is ook nie goddelike liefde nie. God deel nie sy persoon met mense op só 'n wyse dat 'n mens se persoon God se persoon meedeel nie. Dit gebeur nie eers in of deur Christus nie. Ons deel God se liefde in ons versoening met God, nie in die eenheid met die menswees van Christus nie.

Nou wat is die innigheid wat die moderne Godvervuldes met ander mense as getuies wil deel? Wat wys die Bybel ons oor hul innigheid?

Ons kan dit met 'n voorbeeld toelig: die liefde van ouers vir kinders en die liefde van kinders vir mekaar. Ouers behoort elk van hul kinders lief te hê. Hierdie ouerliefde is dieselfde vir elke kind. Elke kind in 'n gesin is deel van die volle liefde wat hul ouers vir elkeen van hulle het. Ouers sluit elke kind self in hierdie liefde in. Elke kind het dieselfde toegang tot hierdie liefde. Ouerliefde verbind kinders tot broeder- en susterliefde. Die vervuldheid van ouerliefde waarin elke broer en suster leef, maak dat hulle mekaar onbelas kan liefhê. Hulle hoef nie met mekaar te kompeteer asof ander broers en susters in die pad kan staan van liefde wat óf meer óf anders is as die ouerliefde wat elkeen ontvang nie. Hulle kan en mag gewoon net kinders wees. Hulle kan en mag mekaar gewoon net as broers en susters liefhê. Die liefde wat kinders vir mekaar het, is totaal iets anders as die ouerliefde wat hulle ontvang en gee. Ouers is die bron van ouerliefde. Ouers deel ouerliefde mee en ontvang weer liefde van die kinders, oftewel ouerliefde. Kinders kan nie vir mekaar die bron van ouerliefde wees nie. Kinders kan nie aan kinders ouerliefde gee of ontvang nie. Hulle gee aan mekaar kinderliefde.

Kinderliefde is die liefde wat Christene vir mekaar as broers en susters het. Hierdie benoeming van medegelowiges as "broers" en "susters" is 'n belydenis van die onderlinge verbintenis waartoe Christus gelowiges verbind. In 1 Johannes 5:1-5 word dit só beskryf:

> Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is 'n kind van God; en elkeen wat vir die Vader liefhet, het ook die ander lief wat kinders van die Vader is. 2Hiéraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie onderhou. 3Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam. Sy gebooie is ook nie moeilik om te gehoorsaam nie, 4want enigeen wat 'n kind van God is, kan die sondige wêreld oorwin. En die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het, is deur ons geloof. 5Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Kinders is broers en susters omdat hulle dieselfde ouers het. Christene se onderlinge verbintenis tot mekaar is dat hulle kinders van God die Vader is. In hul vereniging en versoening met Christus ontvang hulle die volle liefde van God en is hul liefde weer vir God volkome. Dit is die oorwinning deur die geloof: ons is kinders wat die volle liefde van ons Vader ontvang en wie se liefde vir die Vader, met al die gebreke, foute en tekortkomings, volmaak is. Ons kinderliefde vir God is volmaak - liefde uit dank vir sy liefde uit genade.

Die wyse waarop hierdie kinders tot liefde verbind is, is die wet van God. Ons liefde vir God bestaan dan daarin dat ons die gebooie van God onderhou. God die Vader se wil oor hoe ons sy ander kinders moet liefhê, is sy wet. Dit is ’n totaal ander tipe liefde as wat die Vader self vir sy kinders het. Die Vader se liefde vir ons is nie sý wetsonderhouding nie. Sy liefde vir ons is Christus. Die nuwe liefde vir mekaar as broers en susters is liefde volgens die wet uit die geloof dat ons liefde vir God volmaak is in Christus. Christene kan mekaar weer liefhê volgens die gewone menslike liefde wat God van elke mens in sy wet vra.

Wat gebeur in die moderne Christelikheid se ervaring van “Geesvervuldheid”?

Omdat “Geesvervuldes” hulself “oorgegee” het, glo hulle dat hulle deel is van die liefde, vriendelikheid, goedheid, geduld en sagmoedigheid van God self. Daarom glo hulle dat hulle hierdie liefde van God aan ander mense moet uitdra. Mense moet in en deur hulle God se liefde ervaar. Mense moet in hulle God se liefde kan raaksien en ook verlang om deel van hierdie liefde van God binne-in hulle te wees. Hulle stel verskeie vereistes/kenmerke daarvoor:
mense moet God in jou lewe kan raaksien;
jy moet die liefde van God na ander mense uitstraal;
jy moet Jesus wees vir ander mense en
mense moet Jesus in jou kan raaksien en beleef.

Dit kan so aan die hand van die voorbeeld oor ouerliefde, wat vroeër aangehaal is, geïllustreer word: kinders ervaar dat hul ouers se liefde in hulle is. Hulle is so innig met hul ouers dat hulle een is met hul ouerliefde. Hulle is vervuld met ouerliefde. Daarom moet ander kinders ouerliefde in hulle kan raaksien en ouerliefde in en deur hulle kan ervaar. Hulle het nie meer kinderliefde vir ander kinders nie. Hulle is nou kinders met grootmensliefde vir ander kinders.

Wat is hierdie liefde? Is dit ouerliefde wat party kinders in hulle het en wat ander kinders in hulle moet ervaar?

Dit is nie meer kinderliefde nie. Dit is nie meer die onbelaste liefde wat broers en susters vir mekaar het nie. Maar dit is ook nie ouerliefde nie. Daar bestaan nie so iets soos kinders wat ouerliefde meedeel nie. Kinders wat ouerliefde aan kinders meedeel, is kinders wat maak asof hulle grootmensliefde vir kinders het.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Wat is hierdie grootmensliefde wat party kinders vir ander kinders het? Dit is gewoon net heerssugtigheid. Dit is oorheersing wat aangebied word as liefde, maar bedoel is as oorheersing. ’n Kind wat ’n ander kind met ouerliefde omhels, is ’n kind wat ’n ander kind met die mag van ’n ouer wil oorheers. ’n Kind wat homself aan ’n ander kind oorgee om ouerliefde by ’n ander kind te kry, onderwerp homself aan die mag van ’n ander kind. Dit is die magstruktuur van bendes, verbeteringskole, kinderhuise en koshuise. Dit is nie die liefdestruktuur van gesinne nie.

Dit is wat gebeur in “Geesvervulde liefde” in die moderne spiritualiteit. Mense wil ander mense liefhê met God se eie liefde. Mense wil God se liefde só ervaar dat hulle God se liefde aan ander mense kan meedeel. Ander mense moet God se liefde in hulle raaksien en na hulle kom sodat hulle God se liefde in ’n innige persoonlike verhouding met mekaar aan hulle kan meedeel. In hierdie “Geesvervulde liefde” glo mense aan hulself as die draers en bemiddelaars van God se liefde vir ander mense.

Wat is hierdie goddelike liefde wat mense in mekaar moet vind - mense wat goddelike liefde het en uitdra en mense wat goddelike liefde in ander mense vind en ervaar? Dit is en kan niks anders wees as die perversie van menslike magsug deur liefde nie.

Dit is nie toevallig dat die voorwaarde om met God se Goddelike liefde vervul te word, is dat jy jouself geheel en al moet oorgee aan God nie, dit wil sê, die algehele oorgawe van die beheer en bestuur van jou lewe. Wat verkry die een wat algehele en totale beheer en bestuur verkry? Die antwoord is bevel en beheer! Dit is die voorwaarde vir en karakter van bevel: jy moet eers jou terrein kan beheer en vermoëns kan bestuur.

Dit is wat in algehele oorgawe gebeur: die een aan wie jy oorgee, kry beheer en bevel! Die terrein van beheer wat hy kry, is ’n ander mens se lewe, denke, wil en krag. Die vermoëns wat hy kry, is die afhanklikheid, gedienstigheid, onderhorigheid, willoosheid, onnadenkendheid en besluiteloosheid van die persoon wat die beheer van sy lewe oorgee. Volgens die moderne spiritualiteit is dit wat God moet kry om mense met sy krag te vervul.

Daarom is die belangrike vraag wat gevra moet word: wie kry beheer en bevel wanneer mense ’n algehele oorgawe aan God maak, en die beheer en bestuur van hul lewe aan God oorgee?

Die antwoord wat die moderne Christelikheid voorhou, is dat dit God is wat die beheer kry! God kom in bevel en beheer van jou lewe as jy jouself geheel en al aan God oorgee. God gaan sit op die troon van jou hart en jou lewe as jy die volle beheer van jou lewe vir God gee!

Kan dit egter so wees?

God het die mens geskep om mens te wees. God het die mens geskep om menslik te wees. Mense is geskep om mekaar as mense met menslike liefde lief te hê. Die mens se menswees

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

en menslikheid is nie sonde nie. Die mens is nie geskep om goddelik te wees nie. Die mens se menslikheid is nie ’n hindernis tussen God en die mens nie. Die mens mag nie sy menswees of menslikheid teenoor God aflê nie. Die mens mag nooit strewe om met God se Goddelikheid vervul te word nie. Dit is en bly die kern van elke sonde: identifikasie met God. (Gen.3)

God het die mens se persoon geskep as ’n identiteit wat bestaan uit die “ek” en die “my”: as self en selfbeeld. Hierdie wyse waarop die mens as persoon bestaan en leef, as ’n self en ’n selfbeeld, is die skeppingskonstitusie van menswees. Wie nie so is nie, is nie mens nie. Wie nie so mens is nie, is nie mens soos God die mens gemaak het nie.

God het die mens geskep om doelstellend te leef. Dit is die skeppingsaard van elke optrede van die mens: die mens skep betekenis deur doelstellend te handel. Dit is die krag van menswees. Die mens skep bedoeling en kan sy handelinge fokus, koördineer en organiseer om hierdie skeppende doel te verwesenlik.

Dit is waarteen die moderne Christelikheid se aggressie en woede gefokus is: die mens se skeppingsidentiteit. Dié Christelikheid wil nie leef in die konstitusie van “eie ek” en “my”,: self en selfbeeld nie. Dit soek ’n alternatiewe konstitusie: God in die plek van die “eie ek” en God se beeld in die plek van die mens se selfbeeld. Aanhangers van hierdie Christelikheid wil nie in die konstitusie van die mens leef om as mens doelstellend te handel nie. Hulle wil God beliggaam: God moet sy doel as God, in en deur die mens se menswees en menslikheid uitvoer.

Om die skeppingsidentiteit van die mens op hierdie wyse te verander, is nie die verbetering, vergeesteliking, veredeling of vergoddeliking van menswees en menslikheid nie. Dit is ’n sinlose magsdaad wat die mens se menswees en menslikheid verwring en skend. Dit maak mense nie goddelik nie. Dit maak mense verwronge en misvormde mense. Dit is wat die Bybel uitwys as die verlies van die beeld van God. Die mens se verlies van sy bedoeling om ten volle mens vir God te wees.

Hierdie verwringing en skending van menslikheid is die kerninhoud en bedoeling van die moderne Christelike spiritualiteit. Dit blyk duidelik uit dit wat as “die vrugte van die gees” voorgehou en uitgeleef word.

In alle moderne Christelike spiritualiteite is die “vrugte van die Gees” die nuwe alternatief op die wet van God. Daar word geglo dat die vrugte van die Gees die wet van God vervang het. Daarom is dit vir hulle die nuwe alternatiewe reëls van ware geestelikheid. Volgens hulle het die Here hulle losgemaak van die Tien Gebooie en is hulle nou net gebind aan die nuwe ervaring van die liefde volgens die vrugte van die Gees.

Wat gebeur met die karakter en inhoud van die vrug van die Gees in Gal.5 as dit nie meer die gawe is wat mense ontvang deur hul vereniging en versoening met Christus as die nuwe hart,

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

wat hulle aan die wet van God verbind nie? Wat gebeur met die karakter en inhoud van die vrug van Gees as dit nie meer die vervulling van die verbondsbelofte van ’n nuwe hart, waardeur God maak dat ons sy wet gehoorsaam, is nie, maar as dit die nuwe wyse is waarop mense God se identiteit ervaar en dit aan ander mense meegedeel word? Wat gebeur met die vrug van die Gees as dit nie kinderliefde tussen kinders is nie, maar kinders is wat ander kinders met grootmensliefde liefhet?

Wanneer een mens ander mense met God se eie liefde liefhet en mense soek God se liefde in mekaar, dan is dit nie meer menslike liefde nie. Dit is een mens wat ’n ander mens se persoon verdring met die magtigheid en krag van sy eie persoon. Om hierdie verdringing van jou eie persoon deur ’n ander persoon te aanvaar, is nie liefde nie. Dit is onderworpenheid, afhanklikheid, willoosheid, onnadenkendheid en gedienstigheid! Hierdie onderlinge verbintenis van verdringing en onderworpenheid word in Gal. 5 vers 19 “haat” genoem, nie liefde nie.

Wanneer een mens sy blydskap oor sy identiteit met God in ander mense uitleef, is dit nie meer die vreugde van die Gees nie. Dit is een mens wat sy eie persoon grensloos in die persoon van ander mense ervaar. Hierdie onderlinge verbintenis van mense waarin persoonsgemeenskap net ’n grenslose selfervaring word, noem Paulus in Gal.5:19 onreinheid.

Wanneer een mens God se vrede met Homself as God, as sy eie vrede ervaar en dit uitleef as God se vrede vir ander mense, dan is dit nie meer menslike vrede nie. Dit is ’n mens wat sy persoon in die mag uitleef as sou dit die orde en navolgingsmodel vir ander persone wees. Hierdie magsdaad skep nie onderlinge vrede tussen mense nie. Dit is ’n onderlinge verbintenis van oorheersing en afwesigheid: die een wie se persoon orde gee, oorheers en die een wat hierdie orde aanvaar se eie persoon is afwesig.  Een mens se persoonsorde vir ander mense is nie vrede nie. Paulus noem dit in Gal.5:19 rusie en verdeeldheid.

Wanneer een mens geduldig sy eie persoon as die krag van God teenoor ander mense laat geld, is dit nie meer menslike geduld nie. Die onderworpenheid van ander mense aan hierdie voortdurende magtige selfgelding is ook nie geduld nie. Dit is geweld en gelatenheid. Hierdie onderlinge verbintenis tot geweld en gelatenheid noem Paulus in Gal.5:19 nie geduld nie, maar woede en verdeeldheid.

Wanneer vriendelikheid nie meer medemenslikheid aan mekaar oordra nie, maar ’n manier van een persoon geword het om sy innigheid as die persoon van God aan ander uit te leef, kan dit nie meer menslike vriendelikheid wees nie. Om jou persoon met die waarde van God aan ander oor te dra, is meerderwaardigheid. Om jou eie persoon aan hierdie goddelike meerwaardigheid te onderwerp, is nie vriendelikheid nie. Dit is minderwaardigheid in jou eie menswees. Hierdie onderlinge verbintenis tot meer- en minderwaardigheid noem Paulus in Gal.5:19 vyandskap.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Wanneer een persoon sy eie persoon in die krag wil uitleef asof ander persone vervulling van hul bedoeling in sy persoonlikheid sal ervaar, dan is hierdie gee van jouself nie goedhartigheid nie. Dit is om ander te begeer! Dit is die begeerte om ander mense se lewensdoel met jou eie lewensdoel te vervang. Om ’n ander mens se lewensdoel as God se plan met jou lewe uit te leef, is nie vervulling met God se krag nie. Dit is selfontlediging. Hierdie onderlinge verbintenis tot begeerte en selfontlediging noem Paulus in Gal.5:16 naywer en afguns.

Wanneer ’n persoon nie meer nét mens is nie, maar ’n mens is wat leef met God binne-in sy eie ek, God verbeeld deur sy eie selfbeeld en in sy eie optrede die krag en persoon van God beliggaam, dan is hierdie persoon nie getrou aan die broosheid, beperktheid, tydelikheid en gebrokenheid van sy eie menswees nie. Hierdie persoon is ontrou aan sy menslikheid en onbetroubaar in medemenslikheid. Persone wat staatmaak op hierdie onmenslikheid van ’n ander persoon is nie besig om God te vertrou nie. Dit is die misbruik van ’n ander mens se menslikheid as verskoning vir sonde. Hierdie onderlinge verbintenis tot ontrouheid en misbruik noem Paulus in Gal. 5:19 onsedelikheid.

Wanneer een persoon voorhou dat hy in sy persoon self niks is nie, dat hy as persoon self niks kan doen nie en as persoon self niks kan bereik nie, maar voorhou dat God in en deur sy persoon sy eie Goddelikheid uitleef, is dit alles behalwe nederigheid. Hierdie selfontkenning is die selfbemagtiging van ’n superego wat alles in ander wil wees. Onderworpenheid van ander persone aan hierdie superego is nie nederigheid teenoor God nie. Dit is deemoedige ondergeskiktheid van een persoon aan ’n ander persoon. Hierdie onderlinge verbintenis tot selfbemagtiging en deemoedigheid noem Paulus uitspattigheid en skeuring.

’n Persoon wat voel dat dit God is wat beheer kry oor ander mense se lewe in die persoonlike verhoudings wat hierdie persoon met ander mense sluit, is nie met selfbeheersing besig nie. God neem nie die beheer van mense oor deur die persoonlike verhoudings van ander mense nie. Hierdie gevoel van God se beheer is die blinde drif van hierdie persoon se onbeteuelde magsug oor ander. Mense wat die beheer van hul lewe aan so ’n persoon oorgee, is nie met selfbeheersing besig nie. Hierdie oorgawe aan die onpersoonlike drif van ’n ander mens is niks anders as die selfingekeerdheid van selfbehaging nie. Dit is die oorgawe van ’n persoon wat sonder die self van ’n ander in homself ’n behae het. Hierdie onderlinge verbintenis tot drif en selfbehaging noem Paulus in Gal.5:19 losbandigheid.

| |
|---|
| Die krag van God in die moderne spiritualiteit is die krag om sonde as goddelike liefde tussen mense te ervaar |

Dit is hoekom Paulus afgodsdiens as deel van die praktyke van die sondige natuur van die mens in Gal.5:19 noem. Afgodsdiens is die kuns om sonde as godsdiens te beoefen. Dit is presies wat gebeur in aanhangers van die moderne spiritualiteit se nuwe liefde wat hulle deur hul identiteit met die krag van God beoefen: hulle maak van alles wat die Bybel leer as die

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

praktyke van die mens se sondige geaardheid die nuwe ware geestelike gesindhede waardeur hulle “gehoorsame Christene word.”

Deur die vrug van die Gees die nuwe wet te maak waardeur mense hul identiteit met die krag van God moet uitleef, vervang hulle die liefde wat God in sy wet van mense eis deur sonde: die vrugte van die Gees word vervang met die praktyke van die sondige natuur van die mens.

Die werklike inhoud van die Godservaring in die moderne Christelikheid is om sonde as liefde vir God en mense te beleef. Wat Paulus in Romeine 1 beskryf as die verdraaide opvattings in afgodsdiens, is die inhoud van die moderne Christelikheid: dit leef onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusie, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid en alle dergelike dinge uit as liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

Die meganisme waardeur hierdie omkering bewerkstellig word, is net soos wat Paulus dit in Romeine 1 beskryf, die verdraaiing van die beeld van God. Hulle verkondig ’n nuwe mens wat nie meer is soos wat God bedoel het hy moes wees nie: om te bestaan en te leef in die konstitusie van self en selfbeeld, “eie ek” en “my” en om doelstellend te handel. Hierdie skeppingsaard oor hoe om mens te wees word verdraai as die nuwe wyse waarop God God wil wees: God wil die eie ek en “my” van die mens, sy self en selfbeeld, vervang. God wil volgens hierdie siening die mens se doelstellende leefwyse met sy eie lewe vervang. Hierdeur skep hulle nie ’n goddelike naasteliefde nie. Hierdeur vereer en dien hulle die mens in plaas van die Skepper!

Die moderne Christelike spiritualiteit is niks anders as die perversie van menswees nie. In sy verdraaide opvattings word alles wat die mens verontmenslik, misvorm en verwring as die werklike liefde waartoe elke mens bestem is, beleef.

Afgodsdiens is godsdienstige goddeloosheid. Dit is presies wat gebeur met die vrugte van die moderne spiritualiteit. Dit maak die goddeloosheid van mense se sondige natuur die ware aanbidding van God binne die kerk.

In goddeloosheid word alles wat die Bybel beskryf as die praktyke van die sondige natuur verdraai sodat die mens se sondige lewe ervaar word as die ware vervulling van die mens se menslikheid.

In goddeloses se verdraaide opvattings oor hoe om mens te wees, verdraai hulle alles wat die Bybel as verkeerde en slegte houdings en gesindhede beskryf tot goeie gesindhede en bedoelings: onsedelikheid is opwinding, onreinheid is net menswees, losbandigheid is vryheid, vyandskap is regverdigheid, naywer en afguns is goeie sportmanskap, woede is beginselvastheid, rusie is selfhandhawing, dronkenskap is geselligheid en kuier,

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

uitspattigheid is selfversekerdheid, haat is selfbeskerming, skeuring is vernuwing en verdeeldheid is selfversorging.

In die goddeloses se gemoed is die Woord van God onmenslik om hierdie verdraaide opvattings se werklike bedoeling aan die orde te wil stel. Om sonde se bedoeling uit te wys word ervaar as God se vyandigheid teenoor die mens se menslikheid.

Die moderne Christelikheid is die kerk vir hierdie goddelose gemeenskap, want dit wat die Woord van God as goddeloosheid uitwys, maak hulle die ware spiritualiteit wat binne die Christelike kerk met God beleef moet word. Die ervaring van die "vrugte van God se Gees", wat hulle binne die eredienste en Christelike gemeentes ervaar as die ware inhoud en bedoeling van Christus, is na inhoud presies dieselfde praktyke as wat goddeloses buite die kerk bedryf: die praktyke van die sondige natuur. Die liefde van die moderne Christelike spiritualiteit is die losbandigheid van die goddelose wêreld binne die Christelike kerk.

Die woede wat hierdie spiritualiteit teen die skeppingsaard van die mens het, is dieselfde as wat goddeloses teen die skeppingsaard van die mens het: albei wil 'n "eie ek" en lewe ervaar wat goddelik is. Al verskil is dat dit in die moderne spiritualiteit in die Naam van Jesus gedoen word, terwyl goddeloosheid dit sonder God se naam wil doen.

Die woede wat goddeloses teen die wetsgehoorsame liefde van Christene ervaar, is ook die woede wat die moderne spiritualiteit teen Christene het. Goddeloses minag die wetsgehoorsame liefde van Christene as eng, outyds, uit voeling met die werklikheid, onmenslik, aanstellerig, dom en onwetenskaplik. Spirituele Christene minag die wetsgehoorsame liefde van Christene as wetties, uiterlik, ongeestelik, Ou Testamenties, ongehoorsaam, liefdeloos en sonder enige krag.

### 8. Die werklike inhoud van die aanbidding van Godvervuldes: aanbidding as magsmiddel

Mense wat volgens die moderne spiritualiteit die krag van God deur die doop of vervulling met God se Gees ontvang het se aanbidding is nie meer nét aanbidding van God nie. Hul aanbidding is nie meer net gewone menslike lof, dank, eer, verheerliking en gebed tot God nie.

Hulle glo dat hul aanbidding deur die krag van God 'n nuwe waarde kry wat meer is as nét aanbidding van God. Godvervuldes se aanbidding word geestelike aksies en geestelike bedieninge waarmee hulle aan God sy posisie en krag in en tussen mense bedien. In aanbidding word Godvervuldes se persoon die woning of tempel waarin God Homself vermenslik. Hul aanbidding word middele waardeur God sy Goddelike krag in en tussen mense uitoefen. Op hierdie wyse sou God volgens hulle hul persoon en aanbidding as nuwe magsmiddele gebruik waardeur Hy Homself aan mense kan meedeel.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit is presies wat Paulus aanspreek ten opsigte van die gemeente van Korinte se beoefening van ongewone klanke. Die onderliggende probleem in die gemeente Korinte is die spiritualiteit van "Godvervuldes", dit is, mense wat voel dat hulle deel aan die krag van God gekry het.

"Ongewone tale" was een van hierdie kragervarings wat die Korintiërs in die eredienste van die gemeente ingedra het. Dit was 'n praktyk wat hulle in die heidense afgodsdienste geken en beoefen het en toe in die Christelike eredienste in Korinte ingevoer het.

Die woord "ongewone klank" beteken nie dat hierdie klanke 'n taal was nie. Volgens Paulus is dit klank sonder taalbetekenis. Dit is eintlik onsamehangende brabbelgeluide. Dit is 'n uiting van onverstaanbare gemoedsaandoenings. Onverstaanbaar vir die persoon wat dit doen. Onverstaanbaar vir dié wat daarna luister.

Die wyse waarop Paulus hierdie optrede in die erediens in 1 Korintiërs 14: 2-25 aanspreek, wys duidelik op die verskil in waarde wat die Korintiërs aan hierdie praktyk geheg het en die waarde wat Paulus daaraan gee:

> Iemand wat ongewone tale of klanke gebruik, praat nie met mense nie, maar met God. Niemand verstaan hom nie, want deur die Gees sê hy onbegryplike dinge. [3]Iemand wat profeteer, rig hom tot mense en praat woorde wat geestelik opbou en bemoedig en vertroos. [4]Die een wat ongewone tale of klanke gebruik, bou net homself op, maar die een wat profeteer, bou die gemeente op. [5]Ek sou graag wil hê dat julle almal ongewone tale of klanke gebruik, maar nog liewer dat julle profeteer. Die een wat profeteer, is van groter betekenis as die een wat ongewone tale of klanke gebruik, tensy hy dit ook uitlê, sodat die gemeente daardeur opgebou kan word. [6]En nou, broers, as ek na julle toe kom en ongewone tale of klanke gebruik, van watter nut sal ek vir julle wees? Ek sal vir julle net van nut wees as ek 'n openbaring of kennis of profesie of lering aan julle meedeel.[7]Dit is net soos met lewelose instrumente wat 'n klank afgee, soos 'n fluit of 'n siter. As daar nie klankverskille is nie, hoe sal 'n mens weet wat op die fluit of die siter gespeel word?[8]En as die beuel 'n onduidelike sein gee, wie sal vir die geveg gereed maak? [9]So is dit ook met julle. As julle ongewone tale of klanke gebruik en nie 'n verstaanbare woord praat nie, hoe sal 'n mens weet wat daar gesê word? Dan praat julle mos in die wind! [10]Daar is wie weet hoeveel soorte tale in die wêreld, en nie een is sonder betekenis nie. [11]Maar as ek 'n taal nie ken nie, sal die een wat dit praat, vir my onverstaanbaar wees en ek vir hom. [12]Dit is ook op julle van toepassing. As julle julle toelê op die gawes van die Gees, streef dan na dié wat tot opbou van die gemeente dien, sodat julle daarin kan uitmunt.[13]Daarom moet hy wat ongewone tale of klanke gebruik, bid om die gawe om dit te kan uitlê, [14]want as ek ongewone tale of klanke gebruik wanneer ek bid, dan bid my gees, maar my verstand is nie daarby betrokke nie. [15]Hoe moet dit dan wees? Só, dat ek met die gees moet bid, maar ook met die verstand. Ek moet met die gees die lof van die Here sing, maar ook met die verstand. [16]Anders, as jy met die gees 'n dankgebed doen, hoe sal 'n gewone mens wat daar teenwoordig is, op jou dankgebed "Amen" kan sê? Hy verstaan mos nie wat jy sê nie. [17]Jou dankgebed is wel goed, maar ander mense word nie daardeur geestelik opgebou nie. [18]Ek dank God dat ek meer ongewone tale of klanke gebruik as julle almal. [19]Maar in die byeenkoms van die gemeente wil ek liewer vyf woorde met my verstand praat om ook ander te onderrig, as duisend woorde in ongewone tale of klanke.[20]Broers, moenie in julle denke kinders wees nie. Wees onvolwasse in die slegte dinge, maar in julle denke volwasse. [21]In die wet staan daar geskrywe dat die Here sê:"Deur andertaliges en deur die mond van vreemde mense sal Ek met hierdie volk praat, en selfs dan sal hulle na My nie luister nie."[22]So is die gebruik van ongewone tale of klanke dan 'n teken vir ongelowiges en nie vir gelowiges nie. Daarteenoor is die profesie vir gelowiges en nie vir ongelowiges nie.[23]As die hele

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> gemeente dan bymekaar is en almal gebruik ongewone tale of klanke en daar kom buitestaanders of ongelowiges binne, sal hulle nie sê julle is van julle verstand af nie? [24]Daarteenoor, as almal profeteer, en daar kom 'n ongelowige of 'n buitestaander binne, dan word hy deur almal in sy gewete aangespreek en kom hy tot selfondersoek. [25]Die verborge dinge van sy hart kom aan die lig. En so kom hy daartoe om op sy knieë te val, God te aanbid en openlik te getuig: "Waarlik, God is hier by julle!

Die eerste verskil in waarde gaan oor die vraag, "wie praat met wie wanneer iemand hierdie brabbelgeluide in 'n erediens maak?" Paulus stel dit onomwonde. Dit is mense wat met God praat. Dit is nie mense wat met mense praat nie (vers 2). Omdat dit mense is wat hulle tot God rig, kan dit nooit profesie wees nie (vers 3).

Profesie in vandag se taal is die verkondiging van God se Woord. Dit is wanneer mense aankondig wat God vir mense sê. In profesie, dit is prediking van God se Woord, rig God Hom tot mense (vers 3).

Die tweede verskil gaan oor wat gebeur in die prediking van God se Woord wat nie in hierdie gebrabbel kan plaasvind nie. Hieroor is Paulus ook ondubbelsinnig. In die prediking gee God aan die gemeente die openbaring oor wie Hy as God is, kennis hoe om God te dien, lering in die wil van God en word elke gelowige deur God aangespreek in sy eie lewe (vers 6). In die profesie word mense deur God in hul gewetes aangespreek (vers 24), kom hulle voor God tot selfondersoek (vers 24) en ontdek mense wie hulle in die teenwoordigheid van God is (vers 25). Dit is deur die prediking van God se Woord wat mense God ontdek en God aanbid. Die prediking van die Woord van God is dus 'n genademiddel waardeur God werk. God bou die gemeente op deur die prediking van sy Woord (vers 4). Deur die Woordbediening bemoedig en vertroos die Here die gelowiges (vers 4).

Hierteenoor kan daar deur hierdie gebrabbel van die gemeente geen geestelike opbou van lidmate plaasvind nie. Niemand kan daardeur deur God vertroos of versterk word nie, want deur hierdie gebrabbel is mense net met hulself besig, nie met die gemeente nie (vers 4). In vergelyking met die prediking van God se Woord is hierdie gebrabbel net 'n gepraat in die wind (vers 8). Niks wat God deur prediking in die gemeente doen, gebeur deur hierdie gebrabbel nie. God spreek niemand hierdeur in sy gewete aan nie (vers 24), God bring niemand hierdeur tot selfondersoek nie (vers 24) en vind daar geen selfontdekking in die teenwoordigheid van God plaas nie (vers 25).

Die derde verskil in waarde tussen Paulus en die spiritueles in die gemeente oor hierdie gebrabbel is dat hierdie gebrabbel vir Paulus net 'n vorm van gebed is. Om met God te praat, is gebed (vers 2). Paulus noem dit uitdruklik gebed (vers 14), by name 'n dankgebed (vers 15).

Paulus se verdediging van die betekenis van die prediking van God se Woord wys watter waarde die spiritueles aan hierdie gebrabbel geheg het. Vir hulle was dit nie gebed nie. Vir hulle was dit 'n spesiale manier waarop God met die gemeente gepraat het. Dit is hoekom Paulus dit so sterk beklemtoon dat hierdie gebrabbel nooit 'n manier kan wees om van God 'n

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

openbaring, kennis, lering of profesie te kan ontvang nie, want dit is presies die betekenis wat hierdie spiritueles oor hierdie gebrabbel voorgehou het. Vir Paulus kan dit nooit iets anders as gebed wees nie.

Die vierde verskil gaan oor die waarde wat hierdie tipe gebed in die eredienste van die gemeente het. In die erediens is die gemeente besig om God saam te loof, te eer, te dank, te verheerlik en te aanbid. Dit is wat Paulus bedoel met die uitdrukking dat ander gelowiges op jou gebed "Amen" kan sê. In die erediens deel gelowiges in gesamentlike aanbidding van God (vers 16). Net die tipe aanbidding wat lidmate volledig met mekaar kan deel in gewone verstaanbare taal, kan deel wees van die gesamentlike aanbidding van God (verse 15,16). 'n Gebrabbel as 'n vorm van gebed behoort op sigself glad nie deel van die erediens van die gemeente te wees nie (verse 16, 23). Vir die spiritueles in die gemeente was dit volgens Paulus se kritiek, 'n baie besondere deel van hul geestelike ervaring in die erediens.

Die vyfde en mees deurslaggewende verskil het te make met die uitleg van hierdie gebrabbel. Die woord "uitlê" in Grieks, wat Paulus hier gebruik, is "ερμηνεία" (êrmeneia). Hierdie woord beteken "om te verduidelik". In Genesis 42:23 vind ons 'n voorbeeld van hierdie woord se betekenis: "[23] En hulle het nie geweet dat Josef dit verstaan nie, want daar was 'n tolk tussen hulle." Indien iemand in hierdie onverstaanbare gebrabbel in 'n erediens met God praat, moet iemand as tolk kan optree. Iemand moet weet wat hierdie persoon tot God bid en sy gebed tot God aan die gemeente tolk. Dit is wat die "uitlê" van hierdie gebrabbel beteken. Vertolk of verduidelik hierdie gebed tot God vir die res van die gemeente sodat dit deel van die gemeenskaplike gebed van die gemeente in die erediens kan wees.

Dit was glad nie wat die spiritueles in Korinte van hierdie gebrabbel gedink het nie. Hulle het hierdie gebrabbel verstaan soos wat hulle dit geken en in die afgodsdienste beoefen het, naamlik as 'n mistieke taal waarin God sy geheimenisse aan hulle bekend maak. Die keuse van Paulus vir die woord, vertolk of verduidelik, is nie toevallig nie. Die verkondiging van die Woord van God word deur Hom met baie ander woorde weergegee: Διαγγέλλω (dieangêlou) om aan te kondig; εὐαγγελιζω (euangêlietsou) om te verkondig of te proklameer; κηρυσσω (keiroesou) om aan te kondig, te proklameer of af te kondig; καταγγέλλω (katangêlou) om te verklaar of plegtige bekendstelling; en λαλεω, maar dit word nooit met die begrip van "tolk" of "verduidelik" omskryf nie.

Deur die uitlê van hierdie gebrabbel as "vertolk of verduidelik" uit te wys, wys Paulus dat hierdie gebrabbel nooit die waarde kan hê wat die Woord van God het nie. Dit kan nooit 'n manier wees waarop God met die gemeente praat nie. Daarom sê Paulus in 1 Kor.14:28: "[28]As daar nie iemand is wat dit kan uitlê nie, moet dié een wat ongewone tale of klanke gebruik, stilbly in die byeenkoms van die gemeente en net tuis met homself en met God praat."

Hiermee is die werklike probleem van die spiritueles aan die orde gestel: hulle maak gebed iets totaal anders as dit waarvoor dit bedoel word. Gebed is mense se aanbidding van God, dit

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

is mense wat hulle tot God rig. Hier word gebed se rigting verdraai. Die Korinte se aanbidding word ’n middel waardeur God Homself aan hulle en aan die gemeente meedeel. Hul gebed word ’n middel waardeur God hom tot mense rig.

Deur hierdie omkering maak hulle van gebed ’n nuwe genademiddel. Wanneer hulle tot God bid, is hul gebed God se nuwe wyse om met mense te praat. Hul gebed is nie meer mense wat God aanbid nie. Hul aanbidding het vir God ’n medium geword om mense aan te spreek.

Paulus sê hierdie brabbelgebed kan nooit die bediening van die Woord wees nie. Dit kan nooit ’n nuwe middel wees waardeur God Homself aan gelowiges openbaar, kennis aan gelowiges gee, lering aan gelowiges gee of sy Wil aan gelowiges bekend maak nie.

Dit is egter presies die waarde wat die moderne spiritualiteit aan hierdie brabbelgebed gee. Hierdie brabbelgebed word genoem die “spreek in tale”, terwyl Paulus wys dat hierdie gebrabbel nie taalwaarde het nie. Binne die moderne spiritualiteit is dit egter nie gewone taal nie, want dit word ’n goddelike taal. In die moderne spiritualiteit word dit God se spesiale taal waardeur Hy op ’n besondere wyse met mense praat. Hierdie gebrabbel word ’n goddelike taal waarin God Homself, sy wil, sy troos, sy bemoediging, sy leiding, sy versorging en sy teenwoordigheid aan die gemeentes meedeel.

In die moderne geestelikheid word hierdie brabbelgebed vertolk as ’n gawe en ’n bediening om God se boodskap te ontvang en dit aan die gemeente te kan meedeel. In die moderne geestelikheid is hierdie brabbelgebed die nuwe en besondere wyse waarop God sy teenwoordigheid, wil, troos, vermaning, lering en leiding aan die gemeente bedien. Mense se aanbidding word hierdeur die wyse waarop God aan ander bedien word.

In ’n groot deel van die moderne spiritualiteit is hierdie “spreek in tale” die sigbare bewys, dit wil sê, die sakrament, wat verseker dat mense met God se Gees gedoop is. Dit is vir hulle die verseëling dat mense die krag van God in hul lewe ontvang het.

Wat doen hierdie krag van God met spirituele mense wat God nie met gelowiges doen nie? Deur hierdie krag van God maak God van gelowiges se gewone aanbidding spesiale aanbidding. Hierdie spesiale vorm van aanbidding noem die spiritueles “aanbidding in die gees”. Wat spesiaal aan hierdie tipe aanbidding sou wees, is dat God hierdie aanbidding as ’n middel sou gebruik om Homself aan mense mee te deel. Dit sou God nie met die gewone aanbidding van gelowiges doen nie. Sonder die doop of vervulling met God se Gees is hul aanbidding sonder die krag van God.

Dit is volgens die moderne spiritualiteit die wesenlike verskil tussen die gewone menslike eer, lof, dank, prys, verheerliking en aanbidding van God deur gelowiges en die nuwe aanbidding deur die gees van “geestelikes” wat deur God of deur sy krag vervul is: in hierdie nuwe aanbiddingswyse van die Godvervuldes deel God sy Goddelikheid aan ander mense mee.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Aanbidding word die Godvervuldes se manier om God te bemagtig. Wanneer die Korintiërs hul gebed tot God 'n middel maak wat God in staat stel om sy openbaring, lering en kennis aan die gemeente mee te deel, word hul persoon 'n middel waardeur God Homself aan mense kan bedien. Hulle bemagtig God met hul aanbidding om sy goddelike krag aan mense te kan meedeel.

Dit is presies wat in die moderne Christelikheid se "volle oorgawe aan God" gebeur. Mense gee hul menslikheid aan God oor en God gee sy goddelikheid aan mense oor. Hierdeur word elke mens 'n tempel van God, met die betekenis dat hulle God nou in hulle en tussen ander mense lááť woon en werk. Sonder hierdie nuwe tempel van God, hul liggaam, sal God nie in en tussen mense kan woon en werk nie. Met hierdie volle oorgawe word mense bemagtig om God se goddelikheid aan die een kant uit te leef, maar aan die anderkant bemagtig Godvervuldes God om deur hul aanbidding Homself tussen mense te laat geld.

Hoe vergelyk hierdie "aanbidding in die gees" met die aanbidding wat God bewerk deur Christus? In Johannes hoofstuk 4 stel Christus:

> Jesus sê toe vir haar: "Glo My, Mevrou, daar kom 'n tyd wanneer julle die Vader nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem sal aanbid nie. [22]Julle aanbid sonder om te weet wat julle aanbid; ons weet wat ons aanbid, want die verlossing kom uit die Jode. [23]Maar daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader deur die Gees en in waarheid sal aanbid, want die Vader wil juis hê dat die mense wat Hom aanbid, dit so moet doen. [24]God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid."[25]Die vrou het vir Hom gesê: "Ek weet dat die Messias kom, Hy wat ook die Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy alles aan ons bekend maak."[26]Toe sê Jesus vir haar: "Dit is Ek, Ek wat met jou praat." (Joh. 4:21-26)

Die aanbidding deur "die Gees en die waarheid" is aanbidding wat Christus skep. Hierdie nuwe aanbiddingswyse wat Christus bewerk, is die vervulling van die Abrahamsbelofte:

> Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi ...Ek sal julle reinig van al julle onreinheid en van al julle afgodery. [26]Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee. [27]Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom. [28.....] julle sal my volk wees en Ek sal julle God wees. (Eseg. 36:25-28)

Die aanbidding "deur die Gees en in waarheid" is hoe Christus die belofte vervul dat God sy Gees aan ons gee én dat God 'n nuwe menslike gees in ons skep.

God gee self sy Gees aan mense. God gee sy Gees in en deur Christus. God gee ons deur sy Gees 'n nuwe menslike gees, hart en verstand wat God weer aanbid soos wat God in die Tien Gebooie sê Hy aanbid moet word. Die Gees wat God gee, is altyd die Gees wat maak dat mense volgens die gebooie van God leef.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hierdie nuwe gees, hart en verstand is ’n menslike gees, hart en verstand! Die nuutheid is dat hierdie menslike gees op God gerig is, hierdie menslike hart God liefhet en hierdie menslike verstand God erken as God. Hierdie nuwe gees, hart en verstand van die mens is nie die middel waardeur God sy Gees gee nie. In die Abrahamsbelofte gee God self sý Gees en skep Hy ook self vir die mens ’n nuwe gees. God gee nie sy Gees vir ons deur die nuwe gees, hart en verstand van mense nie.

Die vervulling van hierdie beloftes gebeur in Lukas 23:44-46: “Dit was al omtrent twaalfuur, toe kom daar duisternis oor die hele land, en dit het tot drie-uur geduur; [45]die son het opgehou om te skyn. Die voorhangsel in die tempel het middeldeur geskeur. [46]Jesus het hard uitgeroep: “Vader, in u hande gee Ek my gees oor.” Christus gee sy gees as mens aan God oor. Wat doen God met hierdie toewyding? God wys met die tekens van sonsverduistering en die skeur van die voorhangsel in die tempel wat Hy met en deur Christus doen. Die tempel was altyd bedoel as ’n uiterlike teken wat wys wie die Christus is en wat die Christus sal doen.

Die tempel en Christus gaan in ’n godsverduistering in. Dit is wat die sonsverduistering as teken wys. God word vir aanbidding in die tempel ontoeganklik en afwesig. Die gevolge van hierdie godsverduistering is dat die tempeldiens beëindig word. Dit is wat God sigbaar wys in die teken dat die voorhangsel tussen die heilige en allerheiligste deel van die tempel skeur: die aanbidding in die tempel word deur God beëindig.

Dit wat tussen die Vader en die Seun gebeur, beëindig die tempeldiens en vernietig die tempelaanbidding. Dit is wat Jesus aan die vrou in Johannes 6 sê”: Hy gaan in die plek van die aanbidding in die tempels van Samaria en Jerusalem die nuwe aanbidding van God skep.

In die vernietiging van die tempel gaan die oordeel van God oor die aanbidding in die tempel in vervulling:

> Wat het Ek aan die menigte van julle slagoffers? sê die HERE. Ek is sat van die brandoffers van ramme en die vet van vetgemaakte kalwers; en Ek het geen behae in die bloed van stiere of lammers of bokke nie.[12] As julle kom om voor my aangesig te verskyn, wie het dit van julle hand geëis—om my voorhowe te vertrap?[13] Bring nie meer skynheilige offergawes nie; gruwelike reukwerk is dit vir My. Nuwemane en sabbatte, die uitroep van samekomste—Ek verdra geen ongeregtigheid en feestyd nie![14] Julle nuwemane en julle feestye haat my siel; hulle is My ’n oorlas. Ek is moeg om dit te dra. [15] En as julle jul hande uitbrei, bedek Ek my oë vir julle; ook as julle die gebed vermenigvuldig, luister Ek nie: julle hande is vol bloed.[16] Was julle, reinig julle, neem die boosheid van julle handelinge voor my oë weg, hou op om kwaad te doen,[17] leer om goed te doen, soek die reg, beteuel die verdrukker, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die weduwee.[18] Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol. (Jes.1:11-18)

Dit is weer die wisselwerkende posisie wat Christus inneem: sy volmaakte toewyding aan God word deur God beantwoord met die oordeel wat God teen die aanbidding van sondaars het. God antwoord Christus se toewyding met die moegheid, onbehae en verwerping wat die

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

aanbidding van sondaars toekom. God aanvaar nie die oorgawe van Christus nie. God antwoord nie op hierdie oorgawe met sy liefde nie.

Christus word in hierdie aanroep tot die Vader geantwoord op die wyse waarop God die aanbidding van sondaars moes beantwoord het: Hy moes nie na hul gebede geluister het nie, Hy moes Hom aan hul aanbidding onttrek het sodat dit net die selfspel bly wat hulle dit maak. Hy moes hul aanbidding gehaat het.

Nou doen die Vader dit egter met die toewyding van Christus aan die kruis! Dit is wat Christus openbaar in sy uitroep aangehaal uit Ps. 22: "My God, my God, waarom het U My verlaat?" (Matt. 27:46) Christus wys dat die manier waarop God ons aanbidding as sondaars moes beantwoord, die manier is waarop God Christus se toewyding beantwoord: Hy stort sy haat, minagting en moegheid oor Christus se toewyding uit. Hy onttrek Hom van Christus se toewyding.

Hoekom doen Hy dit? Sodat God sondaars se aanbidding in en deur Christus met die wyse waarop Hy Christus se oorgawe moes aanvaar het, sal aanvaar.

Die gawe van die Gees is die gawe aan sondaars wat 'n nuwe aanbidding in Christus moontlik te maak: Hy gee ons sy Gees en gee aan ons 'n nuwe gees. Die Gees van God is altyd die Gees wat maak dat ons die voorskrifte en bepalings van die wet van God kan nakom. Daarom kan ons die inhoud van hierdie gawe toelig vanuit die bedoeling van die gebooie van die eerste tafel van die wet.

**8.1 Christus is God met ons**

Die bedoeling van die eerste gebod is dat God ons geskep het om saam met Hom in sy skepping te wees. God is by ons teenwoordig en ons leef in sy teenwoordigheid. Die gawe van die Gees is Christus wat Homself die Persoon maak wat by sondaars teenwoordig is op so 'n wyse dat sondaars weer saam met God in sy skepping leef.
Dit stel Christus so in Johannes 6:53-64:

> Dit verseker Ek julle: As julle nie die liggaam van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle nie die lewe in julle nie. 54Wie my liggaam eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan. 55My liggaam is die ware voedsel, en my bloed is die ware drank. 56Wie my liggaam eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom. 57Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur Hom lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe..... 63Dit is die Gees wat iemand lewend maak; die mens self kan dit nie doen nie. Wat Ek vir julle gesê het, kom van die Gees en gee lewe. 64Maar daar is party van julle wat nie in My glo nie."

God is altyd orals in sy skepping teenwoordig. God is só teenwoordig dat mense saam met Hom as Persoon in sy skepping kan leef. Die mens se sonde het hierdie samesyn tussen God en mens in die skepping binne-in die mens vernietig. Die mens wil God altyd as die afwesige God beleef waarin die mens 'n intimiteit met God leef wat net 'n selfwaan is. Mense wil in

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

fantasiebeelde oor God sy afwesigheid, in sy teenwoordigheid vier. Dit is die minagting van afgodsdiens: om die teenwoordige God afwesig te leef.

Hierdie sonde het gemaak dat God die mens oorgee aan sy eie waan, terwyl God Homself as die teenwoordige God van die mens vervreem: “Praat met hulle, sê vir hulle: So sê die Here my God: Wanneer ’n Israeliet waarde heg aan afgode en so in sonde verval is dat hy net ag gee op sy afgode, en hy kom na ’n profeet toe, sal Ek, die Here, met hom praat soos dit by sy afgodery pas. [5]Ek sal Israel wat My ter wille van al hulle afgode verlaat het, my harde hand laat voel.” (Eseg.14:4.5)

Die gawe van die Gees in Esegiël 36:27 is die omkering God se afwesigheid vir sondaars. In sy lyding en opstanding as mens, maak Christus Homself weer die teenwoordige God vir sondaars. Deur sondaars in Homself in te sluit en in sy lyding en sterwe as mens te laat deel, laat Christus sondaars weer deel in die gemeenskap met Hom as die alomteenwoordige God. In Christus is die samesyn met die teenwoordige God vir sondaars herstel.

Die gawe van die Gees is Christus wat sondaars weer in Homself insluit en laat deel in die samesyn met Hom wat self God is wat teenwoordig is. Gemeenskap met Christus is die ewige lewe: die lewe met God in sy skepping.

Hierdie gawe van die samesyn met God in Christus skep in ons ’n nuwe menslike gees wat God volgens die bedoeling van sy wet kan loof, prys, dank, verheerlik, eer, dien en aanbid.

Die samesyn met God in Christus skep ’n innerlike vreugde wat God wil loof as die teenwoordige Here;’n verwondering wat God as teenwoordige Here prys; ’n innerlike dankbaarheid wat God as teenwoordige Here wil dank; ’n innerlike erkenning wat God as teenwoordige Here verheerlik; ’n innerlike ontsag wat God as teenwoordige Here eer; ’n innerlike toewyding wat God as teenwoordige Here dien, en die samesyn in Christus skep ’n innerlike liefde wat God as teenwoordige Here aanbid.

**8.2 Christus is God wat homself aan sondaars openbaar**

Die bedoeling van die tweede gebod is dat God mense só geskep het dat hulle aan God behoort en omdat hulle in alles op Hom alleen aangewese is, hulle duidelik kan hoor wat God in sy Woord vir hulle sê.

Om God te ken en te hoor, is nie ’n intellektuele of ’n verstaansprobleem nie. God is nie as God intellektueel ingewikkeld of moeilik verstaanbaar nie. Paulus beskryf dit duidelik in Romeine 1: God is elke dag besig om Homself helder en duidelik kenbaar te maak in elke skeppingsdaad. Van die kleinste beweging van die kleinste deeltjie van ’n atoom tot die magtige beweging van die kosmos en kosmiese liggame is God duidelik as God vir mense kenbaar.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Om God te ken en in sy Woord te hoor, gaan oor eiendomlikheid: om te behoort en toe te behoort. Dit is die bedoeling van die tweede gebod: die mens behoort aan God en moet in alles op God aangewese wees. Wie aan God behoort en op Hom aangewese is, ken God en hoor God se Woord.

Die mens se sonde maak dat Hy God nie kan ken en sy Woord nie kan hoor nie, maar sy eie wil en begeertes as die stem van God hoor, sy eie gedagtes as die wysheid van God hoor en sy eie gees ervaar as die Gees en krag van God self. Dit gebeur omdat die mens nie aan God nie, maar aan homself wil behoort. Daardeur maak die mens dat God op die mens aangewese word en maak die mens God die een wat duidelik moet hoor wat die mens begeer.

Jesaja beskryf die ken- en hoorkrisis tussen God en mens in Jesaja 44:17-21:

> Van die hout wat oorbly, maak hy 'n god, 'n beeld, hy buig voor hom en aanbid hom, hy bid tot hom en sê: "Red my, want jy is my god!" [18]Sulke mense weet nie wat hulle doen nie, hulle het nie insig nie, hulle oë is toegepleister, hulle sien nie, niks dring tot hulle verstand deur nie. [19]Hulle kom nie tot besinning nie, hulle het te min kennis en verstand om te sê: "'n Gedeelte van die hout het ek verbrand, ek het op die kole kos gaar gemaak,ek het vleis gebraai en geëet, en moet ek nou van wat oor is 'n afskuwelike afgod maak, moet ek voor 'n stuk hout buig?" [20]Iemand wat hom met as besig hou, laat hom mislei deur sy eie verdraaide opvattings. Hy kan homself nie red nie, hy vra homself nie af: "Is dit nie 'n leuen waarmee ek my besig hou nie?" [21]Dink hieraan, Jakob, dink hieraan, Israel, want jy is my dienaar; Ek het jou gemaak, jy is my dienaar.

Die mens verdraai die bedoeling van die tweede gebod en maak asof God die mens se eiendom is. Op hierdie wyse maak die mens asof God aan die mens behoort en op die mens aangewese is as die een wat God ontwerp het. Waar God aan die mens behoort, hoor die mens sy eie verdraaide opvattings as God se stem in sy lewe.

Die oordeel van God oor hierdie sonde is dat Hy die mens oorgee aan sy waan dat God aan hom behoort. Daarmee gee God die mens oor aan die chaos dat die mens sy eie wil, gedagtes en geestesaandoeninge ervaar as die openbaring, die kennis, die lering, die raadsplan en die wysheid van God:

> [18]God openbaar vanuit die hemel sy toorn oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat die waarheid deur hulle ongeregtigheid probeer onderdruk.....[24]Daarom gee God hulle aan die drange van hulle hart oor en aan sedelike onreinheid, sodat hulle hulle liggame onder mekaar onteer. [25]Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, ... [28]En omdat hulle dit van geen belang ag om God te ken nie, gee Hy hulle oor aan hulle verdraaide opvattings, sodat hulle doen wat onbetaamlik is. (Rom.1:18-28)

In hierdie oordeel maak God Homself vir sondaars die onbekende en verborge God, laat Hy sondaars in hul gods- en mensverduistering leef asof dit die ware lig is wat hulle lewenswysheid gee: "[22]"Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog goed is, sal jou hele liggaam lig hê. [23]Maar as jou oog sleg is, sal jou hele liggaam sonder lig wees. As die lig in jou donker is, hoe donker moet dit dan nie wees nie!" (Matt.6:22,23)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die gawe van die Heilige Gees in die Abrahamsbelofte is die gawe waarin God Homself weer vir sondaars die God maak aan wie sondaars kan behoort. Deur hierdie gawe dat God weer die God is aan wie sondaars kan behoort, maak God Homself weer kenbaar en sy Woord duidelik hoorbaar vir sondaars.

Dit is wie Christus Homself maak as Hy die Here word in wie sondaars ingesluit kan word in die gemeenskap - Syne is myne en myne is Syne. In hierdie plaasbekledende gemeenskap gee Hy die gawe van die Gees: sondaars behoort aan God, en kan God ken en hoor: "[9]"Ek bid vir hulle. Ek bid nie vir die wêreld nie maar vir dié wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort. [10]Almal wat aan My behoort, behoort aan U; en wie aan U behoort, behoort aan My; en Ek word deur hulle verheerlik. (Joh.17:9-10) en "[7]As julle My ken, sal julle my Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom." (Joh.14:7)

Hierdie gawe dat ons in Christus God weer ken as die Here aan wie ons behoort, skep in ons 'n nuwe menslike gees wat God volgens die bedoeling van sy wet kan loof, prys, dank, verheerlik, eer, dien en aanbid.

Deur God weer te ken as die Here aan wie ons behoort, skep Christus in ons die innerlike vreugde om na God te luister in sy Woord, die innerlike verwondering oor die wysheid van sy Woord, die innerlike dankbaarheid oor sy leiding, lering en onderrig in sy Woord, die innerlike erkenning oor die heerlikheid van sy wil en raad in sy Woord, die innerlike ontsag om Hom volgens sy Woord te eer, die toewyding om Hom volgens sy Woord te dien en die liefde om Hom volgens sy Woord te aanbid.

### 8.3 Christus is God wat vir ons toeganklik is

Die bedoeling van die derde gebod is dat God in sy gans andersheid as God vir mense toeganklik en ontvanklik is. Mense kan God aanroep en God sal as God gehoor gee aan hul gebede. God kan as God mense aanspreek en mense kan God in gehoorsaamheid aanhoor.

Die mens-in-sonde wil nie God op hierdie wyse: van mense wat God moet aanroep, en God wat mense aanspreek, ontmoet nie. Hierdie karakter van die toeganklikheid en ontvanklikheid tussen God en mens sien sondaars as God se vervreemding, verwydering en ontoeganklikheid vir mense, want wat hulle wil wees en vra, kan hulle God nie voor aanroep nie. Waarvoor God hulle aanspreek, wil hulle nie hoor nie. Die mens wil God ontmoet as gespreksgenoot met wie Hy kan gesels, saampraat, gedagtes en gevoelens kan uitruil, en mekaar kan motiveer en versterk in dit wat die mens self besluit het om te wees en vir homself te verkry.

Die mens vind hierdie gesprekskarakter met God deur God in homself as mens in te keer. In hierdie selfingekeerdheid glo die sondaar dat Hy God as gespreksgenoot vind. Dit is hierdie selfingekeerdheid en verinnerliking van God in die mens in wat die profete uitwys as die wyse waarop sondaars wegkeer van God: "[27]Dit is hulle wat vir 'n stuk hout sê: "My Vader," en vir 'n klip: "U het my in die wêreld gebring." Na My toe het hulle hulle rug gedraai in plaas van hulle gesig." (Jer.2:27)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

God is vir mense, wat in ’n selfingekeerdheid God vir hul eiesinnigheid toeganklik wil maak, ontoeganklik. Vir hulle word Hy die onbereikbare en vreemde God:

> “[12]As julle kom om voor My te verskyn, wie het julle gevra om my voorhowe te kom vertrap? [13]Moenie langer julle nuttelose offergawes bring nie: Ek het ’n afsku van julle wierookoffers. Nuwemaansfeeste, sabbatsvierings, die uitroep van feesdae: Ek verdra nie feesviering met onreg saam nie. [14]Julle nuwemaansfeeste en feesgetye haat Ek. Hulle is vir My ’n las, Ek is moeg daarvoor. [15]As julle julle hande in gebed uitstrek, sal Ek my oë vir julle toemaak. Selfs al bid julle hoe baie, sal Ek nie luister nie, want julle hande is met bloed bevlek. [16]Was julle, reinig julle. Moenie voor My verskyn as julle verkeerd doen nie. Hou op met kwaad doen.” (Jes.1:12-16)

Die gawe van die Heilige Gees is die gawe waardeur God Hom vir sondaars aan wie Hy Hom behoort te onttrek, weer as God toeganklik maak: “[40]Ek sal ’n blywende verbond met hulle sluit. Ek sal nooit ophou om aan hulle goed te doen nie en Ek sal in hulle die begeerte lê om My te dien en nie van My af weg te draai nie.” (Jer.32:40) Deur die gawe van die Gees maak God Hom weer ontvanklik om sondaars wat Hom aanroep, aan te hoor en maak God sondaars weer ontvanklik as Hy as God hulle aanspreek.

Dit is wie Christus Homself maak as Hy sondaars insluit in die wisselwerkende gemeenskap met Hom: Syne is myne en myne is Syne. Wie Christus aanroep, ontmoet God in sy toeganklikheid en ontvanklikheid. Dit stel Christus in Joh.14: 6-7; 13-14:“[6]Jesus het vir hom gesê: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie. [7]As julle My ken, sal julle my Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom. .... [13]Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word. [14]As julle My iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.” In ons gemeenskap met die lyding en opstanding van Christus in sy menswees, is Hyself as God vir ons toeganklik. Ons kan Christus as God aanroep en Christus as God sal ons verhoor – want Hy en die Vader is Een. Christus maak Homself weer as God vir sondaars toeganklik om sy Naam aan te roep – dit is hoe Hy die weg is.

Hierdie toeganklikheid en ontvanklikheid van God in Christus skep in ons ’n nuwe menslike gees wat God volgens die bedoeling van sy wet kan loof, prys, dank, verheerlik, eer, dien en aanbid.

Deur God se toeganklikheid en ontvanklikheid in Christus skep Hy in ons ’n vrymoedige gees om Hom te nader en aan te roep met lof, prys, dank, verheerliking, eerbied en ons diens en liefde aan Hom toe te wy.

**8.4 Christus is God wat homself deur sondaars laat verheerlik**

Die bedoeling van die vierde gebod is dat God Homself openlik verheerlik as Skepper en onderhouer van alles wat bestaan. Hy is Here en sy heerlikheid wys in alles wat Hy die mens laat wees en die mens laat doen. Alles wat die Here is en doen, vertoon openlik sy majesteit.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die mens in sy sonde wil nie in alles op God aangewese wees nie. In sy eiemagtigheid glo die mens dat hy God as Here kan opeis vir dit waarvoor hy God wil gebruik, maar dat dit waarvoor Hy God nie opeis nie, God niks mee te doen het nie. In sy selfverheerliking glo die mens dat hy God kan bekendstel soos en waarvoor hy God aan die wêreld wil bekendstel, en waar hy God nie bekendstel nie, God se majesteit en heerlikheid verborge is. Hierdie selfbemagtiging om God Here te laat wees waar en wanneer die mens God Here wil hê en Hom wil bekendstel soos en wanneer die mens wil, is nie verheerliking van God nie. Dit is die ontheiliging van God wie se majesteit openlik in alles wat Hy onderhou, vertoon word. God maak Homself vir hierdie eiemagtiges 'n verborge God, terwyl Hy die Een is wat hul mag- en vertoonsug in die openbaar ontbloot as eiesinnige verdorwenheid:

> ... Ek maak jou 'n spot onder die nasies; al die lande sal vir jou lag. [5]Dié wat naby jou is en dié wat ver van jou af is, sal vir jou lag. Jy gaan so erg te kere dat jou naam vuil geword het.[6]"Elke regeerder van Israel het sy mag misbruik om bloed te vergiet in jou. [7]Vader en moeder is in jou verag, die vreemdeling is verdruk in jou, die weeskind en die weduwee is mishandel in jou. [8]Wat aan My gewy is, het jy geminag, my sabbatte het jy ontheilig. ... [12]Hulle laat hulle in jou omkoop om moord te pleeg, hulle vat rente en woekerwins, hulle pleeg bedrog en doen ander te kort: hulle maak of Ek nie daar is nie," sê die Here my God. ...Ek gaan 'n end maak aan die onreinheid in jou. [16]Jy het jouself onrein gemaak in die oë van die ander nasies. Jy sal besef dat Ek die Here is." (Eseg. 22:4-8; 12-16)

God gee hierdie eiemagtiges oor aan die oordeel dat, terwyl hulle God heimlik vir hulself opeis, Hy hulle as God in die openbaar bespotlik laat wees.

Die gawe van die Heilige Gees is Christus wat 'n genadeheerskappy oprig waarin Hy Here is. Sy genadeheerskappy laat sondaars vir God heilig wees. Christus is Here deur die Gees te gee waarin sondaars in hierdie nuwe regering van Christus deel: Hy laat sondaars in sy heiligheid as mens deel en Hy deel in hul onheiligheid: "[13]Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. ...[14]Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig. [15]Alles wat aan die Vader behoort, behoort ook aan My; daarom dat Ek gesê het: Wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig." (Joh.16:13-15)

Christus verheerlik Homself as God deur sondaars openlik sy kinders te laat wees. Deur sy genadeheerskappy laat Hy Hom weer deur sondaars as kinders in die openbaar verheerlik. Hy heilig hulle as sy kinders en Hy heilig hul toewyding aan Hom: "[12]Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word. ...[14]Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid." (Joh.1:12-14)

Hierdie gawe dat God Homself weer in en deur ons openlik laat verheerlik in Christus, skep in ons 'n nuwe menslike gees wat God openlik kan dien en eer. Christus gee aan ons toewyding die waarde dat God Hom deur ons aanbidding openlik laat verheerlik. Daarom gee Christus aan sondaars die geloofsekerheid dat hulle ten spyte van hul sonde God openlik kan loof, prys, dank, verheerlik, vrees, dien en aanbid. Hý heilig hierdie gebroke aanbidding en

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

maak dat God Homself in die aanbidding van sondaars wat in Christus ingesluit is, laat verheerlik.

In die moderne spiritualiteit se aanbidding in die gees vind presies die teenoorgestelde toewyding plaas as die nuwe aanbidding wat Christus skep. Dit blyk duidelik uit hul interpretasie van die skeur van die voorhangsel van die Allerheiligste van die tempel.

Die moderne spiritualiteit interpreteer dit só: Christus het die voorhangsel geskeur om die onderskeid tussen die hoëpriester en die Israeliete op te hef. Voor Christus sou dit net die hoëpriester gewees het wat in die Allerheiligste sou kon ingaan. Hierdie ingaan in die Allerheiligste beteken om God self van aangesig tot aangesig te ontmoet. In hierdie ontmoeting met God betree die hoëpriester die binnekant van God self. Hier in God se binnekant deel die hoëpriester in die heerlikheid van God self . Hy beleef God se persoon, sy krag en sy lewe. Wat net vir die hoëpriester toeganklik was, God self, het Christus kom oopskeur sodat elke mens net soos die hoëpriester in die Allerheiligste van God se eie wese kan ingaan. Voorheen moes die Israeliete maar net met die aanbidding van God as die hoë en verhewe God te vrede wees, terwyl hulle buite die Allerheiligste van God se eie wese moes leef. Christus het egter hierdie onderskeid tussen God in sy Allerheiligste Bestaan, wat net Hy is, oopgemaak sodat God in sy goddelikheid nou vir elke mens toeganklik is.

Dit is wat die ervaring van die doop en vervulling met die Heilige Gees volgens dié spiritualiteit aan mense meedeel - Godgelykvormigheid. Mense deel in God se eie binneste. Daarom is die aanbidding in die Gees vir spiritueles die viering van die betreding van die Allerheiligste. Dit is die fees van die innigheid met God se eie goddelikheid.

Christus wat die Allerheiligste binnegaan en die voorhangsel skeur, maak die Allerheiligste vir hulle toeganklik – hulle kan Jesus nou in aanbidding volg en ook net soos Hy die binnekant van God betree. Vir hulle is Christus na aanleiding van Heb. 6:20 die “Voorloper”: “[20]Daar het Jesus, ons Voorloper, ter wille van ons ingegaan ...” Dit is die nuwe betekenis wat die volle oorgawe en die vervulling met God se Gees aan hul aanbidding sou gee: deur hul aanbidding betree hulle die Allerheiligste van God self en vier hulle saam met God sy goddelikheid.

Op hierdie wyse word hul aanbidding ’n middel waarop hulle deel kry aan die heiligheid van God in sy Allerheiligste Bestaan. Hul persoon en aanbidding word nuwe magsmiddele waarmee God se binneste beleef word.

Aanprysing is die nuwe aanbidding in die Gees. Deur God aan te prys in die krag van die Gees, betree hulle die ware “koinonia” met God; vier hulle ’n innerlike gemeenskaplikheid met God in dit wat Hy as God is. Deur hul aanprysing van God vier hulle hul saamwees met God in sy binneste, in dit wat Hy as God in sy Allerheiligste met en deur hulle is. In hierdie samesyn met God in sy goddelikheid ervaar hulle hul eie innerlike as die teenwoordigheid van God en hul selfervaring as die intimiteit met God se eie binneste.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Verheffing is die nuwe aanbidding in die gees. Deur hul vererings in die krag van die Gees maak hulle God Koning van hul lewe, Koning van hul gesin, Koning van hul besigheid, Koning van die gemeenskap en Koning van die land. In hul verheffings maak hulle God hul eie. In hierdie verheffing van God ervaar hulle die binneste van God as hul eie binneste: hul wil is God se wil, hul gevoelens is God se gevoelens en hul kennis is God se Raadsplan en wysheid wat hulle in visioene, missies en visies ervaar.

Lofprysing is die nuwe aanbidding in die Gees. In en deur lofprysing in die krag van die Gees betree die spiritueles God se binneste met ’n gejuig totdat hulle “op die skoot van die Here gaan sit”. In en deur lofprysing word God God in hulle en is God toeganklik vir alles wat hulle dink, voel en begeer. Dit is wat hul gejuig in God is: hulle juig oor wie hulle in God is. Dit is nie die innerlike menslike vreugde dat God God is nie.

Verheerliking is die nuwe aanbidding in die gees. Deur die gehoorsaamheid van hul aanbidding laat hulle die Koninkryk van God ’n werklikheid word: hulle maak God Here en stel God as Here bekend. Hul gehoorsaamheid is die wyse waarop God sy gesag as God vestig en uitbrei in hul lewe, in die lewe van ander mense en in die wêreld waarin hulle lewe. Daarom is hul gehoorsame aanbidding die wyse waarop hulle God bemagtig om God in hul lewe en in die wêreld te wees. In hul gevoelens, gedagtes, wil, krag en persoon bemagtig hulle God om sy wil, krag en persoon in die lewe van mense bekend te stel en te laat geld.

Vir hulle is aanbidding in die gees God se nuwe magsmiddel waardeur Hy Homself as God in die lewe van mense en deur hul lewens in die wêreld bemagtig. Daarom word gebede in die Gees totaal iets ander as die bloot menslike aanroep van God. Gebed word vir God ’n magsmiddel waardeur Hy deur bidders as God bemagtig word, net soos wat die Korintiërs met hul gebrabbel, as Goddelike Woord in hul oë, God bemagtig het om met sy gemeente te kan praat.

Gebed word deur hierdie aanbidding die magsmiddel waardeur God mense kan genees en wonderwerke kan doen. Daarom gee God sy goddelike genesingskrag en wonderkrag nou aan Godvervuldes wie se gebed nou ’n bediening van God is om te genees of wonders te doen.

Gebed word die magsmiddel waardeur die krag van God se teenwoordigheid op gesinne, besighede en dorpe afgebid word. Waar Godvervuldes God se teenwoordigheid afgebid het, is God self in sy beskermde krag werksaam teenwoordig.

Gebed word ’n openbaring van die krag van God: in gebedsoptogte en die bid met “gebedstasies” word God in die gemeenskap ingebring en word Hy in die wêreld bekendgestel.

Gebed word die middel waardeur mens en God een word: daarom is dit nie meer die aanroep van God nie, maar meditatiewe aanbidding. In gebed vind die mens sy eie innerlike

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

goddelikheid deur homself in God te sentreer. Meditatiewe aanbidding is die wyse waarop God se innerlike binne-in die mens gevind word en met God self gedeel word.

Gebed word die magsmiddel wat God se seëninge bewerk en meedeel. Daarom moet Geesvervuldes "kettinggebede" bid, deur die dag en deur die nag aanbid en in massa aanbid, want in hul aanbidding van die Gees kom God se Koninkryk.

Gebed word die magsmiddel waardeur mense aan God opgedra word. Godvervuldes tree vir ander by God in met gebed. In en deur hierdie intreegebede kry mense deel aan die seëninge van God wat deur die Godvervulde intreders vir hulle by God deur gebed bemiddel is.

**9. Die werklike inhoud van die aanbidding van die Gees: Godsverduistering wat as godsdiens gevier word**

Het Christus die Allerheiligste van God ingegaan as voorganger vir ander om ook die Allerheiligste van God in te gaan?

Die antwoord is: nee, glad nie! Die Here het die Allerheiligste ingegaan om Homself die Een te maak wat die Abrahamsbeloftes waar maak.

> Die hoofsaak van wat gesê is, is dit: ons het 'n Hoëpriester, Een wat gaan sit het aan die regterkant van die troon van die Majesteit in die hemel. [2]Hy is bedienaar van die heiligdom, die ware verbondstent, wat deur die Here opgerig is en nie deur 'n mens nie. [3]Elke hoëpriester word aangestel om gawes en offers te bring; daarom moet ook hierdie Een iets hê om te offer. [4]As Hy nog op aarde was, sou Hy nie eens priester kon wees nie, omdat volgens die wet daar reeds priesters is wat die gawes offer. [5]Hulle bedien egter slegs 'n afbeelding en skadubeeld van die hemelse heiligdom. ... [6]Maar nou het Jesus 'n voortrefliker priesterdiens gekry deurdat Hy Middelaar is van 'n beter verbond wat op uitnemender beloftes gegrond is. [7]As daar aan die eerste verbond niks kortgekom het nie, sou 'n tweede nie nodig gewees het nie. [8]Maar God bestraf die volk oor hulle tekortkoming deur te sê: "Kyk, daar kom 'n tyd, sê die Here,dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit. ....[10]Dít is nou die verbond wat Ek met Israel na daardie dae sal sluit, sê die Here: Ek sal hulle my wette in die verstand gee, op hulle harte sal Ek dit skrywe;Ek sal hulle God wees,en hulle sal my volk wees. ...[13]Deur van 'n nuwe verbond te praat, het God die eerste oud verklaar, en wat oud word en uitgedien raak, sal gou verdwyn. (Heb.8:1-13)

God het die voorhangsel geskeur omdat
1) die tempeldiens sy waarde as teken verloor het en
2) God die aanbiddingswyse van die Israeliete in die tempel verwerp het.

Volgens Hebreërs was die tempel net bedoel om 'n skadubeeld te wees van die wyse waarop Christus Hoëpriester sou wees. Die wyse waarop Christus as Priester die Allerheiligste ingaan, is om deur sy lyding en sterwe aan die kruis vir sondaars by die Vader in te tree. Deur Homself aan God die Vader as offer te gee, het Hy die Allerheiligste ingegaan. Deur sy lyding en sterwe aan die kruis het Christus 'n nuwe posisie by die Vader ontvang. Net Hy as Seun sit aan die regterhand van God die Vader. Hierdie magsposisie het Christus in God as Seun ontvang – net Hy alleen.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die priesterdiens wat Christus hierdeur verkry het, is nie om ons ook die mag te gee om soos Hy die Allerheiligste in te gaan nie. Ons kan onsself nie as offer vir ons sondes aan God gee nie. Ons kan ook nie met Christus se mag as Hoëpriester beklee word nie. Die priesterdiens van Christus is om die Abahamsbelofte vir ons waar te maak. Dit is die nuwe verbond waarin God sy Gees aan ons gee en aan ons 'n nuwe hart, siel, verstand en gees gee wat die wet van God wil onderhou.

Dit is waarom God die voorhangsel skeur: om te wys dat Christus met sy lyding en sterwe nou die Abrahamsbelofte vervul het. Daarmee is die betekenis van die tempel in Jerusalem vir altyd beëindig. Dit moes net as 'n uiterlike simbool dien om te wys wie Christus is en wat Hy doen. Die ou verbondstent is daarmee deur God vernietig. Christus as Persoon is die Nuwe Tempel. Hy as Persoon is in sy lyding en sterwe nou God-met-ons soos wat die tempel dit vir die volk van God gewys het.

> [11]Maar Christus het gekom as Hoëpriester van die weldade wat nou verwesenlik is. Hy dien in die verbondstent wat groter en volmaakter is en nie deur mense gemaak is nie, dit wil sê wat nie tot hierdie wêreld behoort nie. [12]Met sy eie bloed en nie met dié van bokke en kalwers nie, het Hy net een maal die heiligdom binnegegaan en 'n ewige verlossing tot stand gebring. [13]Wanneer die bloed van bokke en bulle en die as van 'n vers op die onreines gesprinkel word, maak dit hulle uiterlik rein. [14]Hoeveel te meer sal die bloed van Christus ons gewete bevry van die las van dade wat tot die dood lei, sodat ons die lewende God kan dien! Hiervoor het Christus immers Homself as volkome offer deur die ewige Gees aan God geoffer."(Hebr. 9:11-14)

Met die skeur van die voorhangsel maak God egter ook 'n einde aan die aanbiddingswyse van Israel. Israel het die tempel van 'n Messiaanse teken na 'n magsimbool verander. As magsimbool was dit vir Israel nie meer 'n teken nie, maar die magsentrum van hul eiesinnige aanbiddingswyse. Die tempel as magsimbool het al die Messiaanse seremonies tot magsmiddele gemaak. Dit het dit wat nuut is in hul aanbiddingswyse verteenwoordig. Dit was nie meer tekens van wat die Messias vir hulle sal doen nie. Dit het nou magsmiddele van wat hulle vir God doen, geword. Hulle het van diereoffers die nuwe magsmiddele gemaak waardeur hulle God bedien het met dit wat God sou wou hê.

Dit is God se bestraffing van die volk: deur die tempel te vernietig, vernietig God ook hul aanbiddingswyse en voltrek só die oordeel van Jesaja 1 oor hulle wat buite Christus is: wie buite Christus is, moet self die haat, minagting, afkeur en verwerping van God vir die wyse waarop hulle God aanbid, dra. God gee hulle oor aan 'n Godsverlatenheid,terwyl hulle hierdie Godsdverlatenheid as intieme, persoonlike verkeer met God self vier: "[18]Sulke mense weet nie wat hulle doen nie, hulle het nie insig nie, hulle oë is toegepleister, hulle sien nie, niks dring tot hulle verstand deur nie. ... [20]Iemand wat hom met as besig hou, laat hom mislei deur sy eie verdraaide opvattings. Hy kan homself nie red nie, hy vra homself nie af: "Is dit nie 'n leuen waarmee ek my besig hou nie?"(Jes.44:18-20)

Wie in Christus is, kan egter God vrymoedig nader om God te loof, te dank, te eer, te vrees en te verheerlik:

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, [20]en dit op ’n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam. [21]En terwyl ons Hom ook as groot priester oor die huis van God het, [22]laat ons tot God nader met ’n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van ’n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water. [23]Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het. (Heb.10:19-23)

Ons nader God in ons eenheid met Christus – in ons eenheid met sy liggaam as mens wat ons onskuldig, heilig, rein en regverdig voor God laat verskyn en Homself deur ons aanbidding sal laat verheerlik. Ons waarborg om God te aanbid, is die menswees wat Christus in ons plek in die hemel by God self is en met wie ons verenig is:

> Die twee onveranderlike dinge, die belofte en die eed, waarborg dat God sy woord gestand sal doen, en is vir ons wat ons toevlug tot Hom geneem het, ’n kragtige aansporing om vas te hou aan die hoop op wat vir ons weggelê is. [19]Hierdie hoop besit ons as ’n veilige en onbeweeglike lewensanker, wat agter die voorhangsel vas is. [20]Daar het Jesus, ons Voorloper, ter wille van ons ingegaan, en Hy is vir ewig Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek (Heb.6:18-20)

Die aanbidding van God in Christus is nie om in die binneste van God in te dring nie, maar om deur God in genade en barmhartigheid ontvang te word as ons Hom as God aanroep: “[15]Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. [16]Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.”(Heb.4:15,16)

Die aanbidding in die Gees volgens die moderne spiritualiteit is aanbidding buite Christus. Die spiritueles stel dit self duidelik dat wie nog net in Christus glo, nog nie in die Gees kan aanbid nie. Hulle self minag aanbidding nét uit geloof in Christus as kragtelose aanbidding.

Hierdie kragvolle aanbidding in die gees vind hulle in die ervaring van die vervulling met God se Gees: om een met God in sy eie krag te wees. In hierdie eenheid met God ervaar hulle hul aanbidding as ’n magsmiddel wat die teenwoordigheid van God bemiddel, waarmee hulle God hul eiendom maak, waarmee hulle die toeganklikheid van God ontsluit en waardeur hulle God laat Koning wees en as Koning bekendstel.

Hierdie tipe aanbidding in die Gees is egter volgens die Skrif die tipe aanbidding wat God haat, minag, bespotlik maak en verwerp. Dit is die tipe aanbidding waarvan God Hom onttrek. God is nie in hierdie aanbidding vir hierdie geestelikes teenwoordig, kenbaar en toeganklik nie, nog minder laat Hy Hom as God daardeur verheerlik. Aanbidding in die Gees is aanbidding in die Godsverduistering waarin God Homself tot afwesigheid maak, Homself onkenbaar laat wees, Homself ontoeganklik maak en Homself verborge maak in die chaos wat Hy oor hierdie aanbidders laat heers.

Die blindheid van hierdie tipe aanbidding in die Gees is dat dit die ellende van sy Godsverduistering feestelik as die ware aanbidding van God vier:

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> [3]Die hele volk het toe die goue ringe van hulle ore afgehaal en dit vir Aäron gebring. [4]Hy het dit van hulle ontvang, dit verwerk en daarvan ’n beeld in die vorm van ’n bulkalf gemaak. Toe sê die volk: “Hier is jou God wat jou uit Egipte bevry het, Israel!” [5]Toe Aäron dit hoor, het hy ’n altaar voor die beeld gebou en uitgeroep: “Môre is daar fees vir die Here!”[6]Vroeg die volgende môre het die volk brandoffers en maaltydoffers geoffer. Daarna het die volk begin feesvier en losbandig te kere gegaan.” (Eks.32:3-6)

God deel nie sy Goddelikheid met hulle in die gemeenskaplikheid (koinonia) wat hulle met hul aanprysings in Hom ervaar nie. God laat Hom nie in besit neem deur verheffingsliedere en verheffingsverklarings, waarin mense God as hul eiendom ervaar nie. God deel nie sy Wese met hulle in die lofprysings waarin hulle God se intimiteit beleef nie. God deel nie sy heerskappy met hulle in die verheerlikings waarin hulle beleef dat hulle God se koninkryk laat kom nie.

God gee hulle oor aan die ellende van hul verwronge intimiteite (koinonia), fantasiebeelde, eiesinnighede, selfingekeerdhede, visioene, missies, visies, mags- en vertoonlus in die geloof dat hulle God hierin ervaar en uitleef.

Die moderne spiritualiteit is nie maar net nog ’n manier, of ’n beter manier, om God in aanbidding te ervaar nie. Dit is selfvernietigende identifikasie met God: dit is om jouself te verloor in ’n godsverduistering waar jou God en jy niks is nie, wat jy egter as die volmaakte en allesoorheersende Godvervulde lewe ervaar.

**10. Bemagtigde Godvervuldes: mense wie se innigheid en aanbidding Christus vervang**

In die moderne spiritualiteit word die mens se innigheid met mense en sy aanbidding in die gees nuwe alternatiewe genademiddele.

Die liefde wat mense teenoor God volgens die eerste tafel van die wet moes uitleef word ’n middel waardeur mense glo hulle God bemagtig. Hulle aanbidding deel die teenwoordigheid, eiendomlikheid, toeganklikheid en heerskappy van God aan mense mee.

Die liefde wat hulle teenoor hulle medemens moes uitleef volgens die tweede tafel van die wet van God, word ’n magsmiddel waardeur hulle hulle naaste God se liefde, goedheid, vrede en vriendelikheid in hulle laat ervaar.

Deur hul liefde tot ’n magsmiddel te verander wat God meedeel, vervang hulle die posisie van Christus as Middelaar. Volgens die Skrif is dit in mense se vereniging met Christus in sy mensheid dat hulle deel in Christus se lyding en sterwe as heilige en regverdige mens. Volgens die Skrif is dit in mense se versoening met Christus as God wat hulle deel in die liefde en genade van God. In hierdie vereniging en versoening met Christus vind die wisselwerkende gemeenskap plaas: Syne is myne en myne is Syne.

In die moderne spiritualiteit gebeur hierdie wisselwerkende gemeenskap tussen Godvervulde geestelikes en onvervulde ongeestelikes. In die innigheid en aanbidding van Godvervulde

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

geestelikes word God self aan mense meegedeel en deel hulle aan God hul menslikheid mee. Hul lewe word God se middel om sy goddelikheid in mense uit te deel en uit te leef.

In hierdie wisselwerkende gemeenskap tussen God en Godvervuldes en tussen Godvervuldes en onvervulde geestelikes is Christus net 'n leë naam en magsimbool. In hierdie nuwe wisselwerkende gemeenskap waarin God sy menslikheid in Godvervuldes vind en Godvervuldes hul goddelikheid in God vind, het die wisselwerkende gemeenskap tussen Christus as Persoon en sondaars verdwyn.

Die wisselende gemeenskapsaard van die persoon van Godvervuldes vervang die wisselwerkende gemeenskapsaard van Christus.

**11. Die nuwe magsmiddel: Lewensbediening as alternatief op evangelieverkondiging**
Hierdie verskuiwing van Christus en sy lewe as die Persoon in en deur wie ons deel kry aan die genade en liefde van God na die innigheid en aanbidding van Godvervuldes, omvorm God se genademiddele tot magsmiddele van geestelikes.

Die verkondiging van die evangelie kan nie 'n middel wees om mense te bemagtig om deel van God se identiteit te wees nie. Binne die evangelieverkondiging is daar nie iets soos "God se identiteit" of enige identiteitservarings met God nie. In die vervulling met God se krag word hierdie identiteit met God egter wel ervaar.

Om hierdie identiteitservaring met God in mense te skep, op te bou en uit te bou, moet daar 'n magsmiddel wees waardeur mense met God kan identifiseer. Hierdie magsmiddel is die vertelling van lewenservarings met God. Die vertelling van lewensverhale met God vervang en omvorm die verkondiging van die evangelie tot 'n magsmiddel waarin mense met God kan identifiseer.

Paulus stel hierdie omvorming van evangelieverkondiging na die vertelling van lewensverhale met God aan die orde in die kontras wat hy in 2 Kor. 11 tot 12 tussen "grootpraat"(11:16,17) en die verkondiging van die evangelie (11:4) uitwys.

Wat is "grootpraat" volgens Paulus?

Dit is nie maar net grootdoenerigheid tussen mense nie. Dit is ander soort predikers wat in die gemeentes van Christus inkom. In 2 Kor.11 verwys Paulus na hulle as: "danige apostels" (5), "gladde sprekers" (6), "vals apostels" (13) en dienaars van Satan (11:15)

Grootpraat gaan oor die verkondiging van 'n ander soort Christus as die Christus wat die apostels verkondig. Hierdie nuwe soort prediker verkondig nie meer Christus nie, maar totaal iets anders, terwyl hulle maak asof dit die evangelie is wat Paulus verkondig. Omdat hierdie predikers 'n totaal ander gees as die Gees van Christus verkondig, maar dit voorhou as die Gees van Christus, aanvaar die gemeente hierdie ander soort Christusprediking as maar

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

dieselfde as Paulus se verkondiging van Christus en die Heilige Gees: " [4]Ek sê dit omdat julle so maklik daarmee genoeë neem as iemand 'n ander Jesus kom verkondig as wat ons verkondig het, en julle neem net so maklik 'n ander gees en 'n ander evangelie aan as dié wat julle van ons ontvang het."

Grootpraat is die verkondiging van afgodsdiens asof dit geloof in Christus is. Daarom noem Paulus hierdie grootpraat "dwaasheid". Die woord "dwaasheid" in die Skrif is die beskrywing van afgodsdiens en goddeloosheid. Wie afgodsdiens beoefen en goddeloos leef, is dwaas.

Wat het mense in Paulus gesoek wat hy "dwaasheid" noem. Hy stel dit in 2 Korintiërs 13:3,4 só aan die orde: "[3]Julle soek mos 'n bewys dat Christus deur my praat. Hy tree nie swak op teenoor julle nie, maar bewys sy krag onder julle, [4]want al is Hy gekruisig in die swakheid van 'n mens, Hy leef uit die krag van God. En in Hom is ons ook swak, maar saam met Hom sal ons uit die krag van God lewe. Dit sal julle sien." Hulle het 'n bewys gesoek dat Christus deur Paulus praat. Die inhoud van die evangelie wat Paulus aan hulle verkondig het, was nie genoeg om hulle van Christus te oortuig nie. Hulle wou die krag van God in Paulus sien werk. Hulle het 'n bewys van goddelike mag gesoek. Dit is hoekom Paulus juis die teendeel beklemtoon, dat hy uit geen goddelike krag optree nie, maar net as 'n gewone, swak mens.

Grootpraat is om so van jou eie toewyding aan God te praat dat jy 'n toonbeeld is van hoe God se krag deur jou werk. Deur grootpraat bewys mense hulself as Godvervuldes! Dit is die dwaasheid wat hierdie predikers preek: hulle hou hulself aan die gemeente voor as mense wat met die krag van God vervul is en daarom kan mense in en deur hulle deel kry aan die krag van God.

Grootpraat is die vertelling van jóú lewensverhaal met God aan ander mense op só 'n wyse dat ander mense God se krag in jou moet raaksien. In jou lewensverhaal met God moet ander mense met God identifiseer.

Paulus gee aan ons 'n baie goeie aanduiding van hoe hierdie valse predikers hul lewensverhaal in die plek van Christus se lyding en opstanding verkondig het. Hy doen dit deur hul tipe prediking sarkasties na te boots:

> "... Nou wil ek hê julle moet 'n bietjie dwaasheid van my kant verdra! Ja, verdra my maar! ... (2 Kor. 11:1) [16]Ek herhaal: Niemand moet dink dat ek 'n dwaas is nie. Of anders, beskou my maar as 'n dwaas en laat my ook 'n bietjie grootpraat. [17]Wat ek nou sê, kom nie van die Here nie. Nee, in hierdie aangeleentheid praat ek werklik soos 'n dwaas, in die oortuiging dat ek grond het om te roem. [18]Aangesien daar baie is wat op suiwer menslike gronde grootpraat, sal ek ook grootpraat. [19]Julle wat so verstandig is, verdra mos geredelik die dwaas." (2 Kor. 12:16-19)

Paulus noem dat hy ook sy lewensverhaal met God kan voorhou as iets waarin mense God se krag moet ontdek. Hy stel dit egter uitdruklik dat sy vertelling van sy eie lewensverhaal met God nie van God af kom nie. Daarmee wys hy dat dit presies is wat die ander predikers doen, maar hy stel dit uitdruklik aan die begin en einde van sy sarkastiese nabootsing dat hulle nie

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

moet dink dat hierdie vertelling van sý lewensverhaal met God evangelieverkondiging is nie. Paulus sluit die vertelling van sy lewensverhaal en besondere ervarings met die Here af met die volgende sin: “[11]Ek het nou soos ’n dwaas opgetree. Julle het my daartoe verplig.” (2 Kor.12) So wou hy aan hulle wys dat hy ook sy lewensverhaal met God kan voorhou asof dit ’n krag van God is.

Hoe lyk Paulus se lewensverhaal met God? Dit sien so daaruit:

> ... Nou praat ek soos ’n dwaas: enigiets waarop iemand aanspraak maak om te roem, daarop kan ek ook roem. [22]Is hulle Hebreërs? Ek ook. Is hulle Israeliete? Ek ook. Stam hulle van Abraham af? Ek ook. [23]Is hulle dienaars van Christus? En nou praat ek asof ek van my verstand af is: ek nog meer! Ek het harder gewerk, ek was meer in die tronk, ek is meer dikwels geslaan, ek was dikwels in doodsgevaar. [24]Vyf maal het ek van die Jode die gebruiklike straf van nege en dertig houe gekry, [25]drie maal het ek lyfstraf gekry, en een maal is ek met klippe gegooi. Drie maal het ek skipbreuk gely en een maal het ek ’n dag en ’n nag in die oop see deurgebring.[26]Ek was dikwels op reis en in gevaar: daar was gevare van riviere, gevare van rowers, gevare van my volksgenote en gevare van heidene; gevare in die stad en gevare in die veld; gevare op see en gevare onder vals broers. [27]Daar was vir my harde werk en swaarkry, dikwels nagte sonder slaap, dikwels honger en dors; en dikwels was ek sonder kos, sonder skuiling of bedekking teen die koue. [28]Behalwe dit alles was daar nog die daaglikse bekommernisse, die besorgdheid oor al die gemeentes. [29]As iemand swak is, voel ek asof ek self ook swak is; as iemand in sonde val, voel ek asof ek ook deur vuur gaan. [30]As daar dan geroem moet word, sal ek roem, maar dan oor my swakhede. (2 Kor. 12:21-30)

Paulus wys dat sy lewensverhaal met God nie sommer net met hom begin het nie. Sy lewensverhaal met God is deel van die lewensverhaal van die volk Israel. Sy lewensverhaal is deel van die verhaal van Josef, Moses, die uittog uit Egipte, die intog in Palestina, die ballingskap en die terugkeer uit ballingskap. Sy lewensverhaal met God is bowenal nie díe van iemand wat later in hierdie verhaal na vore gekom het nie. Sy lewensverhaal met God begin al by Abraham.

Paulus sê dat sy lewensverhaal met God ook nie sommer maar nét tradisie is nie. Dit is ’n verhaal van ’n persoonlike verhouding met God. Hy is self ’n Hebreër. Hierdie uitdrukking beteken in vandag se taal ’n toegewyde aanbidder van God. Hy het God van sy kinderjare af toegewyd aanbid. Hy het tot bekering gekom soos wat die Jode elke dag tot bekering kom, uit innerlike oortuiging en opreg. In Fillipense 3:5,6 sê hy: “... van geboorte ’n Israeliet, uit die stam Benjamin, ’n egte Hebreër, in wetsopvatting was ek ’n Fariseër, [6]in my ywer ’n vervolger van die kerk, in onderhouding van die wet van Moses om vryspraak te kry, onberispelik.” Hy het elke dag sy lewe aan God gegee, sy hart in liefde aan God oorgegee opreg en innig die wil van die Here in sy lewe gesoek en ’n toegewyde,volgehoue gebedslewe gehad om homself só vir God reg te laat wees. (“om vryspraak te verkry onberispelik”).

’n Mens kan maklik dink dat Paulus onder “grootpraat” net sy lewensverhaal voordat hy tot geloof in Christus gekom het, bedoel. Dan stel hy dit egter uitdruklik: dit sluit sy lewensverhaal as dienaar van Jesus ook in. Sy lewensverhaal as dienaar van Jesus is groter en indrukwekkender as die lewensverhale van ander dienaars van Jesus. Hy het harder vir Jesus

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

gewerk as die meeste ander dienaars van Jesus; vir Jesus was hy meer kere in die tronk as al die ander apostels; vir Jesus het hy meer as ander getuies gely, omdat hy vir Jesus gewerk het, het hy vyf keer 39 houe met 'n Joodse sambok gekry, drie keer het hy vir sy getuienis oor Jesus lyfstraf gekry en een keer het mense probeer om hom te stenig omdat hy Jesus verkondig het.

Sy lewensverhaal as dienaar van Jesus gaan ook oor wonderbaarlike ingrypings van God in sy lewe: drie keer het die Here hom gered nadat skepe waarop hy was deur storms op die oop see vernietig is, en een keer het hy 'n hele dag en nag op die oop see rondgedobber, maar toe red die Here hom wonderbaarlik van die dood.

Sy lewensverhaal is die verhaal van 'n groot avontuur in God se diens met allerlei lewensgevare waaruit hy telkens kon vertel hoe God aan hom in hierdie groot avonture uitkoms en beskerming gegee het.

Sy lewensverhaal is die verhaal van volgehoue toewyding en deursettingsvermoë deur onbeskryflike ontberings van honger, dors, slaaploosheid en hawelooshheid sonder warm klere in die veld. Dit is 'n lewe vol bekommernis maar een waarin God hom telkens geseën het.

Paulus se lewensverhaal met God gaan ook oor besondere ervarings met God:

> Om te roem, het wel geen sin nie, maar terwyl dit dan nou moet, kom ek by gesigte en openbarings wat die Here gegee het. [2]Ek ken 'n man wat aan Christus behoort. Veertien jaar gelede is hy weggeruk tot in die derde hemel. Of dit met die liggaam was of sonder die liggaam, weet ek nie, net God weet dit. [3–4]Ek weet ook dat hierdie man weggeruk is na die paradys toe. Of dit met die liggaam was of sonder die liggaam, weet ek nie, net God weet dit. Daar het hy woorde gehoor wat 'n mens nie kan of mag uitspreek nie." (2 Kor.12:1-4)

Paulus het gesigte en openbarings ontvang: God het hom gewys om die vergadering van apostels in Jerusalem by te woon (Gal.2:2); die Here het hom op sy eerste sendingreis gewys (Hand.13:20); die Here het hom in 'n gesig gewys om sy sendingwerk na Masedonië uit te brei (Hand. 16:9) en in 'n geestervervoering gewys om nie in Jerusalem die evangelie te verkondig nie. (Hand.22:17)

Volgens Paulus is die verkondiging van jou lewensverhaal as die wyse waarop God se krag aan mense meegedeel word, dwaasheid. Dit was wat die valse apostels gedoen het en wat Paulus sarkasties nageboots het: hul toewydings, hul aanbidding, hul diens aan Jesus, hul gesigte en openbarings was wat hulle in hul preke verkondig het. In die vertelling van hul lewensverhale met God wou hulle hulself die krag maak waarin en waardeur mense Jesus moes vind. Hierdie Jesus wat jy deur mense se lewensverhale met God in mense moet vind, noem Paulus 'n ander Jesus en 'n ander Gees.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Paulus hanteer sy Damaskus-ervaring op presies dieselfde wyse as wat hy sy hele lewensverhaal met God hanteer. Dit is nie iets wat hy verkondig as 'n lewenservaring wat maak dat God se krag in hom gevind moet word nie.

Paulus het nooit sy Damaskus-ervaring as sy bekering verkondig nie. Hy beskryf dit deurgaans as sy roeping tot apostel: "[15]Maar God het my al voor my geboorte vir Hom afgesonder, en Hy het my in sy genade geroep. Toe Hy in sy goedheid besluit het [16]om sy Seun aan my te openbaar sodat ek die evangelie oor Hom onder die heidennasies sou verkondig, ..." (Gal.10:15,16) Die openbaring van die Here aan Paulus op die Damaskus-pad het hom 'n apostel gemaak. Dit was nie maar net 'n gesig of 'n openbaring waarna in 2 Kor. 12:1 verwys word nie.

Paulus noem sy Damaskus-ervaring 'n "verskyning" van die opgestane Here: "[7]Daarna het Hy aan Jakobus verskyn en toe aan al die apostels. [8]Heel laaste het Hy ook aan my, die ontydig geborene, verskyn." (1 Kor.15:7). Wat op die Damaskus-pad gebeur is dat die Here vir die laaste keer nadat Hy uit die dood uit opgestaan het, verskyn. Net soos Hy op die Sondagaand na sy opstanding uit die dood aan die apostels verskyn het. Hierdie verskyning van die Here sal nie weer met iemand voor sy wederkoms gebeur nie.

Die doel van hierdie verskyning was om Paulus tot apostel te roep: "Is ek nie vry nie? Is ek nie 'n apostel nie? Het ek nie vir Jesus, ons Here, gesien nie? Is julle wat aan die Here behoort, nie die vrug van my werk nie? [2]Al is ek vir ander nie 'n apostel nie, vir julle is ek dit tog. Immers, julle wat aan die Here behoort, is die seël op my apostelskap." (1 Kor.9:1,2) Een van die kenmerke waaraan 'n persoon moes voldoen om 'n apostel te kon wees, was om self die Here as mens te gesien het. Net sulke persone kon apostels wees. Die Here het as mens aan Paulus op die Damaskus-pad verskyn en hom daarmee die status van 'n apostel gegee. Daarom kon Paulus hom soos hier by die gemeente Korinte op sy apostelskap beroep. Die Here het deur sy verskyning aan Paulus presies dieselfde amp as aan al die ander apostels gegee. Dit is presies die woorde van die Here volgens Paulus in Handelinge 27:15,16 " [15]'Wie is U, Here?' vra ek toe. 'Ek is Jesus,' sê die Here. 'Dit is vir My wat jy vervolg. [16]Maar staan op, staan regop. Ek het aan jou verskyn om jou as my dienaar aan te stel. Jy moet getuie wees van wat jy van My gesien het en van wat Ek jou nog sal laat sien."

Die Here verskyn aan Palus om hom 'n apostel te maak:

> "Terwyl ek op reis was en naby Damaskus gekom het, het daar teen die middag skielik 'n sterk lig uit die hemel op my gestraal. [7]Ek het op die grond neergeval en 'n stem vir my hoor sê: 'Saul, Saul, waarom vervolg jy My?' [8]'Wie is U, Here?' het ek gevra. 'Ek is Jesus van Nasaret,' het Hy my geantwoord. 'Dit is vir My wat jy vervolg.'...[10]Toe vra ek: 'Wat moet ek doen, Here?' Die Here sê toe vir my: 'Staan op en gaan na Damaskus toe. Dáár sal alles vir jou gesê word wat God bepaal het dat jy moet doen.' ...[12]'n Sekere Ananias, ...[13]het na my toe gekom. Hy het by my kom staan en gesê: 'Saul, broer, jy kan weer sien!' En dadelik kon ek hom sien. [14]Toe sê hy: 'Die God van ons voorvaders het jou uitgekies om sy wil te ken, die Regverdige te sien en sy stem te hoor, [15]want jy sal vir alle mense sy getuie wees van wat jy gesien en gehoor het. [16]En nou, waarom nog wag? Kom, laat jou doop en jou sondes afwas nadat jy sy Naam aangeroep het.(Hand.22:6-16)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die wonder van die Damaskus-gebeurtenis is nie dat Paulus tot bekering sou gekom het nie. Die wonder is dat die opgestane Here aan een van Sy haters en vervolgers, Paulus, verskyn. Paulus het ’n diep woede teen Christus gehad. Hy het hierdie woede op gelowiges gewreek. Dit is hoekom Christus Paulus konfronteer en vra hoekom Paulus Gód vervolg. Met al sy woede, haat, opstand en vervolgingswaan stuit die Here hom in sy spore en sê aan hom dat hy uitverkies is om die verkondiger te word van Hom wat hy haat. Dit is die wonder. God maak van sy vervolger sy dienaar.

Paulus het nie op die Damaskus-pad tot geloof gekom nie. Hy is gewoon net deur die Here in sy vervolgingswaan gestop, gesagsvol tot apostel verklaar en terwyl hy nog so in die waas van sy haat en in sy verdwaasdheid verkeer, ontvang hy gesagsvol die opdrag om terug te gaan Damaskus toe en om op die opdragte van die Here te wag: "“Ek is Jesus,” antwoord Hy. “Dit is vir My wat jy vervolg. [6]Maar staan op en gaan na die stad toe. Daar sal vir jou gesê word wat jy moet doen.” (Hand.9:5)

Paulus het in Reguitstraat tot geloof gekom: “[17]Ananias het toe gegaan en in daardie huis gekom. Hy het Saulus die hande opgelê en gesê: “Saul, broer, die Here Jesus wat aan jou verskyn het toe jy op pad hierheen was, het my na jou toe gestuur sodat jy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul kan word.” (Hand.9:17) . In hoofstuk 22 beskryf Paulus die ontmoeting met Ananias só: “[16]En nou, waarom nog wag? Kom, laat jou doop en jou sondes afwas nadat jy sy Naam aangeroep het.’” Hierdie sinne moet vergelyk word met die oproep van Petrus in Handelinge 2 toe die Israeliete op die verkondiging van die evangelie op Pinksterdag vra wat hulle moet doen: “[38]Toe antwoord Petrus hulle: ‘Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe, en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang’”. Dit was eers in Reguitstraat wat Paulus die Naam van Christus aangeroep het. Die uitdrukking word gebruik om aan te dui dat hy tot geloof in Christus gekom het. Dit was eers in Reguitstraat dat hy met die Heilige Gees vervul en sy sondes in Christus afgewas is. Daarom is hy eers in Reguitstraat gedoop.

Paulus het nooit sy lewenservaring met God in Reguitstraat as deel van sy evangeliebediening verkondig nie. Hoe hy tot geloof gekom het en in Reguitstraat gedoop is, was nooit ’n verhaal wat hy aan ander voorgehou het as ’n lewensverhaal waarin hulle God moes vind nie. Paulus het ook nooit sy lewensverhaal met God op die Damaskus-pad voorgehou as ’n verhaal wat verkondig moet word sodat ander ook die krag van God soos hy kan beleef nie. Paulus self stel dat dit ’n eenmalige daad van die verhoogde Christus was wat van een van sy vervolgers sy apostel onder die heidene gemaak het: “[8]Heel laaste het Hy ook aan my, die ontydig geborene, verskyn.” (1 Kor.15:8).

Met hierdie verskyning het Christus aan Paulus apostoliese gesag gegee. Hierdeur het Christus aan ons Paulus se prediking van die evangelie as gesagvolle apostoliese verkondiging gegee, wat ons deur die briewe van hierdie apostel ontvang het as die geïnspireerde Woord van God.( Rom1:1; 1 Kor.1:1; Gal.1:1; Ef.1:1; Kol.1:1; 1 Tim.1:1;

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

2 Tim. 1:11). Geen ander mens kan homself op so ’n Damaskus-ervaring roem nie, maar elke gelowige deel met Paulus wat met hom in Reguitstraat gebeur het.

Daarom stel Paulus dat dit dwaasheid is, dit wil sê, afgodsdiens is om God se krag vir jou eie lewe in die lewensverhaal van Paulus of enige ander apostel te probeer vind. As jy die krag van God in hul lewens soek, dan word hulle die mense in wie jy die krag vind, nie Christus nie. Hulle word tussengangers tussen God en mense. (Gal.3:20)

God werk kragtig in swak sondaars se lewens in hul vereniging met Christus, nie in hul identifikasie met die lewensverhale van die apostels nie: “[3]Julle soek mos ’n bewys dat Christus deur my praat. Hy tree nie swak op teenoor julle nie, maar bewys sy krag onder julle, [4]want al is Hy gekruisig in die swakheid van ’n mens, Hy leef uit die krag van God. En in Hom is ons ook swak, maar saam met Hom sal ons uit die krag van God lewe. Dit sal julle sien.” (1 Kor.11) Hierdie teenstrydigheid tussen swakheid en krag gaan nie oor die tipiese selfoorgawe in identifikasie met God dat ek niks moet wees sodat God alles in my kan wees nie. Paulus stel dat mense nie in hom die krag van God sal vind nie. Dit is Christus wat self sy krag onder mense bewys. Hy bewys hierdie krag nie in sy apostels nie, maar in Homself. Christus leef uit die krag van God omdat Hy self God is. In dit wat met hom as mens gebeur het, is die krag van God werksaam en net in wat met Hóm as mens gebeur het, want Hy is as God in sy eie lewe werksaam. In sy geboorte, lyding, oordeel, kruisiging, sterwe en opstanding is Christus self as God kragtig werksaam. Daarom is sý lewensgeskiedenis as mens die lewe waarin die krag van God werksaam is. Nét Syne!

Die swakheid van sondaars bestaan ook nie in hulself nie. Sondaars is in hulself altyd bemagtig en kragtig in wat hulle verstaan, dink, voel en wil. Paulus stel dit dat ons in Christus swak is. In Christus se openbaring van sy lyding- en opstandingsgeskiedenis ontdek ons onsself as onheilig en onregverdig. In Christus se lydings- en opstandingsgeskiedenis ontdek ons dat ons buite Christus veroordeel is en dat ons in Godsdverduistering leef. Hierdie swakheid sal ons nooit in onsself vind nie.

Dit is om dié rede dat dit ook net in ons vereniging met Christus is dat ons uit die krag van God lewe: in ons vereniging met Christus is ons as mense in ons menslikheid vir God heilig, regverdig en goed. In Christus leef ons in God se liefde en genade. In Christus is ons lewenswyse uit ons geloof in Hom vir God heilig en het Hy daarin ’n behae.

Christus bewys sy krag deur ons in Homself in te sluit en ons met Hom te verenig en te versoen. Ons leef uit die krag van sy plaasbekledende gemeenskap met ons. Daarom kan Paulus hierdie plaasbekledende gemeenskap as die toets van die krag van God stel: “...En in Hom is ons ook swak, maar saam met Hom sal ons uit die krag van God lewe. Dit sal julle sien.[5]Stel julle self op die proef en ondersoek julleself of julle in die geloof lewe. Besef julle dan nie self dat Christus Jesus in julle is nie? So nie, het julle die toets nie deurstaan nie.”(2 Kor. 13:5)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Om in die apostels se lewensverhale met God die krag van God te soek, beteken dat jy in hul innighede en aanbidding die liefde en genade van God moet vind. Dít is die dwaasheid wat Paulus aanspreek. Dit is dwaasheid om in mense se innighede en aanbidding die krag van God te wil beleef.

Net in Christus se lewe is God te vind, want net Hy is God wat mens geword het! Daarom is prediking die verkondiging van Christus. Dit is die prediking van sy lewensverhaal as God en mens. Geen ander lewensvertelling mag of kan voorgehou word as 'n middel waardeur God mense in Christus insluit nie. Paulus verwerp enige ander lewensvertelling as 'n middel waardeur God kragtig sou werk om gelowiges se eenheid met Christus te handhaaf: "[2]Ek waak oor julle met 'n ywer wat van God kom, want julle is soos 'n jongmeisie wat ek aan een man toegesê het as sy bruid en wat ek vlekkeloos na hom toe wil bring. Die man is Christus." (2 Kor.11:2)

Die selfbemagtiging van geestelikes wat meen dat jy in en deur hul lewensverhale met God moet identifiseer, ontmagtig elke gelowige. Paulus wys weer sarkasties dat geen selfbemagtiging of ontmagtiging van gelowiges in hul evangelieverkondiging kan plaasvind nie: [19]Julle wat so verstandig is, verdra mos geredelik die dwaas. [20]Julle verdra dit as iemand julle soos slawe behandel, as iemand julle uitbuit, as iemand julle bedrieg, as iemand julle uit die hoogte behandel, as iemand julle in die gesig klap. [21]Laat my dan maar tot my skande erken dat ons vir sulke dinge te swak was!" (2 Kor.11:19,20)

Die inhoud van hierdie slawebehandeling is dat gelowiges nie meer kan aanvaar dat elke gelowige se lewe 'n lewe saam met God is en dat elke gelowige se lewensverhaal 'n lewensverhaal is waarin God ten volle Vader en Here is nie. God is net in hierdie spesiale toegewydes se lewens werksaam en daarom moet jy jou eie lewensverhaal probeer deel maak van hierdie mense se lewensverhaal. Om jou lewensverhaal aan ander voor te hou as die lewensverhaal waarin hulle God moet vind, ervaar en beleef soos jý God ervaar en beleef, is 'n klap in die gesig van elke gelowige. God leef met elke gelowige. Elke gelowige se lewensverhaal is 'n verhaal oor God se liefde en sorg. Om jou lewensverhaal aan ander voor te hou as die een waarin God te vind is, is om medegelowiges uit die hoogte te behandel asof jy en jou verhaal meer van God het as wat hulle s'n het. Dit is bedrog en uitbuiting. Net in Christus en in wat met Hom in sy lewe gebeur het, is God te vind. As mense hul verhale voorhou asof mense in en deur hulle met God kan identifiseer, is dit gewoon net geestelike uitbuiting.

In die moderne spiritualiteit word die verkondiging van die lewe van Christus, sy lyding en opstanding, met 'n nuwe magsmiddel verdring: die vertelling van Godsvervuldes se lewensverhale. Hul lewensverhale met God word die nuwe getuienis waardeur God mense in Homself insluit.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit is hoe die Godsvervuldes "persoonlike getuienis" voorhou: jy moet jou eie lewensverhaal met God as die openbaring van God verkondig. Jy moet glo dat God deur die vertelling van jou lewensverhaal ander mense in sy krag as God sal insluit.

Volgens hierdie geestelikheid beteken getuienis dat elkeen van sy/haar ontmoeting met God, waartydens hy/sy tot bekering gekom het, moet vertel. Vir dié doel word apostoliese en Bybelse voorbeelde aangevoer: die berouvolle bekering van Petrus, die wonderbaarlike bekering van Paulus, die verbondsbekering van Timoteus en die sendingbekering van die heidene in Handelinge. Elke Bybelfiguur se lewe word op een of ander wyse as 'n bekeringsverhaal voorgehou.

Getuienis volgens hierdie geestelikheid beteken dat elkeen moet vertel hoe hy/sy persoonlik met die krag van die Heilige Gees vervul is en tot 'n nuwe Godvervulde lewe gekom het. Daarvoor word die apostoliese voorbeeld van die twaalf dissipels, wat gelowiges sou wees, maar nog nie met die Heilige Gees se krag vervul sou wees nie, as voorbeeld voorgehou. Hierdie lewensverhaal met God, waarin die apostels eers 'n kragtelose geestelike lewe sou gelei het en toe met die uitstorting van die Heilige Gees Godvervulde geestelikes geword het, is vir hulle die voorbeeld van hoe ook hulle soortgelyke lewensverhale met God moet vertel.

Getuienis in hierdie geestelikheid beteken dat Godvervuldes hul Godservarings preek. In die prediking van hul Godservarings glo hulle dat God besig is om ander mense met sy krag te vervul. Die verskeidenheid van hierdie gepredikte Godservarings is so wyd soos die menslike gees self. Dit neem die vorm aan van vertellings van liefdevolle innighede met mense waarin hulle God se liefde ervaar het. Dit is aanbiddingservarings waarin hulle drome, idees, visioene, missies, visies en spesiale opdragte van God ontvang het. Dit is die vertelling van gesprekke wat tussen hulle en God gevoer is. Dit is vertellings van hul eie perversies en hoe hulle hul eie perversies beleef het. Dit is indrukke van enige menslike waarneming oor enige menslike situasie waarin God ervaar is.

Hierdie "persoonlike getuienisse" word die krag van die prediking. Spiritueles voel nie aangeraak deur God of innerlik begeesterd deur die prediking van die geboorte, lyding en opstanding van Christus nie. Vir hulle is die verkondiging van Christus "koue feite", "teorie", "dogma", "onprakties", "te hoog", "net die beginsel" of "intellektueel."

Hulle kan God nie ontmoet of ken in die prediking van Christus se lyding en opstanding nie. Hulle kan God net kragvol en geestelik beleef in die persoonlike getuienisse waardeur hulle in die lewensverhale van mense met God kan identifiseer.

In die lig hiervan word Christus se lyding en opstanding deur hul herinterpretasie verdring: Jesus word voorgehou as die eerste Persoon wie se lewensgeskiedenis hul eie lewensverhaal met God weerspieël. As hulle hulself niks laat wees sodat God alles in hulle moet word, dan het Jesus met sy lyding en sterwe gewys dat 'n mens niks moet word nie; met sy opstanding gewys dat God in jou lewe inkom en nuut in jou begin lewe. As hulle vrede met God wil

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

ervaar, dan is Jesus se lewensverhaal die lewe van 'n man van vrede. As hulle versoening met God wil ervaar, dan is Jesus se lewensverhaal die lewe van 'n mens vir versoening en as hulle in opstand wil kom, dan is Jesus se lewensverhaal die lewe van 'n man in opstand.

Daarom moet die eredienste, kategese en Bybelstudie ingerig word vir en rondom geleenthede vir hierdie persoonlike getuienisse. Die Bybel word in hierdie geestelikheid net 'n boek met die lewensverhale van mense met God. Verhalende prediking vervang die verkondiging van Christus. Die liturgie van die erediens word die tyd waarin mense openlik moet opstaan en hul eie lewensverhaal moet deel maak van die Godsverhaal van die geestelikes wat hulle voorgegaan het.

Alle herlewings en vernuwings in die moderne spiritualiteit begin altyd met die lewensvertellings van Godservaringe. Dit begin met die lewensvertellings van ander mense se Godservarings: visioene, persoonlike ontmoetings met God, bekerings, vervullings met God, innighede met God, verligtingservarings oor die andersheid van God, ervarings van insigte oor God, ervarings van blydskap, verwondering of inspirasie deur God.

Deur hierdie lewensvertellings vind mense God dan deur die innighede en aanbidding van Godvervuldes in die persoon van hierdie Godvervuldes. In hul godservarings word hulle bemagtig om God met ander mense te deel. Die wyse waarop jy God in ander mense se Godvertellings vind, is deur met God in hul lewens en lewensverhale te identifiseer. In die verkondiging van die evangelie kan mense nie met God identifiseer nie en daarom is dit vir hulle koue en dooie prediking. Vertellings van Godservarings bemagtig hulle egter om met God te identifiseer.

Identifikasie met God is volgens die Skrif dwaasheid, oftewel afgodsdiens. Die vertelling van Godservarings sodat mense daardeur met God kan identifiseer, is dwaasheid. Dit is nie 'n ander manier van evangelieverkondiging nie. Daarom is dit nie oordrewe afkeur as Paulus hierdie prediking valse apostels, gladde sprekers, danige apostels en dienaars van Satan noem nie. Dit is die werklikheid van hul afgodsdiens. Hulle bedien afgodsdiens asof dit godsdiens is. Hulle verkondig identifikasie met God asof dit maar net nog 'n manier van geloof in God is.

Die dwaasheid van goddeloosheid is deur die moderne Christelikheid omvorm om die wysheid van God te wees. Valse apostels, gladde sprekers en dienaars van Satan het in die moderne spiritualiteit die ware wedergebore en Geesvervulde predikers van Jesus en sy goddelike gees geword, maar volgens die Skrif is hulle die bedienaars van 'n ander Jesus en 'n ander Gees as Christus en die Heilige Gees. In hul Godsverhale is Christus en die Heilige Gees afwesig.

Afgodsdiens is godsdienstige goddeloosheid. Deur die verkondiging van Christus se lyding en opstanding te vervang met Godvervuldes se lewensverhale, word mense van Christus vervreem en aan mense wat hulself as goddelik ervaar, verbind.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Goddeloses leef met presies dieselfde godlose selfgesentreerdheid. Hulle wil ook mense van God vervreem en aan hulself verbind. Dit is die hart van alle ideologieë.
Humanisme beteken om in die humaniteit van die mees humanitêre denkers en in humanitêre rolmodelle se lewe die ware krag van menswees te vind.
Kommunisme beteken om in die visie van ’n klaslose arbeidersgemeenskap die ware krag van jou menswees te vind.
Kapitalisme beteken om in die welvaart van selfgemaakte ondernemers die krag van jou lewe te vind.
Ubuntu beteken om in die identiteitsloosheid en nie-aanspreeklikheid van die massa jou ware menslikheid te vind.

Om jou eie lewensverhaal in Godvervuldes se lewens te vind, of in die lewens van mensvriendelike mense, of in die lewe van ’n klaslose arbeidersgemeenskap, of in die lewe van ’n welvaartgedrewe gemeenskap, of in die lewe van ’n gesigslose massa, is bloot stylverskille van dieselfde Godloosheid. Om jou selfgenoegsaam in of sonder God as mens te vind, bly na albei kante toe ’n Christuslose bestaan. Om jouself te vind in die Godlose selfgenoegsaamheid van ’n ander mens, is selfvernietigend. Die dwaasheid van goddeloosheid en afgodsdiens is om hierdie selfloosheid in ander te vier as ware selfverwesenliking.

**12. Die nuwe magsmiddele: rituele as alternatiewe op sakramente – die doop**
Christus se waterdoop was nie sy geloofs- of sy bekeringsdoop nie. Dit is juis omdat Jesus nie tot bekering of geloof moes kom nie dat Johannes die Doper geweier het om Hom te doop.(Matt.4:13)

Die waterdoop waarmee Johannes gedoop het, was die openbare bekendmaking dat Jesus die Christus is wat gekom het: “[31] En ek het Hom nie geken nie; maar dat Hy aan Israel openbaar sou word, daarom het ek gekom en met water gedoop.” (Joh.1:31 1953-AV) Johannes het mense gedoop wat die aankondiging dat die Christus se koms aangebreek het, geglo het. Dit is wat nuut was aan die verkondiging van Johannes en wat hom van al die ander profete in die Ou Testament onderskei:“[11]“Dit verseker Ek julle: Onder die mense op aarde is niemand gebore wat groter is as Johannes die Doper nie, en tog is die geringste in die koninkryk van die hemel groter as hy. [12]Sedert die dae van Johannes die Doper tot nou toe breek die koninkryk van die hemel vir homself ’n pad oop, en mense wat hulle kragtig inspan, kry dit in besit. [13]Al die profete en die wet het tot op Johannes geprofeteer, [14]en as julle dit wil aanvaar: Johannes is die Elia wat sou kom.” (Matt.11:11-13)

Dit is ook die rede hoekom Johannes die Doper, anders as die profete voor hom, mense gedoop het. Die profete het verkondig watter soort persoon die Messias sal wees en wat Hy as Messias sal doen. Nie een van die Ou Testamentiese profete wat die Messias verkondig het, het mense gedoop nie, want hulle kon nie aankondig dat die Messias se koms aangebreek het of dat spesifiek Jesus die Messias is nie. Die aankondiging dat Jésus die Christus is, is die nuwe en besondere van Johannes se verkondiging. (Joh.1:29-34)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit wat nuut is in die bekering van mense wat deur Johannes gedoop is, was nie hul belydenis van sonde of hul gehoorsaamheid aan die wet van God nie.(Matt. 3:6; Mark.1:4; Luk.3:7-14.) Wat nuut is in hierdie bekering as antwoord op die prediking van Johannes, blyk uit die Fariseërs se weiering om hulle deur Johannes te laat doop: "[30]Net die Fariseërs en die wetgeleerdes het die bedoeling van God verwerp en hulle nie deur Johannes laat doop nie."(Luk. 7:30) Die Fariseërs het ook tot bekering gekom, elke dag hul sondes bely en die wet van God onderhou, maar hulle het nie geglo dat die koms van Christus aangebreek het soos wat Johannes gesê het nie. Nog minder het hulle Johannes se aankondiging, dat spesifiek Jesus die Christus is, geglo.

Die bekering wat Johannes verkondig het, was die toekeer in geloof tot Christus en sy koms. Dit is ook hoe Petrus bekering op Pinksterdag gepreek het. (Hand. 2:37) Hierdie toekeer tot Christus is die rede waarom Johannes mense gedoop het. Mense wat geglo het die Christus is hier, is gedoop. Geloof in die Christus is die bekering tot die nuwe Messiaanse koninkryk van God.

Jesus se doop was nie sý bekeringsdoop nie. Jesus het nie een keer in sy hele lewe 'n enkele bekering gehad nie. Om tot bekering te kom, impliseer beteken dat Hy sonde moes gedoen het. Omdat Hy nooit enige sonde gedoen het nie, het Hy ook nooit enige bekering gehad nie. Jesus was nie gedoop omdat Hy sy sondes bely het, sondes laat vaar het of omdat Hy die wet onderhou het nie.

Hoekom eis Jesus dat Johannes Hom met water moet doop, net soos Johannes al die ander sondaars gedoop het? Die Here voer die volgende rede aan: "[15] Maar Jesus het geantwoord en vir hom gesê: Laat dit nou toe, want só pas dit ons om alle geregtigheid te vervul. Daarna het hy Hom toegelaat.(Matt .3:15 1953- AV) Jesus het gekom om sondaars volgens God se wet regverdig te maak. Die wyse waarop Christus dit doen, wys in sy doop: Hy word as bekeerde sondaar gedoop al is Hy nie 'n sondaar nie.

Jesus begin sy amptelike en openbare werk as die Christus deur Homself te laat doop. Met sy doop openbaar Jesus hoe Hy van die begin af sy werk as Christus doen. Hy staan in die plek van sondaars wat tot bekering moet kom. Christus neem die eis dat hulle gestraf moet word en God moet gehoorsaam op Homself. In Christus se doop begin Hy reeds wat Hy in sy lyding en sterwe volbring het: Hy dra die straf op onheiligheid en Hy voldoen aan die eis om heilig te wees. Dit doen Hy sodat sondaars nie gestraf word nie as hulle hul tot God bekeer en hul gebrekkige bekering nie as onheilig deur God verwerp word nie. Dit is hoe Jesus Christus is. Die Christus het nie gekom om geregtigheid van sondaars te eis nie. Die Christus het gekom om die eis van geregtigheid in hul plek te vervul. Dít is hoekom Hy Homself laat doop.

Die apostel Johannes stel dit so:

> Die Een wat deur die water van sy doop en die bloed van sy dood na ons toe gekom het, is Jesus Christus; nie net deur die water nie, maar deur die water én die bloed. Die Gees is die getuie daarvan,

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> en die Gees is die waarheid. [7]Daar is dus drie wat getuig [8]die Gees en die water en die bloed, en die drie se getuienis stem ooreen. [9]Ons aanvaar mense se getuienis, hoeveel te meer die getuienis van God, want dit is God wat getuig, en die getuienis handel oor sy Seun. (1 Joh.5:6-9)

Jesus het as Christus na ons gekom deur die bloed van sy dood. In die bloed van sy dood dra Hy ons oordeel. Dit is presies wat in die water van sý doop gebeur. In sy doop neem Hy ons plek onder die wet van God in. Johannes beklemtoon dat Christus deur die water én bloed na ons gekom het, om so te wys dat Christus se hele openbare lewe, van begin tot einde plaasbekledend was.

Jesus het nie maar net soos al die ander christusse in die Joodse godsdiens begin as 'n morele godsdienstige of gemeenskapleier nie. Jesus se sterwe en opstanding was van die begin van sy openbare optrede af die inhoud en doel van sy werksaamheid. Jesus het nie eers probeer om 'n wettiese Messias te wees en eers toe niemand Hom as wettiese Christus aanvaar het nie, skielik sy onderneming en optrede verander om te maak asof Hy dan maar moet ly en sterf nie. Christus se doop kan geen misverstand skep oor hoe Hy sy amptelike werk as Messias begin het nie. Johannes die Doper se onwilligheid om Jesus te doop, bevestig dit: die Here het van die eerste oomblik van sy amptelike optrede as Christus sondaars se plek onder die wet van God ingeneem.

Johannes se verwysing dat Jesus na ons gekom het deur die water van sy doop en die bloed van sy dood is 'n direkte verwysing na ons doop en die nagmaal. In ons doop met water ontvang ons ons eenheid met Christus in sy doop. In die nagmaal ontvang ons ons eenheid met Christus in sy dood.

Christus self noem sy lyding en sterwe sý doop. Deur sy lyding en sterwe sy doop te noem, wys Christus wat Hy in die waterdoop deur Johannes vir ons gedoen het en wat ons ontvang wanneer ons gedoop word: "[50] Maar Ek het 'n doop om mee gedoop te word, en hoe benoud word Ek totdat dit volbring is!" (Luk. 12:50)

Volgens Johannes is daar drie wat getuig: die Gees, die water en die bloed, en al drie het presies dieselfde getuienis. Die Heilige Gees gee met die doop en die dood van Christus presies dieselfde getuienis. Christus se waterdoop gaan gepaard met die getuienis van die Heilige Gees: "[32]Verder het Johannes getuig: 'Ek het duidelik die Gees soos 'n duif uit die hemel sien kom, en Hy het op Hom gebly. [33]Ek het self ook nie geweet wie Hy is nie, maar God wat my gestuur het om met water te doop, het vir my gesê: 'Die Een op wie jy die Gees sien kom en bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop." (Joh.1:32,33)

Die getuienis van die Gees is die bevestiging dat die Christus sondaars met die Gees gaan doop. Dit is alles verwysings na Eseg. 36: 24-28:

> "Ek sal julle tussen die nasies uit wegvat, julle uit al die lande bymekaarmaak en julle na julle land toe bring. [25]Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi sodat julle rein kan word. Ek sal julle reinig van al julle onreinheid en van al julle afgodery. [26]Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee. [27]Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom. [28]Julle sal in die land woon wat Ek aan julle voorvaders gegee het, julle sal my volk wees en Ek sal julle God wees."

Die doop waarmee Johannes die Doper gedoop het, is 'n teken van reiniging, soos beloof in vers 25. Die doop waarmee Christus ons doop, is die doop met die Gees volgens die belofte in vers 27. Die Gees waarmee Christus ons gaan doop, is die vervulling van die Abrahamsbelofte: Hy gaan sy Gees in ons gee, Hy gaan ons hart, wat net afgodsdiens wil beoefen, wegneem en Hy gaan ons 'n hart gee wat God se gebooie wil gehoorsaam. Die doop waarmee Johannes die Doper gedoop het, is die vervulling van die teken van die verbondsbelofte.

Wat is die betekenis van die Gees wat soos 'n duif op Christus met sy doop neerdaal? Dit bevestig dat die Heilige Gees deur die lyding en sterwe van Christus gaan werk. Die wyse waarop Christus sy ampswerk begin deur Homself in die plek van sondaars in hul doop te stel, is die manier waarop die Heilige Gees mense gaan insluit in die Abrahamsbelofte. Die Heilige Gees, die waterdoop en die dood van Christus getuig presies dieselfde: Christus neem ons plek onder die wet van God in en in ons vereniging met Christus deel ons in die beloftes van die Gees - die Abrahamsbeloftes. Die Gees bevestig in Christus se doop dat dit is hoe mense met die Heilige Gees gedoop gaan word: hulle gaan ingesluit word in Christus, van sy waterdoop tot in sy dood.

Met watter doop is Christus gedoop? Dit was geen bekeringsdoop nie. Dit was ook geen geloofsdoop nie. Jesus is nie deur Johannes gedoop omdat Hy tot geloof in Homself as Messias gekom het nie.

Christus is met die verbóndsdoop gedoop.

Die verbond in Esegiël 36 is die verbond met Abraham.(Gen.12 en 17). Die waterdoop waarmee Christus gedoop is, is die beloofde waterdoop van Esegiël 36: 25. Dit is die beloofde reinigingswater waarmee God sondaars volgens die Abrahamsbelofte sal was. Hierdie doop met reiningswater wys dat ons deel in al die beloftes van die Gees. Die waterdoop in Esegiël 36 is die verbondsdoop. Christus is met die verbondsdoop van Esegiël gedoop. Christus wys met sy eie verbondsdoop hoe Hy die Abrahamsbeloftes vir mense gaan vervul deurdat Hy sondaars se plek onder die wet inneem. In hierdie plaasbekledende gemeenskap met Christus, Syne is myne en myne is Syne, maak Christus die beloftes van die Gees in mense se lewens waar.

Met watter waterdoop word kinders van die Here gedoop? Dit is die Christusdoop. Dit is nie 'n geloofs- of bekeringsdoop nie. Die doop wys dat hulle met Christus verenig is, nie dat hulle glo of tot bekering gekom het nie. Die waterdoop is teken van die indoop in Christus: "[27] want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee.[28] Daar is nie *meer* Jood of Griek nie, daar is nie *meer* slaaf of vryman nie, daar is nie *meer* man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus.[29] En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename." (Gal.3:27-29 1953-AV)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

In en deur Christene se waterdoop bekragtig Christus self dat hulle met Hom verenig is. Die doop in Christus is die enigste doop wat bestaan. Die waterdoop waarmee Christene gedoop word, kan as teken nooit iets anders wees as dat ons in Christus ingesluit is nie. Omdat ons in Christus ingesluit is, is ons met Christus beklee. Ons word met sy lyding, kruisiging en opstanding beklee.

Met Christus se eie waterdoop tree Hy in gemeenskap met sondaars. Christus se doop is ’n gemeenskapsdoop. Christus se waterdoop is teken dat Hy met ons as sondaars in ’n plaasbekledende en wisselwerkende gemeenskap getree het. Die doop wys dat ons ingesluit is in Christus en deel in hierdie wisselwerkende, plaasbekledende gemeenskap: Syne is myne en myne is Syne:

> Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? [4]Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die wonderbaarlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so ’n nuwe lewe kan lei. [5]Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal ons sekerlik ook met Hom een wees in sy opstanding. [6]Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie. [7]Iemand wat gesterf het, is immers vry van die mag van die sonde. [8]Ons het saam met Christus gesterwe; daarom glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe.” (Rom.6:3-8)

In sy eenheid met ons deel ons in die dood wat Christus as sondaar gesterf het. In ons eenheid met Hom deel ons in die lewe wat Christus as heilige mens leef. In Christus se eenheid met ons sonde  is ons sondige bestaan gekruisig in sý kruisiging. In ons wisselwerkende gemeenskap met Christus as mens vandag, het ons die dood gesterf wat ons as sondaars moes sterf toe Hý die sondaardood gesterf het. In ons wisselwerkende gemeenskap met Christus leef ons vir God die heilige, smetlose, onberispelike en regverdige lewe wat ons vir God moet leef. In die waterdoop wys Christus ons met ’n teken dat Hy ons in hierdie wisselwerkende gemeenskap met Hom insluit.

Die Heilige Gees is die beloofde Gees van die Abrahamsbelofte. Hierdie Gees gebruik die doop as teken. Die Gees bekragtig en verseël met die doop as teken wat Hy met ons doen: Hy sluit ons in Christus in. Deur die doop verseker Hy ook wat met ons gebeur omdat ons in Christus ingesluit is - Hy maak in en deur ons eenheid met Christus al die seëninge van die Abrahamsbelofte vir ons waar. Daarom leef elke gedoopte met die versekering dat alle beloftes van God deur ons eenheid met Christus waar gemaak sal word. “Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is. ... [13]In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël. [14]Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos.” (Ef.1:3; 13,14)

Daarom is daar net één doop: “[4]Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. [5]Daar is net één Here, één geloof, één doop, [6]één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.” (Ef.4:4) Net

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Christus kan die mens wees wat in ander mense se plek ly en gehoorsaam is. Net sy liggaam kan sondestraf dra. Net Christus se liggaam kan 'n plaasbekledende liggaam wees. Net in ons vereniging met Christus is God sy Vader, ons Vader. Net in Christus is ons met God die Vader versoen. Daar is net een geloof: die geloof dat ons ingesluit is in Christus en net in Hom hierdie wisselwerkende gemeenskap, Syne is myne en myne is Syne beleef. Die Heilige Gees is die Gees wat ons insluit in Christus. Daar kan geen ander Gees van God wees as die Gees wat sondaars met Christus verenig nie. Hierdie insluiting en vereniging met Christus is eenmalig. Die Heilige Gees sluit ons net eenkeer in Christus in.

Daarom is daar net één doop: die doop wat die teken is dat die Heilige Gees ons in Christus ingesluit het. Die doop is teken dat ons met Christus as mens verenig is en deur Christus as God met die Vader versoen is. Die doop is teken dat in hierdie insluiting in Christus die Heilige Gees alle Abrahamsbeloftes waar maak.

Dit is nie Johannes die Doper se opvatting oor die doop wat aan die doop sy betekenis gee nie. Jesus wys dat Johannes die Doper se opvatting van Jesus se waterdoop gewoon verkeerd is. Johannes moes net die teken bedien dat die Christus kom en Jesus as Christus aanwys. Johannes het net so min soos die dissipels begrip gehad vir hoe Jesus die Christus gaan wees. Daarom het Johannes selfs later aan Christus begin twyfel: "[2]Johannes het in die tronk gehoor wat Christus alles gedoen het, en het toe deur sy volgelinge 'n boodskap aan Hom gestuur om te vra: [3]"Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?" (Matt. 11:2,3)

Christus is God. Johannes kan nie openbaar hoe Jesus Christus is nie. Dit is Christus self wat in sy doop die betekenis van die doop openbaar: Hy as Christus neem die plek van sondaars in deur met hul doop gedoop te word. Die Gees bevestig in die teken van 'n duif wat verskyn dat Hy as Gees deur die lyding en sterwe, wat Christus in die doop op Homself neem, sal werk. Die Vader verklaar met Christus se doop dat Hy Vader is deur die lyding en sterwe wat Christus in sy doop onderneem: "[16]Jesus is toe gedoop en het dadelik daarna uit die water gekom. Meteens het die hemel bokant Hom oopgegaan, en Hy het die Gees van God soos 'n duif sien neerdaal en op Hom kom. [17]Daar was ook 'n stem uit die hemel wat gesê het: "Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My." (Matt.3:16,17). Jesus se doop is die openbaring van hoe die drie-enige God God is en God gaan wees. Johannes het nie hierdie geloof of kennis oor Christus gehad nie. Hy het net die teken van die verbond bedien.

In sy doop openbaar Christus Homself as die plaasbekledende Messias, openbaar die Heilige Gees Homself as die Gees wat sondaars met Christus verenig en openbaar die Vader Homself as Vader in en deur sy Seun se versoening. Daarom is Christus se doop nie sy geloofsdoop nie. Dit wys nie hoe Christus in God glo nie. In Christus se doop openbaar God wie Hy as Vader, Seun en Gees vir sondaars is.

En dit is presies dieselfde doop waarmee hulle wat in Christus ingesluit is, gedoop word: Christus en hulle wat gedoop word, deel één doop: die doop wat wys op die eenheid wat Syne is myne en myne is Syne in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees is.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hoe raak dit dan babas van gelowiges?

Christus maak die nuwe verbond vir gelowiges waar. Die nuwe verbond is die Abrahamsverbond. Dit wys die boek Hebreërs uitdruklik in hoofstuk 8:6-13

> Maar nou het Jesus ’n voortrefliker priesterdiens gekry deurdat Hy Middelaar is van ’n beter verbond wat op uitnemender beloftes gegrond is. [7]As daar aan die eerste verbond niks kortgekom het nie, sou ’n tweede nie nodig gewees het nie. [8]Maar God bestraf die volk oor hulle tekortkoming deur te sê: “Kyk, daar kom ’n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda ’n nuwe verbond sal sluit.[9]Die nuwe verbond sal nie wees soos dié wat Ek met hulle voorvaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand gevat het om hulle uit Egipte uit te lei nie, want hulle het nie my verbond gehou nie, en Ek het hulle verwerp, sê die Here. [10]Dít is nou die verbond wat Ek met Israel na daardie dae sal sluit, sê die Here: Ek sal hulle my wette in die verstand gee,
> op hulle harte sal Ek dit skrywe; Ek sal hulle God wees, en hulle sal my volk wees. [11]Dan hoef niemand meer sy medeburger te leer en vir sy broer te sê: ‘Jy moet die Here ken’ nie. Hulle almal, klein en groot, sal My ken. [12]Oor hulle ongeregtighede sal Ek genadig wees en aan hulle sondes nooit meer dink nie.” [13]Deur van ’n nuwe verbond te praat, het God die eerste oud verklaar, en wat oud word en uitgedien raak, sal gou verdwyn.

Christus is die Middelaar van die nuwe verbond. Watter verbond is die nuwe verbond? Dit is die verbond volgens Jeremia 31: die verbond met die beloftes dat God nie die volk se sondes sal straf nie; sy wette in hul harte sal gee en die nuwe verhouding só sal laat werk: God sál hul God wees en hulle sál God se wolk wees. Dit is presies dieselfde belofte van Esegiël 36 – die Abrahamsbelofte.

Hierdie belofte het babas van die begin af ingesluit omdat God die belofte só laat werk: God sluit babas van die begin af in die ondernemings in wat Hy vir die ouers uitvoer. Die nuwe verbond wat die Here deur sy lyding en opstanding waar maak, is die Abrahamsverbond, soos wat dit ook in Hebreërs gestel word. Die Here het nie hierdie verbond kom verander nie. Hy het hierdie verbond kom vervul, kinders vanaf hul geboorte by hierdie verbond ingesluit. Daarom stel Paulus dit in Hebreërs dat almal, groot en klein, in hierdie nuwe verbond wat die Here waar maak, die Here ken.

Die ou verbond is die wet. Dit is die verbond wat die Here met die Israeliete gemaak het toe Hy hulle by die berg Sinaï uit Egipte gelei het. Dit is die verbond wat as ’n persoonlike verhouding werk - mense moet deur tussengangers voorgesê word om hul saak met God reg te maak en God se wette te onderhou. As hulle God se wette onderhou, sal God hul God wees. As hulle nie God se wet sou onderhou nie, sou God nie hul God wees nie. Dan sou God hulle vervloek. Hierdie ou verbond word uitgespel in Deuteronomium 28: 1,2 en 15,16

> “As jy goed luister na die Here jou God en jy gehoorsaam al sy gebooie wat ek jou vandag gee, en jy lewe daarvolgens, sal die Here jou God jou oor al die nasies van die aarde stel. [2]“As jy luister na die Here jou God, sal al hierdie seëninge oor jou kom en jou lewe verryk. ... [15]“As jy nie luister na die Here jou God nie en jy gehoorsaam nie al sy gebooie en voorskrifte wat ek jou vandag gee, en jy lewe nie daarvolgens nie, sal al hierdie strawwe oor jou kom en jou tref:[16]“Daar sal ’n vloek op jou rus in die stad, daar sal ’n vloek op jou rus in die oop veld.”

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

As hulle hul sonde bely, berou het, hul sonde laat vaar en aan God gehoorsaam is, dan sal God hul God wees. As hulle nie hul sonde bely, hul sonde laat vaar en ongehoorsaam aan God is, sal God nie hul God wees nie. Kinders kan nie deel van die ou verbond wees nie,want voordat hulle nie doen wat die ou verbond van hulle eis nie, naamlik om die wette van God na te kom, kan God nie hul God wees nie.

Christus maak die nuwe verbond, die verbond van Abraham, waar. Christus maak nie die ou verbond, die wetsverbond van Sinaï waar nie. In die Abrahamsverbond onderneem God self om kinders van verbondsouers deel van sy verbond te laat wees. Christus het nie hierdie belofte kom verander nie. Hy het hierdie belofte kom waar maak. Daarom maak Christus hierdie Abrahamsbelofte, waarby kinders nog altyd ingesluit was, vir kinders waar. Christus maak hierdie belofte waar deur die vereniging: Syne is myne en myne is Syne. Niemand kan buite die vereniging met Christus deel van die Abrahamsbeloftes wees nie. Daarom is babas van verbondsouers in Christus ingesluit en nie maar net in die verbond ingesluit nie.

Christus het nie 'n koninkryk buite sy lyding en sterwe nie. Die wyse waarop hierdie beloftes waar is, is net deur in Christus ingesluit te wees. Daar kan nie 'n onderskeid getref word asof kinders in die verbond is, maar nog nie in Christus is nie. Die verbond buite Christus is nie die Abrahamsverbond nie. Dit is die ou verbond van die wet en bekering volgens die wet. Kinders is uitgesluit uit die ou verbond van die wet totdat hulle self die ou verbond se eise nakom, naamlik om die wet te onderhou.

Babas van verbondsouers word met Christus se doop gedoop. Christus se doop was die verbondsdoop – die doop waarin Christus ook in gemeenskap met babas en kinders wat sondaars is, tree. Die gemeenskap met Christus sluit kinders in. Dit is die betekenis van Christus se gemeenskap met kinders in Lukas:

> Terwyl almal verbaas was oor alles wat Jesus gedoen het, sê Hy vir sy dissipels: "Wat julle betref, hou hierdie woorde goed in gedagte: Die Seun van die mens gaan in die hande van mense oorgelewer word." [45]Maar hulle het hierdie uitspraak nie verstaan nie. Die betekenis daarvan was vir hulle bedek sodat hulle dit nie kon begryp nie, maar hulle was te bang om Jesus daaroor uit te vra. [46]Daar het 'n stryery onder hulle ontstaan oor wie van hulle die belangrikste is. [47]Jesus het geweet met watter gedagtes hulle besig was, en Hy trek 'n kindjie nader om langs Hom te kom staan. [48]Toe sê Hy vir hulle: "Elkeen wat hierdie kindjie in my Naam ontvang, ontvang My, en elkeen wat My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het. Wie die minste onder julle almal is, hý is groot. (Luk. 9:44-48)

Terwyl Jesus se dissipels stry oor wie die naaste aan Hom is, laat Jesus 'n kindjie by Hom kom staan. Met hierdie handeling wys die Here hoekom die dissipels nie sy lyding en opstanding kan begryp en glo nie. Lukas wys in die lydingsaankondigings dat die dissipels nie verstaan wat die Here vir hulle sê nie (Luk.9:45; 18:34) Die lyding en opstanding van die Here was vir hulle onbegryplik, onverstaanbaar, bedek en verduister. Dit is eers as hulle die opgestane Here ontmoet dat hulle die betekenis van sy lyding en opstanding begryp en glo. (Luk.24:45).

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hierdie onbegrip vir die Here se lyding en opstanding gaan oor hul magshouding – die dissipels stry oor wie van hulle die belangrikste is. Hierdie stryery volg op die Here se verheerliking op die berg. Hier het die Here self net drie van die dissipels - Petrus, Johannes en Jakobus - gekies om getuies te wees van sy ontmoeting met Moses en Elia. Die ander dissipels het nie vir Moses en Elia gesien nie. Die Here het hierdie drie ook beveel om nie hieroor te praat nie. Hierdie verskyning en vertroulikheid tussen hulle en die Here het hulle waarskynlik die gevoel gegee dat hulle nader aan Jesus is as die ander dissipels, wat tot die stryery oor belangrikheid aanleiding gegee het.

Hierdie gestry is nie maar net gewone grootheidswaan nie. Die stryery gaan oor ’n opvolgstryd onder die dissipels: wie gaan Jesus eendag opvolg as Hy doodgaan. Omdat hulle glo dat hulle die Here na sy dood gaan opvolg en dieselfde magsposisie as Hy by God sal beklee, verstaan hulle nie dat Hy praat van sy plaasbekledende lyding en opstanding nie. Hierdie magstryd het volgens Lukas aan die tafel, waar die Here die nagmaal vir sy dissipels ingestel het, nog steeds gewoed. (Luk. 22:24)

Dit is die magstryd van die bekeerdes en gehoorsames: hulle is die mense wat met hul gehoorsaamheid aan God die naaste aan Christus is. Hulle is die mense waardeur God sy mag op aarde gaan uitoefen.

Die Here wys hulle wie die naaste aan Hom is: ’n klein kindjie, ’n klein, onbekeerde kindjie deur wie God se krag en mag nog nie kan werk nie. Hierdie nabyheid aan die Here is nie maar net ’n sentimentele gebaar oor die broosheid, afhanklikheid, ontvanklikheid en innigheid van kinders nie. Dit is nog minder ’n teken van die uniekheid van kinders se geloof. Die Here gee vir hulle ’n teken oor die betekenis van sy lyding en sterwe, nie oor die “kinderlike geloof” van kinders nie. Die Here gee vir hulle ’n teken oor die betekenis van sy lyding en opstanding wat hulle nie in hul geestelike magsug begryp nie. Niemand kan nader aan die Here wees as hierdie kindjie nie, want Christus sluit hierdie kindjie in sy gemeenskap in, die gemeenskap van sy lyding en opstanding. Daarom moet hierdie kindjie in die Naam van die Here ontvang word.

“In die Naam van die Here ontvang” beteken om te ontvang op grond van hulle insluiting in Christus. Daarom, wie ’n kindjie ontvang as ingesluit in Christus, ontvang Christus en God die Vader self. Christus bemagtig nie bekeerdes en gehoorsames met die mag van God nie. Christus bemagtig ook nie kinderlike afhanklikes nie. Christus sluit geestelike onmondige en onmagtige kinders in sy gemeenskap in: in die gemeenskap van sy lyding en opstanding.

Jesus se uitspraak, “Wie die minste onder julle almal is, hý is groot”, is nie ’n magspreuk nie. Dit wys nie die dissipels hoe hulle die mag wat hulle soek, kan kry nie. Dit wys nie dat die kinderlikste, afhanklikste, ontvanklikste dissipel, wat hom soos ’n kind probeer gedra, die magtigste dissipel gaan wees nie. Dit wys hoe die lyding en opstanding van Christus wat vir die dissipels duister is, werk. Dit wys hoe sondaars ingesluit word in die gemeenskap met Christus. Nie deur volwasse bekerings of selfs kinderlike geestelike afhanklikheid nie; nie

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

deur egte oorgawes, goddelike verskynings van Moses en Elia of kragvolle gehoorsaamheid aan God nie. Onbekeerde en geestelik onmondige sondaars word deur die Here ingetrek in sy gemeenskap, net soos Hy kindertjies in sy gemeenskap intrek en in sy lyding en opstanding laat deel. Net soos die Here hierdie ongelowige, magsugtige dissipels vashou in die gemeenskap van sy lyding en opstanding!

Dit is presies die inhoud van die Here se spreuk aan die nagmaalstafel oor wie die belangrikste is. Die Here lewer die uitspraak as antwoord op hul aanhoudende stryery oor wie die meeste geestelike mag het om die Here op te volg en wat aangehou het selfs terwyl die Here die nagmaal instel,:

> By die nasies is dit so: konings speel oor hulle baas, en dié wat gesag afdwing, laat hulleself weldoeners noem. [26]Maar by julle moet dit nie so wees nie. Inteendeel, die belangrikste onder julle moet soos die geringste wees, en die een wat die leier is, soos die een wat dien. [27]Wie is die belangrikste: die een wat aan tafel is, of die een wat bedien? Tog hy wat aan tafel is, nie waar nie? Maar Ek is in julle kring soos die een wat dien." (Luk. 22:25-27)

Christus gaan hulle nie in 'n posisie plaas om God se mag oor ander mense te laat geld nie. Christus gaan hulle nie as geestelike of godsdienstige leiers bemagtig nie. Christus gaan hulle in die posisie plaas waarin Hy hulle aan die nagmaalstafel plaas, as sondaars wat Hy met sy lyding en opstanding bedien. Hy gaan hulle insluit in die gemeenskap van sy lyding en opstanding. Hulle sal geen krag, mag, beheer van God kan kry, of namens God uitoefen nie. Hulle sal net die doop en nagmaal as tekens kan bedien. Dit is die teken van Christus wat die Abrahamsbelofte, en geen ander beloftes nie, vir kindertjies én grootmense waar maak. (Luk. 1:72-74)

Die verbondsdoop is die teken waarmee die Heilige Gees verseël dat Hy al die Abrahamsbeloftes waar maak deur mense in Christus in te sluit. Die verbondsdoop is die doop wat bekragtig dat mense ingesluit is in die wisselwerkende gemeenskap met Christus: Syne is myne en myne is Syne. Die verbondsdoop is die doop wat verseker dat ons in Christus heilig is omdat Christus in ons plek sondaar was. Die verbondsdoop is die doop wat bekragtig dat ons met God versoen is omdat Christus in ons plek as sondaar behandel is.

Daar is net één doop: die verbondsdoop in Christus waarin groot en klein, volwassenes en babas presies dieselfde doop deel waarmee Christus gedoop is – die doop van sondaars. In hierdie doop was Christus sondaar tussen sondaar, net soos Hy aan die kruis sondaar tussen sondaars was. Deur die doop in Christus is sondaars geheilig in Christus.

Die dissipels het voor die opstanding van Christus nie in die doop as teken van die plaasbekledende gemeenskap met Christus geglo nie. In die Markusevangelie is die doop deel van Christus se antwoord op die magsversoek van Johannes en Jakobus:

> Hulle het Hom geantwoord: "Wanneer U as koning heers, laat ons dan langs U sit, die een aan u regterhand en die ander een aan u linkerhand."[38]"Julle weet nie wat julle vra nie," sê Jesus vir hulle. "Kan julle die lydensbeker drink wat Ek drink, of met die doop gedoop word waarmee Ek gedoop

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> word?"[39]"Ons kan," sê hulle vir Hom. Daarop sê Jesus vir hulle: "Die beker wat Ek drink, sal julle drink, ja, en met die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word. [40]Maar om aan my regter- of my linkerhand te sit, daaroor besluit Ek nie; dit is vir dié vir wie God dit gereed gemaak het." (Mark. 10:37-40)

In hoofstuk 13 het ons gesien dat die dissipels in hierdie gesprek oor wie die Here se plek na sy dood sal inneem, geglo het dat hul gehoorsaamheid aan Christus hulle in die magsposisie plaas dat God sy mag deur hulle sal laat geld.

In hierdie selfbemagtiging het die doop en nagmaal vir hulle 'n totaal ander betekenis aangeneem as die betekenis wat Christus daaraan gee. Hulle het geglo dat hulle met die doop van Christus, waarmee Hy in Jerusalem gedoop gaan word, gedoop kan word. Hulle het geglo dat hulle die lydensbeker, wat Hy in Jerusalem gaan drink, kan drink.

Vir Christus is die doop en nagmaal tekens dat hulle in sy plaasbekledende lyding en opstanding sal deel. Die teken van die beker en doop sal tekens wees waarmee Hy as teenwoordige Here hulle sal verseker dat Hy hulle in Hom inlyf en in gemeenskap met Hom laat leef.

Vir hulle het hul doop deur Johannes en die nagmaal met die instelling deur die Here nog nie hierdie betekenis gehad nie. Aan die nagmaaltafel het hulle gestry oor wie Christus se geestelike magsposisie ná sy dood gaan inneem.(Luk. 22:24) Hulle het nie geglo dat Christus uit die dood sal opstaan en hulle in Homself sal insluit nie.

Hulle het aan hul doop deur Johannes presies dieselfde waarde geheg as die geloof wat hulle toe nog in Jesus as die Christus gehad het. Hulle het geglo dat hulle die bekeerdes is wat Christus sal opvolg wanneer God nie meer deur Hom uit Jerusalem oor al die ongehoorsames en wetverbrekers sal regeer nie. In Christus se afwesigheid sal hulle doen en wees wat Christus op aarde was. In hierdie geloof dat hulle Christus se posisie sal oorneem, was hul doop deur Johannes vir hulle 'n bekeringsdoop. Dit was nie 'n doop wat hulle inlyf in die gemeenskap met die dood en opstanding van Christus nie. Die doop deur Johannes was teken van hul bekeringspiritualiteit: Jesus moet vir hulle die spiritualiteit instel en vestig dat God sy mag deur bekeerdes sal laat geld. Hul doop was vir hulle die teken dat hulle Christus eers sal ondersteun om hierdie mag van God in Jerusalem te vestig en dan met sy dood en afwesigheid hierdie posisie by Hom sal oorneem.

Daarom was die Messiaanse betekenis, wat húlle aan die doop gegee het, nie 'n teken van wat Christus deur sy Gees sal gebruik om hulle te verseker van hul inlywing in sy sterwe en opstanding nie. Hulle het nie in sy lyding en opstanding geglo nie. Hul waterdoop was vir hulle 'n magsritueel:'n teken dat hulle deur hul bekering, en as bekeerdes, die Messias gaan help om sy mag te vestig en dit namens Hom sal uitoefen.

Hulle het Jesus as 'n Joodse spirituele leier gesien. Jesus se spiritualiteit moes die middel wees waardeur God sy mag sou vestig en sou laat geld. Hulle het geglo dat hulle deur hul

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

bekering en navolging die draers van Christus se spiritualiteit is. Met Jesus se dood sou God sy mag deur hulle as die draers van Jesus se spiritualiteit in stand hou, uitoefen en uitbrei.

Hierdie omvorming van Jesus, wat self die Christus is, tot Jesus as die vestiger van die spirituele eenheid met God, omvorm die betekenis en werking van die sakramente. Dit omvorm die tekens waarmee Jesus Christus insluiting in Hom bekragtig en verseker, na tekens waarin en waardeur mense hul spiritualiteit wat hulle met Jesus deel, wil ten toon stel.

Op hierdie wyse word die tekens wat Christus gebruik, omvorm tot tekens waardeur mense aan God sigbare bewys van hul identiteit met Hom gee. Dit is nie meer tekens waardeur God aan mense 'n teken van hul eenheid met Christus in sy menswees gee nie. Dit is nie meer tekens waardeur Christus werk nie, tekens waarin God mense se eenheid met Christus verseker nie. Dit word tekens waardeur bemagtigde geestelikes werk. Deur hierdie tekens vertoon hulle hul spiritualiteit aan God en mense.

Dit is die magstryd wat afspeel in die poging van Joodse Christene om die gelowiges uit die heidendom te laat besny. Hulle wil die tekens van en oor Christus magsrituele van Joodse spiritualiteit maak.

Ons moet steeds in gedagte hou dat hierdie magstryd om die sakramente na magsimbole te verander, nie 'n stryd was van die bediening van die waterdoop teenóór die bediening van die besnydenis nie. Die Joodse Christene se magshouding was dat almal gedoop én besny moes word. Twee tekens! Nie net een teken nie! Dit was Joodse Christene se wil. Hulle was nie Jode wat die doop met die besnydenis teengestaan het nie. Hulle wou die doop van Christene uit die geledere van die heidene met die besnydenis aanvul. Hul besnydenis moes hul doop bevestig.

Christus se verkondiging was dat Hý as Christus hul besnydenis vervang, nie bevestig nie. (Joh.7: 22,23) Paulus stel ook dat die insluiting in Christus die betekenis van die besnydenis vervul:

> Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis deur Christus, en dit bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens. [12]Dit het by die doop gebeur deurdat julle toe saam met Hom begrawe is. Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook saam met Hom opgewek, omdat julle geglo het in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het. (Kol .2:11,12)

Die stelling is helder en duidelik: Christene is besny deur hul verbondenheid met Jesus Christus. Die insluiting en eenheid met Christus is waaroor die teken van besnydenis gaan. Daarom word alles wat God deur hierdie eenheid met Christus doen, "besnydenis" genoem. Die nuwe mens wat God ons laat wees, is alles deur hierdie besnydenis - die inlywing in Jesus Christus. Die effek van hierdie besnydenis in Christus is dat ons die nuwe beloofde hart en verstand kry wat op die wil van God volgens die Abrahamsbelofte ingestel is. Hierdie "besnydenis" gebeur deur die eenheid met Christus in sy menswees in die hemel.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

In Filippense 3 stel Paulus die betekenis van die besnydenis só:

> Ons het die ware besnydenis, óns wat God deur sy Gees dien, óns wat ons op Christus Jesus beroem en nie op uiterlike dinge vertrou nie. (v.3) ... [10]Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, [11]in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood.[12]Ek sê nie dat ek dit alles al het of die doel al bereik het nie, maar ek span my in om dit alles myne te maak omdat Christus Jesus my reeds Syne gemaak het. (Fil.3:3;10-12)

Vir Paulus is alles wat die mens vir God doen "uiterlike dinge". Die mens se bekering, toewyding, aanbidding, oorgawe en liefde is alles uiterlike dinge. Die innerlike saak is ons eenheid met die dood en opstanding van Jesus Christus. Die eenheid met Christus in hierdie wisselwerkende gemeenskap, Syne is myne en myne is Syne, is die ware besnydenis. Die besnydenis as teken is volgens Paulus teken van die insluiting en die wisselwerkende gemeenskap met Christus in sy menswees. Daarom vervul die eenheid met Christus die betekenis van die besnydenis as sakrament.

Daarom stel Paulus dat daar nie iets kan wees soos twee tekens waarmee Christene verseël moet word nie. Dit kan nét die doop wees, sonder 'n verdere teken. Enige ander teken naas en saam met die doop vernietig nie net die betekenis van die doop nie, maar maak dat Christus self geen betekenis meer vir hierdie mense sal hê nie: "[2]Kyk, ek, Paulus, sê vir julle: As julle julle laat besny, sal Christus vir julle geen betekenis hê nie." (Gal.5:2) Die verskil tussen nét doop of doop en nog ander tekens, is die verskil tussen eenheid en gemeenskap met Christus of afgodsdiens buite die gemeenskap met Christus.

Watter betekenis het die doop gehad vir Joodse Christene wat geëis het dat gelowiges uit die heidendom nie net gedoop moes wees nie, maar ook besny moes word? Dit sien ons in die eerste meerdere kerkvergadering wat gehou was, die gesamentlike kerkvergadering van die gemeentes Antiogië en Jerusalem in Handelinge 15. Die kwessie wat ter sprake was, was die eis wat die Joodse Christene uit Jerusalem aan die Christene uit die nie-Joodse gemeenskappe gestel het:

> "Daar het mense van Judea af gekom en die gelowiges wysgemaak: 'As julle nie die gebruik van Moses nakom deur julle te laat besny nie, kan julle nie gered word nie."[2]Toe Paulus en Barnabas hulle daarteen verset en in 'n heftige meningsverskil met hulle betrokke geraak het, is daar besluit dat hulle twee en nog 'n paar ander van die gemeente na die apostels en ouderlinge in Jerusalem moet gaan in verband met hierdie vraagstuk." (Hand.15:1,2)

Hulle stel dat mense uit nie-Joodse gemeenskappe, wat in Christus glo en gedoop is in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nie gered kan wees indien hulle nie ook besny word nie. Die saak is helder en duidelik: geloof in Christus alleen kan jou nie red nie! Daarom moet daar vir Joodse Christene twee rituele wees - doop én besnydenis!

Die brief aan die Galasiërs is ná hierdie vergadering aan die gemeentes, wat tydens Paulus se eerste sendingreis tot stand gekom het, gerig. Hierdie gemeentes was nes die gemeente in

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Antiogië ook met dieselfde standpunt deur Joodse Christene gekonfronteer: hulle kan nie gered wees nie al glo hulle in Christus en al is hulle gedoop! Hulle moet ook nog eers besny word.

In die brief aan die Galasiërs stel Paulus die inhoud van die evangelie teenoor hierdie opvatting van doop én besnydenis. Dit wys ons wat Paulus se standpunt was by hierdie eerste meerdere kerkvergadering oor die eis van Joodse Christene van twee tekens, doop én besnydenis:"Daardie mense wat so daarop aandring dat julle julle ook moet laat besny, wil maar net uiterlik 'n goeie indruk maak, sodat hulle nie vervolg sou word ter wille van die kruis van Christus nie. [13]Al het hulle hulle laat besny, onderhou hulle self nie die wet van Moses nie, maar hulle wil net hê dat julle julle moet laat besny sodat hulle kan roem oor wat met julle liggaam gebeur het." (Gal.6:12,13)

Dit is die Joodse Christene se standpunt: die besnydenis gaan oor bekering en gehoorsaamheid aan God volgens sy wet. Maar in die evangelie gaan dit oor redding alleen deur die kruis van Christus, sonder die bekering van die wet. Die uiterlike goeie indruk gaan oor al die geestelike dade van bekering, toewyding, gebed, liefde en gehoorsaamheid. Maar dit is die ironie! Dit wat hulle voorhou as synde nodig vir redding, bekering, berou, sondebelydenis en liefde, doen hulle self nie soos wat die wet dit eis nie. Daarom is dit net "uiterlike dinge (Fil.3:4) en die besnydenis waarin hulle as teken van hierdie bekeringsvroomheid glo, is 'n nuttelose vertoning van 'n uiterlike saak.

Hierdie Joodse Christene se standpunt, dat mense wat in Christus glo en gedoop is, nie gered is voor hulle tot bekering gekom het en besny is nie, was so sterk dat selfs Petrus en Barnabas, wat Paulus se medewerker was, hulle deur hierdie standpunt laat intimideer het:

> Toe Sefas egter later na Antiogië toe gekom het, het ek my openlik teen hom verset omdat sy optrede duidelik verkeerd was. [12]Voordat daar van Jakobus se mense aangekom het, het Sefas gewoonweg saam met nie-Joodse gelowiges geëet. Maar toe dié mense daar aankom, het hy hom onttrek en hom eenkant begin hou, omdat hy bang was vir die voorstanders van die besnydenis. [13]Die ander Joodse gelowiges het ook saam met hom begin huigel, en selfs Barnabas het hom deur hulle huigelary laat meesleep. (Gal.2:11-13)

Om nie deur die Joodse Christene in Jerusalem daarvan verdink te word dat hulle met onrein en ongeredde heidene gemeenskap gehad het nie, het hulle hulself onttrek van Christene uit nie-Joodse gemeenskappe, wat nie besny was nie,.

Hoe kan mense wat in Christus glo en gedoop is volgens die Joodse Christene nie gered wees nie? Wat het hulle geglo doen die besnydenis meer as die doop en geloof in Christus?

Die antwoord gaan oor die Joodse gemeenskap se identiteit met die beloftes van God. Voor Christus se koms was die Joodse volk en gemeenskap as volk en gemeenskap, nie net as geloofsgemeenskap nie, die draers van die beloftes van God. "Hulle is tog Israeliete; vir hulle het God as sy kinders aangeneem en in sy heerlikheid was Hy by hulle; met hulle het Hy die

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

verbonde gesluit en aan hulle die wet van Moses gegee, asook die tempeldiens en die beloftes; [5]hulle stam van die aartsvaders af, en uit hulle is die Christus as mens gebore—Hy wat God is, verhewe bo alles en lofwaardig vir ewig! Amen." (Rom.9:4,5)

Die enigste gemeenskap waarin gelowiges binne God se beloftes voor Christus se koms kon leef, was binne die Joodse gemeenskapslewe. Daar was geen ander gemeenskap waarin gelowiges as gemeenskap kon funksioneer nie. Net die Joodse gemeenskap het sy gemeenskaplewe volgens die beloftes en wet van God ingerig.

Hierdie besondere heilsplek wat die Joodse gemeenskap in die raad van God ingeneem het, is egter deur die Jode verwring. Daar is 'n verskil om draer van die beloftes te wees en om die Een te wees wat die beloftes van God verwesenlik. Vir hulle was die Joodse gemeenskap nie meer die draers van die beloftes van God nie. Hulle het geglo dat hul identiteit as Jode die beloftes van God waar maak. Hulle het hulself bemagtig en hul Joodse identiteit en spiritualiteit as die middels gesien waarin en waardeur mense aan God se goedheid en seën deel kry.

Paulus wys daarop dat die Joodse gemeenskap draer van die beloftes van God was, maar dat Joodse identiteit en spiritualiteit nie die wyse is waarop God sy genade meedeel nie. God deel sy genade mee deur self die beloftes te vervul en waar te maak. Joodse identiteit en spiritualiteit maak nie God se beloftes waar nie:

> Dit wil nie sê dat die woord van God nie meer geld nie. Immers, nie almal wat van Israel afstam, is werklik Israel nie; [7]en nie almal wat nakomelinge van Abraham is, is werklik kinders van Abraham nie. Inteendeel, die belofte was: "Uit Isak sal daar vir jou 'n nageslag kom." [8]Dit wil sê: Dit is nie die kinders wat in die gewone gang van die lewe gebore is, wat kinders van God is nie; dit is die kinders wat kragtens die belofte van God gebore is, wat as Abraham se nageslag gereken word. (Rom. 9:6-8)

Nie almal wat deel van die Joodse identiteit en spiritualiteit is, is deel van die beloftes van God nie. Net hulle vir wie God self die beloftes waar maak, is deel van die beloftes van God.

Dit was en is nog steeds die betekenis van die besnydenis vir die Joodse gemeenskap: dit is die teken van Joodse identiteit en spiritualiteit en hierdie Joodse identiteit is die wyse waarop jy aan God se goedheid en genade deel kry. Sonder Joodse identiteit en spiritualiteit kan jy nie gered word nie, want dít is waardeur God sy genade meedeel.

As jou Joodse identiteit jou egter in die beloftes van God laat deel, watter betekenis het hierdie Joodse Christene dan nog aan die doop geheg want hulle was voorstanders van besnydenis én doop!

Vir hulle was die doop net 'n bekeringsdoop! Iets hiervan kom na vore in die insident toe Paulus 'n groepie gelowiges in Efese teëgekom het en hy hulle oor die Heilige Gees uitgevra het. Dit was waarskynlik Jode wat deur dissipels van Johannes die Doper gedoop was:

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> Terwyl Apollos in Korinte was, het Paulus deur die binneland gereis en in Efese gekom. Daar het hy 'n groepie gelowiges gekry [2]vir wie hy gevra het: "Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het?""Ons het nog nie eens gehoor of die Heilige Gees al gekom het nie," het hulle geantwoord.[3]"Watter soort doop het julle dan ontvang?" vra hy toe."Die doop van Johannes," antwoord hulle.[4]Daarop sê Paulus: "Johannes het die mense gedoop as hulle hulle bekeer het. Maar hy het vir die volk gesê dat hulle in die Een moet glo wat ná hom kom, dit is in Jesus."[5]Toe hulle dit hoor, het hulle hulle in die Naam van die Here Jesus laat doop. [6]Paulus het hulle ook die hande opgelê. Toe het die Heilige Gees op hulle gekom, en hulle het ongewone tale of klanke gebruik, en hulle het geprofeteer. [7]Hulle was altesaam omtrent twaalf. (Hand.19:1-7)

Hierdie mense was met die doop van Johannes gedoop, maar hulle het nie geweet Jesus is die Christus wat gesterf het en uit die dood uit opgestaan het nie. Hulle het ook nie geweet dat Jesus as Christus die gawe van die Heilige Gees gee om sondaars in Hom as lewende en teenwoordige Here in te sluit nie: "[33]Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort." (Hand. 2:33) Daarom het hulle hul waterdoop glad nie as 'n teken van die vervulling van die beloftes van God deur Jesus Christus gesien nie. Vir hulle was dit net 'n bekeringsdoop. Dit was net 'n teken dat hulle hulself van hul sondes bekeer het. Waar die waterdoop nie meer 'n teken van die vervulling van die beloftes deur die Christus is nie, maar net 'n teken is van die belydenis van sonde, die berou en wegkeer van sondes, is dit glad nie meer die doop van Johannes die Doper, dit wil sê, die Christelike doop nie. Sulke mense moet tot geloof in Jesus kom en glo dat Hy die Christus is en moet in sy Naam gedoop word.

Dat die Joodse Christene hul eie doop in die Naam van Christus as bekeringsdoop gesien het, word bevestig in die verband wat Paulus stel tussen hierdie Joodse Christene se besnydenis en hul Christusverkondiging:

> [2]Kyk, ek, Paulus, sê vir julle: As julle julle laat besny, sal Christus vir julle geen betekenis hê nie. [3]Ek sê dit weer nadruklik vir elkeen wat hom laat besny: Hy is verplig om die hele wet van Moses te onderhou. [4]Julle wat van julle sonde vrygespreek wil word deur die wet te onderhou, julle het julle band met Christus verbreek, julle het die genade van God verbeur. [5]Wat ons betref, deur die werking van die Gees is dit ons hoop en verwagting dat ons deur te glo, vrygespreek sal word. [6]In Christus Jesus is dit nie van belang of jy besny is of nie. Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan. (Gal.5:2-6)

Die Joodse Christene het geglo hulle word vir God regverdig deur die wet te onderhou en wel deur hul bekering, liefde en gehoorsaamheid aan die wet. (Gal.2:15,16) Daarom het hulle ook geglo dat hulle die Heilige Gees deur hul bekering en gehoorsaamheid ontvang. (Gal.3:1-6) Die nuwe Christelike lewe was vir hulle 'n lewe waarin jy jouself vir God reg laat wees deur jou te bekeer en sy wet te onderhou.(Gal.5:18; 25). Hulle het geglo hul bekering en gehoorsaamheid maak van hulle tussengangers tussen God en mense. (Gal.3:20) Daarom het hulle ook geglo dat bekeerdes en gehoorsames weer al die seremonies van die wet moet onderhou. (Gal.5:10)

Wat bly oor van geloof in Christus in hierdie siening van bekering en wet? Paulus sê dat die Christus in wie hierdie Joodse Christene glo, geen betekenis het nie. Alles wat Christus is,

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

word weer deur die wet en bekering volgens die wet vervang. Al wat van Christus in hierdie wet- en bekeringsopvattings van die Joodse Christene oorbly, is ’n leë betekenislose naam. Alles wat Christus is en doen, het in hierdie wet- en bekeringsopvatting van die Joodse Christene verlore gegaan.

As jou identiteit met die Joodse spiritualiteit jou laat deel in die beloftes van God en jou bekering tot Christus net weer ’n morele bekering is, dan het Christus presies weer dieselfde betekenis wat Hy vir die dissipels gehad het voordat Hy uit die dood uit opgestaan het: Christus gaan die bekeerdes bemagtig as die mense deur wie God sy mag en wil op aarde laat geld. Christus gaan die bekeerdes en gehoorsames die mense maak deur wie God sy koninkryk gaan laat kom.

Volgens hierdie magsopvatting is die doop die teken dat jy nadoen wat Christus in sy lyding en opstanding gedoen het. Sy lyding en opstanding word geherinterpreteer as sy magsdade waardeur Hy die mag van sy Joodse spiritualiteit as God se mag op aarde gevestig het. Daarom moet jy ook die magsdade van Christus in sy lyding en opstanding nadoen. Deur jou bekering moet jy jou self doodmaak en vir God nuut opstaan. Die doop is die openbare vertoning van jou innerlike identiteit met God - God laat sy mag in jou woon en deur jou werk, net soos wat God dit met Christus sou gedoen het. Vir Joodse Christene was hul doop ’n magsdaad van gehoorsaamheid aan Christus om in sy mag te deel. (Mark.10:38,39)

Die besnydenis was die teken van hul insluiting in die Joodse identiteit en hul doop was die teken van hul spiritualiteit dat hulle hulself bemagtig het om bouers en handhawers van hierdie identiteit met God te wees. Daarom wou hulle alle gelowiges weer aan al die Joodse identiteitsimbole verbind. Daardeur was die Joodse Christene in Jerusalem die tussengangers tussen gelowiges en God, en was Jerusalem die setel van spiritualiteit.

Jesus Christus het met sy koms as mens die posisie van Israel as draer van die beloftes van God vervang. Die Matteusevangelie stel dit só: “[14]Josef het toe opgestaan en in die nag die Kindjie en sy moeder geneem en na Egipte toe vertrek [15]en daar gebly tot die dood van Herodes. So is vervul wat die Here deur ’n profeet gesê het: ‘Uit Egipte het Ek my Seun geroep’.” (Matt.2:14.15) Jesus is die Seun van God, wat die plek van Israel as draer van die beloftes uit Egipte geroep het, vervul. In Jesus se vlug en uittog uit Egipte wys God dat Christus Israel wat na Egipte gegaan het en as volk van God uit Egipte na Palestina geroep is, vervang.

Dit is ook wat Paulus oor Christus in Rom.15:8 getuig: “Ek bedoel dít: Christus het gekom om in belang van die Jode ’n dienaar te word; Hy moes vir hulle die waarheid van God bevestig deur die beloftes wat die voorvaders ontvang het, waar te maak.” Christus ontvang die beloftes van God en maak die beloftes waar. Daarmee neem Christus die posisie in dat nét Hy die draer en vervuller van die beloftes is, nie bemagtigde Jode, met hul Joodse identiteit en Joodse spiritualiteit nie; ook nooit weer enige ander gelowige of geestesgemeenskap nie. Net Christus het die beloftes ontvang en vandag is net Hý die draer en vervuller van hierdie

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

beloftes. Paulus wys die gelowiges in Galasië daarop dat Christus die enigste nakomeling van Abraham is wat al die beloftes van God ontvang en waarmaak:

> [16]God het sy beloftes aan Abraham en aan sy nakomeling gegee. Daar staan nie "aan nakomelinge", meer as een nie, maar: "en aan jou nakomeling" net een, en hierdie nakomeling is Christus.[17]Hiermee wil ek dit sê: God het 'n verbond met Abraham gesluit en dit tóé al geldig gemaak. Die wet, wat eers vier honderd en dertig jaar later gekom het, kan nie hierdie verbond ongeldig maak, sodat God se belofte aan Abraham nie meer sou geld nie. ... [20]Maar as daar net één is wat handel, is 'n tussenganger nie nodig nie, en God ís net een. (Gal.3:16,17; 20)

Die verbondsbeloftes was al vir Abraham waar deur dit wat Christus vir hom sou doen aan die kruis. Die verbondsbeloftes kon nie vir Abraham waar gewees het deur Israel as volk nie, want hierdie volk het eers 430 jaar later tot stand gekom. Vir Abraham kon die beloftes dus onmoontlik deur sy Joodse identiteit en Joodse spiritualiteit waar geword het. Alles wat die Joodse identiteit en spiritualiteit inhou, het eers volgens die Jode self met Moses gestalte gekry. Daarom het God vir Abraham ook die beloftes op grond van wat Christus as sy nakomeling sou doen, waar gemaak.

Die betekenis van die besnydenis verval omdat Christus die plek van Israel as draer en vervuller van die beloftes oorneem. Omdat Christus die beloftes vervul, is die doop die teken waarmee Christus verseker dat ons in Hom ingelyf is en daarom deel het aan die beloftes van God.

In die moderne Christelikheid is die doop nie meer die teken van inlywing in en die plaasbekledende gemeenskap met Christus in sy menswees nie. Die doop is vir dié spiritualiteit die teken van spirituele belewenis van God wat "bekering" genoem word.

Die moderne Christendom se opvatting is dat Christus vir hulle 'n nuwe identiteit met God kom vestig het. Christus is vir hulle die eerste mens in wie God en mens een geword het. Met hierdie eenwording tussen Christus se menswees en God se Godheid glo hulle Christus het 'n nuwe goddelike identiteit vir mense kom vestig. Elke mens kan nou hierdie Goddelike identiteit, wat Jesus gevestig en ervaar het, ook beleef as jy deur Jesus met God identifiseer. Christus is vir hulle die grondlegger van identifikasie met God.

Dit is die nuwe betekenis wat hulle aan Jesus se doop heg. In sy doop het Hy die Gees van God ontvang en het sy Gees en God se Gees een Gees geword. Daarom is sy doop die voorbeeld van hoe mense gedoop moet word - as teken dat hul Gees en God se gees een gees "in Jesus" geword het.

Die wyse waarop mense aan hierdie nuwe spiritualiteit met God kan deel kry, is deur bekering! Dit is egter 'n baie spesifieke soort bekering – die bekering waarvan Jesus se lewe 'n voorbeeld is!

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Vir hulle het Jesus ’n nuwe soort bekering ervaar. Jesus het Hom in sy lyding, kruisiging, sterwe en dood van sy menswees afgekeer. Dit was Jesus se wyse om sy menswees af te lê en niks te laat word nie. Jesus het in sy kruising die voorbeeld van die afhanklike, ontvanklike en gewillige mens, wat homself vir God niks maak, geword. Omdat Jesus sy menswees afgelê het, kon God in Hom opstaan en in Hom begin lewe. Jesus se bekering is dat Hy God se goddelikheid in Homself ingekeer het. Daarom is hul doop vir hulle ’n bekeringsdoop en Jesus die voorbeeld van hul bekeringsdoop.

Bekering beteken egter nie bloot net om jou sondes te erken, jou sondes te bely, jou van jou sondes weg te keer en jou aan die wil van God te verbind nie. Die bekering wat jou toegang tot die doop gee, is om die nuwe geestelike bekering, waarvan Jesus met sy lewe ’n voorbeeld was, te ervaar. Bekering in hierdie spiritualiteit is altyd om God in jou lewe te nooi sodat God in jou lewe kan inkom, en dít noem hulle “wedergeboorte”. Wanneer God in jou lewe inkom, dan word jy deel van die spiritualiteit van Jesus - die eenheid wat Hy met God in Homself ervaar het.

Vir hulle is dit die proses waardeur Jesus met sy lyding en opstanding sou gegaan het: Hy sou met God geïdentifiseer het en daarom is sy identifikasie met God sy groot bekering waardeur Hy God in mense ingekeer het. Daarom word die doop in die moderne Christelikheid die teken van identifikasie met God en die spiritualiteit van goddelike lewe. Hulle maak van Jesus se lyding en opstanding sy proses van identifikasie met God. Hierdie identifikasie-proses na aanleiding van die voorbeeld van Jesus noem hulle bekering. Daarom noem hulle identifikasie met die doop van Jesus die bekeringsdoop.

Vir hulle is die doop die uiterlike teken van hierdie innerlike Godsgebeure binne-in hulle. Hulle moet eers hul eie menslikheid ontken; hul eie ek doodmaak en afsterf. Wanneer hulle hulself afsterf, kom God in hulle in en staan hulle as nuwe mense op, mense in wie God leef. Die doop is vir hulle ’n ritueel wat hierdie identifikasieproses met God uitbeeld - soos wat hulle in die water ingaan as ou mense, sterf hulle hul eie ek en eie lewe af en soos wat hulle uit die water opstaan, begin God in hulle leef.

Jesus is vir hulle in sy doop die rolmodel van hierdie spiritualiteit. In sy doop het Hy sy mensheid afgelê, sodat God se Gees Hom vervul het. Daarom is Jesus se doop sy spiritualiteitsdoop en daarom moet hulle ook deel word van die spiritualiteit van Jesus deur hul sogenaamde eerste bekering, wat eintlik identifikasie met God is. Eers daarna kan hulle die spiritualiteitsdoop ontvang, net soos wat Jesus se doop dan ’n spiritualiteitsdoop was. Hul “eerste bekering” is die eerste keer dat hulle in en deur Jesus se identifikasieproses van lyding en opstanding hulself met God identifiseer. Hulle noem dit gewoonlik “geloofsvereenselwiging”. Die doop is vir hulle die teken van hierdie geloofsvereenselwiging met Jesus se spiritualiteit.

Hul bekeringsdoop is teken dat hulle ook dieselfde bekering en dieselfde doop as Jesus gehad het. Daarom is die sogenaamde bekeringsdoop ’n magsritueel. Dit is die uiterlike

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

demonstrasie van die innerlike selfbemagtiging met God. Hierdie selfbemagtiging wys in die waarde wat hulle aan hul bekering heg: dit is die wyse waarop hulle die wedergeboorte ontvang. Dit staan in totale kontras met wat Paulus noem die "besnydenis deur Christus". Dit is nie deur die bekering wat mense die gawe van die nuwe hart en verstand ontvang nie. Dit is deur die eenheid met Christus in sy menswees. Die Heilige Gees werk kragtig deur die eenheid wat ons met Christus het in sy menswees. Dit is in en deur hierdie wisselwerkende gemeenskap - my sonde is Christus se sonde en Christus se gehoorsaamheid is my gehoorsaamheid - dat God mense wederbaar.

In die moderne spiritualiteit gebeur dit nie in en deur mense se eenheid met Christus in sy menswees in die hemel nie. Dit gebeur deur die "eerste bekering". Dit is die bekering waarin jy Jesus navolg en jouself niks laat wees in die afhanklikheid, ontvanklikheid en gewilligheid van 'n kindjie sodat God in jou lewe kan inkom. Voor hierdie eerste bekering deel jy volgens hierdie spiritualiteit nie in die dood en opstanding van Jesus nie. Die bekering is juis die proses waardeur jy deur geloofsvereenselwiging deel kry aan die dood en opstanding van Jesus.

Deur hierdie "eerste bekering" bewerk God die wedergeboorte en nie meer deur die eenheid met Christus nie. In die moderne spiritualiteit ontvang jy jou eenheid met die goddelikheid van Jesus deur bekering. In die evangelie ontvang jy jou nuutheid as mens deur die wisselwerkende eenheid met Christus in sy menswees vandag.

Die doop as teken van die vereniging met Christus voor en sonder die bekering van die mens en wat enkel en alleen 'n magsdaad van die Heilige Gees is, maak van die doop 'n sakrament. Dit is 'n teken wat Christus gebruik om hierdie eenheid, wat net Hy bewerk, sonder die bekering van die mens, te verseker en te bekragtig. Die eenheid met Christus bewerk die bekering. Waar dit omgekeer word dat wedergeboorte volg op die bekering van die mens, het ons 'n totaal ander kragdaad en eenheid: dit is die kragdaad van identifikasie met God en eenheid met die goddelikheid van Jesus. Waar die doop teken van hierdie kragdaad en eenheid met die goddelikheid van Jesus word, is dit nie meer 'n sakrament nie. Dit is net nog 'n magsritueel: dit beeld die innerlike identiteit tussen God en mens uit. Dit verseël nie meer mense se eenheid met die werklike, gewone menswees van Jesus in die hemel nie.

Net mense wat deur hul identifikasie met God bemagtig is om deel van God se persoon, lewe en wil te wees, mag hierdie ritueel uitvoer, want met hierdie ritueel demonstreer bekeerdes hul eie innerlike eenheid met die persoon, wil, lewe en krag van God. Hulle noem hierdie sigbare vertoning aan God en mense "bevestiging". In en deur die tekens bevestig hulle dat hulle met God identifiseer.

Dit is om dié rede dat hulle dan ook hierdie bekeringsdoop 'n daad van gehoorsaamheid noem. Dit is die eerste daad van gehoorsaamheid volgens die nuwe alternatiewe verbond en dit is om die spiritualiteit van Jesus na te volg en uit te leef. Jesus het met sy veronderstelde spirituele doop vir hulle die voorbeeld gestel om Hom in sy spiritualiteit na te volg. Daarom

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

is hul eie spiritualiteitsdoop die begin van ’n nuwe tipe gehoorsaamheid in die plek van hul vorige gehoorsaamheid aan die wet van God. In die plek van die vorige gehoorsaamheid aan God se wet, leef hulle nou hul ervaring van identiteit met die persoon, wil en krag van God uit as die nuwe liefde waartoe hulle geroepe is.

In die moderne Christelikheid is die spiritualiteit van Jesus die nuwe verbond wat die Abrahamsverbond vervang. In hierdie nuwe verbond moet die spiritualiteit van Jesus nageleef en uitgeleef word. Identifikasie met God is vir hulle ’n hoër vorm van gehoorsaamheid en dit noem hulle “vrugte”. Liefde as gehoorsaamheid aan die wet van God is vir hulle die ou verbond wat Christus met sy spiritualiteit sou kom vervang het.
Die spiritualiteitsdoop is die begin van hierdie nuwe soort gehoorsaamheid in die nuwe verbond wat die gehoorsaamheid van die Abrahamsverbond vervang. Daarom noem hulle hierdie bekeringsdoop ’n daad van gehoorsaamheid.

Hierdie spiritualiteitsdoop verseël die magsposisie wat mense deur hul “bekering” tussen God en mense kry. Daarom is die “bekeringsdoop” die doop vir tussengangers. Jesus se doop is vir hulle die tussengangerdoop. Vir hulle is Jesus die persoon wat mense deur sy sogenaamde identifikasieproses van lyding en opstanding kom bemagtig het om van ander mense ook tussengangers tussen God en mense te maak. Wie gedoop word, kry deel aan hierdie identiteit van Jesus met God en word ’n mededraer van hierdie goddelike identiteit.

Die spiritualiteitsdoop verseël dat hul innigheid met mense en hul aanbidding van God middele geword het waardeur ander God ook in hulle kan ervaar. Deur die doop word bekeerdes verseël as mense in wie ander mense met God kan identifiseer. Hulle noem dit “om getuies te wees” en verwys na die vermoë om aan ander te toon wie God is, as“gawes”. Daarom is Jesus se doop in die proses van identifikasie met God nie net ’n voorbeeld om na te volg nie. Dit is ’n ritueel waardeur verseël word dat jy nou ook, net soos Jesus met sy doop, met jou innigheid en aanbidding ’n tussenganger tussen God en mense geword het.

Volgens die moderne spiritualiteit kan jy nie deel van die spiritualiteit van Jesus wees as jy nie met God kan identifiseer nie. Daarom kan babas en klein kindertjies nie deel van die spiritualiteit van Jesus wees nie. Hulle kan nie met God identifiseer nie. Hulle is inderdaad binne hul eie verwysings reg. Babas kan nie met God identifiseer nie, want hulle het nog nie ’n eie identiteit wat hulle kan aflê om deel van God se identiteit te wees nie.

Daarom aanvaar hulle nie dat babas gedoop mag word nie, of as babas wel gedoop is, dat hierdie doop ’n teken kan wees dat hulle in die dood en opstanding van Christus ingesluit is nie. Dit is binne hul identifikasie met God ook waar. Sou Jesus ’n nuwe goddelike identiteit kom vestig het waarvan sy lyding en opstanding die proses is waardeur jy deel kry aan God se lewe, dan kan babas nie ingesluit wees in hierdie identiteit van Jesus nie. In die moderne Christelikheid is babas en kindertjies buite Christus, dit wil sê, buite die werklike eenheid met sy dood en opstanding.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

In die plek van die doop as teken van eenheid met die dood en opstanding van Christus vir babas stel hulle 'n nuwe "opsionele", "nie verpligte" magsritueel in, maar wat 'n vaste gebruik is - die kinderwyding. Net soos met sy doop, is Jesus die rolmodel vir hierdie ritueel van kindertoewyding of inseëning:

> [13]Die mense het kindertjies na Jesus toe gebring dat Hy hulle moet aanraak. Sy dissipels het met die mense daaroor geraas. [14]Maar toe Jesus dit sien, was Hy verontwaardig en het Hy vir hulle gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle. [15]Dit verseker Ek julle: Wie die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie."[16]Hy het sy arms om die kindertjies gesit, hulle die hande opgelê en hulle geseën. (Mark.10:13-16) Volgens die uitleg in die moderne spiritualiteit is alle kindertjies deel van God se genade en liefde. God se koninkryk is egter iets anders as God se liefde en genade. Die koninkryk van God behoort as belofte aan al die kindertjies.

Dit stel ons voor die vraag watter koninkryk hierdie koninkryk is waaraan kinders behoort? Die voorstanders van die moderne Christelikheid sal baie sterk daarop staan dat hierdie kinders, wat deel van God se koninkryk is, nog nie wedergebore is soos wat hulle wedergeboorte verstaan nie. God het nog nie in hul lewe ingekom nie.

Hierdie kinders is ook nog nie persoonlik ingesluit en deel van die dood en opstanding van Christus nie. Eers as jy jou identifiseer met Jesus se dood deur jou eie ek dood te reken en jou met sy opstanding te identifiseer, deur te glo dat God in jou lewe ingekom het, is jy deel van die dood en opstanding van Jesus. Daarom mag hierdie kinders nie gedoop word nie.

Hierdie kinders het ook nog nie die doop of vervulling met die Heilige Gees ontvang nie. Hulle leef nog nie in die krag van die Gees in hul lewe nie.

Ten spyte van dit alles is hierdie kinders egter deel van God se liefde en genade. In die moderne Christelikheid word geglo dat alle kinders en nie net Christene se kinders nie, deel is van God se liefde en genade, net omdat hulle kinders is. Geen kind wat gebore word, is buite God se liefde en genade nie. Oor die heilskarakter van hierdie liefde en genade kan daar nie twyfel wees nie. Deur hierdie liefde en genade is alle kinders gered, sou hulle sterf voordat hulle tot bekering gekom het. Buite die eenheid met die dood en opstanding van Christus is kinders gered, totdat hulle een of ander sonde doen. Dan is hulle verlore as hulle nie tot bekering kom nie.

Die vraag wat dus gevra moet word, is watter koninkryk van God dit is waarin 'n mens ingesluit kan wees sonder wedergeboorte, sonder bekering, sonder om persoonlik te deel in die dood en opstanding van Jesus, sonder die doop en vervulling met die Heilige Gees. Watter koninkryk van God is dit waar jy sonder 'n "persoonlike verhouding met Christus" en die doop of vervulling met die Heilige Gees kan deel in God se reddende genade en liefde?

Volgens die Skrif is die koninkryk van God die nuwe genaderyk van Christus. Christus se nuwe wyse van regering is om sondaars deur sy Gees in sy plaasbekledende dood en

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

opstanding in te sluit. Deur hierdie daad van Christus is sondaars werklik met Christus in sy dood en opstanding verenig. Deur hierdie daad van Christus deel sondaars in die genade en liefde van God. Volgens die Skrif ontvang niemand buite hierdie vereniging met Christus God se genade en liefde nie. (Hoofstuk 5).

In die moderne spiritualiteit is kinders, wat nog nie ingesluit is of deel het aan die dood en opstanding van Christus nie, en nog nie met die Gees gedoop of vervul is nie, egter deel aan die koninkryk van God!

“Koninkryk van God” binne die moderne spiritualiteit is nooit die genadeheerskappy van Christus net deur sy evangelie nie. In hierdie “koninkryk” is kinders sonder en nog buite Christus se dood en opstanding.

Dit is net in die seëning, wat kinders van God kry wanneer ouers hul kinders inseën, waarin hierdie koninkryk herken kan word. Kinders kry deel aan die seëning van God wanneer hul ouers hulle aan God toewy. Hierdie seëninge is nie die liefde en genade wat kinders later sal kry nadat God in hul harte en lewens ingekom het nie en dit is ook nie die seëninge wat jy kry deur die doping of vervulling met die krag van God nie.

Watter seën ontvang hierdie kinders van Jesus Christus wanneer ouers hulle inseën en toewy?

Dit word duidelik uit die “wedergeborenes” se selfverstaan. Hulle sien die toewyding van hul kinders om deur Jesus geseën te word na aanleiding van die seën wat die aartsvaders oor hul kinders uitgespreek het: Isak se seëning van Jakob en Esau (Gen. 27), Jakob se seëning van Josef se kinders (Gen. 28) en Jakob se seëning van sy seuns (Gen. 49).

Hulle sien nie die seëning wat hier uitgespreek word as die ouers se kennis van hul kinders en die rol wat die ouer vir sy kind met sy geaardheid, talente en temperament in die voorsienigheid van God sien nie. Hulle sien dit ook nie as die ouer se erflating van wat die ouer vir sy kinders is nie. Hulle sien die inseëning as magswoorde waardeur die ouer die posisie van die kind binne-in die mag van God aan die kind meedeel. Hulle noem dit gebed, maar dit is gebed binne hul identifikasie met God. Deur hierdie gebed uit te spreek, ontvang kinders die seëninge van God wat ouers vir hulle kinders wil hê. Deur die identiteit tussen uitgespreekte versugting en God wat hierdie versugtinge vervul, bewerk die ouer en al die geesvervuldes wat saambid, die goeie dinge wat hulle vir die kind by God begeer.

Hierdie gebed is egter meer as net gebed om ouerlike verlangens en begeertes uit te spreek. Dit is werklike toewyding van kinders aan God deur hul ouers. As voorbeeld van hierdie kindertoewyding word die voorbeeld gebruik van Samuel se ma, wat hom van die Here afgesmeek het en hom aan die priesterskap by die tempel gewy het: “[27]Om hierdie seun het ek gebid, en die Here het aan my gegee wat ek van Hom afgesmeek het. [28]Ja, van die Here het ek hierdie kind afgesmeek, en nou sal hy sy lewe lank iemand wees wat van die Here afgesmeek is.”(1 Sam.1:27,28)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

In hul selfverstaan is Samuel se ma se toewyding van haar kind om tempelpriester te word, ’n rolmodel van dit wat “wedergeborenes” doen as hulle hul kinders “na Jesus toe bring” of “vir Jesus gee”. Hulle gee hul kinders aan die mag van God oor, net soos wat hulle hulself in algehele oorgawe aan die mag van God oorgegee het.

Met hierdie oorgawe van hul kinders aan die mag van God, bewerk hulle hul kinders se posisie in God se magsuitoefening. Hul toewydingsoortuiging kom uit hul opvatting van redding en bekering. God kan net in hul lewe kom en God kan net deel van hul identiteit word as hulle God innooi. Hul uitnodiging aan God is ’n manier waarop God in hul lewe ingebring word. Innooi deur jouself niks te laat wees, jou sondes te bely, jouself aan God oor te gee, dit word alles dade wat die binnekoms van God in hul lewe mede-bewerk. Sonder hierdie dade van die mens se kant af, kan God nie in mense se lewens inkom of mense met sy Gees vervul nie.

Die dade van die mens is deel van die proses waarop God in mense se lewens inkom. Die dade van die mens kry daarom goddelike waarde. Hierdie dade is die middels waardeur God in mense se lewens inkom, die beheer van hul lewens oorneem en sy krag deur hul lewens uitoefen.

Die waarde wat hul eie selfoorgawe aan God vir hul eie lewe het, is ook die waarde wat hul dade met hul kinders vir God het. Kindertoewyding is nie maar net ’n gebed tot God om die beskerming, bewaring en versorging van God nie - alles dade van God waarin die ouers geen inspraak, geen bemiddeling en geen uitvoerende mag het nie.

Dit moet ons weer vergelyk met hul opvatting van hul innigheid en aanbidding. Omdat God in hulle is en God deur hulle werk, is hul liefde en aanbidding van God magsmiddele waardeur God sy goddelike mag en krag self uitleef. Daarom is hul ouerliefde nie maar net menslike ouerliefde vir kinders nie. In hierdie menslike ouerliefde en ouerlike aanbidding word die liefde, teenwoordigheid, kenbaarheid, toeganklikheid, betrokkenheid, die krag en mag van God aan kinders bemiddel.

Hulle ouerliefde plaas hul kinders in die teenwoordigheid van God, maak God vir hul kinders kenbaar, maak God vir hul kinders toeganklik, maak God deel van hul kinders se lewe en laat die krag en mag van God in hul lewe werksaam wees. Hul ouerliefde is tussengangerliefde. Ouers is kinders se tussengangers. Hulle bemiddel God aan hul kinders deur spirituele ouerliefde.

Wat is die koninkryk van God in hierdie spirituele tussengangerliefde van ouers? Die koninkryk van God is die magsgebied wat God vir Homself deur tussengangers oprig en dit is volgens die moderne Christelikheid die koninkryk wat Jesus sou kom oprig het. Jesus sou deur sy spiritualiteit die seën van God se teenwoordigheid, kenbaarheid, toeganklikheid, betrokkenheid, krag en mag aan mense deur tussengangers meedeel. Kinders deel in hierdie magsgebied van God deur goddelike ouerliefde.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit is die inseëning wat tydens kindertoewyding gebeur - deur die ouers se goddelike liefde kry kinders deel aan die magsgebied van God. Deur kindertoewyding kry kinders hulle plek binne die magsfeer van tussengangers en hierdie magsfeer is die middel waardeur God se seën aan kinders meegedeel word.

Daarom word kindertjies eintlik ingeseën in die goddelike mag van hul ouers. Die goddelike mag waardeur die ouers hulle in die teenwoordigheid, kennis, toeganklikheid en betrokkenheid van God sal laat deel. Hierdie mag het ouers gekry deur hul "wedergeboorte" en godsvervulling.

Daarom is kinderwyding 'n magsritueel. Dit is 'n uiterlike handeling waardeur die innerlike mag van ouers bevestig en bekragtig word. In die ritueel van kindertoewyding werk die krag en mag van God deur die innigheid van ouers en word die kinders deur die toewyding van ouers in die magsgebied van God ingesluit; die goddelike liefde van ouers waardeur God se krag werk.

Hierdie magsfeer van God in en deur die innigheid van ouers, is presies die saak wat die Jode aan die orde gestel het met die eis dat kinders besny moes word! Die besnydenis was vir hulle die teken van die Joodse identiteit. En dit was die Joodse identiteit wat jou deel van die beloftes van God gemaak het. Daarom moes Christene gedoop én besny word. Doop alleen was nie vir die Joodse Christene genoeg nie. Die doop was vir die Joodse Christene 'n bekeringsdoop, maar die besnydenis was vir hulle 'n middel waardeur jy jou Joodse identiteit ontvang. Dit is die twee sake wat in die besnydenis en doop vir hulle saamhoort om gered te word: Joodse identiteit en Joodse spiritualiteit.

In die moderne Christelikheid gebeur dieselfde inhoudelike saak: om gered te word moet jy deel van die Goddelike identiteit én die goddelike spiritualiteit van Jesus wees. Jesus se Goddelike identiteit én spiritualiteit sou die Joodse identiteit en spiritualiteit met God kom vervang het. Daarom is dit nie genoeg om nét gedoop te word nie. Jy moet ingeseën én gedoop word. Die doop is in die moderne Christelikheid ook 'n bekeringsdoop: die spesiale spiritualiteitsbekering waarvan Jesus met sy dood en opstanding 'n voorbeeld is. En die inseëning is die ritueel waardeur jy deel kry aan die Goddelike identiteit van Jesus, die goddelikheid wat deur tussengangers uitgeleef en meegedeel word.

Teenoor hierdie inseëning in die mag van goddelike ouerliefde staan die verbondsdoop. Die doop is nie 'n magsritueel nie. Dit is teken van wat alleen God met kinders doen. Dit is nie 'n teken van wat God in, deur of met ouers vir kinders doen nie. Dit is 'n Christusdoop. Dit is die teken waardeur God verseël en bekragtig dat kinders ingesluit is in die dood en opstanding van Christus as mens. Dit is 'n doop in die Naam van die Heilige Gees. Die kinders het die Gees ontvang wat hulle alleen deur sy krag as God insluit in Christus, sonder ouerliefde of ouerbeloftes. Dit is 'n doop in die Naam van die Vader. Net in Christus en deur die krag van die Gees is kinders ingesluit in die liefde en genade van God die Vader. Dit is

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

die doop waarmee Christus self gedoop is in kinders se plek as sondaars – die verbondsdoop. Christus was nooit as kind ingeseën nie.

Buite die eenheid met Christus se dood en opstanding deur die Gees is daar geen liefde en genade van die Vader nie.
Buite die eenheid met Christus se dood en opstanding deur die Gees is daar geen koninkryk van God nie.
Buite die eenheid met Christus se dood en opstanding deur sy Gees is daar geen seëninge van die Vader nie.

Inseëning is 'n selfuitgedinkte magsritueel van die moderne spiritualiteit waardeur kinders uitgesluit word uit die dood en opstanding van Jesus Christus, die krag van die Heilige Gees en uit dit wat hulle noem 'n intiem persoonlike verhouding met God die Vader, maar wel ingesluit word in die goddelike mag van ouers.

Dit wys ons dat die moderne Christelikheid Jesus op presies dieselfde manier sien as wat die Joodse Christene, teen wie die eerste meerdere kerkvergadering standpunt ingeneem het, Hom gesien het, naamlik as die eerste tussenganger in die nuwe magsgebied van God - die koninkryk van God deur tussengangers.

Hierdie ooreenkoms is nie sommer net 'n moedswillige gelykstelling nie. In die moderne Christelikheid word dit openlik gestel dat mense wat as kinders gedoop is, nie regtig met Christus se doop gedoop is nie en dat hul geloof in Christus hulle nie sal red nie. Al is jy gedoop en al glo jy in Christus, is jy volgens hulle nog nie gered nie. Dit was ook die Joodse Christene se standpunt teenoor gedoopte gelowiges. Jou doop is immers nie 'n bekeringsdoop nie! En jou geloof in Christus laat jou nie deel in beloftes van God nie!

Net soos met die Joodse Christene is die rede wat hulle daarvoor aanvoer dat sulke gedoopte en gelowige Christene nie gered is nie, dat hierdie gedoopte en gelowige Christene nog nie deel is van hul geestelike identiteit en spiritualiteit nie, dit wat hulle glo Jesus se eie identiteit en geestelikheid is. Buite hul identiteit met en geestelike belewenis van God is daar geen redding nie. Húlle is God se liggaam op aarde. Redding gaan nie meer oor die eenheid met die menswees van Christus in die hemel nie. Redding gaan oor die eenheid met God se liggaam op aarde: Godvervuldes se eenheid met God.

Die doop in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees is 'n sakrament, dit is nie 'n magsritueel nie. Dit is nie 'n uiterlike handeling wat die innerlike goddelikheid van mense ten toon stel nie. Dit is 'n teken van wat God alleen sonder en deur geen mens doen nie. Dit is 'n teken wat Christus self ingestel het en wat Christus self vandag gebruik om te verseël en te bekragtig dat Hy sondaars deur die Heilige Gees in Homself ingesluit het en só in die liefde van God die Vader laat deel.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

In die moderne Christelikheid se inseëning of kinderwyding is die verskil tussen sakrament en magsritueel op sy duidelikste sigbaar. Nie net die inseëning van kinders is 'n magsritueel nie. Alle tekens binne die moderne Christelikheid is magsrituele Die inseëning wys bloot die karakter van hul selfuitgedinkte magsrituele die duidelikste uit. Hulle bedien geen sakramente nie. Alle tekens is vir hulle magsrituele.

Die feit dat die sakramente nie bruikbaar is as magsrituele nie, is hul diepste onvergenoegdheid met die doop en nagmaal as sakramente. Daarom omvorm hulle die doop en nagmaal van sakramente tot magsrituele. Die tekens waarmee Christus verseker dat Hy sondaars net in sý dood en opstanding deur die krag van die Heilige Gees insluit, sonder enige tussenganger, omvorm hulle tot magsrituele. Hulle maak dit tekens wat hul innerlike eenheid met God se goddelikheid in hul persoon, wil, gevoel, denke en ook hul handelinge uitbeeld.

Omdat hulle een met God is, is hul rituele handelinge meer as net tekens en simbole wat hulle bedien. Hulle bedien nie nét tekens van Christus nie. Hulle bedien God self. Daarom is hul rituele handeling die bemiddeling van God self, net soos hulle God met hul persoon, gevoel, wil, liefde en aanbidding bemiddel. Alles wat hulle as mense doen, is die uitleef van God in hulle – ook hul rituele.

Hierdie rituele spiritualiteit wys duidelik in hul sogenaamde "doopsviering".

Wat is doopviering? Dit gaan oor die eis om die verseëling en bekragtiging van die spiritueles se bekering wat hulle nie in hul doop as kinders sou kon kry nie. Geestelikes wat deel van die spiritualiteit van Jesus geword het, voel dat hul doop as kinders nie vir hulle die bevestiging van hul bekering waaraan hulle 'n behoefte het, gee nie.

Die doop in die Naam van die Heilige Gees bevestig dat ons die Heilige Gees ontvang het en dat Hy ons deur sy krag insluit en verenig met Christus. Dit is ook 'n verseëling en bekragtiging dat die Gees deur hierdie eenheid met Christus ons nuut sal maak en nuut sal laat leef, dit is, ons tot bekering sal bring, van die eerste een tot en met die laaste een: "... In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël. [14]Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos. Daarom moet ons sy grootheid prys." (Ef.1:13,14)

Waar God ons hart verander, ons tot inkeer bring, ons weer liefde in ons harte gee, ons weer met toewyding vervul en ons hierdeur tot bekering laat kom, is dit alles deur die werking van die Gees in ons eenheid met Jesus Christus. Daarom is die doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees juis die bevestiging van al die werk wat God in my tot stand sal bring en wat bekering insluit. Die Heilige Gees is juis die waarborg van alles wat God in die Abrahamsbeloftes onderneem het en wat ons nog sál ontvang, en dit sluit alle toekomstige

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

bekerings ook in. Enige bekering, eerstes, herhaaldes of nuwes, is juis die vervulling van die belofte van die Gees waarin ons gedoop word.

Maar spiritueles wil nie van elke bekering ’n herbevestiging van hul doop hê nie. Hulle wil net van hierdie “eerste bekering” hierdie herbevestiging hê. Vir spiritueles is die doop van kinders nie ’n bevestiging van hul “eerste” bekering nie.

Hoekom voel hulle dat die doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees nie vir hulle ’n bevestiging van hul bekering is nie? Want hul behoefte is nie dat God aan hulle ’n teken moet gee waarin God sy beloftes aan hulle verseël en bekragtig nie. Hulle soek nie ’n teken waardeur Christus hulle verseker van hul inlywing in sy menswees in die hemel nie. Hulle soek ’n ander soort teken. Hulle soek ’n teken waarmee hulle self hul eie spiritualiteit vir hulself kan bevestig. Daarom kan ’n sakrament hulle nie help nie. Die doop en nagmaal kan nooit mense se middels word waarmee hulle hul eie geestelikheid aan hulle self bevestig nie. En dít is die behoefte wat hulle het. Hulle soek ’n ander soort bevestiging as die bekragtiging en verseëling van die doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Dit is waarom hulle saam met die doop ’n totaal nuwe stel rituele vir hulle ontwerp waarmee hulle die doop “vier”. Hulle kry kerse wat hulle elke keer op die dag waarop hulle gedoop is, aansteek om die doop met ’n ritueel te herdenk. Hulle skep eie rituele, soos om water op hul hand of voorkop te gooi, sonder om die doopswoorde “in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees” te gebruik. Hulle reël geestelike byeenkomste waartydens almal wat tot bekering gekom het saam deur swembaddens loop. Hulle plaas klein swembaddens in kerke se voorportale sodat elkeen wat die behoefte het elke Sondag ’n waterritueel kan uitvoer om hul doop te “vier”.

Dit is die nuwe bevestiging wat hulle vir hulself ontwerp: om die sakrament van die doop met rituele te “herbevestig”. Hierdie nabootsing van die doop met ander, nuwe selfontwerpte rituele noem hulle die “viering” van die doop.

Wat van die sakrament van die doop moet met selfontwerpte rituele herbevestig word?

Die doop is die teken waarmee die verhoogde Christus self die insluiting in Hom en sy dood en opstanding bekragtig en verseël. Daarmee bekragtig en verseël Christus dat jy werklik deel het aan sy lyding en opstanding, dat jy daarom werklik deel is van sy liefde en die genade van God die Vader, en dat die Heilige Gees deur hierdie insluiting in en eenheid met die dood en opstanding van Christus, al die beloftes van die Abrahamsverbond in jou sal waarmaak.

Watter deel van die evangelie bekragtig en verseël Christus nie met die doop nie? Die vólle inhoud van die evangelie word in die doop verseël en bekragtig. Dit is juis waarom dit die doop in die Naam van die Drie-enige God is. Alles wat God ten volle vir sondaars is en doen, word in die volle Naam van God verseël en bekragtig.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die krag van die teken van die doop is die eenmaligheid van die doop. Dit verseël en bekragtig dat Christus sondaars eenmalig in Homself insluit om altyd in die wisselwerkende gemeenskap van sy doop en opstanding te leef. ’n Meervoudige bediening van die doop sal juis die betekenis van ’n eenmalige doop vernietig. Die inlywing in Christus word verskeie kere voorgehou as inenting: “[17]Party van die takke is uitgekap en jy, ’n wilde olyf, is tussen die ander takke op die mak olyf geënt. So het jy deel gekry aan die lewensap van die mak olyf se wortel.” (Rom.11:17) Die doop verseël juis dat alle toekomstige blare en vrugte, dit wil sê die bekerings, gebede en liefde die werking van die eenmalige inenting in Christus is.

Maar spiritueles het die behoefte aan ’n herbevestiging wat hul doop as kinders nie aan hulle bevestig nie. Wat kan waterrituele, wat die doop naboots, herbevestig wat die werklike doop in die Naam van die Drie-enige God nie bevestig nie of wat herbevestiging nodig het?

Die antwoord is naamlik die vervulling wat spiritueles in en deur hul “eerste bekering” gekry het. Met hul “eerste bekering” het hulle vir die heel eerste keer aan die identiteit en spiritualiteit van Jesus deel gekry. Voor hul bekering was hulle nog nooit werklik deel daarvan nie. Met hul eerste bekering het hulle deel gekry aan die goddelikheid van God deur een te word met God in sy Gees, soos hulle glo Jesus dit moontlik gemaak het. Voor hul bekering het hulle nooit aan só ’n goddelike geestelikheid deel gehad nie. En dit is wat hulle bevestig wil hê! Dat hulle werklik aan hierdie goddelike natuur deel gekry het en dat God nou werklik binne-in hulle leef!

Die sakrament van die doop gee dit nie vir hulle nie. Dit is teen die karakter van die doop as sakrament om iemand se bekering te bevestig. Dit is teen die aard van die doop as sakrament om te bevestig dat God in jou lewe ingekom het en binne-in jou leef. Die doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees bevestig nie die bekeerde se eenheid of spiritualiteit met Jesus nie.

Daarom is die sakrament vir hulle waardeloos. Hulle stel openlik en beslis dat die doop as sakrament vir hulle geen betekenis het nie. Hulle stel openlik dat hul selfontwerpte rituele hul doop betekenisvol maak.

Dit is juis wat hulle met hulle nuwe rituele doen. Hulle géé waarde aan ’n nuttelose sakrament. Die enigste wyse waarop die doop vir hulle betekenis kan kry, is as die doop van ’n sakrament na ’n magsritueel omvorm word. Dit is presies wat gebeur as die doop deur rituele nageboots word. Deur die waterrituele word die eerste doop van ’n sakrament omvorm tot net nog een van baie magsrituele!

Dit sien ons in die nuwe tipe aanbiddingservaring wat hulle ’n “doopviering” noem. Christene leef vreugdevol en seker in God se liefde vir sondaars. Dit is God se liefde wat elke dag in die geloof in sondaars se eenheid met Christus gevier word. Dit is wat Paulus met vreugde en sekerheid stel in Rom. 8:38,39: “Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here." Die doop is 'n verseëling en bekragtiging dat ons hierdie liefde in Christus mag vier, deur God vrymoedig te aanbid. Ons aanbidding is die wyse waarop ons God se liefde vir ons vier: "[35]Wie bewys Hom 'n guns, sodat Hy verplig is om iets terug te doen?" [36]Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Amen." (Rom.11:35,36)

Paulus wys dat die viering van die nagmaal nie is om die tekens of seremonie van die nagmaal met ander rituele te herbevestig nie. Die viering van die nagmaal is om in die toesegging van die heiligheid en geregtigheid van Christus in die nagmaal, 'n nuwe lewe volgens die wet van God met vreugde te gaan lewe. Christene vier die versekering en bekragtiging van die sakramente met 'n nuwe lewenswyse, nie met nuwe rituele nie: "Ons paaslam is immers geslag: dit is Christus. [8]Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van onsedelikheid en ander sonde nie, maar met die ongesuurde brood van reinheid en waarheid." (1 Kor.5:7,8)

In die moderne spiritualiteit wil mense egter nie die liefde van God vier deur God volgens sy wet te aanbid nie. Hulle wil die doopgeleentheid, wat hulle as kinders gehad het, en die doop op sigself vier. Hoe so? Want herbevestiging beteken vir hulle om te herdefinieer en te herkonstitueer. Geen mens kan dit wat God bevestig het, herbevestig nie. Hulle herbevestig egter nie wat God in hul doop bevestig het nie. Hulle herdefinieer die betekenis van die doop as sakrament om 'n magsritueel te wees. As jy jou doop met waterrituele vier, maak jy van jou doop net nog 'n magsritueel. Met die viering van die doop deur waterrituele word die betekenis van die doop as kinders geherkonstitueer: dit is nou die teken wat bevestig dat mense tot bekering gekom het.

Hulle herdefinieer en herkonstitueer hul doop as kinders deur hul innigheid en aanbidding. Hul innigheid en aanbidding in die Gees is magmiddels waardeur God werk. Daarom moet die doop met water ook 'n magsritueel wees om hierdie karakter van innigheid en aanbidding te bevestig. Waterrituele wat nageboots is, herdefinieer en herkonstitueer die doop as ritueel van hul innigheid en aanbidding. Dit is nie meer 'n sakrament van insluiting in die menswees van Christus in die hemel nie.

Die drif om sakramente te omvorm tot magsrituele wat identiteit met God en goddelike spiritualiteit sou uitbeeld, kom ook na vore in die spiritueles se standpunt oor die dubbeldoop: mense moet gedoop word met die verbondsdoop én die bekeringdoop.

Volgens hierdie spirituele variasie kom twee verskillende tipes doop in die Bybel voor: Johannes se bekeringsdoop en die verbondsdoop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Die verbondsdoop is volgens hulle dan die doop waarin en waardeur God sy beloftes aan jou toesê en die ouers onderneem om kinders volgens die eise van die verbond groot te maak. Die

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

bekeringsdoop is die doop waarmee jy self dan bevestig dat jy hierdie beloftes van God en jou ouers jou eie gemaak het deur jou lewe vir Jesus te gee en Jesus in jou lewe in te nooi.

Hierdie standpunt van die moderne Christelikheid is inhoudelik dieselfde standpunt as wat die Joodse Christene gehad het, naamlik dat daar twee tekens moet wees: die besnydenis as teken van Joodse identiteit en die doop as teken van Joodse spiritualiteit. Al wat volgens die spiritualiteit van die moderne Christelikheid anders as die standpunt van die Joodse spiritualiteit is, is dat in die moderne Christelikheid die besnydenis deur ’n doop as teken vervang word. Volgens hierdie standpunt van die moderne Christelikheid is die verbondsdoop ook ’n identiteitsdoop net soos wat die besnydenis vir die Jode ’n identiteitsritueel was en die bekeringsdoop ’n spiritualiteitsdoop net soos wat die bekeringsdoop vir die Jode ’n spiritualiteitsdoop was. Volgens die moderne Christelikheid herbevestig jy in jou spiritualiteitsdoop, dit is jou bekeringsdoop, jou identiteitsdoop, dit is volgens hulle dan jou verbondsdoop.

Dit beteken weer eens dat jy eers ingesluit word in en een word met Jesus Christus deur jou bekering. Voor jou bekering kan jy net deel van die verbond wees, nie deel van Christus self nie. Hierdie standpunt is net weer ’n variasie van die Christuslose verbond: dat jy nie werklik in Christus ingesluit is en deel in sy menswees in die hemel voor jy nie eers tot bekering gekom het nie.

In hierdie standpunt dat die verbondsdoop en die bekeringsdoop nodig is, is beide vorms van die doop weer eens magsrituele en nie meer sakramente nie. Dit is tekens waarmee goddelike identiteit en spiritualiteit bevestig word, nie die insluiting in Christus nie. Omdat identiteit en spiritualiteit twee kante van een saak is, word twee waterrituele vir identifikasie met God benodig: ’n waterritueel vir geestelike identiteit en ’n waterritueel vir spiritualiteit.

Die standpunt van ’n dubbeldoop is derhalwe net die oorgang na veelvuldige doopvierings. As die doop ’n teken van geestelike identiteit en spiritualiteit is, verval die doop se eenmalige karakter. In die moderne Christelikheid word die doop in die Naam van die Vader, Seun en Gees omvorm om die eerste “bekeringsdoop” te wees. Hierdie eerste bekering is egter die eerste godservaring van afgodsdiens, nie die eerste bekering volgens die Skrif nie. Na hierdie eerste godservaring sit hulle met die probleem dat hulle vir die res van hul lewe godservarings najaag en beleef. Die dubbeldoop kan wel die teken van die eerste godservaring wees, maar dit word dan gevolg deur aanhoudende godservarings wat anders en meer is as die eerste godservaring waar God in hul lewe ingekom het. Vir hierdie herhaalde godservarings skep hulle dan die herhaalbare doop oftewel die herhalende doopviering met nuwe en alternatiewe rituele wat die doop naboots: om hande met water te besprinkel, om deur swembaddens of heilige plekke soos die Jordaanrivier te waad, of om voor eredienste deur voetbaddens in die voorportaal van kerke te waad, en soveel ander rituele as wat die geestelikes se kreatiwiteit toelaat.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Daar is nie twee dope in die Bybel nie. Daar is ook nie iets soos ’n herhaalbare doop of doop wat met herhaalbare rituele gevier moet word nie. Die doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en die doop waarmee Johannes die Doper gedoop het, het dieselfde inhoud as betekende saak. Die betekende saak is Jesus Christus, nie bekering nie. Die doop waarmee Johannes gedoop het, is die doop wat Jesus as Christus bekendgestel het. Daarom is mense wat geglo het dat die Christus gekom het, gedoop. Die doop verseël dat hulle deel is van die koms van Christus. Hulle is deel van die nuwe Messiaanse koninkryk. Die inlywing in Christus is en bly altyd eenmalig. Dit is die krag van die doop as teken wat eenmalig plaasvind – eenkeer vir altyd verenig met Christus.

Al verskil tussen die doop van Johannes en die doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, is die openbaring van hóe Jesus die Christus is. Met Christus se opstanding uit die dood is dit geopenbaar dat Jesus Christus ons in sy lyding en sterwe insluit deur die Heilige Gees en ons só laat deel in die Vader se liefde en genade.

Daarom is nie een van die twaalf dissipels wat deur Johannes die Doper gedoop is, herdoop, dubbelgedoop of herhaaldelik in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees gedoop nie. Die dissipels was nooit gedoop in die Naam van die Drie-enige God nie. Terwyl die dissipels mense gedoop het in die Naam van die Drie-enige God, was hulle self egter nooit só gedoop nie. Hulle het nie naas hul doop deur Johannes nog ’n tweede doop benodig nie. Hoekom nie? Want die doop van Johannes waarmee hulleself gedoop is, was vir hulle dieselfde doop as die doop in die Naam van die Drie-enige God. Die doop deur Johannes was vir hulle die doop in Christus.

Die geloof wat eers met Christus se verskyning ná sy opstanding uit die dood in hul harte deurgebreek het, was vir hulle die geloof in die Christus wat in Johannes se doop aan hulle bekendgestel is. Die Christus in Johannes se doop en die Christus in die doop in die Naam van die Drie-enige God is dieselfde Christus. Omdat hul doop ’n Christusdoop, en nie ’n bekeringsdoop was nie, is hulle nie weer gedoop nie.

Dit is die werklike verskil tussen die verbondsdoop en al die ander doopvariasies in die moderne spiritualiteit: Christus! Die Christus in die verbondsdoop, is nie vir spiritueles die Christus in die bekeringsdoop nie. Daarom moet hulle hul verbondsdoop óf ontken as ’n ware doop óf herkonstiuteer as ’n waterritueel wat net gewys het op hul geestelike identiteit.

Hulle kan nie die verbondsdoop as ’n Christusdoop glo nie, want hulle glo nie in die Christus wat die Abrahamsbeloftes werklik waarmaak deur mense in te sluit in sy menswees vandag in die hemel deur die gawe van die Heilige Gees nie. Hulle glo in ’n ander Christus. Hulle glo in die Christus wat vir hulle hul geestelike ervaring van eenheid met God in sy godheid kom moontlik maak het. Hulle glo in die Christus wat God in sy lewe as mens sou ingekeer het deur sy menswees af te lê en vir God niks te word nie. Hulle glo in ’n Christus in wie God en mens een geword het sodat elke ander geestelike hierdie spiritualiteit van Jesus in homself kan ervaar.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hul Christus is ’n afgod.

Hul doop herbevestig hul afgodsdiens: dat hulle hul verdraaide opvattings kan uitleef as ware godsdiens! Hul doop bevestig dat hulle hul sonde kan uitleef as innigheid met mense en as aanbidding van God in die Gees! ’n Doop wat hulle nie in goddelikheid insluit nie, het vir hulle geen betekenis nie.

Daarom is die “herdoop”, “bekeringsdoop”, “geloofsdoop”, “herhaalbare doop” en “doopsviering” wat met nuwe rituele gepaardgaan, die spirituele oorgang van die vereniging met Christus in sy menswees na die eenheid met Christus in sy godheid. Hierdie oorgang is nie die oorgang van een soort Christelike spiritualiteit na nog ’n ander Bybelse spiritualiteit nie. Dit is die oorgang van vereniging met Christus na Christusloosheid. Dit is presies hoekom Paulus so heftig uitwys dat as die Jode hulle besny, Christus niks meer vir hulle beteken nie. Die Jode se standpunt van doop én besnydenis is nie net ’n ander spirituele variasie van geloof in Christus nie. Dit is ’n ander valse Christus waarmee die Christus met wie sondaars verenig word, vervang word.

In Christus as rolmodel vir goddelikheid, is Christus as Here afwesig. Hy was, is en sal nooit die rolmodel wees van hoe mense sy goddelikheid met Hom kan beleef nie. Hierdie ervaring van goddelikheid in, deur en soos Jesus is afgodsdiens. Dit is die verwringing van die mens as beeld van God: dit verwring die mens se betekenis om as mens aan God te behoort tot die betekenis dat die mens God in en deur sy doop uitbeeld. Christus word nie in hierdie alternatiewe dope en waterrituele herbevestig nie. Wie Christus is en wat Christus doen, kan nie deur mense se geestelike ervarings herbevestig word nie. In hierdie rituele word mense uit die Christendom uitgekeer en in die heidendom in bekeer.

Daarom staan mense wat hul goddelike identiteit in hierdie alternatiewe waterrituele gevind het en uiterlike mee demonstreer buite die koninkryk van Christus. Met hul “herbevestiging” stel hulle hulself buite die vereniging met Christus in sy menswees vandag: Syne is myne en myne is Syne. En dit is die enigste wyse waarop sondaars ingesluit is in die koninkryk van God.

**13. Die nuwe magsmiddele: rituele as alternatiewe vir sakramente – die nagmaal**

Wie die doop as sakrament as magsritueel herkonstitueer, kan nie die nagmaal as sakrament aanvaar nie. In die moderne spiritualiteit moet die nagmaal as sakrament ook tot ’n spirituele magsritueel omvorm word.

Die doop en nagmaal verseël en bekragtig presies dieselfde inhoud: ons insluiting in en vereniging met Christus in sy menswees in die hemel vandag. Die verskil tussen die doop en nagmaal gaan net oor die onderskeid tussen die insluiting in Christus en die wisselwerkende gemeenskap in die eenheid met Christus.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die sakramente is tekens van die evangelie. Dit is nooit tekens van spiritualiteit nie. Dit is elke keer ’n uiterlike teken wat die evangelie verseël en bekragtig. Daarom kan die uiterlike teken nooit ’n sakrament sonder die evangelie wees nie. Die evangelie maak die teken ’n sakrament: ’n teken wat Christus aan ons verseël.

In die doop is die water die uiterlike teken. Die toesegging: “In die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees” is die evangelie. In die nagmaal is die brood en wyn die tekens. Die toesegging “Dit is my liggaam. Dit is vir julle” en “Hierdie beker is die nuwe verbond wat deur my bloed verseël is”, is die evangelie. Die toesegging van die evangelie maak hierdie uiterlike tekens genademiddele wat Christus self gebruik om ons insluiting en wisselwerkende gemeenskap met Hom te verseël en te bekragtig. Sonder hierdie toesegging is die water, brood en wyn nie tekens van die evangelie nie. Dit is net water, wyn en brood en niks meer nie.

Die bediening en gebruik van die tekens wys op die verskil in die betekenis van die doop en die nagmaal. In die geval van die doop is daar geen eis waaraan die dopeling moet voldoen behalwe om gedoop te word nie. In die bediening van die brood en wyn is daar ’n baie spesifieke eis wat deel is van die teken. Die teken moet ontvang en gebruik word. Die brood moet geëet word en die wyn moet gedrink word. Anders as met die water in die geval van die doop kan die brood en wyn van die nagmaal nie maar net ontvang word nie. Dit moet ontvang én gebruik word. Die eet en drink van die tekens is deel van die sakrament.

Hierdie verskil in nét die ontvang van die teken teenoor die ontvang én gebruik van die tekens wys op die betekenisverskil tussen die doop en die nagmaal. Die doop verseël die insluiting in die menswees van Christus in die hemel. Die nagmaal verseël die wisselwerkende gemeenskap in die vereniging met Christus in sy menswees in die hemel. Die doop verseël die eenmalige insluiting in Christus in. Die nagmaal verseël die voortdurende wisselwerkende gemeenskap in die vereniging met Christus: Syne is myne en myne is Syne. Paulus stel dit só: “[16]Die beker van danksegging, waarvoor ons God dank, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie?” (1 Kor.10:16)

Daarom is daar ’n baie spesifieke wyse waarop die brood geëet en die wyn tydens die nagmaal gedrink moet word. Hierdie spesifieke wyse waarop die nagmaal gebruik moet word, beskryf Paulus in 1 Korintiërs 11:27-29: “[27]Elkeen wat op ’n ongepaste wyse van die brood eet of uit die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan sonde teen die liggaam en die bloed van die Here. [28]Maar elkeen moet eers homself ondersoek voor hy van die brood eet en uit die beker drink, [29]want hy wat eet en drink sonder om te besef dat dit die liggaam van die Here is, bring daardeur ’n oordeel oor homself.”

Die uitdrukking, “liggaam en bloed van die Here”, wys op die menswees van die Here in die hemel. Die Here is ’n mens met ’n werklike liggaam van vlees en bloed in die hemel. Dit wys ook op die plaasbekledende gemeenskap waarby gelowiges ingesluit is: Christus se

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

menswees in die hemel is plaasbekledend vir sondaars. Hulle deel sy liggaam en bloed met Hom. Dit is die betekende saak waaroor gelowiges hulself moet ondersoek as hulle die tekens van die nagmaal eet en drink - Christus. Spesifiek Christus in sy plaasbekledende gemeenskap met sondaars! Daarom moet die persoon wat die brood en wyn ontvang, eet en drink, weet dat dit tekens is van die plaasbekledende gemeenskap met Christus. Die manier waarop 'n persoon dit weet, is deur dit as verseëling en bekragtiging van die wisselwerkende gemeenskap met Christus te ontvang: Sy is myne en myne is Syne.

Wie die brood eet en die wyn drink, moet glo dat -
in Christus se geboorte sy eie onheiligheid Christus se onheiligheid is en Christus se heiligheid sy eie heiligheid is;
dat in Christus se lyding onder Pontius Pilatus sy eie veroordeling Christus se veroordeling is en Christus se heerlikheid om kind van God te wees sy eie heerlikheid is;
in Christus se kruisiging sy eie vervloeking Christus se vloek is en Christus se seën sy eie seën is;
dat in Christus se sterwe Christus sy eie skuld is en Christus se onskuld sy eie onskuld is;
dat in Christus se begrafnis en opstanding sy eie sondige natuur Christus se sondige natuur was en Christus se nuwe menswees vir God my eie nuwe menswees vir God is
dat in die ter-helle-neerdaling van Christus Christus sy eie verwerping deur God is en Christus se geliefdheid by die Vader sy eie aanneming is.

Dit is die geloof waarmee die brood geëet en die wyn gedrink moet word: ek deel in die menswees wat Christus vandag in die hemel is en Hy deel in my menswees wat ek op aarde is. Daarom is ek sy gehoorsaamheid en is Hy my ongehoorsaamheid. Dit is tog die betekenis van die eet van die brood en die drink van die wyn: ons eet Christus. Christus word deel van my en Ek van Hom, net soos wat die brood en wyn deel van my word as ek dit eet en drink: " [53]Maar Jesus sê vir hulle: "Dit verseker Ek julle: As julle nie die liggaam van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle nie die lewe in julle nie. [54]Wie my liggaam eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan. [55]My liggaam is die ware voedsel, en my bloed is die ware drank. [56]Wie my liggaam eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom. [57]Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur Hom lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe." (Joh.6:53-67)

Daar is daarom 'n onwaardige wyse waarop die brood geëet en die wyn gedrink kan word. Wanneer iemand op hierdie onwaardige wyse die wyn drink en die brood eet, bring hy daardeur 'n oordeel oor homself. Die onwaardige wyse is: "[29]want hy wat eet en drink sonder om te besef dat dit die liggaam van die Here is, bring daardeur 'n oordeel oor homself." (1 Kor.11:29). Hy wat die brood eet en die wyn drink sonder om te glo dat hy in hierdie tekens die wisselwerkende gemeenskap met die liggaam van Christus ontvang, dit is, die menswees van die Here in die hemel, gebruik dit onwaardig en bring 'n oordeel oor homself.

Die onwaardigheid van die gebruik van die tekens beteken dat dit wat Christus in die tekens meedeel, nie meer in en deur geloof ontvang en gebruik word nie. Christus gee, verseël en

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

bekragtig in en deur hierdie tekens die wisselwerkende gemeenskap met Hom, maar dit word nie ontvang nie. Om nie te ontvang wat die Here deur die tekens gee nie, maak die nagmaal onwaardig.

Om die tekens sonder geloof in die plaasbekledende gemeenskap met Christus te ontvang, bring meteens ook die oordeel van God oor die persoon wat die tekens só ontvang. Wie nie in Christus sy heiligheid, heerlikheid, seën, onskuld, nuwe menswees en liefde van God ontvang nie, staan voor God buite Christus. Buite Christus is die mens onheilig, veroordeel, vervloek, skuldig, in vyandskap met en verwerp deur God.

Daarom moet die tekens van die nagmaal ontvang word met die geloof dat dit tekens is van ons wisselwerkende gemeenskap met die menswees van Christus in die hemel. Die tekens moet gebruik word in die geloof dat Syne myne is en myne Syne is. Dit is die aard en inhoud van die geloof waarmee die brood geëet en die wyn gedrink moet word as tekens van die menswees van die Here in die hemel.

Die moderne spiritualiteit kan en wil nie die tekens van die nagmaal ontvang of gebruik as tekens van die menswees van die Here in die hemel nie. Daarom kom hulle met 'n totaal nuwe Bybeluitleg. Hulle stel dat die "die liggaam" wat volgens 1 Korintiërs 11:29 onderskei moet word wanneer die brood geëet en die wyn gedrink moet word, nie die Here se eie menswees in die hemel is nie. "Liggaam" in vers 29 beteken nét die gemeente. Volgens hierdie geestelikheid kan die woord "liggaam" in vers 29 nooit die liggaam van die Here as mens in die hemel beteken nie.

Hulle probeer die Skrif verwring om hierdie betekenis van die woord "liggaam" uit vers 29 te verdring. Hulle gebruik 1 Korintiërs 12 om te wys dat die woord "liggaam" uitsluitlik wys op die gemeente. Hulle voel dit word bewys deur die volgende: "[12]Net soos die liggaam 'n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie, een liggaam vorm, so is dit ook met die liggaam van Christus. [13]Omdat ons almal een liggaam geword het, is ons almal met die een Gees gedoop, of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry. Ons is almal van die een Gees deurdrenk." (1 Kor.12:13) In die vers sou "liggaam" net verwys na die samestelling van enige menslike liggaam as 'n voorbeeld van hoe die onderlinge verhoudinge van die gemeente 'n eenheid is. Dit sou geen heenwysing na die vereniging met Christus se menswees hê nie. Omdat dit die betekenis van " liggaam van Christus" in vers 12 sou wees, kan "liggaam van die Here" in 11:29 volgens hulle nét "gemeente" of "die onderlinge eenheid van gemeentelede met mekaar" beteken.

Hulle voel hierdie opvatting is grondig omdat Paulus die wanoptrede van die ryk lidmate teenoor die arm lidmate by gemeente-etes aanspreek. Hierdie sosiale probleem binne die gemeente sou hul bewys wees dat die uitdrukking "liggaam van die Here" uitsluitlik op die gemeente se onderlinge verhoudings met mekaar dui en nie op gelowiges se vereniging met die menswees van die Here in die hemel nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hoekom wil die moderne spiritualiteit geen verwysing na die menswees van die Here in die hemel in hierdie teks aanvaar nie? Want dit stel 'n voorwaarde vir die gebruik van die nagmaal waarin hulle nie glo nie. Hulle glo nie in die vereniging met Christus se menswees in die hemel nie. Die menswees van Christus vandag het vir hul spirituele belewenis van God geen waarde nie. Hulle glo in hul vereniging met Jesus se goddelikheid. Hulle wil die nagmaal 'n ritueel maak van hul spiritualiteit met Jesus en Jesus se spiritualiteit is om een met God in Hom te wees. As die nagmaal 'n teken is wat hul eenheid met Christus se menswees in die hemel verseël en bekragtig, dan kan die nagmaal nie 'n ritueel van hierdie spirituele goddelikheid wees nie.

Omdat "liggaam" in vers 29 net "gemeente" sou beteken, verander dit vir hulle die betekenis van die selfondersoek vir die gebruik van die nagmaal, die ongepaste of onwaardige gebruik van die nagmaal en ook die oordeel wat mense oor hulself deur die nagmaal kan bring.

Volgens die moderne spiritualiteit gaan die selfondersoek by die nagmaal oor jou erkenning van die gemeente en jou posisie binne die gemeente. Daarom moet jy nou ondersoek of jy weet dat die gemeente 'n geestelike gemeenskap is en nie sommer maar net 'n sosiale gemeenskap is nie. Jy moet jouself as deel van die gemeente sien en ervaar. Die selfondersoek gaan nou oor jou identiteit met die spiritualiteit van die geestelike gemeenskap. Jy moet jouself ondersoek ten opsigte daarvan of jy glo dat God jou liefhet; of jy ook vir God liefhet; of jy volgens die Wil van die Here wil leef; of jy jou sondes erken en bely; of jy tot bekering gekom het; of jy jou aan die Here wil toewy; of jy met die regte motiewe die nagmaal gebruik; of jy bereid is om jou kruis op te neem en Jesus te volg; of jy glo dat jou geloof 'n gawe is; of jy glo dat die Heilige Gees in jou hart bly; of jy glo dat die Heilige Gees al God se beloftes vir jou waarmaak; of jy glo dat die brood en wyn jou geloof sterk maak en enige ander geestelike eis wat die spirituele leier(s) as deel van die gemeente se spirituele identiteit sien.

Hierdie spirituele selfondersoek gaan oor die nuwe gemeenskap wat hulle glo tydens die nagmaal plaasvind. Die nagmaal is nou 'n spirituele ervaring van die liefde van God. Die nagmaal is vir geestelikes 'n ervaring van hul liefde en God se liefde vir mekaar. Hierdie liefde is 'n liefde sonder en buite die wisselwerkende gemeenskap met die menswees van die Here in die hemel. Die sterwe en opstanding van Christus is en bly in hierdie spirituele belewenis 'n historiese gebeurtenis wat net die liefdesgemeenskap tussen God en mens moontlik maak. Die nagmaal is nie meer die gemeenskap met die sterwe en opstanding van Christus self nie. Hierdie gemeenskapsbetekenis van sy lyding en opstanding het uit die spirituele nagmaal verdwyn.

Hierdie goddelike liefdeservaring gee aan die tekens van die nagmaal 'n spirituele betekenis: die brood en wyn word liefdestekens waarmee liefde tussen God en mens beleef word. Dit is die nuwe rituele krag van die brood en wyn. Die tekens bewerk godservarings. In die tekens deel God Homself mee en deur die tekens moet die geestelikes hulself weer in liefde aan God

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

oorgee. Daarom is die tekens vir hulle ook tekens van ’n wedersydse liefdesverklaring tussen God en mens.

Dit is totaal ’n ander betekenis van die brood en wyn as dié in die evangelie. Die brood en wyn in die evangelie kan nie God se liefde meedeel nie. Christus deel God se liefde aan ons mee. Christus deel ook nie die liefde aan ons mee deur die brood en wyn nie. Hy deel hierdie liefde aan ons mee deur die gemeenskap van sy menswees in die hemel. Dit is ook nie tekens van die liefde van God nie. Dit is tekens van die lyding en sterwe van Christus as mens. Dit is in die gemeenskap met Christus in sy lyding en sterwe waarin ons God se liefde ontvang, nie in die gebruik van die tekens nie. In en deur die tekens ontvang ons ons gemeenskap met Christus en in ons gemeenskap met Christus se menswees ontvang ons God se liefde.

Waar die gemeenskap met Christus se menswees uit die nagmaal verdwyn, word die krag en werking van die wisselwerkende gemeenskap met Christus op die gemeente oorgedra. Die gemeente se innigheid en aanbidding word die krag waarin en waardeur geestelikes hierdie goddelike liefde in die nagmaal ervaar en meedeel.

Die spirituele liefdesmaal tussen God en geestelikes is ’n tussengangermaaltyd. Daarom moet hulle ook in die Bybel die verwysing dat die brood en wyn tekens van die liggaam van Christus as mens in die hemel is, verander om tekens te wees waardeur hulle hul eie innigheid en aanbidding in die gees ervaar as die middele waardeur hulle God beleef.

Dit is onmoontlik om in die brief aan die Korintiërs die gemeente as liggaam los te sien van die eenheid met die menswees, dit is die liggaam, van die Here in die hemel. Die brief is gerig aan die “... geheiligdes in Christus Jesus, die geroepe geheiligdes, ...” (1 Kor. 1:2) wat “geroep is tot die gemeenskap met sy Seun Jesus Christus, onse Here.” (1 Kor. 1:9 1953-AV). Die gelowiges is ingesluit in die gemeenskap met Christus en deel sy heiligheid as mens - daarom is hulle geheiligdes. In 1:30 word dit só gestel “Aan God is dit te danke dat julle met Christus Jesus verenig is. Hy het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vryspraak (geregtigheid), die heiliging en die verlossing.” In hul vereniging met Christus deel hulle die geregtigheid en heiligheid van Christus. Hierdie vereniging met Christus is die wysheid en krag van God waardeur mense verlos word. Die gawe van die Gees is die Gees wat hulle insluit en verenig met Christus se heiligheid en geregtigheid: “maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God.” (6:11 1953-AV)

1 Korintiërs bevat twee nagmaaltekste: 1 Kor. 11: 1-34 en 1 Kor.10:14-22. In albei tekste gaan dit om die gemeenskap met Christus. In 1 Kor.10:15-17 word hierdie gemeenskap só gestel:

> Ek spreek soos met verstandige mense; oordeel self wat ek sê: 16 die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? 17 Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die drink van die wyn is teken van gemeenskap met die bloed van Christus. Met bloed word verwys na Christus se menswees in die hemel, maar dan ook spesifiek na sy menswees wat die straf en oordeel van sondaars gedeel het. Dit is presies dieselfde betekenis om die gebreekte brood te eet – gemeenskap met Christus. Net Christus se liggaam was die gebreekte liggaam. Net Christus is as mens gebreek deur die oordeel, vloek en verwerping van God. Die wyn en brood is ons gemeenskap met die bloed en gebroke liggaam van Christus. Dit is ons gemeenskap met Christus wat in ons plek die veroordeelde, vervloekte, gestrafte en verwerpte mens was sodat ons in ons eenheid met Christus die verheerlikte, geseënde, beloonde en aangenome mens kan wees wat Hy is.

Wat maak van gelowiges een gemeenskap? Daaroor kan daar geen onduidelikheid wees nie: die een brood! Watter brood? Is dit die tekens van die nagmaal wat ons verbind tot een liggaam? Dit kan nooit wees nie. Christus is die een brood. Ons kan op dieselfde wyse sê dat Christus die een beker is. Wat die gelowiges een maak, is dat hulle almal ingesluit is in Christus se menswees in die hemel. Almal het gemeenskap met die bloed en liggaam van Christus in die hemel.

Die verbintenis van gelowiges tot mekaar word "liggaam" genoem omdat elkeen verenig is met Christus in sy menswees in die hemel. Daar kan geen ander verbintenis wees wat Christene 'n gemeenskap maak as hul vereniging met Christus nie. Hulle is die gemeenskap van heiliges omdat hulle ingesluit is in Christus se heiligheid as onheilige mens; hulle is die gemeenskap van aangenome kinders van God omdat hulle ingesluit is in Christus se verwerping as gehate mens; hulle is die gemeenskap van verheerlikte kinders van God omdat hulle ingesluit is in Christus se veroordeling as geminagte mens; hulle is die gemeenskap van vrye dienaars omdat hulle ingesluit is in Christus se straf as skuldige mens; hulle is die gemeenskap van God se geseënde kinders omdat hulle ingesluit is in Christus se kruisiging as vervloekte mens.

Dit is nie Christene se liefde en aanbidding wat hulle een liggaam maak nie. Dit is hul vereniging met Christus se menswees wat hulle een gemeenskap maak. Daarom word die gemeenskap van gelowiges "liggaam" genoem – juis om hul vereniging met Christus se menswees as hul onderlinge verbintenis tot mekaar te bevestig.

Paulus wys self in 2 Korintiërs 13:4-7 wat die selfondersoek by die nagmaal moet wees:

> "[4]want al is Hy gekruisig in die swakheid van 'n mens, Hy leef uit die krag van God. En in Hom is ons ook swak, maar saam met Hom sal ons uit die krag van God lewe. Dit sal julle sien. [5]Stel julle self op die proef en ondersoek julleself of julle in die geloof lewe. Besef julle dan nie self dat Christus Jesus in julle is nie? So nie, het julle die toets nie deurstaan nie. [6]Ek hoop dan julle weet dat ons wel die toets deurstaan het. [7]Ons bid God dat julle niks verkeerds doen nie. Dit bid ons, nie dat dit as bewys moet dien dat óns die toets deurstaan het nie. Ons wil hê dat júlle die goeie doen, selfs al sou dit lyk asof ons die toets nie deurstaan het nie." (2 Kor.13:4-7)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die selfondersoek gaan daaroor of ons in die geloof leef. Die toets in ons selfondersoek is of Christus in ons is. Die wyse waarop Christus in ons is, is dat Christus in die swakheid van ’n sondige gekruisig is en vandag as mens leef in die liefde en goedheid van God. Ons is nooit die swak, sondige mens in onsself nie. Ons is die swak sondige mens wat gekruisig en veroordeel is in ons vereniging met Christus. Die krag van God waaruit ons leef as heilige, onskuldige en geliefde kinders van God is ook ons vereniging met Christus.

Daarom is ons vereniging met Christus die maatstaf waarmee ons onsself meet in ons selfondersoek:

> Die liefde van Christus dring ons, omdat ons tot die insig gekom het dat een vir almal gesterwe het, en dit beteken dat almal gesterwe het. [15]En Hy het vir almal gesterwe sodat dié wat lewe, nie meer vir hulleself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en uit die dood opgewek is.[16]Ons beoordeel dus van nou af niemand meer volgens menslike maatstaf nie.” (2 Kor.5:14-16).

Ons selfondersoek is nie meer om ons volgens menslike maatstaf te meet nie. Die menslike maatstaf vir selfondersoek is die ondersoek na ons sondes, ons liefdes, ons toewydings, ons oorgawes, ons gehoorsaamheid, ons ervarings, ons missies en visies vir God, ons gesigte, ons visioene en ons belewenisse van God. Die geloofsondersoek is of ons leef uit die geloof dat ons almal met Christus as sondaars gely het, gekruisig is, gesterf het en ter helle neergedaal het omdat Hy een is met ons sonde. Die geloofsondersoek is of ek uit die geloof leef dat ek vir God heilig, verheerlik, geseënd, onskuldig en geliefd is omdat ek deel is van die lewe wat Christus vir God leef.

Die selfondersoek vir die gebruik van die nagmaal gaan oor die geloof in die wisselwerkende gemeenskap met Christus in sy menswees in die hemel.

Dit is hoekom die moderne spiritualiteit die eenheid tussen Christus se liggaam as mens en die gemeente as liggaam verbreek. Hulle stel dat die liggaam waaraan die mens homself moet toets, sy verbintenis tot die gemeente en nie tot die menswees van Christus in die hemel is nie. Hulle aanvaar nie dat geloof en die geloofslewe oor hierdie wisselwerkende gemeenskap met Christus gaan nie. Vir hulle gaan dit oor die onderlinge ervaring van mekaar se innigheid en aanbidding in die Gees.

In die plek van die geloof in die wisselwerkende gemeenskap met Christus stel hulle dit wat hulle “die kinderlike geloof” noem. Om die gemeente die inhoud en saak van die nagmaal te maak, los van die wisselwerkende gemeenskap met Christus in sy menswees, stel hulle die kindernagmaal in. Die doel van die kindernagmaal is nie kinders nie. Die kinders word net misbruik om ’n nuwe tipe geloof in die nagmaal vir groot en klein te regverdig. Die kindernagmaal is die manier waarop daar ’n nuwe geloof vir die selfondersoek van die nagmaal ingestel word – die “kinderlike” geloof.

Wat is hierdie kinderlike geloof waardeur hulle aan kinders die reg en toegang tot die nagmaal verleen? Dit is die aanvaarding dat Jesus in die verlede aan die kruis vir sondaars

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

gesterf het, sonder enige geloof in die vereniging en wisselwerkende gemeenskap met Christus in sy menswees.
Dit is om te glo dat Jesus vir jou sondes gesterf het, sonder die geloof dat jy sy heiligheid is omdat Hy jou onheiligheid is;
sonder die geloof dat jy sy verheerliking is omdat Hy jou veroordeling is;
sonder geloof dat jy sy seën is omdat Hy jou vervloeking is;
sonder die geloof dat jy Christus se onskuld is omdat Hy jou skuld is; en
sonder die geloof dat jy Christus se liefde is omdat Hy jou godverlatenheid is.

Dit is egter meer as net geloof in die historiese sterwe van Christus sonder die teenwoordige gemeenskap met Christus. Dit is geloof én.
Kinderlike geloof is:
geloof in Christus én die afhanklike oorgawe aan die beheer van God;
geloof én kinderlike liefde vir God;
geloof én om jou lewe vir God te gee;
geloof én belydenis van sonde;
geloof én die regte motiewe om die nagmaal te gebruik;
geloof én die bereidheid om jou kruis op te neem;
geloof én die bereidheid om Jesus na te volg geloof, én enige iets anders wat spiritueles vir kinders uitdink om deel van die geestelikheid van die gemeente te wees.

Wat maak die spiritueles met die geloof in die wisselwerkende gemeenskap met Christus? Hulle glo dat dit moeilike dogmatiese feite is wat die kerk kinders leer om later, wanneer hulle groot genoeg is, openbare belydenis van die kerk se "leer" te kan doen. Dit is volgens hulle nie meer die geloof wat nodig is vir die gebruik van die nagmaal nie.

Die "kinderlike geloof" waarmee geestelikes, groot en klein, die nagmaal gebruik is die geloof dat hulle in die nagmaal God self ervaar. "Kinderlike geloof" is die geloof in hul spiritualiteit as geestelikes met God. "Kinderlike geloof" is om in die tekens van die nagmaal as godservarings te beleef. Daarom is die spiritualiteit van die gemeente die toets om die nagmaal te mag gebruik.. Daarom word die nagmaal ook die magsritueel van die gemeente. Dit is die ritueel waarmee hulle kinders so vroeg as moontlik leer om met God in hulle te identifiseer.

Hoe anders kan kinders die toets of hulle weet of Christus in hulle is, deurstaan as om God in hul lewe in te nooi met hul kinderlike beheerbaarheid, kinderlike oorgawe, kinderlike sondebewustheid, kinderlike toewyding en kinderlike aanvaarding dat die grootmense sê hulle moet liewe Jesus in hul en hart en lewens innooi nie? Spiritueles maak identifikasie met God die toets vir die nagmaal vir kinders en grootmense..

Wat is hierdie "eenvoudige kindergeloof" dat Jesus iewers in die verlede gesterf het? Dit is niks anders nie as die leë geloof van afgodsdiens. Terwyl die sterwe van Christus in naam erken word as iets in die verlede, word die hele inhoud van die wisselwerkende gemeenskap

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

met die teenwoordige Christus verdring as té intellektueel, té dogmaties, té ingewikkeld, té filosofies en té outoritêr vir dié gelowiges. Die plaasbekledende gemeenskap met Christus word vervang met identifikasie met God. Dit is die nuwe inhoud wat in die nagmaal gevier word - die spiritualiteit van die gemeente as die nuwe liggaam van God.

Op hierdie wyse word die nagmaal die teken wat kinders se geloof sterk maak. Watter geloof? Hulle deel nie die geloof in die wisselwerkende gemeenskap met Christus nie. Die kerk het dit nie aan hulle verkondig nie en gaan dit ook nie aan hulle verkondig nie. Nie een kind, wat tot die nagmaal toegelaat word omdat hy Jesus in sy hart ingenooi het en vir God liefhet, leer deur die tekens dat hy/sy heilig is, verheerlik is, geseënd is, onskuldig is of aangeneem is omdat Christus sy/haar onheiligheid, oordeel, vloek, skuld en verwerping is nie. Die tekens kan nie hierdie geloof skep nie. Alleen die evangeliebediening kan hierdie geloof skep. En dit gebeur nie met die kinders nie. Dit gebeur ook nie met die grootmense in hierdie spirituele gemeenskappe nie.

Nou watter geloof versterk die nagmaal dan in hulle? Dit is die geloof dat God in hulle is en hulle God beleef. Watter geloof is dit wat die nagmaal nou in hulle moet versterk? Paulus beskryf dit in 1 Korintiërs 10:14-22:

> Daarom, my geliefdes, moet niks met die afgodsdiens te doen hê nie. [15]Ek praat met julle as verstandige mense. Beoordeel self wat ek sê. [16]Die beker van danksegging, waarvoor ons God dank, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? [17]Omdat dit een brood is, is ons, al is ons baie, saam een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood.[18]Kyk maar hoe is dit by die Joodse volk. Kom daar dan nie gemeenskap tot stand tussen die offeraltaar en dié wat die offers eet nie? [19]Wat wil ek hiermee sê? Dat 'n afgodsoffer of 'n afgod enige betekenis het? [20]Nee, maar dat dié wat aan hulle offer, aan bose geeste offer en nie aan God nie. En ek wil nie hê julle moet met bose geeste gemeenskap hou nie. [21]Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van bose geeste nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van bose geeste nie. [22]Of wil ons die Here uittart? Is ons miskien sterker as Hy?

Daar was ook in die Joodse offers gemeenskap tussen God en díe wat die offers gebring het. Wat was hierdie gemeenskap tussen God en die offerbringers? God verwerp hierdie tipe gemeenskap wat hulle met Hom in hul offers wil beleef in Psalm 50:12-14: "[12]Ek sou jou nie vra as Ek honger sou kry nie, want die aarde en alles wat daarop is, behoort aan My. [13]Eet Ek miskien die vleis van die bulle wat julle offer, of drink Ek die bloed van bokke? [14]Lof is die offer wat jy aan God moet bring." Dit is die God van hul verdraaide bedoelings met wie hulle gemeenskap wou ervaar. Hulle wou God die een maak wat hulle versorg. In die versorging van God het hulle hulself een met die krag en mag van God beleef. Hierdie gemeenskap met God in die offerrituele was vir hul identifikasie met God. In hul offerrituele het hulle beleef dat hulle God se begeertes vervul en God hul begeertes vervul. God verwerp hierdie soeke na 'n identiteitsgemeenskap en stel hulle voor die werklike gemeenskap van mense met God: hulle moet Hom as God loof en dank vir alles. Hulle mag nie dink dat hulle en God mekaar se begeertes kan vervul nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Identiteit met die godheid is die tipe gemeenskap wat in alle afgodsdienste gebeur. In die offerrituele aan Aphrodite het haar aanbidders gedeel in haar skoonheid en vrugbaarheid as god; in die offerrituele aan Ares het sy aanbidders hierdie god se geweld en strydlustigheid as hul eie beleef; in die offerrituele aan Zeus het sy aanbidders hulle vervuld met die gesag van hierdie oppergod ervaar; in die offerfeeste van Bacchus het sy aanbidders die genotsug en wellus van hierdie god as hul eie beleef en in die offer rituele aan Apollo en Athena het hul aanbidders die krag en wysheid van hierdie gode in hul kunstigheid, handwerke en medisyne ervaar.

Daarom noem Paulus hierdie tipe gemeenskap met God in offers die gemeenskap met duiwels. Paulus het nie 'n magiese geloof in die duiwel gehad nie. Die mag van die Duiwel is die wet van God en die mens se sonde.(1 Kor.15:56) Deur die wet mislei hy mense om hul begeertes as ware godsdienstige toewyding teenoor God uit te leef: "Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang." (1 Tim. 4:1) Die Duiwel is die vader van alle afgodsdiens. Daarom noem Paulus die godsbeskouinge in afgodsdiens die leringe van duiwels en die godservarings in afgodsdiens die gemeenskap met duiwels.

Daarom stel Paulus die gemeenskap met Christus in die nagmaal in kontras met die gemeenskap met afgode in die eetrituele van afgodsdienste. In die nagmaal deel gelowiges nie die godheid van God soos in alle ander afgodsdienste nie. In die nagmaal deel gelowiges hul eenheid met die menswees van Christus.

Die geloof wat in die moderne spiritualiteit se eet- en drinkrituele as tekens van die nagmaal versterk word, is hul geloof in hul identiteit met God. Daarom noem hulle die nagmaal 'n "ervaring". In die ritueel van eet en drink ervaar hulle God! Hulle ervaar hul liefdesoorgawe aan God en God se liefdesoorgawe aan hulle. In hierdie liefdesoorgawe van God en mens aan mekaar word hulle versterk met die persoon, die krag en die wil van God as hul eie persoon, krag en wil. In die tekens van die nagmaal vat jy God en God gee Homself aan jou, en so word julle in mekaar vervuld. Hierdie verskuiwing wys duidelik in die vervanging van die instellingswoorde as die woorde waarmee die tekens van die nagmaal uitgedeel en ontvang word in die nuwe formule wat in die kerk gebruik word. Met die aangee van die brood en wyn vir mekaar sê geestelikes nou: "Jesus en ek het jou lief." In hierdie nuwe instellingswoorde wys die verandering van geloof na eenheid met Christus in sy mensheid na die eenheid met God in sy eenheid met geestelikes.

In die moderne spiritualiteit is die gemeenskap wat mense in die eet- en drinkritueel beleef dit wat Paulus noem die gemeenskap met duiwels: hul beker en tafel is die beker en tafel van duiwels. Want hul tafel en beker is die ritueel waardeur jy God self en sy liefde, krag en mag as jou eie ervaar. Die nagmaal is nie meer teken van die gemeenskap met die mensheid van Christus nie. Dit is teken van gemeenskap met God self, buite en sonder die gemeenskap met die menswees van Christus. Daarom kan dit net met die leë "kinderlike geloof" in Jesus as 'n leë naam van iemand wat in die verlede iewers aan 'n kruis gesterf het gevier word, terwyl

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

die identiteit met God se liefde, krag en wil in die teenwoordigheid van sy tussengangers ervaar word.

Hierdie omvorming van die nagmaal as sakrament tot magsritueel lewer die tekens en die bediening van die tekens uit aan die verbeeldingsvlugte en geestelike visioene van spiritueles. Die eenvoud van die tekens en instellingswoorde wat die Here ingestel het, is net nie goed genoeg vir hierdie geestelikes se spirituele kreatiwiteit nie. Om net in water gedoop te word of net brood te breek en te eet en wyn net te drink, simboliseer net te min vir die goddelikheid wat hulle ervaar. Hulle wil die goddelikheid wat hulle beleef met meer simboliese handelinge en ander tekens vier as wat die Here ingestel het. Om net die instellingswoorde van die Here te gebruik sê ook nie vir hulle alles wat hulle in die ritueel wil ontvang nie.

Daarom word die instellingswoorde self aangevul met nog oproepe soos “vat dit”, “kry genoeg”, “geniet dit”, “kom haal dit vir julle”. Die frases, “wat ons breek” en “wat ons drink” word ook volgens elke geestelike se veelkleurige verbeelding oor sy eie godservaring uitgebrei, aangevul en toegepas.

Om die volheid van hul godservaring te demonstreer, word die eenvoudige handelinge van brood breek en wyn drink met nuwe aanvullende tekens en rituele uitgebrei: kinders moet die brood en wyn seremonieel indra om hulle deel van die ritueel te laat voel; kerse moet opgesteek word; die nagmaal moet voorafgegaan word met voetwasrituele soos wat Jesus sy dissipels se voete voor die nagmaal gewas het; met die instellingswoorde moet daar nuwe tekens gebruik word om die nagmaal “duideliker” te maak soos ’n houtkruis wat op die nagmaaltafel lê en met rooi kerse bedrup word om die kruisiging en bloed van die Here uit te beeld; mense moet eers vooraf hul sondes op papiertjies met spykers teen ’n houtkruis voor in die kerk vasspyker.

Die nagmaal word ook meer as net tekens van die evangelie. Die nagmaal word nou die opvoedkundige hulpmiddel van ouers in hul geestelike mentorskap van hul kinders. In die nagmaal word ouers tot rolmodelle van Jesus vir hul kinders gemaak. Ouers moet só leef dat die kinders die Here in hul lewe kan raaksien. Ouers moet nou besluit om hul kinders tot die nagmaal toe te laat; ouers moet hul kinders vir die nagmaal gereedmaak; ouers gebruik die nagmaal om met hul kinders persoonlike gesprekke te voer voor hulle die nagmaal mag gebruik. Ouers se ouerlike gesag is nou die geestelike beheer van die spirituele gemeenskap oor hul kinders met die nagmaal as fokuspunt.

Die bediening van die nagmaal word ook verskuif van evangeliebedienaar na tussengangers toe. Omdat die evangelie die tekens sakramente maak, mag die tekens net as die evangelie en deur die verkondiging van die evangelie bedien word. Maar omdat die tekens van die evangelie in die spiritualiteit met Jesus losgemaak word en aan die spiritualiteit van tussengangers verbind word, is dit nou enige geestelike wat sy/haar spiritualiteit met die tekens bedien. Daarom is dit nie meer net die bedienaar van die evangelie wat die teken bedien nie. Geestelikes vat brode en breek dit vir mekaar om hul spiritualiteit met Jesus te

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

deel. Pa's breek brode in gesinsgroepies in kerksale en spirituele leiers bedien die nagmaal aan hul selgroepe.

Die bediening van die nagmaal word 'n ritueel vir enige soort geestelike byeenkoms, nie net vir die erediens nie, want enige byeenkoms moet altyd 'n spirituele belewenis met God wees. Daarom gebruik spirituele predikers nou die nagmaal in intieme, broederlike byeenkomste; geestelikes wat saam bestuursvergaderings hou, sluit sommer die vergadering met 'n nagmaalritueel af; paartjies gebruik nagmaal saam met die persoon wat hulle in die eg verbind as deel van die huwelikseremonie; dit word die intieme oomblik van mense saam op die Internet, intieme gesinsoomblikke; intieme vriendskapsoomblikke of die intiem persoonlike oomblik tussen net jou en God in jou eie huis met jou eie huisaltaar of sommer so alleen op 'n strand met sonsondergang.

Seker die hoogtepunt in hierdie evangelielose nagmaal is waar kerke die tekens van die nagmaal op tafels uitstal in sag beligte geboue met aanbiddingsmusiek en wat die geleentheid aan mense bied om sommer net te kom sit en die tekens vir hulself kan neem om hulself mee te versterk. In hierdie spirituele belewenis van God is net die ritueel magtig genoeg om God mee te ervaar. Die toesegging van die evangelie in die instellingswoorde wat die Here vir ons gegee het, is nie meer nodig nie.

**14. Die nuwe magsmiddele: selfontwerpte rituele**

Die verandering van die doop en nagmaal na magsrituele is nie die eintlike doelwit van geestelikes nie. Die eintlike doelwit is om élke geestelike ervaring met God met nuwe en selfontwerpte rituele te bevestig. Elke innerlike, geestelike ervaring waarin hulle met God in sy Godheid een voel, wil hulle ook met nuwe, selfontwerpte, uiterlike rituele vir hulself bevestig. Die doop en nagmaal staan as sakramente eintlik net in die pad van hierdie rituele geestelikheid.

Dit is die ware rede waarom die doop en nagmaal van sakramente tot magsrituele omvorm word: die doop en nagmaal is in stryd met rituele geestelikheid. Met die doop en nagmaal as sakramente uit die weg geruim, is hulle vry om elke nuwe geestelike intimiteit met God met nuwe rituele te kan demonstreer en bevestig.

In die kerk van die Here is die doop en nagmaal genoeg om alles wat ons in Christus is, te verseël en te bekragtig. In Christene se geloof in hul insluiting en vereniging met Christus het hulle niks anders nodig as die eenvoudige instellingshandelinge en -woorde van Christus nie.

Geestelikes het 'n innerlike drif om alles wat hulle in God ervaar met meer, ander, nuwer, groter en beter rituele te demonstreer. Dit was ook hoekom die Joodse Christene die besnydenis as vereiste aan gedoopte Christene in die gemeentes in Galasië gestel het: hulle wou deur die besnydenis die doop net nog 'n magsritueel maak, sodat hulle daardeur die Christene uit die heidendom kon verbind tot ál die Joodse rituele, nie net die besnydenis nie:

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> [8]Daar was ’n tyd toe julle nie vir God geken het nie en slawe was van nikswerd afgode. [9]Maar noudat julle Hom leer ken het, of liewer, noudat Hy julle ken, hoe val julle dan nou weer terug na daardie minderwaardige en armsalige wettiese godsdienstige reëls? Wil julle van voor af weer slawe daarvan wees? [10]Julle hou aan om besondere dae en maande, feesgeleenthede en jare te vier. [11]Ek vrees my harde werk aan julle was dalk tevergeefs.” (Gal.4:8-11)

Die besnydenis was nie die einddoel nie. Die besnydenis was net die begin daarvan om elke deel van die godsdiens met rituele te omvorm. Paulus wys dat deur die besnydenis ’n ritueel te maak waarmee die doop as sakrament eintlik gevier moet word, hulle terugval op die afgodsdiens waaruit hulle kom. Dit is ’n godsdiens van rituele feesdae en feestye. Wat dit betref was daar geen onderskeid tussen die Joodse en die Griekse afgodsdienste nie. Of jy God met die offers van die Ou Testament gelukkig hou en of jy God met die offers van die Grieke gelukkig hou, is bloot ’n kulturele verskil. Dit is nie ’n godsdienstige verskil nie. Mense wat hulself bemagtig om God gelukkig te maak met wat hulle vir God gee, wil hierdie mag oor God met rituele uiterlik demonstreer.

Daarom stel Paulus dat rituele demonstrasies van geestelike ervarings met God minderwaardig en armsalig is. Dit is nie net nog ’n mooi en feestelike manier van aanbidding nie. Dit is nie maar net die kleurvolle, liggaamlike en simboliese uitdrukking van lof, eer en dank aan God nie. Rituele demonstrasies van godservarings is ’n terugval in afgodsdiens in. Dit is onderwerping aan die spiritualiteit van afgodsdiens, naamlik om jou geestelike eenheid met God te demonstreer en te bevestig. Daarom noem Paulus dat die Galasiërs deur rituele demonstrasies weer slawe van afgodsdiens sal word. Hierdie rituele drif staan teenoor die kennis van Christus. Hulle wat Christus ken omdat Christus hulle ken, kan nie hul gemeenskap met Christus met rituele demonstreer nie. Hierdie gemeenskap met Christus in sy menswees gee niemand ’n houvas op goddelikheid nie.

Bekeringsdoop en kindernagmaal is in die moderne spiritualiteit die wyse waarop die doop en nagmaal tot magsrituele omvorm word. Die werklike doel van hierdie omvorming is om die hindernis wat die sakramente vir hul rituele geestelikheid inhou, uit die weg te ruim. Nadat die doop en nagmaal tot magsrituele verander is, kan hulle nou voortgaan om vir elke Godservaring nuwe en voller tekens te ontwerp waarin hulle hul ervaring van God bevestig.

Die ampsdrag van die evangeliebedienaar moet verander word na seremoniële kleredrag. Ampsdrag is drag wat wys dat die bedienaar opgelei en aangestel is om die evangelie te verkondig. Seremoniële drag is kleredrag waarin Jesus uitgebeeld word. Jesus se lyding moet in rooi gesien word; Jesus se geboorte moet in wit gesien word; Jesus se opstanding moet in groen gesien word; Jesus se koninklikheid moet in pers gesien word.

Nuwe tekens moet nuwe ervarings met God verseël en bekragtig – olie verseël en bekragtig die Heilige Gees. Na elke preek kan lidmate nou met olie beseël word om hul godservaring te bevestig; kerse bevestig die teenwoordigheid van en nabyheid met God. In elke erediens of byeenkoms moet daar nou kerse opgesteek word om hierdie intieme teenwoordigheid van God te verseël.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die liggaamshouding waarmee lidmate hul lof, eer, dank en ootmoed teenoor God betoon het, moet nou rituele word. Dit is nie meer liggaamshoudings waardeur eer aan God met geboë hoof, oë wat toe en neergeslaan is betoon word of om op te staan om God in eerbied aan te roep nie. Liggaamshoudings en bewegings moet nou die innerlike ervaring van Goddelikheid demonstreer. Arms wat met uitgestrekte hande na bo gehef word, wys op die volheid van God se gees in mense, mense wat saam lag wys op die vreugde van die Gees, mense wat saam neerval wys op die krag van die Gees, mense wat saam in borrelbaddens sit “soak in the Spirit”.

Elke geesteservaring moet nou met rituele uitgebeeld word. Predikante word opgelei om vir elke preek eie rituele te ontwerp en lidmate moet hul geloof en toewyding wys in rituele optogte waarin hulle in die kerk instap, vorentoe stap en rondstap.

Dit bring ook rituele danse terug in die erediens. In dansende vroue, kinders en mans moet mense nou die boodskap van God sien, die teenwoordigheid van God ervaar, die innerlike blydskap met God uitleef. Die antwoord van mense op die evangelie is nie meer om hul liggame in diens van God te stel deur hul menswees in verhoudings en arbeid nie. Dit is rituele beweging: die uiterlike demonstrasie van die Goddelike innerlike.

In al hierdie rituele beweging leef die afgodsdiens dat mense God sigbaar en teenwoordig maak: dat God deur hulle lewe. In hierdie rituele geestelikheid het die geloof dat ons na liggaam, siel en gees aan God behoort, verlore gegaan. Rituele wys nie hoe ons aan God behoort nie. Rituele wys God! Dit wys mense se eenheid met die persoon, wil krag en lewe van God wat in hulle is.

Hoe is mense se liggame tempels van God?

Diegene wat hulle so aan rituele geestelikheid wy, roem hulle daarop dat hul liggame volgens 1 Korintiërs 6 :13-20 die tempels van God is:

> ’n Mens se liggaam is nie bedoel vir seksuele losbandigheid nie, maar is daar vir die Here, wat ook oor ons liggaam Here is. 14God het deur sy krag die Here uit die dood opgewek en so sal Hy ons ook opwek. 15Weet julle nie dat julle liggaam deel is van Christus nie? Sal ek nou ’n deel van Christus neem en dit ’n deel van ’n ontugtige vrou maak? Beslis nie! 16Of weet julle nie dat iemand wat met ’n ontugtige vrou omgang het, liggaamlik een met haar is nie? God sê immers: “Die twee sal een word.” 17Maar wie hom met die Here verenig, is geestelik een met Hom. 18Julle moet niks met seksuele losbandigheid te doen hê nie. Elke ander sonde wat ’n mens doen, vind buite sy liggaam plaas, maar iemand wat seksueel losbandig lewe, vergryp hom aan sy eie liggaam. 19Of besef julle nie dat julle liggaam ’n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: 20julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Wat bedoel Paulus? Bedoel Paulus dat God ons liggame gemaak het en dat ons liggame aan God behoort, of bedoel Paulus dat ons liggaam God op aarde beliggaam? Behoort ons liggaamlik aan God, of is ons liggaam God se blyplek op aarde?

Paulus stel dat God Here oor ons liggaam is. Hy is die Skepper van ons liggaam. Daarom beskik en bestuur God oor ons liggaamlikheid. Alles wat ons liggaamlik is, is deel van die voorsienige bestuur van God.  Ons vereniging met Christus is ook nie maar nét 'n geestelike vereniging nie. Daarom stel Paulus dat Christus as mens liggaamlik uit die dood opgewek is. Dit is duidelik die bedoeling van vers 14 in hierdie gedeelte. Ons sal ook liggaamlik opgewek word. Daar is nie iets soos 'n geestelike bestaan buite, sonder of net ín die mens se liggaam nie. Die mens is mens omdat hy liggaamlik, na vlees en bloed, mens is. Die mens se liggaamlikheid is deel van die wese van sy menswees. Dit is geen toevoegsel tot sy menswees of net 'n omhulsel waarin sy menswees bestaan nie. Daarom wek God nie ons gees uit die dood op nie. Hy wek ons soos Christus liggaamlik op om weer volledig mens te wees: liggaamlik én geestelik.

Deur ons vereniging met Christus in sy menswees behoort ons eie liggame ook weer aan die Here. Ons vereniging met Christus herstel die bedoeling dat God Here oor ons liggame is. Dit wat ons dan liggaamlik is en doen, deel Christus met ons en ons met Christus.

Ons seksualiteit is deel van ons liggaamlikheid. Daarom kan ons nie ons seksualiteit ervaar as iets los van of onbelangrik in ons vereniging met Christus nie. Die heiligheid wat ons met Christus deel, heilig ons seksualiteit; die verheerliking wat ons in Christus deel as kinders van God, is 'n verheerliking van ons menslike seksualiteit; die seën wat ons in Christus deel, is ook 'n seëning van ons seksualiteit; die onskuld wat ons in Christus is, is ook die onskuld van ons seksualiteit en die liefde waarmee God ons aanvaar, is 'n aanvaarding van ons in ons en met ons seksualiteit.

Daarom is die gawe van die Gees, die Gees, wat maak dat ons ten volle aan God behoort: na liggaam, siel en gees. Die liefde, goedheid, genade en barmhartigheid waarmee God ons deur sy Gees vervul, omsluit ons in ons volle menslikheid: ons liggaamlikheid, seksualiteit, geestelikheid en gevoelslewe.

Dit is Paulus se bedoeling dat ons liggaam die tempel van die Gees is: ons behoort ook liggaamlik aan God; God se liefde omsluit ons liggaamlikheid en daarom is ons liggaamlikheid deel van ons diensbaarheid aan God.

As Paulus bedoel het dat ons liggame 'n omhulsel en blyplek vir God is, dan moes hierdie teks anders gelees het. Dan was God nie Here oor ons liggaam nie, maar Here binne-in ons liggaam; dan moet die sin, dat ons liggaamlik deel is van Christus, beteken dat ons liggame deel van die geestelikheid van Christus is. Die verwysing na Christus se opstanding moet ook verwys na sy Gees wat opgestaan het en die vereniging met Christus moet dan verwys na die eenheid van die Gees van Christus en ons gees in ons liggame; die gawe van die Gees moet

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

nie meer verwys na die vervulling van die Abrahamsbeloftes nie, maar daarna dat God se Gees binne-in mense se liggame inkom sodat mense met God in hulle kan identifiseer; die verheerliking van God in ons liggame sal dan beteken dat ons liggame net 'n uitbeelding van God binne-in ons moet wees.

Hierdie betekenis dat ons liggame net 'n omhulsel vir God is waarin God bekend gemaak moet word, is ironies genoeg die geestelikheid waartéén Paulus hier betoog. Ons liggaamlikheid is nie maar net 'n byvoegsel of 'n vorm waarin die ware betekenis van ons goddelikheid omsluit word nie. Ons liggaamlikheid is deel van die wese van ons menslikheid. Christus het nie gesterf om ons liggame te vergeestelik of God te beliggaam nie. Christus het gesterf om die waarde van ons liggaamlikheid as mense in sy menswees en in ons plek te herstel.

Die hele rituele ervaring van God is afgodsdiens. Dit maak die mens se liggaam net die omhulsel om God se Goddelikheid in mense mee te demonstreer. Teenoor hierdie rituele uitbeelding van God en Goddelikheid staan die eenheid met Christus in sy menswees: ons behoort na liggaam, siel en gees aan die Here. Ons moet God gehoorsaam wees na liggaam, siel en gees. Ons moet God nie as God in ons uitbeeld nie. Identifikasie met God is sonde.

### 15. Die nuwe magsmiddele: innigheid en aanbidding as magsmiddele wat mense insluit in, of uitsluit uit die Goddelikheid van Jesus

Christus gee aan die wet sy werklike betekenis. In Galasiërs 3:21-26 verduidelik Paulus een van die betekenisse van die wet soos volg:

> Want as daar 'n wet gegee was wat krag het om lewend te maak, dan sou die geregtigheid werklik uit die wet wees.[22] Maar die Skrif het alles ingesluit onder die sonde, sodat die belofte uit die geloof in Jesus Christus aan die gelowiges gegee kon word. [23] Maar voordat die geloof gekom het, is ons onder die wet in bewaring gehou, ingesluit met die oog op die geloof wat geopenbaar sou word. [24] Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof.[25] Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder 'n tugmeester nie.[26] Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus;[27] want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee."(1953-AV)

Die wet van die Here het nie die krag om sondaars vir God lewend te maak nie. Die wet het net die krag om sondaars in hul sonde teen God te versterk en teenoor God te bemagtig. (Rom.7; vgl. hfst.8). Die wet kan nie sondaars teenoor God heilig, aanspreeklik, goed, gehoorsaam en liefdevol laat leef nie. Die wet van die Here versterk sondaars in die sekerheid van God se vernedering, veroordeling, vervloeking, straf en verwerping. Hierdie sekerheid bemagtig sondaars in hul ongeërgdheid, onverantwoordelikheid, slegtheid, opstandigheid, vyandskap en haat vir God.

Die wet van God is daarom 'n tugmeester na Christus toe. Die woord tugmeester verwys na slawe wat kinderoppassers was. Die kinderoppassers moes saam met die kinders skool toe en terug geloop het. Hulle moes toesien dat kinders hul werk doen. Hulle was nie onderwysers nie. Hulle moes net die bediendes wees wat kinders na die onderwyser toe neem.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit is wat die wet aan Christene wys: dat sondaars onder die wet vir God dood is en dat hulle net in Christus vir God lewend kan wees. Die wet wys sondaars dat hulle met Christus beklee moet word: met sy heiligheid, heerlikheid, seën, gehoorsaamheid en liefde.

Die wet kan nie mense se opvoeder in die regte lewenswyse wees nie. Dit kan mense net aan die hand neem en na die Onderwyser, Christus, toe bring.

Dit stel Paulus so in Titus 2:11-14:

> Die genade van God wat verlossing bring, het immers aan alle mense verskyn. [12]Dit voed ons op om die goddelose leefwyse en wêreldse begeerlikhede te laat vaar en met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug in die teenswoordige wêreld te lewe, ... [14]Hy het Homself vir ons as offer gegee om ons van alle ongeregtigheid vry te maak en ons van sonde te reinig, sodat ons sy eie volk kan wees wat ywerig is om die goeie te doen."

Wat mense opvoed in die regte lewenswyse is die genade van God wat verlossing bring. Dit is Christus en ons vereniging en versoening met Christus. Opvoeding is nie dieselfde as om te leer nie. Opvoeding gaan oor iets jou eie-maak: om deel te word en deel te wees van ingesteldhede en waardes. Opvoeding gaan nie net oor die kennis van wat reg en verkeerd is nie, maar om te deel in wat reg is.

Dit is wat in en deur Christus gebeur. Hy leer ons nie net wat volgens die wet reg is nie. Hy laat ons déél in dit wat reg is. Hy leer ons nie net wat verkeerd is nie. Hy deel met ons in wat verkeerd is.

Die krag waardeur Christus ons in 'n nuwe lewenswyse opvoed, is gemeensaamheid, nie voorskriftelikheid nie. Christus laat ons déél in die heiligheid, heerlikheid, goedheid, onskuld, vriendskap en liefde wat Hy as mens vir God uitleef, terwyl Hy déél in die ongeërgdheid, onverantwoordelikheid, slegtheid, opstandigheid, vyandskap en haat wat ons teenoor God en ons naaste uitleef.

Deur hierdie gemeensaamheid laat Hy ons afsien van ons goddelose leefwyse. Só skep Hy in ons 'n lewe waarin ons verbind is aan die bedoeling van God se wet, want in Christus se gemeensaamheid met my onheiligheid, herken ek my goed gewaande begeertes as ongeërgdheid teenoor God, en in die gemeensaamheid van sy heiligheid verbind ek myself om weer volkome volgens God se wil te leef. In Christus se gemeensaamheid met die oordeel oor my sonde herken ek my eie selfgeregverdigde misdrywe as oortredings teen God, en in die gemeensaamheid met sy heerlikheid om kind van God te wees, verbind ek my weer innerlik aan die eer van God. In Christus se kruisiging is die gemeensaamheid met die kwaad wat ek doen en herken ek my goed bedoelde beskadiging van mense as kwaadwilligheid teen God. In die gemeensaamheid van sy seën verbind ek my weer tot die goeie van die wil van God. In Christus se gemeensaamheid met die straf op my sonde herken ek weer my berekende eiegeregtigheid as onreg teenoor my naaste en God, en in die gemeensaamheid met sy skuldloosheid verbind ek my weer innerlik aan die diensbaarheid van God se wil. In

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Christus se gemeensaamheid met die verwerplikheid van my sonde ontdek ek weer my selfvertroetelde innighede as haat, en in die gemeensaamheid dat God my aanneem, verbind ek my weer innerlik in liefde aan sy wet.

Dit is net deur die gemeensaamheid met Christus wat hierdie opvoeding gebeur, naamlik dat sondaars sonde weer innerlik as sonde herken, dit as sonde laat vaar en innerlik hulself weer aan die goeie van die wil van God kan verbind.

Hierdie opvoeding kan nie deur die wet gebeur nie, want in die wet is daar geen gemeensaamheid tussen my en God nie. Dit stel my teenoor en buite God se goedheid en genade. Daarom kan die wet net wys op reg en verkeerd, maar dit het geen krag wat kan maak dat sondaars hul goddelose lewenswyse laat vaar en hulself aan die wil van God verbind nie.

Die wet is tugmeester na Christus. Dit wys jou wie jy in Christus is sodat jy jouself as sondaar in Christus se geboorte, lyding, kruisiging, sterwe en hel kan vind. Net in vereniging met Christus kan sondaars hul onheiligheid, selfregverdiging, kwaadwilligheid, selfgenoegsaamheid en eiegeregtigheid as hul sonde teenoor God herken en erken. Buite Christus ervaar sondaars hierdie sonde as goeie bedoelings, want in vereniging met Christus is dit 'n herkenning en erkenning buite en sonder die vernedering, veroordeling, vloek, straf en verwerping van God. Daarom hoef sondaars in Christus nie meer hul goeie bedoelings en selfregverdigings vir hul selfbehoud teenoor die oordeel van God te glo nie.

Dit is wat tug is: om jouself as sondaar te vind in die barmhartigheid, genade, goedheid, guns en liefde van God en so vind jy jouself as sondaar in Christus. Op hierdie wyse kan jy jou oortredinge, jou misdade, jou vergrype, jou moedswillighede, jou bedoelde, beplande en berekende eiewillighede teenoor God erken.

Die wet is tugmeester na Christus. Dit wys jou wie jy in Christus is sodat jy jouself as kind van God kan vind in die geboorte, lyding, kruisiging, sterwe en hel van Christus. Tug is om jouself as heilige, verheerlikte, geseënde, begunstigde en geliefde kind van God in Christus te ontdek en te aanvaar. Op hierdie wyse kan jy jouself toewy aan die gehoorsaamheid, diensbaarheid, verantwoordbaarheid, aanspreeklikheid en liefde wat God van sy kinders in sy wet eis. In tug vind jy jouself as geheiligde kind van God in jou toewyding buite die wraak, toorn, woede, grimmigheid, vyandskap en haat van God.

Die tugtiging van God gebeur deur die evangelie: ons vereniging en versoening met Christus. Daarom kan die wet net ons tugmeester na Christus wees. Dit kan ons wys op die een in wie ons getug word. Die wet self tug nie. Die wet straf en veroordeel. Daarom is die wet heenwyser na die Een wat tug, Christus. In Christus sal jy die krag van godsdienstige opvoeding vind. In sy gemeensaamheid met jou as sondaar sal jy die krag vind om sonde te herken as sonde en dit as sonde te kan laat vaar. In jou gemeensaamheid met Christus sal jy die krag vind om die goeie weer as jou eie wil en lewe te kan ontdek en te kan doen. Daarom

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

sê Paulus dat hulle wat in Christus is nie meer onder die tugmeester is nie. Hulle het die een gevind wat tug. Daarom staan hulle nie meer onder die straf van die wet nie.

Christelike tug is om mense te wys op Christus en die gemeensaamheid met Christus: Syne is myne en myne is Syne. Alle Christelike vermanings, bestraffings of afsnydings kan net tug wees. Dit kan net bedoel om mense te wys op die krag waardeur hulle hul sonde as sonde kan herken en laat vaar. Dit wys sondaars na die krag waardeur hulle weer 'n nuwe lewe volgens God se wil kan leef, die vereniging met en versoening deur Jesus Christus.

In die wet self vind daar nooit tugtiging plaas nie, want in die wet kan daar nooit 'n gemeensaamheid wees waarin die sondaar sy sondes as sondes kan herken of homself innerlik aan die bedoeling van die wet kan verbind nie. Dit wys Paulus in Rom. 2:17-24:

> Jy, jy sê jy is 'n Jood, jy verlaat jou op die wet van Moses, jy beroem jou daarop dat God jou God is, [18]jy ken sy wil en jy onderskei die dinge waar dit werklik op aankom, omdat jy deur die wet onderrig word. [19]Jy is daarvan oortuig dat jy 'n gids vir die blindes is, 'n lig vir dié wat in die duisternis is, [20]'n leermeester van dié wat onkundig is, 'n onderwyser van dié wat niks weet nie, omdat die wet vir jou die samevatting is van kennis en waarheid - [21]jy dan, wat 'n ander leer, leer jy jouself? Jy wat preek dat 'n mens nie mag steel nie, steel jy nie? [22]Jy wat sê 'n mens mag nie egbreuk pleeg nie, pleeg jy nie egbreuk nie? Jy wat 'n afsku het van afgode, beroof jy nie hulle tempels nie? [23]Jy wat jou op die wet beroem, doen jy God nie oneer aan deur sy wet te oortree nie? [24]Inderdaad, soos daar geskrywe staan, "as gevolg van julle optrede word die Naam van God deur die heidennasies belaster.

Paulus wys weer hier op die rol wat die Joodse Fariseërs, Sadduseërs en skrifgeleerdes vir hulself in die wet van God toegeëien het. Volgens hul mening stel die wet hulle in die posisie dat hulle weet en doen wat reg is, en weet wat verkeerd is en dit nie doen nie. Hierdie wete van reg en verkeerd laat hulle meen dat hulle bemagtig is om as tussengangers tussen God en mens op te tree. Die keuse wat hulle maak om volgens die wet reg te leef en teen sonde te kies, laat hulle voel dat hulle God hul eie gemaak het. Hulle glo dat hul wete van dit wat reg en verkeerd is, aan hulle die mag gee om ander mense, wat hulle meen nie in staat is om te weet wat reg en verkeerd is nie, te begelei in dit wat reg en verkeerd is. Hulle glo hulle beskik oor die mag om mense innerlik te kan verlig sodat hulle sonde as sonde kan herken en self innerlik verlig is om die goeie te doen. Hulle glo hulle beskik oor die mag om mense te leer hoe om sonde te laat vaar en hoe om gehoorsaam aan God te wees.

Hoe kan hulle so iets glo?
Dit glo hulle deur die krag van hul aanbidding van God en liefde vir hul naaste! Hul aanbidding en liefde volgens die wet is vir hulle die samevatting van kennis en waarheid. Hulle glo dat hulle God só goed aanbid en hul naaste só reg lief het, dat God hulle die geestelike opvoedkundiges van ander gemaak het.

Daarom glo en voel hulle dat wat Christus deur die evangelie doen, hulle deur God se wet kan doen: om mense op te voed om hul goddelose leefwyse en wêreldse begeerlikhede te laat vaar en met selfbeheersing, opregtheid en Godsvrug te kan lewe.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hierdie onderwysers in die wet is nie meer tugmeesters na Christus toe nie. Hulle is nie meer die bediendes wat die kinders na die onderwyser, Christus, toe neem sodat Hy hulle deur sy genade sal opvoed nie. Húlle is nou die opvoeders. Hulle glo hul eie innigheid en aanbidding bemagtig hulle hiertoe.

Dit is egter maar net wat hulle glo. Die werklikheid van hul menswees is anders. Wat is die gemeensaamheid tussen sulke tussengangers en hul navolgers? Paulus wys dat wat hulle met mekaar in gemeen het en in mekaar beleef sonde is, want hierdie tussengangers doen die sondes wat hulle weet verkeerd is. Hulle doen nie die goeie dade wat hulle weet reg is nie. Dít het rabbi's en hul bekeerlinge in gemeen. Die werklikheid van hierdie selfaangestelde opvoedkundiges en leermeesters is nie die opvoeding deur God se genade nie. Hul idee van die verhouding van leermeester en volgeling kom neer op minagting van God binne die oordeel van God. Die Here beskryf die innerlike hel van hierdie mentorskap van geestelikes teenoor mekaar in Matteus 23:13-28

> Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle sluit die deur van die koninkryk in die mense se gesig toe. Julle gaan self nie in nie, en julle verhinder dié wat wel wil ingaan. ... [15]"Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle trek oor see en land rond om een bekeerling te maak, en as hy dit word, maak julle hom twee maal so ryp vir die hel as wat julle self is.[16]"Ellende wag vir julle, julle wat ander wil lei en self blind is ...[27]"Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle is soos witgeverfde grafte, wat van buite mooi lyk maar daarbinne vol doodsbene en allerhande onsuiwerheid is. [28]So is julle ook: van buite lyk julle vir mense vroom, maar van binne is julle vol huigelary en minagting van die wet.

'n Mentor se geestelikheid maak sy navolgers twee keer so gereed vir die hel as wat hulle was voordat hulle in hierdie mentorskap onderlê is.

Hoe so?

Die verhouding tussen mentor en navolger in die Joodse spiritualiteit, en daarom in alle spiritualiteite buite Christus, werk soos volg: Die Fariseër glo hy is geestelik geoefen om die goeie te doen en die kwaad uit te los. Hy is so bedrewe in gebed, toewyding, bekering, oorgawe, liefde en gehoorsaamheid dat hy dit innerlik bemeester het om die goeie te doen en die kwade te laat vaar. Hy glo dat hierdie geestelike vaardighede hom bemagtig om ander sukkelende ongeestelikes en onbekwames se leermeester te wees. Daarom sal hulle tot uiterstes gaan om mense te kry wat hulle sal onderwerp aan hul geestelike vaardighede. Alle spiritualiteite is geestelike piramideskemas. Elke mentor se bekeerling is die volgende bekeerling se mentor.

Mentors en bekeerlinge glo hulle leer en bedryf liefde vir God in hul innerlike liefdes vir mekaar en in hul aanbidding, maar dit is nie die werklikheid van God en mense nie. Dit is nét die gewaande wêreld van hul innerlike geestelikheid. Volgens Christus se woorde is al wat in hierdie geestelike innigheid tussen geestelike leermeesters en dissipels gebeur huigelary en minagting van die wet van God.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dat Joodse rabbi's en bekeerlinge God se liefde, goedheid en genade in mekaar ervaar, is huigelary. Dit is net hoe hulle hul tussengeestelikheid met mekaar voorhou. Hulle kan nie God in mekaar se geestelike leiding en onderwerping beleef nie. Dit is maar net 'n innerlike oorheersing en onderwerping aan mekaar se begeertes. Voorts het hierdie oorheersing van en onderwerping aan mekaar se begeertes in gebed, liefde, sondebelydenis en goeie ondernemings niks met God te doen nie. God laat Hom nie in hierdie tussengeestelikheid van rabbi's en bekeerlinge vind nie. Hul vertellinge oor hoe hulle God in mekaar se oorheersing en onderwerping vind, is nie getuienis oor God nie. Dit is huigelary. Hulle hou hul ervaring van rabbi en bekeerling net voor asof hulle God se liefde en goedheid in mekaar vind.

Die oorheersing en onderwerping wat rabbi's, dit is mentors, en bekeerlinge teenoor mekaar beoefen, is minagting van God se wet. God se wet is tugmeester na Christus toe. Die wet wys aan alle sondaars dat die heiligheid, aanspreeklikheid, verantwoordbaarheid, diensbaarheid en liefde, wat hulle nie in hulself is of kan vind nie, hulle in hul vereniging en versoening met Christus moet vind.

Mentors en bekeerlinge glo egter dat hulle deur die wet van God gewys word om in mekaar se geestelikheid die heiligheid, aanspreeklikheid, diensbaarheid en liefde vir God te vind. Vir hulle is die wet die tugmeester na die geestelikes toe. Die wet lei jou na die verhouding van rabbi en bekeerling toe. Wie die wet nie meer as tugmeester na Christus toe ag nie, maar dit ervaar as tugmeester na geestelike mentors toe wat bedrewe is in gehoorsaamheid aan God, minag die wet van God omdat dit die wet van God se bedoeling vervang met die bedoeling van selfgemaakte wettiese, godsdienstige reëls (Kol.2:20).

Die geestelikheid wat rabbi's en bekeerlinge in mekaar beoefen, is nie liefde vir God nie. Dit is die verdraaide opvattings van Romeine 1. Hulle oefen mekaar in hierdie verdraaide opvattings asof dit ware liefde vir God en hul naaste is.

Daarom is rabbi's, dit is, mentors se bekeerlinge twee keer meer gereed vir die hel as voor hul bekering. Voor hul bekering was hulle sondaars sonder God se genade en liefde. Ná hul bekering glo hulle dat hulle deur dit wat hulle in die geestelike verhouding met hul geestelike mentors ervaar, deel is van God se liefde en genade. Dit wat hulle egter in mekaar ervaar, is nie God se genade en liefde nie. Dit is die verdraaide opvattings van hul mentors. Nou is hulle in die geloof dat hulle God se genade en liefde in hierdie verdraaide opvattings ervaar, nog verder weg in sy oordeel. Nou doen hulle nie net meer sonde nie. Nou glo hulle hul sonde is liefde vir God!

In die moderne spiritualiteit glo mense die innigheid en aanbidding van geestelikes is die nuwe mag van God om mense op te voed om die goeie te doen en die sonde te laat vaar. Hulle het die mag om mense persoonlik na God toe te lei. Deur hul bekering, die vertelling van hul bekering, hul geesteservarings en innighede lei hulle ander tot bekering en vervulling met God se Gees. Hulle glo dat hierdie geestelike leiding hul bekeerlinge losmaak van sonde en aan die goeie verbind.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die gemeensaamheid wat mense nou in die goeie laat deel, is die persoon van die geestelike mentor. Mense glo geestelike mentors is só deel van God se liefde en genade dat hulle God se Persoon uitstraal en aan ander mense meedeel. Hulle glo dat mense God self beleef in geestelike mentors se innigheid en aanbidding. Daarom glo hulle ook dat hierdie ervaring van God in en deur die persoonlike verhouding met mentors, die krag is wat mense hul ou lewenswyse laat vaar en deel van ’n nuwe lewenswyse maak.

Wat is die werklike krag wat maak dat mense God in ’n persoonlike verhouding met geestelike mentors wil beleef? In die moderne spiritualiteit is hierdie krag die veroordeling van God. Geestelike mentors lei hul voornemende bekeerlinge tot ’n persoonlike verhouding met God in hulle deur hulle onder die oordeel van die wet van God te stel.

Hulle verkondig dat mense eers moet besef, bely en ervaar dat hulle “verlore sondaars is”, voordat hulle “Jesus” in ’n persoonlike verhouding met een van hulle as geestelikes kan vind.

Hulle maak die ervaring van verlorenheid onder die oordeel van God die wyse waarop mense opgevoed word om hulle te verbind tot die goeie en die kwade uit te los. Daarom begelei hulle mense om hulself te sien en te ervaar as deel van die woede, oordeel, vloek, straf en verwerping van God. Hulle glo dat die mens in hierdie ervaring van God se woede, oordeel, vloek, straf en verwerping die krag kry om sy eie sonde te herken, sy sonde te los en op die goeie te besluit: om God persoonlik aan te neem.

Waarin moet jy hierdie veroordeling van God ervaar? Dit ervaar jy in die persoon van geestelike mentors! In jou persoonlike verhouding met ’n geestelike sal jy in sy innigheid en aanbidding ervaar en beleef dat jy nie soos hy deel van God se Goddelikheid is nie. Die geestelikes se belewenisse met God stel jou in die volgende erkentlikheid van jou eie veroordeelde posisie voor God: Jy is nog nie soos hulle wedergebore nie! God is nog nie in jou lewe soos wat Hy in hul lewens is nie! Jy ervaar nog nie die werklike vreugde om God persoonlik te ervaar soos wat hulle God ervaar nie. Jy leef nog vleeslik, nie geestelik nie! Jy het nog nie God se Gees ontvang nie! Jy leef nog nie in die krag van God nie!

Die werklike rede hoekom jy nog nie God se Goddelikheid soos hulle kan belewe nie, moet jy innig met hulle in ’n persoonlike konfrontasie beleef. Binne hul innigheid en liefde staan jy voor God verneder, veroordeeld, sleg, skuldig en is jy niks werd nie. Dit is ’n fout om te dink dat hulle jou met ’n brutale geskree in God se veroordeling in verdoem. Inteendeel. Terwyl hulle jou met innighede vertroulik verseker hoe lief hulle vir jou is, moet jy jou verlorenheid vir God in hul innigheid jou eie maak. Dit is in hul tere, omhelsende goddelikheid dat jy jou persoonlike verdoemenis buite God se liefde moet voel.

Hierdie veroordeling van God wat jy in hul innigheid en aanbidding moet beleef, sal jou dan ook, volgens hul geloof, toerus om vir God te kies. Jou ervaring van jou eie slegtheid vir God sal jou tot die keuse bring om God in jou lewe in te nooi! Jou ervaring van jou waardeloosheid vir God sal jou tot algehele oorgawe aan God bring!

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die tugtiging wat deur Christene se vereniging met Christus plaasvind om as heilige, verheerlikte, geseënde, onskuldige en geliefde kind van God jou sondes en nuwe roeping te vind, vervang die spiritueles met die veroordeling van God in hul innigheid en aanbidding. In hul innigheid en aanbidding moet jy die sonde van jou ongoddelikheid herken in jou ervaring dat jy vir God verlore, veroordeeld, beskuldig, vervloek en verlate is. In hul ervaring van God moet jy jou eie goddelikheid terugvind.

Kan hul veroordeling van mense as synde nie wedergebore, nie Godsvervuld, en nie geestelik nie, lei tot 'n lewe waarin die kwade laat vaar word en die goeie gedoen word? Kan hulle mense met hul innigheid en aanbidding in die Gees lei om sonde te laat vaar en God se wet te onderhou?

'n Mentor wat sy saak met God reggemaak het deur sy hart en lewe aan God te gee, minag Christus se lyding en opstanding.
'n Mentor wat vir God reg leef deur sy liefdes en oorgawes, minag die nuwe genadeheerskappy van Christus.
'n Mentor wat glo hy het die vaardighede van gehoorsaamheid bemeester, het net die vaardigheid van verdraaide opvattings bemeester: hy leef sy sondige begeertes uit as die vrugte van God se Gees.

Hulle sê dit self! Hulle erken self dat gehoorsaamheid aan die wet nie langer vir hulle saak maak nie. Hulle is nie meer aan die wet van God as die inhoud van die nuwe lewe vir God verbind nie. Hulle het 'n nuwe, alternatiewe gehoorsaamheid gevind wat die wet van God vervang: goddelike liefde! In hierdie nuwe goddelike liefde ervaar hulle hulself en ander as deel van die lewe, persoon, wil en krag van God! In hierdie nuwe goddelike liefde is hulle nie meer aan God volgens sy wet gehoorsaam nie. In goddelike liefde identifiseer hulle hulself met God. In hul minagting van God se wet wil hulle nie aan God se wet gehoorsaam wees nie. Hulle het die nuwe "geestelike wet" gevind, naamlik om deel te wees van God se eie lewe en wil.

Onder die veroordeling van God kan geen mens sy eie sonde voor God herken en erken nie. Onder die woede en haat van God kan geen mens homself tot die goeie van God se wil verbind nie. Mense kan nie binne die oordeel van God bestaan nie. Onder die oordeel van God, vlug sondaars van God weg: "[8]Hulle het gehoor hoe die Here God in die tuin wandel teen die tyd dat die aandwind opkom, en die mens en sy vrou het vir die Here God weggekruip tussen die bome van die tuin." (Gen.1:8)

In die moderne spiritualiteit word hierdie wegvlug van God die weg tot die persoonlike verhouding met God. Hulle wil hê dat jy in skaamte leeg van God en jouself en in en deur hul innigheid 'n nuwe volheid met God en mense sal ervaar. Dit is onder die oordeel van God dat mense in skaamte hul eie ek ontken, hulself as dood voel en dood vir God reken, hul eie krag oorgee en hul aanspreeklikheid en verantwoordbaarheid teenoor God opgee.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit is die werking van die ou Tien Gebooie, die wet van sonde en dood. (Rom. 8:2). Die wet waarvan Christus ons losgemaak het, is die wet waardeur dié geestelikes die krag vir hul geestelikheid kry. Daarom stel geestelikes mense onder die oordeel van die wet. Waar mense vir God en hulself wegvlug, kan geestelikes inkom en oorneem.

Die innerlike geestelikheid wat mentors met ander in liefde en aanbidding deel, is minagting van God se wet. Dit is die enigste gemeensaamheid wat sondaars in mekaar kan vind. Daarom is die godsdienstige voorwendsel dat hulle in mekaar die liefde, goedheid, teenwoordigheid, toeganklikheid, kennis en krag van God vind, huigelary. Dit is afgodsdiens. Hulle vind in mekaar net minagting vir God, maar hulle glo en leef hierdie minagting vir God as die ware innigheid met God in mekaar.

Al wat hulle werklik in mekaar vind, is dat albei partye deur God veroordeel is. Hierdie werklikheid herken hulle egter nie meer as God se oordeel nie. Hulle glo dat in en deur die veroordeling waardeur hulle vir God waardeloos is, hulle hul eie ek voor God ontken, hulle hulself voor God niks laat wees nie en hulle hul aanspreeklikheid en verantwoordbaarheid teenoor God opgee, dat hulle die volle liefde van God in mekaar as geestelike leiers en volgelinge beleef.

Hulle ervaar Godsverduistering in mekaar as God se volkome liefde onder mekaar. Onder die oordeel van God ervaar hulle die sonde om hulself met God te identifiseer as die nuwe lewenswyse waarin God hulle opvoed.

Afgodsdiens en goddeloosheid is twee variasies van dieselfde godloosheid. Dit sien 'n mens duidelik wanneer Paulus se verwysings na die sedeloosheid van afgodsdiens in Romeine1 met die sedelikheid van die Jode in Romeine 10 vergelyk:

> "[18]God openbaar vanuit die hemel sy toorn oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat die waarheid deur hulle ongeregtigheid probeer onderdruk. ... [32]Hulle is mense wat die verordening van God ken dat dié wat sulke dinge doen, die dood verdien, en tog doen hulle nie net self hierdie dinge nie, maar hulle vind dit ook goed as ander dit doen." (Rom.1:18;32)

> "...[2]want ek kan van hulle getuig dat hulle vol ywer vir God is, maar sonder die regte insig. [3]Hulle het hulle nie gesteur aan die manier waarop God mense vryspreek nie. Hulle wil niks van God se manier van vryspraak weet nie; hulle probeer dit op hulle eie manier kry. (Rom.10:2,3)

Die krag wat maak dat sondaars hul sonde vrymoedig uitleef as ware liefde en opregte bedoelings, is hul goddeloosheid waarin hulle met God identifiseer. (Rom.1) Dit is juis hul wete dat hulle onder God se oordeel is, wat hulle bemagtig om van hul sondes ware liefdes te maak. Goddeloses preek en leer hul sondes as ware liefde. Dit is juis God se oordeel wat hulle in hierdie opstand teen God bring. In hul minagting vir God en sy wil, maak hulle Hom die Skepper en Here van hul sondes.

In afgodsdiens word die oordeel van God die krag wat mense bemagtig om vir God in dieselfde opstandigheid oor sy oordeel te wys dat hulle hulself vir God sal regverdig met hul
©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

bekering, oorgawe, gebed en liefde (Rom.10:3). Daarom maak hulle van die oordeel van God hul weg tot regverdigmaking. Die weg waar God hulle veroordeel vir hul sonde, erken hulle nie as die weg waarop ’n mens vir God verlore is nie. Hulle maak van hierdie verlorenheid vir God die weg tot hul eie verdiende saligheid: as jy erken dat jy ’n verlore sondaar is, kan God in jou lewe inkom! Godsverduistering maak geestelike mentors die ware lig in mense se lewens!

Dit is soos met insekte: die duisternis wat as nag daal wanneer die son wegsak, maak elke mensgemaakte lig vir insekte die ware son; die son waarin hulle hulself vernietig. Waar Christus as die ware lig skyn, verloor alle mensgemaakte lig sy aantrekkingskrag. (Joh.1:9)

Die heidense sedeloosheid en die Jode se sedelikheid kom uit dieselfde bron, die mens se opstand teen die oordeel van God oor sy sonde. Die heidene maak van God se oordeel die krag van hul sedeloosheid. Die duisternis van God se oordeel maak dat hulle hul sonde voorhou en uitleef as goddelike liefde. Die Jode maak van God se oordeel die krag van hul sedelikheid. In die duisternis van God se oordeel maak hulle die dade waarvoor God hulle veroordeel tot die goeie dade waarmee hulle hulself teenoor God regverdig.

In die moderne Christelikheid het die Christelike tug heeltemal verval. Niemand wat in sonde leef, word meer deur kerke vermaan, onder sensuur geplaas of van die koninkryk van God afgesny nie.

Daar word geglo dat die Christelike tug liefdeloos is, dat dit mense van Christus sal wegdryf en dat niemand anders die reg het om oor ander mense se sonde te oordeel nie, ten spyte van die direkte opdrag van die Skrif:

> [1]Wat ek geskryf het, was dat julle nie moet omgaan met iemand wat homself ’n gelowige noem, maar wat onsedelik of geldgierig of ’n afgodsdienaar of kwaadprater of dronkaard of bedrieër is nie. Met so iemand moet julle nie eens saam eet nie. [12–13]Per slot van rekening is dit nie vir my om oor mense buite die gemeente te oordeel nie. God sal oor hulle oordeel. Maar julle moet oor julle eie mense oordeel: “Verwyder die slegte mens onder julle uit!” (1 Kor.5:11-13)

Pleks dat hulle die Christelike tug as genademiddel deur God uitoefen, wil hulle mense deur hul eie liefde en aanbidding na God toe nader trek.

Watter liefde en aanbidding is dit? Die innigheid en aanbidding in die Gees waarmee hulle aan mense wat sonde doen, wys dat hulle nie wedergebore is, nog nie God in hul lewe het nie, nie die Gees van God ontvang het nie en nie die krag van God in hul lewe het nie.

Wat toon jy aan iemand as jy hom daarop wys dat hy nie wedergebore is, nie God in sy lewe het nie, nie die Gees van God ontvang het en nie die krag van God se Gees in sy lewe nie? Jy wys hom daarop dat hy onder die oordeel van God is en verlore is. Jy wys hom hy is uitgesluit uit die koninkryk van God.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit is die teenstrydigheid. Die liefde waarmee hulle mense na die Here toe wil aantrek, is die oordeel dat hulle verlore is en uit God se heerskappy uitgesluit is. Dit is die werklike motief vir hul tugloosheid. Hulle kan en wil nie aanvaar dat gelowiges wat met Christus verenig is en met God versoen is, sondig is en ware sonde kan doen nie. Hulle kan nie aanvaar dat gelowiges in Christus heilig, verheerlik, geseënd, onskuldig en geliefd kan wees terwyl hulle nog in hulself onheilig, oortreders, kwaadwillig, onverantwoordelik, opstandig en haatdraend teenoor God is nie.

Hulle het in hulself 'n nuwe krag gevind wat hulle bokant die gebrokenheid van sondaars verhef. Daar kan nie tug wees nie, want daar is niks om getug te word nie! In hul vereniging met God ervaar hulle die krag van sy persoon, lewe en wil. In hierdie beleefde goddelikheid is niks meer tugwaardig nie. Wie nie deel van hierdie krag van God in hulle is nie, verwerp hulle met persoonlike spreuke en word buite God se ryk gestel. In hul gemoed behoort die koninkryk van God aan die magtige Godsvervuldes, nie aan gebroke sondaars nie. In hul geestelikheid kan jy nie tot krag en mag getug word nie. Óf jy deel die mag van God, óf jy is sonder die mag van God. Daarom is jy óf wedergebore en Geesvervuld, sonder die nodigheid van tugtiging, óf jy is nie wedergebore nie en is sonder God se krag en staan veroordeeld buite sy mag.

Die liefde waarmee moderne geestelikes mense na God toe nader trek, is dieselfde medemenslike liefde waarmee goddeloses mense van God probeer bevry, en dít gaan oor mag! In die wêreld van goddeloses is die magtiges reg en goed. Die swakkes is verkeerd en sleg. Die bipolariteit van goddeloosheid en afgodsdiens gaan oor dieselfde saak, naamlik dat oorheersing van die magtige goedheid is! Swakkes se gehoorsaamheid aan God is slegtheid!

> Maar Jesus sê vir hulle: "By die nasies is dit so: konings speel oor hulle baas, en dié wat gesag afdwing, laat hulleself weldoeners noem. 26Maar by julle moet dit nie so wees nie. Inteendeel, die belangrikste onder julle moet soos die geringste wees, en die een wat die leier is, soos die een wat dien. 27Wie is die belangrikste: die een wat aan tafel is, of die een wat bedien? Tog hy wat aan tafel is, nie waar nie? Maar Ek is in julle kring soos die een wat dien." (Luk. 22:25-27)

Christelike tug is 'n diensmiddel waarmee die Here sy kerk toerus met dit wat aan gelowiges bedien moet word. Tugtiging kan nooit iets wees wat gelowiges van Christus af kan wegdryf nie, want in die vermaning, weerhouding van die tekens van die evangelie en selfs in die afsnyding, word lidmate gewys op hul heiligheid, heerlikheid, skuldloosheid en geliefdheid in Christus.

Wie tug verwerp, verwerp Christus. Wie tug verwerp, kies vir die veroordeling van die swakkes deur die magtiges! Daar is nie 'n beter en liefdevoller innigheid in geestelikes as die liefde en genade van Christus in en deur die Christelike tug nie.

**16. Die oorwinningslewe**

Die tugloosheid in die moderne spiritualiteit gaan oor dit wat geestelikes die oorwinningslewe noem; die lewe in die krag van God!

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Wat is die oorwinning waarin Christene leef? Die apostel, Johannes, stel dit só: “Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam. Sy gebooie is ook nie moeilik om te gehoorsaam nie, [4]want enigeen wat ’n kind van God is, kan die sondige wêreld oorwin. En die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het, is deur ons geloof. Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?” (1 Joh.5:5)

Johannes stel dit duidelik dat Christene se oorwinning oor sonde nie is dat Christene nie sonde doen nie, nie dieselfde sonde weer doen nie, nie sonde begeer of die sondes wat hulle begeer om te doen, nie doen nie: “[10]As ons beweer dat ons nie gesondig het nie, maak ons Hom tot leuenaar en is sy woord nie in ons nie.” (1 Joh. 1:10)

Christene se oorwinning oor die sonde is deur hul geloof in Jesus Christus, nie deur hul sondeloosheid nie. Christene wat sê dat hulle, omdat hulle Christene is, nie meer sondig nie, nie meer dieselfde sonde telkens doen nie of nie meer sonde begeer nie, maak Christus tot leuenaar.

Watter oorwinning oor sonde is dit? Ons het sonde oorwin, maar doen nog dieselfde sondes as ongelowiges! Dit is die goddeloses en geestelikes se aanklag teen die Here se kerk. Dit is ook die aanklag van gelowiges se eie gewete teen hulself: Christene doen dieselfde sondes as goddelose ongelowiges. Daarom kan Christene maklik in die ongeloof verval dat oorwinning oor sonde ’n mite, ’n illusie of skynheiligheid is.(1 Joh.3:20)

Die oorwinning oor sonde is nie sondeloosheid nie. Die oorwinning oor sonde is dat sondaars die gawe van die Heilige Gees ontvang: “[13]Hiéraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons: Hy het ons sy Gees gegee. ... [15]Wie bely dat Jesus die Seun van God is - God bly in hom en hy in God. [16]En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin.” (1 Joh.4:13-15) Die gawe van die Heilige Gees is die gawe dat God in ons bly en ons in God: Syne is myne en myne is Syne. Hierdie vereniging en versoening met Christus is ons oorwinning oor sonde.

Ons oorwinning oor sonde is dat ons die liefde wat God vir ons het, ken en glo. Die werklike liefde van God vir ons as sondaars is dat Hy deur die versoening in Christus ons liefhet, al doen en begeer ons sonde: “[10]Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.” ( 1 Joh.4:10) Dit is die oorwinning. Ons sonde kan ons nie meer van die liefde van God skei nie. Ons sonde kan ons nooit weer in ’n posisie plaas dat God ons vir die sondes wat ons doen of begeer, veroordeel nie. Ons bly in God se liefde, al doen en begeer ons sonde. In hierdie oordeellose liefde van God skep die Heilige Gees in ons vir God ’n wederliefde: “[17]Hiérin het die liefde sy doel volkome met ons bereik: ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld lewe ons reeds deur die liefde net soos Jesus. [18]Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie. [19]Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het.” (1 Joh.4:17,18)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Ons oorwinning is God se eerste liefde. Hy het ons ín ons sonde lief. Eerste liefde is die liefde waar God, terwyl ons sonde doen en begeer, aan ons die liefde bewys wat Christus toekom, en waar God, terwyl ons sonde doen en begeer, die oordeel wat ons toekom, in Christus verreken. God se liefde is en bly altyd die eerste liefde, want gelowiges bly altyd in hulself sondaars in woord, gedagte, daad en begeerte. God se liefde is nooit 'n tweede liefde nie: liefde wat volg op mense se bekering, oorgawe, toewyding, gehoorsaamheid of liefde nie. Dit is altyd die eerste liefde in sy kinders se opstandigheid, ongeërgdheid, verwaandheid, eiegeregtigheid en selfbeheptheid.

God se eerste liefde is nooit 'n eenmalige eerste liefde nie. Hy gee nie aan ons as sondaars een keer sy liefde eerste nie en daarna word sy liefde 'n wederliefde nie. God se liefde vir sondaars is en kan nooit 'n wederliefde word nie. God is liefde. Ons bly altyd in God se eerste liefde: Syne is myne en myne is Syne: "God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom." (1 Joh.4) God sal sy kinders nooit in 'n sonde of begeerte los en eers wag op hul bekering, gehoorsaamheid of liefde nie. Redding beteken juis dat God sy kinders altyd in elke sonde eerste liefhet: "En ons het gesien en is getuie daarvan dat die Vader die Seun as Redder van die wêreld gestuur het. Wie bely dat Jesus die Seun van God is - God bly in hom en hy in God." (1 Joh.4:14,14)

God se werklike eerste liefde in Christus is ons oorwinning oor sonde. Omdat ons in Christus is en aan Christus behoort, het ons die sondige wêreld oorwin. Hy sal ons altyd in ons sonde eerste en werklik liefhê. Hy sal deur hierdie oordeellose liefde altyd aan ons weer 'n wederliefde gee wat weer sy gebooie wil gehoorsaam.

Dit gee aan die Christen se oorwinningslewe 'n besondere karakter. Die oorwinningslewe is die lewe waarin ek altyd weer sonde in myself herken en as sonde teenoor God erken: "[8]As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie. [9]Maar as ons ons sondes bely - Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid." (1 Joh.1:8,9) Dit is juis die oorwinning dat ek in die heiligheid waarmee Christus my beklee, vreesloos my eie onheiligheid kan herken en erken; dat ek in die heerlikheid waarmee Christus my as kind van God beklee, vreesloos my opstandigheid kan herken en erken; in die seën waarmee Hy my beklee, my kwaadwilligheid vreesloos herken en erken; in die onskuld waarmee Hy my beklee, ek my gemeenheid vreesloos herken en erken; in die liefde waarmee Hy my beklee, ek vreesloos my haat herken en erken.

Die oorwinningslewe is dat Christene nie in die vrees vir die oordeel van God hul eie sonde as verdraaide opvattings regverdig, glo en uitleef nie: "Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie. (1 Joh.4:18) Omdat Christus betroubaar is om ons altyd van alle sonde te reinig, kan ons sonde vrymoedig herken en erken. Die mag wat die Bose oor ons gehad het dat ons uit vrees vir God se oordeel ons sonde moes ontken, vir onsself moes verontskuldig

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

en onsself moes regverdig, is oorwin: “Ek skrywe vir julle, jongmense, omdat julle die Bose oorwin het.” (1 Joh. 2:14).

Die oorwinningslewe is die lewe waarin God se wet weer omhels word as die wyse waarop mense God en hul naaste moet liefhê:

> Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is ’n kind van God; en elkeen wat vir die Vader liefhet, het ook die ander lief wat kinders van die Vader is. [2]Hiéraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie onderhou. [3]Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam. Sy gebooie is ook nie moeilik om te gehoorsaam nie, [4]want enigeen wat ’n kind van God is, kan die sondige wêreld oorwin. En die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het, is deur ons geloof.” (1 Joh.5:1-4)

Vir gelowiges is dit nie meer moeilik om die Tien Gebooie na te kom nie. Vir gelowiges is dit maklik om die Tien Gebooie te onderhou. Dit is weer eens deur ons geloof Christus maklik. Maklik, nie omdat ons dit regkry om te doen wat die Tien Gebooie sê nie. Dit is en sal altyd moeilik, en meestal onmoontlik wees. Maar juis dit is die oorwinning! Gelowiges kan hulle maklik aan die Tien Gebooie verbind as die wyse waarop hulle God en hul naaste liefhet, al is hierdie tipe liefde moeilik en eintlik onmoontlik, want hulle mag dit in Christus vreesloos doen.

God sal hulle nooit vir hul gebrekkige en onvolmaakte liefde volgens sy wet oordeel nie. Hul gebrekkige en onvolkome liefde volgens sy wet word altyd in Christus deur God as volmaakte liefde ontvang: “[18]Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie.” (1 Joh.4). Wie God volgens sy wet liefhet net omdat God Hom liefhet, wie God volgens sy wet sonder vrees liefhet, se liefde is volmaak.

Dit is die wyse waarop gelowiges in Christus God liefhet. God sal hulle nooit vir hul onheilige, besmette en sondige liefde oordeel nie. Dit is só want hul liefde is net ’n wederliefde uit die geloof in sy liefde vir hulle as sondaars. God laat hierdie gebrekkige wederliefde, volmaakte liefde wees. Daarom kan sondaars God in Christus vreesloos volgens sy wet liefhê.

Die oorwinningslewe is dat Christene hulle vrymoedig tot sondeloosheid kan verbind. Johannes stel hierdie verbintenis tot sondeloosheid só: “Dit skrywe ek aan julle, my liewe kinders, dat julle nie moet sondig nie. En as een van ons sondig—ons het Jesus Christus, die regverdige, as ons voorspraak by die Vader.” (1 Joh.2:1) Christene verbind hulle tot die wet van God om nie sonde te doen nie. Dit is ’n vaste verbintenis tot elke gebod van die Tien Gebooie. Gelowiges kies nie aan watter gebooie hulle hulself kan verbind en aan watter hulle hulself nie kan verbind nie. Daar is geen gebod wat ’n gelowige homself kan veroorloof om te mag oortree nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hoe kan mense, wat nooit enige gebod regtig ten volle kan onderhou en elke dag feitlik elke gebod oortree, hul openlik tot sondeloosheid verbind? Dit gebeur omdat die gebod waaraan hulle hulself verbind 'n nuwe soort gebod is. Hierdie gebod werk só: "Jy mag nie, maar as ..." Die ou gebod was: "Jy mag nie én as ...": "[7]Geliefdes, dit is nie 'n nuwe gebod wat ek aan julle voorskrywe nie, maar 'n ou gebod wat julle van die begin af gehad het. Die ou gebod is die boodskap wat julle gehoor het. [8]Tog is dit ook 'n nuwe gebod wat ek aan julle voorskrywe. Dat dit werklik so is, is te sien in Jesus en ook in julle, ..." (1 Joh.2:7,8) Die nuwe gebod is die Tien Gebooie wat sê ons mag nie sonde doen nie, maar as ons sonde doen, word ons nie gestraf nie. Ons bly vir God heilig, skuldloos en geliefde kinders. Die ou gebod is die Tien Gebooie wat sê ons mag nie sonde doen nie en as ons sonde doen, sal God ons straf, oordeel en verwerp. (Sien Hoofstuk 6).

Omdat gelowiges glo dat hulle in Christus is, is hulle verbind tot sondeloosheid.
In Christus is hulle heilig, en daarom is hulle verbind tot die heiligheid wat die wet eis;
in Christus is hulle verheerlikte kinders en daarom is hulle verbind tot die volhardende stryd teen hul sondige geaardheid;
in Christus is hulle skuldloos en daarom is hulle verbind tot volkome gehoorsaamheid;
in Christus is hulle altyd geliefde kinders van God en daarom altyd verbind tot algehele liefde.
Hierdie oorwinningslewe is daarom te sien "in Christus en ook in julle": Syne is myne en myne is Syne.

Die oorwinningslewe bestaan daarin dat gelowiges nooit weer hul sonde as liefde vir God kan uitleef nie. Gelowiges kan nie hul verdraaide opvattings uitleef asof dit die waarheid van God se wil vir hul lewe is nie. (Sien Hoofstuk 11). Dit is wat die apostel in 1 Joh. 3:6-9 beskryf:

> Iemand wat in Hom bly, hou nie aan met sondig nie; iemand wat aanhou sondig, het Hom nie gesien nie en ken Hom nie. [7]Liewe kinders, moenie dat iemand julle mislei nie: wie regverdig lewe, is regverdig soos Hy regverdig is; [8]wie aanhou sonde doen, behoort aan die duiwel, want die duiwel hou van die begin af aan met sondig. En die Seun van God het juis gekom om die werk van die duiwel tot niet te maak. [9]Iemand wat 'n kind van God is, doen nie meer sonde nie, omdat die Gees van God in hom bly; en hy kan nie meer sondig nie, omdat hy uit God gebore is. [10]Hiéraan is dit duidelik wie kinders van God en wie kinders van die duiwel is: iemand wat nie regverdig lewe nie en nie sy broer liefhet nie, behoort nie aan God nie.

Johannes bedoel nie met "aanhou sonde doen" en "doen nie meer sonde" dat gelowiges nie sonde doen of opgehou het om sondes te doen nie. Dit sou strydig wees met alles wat Johannes in 1 Johannes 1 verse 5 tot 2 gestel het.

Hierdie "aanhou-sonde-doen" gaan oor dit wat die kinders van die duiwel doen: die duiwel hou aan met sonde doen. Hoe? Die duiwel hou aan om sonde te doen asof dit die wil van God is. Johannes beskryf hier presies dieselfde as wat Paulus in Romeine 1 verse 18 tot 32 beskryf. Aanhou-sonde-doen beteken om aan te hou om sonde te doen asof dit liefde vir God en mense is. Hierdie "aanhou-sonde-doen" gaan dus oor die uitleef van verdraaide opvattings. (Sien Hoofstuk 11).

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit is nie vir ’n gelowige moontlik om sonde te bedryf asof dit ware liefde vir God en mense is nie. Dit is nie vir ’n gelowige moontlik om aan te hou om sy eie sondes te glo as goed bedoelde en geregverdigde dade nie. Gelowiges herken, erken en breek met sondes as sondes. Gelowiges herken, erken en verbind hulle tot die geregtigheid wat die wet van God eis as naasteliefde en liefde vir God.

Die heiligheid wat gelowiges met Christus in sy geboorte deel, kan nie maak dat gelowiges steeds hul onheilighede as innighede met God vertroetel nie; die heerlikheid wat gelowiges as kinders van God met Christus in sy lyding deel, kan nie maak dat gelowiges steeds hul eiegeregtighede as goeie werke vir God aanbied nie; die seën wat gelowiges met Christus in sy kruisiging deel, kan nie maak dat hulle steeds hul kwaadwilligheid as goeie bedoeling glo nie; die onskuld wat gelowiges met Christus in sy dood deel, kan nie maak dat hulle steeds hul selfregverdiging as God se vergifnis glo nie en hulle kan nie deur die liefde wat hulle met Christus in sy godverlatenheid deel, steeds hul selfbehepthede uitleef as intimiteit met God se goddelikheid nie.

Om sonde as die ware bedoeling van God te glo, is die werklike mag van die Bose in mense. Christus vernietig hierdie Bose mag. Hy bemagtig nie mense in hierdie mag nie. Die vereniging en versoening met Christus deurbreek hierdie verdraaide bedoelings binne-in die gedagtes, gevoelens en wil van gelowiges en verbind hulle in gedagte, gevoel en wil aan die werklike bedoeling van die wet van God: geregtigheid volgens die wet van God.

Dit is die oorwinning waarin gelowiges leef: hulle kan nie meer aanhou om sonde as gehoorsaamheid te bedryf nie. Vir gelowiges is sonde en geregtigheid altyd twee onversoenbare sake. Sonde is sonde en geregtigheid is geregtigheid! Wie aanhou om sonde as gehoorsaamheid te glo en te bedryf, behoort nie aan Christus nie, maar behoort aan die Bose.

Ons kan hierdie oorwinning oor sonde met ’n voorbeeld uit die landbou toelig.
Daar is ’n groot verskil tussen boerdery as privaat onderneming en boerdery as ’n sosialistiese droom. Die opsigtelike verskil gaan oor produksie. Sosialistiese drome word nooit werklikhede nie en staatsplase raak vervalle, onproduktiewe plase. Die werklike verskil lê egter nie in produksie nie. Produksie is net die sigbare verskil. Die werklike verskil het te make met eiendomsreg. In ’n privaat onderneming behoort die plaas aan die boer. Sosialistiese plase behoort aan almal. Almal het aanspraak op die eiendom, almal het ’n sê in die bestuur en almal het aanspraak op die opbrengs. Juis daarom aanvaar niemand egter persoonlik aanspreeklikheid vir die onderneming nie. ’n Ondernemende boer neem eiendomsreg en aanvaar aanspreeklikheid vir die grond en die onderneming. Daar is produksie want daar is persoonlike eiendomsreg en onderneming. Waar almal alles besit, beheer en deel, gebeur daar net mooi niks nie.

Alle plase is vol onkruid. Onkruid in die bloei en onkruidsaad in die grond. Daar is nie so iets soos ’n plaas sonder onkruid nie. Die bedoeling van landbou is nooit om grond onkruidvry te maak nie. Die bedoeling is om onkruidbeheer toe te pas sodat dit nie die opbrengs van

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

gewasse benadeel nie. Dit is dus lagwekkend om vermakerig te wil voorgee asof sosialistiese plase en privaat plase maar dieselfde is net omdat alle plase presies dieselfde onkruid het, elke jaar weer presies dieselfde onkruidprobleem ervaar, altyd onkruidsaad in die grond het en nooit onkruidvry sal wees nie. Dit gaan nie oor onkruidloosheid nie. Dit gaan oor die opbrengs van gewasse op hierdie plase wat vol onkruid is en sal bly. Dit is juis die bedoeling van die Here se gelykenis oor die onkruid tussen die koring. (Matt.13:24-30).

Wat is vir gelowiges die oorwinning oor sonde? Dit is nooit dat hulle self ooit sondeloos sal wees nie - nie in woord, daad of in gesindheid nie. Ook nie in geaardheid nie. Gelowiges is plase vol onkruid, in bloei en in die grond.

Hoe kan só ’n plaas deel van die oorwinning wees? Dit gaan oor besitreg. ’n Plaas wat aan ’n ondernemende boer behoort se oorwinning is dat hy aan die boer behoort. Die boer gaan hom bewerk, beplant en die onkruid beheer. Die boer gaan die plaas ontwikkel en produktief maak. Die oorwinning is dat die plaas nie meer aan almal behoort nie, dat almal nie meer beheer het nie, dat almal nie meer aanspraak daarop het of eise op die plaas kan instel nie.

Christene se oorwinning is dat hulle aan Christus behoort en dat Christus sy Gees as gawe aan hulle gee. Hul oorwinning is nie sondeloosheid nie. Christus is die landbouer. Die oorwinning is dat omdat Christene aan die Here behoort. Hy hulle sal bewerk. Hy sal vrugte produseer. Hy sal onkruid beheer. Christus sal sondaars wat ’n sondige geaardheid het en sondes doen, kinders laat wees wat God en hul naaste liefhet. Die oorwinning is die herstel van Christus se besitreg op sondaars, nie sondaars se bereiking van sondeloosheid nie.

In die moderne spiritualiteit word dit wat Johannes uitwys as “aanhou-sonde-doen” verkondig as die ware oorwinningslewe in Christus.

Dit doen hulle deur die oorwinningslewe voor te hou as die nuwe lewe waarin Christene al minder en minder sonde doen, en al meer en meer gehoorsaam aan God word. In die voorbeeld beteken dit dat hulle al hoe minder onkruid het en al hoe meer vrugte dra.

Hierdie tipe oorwinning oor sonde is nie deur geloof in Christus nie. Dit is die uitdruklike verkondiging van die moderne spiritualiteit dat wie in Christus glo, nog nie die oorwinningslewe leef nie. Wat volgens hulle aan Christene oorwinning gee, is om deel van die krag van God te word. Goddelike krag maak moderne Christene deel van hul nuwe soort oorwinning oor sonde. Dit is die wesenlike onderskeid wat hulle tussen “vleeslike Christene” en “geestelike Christene” tref. Volgens hulle het Christene wat in Christus glo, nog nie die krag van God ontvang om die oorwinningslewe te leef nie.

Hoe ontvang jy dan die krag van God? Dit ontvang jy deur die algehele oorgawe aan God, nie deur geloof in Christus nie. Daarom is die gawe van die Gees nie meer die gawe van God se eerste liefde nie. In die ervaring van die krag van God, word God se liefde altyd die tweede

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

liefde. Die mens moet éérs tot algehele oorgawe aan God kom voor hy die Heilige Gees as krag in sy lewe kan ontvang. Die gawe van God se krag is altyd God se tweede liefde. Hy gee dit nadat die mens eers tot totale oorgawe kom.

Wat is hierdie krag van God wat mense deur algehele oorgawe aan God ontvang? Dit is dat hul liefde en aanbidding die krag van God word. God bemagtig hulle dat hulle deur liefde en aanbidding God se krag ontvang en God se lewe leef. Hul innigheid en aanbidding word die middel waardeur God Homself op aarde uitleef en laat geld; hul innigheid en aanbidding word die krag van God wat hulle met nuwe seremonies uitbeeld en aan mense meedeel; hul innigheid en aanbidding word die krag waardeur mense ingesluit of uitgesluit word in God se persoon, wil en krag.

Met hierdie nuwe krag in hul lewe word hulle die tussengangers waardeur God se wonders, planne, visioene, drome, idees, teenwoordigheid, toeganklikheid, bekendheid en openbaarheid op aarde bewerk word.

Die nuwe lewe in God se krag is nie 'n lewe volgens God se wet nie. Die krag van God bevry hulle van 'n lewe volgens God se wet en verbind hulle om in en deur God se eie krag God self te beleef.

Wat is hierdie lewe in die krag van God? Wat is hierdie tweede ervaring van die krag van God se Gees wat iets anders is as "bekering" en "wedergeboorte"?

Volgens die spiritueles self is dit nie Christene se vereniging en versoening met Christus nie. Hierdie insluiting in Christus kan volgens hulle nie die ervaring van die vervulling van die Gees meedeel nie. Dit is maar net 'n voorfase tot die vervulling met God se Gees. Dit is nog net "'n lewe in die tempel, maar nog nie die volle lewe in die Allerheiligste self" nie.

Die ervaring van "vervulling met God se Gees" is volledige identifikasie met God.

Tydens die eerste fase van identifikasie met God leer hulle dat jy die persoon van God moet aanneem: jy moet God in jou lewe innooi. In hierdie eerste identifikasie met God moet jy jou "eie ek" ontken sodat jy jou eie persoon as die persoon van God self kan beleef. Om jou persoon as die persoon van God te beleef, beteken egter nog nie dat jy jou dade en optredes ervaar as die dade en optredes van God self nie. Daarom word nog 'n fase van identifikasie benodig. Jy moet nie net jou persoon met God se persoon identifiseer nie, jy moet vollédig met God identifiseer. Ook jou dade en optredes moet jy as God se eie dade en eie handelinge identifiseer.

Vir hierdie volledige identifikasie met God is daar 'n tweede fase van identifikasie nodig – identifikasie met die krag van God! Anders ervaar jy net God in jou, maar ervaar jy nooit dat God deur jou optree en handel nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

In identifikasie met God is die eerste identifikasie van jou persoon met God se persoon nooit volkome identifikasie nie. Ons kan dit vergelyk met die definisie van afgodsdiens: in afgodsdiens leef mense hulle so in God se persoon, wil en krag in, dat hulle hulself een met die persoon, wil en krag van God ervaar. Met hierdie belewenis bemagtig hulle hulself om hul eie persoon, wil en krag uit te leef as die persoon, wil en krag van God in hulle. In hierdie identiteit met God ervaar spirituele mense hulself as bemiddelaars van die persoon, wil en krag van God vir ander mense, die gemeenskap en die natuur.

Identifikasie met God is om jou in die persoon, wil en krag van God in te leef. Jy kan jouself nie net in die persoon van God inleef, maar jou eie wil en krag nog steeds as jou eie wil en krag ervaar nie. Dit is nie volledige identifikasie met God nie. Boonop is identifikasie met God na sy aard altyd om volledig een met God te wil wees. Daarom moet mense ook hul eie wil en krag met God identifiseer om die volle ervaring van volledige identifikasie met God te kan ervaar.

Die verskeuring van die Christelike geloof in twee geestelike ervarings wat genoem word "bekering en wedergeboorte" en "die vervulling met die Gees van God" wys die werklike inhoud van hierdie moderne Christelikheid uit. Hierdie twee ervarings is afgodsdiens! Hierdie twee spirituele ervarings is die wyse waarop die geloof in Christus volledig tot identifikasie met God omvorm word.

Die genoegsaamheid van geloof in Christus om ons die volle verlossing deelagtig te maak, dit is, om geregverdig te wees, kan nooit in identifikasie met God genoegsaam wees nie.

Regverdigmaking volgens die Bybel sluit twee sake in: om reg te wees én om reg te leef. Ons vereniging en versoening met Christus bewerk albei dele van verlossing, om vir God reg te wees én vir God reg te leef. Ons geloof in Christus laat ons vir God reg wees en laat ook ons lewenswyse, uit geloof in Christus, met al ons sondes en sondige aard vir God reg wees. Dít is ons oorwinning oor sonde.

Identifikasie met God kan nooit net identifikasie van 'n mens se persoon met God se persoon wees nie. Dit skep 'n innerlike spanning in mense se identifikasie met God: hulle ervaar hul persoon as een met God, maar hulle ervaar nog hul eie krag, hul besluite en optredes as deel van hul beperkte, brose en verganklike menslikheid. Om net met God se persoon te identifiseer is 'n gebrekkige vorm van identifikasie met God. Dit laat jou net kragtig wees in jou persoon, maar laat jou beperk en afhanklik in jou optrede. Om jouself ten volle met God se krag vervuld te ervaar, sonder die beperktheid, broosheid en afhanklikheid van jou menslikheid, moet jy volledig met God identifiseer. In volledige identifikasie met God moet alle menslike dade en besluite ook as God se besluite en dade geïdentifiseer word.

Die ervaring van geloof in Christus as twee fases waarin 'n mens eers net God in jou lewe innooi om wedergebore te word waarna jy dan later eers weer jouself volledig aan God moet oorgee om God se krag te kan ervaar, is die verplasing van geloof in Christus met

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

identifikasie met God. Geloof in Christus kan nooit ervaar word as geloof wat jou red, maar wat jou nie die Christelike lewe kan laat leef nie. Jy kan nie aan Christus behoort sonder dat Christus jou die gawe van die Gees gee nie.

Hierdie spirituele ervaring van die "volle Christelike lewe" is niks anders as die ervaring van volledige afgodsdiens nie. Hierdie "volle ervaring van God" is die wyse waarop die hele inhoud van geloof in Christus verdring word deur identifikasie met God. In hierdie volle ervaring van God is daar niks meer oor van die inhoud van sondaars se vereniging en versoening met Christus nie. Elke deel van ons vereniging en versoening met Christus is vervang met die nuwe inhoud van afgodsdiens - identifikasie met God.

Hierdie omvorming van alles wat Christus vir ons is en alles wat Christus ons laat wees tot totaal Christuslose ervarings, gebeur volgens die dinamika van afgodsdiens. In afgodsdiens ervaar die mens alles wat God is as sy eie, terwyl van God self niks meer as net 'n leë naam oorbly nie. Hierdie leë naam is vir hulle die wonderlike naam waarin en waardeur hulle met God identifiseer. Hulle het hierdie leë naam van God nodig om met God te kan identifiseer. Sonder hierdie leë naam kan hulle nie hul goddeloosheid as godsdiens regverdig nie.

In hierdie identifikasie is Christus en alles wat Christus is, doen en met ons deel, net 'n leë naam. Hierdie leë naam is egter vir hulle nodig sodat hulle hul godservarings kan uitleef asof hul godlose ervarings alles sou wees wat Christus is en vir mense doen. In hierdie leë naam, "Christus", maak hulle hul begeerte en ervaring dat hulle een met God in sy Godheid is, die enigste ware wyse waarop mense deel kry aan wat Christus vir hulle doen: Hy maak sy Godheid hulle s'n as hulle hul mensheid Syne maak. As hulle buite hierdie naam met God identifiseer, sal hulle herken word vir wat hulle is en doen: mense wat Christusloos afgodsdiens beoefen!

Dit is hierdie identiteit met God wat hulle as nuwe oorwinning vier.

Hierdie identiteit met God in sy liefde is volgens die moderne Christelikheid die krag wat maak dat jy nie meer net gewoonweg bid nie, God maar net eer, dank, loof en aanbid nie. Dit is 'n nuwe soort oorwinning. Dit is om 'n kragvolle gebedslewe te ervaar waarin jy God nie meer net dáár ver aanroep en aanbid nie, maar dat jy ervaar dat jy in die Heiligste van God self ingaan en in gebed op God se skoot gaan sit! Gebed bemagtig jou met God self.

Identiteit met God in sy vreugde om God te wees, is die krag wat maak dat jy nie die Here maar net as God eer en dien nie, maar dat jy werklik kan lofprys: jy kan in lofprysing God se eie binnevreugde oor Homself as God, met God self ervaar. Dit is die nuwe soort oorwinning - die vreugde om God se goddelikheid in lofprysing te kan beleef.

Identiteit met God in sy eie selfbeheersing as God is die krag wat maak dat jy nie meer 'n lewe leef waar jy gereeld in sonde val en weer uit God se genade moet opstaan nie. Dit maak

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

dat jy sonde al hoe meer oorwin en al hoe minder sonde doen. Die nuwe soort oorwinning is dat jy al minder menslik en al meer goddelik word.

Identiteit met God in sy eie vrede om Homself as God te wees soos Hy God is, is die nuwe soort wat krag maak dat jy nie meer vleeslike begeertes het of 'n vleeslike lewe leef nie. Dit is die krag wat jou geestelik maak. Jy oorwin deur die gewoon menslike behoeftes prys te gee vir die passie om een met God in sy goddelike krag te wees.

Identiteit met God in sy krag is die verlange wat jy kry om een met ander Christene te wees sodat julle saam die krag van die Here kan beleef. Dit is ook die krag waardeur jy ander mense tot 'n werklike persoonlike ontmoeting met God self kan lei, want elkeen wat God beleef, kan hierdie belewenis ook aan ander mense oordra. In jou gemeenskaplikheid met God in sy Godheid oorwin jy die menslikheid om net jouself as mens met ander te deel. In hierdie nuwe soort gemeenskaplikheid beliggaam jy die krag om deur jou persoon God aan ander mense te kan meedeel.

Volgens die moderne Christelikheid is die geestelike "asemhaling" wat mense hierdie identiteit met God laat ervaar, altyd om nog meer van die beheer van jou lewe aan God oor te gee en God al hoe meer toe te laat om die volle beheer van jou oor te neem. Dit is hoe hulle God se koninkryk laat kom: hulle gee God al hoe meer beheer oor hul lewe. Hulle laat God al meer terreine van hul persoonlike en openbare lewe beheer. Die oorwinning is om met die krag van God alles en almal aan die goddelikheid van God te onderwerp.

Elke keer as jy minder krag van God beleef, is dit omdat jy 'n deel van jou lewe nog nie onder die volle beheer van God gestel net nie. Dan moet jy jouself ondersoek om hierdie deel van jou lewe ook aan God oor te gee.

Wat is hierdie kragvolle Christelike lewe waarin geestelikes al hoe minder sonde doen en al hoe meer gehoorsaam is? Dit is 'n lewe van volharding in sonde. Dit leef die verdraaide opvattings uit dat sonde die vrugte van God se Gees is. Wie hierdie kragvolle Christelikheid voorhou as die oorwinningslewe noem die apostel Johannes kinders van die duiwel, want hulle doen wat die duiwel van die begin af gedoen het - hulle maak asof identifikasie met God 'n kragvoller gehoorsaamheid aan God is as die moeisame gesukkel van gelowiges met die geregtigheid van die Tien Gebooie in die geloof dat hulle in Christus die sonde oorwin het.

Daarom is daar 'n ironiese waarheid in hul oorwinningslewe. Hulle doen regtig al hoe minder sonde en is al hoe meer gehoorsaam aan God. As sondeloosheid beteken om al minder jou self te wees, jou eie ek te wees, jou eie lewe te beheer en jou eie lewe te leef, dan doen hulle al hoe minder sonde. As gehoorsaamheid beteken om al hoe meer deel van God se persoon, lewe, wil en krag te word, dan word hulle al hoe meer gehoorsaam aan God. Dit is so want hulle identifiseer hulself al hoe meer in en met God en identifiseer hulself al hoe minder as die menslike mense wat God bedoel het dat hulle moet wees.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hul lewe in die krag van God is dit wat die Bybel uitwys as die lewe volgens die verdraaide opvattings en verdraaide beeld van God. Hul lewe waar hulle al meer soos Jesus in sy Goddelikheid word, is dit wat die Bybel sonde noem. Hul lewe waar hulle al minder hulself is, is die versaking van die ware bedoeling van God, naamlik om mens vir God en medemens te wees. Dit is die hart van alle sonde: om God vir mense te wees, terwyl jy saam met God goddelik wil wees. Dit is die ironie. Hulle doen al meer sonde, terwyl hulle glo hierdie volharding in die sonde is om God al meer gehoorsaam te wees.

Daar is nie volgens die inhoud van die Woord van God ’n verskil tussen die oorwinningslewe van die moderne Christelikheid en die oorwinnigslewe van goddeloosheid nie. Albei is ’n lewe in onbeperkte magtigheid sonder enige diensbaarheid. Albei soek in liefde die mag en krag om alles om hulle na hul wil te verander.

**17. Die oorwinningslewe van Christene is om as sondaars God en mense te kan liefhê**
Dit is Paulus se kritiek op die geestelik kragtiges in die gemeente van Korinte in 1 Korintiërs 13. Paulus wys dat liefde die gawe is om in ’n sondige wêreld diensbaar te leef. Liefde bemagtig niemand met God se krag nie. Liefde is nie ’n goddelike krag en mag om hierdie sondige wêreld mee heel te maak nie. Dit is die gawe om diensbaar in hierdie gebroke wêreld te leef.

In 1 Korintiërs 13 kontrasteer Paulus naasteliefde met die bedieningsgawes. Hierdie vergelyking tussen liefde en kerklike dienste is vreemd. Hoekom is dit vir Paulus nodig om te wys op die verskil tussen liefde en kerkwerk? Omdat die geestelikes in die gemeente krag met liefde in hul gemoed verwar. Daarom is dit vir Paulus nodig om die verskil tussen bedieningsgawes en naasteliefde uit te spel. Die geestelikes in die gemeente Korinte se soeke na geestelike mag het die bedieningsgawes in magsmiddele omvorm. Omdat hulle hul eie liefde en aanbidding die eintlike magsmiddele vir die kerk maak, word liefde én die bedieningsgawes skeef getrek.

Dit is wat hulle met hul “spreek in tale” gedoen het - om aanbidding ’n magsmiddel te maak. Paulus kontrasteer liefde en bedieningsgawes om te wys dat liefde geen goddelike krag is waardeur God sy goddelikheid laat werk nie. Liefde en aanbidding kan nooit alternatiewe magsmiddele in die plek van die bedieningsgawes wees nie.

Die geestelikes se liefde en aanbidding is totalitêre liefde en aanbidding. Met hul liefde en aanbidding ken hulle ál die geheimenisse van God, het hulle ál die kennis van God, is geloof die middel waardeur hulle goddelike mag vrystel om goddelike dade te verrig, dit is, word hulle mense wat berge versit.

In hul kragvolle liefde gee hulle hulself as mens volledig op om self niks te wees nie: hulle doen afstand van alle besit en deel dit aan armes uit. Hulle ontken al hul liggaamlike behoeftes sodat húlle alles vir almal kan wees: “[2]Al het ek die gawe van profesie en ken ek al die geheimenisse en besit ek al die kennis en al het ek al die geloof om berge te versit, maar

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

ek het geen liefde nie, dan is ek niks. [3]Al deel ek al wat ek het aan ander uit, en al gee ek my liggaam prys om my daarop te kan beroem, maar ek het geen liefde nie, baat dit my niks." (1 Kor. 13:2,3)

Dít is wat geestelikes in die gawes van profesie, kennis, geloof, gesondmaking en hulpverlening soek: húlle wil alles vir almal wees. Dít is die ervaring van die kragtigheid van God self.

Teenoor hierdie soeke na Godsvervuldheid deur die bedieningsmiddele van die kerk stel Paulus dat hulle nie in die bedieningsgawes van die kerk hierdie "alles", magtigheid en kragtigheid, sal vind nie. Die soeke na Godsvervuldheid maak mense niks - hulle is niks wat mense as mense bedoel is om te wees nie. Hul Godvervulde magsdade baat hulle niks nie.

Die term "niks" is in die Bybel die term wat gebruik word om die kragtigheid en magtigheid van afgodsdiens te beskryf. Soos wat "niks" in die teks hierbo aangehaal word, beteken dit dus dat mense nie in die bedieningsmiddele van die kerk goddelike mag en krag vind nie. Hulle sal deur hierdie "godddelike gawes" en "goddelike dienste" waarin hulle alles vir almal wil wees, en niks in en vir hulself as mense is nie, niks wees nie. Goddelikheid maak mense nie magtig nie. Dit maak hulle en hul dade inhoudloos, niksseggend en betekenisloos.

Liefde maak gelowiges nie magtig of kragtig nie. Inteendeel. Liefde maak gelowiges diensbaar en aangewese op mekaar as liggaam van Christus.

Wie liefhet, staan voor die geheimnisvolheid van die lewe. Wie liefhet, verstaan nie meer alles nie. Wie liefhet, kan nie meer kragvol selfversekerd op sy eie besluit en optree nie. Liefde moet wag dat die geheimnisvolheid van God en mense deur hulself ontsluit word om net diensbaar teenoor hulle te kan wees, of hulle wat liefhet, moet net binne die onbegrip van hoe mense en God is, steeds diensbaar liefhê.

Wie liefhet, ontdek dat hy nie alles weet nie. Wie liefhet, staan in die verleentheid dat liefde meer van jou vra as wat jy weet wat om te doen. Liefde stel gelowiges in die magteloosheid dat jy nooit in jouself of op jou eie die kennis het om die diensbaarheid wat liefde eis, te kan vervul nie.

Wie liefhet, het nie meer die krag en mag om berge te versit nie. Die angs oor wat gebreek kan word of verlore kan raak in hierdie magtigheid vir die geleentheid om liefde te kan betoon, is net te groot.

Wie liefhet, kan homself ook nie reserweloos uitdeel aan almal of sy eie behoeftes ontken nie. In werklike liefde weet mense dat hulle self nie eers genoeg het om net aan hul naaste dit te voorsien wat in liefde gegee moet word nie, wat nog aan ander! In werklike liefde kan jy jou eie behoeftes nie opgee asof jy selfloos kan liefhê nie. In werklike liefde het jy ander altyd lief soos jouself, ontdek jy altyd dat jy ook net so 'n behoefte aan versorgende liefde het

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

as wat die mense het wat op jou versorgende liefde aangewese is. In liefde is niemand buite die behoefte aan liefde in beheer van die liefde wat gegee of ontvang word nie.

Dit is waarom die liggaam van Christus nooit ’n gevoel vir ’n organisasie, die vorming van ’n vereniging of die mistieke belewenis van God is nie. Gawes gaan ook nooit oor die vind van ’n plek, taak of funksie binne ’n gemeenskap of organisasie, of oor die bemagtiging met goddelikheid nie.

Die Liggaam van Christus is hulle wat ingesluit is in Christus en deel in die liefde van God. Liggaam van Christus is hulle wat leef uit ’n liefde wat hul beperktheid ken vir die liefdestaak waarvoor hulle elke dag staan. Daarom gaan gawes oor gelowiges se aangewesenheid op mekaar om saam lief te hê, nie om saam die krag en mag van God met Christus as rolmodel uit te leef nie.

In hierdie aangewesenheid op mekaar, om sáám lief te hê, is die gawes net diensmiddele. Die doel van diensmiddele is onderlinge liefde. Diensmiddels is op sigself leeg. Diensmiddele het geen krag om Godvervuldheid te bewerk of mee te deel nie. As diensmiddels kan dit ook nie bewerk of meedeel wat liefde bewerk en meedeel nie. Dit bly alleen maar hulpmiddels. Daarom sal liefde altyd bly, maar diensmiddels sal net gebruik word om die liefdestaak te vervul. Daarna hou dit op en raak uitgedien.

Gelowiges kan nooit in die krag en mag van hul liefde glo nie. Vir gelowiges is hul eie liefde nooit die krag waarmee die sondige wêreld onderwerp of verander nie. Liefde is God se gawe om in ’n sondige wêreld vervuld en diensbaar te leef: “4Die liefde is geduldig,die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. 5Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. 6Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. 7Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.”(1 Kor. 13:4-6)

Liefde is geduldig met dit alles wat sonde verkeerd laat wees en meestal verkeerd laat bly. Dit is juis die gawe om in alles wat verkeerd is, geduldig diensbaar te bly. Liefde is nooit die krag en mag waarmee gelowiges alles wat verkeerd is, regmaak nie. Liefde is geduldig met die sondes van ander mense. Liefde is nooit die krag waardeur ander mense tot bekering of Geesvervulling gebring word nie.

Liefde is vriendelik te midde van die afgunstigheid, grootpraterigheid en verwaandheid van die wêreld. Dit is nie ’n krag wat mense geestelik bemagtig om die afgunstigheid, grootpraterigheid en verwaandheid van hierdie wêreld te oortref of te oorwin nie.

Liefde laat jou vergenoegd wees om in jou gebrokenheid en beperktheid mens vir God en mens vir sondige mense te wees. Dit maak nie dat jy begeer om een met God te wees en God aan ander mee te deel nie. Hierdie begeerte is afgunstigheid, nie liefde vir God nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

In liefde kan jy nooit oor jou liefde en aanbidding van God praat asof God daarin te vind is nie. Liefde het altyd 'n vertroulikheid waarvolgens daar nie met ander daaroor gepraat word nie. Liefde kan nooit 'n sekerheid van krag of mag bewerkstellig nie. Dit bly altyd 'n gawe wat vrywillig gegee en dankbaar ontvang word. Om oor jou eie liefde en aanbidding te praat is nie getuienis nie, dit is grootpraterigheid.

Liefde kan nooit meer of iets anders wees as nét menslike liefde nie. Wie van liefde 'n magsmiddel maak wat ander mense nader aan God bring, in die teenwoordigheid van God bring, God se liefde deur hul liefde meedeel of maak dat mense God in hul liefde leer ken, deel die verwaandheid van hierdie sondige wêreld.

Tussen die verwaandheid van die humanistiese liefde waarvolgens mense glo dat hul liefde die beste in elke ander mens ontsluit, hul liefde alles tussen mense heel maak, en die verwaandheid van geestelikes wat glo dat ander mense in hul liefde God se eie liefde beleef, is daar geen wesenlike verskil nie.

Die gawe van Christus aan sy liggaam is 'n onbelaste liefde. Dit is liefde wat net liefde is. Dit is geen krag of mag om iets anders te doen of te bewerk as om net liefde te gee nie. Daarom sê Paulus in Romeine 13:8 “Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê.” Christus maak ons heilig, regverdig, smetloos, skuldloos en onberispelik. Christus skep in ons liefde en gehoorsaamheid vir God. Christus se liefde laat ons deel in die barmhartigheid, goedheid, genade en liefde van God. Christus se liefde maak God by ons teenwoordig, God vir ons toeganklik en God vir sondaars kenbaar.

Wie in Christus se liefde glo, kan nooit hierdie krag en mag in sy eie liefde soek nie. Ons liefde bewerkstellig niks hiervan nie. Christus maak gelowiges se liefde skuldloos. As Christus se liefde die krag en mag is wat alles bewerkstellig en meedeel, dan is onbelaste liefde al wat vir ons oorbly. Dit is om liefde te gee net omdat dit liefde is! Om liefde te ontvang net omdat dit liefde is! Liefde wat vir niks anders gegee of ontvang kan word as net liefde nie!

Dit is waarom hierdie onbelaste liefde deur Christus totaal anders werk as die idealistiese liefde van goddeloses en geestelikes: “[5]Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. [6]Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. [7]Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.” (1 Kor. 13:5,6)

Die idealistiese liefde van goddeloses en geestelikes is altyd onwelvoeglike liefde. Wie glo in die mag van sy eie liefde of in die goddelike krag van sy eie liefde, is altyd brutaal besig om die diensbare karakter van liefde te verniel. In die naam van vryheid, of in die naam van God sal hulle hulself in die privaatheid van ander opdring, afdwing en verwag dat hul betreding as liefde ontvang móét word.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Christelike liefde kan net aangebied word om ontvang te word. Wie die ontvanklike karakter van liefde ag, gee dit altyd in versigtigheid, afwagting en respek vir die een wat dit ontvang.

Die idealistiese liefde van goddeloses en geestelikes soek altyd eie belang. Dit wil altyd net die goeie in ander raaksien, of ander sien as mense wat bekeer moet word. Die goeie wat hulle in ander sien, is eintlik niks anders as dit wat hulle in ander begeer nie. Die bekering wat hulle vir ander toewens, is niks anders as onderwerping aan hul begeertes nie. ’n Liefde wat nie die goeie in ander kan ontwikkel, of niemand tot bekering kan bring nie is vir hulle nuttelose liefde.

Christelike liefde is die vrye gawe wat gegee word vir goeies en slegtes, vir vriende en vyande, nie vir nuttiges en gedienstiges nie.

Die idealistiese liefde van goddeloses en geestelikes is altyd ’n liggeraakte liefde. Wie nie in die goeie bedoeling van goddeloses se liefde glo nie, word vinnig as eng, konserwatief, pessimisties, kwaadwillig, dom, vyandig en wêreldvreemd veroordeel. Wie God nie in die innigheid van geestelikes wil beleef nie, word net so vinnig as ongeredde, verharde, onbekeerde, niewedergebore en vleeslike mense veroordeel.

Christelike liefde word altyd gegee as gebroke liefde in die erkenning dat dit net as gebroke liefde ontvang kan word. Wie die gebrokenheid en onvolkomenheid van sy eie liefde ken, kan dit nie uitleef asof dit die beste in ander mense sal ontsluit of God se liefde sal meedeel nie. Wie sonde in gelowiges se liefde herken, is reg.

Die idealistiese liefde van goddeloses en geestelikes hou boek van die kwaad wat hulle aangedoen word om hulself te bemagtig. In goddeloses se geloof in hul goed bedoelde liefde, hou hulle God voor as die rede vir alles wat in hul gewaande goedbedoeldheid verkeerd loop: “Julle het dit gedoen toe julle gesê het: ‘Vir die Here is almal wat verkeerd doen, goeie mense, Hy hou van hulle,’ of toe julle gevra het: ‘Waar is die God wat reg moet laat geskied?’” (Mal.2:17). Hulle hou boek van die kwaad om God vir onreg aanspreeklik te hou sodat hulle in hul goeie bedoelings kan bly glo.

Geestelikes vind in enige vorm van kwaad in ander die bewys van hul onbekeerdheid, ongeestelikheid en boosheid. Hulle hou boek van die kwaad as wapen om hulle aan hul innigheid te onderwerp.

Christene het lief in die wete van die kwaad ín hul liefde. Om dié rede kan hulle die kwaad in ander erken as iets eie aan hulself. Christene sien altyd die balk in hul eie oog om die splinter in ander se oë te sien. Dit is hoekom die kwaad in ander nooit gelowiges bemagtig nie.

Die idealistiese liefde van goddeloses en geestelikes is altyd ’n liefde wat verheug is in die onreg van die strafloosheid van misdaad en sonde. Hulle glo dat hul liefde alles kan verander, omdat hulle in hul eie liefde glo, of omdat hulle glo dat God se liefde deur hulle liefde werk.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Daarom glo hulle dat die gebrek aan liefde die rede vir misdade en sonde is, nie omdat die kwaad as magsdaad gekies en bedoel word nie. In hierdie liefdesgeloof sien hulle nie dat mense deur hul kwaad onreg skep nie, sien hulle oortreders as slagoffers. Deur dit wat hulle doen dra oortreders maar net die gevolge van hul gebrek aan liefde. In hul geloof kan 'n mens wat met goed bedoelde goddelike liefde omvou word, nie die mag van onreg begeer nie.

Daarom is alle straf vir hulle liefdeloosheid. Goddeloses en geestelikes kan nooit die waarheid ken van kwaad en sonde wat gestraf word nie. Hulle wil misdadigers vergoed vir die onreg van die liefde wat hulle nie sou gehad het nie en wil hulle deur liefde ophef om ook, nes hulle, goed bedoelde of Godvervulde mense te word.

Omdat geestelikes nie in die straf van God op die ongeregtigheid van sonde glo nie, kan hulle bokke en skape vir God aanbied vir hul sonde en daardeur geregtigheid verkry. (Ps. 51) Daarom kan mense glo dat as hulle om verskoning vra, net hul sonde erken, net beloof om dit nie weer te doen nie, net ophou om sonde te doen, net hulself aan God oorgee of God net liefhet, dat hulle vergewe word. Hulle glo mos nie dat hul sonde onherstelbare onreg en ongeregtigheid skep nie.

Christelike liefde word altyd in die ootmoedigheid van eie onreg en ongeregtighede gegee. Dit word nooit gegee uit die vreugdevolle triomf van morele hoë grond nie, maar dit is wel liefde uit die waarheid dat mense in die straf van Christus regverdig en heilig is en daarom, ten spyte van eie ongeregtigheid, vry is om liefde onbevange te mag gee.

Die idealistiese liefde van goddeloses en geestelikes is altyd bipolêr. Wanneer hulle in hul goed bedoelde of Godvervulde liefde ontnugter of ontmagtig staan, glo hulle dat hulle niks meer is nie. Al waarin hulle glo is mag. As hierdie mag breek of nie kragtig genoeg is om hulle hul sin te gee nie, verklaar hulle God nutteloos en naasteliefde sinloos: "[14]Julle het gesê: "Dit is nutteloos om God te dien. Watter nut het dit dat ons sy bevel uitgevoer het en in rouklere rondgeloop het voor Hom, die Here die Almagtige? [15]Dit lyk vir ons of dié wat teen Hom in opstand is,die gelukkiges is, en of dié wat verkeerd doen, vooruitgaan." (Mal.3:14) Wanneer hulle nie die wêreld met hul goed bedoelde en Godvervulde liefde kan verander of onderwerp nie, wreek hulle hulself in woede op die gebrokenheid van mens.

Dit is 'n magshouding wat sondes nie bedek nie, maar vir en voor almal ontbloot. Dit is 'n magshouding wat geen gebrokenheid in mense verdra nie, maar almal dryf tot volkome goddelikheid. In hierdie magshouding is daar geen geloof en hoop in Christus wat sondaars regverdig maak en hul gebroke liefde heilig nie.

Paulus wys op die verskil tussen hierdie bipolêre liefde van geestelikes en die konstante liefde van Christene in die kontras tussen verse 2 en 3, en vers 7 in 1 Korintiërs 13.

Christelike liefde wil nie al die geheimenisse ken, al die kennis in pag hê, al die geloof hê om wonders te doen en die selfloosheid om alles wat jy is, te ontken nie. Die totaliteit van

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Christelike liefde is nie totale mag nie. Dit is volledige vergifnis: “Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.”

Die standhoudendheid van Christene se liefde lê in hul geloof en hoop in Christus. Dit is ’n liefde uit die geloof dat sondaars in Hom ingesluit is en daarom altyd leef in die hoop op alles wat Christus in sondaars sal ontsluit. ’n Liefde uit geloof is nie magtig of magteloos nie. Dit glo nie in liefde as die mag om alles en almal te verander nie. Dit verdra en bedek alle sonde in hulle self en in ander met hul geloof in die heiligheid, onskuld, regverdigheid en vryheid wat hulle in Christus deel.

Dit is die oorwinning - om in die wisselvalligheid van hierdie gebroke wêreld aanhoudend te kan liefhê en om nie in die wisselvalligheid van die magtigheid en magteloosheid van goddeloses en geestelikes heen en weer te val nie. ’n Liefde uit geloof in Christus se vereniging en versoening met sondaars is ’n liefde wat God en sondaars in hierdie sondige wêreld kan bly liefhê.

Die oorwinning oor sonde is die vryheid om jouself aan God te kan gee. Liefde is om jouself te gee. Nie om jouself te ontken of af te dwing nie.

> En nou doen ek ’n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. [2]Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is. (Rom.12:1,2)

Paulus stel hierdie kontras tussen dit wat in geloof in Christus aan God gegee word teenoor dit wat in afgodsdiens aan God gegee word. Christene gee hul liggame (AV-1953) aan God as lewende en heilige offer. Christene is liggaamlik hulself. Christene is mense wat aanvaar hulle is liggaamlik deur God gemaak om liggaamlik mens te wees. Christene se liggaamlikheid is nie maar net ’n toevallige omhulsel van hul gees nie. Alles wat die mens is, is hy liggaamlik.

Christene aanvaar hul geskapenheid as ’n menslike persoon met ’n menslike identiteit, ’n eie ek met ’n eie “my”, dit is, ’n eie selfbeeld. In, met en deur hierdie menslike identiteit stel Christene hulself in diens van God. Die vryheid van God se genade is juis dat mense hulself as mense, geskape om mens te wees en geheilig in hul menswees, en in hul volle menslikheid in diens van God stel.

Daar is niks in ons menslikheid wat ons vir God moet ontken of aflê nie - nie ons redelikheid nie, nie ons gevoel nie, nie ons seksualiteit nie, nie enige deel van ons menslike lewe nie, nie ons sosialiteit nie, nie ons gesag, arbeid, besit, ons taal, kultuur, volk, nasie of gemeenskap nie. Lewende offers beteken om met die volle lewe waarmee God ons mens laat wees, onsself in sy diens te gee.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Christus is die mens wat sy menswees moes opoffer as skuld onder die toorn en woede van God. Dit is waarom geen ander mens homself weer kan en mag oorgee as offer aan God nie. Om jouself of enige iets van jou menslikheid en menswees te ontken, te vermy of af te lê om niks vir God te wees nie, is die geestelikheid van hierdie sondige wêreld.

Die mens is in sy liggaamlikheid, in die beperktheid, afhanklikheid, eindigheid en aardsheid van sy gewone mensheid heilig vir God. Heiligheid is nie goddelikheid nie. Heiligheid is om as mens te erken dat die wil van God in sy wet die goeie, die aanneemlike en die volmaaktheid van ons menswees is. Deur gehoorsaamheid aan sy wil is ons vir God en ons naaste goed, aanneemlik en volmaak.

Paulus wys wat die gevolge van ons regverdigmaking in Christus is: omdat Christus ons (Rom. 1- 4) en ons lewe vir God (Rom. 5-8) reg laat wees, kan ons onsself in liefde aan God gee.

Om jouself diensbaar aan God te gee met alles waarmee God jou beklee het, is die toewyding wat God in sy wet vra. Ons moet ons gesag opneem as gawe, plig en diens teenoor God. Aanvaarding van gesag is liefde tussen ouers en kinders.

Ons moet ons eie persoon en lewe opneem as gawe, plig en diens teenoor God. Aanvaarding van mekaar se persoon en lewe is liefde tussen mense.

Ons moet die eenheid van man en vrou opneem as gawe, plig en diens aan God. Aanvaarding van hierdie gemeenskap is liefde.

Ons moet die talente en arbeid wat God gee, opneem as gawe, plig en diens aan God. Aanvaarding van hierdie besitreg is naasteliefde.

Ons moet God se bedoeling met ons as gawe, plig en diens vir God opneem. Erkenning van die bedoeling van God is liefde vir die waarheid.

Ons moet onsself en die self van ander mense as gawe van God erken. Aanvaarding van jouself en ander is naasteliefde.

In die sondige wêreld is die mens se liggaamlikheid, sy menswees nie heilig nie. In alle goddeloosheid en goddelikheid is daar ’n wrewel en weersin in menslikheid. In alle goddeloosheid en goddelikheid is heiligheid om deel van die persoon, wil en krag van God te wees, in of sonder sy Naam.

Dit is waarom die betekenis van liefde omgekeer word. Mense sien liefde as God wat Homself gee, nie hulle wat hulself moet gee nie. God moet Homself gee om in mense se lewens in te kom, om Homself by mense te kom tuismaak, om Homself deur mense te kom bekendstel en Homself in mense te verheerlik. In goddeloosheid word liefde die kuns om

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

God in sy goddelikheid te ontvang. Dit is nie meer om jouself in jou menslikheid aan God te gee nie. Mense verwag van God hierdie goddelike liefde: Hy moet Homself as God met ons deel as ons ons menswees ontken en opoffer, of Hy moet Homself net uit en van alles onttrek vir mense omdat Hy is wat Hy is. (Rom. 1)

Goddeloses en goddelikes kan nie hulself in liefde aan God en mense gee nie, want hul liefde is om vir God niks te wees nie en God alles in hulle te laat wees. Hul liefde is om niks van hulself vir God te gee nie, maar om die goddelikheid in hulle met ander te deel. Hierdie goddeloosheid en goddelikheid ontken alle menslike gesag, lewe, gemeenskap, talente en arbeid en die bedoeling van God in hulself en in ander mense. Daarom wil hulle nie hulself wees nie, maar soek hulle hulself in ander.

Toewyding is om onsself aan God en ons naaste te gee met die skeppingsgawes waarmee Hy ons beklee. Toewyding is om onsself aan God en ons naaste te gee met al die heilsgawes wat Hy in Christus aan ons gee. Ons word juis heilig, onskuldig, regverdig en goed in Christus gemaak sodat ons onsself met alles wat God ons laat wees aan mekaar kan gee.

Paulus sluit sy kritiek in 1 Korintiërs 13 op die magsug van die kragtiges, wat hul liefde as mag ervaar, af deur te wys op die verskil tussen die optrede van kinders en volwassenes: “11Toe ek ’n kind was, het ek gepraat soos ’n kind, gedink soos ’n kind, geredeneer soos ’n kind. Maar noudat ek ’n man is, is ek klaar met die dinge van ’n kind.” Paulus verwys nie hier na sy kinderjare in kontras met sy volwasse jare nie. Die kontras gaan oor sy liefde as Fariseër teenoor sy liefde as gelowige. Kinders is onmagtig en ervaar hulself as onmagtig. Kinders soek mag. Kinders wil hulself bemagtig. Dit is wat Paulus is sy onderworpenheid aan God gesoek het. Mag! Geestelike mag! Mag in die krag om tussenganger tussen God en mense te wees. Dit is wat hy in sy liefde as Fariseër uitgeleef het - spirituele mag. Teenoor hierdie strewe staan die volwassenheid van gelowiges. Hulle het die strewe na mag afgelê. Hulle het in Christus ’n liefde gevind wat in hulle ’n wederliefde skep, ’n liefde wat nie onmag of mag is nie, maar net dít - liefde.

In hierdie diensbare liefde is en bly ons kennis oor die raadsplan van God, die voorsienigheid van God, die uitverkiesende liefde van God, die almag en ewigheid van God gedeeltelik. Al wat ons van God ken, is dit wat nodig is om Hom lief te hê en te dien. In liefde is daar geen strewe en begeerte om God in sy goddelikheid te deurgrond nie. Dit is die dinge waarmee kinders hulle besig hou. Die volwassenheid van geloof in Christus is die sekuriteit dat God mý ten volle ken in sy goedheid, liefde, genade en barmhartigheid: “12Nou kyk ons nog in ’n dowwe spieël en sien ’n raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is. Nou ken ek net gedeeltelik, maar eendag sal ek ten volle ken soos God my ten volle ken.” (1 Kor.13:12)

Wat is hierdie polariteit van niks en alles, van self nikswees en God in alles ervaar? God het ons geskep. Ons kan ons self nie niks maak nie. Ons is mense in ons volle menswees. God kom nie in mense in nie. God is nie God deur mense nie. God is God, in, uit en deur Homself.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Mense gee nie God aan ander as hulle hulself gee nie. Mense is en bly mense in, uit en deur God as hul Skepper.

Om self niks te wees en God alles deur hulle te laat wees, is goddeloses en goddelikes se manier om niks vir God en mense te wees nie, terwyl hulle alles van God en mense hul eie maak.

Dit is die bipolariteit van 'n selfgesentreerde mens. Egoloosheid en super-ego is die bipolariteit van 'n selfingekeerdheid waar alles op die mens self gerig is. Dít is die manier waarop goddeloses en goddelikes hulself gee - weerhouding.

Om jouself ego-loos te gee, asof jy niks is nie, is nie 'n manier om jouself te gee nie. Dit is selfweerhouding. Om jouself met 'n super-ego in ander in te leef as hul eintlike lewe, is ook nie 'n manier om jou self te gee nie. Dit is net 'n manier om ander mense se menswees te ontken en te oorheers.

Om jouself in en met ander te identifiseer is nie 'n verhouding nie. Dit is net 'n proses van selfvinding en selfdefiniëring. Die magspel van egoloosheid en die super-ego is net identifikasie. Dit is nie die werklikheid van mense in werklike verhoudings met God en mense nie. Die werklikheid van menswees gaan in hierdie spanning van egoloosheid en super-ego verlore. Dit word verdring deur 'n gewaande selfgenoegsaamheid wat niks meer met die skeppingswerklikheid van die mens te doen het nie.

Dit is 'n selfgenoegsaamheid waarin goddeloses Godloos net hulself wil wees en om hulself Godloos te wees is vir hulle genoeg. Dit is presies dieselfde selfgenoegsaamheid waarmee goddelikes God wil en sal ontvang as Hy Homself aan hulle wil oorgee. In hul selfgenoegsaamheid is dit al plek wat God nog in hierdie skepping het - Hy moet sy Naam, krag, wil en lewe aan hulle gee en deur hulle in hul selfgenoegsaamheid kom uitleef.

In goddeloosheid en goddelikheid kan jy nie jouself aan God en jou naaste as mens gee nie. Die goddelikheid van geestelikes en die goddeloosheid van goddeloses gaan oor absolute mag. Mag gee niks. Mag ontvang niks.  Mag weerhou alles. Mag neem alles.

Wat hulle ervaar as gee en ontvang is identifikasie en disassosiasie. Om jouself niks te laat wees nie, is net disassosasie van wat jy is. Om jou te disassosieer van wat jy is, is nie oorgawe of toewyding aan 'n ander persoon nie. Om jouself in die persoon van ander te identifiseer, maak jou ook nie anders as wat jy is nie. Dit is net 'n fantasie van wie jy nie is nie en nooit sal wees. Identifikasie en disassosiasie is nie liefde nie. Dit is nie die interaksie van persone met mekaar nie. Dit is nie die vind van jouself en ander in gemeenskap nie. Dit is net aksies van jouself, uit jouself, in jouself, met jouself en vir jouself. Om met God te identifiseer maak mense se selfingekeerdheid en selfgenoegsaamheid absoluut. Goddelik!

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Om identifikasie en disassosiasie as liefde uit te leef, terwyl dit niks anders as selfingekeerdheid is nie is die mag van goddelikes en goddeloses. Wie in hierdie selfingekeerdheid leef, het die werklikheid van sy menswees uitgelewer aan die bestuur en beheer van ander.

Daarom is egoïsme en altruïsme die bipolêre spanning waarin ’n selfgesentreede mens homself laat geld. Egoïsme en altruïsme is nie twee teenoorstaande lewenshoudings nie. Dit is die twee pole van dieselfde lewenshouding: ’n selfgesentreerde lewenshouding. Egoïsme is die binnekant van ’n superego en ego-loosheid is die binnekant van altruïsme. Dit is twee kante van ’n totaal liefdelose, selfingekeerde selfgenoegsaamheid.

Hierdie selfgesentreerdheid is die hart van die moderne Christelikheid. Hul geestelikheid om niks te wees sodat God alles in hulle kan wees, is die selfingekeerdheid van die selfgenoegsame mens. Hulle is mense wat nie liefde kan gee of ontvang nie. In hul egoloosheid gee en ontvang hulle niks nie. In hul super-ego weerhou hulle alles van hulself en neem hulle alles van ander. Hulle is mense wat die selfingekeerdheid van goddeloosheid uitleef asof dit innigheid met God in Christus is.

Hierdie selfingekeerdheid in die selfgenoegsaamheid van die moderne Christelikheid is die bron van hul “konventikel” of selgroepbedryf. In die moderne Christelikheid is mag liefde. Hierdie identiteit tussen mag en liefde veroorsaak dat die onderskeid tussen liefde en die gawes waarmee mense liefde aan God en mekaar as mense betoon, verval. Hierdie identiteit tussen mag en liefde maak dat die verskil tussen die gawes waardeur Christene liefhet en die bedieningsmiddele waarmee die Here sy liefde aan mense meedeel, ook verval. Geestelikes se aanbidding en innigheid is hul liefde én God se mag.

In hierdie grensloosheid tussen God en mens word goddelike mag en menslike gawes waardeur mense liefde bewys identies - die gawes waardeur mense moet liefhê, is die mag waarmee hulle God ervaar en meedeel.

Hierdie identiteit tussen liefde en gawes vernietig die kerk se diensbare liefde, want die geestelikes omskep die liefde van Christene as ’n geestelike bediening waardeur God sy krag en mag in die gemeenskap laat geld. Hul liefde word vir hulle ’n “gawebediening”. Alles wat hulle net as liefde moet gee, word magsmiddele waardeur God nou sy goddelikheid aan ander mense bewerkstellig en meedeel.

Dit maak dat geestelikes hierdie mense wat hul liefde as bedieningsgawes glo, nou as ampsgroepe organiseer waardeur God sy goddelikheid bewerkstellig. Dit is die kern van die “konventikel” of selgroepbedryf. Alle lidmate van die gemeente is nie meer die gelowiges wat almal deur die ampte en die bedieningsmiddele bedien moet word nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Geesvervuldes moet in identiteitsgroepe in gemeentes vergader en georganiseer word. Daarom kies mense nou hul eie identiteitsgroep binne 'n gemeente. Hierdie identiteitsgroep word volgens die "gawebediening" byeengebring.
Mense wat hul liefde as God se uitreik na armes ervaar, is nou die sel van God se barmhartigheid;
mense wat hul liefde as God se uitreik na ongereddes ervaar, is nou die sel vir God se sending;
mense wat hul liefde as die verheerliking van God ervaar, is nou die lofpryssel;
mense wat hul liefde as God se vriendelikheid ervaar, is nou die vriendskapsbedieningssel;
mense wat hul liefde vir kinders as God se uitreik na kinders ervaar, is nou die kinderbedieningsel.
Mense wat hul liefde vir die natuur as God se uitreik na die natuur ervaar, is nou die omgeegroep vir God se wêreld.

Die geestelike leiers van hierdie selgroepe is mense wat die kuns van hierdie liefde só bemeester het dat hulle mense in hierdie gawebediening kan voorgaan. Hierdie nuwe leiers in "gawebediening" vervang die ouderling en diakens van die gemeente. Lidmate word nou verplig om deel van en leiers van hierdie gawebediening te word indien hulle nog enigsins deur die kerk van geestelikes bedien wil word.

Hierdie nuwe geestelike leierskap van identiteitsgroepe vervang ook die mag en taak van die leraar. Die leraar is nie meer bedienaar van die Woord en sakrament nie. Hy is die rolmodel, leermeester, organiseerder, koördineerder en bestuurder van die liefdesbediening van die kerk. In hierdie rol is dit hy wat in sy posisie as geestelike leier vir hom 'n raad van geestelikes om hom versamel en aan wie hy sy geestelike leierskap delegeer. Die kerkraad is nie meer die gelowiges wat die Here in die amp en diens van sy gemeente roep nie. Die geestelike leier se raad van gedelegeerdes vervang die kerkraad wat die bediening van die Woord, sakrament en tug moes bedien.

Die dinamika van aksies en uitreike, wat deur hierdie selgroepbediening geaktiveer word, gee vir geestelikes die gevoel dat dit God se eie dinamiese uitreik na die wêreld is. Wat is die werklike inhoud en effek van hierdie "gawebediening" van die moderne Christelikheid egter? Die gawe van liefde deur Christus in sy kerk is om almal onbevange en onbelas te kan liefhê. Hierdie onbevange en onbelaste menslike liefde vir alle mense is die sout van die aarde. Dit is die liefde wat die hele gemeenskap en alle menslike instellings en strukture deurdring. Dit is die alternatiewe lewe van gelowiges binne 'n liefdelose wêreld waar alles net oor mag gaan.

In die "gawebediening" van geestelikes word die enigste liefde wat net as onbelaste en onbevange liefde in hierdie skepping gegee word en wat die liefde is wat kinders van God het, net weer en net nog 'n mag in 'n liefdelose wêreld.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die moderne Christelikheid is die mag wat die liefde van kinders van die Here vir die wêreld ontneem vir die geestelike vertoon van die krag van hul liefdesgawes - die mag om God te kan vertoon en mee te deel. Hiermee is die wêreld met net nog ’n mag waaraan hy homself moet onderwerp, belas.

Die oorwinningslewe van Christene is onbevange en onbelaste liefde vir alle mense; nie geestelike of goddelike liefde vir geesgenote in magsgroepe nie. Dit is ’n liefde wat net liefde is; nie God se uitreikaksie of God se mag is nie. Dit is liefde wat net liefde is; nie liefde wat mense wil verander nie. Dit is liefde wat net as liefde gegee word om net as liefde ontvang te kan word; nie liefde wat deur bekerings, gebede, oorgawe, ’n wederliefde, ’n nuwe verligting, ’n nuwe selfontdekking of innigheid beantwoord moet word nie. Dit is nie liefde wat tot liefde verplig nie. Dit is net dit, liefde wat net as liefde gegee word, liefde wat net ontvang kan word.

Hierdie liefde kan geen predikant, pastoor, geestelike of Godsvervulde in ’n “gawebediening” organiseer, koördineer of bestuur nie. Dit is die liefde wat God deur sy Gees in sy kinders skep, in sý wêreld en vir sý wêreld. Hierdie liefde kan geen mens of organisasie se mag wees nie. Dit kan in geen raad gesentreer word nie. Dit kan deur niemand aangewend of bedryf word nie, want dit is nie mag nie, dit is liefde.

**18. Die nuwe geestelike kerk: sending en sigbaarheid**

Die sending en uitreik van goddelikes na die wêreld in die naam van God is niks anders as die altruïsme van goddeloses nie. Sending en uitreik is die uitleef van hul super-ego asof dit die vervulling van ander mense se lewens is. Dit is om ander mense te onderwerp aan die disassosiasie van hulself en hul eie lewe, sodat hul werklike menswees deur hul oorheersers beset kan word. Geestelikes wat na die wêreld uitreik, gee nooit liefde nie. Hulle ontvang nooit liefde nie. Hulle weerhou hulself in alles. Hulle beset en oorheers alles met hul drifte, besluite, visioene, idees en selfbeelde, terwyl almal wat hulle deur hierdie besetting en onderwerping in hulself ontwrig, moet glo dat hulle deur God of goddelikheid vervul word.

Hul sendingroeping is God wat in hulle inkom en hul sendinguitreik is God wat sy lewe en krag deur hulle uitleef. Deur hul liefde en aanbidding is God besig om na ander uit te reik. In hul liefde en aanbidding deel God Homself aan ander mense mee. Só glo hulle.

Paulus wys dat hul nuwe krag om na mense en die wêreld uit te reik nie God is wat uitreik na die wêreld nie. Hulle bedien nie die krag en mag van God in hul geestelikheid nie. Al wat hulle doen wanneer hulle liefde en aanbidding magsmiddele in die plek van God se genademiddele maak, is om die liefde te verwring en te verloor.

Hulle verloor die liefde wat Christus in sondaars skep deur hulle met Hom te verenig, want hul verwronge, magtige liefde is niks anders as die heerssugtigheid van goddeloosheid nie. Dit is nie liefde nie. Dit is nie God se liefde vir sondaars nie. Dit is ook nie Christene se liefde vir hul medegelowiges of hul naaste nie. Hierdie gewaande, kragtige liefde wat hulle in

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

bedieningsmiddele en bedieningsgawes van die kerk soek, is net mag. Dit is hoekom dié liefde alles vir almal wil wees en daarom is dit niks vir niemand nie. In hierdie ontwrigting van die werklikheid van menswees kan hulle hul drifte, visioene, begeertes en idees in ander uitleef onder die waan van liefde. Dit is egter 'n liefde wat nooit gebeur nie en dít, en slegs dít, is die krag van hierdie verwronge liefde - afwesigheid.

Die sending van die nuwe geestelike kerk is om dié kerk se alternatiewe bedieningsmiddele aan die kerk en die wêreld te bedien. Hul sending is nie meer om net Christus te verkondig nie. Hul lewensverhale en lewensvertellings vervang die verkondiging van Christus. Hul sending na die wêreld verander die bedieningsmiddele van die kerk. Hul nuwe rituele vertoon God wat in hulle ingekom het en deur hulle na mense toe werk. Die doop en nagmaal verseël nie meer die insluiting en vereniging in Christus nie. Hul doop vertoon God wat Homself in mense ingekeer het. Hul nagmaal vertoon hul identiteit met God - God is Homself in hulle en hulle is hulself in God. Hul sending na die wêreld vervang die tugtiging na Christus toe. Hul sending na die wêreld vervang Christus as die Here wat self besig is om sondaars in Hom in te sluit en met Hom in sy menswees in die hemel te verenig. Die vertoon van God in hulle maak hulle geestelike mentors in en deur wie mense in 'n intiem persoonlike verhouding met God begelei word.

Wat is die middele waarmee hierdie geestelikes hulself aan die wêreld bedien?
Volgens Paulus is dit verwronge liefde. Dit is magtige liefde. In verwronge liefde het hulle die mag en krag gevind om God aan die wêreld te bedien. Hulle wil met hul liefde en aanbidding doen wat die verhoogde Christus sedert Pinksterdag deur sy Gees besig is om deur die diens van getuienis te doen - die prediking van Christus, die bediening van die tekens wat sondaars se vereniging met Hom verseël en die oproep om tot Christus te keer as tug.

Hierdie nuwe sendinguitreik van die goddelikes is nie kragtiger as die getuienisdienste van die kerk nie, want hul bediening gaan oor onderwerping en oorheersing. Hulle laat nie God in mense se lewe inkom nie. Hulle dring hulself aan mense op, terwyl hulle mense wat hulle ontwrig, laat glo dat hulle hul van hulself moet disassosieer. Hulle oortuig mense dat hul disassiosiasie met hulself hul oorgawe aan God is. Hulle oortuig mense dat die indringing in hul menswees God is wat in hul lewe ingekom het. In hierdie selfonderwerping neem die geestelikes die beheer oor van die persoon en lewe van mense wat hulself nie meer kan handhaaf in hierdie selfversteuring teenoor die geestelikes se uitleef van hul drifte in hul bekeerlinge nie. Terwyl hierdie bekeerlinge hulself al hoe minder kan handhaaf, glo hulle dat dit God is wat al meer beheer van hul lewe oorneem. Geestelikes bewerk egter nie dat God die beheer van mense se lewe oorneem nie. Geestelikes beset die innerlike van mense met hul super-ego, terwyl hulle mense laat glo dat dit God is wat hulle sou vervul.

Besetting en beheer, onderwerping en oorheersing is nie liefde nie. Liefde is die vryheid om jouself te wees en jouself te gee. Daarom kan jy ander net so liefhê soos jy jouself liefhet. Want liefde is altyd liefde in die vryheid van jou menswees. Liefde deel mee en dien.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die onderwerping en oorheersing wat hulle bedien as die aanvaarding van God in jou lewe en die volle oorgawe aan God se krag, is presies die binnestruktuur van sonde. Elke sonde wat die mens doen, gaan oor onderwerping en oorheersing, besetting en beheer. Elke sonde gaan oor die disassosiasie van jou menswees en die identifikasie van jouself as goddelik. Dit is hoe menslike gesag, persoon, lewe, gemeenskap, besitreg en waarheid tussen mense vernietig word.

In hul innigheid maak hulle elke sondige drif in hulle ’n ervaring van intimiteit met God en mense. Hulle maak nie dat mense niks vir God is nie. Hulle maak dat mense in hul driftige magsug niks is nie: hul eersug, selfsug, heerssug, hebsug en vernielsug. Hulle maak nie God alles in almal nie. Hulle maak hul sonde alles in almal, terwyl mense hulle glo dat hierdie onderwerping en oorheersing God se verlossingsplan vir hul lewe is.

Hul innighede met mense en God is nie liefde nie. Dit is onderwerping en oorheersing. Onderwerping en oorheersing gaan oor minagting en haat. Hulle kan dit nie verdra dat God God is en die mens net mens is nie. Daarom wil hulle onderwerp en oorheers. Hulle oorwinningslewe is net dit wat dit sê. Dit is die onderwerping en oorheersing van ander mense aan die krag van hul goddeloosheid met die mag om mense wat hulle onderwerp en oorheers te laat glo dat dit God is wat dit met hulle doen. Dit is die mag om mense wat hulle onderwerp en oorheers te laat glo dat hulle in hierdie goddelike driftigheid ondergeskik moet leef omdat hulle self minderwaardig sou wees.

Hulle maak van sonde God se sending en uitreik na die wêreld toe

Hierdie nuwe geestelike uitreik van goddelikes na Christene toe maak van die kerk van die Here ’n slaweskip. Paulus se brief aan die Galasiërs gaan oor hierdie omvorming van die kinders van die Here na slawe: “Ons is dus nie kinders van ’n slavin nie, broers; ons is kinders van die vrye. (Gal.4:31)

Wat is die verskil tussen ’n passasierskip en ’n slaweskip?
Ons het hierdie hoofstuk met die voorbeeld van die tewaterlating van ’n skip begin. ’n Passasierskip word aangedryf deur middele waarmee die skip toegerus word om hom aan te dryf: sy skroef, enjin, kompas en roer. Dit word deur brandstof aangedryf. Die aandrywingskrag van ’n passasierskip is nie die krag en vermoëns van die passasiers nie. Die passasiers hoef ook nie die aandrywingsmiddele aan die gang te hou nie. Daarvoor is daar ’n bemanning. Die passasiers mag en kan mekaar net onbevange liefhê. Dit is om onderlinge liefde te vier in die vryheid om net te kan toekyk hoe die skip voortvaar in die krag van die skip.

Op ’n slaweskip was dinge anders gesteld. Hier is elkeen ’n bemanningslid en ’n aandrywer. ’n Slaweskip word aangedryf deur die krag van die mense op die skip, want slaweskepe het nie enjins, skroewe of brandstof gehad nie. Slawe is nie op skepe om mekaar lief te hê nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Slawe moet werk. Hulle moet hul krag vertoon of hulle word vervang. Slawe word aangedryf deur ander slawe. Slawe moet werk vir die begeertes van die eienaars van die skip.

Wat gee slawe die trots om slawe te wees? Hulle kan nie meer op hulself of hul eie lewe trots wees nie. Hulle het geen eie lewe of toekoms meer oor nie. Hulle sal as slawe sterf, terwyl hulle die skip aandryf. Wat gee hulle die trots om slawe te wil wees en nie in opstand te kom en net te weier om te roei nie? Hoekom moet jy jousélf dood roei?

In die moderne tyd het hierdie slawetrots 'n naam gekry – dit is Stockholm-sindroom! Mense wat deur geweldenaars gevange geneem word, maak hulself verlief op hul gevangenemers. Hulle omhels die mag wat hulle gevange neem en misbruik in oorgawe en met liefde. Hulle gee hulself in liefde oor aan die wil en begeertes van hul oorheerser omdat hulle daardeur die werklikheid van hul gevangenskap, hul mishandeling en misbruik kan ervaar as ontberings in hul liefdestoewyding. Hierdie liefdesoorgawe aan die mag van oorheersing gee aan hulle die trots dat hulle besig is om te help om die mag, wat hulle gevange geneem het, te dien. In hierdie liefdesdiens skep hulle vir hulself betekenis en hoop waar daar andersins net magteloosheid, wanhoop en sinloosheid sou wees. Slawe op slaweskepe glo hulle is besig om die krag en mag van die Romeinse Ryk te dien. Daarom omhels hulle hierdie mag wat hulle slawe van die Ryk laat wees as hul eie mag. Hulle gee hulself oor om niks te wees nie sodat hulle deel van hierdie wêreldmag kan wees. Hulle word in hulself die aandrywers van die Romeinse Ryk in die geloof dat daar betekenis, hoop en 'n toekoms in hul slawewerk is.

In Christus se kerk is liefde en aanbidding die viering van God se genade en liefde vir sondaars. Dit is skuldlose en onbevange liefde. Dit is liefde wat niks anders as liefde is nie. Dit doen net wat liefde is, niks anders nie. Dit is hoekom Christus ons as sondaars insluit in Homself. Hy doen dit sodat ons vry is om God en ons naaste skuldloos en onbevange te kan lief hê.

In die moderne Christelikheid is liefde en aanbidding die dryfkrag en dryfmiddel van die mag en krag van goddelikheid. Dit is presies die teenoorgestelde van wat Christus se kerk is. Christus is die krag van verlossing. Hy verenig en versoen sondaars met Homself deur sy Gees. Christus is die krag van sy kerk. Hy rus sy kerk toe met diensmiddele waardeur Hy kragtig mense met Homself verenig. In die nuwe geestelike kerk is elke vorm van liefde en aanbidding egter 'n kragoefening en -vertoning. Elke vorm van liefde en aanbidding is belas om God se krag sigbaar te maak en God aan ander mee te deel.

Die mag van die geestelike kerk is die ou wet van God. Dit is die wet waardeur die kerk mense so veroordeel, skuldig, aangekla, vervloek en verlate voor God laat staan dat mense hulself voor God moet ontken. Dit is die wet waardeur hulle mense so skaam, vernederd, minderwaardig, nutteloos en geminag in hul eie liefde vir God laat voel dat mense hulself oorgee aan die krag en mag van die geestelikes wat hulle só gevange neem.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hierdie selfoorgawe om niks te wees en God alles te laat wees, is die Stockholm-sindroom waaraan die nuwe geestelike kerk in die moderne Christelikheid ly. Dit is hoe tussengangers van mense in die naam van God besit neem en hulle as gevangenes hulself laat oorgee aan die mag van God se oordeel. Die moderne Christelikheid se bekering waarin hulle niks word vir God nie, is die oorgawe in liefde aan die mag van God se oordeel. Die vervulling met God se krag is die omhelsing van die mag van God waarin hulle veroordeel word as hul eie mag. Deur hierdie oorgawe aan die mag van die ou wet word hulle in hulself slawe –
slawe wat glo dat hulle nou die aandrywers van die krag en mag van God geword het;
slawe wat die oorheersing van en vernieling deur hul oorheersers aanvaar met die trots dat hul ontberings die krag en mag van die Godsryk op aarde bewerkstellig;
slawe wat glo dat hul slawearbeid die manier is waarop hulle besig is om God self aan te dryf, en
slawe wat nie meer die heerssug en misbruik vir die begeertes van ander as die werklikheid van hul eie lewe mag raaksien nie.

Die kerk is God se skip waar Christene Hom eer deur liefde en aanbidding. Die nuwe geestelike kerk is die skip waar mense met gebede, oorgawes, belydenisse, toewydings, getuienisse, lofprysings en verheffings God aandryf om ten volle God te kan wees.

Dit is die kern van die Godsbedryf. God moet bedryf word met die krag en mag van geestelikheid. As God nie met geestelikheid bedryf word nie, dat kan God nie sy lewe en krag tussen mense uitleef nie; dan kan die ryk van God nie kom nie; dan kan God nie sy wil laat geskied nie en dan kan God nie in sy liefde raakgesien word nie.

God self moet met die liefde en aanbidding van goddelikes vir die wêreld aangedryf word. Geestelikes is besig om God met hul liefde en aanbidding vir ander sigbaar te maak en mee te deel. Dit is die nuwe kenmerk van die ware geestelike kerk. Goddelikes se identiteit met God en sy optrede is die wyse waarop hulle glo dat hulle deur die krag en mag van God in hulle God self sigbaar maak en God self meedeel.

Hierdie vergoddeliking van menswees maak dat elke menslike verband en verhouding net nog ’n magsmiddel word waardeur hulle goddelikheid uitleef en meedeel. Hul ouerskap of kindskap binne ’n gesin moet magsmiddele wees om goddelikheid met mekaar te deel; vriendskappe moet magsmiddele word om goddelikheid met mekaar te ervaar; alle gemeenskapsverbande soos sport, arbeid, staat en vermaak, word magsmiddele om spiritueel te wees. As hulle hierdie verbande vergoddelik, dan glo hulle dat hulle God met die krag van hul liefde en aanbidding meegedeel en sigbaar gemaak het.

Elke menslike identiteitsverhouding word in hierdie goddelikheid omvorm tot ’n sendinguitreik van God: jongmense se jeug word omvorm tot God se jeug-tot-jeug-aksie; mans se binding met mans en vroue met vroue, word God se man-tot-man-aksie en God se vrou-tot-vrou- aksie. Net so word elke tipe samelewingsverband vergeestelik in aksies waarin identiteitsgroepe vergeestelik word, soos:

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

polisiemanne vir Christus,
seemanne vir Jesus,
motorfietsrenjaers vir God,
tieners vir Jesus,
studente vir Jesus,
soldate vir God, en
sportmanne vir Christus.
In hierdie aksies leef hulle God sigbaar uit en deel hulle God mee.

In hierdie uitreik van God deur mense se liefde en aanbidding word God self bedryf. Goddelikes se aanbidding word die gawe om God se teenwoordigheid aan ander te bedien. In hul persoon en met hul mistieke vaardighede laat hulle mense God ervaar. Hul aanbidding word die gawe om God se kennis en wysheid aan ander mense te bedien. Hul visioene, missies, visies, idees en beplanning laat mense God se voorsienigheid en raadsplan in hul lewe ken. Hul aanbidding maak God toeganklik. Hulle lei mense in ’n persoonlike intieme verhouding met God, maak God deel van hul lewe en maak dat hulle vir ander ’n intree-bediening beoefen. Hul aanbidding vertoon die heerlikheid van God - in hul persoon en lewe moet ander mense die grootsheid, almag, goedheid, liefde, vrede en wonderbaarheid van God kan sien en voel.

Alles wat Christus vir elke gelowige bewerkstellig, God se teenwoordigheid, God se kenbaarheid, God se toeganklikheid en God se openbaarheid, is in hierdie sendinguitreik van God deur geestelikes nou die gawes en bedieninge van Godvervulde mense. Daarom word daar deur elke geestelike elke dag nuwe rituele, nuwe tegnieke, nuwe vaardighede en nuwe oefeninge ontwerp, bemark en geleer waarin God bedryf kan word; waarin Hy nader aan mense kan kom, beter geken kan word, intiemer gevoel kan word, meer sigbaar kan word, meer verstaanbaar word, meer deel van mense se lewe word en meer deur mense kan bereik as wat Hy tot nou toe nog bereik het.

Volgens hulle kan geen Christen God nét liefhê en aanbid nie. Dit maak dat God vir hulle koud, dood, ver en onbetrokke in hul lewe voel. Daarom minag hulle die geloofsgehoorsaamheid van Christene in hul liefde, aanbidding, toewyding en gebede as “vleeslik”, onpersoonlik, leweloos en kragteloos. Liefde en aanbidding word persoonlik, vol lewe, kragtig en ’n fees as dit magsmiddele word waardeur God Homself kan uitleef in en deur hulle. Volgens hul geestelikheid aanbid jy sonder die krag van die Heilige Gees as jy God nét liefhet en aanbid en dit niks anders is en bly as nét liefde en gebed nie.

**19. Die nuwe sigbare kerk van God: die krag van God in die wêreld gedemonstreer**
Hierdie godsbedryf wat bewerkstellig word deur goddelikes se identiteit met God, verander die taak, samestelling en werksaamhede van die kerk en kerkrade.

Die taak van die kerk is die bediening van die Woord, sakramente en tug. Liefde vir en aanbidding van God is nie die taak van die kerk nie. Christus self bring sondaars tot

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

aanbidding en liefde. Die kerk kan dit nie bewerkstellig nie. Die kerk kan net die diensmiddele van die kerk bedien.

Die opdrag om die Woord, sakramente en tug te bedien, is ook die sendingopdrag van die Here aan sy kerk: "[18]Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. [19]Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en [20]leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld." (Matt.28:18-20) Die sendingopdrag aan die kerk was nooit om mense met hul liefdevolheid of aanbidding te bedien nie. Die vrugte van die Gees (Gal.5) is nie die taak van die kerk nie. Dit is die viering van God se liefde en genade. Daarom is die vertelling in Handelinge van hoe die kerk hierdie taak uitgevoer het nie die vertelling van hoe liefdevol Petrus, Paulus en die ander apostels was nie; hoe God in hul lewe vir ander sigbaar geword het nie, hoe hulle ander mense na die Here gelei het met hul persoonlike verhouding met God nie. Dit is die vertelling van hoe hulle die evangelie verkondig het, sakramente bedien het, tug toegepas het en hoe Christus deur hierdie bediening van die kerk sondaars in Homself ingesluit het.

Die taak van die kerk is om die getuienisdienste aan lidmate te bedien: die verkondiging van die Woord van God, die bediening van die sakramente en tug. Christus gebruik hierdie dienste om lidmate met alles toe te rus om Hom lief te hê en te dien. Die diensposisies wat Christus gee, gaan oor die getuienisdiens van die kerk: predikers van God se Woord en bedienaars van die sakramente, toesighouers oor die evangelieverkondiging, sakramentbediening, die lewe in geloofsgehoorsaamheid en die onderlinge versorging van mekaar in hierdie geloof.

Die getuienisdienste en posisies in Christus se kerk is die toerusting van die gemeentes. Elke gemeente van Christus word deur die Heilige Gees met hierdie dienste en posisies beklee. Elke lidmaat kan geroep word om in hierdie posisies hierdie dienste te vervul. Hierdie dienste en posisies word egter nooit die persoonlike besit van lidmate nie. Dit is die besit van die gemeente. Dit is toerusting waarmee die Heilige Gees gemeentes beklee, nie die persoonlike lewe van mense nie.

In die nuwe geestelike kerk het die kerk 'n nuwe taak: God moet sigbaar voorgeleef word sodat mense God kan ervaar. Hierdie taak beteken dat die geestelikes God in Godsbelewenisse ervaarbaar moet maak vir mense. Sy lof, eer, grootheid, almag, teenwoordigheid en toeganklikheid as God moet in aanbidding beleef kan word. Sy liefde, vrede, sagmoedigheid, barmhartigheid en goedheid moet ervaarbaar gemaak word in die innighede wat aan mense voorgeleef word.

Hierdie nuwe taak is ook nie meer die taak van die kerk nie. Dit is elke geestelike se persoonlike opdrag en toerusting. Elke geestelike moet in sy eie liefde en aanbidding sy eie "gawe" ontdek waarin en waardeur hy God aan ander kan meedeel. Elke geestelike moet

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

ander mense lei tot ’n persoonlike ontmoeting en verhouding met God deur hul liefde en innigheid.

Net diegene wat met God se krag vervul word, kry egter die persoonlike mag om God te kan meedeel en God sigbaar in hul lewe te kan uitleef. Net hulle wat persoonlik God se krag ontvang, kan geestelike werkers en sielewenners word wat mense in ’n persoonlike verhouding met God kan inlei en kan laat beleef. Net hulle wat persoonlik deel van God se krag word, ontdek ’n gawe waarin hulle God met ander mense kan deel. Daarom is net geestelikes toegerus om die kerk van God te bedien en te bestuur. Net geestelikes is gemeentebouers; nie alle gelowiges nie.

Ander gelowiges wat nog net God in hul lewe het, maar nie sy krag nie, moet deur Geesvervuldes opgelei en toegerus word. Hulle moet ook God in hul lewe innooi, God se krag ontvang en hul aanbidding en liefde as magsmiddele ontdek. Eers dan kan hulle ook geestelike werkers, sielewenners en mense met ’n gawebediening word om hul persoonlike opdrag uit te voer.

Hierdie nuwe geestelike bediening van God aan mense verander die samestelling van die kerkraad. Waar Christus sy kerk regeer, is die kerkraad net hulle wat geroep is tot die getuienisdienste van die gemeente: leraars, ouderlinge en diakens, want die kerk bedien en bestuur net die middele waardeur die evangelie bedien word.

In die nuwe geestelike kerk staan die kerk egter onder die bestuur van geestelike leiers. Wat is geestelike leierskap? Dit is geestelikes wat as leiers God se visioen vir sy kerk kan raaksien en ander met God se visioen kan vervul. Dit is geestelikes wat met God se mag en krag vervul is om die kerk deel van die missie van God te maak. Dit is geestelikes wat mentors vir geestelikes is, terwyl gewone geestelikes net mentors vir lidmate is. In kort, dit is geestelikes in wie God se leierskap vir sy kerk gesetel is en deur wie God sy leierskap in die kerk uitoefen.

Hierdie geestelike leiers is die organiseerders van die Godsbedryf. Hulle moet die Godsbehoeftes en Godsbedrywe bymekaar bring. Hulle is die bestuurders van die hele Godsbedryf. Nuwe Godservarings moet gevind en ontwikkel word vir die onuitputlike versugtinge om God weer nuut en anders te beleef. Nuwe aksies moet geloods en gedryf word om die behoefte om God sigbaar in die gemeenskap te maak, uit te leef. Hulle is die koördineerders wat elke nuwe Godservaring wat deur inniges uitgedink word, inskakel, bemark en deel van die Godservaring van die gemeente maak. Hulle moet sorg dat daar vir elke Godsversugting ’n geestelike bediening ontwikkel word. Daarom moet daar vir elke identiteitsgroep sy eie bedieninge volgens styl en behoefte gereël word. Hulle is die kontroleerders. Hulle moet besluit wat is werklike, nodige, aanvaarbare, stylvolle, smaakvolle en sinvolle Godservarings.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hulle is egter ook die beheerders. Al hierdie Godservarings moet deel van die "wedergeboorte", "bekering" en vervulling met God se krag wees. Al hierdie ervarings mag net die bedryf wees van God wat in mense se lewe ingekom het en in wie God se krag oorgeneem het.

In hierdie geestelike kerk is daar 'n duidelike onderskeid tussen die geestelike werkers en geestelike leiers. Geestelike werkers kry nie goddelike missies en visies nie. Hulle is net persoonlike werkers wat mense in persoonlike ervarings met God lei. Hulle bedien net hul gawes in die gemeenskap. Daarom moet hulle geestelike leiers se visie en missie in hul persoonlike werk en gawebedienings uitdra.

Hierdie onderskeid verdeel die vergaderings van hierdie geestelike gemeenskap in twee tipes: beheerraadvergaderings en werkerskongresse. Die geestelike werkers is nie meer deel van die beheerraad van hierdie geestelike gemeenskap nie. Die geestelike leiers vorm die beheerraad. Die werkers word net byeengebring in konferensies, inligtings-, werks- en opleidingsvergaderings.

Hierdie onderskeid tussen geestelike leiers en geestelike werkers gaan oor die mag van goddelikes. Mag word altyd in leierskap gesentreer. Mag kan nooit in 'n uitgebreide vergadering gesentreer word nie.

Kerkrade, wat net die dienswerk van Christus uitvoer, is nooit gesentraliseerde leiersvergaderings nie. Dienswerk kan nooit gesentreer word nie. Dienswerk moet altyd uitgebrei word.  Daarom is kerkrade die vergadering van alle persone wat diensposisies in die gemeente beklee en die getuienisdienste van die kerk uitvoer. Dit is 'n vergadering sonder geestelike leierskap. Dit is 'n vergadering van gelykwaardige dienaars. Hulle is en kan nooit bemagtigde leiers in geestelikheid wees nie. Die kerkraad met alle lidmate wat leraars, ouderling en diakens is, is 'n diensraad. Dit is nie 'n spirituele leierskorps vir geestelike werkers nie.

Hierdie nuwe geestelike beheer oor gemeentes veroorsaak dat die persone wat die werk van ouderlinge en diakens doen, nie meer deel van die kerkraad is nie. Hulle moet net as werkers die werk doen, ingelig en voorgelig word. Die persone wat hulself as geestelike leiers bemagtig het, vorm nou die beheerraad oor ouderlinge, diakens en lidmate, wat almal net tot werkers in diens van die leierskorps gemaak word.

Op hierdie wyse beset hierdie goddelikheid Christelike gemeentes in die geheel en stel hele gemeentes, ringe, sinodes en kerke onder die bestuur, toesig, en beheer van die krag en mag van hierdie geestelikheid.

Die nuwe geestelikheid om God sigbaar vir ander uit te leef en ander in Godservarings te laat deel, verander ook die inhoud en karakter van godsdienstige samekomste.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

In die Christelike gemeenskap is die samekoms van gelowiges ’n openbare erediens. In hierdie byeenkoms word gelowiges bedien met die Woordverkondiging, sakramente en vermaning. Hierdeur verenig en versoen Christus self die gelowiges met Homself. Uit hierdie vereniging en versoening dank, loof, eer en aanbid die gemeente Christus openlik en gesamentlik. Uit hierdie vereniging en versoening bely gelowiges hul geloof in Christus. Uit hierdie vereniging en versoening erken en verootmoedig hulle hulself oor hul eie sonde en verbind hulle hulself weer tot geloofsgehoorsaamheid.

Daarom is die erediens ’n wisselwerking van die bediening van die Woord en geloof en toewyding aan God uit hierdie bediening van Christus. Die gemeente roep Christus in vertroue aan en ontvang in die toesegging van die evangelie die versekering van God se liefdevolle, genadige en barmhartige teenwoordigheid. Die gemeente eer, loof, dank en aanbid God. Die gemeente word deur die wet vermaan om hul toevlug tot Christus te neem en deur die evangelie verseker van hul volle regverdigmaking deur Christus. Die gemeente bely saam hul geloof in die evangelie in die apostoliese geloofsbelydenis en herken en erken hul sonde in die vryheid van God se genade. In die prediking van die Woord ontvang die gemeente die profesie oor God se liefde, wil en sorg in hul lewe, roeping en diens. In geloofsgehoorsaamheid wy hulle hul toe aan liefde en diens aan God. Die gemeente word deur God geseën deur die toesegging van die evangelie.

Hierdie byeenkoms maak God nie meer teenwoordig, meer toeganklik, meer kenbaar of meer heerlik as wat God elke dag vir en by gelowiges is nie. Gelowiges is elke dag verenig en versoen met Christus. Gelowiges deel elke dag die volle heiligheid, onskuld, heerlikheid en liefde as kinders van God met Christus. Christus werk elke dag in sy kinders ’n geloof en ’n nuwe geloofsgehoorsaamheid. Gelowiges dank, eer, loof en aanbid God elke dag. Gelowiges leef elke dag met die vrugte van die Gees in elke lewensverband.

Die besondere van die openbare byeenkoms is die bediening van die Woord, sakrament en tug aan die liggaam van Christus waarvan elke gelowige ’n lid is. Die besondere van die openbare byeenkoms is die gesamentlike en openbare eer, lof, dank en aanbidding van God, die gesamentlike belydenis van geloof, sonde en liefde vir God.

Die aantal lidmate wat so ’n diens bywoon, bepaal glad nie hoe kragtig Christus deur die genademiddele werk nie. Die geestelikheid van die lidmate bepaal ook niks van die volheid waarmee Christus sy liggaam bedien nie. Waar enige getal gelowiges, ongeag hul geestelike toestand, hul gemoedstoestand, hul sondigheid, hul neerslagtigheid of vrolikheid, hul bedruktheid of uitbundigheid, hul samehorigheid of sosiale verdeeldheid byeenkom om deur Christus in Woord en sakrament bedien te word, ontvang hulle die volle seën van die Heilige Gees. Dit is die versekering van Christus self: “[20]want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle.” (Matt.18:20)

Die nuwe geestelike samekomste van Godsvervuldes is nie eredienste nie. Dit is spiritualiteitsvieringe. Dit is die openbare mobilisering en demonstrering van spiritualiteit om

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

God kragtig en werksaam in die wêreld te maak. Daarom word die bediening van die Woord, sakrament en tug opsy geskuif vir die vertoon en voorleef van kragtige godservarings.

Dit is sigbaar in die verwydering van die kansel wat moes plek maak vir ’n verhoog. ’n Kansel was nog altyd net die posisie van waar die Woord van die Here bedien is. Vanuit hierdie posisie kan God egter nie vertoon of voorgeleef word in die kragtige en driftige beweging van voorgangers, die openlike demonstrasie van wonderwerke en genesings, die vertoon van simboliese prente en filmbeelde waarin die teenwoordigheid van God ervaar moet word en geestelike danse en seremonies waardeur God verbeeld word nie. Daarom word die kansel vervang met ’n verhoog om die ruimte te skep vir die vertoon en voorleef van die kragtigheid van geestelikheid.

Woordbediening word vervang met die vertelling van Godservarings uit rolmodelle wat in die Bybel terug te vind is. Die belydenis van geloof in die evangelie word vervang met die vertelling van persoonlike Godsbelewenisse. Die bediening van die sakramente word net nog rituele tesame met nuwe rituele waardeur God, wat innerlik in almal sou wees, uiterlik vertoon word.

In hierdie spiritualiteitsfees word die liefde van geestelikes die krag om God persoonlik te maak. Die voorganger moet mense persoonlik groet en verwelkom. Hulle moet weer op hul beurt die voorganger groet. Lidmate moet mekaar persoonlik groet, mekaar aanraak en omhels sodat die teenwoordigheid en liefde van God in hulle aangevoel kan word.

Die aanbidding van geestelikes word die krag en mag waardeur God Homself bekendmaak en laat geld. Vandaar die verskynsel van brabbeltale en mense wat vertolk wat God deur hierdie gebrabbel openbaar; daar is mense wat uitsprake oor God se voorsienigheid maak; wat God se stem persoonlik hoor en dit aan die samekoms verklaar; mense wat God se planne en doel in die wêreld met visioene en drome bekendstel; mense wat God se aksies in die wêreld onderneem. Daarom gebeur dit dat wanneer die voorganger mense aanraak, hulle omval of, wanneer die voorganger oor mense blaas, hulle in beswyming neerval. Daarom kan almal saam lag in die Gees, saam handeklap in die Gees, saam rondswaai, rondspring en dans in die Gees, want dit alles is ’n ervaring, mobilisering en vertoning van die krag van God.

Deur die manier waarop hulle loof, dank en eer, moet God ook bemagtig word. Hierdie aanbidding moet God inniger, nader, meer aanvoelbaar, toeganklik en heerliker maak. Daarom kan hulle oor en oor vir God dieselfde sê, want hoe meer húlle vir God sê wie Hy is, hoe meer word God dit. Daarom moet hul aanbidding met verligting en verdonkering van die gebou of in jeugdienste met flikkerligte en stroboskope atmosfeerryk gemaak word. Want die atmosfeer waarin en waarmee hulle bid, maak God meer ervaarbaar.

In hierdie spiritualiteitsfeeste verdwyn die voorlees van die wet van God as ’n vaste deel van hierdie byeenkomste. Hul intimiteit met God maak die wet onnodig. Hulle stel hulself nie meer gehoorsaam onder die nuwe wet van God nie. Hulle maak hul eie wil, God se wil. Deur

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

hul wil stel hulle die wil van God in die wêreld bekend. Deur hul wil geskied die wil van God. Omdat hul wil God se wil is, luister hulle nie meer na sy wet nie.

In die inrigting van hierdie spiritualiteitsfeeste is daar 'n nuwe ruimte voor die verhoog wat nie in eredienste bestaan nie – die altaar. Hierdie altaar is nie maar net 'n simboliese ruimte nie. Dit is werklik die offerplek in die moderne Christelikheid se samekomste. Dit is die plek waar mense hulself aan God opoffer.

Onderwerping en oorheersing is die doel van die openlike mobilisering en demonstrasie van die krag en mag van God in liefde en aanbidding. Mense moet na hierdie byeenkomste genooi word om só bevange te raak in hierdie magservaring dat hulle hulself ook sal oorgee aan hierdie mag. Mense wat reeds in hierdie mag bevange is, moet tot nuwe vlakke en dieptes van bevangenheid gebring word.

Dit is wat op die altaar voor die verhoog gebeur. Die verhoog is die fokuspunt van die mag van God wat uitgeleef word. Voor hierdie gedemonstreerde mag op die verhoog moet mense hulself in die altaarruimte vir God kom offer.

Daarom is die klimaks van hierdie magsbelewenisse dat mense opgeroep word om hulself aan die spirituele mag wat hulle ervaar het voor almal te kom oorgee. Daarom moet mense uit die vergadering na vore tree en in hierdie altaarruimte hul innerlike perversies openlik voor hierdie geestelikes onthul. In hul selfonthulling moet hulle al hul sondige verhoudinge met vriende, familielede en kollegas openbaar maak. Hulle moet in openbare rou hulself aflê voor God om self niks meer te wees nie en toelaat dat die spirituele mag van God, wat hulle ervaar het, hul lewe beset.

Nadat hulle hulself in hierdie offerruimte aan God oorgegee het, verklaar die geestelikes hul oorgawe vir God aanneemlik en verklaar hulle dat God nou in hul lewe ingekom het.

Hierdie offerruimte is ook die plek waar mense hulself weer volkome aan God moet oorgee om God se Gees, God se krag, God se missie en visie, God se sending, God se aksie, God se planne en bedoeling met hul lewe te ontvang, of om sommer net deur God omgestamp of omgeblaas te word. Dit kan telkens net gebeur nadat hulle opnuut hul sondes openlik bely het en hulself aan die mag van God oorgegee het.

Dit is egter nie die enigste altaar in hierdie byeenkomste nie. Die voorganger kan die hele byeenkoms as altaar verklaar sodat elkeen homself net daar waar hy is ook aan God offer soos mense op die altaar voor die verhoog hulself opoffer.

Hierdie byeenkomste wys die verskil tussen die liefde en aanbidding van Christene en goddelikes. Die liefde en aanbidding van Christene is vrye, onbevange liefde en aanbidding. Dit is nét liefde en aanbidding. Niks anders nie. Dit is liefde en aanbidding tot eer van God alleen en vir geen ander rede nie. Daarom is Christelike samekomste eredienste. Dit gaan oor

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

die eer van God alleen, die eer van God dat Christene deur Christus alleen in God se teenwoordigheid as Vader leef, en met die kennis van sy goedheid en liefde in Christus God die Vader vrymoedig kan nader. Dit is Christene wat aan God openbare eer, lof, dank en aanbidding toebring omdat God Homself verheerlik in Christus. Christene eer, dank en loof God in die wete dat hul lof, eer, dank en aanbidding Hom nie heerliker, groter en Goddeliker maak as wat Hy in Christus is nie. Dit is net menslike erkenning van die heerlikheid waarmee God Homself is.

Dit is nét eer omdat Christene God aanroep omdat Hy God is. Hulle maak Hom niks anders of laat Hom niks anders wees in hul verering as wat God in Homself is nie. Christene glo dat God in Christus vir sondaars teenwoordig is, in Christus Homself aan sondaars bekendmaak, in Christus Homself vir sondaars toeganklik maak en dat God Homself in Christus deur sondaars laat verheerlik. Daarom eer hulle God alleen in gebed, belydenis en die erkenning van hulself as sondaars maar in Christus as geheilig, onskuldig, verheerlik, geliefd, gunstig en vry in diens van God.

Dit is waarom hulle luister. Hulle luister na die evangelie en glo weer die evangelie. Hulle luister na die wet en keer hulle na Christus om nie onder die oordeel van die ou wet van God te leef nie. Hulle luister na die wet en neem weer hul toevlug tot Christus om hulle in 'n nuwe geloofsgehoorsaamheid aan God se wet te wy.

Hulle eer God as God in sy almag, ewigheid, onsigbaarheid, oneindigheid en alwetendheid sonder die drif om God te verpersoonlik in hul menslikheid. In Christus is God as God nie vir hulle dood nie; nie koud, ver, onpersoonlik, afwesig en onbetrokke omdat Hy God is nie. In Christus ken en vertrou gelowiges God die Vader as hul Vader; God omdat Hy God is.

Die samekomste van geestelikes is nie eredienste nie. Dit is spiritualiteitsfeeste. Dit is herlewings-, opwekkings- en vernuwingsfeeste.

Wat herleef hulle, wat wek hulle op en wat vernuwe hulle? Dit is nie hulself as Christene nie. Hulle ken en glo nie hul vereniging en versoening met Christus nie. Hul herlewing is nie hul insluiting in Christus en die lewe in die wisselwerkende eenheid met Christus, Syne is myne en myne is Syne nie. Dit word nie gepreek nie. Dit word nie geglo nie. Hul opwekking is ook nie die nuwe lewe uit die geloof dat Syne myne is en myne Syne is nie. Hul vernuwings gaan ook nie oor die nuwe wyse waarop Christene weer aan die Tien Gebooie verbind word nie. Hulle het 'n nuwe liefde na en anders as die wet van God gevind. Die Gees wat hulle verkondig is 'n ander Gees. Dit is die Gees wat jou insluit en verenig in die krag, persoon en wil van God, nie in die menswees van Christus vandag nie.

Hul vernuwing, herlewing en opwekking is identifikasie met God, maar identifikasie met God is ook nie iets nuuts nie. Dit is die goddeloosheid wat van die begin van die val van die mens aanwesig was. Van die begin tot en met die einde van die skepping leef elke goddelose asof hy goddelik is. Elke goddelose leef met die geloof van sy eie selfgenoegsaamheid

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

teenoor God. Hierdie selfgenoegsaamheid hoef nooit herleef, opgewek of vernuwe te word nie. Hulle is dit altyd volkome uit hulself.

Wie en wat word dus herleef, opgewek en vernuwe? Die antwoord op hierdie vraag is dat dit God is! Dit is die krag van hul bekering, vervulling met God se krag, liefde en aanbidding. Hulle herleef God! Hulle wek God op deur Christus in hulle te laat opstaan. Deur Christus in hulle in te keer, gee hulle aan God sy nuwe persoon, wil, lewe en krag waarsonder God ver, afsydig en onbetrokke in die wêreld sou gestaan het.

Deur hul bekering keer hulle Christus in hulself in om God in hulle te wees. Deur hul volle oorgawe maak hulle Christus se krag hul eie goddelike krag. Deur hul liefde en aanbidding leef hulle Christus se persoon, krag en wil deur hul eie persoon, krag en wil uit.

In hierdie opwekking, herlewing en vernuwing van Christus maak hulle Christus die Here van hul goddeloosheid. Hy word die Persoon en Naam waarin hulle hul ou sondigheid, om hulself genoegsaam sonder God te laat geld, die nuwe lewe in die Naam van God maak.

Elke herlewing, opwekking en vernuwing is die nuutmaak, nuwe opwekking en nuwe herlewing van God in die naam van Christus.
As mense welvarend wil leef, is Christus die nuwe Here van voorspoed.
As mense gesag wil omverwerp, is Christus die nuwe Here van vernuwing;
As hulle mag wil verkry, is Christus die nuwe Here van die nuwe bedeling: die Here van die volk, die nasie, die stam of die kommune.
As iemand homself as verligte enkeling bo die gemeenskap wil verhef, dan is Christus die nuwe idee, die nuwe visie en die nuwe beeld van persoonlike vryheid. Elke herlewing, vernuwing of opwekking gaan oor die identiteitsverskuiwing in persone en gemeenskappe. As mense hulself weer anders en nuut wil herdefinieer, dan word Christus met ’n nuwe identiteit opgewek, herleef en vernuwe.

Die herlewing, opwekking en vernuwing van God in Christus is die sentrum van elke spiritualiteitsfees. In en deur die geestelikheid van goddeloses word Christus die Naam waarin afgodsdiens bedryf word. Dit is waarom hulle hul spiritualiteit as feestelikhede bedryf, die feestelikheid om jouself in God in te leef en jouself deur God uit te leef.

Christene kan nie God in Christus herleef, opwek of vernuwe nie. Hulle glo in Christus wat Here is, gister, vandag en more. Hulle dien God wat altyd God is, God bly en nooit iets anders sal wees nie: “... Ja, dit is seker! [8]“Ek is die Alfa en die Omega,” sê die Here God, Hy wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.” (Open.1:7,8)

Daarom is die lewe en die openbare aanroep van God vir Christene ’n erediens - godsdiens. Dit is nooit die feestelikheid om saam met God sy goddelikheid in ons mensheid te vier nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dít is goddeloosheid. Dít is afgodsdiens. Dit is die geskree en selfvernieling van die Baäl-profete om hul God lewendig en kragtig te maak en om hulself te bemagtig:

> ... Hulle bid toe tot Baäl en roep van die môre af tot die middag toe: "Baäl, antwoord ons!"Daar was nie 'n geluid van hom af nie. Niemand het geantwoord nie, hoe hulle ook al vir Baäl gedans het by die altaar wat hulle gemaak het.[27]Teen die middag het Elia hulle begin spot: "Roep harder! Hy is mos 'n god! Miskien is hy diep in gedagte of gou bietjie uit, of op reis, of dalk slaap hy en moet hy eers wakker word!"[28]Toe roep hulle nog harder; en soos altyd kerf hulle hulle stukkend met swaarde en spiese dat die bloed oor hulle loop. [29]Tot die namiddag het hulle aangehou te kere gaan, en teen laatmiddag, die tyd vir die aandoffer, was daar nog geen geluid nie. Niemand het geantwoord nie, daar was geen reaksie nie." (1Konings 18:26-29)

**20. Die nuwe kerkeenheid: sigbare eendrag maak mag!**

Christus stel die eenheid van die kerk in Johannes 17:21-23 só:

> Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. [22]Die heerlikheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is: [23]Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet.

Die eenheid van die kerk is dat die kerk "in die Vader en die Seun is" en Christene "in Christus" is. Dit is Johannes se woorde vir die vereniging met Christus: Syne is myne en myne is Syne.

Die eenheid van die kerk is dat elkeen ingesluit is in die vereniging en versoening met Christus. Elkeen is ingesluit en deel in die lyding en opstanding van Christus omdat hulle met sy menswees in die hemel verenig is. Elkeen deel die liefde, genade, goedheid en barmhartigheid van die Vader en Seun omdat hulle in Christus met God versoen is.

Die eenheid van die kerk is altyd eenheid in die vereniging met Christus as mens in die hemel en eenheid in die kerk se versoening met Christus as God.

In die moderne Christelikheid verval hierdie eenheid in Christus. Dit vervang die vereniging met Christus as mens in die hemel deur die vereniging met die goddelikheid van geestelikes. Deur hierdie nuwe spirituele eenheid verskeur hulle die eenheid van die kerk. Die goddelikheid waardeur die moderne Christelikheid een is, kan nooit eenheid in Christus wees nie. Die gemeenskap met die een Mens Christus word verdring deur die veelheid en verskeidenheid van die gemeenskappe waarin elke Godsvervulde sy eie nuwe geestelike identiteit het.

Die moderne Christelikheid is nooit deel van die eenheid in Christus nie. In vereniging met elke nuwe Godsvervulde word nuwe Godservarings, aanbiddingswyses, toewydings, liggaambewegings, sosiale aksies en persoonlike assosiasies geleef waarin Godsvervuldes telkens nuwe aksies, bewegings, organisasies en verenigings stig. Vir elke Godsbegeerte in

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

die mens word nuwe aksies en groepe ontwerp. Die eenheid in die vereniging en versoening in Christus is totaal afwesig in die moderne Christelikheid omdat die gemeenskap met Godsvervuldes die gemeenskap met Christus vervang.

Die moderne Christelikheid skep ’n nuwe tipe kerkeenheid in die plek van die eenheid in Christus wat “sigbare eenheid” genoem word. Sigbare kerkeenheid is vir die moderne Christelikheid die eenheid wat hulle ervaar in hul innigheid en aanbidding in die Gees. In hul innigheid en aanbidding maak hulle God vir die wêreld sigbaar. Dit is wat hulle met sigbare eenheid bedoel, dat God in hul innigheid en aanbidding sigbaar word, dit is, kenbaar, teenwoordig, toeganklik en verheerlik in die wêreld.

Dit is presies die teenoorgestelde van dit wat Christus deur sy dissipels sigbaar laat wees. Dit stel Christus in die Bergrede in Matteus 5:13-16:

> Julle is die sout vir die aarde. Maar as sout verslaan het, hoe kry ’n mens dit weer sout? Dit is niks meer werd nie. Dit word buitekant weggegooi, en die mense vertrap dit.[14]“Julle is die lig vir die wêreld. ’n Stad wat op ’n berg lê, kan nie weggesteek word nie; [15]ook steek ’n mens nie ’n lamp op en sit dit onder ’n emmer nie maar op ’n lampstaander, en dit gee lig vir almal in die huis. [16]Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.

Die Here wys ’n sekere spanning en teenstrydigheid in die Bergrede aan, want net verder noem die Here wat sy dissipels nie moet doen nie:

> “Moenie julle godsdienstige pligte in die openbaar nakom om deur mense gesien te word nie, want dan kry julle geen beloning van julle Vader wat in die hemel is nie. [2]“As jy byvoorbeeld armes help, moet dit nie uitbasuin nie. Dit doen die skynheiliges in die sinagoges en op straat, sodat mense met lof van hulle kan praat. Dit verseker Ek julle: Hulle het hulle beloning klaar weg. [3]Nee, as jy iets vir die armes gee, moet jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie, [4]sodat jou goeie daad verborge kan bly. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon.”Verder, as julle bid, moet julle nie soos die skynheiliges wees nie. Hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die straathoeke te staan en bid sodat die mense hulle kan sien. Dit verseker Ek julle: Hulle het hulle beloning klaar weg. [6]Nee, as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon.”(Matt.6:1-6)

Die dissipels se goeie werke moet op só ’n manier gesien word dat mense hul Vader sal verheerlik, maar hulle mag nie hul godsdienstige pligte in die openbaar nakom om gesien te word nie en hulle mag nie van gebed ’n openbare demonstrasie maak nie.

Dit is hoe Christus as Here sy dissipels goeie werke laat doen - hulle doen goeie werke wat mense kan sien, maar wat Christene nie wys nie en nie oor praat nie. Goeie werke wat sigbaar moet wees, is nie Christene se aanbidding nie. Christene aanbid God in die binnekamer - persoonlik en as gemeente. Aanbidding is ’n ontmoeting tussen gelowiges en God wat niks met die wêreld te doen het nie. Daarom kan en mag Christelike aanbidding nie vir mense vertoon of gedemonstreer word nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die vertoning en demonstrasie van aanbidding is afgodsdiens. Dit is die godsdiens van skynheiliges. Vertoonde aanbidding gaan oor die verdraaide bedoeling dat mense die eer, lof, dank en verheerliking wat God toekom, aan die aanbidders gee: " sodat mense met lof van hulle kan praat".

Goeie werke wat sigbaar moet wees, is ook nie vertoonde naasteliefde nie. Naasteliefde mag nie vertoon of gedemonstreer word nie. Naasteliefde word in die geborgenheid van vertroulikheid gegee. Vertoonde en openbaar gedemonstreerde liefde is nie meer liefde nie. Dit het die karakter van liefde verloor. Dit is magsvertoon. Liefde kan nie mag wees nie en kan nie in mag vertoon word nie.

Wat dan is die goeie werke wat Christus deur Christene laat blyk sonder dat hulle dit vertoon, propageer of demonstreer? Dit is die doen van geregtigheid: " Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie." (Matt.5:20) Dit is geregtigheid wat oorvloediger is as die geregtigheid van die afgodsdiens van die Fariseërs. Geregtigheid is om uit liefde te doen wat God in sy wet sê. Dit is om die goeie van die wet van God uit liefde te doen, naamlik om gesag te respekteer, lewe te respekteer, eiendom te respekteer, getrou te wees in die eenheid van man en vrou en om aan die waarheid van jou roeping teenoor God verbind te bly.

Wat is oorvloediger geregtigheid? Die Fariseërs se doen van geregtigheid het behels om hulself vir God regverdig te maak en self vir God regverdig te wees. Christene leef uit 'n ander geregtigheid. Hulle weet hulle is nie regverdig nie, kan nie regverdig leef nie en kan hulle nie deur regverdige dade self regverdig maak nie. Christene glo hulle is in Christus regverdig. God aanvaar hul dade en lewe as regverdig in Christus, naamlik dit wat Christus reeds by sy doop as sy werk verklaar het en aan die kruis volbring het: "15 Maar Jesus het geantwoord en vir hom gesê: Laat dit nou toe, want só pas dit ons om alle geregtigheid te vervul." (Matt.3:15)

Christene is mense wat in hulself nie God se wet kan onderhou soos die wet eis nie, maar hulle altyd weer aan die eise van die wet van God verbind! Dit is so omdat God hulle in sy liefde regverdig laat wees en hul liefde as volkome regverdig in Christus aanvaar. Hulle is sondaars wat uit geloof in God se liefde hulle altyd weer aan die geregtigheid van die wet van God verbind!

Wat is goeie werke waardeur die wêreld Christene se Vader verheerlik? Dit is die gewone geregtigheid wat elke mens in die wêreld ken - die respek en agting vir gesag, lewe, gemeenskap, eiendom en waarheid; die dien van en dien met gesag, lewe, gemeenskap, eiendom en waarheid.

Die verheerliking van die Vader is dat God sondaars met liefde en uit liefde aan geregtigheid verbind.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Geregtigheid beteken dat Christene nie deur hul eie ongeregtigheid van die doen van geregtigheid vervreem word nie. Christene doen geregtigheid uit 'n geborge vertroulikheid waar liefde net liefde is. Hulle betoon nooit geregtigheid as 'n vertoon van mag nie, of dit nou morele, geestelike, politieke, volks- of nasiemag ook al is, hulle doen dit suiwer net uit 'n geborge vertroulikheid waar liefde net liefde is.

Christene praat oor en verkondig Christus openlik (Rom.10:8,9). Christene vertoon en demonstreer nooit hul liefde en aanbidding nie. Die wyse waarop Christene in hul gebrokenheid altyd verbind bly tot die doen van geregtigheid spreek van self. Dit is sigbaar sonder dat hulle dit vertoon.

Die moderne Christelikheid verdraai dit wat sigbaar moet wees en dit wat nie sigbaar gemaak mag word nie. Hulle wil die eenheid van die kerk vind in die openbare vertoon van hul innighede en aanbidding in die Gees. Dit is presies net wat die Here sê nie openbaar vertoon mag word nie, naamlik liefde en aanbidding.

Die Here sê dat Christene se doen van geregtigheid uit liefde in die gewóne gemeenskap sigbaar moet wees. Die moderne Christelikheid wil God in die demonstrasie van hul innigheid en aanbidding in gééstelike gemeenskappe sigbaar vertoon.

Afgodsdiens verdraai die inhoud, werking en karakter van godsdiens. Daarom verdraai die moderne Christelikheid dit wat sigbaar en dit wat nie sigbaar moet wees nie in die godsdiens, want dit is afgodsdiens. Die moderne Christelikheid se sigbaarheidstrewe gaan oor die demonstrasie en vertoon van geestelike mag. Dit gaan nie oor liefde nie.

Omdat die moderne Christelikheid die bedieningsmiddele van die kerk met nuwe magsmiddele vervang - aanbidding en innigheid in die plek van die prediking van die evangelie, die sakramentbediening en tug - maak hulle van die eenheid van die kerk 'n magsdemonstrasie. Die kerk moet God sigbaar wys. Hoe meer mense saam God wys, hoe kragtiger is God en hoe groter is God se sendinguitreik na die wêreld.

Dit is waarom hulle kerkeenheid as voorwaarde stel vir die sendinguitreik van God na die wêreld. Want eendrag maak mag. In die mag van hul gedemonstreerde goddelikheid wil hulle mense, gemeenskappe, volke, nasies en kulture onderwerp aan hul visies, missies, visioene, drome, ideale en moraliteit asof dit God is wat hulle hieraan onderwerp. Hoe meer mense God saam op dieselfde wyse en op dieselfde tyd spiritueel kan demonstreer, hoe groter glo hulle is God se krag in hul uitreik na die wêreld.

Dit is presies net wat die eenheid van die kerk nooit kan wees nie. Die eenheid van die kerk is sondaars se vereniging en versoening met Christus. Hierdie eenheid is net sigbaar in hul goeie werke in die gewone gemeenskap. Die effek van aksies, die invloed van bewegings, die funksionering van kerkorganisasies, die samestelling van kerklike gemeenskappe, wie in

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

eredienste byeenkom, hoe Christene mense liefhet en God aanbid, kan nooit die demonstrasie van eenheid wees nie.

Die eenheid in Christus kan en mag nooit vertoon en gedemonstreer word nie. Die kerk glo sy eenheid. Die geloof in die eenheid van die kerk in Christus is deel van die kerk se geloof in die evangelie. Om die vereniging en versoening in Christus te wil vertoon en demonstreer is net die ongelowige magswil en magsug van die moderne Christelikheid. Hulle voel dat die eenheid van die kerk in sy vereniging met Christus as mens in die hemel magtelose en nuttelose eenheid is. Dit sou dan magteloos en nutteloos wees omdat hulle nie God daardeur sigbaar kan maak nie. Hulle wil die eenheid van hul goddelikheid in hul menslikheid vir die wêreld sigbaar maak.

Christus regeer en brei sy kerk uit deur die prediking van die evangelie, die bediening van die sakramente en die toepassing van Christelike tug. Christus doen dit nie deur die sigbare demonstrasie van die persoon, wil, krag en lewe van God deur geestelikes nie, ongeag hoe groot of hoe een hierdie spirituele demonstrasies ook al mag wees nie.

Hierdie spirituele eenheid buite die eenheid in die geloof met Christus vind eenheid in goddelikheid. Die enigste wyse waarop hierdie goddelikheid een kan wees, is een in mag. Dit is sigbare vertoonde mag! Sonder gedemonstreerde mag is net die pluraliteit van hul geestelikheid sigbaar - elke geestelike groep is ’n nuwe en ander Godsaksie of Godsgemeenskap wat beter kerk is as wat die kerk van Christus in sy geloof in Christus is.

Spirituele mag is ’n pseudomag. Daar is geen eie effektiewe mag in spiritualiteit nie, want goddelikheid is niks. Daarom kan hulle die eenheid in goddelike mag ook net in die kerk se algemene gemeenskapskarakter en -inrigting terugvind. Hul mag moet eenheid in leierskap, aksie, eenheid in beweging, eenheid in organisasie, eenheid in vergadering, eenheid in besluit, eenheid in die tyd waarop almal saam aanbid, eenheid op die plek waar almal saam geestelik is, eenheid in simbole, eenheid in geslag, eenheid in ouderdom, eenheid in taal, nasie, volk en kultuur wees.

Waar hulle spirituele eenheid in hierdie gemeenskapsinstellings en gemeenskapslewe sigbaar vertoon, glo hulle dat hulle die eenheid van hul goddelikheid vertoon. Die werklikheid dat hul goddelikheid die eenheid van die kerk in Christus verskeur bloot deur daarmee vol te hou om nuwe en meer Godsgemeenskappe te genereer, word in hierdie pseudo-eenheid van aksie, vergadering, leierskap, aanbiddingsplek, kultuur, taal, volk, nasie en organisasie verduister.

As eenheid eenheid in sigbare vertoonde mag is, dan moet dit ook eenheid in sigbare vertoonde onderwerping wees. Hierdie sigbare, vertoonde mag leef in die onderwerping van die kerklike gemeenskap se instellings en gemeenskapslewe aan die oorheersing van hierdie spiritualiteit. Die ontkenning van taal, kultuur, geslag, volk, nasie, ouderdom en enige gemeenskapsverbondenheid word die offer vir spirituele eenheid in goddelikheid. Mense moet hul menslikheid opoffer vir die sigbare gedemonstreerde eenheid in mag wat

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

goddelikheid is. Eers dan kan God God wees. Eers dan kan God uitreik na die wêreld. Eers dan is God bemagtig om God in mense te wees.

Moderne Christelikheid is die mag wat die bediening van die kerk, naamlik sy prediking, sakramente en tug opskort en kragteloos verklaar in die sug na eenheid in sigbare, vertoonde magsvorming.

Eenheid in sigbare, vertoonde mag is geen voorwaarde vir die heerskappy van Jesus as verhoogde Christus nie. Christus laat Hom nie inperk of keer in die uitbreiding van sy heerskappy deur die verdeeldheid in menings, organisasie, gemeenskap of taal en kultuur nie. Sigbaar vertoonde mag maak ook nie dat Christus makliker, beter en meer invloedryk mense met Hom is sy heiligheid en geregtigheid verenig nie.

Christus verenig sondaars met Homself deur die prediking van die evangelie, die bediening van die sakramente en die tug binne verstrooide en verdeelde kerklike gemeenskappe, sonder enige sigbare of onsigbare magsvertoon van spiritualiteit.

In Handelinge 8 word die apostels, wat gesamentlik besig was om die evangelie in en uit Jerusalem te bedien deur prediking, sakrament en tug, deur die godsdienstige vervolging van die Jode uitmekaar gedryf. Hierdie verbreking van die apostels se samehorigheid en eenheid in Jerusalem het nie die voortgaande bediening van Christus gekeer, beperk, opgeskort of benadeel nie. Inteendeel. Die verlies van hul eenheid in onderlinge samehorigheid was die wyse waarop Christus sy bediening voortgesit het: “[4]Die gelowiges wat uitmekaar gejaag is, het so ver as wat hulle gegaan het, die evangelie verkondig. [5]So het dit gebeur dat Filippus by ’n stad in Samaria gekom het en Christus daar verkondig het. [6]Toe die mense hoor wat Filippus verkondig en die wonders sien wat hy doen, het hulle aandagtig na sy prediking geluister.” (Hand.8:4-6) Een sigbare apostelraad in Jerusalem wat die bediening gesamentlik beplan en koördineer, was buite en oorbodig vir die bedoeling van Jesus se sending as verhoogde Christus.

Die diepste verdeeldheid in die vroeë kerk was die verdeeldheid oor die Joodse seremonies. Dit is seremonies wat in die Bybel self op so ’n wyse voorgeskryf word dat as dit nie onderhou word nie, God mense sal straf: “[12]Die Here het vir Moses gesê: [13]“Jy moet vir die Israeliete sê: Onderhou my sabbatte. Dit is van geslag tot geslag ’n teken tussen My en julle sodat julle kan besef dat Ek, die Here, julle vir My geheilig het. [14]Onderhou dus die sabbat. Dit moet vir julle ’n gewyde dag wees. Hy wat dit ontwy, moet doodgemaak word. Wie op dié dag werk, moet van sy volk afgesny word.” (Eks.31:12-14).

Hierdie verdeeldheid was die rede vir die gesamentlike gemeentelike vergadering tussen Jerusalem en Antiogië: “Daar het mense van Judea af gekom en die gelowiges wysgemaak: ‘As julle nie die gebruik van Moses nakom deur julle te laat besny nie, kan julle nie gered word nie.’ [2]Toe Paulus en Barnabas hulle daarteen verset en in ’n heftige meningsverskil met hulle betrokke geraak het, is daar besluit dat hulle twee en nog ’n paar ander van die

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

gemeente na die apostels en ouderlinge in Jerusalem moet gaan in verband met hierdie vraagstuk." (Hand. 15:1,2) Die konsensusbesluit van hierdie vergadering was dat, anders as wat van die Joodse Christene uit Jerusalem beweer het, hierdie seremonies nie nodig was om gered te word nie. Die hart van die bediening is in hierdie besluit gehandhaaf.

Die tweede deel van hierdie besluit was 'n kompromie: "[20]Maar ons moet vir hulle skrywe om nie vleis te eet wat aan 'n afgod geoffer is nie, want dit is onrein; dat hulle onsedelikheid moet vermy, geen dier wat verwurg is, moet eet nie, en ook nie bloed nie. [21]Hierdie voorskrifte van Moses word immers van ouds af in elke stad aan die mense voorgehou. Elke sabbatdag word dit in die sinagoges voorgelees." (Hand.15:20,21) Die kompromie wat getref was, was dat die eet van afgodsvleis en die eet van diere wat dood gewurg is middelmatige sake was, dit wil sê sake was waaroor Christene kon verskil sonder dat hulle daaroor eenstemmigheid moes bereik. Daarom kon Paulus die eet van hierdie vleis goedkeur (Kol. 2:20-23; 1 Kor.1:8,9; Rom.14:1), terwyl die Joodse Christene in Jerusalem nie Paulus se mening oor hierdie sake aanvaar het nie en die seremonies elke dag nog nagekom het: "[20]Toe hulle dit hoor, het hulle God geprys en vir Paulus gesê: "Jy sien, broer, hier is duisende Jode wat gelowig geword het, maar almal onderhou die wet van Moses nog stiptelik. [21]Hulle het gehoor dat jy al die Jode wat onder die heidene woon, leer om van die wet van Moses af te sien. Jy sou hulle geleer het om nie meer hulle kinders te laat besny nie en om nie die Joodse gebruike te onderhou nie." (Hand.21:20,21)

Sommige van die apostels het hulle ook nie altyd by hierdie konsensusbesluit gehou nie. Dit was een van die redes hoekom Paulus en Petrus in 'n heftige botsing betrokke was:

> Toe Sefas egter later na Antiogië toe gekom het, het ek my openlik teen hom verset omdat sy optrede duidelik verkeerd was. [12]Voordat daar van Jakobus se mense aangekom het, het Sefas gewoonweg saam met nie-Joodse gelowiges geëet. Maar toe dié mense daar aankom, het hy hom onttrek en hom eenkant begin hou, omdat hy bang was vir die voorstanders van die besnydenis. [13]Die ander Joodse gelowiges het ook saam met hom begin huigel, en selfs Barnabas het hom deur hulle huigelary laat meesleep. [14]Toe ek sien dat hulle van die reguit pad van die evangeliese waarheid afwyk, het ek daar voor almal vir Sefas gesê: "Jy is 'n Jood, en jy hou jou nie meer aan die Joodse gebruike nie. As jy self leef asof jy nie 'n Jood is nie, hoe kan jy dan mense wat nooit Jode was nie, wil dwing om te lewe asof hulle Jode is?" (Gal.2:11-14)

Die eis dat daar eers sigbare, vertoonde eenheid in spiritualiteit moet wees voordat Christus se sending na die wêreld kan plaasvind, was nie van toepassing op hierdie eerste verdeeldheid binne die kerk nie. Die Joodse Christene en die Christene uit die nie-Jode het nooit oor hierdie saak 'n sigbare vertoonde eenheid gevorm nie. Dit was net die vernietiging van die tempel en die verstrooiing van die Joodse gemeenskap wat hierdie saak binne die Christelike Kerk laat verdwyn het.

Die eenheid in hierdie verdeeldheid van die Joodse en nie-Joodse gemeenskappe was die bediening van een en dieselfde Christus deur Woord, sakrament en tug. Jode was nie verplig om hul Joodsheid af te lê nie. Nie-Joodse gemeenskappe was nie verplig om Joodse gemeenskappe te word nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die eenheid van die kerk in sy bediening van Woord, sakrament en tug is die rede vir Paulus se oënskynlik teenstrydige optredes. In nie-Joodse gemeenskappe het hy Petrus se optrede onder die druk van die Joodse Christene openlik aangeval oor sy distansiëring van nie-Jode, want daar gaan dit oor die valsheid dat hulle eers Joods moet wees om deur die apostel as Christene aanvaar te word. In Jerusalem aanvaar Paulus egter weer die druk van die apostels om ter wille van Joodse Christene die tempelseremonies na te kom, presies dieselfde druk en toegewing waaroor hy met Petrus in Antiogië in gebots het - 'n toegewing wat die direkte rede vir Paulus se gevangeskap en dood was.

Hoe kan Paulus in Asië en Europa op een wyse optree, maar in Jerusalem op presies die teenoorgestelde wyse? Wat van sigbare vertoonde eenheid? Dit wys dat die kerk se eenheid nooit 'n sigbare vertoon van spirituele mag kan wees nie. Die kerk se eenheid is die eenheid in die bediening van die evangelie en die eenheid in die geloof in Christus.

Sou eenheid in hierdie saak nie die bediening van die evangelie beter gedien het nie? Dit is juis die openbaring van die heerskappy van die verhoogde Christus in die boek Handelinge. Christus stuur Paulus as gevangene na Rome om die evangelie te bedien juis deur hierdie verdeeldheid as middel te gebruik. Daar kan nie iets in hierdie skepping wees soos sigbare vertoonde geestelike mag wat die verhoogde Christus in die bediening van sy genade aan 'n sondige wêreld inperk nie.

Hierdie voorwaarde vir die sending van Christus, sigbare vertoonde geestelike mag, is afgodsdiens - eendrag in spiritualiteit verleen mag aan geestelikes, nie aan die verhoogde Christus nie.

Daar is wel iets wat die eenheid van die kerk kan verskeur en dit is die bediening van 'n ander evangelie! "[6]Dit verbaas my dat julle so gou van God wat julle deur die genade van Christus geroep het, afvallig word en 'n ander evangelie aanneem. [7]Daar is geen ander evangelie nie! Tog is daar mense wat die evangelie van Christus probeer verdraai, en dit is hulle wat vir julle in verwarring bring. [8]Maar al sou een van ons of selfs 'n engel uit die hemel aan julle 'n evangelie verkondig wat in stryd is met die evangelie wat ons aan julle verkondig het—die vloek van God sal hom tref!" (Gal.1:6-8) Die verkondiging van 'n verdraaide evangelie stel mense onder die vloek van God. Deur die verkondiging van die onverdraaide evangelie deel mense in God se genade. Die verskeuring van die kerk is nie maar net verskillende menings, organisasies, besluite en aksies nie. Die verskeuring van die kerk is om die kerk van die genade van God te vervreem en onder die vloek van God te stel, terwyl die kerk glo sy leef in die genade van God. God se vervloeking deur 'n verdraaide evangelie verskeur die eenheid van die kerk.

Die kerkeenheid van Handelinge is nie die voortgang van een sigbare georganiseerde kerk nie. Dit is die voortgang van die bediening van die verhoogde Christus deur een evangelie in Woord, sakrament en tug waardeur almal dieselfde Gees ontvang - die Gees van die vervulling van God se beloftes deur Christus. (Hand. 2:1-4; Hand.8:14-15; Hand.10:44-48)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die moderne Christelikheid verkondig ’n verdraaide evangelie. Hierdeur verskeur hulle die kerk in haar wese, haar bediening van die Woord, sakramente en tug. Hierdeur verskeur hulle die kerk in haar werklike eenheid, haar geloof in Christus. Hulle wil nie ’n kerkeenheid deur die bediening van Woord, sakrament en tug aanvaar nie. Hulle wil kerkeenheid in hul aanbidding en innigheid beleef. Hulle wil nie kerkeenheid in die geloof in Christus aanvaar nie. Hulle soek ’n nuwe kerkeenheid in spiritualiteit. Kerkeenheid in die bedieningmiddele van die kerk en in die geloof in Christus sal die einde van hul spiritualiteit en hul geestelike mentorskap beteken. Daarom skep hulle ’n nuwe eenheid vir die kerk wat die kerk aanhoudend verskeur: sigbare vertoonde geestelike mag.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

# HOOFSTUK 15 DIE VOLHEID VAN DIE BELOFTES VAN GOD: DIE VADER, DIE SEUN EN HEILIGE GEES

Die Drie-eenheid van God is die openbaring van die volle verbondsvervulling waardeur alles uit God, deur God en tot God is. Dit gaan oor die volledige liefde van God vir sondaars en sondaars se volkome liefde vir God in Christus. Daarom gaan die geloof in die Vader, Seun en Heilige Gees oor volle geloofsekerheid. Die moderne Christelikheid ontledig die volle verbondsliefde van God deur 'n drie-fase-verhouding met God. Dit vervang die volledige liefde van God met die selfgenoegsaamheid van die wettelose mens. Dit vervang geloofsekerheid met absolute selfversekerdheid.

## 1. Die openbaring van God Drie-enig in die Ou Testament: die verbond

God openbaar Homself in die verbond as die Vader, die Seun en die Heilige Gees. God openbaar Homself nie buite die verbond as Vader, Seun en Gees nie. God openbaar Homself nie as Vader, Seun en Gees om te wys hoe kompleks en moeilik verstaanbaar Hy as Skepper is nie. Die openbaring van God as Vader, Seun en Heilige Gees is die wyse waarop God sy volle verbondsgenade en verbondsliefde aan sy kinders meedeel.

Dit is hoe God Homself reeds in die Ou Testament openbaar. Die verbond bestaan uit die Dawids- en die Abrahamsbelofte. Die Dawidsbelofte is die Messiasbelofte. Die beloofde Seun van Dawid is die Messias, die Christus. Die Dawidsbelofte is die wyse waarop die Abrahamsbelofte vervul word. (Hoofstuk 11). Daarom is die Abrahamsbelofte ook die Messiasbelofte. Dit is nie die belofte oor wie die Messias is nie, maar die beloftes wat die Messias vir God se volk sal waarmaak. God openbaar Homself in hierdie twee beloftes in die Ou Testament duidelik as die Drie-enige God: die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

**DIE DAWIDSBELOFTE**

Wanneer jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus, sal Ek een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en aan hom 'n bestendige koningskap gee. Hy sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koning skap vir altyd laat voortbestaan. **Ek sal vir hom 'n vader wees en hy sal vir My 'n seun wees**... Jou koningshuis en jou koningskap sal vir altyd vas staan; jou troon sal altyd voortbestaan." 2 Sam. 7:12-16

**DIE ABRAHAMSBELOFTE**

**Ek sal my Gees in julle gee**
Ek sal julle reinig van julle onreinheid en afgodery
Ek sal julle tussen nasies uit al die lande bymekaar maak
Julle sal my volk wees
Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee
Julle sal in die land woon wat Ek aan julle voorvaders gegee het Eseg.36:25-

Die Vader-en-Seun-belofte is reeds in die Ou Testament deel van die inhoud van die Dawidsbelofte en die belofte van die Heilige Gees die inhoud van die Abrahamsbelofte. Hierdie twee beloftes vorm altyd as 'n eenheid saam die verbond. Die openbaring Vader,

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Seun en Gees, is die kerninhoud van hierdie verbond. Dit is nie 'n nagedagtenis oor God buite die verbond nie. Dit is nie rasionele bespiegeling oor God se identiteit nie. Dit is die wesenlike inhoud van God se genade en liefde: in die verbond sal Dawid se seun self in 'n Vader-Seun-verhouding met God staan, sodat die Vader en Seun die Gees sal gee om die Abrahamsbelofte vir gelowiges te vervul.

Die Drie-eenheid van God is nie eers 'n Nuwe Testamentiese openbaring nie. God as Vader, Seun en Gees is die verbondsopenbaring in die Ou Testament. Christus openbaar God nie vir die eerste keer as Vader, Seun en Gees nie. Jesus Christus is die vervulling van hierdie verbondsopenbaring van die Vader, die Seun en die Heilige Gees in die Ou Testament. Ons kan dit met 'n paar Messiaanse tekste uit die Ou Testament toelig.

In Jesaja 9 kry ons die Dawidsbelofte:

> Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word:Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. [6]Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal dié koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here die Almagtige sorg. (Jes. 9:5,6)

Hierdie Seun wat gebore sal word, is die beloofde Seun van Dawid. Hierdie Seun is self God. Hy word aangespreek met al die benamings waarmee God self benoem word. Hierdie aanspreek van die seun van Dawid as Magtige God gaan nie oor die Oosterse verheerliking van goddelike konings nie. Die aankondiging van die Dawidsbelofte in 2 Samuel 7 gaan juis oor die teendeel: die afwys van goddelike koningskap deur die profeet Natan wat in die tradisie van Samuel as profeet optree:

> Maar vir Samuel was dit verkeerd dat hulle gesê het: "Gee ons tog 'n koning om oor ons te regeer."Samuel het tot die Here gebid, [7]en die Here het vir hom gesê: "Gee toe aan die versoek van die volk in alles wat hulle van jou vra. Hulle het jóú nie verwerp nie; hulle het Mý verwerp as koning oor hulle. [8]Hulle het nou ook met jou gemaak wat hulle met My gedoen het sedert Ek hulle uit Egipte laat trek het tot nou toe: hulle het My verlaat en ander gode gedien. [9]Gee nou maar toe aan hulle versoek. Stel die saak net baie duidelik aan hulle: sê vir hulle wat die reg van die koning is wat oor hulle sal regeer. (1 Sam.8:6-9)

Die verkondiging van die profete is teen alles wat die heidennasies as goddelike koningskap geglo het.

Jesaja kondig die vervulling van die Vader- en Seunbelofte in 2 Samuel 7 aan; nie die troonbestyging van 'n Oosterse, goddelike koning nie. Hiermee openbaar Jesaja dat die seun van Dawid self Seun van God, die Vader sal wees. Daarom word die Seun self ook Ewige Vader genoem - want die Seun is die Seun van die Vader in die Dawidsbelofte.

In Jesaja 9 kan daar geen onduidelikheid wees dat hierdie Seun die Persoon is wat die Dawidsbelofte sal vervul nie. Dit word direk só gestel: Hy sal op die troon van Dawid sit. Die taak van hierdie Seun is om die Abrahamsbelofte te vervul: om reg en geregtigheid vir die

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

volk van die Here te vestig. Om God in reg en geregtigheid te kan dien ís die inhoud van die Abrahamsbelofte.

Net twee hoofstukke verder word die volgende van die Messias gestel:

> ’n Takkie sal uitspruit uit die stomp van Isai, ’n loot uit sy wortels sal vrugte dra.[2]Die Gees van die Here sal op hom rus: die Gees wat wysheid en insig gee, die Gees wat raad en sterkte gee, die Gees wat kennis verleen en eerbied vir die Here. (Jes.11:1,2)

Hier word die Seun van die Vader in die Dawidsbelofte aangekondig as die Een op wie die Gees van God sal rus. Hierin kom die eenheid van die Dawids- en Abrahamsbelofte in Jesaja weer na vore: die Seun van die Vader is self God. Die Gees van God self rus op Hom. Die openbaring van God as Vader, Seun en Gees gaan oor die eenheid van die Dawids- en Abrahamsbelofte in die Ou Testament.

Wat doen die Seun van Dawid deur hierdie Gees? Dit blyk uit Jesaja hoofstuk 12:

> Op daardie dag sal jy sê: “Ek loof U, Here! U was kwaad vir my, maar U is nou nie meer kwaad nie en U het vir my uitkoms gegee. [2]God is my redder; Ek vertrou op Hom, ek is nie meer bang nie. Die Here my God is my krag en my beskerming; Hy is my redder.” (Jes.12:1,2)

Die Seun gee die Gees wat sondaars van die toorn van God red. Die Seun gee die Gees wat maak dat sondaars God vertrou vir sy krag en beskerming. Die Gees wat die Seun gee, is die Gees wat maak dat sondaars nie meer vir God bang is nie.

Hierdie eenheid van Vader, Seun en Gees vorm die kerninhoud van die verlossing in die verbond. In Jesaja 42 maak God binne die belofte van Vader en Seun van 2 Sam. 7 die volgende aankondig:

> Hier is my dienaar, Ek stel hom aan. Ek het hom uitverkies, hy geniet my guns. Ek laat my Gees op hom kom, hy sal my wil aan die nasies bekend maak. [2]Hy sal nie roep nie, hy sal nie hard skree nie, hy sal nie sy stem op straat laat hoor nie. [3]’n Geknakte riet sal hy nie afbreek nie, ’n lamppit wat dof brand, sal hy nie uitdoof nie. Hy sal my wil bekend maak soos dit is. [4]Self sal hy ook nie uitgedoof of geknak word nie totdat hy my wil op aarde gevestig het. Die eilande wag op wat hy hulle sal leer. (Jes. 42:1-4)

Die wyse waarop die Seun van Dawid oor die volk van God sal regeer, is om deur die Gees, God se wil weer aan sondaars bekend te maak. God se wil sal nie deur openbare geweld, intimidasie of mag gehoorsaam word nie. Dit sal God se genadeheerskappy wees. Gebroke sondaars sal nie in hul sonde vernietig word nie. Hulle sal in hul gebrokenheid in sy genadeheerskappy ingesluit word. Die belofte dat hierdie Messias self geknak sal word, is opgesluit in die belofte dat Hy geknak sal word nádat Hy God se wil bekend gemaak het. Die Seun van die Vader wat die Gees gee, is die inhoud van die verbond.

Die Dienaar wat God aanstel is die Een op wie die Gees kom. Dit is die beloofde Gees van die Abrahamsbelofte. Dit word weer in Jesaja 63 gestel: “Soos ’n trop beeste na ’n groen

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

vallei toe afgaan, so het die Gees van die Here sy volk na ’n woonplek toe gebring, so het U u volk gelei om die roem van u Naam te vermeerder.” (Jes. 63:14) Die Here wat sy volk na hul woonplek lei, is die vervulling van die Abrahamsbelofte.

Die openbaring van God as Vader, Seun en Gees is in die Ou Testament reeds die openbaring van die volheid van die Dawids- en Abrahamsbeloftes.

Hierdie eenheid van Vader, Seun en Gees word ook in Esegiël 37 openbaar:

> [3]Wanneer Ek julle grafte oopmaak en julle laat uitkom, my volk, sal julle besef dat Ek die Here is. [14]Ek sal my Gees in julle laat kom sodat julle kan lewe en Ek sal julle in julle land laat woon. Dan sal julle besef dat Ek die Here is. Ek het dit gesê en Ek sal dit doen,” sê die Here. ... [23]“Hulle sal hulle nooit weer verontreinig met afgode en afskuwelike dade en sondes nie. Ek sal hulle bevry uit al hulle woonplekke waar hulle gesondig het en hulle reinig. Hulle sal my volk wees, en Ek sal hulle God wees. [24]My dienaar Dawid sal koning oor hulle wees; hulle almal sal net een herder hê, en hulle sal volgens my bepalings leef en my voorskrifte gehoorsaam en nakom. [25]Hulle sal in die land woon wat Ek aan my dienaar Jakob gegee het, waar hulle voorvaders gewoon het. Hulle sal altyd daar woon, hulle en hulle kinders en hulle kinders se kinders, en my dienaar Dawid sal hulle regeerder wees vir altyd. [26]Ek sal met hulle ’n verbond sluit wat vir hulle vrede sal bring, ’n verbond wat altyd sal bestaan. Ek sal hulle baie laat word en my heiligdom tussen hulle oprig om altyd daar te wees. [27]My woonplek sal by hulle wees; Ek sal hulle God wees, en hulle sal my volk wees. (Eseg.37:13-27)

Vers 14 se woorde, “Ek sal my Gees in julle laat kom sodat julle kan lewe en Ek sal julle in julle land laat woon”, is ’n herhaling van die Abrahamsbelofte in Esegiël 36:24 . Die inhoud van die belofte in hoofstuk 36 word weer hier in hoofstuk 37 herhaal: God sal sy volk self reinig van hul sondes, dit is, hulle vry van afgodsdiens maak. Die Gees is altyd God se belofte van die volle reiniging en heiliging van sy volk.

Hier word die Abrahamsbelofte weer direk aan die Dawidsbelofte gekoppel. Die Seun sal hul herder wees. Die Seun sal God se woonplek onder sy kinders oprig. Die aankondiging van wie God hier is en wat God doen, is ’n openbaring van die Dawidsbelofte van die Vader en Seun. En die belofte van die Vader en Seun gaan oor die belofte van die Gees wat God se volk ten volle sal reinig en heilig.

Reeds in die Psalms van Dawid, nog voor die optrede van die profete, openbaar God in Psalm 51 die Heilige Gees op die volgende wyse as die Gees van die Abrahamsbelofte: “Skep vir my ’n rein hart, o God, vernuwe my gees en maak my standvastig. Moet my tog nie van U af wegdryf en u Heilige Gees van my af wegneem nie!” (Ps. 51:12,13) Die Heilige Gees is die Gees van die Abrahamsbelofte waardeur God sy kinders ten volle van sonde reinig en weer ’n nuwe gehoorsaamheid skenk:

> Wees my genadig, o God, in u troue liefde, wis my oortredings uit in u groot barmhartigheid! [4]Was my skoon van my skuld, reinig my van my sonde! ... laat ek dan diep in my binneste weet hoe U wil dat ek moet lewe. [9]Neem tog my sonde weg dat ek rein kan wees, was my dat ek witter as sneeu kan wees. [10]Laat my weer blydskap en vreugde belewe. U het my verbrysel; laat my weer jubel. [11]Moet tog nie ag slaan op my sondes nie, wis al my skuld uit! [14]Laat my weer die blydskap ervaar van iemand wat deur U verlos is, laat my U weer met toewyding dien. (Ps. 51:3-4; 9-11; 14)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die openbaring van die Heilige Gees gaan oor volheid van God se verlossing: die oprigting van 'n genadeheerskappy deur God, die volle reiniging van sonde, die wegneem van alle straf en die skep van 'n blymoedige gehoorsaamheid aan God se wil. Dit is waaroor die openbaring van die Vader en Seun in die Dawidsbelofte en die openbaring van die Heilige Gees in die Abrahamsbelofte gaan: die volle goedheid en liefde van God om sy kinders volledig aan Hom te wy, in reinheid en gehoorsaamheid.

**2.Christus openbaar Homself as die Persoon wat al die verbondsbeloftes vervul: die Seun van die Vader wat die Heilige Gees as gawe gee**

Christus openbaar Homself as die Seun van die Vader. Christus openbaar die Heilige Gees as die gawe van die Seun en die Vader. Hierdie openbaring van die Vader, Seun en Gees in Christus is die volle vervulling van die verbondsbeloftes.

Die engel kondig die vervulling van die Dawidsbelofte met Christus se verwekking só aan:

> Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee, [33]en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie." [34]Maar Maria sê vir die engel: "Hoe is so iets moontlik, aangesien ek nog nooit omgang met 'n man gehad het nie?" [35]Die engel antwoord haar: "Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God." (Luk.1:32-35)

Christus is die beloofde seun van Dawid wat terselfdertyd ook die Seun van die Allerhoogste, die Seun van God is. Christus is die Seun van God volgens die Dawidsbelofte: die Seun van die Vader. Dit is die betekenis van die titel Seun van God. Dit wys Jesus aan as die Persoon wat die Vader- en Seunbelofte in die Dawidsbelofte vervul.

Lukas wys op hierdie identiteit tussen Jesus, die Seun en God, die Vader: "My Vader het alles aan My toevertrou. Niemand weet wie die Seun is nie behalwe die Vader, en wie die Vader is nie behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil bekend maak." (Luk.10:22) Hiermee openbaar Jesus Homself as die Persoon wat volgens die Dawidsbelofte een met God die Vader is.

Jesus is egter ook die Een wat die Heilige Gees skenk: "Toe al die mense hulle laat doop het, is Jesus ook gedoop, en terwyl Hy staan en bid, het die hemel oopgegaan en het die Heilige Gees in sigbare gestalte soos 'n duif op Hom neergedaal. Daar was ook 'n stem uit die hemel: 'Jy is my geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek My.'" (Luk.3:21,22) In Jesus se doop openbaar die Vader Jesus self as die Seun van God en die Heilige Gees openbaar dat Jesus die Persoon is wat gesalf is om Hom as gawe te gee.

Weer eens gaan hierdie openbaring van die Vader, Seun en Heilige Gees oor die volle vervulling van die Dawids- en Abrahamsbelofte. Só word dit verkondig in die loflied van Sagaria:

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> [69]’n Sterk Verlosser het Hy vir ons laat opstaan uit die huis van sy dienaar **Dawid.** [70]So het die Here dit reeds van oudsher belowe deur die mond van sy heilige profete: ...en sy heilige verbond te onthou. [73]Met ’n eed het Hy dit bevestig aan ons voorvader **Abraham** dat Hy sou gee dat ons, [74]gered uit die hand van vyande, Hom onbevrees kan dien [75]in vroomheid en opregtheid” (in heiligheid en geregtigheid AV 1953) (Luk.1:69-75) [Beklemtoning in vetdruk dié van die outeur]

Daarom stel Christus in die openbaring van die Vader, Seun en Heilige Gees by sy doop in die Matteusevangelie dat hierdie openbaring oor die volle vervulling van geregtigheid gaan. Christus is die Persoon wat die geregtigheid wat die Seun van God in Jesaja 9 bewerk, vervul. Christus is die Persoon wat die geregtigheid, wat Hy vir sondaars bewerk, deur sy Gees aan hulle sal meedeel.

Christus vervul die volle inhoud van die verbond, die Dawids- én Abrahamsbelofte. Daarom is Christus se openbaring dat Hy die Seun van die Vader is en dat Hy en die Vader die Gees gee, die openbaring van God se volledige verbondsvervulling.

**3. Die volledigheid waarmee God vir sondaars God is en sondaars sy kinders laat wees**
God openbaar Homself as volkome en volledig God. Die beloftes van God is nie maar net goed wat God gee of dinge wat God doen nie. Die verbond is God se onderneming oor hoe Hy God is:

> Die twee onveranderlike dinge, die belofte en die eed, waarborg dat God sy woord gestand sal doen, en is vir ons wat ons toevlug tot Hom geneem het, ’n kragtige aansporing om vas te hou aan die hoop op wat vir ons weggelê is. [19]Hierdie hoop besit ons as ’n veilige en onbeweeglike lewensanker, wat agter die voorhangsel vas is. [20]Daar het Jesus, ons Voorloper, ter wille van ons ingegaan, en Hy is vir ewig Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek.” (Heb.6:18-20)

Christus se vervulling van die verbondsbeloftes gaan oor die volkomenheid van en die volledigheid waarmee God God is. Christus is God wat volkome God is soos wat God onderneem het om God te wees. Christus is volledig God soos wat God met ’n eed bevestig het dat Hy God sal wees.

Dit is die heerlikheid van God! God is net op een manier God en dit is om volmaak te wees. Daarom kan God net op een manier deur mense verheerlik word en dit is deur volmaakte liefde! God in sy volmaaktheid kan nie met gebrekkige liefde of verdeelde liefde verheerlik word nie. God kan net met die hele hart, verstand, siel en alle krag liefgehê word. God kan op geen ander manier liefgehê word nie!

Die verbond is die wyse waarop God Homself verheerlik deur hierdie volmaakte diens en liefde in mense vir Homself te herskep:

> God, ter wille van wie alles bestaan en deur wie alles ontstaan het, wou baie deel laat kry aan sy heerlikheid. En daarom was dit reg dat Hy hulle Leidsman tot die verlossing deur lyding heen tot volmaaktheid sou bring. [11]Hy wat heilig maak, sowel as die mense wat geheilig word, is almal uit een Vader. Om hierdie rede is Jesus nie skaam om hulle sy broers te noem nie. (Heb. 2:10,11)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Christus het as mens volmaaktheid bereik. Sy volmaaktheid was algehele gehoorsaamheid as mens aan God. Hy het God volmaak liefgehad, met sy hele hart, sy hele siel, sy hele verstand en al sy krag: "[8]Hoewel Hy die Seun was, het Hy deur alles wat Hy gely het, geleer wat gehoorsaamheid is. [9]En toe Hy volmaaktheid bereik het, het Hy vir almal wat aan Hom gehoorsaam is, die bron van ewige saligheid geword." (Heb.5:8,9) Omdat Hy deur die lyding van God se veroordeling heen hierdie volmaakte liefde vir God gehad het, is Hy nou vir sondaars die bron van saligheid. Nou maak Hy sondaars volmaak vir God. Hy laat hulle in sy heiligheid deel omdat Hy in ons lyding gedeel het. Dit is die volmaakte liefde waarin ons deel: Syne is myne en myne is Syne.

Die openbaring van die Vader, Seun en Heilige Gees gaan oor hoe God volledig sy onderneming om vir Hom 'n volmaakte diens en liefde in mense te herskep, vervul. Dit gaan oor hoe volkome Hy God in hierdie verbondsonderneming is.

Christus is nie 'n persoon naas God nie. Christus is uit die Vader. (Heb.2:11) Christus as Seun is volkome God:

> ...in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak. [3]Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God. Hy hou alle dinge deur sy magswoord in stand. Nadat Hy die reiniging van sondes bewerkstellig het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel." (Heb.1:2,3)

Christus is die ewebeeld van die wese van God. Christus hou die skepping deur sy magswoord in stand. Hy regeer as God. Dit is hoe die boek Hebreërs wys dat Christus die Vader-Seun-belofte in 2 Sam.7 vervul: "[5]Immers, aan wie van die engele het God ooit gesê: "Jy is my Seun,van vandag af is Ek jou Vader," en ook:"Ek sal sy Vader wees,.."(Heb.1:5)

Deur Christus as Seun is die Vader volmaak in sy versoening. Die Vader maak sy versoening volmaak deur die Seun aan te stel as volmaakte hoëpriester: "...maar die uitspraak wat met 'n eed bevestig is en wat ná die wet gekom het, stel die Seun aan as ewige en volmaakte Hoëpriester." (Heb.7:28) In die Seun is die Vader self die Een wat alles volkome is en volledig doen om sy volle barmhartigheid en genade aan sy kinders mee te deel. Daar is niks buite God of iemand naas God wat iets vir God moet doen wat Hy nie self doen of self is om sy volle barmhartigheid en genade aan sondaars mee te deel nie:

> Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. [16]Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word." (Heb.4:15,16)

In Christus, die Seun, neem God die versoeking van sonde op Homself en neem Hy die eis om in versoeking gehoorsaamheid te wees op Homself. Hierdeur maak God Homself deur die Seun die Een wat sondaars, wat versoek word en in sonde val, as volmaak in sy teenwoordigheid ontvang. Die genade en barmhartigheid van God is om gevalle sondaars met

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

die volmaaktheid te beklee wat hulle nie kan wees nie, maar wat Hy self in die Seun vir hulle is. Daar is niks en niemand buite God self wat meer medelye met ons kan hê in ons gevallendheid in ons sonde nie. Daar is niks en niemand buite God wat meer begrip, meer meelewing en meer hulp vir ons in ons sonde kan gee as God die Vader self nie, want in en deur Christus as sy Seun deel Hy self ons sonde met ons en laat Hy ons in sy gehoorsaamheid self deel. Dit is volkome en volmaakte versoening.

In Christus as sy Seun gee God en is God die volmaakte offer vir sonde: “Hoeveel te meer sal die bloed van Christus ons gewete bevry van die las van dade wat tot die dood lei, sodat ons die lewende God kan dien! Hiervoor het Christus immers Homself as volkome offer deur die ewige Gees aan God geoffer.” (Heb.9:14) Niemand kan vir sonde teen God ’n offer aan God gee nie. Niemand buiten God kan God vir ’n vergryp teen Hom vergoed nie, want daar is niemand buiten God wat sy eer en heerlikheid vir Hom kan herstel nie. Daarom is die openbaring van die Vader, Seun en Gees die openbaring van God wat in Homself alles volkome doen om sy eer en heerlikheid te herstel teenoor die vergryp en aantasting van sy eer deur sondaars.

Die Vader ontvang sy Seun as volmaakte offer deur die Heilige Gees. Dit is wie en wat God in die vervulling van die Dawids- en Abrahamsbeloftes is. God maak Homself die offer wat sy eie eer en heerlikheid herstel. Daar kan geen betaling of vergoeding buite God wees wat God kan ontvang om sy eer en heerlikheid te herstel nie.

Hierdie offer wat God in Homself is en aan Homself gee, is ’n volmaakte offer. Daarom is dit eenmalig en geldig vir alle sondes. Daarom maak hierdie offer sondaars vir altyd volkome van sonde vry en vir altyd vir God heilig. Wat God doen, is volkome:

> ... het Hy daarna gesê: Kyk, Ek kom om u wil te doen, o God. Hy neem die eerste weg om die tweede te stel. [10] Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net een maal. ... [12] maar Hy het, nadat Hy een slagoffer vir die sondes gebring het, vir altyd gaan sit aan die regterhand van God [13] en wag nou verder totdat sy vyande gemaak is ’n voetbank van sy voete. [14] Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word. (Heb.10:9-14; 1953-AV)

Die Seun doen die wil van die Vader. Omdat die Seun doen wat die Vader wil, is dit volkome. Deurdat God self die vergoeding is vir sondaars se sonde, herstel Hy sy eie eer en sy eie heerlikheid. Christus, wat self die offer is en dit vir sonde gee, is die nuwe heerskappy van God aan die regterhand van die Vader, wat God se eer en heerlikheid in hierdie vergifnis laat geld.

Die Heilige Gees laat sondaars deel in die vervulling van die Abrahamsbelofte wat tussen die Vader en Seun gebeur:

> Nou wag Hy daar totdat sy vyande aan Hom onderwerp is. [14]Deur die één offer het Hy dié wat vir God afgesonder word, vir altyd volkome van sonde vrygemaak. [15]Ook die Heilige Gees betuig dit aan ons. Eers sê Hy: [16]“Dit is die verbond wat Ek met hulle na daardie dae sal sluit, sê die Here. Ek sal hulle my

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> wette in die hart gee, in hulle verstand sal Ek dit skrywe." [17]Dan sê Hy verder: "Aan hulle sondes en hulle oortredings sal Ek nooit meer dink nie. (Heb.10:13-17)

Die verbond wat hier aangedui word, is die Abrahamsbelofte wat in Jeremia 31 vervat word. Dit is presies dieselfde belofte as dié in Esegiël 36. Christus vervul die Dawidsbelofte vir Homself. Christus vervul die Abrahamsbelofte deur self die offer te wees wat God gee. Die Heilige Gees laat sondaars deel in Christus se vervulling van die Abrahamsbeloftes. Die betuiging van die Heilige Gees is die versekering van wat Hy as Heilige Gees doen. Die Heilige Gees sê dat Hy deur die Seun se offer sondaars van alle sonde vir altyd volkome reinig. Die Heilige Gees sê dat Hy deur die versoening van die Seun se offer 'n nuwe gehoorsaamheid in sondaars skep wat vir God heilig en volkome is. Die Heilige Gees is die Gees van die Abrahamsonderneming wat die Vader en Seun uit die Dawidsonderneming gee.

**4. Identifikasie met God is die ontheiliging van God**

In die volledigheid waarmee God as Vader, Seun en Gees sy verbondsonderneming uitvoer, openbaar God die ware diepte van die sonde van identifikasie met God. Identifikasie met God is ontheiliging van God deur God in sy Godheid te ontledig. In en deur identifikasie met God, ontledig die mens God van sy Godheid en vervul die mens homself met die Goddelikheid van God.

Ontheiliging van God is nie vir mense 'n probleem waarvan hulle verlos wil word nie. Identifikasie met God is nie vir mense 'n verleentheid nie. Hulle sien dit nie as 'n mag wat hulle gevange hou nie. Dit is vir mense hul krag teenoor God. Die ontlediging van God is sondaars se behendigheid om hulself te laat geld om te wees wat hulle wíl wees – godloos en goddelik. Sondaars glo hul ontlediging van God is die mag en krag waaroor hulle beskik om hulself te wees.

Identifikasie met God word deur die hele Skrif uitgewys as die mens se verbreking van die verbondsverhouding met God. Mense ervaar egter weer dat dit wat God verbondsverbreking noem, die werklike vervulling van die verhouding tussen God en mens is. Verbondsverbreking ervaar mense as 'n intiem persoonlike verhouding met God. Verbondsverbreking ervaar sondaars as vervulling van 'n beter verhouding met God as God se verbondsverhouding met mense. In die ontlediging van God deur identifikasie ervaar mense die ontheiliging van God as Godsvervullings. Wat mense as Godsvervullings ervaar, noem die Bybel die verbreking van God se verbond: "Die Here het vir my gesê: Die mense van Juda en die inwoners van Jerusalem het teen My saamgesweer: [10]hulle is weer terug by die eerste sondes van hulle voorvaders; hulle weier om na my woorde te luister, hulle loop agter ander gode aan en dien hulle; Israel en Juda het die verbond verbreek wat Ek met hulle voorvaders gemaak het." (Jer.11:9,10)

Die vervulling van die verbond van die Here gaan oor die herstel van sy eer deur die ontheiliging van goddeloosheid. God herstel sy eer in mense deur hul Godsvervullings te vernietig. Dit stel die Here uitdruklik in die aankondiging van die Abrahamsbelofte in Esegiël 36:

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> En toe hulle daar by die ander nasies kom, het hulle my heilige Naam oneer aangedoen toe die mense van hulle sê: 'Maar dit is mos die volk van die Here hierdie, hulle kom uit sy land.'[21]Ek is begaan oor my heilige Naam wat oneer aangedoen word deur Israel onder die nasies waar hulle gekom het. [22]Daarom, sê vir Israel: So sê die Here my God: Dit is nie ter wille van julle dat Ek optree nie, Israel, maar ter wille van my heilige Naam wat deur julle oneer aangedoen is onder die nasies waar julle gekom het. [23]Ek sal die heiligheid van my groot Naam laat blyk wat onder die nasies in oneer gekom het. Julle het my Naam oneer aangedoen onder die nasies. Wanneer Ek my heiligheid laat blyk in wat Ek met julle doen voor die oë van die nasies, sal hulle besef dat Ek die Here is," sê die Here my God." (Eseg. 36:20-23)

Die Babiloniërs minag God vir die ellende van sy volk. Sy volk se ellende is vir hulle die bewys van God se magteloosheid en onvermoë teenoor hul eiemagtige wil met sy volk. In hul minagting van die kragteloosheid van God roem hulle hul op die mag van hul eie goddeloosheid en afgodsdiens. Die ontering van God bestaan in die verwyt dat God nie vir sy eie kinders volledig God kan wees nie. Hy is 'n leë en magtelose God.

Sonde ontheilig God. Die mag van goddeloosheid en afgodsdiens waarin die Babiloniërs roem, is presies dieselfde mag waarin die Israeliete ook geroem het. Dit was juis God se doel om hulle met die ballingskap oor te gee aan die mag van goddeloosheid en afgodsdiens. Die godsvervulling waarna hulle gesmag het, en in afgodsdiens verkry het, is die mag wat hulle gevange geneem het en hul gemeenskapslewe vernietig het:

> Sy het gewillig met hulle omgegaan, met al die beste Assiriërs. Sy het haar verontreinig met almal na wie sy gesmag het, met al hulle afgode. [8]Sy het haar onsedelikheid waarmee sy in Egipte begin het, nie laat vaar nie. Hulle het toe sy nog jonk was, by haar geslaap, aan haar borste gevat toe sy nog 'n jongmeisie was. Hulle het hulle luste laat botvier met haar. [9]Daarom het Ek haar oorgegee in die mag van haar minnaars, in die mag van die Assiriërs na wie sy gesmag het. (Eseg. 23:7-9)

Identifikasie met God is die innige en intieme ontlediging van God in sy Godheid.

Die ontheiliging van God in afgodsdiens gaan nie maar net om God kleiner te dink as wat Hy as Almagtige God is nie. God is allereers nie heilig omdat Hy almagtig, ewig, oneindig, alwetend en alwys is nie. God is heilig omdat God liefde is. (1 Joh.4:16) Daarom is alles wat God in sy almagtigheid en ewigheid is en doen, heilig. Hy is liefde. Hy doen liefde.

Die ontheiliging van God is persoonlik bedoel. Sondaars bedoel om God te ontheilig. Sondaars wil die ontheiliging van God as 'n innerlike krag teenoor God persoonlik ervaar:

> Soos 'n dief in die skande kom wanneer hy betrap word, so sal die Israeliete in die skande kom: hulle, hulle konings, hulle amptenare, hulle priesters en hulle profete.[27]Dit is hulle wat vir 'n stuk hout sê: "My Vader," en vir 'n klip:"U het my in die wêreld gebring." Na My toe het hulle hulle rug gedraai in plaas van hulle gesig."(Jer. 2:26,27)

Mense ontheilig God deur die magswil waarin hulle God in Homself as liefdeloos

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

glo: ’n liefdeloosheid waarin God as Skepper onbehaaglik en onvergenoegd met sy eie skepping sou wees. Identifikasie met God is die mag wat mense gebruik om God te ontledig en te ontdaan van sy volkome liefde vir sy skepping en sy kinders.

Ons kan dit met ’n voorbeeld toelig. Wanneer ’n mens jou motor vir ’n karwas neem, is daar ’n wedersydse respek tussen jou as kliënt en die karwassers vir mekaar: as kliënt verskaf jy werk aan die wassers en hulle verskaf ’n diens aan jou waardeur hulle eerbaar selfversorgend probeer wees.

Maar dan gebeur iets anders! Terwyl al die wassers hul diens verrig, los een van die werkers sy werk, steek ’n sigaret op, stap na jou toe en knoop ’n geselsie met jou aan. Hy noem jou “my vriend”. Hy wil weet waar jy vandaan kom, waar jy bly en hoe dit met jou gaan.

Innige intieme ontering! Voor al die ander werkers onttrek hy hom van die werk waarvoor jy hom vergoed en maak hy jou as kliënt doelbewus bespotlik voor die ander werkers deur jou in die verleentheid te bring deurdat jy eie met hom moet wees, anders sal jy as ’n ongeskikte, hooghartige en meerderwaardige minagter van werkers oorkom. Dit terwyl jy hulle vir hul arbeid vertrou en vergoed.

Hierdie arbeider onteer die kliënt deur die innigheid en intimiteit van gemaakte vriendskap. Met sy gemoedelike, hartlike en vriendelike geselsie onteer hy die kliënt deur sy posisie as kliënt en werksverskaffer te minag. Hy minag die kliënt deur nie die diens te lewer waarvoor hy betaal word nie, maar om op grond van ’n gemaakte persoonlike vertroulikheid nog geld, kos of gunsies te vra waarvoor hy geen diens lewer nie.

Dit is die kern van die ontering! Jy moet hom geld gee omdat hy jou onteer. Jy moet hom meer geld en gunste gee as die ander arbeiders, terwyl hy nie die werk doen waarvoor jy hom reeds geld gegee het nie. Hy ontken alles wat hy as arbeider is. Hy eien hom alles wat jy as kliënt is toe. Hy beset jou persoon as sy eie met gemaakte regte en aansprake op jou en jou besittings. En jy moet hierdie persoonlike geweld as innigheid beantwoord.

Dit is presies die verbondsverbreking wat plaasvind wanneer die Israeliete vir ’n stuk hout “My vader” en vir ’n klip sê: “Jy is my Skepper wat my gemaak het”. Dit is identifikasie met God: intieme, innige ontheiliging van God in sy liefde as Skepper!

Ons mag ons nie blind staar teen die klip- of houtbeelde waarmee God ontheilig word nie. Klip- en houtbeelde is in identifikasie met God wat die sigaret van ’n werker in die voorbeeld is. Dit gaan oor die aanmatiging wat daarmee gepaard gaan Daarom gaan dit nie in afgodsdiens oor die maak en aanbid van uiterlike beelde nie. Dit gaan oor mense wat hul posisie as God se dienaars omdraai om sy gespreksgenote te word. Dit gaan oor wat mense in hul innige, intieme vriendelikheid met God as God maak.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Wanneer 'n Israeliet hierdie innige intieme vriendelikheid met God as sy "vader" en "skepper" in 'n stuk hout of klip inleef, stel hy God in sy verdorwe hart voor as die koue en dooie God wat hy as mens met sy innige, intieme en persoonlike aanbidding moet toeganklik maak. In sy verdorwe hart glo hy dat sy gemoedelikheid en geselligheid met God, God in sy koue doodsheid meer persoonlik maak.

Net so mááк 'n Israeliet God as Skepper en Here in sy verdorwe gemoed die onbereikbare en afwesige God in sy aanbidding van hout en klip. Met sy innige en intieme verhouding met God mááк hy hierdie onbereikbare God deel van sy lewe en teenwoordig is sy eie lewe. Sonder hierdie innige en intieme verhouding wat die Israeliet met God in die stuk hout of klip koester, is God vir hierdie verdorwe mens as Skepper na sy aard die onbereikbare afwesige God - net hout en klip.

In die vermurfde intellek van hierdie Israeliet is God die onbetrokke, ingetrokke en onbekende God wat hy met sy persoonlike betrokkenheid in die klip of hout betrek en God so uit sy inkennigheid uitkeer om weer die bekende God vir mense te word.

Die ontheiliging van God in hierdie aanbiddingswyse is om God in hul vermurfde gemoed die koue, dooie, afsydige, onbetrokke en onpersoonlike God te mááк. Dit is die geweld waarmee die verbondsverhouding met God verbreek word. As God Homself nie inleef in mense se intiem persoonlike verhouding met Hom nie, stel hulle God voor as die afsydige, onbetrokke en ontoeganklike God . Identifikasie met God, afgodsdiens mááк God die liefdelose afwesige, afsydige, onbetrokke en onpersoonlike God in sy skepping.

Hierdie ontheiliging is berekend. Die sondaar wil God ontledig van alles wat Hy as God in Homself is, sodat God se skepping die mens se godlose eiendom en vryruimte word. As God die stuk hout en klip is wat mense Hom in aanbidding maak, dan is die skepping vry van God. Dan kan mense die skepping as 'n godlose plek en godlose eiendom opeis. Daarom ontheilig die mens God in en deur hul liefde - intiem en innig.

God is liefde. God is dit in sy almag, ewigheid, oneindigheid en alwysheid. In sy almagtige en alwyse bestuur van galaksies en sonnestelsels skep en onderhou Hy liefdevol die aarde as woonplek vir mense. In sy almagtige goedheid bestuur Hy die son en planete sodat die aarde net die regte lig- en donkerbalans, die regte hittebalans en vogbalans behou waardeur die mens kan leef en voortbestaan. In sy bestuur van die lewe in al sy onpeilbare krag en verskeidenheid gee God net die regte organiese samestelling en immuniteit dat die mens in die lewensvolheid van die skepping kan deel.

God is in elke deel van sy skepping sorgsaam, voorsienend, onderhoudend en bewarend teenwoordig, kenbaar, toeganklik en verheerlik as Skepper. Here in liefde!

Die intieme, innige en vriendelike identifikasie van die mens met God is bedoel om God in sy liefde as Skepper en Here te ontheilig. Dit is bedoel om God deur die mens se innige en

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

intieme identifikasie in sy skepping koud, dood, onbetrokke en onpersoonlik te laat wees. Dit is doelbewus bereken om die volkomenheid en volledigheid waarmee Hy God is, heeltemal te ledig sodat God in Homself 'n behoeftige, verlangende, onvervulde en onbehaaglike God sal wees of sommer net die onvervuldheid van menslike behoeftes is. Die ontheiliging van God gaan oor die mens se woede teen die vervuldheid en behaaglikheid van God in Homself, met Homself en met sy skepping.

Hierdie woede blyk uit die persoonlike minagting in afgodsdiens vir God. Wat maak dat 'n mens in God se teenwoordigheid as God, in sy kenbaarheid, toeganklikheid en teenoor sy heerlikheid waarin Hy openlik God is, voor 'n stuk hout gaan staan en aan 'n dooie stomp die eer en heerlikheid gee wat net die mens se Skepper toekom? Wat maak dat 'n mens in God se teenwoordigheid as God, met 'n nuwe wetenskaplike uitvinding oor God se skepping, 'n nuwe teorie oor God se heelal, of 'n nuwe visioen en godservaring die eer en heerlikheid van God met hul slimmigheid of geestelikheid wil opeis in die waan van 'n godlose skepping?

Dit is onmoontlik dat hierdie ontheiliging plaasvind uit onkunde oor God se teenwoordigheid. Daar is geen onbegrip in die mens wat so diep en misplaas is dat enige mens die Skepper self as afwesig, ontoeganklik en onbereikbaar kan sien, maar God se teenwoordigheid, toeganklikheid, kenbaarheid en openbare heerlikheid in 'n dooie stuk hout, 'n idee, 'n teorie, 'n geestelike visioen of ervaring kan vind nie. Daarom sê Paulus in Romeine 1 dat geen mens homself hiervoor kan verontskuldig nie.

Dit gaan nie oor wat mense met 'n stuk hout, teorie of geestelike visioen doen nie. Dit gaan oor wat mense met God as Persoon, hul Skepper doen. Die stuk hout, teorie en geestelikheid is net die middel waardeur God onteer en ontheilig word. Die ontering en ontheiliging vind in die hart en denke van die mens plaas.

Die ontheiliging van God gebeur deur die verdraaiing van die beeld van God. Om God te ontheilig, verdraai die mens doelbewus en berekend die bedoeling van sy menswees vir God en stel God in die posisie wat die mens moes wees: die mens maak God die skepping van mense, God die dienaar van mense, God die gebruiksmiddel van mense, God die inskiklike wat by alle besluite, idees, teorieë, drome, fantasieë, visioene, visies en missies van die mens moet inpas, terwyl God se goddelikheid elke begeerte en verlange in die mens moet bemagtig.

Deur die mens se bedoeling vir God, God se bedoeling vir die mens te maak, maak die mens God in Homself niks; ontledig die mens God in sy liefde. Dit is nie so dat die mens bedoel dat die stuk hout wat hy aanbid God moet wees nie. Deur die stuk hout te aanbid, laat die mens God wees soos hy God wil hê: die teenwoordige God moet niks wees nie.

Deur God te ontheilig, stel mense God teenoor mense afhanklik: hulle maak dat God só leeg in Homself as God is, dat Hy in die verlange en begeerte sou leef om sy volkomenheid in mense te wil terugvind. God kan nog net God in mense wees. In Homself en in sy skepping

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

buite die mens se gemoed en gedagtes kan en mag Hy nie meer God wees nie. Dit is die drif van alle piëtisme, panteïsme, panenteïsme en ateïsme. Dit is die berekende bedoeling om ’n stuk hout jou Skepper te noem: om God in alles wat Hy as God is te ontledig deur jou rug op God te draai en God die Een te maak wat in mense sy volkomenheid moet terugvind.

Dit is al hoe die houtgod iets kan wees: om te wees dit wat mense wil hê hy moet wees. Mense sal deur hul eer, lof en aanbidding God maak wat Hy is. Mense sal God deur hul idees, teorieë, visies, missies, visioene en ervarings laat wees wat hulle wil hê Hy moet wees. Sonder hierdie teoretiese of geestelike eer, lof en aanbidding, in en uit die mens, is God vir hierdie mense wat Hom só vereer, net ’n dooie stuk hout.

Dit is wat in identifikasie met God gebeur. In identifikasie met God ervaar die mens dat sy diens, verering en aanbidding van God magsmiddele is waarmee hy God kan onteer. Die mens glo dat hy God van sy Godwees kan ontledig deur die diens, lof, eer, dank en aanbidding wat God toekom, van God te weerhou. Die mens glo hy kan sy diens en sy aanbidding magsmiddele kan maak waarin die mens God se Godwees as sy eie krag en persoon kan ervaar.

Deur God se diens, eer, gehoorsaamheid, dank, lof en aanbidding van Hom te weerhou en te ervaar as belewenisse van hul eie goddelikheid, ervaar goddeloses dat God as God in Homself afwesig is; ervaar hulle dat God as God in Homself onkenbaar is; ervaar hulle dat God as God in Homself ontoeganklik is; ervaar hulle dat hulle God in Homself sy openbare heerlikheid as God verborge maak. Hulle ervaar egter wel hul aanbidding as die wyse waarop hulle God teenwoordig, kenbaar, toeganklik en verheerlik laat wees.

Die spanning van ’n koue, dooie, veraf God wat deur mense persoonlik, betrokke en intiem gemáák word, is die twee pole van identifikasie met God. Hierdie bipolêre spanning van doodsheid en lewendigheid is net ’n binne-spanning van identifikasie met God. Daar is nie so ’n bipolêre spanning tussen God en die mens nie. God is nooit afwesig, onkenbaar, onbetrokke of ingekeerd in Homself buite sy skepping nie. God is heilig. God is altyd God wat teenwoordig, kenbaar, toeganklik en openbaar verheerlik in sy skepping is. Hierdie polariteit van ’n afsydige, dooie God wat in mense se gedagtes, gemoedstemmings en geestesaandoenings eers ’n persoonlike God kan word, het totaal niks met die werklikheid van God of mens te doen nie. Daar bestaan ook nie so ’n polêre verhouding tussen God en mens nie. Dit is gewoon die innerlike waan van mense se identifikasie met God.

Die kennis van God en gevoel met God in hierdie binnewaan is geen skeppingswerklikheid nie. Dit is net spirituele logika en spirituele gevoelsaandoenings. Dit is geen kennis van God en geen gevoelvolheid met God of enige iets in sy skepping nie. Hierdie beredenering in hierdie bipolêre spanning van ’n onbekende en persoonlike God is a-logies en ’n gevoelloosheid met God en sy skepping self.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit is magsdenke en magsgevoelens. Magsdenke is net logies omdat dit gedagtes, idees, teorieë en spekulasie is wat gewaande mag bekragtig. Magsgevoelens is net gevoel omdat dit gewaande magsaandoenings van beheer, sekerheid, kragtigheid en vooruitgang bekragtig. Magsdenke is a-logies. Dit is ’n a-logiesheid met God en sy skepping self. Spiritualiteit is die geestelikheid van mag: spirituele kennis is magsdenke en spirituele aandoenings is magsgevoelens. Dit is hierdie spirituele logika en spirituele gevoelsaandoenings wat Paulus in Rom. 1:21-23 beskryf as: “Met hulle redenasies bereik hulle niks nie, en deur hulle gebrek aan insig bly hulle in die duister. 22Hulle gee voor dat hulle verstandig is, maar hulle is dwaas. 23In die plek van die heerlikheid van die onverganklike God stel hulle beelde wat lyk soos ’n verganklike mens of soos voëls of diere of slange.”

Die persoon wat voor die klip of hout sing, bid, lofprys en God verheerlik, is besig om deur hierdie identifikasie met God, God leeg te sing, te bid en te bely. Net so word God leeg geteoretiseer of geredeneer. Dit is nie wie en hoe God in Homself as Skepper is nie. Dit is hoe hulle God doelbewus deur hul identifikasie met God vir hulleself maak. In identifikasie met God teoretiseer, beredeneer, glo, sing, bid en bely hulle God tot Hy ’n verlangende, soekende, onvervulde God is wat net iets van Homself weer kan terugvind as Hy Hom van Homself ontledig en ontdaan en sy Godheid in mense kom terugvind.

Hulle ontledig God in Homself sodat God weer sy volheid net in mense moet kom terugvind. Dit is die godsvervulling waarin mense hulself teenoor en in God bemagtig, net soos wat die persoon, in die voorbeeld wat vroeër gebruik is wat sy motor laat was, homself net as ’n vriendelike en goeie mens kan terugvind in die innigheid van die werker wat voor hom staan en rook en geselsies maak.

Identifikasie met God is die wyse waarop goddeloses God met ’n innerlike onbehaaglikheid en onvergenoegdheid oor sy Godwees uit sy eie skepping wil wegkeer en net weer in sy skepping sal toelaat as Hy aanvaar wat mense Hom sal toelaat om te wees. God mag net weer deel van sy eie skepping word as Hy aanvaar Hy is niks anders as die idee, die teorie, die visioen, die missie, visie en belewenis wat mense Hom sal laat wees nie. Dít is die intieme persoonlike geweld waarmee God se verbond verbreek word. Dit is die intieme persoonlike geweld waarin mense God ontheilig.

Godloosheid is ’n doelbewuste skepping van die mens. Verdraaide bedoelings en verdraaide opvattings in die mens is die mens se doelbewuste poging om God in minagting van die mens en sy skepping af weg te keer. Goddeloses glo dat om God só te ontheilig dat Hy in mense se gedagtes, gevoelens en wil, niks meer is as net ’n vae herinnering nie, hulle die skepping vrymaak van die teenwoordigheid, die toeganklikheid, die kenbaarheid en openbaarheid van God.

Identifikasie met God is die mens se poging om God teenoor sy eie skepping en skepsels onvervuld te laat wees in Homself as God. Sonde is die mens se mag om God in ’n onbehae teenoor sy eie skepping te keer, sodat God sy skepping sal opgee. Dit is die werklike doel van

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

sonde: om die mens as skepsel en die skepping só te misvorm dat God Hom van sy skepping sal wegkeer. Deur hierdie magsdaad maak sondaars in hulleself en volgens hulleself die skepping vry van God se teenwoordigheid en heerskappy.

Dit is die geloof en magshouding van goddeloses: wie God met sonde in woede, haat, grimmigheid, onbehaaglikheid en onvergenoegdheid teen sy eie skepping gedraai het, het die skepping as sy eie magsgebied verkry. Mense wat God so kon draai, het in hul selfgenoegsaamheid en eiemagtigheid die hele skepping en alles in die skepping vir hulleself toegeëien. Hulle het met hul sonde God in 'n onbehaaglikheid en onvergenoegdheid oor sy skepping van alle teenwoordigheid in, toeganklikheid vir, kenbaarheid deur en openbaarheid in sy skepping ontledig. Hulle het God godloos in sy eie skepping gemaak.

Die ontheiliging van God is nie die hulpelose, onbewuste, onbedoelde en onkundige gesukkel van die mens met 'n onbereikbare, onverstaanbare, onbetrokke en afwesige God nie. Dit is die bedoelde en berekende selfgenoegsaamheid en eiemagtigheid waarin mense God in en teenoor sy eie skepping wil ontmagtig.

Mense sien en ervaar hul identifikasie met God nie as die mens se probleem nie. Identifikasie met God is goddeloses se oplossing vir wat hulle glo die mens se eintlike probleem is, naamlik God en die probleem dat Hy as Skepper vir die mens teenwoordig, toeganklik, kenbaar en as God openbaar verheerlik is. Omdat God só Skepper is kan die mens nie homself godloos in die skepping wees asof die skepping sy eie magsgebied en sy eie magsmiddel is nie.

Identifikasie met God is die mens se manier om homself van God te verlos: om homself van God se teenwoordigheid, kenbaarheid, toeganklikheid en openbare heerlikheid te verlos.

Die magswil waarin die mens glo dat hy God as Persoon in Homself uit sy skepping uit kan inkeer in 'n onbehaaglikheid met Homself en sy skepping, word in die Bybel beskryf met die woord "dood":

> Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, loop uit op die dood, maar die dinge waarmee die Gees Hom besig hou, bring lewe en vrede. 7Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, is immers vyandskap teen God. Die sondige natuur onderwerp hom nie aan die wet van God nie, dit kan trouens ook nie. 8Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, kan nie die wil van God doen nie. (Rom.8:6-8)

Die sondige geaardheid van die mens is die geaardheid waarin die mens alle eer, dank, lof en aanbidding van God aan iets nutteloos soos 'n stuk hout sal gee om God niks te laat wees nie. Dit is die vyandige magswil van die mens se sondige aard teen God: om God as God in sy skepping dood te laat wees: afwesig, ontoeganklik, onkenbaar, onbereikbaar en selfingekeerd, weg van sy skepping en net besig met Homself en sy goddelikheid.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die volle openbaring van God se volledigheid en volmaaktheid as God in die openbaring van God as Vader, Seun en Gees wys dat dit nie God is wat vir sy skepping dood is nie. Dit is presies die teenoorgestelde. Dit is sondaars wat in hulleself vir God dood is:"[13]Julle was dood deurdat julle gesondig het en deurdat julle sondige natuur nog nie weggeneem was nie." (Kol.2:13)

Die Bybel beskryf identifikasie met God as die dood. Dit is hoe God vir en in goddeloses dood is - deur hul identifikasie met God. Dit wat goddeloses ervaar as hul intiem persoonlike verhouding met God, is volgens die openbaring van die volheid van God se genade en liefde hoe die mens dood vir God is: in hierdie goddeloosheid kan die mens God in sy liefde en genade net as "dood", "koud", "onbetrokke", en "onpersoonlik" beleef. Net as God Homself van sy liefde en genade ontdaan en vir hierdie goddeloses 'n leë magsimbool word waarin hul eie verdraaide bedoelings as goddelik bekragtig kan word, leef God vir hulle in hul goddelose gemoed.

**5. Die volledige verbondsvervulling is die krag van God om afgodsdiens en goddeloosheid te vernietig**

God deurbreek hierdie magswil teenoor Hom, die mag waarvolgens mense glo dat hulle God van sy Godwees kan ontledig deur die verbondsverhouding tussen Hom en sy kinders te herskep. Die belofte van die heerskappy van die Vader en Seun in die Dawidsbelofte was van die begin af die belofte van mag. Die mag waardeur God goddeloosheid en afgodsdiens sal vernietig:

> Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete. [2] U magtige septer sal die HERE uitstrek uit Sion *en sê:* Heers te midde van u vyande.
> (Ps. 110:1,2; 1953-AV) en

> ... en die Vader mag dank wat ons bekwaam gemaak het om deel te hê aan die erfdeel van die heiliges in die lig —[13] Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde,[14] in wie ons die verlossing het deur sy bloed, *naamlik* die vergifnis van die sondes." (Kol.1:12-14 1953-AV)

Daarom is die verbondsverhouding wat God skep totaal iets anders as die persoonlike verhoudings waarmee mense met God in afgodsdiens identifiseer.

Die verbondsverhouding wat God skep, is die wyse waarop God onderneem om alles tussen Hom en sy kinders volkome te laat wees - hulle en hul liefde vir God heilig te laat wees.

Die verbondsverhouding is God se magsdaad waardeur God altyd 'n behae in sy kinders het en altyd met sy kinders vergenoegd is. Dit is 'n magsdaad waardeur God 'n behae in sondaars skep. God se verbondsverhouding is die magsdaad waardeur God sy kinders se magswil teenoor Hom en hul magshouding waarin hulle Hom afwesig wil leef, vernietig:

> Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered! [6]Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> uit die dood en ons saam met Hom ’n plek in die hemel gegee, [7]sodat God ook in die tye wat kom, sou laat sien hoe geweldig groot sy genade is deur die goedheid wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het. (Ef. 2:5-7)

In die vervulling van al die verbondsondernemings van God tussen die Vader en die Seun en deur die Heilige Gees, laat God die heiligheid van sy Naam weer blyk: dat Hy volmaak God vir sy kinders is en Hy in sy kinders ’n behae en vergenoegdheid het. Dit is die mag wat God deur sy verbond laat geld: geen sonde kan God ooit in ’n onbehaaglikheid en onvergenoegdheid teen sy kinders keer nie. God het ’n volle behae en vergenoegdheid in sy kinders. Só is Hy as God volkome en volledig God. Dit is al hoe God God kán wees: vir sy kinders volkome God – volkome in liefde, goedheid, barmhartigheid, genade en lankmoedigheid. In sy volle liefde en goedheid is Hy altyd teenwoordig, toeganklik, kenbaar en openlik verheerlik as God.

Die openbaring van God as Vader en Seun wys dat God in Homself alles is en doen wat God vir sy kinders is. Alles wat God moet doen om in sy kinders ’n behae te hê, doen Hy binne-in Homself as Vader en Seun. Alles wat God moet wees om vergenoegd met Homself as God vir sy kinders te wees, is Hy as Vader en Seun in Homself. Dit is die openbaring wat gebeur in die geboorte, lyding, kruisiging, sterwe en opstanding van die Seun.

Met Christus se openbare aanvaarding van sy lyding en sterwe openbaar God hierdie welbehae: “[16] En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos ’n duif neerdaal en op Hom kom.[17] En daar kom ’n stem uit die hemel wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek ’n welbehae het.” (Matt.3:16, 17 1953-AV) Hierdie welbehae wat die Vader in die Seun het, is die behae en vergenoegdheid waarin die Vader en Seun sondige mense as kinders van God insluit en laat deel deur die Heilige Gees: Syne is myne en myne is Syne. Die verlossing wat God vir sondaars bewerk, is om weer in die volle behae en vergenoegdheid van hul Skepper net te kan leef: “[14] Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense ’n welbehae!” (Luk.2:14 AV-1953)

Wie Christus ken in sy lyding en opstanding, ken die Vader, het vrye toegang tot die welbehae van die Vader en Seun, en is deel van die volle liefde van die Vader en die Seun: “[5]Tomas sê toe vir Hom: “Here, ons weet nie waarheen U gaan nie; hoe kan ons dan die weg daarheen ken?” [6]Jesus het vir hom gesê: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie. [7]As julle My ken, sal julle my Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom.” (Joh.14: 5-7)

Die verlossing wat God bewerk, is nie iets wat die sondige wêreld verheug nie. Daar is nie so iets soos ’n sondige mensdom wat verlangend sit en wag en hoop op verlossing van sonde nie. Sondaars wil nie van sonde verlos word nie. Sondaars wil van God verlos word. Sondaars wil godloos die skepping as hul godvrye magsgebied opeis. Die mag wat sondaars gebruik om God van sy skepping te vervreem, is die ontheiliging van God in en deur afgodsdiens.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

God se vervulling van sy verbond deurbreek hierdie mag in die mens en maak dat sondaars weer tuis is in die welbehae van hul Skepper. Die vervulling van die verbond deur die Vader, Seun en Gees is die heiliging van God in sondaars. Daarom word die evangelie die krag van God genoem: "Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo, ..." (Rom. 1:16.) Redding is vir Paulus die vernietiging van die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mens: van godsdienstige goddeloosheid en waardelose waardes. (Rom. 1:18) Redding is vir Paulus die vernietiging van die mens se identifikasie met God waardeur die mens deur sy verdraaide bedoeling met God sy goddeloosheid en ongeregtigheid as godsdiens uitleef:

> "[22]Hulle gee voor dat hulle verstandig is, maar hulle is dwaas. [23]In die plek van die heerlikheid van die onverganklike God stel hulle beelde wat lyk soos 'n verganklike mens of soos voëls of diere of slange. [24]Daarom gee God hulle aan die drange van hulle hart oor en aan sedelike onreinheid, sodat hulle hulle liggame onder mekaar onteer. [25]Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig. Amen.
> (Rom. 1:22-25)

Die evangelie is die krag waardeur God sondaars weer in volle geregtigheid vir God laat leef buite die duisternis van verdraaide bedoelings en waardelose waardes.

Die evangelie is die krag waardeur God sondaars se liefde weer vir Hom heilig laat wees:

> [21]Dit was die bedoeling van God in sy wysheid dat die wêreld nie deur geleerdheid tot kennis van God sou kom nie. Daarom het God in sy goedheid besluit om deur die prediking wat vir die wêreld onsin is, dié te red wat glo. [22]Die Jode vra wondertekens en die Grieke soek wysheid, [23]maar ons verkondig Christus wat gekruisig is. Vir die Jode is dit 'n aanstoot en vir die ander is dit onsin, [24]maar vir dié wat deur God geroep is, Jode sowel as Grieke, is Christus die krag van God en die wysheid van God ....
> [30]Aan God is dit te danke dat julle met Christus Jesus verenig is. Hy het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vryspraak, die heiliging en die verlossing. ...
> [4]Die boodskap wat ek verkondig, het julle oortuig, nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie, maar deur die kragtige werking van die Gees. [5]Dus is julle geloof nie op die wysheid van mense gegrond nie, maar op die krag van God.
> (1 Kor. 21-24; 30; 1 Kor. 2: 4,5)

Die enigste krag waardeur sondaars se liefde vir God weer heilig is, is die krag van Christus. In sondaars se vereniging met Christus is hulle en hul liefde vir God regverdig en heilig. In hierdie volkome geregtigheid en heiligheid wat sondaars weer vir God is, kan hulle weer hulself verbind om met hul hele hart, siel, verstand en alle dade God volgens sy wet lief te hê. In hul verbintenis, Syne is myne en myne is Syne, is hul liefde vir God heilig en regverdig. In hierdie vereniging met Christus deurbreek God mense se regverdiging van hul eie goddeloosheid en ongeregtigheid asof dit eenheid met God is.

**6. Die liefde van die Vader, Seun en Heilige Gees is die heiliging van God**

Deur die vervulling van die verbond laat God Hom weer deur sy kinders heilig: hulle deel sy omvattende liefde en sy liefde laat hul liefde vir Hom weer heilig wees. In Romeine 11 bely Paulus hierdie omvattende liefde as hoogtepunt van die erkenning van die verlossingswerk

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

van God: “Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid!” (Rom. 11:36)

Dit is die geloofsbelydenis in die volle verlossing van die Drie-enige God. Die verlossing uit die mag van goddeloosheid tot God se genade en liefde is alles uit die wil, keuse en raad van die Vader. Dit is alles deur die Seun bewerk en tot stand gebring. Alles waarin die Here sy kinders deur die Heilige Gees laat deel, is tot God se verheerliking.

Die belydenis van geloof in die Vader, Seun en Gees is die belydenis van geloof in die volkome en volledige liefde van God. Hierdie geloofsbelydenis in die Vader, Seun en Gees is die volle heiliging van God in en deur die mens. Alles is uit God en behoort aan God. Alles is deur God gemaak en is in sy diens. Alles is tot God se verheerliking as God.

Paulus verkondig hierdie volledige verlossing deur die Vader, Seun en Heilige Gees in die opsomming wat hy van die evangelie gee as inleiding tot die brief aan die Efesiërs:

> Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is. [4]So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. [5]In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees. [6]Daarom moet ons God prys vir sy wonderlike genade wat Hy in die Geliefde vrylik aan ons geskenk het. [7]Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God [8]wat Hy in al sy wysheid en insig so oorvloedig aan ons geskenk het. [9]Hy het kragtens sy besluit en voorneme die geheimenis van sy wil aan ons bekend gemaak [10]en dit deur Christus tot uitvoering gebring op die tyd wat Hy daarvoor bepaal het. Sy bedoeling was om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik onder Christus. [11]Deur Christus het ons deel geword van die volk van God soos Hy dit vooruit al bestem het. So het Hy Hom dit voorgeneem. Hy wat alles laat gebeur volgens sy raadsbesluit. [12]Daarom moet ons, die eerstes wat ons hoop op Christus gestel het, die grootheid van God prys. [13]Deur Christus het ook julle deel geword van die volk van God toe julle die waarheid wat aan julle verkondig is, die evangelie van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het. In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël. [14]Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos. Daarom moet ons sy grootheid prys. (Ef.1:3-14)

Die inleidende sin som die evangelie só op: God die Vader het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Heilige Gees. Die omvattende genade en liefde van God in die verbond is uit God die Vader. Die Vader het voor die skepping van die wêreld sy kinders uitverkies sodat Hy hul liefde vir Hom heilig en onberispelik sal laat wees. Die Vader het in sy raadsplan bestem en beskik dat sy kinders volkome aan Hom sal behoort. Die Vader is vir sy kinders die bron en oorsprong van genade. Volledige en volkome kindskap van God is die besluit en voorneme van die Vader: hulle is volledig deel van sy volle liefde en hul liefde is volkome geheilig vir Hom.

In hierdie omvattende verbondsliefde en volkome kindskap van God is alles uit die Vader en niks uit die gelowiges nie. Kindskap van God is nie mense se keuse nie. Dit is nie deur die

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

beskikking van mense nie. Dit spruit nie voort uit die besluit of voorneme van 'n mens nie. God gebruik ook nie mense se besluite, beskikkings of voornemens om hulle sy kinders te maak nie. Die Vader se besluit, beskikking, raadsplan en voorneme om mense sy kinders te maak, is uit Homself sonder die besluite en beskikkings van hierdie mense. Niks wat mense doen, kan God die Vader die bron en oorsprong van hul verlossing maak nie. Die Vader is wat Hy is uit Homself.

Alles wat mense as kinders van God is, is uit die Vader. Die Vader is die bron en oorsprong van elke verbondseëning. Nie een van hierdie verbondseëninge kom uit die wens, verlange, begeerte of wil van die mens nie. Daarom is geloof in die evangelie geloof dat alles in die evangelie uit die Vader is. Hy besluit. Hy beskik. Hy onderneem. Hy voer sy voorneme en raadsplan met mense uit.

Alles wat die Vader vir sy kinders is, is Hy deur Christus. Daar is niks in die Vader wat Hy nie in en deur die Seun is nie. Hy kies sy kinders in Christus uit. Hy laat sondaars deur Christus sy kinders wees. Hy skenk sy genade in Christus. Hy vergewe deur die bloed van Christus. Deur Christus laat die Vader sondaars deel van sy kerk wees.

Alles wat mense vir God moet wees, heilig en onberispelik, sy kinders, sondaars wat vergewe, deel van sy raadsplan en lede van sy kerk, word net deur die lyding en opstanding van Christus bewerk. Die mens kan nie een van die seëninge van die verbond bewerk of meewerk aan die verwerkliking van die seëninge van die verbond nie. Die Vader doen alles deur sy Seun en niks deur mense nie. Daarom kan geen seën van die Vader deur mense se geloof, bekering, toewyding, liefde, gehoorsaamheid en diens aan God bewerk word nie.

Daarom is geloof in die evangelie die geloof dat alle verbondseëninge net deur Christus bewerk word.

Alles wat die Vader sy kinders deur Christus laat wees, is hulle deur die kragtige werking van die Heilige Gees tot verheerliking van God. Die persoon en werk van die Heilige Gees word bely in die woorde: "tot Hom is alle dinge". Al die verbondseëninge waarin die Heilige Gees mense laat deel, is bedoel om God te verheerlik. Die Heilige Gees se heilsweldade is om mense as God se eiendom te beseël: om mense aan God te laat toebehoort met hul hele hart, siel, verstand en al hul krag. Daarom is die Heilige Gees die waarborg van volkome verlossing. Hy verheerlik God volkome en sal elke verbondsgawe in die mens - die skenk van 'n nuwe hart, die verwydering van die ou hart en die nuwe geloofsgehoorsaamheid - gee sodat God volkome verheerlik sal word deur sy kinders.

Geen verbondsgawe waarin die Heilige Gees kinders van God laat deel, is ooit "tot die mens" nie. Die Heilige Gees is nie die Gees wat die mens verheerlik nie. Dit is die Gees wat die Vader en Seun verheerlik:

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> “[7]Tog sê Ek vir julle die waarheid: Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Voorspraak, die Heilige Gees, nie na julle toe kom nie; maar as Ek gaan, sal Ek Hom na julle toe stuur. ... [14]Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig. [15]Alles wat aan die Vader behoort, behoort ook aan My; daarom dat Ek gesê het: Wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig.” (Joh.16:7; 14,15)

Daarom is geen heilsgawe van die Heilige Gees in die mens ’n gawe waardeur mense in hul begeertes, wil, persoon of krag bemagtig word, bekragtig word of bevestig word nie. Niks in die mens word deur die Heilige Gees verheerlik nie. Niks van God word in die mens deur die Heilige Gees verheerlik nie. Die Heilige Gees verheerlik die Vader en Seun. Hy laat die mens deel in die besluite van die Vader en die werke van Christus, sy lyding en opstanding. Die Heilige Gees verheerlik die Vader en Seun deur die geloof en liefde wat Hy in sondaars skep deur hul insluiting en vereniging met Christus. Dit is die heilsgawes wat die Heilige Gees in die mens skep waardeur die Vader en Seun verheerlik word: geloof in die liefde van die Vader en die Seun, en liefde vir die Vader en die Seun uit geloof.

Die volle heiliging van God verkondig Paulus in die aankondiging:

> [24]Daarna kom die einde, wanneer Hy die koningskap aan God die Vader oordra, nadat Hy elke mag, elke gesag en krag vernietig het. [25]Hy moet as koning heers totdat die Vader al sy vyande aan Hom onderwerp het. [26]Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood. [27]Daar staan immers geskrywe: “Alles het Hy aan Hom onderwerp.” Maar as die Skrif sê dat alles aan Christus onderwerp is, is dit duidelik dat die Vader wat alles aan Hom onderwerp het, uitgesonder is. [28]Wanneer alles dan aan die Seun onderwerp is, sal Hy Hom ook self onderwerp aan die Vader wat alles aan Hom onderwerp het. So sal God alles wees vir alles.” (1 Kor.15:24-28)

Die genadeheerskappy van Christus maak dat niks God se kinders van sy liefde kan skei nie. Die lyding en sterwe van Christus is die krag wat alle sondige magte en kragte vernietig. Christus is hoe die Vader alles weer in sy Vaderskap laat deel sodat God alles is vir alles.

Dit is die volle verheerliking van God: God is alles vir alles. Dit is hoe God Homself verheerlik. Dit is hoe gelowiges God verheerlik. Alles vir alles is die volle liefde en genade wat in die Vader, Seun en Heilige Gees gebeur en meegedeel word. Daar is niks van God wat Hy nie volkome vir sy kinders is nie. Daar is niks in sy kinders waarvoor Hy nie volkome Here is nie. Die volle heerlikheid van God is dat Hy alles vir alles is. Uit Homself as Vader, deur Homself as Seun en tot Homself deur sy Gees. Niks wat God vir sy kinders is, is uit iemand of iets anders as Homself nie. Niks wat God vir sy kinders doen, is uit iemand of iets anders as Hy self nie. Niks wat Hy in sy kinders tot stand laat kom, is tot iemand of iets anders as net Homself nie. God is Vader, Seun en Gees wat die volle verbondsbeloftes vir sy kinders vervul. Daarom kan hulle in dié geloof leef: “[38]Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte [39]of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.”(Rom.8:38,39). In sy verbond is God alles vir alles vir sy kinders: Vader, Seun en Heilige Gees.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**7. Volle geloofsekerheid: die volledigheid waarin God sy verbond vervul**
Geloofsekerheid gaan nie oor sekerheid oor geloof nie. Geloofsekerheid gaan oor die betroubaarheid van God:

> [19]Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, [20]en dit op ’n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam. [21]En terwyl ons Hom ook as groot priester oor die huis van God het, [22]laat ons tot God nader met ’n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van ’n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water. [23]Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het. (Heb.10:19-23)

Geloofsekerheid gaan nie oor hoe seker mense is dat hulle God reg lief het, hulle God reg gehoorsaam, hulle God reg verheerlik, hulle God behaag of hulle vir God alles gee en doen wat Hom toekom nie. Geloofsekerheid is sekerheid oor die werklikheid en volledigheid van God se liefde vir sondaars. Die skrywer van die boek Hebreërs noem hierdie geloofsekerheid “om die rus van God binne te gaan.”: “[9]Daar wag dus nog steeds ’n sabbatsrus vir die volk van God, [10]want elkeen wat in die rus van God ingaan, rus van sy werk, net soos God van Syne. [11]Laat ons ons dan beywer om in daardie rus in te gaan, sodat niemand hulle voorbeeld van ongehoorsaamheid navolg en ook omkom nie.” (Heb.4:9-11)

Die bedoeling van die viering van die sabbat gaan oor die volkome heerlikheid waarin God soewerein Here in sy skepping is. God se rus was nooit God se vakansie na ’n vermoeide skeppingstyd nie. God se rus gaan oor die rustigheid waarmee Hy God in sy skepping is met en oor alles wat Hy gemaak het. Alles wat God elke dag doen om sy skepping in sy totaliteit te bestuur en te beheer, doen God rustig. Niks wat God in sy skepping doen, is vir God ’n krisis, krisisbestuur of ’n chaos waarvoor Hy nie raad het nie. Niks in hierdie skepping stel God radeloos en magteloos nie. Dit is presies die bedoeling van die sabbat: om die heerlikheid waarin God rustig Here van sy skepping is, te eer. Dit staan teenoor die ontheiliging van alle afgodsdienste wat glo God is die rede of deel van die veronderstelde chaos van die skepping. Hierdie veronderstelde chaos van en in die skepping van God is egter niks anders as die ellende van die goddeloses se eie wanorde nie.

Die rus wat God in Christus skep, gaan oor hoe God vir sondaars God is. God is rustig God vir sondaars. God weet hoe om vir mense wat sondaars is en in hul geaardheid sondig bly, God te wees. God is nie gespanne om vir sondaars God te wees nie. God is nie gespanne om God te bly vir sy kinders wat na hul aard sondaars bly nie. God weet hoe om sondaars so te heilig dat hulle en hul liefde en diens vir God heilig is. In Christus is God rustig God vir sondaars en laat Hy hulle en hul liefde in hul gebrokenheid as sondaars vir Hom heilig wees. “[10]God, ter wille van wie alles bestaan en deur wie alles ontstaan het, wou baie deel laat kry aan sy heerlikheid. En daarom was dit reg dat Hy hulle Leidsman tot die verlossing deur lyding heen tot volmaaktheid sou bring. [11]Hy wat heilig maak, sowel as die mense wat geheilig word, is almal uit een Vader.” (Heb.2:10,11)

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Om God se rus in te gaan, is om God as betroubaar te glo. Dit is om innerlik verseker te wees dat God weet hoe om vir mense as sondaars só God te wees dat Hy sondige mense deur Hom laat heilig en verheerlik.

Hoe kan mense, wat nooit God se wet na sy volle bedoeling werklik kan onderhou nie, ooit verseker wees dat God vir hulle rustig God kan wees sonder dat hulle God ontstel of gespanne maak? Hebreërs 12:1,2 stel dit só: "Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, [2]die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof."

Geloofsekerheid is die vaste wete van wie Christus is en wat Hý doen: Hy is die Begin en Voleinder van die geloof. Geloofsekerheid gaan nie oor hoe versekerd mense besig is om te glo wat hulle glo nie. Geloofsekerheid gaan oor hoe betroubaar Christus is in dit wat Hy is en doen: "Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie." (Heb.11:1) Die dinge wat ons hoop en nie sien nie, is in die boek Hebreërs Christus en die beloftes van God: die Dawid- en Abrahamsbeloftes.

Christus begin deur die beloftes van die verbond geldig te maak en Christus vervul elke belofte oor hoe God volledig en volkome God vir sondaars is, en hulle sy volmaakte kinders laat wees. Christus begin om in sy lyding en sterwe vir sondaars Here te wees, hou aan om vir sondaars deur sy opstanding Here te wees, en voltooi sy Here-skap volledig vir elke gelowige deur die gawe van die Gees.

Geloofsekerheid gaan oor die werklikheid van die volle vervulling van die verbondsbeloftes van God. Dit gaan oor die sekerheid dat Christus nie vol leë beloftes is nie. Leë beloftes gaan oor Christus wat alles vir almal sou wees, maar dit nie is nie. Leë beloftes gaan oor Christus wat begin met die beloftes van die verbond, maar mense in die posisie plaas dat hulle op die ou end maar weer self moet sorg vir die vervulling van God se verbondsbeloftes.

Geloofsekerheid gaan oor die waarheid dat Christus die verbondsbeloftes gemaak het, hulle in stand hou en self in gelowiges vervul. Hy begin met die beloftes van die verbond en voltooi al die verbondsbeloftes self in alles wat Hy as Here is en doen. Geen belofte van die verbond is in Christus 'n leë belofte wat mense deur hul eie gehoorsaamheid en toewyding op die ou end weer self tot werklikheid en vervulling moet bring nie.

Geloofsekerheid kan nooit gaan oor wat ons vir God doen en beloof nie. In die vervulling van die volheid van die verbond kan sondaars God ten volle vertrou om elke sonde en alle sonde vir altyd in Homself te verreken sonder enige straf en oordeel vir sondaars self. In die volle verbondsvervulling deur God dink God nooit weer aan enige sonde wat 'n sondaar gedoen het, besig is om te doen of gaan doen nie. Die offer wat God in Homself gebring het, neem sonde tussen God en sondaars volledig weg. God laat sondaars vir altyd van sonde volkome vry wees.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Geloofsekerheid gaan ook oor die betroubaarheid van God in sy eise aan sondaars. In die volle vervulling van die verbond maak God Homself betroubaar as die Een wat ’n nuwe gehoorsaamheid deur ’n nuwe wet en deur die gehoorsaamheid in sy Seun skep waarin sondaars vir Hom as God aanneemlik is. Hierdeur kan sondaars God vertrou dat Hy elke keer weer ’n nuwe liefde vir Hom in hulle sal gee wat Hom volgens sy wet wil gehoorsaam, en hierdie gehoorsaamheid sal vir God volkome wees. Mense se gehoorsaamheid sal deur God in Christus geheilig wees.

Daarom roep Hebreërs gelowiges tot hierdie volle geloofsekerheid in God se betroubaarheid vir sondaars op: “[2]laat ons tot God nader met ’n opregte hart en met volle geloofsekerheid ...want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het.” (Heb.10:22)

Geloofsekerheid kan nét volle geloofsekerheid wees. Daar kan nie iets wees soos gedeeltelike sekerheid oor God nie. Óf God is ten volle betroubaar om al die verbondsbeloftes volledig te vervul, óf God is onbetroubaar met leë beloftes waarvoor die mens weer moet sorg om werklik en waar te wees. Dit is die volle sekerheid wat geopenbaar word in God die Vader, die Seun en die Heilige Gees: die volle vervulling van al die verbondsbeloftes, uit God, deur God en tot God sodat God alles in almal kan wees.

Christus vervul ál die beloftes van God in die Dawids- en Abrahamsbelofte. Daarom is Christus die vólle openbaring van God die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Geloofsekerheid is sekerheid oor Christus. Sekerheid dat alles wat God in sy beloftes is en doen in Christus vervul is. Daarom is geloofsekerheid die sekerheid dat Christus die Seun van die Vader is: dat Hy die Vader bekend maak en dat die Vader in Christus die wil en raad van sy verbond uitvoer. Geloofsekerheid is die sekerheid dat die Vader en Seun die Gees gee en alles vir en in sondaars volbring wat God in sy verbond onderneem het.

**8. Die selfgenoegsaamheid van die wettelose mens**

Teenoor die volkomenheid van God se verbondsliefde vir sy kerk staan die selfgenoegsaamheid van die wettelose mens in die wêreld: “...Die dag van die Here sal nie aanbreek voordat die laaste afvalligheid gekom het en die wettelose mens wat vir die verderf bestem is, sy verskyning gemaak het nie. [4]Hy sal hom verset teen al wat God genoem word of wat as heilig vereer word, en hy sal hom bo hulle verhef. Hy sal selfs in die tempel van God gaan sit en voorgee dat hy God is. (2 Tess.2:3,4)

Die wettelose mens is nie nét een persoon wat eenmalig aan die einde van die wêreld gaan verskyn nie. Volgens die Bybel is die wettelose mens die goddelose. Dwarsdeur die Ou Testament word gestel dat hierdie wettelose goddeloses die mense buite God se verbond is. Dawid gee ’n volledige beskrywing van hierdie wettelose goddelose mens in Psalm 10:

> [2]Die goddeloses is vol van hulleself, hulle vervolg ’n hulpelose man. Laat hulle gevang word deur die sluwe planne wat hulle self uitgedink het. [3]Die goddelose verlustig hom nou al in wat hy hoop om in die hande te kry. Die een wat hom wil verryk ten koste van ’n ander, wens homself by voorbaat geluk. Hy verag die Here. [4]Neus in die lug sê hy: “God vra tog geen rekenskap nie!” In al sy planne is daar

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> geen plek vir God nie. [5]Dit gaan mos altyd goed met wat hy aanpak. U oordele is vir hom te ver weg, buite sy gesigsveld. Hy snork met veragting oor al sy vyande. [6]Hy dink: ek sal nie wankel nie en die ongeluk sal my nooit tref nie. [7]Hy lê 'n vloek op almal, hy onderdruk en bedrieg, hy bedink onheil en onreg. [8]Hy lê onskuldiges voor agter die heinings en vermoor hulle in die geheim. Hy loer rond in die donker. ... [11]Hy sê vir homself: "God steur Hom nie daaraan nie, Hy kyk weg, Hy sal dit nooit raaksien nie." [12]Kom tog, Here! Toon u mag, o God! ... Moet die hulpeloses tog nie vergeet nie. [13]Hoe durf die goddeloses God verag en reken Hy sal hulle nie uitvind nie? [14]En die hele tyd het U dit gesien, die lyding en verdriet. U let daarop en maak daar 'n einde aan. Op U verlaat die ongelukkige hom,ook vir die weeskind is U 'n helper. [15]Verbreek tog die magsgreep van die goddelose en van die misdadiger, straf sy misdade! Moenie een enkele van sy misdade verskoon nie. [16]Die Here bly altyd koning, die vyande is uit sy land verdryf. (Ps. 10:2-16)

Psalm 10 is die klaggebed van 'n geweldslagoffer. Die tipe geweld in dié Psalm is strukturele geweld. Strukturele geweld gaan oor persone in invloedryke posisies wat die regsposisie en regspersoon wat hulle beklee, misbruik om hulleself ten koste van die mense wat hulle moes beskerm en dien, persoonlik te bevoordeel. Die strukturele geweld tussen regverdiges en goddeloses is'n deurlopende tema in die Psalms. Hierdie tipe geweld kom dwarsdeur die hele rigters- en koningsgeskiedenis van Israel voor, waarvan die volgende voorbeelde is: Saul wat die staatsmag teen Dawid gebruik, selfs Dawid wat die staatsmag gebruik om sy getroue onderdaan Urija dood te maak om sy vrou Batseba in die hande te kry en Agab wat Nabot deur sy vrou laat vermoor om sy wingerd in die hande te kry.

Die beskermheer word die leeu en jagter van die onderdane. Die owerheid en staat word die bron van die geweld, vrees en angs vir die burgers wat getroue onderdane is. Dit is die skrikbeeld in Psalm 10! Die owerheid of amptenare lê en loer uit hul wegkruipplek vir die burgers. Hul wegkruipplek is die gesagsposisies en instellings waardeur die onderdane beskerm en gedien moet word. Die owerheid en amptenare lê en loer met die vangnet: dit is die wette van die owerheid waardeur onderdane van hul besittings beroof en van hul lewe ontneem word. Die wetsgehoorsame onderdane wat leef in die rus van 'n veronderstelde owerheid en wette wat hulle beveilig, word die prooi van diegene wat hulle moes beveilig en gedien het.

Dit is die teenstrydigheid: die beskermheer is die bedreiger! Die owerheid lê 'n vloek op die gemeenskap: dit wens, voorsien en beplan die onreg, onheil en ellende van hulle wat veilig voel in die mag waarmee hulle vernietig gaan word, die owerheid!

Verse twee en agt beskryf hoe die staat se veiligheidsmagte deel word van die verskuilde planne om strooptogte op die onderdane uit te voer. Strukturele geweld gaan oor die verryking van amptenare deur staatswette.

Die mag van die goddelose is altyd die gesagsinstellings waardeur die gemeenskap gedien moes word. Die goddelose minag die aanspreeklikheid in hierdie gesag teenoor God en die gemeenskap. Die minagting vir God is die wyse waarop die goddelose die gesaginstellings verander van diensmiddele na persoonlike magsmiddele.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die klaggebed gaan oor dit wat ons vandag die magstaat noem. Die magstaat is altyd die mag van die goddelose. In die magstaat is al die gesagsinstellings, die gesin, die huwelik, ouerskap, die onderwys, die kuns, die kultuur en die ekonomie verenig as die mag waarin en waardeur God geminag word.

Die magstaat is die vernietiging en omvorming van die gesagstaat soos God dit ingestel het. ’n Gesagstaat word gevorm en bestaan waar owerhede:

1.hul gesag uitoefen as ’n amp waarin hulle verantwoordelik staan teenoor die gemeenskap;
2. tot openbare diens verbind is;
3.diens beloon en onreg bestraf deur die middele waarmee die staat beklee is.

Dit is hoe Palus die gesagstaat in Romeine 13 stel:

> Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is. Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie, en die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God. [2]Wie hom teen gesag verset, kom dus in opstand teen die ordening van God; en wie in opstand kom, sal sy verdiende straf kry. [3]’n Mens hoef nie vir die owerhede bang te wees as jy goed doen nie, maar wel as jy kwaad doen. Wil jy sonder vrees vir die owerheid lewe? Doen dan wat goed is, en die owerheid sal jou prys, [4]want die owerheid is ’n dienaar van God tot jou beswil. Maar as jy kwaad doen, het jy rede om bang te wees, want die owerheid het nie verniet die reg om te straf nie. Hy is immers ook hierin die dienaar van God dat hy die kwaaddoener moet straf. [5]Daarom moet jy jou onderwerp, nie net omdat jy vir straf bang is nie, maar ook omdat dit ’n gewetensaak is. (Rom.13:1-5)

Die goddeloses skep ’n magstaat deurdat

1. regeerders nie meer onderskei tussen hul amp en persoon nie;
2. nie verantwoordbaar staan teenoor die gemeenskap wat hulle moet dien nie; en
3. die diensmiddele waardeur hulle moet regeer, opneem om hulleself te bevoordeel en mense wat die regeerders se eie belange nie dien nie te bestraf.

Johannes stel hierdie magstaat aan die orde in Openbaring 13:1-8:

> En toe het ek ’n dier uit die see uit sien kom met tien horings en sewe koppe. Op sy horings was daar tien heerserskrone en op sy koppe godslasterlike name. [2]Die dier wat ek gesien het, het soos ’n luiperd gelyk. Sy pote was soos dié van ’n beer en sy bek soos dié van ’n leeu. Die draak het sy mag, sy troon en groot gesag aan hom gegee. [3]Dit het gelyk asof hy aan een van sy koppe dodelik gewond was, maar die dodelike wond het genees, en die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan geloop. [4]Die mense het die draak aanbid omdat dit hy is wat die gesag aan die dier gegee het. Hulle het ook die dier aanbid en gesê: “Wie kan met die dier vergelyk word? En wie kan teen hom oorlog voer?” Die dier is toegelaat om verskriklike dinge te sê en te laster en om twee en veertig maande lank gesag uit te oefen. [6]Hy het teen God begin laster, hy het God se Naam en sy woonplek en dié wat in die hemel bly, belaster. [7]Aan hom is daar ook mag gegee om teen die gelowiges oorlog te maak en hulle te oorwin; en daar is gesag aan hom gegee oor elke stam, volk, taal en nasie. [8]Al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die skepping van die wêreld af geskrywe staan in die boek van die lewe, die boek van die Lam wat geslag is nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die mag van goddeloses oor regverdiges is die wet van God. Dit is die kern van die magteloosheid wat Dawid in Psalm 10 verwoord. Die regverdige is deur sy geloof aan God verbind om altyd die gesag van die owerheid en die amptenare wat hierdie owerheid verteenwoordig, te eerbiedig. Paulus stel dit ook presies so: gelowiges moet hulle aan die gesag van die owerheid onderwerp omdat dit 'n gewetensaak tussen hulle en God is. God eis eerbied vir die gesag van die staat, al beklee goddeloses soos die Romeinse keiser ook die gesag.

Daarom is dit eintlik God wat die gelowige in die posisie van magteloosheid teenoor die goddelose stel wat aan homself die mag oor gelowiges toeëien deur die gesagsposisie en middele van die gemeenskap. Die klag teen God in Psalm 10 is werklik. Dit is nie maar net Dawid se verbeelding nie. Dit is God wat Dawid verbind om geen geweld teen Saul te gebruik nie. Dit is God wat Saul die posisie gee wat Saul misbruik om met staatsmagte en staatsmiddele Dawid as staatvyand te jag, terwyl Dawid sy getroue onderdaan bly.

Die apostel Johannes bevestig God se mag in hierdie magteloosheid deur vir gelowiges te sê: "[9]As iemand kan hoor, moet hy hierna luister! [10]As iemand bestem is vir gevangenskap, gaan hy in gevangenskap; as iemand bestem is om met 'n swaard doodgemaak te word, word hy met 'n swaard doodgemaak. Hier het die gelowiges volharding en geloof nodig.(Open.13:9,10) God laat gelowiges in 'n wêreld leef waar goddeloses die gesag wat God in en deur sy wet gee, as hul persoonlike mag oor mense opeis. Met hierdie mag sal goddeloses regverdiges deur die magte van die owerheid in die tronk gooi en met die magte van die staat doodmaak, want goddeloses glo hierdie magte is hul persoonlike magte waardeur hulle hul persoonlike begeertes kan afdwing teenoor enige iemand wat hulle in enige iets teenstaan.

Dít is die effektiewe mag van die wettelose: hyself is aan geen gesag gebind nie, aan geen wet onderworpe nie en teenoor niemand, nie God of enige mens, aanspreeklik nie: "Neus in die lug sê hy: "God vra tog geen rekenskap nie! (Ps.10:4). Hierdie magsposisie van die wettelose lê nie in homself nie. Hy kan net hierdie mag verkry deur die gesagsinstellings van God. Die wettelose kan net as wetgewer wetteloos wees. Dit is die werklike mag van die wettelose: hy moet in die magsposisie van die wetgewer wees sodat hy alle ander mense aan sy wil, begeertes en persoon kan onderwerp, terwyl hulle glo hulle is aan die staat se wette onderworpe.

Wie het hierdie tipe mag? Geen aanspreeklikheid teenoor niks en niemand nie, jou eie persoon is die setel van alle mag, alle bestaande gesagsinstellings is jou persoonlike eiendom waarmee jy kan maak net wat jy wil en almal moet hulself aan elke magsuitoefening onderwerp omdat hulle aan jou as persoon onderworpe is! Dit is God se mag. Net die Skepper van hemel en aarde het hierdie tipe mag!

Daarom verwag goddeloses altyd van mense meer as net eerbied en respek vir die gesag wat hulle beklee. Hulle verwag aanbidding. Die enigste manier waarop een mens homself aan 'n ander mens kan onderwerp asof die persoon waaraan hy onderworpe is geen aanspreeklikheid

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

teenoor iets of iemand het nie, wie se persoonlike wens en begeertes die wet is wat gehoorsaam moet word en die mag waaraan 'n mens onderworpe is, en sy persoonlikheid een is wat homself oor jou verhef, is deur aanbidding. Die eer en heerlikheid wat net God toekom, moet aan só 'n mens gegee word, voor enige mens hierdie tipe mag van so 'n mens kan aanvaar.

Wat is hierdie aanbidding wat die wettelose mens van ander mense verwag? Dit is die erkenning dat alles wat 'n mens is, 'n mens uit híérdie mens, deur híérdie mens en tot híérdie mens is. Hierdie erkenning dwing goddeloses deur die skeppingsgawes, wat God aan hulle gee, op mense af. Ouers stel hulle teenoor kinders as die persone uit wie, deur wie en tot wie hul kinders se hele menswees moet wees. Kinders stel hulle teenoor ouers as die mense uit wie, deur wie en tot wie die ouers die sin van hul lewe moet vind. Dit is presies dieselfde posisie waarin werkgewers en werknemers hulle in hul goddeloosheid teenoor mekaar opstel. Dit is ook die posisie waarin wetenskaplikes, kunstenaars en opvoedkundiges hulle teenoor mekaar opstel. Hulle soek in mekaar totale erkenning. In hierdie geesteshouding glo die goddeloses altyd uit die mens, deur die mens en tot die mens is alle dinge; en die sterkste, slimste, beste en grootste een, kry die eer verbonde aan hierdie posisie – selfgenoegsaamheid. Selfgenoegsaam teenoor God. Selfgenoegsaam teenoor ander mense wat swakker, dommer, slegter en kleiner is. Selfgenoegsaamheid is die werklike bron van vervulde geestelikes se oordeel dat gelowiges nie wedergebore is nie en van verligte geestelikes se oordeel dat gelowiges dom is.

Paulus verwoord die selfgenoegsaamheid van die wettelose mens só: "[4]Hy sal hom verset teen al wat God genoem word of wat as heilig vereer word, en hy sal hom bo hulle verhef. Hy sal selfs in die tempel van God gaan sit en voorgee dat hy God is."(2 Tess.2:4) Die goddelose kan net die wettelose wees, verhewe bo die wet terwyl almal onder sy persoonlike wil as wet staan, as God nie God is nie. Die goddelose kan net deur mense as goddelik erken word, verhewe bo aanspreeklikheid en wie se wens ander mense se wet is, as mense die heiligheid van God in mense vind: uit mense, deur mense en tot mense is alle dinge.

**9. Die geheime krag van die wettelose – afgodsdiens**

Paulus stel dat die wettelose selfs in die tempel sal gaan sit en voorgee dat hy God is. Die nuutheid van wat Paulus sê, gaan nie oor goddeloses wat in die tempelgebou van Jerusalem hulself as God of goddelik verklaar nie. Dit het verskeie kere in die geskiedenis van Israel op verskillende maniere gebeur. Die nuutheid wat Paulus hier afkondig, lê in wat Paulus met die begrip "die tempel" bedoel. Hy verwys nie hier na die tempelgebou in Jerusalem nie. Die tempel in 2 Tessalonisense is die Christelike kerk. Die goddelose sal hom binne die Christelike kerk as God of goddelik verklaar. Dit is die nuutheid van die bekende verskynsel dat goddeloses hulself in die tempel van Jerusalem as God verklaar het.

Die wyse waarop die wettelose dit sal doen, beskryf Paulus só:

> Die geheime krag van die wetteloosheid is al aan die werk, maar die een wat die wettelose teëhou, moet eers uit die weg wees, [8]en dan sal die wettelose self op die toneel verskyn. Maar wanneer die

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> Here Jesus kom, sal Hy hom met die asem uit sy mond verdelg en deur die glans van sy verskyning vernietig. [9]Deur die werking van die Satan sal die verskyning van die wettelose gepaard gaan met groot magsvertoon en allerhande vals tekens en wonders [10]en met gruwelike misleiding van dié wat verlore gaan, omdat hulle nie die waarheid liefgehad en tot hulle redding aanvaar het nie. [11]Dit is ook waarom God hulle aan die mag van die dwaling oorgee, sodat hulle die leuen sal glo. [12]En so sal almal wat nie die waarheid geglo het nie, maar die ongeregtigheid verkies het, veroordeel word. (2 Tess. 2:7-12)

Die geheime krag van die wettelose is die mag van dwaling en dit is om die leuen as waarheid te glo. Hierdie geheime krag is reeds in Paulus se tyd binne die Christelike gemeentes werksaam. Teenoor die geloof in die leuen binne die gemeentes stel Paulus die geloof in die waarheid. Die geloof in die waarheid is die geloof in die evangelie. Die aanvaarding van die waarheid, dit is die Evangelie, red mense. Die geloof in die leuen is die geloof in die valse apostels se verkondiging van die wet. Die geloof in die leuen is die geloof dat jou werke volgens die wet, jou bekerings, gebede en oorgawes, jou red.

Die geheime krag van wetteloosheid is afgodsdiens. Dit was so in die geval van die verbondsvolk in die tyd van die Ou Testament. Dit is so binne die Christelike kerk van die Nuwe Testament. Afgodsdiens is die godsdienstigheid van mag, die magsvertoon van goddelose goddelikheid. Afgodsdiens is die godsdienstigheid van wonders en valse tekens. Afgodsdiens is die godsdienstigheid van misleiding.

Hoekom word afgodsdiens die geheime krag van wetteloosheid genoem? Want afgodsdiens is godsdienstige goddeloosheid. Dit is goddeloosheid wat geglo en voorgeleef word asof dit godsdiens is. Afgodsdiens is presies dieselfde wetteloosheid as goddelose goddelikheid, maar net met die skyn van godsdiens.

Afgodsdiens is die godsdienstige wyse waarop goddeloses die vergoddeliking dat alles uit die mens deur die mens en tot die mens is, bewerkstellig. Daarom is afgodsdiens die magsbasis van goddeloosheid. Afgodsdiens skep die tipe eer en verheerliking van die mens waarin alles uit die mens, deur die mens en tot die mens is, terwyl almal glo dat dit maar net ’n manier is waarop God verheerlik word. Wie glo dat God deur mense se goddelikheid verheerlik word, kan nie die goddelose as die wettelose mens herken nie, maar vereer die wettelose mens met die eer wat God alleen toekom. Daarom is afgodsdiens altyd die geheime krag van wetteloosheid. Dit is die tipe godsdiens wat wetteloosheid as die verering van God bemagtig.

**10. Die moderne Christelikheid is die geheime krag van die wettelose**

Die moderne Christelikheid is die geheime krag van die wettelose mens. Dit wys duidelik in die vergelyking van die mag van die wettelose met die mag van die moderne Christelikheid.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die mag van die wettelose is om die gesag van die staat tot ’n magstaat te omvorm. Die wyse waarop die wettelose dit doen is deurdat:

1. Regeerders nie meer onderskei tussen hul amp en persoon nie;
2. Regeerders nie meer verantwoordbaar staan teenoor die gemeenskap wat hulle moet dien nie;
3. Regeerders die middele waardeur hulle moet regeer, opneem om hul eie begeertes te vervul en die mense wat hulle nie aan die begeertes van die regeerders onderwerp nie, te straf.

Hierdie omvorming van gesag tot mag is presies wat die moderne Christelikheid binne die Christelike kerk met die bedieningsmiddele van die kerk doen.

1. Geestelikes is God se tussengangers omdat hulle glo dat God sy eie wil, persoon en krag met geestelikes deel. Dit is nie ’n amp van die kerk wat hulle beklee nie. Dit is wie hulle in hul eenheid met God is. Daardeur verval die amp om die Woord, sakrament en tug te bedien. Die amp word vervang deur die persoonlikheid van die geestelike wat God bemiddel.
2. Geestelikes ervaar hul eie wil, persoon en krag as God se wil, persoon en krag. Daarom is hul gevoelens, idees, drome, visioene, aksies, missies en visies, God se eie sake wat bo enige verantwoording en aanspreeklikheid verhewe is.
3. Geestelikes maak die diensmiddele van die kerk hul persoonlike magte waardeur hulle hul eie begeertes as God se wil laat geld. Enige teenstand teen geestelikes se begeertes word beantwoord deur die veroordeling en bestraffing dat sulke mense nie wedergebore is of die Heilige Gees ontvang het nie.

Wat die wetteloses met die staat doen, doen die geestelikes met die kerk. Hulle ontdaan die kerk van alle gesag waarmee die kerk deur God beklee is om die evangelie te bedien. Hulle maak die gesag van die kerk, om die evangelie te bedien, ’n magsmiddel vir hul eie selfgenoegsaamheid teenoor God. Daarom is die moderne Christelikheid dit wat die Woord van God uitwys as die geheime krag van wetteloosheid.

Hoekom “geheime krag”?

Dit is geheime krag, want die moderne Christelikheid word geglo en wil geglo word as die gemeenskap wat God liefhet en dien. Die moderne Christelikheid wil sy identifikasie met God voorhou as die Christelike geloof in God se liefde en mense se liefde vir God. Daarom stel aanhangers van die moderne Christelikheid hulself teenoor die goddeloosheid van ’n godlose gemeenskap. Met hierdie teenstelling sou hulle dan volgens hulle self God se alternatiewe gemeenskap wees teenoor die goddelose gemeenskap van hierdie wêreld.

Dit wat die moderne Christelikheid egter in sy teenstelling teenoor goddeloosheid sou voorgee om te wees, is dit nie. In hierdie voorwendsel om die ware liefde van God en mens te

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

wees, is dit presies net die teenoorgestelde, dit is haat vir God en mens in 'n absolute selfgenoegsaamheid. Dit is die haat van alles wat die mens in sy afhanklikheid van God en in sy aangewesenheid op die medemenslikheid van alle ander mense is. Die moderne Christelikheid is die gees van die selfvergoddelikte mens, die mens wat homself sien as die een waaruit, waardeur en waartoe alles is. Hierdie selfbeeld is die bron van haat vir God en menswees. Alles wat hierdie magsbeeld van die selfgenoegsame mens aantas, dat alles uit, deur en tot homself is, haat hy. Dit is in hierdie goddelose se gemoed 'n geregverdigde haat, want alles wat hierdie magsbeeld aantas, tas die selfliefde van die goddelose mens aan.

Die magsbeeld wat die goddelose mens in sy eie gemoed vir homself glo, ís die magsbeeld wat die moderne Christelikheid deur identifikasie met God skep. Die moderne Christelikheid skep deur sy identifikasie met God binne die kerk van die Here presies dieselfde magsbeeld vir goddeloses as wat goddeloses buite die kerk van die Here vir hulleself toeëien: om binne die kerk van die Here in die naam van die Here selfgenoegsaam te wees deur die goddelikheid van Jesus Christus.

Dit is egter 'n heimlike posisie. Dit word bedien en geglo as die erkenning dat God alles in almal is, terwyl dit eintlik die geloof is dat die mens alles vir alles is. Hierdie omkering van God wat alles vir alles is, na die mens wat alles vir alles is, maar op so 'n manier dat mense glo dat hierdie magsposisie van die selfgenoegsame mens Jesus se posisie in hul lewe is, is die geheime krag van die wettelose mens in die kerk van die Here.

In die geestelikheid van die moderne Christelikheid word die magsposisie van die wettelose in die kerk, en deur die kerk se bediening, vir goddeloses geskep; Jesus wat in mense se lewe inkom as jy Hom innooi.

Wie is hierdie Jesus van die moderne Christelikheid? Is dit:

Hierdie Jesus wat buite mense se verharde harte staan en klop en net inkom as die mens sy harde hart versag sodat God in sy lewe kan inkom?

Hierdie Jesus wat jou reg verklaar as jy mooi en opreg leef, met integriteit en menslikheid leef, as jy jou lewe, hart,besigheid en kinders vir God gee?

Hierdie Jesus wat geen mag het voordat die mens God nie op die troon van sy verharde menslike hart sit nie?

Hierdie Jesus wat jou nie vir God kan laat reg leef voor jy nie 'n volle oorgawe van jou menswees aan sy goddelikheid maak nie?

Hierdie Jesus wat jou bo God se wet tot 'n nuwe goddelike geestelikheid verhef?

Hierdie Jesus wat maak dat God die begeertes van mense vervul wanneer mense hul menslikheid vir hierdie God opoffer?

Hierdie Jesus wat God mensliker maak sodat mense goddeliker kan word?

Hierdie Jesus sonder wie alle mense God as Vader ken?

Hierdie Jesus wat in jou inkom en sy Goddelikheid met jou deel, maar wat jou nog steeds ongehoorsaam aan God sonder die krag van die Gees laat leef?

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hierdie Jesus van die moderne Christelikheid is die geheime krag van die wettelose, want hierdie Jesus is die wettelose Jesus. Dit is die Jesus waarin en waardeur die wettelose in die kerk van die Here homself as God verklaar: selfgenoegsaam. Dit is die Jesus wat die goddelose mens in die kerk van die Here verhef as die mens uit wie, deur wie en tot wie alle dinge is.

As God net God in mense kan wees wat hul verharde harte sy troon maak; God sy onvervulde Godheid net in mense kan terugvind; God net God kan wees in die onvervulde begeertes van mense; God net sy ware menslikheid weer in mense kan terugvind; God sy Godheid net kan laat geld deur die menslikheid van mense; God net God kan wees in mense wat met Hom 'n persoonlike verhouding aangaan; God net sy kinders deur goddelike tussengangers kan bedien; God net sy liefde as God deur mense se liefde aan mense kan meedeel dan is die mense waardeur God God is, die mense uit wie God, deur wie God en tot wie God, God is. Dan is hierdie mense deur God alles vir alles.

Wie is hierdie Jesus deur wie die mense alles vir alles is? Dit is die Jesus wat goddeloses vir hulself as goddelik identifiseer, net soos wat hulle hulself altyd sonder Jesus as goddelik geïdentifiseer het. Dit is die God wat in Homself niks is nie. Dit is die God wat net God is deur en tot die selfgenoegsame mens. Dit is net die leë naam van God binne die gemoed van selfgenoegsame mense. Die wettelose laat Jesus hierdie leë naam wees wat God binne hul godlose gemoed is. Die moderne Christelikheid is die geheime krag van hierdie godloosheid van die wettelose mens waarin God net 'n leë naam is vir hul eie selfgenoegsaamheid. Die moderne Christelikheid is die geestelikheid wat die wettelose in die kerk van die Here verhef tot die ware, opregte, wedergebore geestelike aan die een kant, en die verligte, bevryde geestelike wat vernuwe is aan die ander kant. Teenoor hierdie bipolêre spanning van godsdienstige goddeloosheid staan gelowiges buite hierdie spanning as totaal anders met hulle geloof in Jesus Christus as Here en hul liefde vir Hom.

Hierdie Jesus deur wie mense alles vir alles is, is die Jesus wat die goddelose in die kerk van die Here verhef asof hy goddelik is. Daarom is hierdie Jesus die geheime krag van die wettelose. Hierdie Jesus is niks anders nie as die bemagtiging van goddeloses deur die leë naam van God in die kerk van die Here. Die moderne Christelikheid is vandag hierdie geheime krag van die wettelose binne die kerk van die Here. Binne die kerk van die Here verhef die moderne Christelikheid goddeloses tot mense uit wie, deur wie en tot wie God, God is. Daarom is hierdie gemeenskap die krag waardeur die goddelose buite die kerk van die Here homself binne die kerk van die Here laat geld sodat daar in die "moderne wêreld", wat die goddelose in sy eie gemoed geskep het, niks anders is as hierdie bipolêre goddeloosheid nie: afgodsdiens en goddeloosheid. Die moderne Christelikheid is die krag wat die bestaan van Christus en sy kerk in hierdie wêreld as iets gans anders as afgodsdiens en goddeloosheid negeer.

Die mag waarin geestelikes goddelik is, is dieselfde mag waardeur die goddelose wetteloos is. Al verskil is die vorm waarin die mag bedien word. In die wetteloses is dit staatsmag en gemeenskapmag, die mag van wetenskap, tegniek en sosiale drif. In die geval van geestelikes

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

is dit godsdienstige mag. Die mag van die verering en aanbidding van God. Dit is die mag van die bediening van goddeloosheid deur die diensmiddele van die kerk van die Here.

**11. Die ontheiliging van God in sy verbondsvolheid deur die moderne Christelikheid**
Die selfgenoegsaamheid van die goddelose is om aan die mens die posisie van eer en aanbidding van God te gee: uit die mens, deur die mens en tot die mens is alle dinge. Dit is wat deur die geheime krag van die wettelose bewerkstellig word. Die mens word in en deur godsdiens in die posisie geplaas dat alles uit die mens, deur die mens en tot die mens is.

Vir die mens om egter in hierdie posisie te verkeer, moet God eers uit hierdie posisie verdring word. God die Vader moet as Vader verdring word, God die Seun moet as Seun verdring word en die Heilige Gees moet as Heilige Gees verdring word. Waar God in sy verbondsvolheid só afwesig gemaak word, kan die mens opstaan in die geestelike posisie dat alles uit die mens, deur die mens en tot die mens is.

Dit is presies wat in die moderne Christelikheid gebeur. God word in sy heiligheid intiem persoonlik ontledig sodat Hy in sy volheid as God niks uit Homself, deur Homself of tot Homself is nie, maar net die leë naam wat God is wat God binne die gemoed van goddeloses is.

Die Drie-eenheid van God word in die moderne Christelikheid só voorgehou: alle kinders is deel van God die Vader se liefde van geboorte af, maar hulle het nog nie ’n persoonlike verhouding met God nie. Kinders is deel van God die Vader se liefde sonder ’n persoonlike verhouding met Jesus. Geestelikes wat ’n persoonlike verhouding met Jesus het, het nog nie die krag van die Heilige Gees in hulle nie. Jy kan met Jesus ’n persoonlike verhouding hê, sonder dat jy deel van die Gees se krag is. Die Gees se krag is nie ’n persoonlike verhouding met Jesus nie.

Hulle glo in hul goddeloosheid dat daar altyd in God iets onvolledig is. Die liefde van God die Vader is nie God se volledige liefde nie. ’n Persoonlike verhouding met God ontbreek nog daarin. Die persoonlike verhouding met God is ook nog nie ’n volledige verhouding met God nie. Die krag van God ontbreek nog.

Hoe word hierdie onvolledigheid waarin God, God sou wees, elke keer meer volledig gemaak? In die moderne Christelikheid gebeur dit deur die mens! In hul goddelose gemoed is dit die mens se identifikasie met God, wat God tot die volheid van wat Hy as God in elke mens se lewe voor bedoel is, bring. Die onvolledigheid waarmee die Vader se liefde volkome is, word volkome wanneer die mens God die Seun in sy hart en lewe innooi. Dit is, wanneer die mens deur Jesus met God in homself identifiseer. Die onvolledigheid waarmee Christus nie geestelikes met krag kan vervul nie, word volkome wanneer hulle hulself met die krag van God identifiseer.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Deur die twee fases van geestelikheid, bekering en volkome oorgawe, maak geestelikes God ten volle God, in en deur húl eie persoon en lewe. Sonder hierdie geestelikheid bly God in hul goddelose gemoed onvolkome God vir hulle. Sonder die identifikasie met Jesus is God die Vader in hul goddelose gemoed, net God bo hulle. Deur die identifikasie met Jesus word God, God by hulle. Só glo hulle. Deur hul identifikasie met God se krag word God, God in hulle. In hul goddelose gemoed beweeg God van die onvolkomenheid van God bo hulle na die voller Godheid van God by hulle en dan na die volledige Godheid van God in hulle.

Hul goddelose geloof dat hulle God al voller God laat wees in en deur hul identifikasie met God, is presies die teenoorgestelde van wat hulle glo en doen. Identifikasie met God is die intiem persoonlike ontheiliging van God.

Hulle stel hulle met hul intiem persoonlike identifikasie teenoor God die Vader, en in hul innigheid -wat hulle glo hulle met sy liefde as Vader beleef - verklaar hulle dat sy liefde nie goed genoeg is vir ’n persoonlike verhouding met hulle nie. In hul identifikasie met God ontsê hulle selfgenoegsaam die Vader se liefde van enige persoonlike verhoudingsinhoud. Net omdat sy Vaderliefde nie deel van hul identifikasie met God is nie. Hul haat vir God maak dat hulle God se liefde as Vader as koud, dood en ver verklaar omdat sy werklike liefde nie hul selfgenoegsaamheid teenoor God se liefde bevestig nie.

Hul identifikasie is ook ’n intiem persoonlike ontheiliging van Christus. In hul intiem persoonlike verhouding met Jesus verklaar hulle dat Jesus se verhouding met hulle sonder krag is. In hul Godlose gemoed is daar niks in Jesus se verhouding met hulle wat hulle met die krag van God se Gees kan vervul nie. In hul haat vir God ontsê hulle Christus enige krag in hul lewe omdat Hy hulle in sy verhouding met hulle nie in God se krag kan laat deel nie. Die liefde wat Christus in sondaars deur sy wisselwerkende gemeenskap in sy vereniging as Mens met hulle skep, tas die selfgenoegsaamheid waarin hulle hul sonde as die ware liefde vir God en mens uitleef, in wese aan. Daarom verklaar hulle hierdie liefde in Christus as kragteloos. Dit ontmagtig hulle in die selfgenoegsaamheid van hul verdraaide waardes.

Hul identifikasie is ook die intiem persoonlike ontheiliging van die Heilige Gees. Die gawes van die Gees, geloof en liefde, is vir hulle minderwaardige gawes waardeur hulle nie God met krag kan aanbid en mense met krag kan liefhê nie. Die Gees moet sy werk, om geloof en liefde te gee, waardeur alles in die mens tot verheerliking van God is, vervang met die magte waarmee die Gees die kerk toerus. Die Gees moet geestelikes in hul identifikasie bemagtig sodat God alles wat Hy as God is, in en deur die mens sal laat gebeur, en dit deur hul goddelike liefde en goddelike aanbidding. Hulle haat ’n liefde van die mens wat uit God en tot God is. In hul Godlose selfgenoegsaamheid kan hulle net alles wat uit en tot hulle is as ware liefde erken.

Deur identifikasie met God word God die Vader ontledig tot ’n onpersoonlike gesagfiguur, die Seun ontledig tot ’n kragtelose tussenganger en die Gees tot bewerker van minderwaardige liefde en aanbidding. Dit is die diepte van die moderne Christelikheid se haat

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

vir God, God wat uit Homself, deur Homself en tot Homself God is. In hul Godlose gemoed kan die Vader net sy volle persoonlike Vaderskap deur geestelikes se identifikasie met God ontvang. Christus kan sy kragvolheid net deur mense se volle oorgawe ontvang en die Heilige Gees kan die bedoeling van sy werk net in mense se aanbidding in die Gees en geestelike innigheid ontvang.

God die Vader, Seun en Gees kan net volkome God wees uit, deur en tot die aanbidding in die gees en innigheid van geestelikes. Deur hul aanbidding in die gees en innigheid stel geestelikes hulle in dié magsposisie: God is wat God is, uit, deur en tot die mens se aanbidding.

Daarmee het die moderne Christelikheid sy werklike magsposisie bevestig: uit, deur en in die aanhangers daarvan is God alles vir alles. Daarmee is hul aanbidding in die gees en innigheid alles vir alles, want dit is hoe God volgens hul geloof en deur hul aanbidding en innigheid alles vir alles is.

**12. Die nuwe absolute sekerheid: volkome selfgenoegsaamheid**

Geloofsekerheid is die sekerheid oor die betroubaarheid waarmee God sy verbondsbeloftes ten volle vervul. Dit is die vaste wete en vertroue dat God alles wat Hy as God in sy verbond onderneem, sál uitvoer; uit Homself, deur Homself en tot Homself.

Geestelikes, vervuldes en verligtes, soek in hul identifikasie met God nie geloofsekerheid nie. Hulle soek nie die sekerheid oor die betroubaarheid van God om sy verbondsbeloftes ten volle uit te voer nie. Hulle wil God juis in sy beloftes en die uitvoer van sy belofte só ontledig dat God se beloftes leë beloftes van die verlede of net menslike ervarings of idees oor God sou wees. Hulle wil nie in 'n werklike God met werklike ondernemings in hierdie skepping glo nie. Die Abrahams- en Dawidsbeloftes word in die moderne Christelikheid geminag as ou en leë beloftes wat geen vervulling benodig nie. Dit is vir hulle beloftes wat in die Ou Testament afgeloop het en verby is.

Geestelikes, vervuldes en verligtes soek na die sekerheid van 'n nuwe verhouding met God: die intiem persoonlike verhouding met God. Die sekerheid wat hierdie verhouding met God gee, is nie geloofsekerheid oor die vervulling van God se verbondsbeloftes nie. Dit is die nuwe sekerheid van selfgenoegsaamheid teenoor God en mens.

Die moderne Christelikheid soek die sekerheid dat hulle in persoon, wil, gevoel en krag een met God in sy persoon, wil, gevoel en krag is. Hierin wil hulle die sekerheid beleef dat hulle eie gewone menslike ervarings Godservarings is. Hierin wil hulle die sekerheid beleef dat hul idees, drome, aksies, ondernemings, missies en visies, God se eie optredes in die wêreld is.

In hierdie sekerheid wil hulle nie deel van die tydelikheid, afhanklikheid, verganklikheid, vervangbaarheid, beperktheid en relatiwiteit van alles wat hulle in hul menswees is, wees nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hulle wil die absolute sekerheid in hulleself beleef dat hulle goddelik is: tydloos, onafhanklik, ewig, onvervangbaar, grensloos en absoluut.

Dit is die volkome selfgenoegsaamheid wat hulle in God wil beleef: om in Jesus een met God in sy Goddelikheid te wees. Hiermee leef hulle met die brutaliteit van mense wat in hulleself, hul eie menings, oortuigings, idees en optredes God self verteenwoordig.

Die vaste wete en vertroue in identifikasie met God is nie die vaste wete en vertroue in die volle vervulling van God se verbondsondernemings nie. Dit is geloof in die outoriteit wat mense in en deur Jesus sou kry om met God te identifiseer. Geloof in die moderne Christelikheid is die geloof in die eenheid wat tussen mens en God gebeur deur die mens se identifikasie met God. Hul geloof is om te glo dat wanneer jy met God identifiseer, God sy Goddelikheid met jou deel.

Daarom is hul geloof die geloof dat as jy God in jou lewe innooi, God in jou lewe inkom. As jy vir God sê: "Kom in!", dan doen God wat jy sê. As jy vir God sê jy gee jouself aan Hom oor, dan aanvaar Hy jou oorgawe. As jy vir God sê Hy moet die beheer van jou lewe oorneem, dan doen Hy dit. As jy vir God sê jy gee jou lewe vir Hom, dan ontvang Hy jou lewe as gawe.

Dit geld vir alle begeertes en wense van die mens. As jy vir die Here sê jy wil gesond wees, dan maak Hy jou gesond. As jy vir die Here sê jy wil welvaart hê, dan gee Hy vir jou welvaart. Daarom voel geestelikes ook dat hulle kan sê die brood en wyn word Jesus se bloed en vlees, en dan gebeur dit soos hulle sê. As hulle vir die Duiwel sê hy moet uit, dan neem hy die wyk. As hulle vir jou sê jou sondes is vergewe, dan is jou sondes vergewe.

Geloof in identifikasie met God beteken dat jy moet glo dat God doen wat jy sê. Hulle noem hierdie geloof "outoriteit". In Jesus se Goddelikheid kry hulle die gesagsposisie dat God sy lewe, wil, persoon en krag met hulle deel wanneer hulle vir God sê om dit met hulle te deel.

Dit is die volkome selfversekerdheid wat hulle vir hul menslike bestaan soek: hulle is absoluut verseker dat hulle in hul menslikheid die volle Goddelikheid van God beliggaam en aan ander meedeel. Dit maak dat hulle in alles wat hulle dink, voel, wil en doen, absoluut selfversekerd van hul volkome selfgenoegsaamheid is.

Die moderne Christelikheid is die krag van die wettelose mens. Hierdie wyse waarop Jesus Christus hulle sou bemagtig om absolute selfversekerdheid in hul eie volkome selfgenoegsaamheid te sou hê, is die goddeloosheid van die wettelose mens. Dit is, was en sal nooit die geloofsekerheid van gelowiges wees nie. Gelowiges is seker dat God se beloftes waar is en dat God betroubaar is om sy beloftes in hierdie wêreld te vervul. Hierdie sekerheid oor wie God in sy verbond is, en hoe God sy verbond werklik vervul, is totaal iets anders as die absolute sekerheid waarin goddeloses hulself en hul idees, gevoelens, visies en missies as goddelik glo.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hierdie absolute selfversekerdheid is nie Christene se vaste geloofsekerheid oor God nie. Dit is die tipe sekerheid waarmee die wettelose in sy goddelike selfgenoegsaamheid buite Christus leef, maar wat hulle ook binne die Christelike kerk wíl beleef. Buite Christus is die moderne godlose mens sonder God oor sy idees, sy gevoel en innerlike dryfkragte volkome selfversekerd. Hierdie absolute selfversekerdheid van die godlose mens kry hy juis uit die afwesigheid van God. God in sy afwesigheid bemagtig hul eiemagtigheid. Omdat Hy God afwesig glo, is alles wat die mens bedink en voel vir hom al wat daar is. Buite sy eie denke en gevoel is daar geen werklike God wat werklik God is en waaraan die mens sy denke en gevoel moet onderwerp nie.

Daarom mag God ook nie vir die goddelose mens in die Christelike kerk God uit, deur en tot Homself God wees nie. Dit maak die absoluuthede van die goddeloses so relatief dat hulle hul bestaansekerheid in hul selfgenoegsaamheid sal verloor.

Die absoluutheid waarin geestelikes seker is van hul goddelikheid vind hulle nie in Christus nie. Hulle vind dit in hul eie godloosheid. Daarom moet hulle hul absolute sekerhede vind deur God in sy verbond binne-in sy kerk en die wêreld te ontledig tot Hy niks anders is as die leë naam van God in hul gemoed nie.

**13. Die koms van die wettelose mens deur die moderne Christelikheid**

Die verskyning van die wettelose is 'n eenmalige finale verheffing van die mens teen God op so 'n wyse dat hierdie goddeloosheid in een persoon beliggaam sal word. Dit is ook die herhalende verskyning van wetteloses in die gang van die geskiedenis in elke tydvak, in elke gemeenskap. Dit is in die geskiedenis die deurlopende werksaamheid van Satan.

Die verhouding tussen die afgodsdiens van die moderne Christelikheid en die koms van die wettelose wys duidelik in die versoeking van Christus deur die Satan in die woestyn. Hierdie versoeking moet altyd met die kruisiging van Christus saamgelees word. Die verband is direk. Die versoeking van die Satan: "[5]Daarna neem die duiwel Hom na die heilige stad toe en laat Hom op die hoogste punt van die tempel staan [6]en sê vir Hom: "As U die Seun van God is, spring af!" (Matt.4:5,6) is in Matteus 26:39,40 presies die versoeking aan die kruis: "Hulle het die kop geskud [40]en gesê: "Jy wat die tempel afbreek en in drie dae opbou! Red jouself as jy die Seun van God is, en kom van die kruis af!"

Die Satan se Christus is die wettelose Christus. Christus moet sy eiemagtigheid as liefde voorhou. Dit is die bedoeling van elke versoeking. In die eerste versoeking in die woestyn wil die Bose hê dat Christus sy besondere verhouding as Seun van die Vader moet ervaar in die Vader wat Hom die pyn en lyding van sy kruisiging spaar. Hy moet nie die raad en roeping van die Vader aanvaar om gehoorsaam vir sondaars te sterf nie. Christus moet vir God die Vader sê wat Hy moet doen. Hy moet sy mag oor die Vader demonstreer asof dit 'n liefdevolle verhouding met die Vader is. Sy behoeftes en gemak moet gedien word. Hy moet nie die wil van die Vader uitvoer nie. Die Vader moet klippe brode maak omdat Jesus hierdie liefdesverhouding met God dat die Vader doen wat Hy sê, sou hê.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Om vir God te sê wat Hy moet doen, is eiemagtigheid. Dit is nie ’n besondere verhouding van liefde nie. Dit is eiemagtigheid teenoor God. Daarom is die bedoeling van die versoeking om Christus se eie magtigheid teenoor God te wys, terwyl dit as ’n besondere liefde tussen die Vader en Seun voorgehou word. Dit is in wie goddeloses sal glo. Die mens wat vir God sê wat Hy as God moet doen en dit as liefde glo. Goddeloses glo in die Christus wat God beveel, nie die Christus wat die Vader gehoorsaam en vir sondaars ly en sterf nie.

Dit is spesifiek ook die tweede versoeking se inhoud. Christus moet nie die tempeldiens deur sy lyding en opstanding beëindig en deur sy lyding en opstanding aanbidding van God vir sondaars bewerk nie. Hy moet voor die Jode van die tempel afspring sodat God die Vader Christus se magtigheid aan die tempelgangers kan demonstreer. Hoekom? Sodat die Jode God kan koning maak volgens hul begeerte tot mag. Christus moet ’n demonstrasie lewer dat Hy God kan dwing om te doen wat mense begeer, dat God gedwing kan word om te doen wat mense vir Hom begeer. Die Jode het ’n Christus begeer wat hul vroomheid bemagtig as die vroomheid waarmee hulle God koning in Jerusalem wil maak. Dit is ook ’n vroomheid waardeur God sy krag vanuit Jerusalem oor die hele wêreld moet uitoefen. In hierdie versoeking gaan dit oor die eiemagtigheid van mense om hul oorheersing oor ander mense as die liefdevolheid van God se heerskappy te glo. Dit is die skyn van godsdiens. Christus moet die eiemagtigheid waarin mense alles en almal in die naam van God wil oorheers, as liefde voorhou.

Die afgodsdiens in die eerste twee versoekings is maar net die verskuilde mag van die wetteloosheid wat in die derde versoeking openlik deurbreek: die eiemagtigheid van selfgenoegsaamheid. Die derde versoeking gaan oor die magsposisie dat alles aan die selfgenoegsame mens onderworpe is. Alles behoort aan hierdie mens om daarmee te maak wat hy wil, want daar is geen God nie. God is niks nie. God doen niks nie. Die afgodsdiens van die eerste twee versoekings is niks anders as die goddeloosheid van die derde versoeking nie. Al verskil is dat die eerste twee versoekings godsdienstige goddeloosheid is. Die wettelose verskyn egter wanneer die skyn van godsdiens afgegooi word vir die mag waaroor dit regtig in afgodsdiens gaan: die mag van die mens wat nie God aanbid nie, maar alle mag in homself verpersoonlik.

Satan wou gehad het dat Christus se koms, die koms van die wettelose moes gewees het. Die Christus wat in die skyn van godsdiens Homself oor alles en almal bemagtig. Die Christus wat die skyn van godsdiens sou afgooi sodra sy mag oor mense volkome gevestig sou wees en God vir hulle niks meer sou wees nie. Die koms van die wettelose bewerk nie iets anders as wat in afgodsdiens bewerk word nie. Die goddeloosheid in afgodsdiens is presies dieselfde goddeloosheid waarmee die wettelose afgodsdiens afwerp. Al verskil is dat die wettelose nie meer goddelooshied as godsdiens voorhou nie. Hy is openlik goddeloos, sonder die skyn van godsdienstigheid.

Die moderne Christelikheid is die geestelikheid wat dwarsoor die wêreld hierdie wettelose figure te voorskyn laat kom. Magsfigure wat eers hul wetteloosheid as aanbidding en verering

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

bedryf, en wanneer hierdie goddelose mag gevestig is, die skyn van aanbidding en verering afgooi vir die werklikheid om selfgenoegsaam goddeloos wees.

Die eerste godservaring van die moderne Christelikheid is niks anders as die eerste versoeking waarvolgens Christus vir God moes sê wat God moes doen nie. In hierdie eerste bekering sê mense vir God om in hul lewe in te kom, en dan moet Hy inkom; sê mense vir God om op die troon van hul harte te gaan sit, en dan gaan sit Hy; sê mense Hy moet duiwels uitdryf en dan moet Hy hulle uitdryf; sê mense hulle het bekeer, hul sondes bely, en het berou, en dan moet God dit as reg aanvaar.

Die tweede godservaring van die moderne Christelikheid kom ooreen met Christus se tweede versoeking: Hy moet met sy mag die magsbegeertes van goddeloses vervul. Mense begeer om een met God se krag te wees en die persone te wees deur wie God se goddelike krag werk, en God moet hierdie begeertes vervul soos hulle vir God sê om dit te vervul.

Om na hierdie godservarings van die moderne Christelikheid hierdie geestelikheid af te gooi en innerlik jouself genoegsaam teenoor God te verklaar sonder hierdie godservarings, is die koms van die wettelose. Dit is maar net die openlike verklaring van wat reeds in die moderne Christelikheid se twee godservarings bewerk is: volkome selfgenoegsaamheid.

Vir die effektiewe optrede van die wettelose om self alle gemeenskap- en staatsmag in homself te verenig as sy persoonlike mag, terwyl elkeen wat hy aan sy persoonlike wil onderwerp, glo dit is hoe hy homself aan die owerheid moet onderwerp, moet mense glo in die geestelike mag dat uit die mens, deur die mens en tot die mens alle dinge is.

Voor mense hierdie absolute geloof in mense kan hê, moet hulle eers God só van sy Godheid ontledig dat God in die gemoed van mense ook net God uit die mens, deur die mens en tot die mens kan wees. Net soos wat Christus eers vir Homself die aanbidding van goddeloses moes toeëien as ware godsdiens voor Hy Homself teenoor die Vader moes verhef deur die mag van alle nasies in homself te verenig. Hierdie "geheime krag", afgodsdiens, moes Christus eers sy eie maak voor Christus self as die wettelose sy verskyning kon maak – volgens Satan se versoeking.

Die geloof in hierdie absolute selfgenoegsaamheid van die mens is die sekerheid wat die moderne Christelikheid in sy twee godservarings bedien. Deur die prediking, sakramentbedieninge, deur die tug van die kerk bewerk geestelikes in hul aanbidding in gees en innigheid goddelikheid vir mense. 'n Goddelikheid waarin hulle alles wat hulle as mense is, as goddelik ervaar; bewerk hulle die posisie dat in hul geestelikheid God alles uit die mens, deur die mens en tot die mens is.

Die mens wat uit die moderne Christelikheid se godservarings glo dat God alles uit hom as mens, deur hom as mens en tot hom as mens is, kan God met een besluit verwerp as niks anders as net homself nie. Hierdie openlike verwerping van God as niks, nadat God deur die

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

mens se identifikasie met God tot niks gemaak is nie, is die verskyning van die wettelose in die wêreld. Die openlike verskyning van hierdie wettelose uit die moderne Christelikheid is net so oombliklik soos die verskuiwing van Christus se versoeking om die Here van die Joodse aanbidding te wees as om die opperheerser van nasies te wees. Wie alles wat hy in homself is, beleef as die persoon, wil, krag en lewe van God, kan God in een oomblik, met een uitspraak, verklaar as niks anders as net sy menslike gevoel, net sy menslike idee, net sy menslike wil en net sy menslike verbeelding.

Dit is inderdaad wie God in elk geval nog altyd vir hierdie geestelikes in die moderne Christelikheid was. God is net die leë naam waarin en waardeur hulle hulself as goddelik ervaar. Hierdie selfgenoegsame mens in die moderne Christelikheid is 'n mens wat innerlik voorberei is om as die wettelose goddelose in die gemeenskap op te staan wanneer die mag van goddelikheid finaal in hulle gesetel is.

Wanneer God in die kerk en gemeenskap deur die moderen Christelikheid totaal ontledig is tot net die leë simbool in wie elkeen hul eie goddelikheid beleef, kan mense op die regte tyd en by die regte geleentheid die nodigheid om deur God en in God se Naam goddelikheid te beleef, as uitgedien verklaar vir die openlike verklaarde selfgenoegsaamheid van die mens teenoor God. Dit is 'n selfgenoegsaamheid wat in preke, Bybelstudie, aanbidding en innigheid innerlik opgebou is vir die oomblik van wetteloosheid.

Dit is hoe die wettelose mens elke keer in die Christelik kerk opstaan en God vir hulle selfgenoegsame spiritualiteit as nutteloos en uitgedien verklaar. Uit, deur en tot die mens is alle dinge. Ook God! Johannes wys hierdie geestelikes, wat skielik die waarheid sou ontdek dat God niks is nie, uit wanneer hy in 1 Joh. 2 verklaar:

> 18Kinders, dit is die laaste uur. Julle het gehoor dat daar 'n antichris kom; en daar is nou reeds baie antichriste. Daaruit weet ons dat dit die laaste uur is. 19Hulle het wel uit ons geledere voortgekom, maar niemand van hulle was ooit werklik een van ons nie, want as hulle werklik van ons was, sou hulle by ons gebly het. Dit moes duidelik word dat geeneen van hulle werklik een van ons is nie."
> (1 Joh.2:18,19)

Die verskyning van die wettelose deur die moderne Christelikheid is aanduibaar deel van die Europese geskiedenis. Vir die koms van koningshuise en keiserryke wat bokant enige aanspreeklikheid teenoor die gemeenskap verhef is, en deur wie God sy wil op aarde laat geskied, was die moderne Christelikheid in die vorm van die Piëtisme nodig. Die absolute sekerheid oor mense se eie innerlike aandoeninge as die teenwoordigheid, kenbaarheid, toeganklikheid en heerlikheid van God binne-in hulle, was die absoluutheid van die vorste. Dit was nie die teendeel van die absoluutheid van hul vorstelike selfgenoegsaamheid nie.

Vir die koms van die verligte mens en die sosiale kontrak waarin die staat en alle gemeenskapsinstansies niks anders as die gemeenskaplike wil van die mens is nie, en daarom teenoor niks anders as die wil van die mens aanspreeklik is nie, was die moderne Christelikheid in die Reveil en Nadere Reformasie nodig. In die opkoms van die vrye

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

individuele mens, wat aan niks en niemand anders as homself gebind is nie, was die herlewings en "awakenings" van die moderne Christelikheid waarin elke mens sy eie Godvervulde is, nodig. In die opkoms van nasionale state en diktators, wat teenoor niks en niemand anders as die nasie aanspreeklik is nie, was die moderne Christelikheid van volkskerke nodig. In die opkoms van die anargisme van wettelose owerhede was die moderne Christelikheid in die Pinksterbeweging nodig, net soos wat die geestelikheid van die moderne Christelikheid in sy postmodernistiese kleed in die opkoms van die onverbonde mens in die absoluutheid van sy eie gevoelendheid benodig is.

Die verskyning van die wettelose as humanis, rasionalis, ateïs, agnostikus, deïs, panteïs, panenteïs of neoteïs was elke keer die verskyning van die wettelose vanuit die moderne Christelikheid. Nádat die wettelose God in alles wat God in Homself as God is deur al die variasies van die moderne Christelikheid, pïetisme, metodisme, pinksterisme, charisma, verligting, herlewing en vernuwing ontledig het, verskyn die wettelose in die absoluutheid van sy eie selfgenoegsaamheid.

Die verskyning van die wettelose in die gemeenskap as selfgenoegsame mens sonder God, gebeur net nadat hierdie goddelose God ook in die Christelik kerk van alles wat Hy in en vir die kerk is, ontledig is. Daarom werp hierdie goddeloses in die oomblik van hul verskyning as wettelose, hul identifikasie met die goddelikheid van God af as onderdrukking van hul ware selfgenoegsame menslikheid. Dit doen hulle met die selfversekerdheid deur eie godservarings dat God niks anders is as hulle eie idees en gevoelens nie.

Die moderne Christelikheid is altyd die staatskerk én gemeenskapskerk: die wettelose se staatskerk en gemeenskapskerk, want die mag wat in die moderne Christelikheid geskep word in aanbidding in gees en innigheid, is die absolute posisie van die goddelose teenoor God: uit die mens, deur die mens en tot die mens is alle dinge, ook God.

Daarom mag die Afrikaanse Christenleser hom nie misgis met die verskyning van die wettelose in hierdie tyd van ons gemeenskapsgeskiedenis nie. Al meer predikante in die Afrikaanse kerk kry nou skielik die selfvertroue om hulself as voorvegters vir rasionalisme, humanisme, ateïsme, agnostiek, deïsme, panenteïsme, neoteïsme en verskeie variasies hierop wat hulle sommer so self munt, voor te hou.

Die wyse waarop hulle hulself tot nuwe bevrydingspredikers maak, is ook min of meer dieselfde. Hulle wil mense bevry van dít wat hulle fundamentalisme noem. Hulle raak dadelik wetenskaplik en vaag sou hulle gevra word wat fundamentalisme is, maar terselfdertyd weet hulle dadelik instinktief wie 'n fundamentalis sou wees. Die ironie is dat fundamentalisme al die variasies van die afgodsdiens van die moderne Christelikheid is wat hulle eers self verkondig het teenoor die ware geloof in Christus. Nou is hierdie verligtes skielik die mense wat almal wat hulle in hierdie afgodsdiens ingelei het of gelos het, belaglik, eenvoudig, agterlik en verspot maak. Dit is nie toevallig dat afgodsdiens in die Ou Testament deurlopend as prostitusie voorgehou word nie. Dit beskryf die minagting waarin God en

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

mense eers vir begeerlikhede bemin word, maar nadat hierdie begeertes uitgewoed is, God en mens net so geminag word soos 'n man 'n vrou wat hy vir sy begeertes misbruik het, minag.

Hierdie verligtes wys egter nooit op die verskil tussen identifikasie met God en die openbaring van God in sy Woord nie. Die wyse waarop hulle mense, wat só met God identifiseer, konfronteer is nooit deur die waarheid van die Woord van God aan hierdie mense te bedien nie. Hulle hanteer nooit identifikasie met God as die werklike probleem nie. Hulle kan ook nie, want hulle, nes die fundamentaliste wat hulle nou verlig minag, identifiseer hulself ook as goddelik, selfgenoegsaam. Hulle identifiseer hulself nou net sonder God as volkome selfgenoegsaam in hul menslikheid teenoor God. Om sonder God jouself genoegsaam teenoor God te ervaar, is net 'n ander manier om jouself as mens goddeloos goddelik te beleef. Selfgenoegsaam in jou menslikheid sonder God, in plaas van selfgenoegsaam goddeloos in die goddelikheid van Jesus, is presies dieselfde goddeloosheid.

Hierdie predikers vind nie hul vryheid teenoor dit wat hulle as fundamentalisme minag in God se Woord nie. Hulle minag die Bybel self as net vertellinge van godservarings. Die rede hiervoor is dat hulle nie meer glo aan die Woord van God, of aanvaar dat God Homself as God deur die Bybel openbaar nie. Hulle het die Bybel van alle openbaring ontledig om net 'n boek te wees van die godsverhale van mense wat met God geïdentifiseer het. Daarom word hul identifikasie met God ook nooit as afgodsdiens aangespreek nie. Hulle relativeer alles waarmee hulle die spot dryf of as agterlik minag, as die mense se reg om God te aanbid soos hulle wil. Dit is die belaglike en verspotte God van fundamentaliste!

Hulle vind hul vryheid om goddeloos te wees, vry van God, in die mens en die skepping se absoluutheid. Hulle vind dit in die filosofie: in die mens se mens- en wêreldbeskouing, en die verskille en verandering in die mens se mens- en wêreldbeskouing. Hulle vind dit in die wetmatigheid van die natuur. Hulle vind dit in die wetenskap: die evolusieleer, die sterrekunde en kenteorieë. Hulle vind dit in die mens se redelike en tegniese vaardighede. Hulle vind dit in die insigte van die sielkunde, psigologie en sosiologie; in die prestasies van die mediese wetenskap en die ingenieurstegniek.

Met hierdie meerdere insigte en kennis van die mens en die skepping bevry predikers hulself en hul nuwe volgelinge van "fundamentalisme". Deur hierdie meerdere wetenskaplike en kosmiese kennis is hulle verhewe bo die verspotheid om met God in en deur Jesus te identifiseer; dit wat hulle self bedryf en verkondig het.

Maar wat van die geloof in Jesus Christus wat die Here is, geloof in die Here wat iets anders is as die verspotheid om met God te identifiseer? Hieroor wil hierdie nuwe verligtes nie praat nie. Hierdie gesprek word gewoon net vermy. Op die direkte en openlike vraag of hulle glo dat die Here liggaamlik mens is na sy opwekking uit die dood, of Christus werklik wonders gedoen het, of Christus werklik ewig God is, of ons werklik deel in Christus se plaasbekledende menswees, of God ons met Homself in die offerdood van Christus versoen

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

het,  in kort, op alles wat God as evangelie geopenbaar het, antwoord hulle ontwykend of net binne hul nuwe “wetenskaplike” selfverstaan.

Hoekom? Hoe kan bedienaars van Christus hulself as nuwe bevrydingspredikers sien, maar ontwykend oor Christus wees? Dit gebeur want hul bevryding is die wettelose se bevryding van die inperking van identifikasie met God én godsdiens. Dit is die bevryding van die selfgenoegsame mens van God self, nie net van identifikasie met die goddelikheid van Jesus nie. Die regverdiging om hulle van God self te bevry, lê in hul gemoed juis in identifikasie met God. Omdat die God van hul godlose gemoed die God van die mens se identifikasie met God is, verwerp hulle God asof hulle uit ervaring weet God is niks anders as net die selfervaring van mense nie. En hulle is nou so verlig dat hulle nie meer hierdie selfervaring in God nodig het nie. Die selfgenoegsame is so seker van sy volkomenheid as mens dat hy nie meer nodig het om sekerheid vir sy volkomenheid in die goddelikheid van Jesus te soek nie, maar ook nie in God as God nie. Die gode wat hulle met hul identifikasie met God geskep het, is in hul goddelose gemoed die regverdiging dat daar geen ware God is nie. Dit is hoe die Griekse filosowe hulle bo die Griekse afgode verhef het. Met hul goddelike beginsels het hulle hul van die beeldediens van die gemeenskap vrygemaak! Maar goddelikheid in beelde en goddelikheid in beginsels en wetmatighede is net twee variasies van identifikasie met God.

Waar het hierdie goddeloses skielik in Suid-Afrika die krag en mag gevind om sonder God se goddelikheid in hul selfgenoegsaamheid seker te wees? Die antwoord lê in die koms van ’n nuwe godlose en wettelose staat. Dit was die regte oomblik in hul gemoed om as die wettelose te verskyn; om profeet vir hierdie goddelose en wettelose staat te wees; om alles wat hierdie staat wil wees, goed te praat en as nuwe moraliteit te regverdig, as synde beter as die ou goddelikheid van Jesus.

Instinktief is hulle reg. Die moderne Christelikheid het in die tyd van Afrikanermag die Afrikaanse gemeenskap oortuig om met God te identifiseer volgens hul twee godservarings. Met die koms van ’n nuwe godlose staat moes die moderne Christelikheid tot verantwoording gekom het vir hierdie gelykstelling en die skade wat hierdie gelykstelling aangerig het. Dit beteken dat die geestelikes deur die nuwe magstaat tot verantwoording vir hul goddelikheid gebring moes gewees het. Hulle moes voor die Waarheid-en-versoeningskommissie verskyn het. Maar in hul gewetenloosheid maak hulle hulself in hierdie geestelikheid die waarheid-en-versoeningskommissie teenoor die gemeenskap wat hulle mislei het.

Daarom was die magsverandering van die staat die regte tyd vir die goddeloses om as wettelose te verskyn. Hierdeur kon hulle die vorige staatsbedeling en die Afrikaner self in die beskuldigdebank laat staan vir hul identifikasie met God, sonder dat identifikasie met God ooit as mensvernietigende mag onthul is. Met hul verskyning kon hulle hul aanspreeklikheid vir hul identifikasie met God afskuif op “Calvinisme”, “fundamentalisme”, “die Afrikaansheid van Afrikaners”, en enige iets anders; alles behalwe hul identifikasie met God.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die staatsverwisseling was in die Afrikaanse gemeenskap die regte tyd vir die wettelose om die kleed van die moderne Christelikheid af te gooi. Die Christelik kerk het in Suid-Afrika die magsposisie wat dit vir hierdie geestelikes gegee het, verloor. Dit was die mag om geestelike staatsprofete te wees. Daarom vind hulle nou skielik die verligtheid om nie meer hierdie mag in die Christelik kerk te soek nie, maar te minag vir die onmag waarin dit teenoor die wettelose staat en gemeenskap staan.

Hul verligting is egter nie bevryding uit identifikasie met God nie. Daarom stel hulle nie die probleem van fundamentalisme as identifikasie met God aan die orde nie. Hulle wil nie van identifikasie met God bevry word nie. Hulle wil net van die identifikasie met Jesus se goddelikheid bevry word, want waarvoor hulle voor die staatsverwisseling Jesus in hul goddeloosheid misbruik het, doen hulle in die nuwe godlose staat nou selfversekerd sonder Jesus. Soos hulle in Jesus net 'n rolmodel van goddelikheid teenoor God gevind het, terwyl God vir hulle niks was nie, vind hulle nou die krag van hul selfgenoegsaamheid sonder God in die idees van die wetenskap, die ritme van die natuur, die skoonheid van die skepping, die selfversorging van die menslike tegniese vernuf, die goedheid van ongelowige mense, die redelikheid, die billikheid, integriteit en opregtheid van die goddelose mens.

Hul nuwe geestelikheid is om uit die skepping en die mens die selfversekerdheid van hul selfgenoegsaamheid as mens te vind: uit die mens, deur die mens en tot die mens is alles. Dit was voorheen deur Jesus se goddelikheid die geval, maar nou sonder die goddelikheid van Jesus. Daarom word hulle nou skielik almal profete van "onsekerheid" en "twyfel", waar hulle almal voorheen sekerheid oor die goddelike ervaring in Jesus gepreek het. Waaraan wil hulle mense nou laat twyfel? Hulle wil mense laat twyfel aan die absoluuthede waarin hulle met God in en deur Jesus geïdentifiseer het. Om dit te kan doen, moet hulle weer hulself voorhou as bekeerdes. Hulle wat mense in hierdie absolute sekerheid van Jesus se goddelikheid met God een laat wees het, moet nou probeer om hulself te regverdig in die lig van die twyfelagtigheid van die "sekerhede" wat hulle gepreek het. En dit doen hulle met "verligte" bekerings.

Dit doen hulle deur voor te hou asof hulle 'n nuwe godlose en menslike nederigheid gevind het. Hul gewaande nuwe nederigheid is om goddeloos te wees. Met hierdie nuutgevonde nederigheid is hulle weer te magtig om God vir sy beloftes te vertrou. Hul nuwe twyfelagtigheid oor God is nou hul krag. Om God nie vir sy beloftes te kan vertrou nie, mag maar, want dit is volgens hulle regtig menslik om God vir sy Godwees te wantrou. Dat hierdie wantroue God onteer en hul menslikheid verwring, is weer eens nie vir hulle 'n probleem nie, want dit het vir hulle nog nooit om God se eer gegaan nie. Hulle het net in hul selfgenoegsaamheid so seker geword, dat hulle nou sonder Jesus se goddelikheid daarvan seker is.

Hul nuwe reg op twyfel is niks nuuts nie. In hul identifikasie met Jesus se goddelikheid het hulle nie God vir sy beloftes vertrou nie. Daarom hoef hulle nou sonder die goddelikheid van Jesus nog steeds nie die beloftes van God as werklikheid en waarheid in hierdie wêreld te glo

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

nie, want geloof in God se verbondsonderneming stel hulle weer voor God wat uit Homself, deur Homself en tot Homself God is. En só het hulle God in die moderne Christelikheid, waarvan hulle deel is, nog nooit geglo en aanvaar nie. Dit het hulle nog altyd betwyfel in die sekerheid van hul goddelikheid in Jesus.

Die afgooi van die goddelikheid van Jesus as manier om selfgenoegsaam mens in God te wees, is nie "nuwe godsdiens" nie. Dit is net die verskyning van die wettelose, net soos die Here se derde versoeking in die woestyn nie 'n nuwe soort versoeking was nie. Dit was net die afgooi van die skyn van godsdiens in die eerste twee versoekings. Die moderne Christelikheid is die afgodsdiens wat die wettelose gebruik het om met God te identifiseer, maar nou kan verskyn as die een wat sonder die kerk van die Here met sy eie selfgenoegsaamheid kan identifiseer. Hierdie mense was nog nooit met iets anders as goddeloosheid besig nie. Hul verwerping van afgodsdiens, is maar net die vryheid van goddeloosheid. Hulle wil nou nie meer godsdienstig goddeloos wees nie. Hulle wil nou nét goddeloos wees, net soos wat hulle voorheen van godsdiens vry was deur hulle godsdienstige goddeloosheid.

Net so maklik as wat hulle hul afgodsdiens nou afgooi om openlik goddeloos te wees, sal hulle egter weer hulself met 'n nuwe selfontwerpte afgodsdiens beklee as hulle voor die gevolge van hul eie goddeloosheid moet staan. Dan sal hulle weer in die kerk invlug op húl voorwaardes: om die kerk 'n plek te maak om in die goddelikheid van Jesus hulself weer te kan bemagtig.

Dit is die bipolêre gemoed van die wettelose, afgodsdiens en goddeloosheid, godsdienstige goddeloosheid of net openlike goddeloosheid, opportunisties na willekeur, na geleentheid, na belange. Dit is die verharde sondaar wat nooit in God kan glo en God nooit kan liefhê nie. Dit is die godsdiens van die moderne Christelikheid.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

# HOOFSTUK 16: DIE EVANGELIE EN DIE WET: TWEE SOORTE CHRISTELIKE BEKERINGS

Wie God is, bepaal waarvan en waartoe sondaars hulle moet bekeer. Daar is twee soorte Christelike bekerings. God openbaar sy liefde in die evangelie. Daarom is geloof in Christus die Messiaanse bekering: dit is 'n wegkeer van die wet en wetsonderhouding, net tot Christus, net tot wat Hy is en doen. God openbaar die liefde wat Christene moet uitleef in die nuwe wet. Die tweede soort bekering is die wegkeer uit die liefdeloosheid wat die wet verbied tot die liefde wat die wet vereis. Moderne Christelikheid verdraai altwee Christelike bekerings. Die Messiaanse bekering verdraai hulle as die wegkeer van Christus tot wetsonderhouding, en die bekering volgens die wet, verdraai hulle as die wegkeer van die liefde wat die wet vereis tot identifikasie met God wat die wet verbied.

**1.Die geestelike aanval op kerk en gemeenskap – bekering!**

Die moderne geestelikheid se geestelike aggressie teen die Christelike kerk en Christelike gemeenskap fokus in die woord bekering. Die moderne geestelikheid preek nooit dat ongelowige mense net tot geloof in Christus moet kom om in die volle verbondsliefde van God te deel nie. Dit preek dat gelowige Chrístene tot bekering moet kom.

Hulle val Christene aan as sou hulle onbekeerd wees. "Is jy bekeerd? Het jy al tot bekering gekom? Wanneer het jy tot bekering gekom? Het jy al waarlik tot bekering gekom? Was jou bekering eg? Het jy al met die nuwe bekering bekeer? Het jy al met die verligte bekering bekeer?", is die tipiese vrae waarmee hulle gelowiges konfronteer. Enige terughoudendheid, onsekerheid of huiwering op hierdie konfrontasie oor bekering word dadelik gesien as teken van onbekeerdheid. Bekeerdes moet altyd seker wees van hul bekeerdheid! Só glo hulle.

Dit is die wyse waarop geestelikes elke nuwe godservaring wat hulle voorleef deel van Christene se lewe wil maak: Christene moet hul onbekeerdheid erken en hulle bekeer tot die nuwe herleefde, verligte, vernuwende godsidee, godsbelewenis of godsgevoel in die geestelikheid van goddelikes.

Dat mense gewoon net huiwerig in al hierdie geestelike konfrontasies is omdat die bedoeling van die woord "bekering" gewoonlik net onduidelik is, val buite die verwysingsraamwerk van selfversekerde geestelikes. En dit is juis hoekom die meeste mense terughoudend reageer in hierdie direkte konfrontasie oor of, wanneer en hoe jy tot bekering sou gekom het.

Dat gelowiges huiwerig kan wees omdat 'n gelowige se bekering nooit is soos dit moet wees nie, dat jy nooit werklik ten volle bekeer soos jy moet bekeer nie en in die bekering waarmee jy bekeer nooit ten volle bekeerd is nie, val totaal buite die verwysingsraamwerk van dié geestelikes.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**2.Die inhoud van die woord "bekering" in die Bybel word bepaal deur die wet en die evangelie.**

Die woorde wat vir "bekering" in die Bybel gebruik word, is nie spesifieke Christelike woorde nie. Dit is woorde wat ook buite Bybelse verband gebruik was. Die woord self het geen spesifieke geestelike betekenis nie, behalwe dat dit beteken om weg te keer van en toe te keer tot. Daarom die betekenis van omdraai, omkeer of wegkeer.

Waarvan weggekeer word en waarheen toegekeer word, word nie deur die woord "bekering" bepaal nie. Wie God is, bepaal die inhoud van die woord "bekering". Nie wie en wat die mens is nie, want dit is tot God wat die mens bekeer. Daarom bepaal die inhoud van die Skrif wat die woord "bekering" beteken. Die inhoud van die openbaring van God in die Skrif bestaan altyd uit die evangelie en die wet. Dit is God se verbondsbeloftes en God se verbondseise. Daarom word die begrip bekering se inhoud altyd bepaal deur die inhoud van die wet en die inhoud van die evangelie.

Die inhoud van die wet en die evangelie is totaal verskillend. Dit het ons in punte 6 en 7 in Hoofstuk 1 behandel. Die wet kan nie die evangelie wees nie. Die evangelie kan nie die wet wees nie. Die wet en evangelie is ook nie maar net twee kante van dieselfde saak nie. Dit is godsdienstig twee heeltemal verskillende sake.

As die woord "bekering" in die Bybel gaan oor die evangelie, sal dit daarom iets heeltemal anders beteken as wanneer die woord "bekering" oor die wet en gehoorsaamheid gaan.

Om te weet wat die Bybel bedoel wanneer die woord "bekering" gebruik word, mag ons nie ons ervaring van bekering of geestelikes se vertellings oor hul bekeringsbelewenisse gebruik om die Bybel te lees nie. Ons moet kyk waaroor die Skrifgedeelte gaan en dan die woord "bekering" vanuit die Skrif self verstaan.

3.**Bekering as antwoord op die evangelie**.

In Handelinge 2 is dit duidelik wat bekering as antwoord op die evangelie beteken. In Handelinge 2, verse 14 tot 36 preek Petrus die evangelie. Hy verkondig dat Jesus Christus die Here is wat die Abrahamsbelofte van die Gees waarmaak. Hy verkondig dat Christus die gawe van die Gees gee, deur sy uitlewering aan Pontius Pilatus, sy kruisiging, sterwe, opstanding en verhoging aan die regterhand van God. Hy verkondig die evangelie soos die kerk dit vandag bely in die apostoliese geloofsbelydenis, oftewel die Twaalf Artikels.

In hierdie preek is daar geen verwysing na die wet nie. Daar is geen beskuldiging van enige wetsoortreding nie. Daar is geen oproep tot wetsgehoorsaamheid nie. Daar is geen oproep tot skuldbelydenis, berou of gehoorsaamheid aan die wet nie.

Dit is net die verkondiging van die evangelie. Dit is die evangelie wat die Jode so diep getref het. Hoekom tref die evangelie oor Jesus se lyding en opstanding hulle so diep? Dit was omdat hulle gehoor het dat die belofte van die Heilige Gees op 'n ander wyse deur Christus

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

waargemaak word as wat hulle besig was om die beloftes in die Abrahamsbelofte vir hulleself waar te maak. Die Jode het geweet dat die belofte van die Gees die vervulling van die Abrahamsbelofte was.

Na die aanhoor van die evangelie, en die diep impak dat Christus hierdie beloftes vervul, vra die Jode wat hulle moet doen. Petrus antwoord hulle: "Bekeer julle". Bekering is die oproep om jou weg te keer van wat verkeerd is en jou toe te keer tot wat reg is. Waarvan moet die Jode by die tempel hulle wegkeer? Waarheen moet hulle hul toekeer?

Dit is die nuwe van die oproep tot bekering as evangelieverkondiging! Die Jode was tydens die Pinksterfees besig om hulle van hul sonde na die wet toe te bekeer. Dit is wat hulle in die tempel gedoen het. Hulle het hulle van hul sonde na die wet bekeer: deur sondebelydenisse, sonde-erkennings, berouvolheid, verootmoediging en deur hulle opnuut te verbind tot nuwe gehoorsaamheid aan die wet. Dit het hulle gedoen om hulself vir God te regverdig. Dit is wat die Jode doen: om hulle deur hierdie bekerings van sonde na die wet toe vir God te regverdig. Die Jode was besig om van sonde na die wet toe te bekeer toe Petrus die evangelie aan hulle begin verkondig het.

As Petrus vir hulle as Jode sê: "Bekeer julle", dan is dit totaal iets anders as die bekerings waarmee hulle besig was. Petrus sê hulle moet hulle wegdraai van die bekerings waarmee hulle besig is, en na Christus toe keer. Dit is die evangeliese bekering: om van sonde vergewe te word, moet jy wegdraai van die bekerings volgens die wet van God en jou net na Christus toe keer.

Wat hulle deur hul sondebelydenisse, berou en ondernemings om weer gehoorsaam te wees wou doen, om vergifnis te kry, en om vir God regverdig te wees, moes hulle uitlos. Hulle moes vir vergifnis en regverdigmaking na Christus, wat uitgelewer, gekruisig was, gesterf het en uit die dood opgestaan het, toekeer.

Die woord "bekering" in Handelinge 2:38: "Toe antwoord Petrus hulle: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe, en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang. 39Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep.", beteken om nét in Christus te glo. Christus sal die verbondsbeloftes waarmaak vir hulle wat van die wet, en alles wat hulle volgens die wet doen, wegdraai na Hom toe, en net Hom vertrou om deur sy lyding en opstanding die verbondsbeloftes van vergifnis en die Gees waar te maak.

Geloof in Christus ís bekering!

Dit het ons ook in Hoofstuk 11 punt 14 in Paulus se bekering volgens Filippense 3 gesien. Paulus beskryf hierdie geloof in Christus in Romeine1:16: "WANT ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

vir die Griek.[17] Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, ..." (1953-AV) In Filippense 3:5-9 beskryf Paulus hierdie selfde geloof só

> Ek is besny op die agtste dag, uit die geslag van Israel, uit die stam van Benjamin, 'n Hebreër uit die Hebreërs; wat die wet betref, 'n Fariseër;[6] wat ywer betref, 'n vervolger van die gemeente; wat die geregtigheid in die wet betref, onberispelik.[7] Maar wat vir my wins was, dit het ek om Christus wil skade geag.[8] Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry[9] en in Hom gevind te word, nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof;

Om net in Christus te glo om vergewe te wees, dit is, om geregverdig te wees, beteken dat Paulus as Jood hom moes wegkeer van alles wat hy as Jood gedoen het om geregverdig te wees. Hy moes wegdraai van die waarde wat hy aan die besnydenis gegee het, sy toewyding om volgens die wet van God 'n egte Hebreër te wees en om volgens die wet geregverdig te wees. Hy moes hom dus wegkeer van al die bekerings wat hy volgens die wet gehad het om vir God reg te wees. Om net in Christus te glo dat Hy deur sy lyding en opstanding al die verbondsondernemings van God uitvoer, is altyd 'n bekering. Geloof is die wegkeer uit die geloof in die wet, en my bekerings volgens die wet, net na Christus, sonder my bekerings volgens die wet.

Die bekering wat Paulus in Filippense 3 beskryf, naamlik om van die bekerings volgens die wet weg te keer en net op Christus te vertrou om vir God reg te wees en reg te leef, is die bekering waartoe Petrus die Jode op Pinksterdag by die tempel oproep. Dit is ook die betekenis van die woord bekering in die Evangelies van Matteus, Markus en Lukas en in die prediking van Johannes die Doper en Jesus se oproep tot bekering wanneer Hy sy werk as Messias begin.

Die Messiaanse bekering is nét geloof in Christus. Dit is om weg te keer van al jou bekerings volgens die wet en nét op Christus te vertrou om jou vir God reg te maak en reg te laat wees. Wie glo, bekeer. Want glo is bekeer. Net geloof in Christus om geregverdig te wees, sonder bekerings volgens die wet, is die nuwe Messiaanse bekering.

### 4.**Bekering as antwoord op die nuwe wet**

Die oproep op gelowiges tot gehoorsaamheid aan die wet in die Bybel is altyd die oproep tot gehoorsaamheid aan die nuwe wet van God. Die nuwe wet is die Tien Gebooie bínne God se verbondsbeloftes, binne God se genade, in mense se vereniging met Christus. Daarom word die Tien Gebooie God se verbondsvoorskrifte genoem. Dit is die voorskrifte waaraan mense verbind is vir wie God sy verbond waar maak en waar hou. Binne die verbond van God is gelowiges aan die nuwe wet verbind. Volgens die nuwe wet moet hulle hulle ook bekeer. Bekering beteken egter nou heeltemal iets anders. In 2 Konings 17 word dit só gestel:

> Die Here het Israel en Juda deur elke profeet en siener gewaarsku: "Bekeer julle van julle verkeerde paaie. Kom my gebooie en voorskrifte na volgens die hele wet wat Ek julle voorvaders beveel het, wat Ek deur my dienaars die profete aan julle gegee het." [14]Maar hulle wou nie luister nie; hulle was net so

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> hardkoppig soos hulle voorvaders wat ook nie op die Here hulle God vertrou het nie. [15]Hulle het sy voorskrifte en sy verbond verwerp wat Hy met hulle voorvaders gemaak het. Sy waarskuwings het hulle in die wind geslaan, hulle het agter afgode aangeloop wat niks is nie en so het hulle self niks geword. Hulle het geleef net soos die heidennasies om hulle, iets wat die Here hulle beveel het om nie te doen nie. (2 Kon. 17:13-15)

Bekering in hierdie gedeelte beteken om jou van sondes weg te keer; om jou weg te keer van die dade en lewenswyse wat in stryd met die Tien Gebooie is. Jy moet hierdie dade en lewenswyse as sondig erken, en omdat dit teen die wil van God is, moet jy jou in berou wegkeer van hierdie dade en lewenswyse. Bekering in hierdie gedeelte beteken om jou van sonde weg te draai en jou na die wet van God toe te keer, om jou van wetsverbreking te draai na wetsonderhouding, om jou van sondes te draai na die nakoming van God se gebooie en voorskrifte.

Dit is ook die betekenis van die woord bekering soos wat dit in Esegiël 33:14,15 aangetref word: "En wanneer Ek vir 'n goddelose sê hy sal sekerlik sterwe, en hy bekeer hom van sy sonde en hy laat reg geskied en doen reg, [15]hy gee die goed terug wat hy as waarborg vir skuld gevat het, hy betaal terug wat hy geroof het, hy lewe volgens die voorskrifte wat lewe gee en hy pleeg nie onreg nie, sal hy lewe, hy sal nie sterwe nie."

Bekering volgens die nuwe wet van God, sy verbondswet, beteken om jou van jou sonde weg te keer en jou tot gehoorsaamheid aan die wet toe te keer. Dit is om die onreg en ongeregtigheid wat jy doen, te los en die reg en geregtigheid van die wet te doen.

Die Tien Gebooie bepaal die inhoud van bekering. Waarvan jy jou in bekering moet wegkeer, is alles wat die wet as sonde stel. Waarheen jy jou moet toekeer, is alles wat die wet wys reg en geregtigheid is. Bekering volgens die verbondswet, die nuwe wet, is altyd die wegkeer van sonde en die toekeer tot die wet van God.

**5. Die Bybel leer twee soorte bekerings**

Die Bybel leer ons van twee soorte bekerings wat al twee reg is en deel van gelowiges se lewe is. Dit is twee soorte draaie; nie een soort draai, twee keer gedraai nie. Twee soorte draaie aanmekaar, aanhoudend gedraai. Die een soort bekering is 'n wegdraai van die wet na Christus toe. Die ander soort bekering is 'n wegdraai van sonde na die wet van God toe. Twee soorte bekerings wat elke dag, die hele dag, deel van die lewenswyse van Christene is.

Ons kan hierdie twee soorte bekerings toelig met die voorbeeld van die aarde wat om die son draai. Die aarde maak twee soorte draaie om die son. Die eerste draai is die wentelbaan waarmee die aarde elke jaar een keer om die son draai. Die ander draai is die draai wat die aarde elke vier-en-twintig uur om sy eie as maak. Die draai om die son bepaal die seisoene van die jaar. Die ander draai bepaal dag en nag.

Die aarde moet die hele tyd besig wees om hierdie twéé draaie te maak. Die draai om die son is nie maar net een keer nie. Dit is aanhoudend. Jaar na jaar. Die draai om sy eie as is ook nie

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

maar net per geleentheid nie. Dit is aanhoudend. Dag vir dag. Dit is hierdie vaste wentelgang van twee aanhoudende draaie wat lewe op aarde moontlik maak.

Die son se aantrekkingskrag maak dat die aarde al twee van hierdie draaie maak. Dit is die aantrekkingskrag van die son wat die aarde in 'n vaste wentelbaan om die son hou. Maar dit is ook die aantrekkingskrag van die son wat die aarde 'n as gee waarom die aarde elke dag kan draai.

Christus se vereniging met sondaars plaas sondaars in 'n vaste wentelbaan om Christus waarin hulle elke dag twéé soorte draaie, dit is bekerings, maak. In die eerste bekering draai Christus sondaars weg van die wet na Hom en sy lyding en opstanding toe. Die draai wat mense na Christus maak, is om net in Christus te glo om deel van God se liefde en genade te wees. Hierdie geloof in Christus is 'n aanhoudende bekering. Gelowiges moet met elke sonde wat hulle doen en elke toewyding waarmee hulle die Here wil vereer, wegkeer van die wet na die lyding en opstanding van Christus toe. Hierdie bekering, geloof in Christus, plaas die gelowige in die vaste baan rondom Christus: laat die Christen leef in die vereniging met Christus.

Christus se vereniging met sondaars verbind hulle ook aan die nuwe wet van Christus. (Rom.8:2, 1 Kor. 9:21, Gal.6:2) Christus gee vir Christene die vaste as waarom hulle die hele tyd kan draai: die nuwe wet van God. Daarom kan Christene die hele dag hulle wegkeer van sonde na die wet van God toe. Christus se vereniging, net soos die aantrekkingskrag van die son op die aarde, gee hulle hierdie vaste wentelbaan om die wet van God. Hulle kan hulle die hele tyd van sonde wegkeer en tot gehoorsaamheid aan die wet toekeer.

Hierdie twee draaie, oftewel bekerings van die Christelike lewe stel Jeremia só in Jeremia 31:

> "18Ek het duidelik gehoor hoe Efraim kla: "U het my gestraf, ek is ingebreek soos 'n kalf wat mak gemaak is. Bring my terug na U toe dat ek my kan bekeer, want U is die Here my God."

Vergelyk dit met die weergawe in die 1953-vertaling:

> "...Bekeer my, dan sal ek my bekeer, want U is die HERE my God..") ....

In verse 31-33 vervolg hy so:

> Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit. 32Dit sal nie wees soos die verbond wat Ek met hulle voorvaders gesluit het toe Ek hulle aan die hand gevat en uit Egipte laat trek het nie gee ons weer die bestaan van vroeër Hulle het daardie verbond wat Ek met hulle gesluit het, verbreek al was Ek getrou aan hulle, sê die Here. 33Dit is die verbond wat Ek in die toekoms met Israel sal sluit, sê die Here: Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees.

In Klaagliedere 5:21 herhaal Jeremia hierdie oproep: "Bekeer U ons tot U, Here, dat ons bekeer kan wees."

Bekeer my, dan sal ek my bekeer! Bekeer ons dat ons bekeerd kan wees! Bekeer U ons tot U dat ons bekeerd kan wees! Hierdie sinne mag dalk só vertolk word: God en ek moet dieselfde

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

draai maak. Hy moet die proses net begin, dan sal ek self verder draai. Hierdie uitleg is egter glad nie moontlik nie. Die gebed, “draai my na U toe”, is die gebed dat die Here die verbondsbeloftes sal waarmaak. Daarom staan vers 18 in direkte verband met verse 31-34 in Jeremia 31. “Bekeer my”, is die gebed dat God alleen sy verbondsbeloftes van vergifnis, ’n nuwe hart en verstand wat die wet kan onderhou, ’n nuwe wet wat onderhoubaar is en die gawe van die Gees sal gee. Daarom is die gebed, “draai my om”, die gebed om die vervulling van die Abrahamsbelofte.

Dit is die gebed dat God my in sy liefde sal indraai waar Hy nie my sondes sal straf nie en my gehoorsaamheid sal aanvaar. Dit is die gebed dat God die vrees vir God in my sal verdryf en my ’n innerlike vreugde in God en sy wil sal gee. Hierdie gebed is ’n geloofstoekeer tot God om sy verbond vir my as sondaar waar te laat wees. Dit is ’n toekeer in geloof tot God vir wat ek nie waar kan laat wees nie: vergifnis en ’n nuwe gehoorsaamheid waarin God ’n behae sal hê. Hierdie gebed is ’n wegkeer van wetsgehoorsaamheid as ’n manier om deel van God se verbond te wees.

“Bekeer my” is die eerste draai waarmee Jeremia hom uit geloof tot geloof in God se verbondstrou draai. God alleen draai hom in sy verbondsbeloftes in. Geloof is die bekering waarmee Jeremia hom tot God se liefde en genade keer.

Daar is egter twee soorte draaie: “Bekeer my, dan sal ek my bekeer.” Hierdie gebed is: “draai my in u liefde in sodat ek my binne u liefde van my sonde kan bekeer.” Omdat God my in sy liefde inkeer, en ek uit geloof in hierdie liefde ingekeer is, gee God aan my ’n vrymoedigheid dat my sonde vergeef is en gee Hy my ’n innerlike vreugde in sy wil. Uit hierdie verbondsgawes kan ek my dan van my sonde tot God se wet keer: van my sonde omdat dit vergeef is en na God se wil omdat dit ’n nuwe wet is waarin ek die vreugde kan ervaar dat God my gehoorsaamheid as volmaak aanvaar.

Dit is presies hoe Esegiël ook hierdie twee bekerings in Esegiël 36 beskryf:

> Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi sodat julle rein kan word. Ek sal julle reinig van al julle onreinheid en van al julle afgodery. 26Ek sal julle ’n nuwe hart en ’n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle ’n hart van vleis gee. 27Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom. ... 31Dan sal julle terugdink aan julle bose optrede en julle gedrag wat nie goed was nie, en julle sal ’n afsku hê van julleself oor julle sonde en julle afskuwelike dade.(Eseg.36:25-27;31)

God keer ons in sy verbondsliefde in en reinig ons, gee ons ’n nuwe hart en gee ons die gawe van die Heilige Gees. Die wyse waarop ons hierdie inkeer aanvaar, is om te glo in God se vervulling van sy verbondsbeloftes. Dit is om weg te keer uit ons poging om onsself vir God te reinig, ons hart vir God reg te laat wees, ons hart vir God te verander of God se Gees self te ontvang. Dit is ’n wegkeer van die wet tot God se verbond. Ons bekeer hierdie bekering net deur geloof.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

En deur hierdie inkeer in sy verbond maak God dat ons ’n tweede draai kan maak: nou kan ons ons eie dade as sonde herken en in ons eie sonde ’n afsku hê. Dit is die tweede soort draai: om van sonde na die wet van die Here te draai.

**6.Die karakter van die twee Christelike bekerings**
Elke bekering in die Christelike godsdiens het ’n eie karakter. Die evangelie gaan oor God se liefde vir sondaars. Die wet gaan oor gelowiges se liefde vir God.

Die bekering of draai deur die evangelie se eie karakter word só in Romeine 1:17 beskryf: “Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe.” Die eerste soort draai waarmee Christene die hele tyd draai is uit geloof tot geloof. Paulus beskryf hierdie draai in Romeine 6:8 só: “[8]Ons het saam met Christus gesterwe; daarom glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe.” Uit geloof in Christus deel ons sy sterwe en is al ons skuld en oortredings reggemaak. Tot geloof in Christus beteken dat ek verbind is om die regte lewe, wat Christus leef, met Hom te deel en daarom is die lewe wat ek vir God leef ook reg. Uit geloof leef ek vry van sondeskuld tot geloof in my lewe en diens wat vir God in Christus goed is. Daarom is die eerste bekering ’n lewe uit geloof in God se liefde en ’n lewe tot die liefde van God. Reg vir God; uit geloof tot geloof. Die gelowige draai homself altyd tot geloof uit geloof en dit is net geloof in God se liefde alleen.

Die karakter van die tweede soort bekering, bekering van sonde tot wetsgehoorsaamheid, beskryf Paulus in 2 Korintiërs 7:9-11:

> Nou is ek egter bly, nie omdat ek julle hartseer gemaak het nie, maar omdat ek julle so hartseer gemaak het dat julle tot inkeer gekom het. Julle was immers hartseer soos God dit wou hê. Ons het julle dus in geen opsig benadeel nie, [10]want droefheid volgens die wil van God bring bekering wat tot redding lei, en daaroor was niemand nog ooit jammer nie. Daarteenoor bring droefheid uit wêreldse oorwegings die dood. [11]Kyk net wat die ervaring van droefheid volgens die wil van God aan julle gedoen het. Nou is daar by julle erns; meer nog, daar is verantwoording, verontwaardiging, ontsag, verlange, ywer en bestraffing van die kwaad. In elke opsig het julle bewys dat julle in hierdie saak onskuldig is.”

Die bekering volgens die wet gaan oor droefheid uit liefde tot liefde. Hierteenoor staan boetedoening wat nie bekering is nie. Boetedoening is droefheid uit wêreldse oorwegings. Die droefheid in boetedoening gaan oor selfbejammering uit vernedering tot onderwerping. Dit is heeltemal iets anders as droefheid uit liefde tot liefde. Daarom is boetedoening ’n valse bekering.

Hartseer en selfbejammering is nie dieselfde nie. Dit blyk duidelik uit ’n vergelyking van Josef se broers se berou in Genesis 50 met die hartseer tussen Paulus en die gemeentelede van Korinte.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Josef se broers se selfbejammering word só gestel:

> Na hulle pa se dood het Josef se broers gevra: "En as Josef nog steeds 'n grief teen ons het en ons nou gaan terugbetaal vir al die kwaad wat ons hom aangedoen het?" [16]Daarom het hulle 'n boodskap na hom toe gestuur: "Voor sy dood het u vader beveel: [17]'Julle moet vir Josef vra om tog die groot misdaad teen hom, die onreg wat julle hom aangedoen het, te vergewe.' Vergeef ons tog nou die misdaad. Ons dien ook die God van u vader." Josef het gehuil oor wat hulle vir hom laat weet het.[18]Daarna het die broers na Josef toe gegaan en voor hom op hulle knieë geval en gesê: "Hier is ons voor u. Ons is u slawe." [19]Maar Josef het hulle geantwoord: "Moenie bang wees nie. Ek is nie God nie. [20]Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen: Hy het gesorg dat 'n groot volk nou in die lewe gebly het. [21]Moenie bang wees nie. Ek sal sorg dat julle en julle kinders kos het."Josef het hulle jammer gekry en hulle gerusgestel." (Gen.50:15-21)

Hul selfbejammering gaan oor die magteloses se vrees vir die gegriefdheid van magtiges. Hulle is bang vir die kwaad wat hulle Josef aangedoen het. Selfbejammering gaan oor die vrees vir die mag van vergelding. Selfbejammering gaan oor onderhandelde skikkings. Dit skik tussen die skuld van die magtelose en die grief van die magtige. Selfbejammering gaan oor die onderwerping in selfvernedering van die skuldenaar aan die willekeurigheid van die skuldeiser. Vergifnis in boetedoening is om uit die guns van die skuldeiser te leef en die vernieling van oorheersers se magslus gespaar te bly. Selfbejammering is droefheid uit wêreldse oorwegings.

Josef se reaksie wys hoe misplaas, onvanpas en teleurstellend hul boetedoening is. Hy aanvaar glad nie hul boetedoening nie. Hy vergeef hulle ook nie volgens hul berou nie. Inteendeel, hy huil hartseer oor hul berou/jammerte. Josef aanvaar nie sy broers se boetedoening nie omdat godsdiens niks met boetedoening te doen het nie. Godsdiens gaan oor liefde uit geloof in die goedheid van God. Daarom stel Josef dat God die kwaad, wat hulle wou doen, gebruik het om goed te doen. Uit hierdie geloof in God se goedheid is al wat daar vir hulle oorbly om te doen, om mekaar lief te hê. Daarom stel hy dat hy vir hulle en hul kinders kos sal gee. Liefde kan nooit gaan oor onderwerping uit skuld aan die willekeur van magtiges nie. Josef huil oor hul selfvernedering en poging om hulle aan sy mag te onderwerp. Dit misken die liefde wat hy vir hulle het, die liefde wat hy met hulle wil deel en die liefde wat daar tussen hulle kan wees.

Paulus sê hierdie tipe droefheid lei tot die dood. Die dood van wat? Uit die voorbeeld van Josef se broers is dit duidelik die dood van liefde. In selfvernedering kan jy nie ander liefhê soos jy jouself lief het nie. Selfvernederde mense verneder ander mense. In die onderwerping aan die mag en willekeur van jou skuldenaar kan mense mekaar nie as gelykes liefhê nie. In die skuld oor skade en die vrees vir vergelding kan daar nie liefde wees nie. Waar daar vrees is, is daar nie liefde nie. Jammerte, droefheid uit wêreldse oorwegings, maak liefde dood. Boetedoening vernietig liefde.

Hierteenoor staan die Christelike droefheid oor sonde volgens die wil van God. Volgens die Afrikaanse vertaling van 1953 bewerk die droefheid volgens die wil van God 'n "onberoulike

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

bekering": " Want die droefheid volgens *die wil van* God werk 'n onberoulike bekering tot redding, maar die droefheid van die wêreld werk die dood." (2 Kor. 7:10) Droefheid, hartseer volgens die wil van God is hartseer uit geloof in Christus. Dit is 'n hartseer oor sonde sonder enige vrees vir of skuld teenoor God vir sondes wat begaan is. Dit is ook nie hartseer oor die skade van die sonde nie, want uit die geloof in Christus weet gelowiges dat God hulle sal seën en die skade van hul eie sonde hulle en ander ten goede sal laat kom: "Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen". (Gen. 50:20)

Christelike droefheid gaan altyd net oor liefde. Dit is hartseer oor die liefde wat nie geglo is nie. Dit is hartseer oor liefde wat nie gegee is nie. Dit is die werklikheid van die droefheid wat tussen Paulus en die Korintiërs bestaan het. Dit gaan oor die hartseer oor liefde wat geminag is en die hartseer oor liefde wat weerhou is. Werklike hartseer is altyd hartseer uit die liefde wat daar vir mekaar ís.

Hierdie tipe hartseer, die hartseer oor geminagte en weerhoude liefde lei tot "'n onberouvolle bekering". Hartseer uit liefde oor liefde is liefde sonder selfbejammering. Dit is 'n hartseer waar daar geen griewe vermoed word nie, geen vergelding gekoester word nie, geen vrese is nie, geen onderhandelde skikkings gesluit word nie, geen selfvernederende onderwerpings gemaak word nie, geen pogings tot skadevergoeding aangewend word nie en geen posisie van ondergeskiktheid ingeneem word nie.

Hartseer oor sonde is 'n hartseer uit liefde tot liefde. Dit is net hartseer oor verlore liefde. Niks anders nie. En hartseer oor verlore liefde soek net een saak – liefde. Dit is die bekering volgens die wet. Dit is die hartseer waarin daar weggekeer word van alles wat liefde laat verlore raak tot alles wat liefde is. Dit is die werklike betekenis van die wet. Alles wat die wet verbied, gaan oor wat liefde verlore laat raak. Alles wat die wet gebied, gaan oor wat liefde is. Hierdie bekering uit liefde van alles wat liefde verlore laat raak tot die liefde wat ons vir mekaar het, en waartoe ons in die geloof in Christus verbind is, is bekering volgens die wet.

Die bekering volgens die wet gaan nie net oor hartseer uit liefde tot liefde nie. In Romeine 6:12-14 beskryf Paulus die ander deel van hierdie bekering:

> Moet dan nie toelaat dat die sonde nog langer oor julle heerskappy voer en julle die begeertes van julle sterflike aardse bestaan laat gehoorsaam nie. [13]Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as 'n werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie. Nee, stel julle in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil. [14]Die sonde moet nie meer baas wees oor julle nie, want julle staan nie onder die wet van Moses nie, maar onder die genade.

Die bekering uit liefde tot liefde gaan oor diensbaarheid. Dit is 'n wegkeer uit 'n lewe waar God en mense vir sondige begeertes misbruik word en 'n toekeer tot 'n lewe van diensbaarheid. Bekering volgens die wet van God kan nooit restitusie wees nie. Bekering is 'n toekeer net tot diensbaarheid uit liefde.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Restitusie gaan oor die gedienstigheid wat die skade van die sonde wil herstel. Diensbaarheid gaan net oor die toewyding aan die liefdesdiens wat God weer moontlik laat wees.

Diensbaarheid kan nooit sondes wat begaan is, regmaak nie. Diensbaarheid kan nie die skade van sonde herstel nie. Dit was presies wat Josef se broers wou doen - restitusie! Boetedoening wil die skade van sonde herstel deur gedienstigheid. Restitusie is in wese vals. Vir Josef is die verlies van ’n lewe saam met sy pa, die verlies van ’n eie gemeenskapslewe, die verlies van sy eie ideale en geleenthede tussen sy eie mense is onherstelbaar. Geen gedienstigheid kan hierdie verlies van sonde herstel nie.

Die karakter van menslike lewe maak dat die verlies van sonde permanent is. Die mens is in alles wat hy is tydelik en verganklik. Wat die mens in hierdie tydelikheid en verganklikheid deur sonde verloor, is permanent. Die verlies aan kinderjare kan deur niks in volwassenheid teruggebring word nie. Die verlies van lewensgeleenthede en die geleentheid om lief te kan hê, kan nie deur diensbaarheid óf gedienstigheid teruggebring word nie. Daarom kan daar geen restitusie of regstellende aksie ten opsigte van sonde wees nie. Die herstel van gesag, lewe, gemeenskap, eiendom en waarheid kan nie verlore liefde herstel nie. Verlore liefde bly verlore liefde.

Die bekering uit liefde gaan net oor liefde, dit is om die gawe van lewe wat God gee in vreugde met mekaar te deel; dit gaan, nie om die gawe om die lewe reg te maak nie. Dit is die ironie. Wat noem die Bybel restitusie en regstellende aksie? Gedienstigheid wat die verlies van sonde vergoed? Paulus verwys daarna in Romeine 6 as die “heerskappy van sonde” en om “julle liggame in diens van sonde te stel”. Om jouself in diens te stel van die gegriefdheid van sondes wat jy gedoen het, om jouself te verneder in onderwerping aan die willekeurigheid van die persoon teenoor wie jy sonde gedoen het, om jouself te skik volgens die vergelding van die persoon wat jy benadeel het en om uit vrees die guns van jou skuldeiser te soek, is om jou liggaam in diens van sonde te stel. Dit is hoegenaamd nie bekering volgens die wet nie. Dit is ’n inkeer in sonde in.

Dit is presies hoekom Josef nie sy broers se boetedoening aanvaar nie. Hy wil nie hê hulle moet jammer sê of berou toon nie. Hy wil nie hê hulle moet die kwaad van die verlede regstel of vergoed nie. Hy leef uit geloof tot geloof: God gebruik die kwaad van sonde om sy goeie wil vir mense te laat gebeur. Uit hierdie bekering van Josef wil Josef ’n ander bekering toon: uit liefde tot liefde. Hy stel dit in die sin: “Moenie bang wees nie. Ek sal sorg dat julle en julle kinders kos het.” (Gen.50:21) Wat Josef hier doen, is wat Paulus in Romeine 6 stel: “Nee, stel julle in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil.” (Rom.6:13) Uit sy geloof in God se goedheid is Josef lewend gemaak en uit liefde dien hy. Hy neem weer die lewe saam met sy broers in diensbaarheid op – om saam te leef en saam te deel uit liefde tot liefde.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Wat Josef se broers wil doen, spreek Paulus aan as: “Die sonde moet nie meer baas wees oor julle nie, want julle staan nie onder die wet van Moses nie, maar onder die genade.” (Rom.6:14). Josef se broers leef nie uit die geloof tot die geloof dat God deur die kwaad wou goed doen nie. Daarom is die sonde baas oor hulle. Hulle wil nie leef uit liefde tot liefde nie. Hulle wil leef uit vernedering in onderwerping.

Die bekering uit liefde tot liefde is ’n bekering uit die gedienstigheid om die skade van sonde reg te wil maak, tot die diensbaarheid om saam die lewe as gawe van God te wil deel. Die bekering uit liefde tot liefde is die tweede draai. Dit spruit voort uit die bekering: uit geloof tot geloof; uit geloof dat God sonde vergewe en tot die geloof dat ons diens aan God heilig is.

Diensbaarheid uit liefde is onbelaste liefde. Dit is liefde wat niks regmaak nie, maar liefde wat net as liefde gegee word. Diensbaarheid is altyd tot liefde in gebrokenheid. Diensbaarheid is nie die wyse waarop gebrokenheid weggeneem word asof niks in sonde verlore gegaan het of kan gaan nie. Diensbaarheid is die liefde wat uit geloof die verlies van sonde dra om vir mekaar behoue te bly in die lewe wat God ons skenk.

Boetedoening is die verharding in ongeloof om sonde reg te maak en die verliese van sonde terug te bring. Bekering volgens die wet is om uit liefde weg te keer uit die lewe van sonde en restitusie, tot ’n lewe in liefdevolle diensbaarheid.

**7.Twee bekerings as ’n vaste lewensritme**

Dit is die twee soorte bekerings waarmee gelowiges die hele tyd besig is om te bekeer: om in God se genade en liefde te deel, draai hulle altyd weg van die wet na Christus toe wat die verbond vervul. Binne God se liefde en genade kan hulle dan van hul sonde na die nuwe wet van God draai deur sonde as sonde te erken, sonde te verafsku, berou oor sonde te hê en deur hulle uit die innerlike vreugde van God se liefde weer na sy wet toe te draai.

Twee draaie: die draai om die son, dit is die draai om Christus, alleen uit geloof in Christus. Uit die vereniging met Christus volg die tweede draai, die draai om die nuwe wet van Christus, die vaste wet waaraan Christus ons binne sy genade en liefde verbind.

Twee verskillende draaie! Die aarde se draai om die son is nie maar dieselfde as die aarde se draai om sy as nie. Die draai om die son is totaal ’n ander soort draai as die draai van die aarde om sy as. Die bekeer tot Christus uit geloof en die lewe uit geloof is totaal ’n ander soort bekering as die bekering volgens die wet. Dit is juis ’n wegdraai van die wet na Christus toe. Die draai om die nuwe wet is ook nie maar net geloof nie. Dit is ’n wegdraai van sonde en ’n toekeer tot die wet van God met die innerlike vreugde uit geloof.

Hierdie twee bekerings is vir Christene ’n vaste lewensritme. Bekering in die lewe van Christene is nooit ’n krisis, ’n ramp of die herbegin van alles nie. Bekering gaan nooit daaroor om as geminagte, veroordeelde, vervloekte, gestrafte, gehate mens voor God te staan en jou uit hierdie ellende in God uit te bekeer tot God se genade en liefde nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Ons kan dit weer met die twee draaie van die aarde vergelyk. Die vaste baan waarin die aarde om die son draai, is 'n baan waarin die aarde deur somer, herfs, winter en lente gaan. Die wisseling van hierdie seisoene is nie omdat die aarde verkeerd draai nie. Dit is nie so dat die aarde winter binnegaan omdat daar iets verkeerd is in die draai van die aarde om die son nie. Die wisseling van seisoene is deel van die vaste wentelbaan van die aarde om die son.

Net so is ongeluk, siekte, dood, armoede en oorlog nooit vir Christene tekens van hul ongeloof of dat hulle van die Here sou weggedraai het nie. Die lewe uit geloof tot geloof beteken dat ons in 'n vaste ritme binne God se genade leef: ons sonde word ons nooit toegereken nie en ons toewyding met al die gebreke daarin word altyd deur God as volkome aanvaar. Dit is hoekom Paulus die vastheid van hierdie lewe in die liefde en genade van God in Romeine 8:37-39 só loof: "[37]Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. [38]Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte [39]of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here."

In Christus leef ons in die vaste versekering van die liefde en genade van God. Geen dood kan 'n teken wees dat ons buite God se genade en liefde is nie. Geen teenswoordige of toekomstige ongeluk, siekte, armoede, oorlog, ramp of ellende kan ons ooit buite God se liefde en genade stel nie. Net so kan geen toekomstige of teenwoordige geluk, gesondheid, vrede of voorspoed vir ons wys dat ons binne God se genade en liefde is nie. Hierdie dinge is net die wisseling van die lewe waarbinne ons lewe. Die vastheid van ons lewe binne God se liefde lê in ons vereniging met Christus. En niks kan ons weer van Christus skei nie. Daarom leef ons in die wisselgang van die lewe altyd uit geloof tot geloof. Regverdiges leef uit geloof. Regverdiges se wegkeer van die wet na Christus is die vaste lewensritme waarin hulle leef. Die wegkeer van die wet is geen ramp of ellende-ervaring nie en die toekeer tot Christus is nie elke keer 'n herbegin nie.

Dieselfde geld vir die bekering uit liefde tot liefde volgens die wet. Hierdie draai om die wil van God het altyd 'n donker kant en 'n ligkant: hartseer en vreugde. Die hartseer van erkende verlore liefde en die vreugde van nuwe diensbare liefde.

Die donkerte waarin die aarde om sy eie as indraai, is nie die begin van 'n nood- of ramptoestand nie. Die donkerte waarin die aarde indraai, beteken nie die aarde is verlore, verdoem, verworpe, verlate en in die hel van sy eie duisternis nie. Net so is die indraai in die lig nie vir die aarde die begin van 'n nuwe lewe, 'n onverwagte, ongelooflike, opspraakwekkende deurbraak of wonder nie. Die aarde se draai in donkerte in, en weer in die lig in, is die vaste ritme waarmee die aarde om sy eie as draai. Hierdie draai in donkerte in en in die lig in is die rede vir die volheid van lewe op aarde.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit is hoe die bekering van gelowiges volgens God se wet verskil van die boetedoening van ongelowiges. Vir ongelowiges is bekering altyd 'n krisis en rampervaring of 'n onverwagte wonderwerk. Vir gelowiges is die net gewoon 'n vaste lewensritme.

Binne God se genade ontdek en erken gelowiges hartseer hul eie sonde. Hartseer oor die liefde van God wat hulle geminag het en hartseer oor die liefde wat hulle van God weerhou het. Hierdie hartseer uit liefde is binne die geloof in die vereniging met Christus. Daarom is dit hartseer in die vaste wete van Christus se veroordeling en straf en die strafloosheid en verheerliking as God se kind. Dit is nooit hartseer teenoor God as my aanklaer nie.

Dit is hoe Dawid sy sonde in Psalm 32 bely:

> Dit gaan goed met die mens wie se oortredings nie gestraf word nie, wie se sonde vergewe word. 2Dit gaan goed met die mens vir wie die Here die oortreding nie toereken nie en in wie se gees daar geen valsheid is nie. 3Toe ek oor my sonde geswyg het, het my liggaam uitgeteer soos ek heeldag om hulp geroep het. 4U hand het dag en nag swaar op my gedruk,my krag het opgedroog soos water in somerhitte. Sela 5Toe het ek my sonde bely, my oortreding nie weggesteek nie. Ek het gesê: "Voor die Here bely ek my opstandigheid;" en U het my skuld vergewe. Sela
> 6Dit is waarom elke gelowige in 'n tyd van nood tot U bid; selfs vloedwaters sal hom nie skielik oorval nie. 7U is vir my 'n skuilplek, U beskerm my teen aanvalle, U laat my oorwinningsliedere sing. ...
> 9Moenie onverstandig wees nie, soos 'n perd of 'n muil wat met 'n stang in die bek beteuel moet word as jy hom wil lei. 10Die goddelose het baie smarte, maar wie op die Here vertrou, dié omvou Hy met sy liefde.(Ps.32:1-10)

Dawid bely sy sonde in die vaste wete dat God hom nie vir sy oortredings straf of sy oortredings toereken nie. Daarom kan hy sonder die valsheid oor wat hy regtig in sy sonde is en doen, voor God verskyn. Hy hoef nie die bedrog te pleeg om uit vrees sy sonde vir God te regverdig nie.

Dawid bely nie sy sonde omdat God hom sy sonde toereken of gaan straf nie. Dawid bely sy sonde omdat hy dit nie teenoor God kán verswyg nie. In die liefde wat hy vir God het, maak dit hom innerlik dood om teenoor God te maak asof sonde nie sonde is nie. Sonde wat nie as sonde erken word nie, maak dat Dawid sy krag om God te eer, te dank en te loof, verloor. Hierdie verlies aan liefde is wat Dawid dryf om sy sonde teenoor God te erken.

Dit is die werklike sondestryd in sondebelydenis. Mense wil soos perde en muile wat stang vasbyt voor God dit wat vir God verkeerd is vir hulself stilswyend teenoor God reg leef. Dit is wat dit beteken om volgens die wet onbekeerd te leef. Maar binne God se genade kán dit nie. God se hand, wat swaar op Dawid druk, beteken nie dat God Dawid so aangekla, so beskuldig, so veroordeel en so van sy liefde geskei het dat dit hom gebreek en hierdie innerlike verlorenheid hom tot sondebelydenis gedryf het nie.

Wat Dawid tot sondebelydenis bring, is liefde. Liefde kan nie vals wees nie. Liefde wil eerlik en opreg wees. Binne God se liefde vir Dawid kan Dawid nie 'n valse liefde teenoor God

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

uitleef nie. Dawid wil eg in die liefde wees wat God in sy wet voorhou. Daarom bely hy hartseer, maar vrymoedig, sy sonde: uit liefde tot liefde.

Hierdie droefheid en vreugde van sy bekering is vir Dawid nie 'n ramp of die herbegin van sy lewe met God nie. Hierdie droefheid en vreugde van bekering is die wyse waarop hy binne die vastheid van God se liefde en genade leef.

Boetedoening is presies die teenoorgestelde van bekering. Boetedoening gaan oor die droefheid tot die dood, die hartseer oor die oordeel, straf en verwerping van God omdat jy sonde doen. In hierdie droefheid is sonde-erkenning en belydenis altyd 'n nood- en ramptoestand, want enige sonde-erkenning en -belydenis beteken dat jy jouself elke keer weer as verlore sondaar moet erken en enige nuwe verbintenis van die wet van God as die herbegin met God moet erken. Boetedoening maak altyd sonde weer 'n nuwe saak tussen mens en God. Elke keer moet die mens weer alleen voor God sy saak met God gaan regmaak. Boetedoening maak diens aan God altyd oud. In boetedoening is jou lewe en toewyding aan God net nooit goed genoeg nie. Dit moet elke keer weer begin word.

Die bekering volgens die nuwe wet werk anders: hier is gelowiges se sonde altyd oud. Dit is altyd in Christus verreken en nooit weer iets tussen God en mens nie. In die bekering volgens die nuwe wet is God se liefde en gelowiges se liefde vir God altyd nuut. Dit is nie iets wat weer en oor begin moet word nie, want in Christus het God sondaars altyd lief en hul liefde vir God is altyd goed. Daarom is bekering volgens die wet uit hierdie geloof altyd uit liefde tot liefde. Uit liefde is ons hartseer oor dit wat die wet ons as verlore liefde wys en uit vreugde dat God ons liefde heilig, keer ons ons elke keer weer tot die liefde wat Hy in sy wet vra.

**8. Die twee lewensveranderings van moderne Christelikheid is nie bekerings nie**

Wanneer is 'n bekering regtig 'n bekering? Is alle lewensveranderings bekerings? Kan iemand wat besluit hy wil minder sedeloos leef en moreel meer reg leef, so 'n lewensverandering 'n Bybelse bekering noem? Kan iemand wat aggressief homself laat geld het en dan besluit hy wil meer versoenend en tegemoetkomend met ander mense leef, hierdie lewensverandering 'n Bybelse bekering noem? Kan mense se bekering tot Islam, Boeddhisme of voorvaderverering Bybelse bekerings genoem word? Kan mense se lewensveranderings deur hul nuwe verligte idees, innige gevoel, goddelike geestelikheid en kragtige aanbidding Bybelse bekerings genoem word?

Om 'n lewensverandering te maak, is nie volgens die Bybel bekering nie. Om hierdie lewensveranderings as Bybelse bekerings voor te hou, is vals. Lewensveranderings bepaal nie wat bekering is nie. Wie God is, bepaal wat bekering is. Lewensveranderings is valse bekerings, want dit is nie bekering volgens die openbaring van wie God in sy wet en evangelie is nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Net ’n wegkeer van wetsonderhouding, dit is, morele goeie dade en ’n mooi sedelike lewe, na Christus, is ’n bekering, want die evangeliese bekering is volgens die Woord van God ’n wegkeer van ’n goeie lewe volgens die wet net na Christus toe. Net die bekering uit geloof tot geloof is ’n ware bekering. Net so is net die wegkeer uit dit wat die wet as liefdeloosheid wys tot die liefde wat die wet eis, ’n ware bekering volgens die wet.

Hoe vergelyk die twee lewensveranderinge van die moderne Christelikheid met die twee ware bekerings volgens die Woord van God?

Die “wedergeboorte-bekering is volgens die moderne Christelikheid se eie weergawe om jou van sonde weg te keer na die wet van God. Om jou lewe vir God te gee, jou hart vir God te gee, jou sonde te bely volgens die wet, om jou met beloftes tot ’n nuwe lewe volgens die wet van God te verbind, is alles dinge wat jy moet doen in jou wedergeboorte-bekering.

Watter draai is dit hierdie? Dit is ’n wegkeer uit “net geloof in Christus” en ’n toekeer tot alles wat die wet van God sê ons moet doen. Hierdie draai wat in die “wedergeboorte-bekering” gemaak word, is presies die teenoorgestelde draai as wat in die geloof tot Christus gemaak word. In die geloof word van die wet en alles wat die wet gebied, weggedraai net na Christus toe. In hierdie moderne Christelikheid se bekering word weggedraai van net na Christus toe na alles wat die wet gebied. Die bekering van die moderne Christelikheid is ’n direkte omkeer van die Christelike bekering: uit geloof tot geloof.

Watter draai maak die moderne Christelikheid in sy vervulling met God? Volgens sy eie weergawe is dit ’n wegdraai van die wetsonderhouding van Christene na die ervaring van eenheid met God in sy goddelikheid. Moderne Christene is baie gesteld daarop dat die wetsgehoorsaamheid van Christene “vleeslik” is omdat dit nog in die gebrokenheid van onvolkome wetsvervulling gedoen word. Volgens hulle is die wetsonderhouding van Christene die “vleeslike lewe” waarvan hulle moet wegkeer na die volle ervaring van die goddelikheid van God.

Hierdie tweede lewensverandering in die moderne Christelikheid is dus ’n wegkeer van die wet van God na volle identifikasie met God. Hul identifikasie met God is sonde. Daarom is hul lewensverandering ’n wegkeer van die wet van God na sonde toe. Dit is presies die teenoorgestelde draai wat Christene maak in hul bekering volgens die wet, van sonde na die wet toe.

Dat hierdie twee lewensveranderinge presies die teenoorgestelde van die twee Christelike bekerings is, blyk ook uit die karakter van hierdie twee lewensveranderinge.

Hul “wedergeboorte-bekering” is ’n draai uit selfvernedering tot onderworpenheid. Hulle moet hul eie ek, hul selfwees haat en minag. In hierdie selfvernedering moet hulle hul eie ek en selfwees aflê en onderwerp aan God. Dit is presies die teenoorgestelde as die Christelike bekering uit geloof tot geloof. Meer nog, hierdie minagting en selfhaat moet gedoen word

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

deur jouself as vervloekte, veroordeelde en verworpe sondaar voor God te stel. Daarom is hul "wedergeboorte-bekering" vir hulle altyd 'n totale krisiservaring. Dit is presies die teenoorgestelde van die Christelike bekering waarin die gelowige homself in God se genade en liefde vind en tot God se genade en liefde keer.

Die karakter van die godsvervulling wat hulle as tweede geestelike bekering ervaar, is ook presies die teenoorgestelde as die bekering van gelowiges volgens die wet van God. Vir gelowiges is hierdie bekering uit liefde tot liefde: uit liefde keer hulle hulle van alles wat die wet as haat uitwys tot die liefde wat die wet as ware liefde aanwys.

Godsvervulling is nie 'n bekering uit liefde tot liefde nie. Dit is 'n bekering uit onmag tot mag. Dit is 'n wegkeer uit die magtelose liefde van gelowiges tot die magtige aanbidding van God in gees en die magtige innigheid met mense. Die Christelike bekering kan nooit 'n wegkeer uit onmag tot mag, uit kragteloosheid tot kragvolheid wees nie. Liefde is nie onmag of mag nie. Liefde is nie kragteloosheid of kragvolheid nie. Liefde is liefde. Niks anders nie.

Wat is die Christelike bekering as die wyse waarop dit draai presies in die teenoorgestelde rigting in omgekeer word? As die wegkeer van die wet en die toekeer net na Christus toe omgedraai word na 'n wegkeer van net Christus na die wet toe? Die teenoorgestelde van bekering is nie ook bekering nie. Die teenoorgestelde van bekering is onbekeerdheid. As die wegkeer van dit wat die wet verbied en die toekeer tot dit wat die wet gebied, omgedraai word tot die wegkeer van dit wat die wet gebied en die toekeer tot dit wat die wet verbied, naamlik identifikasie met God, is dit nie maar ook 'n bekering, net omdat dit een of ander vorm van lewensverandering is nie. Die omkeer van die bekering volgens God se wet is onbekeerdheid.

Wat die moderne Christelikheid bekering noem, is wat die Woord van God hardkoppigheid noem:

> Maar wat Ek hulle beveel het, is: Julle moet My gehoorsaam. Dan sal Ek julle God wees en julle sal my volk wees. Maar julle moet leef soos Ek julle beveel sodat dit met julle goed kan gaan. [24]Maar hulle het nie geluister nie en hulle aan My nie gesteur nie. Hulle was hardkoppig en moedswillig, hulle het hulle eie kop gevolg, sodat hulle versleg het in plaas van te verbeter. [25]Vandat julle voorvaders uit Egipte getrek het tot vandag toe, het Ek vroeg en laat my dienaars die profete na julle toe gestuur. [26]Maar die volk het nie na My geluister nie en hulle nie aan My gesteur nie, hulle het hardkoppig gebly en meer kwaad as hulle voorvaders gedoen. [27]Al sê jy al hierdie dinge vir hulle, sal hulle nie na jou luister nie; al roep jy hulle, sal hulle jou nie antwoord nie. [28]Sê vir hulle hulle is 'n nasie wat ongehoorsaam is aan die Here hulle God en wat hulle nie laat leer nie. Waarheid het verdwyn, dit word nie meer by hulle gehoor nie. (Jer.7:23-28)

Die twee lewensveranderings van die moderne Christelikheid, "wedergeboorte-bekering" en "Godsdvervulling" is die hardkoppigheid van goddeloses. Hul twee lewensveranderings is hoe hulle hul verset teen die twee bekerings waartoe Christus hulle oproep. Hulle keer die bekerings van die Woord van God om om presies te wees en te bly wat hulle in hul goddeloosheid is: mense uit wie, deur wie en tot wie alle dinge is.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hulle wil hulle nie tot Jesus Christus as Here bekeer nie, nie uit geloof tot geloof nie en ook nie uit liefde tot liefde nie. Hulle wil mense bekeer in vernedering tot onderwerping, uit onmag tot mag. Hulle wil in Jesus bemagtig word om net soos Hy een te wees met God in sy Godheid. In ons voorbeeld van die son is dit soos ’n planeet wat sy wentelbaan om die son omkeer en ophou om om sy eie as te draai. Dit is ’n planeet wat ’n verskietende ster word, terwyl dit om niks meer draai nie. In die uitbranding van hierdie verskietende ster voel en beleef hulle hulself ook net so helder en kragtig as die son self, terwyl hulle die glansloosheid van ’n planeet, wat om sy eie as om die son draai, minag as ’n kragtelose bestaan. Die lewensvolheid van die aarde wat aarde is teenoor die uitbranding van ’n verskietende ster wat niks word nie, gaan hulle verby. In die mag van die goddelikheid van geestelikes, minag hulle die lewensvolheid van die bekerings van Christene.

Dit is die teenstrydigheid van die moderne Christelikheid. Elke Christen wat in die evangeliese bekering wegdraai van die wet net na Christus toe, veroordeel hulle as onbekeerde verlore sondaars. Elke Christen wat volgens die moderne Christene in sy eie sondigheid uit liefde wegkeer van wat die wet verbied tot die liefde wat die wet gebied, veroordeel hulle as “vleeslike Christene”. Christene wat nie die volheid van ’n Godsvervulde lewe leef nie, maar in die ongehoorsaamheid van die “vleeslike lewe” volhard net omdat Christene ook in bekering, net so onvolkome en gebrekkig die wet onderhou soos in al hul ander toewyding, is volgens hul beskouing nie waarlik Christene nie.

Die moderne Christelikheid is die afgodsdiens van hardkoppigheid en onbekeerdheid van goddeloses. In hierdie afgodsdiens kan goddeloses hulle in hul goddeloosheid teenoor die Christelike kerk verhef as die ware bekeerdes en die kerk in sy geloof in en liefde vir God veroordeel as onbekeerd.

Dit is wat goddeloses elke keer in hul moderne Christelikheid met die kerk van die Here doen. Elke keer as die goddeloses een of ander lewensverandering kies of ondergaan waarin hulle net weer hul eie begeertes op ’n nuwe en ander wyse in wetteloosheid uitleef, is dit die gelowiges wat as onbekeerdes veroordeel word omdat hulle nie in hierdie goddeloses se lewensveranderinge wil meedoen nie.

Wanneer goddeloses in hul wetteloosheid ’n volkstaat oprig met absolute leiers, dan is dit hulle wat die Christene wat nie in hul volksvroomheid wil opgaan nie, veroordeel as onbekeerde en ongehoorsame Christene. Wanneer hul volkstaat in duie stort, is dit weer hulle wat Christene as onbekeerd en ongeestelik veroordeel omdat hulle nie volke wil veroordeel en ontken nie. Wanneer hulle ’n nuwe nasiestaat skep en ’n nuwe lewe vir die nuwe nasiestaat ontwerp, is dit hulle wat Christene wat nie in hul lewensverandering glo en daaraan meedoen nie, as onbekeerd en ongeestelik veroordeel. Elke Christen wat nie meedoen aan hul lewensveranderinge in hul afsweer van ou lewenswyses en die skep van nuwe lewenswyses nie, is volgens hulle onbekeerd en ongeestelik.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit is die magtigheid van geestelikes. Hul onbekeerdheid en hardkoppigheid is vir hulle hul ware bekering!

Wat is die kern van hierdie bekering wat hulle as die ware bekering glo, maar wat die Woord van God as onbekeerdheid uitwys? Dit is die bekering van God! Die hardkoppigheid waarmee die moderne Christelikheid die twee bekerings van die Woord van God altyd omkeer, gaan oor die nuwe alternatiewe bekering waarin hulle vas glo: God se bekering.

Dit het ons in Hoofstuk 9 onder punt 13 toegelig: God moet Hom uit sy Godheid wegkeer, van sy Godheid omkeer en sy Godheid in goddeloses inkeer sodat God alles uit hulle, deur hulle en tot hulle sal wees. Daarom is hul identifikasie met God die nuwe en beter bekering as die twéé soorte bekerings wat die Woord van God verkondig. God moet Homself in die menslikheid van die mens in bekeer, sodat mense hulle in God se goddelikheid kan inkeer.

Dit is wat hulle glo in Christus gebeur het en wat weer met hulle moet gebeur. Dit het ons in Hoofstuk 11 onder punte 11-14 en 21 en 23 toegelig. Jesus Christus se menswording is vir hulle God se rolmodel oor hoe God Homself vir mense ontgoddelik sodat mense hulleself in en deur God as goddelik kan beleef. Jesus Christus se menswording is vir hulle God se uitkeer uit sy goddelikheid en sy inkeer in mense se menslikheid in. Daarom voel goddeloses altyd deur Christus bemagtig om God te bekeer: om God uit sy godheid na hulle toe te keer.

Vir goddeloses is bekering die magsmiddel wat hulle gebruik om God se tussengangers en verteenwoordigers vir ander mense te word. Omdat hulle God in hulleself ingekeer het en uit sy godheid uitgekeer het, kan hulle ander mense uit hul menslikheid in hul goddelikheid as tussengangers inkeer. (Hoofstuk 12) Bekering kan nooit net 'n toekeer tot Christus wees, uit geloof tot geloof en uit liefde tot liefde nie, want dan is daar in bekering geen mag nie. Dan is dit nie God nie, maar mense wat bekeer. Dan bekeer elke Christen sonder geestelike tussengangers presies op dieselfde wyse: uit geloof en uit liefde. Dan bekeer Christene hulle altyd tot God en nooit in die geestelikheid van die moderne Christelikheid in nie.

Die twee lewensveranderings van die moderne Christelikheid is die omkeer van die twee bekerings van die Woord van God waarmee mense hulle tot Christus moet bekeer sodat hulle God kan bekeer: God in hulle lewe, harte, idees, gevoelens, visioene, drome, visies en missies kan inkeer, sodat hulle alles vir alles kan wees. Die twee lewensveranderings van die moderne Christelikheid is die afgodsdiens vir die wettelose mens: die onbekeerde en onbekeerbare wettelose.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

# HOOFSTUK 17: SPIRITUELE GEVOELSAANDOENINGS EN SPIRITUELE DENKE: DIE VERHEFFING VAN IDENTIFIKASIE MET GOD TOT DIE EINTLIKE GELOOF IN EN LIEFDE VIR GOD.

> Moderne Christelikheid is sinkretisme: afgodsdiens in die Naam van Christus. Die moderne Christelikheid se denke en gevoel is magsdenke en magsaandoeninge. Binne sy magsdenke en -aandoeninge is godsdiens en afgodsdiens maar een en dieselfde saak. Die moderne Christelikheid maak die verskil tussen godsdiens en afgodsdiens twee kante van identifikasie met God. Godsdiens is altyd die leë kant wat dié Christelikheid met afgodsdiens vervul. Met hierdie tipe denke en gevoel maak dié Christelikheid afgodsdiens die werklike inhoud van Christus en sy kerk wat vir die moderne Christelikheid nog net in naam bestaan.

**1.Spirituele logika en gevoelsaandoenings**

Ter afsluiting van die uitwys van die inhoud en werking van die moderne Christelikheid is dit nodig om te kyk hoe dink en voel mense in afgodsdiens oor godsdiens. Hul denke en gevoelsaandoenings oor godsdiens word nie deur gewone denke en gevoel bepaal nie. Dit word deur die aard van afgodsdiens bepaal. Afgodsdiens is spirituele mag. Dit is die geestelike mag om in jou menswees een met die mag van God te wees. Daarom is spirituele logika magsdenke en spirituele gevoelsaandoenings magsgevoelens. Magsdenke is ideologiese denke. Magsgevoelens is net gevoelsaandoenings. Dit is nie tussenmenslike gevoel nie. Gevoelsaandoenings is nie menslike empatie nie. Dit is die aanvoeling om in en deur mense bemagtig te word. Dit is nie die aanvoeling vir die menswees van ander mense nie.

**2.Godsdiens en afgodsdiens is en voel maar alles dieselfde**

Die eerste opvallende wyse waarop hierdie denke en gevoelsaandoening werk, is dat die wesenlike verskille wat die Woord van God tussen godsdiens en afgodsdiens uitwys, onbelangrik is vir die moderne spiritualiteit. Wat die Woord van God uitwys as die onversoenbare en teenstrydige inhoude van afgodsdiens en godsdiens, is binne die magsdenke en magsgevoel van die moderne spiritualiteit alles maar een en dieselfde saak. Aanhangers van dié spiritualiteit dink en voel altyd dit is maar dieselfde saak.

Vir hulle sal redding net deur geloof maar dieselfde wees as redding deur die wet. Goeie werke deur die regverdigmaking in Christus sal maar dieselfde wees as die geestelike dade van Godsvervulling. Die verbondsverhouding met God sal maar dieselfde saak wees as die persoonlike verhouding met God. Of God ons eiendom is, en of ons God se eiendom is, sal vir hulle maar dieselfde wees. Jesus wat Here aan die regterhand van God is, sal vir hulle maar dieselfde wees as die innerlike Jesus wat mense op die troon van hul hart sit. Die Gees van die verbondsbelofte sal vir hulle maar dieselfde wees as die gees van die onvervulde

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

begeertes van mense. Of die Gees die kerk met dienste en ampte toerus of mense met persoonlike goddelike kragte bemagtig, sal vir hulle om 't ewe wees.

Hulle sal, wil en kan nie die verskil en teenstrydigheid in hierdie sake erken nie. Die rede vir hierdie gelykstelling van dít wat die Bybel as totaal onversoenbaar teenoor mekaar stel, is juis hul magsdenke en magsgevoel. Mag maak alles gelyk. In mag gaan dit net oor hoe alles mag kan bevestig, bevorder en verseker. Alles wat mag bevestig en bevorder, is reg. Alles wat mag ontwrig en afbreek, is sleg. Dit is hul logika. Alles wat hulle in die Bybel sien en lees, is in hul denke identifikasie met God. Alles moet in die logika van die mag van identifikasie met God inpas. Alles tussen hulle, God en mense voel vir hulle soos die mag van hul identifikasie met God. Daarom lyk en voel alles vir hulle maar dieselfde. Daarom sien of voel hulle nie die verskil tussen godsdiens en afgodsdiens in die openbaring van God en in die wêreld nie.

In afgodsdiens se magsdenke en magsaanvoeling is godsdiens vir hulle net so bruikbaar, en kan hulle volgens hul eie denke en aanvoeling net soveel mag uit godsdiens verkry as wat hulle uit afgodsdiens kan verkry. Dit aan die een kant.

Ander die ander kant is daar binne hul magsdenke en magsaanvoelings nooit die moontlikheid dat daar iets is wat mag kan vernietig of beëindig nie. Binne hul absolute magsdenke en magsaanvoeling is daar net nie so 'n moontlikheid nie. Hul spirituele mag is vir hulle soos in alle ideologieë 'n historiese noodwendigheid. Daarom bestaan daar nie iets soos godsdiens waarin hulle hulself nie kan bemagtig of wat hul eiemagtigheid ter syde kan stel nie. Die verskil tussen afgodsdiens en godsdiens bestaan nie binne die magsdenke en magsgevoel van goddeloses nie. Dit sou die einde van hul logika en gevoel beteken. Daarom is dit wat die Woord van God uitwys as presies die teenoorgestelde, godsdiens en afgodsdiens, in hul denke en aanvoeling vir hulle maar dieselfde saak.

**3.Godsdiens en afgodsdiens is twee kante van dieselfde saak**
Terwyl hulle alle geloofsinhoude gelykmaak en aan die ongeloof van afgodsdiens gelykstel, tref hulle dadelik in hul magsdenke en magsgevoel 'n nuwe onderskeid wat hule "twee kante van dieselfde eenheid" noem.

Die onversoenbare teenstrydighede wat vir hulle moes wys op die twee wêrelde wat mekaar heeltemal uitsluit, word vir hulle verskille van twee kante van dieselfde eenheid.

Dit is ook weer hul magsdenke en magsaanvoeling wat hulle hierdie dualiteite laat raaksien en aanvoel. Alle teenstrydighede is vir hulle net die diversiteit van die eenheid van hul spirituele mag. Binne hierdie dualiteite kan hulle die verskille tussen godsdiens en afgodsdiens erken, terwyl hulle dink en voel dat alles maar op die ou einde tog dieselfde spirituele mag sal wees as dié waarmee hulle bemagtig is.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hul kreatiwiteit om dualiteite te ontwerp wat twee kante van dieselfde eenheid sou wees, is so wyd en onbeperk soos die menslike gees self. Hulle stel dat hierdie twee kante van dieselfde eenheid God se kant en die mens se kant is; die objektiewe en die subjektiewe, die rasionele en die emosionele, die strukturele en die persoonlike, die linkerlob en regterlob van die mens se brein, die fisiese en die geestelike, die glo en die doen van dieselfde saak, en die teorie en praktyk van dieselfde eenheid.

Terwyl hulle hierdie verskil van twee kante van dieselfde eenheid maak, maak hulle dadelik ’n waardeoordeel oor die betekenis van die een kant teenoor die ander kant. Die eenkant sal altyd die persoonlike, lewende, kragtige, dinamiese, vernuwende, gevoelvolle kant wees, terwyl die ander kant van dieselfde saak die onpersoonlike, dooie, kragtelose, tradisionele, outydse en gevoellose kant sal wees.

Die groot fout wat ’n mens met hierdie magsdenke en magsgevoel in afgodsdiens kan begaan, is om die dualiteit te verstaan soos wat hierdie dualiteite in die gewone menslike lewe bestaan. Dit wys dadelik in hul waardeoordeel dat die een kant lewendig, kragtig, dinamies en vernuwend is, terwyl die ander dood, koud, onpersoonlik en tradisioneel is.

Binne die gewone dualiteite van die menslike bestaan is die rede net so lewend, kragtig, dinamies, vernuwend en persoonlik soos die mens se gevoel. Die mens se gevoel is nooit die lewendige, dinamiese en kragtige kant van die mens se onpersoonlike, kragtelose en tradisionele rede nie.

Die onderskeid geld vir die mens se persoonlike en strukturele bestaan. Die mens se strukturele bestaan in politieke, ekonomiese, sosiale en regstrukture is net so persoonlik, kragtig, vernuwend en dinamies as wat mens in hulle privaat lewe en persoon kan wees.

Die dualiteite wat in hierdie magsdenke aangebied word as twee kante van dieselfde eenheid, is nooit die gewone dualiteite van die menslike lewe nie. Dit is twee kante van ’n baie spesifieke saak: identifikasie met God.

Wat is die twee kante van identifikasie met God? Dit bring ons weer by die definisie van afgodsdiens. Afgodsdiens gaan oor mense wat hulself so inleef in die persoon, krag, wil en lewe van God, dat hulle hul eie persoon, krag, wil en lewe as God s’n uitleef.

Identifikasie met God het twee kante: God wat in naam erken word, maar wie se persoon, krag, wil en lewe meegedeel en oorgedra word op mense, voorwerpe en idees wat hulle glo nader aan God sou wees as gewone mense, voorwerpe en idees. In identifikasie met God is God net die leë naam waardeur of waarteen mense hul eie menslikheid as goddelike selfgenoegsaamheid ervaar.

Dit is die werklike bipolêre spanning van identifikasie met God. God is as leë naam nodig vir goddeloses en afgodsdienaars. Vir afgodsdienaars is God die leë naam waarin en waardeur

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

hulle hul eie goddelikheid en selfgenoegsaamheid as God se goddelikheid ervaar. Vir goddeloses is God die leë naam waarteenoor en waarsonder hulle hulself as goddelik en selfgenoegsaam ervaar.

Hierdie bipolêre spanning bly egter goddeloosheid. Of dit goddeloosheid teenoor die leë naam van God of goddeloosheid in godsdienstigheid is, God bly net ’n leë naam in hul goddelike selfgenoegsaamheid.

Hierdie leë naam is egter altyd nodig. Sonder hierdie leë naam kan hulle nie hul afgodsdiens of goddeloosheid as goddelikheid beleef nie. Hierdie leë naam van God is die een kant van hulle identifikasie met God waarin of waarteen hulle hul goddeloosheid as die werklike vervuldheid van hul selfgenoegsaamheid ervaar. God se leë naam en hul vervulde geestelikheid is die twee kante van dieselfde saak – hul goddeloosheid.

Dit is hoe godsdiens en afgodsdiens in hul magsdenke en magsaanvoeling net twee kante van dieselfde eenheid is. Maar die twee kante in hierdie eenheid is nooit gelykwaardig nie. Godsdiens is altyd die leë kant, nodig, maar leeg. Hul geestelikheid is altyd die vol kant. Die leë kant van godsdiens en die vervulde kant van hul spiritualiteit is altyd nodig sodat hulle hul afgodsdiens binne die Christelike kerk in die naam van Christelikheid kan uitleef.

**4.Die twee kante van een saak is hoe die moderne Christelikheid godsdiens tot niks maak en sy afgodsdiens alles binne die godsdiens maak.**

Die moderne Christelikheid is sinkretisme. Dit is ’n afgodsdiens wat alles wat Christus en sy kerk is, leeg maak sodat dit nog net in naam bestaan. Dit mááк Christus en sy kerk leeg sodat dié Christelikheid sy afgodsdiens in die naam van Christus in sy kerk kan uitleef. Die moderne Christelikheid is afgodsdiens in die naam van Christelikheid.

Sou die aanhangers van die moderne Christelikheid, alles wat Christus is en doen, en alles wat Christus sy kerk laat wees openlik verwerp, sou Christene die moderne Christelikheid dadelik as afgodsdiens herken het. Dan sou die goddeloosheid binne hierdie afgodsdiens vir almal duidelik gewees het.

Om die naam van Christelikheid te verkry, verwerp die moderne Christelikheid nooit Christus of dit wat Hy sy kerk laat wees openlik nie. Alles wat Christus is en sy kerk laat wees, word in naam behou. Maar die vraag is in watter naam? En die antwoord is: in die leë naam van God wat binne hul Godlose spirituele gemoed bestaan. In afgodsdiens is God net ’n leë naam waardeur goddeloses hul eie goddelikheid ervaar. Daarom maak die moderne Christelikheid alles wat Christus en sy kerk is, deel van die leë naam van God. Terwyl hulle dit doen, bied hulle hul goddelose spiritualiteit aan, nie as iets anders of as alternatief op wat Christus en sy kerk is nie, maar bied hulle hul goddelose spiritualiteit aan as die vervulling van Christus en alles wat sy kerk is.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Binne hul magsdenke en magsaanvoeling is Christus en sy kerk altyd die leë naam van God wat hulle met hul spiritualiteit tot vervulling bring. Hierdie sinkretisme bedryf hulle altyd met die teenstelling van twee kante van dieselfde eenheid.

**5. God se kant en mens se kant: die evangelie en identifikasie met God**
In die magsdenke en -aanvoeling van die moderne Christelikheid is die evangelie en identifikasie met God twee kante van dieselfde saak.

Dit sal só verkondig word: Redding en vergifnis is die wonderlike gawe van God waar God alles doen om ons te verlos. Die mens hoef niks vir sy eie redding of vergifnis te doen nie. Jesus se sterwe is die volle betaling van al ons sondes. Ons hoef nie weer self vir ons eie sonde te betaal nie. Redding is ’n geskenk van God. Dit is nie iets wat ons verdien nie.

Dit is egter net die een kant van die saak. Die ander kant van die saak is dat ons hierdie geskenk moet aanneem. God het ons nie robotte gemaak nie, maar ons moet onthou dat ook die aanneem van God nie iets is wat ons uit ons eie doen nie. Die aanneem van God is ook ’n gawe wat God bewerk. Die wyse waarop ons die Here moet aanneem, is om ons hart en lewe vir God te gee, ons eie ek te kruisig, God persoonlik ons eie te maak, God in ons lewe in te nooi, te bely dat ons verlore sondaars is, te erken dat ons sleg en nikswerd is nie, om berou te hê dat ons ons eie ek en eie lewe wil handhaaf en nie onsself aan God wil oorgee nie.

Ons aanneming van God is nie die manier waarop ons onsself red nie, dit is net die wyse waarop ons die redding van God as geskenk aanvaar. Ons moet glo dat wanneer ons Jesus in ons lewe innooi, God inkom. Alles is net genade. Alles is net deur die wonderlike werk van God alleen. Maar die mens het ook ’n kant. Hy moet dit aanneem deur Jesus in sy lewe in te nooi. Só maak hulle identifikasie met God die ander kant van die evangelie.

Hoe vind die sinkretisme van evangelie en afgodsdiens in hierdie dualiteit van God se kant en die mens se kant plaas? Hulle stel God se kant as redding deur God en die evangelie alleen. Maar in plaas daarvan dat hulle net geloof in Christus stel as die wyse waarop hierdie redding ontvang word, stel hulle identifikasie met God in die plek van net geloof in Christus.

Wat hulle sê, is egter nie waar nie. Die ander kant van die evangelie in die Bybel, as ons hul manier van dink moet aanvaar, is nie om self niks te word, God in jou lewe in te nooi, te erken jy is ’n verlore mens, jou sondes te bely en aan God nuwe beloftes te maak nie. Indien hulle twee kante wil stel, moet die ander kant net geloof in Christus alleen wees, nie identifikasie met God op al die maniere waarop hulle dit in Christelike of nie-Christelike wyses beskryf nie.

Wat maak hulle “geloof alleen in die evangelie” binne hul twee kante: God en die mens se kant. Vir hulle is geloof alleen niks nie. Daarom kom hulle met ’n nuwe manier van glo. Glo is nie meer om die beloftes van die evangelie te ken en te vertrou dat Christus alleen hierdie beloftes vir jou waar maak nie. Vir hulle is geloof om niks te doen nie. Geloof is ’n leë daad

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

waardeur niks in die evangelie ontvang kan word nie. Geloof kan net binne hul magsdenke en magsaanvoeling waarde hê as dit geloof is dat God in jou lewe inkom as jy Hom laat inkom.

Dit is die inhoud van hul nuwe leë geloof: jy moet niks doen sodat God in jou lewe kan inkom, maar terwyl jy niks moet doen nie sodat God moet inkom, is dit weer net die een kant van die saak. Die ander kant is dat jy jou lewe vir God moet oopmaak, jou hart vir God moet gee, jou sondes moet bely, jou eie ek moet afsterf en alles wat hulle nog kan uitdink om jou eie identiteit tot niet te maak. Geloof kan nie jou laat deel in die volheid van die evangelie nie. Geloof is egter belangrik, só sê hulle! Geloof is vir hulle die wyse waarop mense seker is God het in mense se lewe ingekom.

Deur die evangelie net die een kant te maak van die nuwe eenheid in God, identifikasie met God, maak hulle geloof 'n leë, inhoudlose daad waardeur die mens niks kan deel wat Christus vir hom is en doen nie. Die volheid van die redding kan net deur hul nuwe identifikasie met God ontvang word. Met hierdie dualiteit stel hulle hulself in hul identifikasie met God in die kerk as die mense wat Jesus Christus aangeneem het. In die kerk stel hulle gelowiges in hul eie gemeentes nou in die minderwaardige posisie dat hulle mense sou wees wat nog net glo, maar nog nie die Here aangeneem het nie.

Dit is die verskeuring wat geestelikes in die Here se gemeentes teweegbring. Hulle maak hulself in hul goddeloosheid binne die kerk die mense wat die Here werklik sou aangeneem het en binne die kerk en maak hulle die gelowiges wat in Christus glo uit as die mense wat nog nie die Here werklik aangeneem het nie.

### 6. Die objektiewe kant en die subjektiewe kant: God se verbond en die mens se persoonlike verhouding met God

Nog 'n dualiteit wat hulle gebruik is die teenstelling van objektief en subjektief.

Hulle sal dit só gebruik: Die verbond van die Here is alles wat God objektief vir ons doen. Die verbond van God is al die beloftes wat God aan ons toesê. Die toesegging van die Here se beloftes is in beginsel vir ons waar. Dit is die een kant. Die ander kant is dat ons hierdie beloftes ons eie moet maak. Voor ons nie hierdie beloftes van God ons eie gemaak het nie, is die beloftes nog net in beginsel waar. Dit is nog nie 'n werklikheid binne-in ons nie. Dit is nog nie binne-in ons waar nie. So lank as wat ons nie hierdie beloftes ons eie maak nie, bly die beloftes objektief waar, maar is dit nog nie subjektief binne-in ons 'n werklikheid nie.

Hoe die verbond innerlik vir mense waar word, verduidelik hulle só: Die wyse waarop die verbond van God vir ons 'n persoonlike werklikheid word, is deur 'n persoonlike verhouding met God. Ons verkry 'n persoonlike verhouding met God wanneer ons ons lewe en hart vir God gee, wanneer ons God in ons lewe innooi en 'n persoonlike verhouding met God begin. Deur 'n persoonlike verhouding met God te begin, word God se objektiewe verbondsbeloftes vir mense 'n persoonlike werklikheid.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

In hierdie sinkretisme maak hulle God se beloftes leë beloftes wat geen werklikheid binne mense se lewens is nie. Al die ondernemings van God, naamlik dat Hy ons van onreinheid sal reinig, ons 'n nuwe hart sal gee, ons ou hart sal verwyder, ons sy Gees sal gee en sal maak dat ons innerlik sy wet weer sal wil onderhou, word in hierdie dualiteit die een kant van identifikasie met God. Maar dit is 'n leë kant. Die mens se innerlike bly leeg en onaangeraak. Nie een van hierdie ondernemings van God is binne hul magsdenke en magsaanvoeling innerlik waar nie. Volgens hulle is dit net in beginsel beloftes en ondernemings van God, maar dit verander niks binne-in die mens nie.

Hul identifikasie met God is die vervulling van die beloftes van God. Wanneer hulle met God identifiseer, word alles wat God onderneem vir die eerste keer 'n innerlike werklikheid. Voor hulle met God identifiseer, kan hierdie beloftes van God volgens hulle geen innerlike werklikheid wees nie.

Met hierdie teenstelling van objektief en subjektief ontledig hulle al God se verbondsondernemings, maar behou dit nog in naam. Hierdie leë beloftes van God noem hulle die objektiewe kant van die verbond. In die naam van hierdie leë beloftes stel hulle die werklikheid van hul persoonlike verhouding met God as die nuwe beloftes wat God sou waar maak: God sal in mense se lewe inkom, die beheer van mense se lewe oorneem en sy goddelike lewe in mense lewe. So maak hulle hul identifikasie met God die werklike innerlike vervulling van God se verbond. Dit is egter nie waar nie. Hul innerlike werklikheid is die werklikheid van identifikasie met God. Dit is glad nie die inhoud van die verbondsondernemings van God nie.

Op hierdie wyse verskeur hulle die kerk innerlik. In hul magsdenke en magsaanvoeling onderskei hulle binne die kerk tussen die gelowiges wat nog net deel van God se objektiewe verbondsbeloftes sou wees, en die geestelikes wat deel van die werklik vervulde verbond sou wees – deur 'n persoonlike verhouding met God. Hulle sien die gelowiges in die gemeente as mense wat nog net in beginsel kinders van die Here is, maar dit nog nie werklik innerlik is nie. Net hulle as geestelikes is volgens hul goddelose gemoed werklik innerlik kinders van God.

Op hierdie wyse maak hulle die twee tipe verhoudings wat presies die teenoorgestelde van mekaar is, die verbondsverhouding met God in godsdiens teenoor die persoonlike verhouding met God in afgodsdiens, twee kante van hul eenheid met God se Goddelikheid.

**7. Die onpersoonlike kant en die persoonlike kant: Christus as Middelaar en geestelikes as tussengangers**

Nog 'n teenstelling wat hulle gebruik om alle geloofsinhoude te ontledig en hul goddeloosheid die vervulling van die Woord van God te maak, is die onderskeid tussen persoonlik en onpersoonlik.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hulle doen dit veral ten opsigte van die persoon van Christus. Vir hulle is Christus wat mens word en só mens en God is, Christus wat uit die dood opstaan, na die hemel opvaar om vandag mens en God te wees, en Christus wat vandag Middelaar is omdat Hy werklik mens en God is, die feitelike waarheid van die Woord van God.

Dit is egter vir hulle nog net feitelik waar. Binne hul magshouding raak alles wat Christus as Here is en doen hulle nie persoonlik nie, want in hul magsdenke sien hulle alles wat Hy is en doen as bloot die feitelike waarheid oor God. Christus is vir hulle die een kant van die saak. Maar dit is die leë kant. Christus en wat Hy doen is net feitelike waarhede van en oor God. Vir hulle is dit wat van God waar is, nog nie vir hulle persoonlik waar nie. Daarom is die waarheid van wie en wat Christus is, vir hulle ’n onpersoonlike waarheid. Feitelik waar, maar nog van geen persoonlike betekenis nie. Daarmee ontsê hulle Christus as Persoon, in wat Hy vandag as God en mens is, van enige persoonlike betekenis.

Volgens hulle is die ander kant van dieselfde saak, dat dit wat Jesus as Persoon was, Hy bínne-in jou moet wees. Eers as Jesus as Persoon binne-in jou eie persoon en lewe inkom, en Hy sy goddelike lewe binne-in jóú begin lewe, kan dit wat Hy as Persoon is, vir jou persoonlike betekenis kry. Volgens hulle maak hierdie persoonlike eenheid met die Godheid van Jesus binne-in jou, sy onpersoonlike, feitelike menswording en opstanding vir jou van persoonlike waarde. Hul identifikasie met God in Jesus, is vir hulle die vervulde kant van die leë feitelike kennis van wie Jesus in Homself is.

Met hierdie teenstelling ontneem hulle Christus as Persoon enige persoonlike waarde. Die werklikheid van Christene se eenheid met Christus in sy menswees vandag en die wisselwerkende heilsbetekenis van Christus, wat in ons plek mens is, en ons wat sy mensheid deel, is vir hulle totaal onpersoonlike “feite”. Dit is vir hulle nie ’n persoonsgemeenskap met Christus self nie. Met hul magsdenke en magsaanvoeling het hulle geen persoonlike betrokkenheid of persoonlike waarde in die gemeenskap met Christus in sy menswees vandag nie.

Christus as persoon is vir hulle ’n leë naam wat net ’n persoonlike werklikheid word wanneer hulle hulself een voel met Christus se Godheid. Alles wat hulle een met God voel en beleef, is vir hulle persoonlik. Alles wat Christus as Persoon met hulle deel in sy wisselwerkende gemeenskap as mens vandag, is vir hulle onpersoonlik. Vir hulle beteken die Persoon van Christus niks persoonlik nie. Dit is net die leë naam waarin hulle met God se Goddelikheid een kan word.

Met hierdie magshouding verskeur hulle gemeentes weer in twee groepe. In hul gemoed dink en voel hulle dat Christene wat glo in Christus en in die gemeenskap van sy menswees vandag leef, is mense wat Christus net feitelik ken, maar geen persoonlike gemeenskap met Christus het nie. Net hulle sou binne gemeentes God persoonlik ken deur hul identifikasie met God in hulle. Net hulle sou mense wees in wie ander mense God se Goddelikheid kan ervaar.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Daarom sien hulle hulself teenoor gelowiges in gemeentes as die geestelike leiers en die gemeentebouers. Die gelowiges is volgens hulle mense wat nog nie werklike "koinonia" met God het nie. In persoonlike verhoudings, selgroepe en by geestelike kampe moet die geestelikes hierdie gelowiges opbou om die ware gemeenskap met God binne-in hulle as geestelikes te kan beleef. Op hierdie wyse maak goddelose geestelikes hulself die mentors en voogde van Christene . Hulle is die mense in wie die ware gemeenskap met God, wat hulle nie in hul geloof in Christus sou kan beleef nie, opgebou word. "Koinonia", geestelike gemeenskap ervaar mense net in hul persoonlike identifikasie met hul geestelike voogde en mentors.

Só ontvoog geestelikes Christene van Christus en maak hulle in hul goddeloosheid hulself die nuwe mentors van Christene "in die wonderlike Naam van Jesus". Hierdie wonderlike naam is net die leë naam van Jesus wat geestelikes met hul goddelose spiritualiteit vol maak.

**8. Die leerkant en lewekant: glo en doen**

Nog 'n teenstelling wat hulle gebruik om alles wat die Christelike geloof behels net 'n leë naam te maak wat hulle met hul afgodsdiens vervul, is die onderskeid tussen leer en lewe. Alles wat Christus is en sy kerk laat wees, is vir hulle die een kant. Die leerkant. Daarom is hulle baie ywerig om alles oor Christus binne hul eie aanvoeling van mag te leer.

Maar dit is net die een kant. Die ander kant is die lewekant. Die lewekant is om met God 'n persoonlike verhouding te hê, God in jou self te beleef en om alles wat God is, te deel - sy wil, sy persoon, sy lewe en krag. Hierdie lewe in identifikasie met God is vir hulle die werklike Christelike lewe. Alles wat Christus self is en sy kerk laat wees, is vir hulle net die leer van Jesus.

Die lewe in identifikasie met God is vir hulle die "hoe", terwyl alles wat Christus is en sy kerk laat wees, net die "wat" is.

Daarom sal hulle sulke oënskynlik Bybelse stelling maak dat ons net in Christus moet glo, maar sal hierdie stelling dan onmiddellik kwalifiseer as sou dit net die leer van die Bybel wees. In hierdie leer ontbreek volgens hulle nog die praktyk van geloof. Maar hoe glo 'n mens, sal hulle dan dadelik vra. Die wyse waarop 'n mens volgens hulle moet glo, is om God in jou lewe in te nooi.

Net so sal hulle stel dat die leer van regverdigmaking is dat God ons regverdig verklaar, en dan noem hulle dit heel geleerd "God se forensiese geregtigheid". Maar regverdigmaking is dan net die een kant van die saak. Die lewekant is dan volgens hulle dat jy hierdie regverdigmaking deur 'n persoonlike verhouding met God jou eie maak.

Met hierdie onderskeid maak hulle alles wat vir Christene hul geloofslewe in Christus is, dat ons werklik heilig en regverdig in Christus is, dat ons werklik net glo, dat ons lewe vir God regtig in Christus 'n heilige lewe is, net die Christelike leerstellings wat 'n mens moet ken.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Maar dit is volgens hulle nie die werklike Christelike lewe nie. Die werklike Christelike lewe is wanneer jy God in jou lewe innooi en God se krag deur sy Gees jou krag word.

Op hierdie wyse maak hulle die geloofslewe in Christus net leë Bybelse leerstellings, wat egter nie die werklike Christelike lewe is nie. Die Christelike lewe is vir hulle alleen die lewe in identifikasie met God.

Hiermee ontsê hulle elke gelowige die Christelike lewe in die geloof. Die Christelike lewe kan binne hul ervaring van God nie uit geloof en tot geloof geleef word nie. Die Christelike lewe kan vir hulle net in die lewe van God ervaar word.

Daarmee verskeur hulle die Christelike kerk in die geleerde Christene, wat nog nie deel is van die werklike Christelike lewe nie, en hulle wat die ware Christelike lewe sou lewe in hul aanbidding en innigheid in die gees.

Dit is ook hoe hulle die kinders van gelowiges in hul eie kerke en gemeentes van kleins af in hul geestelikhede as die ware geestelike lewe wil vasbind asof dit die ware geestelike lewe sou wees. Hierdeur maak hulle die kerk se geloof net “leerstellings” wat kinders as bykomstigheid by hul ware geestelikheid moet aanvul. Dit is presies wat hierdie geestelikes met die kindernagmaal gedoen het. Die kindernagmaal is nou in Christelike kerke die middel waardeur kinders al van hul kleuterdae af die geestelike eenheid met God in sy Godheid ervaar. Die nagmaal is die middel waarmee hulle kinders beïnvloed om God in sy Godheid te beleef, met Jesus te identifiseer, terwyl die geloofsgemeenskap in die wisselwerkende eenheid van Christus as mens in die hemel, wat die toegang tot die nagmaal was, nou die “leerstellings” van die kerk is wat die kind kan leer wanneer hy groot is.

Dit is ook die inhoud van hul nuwe begrip, “herstellende geregtigheid”. Die geregtigheid wat Christene met Christus deel, is vir hulle net die leerkant. Christus se geregtigheid maak niks en laat niks in die lewe reg wees nie. Die “herstellende geregtigheid” is volgens hulle die lewekant. Dit is hoe Christene die geregtigheid van Christus deel van die lewe moet maak. Wat is “herstellende geregtigheid”? Dit is wanneer mense met hul bekerings, boetedoening, persoonlike opofferings, oorgawes en onderwerpings Christus se geregtigheid deel van die lewe maak.

Op hierdie wyse verskeur hulle die kerk van die Here tussen mense wat net aan die leer van geregtigheid sou vashou, maar wie se lewe sonder geregtigheid sou wees aan die een kant, en aan die ander kant hulle wat geregtigheid met hul identifikasie met God deel van die lewe maak. Christus se geregtigheid is vir hulle nie deel van die mens se lewe nie. Dit is net die leë leerstelling wat met hul identifikasie met God gevul moet word.

### 9. Die tradisiekant en die vernuwingskant: die bediening van die Woord, sakramente en tug en die bediening van geestelike aanbidding en innigheid

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Nog ’n teenstelling wat hulle gebruik om die Christelike geloof leeg te maak sodat hulle hul afgodsdiens binne die Christelike godsdiens kan uitleef asof net dit die volle bedoeling van godsdiens is, is die teenstelling tussen tradisie en vernuwing.

Volgens hulle is die bediening van die Woord van God, die sakramente en tug deur die kerk, die tradisionele kant van die kerk. Volgens hulle is tradisie nie verkeerd nie, dit is ook mooi en goed, maar volgens hulle kan mens nie in die tradisie bly vassteek, of in die verlede leef nie.

Die vernuwende kant van die kerk is volgens hulle die aanbidding in die Gees en geestelike innigheid. Deur hul aanbidding en innigheid as die nuwe bedieningsmiddele teenoor die Woord van God, die sakramente en tug as die tradisionele bedieningsmiddele te stel, maak hulle die hele bediening van die evangelie die outydse, uitgediende manier waarop God sy liefde en genade sou meegedeel het. Die kerklike bediening, wat Christus ingestel het as die manier waarop Hy vir ewig sy kerk in die nuutheid van sy genade en liefde laat deel, en elke keer weer deur sy liefde en genade vernuwe tot geloof en liefde, is binne die moderne Christelikheid die ou tradisionele manier waarop God gewerk het.

Daarom is dit volgens hulle goed as sommige Christene nog gebind is aan, soos hulle dit noem, hierdie tradisionele bediening van die kerk, want dit is maar hoe mense groot geword het en hoe hulle daaraan gewoond sou wees. Maar volgens die moderne Christene is dit nie meer die vernuwende wyse waarop God werk nie. Volgens hulle laat God sondaars nou in sy liefde en genade deel deur die aanbidding in die Gees en die geestelike innigheid van die moderne Christelikheid.

Wie nog vashou aan die kerklike bediening van die evangelie deur die Woord van God, sakramente en tug, moet volgens hulle geakkommodeer word met spesiale dienste, vergunnings en aanpassings binne die nuwe aanbidding van God, net solank hulle aanvaar dat daar nou in die kerk ’n nuwe wyse is waarop God sy genade meedeel. Die nuwe wyse waarop God sy genade uitdeel, is deur aanbidding en innigheid. Dit is die nuwe vernuwende bedieningsmiddele wat God nou in sy kerk gebruik.

Binne hierdie teenstelling wat hulle maak, is die bedieningsmiddele wat Christus ingestel het, nou die ou bedieningsmiddele wat deur hul vernuwende aanbidding en innigheid vervang is. Die enigste rede hoekom die ou bedieningsmiddele nog gebruik word, is omdat dit mooi en goeie herinneringe inhou vir mense wat daarmee groot geword het. God self vernuwe nie meer sondaars deur hierdie bediening nie.

Op hierdie wyse word geglo dat die bedieningsmiddele wat Christus, binne die kerk gebruik oud, kragteloos en nog net deel van die kerklike tradisie is. Die ‘nuwe’ aanbidding word geglo as die nuwe middele wat God gebruik om mense een te maak met sy Goddelike wil, krag, persoon en lewe. Dít kan nie deur die ou bedieningsmiddele van die kerk gebeur nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Op hierdie wyse maak die moderne Christelikheid die middele waardeur Christus sy kerk met sy liefde en genade bedien, leë, kragtelose, uitgediende middels wat nog bedien word ter wille van die mooi herinneringe wat daarin opgesluit is. Dit is volgens hulle nog net bedoel vir Christene wat nie deel van die vernuwende, kragtige werking van God in die geestelike aanbidding en innigheid van die moderne Christelikheid is nie.

Op hierdie wyse verskeur die moderne Christelikheid die kerk in sy bediening binne-in gemeentes. Die bediening van Woord, sakramente en tug word vir een deel van die gemeente bedien, omdat dit vir hulle tradisie en mooi herinneringe uit die verlede is, maar die vernuwende en geestelike bediening van die gemeente is die nuwe bediening van aanbidding en innigheid in die Gees.

So word eredienste stukkend geskeur in die tradisionele bediening en die vernuwende bediening in een erediens of word gemeentes verskeur in "twee bedieningstyle" met verskillende eredienste wat aan lidmate die demokratiese keuse bied om self te kan kies watter een hulle pas. Hiermee is die kerk se eenheid in die bedieningsmiddele waarin Christus werk op so 'n wyse verskeur dat Christus net nuut werk deur die geestelike aanbidding van die moderne Christelikheid, maar die ou manier waarop Christus nie meer vernuwend werk nie, behou word as 'n oorgangsfase vir tradisionele Christene.

Die moderne Christelikheid kan die bediening van Christus deur Woord, sakrament en tug net verdra as 'n uitgediende werkswyse van God wat aan die verbygaan is, terwyl God net vernuwend werk deur hul aanbidding. Logies gesproke is hulle reg, want God sal nooit deur die bedieningsmiddele van die kerk mense in sy Godheid laat deel nie. Hulle is egter heeltemal verkeerd in die geloof dat hul ervaring met God in sy Godheid die vernuwende werking van Christus is. Dit is nie die vernuwende werk van Christus nie. Dit is die ou gees van afgodsdiens wat nog altyd, en vir altyd, in goddeloses werksaam sal wees. In hul goddelose gemoed voel hulle nuut in die bediening van afgodsdiens en oud binne die bediening van Christus. Paulus beskryf die magservaring waarin die bediening van Christus die ou tradisionele uitgediende werkswyse van God sou wees, só:

> Maar aan God die dank! Hy voer ons altyd saam in sy triomftog omdat ons een is met Christus. Deur ons versprei Hy die kennis van Christus oral soos 'n aangename geur. [15]Ons is die wierook wat deur Christus vir God gebrand word, waarvan die geur dié bereik wat gered word, sowel as dié wat verlore gaan. [16]Vir dié wat verlore gaan, is dit 'n doodsreuk wat dood bring; vir dié wat gered word, is dit 'n lewensgeur wat lewe wek." (2 Kor.2:14-16)

Vir die moderne Christelikheid is die bediening van die evangelie in Woord, sakrament en tug, 'n doodsreuk wat die dood bring. Dit is vir hulle die ou, dooie, tradisionele, uitgediende werkswyse van God waarin hulle in hul goddeloosheid nooit nuut en lewend kan voel nie. Logies en gevoelsmatig is hulle reg. Die bediening van die evangelie kan hulle nooit in hul goddelose identifikasie met God nuut en lewend maak nie. Maar die bediening van die moderne Christelikheid se aanbidding in die Gees kan!

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**10. Die teoretiese verstandelike kant en die praktiese gevoelskant: liefde vir God en mense volgens die wet, en liefde volgens die aanbidding en innigheid in die Gees**

Die teenstelling tussen verstandelik en emosioneel is die teenstelling wat moderne Christene gewoonlik gebruik om te onderskei tussen die liefde van Christene volgens die wet van God en hul nuwe spirituele aanbidding en innigheid .

Om God volgens die wet van God te eer, te dank, te loof en te dien, as die Skepper wat altyd in sy onsigbaarheid, ewigheid, alomteenwoordigheid en almagtigheid as God teenwoordig, kenbaar, toeganklik en openlik verheerlik as Skepper in sy skepping is, is vir die moderne Christelikheid “verstandsgodsdiens”. Dit is net die een kant van die aanbidding van God. Goed, reg en nodig. Maar onvolledig.

Volgens hulle moet daar nog iets by hierdie “verstandsgodsdiens” bykom voor dit volledige aanbidding is. Wat ontbreek, is dit wat hulle “die emosie” noem. Hulle beredeneer dit só: Mense is nie net verstandelike wesens nie. Mense is ook emosionele wesens. Daarom moet daar ook in die aanbidding van God plek wees vir die emosie.

Die “emosie” wat volgens hulle by hierdie “verstandelike godsdiens” moet bykom, is om God nie net te eer, te dank, te loof en te aanbid in sy onsigbaarheid, ewigheid, alomteenwoordigheid en gans andersheid nie. Dit is om God ook “emosioneel” te beleef. Hoe beleef ’n mens God emosioneel? Wanneer God sy goddelike krag, persoon, wil en lewe met mense deel! Om God nie net te eer vir alles wat Hy as God is nie, maar om wat God self is met God binne-in jouself te deel, dit is volgens hulle “emosie”.

Net so is om mense volgens God se wet lief te hê in die eerbied, respek en diensbaarheid vir mekaar se gesag, lewe, gemeenskap, besittings en eie lewensbedoeling “verstandsgodsdiens”. Dit is goed en reg. Maar dit is volgens hulle nog net die een kant van werklike geestelike liefde. Werklike emosionele liefde vir mekaar is volgens hulle wanneer mense God in mekaar en vir mekaar beleef, wanneer jy Jesus vir ander is en mense Jesus in jou beleef. Dit is vir hulle werklike “emosionele” liefde vir mense.

Die “verstandelike” liefde vir God en mense is vir hulle sonder enige emosie. Dit is gevoellose aanbidding van God en gevoellose menseliefde. Wat se liefde en aanbidding is gevoelloos? Liefde gaan oor die volle menslikheid waarin jy jouself aan God en jou medemens gee en toewy. Gevoellose liefde is nie liefde nie. Gevoellose aanbidding is nie aanbidding nie.

Hier vind ons die magsdenke en magsaanvoeling van die moderne Christelikheid op sy brutaalste en venynigste teen die liefde vir God en mens. In hul magsdenke kan eer, lof, dank vir en diens aan God as God in sy ewigheid, almag en onveranderlikheid nooit aanbidding wees nie. In hul magsdenke kan God net aanbid word as Hy sy Goddelikheid met mense deel en sy Goddelikheid deur mense uitleef. God wat in Homself, deur Homself en tot Homself

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

God is, is vir hulle die “teorie” oor God. Dit is nie hoe God werklik gevoelvol God is en kan wees nie.

Daarom is alle eer, dank, lof en diens aan God as God, volgens sy wet, vir dié geestelikes leë menslike gebare sonder enige aanbiddingswaarde. Dit is teoreties en verstandelik. Hul magsdenke verklaar en veroordeel alles buite hul magsdenke as blote teorie. Dit is nie werklik nie. Daarom is God wat uit, deur en tot Homself God is, buite en sonder die mens, ook net die teorie van God. Dit is nie die praktyk van God nie.

In hierdie magsdenke oor God verklaar hulle die liefde vir hierdie God as gevoelloosheid. Dit wys ook die werklike inhoud van dit wat hulle as “emosie” aanprys. “Emosie” is vir hulle magsaandoenings. Hul gevoelvolheid is die gevoel van mag. Mag laat hulle gevoelvol voel, want die heerssug, eersug en hebsug van selfgenoegsaamheid is vir hulle die werklike “emosie” wat hulle wil beleef. Daarom is enige liefde wat net liefde en geen magservaring is nie, vir hulle “emosieloos”. Hoe nader hulle aan mag is en hoe meer mag hulle het, hoe meer gevoelvol voel hulle, want mag maak hul selfgenoegsaamheid ’n werklikheid.

Dit geld ook vir hul naasteliefde. Naasteliefde wat net liefde is en nie onderwerping en oorheersing is nie, is vir hul magsdenke en magsaanvoelings “emosieloos”. Daarom ervaar hulle die naasteliefde volgens God se wet, wat diensbaarheid sonder enige magsinhoud is, as gevoellose liefde, leë liefde, magtelose liefde.

Deur die teenstelling tussen verstand en emosie, maak hulle die liefde vir God en mens volgens God se wet iets wat net in teorie bestaan, en maak hulle hul magsgevoel die werklike “emosie” wat in alle liefde ervaar moet word.

Met hul magsdenke oor die twee kante van dieselfde eenheid, verstand en emosie, verdring hulle die liefde vir God en mense volgens God se wet uit die kerk as leë teoretiese verstandelike liefde, terwyl hulle hul magservarings in God en mense as die werklike emosievolle liefde in die kerk uitleef.

Hiermee verskeur hulle die Christelike kerk tussen liefdelose en liefdevolle Christene. Christene wat God en hul naaste volgens God se wet liefhet, is vir hulle emosielose Verstandschristene wat nie werklike liefde het nie, terwyl hulle mense wat met God identifiseer onmiddelik kan herken as “Christene wat die Here waarlik liefhet”. Hulle erken self dat hulle hierdie “liefdelose Christene” net verdra omdat dit hul sending en roeping van God is om God se Goddelike liefde vir hulle te wys.

Op hierdie wyse moet Christene wat God en hul medemens gelowig volgens God se wet liefhet, hulself in hul eie kerke en gemeentes aanvaar as liefdeloos en moet hulle hul onderwerp aan die liefdevolle goddeloosheid van die moderne Christelikheid.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**11. Die regterlobkant en die linkerlobkant: Woord en simbole**

Seker die vreemdste teenstelling wat moderne Christene gebruik vir hul sinkretisme van alles wat Christus is en sy kerk laat wees, is die onderskeid wat hulle ontwerp het van linkerlob-Christene teenoor regterlob-Christene.

Omdat die menslike brein volgens hulle aan die eenkant geheelindrukke waarneem en aan die anderkant op detail fokus, is Christene wat ingestel is op die Woord van God linkerlob-Christene. En dit is volgens hulle goed en reg dat hierdie Christene ingestel is op die detail van die Woord van God. Maar dit is net die een kant, so meen hulle altans.

Volgens hulle is die ander kant dat die kunstige geheel van God nie in woord beleef kan word nie, maar dat God se kunstige geheel net in rituele ervaar kan word, want in rituele word God in sy volheid simbolies ervaar, wat volgens hulle ’n voller ervaring van God is as om net na God te luister in sy Woord. Daarom moet elke Woordbediening van God volgens hulle ook gepaard gaan met rituele wat die abstrakte, gedetailleerde gepraat oor God, konkrete volheidservarings van God maak.

Met hierdie teenstelling maak hulle die Woord van God God se gepratery, geleerdery en verduideliking. Deur die Woord van God kan ’n mens net die intellektuele, verstandelike en leerstellige gepraat van God hoor. Maar die werklike geheelservaring van God as God, beleef geestelikes net in rituele, nie in en deur die Woord van God nie.

Binne die magsdenke en magsaanvoeling van geestelikes is die Woord van God nie ’n skeppings- en herskeppingswoord nie. Dit is nie die Woord waardeur God alles gemaak het en alles in die skepping in stand hou nie.  Dit is nie die Woord waardeur Hy mense insluit en in Homself as mens in die hemel verenig nie. Dit is nie die Woord waardeur God sy volle genade en liefde as God meedeel nie. Dit is nie die Woord waardeur Hy geloof en liefde in sondaars skep nie. Dit is net God se leë gepratery en verduidelikings. Die werklikheid van God se teenwoordigheid, kenbaarheid toeganklikheid en heerlikheid is vir dié geestelikes nie ’n werklikheid in dit wat hulle in hul magsdenke en magsaanvoelings net as God se gepratery en verduidelikings sien en voel nie. God word eers as God ’n volledige werklikheid vir hulle in hul magsrituele.

In hul magsrituele is hul goddelike geestelikheid teenwoordig, kenbaar toeganklik en openlik verheerlik, en in hierdie vertoonde goddelikheid sien en voel hulle God konkreet. God se Woord self is daarom vir hulle sonder die ervaring van hierdie vertoonde goddelikheid wat hulle in hul selfontwerpte rituele ervaar.

Hiermee verskeur hulle gemeentes en lidmate onderling tussen mense wat net na God se leë gepratery wil luister, maar God nie in geheel kan beleef nie, omdat hulle inkerlob-Christene sou wees. Hierdie linkerlob-Christene moet aanvaar en insien dat hul ingesteldheid op die Woord van God geestelikes van die volle ervaring van God weerhou. Daarom moet die Woord van God nie net meer gepreek word nie. In die gepredikte Woord kan God nie

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

volledig ervaar word nie. God moet in dans, liggaamsrituele en rituele optredes volledig as God ervaar word. Die Woord van God alleen is net ’n leë gepratery van en oor God. God self is in magsrituele ervaarbaar.

**12. Die strukturele kant en die persoonlike kant: politieke en kerklike mag**

Die moderne Christelikheid kan nooit sy effektiewe mag uit sy geestelikheid verkry nie. Sy geestelikheid is goddeloosheid. In goddeloosheid kan daar geen innerlike geloofskrag wees nie. Die krag om mense van hul menslikheid te stroop en aan die geestelikes se goddelikheid te onderwerp, moet hulle in die ideologieë van die wêreld vind, want dit is die ideologieë wat die werklike effektiewe magte in pag het: die wetenskap, die staat, die kuns, die ekonomie en die gemeenskap.

Daarom kan die moderne Christelikheid altyd net die geestelik kant van ’n ideologie wees. Dit vergeestelik ideologiese mag. Dit is altyd die geestelikheid of teologie van iets. Dit is die geestelikheid van gemeenskappe soos arbeiders, vroue, homoseksuele mense en die jeug. Dit is die geestelikheid van Afrika, die Weste of die Ooste. Dit is die geestelikheid van volke, nasies en rasse. Dit is die geestelikheid van elke “-isme”: kommunisme, sosialisme en kapitalisme. Dit is die teologie van vryheid, rewolusie, hoop en enige ander menslike idee of droom.

Die volgelinge van die moderne Christelikheid kan nooit net glo of net liefhê nie. Hulle moet altyd hulself met, of as iets in die gemeenskap in God identifiseer.

Hiervoor het hulle weer ’n innerlike teenstelling ontwerp om die inhoud van geloof en liefde uit die gemeenskap te verdring. Hierdie teenstelling is die teenstelling struktureel en persoonlik. Identifikasie met die gemeenskapsinstelling of ideologieë is volgens hulle “die strukturele verhouding” met God.

Die algemene woorde wat hulle vir hierdie onderskeid gebruik is versoening en persoonlike verhouding. Hulle sal alles wat Christus is en sy kerk laat wees, stel as die een kant van die verhouding met God. Dit is dan skielik weer die persoonlike kant. Maar alles wat hulle in hulle identifikasie met God is, sal hulle voorhou as die “strukturele kant”.

Op hierdie wyse vorm hulle deur hul identifikasie met God alliansies met gemeenskappe en ideologieë wat hulle “versoening” noem. In hierdie alliansies is die geestelikes bemagtig om mense te onderwerp aan hul geestelikheid en die goddeloses bemagtig om mense aan hul ideologieë as ’n geloofsverpligting te onderwerp. Terwyl hulle dit doen, mag alles wat die Christelike kerk in sy geloof en liefde is, nie as versoening in die openbaar uitgeleef word nie. Dit moet net as “persoonlike menings” en “persoonlike oortuigings” buite die gemeenskap gehuldig word. Alles wat die moderne Christelikheid is, word as die ware gemeenskapsverhouding met God voorgehou, maar alles wat die kerk in sy geloof en liefde is, moet net as die persoonlike kant buite die gemeenskap gehou word.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Op hierdie wyse is die moderne Christelikheid die kerk vir die wêreld. Die wêreld kan in die naam van Christus deur die geestelikheid van die moderne Christelikheid sy goddelose ideologieë uitleef as God se gemeenskapvisie en -missie. Terselfdertyd is die moderne Christelike kerk die kerk wat die geloof en liefde van Christene uit die gemeenskap isoleer as die "persoonlike kant" van godsdiens wat nie in die openbare gemeenskapslewe 'n plek het nie.

Hiermee moet die kerk van Christus hom elke keer en herhaaldelik versoen.

**13.Die viering van die diversiteit van spiritualiteit as die wyse waarop die verskeurde kerk van Christus nog net in naam behou word**

Wat bewerk die moderne Christelikheid met hierdie dualismes?

Met hierdie dualismes vervang die moderne Christelikheid die Christelike geloof in en liefde vir God met sy alternatiewe twee Godservarings, identifikasie met die persoon en krag van God. Met hierdie dualismes maak die aanhangers van die moderne Christelikheid asof hul identifikasie met die persoon en krag van God Christelike geloof en liefde is. Met hierdie dualisme maak hulle dat die bediening van die evangelie en sakramente nooit die geloof en liefde kan bemiddel en versterk nie, maar dat die bediening van die Woord en sakramente die wyse word waarop goddeloses in hul afgodsdiens versterk word. Met hierdie dualismes word die evangelie en die wet van God leë, inhoudlose magsimbole waarin en waardeur hulle goddeloosheid binne die kerk van die Here godsdienstig vier.

Hierdie viering van goddeloosheid in en deur die evangelie en die wet as leë, inhoudlose magsimbole noem hulle die viering van die diversiteit van Christelike aanbidding.

Die effek van hierdie spirituele denke en gevoelvolheid van die moderne Christelikheid is totaal verskeurend vir die kerk van die Here. Elke nuwe Godservaring in die moderne Christelikheid word binne die kerk van die Here uitgeleef as die emosievolle, vernuwende, persoonlike, verhoudingsvolle, strukturele en konkrete belewenis van God teenoor die geloof en liefde van die kerk, wat as die leë kant van godsdiens verklaar en verstoot word.

Hiermee word gelowiges in hul eie gemeentes geïsoleer of verstoot as "tradisie-Christene, "verstand-Christene", "verbond-Christene", "objektiewe Christene" en "linkerlob-Christene" wat nog nie die Here werklik ken, werklik 'n verhouding met God het nie, God nie werklik gevoelvol kan aanbid of God werklik kan beleef nie.

Hierdie veroordeling van Christene in hul eie gemeentes, geloof, liefde en diens aan God is die werkende krag van kerkskeuring wat hom dag vir dag afspeel binne die Christelike kerke van die weste tot die ooste, van die noorde tot die suide. Elke nuwe geestelike met 'n nuwe Godservaring kry sy eie nuwe geestelike groep van ware Godsvervuldes, vervuld met die nuwe verligte en herleefde idee, visioen, droom, visie of missie van God, byeen. Hulle verskeur die kerk van die Here deur óf elke keer 'n nuwe geestelike gemeenskap te stig, óf

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

die gelowiges te dwing om hul eie kerk te verlaat om van die geestelike goddelikheid van hierdie Godsdvervuldes te ontsnap.

Dit is hoe alle afgodsdienste nog altyd gewerk het en nog steeds werk. Vir elke menslike ervaring word 'n Godsbeeld en godsdiens ontwerp en daar is altyd plek vir nog een. Net vir een ding is daar nie plek nie: een ware geloof en aanbidding van God. Dit is teen alles wat afgodsdiens is en wil wees.

Daarom moet die eenheid van die kerk van Christus, sy geloof in een ware evangelie en liefde volgens een enkele wet van God vervang word met 'n nuwe eenheid waarin elke Godservaring deel van die eenheid van afgodsdiens kan wees.

Die eenheid in spiritualiteit is volgens die moderne Christene die diversiteit van Godservarings. Wat is hierdie diversiteit binne hul spirituele logika en gevoelsaandoening? Dit is nie en kan nie een evangelie en een wet wees nie. Dit is die eenheid van goddelikheid. Elkeen kan sy eie Godservaring ontwerp, uitleef en bemark, solank alle godsdiens Godservarings is. Die kern van elke Godservaring moet wees dat mense hulle in die persoon, lewe, wil en krag van God inleef en hul eie menslike persoon, lewe, wil en krag as God se eie uitleef. Dit is die eenheid van die diversiteit van hul goddelikheid: spirituele mag!

Die eenheid van een geloof in een evangelie en een liefde deur een wet, is vir hulle net die leë, inhoudlose simbole waarin hulle die diversiteit van hul goddelikheid binne die kerk van die Here vier.

Die moderne Christelikheid is die spiritualiteit wat die geloof in Christus en die liefde uit die geloof in Christus net nog een van die afgodsdienste van die wêreld laat wees, binne-in Christelike kerke!

**14.Godsdiensvryheid**

Godsdiensvryheid is die vryheid van die evangelie. Deur die evangelie kan sondaars deel in God se liefde en genade. Deur die evangelie kan sondaars in God as God weer glo. Deur die evangelie kan sondaars vir God volgens sy wet liefhê, want die evangelie maak God se wet, in Christus God se nuwe wet vir sondaars.

In hierdie geloof in God en liefde vir God volgens sy wet, is Christene vry van die goddeloosheid van hierdie wêreld. Hulle is vry van die goddeloosheid waarin mense selfgenoegsaam mens wil wees: mens uit hulself, deur hulself en tot hulself. In die geloof in Christus en liefde vir Christus, eer en dien Christene God as God wat uit Homself God is, deur Homself God is en tot Homself God is.

Daarom leef Christene buite die bipolêre spanning van goddeloosheid en afgodsdiens aangesien afgodsdiens niks anders as godsdienstige goddeloosheid is nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Daarom moet Christene weer hierdie vryheid herontdek teenoor die mag van die moderne Christelikheid. Moderne Christelikheid is afgodsdiens. Dit verdring alles wat Christus en sy kerk is met die Godservaring van goddeloosheid. Dit word egter alles gedoen in die wonderlike Naam van Jesus, Jesus se leë naam waarin moderne geestelikes net hul eie goddeloosheid as Christelike godsdiens uitleef.

Wanneer die kerk hierdie vryheid in die geloof weer ontdek en opneem, sal die kerk weer buite die innerlike teenstrydighede van hierdie moderne afgodsdiens kan leef en in die vryheid kan leef dat hul liefde en diens vir die Skepper van hemel en aarde volmaak is.

Hierdie geloof in Christus sal die kerk ook weer buite die verskeurende spanning kan stel waarbinne die moderne Christelikheid die kerk gevange hou. Die gevangenheid van "liberale Christene" wat deur hul wêreldkennis en wetenskaplike insigte alle Christene, wat die evangelie glo, minag as fundamentaliste; die gevangenheid van "geestelike Christene" wat deur hul Godservarings alle gelowige Christene minag as mense wat nie met God 'n persoonlike verhouding het nie, want die wetteloosheid van die liberales en die wettiesheid van die geestelikes is niks anders as die bipolêre binnekant van goddeloosheid nie. Moderne Christelikheid is goddeloosheid, godsdienstige goddeloosheid – afgodsdiens in die naam van Christus.

Daarom weet goddeloses instinktief dat die moderne Christelikheid in wese niks anders is as dit wat hulle self in hul goddeloosheid is nie. Daarom weet geestelikes instinktief dat goddeloses se mag hul eie magsbasis is van waar hulle hul geestelikheid moet vestig.

Deur ons geloof in Christus is ons vry, vry om God uit geloof en in liefde te dien, op die enigste wyse waarop die Skepper van hemel en aarde gedien mag word. Deur geloof in Christus is ons vry van die goddeloosheid van die moderne Christelikheid en daarom vry van alle goddeloosheid in die wêreld; is ons vry van die afgodsdiens van die moderne Christelikheid se geestelikheid en daarom is ons vry van alle afgodsdienste van die wêreld.

In Christus is ons vry om die Skepper te dien!

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

# HOOFSTUK 18: DIE INHOUD EN OMVANG VAN DIE PROBLEEM BINNE DIE CHRISTELIKE KERK EN DIE WEG DAARUIT

Christene vandag glo afgodsdiens is godsdiens. Die moderne Christelikheid het die geloof en liefde van die kerk vervang met identifikasie met God. Hierdie probleem raak die hele Christelike kerk in alles wat die kerk glo, is en doen. Dit raak elke kerklike instelling wêreldwyd. Die enigste wyse waarop die kerk weer uit hierdie identifikasie met God in die Naam van Christus kan vrykom, is om in die Skrif die inhoud van geloof in en liefde vir God in Christus te kan ontdek as totaal iets anders as om met God in die naam van Christus te identifiseer.

## 1.Die inhoud van die probleem: Christene glo afgodsdiens is godsdiens

Christene glo afgodsdiens is godsdiens. Dit is die probleem in die Christelike kerk vandag. Afgodsdiens het godsdiens op so ’n manier in Christelike kerke verdring dat Christene glo dat afgodsdiens die eintlike bedoeling van Christus met hul lewe is. Godsdiens gaan oor geloof en liefde. Afgodsdiens gaan oor mag. Christene is so vervreem van die inhoud van geloof in en liefde vir God dat hulle nie meer die verskil tussen geloof in en liefde vir God, en die sug na mag en oorheersing kan raaksien nie.

Christene is in afgodsdiens vasgekeer.

Die Christelike Kerk se weg uit hierdie bevangenheid is die Woord van God: “U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad.” (Ps.119:105) Net uit die Woord van God kan Christene weer hul geloof in en liefde vir God ontdek en onderskei as iets anders as die mag en perversie van die soort geestelikheid wat afgodsdiens is.

Hierdie boek stel die inhoudelike verskil tussen geloof in en liefde vir God teenoor afgodsdiens binne die Christelike kerke aan die orde.

Godsdiens gaan oor geloof en liefde. Dit is geloof in God se liefde vir sondaars en sondaars se liefde vir God volgens sy wet. Afgodsdiens gaan nie oor geloof in God se liefde vir sondaars, óf oor sondaars se liefde vir God volgens sy wet nie. Afgodsdiens gaan oor identifikasie met God.

In afgodsdiens glo mense nie in God nie. In afgodsdiens het mense God ook nie lief nie. Hulle identifiseer hulself met God. Identifikasie met God is in afgodsdiens die alternatief op geloof en liefde.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

In afgodsdiens wil mense nie binne die liefde van God leef nie. Hulle wil binne hul selfbelewenisse leef asof dit Godservarings is. Hulle wil hulself goddelik ervaar. God is vir hulle net die instrument waardeur hulle hul eie goddelikheid wil beleef.

’n Mens het geen verhouding met God as jy jouself met God identifiseer nie. In identifikasie is ’n mens net met jouself besig. Jy is net besig om jouself te definieer. In identifikasie is jy met niks en niemand anders as met jouself besig nie. Jy is nie met God as Persoon besig as jy met God identifiseer nie. Om met God te identifiseer beteken om jouself so in God in te leef dat jy jou eie persoon, jou eie wil en jou eie krag uitleef asof dit nou die persoon, die wil en die krag van God self is. Alles wat jy egter ervaar en glo as die persoon, wil en krag van God is niks anders as net jou eie persoon, wil en krag nie.

Deur met God te identifiseer, laat mense hulself deur die persoon, die wil en die krag van God geld. Hul eie drifte, doelwitte, wilsbesluite, idees en selfbeeld word deur hul identifikasie met God in hul gemoed die drif, doelwit, besluit, idee en beeld van God.

Identifikasie met God gaan oor mag. Selfbemagtiging! Identifikasie met God laat mense hul eie drifte, doelwitte, besluite, idees en selfbeeld ervaar as moreel beter, liefdevoller, magtiger, onskuldiger, invloedryker en betekenisvoller as dié van ander mense.

In godsdiens gaan dit oor iets totaal anders as om jouself met God te identifiseer. Godsdiens gaan oor liefde: God se liefde vir ons en ons liefde vir God. Liefde is iets totaal anders as identifikasie. Liefde is die werklike verhouding tussen God en mens. Identifikasie gaan altyd oor mag. Die mag om jou eie persoon, wil en krag te ervaar asof dit God is wat binne-in jou lewe. Liefde gaan nooit oor selfbemagtiging nie. Dit gaan oor diensbaarheid.

Dit is die wesenlike verskil tussen godsdiens en afgodsdiens: geloof in en liefde vir God, teenoor identifikasie met God. Geloof en liefde teenoor mag! *Protestants* stel die inhoud van God se liefde vir ons en ons liefde vir God teenoor die inhoud van identifikasie met God aan die orde gestel.

Die Christelike kerk is vandag wêreldwyd ’n gevange gemeenskap: vasgevang in identifikasie met God, terwyl dié Christene oortuig is, en aanhoudend oortuig word, dat identifikasie met God geloof in en liefde vir God is.

**2.Die antwoord op die probleem: om die verskil tussen afgodsdiens en godsdiens in die Skrif te ontdek**

Die enigste manier waarop Christene uit hierdie vasgekeerdheid kan loskom, is om geloof en liefde as totaal iets anders te ontdek as identifikasie met God. In hierdie herkenning lê die vryheid opgesluit om weer onbevange in God te kan glo en Hom te kan liefhê.

Dit is Christelike vryheid: om in God te glo en Hom lief te hê sonder om met Hom in sy Godheid te moet identifiseer. Werklike godsdiensvryheid is om uit identifikasie met God te

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

breek en jou weer in geloof tot God te keer. Dit is om God in sy liefde te vind buite die identifikasiebeelde wat mense van God skep. Dit was die oproep tot bekering van al die profete: om uit hierdie identifikasie met God weg te breek tot geloof in God se verbondstrou.

Dit is hoe ons die vryheid om binne God se liefde te kan leef in hierdie bevange wêreld kan herontdek. Godsdiensvryheid is die vryheid om te kan glo in God se liefde vir sondige mense en as sondige mens God te kan liefhê, sonder dat ons met God hoef te identifiseer soos wat die geval in alle ander afgodsdienste is.

Afgodsdiens gaan oor mag: mense se mag oor God en oor mense. Mense wat met God identifiseer, maak altyd ’n totale aanspraak op ander mense. Hulle glo hul eie totale aanspraak op alles en almal is God se uitreik na die wêreld toe. Hulle wil ander mense in hul gees en lewe vasvang: in hul eie emosies, in hul eie drifte, in hul eie wilsbesluite, in hul eie doelwitte, met hul eie idees en hul eie belewenisse oor hulself, asof hul binneste God se eie binneste is.

Die ontdekking dat om in God se liefde vir ons te lewe, iets anders is as om te leef in mense se selfervarings met God, maak Christene onbevange lief vir God. Dit bevry ons van die aanspraak op en die bevangendheid dat ons binne ander mense se persoonlike identifikasie met God moet leef asof ons God in hul persoon, wil en krag moet ervaar.

Hierdie aanspraak van hul selfgesentreedheid op ons is totalitêr. Hulle leef met die aandrang daarop asof ons God - God se krag, God se wil, God se liefde, God se raadsplan met ons lewe en God se teenwoordigheid in hul emosies, idees, teorieë, visioene, beplanning en belewenisse moet ontdek.

Op hierdie wyse wil hulle ons vasvang in hul eie, klein geesteswêreld met hul eie, selfgerigte begeertes, idees en drome asof dit die eintlike, enigste, werklike en totale wêreld is waarin God en ons mag bestaan.

Identifikasie met God is die magsug waarin ander mense God net in mense se goddelike selfbelewenis mag vind en dien. In hierdie absolute selfbevangendheid word die eiewaan van mense wat hulle in God inleef, as die enigste aanvoelbare werklikheid vir alle mense voorgeleef en word die werklikheid van God en sy wêreld aanvoelbaar doodgeleef.

Dit is die selfgeleefde wêreld van kerklike godsmanne en goddelike staatsmanne, die inniges en die magtiges.

Hierdie selfgeleefde wêreld is ook die rede vir die onvermoë van hierdie inniges en magtiges om die skepping en die mens te kan ontdek en te kan aanvaar soos God dit laat wees en werk. Hulle is altyd in opstand en verset teen God en sy skepping. God en die wêreld kan en mag nooit iets anders wees as wat hulle in hul eie gemoed vir hulself toelaat nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Ons wil God buite om en sonder hierdie ervarings en idees ontdek. Ons wil God in sy eie Woord vind, dit is die Woord waarin Hy Homself bekend maak. Ons wil Hom in die liefde vind wat Hy self aan ons meedeel, buite om en sonder die innighede en eie-magtighede van mense.

Ons wil Hom dien in die liefde wat Hy vir ons het, buite die selfbemagtiging van innige en magtige godsmanne wat God by ons wil verteenwoordig. Ons wil onsself nie inleef in die geestelike eiesinnighede van mense, terwyl ons moet dink dit is hoe ons God in hulle en onsself moet ervaar nie.

Ons wil God in God vind. Ons wil God nie in mense vind nie; nie in ander mense nie en ook nie in onsself nie.

Hul eie ervarings en idees wat hulle aan ons voorhou asof dit goddelike belewenisse of goddelike idees volgens die Bybel is, wil ons kan raaksien en verwerp vir dit wat God se Woord ons wys dit is. Hul goddelike selfvervarings en idees is nie God se liefde vir ons nie. Dit is ook geen geloof in God se liefde vir ons nie. Nog minder is dit enige liefde vir God.

Dit is identifikasie met God. Dit is niks anders nie as mense wat hulself as goddelik definieer en self as goddelik laat geld deur hulself met God te vereenselwig.

Die vryheid om God te mag dien, is iets anders as die gewaande vryheid om met God te wil identifiseer. Die vryheid om met God te identifiseer, is die vryheid om sonde te doen asof dit godsdiens is. Dit is nie vryheid nie. Dit is die mag van die Bose.

Volgens die Woord van God is die vryheid wat mense hulle aanmatig om met God te identifiseer sonde. Volgens die Woord van God is identifikasie met God goddeloosheid – dit is die oersonde van die mens: “Toe sê die slang vir die vrou: “Julle sal beslis nie sterf nie,
5maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en ***dan sal julle soos God wees*** deurdat julle alles kan ken.” (Genesis 3:4) [Beklemtoning deur vetdruk dié van die outeur]

Dit is die selfgemaakte binne-wêreld van selfgenoegsame mense. In plaas daarvan dat die mens binne God se liefde wil leef, wil hy homself vind en laat geld met die persoon, die wil en krag van God en daardeur God eintlik afwesig leef. Die mens wil nie meer in sy afhanklike menswees op die teenwoordige God aangewese wees nie. Hy wil in sy selfbemagtigde goddelikheid selfaangewese wees. Om met God te identifiseer is om soos Adam en Eva goddelik goddeloos te wîl leef.

Dit is wat afgodsdiens is: afgodsdiens is goddeloosheid in die gedaante van godsdiens. Dit is goddeloosheid wat uitgeleef word asof dit eintlik die ware godsdiens is. Afgodsdiens is godsdienstige goddeloosheid. Afgodsdiens wil die sonde van identifikasie met God die ware,

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

eintlike en werklike inhoud van godsdiens maak. Dit wil goddeloosheid die manier maak waarop mense God binne-in Christelike kerke aanbid.

**3.Die omvang en aard van die probleem**

Die verskil tussen godsdiens en afgodsdiens het vandag onduidelik geraak in die wyse waarop die Bybel in die Christelike kerk gepreek en geleer word. Die rede hiervoor is dat identifikasie met God en liefde vir God in kerke voorgehou word asof dit een en dieselfde saak is.

Daarom is afgodsdiens vir die oorgrote meerderheid van Christene vandag maar dieselfde as godsdiens. In die meeste eredienste, geestelike boeke en Bybelstudie kry ’n mens vandag óf net afgodsdiens wat aangebied word asof dit godsdiens is, óf dele van godsdiens wat so vermeng geword het met afgodsdiens dat albei na inhoud maar lyk asof dit een en dieselfde saak is.

Hierdeur word die inhoud van die afgodsdiens, identifikasie met God, in kerke gepreek en geleef asof dit godsdiens is. Goddeloosheid het by wyse van afgodsdiens al op een of ander manier die inhoud van al die beoefende godsdiens in die meeste Christelike kerke geword.

Hierdie verdringing van godsdiens deur afgodsdiens is nie meer ’n probleem net in een spesifieke kerk of net in sommige gemeentes nie. ’n Mens kan ook daarom nie hierdie probleem ontkom deur net van een organisasie te bedank en by ’n ander organisasie met ’n ander naam en tradisie aan te sluit nie. Dit het ’n wêreldwye probleem in die oorgrote meerderheid van Christelike kerke en gemeentes geword.

Die Christelike kerk wêreldwyd word op ’n nuwe wyse vir die afgelope vierhonderd jaar al dieper en dieper vasgevang in identifikasie met God asof dit godsdiens is.

Wat die Bybel afgodsdiens noem, is al in baie Christelike kerke óf gedeeltelik óf volledig die wyse waarop mense God aanbid. Eintlik het afgodsdiens die mees aanvaarbare wyse van godsdiens in eredienste wêreldwyd geword. Afgodsdiens het die mees aanvaarbare wyse geword waarop mense sogenaamd tot God bekeer, God in gebed aanroep, in God glo, vir God getuig, predikante en sendelinge word en God elke dag dien.

Identifikasie met God binne die Christelike kerk word voorgehou asof dit ’n spontane goddelike gebeurtenis en ingryping in mense se lewe sonder enige menslike inisiatief is. Dít is die wyse waarop mense identifisering met God graag voorhou as hulle daaroor praat. Hulle sê dit is iets wat sommer op ’n wonderlike en onverklaarbare wyse gebeur het. Só hou hulle elke nuwe idee wat hulle self oor God uitdink of elke nuwe belewenis waarmee hulle hulself in God inleef, aan gemeentes en die gemeenskap voor as die eintlike ware godsdiens.

Dit is egter bloot hoe hulle identifikasie met God voorhou. Identifikasie met God gebeur nie regtig soos hulle dit voorhou nie. Hierdie “wonderlike geestelike” of “verligte ding” wat hulle

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

beweer sommer so skielik en onverwags met hulle gebeur het, is deur hulle self of ander mense uitgedink en voorgeleef. Identifikasie met God word deur predikante en geestelike mense ontwerp, uitgedink, gepreek, geleer en as rolmodel voorgeleef. Hulle gee maar net voor asof hierdie identifikasie met God 'n geestelike ervaring is wat niemand kan verstaan, verklaar of wat niemand weet waar dit vandaan kom nie.

Op hierdie wyse kan en mag identifikasie met God nooit as 'n identifiseerbare saak aan die orde gestel word en aan die lig van God se Woord onderwerp word nie. Dit is taboe. Dit is godslasterlik. Identifikasie met God is 'n onaantasbare heiligheid wat net met menslike terughoudendheid en onderwerping aanvaar moet word as die wonderwerking van God self.

Dít, terwyl geloof in God en liefde vir God op elke moontlike wyse aan die felste kritiek en minagting van die mens se selfervarings onderwerp word.

Mense glo dat elke nuwe ontwerp van 'n godservaring in identifikasie met God die nuwe godsdiens van die nuwe tyd is. Identifikasie met God word altyd weergegee as die nuutste ervaring met God. Daar is egter niks nuuts aan hierdie sogenaamde nuwe ervaring van God nie. Van Genesis 1 af tot en met die boek Openbaring beskryf die Bybel die inhoud van identifikasie met God as die geestelike inhoud wat téénoor geloof in God staan en dit is sonde!

Die inhoud van hierdie sogenaamde nuwe ervarings en nuwe idees van mense oor God beskryf die Bybel al vir meer as 3 000 jaar as afgodsdiens, dit wil sê godsdienstige goddeloosheid. Identifikasie met God is die ou sonde waarteenoor die hele inhoud van die geloof in en liefde tot God in die Bybel gepreek en voorgehou is.

Afgodsdiens is die tipe godsdiens wat mense self uitdink en self beleef en dit is presies die teenoorgestelde van wat die Bybel aan ons bekend maak. Dit is 'n tipe godsdiens waarvolgens mense doelbewus alles wat die Bybel oor geloof in en liefde tot God leer, deur hul idees en belewenisse verdraai.

Dit word egter só verdraai dat mense nie moet agterkom dat dit 'n verdraaiing van die Christelike godsdiens is nie. Daarom word voorgehou dat hierdie verdraaiing van die inhoud van godsdiens die eintlike terugkeer na die ware bedoeling van die Bybel self is.

Die bedoeling van die Bybel is om God aan ons te openbaar as God. Hierdie bedoeling van die Woord word in hierdie vorm van afgodsdiens verdraai. Die afgodsdiens maak asof die openbaring van hoe God God is, die ware bedoeling is van hoe mense mens moet wees. Dit probeer God se openbaring oor Homself verander na 'n menslike metode waarop mense soos God kan wees.

Dit word nie openlik gestel dat mense self God wil wees nie. Dit is te opsigtelik en te duidelik sonde. Maar hierdie begeerte is die werklike bedoeling wat verskuil word in die

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

verdraaiing dat God binne-in mense God is en dat God deur mense God is. Mense wat só glo, wil self God wees deur aan God hierdie nuwe bedoeling te gee: God wil in en deur mense God wees.

Hulle maak asof God nie meer God in en deur Homself wil wees nie. God is nie meer buite om die mens en sonder die mens God nie. Hy is God in ons! Hy is God deur ons! Dit is hoe hulle voorgee dat ons soos God kan wees: ons moet as mens self niks wees nie, of ons moet só anders mens wees dat ons God kan toelaat om God deur ons en in ons God te kan wees!

Op hierdie wyse word die bedoeling om God lief te hê, verdraai om identifisering met God te wees. Liefde vir God en om met God te identifiseer is nie maar dieselfde inhoud nie. In die Bybel is dit die verskil tussen twee teenoorgestelde inhoude: godsdiens teenoor goddeloosheid. Dit is nie maar net die manier waarop ons God beter dien en eintlik leer ken soos wat ons moet nie. Identifikasie met God is volgens die Bybel sonde.

Die vorms waarin hierdie identifikasie homself aanbied, kan verskillend wees:
dit kan "Jesus" wees wat jy as God uitgenooi het om God binne-in jou te kom wees;
dit kan die ontdekking van die panenteïstiese God in elke mens wees;
dit kan die strewe wees om "soos Jesus" te wees;
dit kan die ervaring wees om deel van die alheid te wees, of om net een met die krag, die persoon of idee van God te wees.
Dit is en bly goddeloosheid wat as godsdiens ervaar word. Dit is nie geloof in God of liefde vir God nie. Dit is en bly volgens die Woord van God sonde.

Om met God te identifiseer, manifesteer nie sommer in onlogiese en simplistiese dinge wat mense sê en doen nie. Dit word só slim uitgedink en só slim geleer dat dit op universiteite, in kolleges en in Bybelskole as wetenskaplike feite voorgehou word. Dit word vir studente as vakke of as gedeeltes van vakke aangebied en hulle moet eksamens daarin aflê en punte daarvoor verwerf. Dit word van kansels af deur predikante, priesters en pastore verkondig as die wyse waarop mense gered, bevry, vervul of verlig word.

In afgodsdiens kan daar baie meer logies en slim oor God en identifisering met God gepraat en gedebatteer word as die wyse waarop mense oor hul geloof in en liefde vir God kan praat. God en sy liefde kan geken en geglo word, maar daar kan nie baie slim en logies daaroor geredeneer word nie. Dit bly altyd net 'n belydenis van geloof of 'n belydenis van liefde. Daarom lyk afgodsdiens altyd slimmer, aanvaarbaarder, verligter en redeliker as geloof in en liefde tot God.

Identifikasie met God is iets waaroor mense baie ernstig en baie toegewyd raak. Dit is altyd allesomvattend – totalitêr. Dit is altyd 'n saak van álgehele oorgawe. Hierdie totale oorgawe aan 'n visie in jou oor God of 'n belewenis met God, maak dat hierdie mense gewoonlik baie meer ywerig en baie meer geesdriftig vir God voorkom as Christene wat God liefhet en op God vertrou.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Om met God te identifiseer is iets waaroor mense baie meer eerlik en eg kan wees as om God lief te hê en om in God se liefde te glo, want dit is iets wat hulle eg beleef en eg deurdink as eie aan hulself, terwyl geloof in God en liefde vir God altyd deur mense as wêreld- en mensvreemd ervaar word. Afgodsdiens is hoe mense regtig in hulself is en regtig oor hul self voel. Dit is die wyse waarop mense regtig leef – hulle identifiseer hulself met en as God.

Mense wat met God identifiseer, praat altyd daarvan dat hulle vry is van godsdiens. Godsdiens is vir hulle altyd iets negatiefs. Godsdiens is iets waarvan mense losgemaak moet word. Bevryding is in identifikasie met God, altyd vryheid van godsdiens. Hulle het volgens hulself vry geword van die "ou en streng" manier waarop ander Christene God aanbid. Hulle sal dinge sê soos dat hulle "vry in die Gees" is, dat hulle "in die Gees aanbid", dat hulle "verlig is" en dat hulle God nou net in hul "verligting" kan dien.

Predikante gebruik die woord "spiritualiteit" as hulle identifikasie met God wil goedpraat. Dit is maar net 'n ander woord wat hulle vir die woord "geestelikheid" gebruik, maar met hierdie woord "spiritualiteit" hou hulle voor dat identifikasie met God inniger, werkliker, mensliker, slimmer en beter is as godsdiens.

Identifikasie met God maak die inhoud van godsdiens, geloof en liefde, waardeloos en die inhoud van identifikasie met God waardevol.

Hierdie herwaardering van godsdiens teenoor identifikasie met God begin altyd met dit wat hulle voorhou as sogenaamde gelykstelling van godsdienste. Hulle sal sê dat hulle net 'n ander soort "spiritualiteit" het, dat elke mens sy eie "spiritualiteit" kan hê en dat ons almal mekaar se "spiritualiteite" moet aanvaar.

Dit is 'n slim manier om te sê dat elkeen met God kan identifiseer net soos hy wil.

Hulle sal sê dat almal moet aanvaar dat elke mens die Here op sy/haar eie manier kan dien. Dit beteken dat elkeen maar oor die Here kan dink soos hy/sy wil. Elkeen kan oor die Here voel soos hy/sy wil. Elkeen kan God beleef soos hy/sy wil. Elkeen kan vir die Here dinge doen net soos hy/sy goed dink.

Met hierdie nuwe herwaardering van godsdiens stel hulle dan dat niemand meer vir ander mense mag sê hoe hulle God moet dien nie; ook nie uit die Woord van God nie! Daarom is daar ook nie regtig 'n God wat vir hulle iets anders kan sê as wat hulle voel, dink of ervaar nie. God se Woord is net 'n boek wat ander mense se idees oor en ervarings met God byeengebring het.

Só maak hulle dat afgodsdiens volgens die Bybel maar net nog een van die baie maniere is waarop 'n mens God in Christelike eredienste en in jou lewe kan dien. Só degradeer hulle godsdiens tot net nog 'n manier om afgodsdiens te beoefen. In hierdie sug om met God op

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

verskillende maniere te identifiseer, mag niemand meer praat van die ware en enigste wyse waarop God volgens God self aanbid mag word nie.

Terwyl hulle godsdiens van alle waarheid ontsê en voorgee dat almal maar gelyk en dieselfde is in hul aanbidding van God, word geloof in en liefde vir God gedegradeer en identifikasie met God as die enigste werklike omgang met God verhef.

Godsdiens word gedegradeer tot iets wat vreemd is aan menswees. Identifikasie met God word verhef tot dit wat eie aan die mens is. Die vryheid wat mense in identifikasie met God beleef, is volgens hulle self vryheid van menslike tradisies. Hulle voel godsdiens is iets wat uit gewoonte gedoen word. Dis nie iets wat uit oortuiging gedoen word en uit die hart kom nie. Volgens hulle kan net identifikasie met God uit die hart kom. Godsdiens is iets waarmee 'n mens moet breek, want alle godsdiens is net "gewoontegodsdiens". Volgens hulle is godsdiens altyd iets vreemds aan die mens se eie hart en lewe.

Godsdiens word gedegradeer tot onpersoonlike besluite en optredes van instansies. Identifikasie met God word verhef tot persoonlike gemeenskap met God. Mense se identifikasie met God is altyd persoonlike intieme gemeenskap met God.

In hierdie identifikasie met God voel hulle hulself vry van menslike organisasie. Hulle wil hulle nie deur die besluite van kerkrade of vergaderings laat bind nie. Hulle is nie verbind om saam met Christene te dink en saam te besluit oor hoe God volgens die Bybel gedien moet word nie. Elkeen wil sommer elke keer self besluit hoe hulle voel of dink oor wat God op daardie oomblik sê. Hulle ontvang God se leiding sonder om saam met ander Christene eers oor die inhoud van die Bybel saam na te dink. As hulle op hierdie wyse optree, dan glo hulle dit is God se Gees wat hulle persoonlik lei om so te wees. Volgens hulle word ander Christene nie deur God gelei nie. Ander Christene is net vas aan menslike kerkordes, vergaderings en organisasies wat nie deur God se Gees gelei word nie.

In identifikasie met God word godsdiens altyd gedegradeer tot iets antiek, terwyl identifikasie met God verhef word tot die nuwe ontdekking van God. Hulle maak altyd of 'n mens God deur identifikasie op 'n nuwe manier kan ontdek en dié manier is beter as om God volgens die inhoud van die Bybel te ontdek. Geloof en liefde volgens God se wet is vir hulle altyd oud en uitgedien. Identifikasie met God is altyd nuut en sprankelend. Om met God te identifiseer is altyd reg vir elke nuwe tydvak, maar godsdiens is altyd iets wat in die verlede tyd vassteek. Dit is nooit nuut is nie. Dit is nooit byderwets soos wat afgodsdiens is nie.

In identifikasie met God word godsdiens gedegradeer tot gevoellose rasionalisering van God, maar identifikasie met God word verhef tot die enigste gevoelvolheid met God. Godsdiens is vir diegene wat so identifiseer met God net iets in die verstand.

Dit is die betekenis van hul neerhalende gebruik van die woorde "dogma" en "belydenis". Hulle glo dat hul identifisering met God regtig 'n ervaring en belewenis is, maar dat 'n mens

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

in godsdiens niks van God kan voel nie. Die inhoud van godsdiens volgens die Woord van God - die geloof in God se liefde en ons liefde vir God volgens sy wet - is vir hulle net koue dooie feite waardeur ’n mens nie ’n belewenis van God kan kry nie. Identifikasie met God is volgens hulle bedoel vir gevoelvolle mense, terwyl godsdiens net bedoel is vir mense sonder emosie.

Geloof en liefde in godsdiens word gedegradeer tot dit wat onprakties is, terwyl identifikasie met God verhef word tot die praktyk en toepassing van godsdiens. Vir diegene wat dit doen is afgodsdiens prakties, maklik en verstaanbaar, maar geloof in en liefde tot God volgens die Woord van God, is onprakties, moeilik en onverstaanbaar. Godsdiens moet altyd eers na identifikasie met God verander word voordat godsdiens vir hulle prakties, maklik en verstaanbaar word.

Daarom dring hulle altyd aan dat identifikasie die “hoe” is van godsdiens. Dit is hoe jy godsdiens prakties, maklik en verstaanbaar maak en dit is deur die inhoud van godsdiens te verander na identifikasie met God.

Geloof in God en liefde vir God kan net prakties en verstaanbaar wees deur met God te identifiseer. Daarom kan hulle die “feite” van godsdiens verkondig, maar die praktiese toepassing van hul preke en voordragte is dan die omskakeling van godsdiens na identifikasie met God.

Hulle hou ook altyd voor dat om met God te identifiseer, die regte soort godsdiens vir jongmense is. Hulle is altyd besig met “jongmens”-godsdiens, al is hulle self lankal nie meer jongmense nie. Hulle sien jongmense en kinders só asof hulle net goed genoeg is om met God te kan identifiseer. Jongmense en kinders kan volgens hulle nooit vanself belang stel in godsdiens nie. Hulle dink jongmense is te dom vir godsdiens, want hulle sê openlik dit is te moeilik en te onverstaanbaar vir hulle.

Hulle degradeer godsdiens tot iets vir dom mense. Dit is mense wat eng, bekrompe, onwetenskaplik en sonder insig is wat nog vashou aan die liefde van God volgens die Bybel en wat God volgens sy wet dien. Identifikasie met God word verhef tot die geestelikheid vir denkende mense. Mense wat verlig is, wat insig het, op hoogte van nuwe uitvindings is en wetenskaplik is, identifiseer met God.

In identifikasie met God word godsdiens gedegradeer tot liefdeloosheid, maar identifikasie met God verhef tot die ware, volle liefde tussen God en mens. Mense maak altyd asof identifikasie met God inniger, meer werklik en voller liefde is as om God as sondaar lief te hê volgens sy wet. Identifikasie bewerk altyd ’n groter, vervullender liefde met God as die liefde wat God vir ons deur die evangelie het. Om met God te identifiseer maak mense baie meer menslik as godsdiens, wat mense hard, koud, ongenaakbaar, streng en onregverdig maak.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Met hierdie negatiewe opvatting oor godsdiens is mense wat hulself in, deur en met God identifiseer baie onverdraagsaam teenoor Christene wat volgens sy Woord in God wil glo en Hom wil liefhê.

Hulle verdra dit nie dat nét godsdiens in ’n gemeente verkondig word nie. Hulle eis dat Christene altyd moet toegee dat daar ook identifikasie met God in gemeentes beoefen moet word. Hulle verdra dit nie dat Christene God net volgens die Bybel in eredienste wil vereer nie. Hulle eis dat elke kerk en gemeente oop moet wees sodat elkeen op die manier waarop hy met God kan en wil identifiseer, hom/haarself in eredienste kan uitleef. Hulle eis dat ander tipe byeenkomste vir hulle gereël moet word waarin hulle hul identifikasie met God vryelik kan uitleef sonder die inperking van godsdiens. Hulle dreig dat hulle nie na eredienste toe sal gaan nie en die kerk sal verlaat as slegs godsdiens in ’n gemeente beoefen word.

Hulle verdra dit glad nie dat daar van die verskil tussen geloof in God en identifikasie met God gepraat word nie. Hulle eis dat ’n mens altyd moet maak asof godsdiens net die een kant van ’n saak is. Die ander kant van die saak is hul identifikasie met God. Hulle eis altyd dat ’n mens oop moet wees dat God anders is en anders gedien kan word as deur net geloof in en net liefde tot God.

In hulle onverdraagsaamheid eis hulle dat Christene nooit mag praat van die ware of enigste wyse waarop God sondaars lief het en waarop sondaars Hom kan liefhê nie. Dit aan die een kant. Maar terselfdertyd staan hulle daarop dat hulle identifikasie met God is die enigste manier waarop God ’n belewenis of ’n redelik God kan wees.

Identifikasie met God gaan altyd oor herlewing en vernuwing. Dit is omdat daar geglo word dat mense wat in God se liefde glo en Hom liefhet, net so sleg, benepe en ongelowig is as goddelose mense. Hulle moet eers herleef of vernuwe word voordat hul geloof in en liefde vir God van waarde is. Deur hul herlewings en vernuwings is hulle altyd beter Christene as gewone Christene. Deur hul identifisering met God is hulle die ware bekeerdes, die ware wedergeborenes, die vernuwende Christene, die herleefde Christene, die denkende Christene, die redelike Christene, die postmoderne Christene, die wetenskaplike Christene, die Christene met die ware insig in die Bybel se eintlike boodskap.

Hulle is nooit nét Christene nie.

Daarom wil hulle die Here se kerk deur herlewings en vernuwings anders maak as wat dit volgens God se Woord is. Hulle glo Christene se geloof in God se liefde maak dat hulle maar net so sondig bly soos goddelose mense. Hulle sien nie regtig ’n verskil tussen Christene wat in God se liefde glo en mense wat goddeloos lewe nie.

Hulle sal ook ’n punt daarvan maak om te wys dat Christene wat in God se liefde vir sondaars glo met dieselfde soort sondes en skandes besig is as goddeloses. Dat Christene dieselfde

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

soort sondes doen as goddeloses, is altyd vir hulle 'n bewys daarvan dat godsdiens en goddeloosheid maar dieselfde inhoud het.

Hul identifisering met God is volgens hulle self die enigste manier waarop 'n mens reg en goed vir God kan lewe. Daarom praat hulle ook nie van godsdiens nie. Hulle is gewoonlik volgens hul eie woorde "geestelik" of "spiritueel". Hulle verklaar gewoonlik openlik dat hulle nie godsdienstig wil wees nie. Hulle wil graag gééstelik wees.

Met hul identifisering met God wil hulle altyd die kerk bevry van goddeloosheid én van godsdiens. Vir hulle is godsdiens net so inhoudloos en leeg soos goddeloosheid self. Hulle erken nie die inhoudelike verskil tussen goddeloosheid en godsdiens nie. Dit is vir hulle net 'n vormverskil van dieselfde geesteloosheid.

Daarom gebruik hulle die woord "vormgodsdiens" vir alles waarin hulle nie met God kan identifiseer nie. In die plek van die verskil tussen godsdiens en afgodsdiens in die Woord van God, stel hulle 'n nuwe verskil wat belangriker is - die verskil tussen "geestelikheid" en "vormgodsdiens".

**4.Christene wil van identifikasie met God verlos wees**

Christene wil uit hul identifikasie met God loskom om die geloof wat hulle in God het in vryheid te kan uitleef. Hierdie wil tot vryheid in die geloof is die vrug van God se Gees in sy kinders wat geen geestelike kan wegneem nie.

Christene wil nie in hul selfgesentreerde geestelike ervarings en belewenisse bevange wees nie. Hulle wil in gemeenskap met God wat as God teenwoordig is leef. Christene wil nie die Bybel vanuit hul ervarings en belewenisse lees nie, want hulle hoor en ken die Bybel as God se Woord. Christene wil nie God ken soos hulle Hom ervaar nie, want hulle weet God is anders in sy openbaring as in hul goddelose godsbeelde. Christene wil nie aan die kerk glo soos hulle die kerk sien en ervaar nie, want hulle weet dat Christus sy kerk deur sy Gees versamel, bewaar en regeer ten spyte van wie en wat gelowiges as sondaars is. Christene wil nie medegelowiges aanvaar binne hul idees en belewenisse van hoe hulle een met God is nie. Hulle aanvaar mekaar in die eenheid waartoe Christus hulle verbind met hul vereniging met Hom in sy menswees in die hemel. Daarom wil Christene altyd uit die veroordeling kom waarin hulle die kerk vasgevang het, naamlik dat geloof in God se liefde vir sondaars en sondaars se liefde vir God uit die geloof in sy goedheid, oud, koud, dood, streng, sleg, verkramp en net vir ou en dom mense is.

Christene wil die verskil ontdek tussen godsdiens en afgodsdiens sodat hulle die godsdiensvryheid kan beoefen waartoe Christus hulle verlos het. Godsdiensvryheid van afgodsdiens wat godsdienstige goddeloosheid is! Christene wil nie deel wees van hierdie vrye geestelikheid waar, aan die een kant, elkeen van God dink wat hy wil, voel wat hy wil, beleef wat hy wil en doen wat hy wil, en alles en almal maar reg is nie, maar aan die ander kant, die geheime idee van God of mistieke ervaring met God koester wat jou bo gewone Christene verhef nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Christene wil die vryheid opneem om God te dien soos God Homself in sy Woord vir hulle bekendmaak. Hulle wil die mens se eie manier van dink oor, voel van, beleef van en doen vir God teenoor die openbaring van God in sy Woord uitlos, want binne-in hierdie losbandige, "vrye" geestelikheid staan hulle altyd bínne-in hul eie Christelike kerk veroordeel en minderwaardig. Binne hierdie geestelikheid is hulle nooit goed genoeg vir God en hierdie wêreld wat met God identifiseer nie.

Só word Christene in hierdie identifisering met God deur hul eie predikante en eie kerklidmate gedegradeer en minderwaardig gemaak in hul persoonlike verhoudings, boeke en Bybelstudie. Hulle is nooit goed genoeg bekeer nie. Hulle is nooit genoeg verlig nie. Hulle is net nooit goed genoeg vervul met die nuwe gees of nuwe idee van God nie.

Christene sal altyd uit hierdie bipolêre spanning waar daar op God se verlossing in Christus altyd die "maar" aan hulle gestel word:
Ons ken die Here, maar ons is nie bekeerd nie;
Ons is bekeerd, maar ons het nog nie tot volle oorgawe gekom nie;
Ons weet van God, maar ons het nog nie 'n intiem persoonlike verhouding met Hom nie;
Ons is bekeerd, maar ons is nog te modernisties en nog nie postmodernisties genoeg nie;
Ons glo, maar ons bid nog nie met vreugde nie;
Ons bid, maar ons getuig nog nie;
Ons getuig, maar ons is nog nie eukemenies genoeg nie;
Ons is bekeerd, maar het nog nie die vryheid van die Gees nie;
Ons is bekeerd, maar is nie verlig genoeg nie;
Ons is bekeerd, maar is te eng.

Daarom kan en mag ons as Christene wil uitbreek uit die propaganda dat ons kinders en jongmense God nie kan ervaar óf ken óf prakties kan dien op "ons manier" nie, maar net nader aan God kan kom as hulle hulself in en met God identifiseer. Ons wil uitbreek uit hul selfwaan dat jongmense net kan verstaan hoe om met God te kan identifiseer, maar dat om in God se liefde te glo en te glo dat ons gebroke liefde vir God volmaak gemaak is deur God, iets is wat jongmense net as lewensvreemd móét ervaar.

Ons wil uitbreek uit die patroon dat elke nuwe geestelike ervaring of skerpsinnige idee wat hulle in identifikasie met God bedink het uit hul gees oor God in die kerk bemark en gedryf word asof dit is wat die kinders wil hê en dit is wat die kinders nodig sou hê. Ons wil die eiewaan van afgodsdiens dat sy totalitêre geestelikheid ter wille van die geestelose hulpelose kindertjies is, ter wille van die seergemaakte en gekrenkte mensies is, ter wille van die armes en die onderdruktes is, ter wille van die verstote en verworpe randfigure in die samelewing is, deurbreek.

Hul versugting is na mag, nie om hulp te verleen nie. Daarom kan hulle net kinders en afhanklike mense onderwerp of hulself deur kinders en afhanklike mense laat geld.
Hul kerk is altyd die kerk vir die onderdruktes:

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

die kinders wat nie nagmaal mag gebruik nie;
die kinders wat nie die Here in die dooie tradisie kan ervaar nie;
die kinders wat God wil beleef;
die kinders wat God in rituele nader ervaar as in sy Woord;
die armes wat deur rykes verdruk word;
homoseksuele mense, straatvroue en mense wat saambly en teen wie die hartelose kerk diskrimineer.

**5.Christene vind verlossing tot godsdiensvryheid in die Woord van God.**
Met Bybelstudie wil ons die inhoud van godsdiens volgens die Skrif weer terugvind en in vryheid beoefen teenoor die vrye geestelikheid van identifikasie met God. Ons wil nie leef binne die vryheid dat elkeen God op sy eie manier kan bedink of ervaar nie. Ons wil nie leef binne die vryheid dat elkeen na goeddunke aan God binne sy eie lewe en gees wil betekenis gee nie.

Ons wil ons deur God se Woord laat bind en laat lei, vry van die innerlike geestigheid van slim, innige, gevoelvolle, verligte, postmoderne, begrypende, jeugdige of kragdadige mense.

Ons wil ons deur God se Woord laat verander op die Here se wyse en nie God in ons eie manier van menswees ervaar nie, ongeag ons ouderdom, tydvak of die kultuur en gemeenskap waarin ons leef.

Daarom is hierdie boek, *Protestants*, Bybelstudie. Dit wil die inhoud van godsdiens in die Bybel deur die Bybel ontdek. Dit wil ook die inhoud van afgodsdiens en goddeloosheid teenoor godsdiens volgens die Bybel en deur die Bybel ontdek.

Deur hierdie Bybelstudie wil ons die kuns opbou en beoefen om godsdiens se inhoud elke keer van afgodsdiens te kan onderskei. Ons wil godsdiens vind vir wat dit eintlik bedoel is. Ons wil afgodsdiens vind as ’n verdraaiing van die bedoeling van godsdiens. Ons wil ons afgodsdiens as sonde teen God ontdek.

Hierdeur kan ons deur die Woord van God die vryheid vind om God volgens sy Woord te dien, vry van die inhoud van afgodsdiens en goddeloosheid.

Daarom is hierdie boek nie ’n tipiese “leesboek” waarin die idee of tema gou-gou opgetel en gevolg kan word nie. Dit gaan oor die inhoud van die Bybel wat deel vir deel ontvou moet word vir dit waarvoor dit geopenbaar is, teenoor die opvattings en ervarings waarin ons elkeen van tyd tot tyd bevange raak.

Dit wil nie die inhoud van die Bybel in een nuwe tema, een nuwe idee, een nuwe ervaring of een nuwe kragdadige gebeurtenis integreer nie. Dit wil die inhoud van die Bybel as die eeue oue bekende inhoud van die openbaring van God terugvind en uit die geloof van hierdie

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

openbaring leef. Hierdie boek is daarom kategese-onderrig in die basiese inhoud van die Christelike godsdiens.

Dit maak die boek konfronterend,maar dit is nie ’n persoonlike aanval nie. Dit is konfronterend, want dit stel die vryheid van godsdiens teenoor die vrye godsdiens van die wêreld. Dit wil die leser die kans bied om met sy eie gevoelens, kennis en verwysings gekonfronteer te raak met hierdie inhoudelike onderskeid tussen godsdiens en afgodsdiens in die Woord van God.

Dit is konfronterend, maar dit is nie veroordelend nie. Afgodsdiens is nie die sonde van ánder mense nie. Dit is ’n selfontdekking; die selfontdekking van die vind van eie afgodsdiens en eie goddeloosheid in die Woord van God binne die genade van God plaas. Buite God se liefde kan afgodsdiens en goddeloosheid nooit herken word vir wat dit inhoudelik is nie. Buite-om God se genade word afgodsdiens altyd in die blindheid dat dit die volle en allesomvattende idee oor of ervaring van en met God is, uitgeleef.

*Protestants* se uitgangspunt is dat ’n Christen as gelowige en as geregverdigde sondaar die inhoud van godsdiens teenoor afgodsdiens binne God se genade ontdek. Die ontdekking van my eie afgodsdiens en goddeloosheid maak my nie ’n ongeredde mens nie. Hierdie ontdekking van eie afgodsdiens en goddeloosheid stel nie ’n Christen weer as beskuldigde, aangeklaagde, veroordeelde, vervloekte en verwerpte voor God nie. Dit plaas ons as Christene in die posisie om uit ons ongeloof tot geloof in Christus te keer en om uit ons sonde tot gehoorsaamheid te bekeer – binne die genade van God!

Dit stel ons in die posisie om ons in vryheid uit ons afgodsdiens tot godsdiens te kan bekeer. Dit doen ons as kinders van God en omdat ons aan die Here behoort, nie omdat ons as Christene in ons eie afgodsdiens en eie goddeloosheid vir God verlore is nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

# HOOFSTUK 19 KERLIKE PROTESGESKRIFTE TEEN DIE VENNOOTSKAP VAN DIE MODERNE CHRISTELIKHEID EN AFRIKANISERING.

## 1.Twee geloofskeuses in die noorde

Die moderne Christelikheid wil elke deel van die mens se lewe aan identifikasie met God onderwerp. Om dit met die Afrikaanse gemeenskap ná die magsverwisseling in 1994 te kan bewerkstellig, het die geestelikes identifikasie met God as "versoening" benoem. Deur die begrip, "versoening", hou hulle identifikasie met God voor as die wyse waarop verskillende rasse met mekaar nierassig moet saamleef. Dit is 'n doelbewuste poging om hulself as vennoot van die regering se visie van Afrikanisering aan te bied. Afrikanisering is die rasse-ideologie waaraan die regering die gemeenskap onderwerp deur te eis dat elke gemeenskapsinstelling, en daarmee saam die hele gemeenskapslewe, die rasseverdeling van die land persentasiegewys moet verteenwoordig. Die volgende dokumente wys hoe die moderne Christelikheid Afrikanisering sy eie magsbasis maak sodat dié Christelikheid weer mense deur die mag van Afrikanisering aan die twee geestelike ervarings, bekering en Godsvervulling, kan onderwerp. Hierdie twee Godservarings word nou in die geval van gemeenskapinstellings wat verafrikaniseer word, net "versoening" genoem.

Hierdie hoofstuk bevat 'n aantal kerklike protesgeskrifte wat ek self opgestel het, of 'n bydrae in die opstelling daarvan gelewer het. Dit is kerklike geskrifte van die kerkraad van die gemeente Levubu, die ring van Louis Trichardt en die Noordelike Sinode. Dit is geloofsprotes: dit verwerp die mag van die moderne Christelikheid, dié Christelikheid se bekering en Godsvervulling. Dit is geloofsprotes teen die nuwe rasse-ideologie van Afrikanisering. Dit is kerklike geskrifte om vir die leser te wys dat hierdie geloofsprotes deel is van die amptelike werksaamhede van die kerklike gemeenskap. Dit is protes oor sake wat elke deel van die gemeenskapslewe raak.

Die geloofsgrondslag van hierdie protesgeskrifte lê in twee kerklike besluite waarmee twee kerklike vergaderings hulle van die moderne Christelikheid losgemaak het. Hierin kan u sien watter vryheid in nadenke en selfhandhawing teenoor magsoorheersing gevind word wanneer die kerk homself van die moderne Christelikheid losmaak. Die eerste stel besluite is die besluite van die kerkraad van die NG Gemeente Levubu wat op 22 Januarie 1985 geneem is. Die ander is die besluit van die ring van Louis Trichardt wat op 15 Januarie 1999 geneem is.

Tot 1984 was die NG Gemeente Levubu deel van die bediening van die moderne Christelikheid. In 1984 het 'n verslag oor die herdoopdwaling in die gemeente voor die kerkraad gedien. Dié verslag het aangetoon dat valse bekering in die gemeente bedien was en wat tot die herdoopdwaling aanleiding gegee het. Dit was bekering volgens die moderne Christelikheid.

Op grond van hierdie verslag besluit die kerkraad op 22 Januarie 1985: "... dat die kerkraad die goeie voorbeeld vir gemeentelede sal stel deur amptelik skuld te bely vir sy ontrouheid aan die Skrif en belydenis in die halfslagtige wyse waarop die kerkraad in die verlede die

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

betrokke afwykings in leer en lewe stilswyend geduld het en so bygedra het tot bestendiging en toename in sulke dwalings; ... dat die kerkraad dit onder die aandag van die gemeente sal bring dat die kerkraad, na indringende ondersoek, en selfbesinning by die lig van die Skrif en belydenis, graag weer onderneem om vorentoe, die gemeente te regeer en te lei ooreenkomstig die Skrif en belydenis; ... dat die kerkraad meer noulettend sal toesien op die leer en nie net op die kerklike wandel van die gemeente lede nie. ’n NG-opvatting van bekering as ’n God-in-my ervarings-ingesteldheid berus op ’n onbybelse mens- en werklikheidskouing wat dualisties is, wat twee verdiepings ken, ’n vleeslike laere verdieping en ’n hoëre geestelike verdieping wat steeds onttrekkingsimptome teenoor mekaar vertoon. Dit gaan ook gepaard met ’n duiwel-in-my-beskouing wat lei tot duiweluitdrywing.”

Met hierdie besluite het die kerkraad ingelig en doelstellend teen die moderne Christelikheid in die NG Kerk gekies en dit het hierdie geestelikheid tot en met 2012 uit die gemeente geweer. Dit het die kerkraad die vryheid gegee om eties totaal anders oor gemeenskapsake te kan besin en besluit as wat gemeentes wat binne die moderne Christelikheid leef dit kan doen.

Op 15 Januarie 1999 keur die ring van Louis Trichardt, na meer as veertien jaar se saam besin, oop gesprek en deurdringende debatsvoering, eenparig’n geloofsverklaring goed: “Die karakter en werking van geloof en bekering in die aanvaarding van die weldade van Jesus Christus”.

Hierdie geloofsverklaring stel eers vyf punte aan die orde:

1. Die onderskeid tussen geloof en wetsgehoorsaamheid,
2. Geloof is om Jesus Christus te ken en te vertrou,
3. Ons aanvaar die weldade van Christus alleen deur geloof, sonder wetsgehoorsaamheid,
4. Wetsgehoorsaamheid is uit dankbaarheid” en
5. Bekering: soms ’n sinoniem vir “geloof in die evangelie” en soms ’n sinoniem vir “wetsgehoorsaamheid”.

Dan maak die ring van Louis Trichardt die volgende eenparige verklaring oor die tipiese bekering en Godsvervulling wat in hierdie boek moderne Christelikheid genoem word en wat die ring “Pinksterboetedoening” noem:

> “6. Pinksterboetedoening. Die pinksterboetedoening verskil radikaal van die betekenis van geloof en bekering, soos dit tot hiertoe uiteengesit is.
>
>> 6.1 In die Pinksterbeweging word bekering as sinoniem vir wetsgehoorsaamheid verkondig as noodsaaklik vir die aanvaarding van die vergifnis in Jesus Christus. Bekering as wetsgehoorsaamheid word daar deel gemaak van die wyse waarop ’n mens God se genade aanvaar. In die Pinksterbeweging word gesê dat dit nie deur geloof alleen is dat ons vergewe word nie, maar deur geloof én belydenis van sonde, geloof én berou oor sonde, geloof én die begin van ’n nuwe, wetsgehoorsame lewe. Onder punt 4 het ons reeds aangetoon dat berou, belydenis van sonde en die begin van ’n wetsgehoorsame lewe **gevolge** is van redding en nie **voorwaardes** nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

6.2 Deur van bekering in die betekenis van wetsgehoorsaamheid ook ’n manier van aanvaarding van God se genade te maak, word die eie karakter van die geloof in die evangelie heeltemal vernietig. Die eie aard van die geloof in die evangelie is juis dat dit “enkel en alleen” deur geloof is (Rom. 1:17). Wanneer dit geloof én belydenis van sonde, geloof én berou oor sonde, geloof én ’n nuwe wetsgehoorsaamheid is,- dan is dit nie meer “enkel en alleen” geloof nie.

6.3 Hierdie byvoeging van bekering as wetsgehoorsaamheid is die rede waarom daar ’n chronologie opgestel word van dade waardeur jy gered moet word,. Dit verloop min of meer so: Eers moet jy glo, dan boete doen deur belydenisse en beroubetuigings, dan moet jy God liefhê. Hierdie opeenvolging van dade om gered of vergewe te word, word aangevul met doop en afwassing van sonde. Met verloop van maande of selfs jare, volg die doop met of vervulling met die Gees by. Hierby kan elkeen nou na verbeelding en smaak gawes soos spreek in tale, “slain in the Spirit”, en lag in die Gees byvoeg.
6.4 Om bekering as wetsgehoorsaamheid ’n voorwaarde te maak om vergewe te word, laat die hele verbondskarakter van bekering verlore raak. Die Bybel stel die eis dat verbondsmense hul gedurig volgens die wet moet bekeer (vgl. Jer. 26:1-6). Die oproep tot bekering beteken egter nooit dat jy as gevolg van sonde eers weer buite die verbond staan en opnuut in die kring van God se genade moet inkom nie. In die Pinksterboetedoening is daar nie sprake van ’n vergeefde en geredde mens wat wel nog sondig, maar wat uit God se genade en deur geloof sy sonde bely, teen die sonde stry en hom keer op keer opnuut aan God toewy, sonder dat sy redding ooit in die gedrang gekom het nie. ’n Gelowige wat sondig, word dikwels hanteer as ’n verlore sondaar; ’n veroordeelde mens; ’n sondaar op pad na die hel; iemand wat hom buite die kring van die gelowiges bevind; iemand wat sonder God se liefde is en wat van voor af weer onder die straf en vloek van God staan. Dit is ’n dwaling. Die Skrif getuig juis van ’n vrygemaakte gelowige wat nooit weer onder die straf, veroordeling en vloek van God sal staan nie. Die gelowige bevind hom kragtens God se genade binne sy verbond waar hy permanent deel het aan sy liefde en trou. Juis daarom moet hy hom elke keer weer volgens die wet bekeer. Hierdie boetedoeningspraktyk ken nie hierdie bevrydende waarheid nie.”

Met hierdie geloofsgrondslag het die ring van Louis Trichardt homself buite die tipiese verdeeldheid van ringe en sinodes gestel waar die geloof nog net as die “leer” van die kerk aan die een kant gehandhaaf word, maar aan die ander kant die twee Godservarings, om met God se persoon en krag te identifiseer, as die eintlike geloof uitgeleef word.

Hierdie keuse teen dit wat die ring “Pinksterboetedoening” genoem het en wat die inhoud van die moderne Christelikheid is, het aan die ring van Louis Trichardt ’n geloofsgrondslag gegee waarvolgens hy gemeenskapsake op ’n totaal ander wyse kon hanteer en aanspreek as wat die kerklike vergaderings, wat in die moderne Christelikheid vasgevang is, dit doen.

**2.Verskille in die hantering en aanpreek van gemeenskapsake**

Die belangrikste verskil wat hierdie geloofsgrondslag met die res van die kerk, wat deel van die moderne Christelikheid is, tot gevolg het is dat daar nie predikante of kerkraadslede in die

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

kerkraad van Levubu of die ring van Louis Trichardt is wat hulself as “bemagtigde leiers” teenoor die gemeente en in die gemeenskap opstel nie.

Daarom is daar in vergaderings ’n oop gesprek waarin elke gelowige se mening en insig gelyke waarde het. Elke lid kan ’n wesenlike bydrae in vergaderings maak. Vanuit ’n gemeenskaplike geloofsgrondslag kan die onderlinge verskille in hierdie oop gesprek aangespreek en hanteer word.

Omdat daar geen “bemagtigde leierskap” is nie, word vergaderings se besluite ook nie bepaal deur die vooropgesette missies en visies van geestelike leiers nie, maar deur die nodigheid aan diens.

Daarom het hierdie vergaderings die Algemene sinode se opdrag aan leraars om rolmodelle van Jesus vir lidmate te wees, teengestaan, sowel as die poging om nuwe “geestelike gemeentes” tussen bestaande gemeentes volgens die visies en missies van geestelikes te stig. Die poging om predikante onder ’n nuwe mentoraatskap beroepsonbevoeg te maak, is ook deur hierdie vergaderings afgewys. Vry van die magsvisie van gesentraliseerde geestelikheid kon hierdie vergaderings eie probleme self identifiseer en self aanspreek.

Met hierdie geloofsgrondslag het hierdie vergaderings ook nie die “Afrika-visie” van die moderne Christelikheid as die nuwe geestelike visie in die plek van die ou “Afrikanervisie” aanvaar nie. Volgens die besluite van die kerkraad in 1985 en dié van die ring in 1999 oor Pinksterboetedoening kon hulle ook nie in die tipiese boetedoening en versoening waarmee hierdie Afrika-visie gedryf word, inkoop nie. Buite hierdie bevangenheid van die moderne geestelikheid was daar vryruimte vir verantwoordbare en gegronde geloofsnadenke oor sake.

Die kerklike geskrifte wat nou volg, is voorbeelde van hoe ’n geloofsgemeenskap, vry van die druk van die moderne Christelikheid se gewetensdwang en magsvisies, ’n eie geloofsweg in gemeenskapsake kan soek en vind. Dit is protesgeskrifte. Dit protesteer teen die onreg wat in die gemeenskap as reg voorgehou word. Dit protesteer teen die moderne Christelikheid se poging om die nuwe Afrika-magsvisie as kerklike versoening te aanvaar.

Daarin kan u die werklike aard van hierdie kerklike protes ontdek. Dit is allereers ’n protes teen die sentralisering van die kerk onder die mag van geestelikes. Dit is belangrik, want geestelikes gebruik net die heersende magte in die gemeenskap om hul eie geestelike mag te konsolideer en op die kerk af te dwing. Waar geestelikes die kerk tot magsmiddel van hul geestelikheid omvorm het, kan hulle die kerk in ruil vir hul bemagtiging deur die gemeenskap aan die hoogste bieër opveil en uitverkoop.

As protesgeskrifte is dit beperk en wil niks finaal korrek stel nie. Dit wil die vryheid opneem om nie stilswyend niks te doen en niks te wees onder die mag van geestelikes en ideoloë nie. Dit wys die vryheid van gelowiges wat nie aan die mag van die moderne Christelikheid of Afrikanisering wil oorgee nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**3.Regstellende aksie**

Op die sinode van Noord-Transvaal van 1997 is die volgende riglyne vir die toepassing van regstellende aksie deur die sinode goedgekeur:

1.Die aksie moet in belang van die land en sy mense toegepas word.
2.Daar moet gewaak word teen die verlaging van standaarde en die oorbelasting van die ekonomie.
3.Die motief moet nie vergelding wees nie, maar daar moet steeds daarna gestreef word om die belange van alle betrokkenes uit te balanseer.
4.Die bedoeling mag nie wees dat een groep daardeur mag versamel om oor ander groepe te heers nie.
5.Die beleid waarvolgens daar reggestel word moet duidelik wees, die uitvoering daarvan deursigtig.
6.By keuring vir opleiding en indiensneming mag die agterstande van kandidate in ag geneem word.
7.Bevordering behoort net op meriete te geskied.
8.Persone moet nie gekeur word vir opleiding of in poste aangestel word indien hulle nie beskik oor die nodige bekwaamheid of potensiaal nie.
9.Afdankings en demosies is nie geskikte metodes vir die toepassing van regstellende aksie nie. Daar moet nie met vaste kwotas en rigiede tydtafels gewerk word nie.
10.Die aksie moet nie oorhaastig bedryf word nie, maar dit moet wel as tydelike maatreël gesien word wat so gou as moontlik afgehandel moet word.

Dit was die sinode se bydrae om regstellende aksie "billik" te maak.

Ek het op die kommissie gedien wat hierdie aanbevelings aan die sinode voorgelê het. In die vergadering het ek dit gestel dat die kommissie se manier van dink weer presies doen wat ons in die vorige bedeling gedoen het. Hierdie riglyne is opgestel as riglyne vir die regering en sy uitvoerende amptenare. Dit is nie tot lidmate gerig nie. Dit is tot 'n regering, wat nie meer konstitusioneel aan die Christelike geloof en waardes gebind is nie, gerig. Dit is tot 'n regering met 'n baie spesifieke ideologiese doelwit gerig. Dit is opgestel en goedgekeur met die ou ingesteldheid dat die kerk se werk ná die opstel van hierdie riglyne vir die owerheid, afgehandel is omdat die regering nou sou gaan doen wat die kerk besluit het.

Binne die nuwe magsbedeling was hierdie riglyne niks meer as die teologiese regverdig van swart bemagtiging nie. Teenoor die teologiese regverdiging van swart bemagtiging het ek probeer om die sonde van dít wat as regstellende aksie voorgehou word buite die boetedoening teenoor en versoening met 'n Afrika-visie aan te dui. Ek het dit met die volgende stuk gedoen.

1. Om die saak van regstellende aksie as 'n leer en aktuele saak aan te spreek, moet die saak wat tans as regstellende aksie in die Suid-Afrikaanse gemeenskap bedryf word deur die kerk aangespreek word.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

2. Om in die tyd waarin regstellende aksie deur bepaalde instansies soos die owerheid en sakeondernemings voorgestaan en uitgevoer word, net ter wille daarvan om oor die idee van regstellende aksie te teoretiseer, sonder om die bedryf van die aksie binne die gemeenskap self aan te spreek, is ’n vermyding van die werklike probleem van regstellende aksie as ’n spesifieke ideologiese beslaglegging op die gemeenskap.

3. Die benaming “regstellende aksie” vir die aksie waarin beslag gelê word op poste, geleenthede, instellings, ondernemings en inligting, is alreeds ’n ideologies gelaaide daad en kan nie, soos benaam, of so deur die kerk aanvaar, of soos benaam, veronderstel word nie.

4. Die bedryf van die saak wat as “regstellende aksie” in Afrikaans benaam word, word deur die owerheid, as hoofeksponent van hierdie aksie, as “affirmative action” geregverdig. “Affirmative” het geen direkte verband met die Afrikaanse begrip van “reg” nie. Dit hou verband met bekragtigend of bevestigend.

5. Vir die kerk om gewoon net hierdie ideologiese benaming te aanvaar en dit vir die aksies van die owerheid te gebruik, verleen aan ’n ideologiese aksie van die owerheid, ondersteunende instansies en betrokke gemeenskappe, alreeds ’n godsdienstige geloofwaardigheid omdat die kerk met ’n baie spesifieke godsdienstige begrip van reg en geregtigheid werk.

6. Daarom is dit vir die kerk noodsaaklik om die saak wat onder die benaming “regstellende aksie” bedryf en geregverdig word, aan te spreek vir wat dit is en nie waarvoor dit voorgehou of benoem word nie.

7. Die noodsaaklikheid dat hierdie saak aangespreek word vir wat dit is en nie vir dit wat dit benoem word nie, blyk alreeds uit die standaardterme wat in die openbare media gebruik word soos “oorhaastige”, “onoordeelkundige”, “eensydige” en “bevooroordeelde” regstellende aksie. Hierdie uitdrukkings verwoord alreeds die inherente teenstrydigheid tussen die ideologiese voorhou van “regstellende aksie” en die daadwerklike bedryf van “regstellende aksie”.

8. Vir die kerk om in ’n tyd waarin die openbare mening alreeds besig is om die onreg te verwoord wat in die uitvoering van die ideologie van “regstellende aksie” gepleeg word, te verval in ’n houding waarin daar ’n paar moets en moenies genoem word, terwyl regstellende aksie nie aangespreek word vir wat dit as ideologiese aksie is nie, is ’n houding waarin die oorsaak van die onreg godsdienstige sanksie verkry.

9. Die saak wat deur die owerheid en ondersteunende instellings bedryf word as “regstellende aksie” moet deur die kerk as ’n ideologie aangespreek en hanteer word.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

10. Hierdie ideologie het vasgestelde en duidelike doelwitte wat onversoenbaar is met die Christelike godsdiens:

10.1 Die ekonomiese, maatskaplike, opvoedkundige, politieke en sosiale begunstiging van ’n bepaalde ideologiese groep bo die res van die gemeenskap en die begunstiging deur die owerheid en ekonomiese instansies van een deel van die gemeenskap bo ’n ander deel van die gemeenskap is ’n onreg teen die gemeenskap self. Dit is ’n vergryp teen die gelyke reg van alle mense in die gebod van naasteliefde.

Hierdie begunstiging is gewettigde onreg en skep ’n korrupte gemeenskap waarin die doel van die owerheid, om dié wat goed doen volgens die wet van God te beloon en dié wat kwaad doen te straf, vervang word deur die begunstiging van dié wat die owerheid ondersteun en die verontregting van dié wat die owerheid nie ondersteun nie.

Hierdie korrupsie in die doel van die owerheid is so grondliggend dat dit nie deur administratiewe dissipline of streng wetstoepassing ingeperk kan word nie. Volgens die Woord van God is so ’n owerheid en ’n gemeenskap wat op hierdie korrupsie van sy bedoeling gebou is, tot vernietiging gedoem.

10.2 Hierdie begunstiging het die openbaar verklaarde doel om die totale openbare gemeenskap, met al sy instellings en instansies, aan ’n proses van “swart bemagtiging” te onderwerp.

Die onderwerping van die gemeenskap aan ’n proses van bemagtiging van een deel van die gemeenskap teenoor die res van die gemeenskap, is ’n vergryp teen die Christelike karakter van arbeid. Arbeid is nie ’n proses van bemagtiging nie, dit is ’n dienslewering aan die openbare samelewing.

Waar die owerheid homself van die diensleweringkarakter van arbeid deur ’n proses van bemagtiging vervreem het, het hy ook sy onderdane van hierdie karakter van arbeid vervreem. ’n Gemeenskap waarin die dienskarakter van arbeid verlore raak, is ’n gemeenskap waarin die vrug van arbeid ook vir die gemeenskap verlore raak.

Die Woord van God dui telkens hierdie sinloosheid aan van arbeid in ’n gemeenskap waar magslus die norm vir arbeid geword het. Dit is ’n gemeenskapsorde waarin die arbeider nie die vrug van sy arbeid sal geniet nie. God ontneem dit van hierdie magsbehepte gemeenskap.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

10.3 Die bemagtiging van hierdie begunstigdes word deurgevoer deur beslaglegging van die owerheid op die openbare ampte van mense in die gemeenskap.

Arbeid in die skepping het ’n roepingskarakter. God roep mense tot diens in die openbare lewe deur hulle met talente, tyd en geleenthede toe te rus om ’n openbare amp in die gemeenskap te beklee. Alle arbeid, van handearbeid tot en met geestesarbeid, het ’n ampskarakter waarin en waartoe God mense roep deur hulle vir hierdie ampte toe te rus.

Die aanmatiging van die owerheid om ideologies voorskriftelik op te tree en om openbare ampte vir ’n bepaalde ideologiese groepering van die gemeenskap op te eis, is ’n miskenning van God se roeping van mense tot arbeid as ’n openbare amp in openbare belang.

Dit is ook ’n vergryp teen die gebod dat jy nie mag steel nie. Om ideologies beslag te lê op openbare ampte - van handearbeid tot en met intellektuele arbeid - is om die gemeenskap struktureel van sy ampskarakter te beroof.

Waar die owerheid die gemeenskap van sy ampskarakter beroof het, het hy die bekleërs van ampte bo die aanspreeklikheid van mense oor hul werk teenoor die openbare gemeenskap verhef en van die openbare belang van werk vir die samelewing losgemaak. Dit is ’n gemeenskap waarin mense net teenoor die party wat hulle aangestel het aanspreeklik is vir hul werk en nie meer teenoor die publiek nie en dit is een waarin werk gemeet word aan die belang van die ideologie en sy aanhangers.

So ’n gemeenskap is volgens die Woord van God deur God self gedoem tot verval.

10.4 Die begunstiging en bemagtiging wat deur hierdie ideologie deurgevoer word, word moreel geregverdig deur onregte wat hierdie begunstiging en bemagtiging sou noodsaak.

Begunstiging en bemagtiging van een groep bo ’n ander deel van die gemeenskap deur die owerheid is sonde. Sonde is ’n vergryp teen die wet van God. Die wet van God is die wet waarop die gemenereg berus. Die onreg van “regstellende aksie” is nie maar net administratiewe lompheid of beroepsonkundigheid nie. Dit is die gevolge van ’n sondige bedoeling: magsug en heerssug.

Die aanmatigendheid van hierdie bedoeling word in die gemeenskap vergestalt deur die onreg wat tans deur “regstellende aksie” gepleeg word voor te hou as

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

’n noodsaaklikheid as gevolg van die onreg van ’n vorige ideologie, naamlik “apartheid”.

Geen onreg kan die karakter van noodsaaklikheid of noodwendigheid hê nie. Een onreg maak nie ’n ander noodsaaklik nie. Onreg maak die reg noodsaaklik. Dwarsdeur die Bybel is die oproep tot hulle wat onreg pleeg om hulle tot die reg van God se wet te keer. Nêrens kan onreg godsdienstig noodsaaklik word nie.

’n Owerheid of gemeenskap wat in onreg die reg tot onreg vind, is ’n wettelose en goddelose owerheid en gemeenskap.

Die kerk mag nie hierdie wetteloosheid en goddeloosheid van die owerheid of gemeenskap met godsdienstige waardes soos bekering of versoening probeer kleur nie. Hierdie goddeloosheid en wetteloosheid moet aan die orde gestel word.

10.5 Dié wat deur hierdie ideologie begunstig en bemagtig word, hou hulself maatskaplik voor as mense, wat as deel van die gemeenskap wat welsynsdiens benodig, gereken moet word. Hierdie voorwendsel van die mense wat deur die owerheid en gemeenskap begunstig en bemagtig word, is gewoon ’n maatskaplike leuen. Begunstiging en bemagtiging deur die owerheid of openbare instansies gaan oor heerssug en magsug. Heerssug en magsug was nog nooit gedienstig aan of gemotiveer deur barmhartigheid nie. Barmhartigheid gaan altyd oor die ontferming oor en erbarming jeens hulle wat behoeftig is. Die aard van die proses wat as regstellende aksie bedryf word gaan juis daaroor om beheer oor elke deel van die gemeenskap te verkry vir ’n baie bepaalde politieke visie. Hierdie beheer kan nie deur behoeftiges en afhanklikes verkry word nie. Inteendeel. Dit is mense wat hulself in die verlede deur die simpatie en ondersteuning van die buitelandse mening teen apartheid kon bevoordeel, sowel as mense wat hulle deur die apartheidsbeleid as kundiges en opgeleides kon opbou, wat deur die owerheid en openbare instansies begunstig en bemagtig word.

Dat dit behoeftiges is, soos wat die Woord van God mense as behoeftig beskryf, wat deur regstellende aksie begunstig en bevoordeel word, is ’n politieke leuen. Dat ons hierin eerder met ’n baie vaste ideologie te make het, blyk uit die feit dat selfs mense wat nie Suid-Afrikaanse burgers is nie teenoor Suid-Afrikaanse burgers in die uitvoer van regstellende aksie begunstig word.

Die kerk sal die armes, behoeftiges en mense in maatskaplike nood moet beskerm teen die verleiding dat hulle die mense is wie se belange deur hierdie

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

proses van begunstiging en bemagtiging gedien word. Hierdie misbruik van armes om ’n politieke leuen te regverdig, is nie barmhartigheid nie.

Die verval van dit wat welsynsdiens moet wees, is tekenend van hierdie leuen dat die begunstiging en bemagtiging van regstellende aksie ’n welsynsdiens van behoeftiges aan behoeftiges is. Die kerk moet vir die armes die waarheid van hierdie misbruik openbaar maak en staande hou. Hulle kan nie. Hulle is in geen posisie om dit te kan doen nie.

10.6 Sonde soos vergestalt in dubbele standaarde, onregverdigheid, bevoordeling, veroordeling, partydigheid, diskriminasie, uitbuiting, misbruik, bedrog, roof en haat, wat deur hierdie ideologie op die gemeenskap losgelaat word, word voorgehou as net ’n kort oorgangsfase.

Sonde is nie ’n kort oorgangsfase van een lewenswyse na ’n ander lewenswyse nie. Sonde het nie die karakter om net vir ’n tydjie kragtig te wees en daarna vanself te verdwyn nie. Sonde is ook nie iets wat ’n mens volgens tydskedules kan bedryf so asof die mens kan besluit hoe sonde beheer en bestuur kan word nie. Sonde kan nie vir ’n rukkie tot ’n mens se voordeel aangewend word en later net laat vaar word as dit ’n mens benadeel nie.

Sonde is nie ’n oorgangsfase nie. Dit is ’n lewenswyse met ’n eie, onbeheerbare, onstuurbare, vernietigende krag wat alles waarvan dit deel is, permanent skend.

Om die vergryp teen en geweld aan die wet van God in die proses van “regstellende aksie” as administratiewe onbeholpenheid en praktiese probleme vanweë onkundigheid voor te hou en as iets wat tydelik van aard is, dat dit net ’n oorgangsfase is wat die gemeenskap moet aanvaar en verdra in die hoop op ’n beter samelewing wat deur die ideologie van “regstellende aksie” tot stand gebring gaan word, is ’n leuen oor die werklike karakter van sonde en die permanente aard van onreg binne ’n gemeenskap wat daarop staatmaak.

11. Die kerk moet hierdie sondes aanspreek vir wat dit is en die onversoenbaarheid van hierdie sondes wat in die aksie van regstellende aksie bedryf word duidelik uitwys. Daardeur sal hy vir die lidmate hoop gee in God, waardigheid in hul godsdiens en ’n innerlike vryheid van die gedienstigheid aan sonde wat regstellende aksie eis.

12. Hierdie karakter en werking van “regstellende aksie” kan nie deur die kerk vermy word nie; nóg deur teoretisering oor idees en modelle, nóg deur stilswye. Die kerk se profetiese roeping is om hierdie onreg, sonde en die vernietigende werking van hierdie proses, wat nou as beleid bedryf word, *nou* uit te wys, nie oor veertig jaar as

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

> dit polities en maatskaplik gerieflik en korrek is volgens nuwe begunstigings en bemagtigings om die waarheid te praat nie.

Daar was geen begrip of aanvaarding om swart bemagtiging op hierdie wyse aan te spreek nie. Die meerderheid van die kommissie en sinode was deel van die moderne Christelikheid. Hulle het hulself gesien as deel van die bekering van die sonde van apartheid. Hulle het hulle egter veral gesien as die verteenwoordigers van die nuwe versoening. Dit is die tipe versoening wat die kerk in die verslag oor versoening, armoede en moraliteit as visie vir die kerk aanvaar het.

In hierdie tipe versoeningsvisie wou die geestelikes hulself as die nuwe morele leiers van die nuwe staat en owerheid voorhou. Daarom het hulle hulself in die magsposisie gesien om vir die nuwe sekulêre owerheid riglyne op te stel oor hoe die owerheid sy ideologie moet uitvoer. Dit was deel van presies dieselfde heersersmentaliteit waarmee apartheid teologies geregverdig was - geestelikes wat een is met die mag van die maghebbers.

Die regsbegrip in hierdie geestelikheid was dat apartheid verkeerd is en dat regstellende aksie reg is. Dit moet net billik toegepas word, ironies genoeg, net soos wat apartheid ook net billik toegepas moes word. Met die moderne Christelikheid as geloofsgrondslag het die geestelikes net van die teologiese regverdiging van die magsdenke van die ou heersersgroep na die teologiese regverdiging van die magsdenke van die nuwe heersersgroep oorgeskuif.

Dit is wat ’n mens in hierdie twee uiteenlopende werkswyses moet raaksien. Werklike geloofsdenke waaraan die gemeenskap aan die wet van God getoets word, is binne die moderne Christelikheid se geestelikheid van bekering en vervulling met God nie moontlik nie. Net so min as wat hierdie geestelikes teologies oor Afrikaner-nasionalisme binne die mag van die moderne Christelikheid kon nadink toe dit die heersende mag was, net so min kan die moderne Christelikheid vandag oor Afrika-nasionalisme besin.

Nadat die sinode hierdie riglyne goedgekeur het, het die sinode van Noord-Transvaal se stem oor regstellende aksie stil geword. Tot vandag toe. Nie eers die omvattende maatskaplike ellende van sy eie lidmate kan maak dat daar ’n geloofsdenke is oor die onreg en ellende wat Afrika-nasionalisme skep nie. Hierdie stilte is ’n keuse. Die geestelikes van die moderne Christelikheid het Afrika-nasionalisme die nuwe ideologiese krag gemaak waarmee hulle weer hul nuwe goddelike visies en missies mee bemagtig. Dit regverdig hul identifikasie met God as versoening en die teenkanting teen hul geestelikheid van bekering en Godsvervullings as rassisme.

Binne hierdie magsdenke van die moderne Christelikheid is protes teen onreg volgens God se wet, selfs die onreg teen eie lidmate, nie moontlik nie. Die identifikasie van God met die nuwe magsvisie maak sodanige besinning en aanvoeling binne die kerk onmoontlik.

**4. Gereformeerde verset**

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Met die sinode se aanvaarding van "billike regstellende aksie" het ek besef dat die sinode sy lidmate uitlewer aan die onregte van swart nasionalisme. Regstellende aksie gaan tog van begin tot einde oor swart bemagtiging. Ek het gevoel dat die sinode hiermee die lidmate beginselloos uitlewer aan 'n onderdrukking wat op niks anders as verset sal kan uitloop nie. Daarom het ek as reaksie op hierdie aanvaarding van "billike regstellende aksie" 'n voorstel ingedien oor verset: "Gereformeerde verset: die sinode gee opdrag aan SKLAS [Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake] om riglyne vir Gereformeerde verset teen onregmatige handelinge van owerheidsinstansies op te stel, en na voorlegging aan die moderatuur aan gemeentes te stuur." (Handelinge-sinode, 1997)

Die kommissie vir leer en aktuele sake van die sinode het hierdie opdrag sedert 1997 elke keer omseil. Die kommissie het die werklike rede vir sy weiering om 'n sinodale opdrag uit te voer uiteindelik in sy verslag aan die sinode van 2003 gestel in die aanbeveling: "Die sinode handhaaf sy vorige standpunt dat daar in ons huidige situasie geen regverdiging vir verset is nie." Hierdie aanbeveling was 'n leuen. Daar was toe nog geen sinodebesinning of -besluit oor verset "in ons huidige situasie" gewees nie.

Die motivering vir hierdie aanbeveling was dat Suid-Afrika nou 'n veelpartydemokrasie is wat deur "'n sterk grondwet en handves van menseregte beskerm word." Dieselfde kerklike houding teenoor die owerheid as wat met Afrikaner-nasionalisme die geval was, word weer gestel as die regte geestelike houding teenoor die regering wat nou weer die gemeenskap in die naam van Afrika-nasionalisme verniel. Die kommissie beveel die volgende gesindheid aan: "Die sinode verseker die owerheid van sy begrip en voorbidding vir die moeilike proses om 'n land met diverse problematiek te hanteer."

In 2003 het pres. Robert Mugabe se terreur deur die staat teen die boere in Zimbabwe 'n hoogtepunt bereik. Zimbabwiese gemeentes was afgevaardigdes by hierdie vergadering. Dit was ook die tyd toe die Suid Afrikaanse regering se grypsug en vernietiging van plase krisisafmetings begin aanneem het.

Ek het die volgende betoog teen die tipiese versoenende inkoop in die nuwe Afrikavisie ingeneem:

> Daar is geen rede vir verset nie. Dit is die bevinding en verklaring van die kommissie. Dit is wat ek vir my lidmate moet gaan sê. Vir hulle wat die afgelope jaar die N1- pad oor die Soutpansberg met hul bakkies gaan versper het. Dít is 'n daad van verset. Dit is 'n oortreding van die wet op openbare paaie. Toe hulle die kommissaris wat hulle beveel het om die pad oop te maak, uitgelag het, was dit 'n daad van verset. Toe hulle die onlustepolisie se opdrag om te verdaag, geweier het, was dit 'n daad van verset. Ek moet nou vir hulle gaan sê daar was geen rede vir hierdie verset nie.
>
> Dit is reg dat hul trokke met R10 000 beboet word as hulle die alternatiewe roete gebruik.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit is reg dat daar daagliks ongelukke in die Wylies Poort-pas plaasvind omdat die pad oor die berg verbou word, maar swaar verkeer gedwing word om hierdie roete te gebruik.
Dit is reg dat daar amper elke derde dag ’n noodlottige ongeluk plaasvind. Daar is geen rede vir verset nie. Dat die provinsie nie aan die boeregemeenskap reg op aanhoring gehoor gee nie, is ook reg. Dit bewys dat die demokratiese meganismes van die staat werk!

Daar is geen rede vir verset nie. Om ’n inhegtenisname deur die polisie te keer is verset. Ek moet vir my lidmate sê dat hulle maar op Vrydagaande vir verkeersoortredings gearresteer mag word en die naweek in die tronk moet deurbring. Die boerevereniging mag nie die polisie dreig en sê hulle sal nie weer toelaat dat hul lede so behandel word nie. Daar is geen rede vir hierdie versetoptrede nie.

Daar is geen rede vir verset nie. Om nie diefstalle by die polisie aan te meld nie is ’n daad van passiewe verset. Ek moet vir my lidmate sê hulle het geen rede om so op te tree nie. Dat hul klagtes nooit hanteer word nie, of eers dae later opgevolg word, of dat die telefoon by die polisiestasie nie geantwoord word nie, of dat die verklarings so swak afgeneem word dat geen saak in die hof gemaak kan word nie en dat húlle aangekla word as hulle sake aanmeld, is geen rede om nie die sake aan te meld nie. Volgens die sinodale kommissie het die boere geen rede vir hul optrede nie.

Dit mag dalk klink of die dinge net daar ver in die Soutpansberg gebeur. Dit is nie so nie. Op Cullinan het die munisipaliteit wederregtelik begin om plase te belas. Die lede wat wel betaal het, het hof toe gegaan en die hofsaak gewen. Hulle moes maar net kennis neem dat die munisipaliteit bankrot is en dat hulle nie hul geld kan terugkry nie. Nou moet ons vir die lede wat teen die bevele en opdrag van die munisipaliteit nie betaal het nie, namens hierdie sinode gaan sê dat hulle geen grond gehad het om hulle te verset en nie die belasting te betaal nie.

Daar is geen rede vir verset nie. Sê dit vir ons kinders in Londen, New York en Europa wat weier om hulle ondergeskik aan die diskriminasie van die regering se wette te stel en daar ’n rugbyloopbaan, ’n beroepsloopbaan of ’n nuwe lewe gaan begin het. Hulle tree onwettig op. Daar is geen rede vir hul passiewe verset nie.

Wat meer is, sê dit vir die dokter in Nelspruit wat teen die uitdruklike bevel van die minister van gesondheid steeds die aksiegroep vir vigslyers in sy hospitaal toegelaat het. Hy het volgens die sinode van Noord-Transvaal geen rede gehad om hom teen die bevel van die minister te verset nie. Sê dit vir al die dokters in die land wat teen die uitdruklike wil en opdragte van die regering antiretrovirale middels aan pasiënte beskikbaar stel: die sinode van Noord-Transvaal sê julle het geen rede vir jul optrede nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die vraag is nou hoe kan SKLAS na hierdie vergadering toe kom en in die lig van hierdie gebeure, wat gedurig plaasvind, sê ons het 'n oop demokrasie waarin die kanale so werk dat daar geen rede vir verset is nie.

Ek dink daar is drie moontlikhede om dit te verklaar:

1. Die eerste is dat ons hier nou met die finale skeiding tussen die stad en die platteland te make het, een waarin die mense in die stede dit op een of ander manier regkry om hulle so van hierdie sake af te sluit dat dit by hulle verbygaan, terwyl ons op die platteland dit nie meer kan regkry nie. Ons lééf in hierdie korrupsie en wanbestuur.
2. Die tweede moontlikheid is dat die Kommissie, en waarskynlik 'n groot deel van hierdie sinode, die ou denke van die Afrikaner-elite akkommodeer. Daarvolgens probeer ons nog steeds voorgee asof ons saam met die regering in beheer van sake is. Hierdie mentaliteit kan nie vrede maak met of aanpas by die feit dat ons nou as kerk 'n onderdrukte minderheidsgroep verteenwoordig nie.
3. Persoonlik meen ek egter die derde moontlikheid is die waarskynlikste, naamlik dat dit gewoon net materialisme is, dat die stede ons op die platteland, en almal wat te arm is om met geld hulle uit hierdie wanorde uit te koop, opoffer om húl pensioene, mediese fondse en hul goeie skole te verseker.

Die inhoud van hierdie verslag is onverskoonbaar. U kan maar hier onder daardie banier sit en vergader wat nogal heel simbolies sê: "Wees gerus". U kan maar sagte gospel-musiek speel en u hande in die lug steek om u in u eie geestelikheid te versink. Daar buite is gewone lidmate, wat altyd onderdanige landsburgers was, besig om in 'n see van wanorde en chaos te versink, 'n see waarteen hulle hul teen wil en dank gáán verset. Volgens hierdie kommissie, sonder enige rede.

Hierna het afgevaardigdes van Zimbabwe opgestaan en gestel dat die voorbeelde wat genoem is, nog niks van die ellende wat die anargisme wat die owerheid in daardie land teen die boere bedryf, weerspieël nie.

Die sinode het toe die opdrag om 'n verslag oor verset op te stel aan die afgevaardigdes van die platteland in die Noordelike provinsie en in Zimbabwe opgedra. Hierdie taakspan het nie lede bevat wat hulself as "bemagtigde leiers" geag het of die sentralisering van die moderne Christelikheid verteenwoordig het nie. Hulle het die verslag oor verset wat hieronder volg, opgestel, asook die aanbevelings wat nou die amptelike riglyne van die Noordelike Sinode is.

**Noordelike Sinode: Verslag en Riglyne oor Verset**

**<u>1. Inleiding</u>**

**1.1 Fokus van die taakspan**

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die taakspan se werk en fokus is bepaal deur die omvangrykheid van die opdrag: vier sinodes het elke keer die opdrag uitgebrei sonder om die opdrag oor riglyne vir die praktyk te hanteer. Die taakspan se fokus was om ’n werkbare verslag te lewer, nie ’n volledige of finale verslag nie; om ons binne ons eie Suider-Afrikaanse konteks en nie uit ander wêreldkontekste te verantwoord nie; om teologies duidelik maar sonder tegniese vaktaal te werk; om vanuit ons eie kerkgeskiedenis perspektief te kry en nie uit dié van ander kerklike gemeenskappe nie; en met begrip dat ons in hierdie saak steeds in ’n voortgaande ontwikkeling is soos blyk uit die verskil in die NG Kerk se besluite oor verset van 1915 “*dat mens om het gewetens wil zich tegen de wettige overheid niet verzetten mag, anders dan om zeer gewichtige en gegronde redenen*”, en 1986 “As allerlaaste moontlikheid van verset teen onreg (d.w.s. nadat alle ander moontlikhede volhardend en by herhaling misluk het) kan geweldlose verset en burgerlike ongehoorsaamheid uit die oogpunt van die etiek ten minste teoreties nie as onaanvaarbaar verwerp word nie.”

**1.2 Voorbeeld as hulpmiddel**

Graag gee ons aan die vergadering ’n voorbeeld as hulpmiddel om die verslag mee voor te berei. ’n Pa en ma moet hul kinders versorg en teen geweld beskerm. Kinders moet hul gesag aanvaar en hul opdragte gehoorsaam. Dit is hoe ’n gesin moet wees. As een van die ouers egter begin om die kinders geweld aan te doen en te mishandel, dan moet die ander eggenoot nie net hierdie geweld en mishandeling aanspreek nie, maar dit ook aktief teenstaan. Ook die kinders moet begelei word om hulle nie aan hierdie mishandeling te onderwerp nie, terwyl hulle tog nog gehoorsaam moet bly. Sou die eggenoot kies om nie die geweld aan te spreek of teen te staan nie, dan het hy/sy ’n mede-afhanklike van gesinsgeweld geword. Om net salf aan wonde te sit, drukkies van vertroosting te gee, om net woorde van bemoediging te spreek, maar nie as eggenoot die geweldenaar self teen te gaan nie is om ’n vennoot in hierdie wanfunksionele gesin te word. Hierdie tipe vertroosting sal van die kinders wettelose kinders en gewelddadige volwassenes maak. Gereformeerde verset is die keuse wat die kerk maak om nie ’n afhanklike vennoot te word van ’n owerheid wat sy burgers onderdruk nie.

**1.3 Definisie:**

As basis vir die bespreking dien die volgende omskrywing van gereformeerde verset:
**Gereformeerde verset is Christelik-eties verantwoordbare, nie-gewelddadige optrede teenoor magsinstellings/politieke instellings wat verder gaan as blote beswaar of protes, en ook onttrekking van samewerking, ingrype, weerstand en ongehoorsaamheid kan insluit met die oogmerk om hierdie magsinstellings/politieke instellings te oorreed om hulle verantwoordelikheid na te kom, of om op te hou met onregverdige/verkeerde/ onderdrukkende optrede, of om die instelling sy mag te ontneem sodat hy vervang kan word. Gereformeerde verset is om te stry vir die koms van die koninkryk van God in die praktyk van die lewe. Dit omvat die politieke, ekonomiese, sosiale en godsdienstige lewe. Dit soek die heil van alle mense en nie net sekere belangegroepe nie.**

**1.4.Die opdrag van die sinode aan die taakspan:**

Die taakspan het uit die opdragte wat vanaf 1999 tot 2003 elke keer herhaal is, die volgende hoofpunte as raamwerk vir die opdrag van die sinode aanvaar:

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die verslag moet fokus op **die praktyk** van Gereformeerde verset (1999);
Die verslag moet **riglyne gee vir die praktyk** van Gereformeerde verset (1997);
Die verslag moet **die verhouding tussen kerk en owerheid** aan die orde stel (1997);
Die verslag moet fokus op die onregmatige handelinge, die gebrekkige funksionering en **wanfunksionering van die owerheid** (1997, 2001);
Die verslag moet lidmate met **riglyne bedien vir die situasies** waarin hulle leef (2001);
Die verslag moet die omvang van **die saak van verset in Zimbabwe** aanspreek (2003).

2. **Die werksaamhede van die taakspan**

Die taakspan se werksaamheid het van 2006 tot 2008 gestrek. Drie verslae is aan die Sinodale Diensraad (SDR) vir bespreking deurgegee, daar was 'n ontmoeting met AfriForum en vyf vergaderings is gehou waarin die saak voorberei is. Die jongste literatuur oor hierdie saak is byeengebring en die verslag is daaruit saamgestel.

3.**Die saak van verset**

Die saak wat in verset aan die orde gestel word, is die **oorheersing** van landsburgers deur openbare gesagsinstansies soos die regering. Dit (oorheersing deur openbare gesagsinstansies) onderskei die kommissie se opdrag van sake soos misdaad, geweld en uitbuiting, alhoewel daar 'n direkte samehang is tussen die wil tot verset en hierdie genoemde sake.

4. **Die werklikheid van verset in die gemeenskap**

Ons lidmate is reeds besig met verset in die gemeenskap. Dit is 'n daaglikse gegewe en die omvang daarvan neem steeds toe. Die kerk kan nie hierdie gegewe ontken nie. Die kerk is ook nie die eerste of enigste openbare instansie wat hierdie saak aanspreek nie. Dit is reeds 'n openbare saak. Die omvang daarvan blyk uit verskeie versetaksies waaraan ons lidmate reeds deelneem:

**In aktiewe verset**: Die weerhouding van munisipale belasting en die skep van eie munisipale dienste; die instel van veiligheidsgebiede wat afgesper word in weerwil van wetgewing of moratorium wat deur plaaslike owerhede ingestel is (byvoorbeeld Lynnwood Manor Estate); die openbare soen-demonstrasies van jongmense in die Northgate-winkelsentrum teen die wet op seksuele oortreding; die omvangryke protes en dreigemente om tot verset oor te gaan teen die destydse beoogde skole-eed; die verwydering van of toeverf van naamborde met nuwe plekname; die ignorering van nuwe openbare plekname en die voortgesette gebruik van vorige plekname; die beskadiging van openbare eiendom; die versperring van paaie of verkeersvertragings wat doelbewus veroorsaak word; plaasbeveiligingswagte wat groen ligte aan hul voertuie aangebring het; die weiering van amptenare op plase wat nie Afrikaans kan praat nie en die weiering om TV-lisensies te betaal (Zimbabwe), om enkele voorbeelde te noem.

**In passiewe verset:** Emigrasie; die verskuiwing van besighede of plase na ander state; die onttrekking uit die openbare lewe en ampte; onderprestering weens geen bevordering; die weiering om afdankings te aanvaar en betaalde amptenare te bly sonder pligte; die

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

onttrekking van kinders uit skole as openbare instelling; die weiering om jou huis of plaas te verlaat vir eisers of besetters; die weiering om jou besigheid met voorgeskrewe vennote te deel en dit eerder te ontbind.

5. **<u>Die behoefte aan verset met 'n Christelike en gereformeerde karakter</u>**

Die behoefte wat aangespreek moet word, is om lidmate te begelei in die karakter van spesifiek dít wat ons Gereformeerde verset noem. Dit is verset uit ons geloof in en diens aan Jesus Christus ons Here. Dit moet ons onderskei van ander tipes verset wat reeds op verskeie ander wyses deel is van die burgerlike samelewing in Suid- en Suidelike Afrika.

➢ **Rewolusionêre verset**

Die rewolusionêre verset van die sestiger tot negentiger jare het die Suid-Afrikaanse gemeenskap se karakter bepalend gevorm. Mense is opgeroep om deur gewelddadige verset die regering van die dag omver te werp. Hierdie tipe verset het nie na die regeringsverandering van 1994 tot 'n einde gekom nie. Dit het deel van die karakter van die burgerlike gemeenskap gebly. Die huidige opwellings van gewelddadige verset in byvoorbeeld skole-, universiteits- en kollege-onrus, of in provinsiale grenswysigingsonrus, is 'n voortsetting van die kultuur van rewolusionêre verset wat uit die anti-apartheidsbewegings voortspruit. Ander voorbeelde is: openbare paaie wat afgesper word, amptenare wat doodgemaak word, mense wat met geweld van hul werk weggehou word, onwettige stakings wat gehou word, openbare eiendom wat beskadig word, kampusse wat verniel word en mense wat aangerand en geïntimideer word.

➢ **Verset binne die menseregte-kultuur**

Met die skep van 'n nuwe grondwetlike bedeling in 1994 wat op menseregte gebaseer is, is die karakter van die burgerlike gemeenskap wesenlik verander. Die wêreldwye menseregte-kultuur is nie soseer aan Christelike geloofsoortuigings of waardes verbind nie, maar eerder aan 'n sekulêre mens- en godsbeskouing wat godsdienstig "neutraal" is. Verset word binne hierdie menseregte-kultuur wetenskaplik verantwoord en openbaar beoefen as 'n inherente mensereg sonder enige Christelike verantwoording.

Baie van hierdie versetaksies wat binne die moraliteit van 'n menseregte-kultuur geregverdig is, is optredes wat teenstrydig is met die naasteliefde waartoe Christene volgens die wet van God verbind is. Teenoor baie van die geregverdigde "menseregte"-aksies sal Christene 'n eie handelswyse moet vind. Die kommissie het 'n voorbeeld vertaal om die omvang van verset as deel van die menseregte-kultuur toe te lig. Sien bylaag.

➢ **Verset as regeringswyse: anargisme**

In die Christelike geloof is verset bedoel as optrede van onderdane teenoor die owerheid. In Zimbabwe het ons egter nou met die verskynsel van anargisme te make. Hier word alles wat gewoonlik met onderdane se verset teen die owerheid geassosieer word, 'n regeringswyse van die owerheid. Dit is die owerheid wat die besetting van plase en die vernietiging van openbare eiendom reël; dit is die owerheid wat die wette van die land ter

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

syde stel en eiemagtig hulle teen hul eie wette verhef; dit is die owerheid wat moord, plunder, verkragting en aanranding reël as plig teenoor die owerheid; dit is die owerheid wat verkiesings ondermyn en met geweld en bedrog steel. Die kultuur van rewolusionêre verset teen die owerheid het in Zimbabwe die regeringswyse van die owerheid geword.

Christene kan hulle nooit verbind tot rewolusionêre verset of anargisme nie. Die NG Kerk het dit op grond van Rom. 13:1-7 en Artikel 36 van die NGB in al die versetsituasies waarmee hy te make gehad het, verwerp. Dit bly egter die werklikheid van die Suid-Afrikaanse konteks waarteenoor ons ons eie optrede moet verantwoord. Christene kan hulle ook nie aan die selfgeregverdigde beledigings, minagting van amptenare en mensgerigte fokus van baie van die menseregte-versetaksies verbind nie, omdat hulle as Christene uit liefde na reg en geregtigheid strewe.

**Daarom is daar 'n werklike en dringende behoefte dat die kerk hierdie werklikheid sal hanteer en binne die konteks van die Suider Afrikaanse gemeenskap leiding sal gee aan lidmate oor die eiesoortige wyse waarop Christene kan en moet verset**.

6. **Verset in Zimbabwe**

Die taakspan moet verset in Zimbabwe aanspreek. Hiervoor is 'n kort skets van die situasie in Zimbabwe nodig. Martin Meredith se boek, *Mugabe*, word gerieflikheidshalwe as voorbeeld gebruik. Hierin stel hy die kern van die Zimbabwe-situasie soos volg:

> In a Radio broadcast from Mozambique in 1976 during the Rhodesian war, Mugabe summed up his view of electoral democracy: "*Our votes must go together with our guns. After all, any vote has been the product of the gun. The gun which produces the vote should remain its security officer – its guarantor. The people's votes and the people's guns are always inseparable twins*."[1] Mugabe held fast to his creed. Whatever his regime faced, he has always been prepared to overcome it by resorting to the gun. So proud was he of his record that in 2000 he boasted about having "a degree in violence". His ministers followed suit. "*The area of violence is an area where Zanu-PF has a long and successful history*," Nathan Shamuyarira, one of Mugabe's closest colleagues, declared.[2]

Die geweld en terreur wat in die vryheidstryd teen die vorige regering in Zimbabwe gebruik is, het gou die regeringswyse van die nuwe regering van 1980 geword. In 1982 verklaar die regering die "*Gukurahundi*" teen die Ndebele- en Kalanga-gemeenskappe. Met 'n spesiale soldatemag opgelei deur Noord-Korea, die Vyfde Brigade, wat buite die toesig en beheer van die nasionale mag geskep is, is hierdie gemeenskap aan massamoord en brutale terreur van vier jaar onderwerp en meer as 10 000 het daarin omgekom. Dit terwyl hulle alle toegang tot beskerming deur die polisie, nasionale weermag, die openbare media en die howe ontneem is.

[1] Meredith, M. *Mugabe*, p.241
[2] Meredith, M. *Mugabe*, p. 241

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

In 1987 verkry Mugabe die mag as hoof van die staat, die regering en die weermag in een amp met die mag om die parlement te ontbind, krygswet uit te roep en onbepaald verkies te word. Hy word ook die hoof van die party se Politburo waarvan hy al die lede self mag aanstel. Hierdeur is 'n mag geskep wat effektief geen aanspreeklikheid teenoor die parlement of die gemeenskap het nie. Hierdie mag het 'n nuwe elite-groep gevorm wat hulself uit staatsfondse verryk het. Hulle het ook die "War Victims Compensation Fund" met valse eise en bedrog gedreineer – volgens hoofregter George Smith beloop dit 450 miljoen dollar.

Die selfverryking van hierdie elite-groep het staatsbates gedreineer. Zesa, die elektrisiteitsverskaffer, is in 1999 tegnies bankrot verklaar; Noczim, die olie-invoerreguleerder kon in 1999 nie meer olie verskaf nie omdat amptenare 1,5 biljoen dollar verduister het en skuld van 9 biljoen laat oploop het. Munisipale en openbare dienste het ook so verval dat die lewensverwagting van 1980 tot 1990 van 52 na 41 gedaal het; die waarde van lone het met 22% gedaal en werkloosheid het tot 50% gestyg. Uit hierdie verval het die **MDC as weerstandsbeweging** tot stand gekom met die eis van aanspreeklikheid en deursigtigheid.

In dieselfde tyd het die parlement in Augustus 1999 troepe na die Kongo gestuur (11 000 in totaal), wat die land een miljoen Amerikaanse dollar per dag gekos het. Die magselite is vergoed met konsessies en voorkeurbehandeling in die diamant-, kobalt- koper- en houtrykdomme van die Kongo en offisiere is aangemoedig om hulself ekonomies te bevoordeel.

Die regering se reaksie op die toenemende weerstand en protes was om 'n nuwe grondwet op te stel wat hulle magte sou verskans. In 'n referendum in 2000 moes die gemeenskap hierdie grondwet goedkeur, maar onder die leiding van die MDC het die Zimbabwese burgers dit met 55% verwerp. Dit het direk aanleiding gegee tot die plaasbesettings in 2000 en ook die sogenaamde derde *Chimurenga* (vryheidsoorlog). Die regering het werkloses georganiseer, met polisie- en weermagvoertuie vervoer en plase beset. Die boere is aangerand, gedreig, geskiet, doodgemaak (David Stevens, Martin Olds), hul eiendom is gesteel, huise is afgebrand en diere is vermink. Omdat die hooggeregshof die besettings onwettig verklaar het, het die aanvalle op die regstelsel begin en is hoofregter Gubbay en ander regters met geweld uit hul poste gedwing en die regsbank is gevul met regeringsondersteuners.

Stedelike Zimbabwiërs se ondersteuning vir die MCD is in 2005 met die *Murambatsvina*-veldtog beantwoord. Met polisiegeweld en met stootskrapers is groot dele van minder gegoede woongebiede en markte met die grond gelyk gemaak. Selfstandige handelaars van Masvingo tot Kariba se handewerk is vernietig en hul huise is afgebreek of verbrand. Die VN-verslag van Anna Tibaijuka het berig dat 700 000 mense hul huise of bron van inkomste verloor het, 100 000 huise en 32 000 besighede verwoes is. Die wettig verkose munisipaliteit van Harare is ontbind en Harare is onder die bestuur van 'n politieke komitee van die regering geplaas.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Hierdie anargisme is oor jare met verset uit die gemeenskap beantwoord: deur kritiek en openbare verklarings van die ZCC (raad van kerke); deur die predikanteforum, Heads of Denominations; deur volgehoue optogte van die vroue-organisasie, WOZA; deur die mobilisasie-aksie van Zvakwana/Sokwanele en die oprigting van 'n buitelandse radiostasie "Shortwave Radio Africa".

**Die vraag oor verset in Zimbabwe moet binne hierdie anargisme gestel word: 'n regering wat met die magte van die owerheid die gemeenskap onderwerp aan moord, aanranding, verkragting, diefstal, naamskending, die omverwerping van gesag en bedrog.**

7. **Die NG Kerk binne 'n gemeenskap van protes en verset**

Protes en verset teen onderdrukking is deel van ons gemeenskap- en kerkgeskiedenis. Dit is 'n totale wanpersepsie dat verset kommunisties, iets nuut, 'n rassistiese reaksie op die nuwe grondwetlike bedeling, of kerkvreemd is.

**7.1 Protes en verset teen oorheersing deur 'n koloniale maatskappy en korrupsie**

Die geskiedenis van ons lidmate begin as burgers van 'n koloniale maatskappy, die VOC onder die bestuur van 'n finansiële direksie: die Here XVII. Hierdie koloniale maatskappy was ingestel op handel en het die Kaap net as 'n handelspos gesien. Inwoners van die Kaap het 'n minderwaardige burgerskap gehad. Hulle moes trou sweer aan die handelsmaatskappy en sy direksie. Die amptenare het hul posisie misbruik om 'n monopolie op handel te verkry en om vryhandel te onderdruk. Hierdie oorheersing het die eerste twee protesbewegings uit ons eie gemeenskap tot gevolg gehad. Die eerste onder leiding van Adam Tas, Henning Hüsing en Jacob van der Heyde was gemik teen die amptenare-korrupsie onder Willem Adriaan van der Stel. Die tweede versetbeweging was die stryd van die Kaapse Patriotte tussen 1778 en 1787. Dit was 'n burgerregtestryd teen die amptenare van die VOC. Deel van die weerstand was die hou van geheime vergaderings en die stuur van afvaardigings na Europa teen die bevel van die goewerneur. Die doel van die sending was die vestiging van burgerregte en verteenwoordiging in rade.

Omdat die NG Kerk nog nie 'n eie sinode- of ringsverband gehad het nie, is hierdie protes telkens deurgegee aan die Klassis van Amsterdam. Die eerste keer wat die gekombineerde kerkvergadering aan die Kaap 'n sinode in Nederland direk genader het, is hierdie vergadering deur die Politieke Raad van die Kaap ontbind. "*Hierdie doelbewuste optrede van sy plaaslike owerheid was daarop gemik om die kerk in 'n staat van onderhorigheid te hou en afhanklik van die regering te maak.*" [3] Enige moontlike kerklike verset is daardeur gewoon net onderdruk.

7.2 **Protes en verset teen die oorheersing van 'n koloniale imperiale mag**

Ná die Britse oorname in 1806 is ons lidmate onderwerp aan goewerneurs wat 'n doelbewuste beleid van verengelsing nagestrewe het. Die hele openbare lewe is verengels:

[3] Van der Walt, PB *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652 – 1824*, p.38.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

die enigste taal in die staatsdiens (1824); die enigste taal in howe (1828) en die enigste taal in die parlement (1854). Ook die NG Kerk is onderwerp aan verengelsing deur die invoer van Skotse leraars deur die owerheid. Hierdie oorheersing het gelei tot die grootse passiewe versetbeweging in die Afrikaanse gemeenskap – die Groot Trek. Die NG Kerk het hom aanvanklik met die passiewe verset van die Groot Trek misgis.

Die amptelike reaksie van die sinode van 1837 is verwoord in die herderlike skrywe aan gemeentes: die trekkers word opgeroep om hulle aan die Kaapse owerheid te onderwerp omdat dit 'n instelling van God is; die Kaapse regering word geregverdig daarin dat hulle nie net aan die wil en belange van die trekkers kan dink nie, maar volgens die wêreldpolitiek van die dag moet regeer; die trekkers moet hulle onderwerp aan die wette waarmee hulle nie saamstem nie, want die is die wyse waarop Jesus Christus hulle regeer; die Trek word afgekeur omdat lidmate nie kan wys dat dit 'n noodsaaklikheid binne God se voorsienigheid is nie; dit wat die trekkers as onderdrukking sien, sal tot hul saligheid dien. [4]

Die ring van Graaff-Reinet het nie meer die nagmaal of die doop aan lidmate wat op die Trek gegaan het, bedien nie. Predikante wat die lidmate besoek het, is verbied om die doop en nagmaal aan hulle te bedien. "Die uitdruklike voorbehoud van die ringsvergadering het dus die bediening van die sakramente aan die Voortrekkers uitgesluit – 'n sydelingse toepassing van sensuur op lidmate wat geen oortreding begaan het nie! Die vernaamste rede vir die besluit skyn te wees dat die Ring die heersende beskouing van die tyd toegedaan was dat die uitgewekenes in 'n staat van opstand teen die wettige owerheid verkeer het." [5]

Hierdie misgissing van die NG Kerk oor die aard en gevolge van hierdie verset was een van die hoofoorsake van die stigting van die Gereformeerde Kerk en die Hervormde Kerk.

7.3 **<u>Die Rebellie van 1914-1915: Verset teen deelname aan 'n internasionale oorlog</u>**
Die openlike verset teen die regering se besluit om Duits-Suidwes tydens die Eerste Wêreldoorlog te beset het die gemeenskap en NG Kerk verdeel. Ses NG predikante was as ondersteuners van die Rebellie in die gevangenis. Die eerste minister het openlik die NG Kerk gebruik om teen die Rebellie standpunt in te neem. Elf Kaapse predikante het 'n "*Ope brief*" uitgereik wat die Rebellie veroordeel het. "Dat genl. Louis Botha 'n aandeel aan hierdie dokument gehad het, was baie duidelik. Hy het prof. Marais versoek om 'n afvaardiging van predikante vir samesprekings saam te stel …"[6] Die uiteinde was dat rebelle in sommige gemeentes onder tug geplaas is en in ander gemeentes weer regeringstroepe.

Die NG Kerk het sy amptelike standpunt oor die verset in 'n predikantekonferensie en vergadering van die Raad van Kerk van 27-29 Januarie 1915 gestel. Hierdie vergadering het weer die Gereformeerde standpunt oor verset bevestig:

[4] Van der Walt, P.B. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1834 – 1866*, p.13,14.
[5] Van der Walt, P.B. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1834-1866*, p.17
[6] Van der Walt, P.B. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905 – 1975*, p. 334.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

*De conferentie wenscht in het algemeen duidelik uit te spreken dat volgens Gods Woord de Overheid van God verorden is, en dat de Kerk het daarom altijd als een christelijk plicht beskouwen en leeren moet, dat wet en orde in het staat - zowel als in het kerklijke en huislijk leven geeërbiedigd en gehandhaaft zal worden, en dat mens om het gewetens wil zich tegen de wettige overheid niet verzetten mag, anders dan om zeer gewichtige en gegronde redenen.*[7]

Die toepassing hiervan was dat geen tug teen lidmate wat hulle verset het, toegepas moes word nie, maar wel as hulle sedelike misstappe begaan het. Die reg tot verset is hiermee erken. In die kerklike praktyk het die eensydige optrede van kerkrade gelei tot die stigting van 'n rebellegemeente in Winburg en 'n regeringsgesinde gemeente in Potchefstroom.

7.4 **Die mynstaking van 1922: Verset teen kapitalistiese uitbuiting**

Die meerderheid van die 9 000 mynwerkers was NG lidmate. Die Staking het 17 000 lidmate van die NG Kerk geraak 600 lidmate was betrokke in die skermutselinge. Voor en tydens die staking het die NG Kerk nie standpunt ingeneem nie. "Daar is tevergeefs gewag op 'n duidelike toepassing van die beginsels van die Woord van God op die verhoudinge in die samelewing – soos dié tussen arbeider en werkgewer."[8] Na die Staking het die NG Kerk standpunt ingeneem in vergaderings deur sosialisme en kapitalisme af te keur; lidmate wat nie geweld gebruik het nie aan te prys en lidmate wat geweld gebruik het, te veroordeel. Die kerk het leiding geneem in die stigting van die "Christelike Suid-Afrikaanse Arbeidsvereniging. Geen werklike leiding oor protes of verset is deur die kerk gegee nie - net die kerk se oortuiging dat wet en orde gehandhaaf moet word, is beklemtoon.[9]

7.5 **Die Ossewa-Brandwag (OB): nasionaal-sosialistiese verset teen demokrasie**

Die OB het parlementêre politiek verwerp en gewelddadige verset beoefen in sabotasie en enkele sluipmoorde met die hoop om 'n Afrikanerrepubliek op grond van Nasionaal-Sosialisme te vestig.[10] Die NG Kerk het homself hieroor in verskeie studiestukke verantwoord en duidelik teenoor Nasionaal-Sosialisme standpunt ingeneem en lidmate in 'n Christelik-Calvinistiese staatkunde begelei.[11] Geweld is weer eens uit die Gereformeerde belydenis en waardes verwerp. Hierdie leiding het daartoe gelei dat die NG Kerk nie opgegaan het in die verdeeldheid van die "Duitse Christene" teenoor "Belydende Christene" soos in Duitsland nie[12], en daarom ook nie iets soos die Barmen-verklaring teenoor die Nasionaal-Sosialisme benodig het nie.

7.6 **Die NG Kerk en verset teen apartheid**

Die NG Kerk het eers in 1986, nadat die magsbasis van apartheid begin verval het, standpunt ingeneem oor die protes en verset teen apartheid. Met "Kerk en Samelewing" het die NG

[7] Van der Walt, P.B. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905 – 1975*, p. 346
[8] Van der Walt, P.B. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905 – 1975*, p. 361
[9] Van der Walt, P.B. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905 – 1975*, p 358-362
[10] Giliomee, H. *Die Afrikaners, 'n Biografie*, p. 393.
[11] Van der Walt, P.B. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905 – 1975*, p.368
[12] Gritsch, E.W. *A History of Lutheranism*, p. 222- 228

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Kerk verset werklik aangespreek as geregverdigde optrede teen 'n owerheid: Binnelandse verset teen 'n bepaalde politieke bestel sou dus nie gerig word teen die staat as sodanig nie, maar teen die owerheid as verteenwoordiger van die staat op daardie bepaalde tydstip." (311) "Die Gereformeerde teologie ken wel die reg tot opstand in hoogs uitsonderlike gevalle, maar kwalifiseer dit dan in dié sin dat dit op 'n ordelike wyse deur verantwoordelike persone ("mindere magistrate") gehanteer moet word en nie deur die kerk nie." (322) Weerstand teen 'n bepaalde politieke bestel is eties in beginsel slegs aanvaarbaar wanneer dit verset teen onreg is" (323) "As allerlaaste moontlikheid van verset teen onreg (dit wil sê nadat alle ander moontlikhede volhardend en by herhaling misluk het) kan geweldlose verset en burgerlike ongehoorsaamheid uit die oogpunt van die etiek ten minste teoreties nie as onaanvaarbaar verwerp word nie." (328)[13]

Hiermee het die NG Kerk die verset van die anti-apartheidsbewegings in beginsel as moreel geregverdig erken – en daarmee dan ook enige toekomstige verset teen 'n owerheid waar alle ander moontlikhede nie meer werk nie.

7.7 **Verset as 'n minderheidsgroep binne 'n sekulêre staat**

Die verandering van die staat in 1994 was vir die Christelike kerk ingrypend. Die nuwe staat is volgens die Grondwet nie Christelik nie en in baie opsigte 'n sekulêre staat. Die owerheid kan en wil homself nie meer aan die geloof en waardes van die Christelike godsdiens verantwoord in sy wetgewing en regering nie. Die veronderstelling waarmee die NG Kerk nog altyd gewerk het, dié van 'n Christelike owerheid en 'n Christelike gemeenskap, het verval. Met die verval van apartheid en die onderskeiding van burgerskap volgens ras en tuislande het die lidmate van die NG Kerk 'n minderheidsgroep geword sonder enige wesenlike mag in die owerheid. NG lidmate is ook op 'n syspoor gerangeer deur die nuwe owerheid wat homself beywer vir die herstel van regte van die meerderheid - wat as benadeelde gemeenskap gereken word teenoor NG lidmate wat as bevoorregtes gereken word. Die NG Kerk sal homself ook moet herposisioneer as 'n kerk vir 'n minderheidsgroep binne 'n veranderende gemeenskap. Enige vorm van verset sal en moet verreken word as die optrede van 'n minderheidsgroep in 'n sekulêre gemeenskap. Daarom sal verset saam met al die lede van die NG Kerkfamilie en ook ander Christelike kerke hanteer moet word.

**Opsommend kan gestel word dat**:

1) die NG Kerk met die Groot Trek en met apartheid homself met die aard en inhoud van verset misgis het;

2) behalwe vir die optrede teen Nasionaal-Sosialisme die NG Kerk altyd eers ná die verset homself daaroor verantwoord het;

3) die NG Kerk nog elke keer uit sy belydenis (NGB 36) en die Skrif (Rom.13) geweld verwerp het;

4) die NG Kerk hom genoegsaam oor verset uit die Gereformeerde belydenisse en die Skrif kon verantwoord en nie nodig gehad het om uit ander kerklike belydenisse of tradisies te moes put nie en

[13] Algemene Sinode NG Kerk, Kerk en Samelewing 'n Getuienis van die Ned Geref Kerk, pp 53-56

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

5) die veronderstelling waarmee die NG Kerk tot 1986 gewerk het, was dat die owerheid Christelik is en in sy wetgewing Christelik wil wees.

8. **Wanfunksionering van die Suid-Afrikaanse owerhede**

Vir die opdrag van die kommissie is dit gewoon net 'n gegewe dat owerheidsinstellings vanaf die sentrale regering tot en met munisipaliteite diepgaande wanfunksioneer. Die verval in openbare dienslewering op alle vlakke van die gemeenskap is 'n gegewe wat nie bewys hoef te word nie. Dit geld vir feitlik alle openbare dienste: elektrisiteitsvoorsiening, polisiëring, gesondheid, vervoer, onderwys, lisensiëring, regspleging, watervoorsiening en omgewingsbewaring.

Wat die kommissie wel wil aantoon, is die aard van die wanfunksionering – dit gaan nie oor 'n gebrek aan menslike bereidwilligheid of hulpbronne nie. Dit gaan oor die feit dat openbare ampte en poste beklee word sonder effektiewe aanspreeklikheid vir die lewering van openbare dienste. Die kontrole en beheer van die owerheid in die vorm van straf vir swak dienslewering en onverantwoordelikheid, en die beloning vir goeie dienslewering is in baie gevalle besig om te verskuif na beloning vir gedienstigheid aan mag en bestraffing vir mense wat magsmisbruik aanspreek.

Hierdie verskuiwing is besig om alle openbare instellings onder druk te plaas en in gedrang te bring:
Persvryheid: die owerheid wil 'n media-tribunaal instel in die plek van selfregulering van die pers; die arrestasie van verslaggewers oor onthullings van korrupsie
Eiendomsreg: die owerheid wil privaat grondbesit nasionaliseer buite die vraag en aanbod van die vrye mark en wil self die waarde van die grond bepaal;
Wetstoepassing: die gebruik van staatsinstellings om politieke opposisie te inkrimineer of te kriminaliseer;
Die vervolgingsgesag: presidensiële inmenging in die regsproses.

**Ons ervaar die opbou van 'n magselite wat die staatsmiddele en -strukture vir hul eie belang gebruik en nie vir openbare dienslewering nie. Hierdie verskuiwing van dienslewering na magsmisbruik toe maak dat verset toenemend die laaste uitweg vir landsburgers word.**

**9. Die verhouding tussen kerk en staat**

**9.1 Jesus Christus is die Here van die kerk en die wêreld**

Gereformeerde verset gaan oor die geloofsbelydenis dat Jesus Christus die Here is. Hy is Here van die kerk én Here van die wêreld:"*Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde*." (Op. 1:5) Hy het die wêreldmagte in sy hand. Hulle is en bly dienaars in sy voorsienige bestuur van die wêreldgebeure. Die vorming van gemeenskappe, state en owerhede, hul voortsetting en einde, is die magtige werking van Jesus Christus. (Op. 5:9) Gereformeerde verset is allereers 'n geloofsdaad waarin die sigbare selfbemagtiging van owerhede en magte nie geglo word

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

nie en Jesus Christus se onsigbare mag om ons deur goed en kwaad in sy voorsienige sorg te hou, openbaar bely word. Jesus Christus self het die aanspraak van die owerheid op goddelikheid in die regte perspektief gestel in sy opdrag: "*Gee dan aan die keiser wat aan die keiser behoort en aan God wat aan God behoort*."(Matt. 22:21) Die oorheersing, intimidasie, onderdrukking, verlies van werk en besigheid, en die geweld waarmee ons gedwing word om te moet glo in die oppermag van owerhede, verdra ons in bereidheid tot lydsaamheid omdat ons glo God is in beheer. (Jes. 40) Daarom is verset eerstens 'n getuienis oor en 'n teken van die koninkryk van God. Die inkering in 'n geestelikheid waarin Jesus net Here van my eie en persoonlike lewe is, maar waarin owerhede geglo word as heersers van 'n wêreld waarin Christus afwesig is, is 'n daad van ongeloof. Dit kan nie geregverdig word as 'n Christelike aanvaarding van gehoorsaamheid aan die owerheid nie.

### 9.2 Ons verbintenis aan die evangelie en die wet

Gereformeerde verset gaan oor die wyse waarop die Here ons aan die evangelie en wet verbind. Ons word nét deur die evangelie as sondaars geregverdig om weer verbind te word aan die wet van die Here as die wyse waarop ons ons naaste liefhet. "*Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy wet gehoorsaam*" (1 Joh. 5:3) Die wet waaraan die Here ons verbind tot naasteliefde is die wet waardeur Hy alle mense in die gemeenskap regeer. "*Die optrede van sulke mense bewys dat die wet van God in hulle harte geskrywe staan.*" (Rom. 2:15) Daarom moet ons alle mense volgens hierdie wet liefhê, al is hulle ook ons vyande. Daarom kan Gereformeerde verset nooit nét 'n aksie wees waarin ons na reg en geregtigheid soek nie. Die strewe na reg en geregtigheid is vir ons die wyse waarop ons ons naaste wil liefhê, ook ons vyande. Ons gedrag in verset word deur die Gees bepaal en nie deur die onreg waarteen ons ons verset nie.(Gal. 5:25) In Gereformeerde verset is daar 'n solidariteit met die regeerders as sondaars omdat ons self struikelend is, maar 'n strewe na reg en geregtigheid uit en tot liefde. In Gereformeerde verset verval die polarisasie van onderdrukkers en bevryders, onregverdiges en regverdiges, sondaars en heiliges, vir 'n liefde waarin almal deel in dieselfde reg en geregtigheid, gelowig en ongelowig. Ons kan nie in 'n geestelikheid opgaan waarin die liefde los staan van die wet waardeur God elke mens regeer nie. 'n Geestelikheid met eie en selfgemaakte geestelike wette oor gesindhede, houdings en innighede, wat nie deel van die Gemenereg oor reg en geregtigheid is nie, is 'n inkeer in 'n selfgemaakte wêreld met selfgemaakte reëls, terwyl die onreg en ongeregtigheid in die openbare wêreld met 'n gelatenheid aanvaar word. Liefde is altyd verset teen onreg en ongeregtigheid, maar in solidariteit met sondaars, regeerders en onderdane.

### 9.3 Die kerk as verbondsgemeenskap

Gereformeerde verset, hetsy individueel of kollektief, geskied altyd vanuit en in verantwoording teenoor die verbondsgemeenskap. Oorheersing en onderdrukking deur owerhede is nooit 'n private of persoonlike saak nie. Dit is gemeenskappe wat onderdruk word, ook die kerk as verbondsgemeenskap. Hierdie verbondsgemeenskap van die kerk is nie 'n geestelikheid los van die openbare gemeenskapinstellings soos skole, vakbonde, sakekamers en verenigings nie. Die uniekheid van die kerk as verbondsgemeenskap lê in sy verbondenheid aan God se genade en in sy gehoorsaamheid vanuit hierdie genade. Daarom

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

kan Gereformeerde verset net beoefen word as dit deel is van gemeenskapsverset: as kerklike gemeenskap in en met ander openbare instellings. Die aanspreeklikheid vir en die dra van die gevolge van verset, individueel en kollektief, moet altyd deur die verbondsgemeenskap gedra word. Gereformeerde verset kan nooit die aksie wees van enkele begeesterde individue of groepe wat hulle demonstratief verset sonder enige verantwoording oor hul verset teenoor die kerklike of openbare gemeenskap in wie se belang hulle hul verset nie. Vir Gereformeerde verset is die deelname aan die kerklike én openbare gemeenskap ’n voorveronderstelling.

**9.4 Roeping en arbeid**

Gereformeerde verset gaan altyd oor roepingsvervulling en arbeid. Talente en geleenthede is gawes van God. Dit word deur die geloof as gawes van God ontvang en as middele opgeneem om God te dien. Diens aan God in die Gereformeerde geloof is altyd die gewone arbeid waarmee elke mens elke dag besig is, nie net ekonomiese arbeid nie, maar al ons menslike handelinge wat ook kosmaak en huishou insluit. Ons ken geen skeiding tussen geestelike diens aan God en medemenslike diensbaarheid nie. Daarom kan ons nie in ’n geestelikheid berus waarin ons ons gewone daaglikse arbeid nie as diens teenoor God kan opneem nie. Gereformeerde verset teen oorheersing beteken dat ons nooit ons talente en geleenthede kan ontken, misken of versaak as ’n diensbaarheid teenoor God en ons naaste nie. Hierdie selfontkenning is ’n gedienstigheid aan oorheersing deur mag waarin ons ons roeping teenoor God versaak. Dit is geen offervaardigheid teenoor God nie. Daarom kan ons wel in passiewe verset emigreer of uit openbare poste onttrek waar ons nie meer ons roeping teenoor God kan vervul nie, maar ons kan nooit van ons roeping en arbeid onttrek om daardeur die openbare diens aan God en ons medemens in wanorde te laat verval nie. Gereformeerde verset het nooit as oogmerk die ontwrigting of vernietiging van openbare dienste nie. Dit gaan oor die instandhouding van openbare dienste: voedselproduksie, veiligheid, beskerming, opvoeding, wetspleging en gesondheid.

**9.5 Die onderskeid tussen gesagstaat en magstaat volgens die Skrif**

Gereformeerde verset gaan oor die gehoorsaamheid aan die gesagstaat (Rom. 13:1-7) en die volharding in geloof en diens aan God onder die magstaat (Op.13:1-10.)

’n Gesagstaat word gevorm en bestaan waar

1) owerhede hul gesag uitoefen as ’n amp waarin hulle verantwoordelik staan teenoor die gemeenskap,

2) hulle tot openbare diens verbind is,

3) hulle diens beloon en onreg bestraf deur die middele waarmee die staat beklee is.

’n Magstaat word gevorm en bestaan waar

1) regeerders nie meer onderskei tussen hul amp en persoon nie,

2) regeerders nie verantwoordbaar staan teenoor die gemeenskap wat hulle moet dien nie en,

3) wat die middele waardeur hulle moet regeer, opneem om hulself te bevoordeel en mense wat die regeerders se eie belange nie dien nie, te bestraf.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Gereformeerde verset gaan altyd oor ’n gehoorsaamheid aan God wat meer en groter is as die wette van die owerheid: “*Julle moet self besluit wat voor God reg is: om aan júlle gehoorsaam te wees of aan God*.” (Hand. 4:19) Daar kan geen ongehoorsaamheid aan God se wil en wet wees ter wille van God nie. Daarom kan ons nooit geweld en wetteloosheid opneem as ’n manier om te verset nie. Ons verset gaan oor gehoorsaamheid aan die gesagstaat wat die owerheid bedoel is om te wees, maar misken in sy wil om magstaat te wees. Gereformeerde verset gaan oor die ontwrigting en verbrokkeling van die magte van owerhede wat ’n magstaat oprig, of probeer oprig, deur volharding in gehoorsaamheid aan die gesagstaat wat hulle behoort te wees. Dit is die wyse waarop die vroeë kerk die Romeinse magstaat tot ’n Christelike staat omvorm het – deur gehoorsaam te wees aan die gesag wat hulle bedoel was om uit te oefen. Dit was die wyse waarop hulle die magte van hierdie staat vernietig het: deur volhardende gehoorsaamheid aan die gesag wat hulle moes uitoefen. **Dit is ook die wyse waarop Christene in Zimbabwe die magstaat laat ontwrig en verbrokkel t – deur volhardende gehoorsaamheid aan die gesag wat hulle uitoefen**.

**9.6 Profesie en verset**

Profesie in die Bybel gaan nie oor toekomsvoorspelling nie. Dit gaan oor die aankondiging van die Woord van God oor wat reg en verkeerd is in ’n gegewe oomblik en oor die gevolge van sonde en gehoorsaamheid. Daarom is profesie altyd proaktief. Dit roep op tot koerswysiging, tot bekering voor die voorsiene ellende. Profesie is om die konflik van reg en onreg aan die orde te stel voordat die rampe wat ongehoorsaamheid tot gevolg het, intree. “*Een oomblik kondig Ek aan dat Ek ’n nasie, ’n koninkryk sal afbreek, sal uitroei, sal vernietig. Maar wanneer dié nasie hom bekeer van die boosheid waarvoor Ek hom wou straf, sien Ek af van die straf wat Ek oor hom wou bring, en die volgende oomblik kondig Ek aan dat Ek die nasie en die koninkryk sal bou en sal vestig*.”(Jer. 18:7-9) Gereformeerde verset is deel van die profesie-roeping van die kerk: dit stel die gemeenskap verskoningloos voor sy eie ongeregtigheid. ’n Geestelikheid waarin die kerk konflikloos leef binne die onreg en ongeregtigheid van die owerheid aan die een kant, en terselfdertyd ’n katastrofale einde sien as deel van ons noodlot, is afgodsdiens. Dit ontken die veranderinge wat God bewerk op bekering deur die profetiese stem van die kerk. Waar die kerk sy profetiese verset opneem, ontsluit die Woord van die Here in woord en voorbeeld in volle rykdom:
heidennasies bekeer hulle van onreg (Jona en Nineve);
onveranderlike wette kan die verbondsgemeenskap nie vernietig nie (Ester-wet van Meders en Perse);
die korrupsie van ’n magselite (Miga) word ontbloot;
God se beskerming teen ’n godlose amptenary (Daniël);
die illusie van mag teen die oordeel van God (Amos en Hosea);
die valsheid van priesters sonder ’n profetiese stem;
die sug na ’n versetlose en kritieklose kerk (dood van Johannes die Doper en die kindermoord in Rama);
die Here se profesie oor die val van Jerusalem en die Christene wat uit die stad gevlug het voor sy val;

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

die aankondiging van die val van die stad Rome en die Romeinse Ryk in die Openbaring van Johannes en
die kerk wat hom van die ryk onderskei het. As die kerk nie hierdie profetiese versetrol vervul nie, sal die kerk deel van die kwaad wees: "*Omdat jy hom nie gewaarsku het nie, sal hy deur sy sonde sterf en die goeie dinge wat hy gedoen het, sal nie onthou word nie, maar Ek sal van jou rekenskap eis vir sy dood.*" (Eseg. 3:20)

**10. Gereformeerde verset en die wetenskap**

Verset as nie-gewelddadige aksie is 'n akademiese vakgebied wat aan universiteite wêreldwyd in verskeie fakulteite gedoseer word. Dit het niks te doen met emosionele opwelling en roekelose aanhitsing nie. Die kerk sal homself nie net deurlopend skriftuurlik nie, maar ook wetenskaplik oor verset moet verantwoord. Sake soos die verskillende fases van verset, die dinamika van verset, die metodes van verset, mag en magverskuiwings, is alles sake wat reeds wetenskaplik verantwoord word. Ons gee een voorbeeld. Gene Sharp wys dat die metodes van verset vir elke situasie spesifiek gekies moet word om dit verantwoordelik as nie-gewelddadige verset te beoefen. Hier moet die geskiedenis en gewoontes van 'n gemeenskap verreken word; die ervaring en kennis van nie-gewelddadige verset van die deelnemers daaraan; die ontbering waartoe mense bereid is om te gaan; die doelwitte van die owerheid; tot watter brutaliteit die owerheid bereid is; die ondersteuning uit die gemeenskap; die kwaliteit van die leiers van verset; die aard en omvang van onreg en griewe; die regte vertolking van die sielkunde van die oomblik.

Daarom is dit die mening van die kommissie dat die sinodale verband hier leiding moet gee deur 'n staande taakspan saam te stel waarin verskillende persone uit verskillende vakgebiede betrek kan word om die kerk met verantwoording te bedien. Hierdie uitdaging het gaan waarskynlik nie sommer verdwyn nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**BYLAAG**
**Gene Sharp se metodes van nie-gewelddadige optrede met enkele voorbeelde uit elke kategorie**.[14]

**Nie-gewelddadige protes en oorreding**
1.1 Formele verklarings 1.2 Briewe 1.3 Petisies 1.4 Simbole 1.5 Baniere 1.6 Publikasies soos pamflette en joernale 1.7 Vertoon of dra van simbole 1.8 Gebed en aanbidding 1.9 Nuwe tekens en name 1.10 Optogte 1.11 Protesbyeenkomste1.12 Stilte 1.13 Om die rug te keer op iemand**Sosiale niesamewerking**2.1 Staking van sosiale of sportaktiwiteite 2.2 Boikot van sosiale geleenthede 2.3 Studentestaking 2.4 Sosiale ongehoorsaamheid 2.5 Onttrekking aan sosiale instellings. 2.6 Tuisbly **Ekonomiese niesamewerking 3.1 Ekonomiese boikotte**3.1.1 Verbruikersboikot 3.1.2 Weiering om eiendom te verhuur of te verkoop 3.1.3 Uitsluiting 3.1.4 Onttrekking van bankdeposito's 3.1.5 Weiering om gelde en heffings te betaal3.1.6 Verbod op handel deur 'n regering**3.2 Ekonomiese niesamewerking** Stakings: Al die verskillende vorms van stakings **Metodes van politieke nie samewerking** 4.1Verwerping van gesag 4.2 Boikot van verkiesings 4.3 Onttrekking aan regeringsliggame 4.4 Onttrekking aan regering se opvoedkundige instansies 4.5 Weiering van samewerking met toepassingsbeamptes 4.6 Burgerlike ongehoorsaamheid aan "onwettige" wette **Metodes van niegewelddadige ingrype**5.1 Hongerstaking 5.2 Niegewelddadige fisiese obstruksie 5.3 Oorlading van fasiliteite en administratiewe stelsels 5.4 Alternatiewe kommunikasiestelsel5.5 Niegewelddadige grondbesetting 5.6 Vullisstorting 5.7 Alternatiewe markte 5.8 Bekendmaking van die identiteit van geheime agente 5.9 Strewe na gevangeneming

RIGLYNE VIR DIE PRAKTYK VAN GEREFORMEERDE VERSET
Gefinaliseer deur die SDR op 17 Oktober 2008 in opdrag van die Sinode 2008

Probleemstelling
In die wêreld waarin ons leef, kry ons dikwels die gevoel dat een of ander owerheidsinstansie sy mag misbruik. Soms is dit 'n verkeersdepartement; soms 'n skool, soms 'n regering, soms 'n amptenaar. Die owerheidsinstansie se optrede kan vernederend, selfs lewensbedreigend wees. Wanneer 'n mens so 'n situasie beleef, is daar dikwels 'n gevoel van moedeloosheid of magteloosheid of selfs woede. Nou is die vraag: Hoe behoort 'n Christen in so 'n situasie op te tree? Gee die Bybel of ons gereformeerde belydenisagtergrond vir ons enige koers?
Die Noordelike Sinode van die NG Kerk het hierdie vraag probeer beantwoord en na 'n deeglike ondersoek 'n 14-tal riglyne geformuleer. Ons hoop dat hierdie riglyne kan help om perspektief te bring en dat lidmate daarin 'n uitdaging sal sien om in hul gemeenskappe hoop te bring en 'n verskil te maak.

Die riglyne

[14] Sharp, G *Power and struggle*, pp xii-xvi

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

1 Gereformeerde verset (GV) is ’n uitdrukking van ons geloof dat Jesus Christus die Here van die wêreld is.
2 GV is ’n weiering om te wanhoop selfs wanneer 'n owerheidsinstansie ’n gemeenskap onregmatig oorheers met wisselende vorms van intimidasie, geweld, uitbuiting, roof en moord .
3 GV is altyd die soek na reg en geregtigheid vir alle mense uit liefde en nie uit wraak, eiegeregtigheid, magteloosheid of hebsug nie.
4 GV is nooit die soeke na eie- of groepsbelange nie, maar die soeke na die beswil van die hele gemeenskap.
5 GV behoort vanuit die geloofsgemeenskap beoefen word.
6 GV kan net in gehoorsaamheid aan die Woord van God beoefen word.
7.GV is ’n konsekwente uitvloeisel van ’n Geesvervulde lewe waar kwaad nooit aanvaar word as ’n normale deel van die gemeenskap nie.
8 GV moet met volhardende lydsaamheid deurgevoer word.
9 GV het ten doel dat die owerheid weer aan sy roeping sal beantwoord om sy openbare diens te vervul.
10 GV word altyd beoefen met die nederige besef: ons is net diensknegte, God alleen is Here, ook in die gang van wêreldgebeure.
11 In GV bly ons volhardend bid vir die owerheid.
12 GV is nie gewelddadig nie, maar beslis in ’n vaste voorneme om kwaad te weerstaan en goed te doen.
13 GV is om ons belydenis van God se bedoeling vir die wêreld steeds te bly droom: dat die wolf en die lam sal saam wei en dat nasies van hul swaarde ploegskare sal smee en van hul spiese snoeiskêre.
14 GV het ten doel dat elke Christen, asook die kerklike gemeenskap in staat is om in sy wêreld sout van die aarde en lig vir die wêreld te wees om sodoende ’n skans teen onreg op te rig.

Daar moet weer eens hier gelet word op die kontras wat bestaan van hoe daar binne die moderne Christelikheid oor gemeenskapsake gedink word teenoor die wyse waarop uit die Gereformeerde geloof in en liefde vir God besin word.

Binne die moderne Christelikheid word dit duidelik gestel dat daar in die Suid-Afrikaanse gemeenskap geen rede vir verset teen die nuwe regering is nie. Dit is gewoon net ’n leuen. Dit het die verslag van die sinode oor verset uitgewys. Maar dit is net ’n leuen volgens God se wet. Volgens die nuwe Afrika-visie van die moderne Christelikheid is daar nie enige rede vir verset nie. Dié visie het sy identifikasie met God deel van hierdie mag gemaak. Hulle beoefen nou hul geestelikheid van oorgawe en Godsvervullings uit deur hierdie Afrika-visie. Daarom is daar vir hulle geen rede vir verset nie. Net soos daar vir hierdie geestelikheid geen rede vir verset was toe hulle hul geestelikheid deur die mag van Afrikaner-nasionalisme op die gemeenskap afgedwing het nie.

**5. Plaasmoorde en strukturele geweld**

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die ring van Louis Trichardt het op 6 Maart 2006 'n amptelike standpunt oor plaasmoorde ingeneem in 'n dokument met die titel, "Strukturele verontmensliking en plaasaanvalle". Die sewe gemeentes van die ring is aanhoudend blootgestel aan plaasmoorde.

Die ring is voor die werklikheid gestel dat die regering sy lidmate óf beskuldig het dat hulle die oorsaak van hul eie moorde is, óf hul moorde afgemaak het as net nog 'n gewone misdaad. Die werklikheid is egter gans anders. Die brutale verminking, lykskending en marteling wat met plaasmoorde gepaardgaan wys opsigtelik dat dit hier nie net om gewone misdaad gaan nie. In baie gevalle is roof nie eers 'n motief nie.

Die ander druk wat op die ring geplaas is, was die landswye stilswye van die kerklike gemeenskap oor die aard van hierdie moorde. Die kerklike gemeenskap wou net as begripvolle simpatiseerder en vertrooster binne die mag van hul Afrika-visie optree. Binne die kerk se verbintenis tot die Afrika-visie as 'n versoeningsvisie is daar geen wil om die owerheid se aanspreeklikheid vir plaasmoorde teologies te verantwoord nie.

Die moontlike en dreigende gevolge van die stilswye van die kerk en aanhoudende propaganda van die regering het tot gevolg gehad dat lidmate begin glo het dat daar 'n heimlike komplot teen hulle is. Só 'n komplotmentaliteit kan 'n gemeenskap totaal disfunksioneel maak.

Die ring het die taak op homself geneem om die verhouding tussen die regering se aanhoudende propaganda teen, verontmensliking en vernedering van die boeregemeenskap en die karakter van plaasmoorde in die lig van die Skrif en belydenisse te deurdink. Daardeur kon ons lidmate wys dat die verband tussen plaasmoorde en die owerheid nie 'n geheime komplot is nie, maar direk en openlik is. Daarom kan dit ook direk en openlik deur al die gewone gemeenskapsinstellings aangespreek word. Dit kan nie deur die vorming van heimlike groepe en organisasies aangespreek word nie.

Dit het die ring tot die eerste, en tot op hede waarskynlik die enigste teologiese verantwoording oor die karakter van plaasmoorde gebring. Die ring het hierdie standpunt aan die kerklike strukture deurgegee. Dit het egter net weer in die stilte oor die karakter van plaasmoorde in die kerk se geestelikheid weggeraak. Met hierdie standpunt het die ring die versoenings- en boetedoeningsmentaliteit, wat glo dat lidmate wat vermoor word die oorsaak van hul eie moord is, verwerp.

**Die standpunt van die ring: "Strukturele verontmensliking en plaasaanvalle".**

"1.Die aard en omvang van plaasaanvalle op ons lidmate is meer as net gewone misdaad.

2.Die brutaliteit en verminking waarmee hierdie misdaad gepaardgaan, is bedoel om ons lidmate in hul ontmagtiging te vertoon.

3. Ons lidmate vorm deel van die wetsgehoorsame, produktiewe landsburgers, is betrokke by 'n wye verskeidenheid werksterreine, besighede en professies, is werkskeppers, en lewer 'n

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

onmisbare bydrae tot die welsyn van die land en al sy mense; hulle is oorwegend Afrikaanssprekend.

4. Hierdie bedoeling om te verneder, kom vanuit ’n magsgevoel wat voorgehou en bekragtig word deur die strukturele ontmagtiging van ons lidmate deur die owerheid, maatskappye, geestes- en sosiale instellings en kerke.

5. Hierdie ontmagtiging vind plaas deur wetgewing en korporatiewe besluite waardeur een groep bemagtig word ten koste van ons lidmate wat veronreg word. Hulle word as groep geteiken om die skuld te moet dra en die oorsaak te wees van hul ontmagtiging.

6. Die opheffing van een groep mense kan en mag nooit plaasvind deur die ontmagtiging van ander mense nie.

7.Ons lidmate word deur hierdie instansies verontmenslik deurdat hulle die teiken is teenoor wie bemagtiging plaasvind as strukturele en georganiseerde proses: hul reg op werksgeleentheid, veiligheid, staatshulp, billikheid en regverdigheid volgens die Grondwet word ondergeskik gestel aan ’n proses van bemagtiging wat hulle hul regte ontneem. Aan hierdie proses moet hulle dit as plig hul teenoor die owerheid, gemeenskap en kerke onderwerp.

8. Ontmagtiging word ontmensliking deurdat die openbare, doelbewus georganiseerde ontmagtiging van een groep lei tot die persepsie en feitelike posisie dat die ontmagtigdes nie meer effektief kan aanspraak maak op basiese menseregte nie en dat geweld op hierdie wyse teenoor hulle geregverdig is.

9. Dit stel ons lidmate as ontmagtigdes in die openbare gemeenskap: in hierdie insidente of prosesse van ontmagtiging, mag en kan hulle nie op staatsbeskerming, regsbeskerming, sosiale ondersteuning of geestelike beskerming aanspraak maak in ’n klimaat waar die klem val op die bemagtiging van ander sektore in die samelewing nie.

10. Hierdie strukture vertoon en bekragtig die openbare ontmagtiging van ons lidmate: hulle moet byvoorbeeld harder werk sonder die verwagtings van bevordering of verhogings; hulle word afgedank al is hulle bekwaam en word hul dienste benodig en hulle word onteien al is hulle produktief en onvervangbaar.

11. Hierin skep en vertoon hierdie strukture die ontmagtiging en daardeur die verontmensliking van ons lidmate.

12. Binne hierdie strukturele geweld word ons lidmate vertoon as mense waarteen geweld geregverdig is.

13.Hierdie bedoeling van ontmagtiging is die gemene deler tussen die gemeenskapsinstansies en die individuele misdadigers (soos moordenaars van boere) wat in hul persoonlike geweld die gees van hierdie strukturele ontmagtiging vertoon. Hulle voel geweld teen ons lidmate is geregverdig. Individuele boosdoeners word bekragtig deur gemeenskapsinstansies wat ons lidmate sistematies benadeel.

14. Daarom is elke owerheidsinstansie, maatskappy, sosiale- en geestesinstelling wat met strukturele geweld ons lidmate verontmenslik, kollektief aanspreeklik vir elke plaasaanval op en plaasmoord van ons lidmate.

15. Ons is van die oortuiging dat dit die kerk se plig is om hierdie kollektiewe aanspreeklikheid uit te wys en die gemeenskap se kollektiewe gewete hiervolgens aan te spreek.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

16. Ons is van die oortuiging dat elke instansie wat met hierdie strukturele geweld ons lidmate verontmenslik, verantwoordelik gehou moet word vir hul kollektiewe aanspreeklikheid vir die aanvalle en moorde op ons lidmate.
17. Dit is tekenend van die strukturele geweld teen ons lidmate dat waar hulle deur individuele kriminele in hierdie gees aangeval of gemoor word, die owerheid, sosiale instellings en kerke hierdie geweld so verklaar as sou dit ons lidmate se gesindhede, verhoudings met hul werknemers of hul verlede wees wat hierdie tipe geweld teenoor hulle sou veroorsaak het.
18. Dit is ons oortuiging dat die openbare instellings hul kollektiewe aanspreeklikheid vir die geweld waarin ons lidmate as ontmagtigdes vertoon word, probeer ontwyk.
19. Ons kan en sal nie langer as kerk hierdie kollektiewe aanspreeklikheid in die verontmensliking, en daardeur die bekragtiging van geweld teen ons lidmate deur openbare instellings, onaangespreek laat verbygaan nie.
20. Die verontmensliking is nie heimlik of verskuil nie. Dit is die openlik verklaarde bedoeling en openbaar geregverdigde georganiseerde ontmagting van ons lidmate. Hiervoor dra almal wat daaraan deelneem openbare kollektiewe aanspreeklikheid.
21. Geen openbare instelling wat deel in hierdie kollektiewe skuld mag daarvan verskoon word nie, allermins deur ’n gesigslose en gewaande sameswering waarin niemand meer hul kollektiewe aanspreeklikheid hoef te aanvaar nie. Só ’n samesweringsteorie verskoon openbare instellings van hul openlike kollektiewe skuld.
22. Die ring van Louis Trichardt is daarvan oortuig dat die owerheid deur die spesifieke wetgewing waardeur hulle een groep bemagtig, ’n kultuur skep wat ons lidmate ontmagtig en verontmenslik. Hulle is kollektief aanspreeklik vir alle vorme van geweld deur bemagtigdes teenoor die ontmagtigdes, met besondere verwysing na die hoë voorkoms van plaasmoorde.

TOELIGTING
Hoekom sal mense in Nazi-Duitsland ’n Jood van die sypaadjie afstamp, hom beledig of sy besigheid openlik beskadig en benadeel? Wie sal dit vandag waag om te sê dat dit net ’n uitdrukking van ’n woede was wat uit die Joodse verlede voortgespruit het en wat die Jode moes hanteer deur beter verhoudings met hul Duitse bure?

Dit was nie dade wat deur die staat in geheime groepe in die nag beplan is en dan in die dag op straat deur geheime agente uitgevoer is nie. Dit was individue wat hulself bemagtig gevoel het om so teenoor die Jode te mag optree.

Wie het hulle só bemagtig? Die owerheid, maatskappye, sosiale instellings en kerke! In hierdie instellings is hulle verontmenslik en hierdie verontmensliking was die krag waaruit individue hulself geregverdig en bekragtig in hul persoonlike geweld gevoel het. Hulle het in hul persoonlike optrede die gees van die strukturele geweld teen die Jode gedemonstreer.

Dit het ook met die apartheidsbestel gebeur. Waar het mense die krag gekry om in die openbaar mense te beledig, hulle aan te rand en te verkleineer? Wie sal dit vandag waag om dit aan die mense wat vernederd was, toe te skryf? Dit kom uit die strukturele geweld van die

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

gemeenskapinstellings! Sonder hierdie strukturele geweld sou die gees van persoonlike geweld nooit tot uiting gekom het op die brutale en vernederende wyse waarop dit in die openbaar tot uiting gekom het nie.

Dit is die posisie waarin ons lidmate nou verkeer. Die strukturele verontmensliking skep 'n gees wat tot uiting kom in individuele geweld – 'n gees van brutaliteit en magtigheid wat iets anders is as blote gewone misdaad. Dit is nóú onverskoonbaar. Dit is nóú ongeregverdig. Dit is nóú ondenkbaar om dit toe te skryf aan die verlede of optrede van ons lidmate."

Die geestelikes van die moderne Christelikheid kan nie oor plaasmoorde teologies werk en dink soos dit hier in die standpunt van die ring van Louis Trichardt gedoen word nie. Die mag waardeur lidmate struktureel verontmenslik word, is dieselfde mag wat nou deur hierdie geestelikes gebruik word om mense tot die verontmensliking van hul eie geestelikheid te bring: die oorgawe en onderwerping aan hul goddelikheid.

Daarom lei hulle die gemeenskap om hulle self as die oorsaak van hul eie moorde te aanvaar. Daardeur bemagtig hulle hul eie geestelikheid met die mag van Afrikanisering. Die onderwerping aan Afrikanisering hou hulle voor as die "selfoorgawe" en "kruisiging van die "eie ek". Op hierdie wyse word die moderne Christelikheid weer Afrikaanses se nuwe mentors en morele leiers in die nuwe magsbedeling.

In en deur hul geestelikheid skep en leef hulle die leuen dat die innigheid met God wat hulle uitleef, die manier is waarop die boeregemeenskap sulke goeie verhoudings met hul werknemers en onwettige immigrante sal hê dat hulle nie vermoor sal word nie.

Hulle wil en kan nie die strukturele verontmensliking deur die owerheid aanspreek nie, want hulle het hierdie mag van verontmensliking hul eie gemaak om mense mee te bekeer en aan hul goddelikheid te onderwerp. Die kerklike stilte oor die karakter van plaasmoorde is 'n keuse om te deel in die mag van die Afrika-visie - die mag waarin en waardeur kriminele bemagtig word om boere se weerloosheid in hul marteling en lykskending te demonstreer.

Dit is presies wat die moderne Christelikheid met die verontmensliking van die gemeenskap deur Afrikaner-nasionalisme gemaak het. Die verontmensliking van nie-Afrikaners kon nie aangespreek word nie, want die onderwerping aan hierdie oorheersing was die mag waardeur kerklike "sendings" geregverdig was. Die onderwerping aan die mag van Afrikaner-nasionalisme was die krag waarmee die heidene aan die bekering en Godsvervullings van die geestelikes onderwerp was. Hierdie verband lê voorhande in die verband tussen die Tomlinson-verslag en die nuwe "sendinge" wat dit vanuit die NG Kerk na die gebiede wat in tuislande omskep moes word, geïnisieer het. Dit vra nog na historiese verantwoording.

Hoe naby die Afrikaanse gemeenskap daaraan is om te kies vir ateïsme, blyk uit hierdie brutale verontmensliking deur geestelikes dat boere plaasmoorde as skuld moet dra vir hul swak verhouding met Afrika en die geestelikheid van die moderne Christelikheid moet

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

omhels as die innigheid met werknemers en onwettige immigrante wat plaasmoorde sal keer. Binne hierdie sosiale en maatskaplike leuen lyk ateïsme soos 'n keuse om net werklikheidsgetrou te kan leef.

Die geloofsverantwoording van die ring oor die direkte verband tussen strukturele verontmensliking deur die regering en die karakter van plaasmoorde is 'n geloofskeuse vir die werklikheid waarin ons leef, teen die blindheid van ateïsme én die moderne Christelikheid.

**6.Grondeise.**

Die NG Kerk se Algemene sinode het met swart nasionalisme se nasionalisering van die privaat besit van eiendom presies dieselfde werkswyse en houding gevolg as wat die Noordelike sinode met regstellende aksie gevolg het. Hulle het hulself voorgehou as die geestelike fasiliteerder van die regering se beleid. Daarom het hulle weer vir die regering riglyne opgestel oor hoe grondeise uitgevoer moet word:

1 Grondhervorming moet positief aangepak word as noodsaaklike en integrale deel van die nasionale versoeningsproses.
2 Grondhervorming moet met sensitiwiteit, omsigtigheid en nugterheid hanteer word.
3 Grondhervorming moet op 'n gesonde landbou-ekonomiese grondslag berus.
4 Grondhervorming moenie 'n politieke speelbal gemaak word nie.
5 Grondhervorming moet 'n gesonde juridiese basis hê.
6 Grondhervorming moet deel uitmaak van 'n omvattende ontwikkelingsprogram.
7 Grondhervorming moet met ekologiese oorweginge rekening hou.
8 Vergoeding moet billik en so ver moontlik markverwant wees.
9 Die grondhervormingsproses moet so gou moontlik afgehandel word.

In hierdie "riglyne" het die kerk in effek die nasionalisering van privaat besit teologies geregverdig as 'n "nasionale versoeningsproses". Die regering het grondeise van die begin af as die nasionalisering van privaat besit bedryf: die staat kry die kaart-en-transport en die grond mag nie weer aan privaat eienaars verkoop word nie. Die sosialistiese besit van eiendom is die doelwit van die Freedom Charter. Dit is hoe die regering grondeise uitvoer. Eie aan die Suid-Afrikaanse gemeenskap, word hierdie gewoon menslike verskynsel van sosialisme as 'n rassesaak geregverdig, dit is, as Afrikanisering.

Die kerk het die uitvoering van hierdie visie van sosialistiese besit en die opheffing van privaat besit godsdienstig geregverdig as 'n "proses van nasionale versoening". Omdat die kerk die Afrika-visie aanvaar het, moes hy sosialisme as Afrikanisering aanvaar. Dit is volgens die moderne Christelikheid die bedoeling van versoening in hierdie riglyne: die opgee van privaat besit van eiendom is die versoeningsoffer wat voorstanders van Afrikaner-nasionalisme moet bring om deel van die nuwe nasie, geskep deur Afrika-nasionalisme, te mag wees.

Hierdie versoeningsvisie het aan die geestelikes die gevoel gegee dat hulle die fasiliteerders moet wees wat die boere moet lei oor hoe hulle hul grond moet afstaan as deel van die

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

geestelikheid van versoening. Een insident wat die inhoud en karakter van hierdie selfbemagtigde leierskap uitwys, was die optrede van die verteenwoordigers van die Noordelike en Algemene sinode op 16 Oktober 2003 in Potgietersrus.

Hulle roep al die boereverenigings uit die Noordelike gebied byeen vir ’n vergadering. Tydens hierdie vergadering vergeestelik hulle die nasionalisering van eiendom uit Numeri 27: 1-7

> Die dogters van Selofgad het na Moses toe gekom. Hulle het aan die Manassestam
> behoort. Selofgad was ’n seun van Gefer, seun van Gilead, seun van Makir, seun van
> Manasse, seun van Josef. Die dogters was Magla, Noa, Gogla, Milka en Tirsa.2Hulle
> het voor Moses en die priester Eleasar en voor die leiers en die hele gemeente by die
> ingang van die tent van ontmoeting gaan staan en gesê: 3“Ons pa is in die woestyn
> dood. Hy was nie een van Korag se bende wat teen die Here saamgesweer het nie. Hy
> het deur sy eie sondes gesterf en geen seuns gehad nie. 4Waarom moet ons pa se naam
> uit sy familie verdwyn net omdat hy nie ’n seun gehad het nie? Gee vir ons grond
> tussen dié van sy familie.” 5Moses het hulle saak voor die Here gebring, 6en die Here
> het vir hom gesê: 7“Selofgad se dogters het gelyk. Jy moet beslis vir hulle hulle eie
> grond tussen dié van hulle pa se familie gee. Gee vir hulle die grond wat hulle pa sou
> gekry het.

Uit hierdie vergeesteliking is die boere voor die feit gestel dat die Bybel sê dat rykes aan armes grond moet gee. Des te meer, dat die boere hul “pa” se grond aan die eisers moet teruggee. Met hierdie Bybeluitleg het die kerk homself aan die kant van die “armes” gestel. Die kerk wou die fasiliteerder wees wat die “rykes” moet lei om hul grond aan die “armes” te gee. Die kerk het egter hiermee ook ingekoop in die animistiese gevoel oor grond, want die boere moet nou volgens die Bybelteks die grond van hul “pa”, dit is in die gemoed van die eisers, die voorvaders, aan die kinders terug gee.

Op hierdie vergadering het hulle ook die boere gekonfronteer en dit aan hulle gestel dat dit die boere se Christelike plig is om met húl grond en húl geld klein sosialistiese ondernemings vir die “swart” gemeenskap as “verhale van hoop” te begin. Die boere is deur die kerk gedreig dat as hulle nie inkoop in hierdie sosialistiese visie van herverdeling van grond nie, hulle oorval en verdryf sal word.

Hierdie voorbeeld wys hoe die geestelikes, wat hulself eers in Afrikaner-nasionalisme bemagtig het, “bekeer” het, en hulself nou met Afrika-nasionalisme bemagtig. Hieruit spreek dit hoe hulle hulself van volksleiers na nasieleiers omvorm het. Die doel van hierdie geestelikes is om hul geestelikheid deur die mag van die regering of gemeenskap te bemagtig. Dit is nooit om die realiteite van die gemeenskap volgens God se wet aan te spreek nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit is duidelik wanneer die riglyne oor grondeise van die Algemene sinode vergelyk word met die standpunt van die ring van Louis Trichardt. Die ring van Louis Trichardt het op sy vergadering van Augustus 2005 die volgende standpunt oor grondeise ingeneem:

Standpunt van die Nederduits Gereformeerde ring van Louis Trichardt grondeise

1. Die regering se grondhervorming is besig om landbou te omvorm na roofbou.
2. Die kern van die deformasie van landbou is dat daar 'n gedrewe proses is om produktiewe landboubedrywe van boere te vervreem sonder 'n gedrewe proses vir volhoubare landbouproduksie.
3. Landbouproduksie word ondergeskik gestel aan die soeke na 'n animistiese identiteit.
4. Landbouproduksie word onderwerp aan grypsug en hebsug.
5. Hierdeur word ons lidmate se basiese reg op besit en hul roeping om landbou as skeppingsopdrag uit te voer, wesenlik aangetas.
6.Die disintegrasie van landbougemeenskappe en ineenstorting van produktiewe landbou-eenhede is nie maar net 'n saak van onvoldoende geld of middele nie; dit is die effek van sondige houdings en bedoelinge ten opsigte van die reg op besit en die opdrag tot die bewerking van die grond.
7. Die NG Kerk se huidige posisie oor grondhervorming vermy die wesenlike krisis wat dit vir sy lidmate se geloofslewe veroorsaak.
8. Niemand kan die morele skuld vir apartheid met grond afbetaal nie. Die enigste afbetaling vir alle sonde is die kruisdood van Jesus Christus.

Toeligting:
1. Die ring van Louis Trichardt bestaan uit sewe gemeentes wat die mees noordelike deel van Suid-Afrika beslaan: Soekmekaar, Dendron, Louis Trichardt, Levubu, Vivo-Alldays (Blouberg-gemeente) en Messina.
2. Feitlik die hele gebied word deur grondeise opgeëis. Effektief beteken dit die einde van die landboubedryf in hierdie gebied soos ons dit ken: vrye, privaat, selfstandige grondeienaars wat in die vryemarkstelsel produseer en bemark.
3. In die proses van die aankoop van plase deur die regering en die oordrag daarvan aan nuwe eienaars, vind daar veranderinge plaas wat totaal iets anders is as net die blote oordrag van plase van een eienaar na 'n ander eienaar.
4. Die plase word in trust geplaas en uit die vryemarkstelsel onttrek, die nuwe eienaars is nie kommersiële boere nie, maar wil hulself verryk uit die bestaande landboubedryf. Frontmaatskappye vir Swart Ekonomiese Bemagtiging word gestig om plase namens die nuwe eienaars te bewerk of landboubedrywe word gewoon net vervang met besetting deur huisbewoning soos met die Sapekoe-plase in Venda.
5. Produktiewe boere word gedwing om hul plase te verkoop, al is daar nie wettige eise op die grond nie, en hulle kan nie weer in die noordelike deel van Suid-Afrika tot die landbou toetree nie omdat feitlik alle grond opgeëis word, terwyl die nuwe eienaars nie oor die vermoë of middele beskik om te produseer nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

6. Daar is geen ekonomiese infrastruktuur, soos wat in die verlede die geval was met oorhoofse banke en ontwikkelingsinstellings, vir die regering se beoogde sosialistiese boerderysisteem nie.
7. Binne hierdie wanbedryf word die landboubedryf nou uitgelewer aan opportunisme en grypsug, wat waarskynlik tot die totale verval van landbouproduksie in hierdie gebied aanleiding sal gee."

Die NG Kerk se visie vir sosialistiese grondbesit as "stories van hoop" binne sy visie vir nasionale versoening, het vanweë die vernietiging van landbou deur die sosialisme van die regering al hoe meer 'n ernstige verleentheid geword. Die ring van Louis Trichardt het sy standpunt na die sinode geneem. In dieselfde tyd versoek die dagbestuur van die Algemene sinode 'n verslag wat die probleme met grondeise uitwys. Dit het daarop uitgeloop dat 'n komitee bestaande uit boere sonder "bemagtigde geestelike leiers" gevorm kon word. Hulle het die sinode se riglyne gebruik om die werklikheid van die sosialisering van eiendom aan die orde te stel. Die finale verslag volg hieronder.

Verkorte verslag: taakspan – grondhervorming.
Grondeienaars, die kerk en 'n groot deel van die bevolking begryp dat grondhervorming ter wille van nasiebou in Suid-Afrika belangrik is. Daarom is grondeienaars bereid om aan die grondhervormingsproses deel te neem. Dit neem egter nie weg dat dit 'n uiters ingrypende en emosionele saak vir grondeienaars en gemeenskappe wat daardeur geraak word, is nie. Die impak en hantering van grondeise op die landbougemeenskappe is soortgelyk aan die impak van die verskuiwing van gemeenskappe in gebiede soos Distrik Ses in Kaapstad en die gemeenskappe wat volgens die ou "Tuislandbeleid" verskuif is: totale landbougemeenskappe word verplaas, ontwrig en disintegreer. Dit kan vir geslagte lank 'n invloed op verhoudings hê. Juis daarom is dit vir die NG Kerk belangrik dat die grondhervormingsproses só gedryf word dat dit nasiebou bevorder. Ons hoop om deur gesprek met u positief by te dra tot die grondhervormingsproses.

Die NG Kerk besin reeds geruime tyd oor die saak van grondhervorming. Die Algemene sinode het in 2002 'n aantal riglyne vir die etiese hantering van grondhervorming uitgespel.

Wanneer die grondhervormingsproses volgens die riglyne deur die Algemene sinode gestel, geëvalueer word, blyk dat die huidige hantering van die proses ernstige nadelige gevolge op die volgende terreine inhou:
1. Ekonomies onder meer: die vryemarkstelsel, kosproduksie, werkgeleenthede, voortbestaan van huidige boere en arbeiders in die landbousektor.
2. Samelewing: wanhoop en uitsigloosheid, onderlinge wantroue, rasseverhoudings, versoening, disintegrasie van gemeenskappe, gemeentes vanuit verskillende kerklike denominasies se voortbestaan word bedreig met nadelige morele en maatskaplike gevolge vir die hele gemeenskap.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Indien die proses voortgaan soos uit die evaluering blyk, sal die proses van versoening en nasiebou ernstig benadeel word. Ons wys graag, aan die hand van die etiese riglyne wat die Algemene sinode daargestel het, op 'n paar probleme met die grondhervormingsproses.

**1. Grondhervorming moet op 'n gesonde landbou-ekonomiese grondslag berus**

1.1 Landbou vorm 'n belangrike deel van die Suid-Afrikaanse ekonomie.
1.2 Die stelsel waarvoor die staat gekies het, om privaat grond in trust en nie in privaat besit te plaas nie, verlaag grond se waarde.
1.3 Die nuwe eienaars kan die grond nie as sekuriteit binne die vryemarkstelsel gebruik nie. Hul toegang tot lenings by handelsbanke word derhalwe beperk.
1.4 Daar is gevalle bekend waar grond wat ingevolge die grondhervormingsproses aan swart eienaars oorgedra is, nie meer ekonomies vir landboudoeleindes aangewend word nie. Dit lei tot disinvestering van kundigheid en geld. Waar nuwe eienaars nie oor die nodige bestuurs- en landboukundige vaardigheid beskik nie, stort bestaande boerdery ineen.
1.5 Die proses waarvolgens strategiese vennote aangewys en grond aan maatskappye toegeken word om te boer, is heeltemal ondeursigtig. Voorstelle is ingedien waar bestaande boere met plaaslike stamhoofde onderhandel het en die stamhoofde die bestaande boere met werkbare en billike kontrakte op die plase wou hou. Sonder enige verduideliking is nie een van hierdie aanbevelings aanvaar nie.
1.6 Kundige arbeiders verloor noodwendig hul werk.
1.7 Met die huidige proses bestaan die gevaar dat Suid-Afrika 'n netto-invoerder van voedsel kan word. Dit ontneem die land van voedselsekuriteit en ondermyn die land se selfrespek.

**2. Grondhervorming moet deel uitmaak van 'n omvattende ontwikkelingsprogram**

Sodanige beplanning of program bestaan klaarblyklik nie. Dit blyk uit die volgende voorbeelde van die gevolge van die huidige proses: Bestaande swart boere, byvoorbeeld dié in die Nwanedi-gebied van Limpopo, wat eintlik as voorbeeld vir 'n ontwikkelingprogram kon dien, word vir "grondhervorming" uitgekoop. Maatskappye wat die verantwoordelikheid kry om te boer, mag net vir tien jaar boer en moet dan alles weer net so aan die nuwe eienaars oordra. Dit is ooglopend dat genoemde maatskappye nie geld in die boerdery gaan investeer deur byvoorbeeld nuwe boorde teen groot koste te vestig net om dit na tien jaar aan ander persone oor te dra nie. Landbou op hierdie plase gee noodwendig 'n tree terug tot nadeel van die nuwe eienaars. Gespesialiseerde landboukundigheid word uit Limpopo en Mpumalanga, provinsies wat arm is en oor baie ongeskoolde arbeid beskik, gedreineer wanneer boere in ander provinsies of selfs buurlande hervestig.
Plaasarbeiders is kundiges op hul terrein. Grondhervorming lei daartoe dat selfrespekterende arbeiders, byvoorbeeld teeplukkers wat hul werk verloor het, werklose afhanklikes word.

**3. Grondhervorming moet billik en so ver moontlik markverwant wees**

3.1 Wanneer 'n eis ingestel word, is die regsproses onbevredigend in die sin dat eisers gratis regshulp by die regshulpraad, die Human Rights Commission, of van

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

internasionale skenkers met bystand van staatsprokureurs ontvang. Waar bestaande grondeienaars 'n eis as ongeldig beskou en teenstaan, kan regskoste tot soveel as R750 000 beloop. Die beginsel van kollektiewe bedinging vir 'n groep boere met gemeenskaplike belang is deur die howe tot niet verklaar.

3.2 Grondeienaars wat eise teenstaan, word as moedswillig, vyande van versoening en doelbewus ondermynend voorgehou en met onteiening gedreig.

3.3 Besighede wat inkomste genereer, soos slaghuise en gastehuise, se waarde word nie by die vasstelling van vergoeding in berekening gebring nie.

3.4 Grondeienaars word teen die bedrag wat by die aanvang van die grondeis vasgestel is, vir hul grond vergoed. Die stadige afhandeling van eise bring mee dat grondeienaars nuwe grond teen 'n aansienlik hoër markwaarde moet aankoop.

3.5 Grondeienaars word vir die stadige gang van grondhervorming verantwoordelik gehou, terwyl dit dikwels aan die rompslomp, onbekwaamheid en korrupsie van amptenare toegeskryf kan word.

**4. Grondhervorming moet 'n gesonde juridiese basis hê**

4.1 Die grondhervormingskonsep het in wetgewing 'n gesonde basis.

4.2 Die krisis in die huidige proses het te make met die uitvoering van beleid, nie soseer die wetgewing nie.

4.3 Die amptenary handhaaf eiesinnige en ideologiese interpretasies, daar is korrupsie en die hele proses word volgens krisisbestuur gereguleer.

4.4 Daar is nie 'n geïntegreerde plan nie, dit word nie resultaat-gedrewe uitgevoer nie.

4.5 Die huidige proses is nie restitusie nie aangesien die grond nie die privaat eiendom van die eisers word nie. Dit word in trust gehou sonder dat die eisers die titelaktes daarvoor kry.

4.6 Inligting ten opsigte van geregistreerde asook gepubliseerde eise word nie aan betrokkenes bekend gemaak nie, terwyl die wet bepaal dat sodanige inligting bekend gemaak móét word op versoek.

**5. Grondhervorming moet met sensitiwiteit, omsigtigheid en nugterheid hanteer word en nie 'n politieke speelbal word nie**

5.1 Die toepassing van die proses is oorwegend rasgedrewe. Dit wil die besit van landbougrond herverdeel volgens 'n konsep wat die besit van landbougrond volgens die kleursamestelling van die bevolking wil bepaal, ongeag die konsekwensies vir landbouproduksie.

5.2 Amptenare tree soms onsensitief op wanneer vrywillige verkopers verneder word. 'n Voorbeeld hiervan is 'n geval waar 'n groep vrywillige verkopers gevra het waar hulle ander grond moet koop en die verantwoordelike amptenaar in Limpopo provinsie gesê het: "Try Australia". Inspeksies vir die finale verkoop word soms gekenmerk deur vernederings en arrogansie van klerke.

5.3 Die magsvertoon waarmee hierdie saak gedryf word, getuig nie van sensitiwiteit, omsigtigheid of nugterheid nie.

5.4 Die sentralisering van landboubesit en -produksie in enkele, monopolistiese maatskappye wat binne regeringsbeheer is, skep die gevaar dat voedsel 'n politieke wapen word.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**6. Grondhervorming moet positief aangepak word as ’n noodsaaklike en integrale deel van die nasionale versoeningsproses**

6.1 Die omvang van die eise (88% van beskikbare landbougrond in Limpopo), die feit dat gebiede totaal opgeëis word en alle kommersiële boere uit ’n gebied verdryf word, die beleid van grond-in-trust wat op ’n ondeursigtige wyse net aan monopolistiese maatskappye toegeken word, maak dat grondhervorming nie deel is van ’n nasionale versoeningsproses nie.

6.2 Bestaande kommersiële boere se kundigheid, vermoëns en bereidwilligheid om dit te deel, word ter syde gestel. ’n Voorbeeld hiervan is die geval waar ’n jong boer van Levubu, wat boer van die jaar was, oorgesien is om die nuwe eienaars van sy plaas “op te lei” toe die plaas aan ’n monopolistiese maatskappy gegee is..

6.3 Indien grondhervorming nie met omsigtigheid toegepas word nie, kan dit tot ’n maatskaplike ramp lei.

6.4 Egte versoening word nie gedien deur gevalle van onregmatighede, onbillikhede, magsug en gierigheid waar alles in ’n monopolistiese bedryf opgeraap word nie.

6.5 Onverantwoordelike toepassing van die grondhervormingsproses polariseer gemeenskappe.

6.6 Die huidige toepassing van die grondhervormingsproses laat baie boere en arbeiders in die landbousektor sonder hoop. Hoewel grondhervorming noodsaaklik is, moet dit so toegepas word dat dit – ekonomies en emosioneel - hoop en lewensruimte vir almal skep.

6.7 Die huidige hantering van die regering is gefokus daarop om die eienaars van bestaande landbouproduktiewe grond so gou as moontlik van wit na swart te verander. Dit moet volgens die beleid geskied dat grondbesit die rassesamestelling van die gemeenskap op ’n pro rata-grondslag moet verteenwoordig. Indien dit nie oordeelkundig toegepas word nie, benadeel dit nasiebou en versoening egter.

**7. Grondhervorming moet met ekologiese oorwegings rekening hou**

7.1 Die feit dat gebiede en byvoorbeeld wild wat grondeienaars vir bewaring geoormerk het, se ekologiese waarde nie voldoende by die vasstelling van die grondwaarde verreken word nie, skep ’n probleem.

7.2 Onkunde aan die kant van nuwe eienaars lei soms tot oorbeweiding, ontbossing en uitroeiing van wild met negatiewe ekologiese gevolge.

**8. Die grondhervormingsproses moet so gou as moontlik afgehandel word**

8.1 Aan die een kant is dit belangrik dat grondhervorming só aangepak word dat dit ekonomies en maatskaplik bydra tot nasiebou en versoening. Dit beteken dat die proses van grondhervorming nie oorhaastig afgejaag moet word nie.

8.2 Waar daar wel eise ingestel is, is dit egter belangrik dat die eise so spoedig moontlik met bekwaamheid afgehandel word. Gevalle waar daar weens moedswilligheid of onbekwaamheid met die afhandeling van geldige eise gesloer word, benadeel nasiebou en versoening, asook die ekonomie. Derhalwe doen die kerk ’n beroep op grondeienaars en die regering om hul bes te doen om geldige eise so spoedig moontlik af te handel.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

8.3 Die kerk doen 'n beroep op die regering om amptenare op te lei en te motiveer om eise met bekwame spoed af te handel.
8.4 Die plasing van grond in trust maak die besit van kommersiële landbou feitlik onmoontlik – in elk geval oor die volgende tien jaar. Wat opkomende swart kommersiële boere betref, is dit 'n proses wat vertraag eerder as versnel."

Na hierdie verslag opgestel is en aan die dagbestuur van die Algemene sinode voorgelê is, het hierdie verslag weer die besit van "bemagtigde leierskap" geword. Die algemene sinode se moderatuur (ASM) het aan die sinodes kennis gegee dat hierdie dokument die gespreksbasis vir die kerk sou wees om die regering oor die grondeise aan te spreek. Hierdie gesprek het nooit plaasgevind nie. Daar is ook nooit weer na hierdie verslag aan die sinodes of die taakspan van die Algemene sinode oor grondhervorming enige terugvoering gegee nie. Die kerk wou nie binne sy visie van versoening met Afrika in konfrontasie met die regering gaan nie, ten spyte daarvan dat die vernietiging van landbouproduksie deur hierdie visie Suid-Afrika van 'n kosuitvoerder tot 'n kosinvoerder gereduseer het.

'n Tipiese botsing tussen die moderne Christelikheid se versoeningsvisie en die Gereformeerde verbintenis tot reg en geregtigheid in die gemeenskap volgens God se wet, het in die Noordelike Sinode gebeur.

Die sinodale diensraad (SDR) het opdrag gegee dat hierdie verslag oor grondhervorming aan die premier van Limpopo oorhandig moes word. Dit moes op die gereelde ontmoeting tussen die leraars van die Noorde en die premier gebeur het. Net voor hierdie ontmoeting met die premier in Oktober 2007 stel die voorsitter van die dagbestuur van die sinode dit dat "hulle" besluit het dat die premier nie meer die verslag moet ontvang nie en dat "hulle" graag versoening met die premier wil bevorder. Hulle gaan net weer die Algemene sinode se riglyne gee, sonder die kritiek op die regering se nasionalisering.

Ek het dit toe aan hom gestel dat ek namens die SDR van die sinode hierdie verslag aan die premier sál oorhandig, ongeag wat "hulle" sou besluit. Ek aanvaar nie die vetoreg van bemagtigde leiers op die besluite van kerklike vergaderings nie. Tydens die vergadering met die premier het ek toe die verslag en 'n stel foto's wat die vervalle landboubedryf uitbeeld, aan die premier oorhandig.

Die voorsitter het 'n lepel met die sinode se wapen daarop aan die premier oorhandig en aan die SDR terugvoering gegee oor hoe hierdie sinode-lepeltjie wat hy aan die premier gegee het, 'n "storie van hoop en versoening" is.

Die innerlike verlamming van lidmate om hulself teen die onderdrukking van swart nasionalisme te verweer, is ontmagtiging deur die moderne Christelikheid en die bemagtigde leiers van die moderne Christelikheid. Dit is nie sommer maar net 'n gevoel van moedelose lidmate nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

**7 . Die kerk in 'n staat wat in die proses van mislukking is**
Die moderne Christelikheid se keuse van die term, "versoening", vir die verhouding van Christene met die regering en gemeenskap is nie toevallig nie. Die inhoud van die Christelike godsdiens bestaan uit die evangelie en die wet. Die evangelie is die eie en unieke verbintenis tussen Christene en Christus. Die wet is Christus en Christene se verbintenis tot alle mense en alle gemeenskapinstellings.

Versoening gaan oor die evangelie en is die eie en unieke verhouding tussen Christene. Hulle is alleen in Christus met Christus en Christene versoen. Die wet is die verbintenis tot alle mense: gelowig en ongelowig, wetsgehoorsaam en wetteloos, Christen en heiden. Daarom is daar geen ander soort liefde waarmee Christene mekaar liefhet as wat hulle ongelowiges mee liefhet nie. Christene het alle mense volgens God se wet lief.

Die moderne Christelikheid het "versoening" as die begrip gekies vir tussenmenslike verhoudings in die nuwe magsbedeling in Suid-Afrika. Daarmee het hulle die verhouding van Christene tot mekaar en tot die wêreld omgekeer. Hulle het hul identifikasie met God die verhouding gemaak vir die gemeenskap aan die een kant, maar aan die ander kant die gemeenskap losgemaak van die wet van God. In die plek van die wet van God stel hulle hul geestelike innigheid met mense as die nuwe versoenende verhouding waardeur hulle die nuwe nasie wou bou.

Met hierdie wettelose geestelikheid het iets egter gebeur wat die moderne Christelikheid nie kon bedink of kon voorsien nie: die begin van die ineenstorting van die staat. Die swaai van die regering na anargisme met die keuse vir 'n nuwe president by Polokwane was buite die verstaansraamwerk van hierdie geestelikes. Hulle het die owerheid nie meer aan die wet van God gehou nie. Hulle self het 'n nuwe innigheid as alternatief op die wet van God vir menseverhoudings gestel. Daarmee het hulle een van die partye geword wat die staat as instelling volgens die wet van God in die proses van 'n mislukte staat laat verval het. Die verval van die staat deur hul innigheid en die regering se anargistiese wetteloosheid, het hulle in stilte stomgeslaan.

Met die opkoms van 'n anargistiese regering het die vennootskap wat die moderne Christelikheid geglo het hulle met die nuwe Afrika-magsvisie sou gehad het, in effek versplinter.  Die moderne Christelikheid se reaksie is en gaan wees om met 'n Godsdrif weer om te draai van leiers wat die regering se visie gedeel het, tot bemagtigde leiers met 'n visie teen die regering. Hulle sal dit egter ook doen in die gees van wettelose goddelikheid.

Geestelikes wat uit die roes van hul selfbemagtiging wakker skrik en nou nuwe reaksionêres word, is 'n wesenlike en dreigende gevaar vir die hele Suid-Afrikaanse gemeenskap. Met dieselfde wettelose innigheid waarmee hulle "versoen" het, sal hulle nou Godvervuld teen die regering in opstand kom. Dit, sonder die begrip van die mag van 'n anargistiese regering teenoor die opstand wat hulle nou in hul dissipels inspireer. Die vernietiging wat 'n kultus

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

van magtige mans en vroue ons gemeenskap gaan aandoen, is net so omvangryk soos wat die kultus van "bemagtigde geestelike leiers" ons reeds aangedoen het.

Die opkoms van 'n anargistiese regering en die versplintering van die vennootskap van "versoening" skep 'n magsvakuum. Die ring van Louis Trichardt het hierdie magsvakuum wat die regering en die moderne Christelikheid se bemagtigde leiers geskep het, en die gevaar van reaksionêre geestelikheid, aangespreek in die behandeling van die verslag oor staat en kerk wat voor die ring in 2010 gedien het. Hiermee het die ring begin om die weg vir sy lidmate aan te toon oor hoe om binne 'n mislukte staat binne die liefde van God en uit die liefde tot die naaste te kan leef. Hieronder volg die ringsverslag:

"**Die kerk in 'n staat wat in die proses is van mislukking**

"1.**' n Uitgediende model**.
Die NG Kerk het vanaf 1994 gekies vir die woord en standpunt van "versoening" tussen die kerk en staat. Dit was die uitgangspunt van die verslag oor Versoening, Armoede en Moraliteit (VAM) en die VAM-jaar. Dit is vervat in die Afrika-visie waartoe die algemene sinode homself in 2002 verbind het en dit is ook vervat in die slagspreuk van die Noordelike sinode van "Bring Hoop" en "Maak 'n verskil" wat baie keer toegepas word op sosiale en welsynsaksies waar die NG Kerk na ander kultuur- en rassegroepe uitreik.

Die keuse om die kerk en staat-verhouding onder die woord "versoening" tuis te bring, was om die voorsiene kultuuropstand en kultuurstryd teen die nuwe staatsorde, wat in 1994 te weeg gebring is, te vermy en teen te werk.

Die woord "versoening" was van die begin af nooit bedoel om Christelike versoening te wees deur die plaasbekledende werk van Jesus Christus nie. Dit was as sosiale en kulturele versoening bedoel, want van die begin van hierdie proses af moes die Christelike inhoud en karakter van die kerk terugstaan vir 'n multigodsdienstige benadering. Dit is openlik gedemonstreer deur die wegneem van die Christelike gebed uit die onderhandelinge vir 'n nuwe staatsbedeling ter wille van multigodsdienstige oomblikke van stilte.

Die NG Kerk se verbintenis tot hierdie model was hoofsaaklik pasifisties.

Versoening het beteken dat lidmate nie in opstand mag kom teen die nuwe staatsbedeling nie. Hulle was as Christene verplig om die nuwe staatsbedeling te aanvaar omdat die aanvaarding van die nuwe staatsbedeling deur die kerk as "versoening" geglo en aan sy lidmate voorgehou is. Kritiek, teenkanting, opstand en verset is daarmee veroordeel as rassistiese aksies wat "apartheid" wou terugbring.

Versoening het ook 'n boetedoeningskarakter aangeneem. Die wyse waarop lidmate moes versoen was om die verliese wat hulle in die nuwe staatsbedeling moes dra, te aanvaar as deel

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

van hul boetedoening vir die sonde van rassisme. Adriaan Vlok is ’n tipiese voorbeeld van hierdie boetedoeningshouding.

In praktyk het dit beteken dat al die onderdrukkende nuwe maatreëls van die owerheid in regstellende aksie en swart bemagtiging, etniese en kulturele suiwering, die opbou van die sentralisering van mag, die materialistiese kontrak tussen ’n ryk wit elite en ’n magtige swart elite wat die middelklas vernietig, die sosialisering van grond en die ontplooiing van ’n kaderbeleid in plaas van ’n amptenarebeleid vir die staatsdiens, deur die NG Kerk se lidmate gelate en pasifisties aanvaar moes word as deel van “versoening”, terwyl hulle deur die kerk geïnspireer is om sosiale en maatskaplike uitreikaksies na ander kulture te loods om hoop te bring vir hierdie nuwe staatsbestel.

Met hierdie versoeningsposisie wou die NG Kerk homself posisioneer as een van die agente in die totstandbringing van die nuwe staats- en gemeenskapsbestel. Die rol wat die NG Kerk kon speel met “versoening”, was om sy lidmate pasifisties te hou in die opbou van die nuwe magsbestel en hulle met sosiale en maatskaplike aksies diensbaar te maak aan die nuwe magsbestel.

Predikante is nou nog steeds besig om te wys op die groot en invloedryke rol wat die NG Kerk in die nuwe magsopbou kan speel deur die standpunt van versoening en boetedoening te beklemtoon.

Hierdie standpunt van die kerk om “versoening” die model vir die verhouding tussen kerk en staat te laat wees, is egter deur die nuwe staatsbestel self ingehaal. Al die prosesse waarin die lidmate pasifisties moes wees soos regstellende aksie, swart bemagtiging en die kaderbeleid, het nie net die owerheid disfunksioneel gemaak nie, dit is besig om die staat as staat te vernietig.

Hierdie staatsverval is iets anders as die verval van die owerheid. Hierdie staatsverval beteken dat die instelling van God wat ons tot ’n gemeenskap verbind, besig is om deur die prosesse waarmee die kerk saamwerk asof dit versoeningsprosesse is, te vernietig. In hierdie verval van die staat tot ’n mislukte staat, is die “versoeningsmodel” waarmee die NG Kerk as model vir die verhouding tussen kerk en staat werk, uitgedien.

Indien die NG Kerk in die volgende jare verbind gaan bly tot hierdie model, sal die NG Kerk sy lidmate in ’n staat van pasifisme hou terwyl die staat vernietig word. Hiermee sal die hele NG Kerk dan aanspreeklikheid moet aanvaar vir die mislukte staat met al die onmeetbare menslike ellende wat met die vernietiging van ’n staat gepaardgaan.

### 2.**’n Mislukte staat**

State kan misluk, nie net owerhede nie. Dit is die amptelike standpunt van die VN wat reeds jare werk met die evaluering van state. Verskeie state het al verval tot dit wat in die staatsleer bekendstaan as “’n mislukte staat”. Die jongste voorbeeld hiervan is ons buurstaat Zimbabwe.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit is nie so dat God state in stand hou ongeag die optrede van mense nie. Hierdie geloof in die “geestelike staat” wat altyd daar sou wees omdat die staat ’n instelling van God is, is bygeloof.

Ons kan dit met die huwelik en die lewe vergelyk.

Die lewe is ’n gawe van God wat nie aangetas of geminag mag word nie. Mense mag nie mense doodmaak nie. Die feit dat lewe ’n skeppingsdaad van God is, beteken nie dat lewe in hierdie wêreld onaantasbaar is nie. Lewe, nie net lewenskwaliteit nie, word deur mense vernietig, al is dit ’n skepping en gawe van God. Mense word regtig deur mense doodgemaak, en dan is hulle regtig dood, al is lewe ’n gawe van God. Dit is absurd om te beweer dat mense, net omdat God lewe skep, nie regtig doodgemaak kan word nie .

Dit is dieselfde met die huwelik. God skep die eenheid van man en vrou. Daarom is die huwelik ’n instelling van God. Die sonde van mans en vrouens in die huwelik tas nie maar net hul verhouding aan nie. Dit tas die instelling van die huwelik self aan. Wat meer is, sonde vernietig nie net die verhouding tussen man en vrou nie. Dit kan ook die instelling van die huwelik self vernietig.

Daarom is die Rooms-Katolieke geloof in die ewige huwelik ’n bygeloof. Sonde kan net soos wat dit lewe self vernietig, nie net lewenskwaliteit nie, die huwelik as instelling ook vernietig, nie net die verhouding bínne die huwelik nie. Waar die eenheid van man en vrou self vernietig is, kan man en vrou nog saambly, maar die huwelik as instelling wat hulle moes saamvoeg, is dood.

Dit geld ook vir die staat. Die staat as instelling kan vernietig word. Dit is iets anders as die verval van ’n regering. Waar die staat vernietig word, word die gemeenskap nie net disfunksioneel nie, maar die mense in die staat word weens die vernietigde staat, mense wat mekaar vernietig omdat daar geen staat is waarin hulle meer as naaste saam kan bestaan nie.

### 3. **Die Suid-Afrikaanse staat as staat in proses van mislukking**

Die merktekens van ’n mislukte staat word al meer sigbaar in die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Die staat word plek-plek die privaat eiendom van magsgroepe en magspersone. Openbare dienste word opgeëis vir persoonlike belange en dié van enkele groepe, en die staatsmagte om die staat te beskerm word plek-plek omvorm om magte te word wat persoonlike of groepsbelange beskerm. Die staat se mag om onreg te straf, word ook al plek-plek die mag om diegene wat onreg wil teengaan, te straf. Openbare aanspreeklikheid teenoor die staat verval ten gunste van aanspreeklikheid teenoor enkele magsfigure en magsinstansies.

Die verval van openbare dienste en openbare instellings is nie maar net ’n saak van persoonlike onbevoegdheid van amptenare nie. Die omvang van die verval van openbare dienste en openbare instellings dui op iets veel ingrypender. Dit dui op die verval van die

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

staat self. Dit is onmiskenbaar so dat daar reeds kragte aan die werk is waarin die Suid-Afrikaanse staat merkbaar in ’n proses van ’n mislukte staat is.

**4. Dringende herbesinning**

Die NG Kerk is op die oomblik nie ’n profeet teen die mislukking van die staat nie. Hy is in ’n groot mate een van die rolspelers in die proses om die staat te laat misluk. Dit is nêrens meer sigbaar as in die NG Kerk se opbou van die leierskapbeginsel en inwendige sending nie.

Hiervoor is die parallel met die “Duitse Christene” tydens die opbou van die Derde Ryk verhelderend.[15] Die opkoms van die gevoel en denke vir ’n nuwe magstaat in Duitsland het uitgeloop op die poging van die “Duitse Christene” om ’n nuwe eenheidskerk te stig: die Duitse Kerk. Al die ander kerke is deur ’n staatsondersteunde poging ontbind om op te gaan in hierdie nuwe eenheidskerk. Die nuwe eenheidskerk het twee fokuspunte opgebou: leierskap en inwendige sending.

Predikante is nie meer gesien as Woordbedienaars nie. Hulle is voorgehou as leiers vir die nuwe kerk en gemeenskap. Deur hierdie nuwe predikanteprofiel is die nuwe kerk tot stand gebring deur predikante wat hulself as leiers opgestel het teenoor die kerklike vergaderings en gemeentes. Hulle was die draers van die visie en missie van die nuwe eenheidskerk vir Duitse Christene.

Die tweede beginsel vir hierdie nuwe kerk was “inwendige sending”. Dit is as evangelisasie voorgehou, maar was eintlik die verduitsing van die hele kerk. Selfs die kerklike jeugbewegings moes opgaan in die nuwe verduitsing.

Wat was hierdie “Duitse Christene” wat met “inwendige sending” besig was? Dit was die parallel vir die opkoms van die Duitse magstaat. Deur die kerk parallel te ontwikkel met die magsvisie van die staat, het die kerk effektief alle teenkanting teen die magsopbou verloor en is hulle meegevoer in die magswêreld van die Duitse idealisme.

Die verset hierteen het gekom met die Barmen-verklaring van die “*Bekennende Kirche*”. Die “*Bekennende Kirche*” was in teenstelling met die populêre siening in die Afrikaanse kerklike gemeenskap, teenkanting teen die nuwe eenheidskerk. Hulle het die verskeidenheid van kerke in belydenis en tradisie gehandhaaf en die Lutherse, Gereformeerde en Verenigde Kerke verenig in verset teen die ontbinding en opgaan van hierdie verskeidenheid van kerke binne die nuwe eenheidskerk van die Duitse magstaat. Die krag hiervoor is grotendeels geput uit die werk van Karl Barth wat met sy dialektiese teologie alle politieke en liberale teologie se onbybelse karakter aan die orde gestel het.

Die NG Kerk het hom grotendeels in hierdie jare waarin die Suid-Afrikaanse staat al meer van ’n gesagstaat na ’n magstaat omvorm is, ingekeer tot twee groot sake: die opbou van die

[15] Klaus Scholder gee ’n volledige en deurtastende uitleg van hierdie beweging in *The Churches and the Third Reich*. Vertaling van *Die Kirchen und das Dritte Reich*, 1977.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

leierskapbeginsel vir predikante en die inkeer in ’n nuwe inwendige sending: die “emerging churches”. Dit is nie toevallig nie. Dit gaan gepaard met die visie vir ’n nuwe eenheidskerk in Suid-Afrika: die nuwe nasiekerk met die tipiese Afrika-idealisme.

Terwyl die staat besig is met die opbou van sy “Afrika-visie” en gesentraliseerde mag, het ’n parallel in die NG Kerk ontwikkel om ’n nuwe nasiekerk met ’n Afrika-visie op te bou om deel van die nuwe magsopbou in Suid-Afrika te wees. Hierdie nuwe magsopbou van “Afrika-Christene” soek ook ’n eenheidskerk waarvolgens alle bestaande kerkinrigtings moet ontbind en opgaan in die nuwe eenheidskerk vir en van Afrika.

Op hierdie wyse is ’n groot deel van die NG Kerk deel van die magsvorming wat die staat op die pad van ’n mislukte staat geplaas het. Hierdie magspel word verhul in die beskuldiging dat as jy nie deel van hierdie nuwe magsopbou is nie, jy “rassisties” is en nog apartheid wil bevorder.

Binne hierdie parallelle ontwikkeling van die NG Kerk met die opbou van ’n magstaat met ’n geslote Afrika-visie, is dit nie vir die kerk moontlik om ’n profetiese rol teen die magsopbou te speel nie. Enige profetiese optrede word verdag gemaak as sou dit teen “versoening” wees.

Die verval van die staat tot so ’n mate dat ons waarskynlik al ver op pad is in die proses van ’n mislukte staat, vereis dat die kerk ’n nuwe posisie teenoor die staat sal moet inneem. Anders sal die NG Kerk, nes die Duitse kerke moes, medeverantwoordelik wees vir die verval van die staat met al die mensvernietigende gevolge wat dit vir hierdie land gaan inhou.

Om nog “versoening” op te bou met ’n magsvorming wat die staat op die pad van ’n mislukte staat stel, is nie Christelik nie. Dit is opportunistiese materialisme. Die proses van staatsverval vra ernstige herbesinning oor die kerk se rol in hierdie magsopbou wat die staat tot mislukking doem.

### 5.’n Alternatief

Wat is die alternatief vir die huidige “versoeningsmodel” van binne die NG Kerk? Versoening laat geen ruimte vir onderskeid, distansie of vyandskap tussen kerk en staat nie. Versoening stel die kerk in die rol om elke keer ’n weg te soek en te vind om met die magsopbou van die owerheid vrede te maak. Versoening plaas die druk op die kerk om ’n ontkennende rol teenoor staatsvyandige prosesse in die land op die oomblik in te neem.

Die Christelike alternatief is naasteliefde. Die kerk is weens sy verbintenis tot Jesus Christus as Here verbind tot ’n eiesoortige naasteliefde. Dit is ’n naasteliefde waarvolgens Christene hul vyande moet liefhê. In hierdie verhouding kan ’n owerheid as vyandiggesind teenoor die geloof en waardes van die kerk erken word sonder dat die kerk tot geweld, haat, woede en ’n wedersydse vyandskap verbind is.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Binne hierdie verwysing kan die kerk magsmisbruik, sonde en die afbreek van die staat takel sonder om homself as vyand of vyandiggesind teenoor die owerheid en die staat op te stel. Binne hierdie verwysing kan die kerk hom ook distansieer en onttrek uit die prosesse waardeur die owerheid besig is om die staat te laat misluk en op hierdie wyse nie mede-aanspreeklikheid vir mislukking van die staat te moet dra nie. Binne hierdie verwysingsraamwerk kan die lidmate uit die pasifistiese rol opstaan waardeur hulle eintlik die magsopbou bevorder wat die staat vernietig, sonder dat dit rewolusie, terreur of oorlog is.

Waar die kerk nie baie vinnig 'n alternatief vir die uitgediende model van "versoening" vir sy lidmate gaan skep nie, gaan die kerk 'n medeverantwoordelikheid kry vir die mislukte staat waarvan die gevolge baie meer ingrypend en vernietigend sal wees as díe van die vorige ideologie. 'n Staat wat disfunksioneel of wanfunksioneel is, is totaal iets anders as 'n mislukte staat."

**8.Nasionale versoening en teologiese opleiding**

Die keuse van die moderne Christelikheid om die verhouding tussen kerk en staat as versoening voor te hou, het in 2010 'n nuwe verhouding binnegedring: die verhouding tussen die Universiteit van Pretoria en die kerke met wie hulle ten opsigte van die teologiese fakulteit'n ooreenkoms het. Dit is die tweede keer dat die verandering van die staat en regering die teologiese opleiding van die kerk direk raak. Hierdie keer het die universiteit die teologiese fakulteit voor die werklikheid gestel dat die universiteit sy belang in die fakulteit wil herstel.

Ek het op versoek van die gemeentes in die Noordelike Provinsie, wat hulself in die Limpopo Ringe-Forum (LRF) georganiseer het die volgende voorlegging gemaak om hierdie nuwe werklikheid aan te spreek:

"Die werklikheid van 'n staatsteologiese fakulteit. Gespreksinleiding vir LRF 22.09.2010".

Met die pas afgelope sinodale diensraadvergadering is die SDR toegespreek deur die nuwe dekaan wat 'n Hervormde lidmaat is. Sy eerlike en oop verslag aan die SDR was verfrissend. Hy het gestel dat die fakulteit onder druk van die senaat gekom het om die fakulteit in lyn met die ander fakulteite te bring. Die senaat het gestel dat hulle weer die belang van die universiteit in die teologiese fakulteit wil hervestig.

In totaal behoort 43% van die studente aan die Fakulteit Teologie nie meer aan een van die susterskerke nie. Hulle is ook besig om naas die bestaande teologiese verenigings hul eie teologiese vereniging te stig. Die NG Kerk se studente vorm nog net 37% van die fakulteit, maar die NG dosente vorm 64% van die dosente. Uit die totale aantal studente is 50% swart en net een dosent is swart.

Onder druk van die senaat het die dosenteraad besluit om die fakulteit se hersamestelling met 'n beleid van "versoening en diversiteit" te bestuur. Dit was vir my duidelik dat die senaat

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

nou die teologiese fakulteit deel van die swartbemagtigingsdruk gemaak het. Dit is aan ons duidelik gestel dat die aantal swart dosente nie in verhouding tot die aantal swart studente is nie.

Myns insiens het die fakulteit hiermee in wese sy kerklike karakter verloor. In die toekoms sal die aanstelling van dosente aan die een kant deel wees van die regeringshouding van swart bemagtiging, en aan die ander kant, van die universiteit se kant, sal suiwer volgens akademiese werksaamhede, en nie meer volgens kerklike belang opgetree word nie. Die laatste punt is ook uitdruklik só aan ons gestel.

Ek het tydens die voordrag besef ons luister na die einde van die kerklike teologiese fakulteit. Die strategie van "versoening en diversiteit" is net 'n oorlewingsmeganisme vir die bestaande dosente en 'n onderhandelingsforum om dele van die bestaande kerklike karakter van die fakulteit vir so lank as moontlik uit te rek.

Die strategie van "versoening en diversiteit" is nie enige kerklike vergadering se besluit nie en is ook geen ooreenkoms met die universiteit nie. Dit is maar net 'n oorlewingsmeganisme van die dosenteraad. Die fakulteit as inrigting volgens die belydenis van die kerk of as 'n inrigting waarin die kerk se belang deurslaggewend is, is in wese beëindig.

Dit was vir my ook dadelik duidelik dat "versoening en diversiteit" nie meer 'n belydenisgrondslag is nie, maar 'n ideologiese grondslag. Binne hierdie oorgangsmentaliteit kan "versoening en diversiteit" enige iets beteken, maar sal op niks anders kan uitloop nie as 'n multigodsdienstige inrigting. Dit is uitdruklik gestel dat een van die studente reeds 'n Moslem is.

Binne 'n ideologie van "versoening en diversiteit" kan daar nie meer sprake wees van 'n belydenisgrondslag van en vir die fakulteit nie. Die druk is juis die verskeidenheid van gelowe en die NG Kerk se geloofsminderheid. Wie en hoe daar moet besluit word dat daar in lesings met die geloofsbelydenis van die NG Kerk teenoor ander gelowe versoen moet word, is gewoon net 'n oorgangshouding waarmee tyd gekoop word. Dit kan nie die grondslag vorm van 'n teologiese inrigting volgens en vanuit die geloofbelydenis van die NG Kerk nie.

Hierdie oorgangshouding is ook nie inhoudloos nie – die houding van "versoening en diversiteit" is reeds die aanvaarding van multi- en intergodsdienstigheid.

Dit is vir my persoonlik onaanvaarbaar dat die NG Kerk sy krag en hulpbronne moet werp in die opbou van 'n multigodsdienstige inrigting. Hierdie taal en visie van "versoening en diversiteit" is nie 'n belydenisgrondslag vir die fakulteit nie. Dit is die taal en visie van die ideologie van "nasiebou", 'n proses wat deur die Nasionaal Demokratiese Rewolusie uit geloop het.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit is nie die NG Kerk se roeping en taak om nuwe profete vir die nasie op te lei nie. Dit is die NG Kerk se taak om predikers van die evangelie vir die NG Kerk op te lei.

Ek het dadelik ’n voorstel opgestel dat die SDR ’n kommissie aanstel wat ’n verslag opstel vir die SDR waarin die voor- en nadele van ’n eie teologiese seminarium vir die NG Kerk aan die SDR vir oorweging voorgelê word. Ds. Bernard Rademeyer van Potgietersrus het die voorstel ondersteun en hierdie voorstel is eenparig aangeneem.

Ten spyte daarvan dat hierdie voorstel eenparig aangeneem is, is ek persoonlik uiters skepties oor die hantering van hierdie voorstel binne ons sinode. Die voorstel is na ete aanvaar. Baie van die stedelike verteenwoordigers van die SDR het teen dié tyd reeds die vergadering verlaat. Die SDR se agenda word deur die dienskommissie vir bestuur (DKB) opgestel. Hulle het al vir meer as twee jaar sinodebesluite en SDR-besluite oor teologiese refleksie geïgnoreer – myns insiens om kontroversie en spanning te vermy. Dit is heel waarskynlik dat hierdie besluit ook in die sentralisering van die sinode sal wegraak. Daarmee saam moet die wetenskapideaal ook nog in aanmerking kom. ’n Teologiese inrigting wat nie aan die beleid en politiek van ’n staatsuniversiteit verbind is nie, word nog uit die vorige bedeling as teologies minderwaardig gesien.

Binne die Solidariteit Beweging word reeds aanvoorwerk gedoen vir die stigting van ’n Afrikaanse universiteit vry van staatsideologie en staatsbefondsing. Maar die Afrika-visie, wat sedert 1994 in die NG Kerk as “versoening” bedryf word, sal openlike ondersteuning vir ’n Afrikaanse universiteit in hierdie stadium feitlik onmoontlik maak, uit die geledere van die ouer geslag in elk geval.

Die menslike faktor van persoonlike belang sal waarskynlik eerder in die heersende kringe die deurslag gee as wat enige kreatiewe onderneming vir die skep van ’n eie kerklike inrigting vir kerklike belang, los van die staat, in hierdie stadium die deurslag sal gee.

Dit is nie soseer oor persoonlikhede nie, maar oor die mentaliteit van ’n geslag predikante wat vrede en versoening gepreek het, terwyl hulle ’n rewolusie teen hul eie gemeenskap help voed het. Hulle is nou ideologies ingekoop en kan nie meer omdraai nie. Dit is duidelik as ’n mens die NG Kerk se oop debatte, fel kritiek en nuwe teologiese rigting uit die vorige staatsbestel vergelyk met die amper totale stilswye teenoor die opbou van die Nasionaal Demokratiese Rewolusie. Daar is verskeie kerklike besluite oor hoe die NG Kerk moet saamwerk en meewerk aan sake soos regstellende aksie, maar daar is nou geen debat oor die verwording van hierdie regeringsaksies en die NG Kerk se aanvanklike betrokkenheid hierby nie.

Die mentaliteit van predikante waarvolgens hulle geglo het dat hulle deur “versoening” van die inrigtings, posisies en voordele waaroor die NG Kerk as staatskerk in die Nasionalisme van die Afrikaanse gemeenskap beskik het, nou sal kan behou, het homself in die laaste paar jaar en veral gedurende die laaste paar maande as ’n illusie bewys.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Die Afrikaanse gemeenskap is uit sy grondbesit, sy taal, universiteite, sy skole, sy werkgeleenthede en sy instellings uit verdring met 'n kerklik geregverdigde houding van "versoening en nasionale diversiteit". Terwyl die Nasionaal Demokratiese rewolusie nou hierdie gemeenskap uit álle instellings en geleenthede verdring, kom die fakulteit met 'n beleid van "versoening en diversiteit" as oplossing om die kerk te verbind aan 'n multi-godsdienstige staatsfakulteit!

Daarom is ek is oortuig dat die deurslag vir 'n kerklike instelling in kerklike belang, los van die owerheid met sy multigodsdienstige ideologie vir staatsinstellings, nie uit die geledere van die dosente of kerklik sinodale kommissies sal kom nie.

Hierdie inisiatief en druk moet uit gemeentes en lidmate kom: 'n staatsvrye, kerklike teologiese opleidingsinrigting vir sy eie predikante in sy eie belydenis. En as dit dan moet in verbinding met 'n nuwe Afrikaanse universiteit.

Dit is hoe ons as NG Kerk die Universiteit van Stellenbosch begin het. Ons kan dit weer doen. Ons is in totaal in 'n meer gunstige en beter posisie om dit vandag te doen met die oorweldigende getal doktorsgrade wat in ons predikantkorps opgesluit lê.

Dit is my persoonlike oortuiging dat die hele verleentheid van verklarings en uitsprake oor die opstanding van die Here uit die dood, uit fakulteitsgeledere, juis in hierdie krag gedoen is: dat hul posisie as dosente reeds beveilig is deur die staatskarakter van hul aanstelling teenoor die NG Kerk.

Dit is myns insiens nie die laaste insident nie, maar die eerste in die begin van 'n godsdienstig vrysinnige houding vanuit 'n staatsinrigting waarin die kerklike belydenis nie meer rigting gee aan die inhoud van die teologie nie.

Nederland het dieselfde pad geloop met die verstaatliking van kerklike instellings en die oprigting van die Vrye Universiteit in Amsterdam in 1878 as reaksie teen hierdie oorname van die kerk deur die gees van die staat.

Die verstaatliking van die teologie gaan nie soseer oor die oopstel van die fakulteit vir ander gelowiges nie – dit gaan oor die oopstel van die belydenisse van die kerk. Dit gaan oor die oopstel van die geloofsbelydenis in Jesus Christus as Here om "versoenend en divers" te wees.

Dit is presies wat met die verbintenis van predikante in Nederland gebeur het na die verstaatliking van die opleiding van predikante: hulle moes nie meer die belydenisse se inhoud onderskryf nie, hulle moes maar net in die gees van die belydenisse optree; die gees van modernisme.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Watter heil kan daar vir die kerk wees in ’n multigodsdienstige fakulteit waarin daar in ’n gees van “versoening en diversiteit” geen aanstoot aan ander bygelowe en afgodsdienste gegee mag word nie, terwyl dieselfde dosente studente moet oplei om die evangelie te verkondig as die enigste en enige waarheid oor God? Watter heil kan daar wees vir die kerk deur ’n nuwe geslag predikante op te lei wat staatsprofete moet wees van ’n nuwe intergodsdienstige verdraagsaamheid van alles en almal, terwyl die land verval in die onreg en ongeregtigheid van godloosheid?

As ons as gemeentes en kerkrade onsself nie openlik aan die oprigting van ’n staatsvrye teologiese opleiding van ons predikante gaan verbind nie, sal ons die pad waarop ons al reeds is, enduit loop en dit is dat alle Christelike waardes en geloof uit die teologie van inrigtings - wat ons ondersteun en ons eie predikante oplei - aan die nuwe waardes van ’n multigodsdienstige staat gelyk gestel sal word. Ons ervaar hierdie druk reeds in standpunte oor sake soos homoseksualiteit, saambly, poligamie, evolusie, menseregte en grondbesit.

Dit sal vir die NG Kerk goed wees indien die LRF die krag en oortuiging kan hê om die eerste kerklike treë en eerste openbare druk van ringe, gemeentes en kerkrade te kan gee vir die oprigting van ’n staatsvrye en kerklik eie teologiese opleiding van sy predikante.

Dit is my oortuiging dat hierdie leiding nie uit sinodale vergaderings sal kom nie – veral nie meer uit die Noordelike sinode met sy gesentraliseerde mag binne die DKB nie.
Ek aanvaar dat wat ek hier aan u voorhou op verskeie vlakke ontstellend is. Ek bied hierdie voordrag ook as my eie oortuiging vanuit my eie waarneming aan, wat ek aanvaar selektief en beperk is, maar beslis nie ongegrond nie.

U sal self moet oorweeg en ondersoek – of ons nog iets soos ’n fakulteit op belydenisgrondslag oor het daar waar ons deur die universiteitsraad voor die feit gestel word dat hulle hul belang in hierdie fakulteit wil herstel, en ons enigste reaksie díe van “versoening en diversiteit” is.  Ek is seker daar is in hierdie houding geen ander pad as ’n multigodsdienstige inrigting oor nie. Daarom is ’n seminarium nou ’n werklikheid wat ons moet ondersoek en as alternatief kan stel teenoor die verstaatliking van die kerk se geloofsopleiding.”

**9.Anargisme en die nasionale demokratiese rewolusie**
Die moderne Christelikheid se keuse om sy twee godservarings van bekering en vervulling as versoening in die Suid-Afrikaanse gemeenskap voor te hou, gaan uit van die veronderstelling dat rassisme die gemeenskap se eintlike probleem is. Hiermee wil hulle hul godservarings as die nuwe, nierassige geestelikheid vir die land bemark. Hiermee saam gee dit hulle die voordeel dat teenkanting teen hul godservarings mense nou onder die verdenking van rassisme plaas.

Die tipe versoening van die moderne Christelikheid in Suid-Afrika beteken egter versoening met Afrikanisering. Hierdie alliansie van geestelike en ideologiese mag maak dat niemand in

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

hierdie geestelikheid meer dit wat as Afrikanisering voorgehou word, kan aanspreek vir wat dit inderwaarheid is nie.

Die werklike gemeenskapsaak wat dringend aandag verg, is anargisme. Anargisme is iets anders as anargie. Anargisme is wetteloosheid as regeringswyse deur ’n regerende party. Dit is nie wetteloosheid van onderdane teenoor die regering nie. Anargisme word nie deur rassisme veroorsaak nie. Anargisme is ook nie ’n saak van rassisme nie. Anargisme is die algemeen menslike verskynsel oor al die eeue heen dat ’n regering die middele waardeur hy moet regeer, die middele maak waardeur die regering as regering wetteloosheid bedryf. Die kern van anargisme is die oortuiging van ’n regering dat hy nie aan die wette gebind is waaraan sy onderdane gebind is nie. Hierdie houding skep ’n magselite wat deur regeringsinstellings hul eie wetteloosheid uitleef, terwyl hulle die onderdane deur die wette van die land aan hul wetteloosheid onderwerp.

Die ring van Louis Trichardt het aangevoel dat sy lidmate al meer as rassiste voorgehou word waar hulle in opstand teen die regering se wetteloosheid kom. Aan die ander kant is die maklike uitweg vir lidmate om die verval van die staat en die wetteloosheid van die regering verkeerdelik aan ras toe te skryf. Daarom het die ring, buite die druk van die moderne Christelikheid se versoening en verwyte van rassisme, die volgende standpunt ingeneem om die lidmate op die werklike probleem van die wetteloosheid van die regering te fokus.

Die werklike oorsaak van die anargisme van die regering is die filosofie wat hulle die “Nasionale Demokratiese Revolusie” noem. Die ring het dit soos volg probeer aanspreek.

**“STANDPUNT VAN DIE NG KERK: RING VAN LOUIS TRICHARDT**

1. Die konsep van 'n Nasionale Demokratiese Revolusie (NDR) kan, weens sy onderliggende filosofie en praktyk, nie 'n versoeningsproses of 'n nasiebou-aksie wees nie.
2. Die konsep van 'n NDR skep 'n dualistiese regspraktyk – díe van 'n revolusionêre reg, naas en teenoor 'n konstitusionele reg in een samelewing.
3. Die filosofie van ’n NDR skep ’n dualistiese staatsorde van ’n staat binne ’n staat.
4. Daarom skep die filosofie van die NDR 'n disfunksionele gemeenskap van oorheersers en onderdruktes: ’n magselite wat met ’n eie reg en orde van ’n binne-staat verhewe bo enige aanspreeklikheid is van die reg en orde van die konstitusie van ’n buite-staat, waaraan almal buiten die magselite onderworpe is.
5. Die NDR is nie ’n revolusie van burgers teen die owerheid nie. Dit is ’n pseudo-revolusie. Dit is anargie deur die verteenwoordigers van owerheid teen die staat onder die voorwendsel dat dit ’n revolusie deur die burgers van die land is, terwyl dit die omstandighede en klimaat vir ’n werklike revolusie skep.
6. Die NDR se doelwit is die skep van 'n anargistiese regeringstelsel met die verskuilde motief om die nasionale en private bates van die gemeenskap te plunder en die openbare en private instellings wat in die pad van hierdie plundering staan, met die magsmiddele van die staat te vernietig.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

7. Die NDR is daarom ’n ideologie wat wetteloosheid in ons land as ’n nuwe lewensorde skep.
8. Daarom is die NDR die ideologie wat besig is om die staat en openbare gemeenskapsinstellings te kriminaliseer.
9. Die NDR se nasionalisering is 'n proses wat net 'n magselite verryk en die middele en instellings waardeur die bevolking hulself kan ophef, vernietig.
10. Die NDR regverdig en bedryf sy dualistiese reg en staatsorde deur die aanhitsing en bedryf van rassisme.
11. Die NDR lewer die openbare en private bates van die land uit aan internasionale opportunisme en gierigheid en lewer die land daardeur uit aan internasionale kriminaliteit.
12. Die NDR verskuil hierdie plundering met anti-rassistiese retoriek, terwyl die aanhangers daarvan self Afrika se potensiaal en geleenthede vir sy eie inwoners ten koste van internasionale kapitalistiese uitbuiting vernietig, soos dit in die Mapungupwe-tragedie sigbaar is.
13. Die NDR is die grootste krag wat Suid-Afrika as staat vasvang in ’n proses om ’n mislukte staat te word.
14. Die NDR se filosofie en optredes is in stryd met die geloof en waardes van die Christelike geloof.
15. Lidmate van Christelike kerke behoort uit hul geloof in Christus en hul toewyding aan die wet van die Here in protes en verset teen die NDR te kom.
16. Lidmate wat hulself, wetend of onwetend, bevoordeel uit die plundering van die NDR, tree teen hul geloof in Christus en die eise van die Woord van God op.
17. Lidmate wat hulself, wetend of onwetend, deur die NDR probeer verryk of beveilig, kan nie hul optrede as Christelike versoening regverdig nie.
18. Pogings van die kerk en kerkleiding om die botsing van geloof en waardes met die NDR te passifiseer, ontduik hul profetiese taak as Kerk teenoor ’n godlose en mensvernietigende ideologie.
19. Aksies waarin die kerk homself as medewerker vir die sosiale frontaksies van die NDR uitgee, maak hom mede-aanspreeklik vir die opbou van ’n anargistiese tirannie wat die kerk en gemeenskap gaan vernietig.
20. Lidmate wat hul werk, aanstellings, eiendom, kultuur en lewe deur die NDR verloor en die wettelose gemeenskap wat die NDR skep, moet hul geloof in God stel as Here van die skepping en sy voorsienigheid, hul vreemdelingskap as Christene in hierdie godlose en wettelose wêreld met waardigheid en selfrespek opneem, hul geloof stel in God se beskikkingsmag om die kwaad ons ten goede te keer, Christus vertrou om volharding in die goeie as gawe in ons te skep, die kwaad met vrymoedigheid teen te staan en nie uit moedeloosheid of verbittering hul geloof verloën of hul waardes verloor nie.”

## 10. My eie verklaring insake die Belharbelydenis as verset teen moderne Christelikheid en Afrikanisering van die geloof in Jesus Christus.

Die besluit van die Algemene sinode van die NG Kerk in 2011 om die Belharbelydenis deel van die belydenisse van die NG Kerk te maak, as sou die Belharbelydenis na inhoud en aard

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

gelyk wees aan drie ekumeniese belydenisse en die Formuliere van Eenheid, het my as predikant voor ’n nuwe werklikheid gestel. Identifikasie met God word met die aanvaarding van die Belharbelydenis in die NG Kerk kerkordelike gelykgestel aan die geloof in God soos in die belydenisskrifte bely.

Hiermee is die proses wat met die herlewings en vernuwings met die vestiging van die NG Kerk aan die Kaap onder die Nadere Reformasie begin is kerkregtelik en kerkordelike voltrek. Dit is die proses waarin die inhoud van die openbaring van God in sy Woord soos in die geloofsbelydenisse bely word, nog net in naam behou word, om identifikasie met God as die eintlike spiritualiteit van die kerk te regverdig, terwyl die hele inhoud van die geloof in Christus en die lewe in Christus omvorm word om niks anders as ’n ervaring van goddelikheid te wees nie. Geloof en die lewe in geloof is verdring deur die passie vir godservarings.

Hierdie aanvaarding deur die Algemene sinode is bewerk deur die Afrikavisie van die moderne Christelikheid in Suid Afrika. Hulle het die ou volksvisie waarin hulle identifikasie met God in die kerk as die eintlike geloof van die kerk geregverdig het, vervang om ’n nuwe Afrikavisie.

Hiermee maak hulle die moderne Christelikheid die nuwe spiritualiteit vir ’n nuwe magsgroepering en magsbedeling. Maar meer as dit. Met regverdiging uit ’n nuwe magsvisie het hulle die moderne Christelikheid nou die wesenlike kerkregtelike en kerkordelike inhoud van die NG Kerk gemaak.

Hiermee het hulle die spanning wat die NG Kerk se geloofsbelydenisse vir hulle spiritualiteit geskep het, finaal deurbreek. Daarmee het hulle die politieke vryheidsdrif van die nuwe Suid Afrika die krag gemaak om hulle spiritualiteit uit dit wat hulle as die inperking van “dogma” en konfessie” voel, kerkregtelik en kerkordelik te breek. Die nuwe eenheid van die nuwe spirituele gemeenskap wat hulle in ’n nuwe geloofskonstitusie visualiseer, is eenheid in die diversiteit van spiritualiteit in plaas van die eenheid in geloof.

Hierdie nuwe eenheid het hom reeds gewreek in die innerlike teenstrydigheid wat die Algemene sinode 2011 geskep het in sy besluite dat ongetroud saambly wesenlik Christelik is, maar nog net kerklike aspekte kort, dat duiwels nou uit lidmate gedryf kan word deur een spiritualiteit terwyl ’n ander spiritualiteit ewe geregverdig nie in die bestaan van die Duiwel hoef te glo nie en dat die herdoop verkeerd sou wees maar die betekenis van die doop, die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens deur enige self opgemaakte seremonie gevier kan word, nie net meer deur die doop wat Christus ingestel het nie. Die eenheid van geloof in Christus is kerkregtelik en kerkordelik vervang met die moderne Christelikheid se eenheid in diversiteit van Godservarings.

Dit het my voor die werklikheid van protes en verset gestel. Protes en verset teen ’n kerklike instelling wat afgodsdiens regverdig as godsdiens en dit kerkregtelik en kerkordelike afdwing

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

op gelowiges. Daarom het ek my protes en verset verwoord in 'n verklaring wat ek eers aan my kerkraad, toe met hulle goedkeuring aan die NG gemeente Levubu, aan die NG ring van Louis Trichardt en die Noordelike sinode deurgegee het.

**Verklaring insake die Belharbelydenis.**
Die besluite wat die algemene sinode in 2011 geneem het, het 'n proses in werking gestel waarvan die doelwit is dat die belydenis van Belhar 'n nuwe belydenisskrif van 'n nuwe voorsiene spirituele gemeenskap sal wees. Dit word voorsien dat hierdie nuwe spirituele gemeenskap gekonstitueer sal word as en wanneer die NG Kerk, as kerk wat net volgens die drie ekumeniese belydenisse en die Drie Formuliere van Eenheid gekonstitueer was, ontbind het.

Die algemene sinode van 2011 verwys reeds na die Belharbelydenis as 'n belydenis "ooreenkomstig die Woord van God". Dit beteken dat alles in die Belharbelydenis volgens die Woord van God waar is. Dit plaas my as NG predikant, wat gelegitimeer en georden is volgens die drie ekumeniese belydenisse en die Drie Formuliere van Eenheid, in die posisie dat ek nie 'n predikant vir so 'n nuwe spirituele gemeenskap, of vir die NG Kerk sal kan wees nie.

Dit is so omdat dit eerstens voorsien word dat daar na hierdie vereniging in 'n nuwe spirituele gemeenskap nie meer 'n NG Kerk in naam of konstitusie sal oor wees nie. Die NG Kerk sal vervang wees deur 'n nuwe spirituele gemeenskap met 'n nuwe naam en 'n nuwe konstitusie.

Tweedens sal ek waarskynlik die geleentheid gebied word om 'n predikant in hierdie nuwe spirituele gemeenskap te wees, met dien verstande dat ek die nuwe belydenisse van die nuwe spirituele gemeenskap sal moet onderskryf of stilswyend sal moet aanvaar dat ander dit as "ooreenkomstig die Woord van God" onderskryf.

Met hierdie verpligte stilswye sal die verbintenis aan die Woord van God dan in hierdie spirituele gemeenskap opsioneel wees. Hierteenoor is dit binne die Gereformeerde Kerkreg onmoontlik dat 'n Christelike kerk volgens 'n geloofsbelydenis gekonstitueer is, wat volgens die kerk in elke deel in ooreenstemming met die Woord van God die waarheid is, maar dat verbintenis aan hierdie belydenis opsioneel is. So 'n tipe spirituele gemeenskap kan nie die kerk van die Here wees nie. Ek sal nie hierdie opsionele verbintenis aan God se Woord of hierdie opgelegde stilswye aanvaar nie.

As predikant het ek net toegang tot die kerkraad van Levubu, die ring van Louis Trichardt en die Noordelike sinode. Die kerkraad van Levubu en die ring van Louis Trichardt het hulle van die Belharbelydenis gedistansieer en besluit om nie as NG Kerk te ontbind nie. Die Noordelike sinode het die standpunt van die ring: "Standpunt van die ring van Louis Trichardt: Die verwerping van die ontbinding van die NG Kerk vir die stigting van 'n nuwe kerk waarin die NG Kerk moet opgaan ter wille van kerkeenheid", reeds in 2005 ontvang en aan die algemene sinode deurgegee. Tot en met 2012 is nog geen reaksie ontvang nie. Die

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Noordelike sinode het ook tot op hede toe nie ’n geleentheid geskep waar die inhoud van die Belharbelydenis óf deur predikante saam bespreek óf deur die sinode teologies saam oor besin is nie.

Terselfdertyd word ek as predikant net voor die feit gestel dat die algemene sinode reeds die inhoud van die Belharbelydenis aanvaar het as synde ooreenkomstig die Woord van God. Ek het geen toegang as predikant tot hierdie vergadering om self insette te maak nie. Terselfdertyd word hierdie nuwe spirituele gemeenskap, wat die NG Kerk moet vervang, reeds deur NG Kerk se verteenwoordigers in die openbare media bemark en verdedig. Predikante en lidmate wat nie met hierdie belydenis sou saamstem nie, word reeds van rassisme verdink en geredelik so gesien en so voorgestel in die gemeenskap.

Dit plaas my as predikant in die posisie dat, indien ek sou swyg, dit kerkregtelik en gemeenregtelik sou impliseer dat ek deel van hierdie proses is om die Belharbelydenis te aanvaar. Daarom neem ek die vrymoedigheid om my geloof in Christus en waarom my geloof in Christus my nie toelaat om die Belharbelydenis te aanvaar nie, openlik te stel en om dit eerstens binne kerklike vergaderings van die kerkraad van Levubu tot en met die Noordelike sinode en tweedens ook in die openbare gemeenskap te doen.

1.Die begrip “armes” in die Woord van God is allereers ’n verbondsbegrip. Dit beskryf die posisie van die verbondskinders voor God in hul onvermoë om regverdig vir God en hul naaste te wees deur hul onderhouding van die geregtigheid van God se wet. Hulle kan nooit self regverdig wees nie. Nog minder kan hulle self verteenwoordigers van geregtigheid wees. Dit beskryf ook die verbondskinders se status en posisie teenoor die mag van goddeloses en ongelowiges in hierdie wêreld wat hul eiegeregtigheid uitleef asof dit God se geregtigheid of goddelike geregtigheid is.

2. Die beskrywing van God in die Belharbelydenis as: “dat Hy in ’n wêreld vol onreg en vyandskap op ’n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte is, en dat Hy die kerk roep om Hom hierin te volg”, is nie ’n belydenis van wie God in sy verbondstrou aan sy kerk is nie. Dit is bloot ’n verklaring oor wie God vir al hierdie sosiale klasse en groeperinge van mense in die wêreld sou wees; dit is, vir álle armes, álle noodlydendes en álle verontregtes in die wêreld.

3.Daarom is “armes”, “noodlydendes” en “verontregtes” in die Belharbelydenis nie ’n aanduiding van die verbondsgemeenskap nie, maar van die wêreldgemeenskap in armoede, nood en verontregting.

4. Die besondere wyse waarop God God is, is deur sy verbond met sy kerk. God is nie vir enige sosiale klas teenoor ’n ander klas in die wêreld op ’n besondere wyse God nie.

5. In hierdie verbond is God nie vir armes en verontregtes meer besonders God as vir rykes en bevoorregtes nie. In hierdie verbond ontvang armes en rykes presies dieselfde goedheid,

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

genade, liefde en barmhartigheid van God op presies dieselfde wyse: net deur Christus en net deur geloof in Christus.

6. In God se voorsienigheid vir sy kerk is God ook nie meer besonders God vir gelowige armes en verontregtes as vir gelowige rykes en bevoorregtes nie. In sy voorsienigheid laat God die armoede en verontregting van sy kinders ten goede wees. Hy neem nie noodwendig die armoede, nood en onreg weg nie. Sy kinders ontvang rykdom en voorregte as gawes soos God dit wil en beskik. Arm en verontregte kinders van God, en ryk en bevoorregte kinders van God deel almal in dieselfde voorsienige sorg van God.

7. Buite God se genadeverbond is God ook nie vir armes en veronregtes in die wêreld op ’n meer besondere wyse God as vir rykes en bevoorregtes in die wêreld nie. Buite God se genadeverbond laat God armoede én rykdom, onreg én reg, nood én vreugde, goddeloses en afgodsdienaars tot oordeel wees. Goddelose en ongelowige rykes en bevoorregtes is nie meer of minder aan die oordeel van God onderworpe omdat hulle ryk en bevoorreg is nie, en armes en verontregtes is ook nie meer of minder onder God se oordeel omdat hulle arm en verontreg is nie. Buite God se genadeverbond is ryk én arm, verontregtes én bevoorregtes, noodlydendes én hulle wat in oorvloed leef, op dieselfde wyse onder die oordeel van God.

8. Nog minder is God buite sy verbond besonders God vir goddelose en ongelowige armes en verontregtes op so ’n wyse dat Hy hul reg op ’n besondere wyse herstel om ryk en bevoorreg te word nie. God kry hulle nie meer jammer as vir ryk goddeloses nie.

9. God in sy regering oor die wêreld is nie net besonders God waar Hy mense met welvaart en welsyn seën nie. God in sy regering in die wêreld, oor die wêreld, is ook besonders God waar Hy in sy toorn oor hul sonde, stede, volke, nasies en gemeenskappe verarm, oorgee aan die nood van vernietiging en die lyding van verwoesting; mense in sy grimmigheid oor hul magsug deur oorloë en geweld wees en kinderloos laat wees; mense weens hul gierigheid en luiheid in sy woede verarm deur ekonomiese ineenstortings en werkloosheid; mense in sy onbarmhartigheid aan die onreg van magtiges oorgee, omdat hulle dit van geen belang geag het om Hom as God te eer nie.

10. God is besonders in sy onvergelykbare andersheid as God. Die wyse waarop God in die Belharbelydenis besonders gemaak word, deurdat Hy vir een sosiale groep of gemeenskap teenoor ’n ander sosiale groep in besonder God sou wees, is nie besonders nie. Dit is hoe mense in hul goddeloosheid en ongeloof God met hul eie belange en Godsbeelde identifiseer.

11. Hierdie identifikasie met God volgens menslike klasse, groepe en ordes is nie geloof in die God wat Homself in die Bybel openbaar nie. Identifikasie met God is die kern van alle afgodsdiens, ook van die moderne Christelikheid. In hierdie identifikasie met God, word God soos Hy Homself in die Skrif as onvergelykbaar anders as mense en hul Godsbeelde openbaar, tot net nog ’n menslike afgod gemaak.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

12. Die wyse waarop kerkeenheid in die Belharbelydenis verbind word aan die belydenis van God as die God wat in besonder en op 'n besondere wyse die God van armes, verontregtes en noodlydendes sou wees teenoor welvarende, vrye en bevoorregte mense vir wie God nie besonders God op 'n besondere wyse is nie, neem die onderskeid tussen die kerk van die Here as verbondsgemeenskap en die wêreldgemeenskap in sy goddeloosheid en ongeloof weg.

13. Hierdie gelykstelling is vir die Belharbelydenis nodig, want dit roep die kerk in sy geloof en diens aan God op tot 'n klasse- en regstryd tussen armes, noodlydendes en verontregtes in hierdie wêreld teen welvarende, vrye en bevoorregte mense in die naam van God. Hierdie klassestryd word as God se saak voorgehou waarin die kerk God moet navolg.

14. Dit is hierdie gelykstelling tussen God se verbondsgemeenskap en armes in die gemeenskap, as gewoon sosiale groepering, saam met die identifikasie dat God in besonder die belange van hierdie gemeenskap sou dien, wat die Belharbelydenis van die begin af deel van die rewolusionêre gees en stryd teen die vorige politieke bedeling gemaak het. Dit is nou weer in hierdie rewolusionêre gees teenoor die nuwe regering wat die Belharbelydenis aan verarmende, verontregte en noodlydende Afrikaanses voorgehou word as juis die tipe belydenis waarin hulle spiritueel moet verenig. Dit is in hierdie gees dat kerklike amptenare en verklarings nou al in die NG Kerk neerhalend na die regering ná 1994 verwys as "die regime".

15. Ek glo in Jesus Christus as Here en deur Christus as Here weet ek dat identifikasie met God afgodsdiens en goddeloosheid is. Om een magsbedeling, waarin God met die Afrikanervolk en hierdie volk se saak gelykgestel is en wat voorgehou is as die wyse waarop God besonders God is, te verruil vir 'n nuwe magsbedeling, waarin God nou weer in besonder God is vir 'n spesifieke sosiale klas of gemeenskap, is geen bekering soos wat mense dit graag deur die Belharbelydenis wil voorhou nie. Dit is dieselfde goddeloosheid en afgodsdiens wat net in en deur 'n nuwe magsgroepering voorgehou word.

16. Ek glo in God omdat Hy God is en God is soos Hy Hom in sy Woord openbaar. Hierdie openbaring bely ek saam met die Gereformeerde Kerke in die drie ekumeniese geloofsbelydenisse en die Drie Formuliere van Eenheid. In hierdie belydenisse word die besondersheid waarop God vir sy kerk God is, bely.

17. Ek sal nooit God kan bely as God wat vir spesifieke sosiale klasse, ordes en groeperinge in die burgerlike gemeenskap op 'n meer besondere wyse God is as vir ander groeperinge in die burgerlike gemeenskap nie. Dit is Skriftuurlik onwaar. Daar is nie só 'n God nie.

18. Ek sal dit nie doen nie. Al besluit die algemene sinode van die NG Kerk dat dit volgens húlle nou so is dat God meer besonders God is vir spesifieke burgerlike gemeenskappe as vir ander; ook nie al besluit ander kerke en kerkvergaderinge buite Suid-Afrika só nie. Die

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

kerklike politiek van nog méér en nog gróter vergaderings sal my nie oortuig om só in God te glo nie.

19. Nog minder sal ek daarom God só bely net omdat ander God só sien, omdat dit vir hulle besonders was om met God op hierdie wyse te identifiseer of omdat hierdie identiteit met God in hierdie godservaring vir hulle kosbaar is. Ek glo nie in en bely nie my geloof in God om mense se godservarings te akkommodeer nie. Hierdie akkommodasie van godservarings is nie die Skriftuurlike gronde vir kerkeenheid nie. Skriftuurlike kerkeenheid is eenheid in die geloof in openbaring van God in die Skrif. Ek sal nooit met mense een kan wees in die geloof dat God meer besonders God vir een gemeenskapsgroepering as vir 'n ander is nie.

20. Nog minder sal ek hierdie tipe identifikasie met God aanvaar as Skriftuurlik om my nierassigheid te probeer bewys. Ek onderskei my nie as gelowige teenoor ander rasse, volke, kulture, sosiale klasse of groeperinge in en deur my geloof nie. Deur my geloof in Christus onderskei ek my slegs teenoor goddeloses en ongelowiges se identifikasie met God en hul godsbeelde deur hul identifikasie met God.

21. Nog minder sal ek hierdie identifikasie met God aanvaar as Skriftuurlik, net omdat yweraars voorhou dat die armes meer toeganklik vir hul spiritualiteit en sosiale opheffingswerk sou wees indien die kerk God as 'n besondere God vir armes sou voorhou. Uitreikaksies na arm, verontregte en noodlydende gemeenskappe, wat God voorhou as 'n God wat Hom in besonder oor hierdie sosiale groeperinge ontferm teenoor ander sosiale groeperinge, is nie besig met die sending van die kerk van die Here nie. Hulle is net besig om hulself met hierdie sosiale groeperinge te identifiseer ter wille van hul eie spirituele mag en belange.

22. Nog minder sal ek hierdie identifikasie met God as Skriftuurlik aanvaar omdat ek my werk as predikant in die nuwe spirituele gemeenskap wil behou. Ek wil my geloof in God behou dat God besonders God vir sy kerk is. Ek wil nie in hierdie tipe god glo waardeur mense, wat hulle as geestelike leiers voorhou, elke nuwe magsbedeling vergeestelik of vergoddelik en elke vorige magsbedeling vervloek of verguis nie.

23. Sou ek dan deur kerklike vergaderings gedwing gaan word om die Belharbelydenis as Skriftuurlik waar en reg te moet aanvaar, en só gedwing sou word om te moet glo dat God vir sekere gemeenskappe en klasse in gemeenskappe meer besonders God is, dan kies ek vir my geloof in Jesus Christus, nie vir my werk, my salaris, my pensioen en mediese fonds as predikant nie.

24. Vir hierdie ongeloof in God waar God meer God vir sekeres teenoor andere in die burgerlike gemeenskap sou wees, sal ek nooit 'n prediker of net 'n stilswyende metgesel ter wille van my eie welvaart of welsyn word nie.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

25. Ek sal bly glo dat ek met alle ander gelowiges uit ander tale, kulture, gemeenskappe in die belydenis van die Drie Ekumeniese belydenisse en die Drie Formuliere van Eenheid, een kerk is, en dat ons as een kerk ook in vergaderings, eredienste en alle kerklike werksaamhede hierdie eenheid moet uitleef.

26. Identifikasie met God, deur Hom as besonders voor te hou soos Hy in die Belharbelydenis voorgehou word, verskéúr geloof in Christus. Al is mense dan een spirituele gemeenskap, een organisasie, met een sosiale naam, al kom hulle almal in een taal, in een erediens of een spirituele vergadering byeen, en al is hulle een spirituele gemeenskap vir een nuwe nasie, is hulle nie meer die kerk van die Here Jesus Christus nie.

27. In hierdie nuwe, een spirituele gemeenskap is God net weer die voorkeurgod van 'n nuwe belangegroep. Ons het tog as NG Kerk hierdie tipe magsgreep op die kerk afgeskud toe ons met "Kerk en Samelewing" die identiteit tussen kerk en volksgroep of nasie, en daarmee enige sosiale of burgerlike groep, verwerp het. Kerk en samelewing kan nooit identies wees nie. Hierdie tipe afgodsdiens, wat God se Naam, Persoon, Wil en Krag opeis asof dit sy eie is, en só God self verdeel in 'n diversiteit van innerlike teenstrydige spiritualiteite en godsbeelde, waar God nog net as God een kan wees deurdat hulle wat Hom sou verteenwoordig, een in mag, struktuur, organisasie of naam is, het ons tog reeds verwerp.

28. Die Belharbelydenis is slegs een vorm van die verskuiwing van geloof in Christus na identifikasie met God. In die verskeuring van die eenheid van die kerk in sy geloof in hierdie verskuiwing van identifikasie van een geloof tot identifikasie met God na verbeelding, wil en smaak, kan eenheid nog net voorgehou word as die eenheid van die diversiteit van teenstrydige spiritualiteite in één mag, één struktuur, één organisasie of één naam. Ek sal myself nooit deel van hierdie leuen maak nie.

29. Nog minder sal ek myself deel van die leuen maak asof hierdie eenheid van diverse spiritualiteite 'n demonstrasie sou wees van die wyse waarop God een is. Dit is 'n geestelike leuen. Hierdie sigbare openbare vertoon van hierdie tipe god se eenheid gaan bloot net oor die versugting om groter spirituele mag te kon kry om die wêreld aan hierdie geestelike mag te kan onderwerp. Hierdie eenheid in spirituele mag is nie die eenheid in die geloof waarin die kerk na die wêreld gestuur word nie. Wie met God wil identifiseer in die naam van Christus, verskeur die kerk in die eenheid van sy geloof in Christus.

30.Vir hierdie voorkeurgod met wie spesifieke burgerlike groepe mense nou weer in en deur Christus wil identifiseer asof Hy besonders húl God is, sal ek nie 'n predikant kan of wil wees nie.

31.Ek sal ook nie teenoor hierdie valse godsbeeld stilbly nie. Ek sal teenoor hierdie godsdienstige leuen openlik die waarheid van die Skrif preek: die wyse waarop God besonders God in sy genade en voorsienige sorg is, is vir sy verbondsvolk, sy kerk. Hier is God op dieselfde wyse God vir elke gelowige, sonder enige sosiale, klasse- of

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

groepsonderskeid. Vir ongelowiges buite sy verbondsgenade is God besonders God in en deur sy oordeel oor ryk én arm, verontregtes én bevoorregtes, noodlydendes én hulle wat geen nood ervaar nie.

Ds. PJ Kriel, NG Gemeente Levubu 16.03.2012

**11.’n Nuwe geloofsuitdaging**

Die moderne Christelikheid kan nie die kerk van die Here vernietig nie. Dit het al ’n instelling geword dat die NG Kerk, en alle ander Christelike kerke, elke keer dood en sonder ’n toekoms verklaar word omdat hulle net nog ’n keer nie aan een of ander nuwe visie van die moderne Christelikheid voldoen nie. Ten spyte van al hierdie doodsverklarings bly die kerk, ook die NG Kerk, soos ander kerkgemeenskappe, die kerk van die Here. Die moderne Christelikheid kan die kerk van die Here bevange hou, misbruik, oorheers en verniel, maar hulle kan nie die Here se kerk vervang of vernietig nie.

Die magte van hierdie wêreld kan ook nie die kerk van die Here vernietig nie. In meeste van die profete van die Ou Testament is daar oor die nasies met hulle afgodsdienste oordeelspreuke. In feitlik elke deel van die verbondsvolk se geskiedenis het hulle onder een of ander wêreldmag gestaan. In hierdie oordeelspreuke wys God dat een wêreldmag op die ander sal volg, maar Hy sal altyd Here van sy verbondsvolk bly. Christene kan mislei word en bevange raak in mag, maar hulle bly in en deur alle oorheersende magte kinders van die Here.

Dit geld ook vir die geestelike mag van die moderne Christelikheid met sy bekering en Godsvervulling. Hulle kan Christene hiermee mislei, onderdruk en misbruik. Maar in en deur hierdie afgodsdiens behou die Here sy kinders vir Homself. Ook met, in en deur hul valse Godservarings.

Die uitdaging vir ons as Christene, uit die Afrikaanse gemeenskap sowel as uit elke ander kultuurgemeenskap, is om God onbevange in vryheid te kan dien. Binne sy liefde en uit ons liefde. Daarom kan en moet ons uit die mag van die moderne Christelikheid breek; ter wille van ons diens aan God. Dit kan ons doen deur die werklike inhoud van die Woord te vind teenoor die geestelike Godservarings wat aan ons voorgeleef word.

Hiervoor is geen nuwe kerkstigting nodig nie. Die eerste geslag Hervormde predikante was almal Rooms-Katolieke priesters en geestelikes. Die Hervormde gemeentes het hulself ook nie teenoor die Rooms-Katolieke as nuwe en alternatiewe gemeentes gekonstitueer nie. Hulle het hulself gekonstitueer as die bestaande kerk van die Here wat van afgodsdiens bevry is.

Hiervoor is ook nie nuwe belydenisskrifte nodig nie. Die belydenisskrifte van die Reformasie verwoord die volle geloofsinhoud teenoor afgodsdiens. Om vir elke nuwe dwaling ’n nuwe belydenis op te stel, wat weer ’n nuwe verdelende geskrif word, is deel van die mentaliteit

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

van die moderne Christelikheid wat elke geloofsdaad as ’n nuwe godservaring van ’n nuwe godsgemeenskap wil voorhou.

Al wat nodig is, is dat Christene die twee valse magsgrepe van die moderne Christelikheid sal kan herken en as dwalings in hul eie geloofslewe sal kan verwerp. Om dit te kan doen, moet Christene die evangelie glo en uit die geloofsgehoorsaamheid van die evangelie leef. En dit kan net gebeur deur die bediening van die evangelie sonder die bediening van identifikasie met God.

Daarom is die verandering waarvoor Christene hulle moet beywer, die verandering van die bediening van die Woord, sakrament en tug. Hierdie diensmiddele moet bevry word van die afgodsdiens van die geestelikes van die moderne Christelikheid. Dit is die uitdaging wat voor elke Christen staan. Die bediening van die Woord, sakrament en tug moet in elke eie gemeente en kerklike verband herstel word.

Hoekom moet Christene hulle aan die herlewingsdrif en vernuwingswaan van geestelikes onderwerp?
Hoekom moet Christene in hul eie gemeentes in die mag van afgodsdiens deur geestelikes verstrik word?
Hoekom moet Christene stil sit en kyk hoe geestelikes die bediening van die evangelie vervang met godservarings met enige middele van kerse tot danse?
Hoekom moet jy in jou eie gemeente stilsit en kyk hoe jou eie kinders in afgodsdiens ingelei word omdat die geestelikes vir jou voorhou dat dit net so goed soos godsdiens is?
Hoekom moet Christene uit die samelewing onttrek en die gemeenskap aan kriminele oorgee terwyl hulle moet glo dit is versoening?

Om iets omtrent hierdie onderwerping te doen en in protes daarteen te kan kom, moet die werklike geloofsinhoude aan die orde gestel word. Dit is wat hierdie boek u bied. In hierdie boek het u ’n geskrif wat u kan voorlê aan enige kerkraad en kerklike vergadering vir bespreking. In hierdie boek het u ’n dokument waarop u u kan beroep teenoor geestelikes en hul eise kan verwerp.

Wanneer ons vry van identifikasie met God is, sal ons ook ’n nuwe gemeenskapsvryheid ontvang. Ons sal, vry van elke nuwe vorm van ideologiese druk en innerlike geestesverlamming, God se voorsienigheid in sy skepping en met sy skepping kan erken. Geen gemeenskapsidentiteit mag ’n offer word om een of ander goddelike identiteit te moet skep nie. Geen geestelike kan ’n nasie, volk of ras as God se nasie, volk of ras voorhou nie. Geen geestelike kan enige mens verbied om homself van enige nasie, enige volk en gemeenskap deel te voel nie.

Vryheid van identifikasie met God sal ons as Christene ook die vryheid gee om tussen heidense nasies, volke en gemeenskappe ’n eie Christelike weg te vind en onbevange God volgens sy Woord te kan dien, ongeag die beledigings of onbegrip van hierdie

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

gemeenskappe. Die Woord van God kan Christene nie wêreldvreemd maak nie, want hierdie wêreld is God se wêreld. Sy Woord lei ons in die tipe lewe wat inpas in sy wêreld.

Met hierdie vryheid sal die Afrikaanse geloofsgemeenskap ook enige mag wat hom sy posisie as Afrikaanse geloofsgemeenskap in die wêreld wil ontneem, onbevange kan teenstaan, en sal dié geloofsgemeenskap hom, waar nodig, kan verset net soos enige ander gemeenskap hom mag en kan verset teen magte wat hierdie wêreld opeis asof dit godloos net vir sekeres bedoel is.

Die vryheid om die goddeloosheid van die moderne Christelikheid te verwerp, sal die Afrikaanse gelowiges ook die vryheid gee om nie, vir die behoud van die werklikheidsin van die lewe, vir ateïsme te moet kies nie, soos dit tans aan hulle voorgehou word.

Die geloofsontdekking in die Woord van God is dat goddeloosheid altyd bipolêr is. Pinksterbygeloof is nie die alternatief op ateïsme nie, en ook nie omgekeerd nie. Dit is die twee pole van die godlose, selfgenoegsame mens, 'n tipe mens wat ons binne die interafhanklikheid van mense nie in Suid-Afrika of enige ander deel van hierdie skepping kan bekostig nie.

Die Afrikaanse geloofsgemeenskap staan voor 'n unieke geleentheid in sy geskiedenis. Hy kan die moderne Christelikheid se magswil in twee magsbedelings sien, die magsbedeling van Afrikaner-nasionalisme én Afrika-nasionalisme. Die Afrikaanse gemeenskap kan sien hoe geestelikes uit die moderne Christelikheid húlle eers as God se volk opgehemel het en húlle selfgenoegsaam teenoor die hele wêreld opgestel het. Die Afrikaanse gemeenskap kan sien hoe hulle nou gewoon net afgebreek en veroordeel word omdat hulle as minderheidsgroep geestelikes nie meer as gemeenskapsleiers kan bemagtig nie. Hulle kan sien presies hoe dieselfde geestelikes, wat hulle as God se volk opgehemel het, nou 'n ander nasie as God se nasie ophemel. Hulle kan sien hoe hulle hierdie nuwe nasie met dieselfde selfgenoegsaamheid beklee, 'n selfgenoegsaamheid waarmee hulle voel dat hulle bo enige aanspreeklikheid verhewe is.

Dit gee die Afrikaanse geloofsgemeenskap die geleentheid om anders as die Christendom in baie ander wêrelddele nie op te gaan in die narrespel van die moderne, selfgenoegsame mens nie, die narrespel van die binnestryd tussen fundamentalisme en ateïsme nie. Ons kan die werklike mag van geestelikes in hierdie geskiedenis deurdink en aan die orde stel, naamlik die mag van hul bekering en godsvervulling, magte wat net so godloos en vernietigend is as die verligting en selfvervulling van die moderne, selfgenoegsame mens.

Húlle vergeet baie maklik dat hul verligte selfgenoegsaamheid die ganse wêreld in drie wêreldoorloë vermink het, terwyl hulle nou nog probeer om die skrikbeelde van die Middeleeuse kruistogte teen die Christendom op te roep. Hulle gaan ook verskriklik gou vergeet dat hul verligtheid en multigodsdienstigheid gehelp het om Suid-Afrika in 'n kriminele staat te omskep.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.

Dit gee ons die vryheid om Christene te wees, onbevange in God se liefde, onbevange in ons naasteliefde. Onbevange diensbaar aan God en ons naaste in hierdie land en in enige ander land in die wêreld. Dit gee aan ons die vryheid om met 'n Christelike kultuur van weerstand, teenstand, protes en verset ons diensbaarheid binne die vernielsug van magtiges te kan behou.

©ds. PJ Kriel Hierdie elektroniese boek mag gratis gebruik en versprei word, maar op geen wyse verhandel word nie.